Ad Destinatum IV
1993-2000



Universiteit van Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Stofomslag ontwerp deur Nic Grobler
finalejaar-student in Inligtingsontwerp,
Department Visuele Kunste,
Universiteit van Pretoria.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ad Destinatum IV

1993–2000

Historiese ontwikkelinge en gebeure aan die Universiteit van Pretoria

Prof Flip van der Watt (Redakteur)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Gepubliseer deur die Universiteit van Pretoria, PRETORIA 0002, Suid-Afrika

Alle regte voorbehou

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die kopiereghouer gereproduseer of in enige vorm of langs enige elektroniese of meganiese weg weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, mikroverfilming of enige ander stelsel van inligtingsbewaring.

Eerste uitgawe Maart 2002

ISBN 1-86854-423-0

Ontwerp, uitleg, druk en bindwerk deur Business Print Centre, Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Inhoudsopgawe

Uit die Rektorskantoor (i)

Redakteurswoord (ii)

Hoofstuk 1: Rektoraat 2

'n Dekade van Transformasie en Herstrukturering 2

Hoofstuk 2: Geesteswetenskaplike Fakulteite 26

Ekonomiese en Bestuurswetenskappe 26

Kantoor van die Dekaan 26

Skool vir Bestuurswetenskappe 29

Bemarkings- en Kommunikasiebestuur 29
Menslike Hulpbronbestuur 30
Nagraadse Bestuurskool 32
Ondernemingsbestuur 39
Sentrum vir Afrikatoerisme 40
Skool vir Openbare Bestuur en Administrasie 42
Toerismebestuur 44

Skool vir Ekonomiese Wetenskappe 45

Ekonomie; Buro vir Ekonomiese en Politieke Analise (BEPA) 45

Skool vir Finansiële Wetenskappe 47

Rekeningkunde en Finansiële Bestuur 47
Skool vir Rekenmeesters Opleiding (SRO) 49

Geesteswetenskappe 51

Kantoor van die Dekaan 51

Skool vir Kunste 52

Drama 52
Musiek en Sentrum vir Musiekopvoeding 54
Visuele Kunste 56

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Skool vir Sosiale Wetenskappe **58**

Antropologie en Argeologie 58
Biokinetika, Sport- en Vryetydwetenskappe 60
Filosofie 61
Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis 62
Instituut vir Sportnavorsing 64
Instituut vir Strategiese Studies 65
Kommunikasiepatologie 67
Kriminologie 68
Maatskaplike Werk 69
Politieke Wetenskappe 71
Sentrum vir Aanvullende en Alternatiewe Kommunikasie (SAAK) 72
Sentrum vir Bevolkingstudies (CENPOPS) 73
Sentrum vir Gender Studies 74
Sentrum vir Internasionale Politieke Studies 75
Sielkunde 77
Sosiologie 78

Skool vir Tale **79**

Afrikaans 79
Afrikatale 81
Antieke Tale 83
Eenheid vir die Ontwikkeling van Taalvaardigheid 85
Engels 86
Moderne Europese Tale 88
Sentrum Academia Latina 89
Sentrum vir Akademiese Ontwikkeling 89
Sentrum vir Taalpolitieke Navorsing (CentRePoL) 90

Opvoedkunde 93

Kantoor van die Dekaan **93**

Onderwys- en Opleidingskunde 94
Onderwysbestuur en Interuniversitêre Sentrum vir Onderwysreg en Onderwysbeleid (SORB) 96
Opvoedkundige Studies (Psigo- en Sosiopedagogiek) 98
Opvoedkundige Voorligting en Berading 100
Sentrum vir Gemeenskapsonderwys
Sentrum vir Kinder- en Volwasseneleiding
Ortopedagogiek 101

Regsgeleerdheid 103

Kantoor van die Dekaan **103**

Formele Reg en Regshulpkliniek 104
Handelsreg 105
Privaatreg 107

Publiekreg 108
Regsgeskiedenis, Regsvergelyking en Regsfilosofie 109
Regspluralisme en Regshermeneutiek 110
Sentrum vir Kinderreg 110
Sentrum vir Menseregte 111

Teologie 113

Kantoor van die Dekaan ***113***

Bybel- en Godsdienskunde 114
Dogmatiek en Christelike Etiek 116
Godsdiens- en Sendingwetenskap 117
Kerkgeskiedenis en Kerkreg 119
Nuwe-Testamentiese Wetenskap 120
Ou-Testamentiese Wetenskap 122
Praktiese Teologie 123
Instituut vir Sendingwetenskaplike en Ekumeniese Navorsing (ISWEN) 125
Sentrum vir Beroepsetiek (SBE) 126
Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding (SEVTO) 127
Telematiese Onderwys 128

Hoofstuk 3: Natuurwetenskaplike Fakulteite 130

Biologiese en Landbouwetenskappe (insluitend Fakulteit Landbou) 130

Kantoor van die Dekaan ***130***

Skool vir Biologiese Wetenskappe ***132***

Biochemie 132
Bosbou en Landbou Biotegnologie Instituut (FABI) 134
Dierkunde en Entomologie 135
Genetika 138
Mikrobiologie en Plantpatologie 139
Plantkunde 141
Sentrum vir Omgewingstudies (SOS) 142
Soogdiernavorsingsinstituut (SNI) 144

Skool vir Fisiese Wetenskappe ***146***

Aardwetenskappe 146
Chemie 147
Fisika 149
Geografie en Geoinformatika 150
Gold Fields Sentra 152

Laboratorium vir Mikroskopie en Mikroanalise 153
Sentrum vir Geoinformasie Wetenskap (GIS) 154
Sentrum vir Wetenskap, Wiskunde- en Tegnologie-onderwys 155

Skool vir Landbou en Voedselwetenskappe ***158***

Landbou-ekonomie, -Voorligting en Landelike Ontwikkeling 158
Nagraadse Skool vir Landbou- en Landelike Ontwikkeling 159
Plantproduksie en Grondkunde 161
Vee- en Wildkunde en Sentrum vir Natuurlewebestuur 163
Verbruikerswetenskap 164
Voedselwetenskap 166

Skool vir Wiskundige Wetenskappe ***167***

Statistiek 167
Versekering en Aktuariële Wetenskap 168
Wiskunde en Toegepaste Wiskunde 169

Geneeskunde *171*

Kantoor van die Dekaan ***171***

Anatomie 173
Anatomiese Patologie 175
Anestesiologie 176
Arbeidsterapie 177
Chemiese Patologie 178
Chirurgie (Medies) 179
Kardiotorakale Chirurgie 181
Pediatriese Chirurgie 181
Plastiese en Rekonstruktiewe Chirurgie 182
Farmakologie 183
Fisiologie 184
Fisioterapie 186
Gemeenskapsgesondheid 187
Geneeskundige Mikrobiologie 189
Geneeskundige Virologie 190
Geregtelike Geneeskunde 192
Hematologie 193
Huisartskunde 194
Immunologie 196
Interne Geneeskunde 197
Kerngeneeskunde 200
Kindergeneeskunde 201
Mediese Onkologie 203
Mensgenetika en Ontwikkelingsbiologie 204
Neurochirurgie 205
Neurologie 206
Obstetrie en Ginekologie 207
Oogheelkunde 208

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Oor-, Neus- en Keelheelkunde 209
Ortopedie 210
Psigiatrie 211
Radiografiese Wetenskappe 213
Radiologie 214
Skool vir Gesondheidstelsels en Publieke Gesondheid (SGSPG) 214
Stralingsonkologie 216
Urologie 217
Verpleegkunde 218

Institute ***220***

AEK-Instituut vir Lewenswetenskappe 220
Hans Snyckers-Instituut 221
Pretoria Biomediese Navorsingsentrum 222

Afdelings ***224***

Gemeenskapsgebaseerde Onderrig 224
Kliniese Epidemiologie (insluitende die Medihelp Leerstoel in Kliniese Epidemiologie) 225
Lugvaart- en Ruimtegeneeskunde 225
Mensvoeding 227
Sportgeneeskunde 228

Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie 230

Kantoor van die Dekaan ***230***

Skool vir Ingenieurswese ***231***

Bedryfsingenieurswese 231
Chemiese Ingenieurswese 233
Elektriese, Elektroniese en Rekenaar-Ingenieurswese (voorheen Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese) 235
Ingenieurs- en Tegnologiebestuur 237
Landbou- en Voedselingenieurswese 238
Materiaalkunde en Metallurgiese Ingenieurswese 239
Meganiese en Lugvaartkundige Ingenieurswese 241
Myningenieurswese 243
Siviele Ingenieurswese 245

Skool vir Inligtingtegnologie ***247***

Informatika 249
Inligtingkunde 251
Rekenaarwetenskap 254

Skool vir die Bou-omgewing ***255***

Argitektuur en Landskapargitektuur (insluitend Interieurontwerp) 256
Bourekenkunde en Konstruksiebestuur 257
Navorsing en Nagraadse Studie van die Skool vir die Bou-omgewing 259

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Stads- en Streekbeplanning 259

Instituut vir Tegnologiese Innovasie ***261***

Tandheelkunde *263*

Kantoor van die Dekaan ***263***

Programbestuurder: Hulpbronne 264
Programbestuurder: Navorsing 265
Programbestuurder: Onderwys 266
Diagnostiek en Röntgenologie 268
Gemeenskapstandheelkunde 269
Herstellende Tandheelkunde 270
Kaak-, Gesig- en Mondchirurgie 272
Mondpatologie en Mondbiologie 273
Ortodonsie 274
Periodonsie en Mondgeneeskunde 275
Prostetika en Tandtegnika 275
Sentrum vir Stomatologiese Navorsing 276
Tandheelkundige Materiale 278

Veeartsenykunde *279*

Kantoor van die Dekaan ***279***

Anatomie 280
Elektronmikroskopie-eenheid 281
Farmakologie en Toksikologie 282
Geselskapsdierchirurgie 283
Geselskapsdiergeneeskunde 285
Natuurlewe-eenheid en Price Forbes-leerstoel in Wildsiektes 286
Onderstepoort Veterinêre Akademiese Navorsingseenheid 287
Paraveterinêre Studies 289
Patologie 289
Perdenavorsingsentrum 290
Produksiedier- en Gemeenskapsgesondheid 291
Reproduksie 294
Veterinêre Fisiologie 296
Veterinêre Kliniese Dienste 297
Veterinêre Produksie en Etologie 298
Veterinêre Tropiese Siektes 299

Hoofstuk 4: Ondersteuningsdienste *302*

Afdeling vir Gelyke Indiensneming 302
Akademiese Administrasie 304
Akademiese Inligtingsdiens 306

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Bemarkingsdienste 318
Besigheidsaktiwiteite 320
Buro vir Institusionele Navorsing en Beplanning (BINEB) 323
Eenheid vir Gevorderde Studie 324
Eenheid vir Kwaliteitsversekering 324
Fasiliteite en Dienste 324
Finansies 332
Inligtingtegnologie 336
Kantoor van die Uitvoerende Direkteur en Hoofinligtingsbeampte 338
Navorsingsondersteuning en Internasionale Aangeleenthede 338
Afdeling: Navorsingsondersteuning 338
Kantoor vir Internasionale aangeleenthede 340
Personeel 342
Risikobestuur 344
Sentrum vir die Bestudering van Vigs 346
Strategiese konvergensie tussen die Universiteit van Pretoria en die WNNR 347
Studentesake 348
Kantoor van die Studentedekaan 348
Studenteleiding (voorheen Studente-ontwikkeling) 349
Studente-ondersteuning 354
Studentegesondheidsdiens 354
Telematiese Leer en Onderwysinnovasie 355
TuksSport 358
UP-Argief 361

Hoofstuk 5: Statistieke ***364***

Sake- en Personeregister ***370***

Sakeregistser ***370***

Personeregister ***381***

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Uit die Rektorskantoor



AD DESTINATUM IV 1993-2000, as vierde deel van die omvattende geskiedenis van die Universiteit van Pretoria, gee op 'n saaklike en kroniekagtige wyse die velerlei en diverse ontwikkelinge en aktiwiteite van die inrigting weer. Dit is 'n verhaal van beleidsformuleringe, innoverende aksies, akademiese herbesinning en vernuwing. Saam met die land waarin dit geleë is, het die Universiteit die politieke brug in 1994 suksesvol oorgesteek en saam met die nuwe demokrasie sy eie akademiese-, sosiale- en kultuurveranderinge, transformasie en herposisionering met ywer en oortuiging aangepak.

Die ingrypende staatkundige ontwikkeling van die laaste dekade van die 20ste eeu het groot veranderinge teweeggebring in die wyse waarop Suid-Afrika geregeer en gereguleer word. Suid Afrikaners het 'n nuwe Grondwet en Handves van Menseregte geskryf. Die grondwetlike veranderinge het 'n groot effek gehad op alle tersiêre instellings in Suid-Afrika, insluitende die Universiteit van Pretoria. Die Universiteit het doelbewus daarna gestreef om die land en al sy inwoners te dien en toe te rus vir dít wat die toekoms mag bring. Die kenmerkende universiteitstake van onderrig, navorsing, opvoeding en gemeenskapsdiens moes in hierdie transformerende proses 'n nuwe betekenis kry. In sy akkommoderende benadering en meegaande herstrukturering het die tradisionele Afrikaanse karakter van die inrigting plek gemaak vir 'n Suid-Afrikaanse universiteitsgemeenskap wat elke vorm van diskriminasie op grond van kleur, taal, geslag en godsdiens ongedaan maak. In kort, 'n Universiteit waar alle Suid-Afrikaners werklik tuis kan wees.

Dit is nie net op die plaaslike vlak wat die politieke transformasie 'n effek gehad het nie. Die veranderde en gunstige posisie van Suid-Afrika binne die internasionale gemeenskap het gelei tot 'n normalisering van Suid-Afrikaanse universiteite se deelname aan die internasionale akademiese diskoers. Dit is dus te verstane dat die Universiteit in hierdie tyd gepoog het om in alles wat hy aanpak twee dinge te vermag, naamlik om internasionaal mededingend te wees maar terselfdertyd plaaslik relevant te bly. Die wyse waarop die Universiteit gepoog het om hierdie ideaal te verwerklik kan gevind word in 'n aantal beleidsdokumente soos 'n *Raamwerk vir Strategiese Beplanning 1993–1997, Audit Portfolio 1997, Op pad na die Nuwe Millennium 1998-2001* en die *Drie Jaar Rollende Plan 2000-2002.*

'n Mens kan nie anders as om tot die gevolgtrekking te kom dat die jare 1993-2000 goeie jare vir die Universiteit van Pretoria was nie. Aan die einde van 2001 word die Universiteit van Pretoria gereken as een van die land se voorste en mees uitnemende universiteite met 'n besonderse internasionale aansien. Dit word 'n Universiteit van keuse vir Suid-Afrikaners van alle rasse.

Ek wil namens die Universiteit my dank en waardering betuig teenoor almal wat 'n bydrae gelewer het om hierdie publikasie moontlik te maak. 'n Woord van besondere dank teenoor **prof P B van der Watt** wat as eindredakteur opgetree het.

Prof Calie Pistorius
Visekanselier en Rektor

10 Februarie 2002

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Redakteurswoord

Die uitgebreide werksaamhede van die Universiteit van Pretoria word periodiek opgeteken in die omvangryke reeks **AD DESTINATUM**. Die drieledige werk wat die tydperk 1910-1992 dek, word nou aangevul met **AD DESTINATUM IV 1993-2000**. Die opdrag hiertoe was afkomstig van **prof Johan van Zyl**, die vorige rektor. Hierdie kroniekagtige relaas van die wel en wee van die inrigting is die kompilatiewe produk van talle medewerkers wat die belangrikste ontwikkelinge en aktiwiteite van onderskeie instansies soos onder meer die universiteitsbestuur, fakulteite en talle steundienste moes opteken.

Vanselfsprekend staan enige universiteit in voortdurende wisselwerking met die breëre gemeenskap, wat onvermydelik die eiesoortige karakter en gesag, effektiwiteit en relevansie van sodanige inrigting in die gedrang bring. Die tradisionele take, weergegee as *onderrig, navorsing, opvoeding* en *gemeenskapsdiens*, het in die daeraad van 'n nuwe staatkundige bestel gedurende die laaste dekade van die 20ste eeu onder die loep gekom. Ingrypende transformasie ook op die gebied van hoër onderwys is dominerend - nie maar net in die afskaffing van 'n apartheidspraktyk nie, maar met regeringsbeleid wat baie pertinent en beslis sake aanspreek soos die demokratisering van bestuurstrukture, geldelike subsidie, regstellende aksies in die personeelkorps en die toelating van studente uit diverse kultuurgroepe (met die gepaardgaande toelatingsvereistes, finansiële bystand, akademiese ondersteuning en sosiale akkommodering).

Juis hierdie historiese- en kontemporêre agtergrond word op 'n uitnemende wyse in *Hoofstuk Een* beskrywe. Die voorreg dat iemand met die statuur van **prof P Smit**, rektor vir die jare 1992-1996 èn nog steeds gemoeid met hoër onderwys in Suid-Afrika, verantwoordelik is vir hierdie gedeelte vergroot ongetwyfeld die gehalte van die publikasie. Sy gesaghebbende kennis oor die onderwerp en eerstehandse ervaring van die situasie maak hierdie skriftelike bydrae voortaan onontbeerlik by enige beskrywing van die universiteitswese as sodanig. Vir sy bereidwilligheid én kundigheid ons hartlike dank!

Nie alleen die bedrywighede van diverse fakulteite nie, maar ook die nodige bystand van sovele ondersteuningsdiente is saaklik beskrywe deur baie én bevoegde medewerkers. Hulle verdien eweneens erkenning vir uitstekende samewerking te midde van die eise van hul dagtaak. In hierdie verband die volgende: die gehalte van elke bydrae is die uitsluitlike verantwoordelikheid van die betrokke outeur - nie alleen wat die inhoudelike aspek betref nie, maar ook die formele (dit was byvoorbeeld die taak van elke skrywer om die vertaling van hierdie skriftelike arbeid te verifieer).

Basiese riglyne verseker in 'n groot mate uniformiteit in aanbieding, maar die **sui generis** van elke instansie, die beperkinge wat gestel is ten opsigte van die lengte van bydraes en die vaardigheid van skrywers laat tog ruimte vir variasie! Die opteken van gebeure, ontwikkelinge en tendensies gedurende die onderhawige periode was die oogmerk sodat biografiese besonderhede en talle prestasies van personeellede nie noodwendig aandag ontvang het nie. Volledige navorsingsuitsette, erkenning en publikasies van diegene staan in elk geval in ander amptelike bronne vermeld.

Die verskyning van hierdie werk was in menige opsigte 'n spanpoging. Elkeen word met die nodige erkentlikheid vermeld. Hulle is:

- Die Rektor, **prof Calie Pistorius**, vir sy meelewende betrokkenheid en die ruim geldelike toekenning wat die publikasie moontlik gemaak het;
- **prof Niek Grové** (Registrateur), wat ook die UP-Argief as bestuursverantwoordelikheid het, en met soveel vriendelikheid en bereidwilligheid ons gedurig tot hulp was;
- **prof Karen Harris** (Hoofargivaris: UP-Argief asook medeprofessor in die Departement: Historiese en Erfenisstudies) vir haar kundige belangstelling;
- **me Kriek Grundling** (Senior Administratiewe Beampte: Argief), wat op 'n voortreflike wyse al die sekretariële- en logistiese take afgehandel het. In hierdie verband moet genoem word die onmisbare bystand van **me Ria Groenewald** (Senior Administratiewe Beampte: Argief).
- **me Dalene Meyer** (sekretaresse in die Kantoor van die Studentedekaan) vir die deeglikheid en vlyt waarmee sy die manuskrip versorg het; en
- **prof Peter Titlestad** (pas-afgetrede Departementshoof: Engels) wat sonder meer bereid was om sekere aspekte van die Engelse vertaling na te gaan.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ook moet dank uitgespreek word teenoor **mnr Wietche Bosman** (Photo Wiets) vir die foto's; **me Gillian de Jager** (taalkundige: Departement Sekretariaat van die Suid-Afrikaanse Reserwebank) wat die vertaling en taalversorging behartig het; asook **mnr Manus Myburgh** (Business Print Centre) vir die professionele hantering van die publikasie.

Prof Flip van der Watt
Redakteur

13 Februarie 2002

Redaksionele komitee

Agter (vlnr): Prof K Harris, Mee K Grundling en D Meyer.
Voor (vlnr): Proff N Grové en F van der Watt

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Kanseliers

Dr A E Rupert
1987 – 1996



Dr C L Stals
Sedert 1997

Voorsitters: Universiteitsraad



Mnr C du P Kuun
1990 – 1994



Dr V E Hesse
1994 – 1999



Mnr B C Alberts
Sedert 1999

Rektore



Prof P Smit
1992 – 1996



Prof J van Zyl
1997 – 2001

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hoofstuk 1: Rektoraat

'n Dekade van Transformasie en Herstrukturering

As the difficulties of universities mounted across the globe during the last quarter of the twentieth century, higher education lost whatever steady state it may have once possessed. Since expanding demands will not relent, conditions of constancy cannot return" (**Burton R Clark**: *Creating entrepreneural universities*, 1998).

Inleiding

'n Universiteit het 'n eie aard en funksie in samelewingsverband. Dit maak deel uit van 'n groter maatskaplike orde waarbinne hy, nasionaal en internasionaal, in voortdurende wisselwerking met 'n verskeidenheid ander instellings en sisteme verkeer. Die uitdagings wat die Universiteit van Pretoria ondervind en die strewe om oplossings te soek, kan dus nie van nasionale en internasionale tendense losgemaak word nie.

In hierdie inleidende hoofstuk word 'n algemene oorsig van nasionale en internasionale tendense in hoër onderwys gegee. In sekere mate het die Universiteit reaktief op die verwikkelinge gereageer, maar in vele opsigte het hy egter ondernemend, innoverend en proaktief beslag aan sy toekoms gegee. Die spanningspole om die ou waardes met nuwes te versoen, vereis deurentyd 'n fyn balanseertoer wat kundig bestuur moet word.

Kontekstualisering: 'n Wêreldvoëlvlug

Sedert die sestigerjare van die 20e eeu en veral ná die studente-onluste in Europa wat feitlik wêreldwyd uitgekring het, is universiteite onder meer met die volgende uitdagings gekonfronteer:

- Vinnige groei in studentegetalle wat tot massa hoër onderwys gelei het.
- Aandrang op die verslapping van toelatingsvereistes - van elite tot massa hoër onderwys.
- Onvermoë van regerings om massa onderwys op dieselfde eenheidsvlakke as elite onderwys te befonds.
- Groter aandrang op toerekenbaarheid, kwaliteit en waarde vir geld.
- Die digitale revolusie wat onderwys sonder grense en virtuele kampusse 'n werklikheid maak. Afstandsonderrig het nuwe inhoud en betekenis gekry.
- Die ontploffing van die kennisbasis van die wêreld. Die wyse waarvolgens inligting geskep, herrangskik en versprei word, verander dramaties. Dit vereis nuwe maniere van onderrig en leer.
- Globalisering waarvolgens kennisvelde oor nasionale grense reik en universiteite in 'n internasionale wêreld van wetenskap en onderwys bring. Spesialiteitskennis het die dryfveer vir hoër onderwys geword.
- Die professionalisering van hoër onderwys waarvolgens vinnige groei in beroepsrigtings plaasvind terwyl die geesteswetenskappe gewoonlik kwyn.
- Toenemende verwagtinge oor hoër onderwys se bydrae tot ekonomiese ontwikkeling, kultuurbevordering en nasiebou. Die groeiende klem op relevansie bedreig in baie opsigte die universiteit se hartland van breë basiese onderwys en navorsing.
- Groeiende kompetisie tussen universiteite onderling vir studente en fondse asook met nuwe onderwysvoorsieners en kennisskeppers. Universiteite verloor toenemend hulle monopolie oor onderrig en navorsing.
- Toenemende demokratisering van hoër onderwys. Die gewelddadige studente-aanslag van die sestigerjare op die tradisionele Westerse universiteit het die universiteitswese in 'n krisis gedompel waaruit nog nie ontsnap is nie. Dit is 'n identiteitskrisis van hoe om aan die eise van die owerheid, gemeenskap en studente te voldoen sonder om die aard en wese aan te tas. Dit is 'n revolusie van bo waarvolgens regerings eise stel, terwyl radikale studente, junior doserende en ondersteuningspersoneel van onder op groter inspraak aandring.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In die lig van voorafgaande toenemende kompleksiteit het universiteite feitlik wêreldwyd sedert die tagtigerjare van die 20e eeu begin om hulle karakter te verander. Internasionaal erkende kundiges soos **Clark Kerr** het in die vroeë negentigerjare opgemerk dat "... for the first time a really international world of learning, highly competitive, is emerging".

Die paradigmaverskuiwing van 'n tradisionele stelsel van hoër onderwys na 'n kennisindustrie het verreikende transformasieprosesse aan die gang gesit. 'n Industrie word gedefinieer as kompeterende organisasies wat dieselfde hulpbronne gebruik, kliënte bedien, produkte produseer en dienste lewer. Universiteite word in 'n kompeterende wêreld toenemend verplig om die beginsels wat in die industrie geld in hulle bestuurstyle te verreken.

Die onvermoë van regerings om die uitbreiding van hoër onderwys op dieselfde vlakke as relatief klein elitistiese instellings te befonds, lei daartoe dat die stelsel van direkte beheer verander word na toesighouding of "afstandbeheer". Sodoende word instellings meer vryheid tot innovasie en die aanvulling van staatsbefondsing uit ander bronne gegee. Dit lei tot die "privatisering" van hoër onderwysinstellings en die opbloei van private voorsieners.

Uit die aard van die saak reageer universiteite op unieke wyses op hierdie veranderinge. Dit wil voorkom of die tradisionele omvattende universiteit plek maak vir meer gespesialiseerde onderrig en navorsing. Daar is 'n paradigmaverskuiwing van dissiplinegerigte onderrig en navorsing na die aanbieding van inter- en intradissiplinêre programme. Dit lei gewoonlik tot die herstrukturering van departemente en fakulteite. Tradisionele kontakonderrig maak plek vir 'n kombinasie van kontak- en afstandsonderrig. Universiteite sluit toenemend vennootskappe met ander onderwysinstellings asook met private en openbare instansies.

Na drie dekades van ingrypende prosesse van transformasie en herstrukturering is die einde geensins in sig nie. Die *World Declaration on Higher Education for the Twenty-First Century* het dit dan ook in 1998 duidelik gestel: "Higher education is confronted with formidable challenges and must proceed to the most radical change it has ever been required to undertake".

'n Suid-Afrikaanse Perspektief

Die aanloop tot transformasie

Die laaste dekade van die 20e eeu het waarskynlik die grootste omwentelinge in die geskiedenis van hoër onderwys in Suid-Afrika meegebring. Die samestelling van die studentebevolking het byvoorbeeld so vinnig verander dat dit uit 'n demografiese oogpunt as die vinnigste verandering in die wêreld beskou word. Die afskaffing van apartheid en die bewindsaanvaarding van 'n demokraties verkose regering sou die transformasieprosesse se tempo sodanig versnel dat dit soms gevaar geloop het om die stelsel ernstig te destabiliseer.

Ten einde hierdie transformasieprosesse reg te beoordeel, is dit nodig om kortliks die aanloop tot die veranderinge te skets. Nieteenstaande 'n wêreldwye wetenskaplike boikot teen Suid-Afrika sou veranderinge in hoër onderwys in die res van die wêreld nie die Suid-Afrikaanse hoër onderwysstelsel onaangeraak laat nie.

Die Wet op Bantoe-onderwys (1953), om aparte onderwys te voorsien, is in 1959 na universiteite uitgebrei. Universiteitskolleges vir swartes, Asiërs en kleurlinge is in die lewe geroep. Nie-blanke studente sou voortaan alleen na ministeriële goedkeuring vir studierigtings wat nie by die nuwe instellings aangebied word nie, by die historiese blanke universiteite kon inskryf. 'n Derde tipe hoër onderwysinstelling (technikons) het in 1978 langs universiteite en tegniese kolleges vir beroepsopleiding ontwikkel. Uiteindelik het 'n baie kunsmatige stelsel van 21 universiteite, 15 technikons en ongeveer 140 enkelrigting beroepskolleges (onderwys, verpleegkunde en landbou), almal volgens etniese en rassegrondslag, tot stand gekom. So is een van die mees ambisieuse onderwysstelsels in die wêreld ontwikkel.

Die rassebasis om diversiteit in die onderwys te akkommodeer, is na die aanvaarding van die Grondwet van 1983 op besondere wyse voortgesit. Die driekamer Parlement, onafhanklike swart state en selfregerende tuislande het daartoe gelei dat daar 15 departemente en 15 Ministers vir Onderwys in Suid-Afrika was! Die vorige regering het self in die begin van die negentigerjare erken dat die stelsel mank aan legitimiteit gegaan het.

Wêreldtendense in hoër onderwys en interne weerstand teen wat as 'n ongelyke en onregverdige stelsel beskou is, het tot aanpassings sedert die begin van die tagtigerjare gelei. Die belangrikste veranderinge kan soos volg aangestip word:

- Die Onderwysondersoek van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing van 1981 het nie veel aandag aan hoër onderwys gegee nie, maar die implementering van die aanbevelings het 'n groot invloed op die universiteitswese uitgeoefen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

- 'n Reeks verslae, getiteld: *Suid-Afrikaanse Na-sekondêre Opleiding (SANSO)* het verskyn wat die universiteitswese ingrypend sou raak. Die belangrikste was *Die kwalifikasie- en studieprogramme van universiteite in Suid-Afrika (SANSO-116)* en *Ondersoek na staatsfinansiering van universiteite* (SANSO-110). Uit laasgenoemde het 'n nuwe subsidieformule ontwikkel wat sedert 1984 toegepas is.
- Die kompleksiteit in hoër onderwys het toegeneem en in 1986 het die Komitee van Universiteitshoofde (KUH) 'n makro-ondersoek van die universiteitswese binne tersiêre onderwysverband in die RSA onderneem. Die KUH was egter nie eenstemmig oor al die aanbevelings nie, maar daar is egter saamgestem dat rasionalisasie van veral programme noodsaaklik was. Hoewel hiermee gevorder is, het dit weldra weerstand van veral die historiese swart universiteite ondervind en moes daarvan afgesien word.
- Die Minister van Nasionale Opvoeding het in 1987 aangekondig dat universiteite se groei in studentegetalle vir subsidiedoeleindes op 2% per jaar vasgepen sou word. Dit het algaande duidelik geword dat die vinnige toename in die aantal leerders en die stadige ekonomiese groei groot knelpunte in onderwysfinansiering veroorsaak.
- Universiteite is versoek om voor 31 Desember 1987 'n langtermynplan vir akademiese en fisiese ontwikkeling tot die jaar 2005 voor te lê. Vanweë onsekerhede en gebrek aan riglyne was dit 'n feitlik onmoontlike taak. Tog het talle universiteite vir die eerste keer ernstig oor hulle missie, taak en rol besin.
- Die Adviesraad vir Universiteite en Technikons (AUT) het in 1986 'n ondersoek na akademiese standaarde by universiteite in die RSA ingestel. Dié verslag wat in 1987 gepubliseer is, het die verskil in standaarde by universiteite uitgewys.
- Die opstand by skole wat op 16 Junie 1976 in Soweto begin het, het weldra wyd uitgekring en ook na hoër onderwysinstellings oorgespoel. Dit het veral die ongelykhede in onderwysvoorsiening na vore gebring.
- Op 2 Februarie 1990 is aangekondig dat die ANC en ander verbode politieke organisasies ontban word en dat prosesse in werking gestel word om 'n demokratiese bestel in Suid-Afrika te vestig.
- In Mei 1990 het die Minister van Nasionale Opvoeding 'n onderwysvernuwingstrategie aangekondig. 'n Besprekingsdokument is op 4 Junie 1991 vrygestel. Die finale verslag getiteld: *Die Onderwysvernuwingstrategie: Bestuursoplossings vir Onderwys in Suid-Afrika* is in November 1992 vrygestel. Van die belangrikste aanbevelings was: die hoër onderwysstelsel moet binne 'n sentrale ministerie, streeksonderwysdepartemente en plaaslike institusionele strukture funksioneer; grootskaalse rasionalisasie is noodsaaklik veral ten opsigte van die aantal programme wat by universiteite en technikons aangebied word; kwaliteitsbeheermaatreëls moet ingestel word; en die hoër onderwysstelsel moet veel meer op die mensekragbehoeftes van Suid-Afrika afgestem word. Dit is beklemtoon dat ras nie 'n rol moet speel in onderwysvoorsiening nie en dat geregtigheid moet geld. 'n Duidelike strategie om ongelykhede uit te skakel, het egter ontbreek
- Na 2 Februarie 1990 is die internasionale wetenskaplike boikot beëindig en het Suid-Afrika se hoër onderwysinstellings hulle in 'n internasionale wetenskaplike wentelbaan bevind. Sommige vensters na die buitewêreld sou egter eers na die demokratiese verkiesing in 1994 oopgaan.
- Die Wêreldbank het 'n belangstelling in Suid-Afrika se na-sekondêre onderwysstelsel ontwikkel. USAID het gedurende 1991 en 1992 'n Tertiary Education Sector Assessment deur buitelandse en Suid-Afrikaanse kundiges laat onderneem. Instellings soos die Ford Foundation en die American Council on Education het betrokke geraak. Aansluiting kon met die Association of Commonwealth Universities en die Association of African Universities aangeknoop word. Buitelandse regerings en instansies het fondse vir hoër onderwys beskikbaar gestel en akademici wat in die buiteland gewerk het of opgelei is, het na Suid-Afrika teruggekeer.
- Tussen Desember 1990 en Augustus 1992 is die National Education Policy Investigation (NEPI) as 'n projek van die National Education Co-ordinating Committee onderneem. Een van die verslae was getiteld: *Post-Secondary Education* en is in 1992 gepubliseer. In hierdie ondersoek het organisasies soos die Union of Democratic University Staff Associations (UDUSA), die National Union of South African Students (NUSAS) en die South African National Students Congress (SANSCO) 'n belangrike rol gespeel. Dié organisasies het ook hulle invloed toenemend in hoër onderwys laat geld.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n Nuwe regering en beleidsrigtings

Tradisioneel word verandering in hoër onderwys teweeggebring deur regeringsbeleid, markkragte en die aanpasbaarheid van instellings. Aanvanklik het regeringsbeleid oorheers na die bewindsaanvaarding van die nuwe regering in Mei 1994. Gedurende die fase van die Heropbou en Ontwikkelingsprogram (HOP) en die Eerste Witskrif oor Hoër Onderwys (1995) was veral demokratisering (die verandering van bestuurstrukture) en gelykheid beklemtoon. Die verandering van beheerstrukture by universiteite was dus hoog op die agenda. Ten einde gelykheid aan te spreek, het universiteite indringende aandag aan toelating van studente, beurse en lenings, akademiese ondersteuningsprogramme en die samestelling van hulle personeelkorps bestee.

Daar het geleidelik 'n verskuiwing in regeringsbeleid plaasgevind met die aanvaarding van die makroekonomiese beleid in 1997, getiteld: *Growth, Employment and Redistribution* (GEAR). Groter klem is op gevoeligheid vir gemeenskapsbehoeftes en effektiwiteit geplaas. Hoër onderwysinstellings het begin om markkragte te beklemtoon. Dit het daartoe gelei dat kompetisie tussen universiteite onderling, universiteite en technikons en die vinnige ontwikkeling van die private onderwyssektor ontstaan het. Die digitale revolusie het veroorsaak dat buitelandse opvoedkundige instellings die Suid-Afrikaanse hoër onderwysmark betree het. Die kompetisie het bedreigings, maar ook geleenthede meegebring.

Gedurende 1994-2000 staan drie aspekte baie duidelik uit. Oor die algemeen was beleidsformulering uitstekend en het dit die Suid-Afrikaanse hoër onderwyssisteem in vele opsigte in pas met internasionale tendense gebring. Tweedens het die nuwe regering, soos waarskynlik verwag kon word, regulering deur direktiewe eerder as regulering deur insentiewe gebruik om doelwitte te bereik. 'n Sterk instrument soos 'n nuwe subsidieformule was teen die einde van 2000 nog nie in werking gestel nie. Die befondsingsvlakke of sogenaamde a-waardes vir universiteite het feitlik 'n konstante daling getoon van 66% in 1993, en het teen 2000 op 62,8% gestabiliseer. Effektief het die vlak van befondsing per student gedaal. Relatief min fondse kon vir regstelling aangewend word en moes bewillig word om sekere instellings van finansiële ondergang te red. Implementering het dus moeisaam geskied. Derdens het hoër onderwysinstellings heel verskillend op die veranderinge gereageer.

Die belangrikste beleidsrigtings en veranderinge kan soos volg saamgevat word:

- 'n Sentrale Departement van Onderwys is gevestig wat alle universiteite, technikons asook onderwyskolleges onder een ministerie geplaas het.
- Die ANC se Onderwysdepartement het in 1995 'n dokument, getiteld: *A Policy Framework for Education and Training* gepubliseer wat die beleidsformuleringsproses waarmee in 1992 begin is, afgesluit het.
- In die eerste *Witskrif op Onderwys en Opleiding (Education and Training in a Democratic South Africa, 1995)* is die breë doelwitte van die regering uitgespel om 'n regverdige en gelyke onderwysstelsel vir alle inwoners in Suid-Afrika te vestig.
- 'n Nasionale Kommissie vir Hoër Onderwys is in 1995 deur die Staatspresident aangestel. Hierdie kommissie se verslag (*A Framework for Transformation*) is in 1996 gepubliseer en het die raamwerk verskaf vir die derde Witskrif getiteld: *A Programme for Higher Education Transformation (1997)* en die Wet op Hoër Onderwys (Nr 101 van 1997). Belangrike aspekte wat 'n onmiddellike invloed op universiteite sou uitoefen, was: die toelating van studente uit voorheen benadeelde gemeenskappe, asook vir gestremdes, vroue en ouer studente; die uitskakeling van ongelykhede van die verlede; groter gevoeligheid vir die behoeftes van die gemeenskap en die land in die ontwikkeling van onderrig- en navorsingsprogramme; en die demokratisering van hoër onderwysinstellings.
- Verwagtinge wat deur beleidsdokumente en -uitsprake geskep is, het tot grootskaalse aktiwiteite van studente en selfs werknemers aan hoër onderwysinstellings gelei. Toelating, die uitsluiting van studente wat druip of nie klas- en losiesgelde betaal nie, beurse en lenings, groter inspraak in die bestuur van instellings, meer verteenwoordiging van swartes in die personeel en veral hoofbesture van instellings, en die totstandkoming en werking van transformasieforums was van die belangrikste aspekte wat hoog op die agendas was. 'n Aantal hoër onderwysinstellings en by name die historiese swart universiteite moes vir lang tydperke sluit, terwyl heelwat skade aangerig is. Hierdie aktiwiteite het in 1995-1996 'n hoogtepunt bereik. Van owerheidsweë is sterk vermanings aan studente gerig om dié aktiwiteite te staak en hulle aandag aan studies te gee. Waarskynlik het studente ook na insprake in transformasieforums, senate en rade van hoër onderwysinstellings bewus geraak van die kompleksiteit van hoër onderwysinstellings. Dit, saam met die daling in studentegetalle sedert 1997 aan veral universiteite, het daartoe gelei dat 'n groot mate van rus en kalmte teen die einde van die eeu op kampusse geheers het.
- In Junie 1998 het die Departement van Onderwys 'n dokument vrygestel getiteld: *National and Institutional Higher Education Planning Requirements* wat riglyne bevat het om die beplanningsproses van die Witskrif

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(1997) te implementeer. Universiteite moes teen 15 Augustus 1998 hulle eerste drie jaar "rollende" planne vir die beplanningsfase 1999-2001 inhandig. Vier nasionale prioriteite is vir hierdie eerste beplanningsfase geïdentifiseer, naamlik: vorm en grootte; gelykheid; effektiwiteit en inter-institusionele samewerking. Amptenare van die Departement van Onderwys het besoeke by alle hoër onderwysinstellings afgelê.

- Die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-Owerheid (SAKO) en die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) sou 'n groot invloed op hoër onderwysinstellings uitoefen. SAKO is deur Wet nr 58 van 1995 in die lewe geroep en maak onder meer vir die ontwikkeling en implementering van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk voorsiening. Saaklik kan dit gestel word dat die SAKO-wet voorsiening maak vir die registrasie van nasionale standaarde en kwalifikasies in 'n NKR.

Alle kwalifikasies wat deur onderwysvoorsieners by openbare en private instellings aangebied word, moes teen 30 Junie 1998 by SAKO aangeteken word. Teen 30 Junie 2000 moes volgens voorskrifte van SAKO alle kwalifikasies met die oog op interim registrasie, voorgelê word. (Die finale registrasie word beplan vir 2003.)

Sommige instellings het slegs 'n "papieroefening" uitgevoer om aan die vereistes van SAKO te voldoen, maar 'n aantal het egter grondig besin oor aspekte soos die doel en uitkomste van kwalifikasies. Dit, saam met die wêreldwye benadering om van enkeldissiplines na inter- en intradissiplinêre onderrig- en navorsingsprogramme te beweeg, het daartoe gelei dat vele universiteite hulle fakulteite en departemente herstruktureer het of tans daarmee besig is. By baie instellings was daar gedurende die negentigerjare 'n proliferasie van onderrigprogramme om in nuwe opleidingsbehoeftes te voorsien. Rasionalisasie het noodsaaklik geword toe studentegetalle begin daal en daar veral in die geesteswetenskappe afnames plaasgevind het wat die aanbieding van sekere kursusse onbekostigbaar duur gemaak het.

- Die Wet op Hoër Onderwys van 1997 maak voorsiening vir die instelling van 'n Komitee vir Gehalte in Hoër Onderwys deur die Raad vir Hoër Onderwys. 'n Interimkomitee is in die lewe geroep en het met voorbereidingswerk begin. Die Komitee van Universiteitshoofde het in 1996 'n kwaliteitsbevorderingseenheid gestig wat met 'n proses begin het om kwaliteitsbewaking aan universiteite te bevorder. Hierdie eenheid se werksaamhede is beëindig omdat daar geredeneer is dat dit sinloos is om so 'n aktiwiteit naas dié van die owerheid te bedryf. Hiermee het universiteite die institusionalisering van kwaliteitsbevordering volledig in die hande van die owerheid gelaat. Sommige kundiges het dit as 'n groot flater beskou.
- Die Interimkomitee vir Gehalte in Hoër Onderwys het na uitgerekte onderhandelinge in Oktober 2000 'n *Founding Document* gepubliseer. Hierin word duidelik gestel dat die hoofdoel is om te verseker dat onderwysvoorsieners op effektiewe en doeltreffende wyse onderwys, opleiding en gemeenskapsdiens van hoë gehalte daarstel. In die toekoms sal prosedures en prosesse om kwaliteit te verseker aan die hand van bepaalde voorskrifte van die Komitee vir Gehalte in Hoër Onderwys geoudit word.

  'n Aantal universiteite en technikons het reeds meganismes en strukture, soos kwaliteitsbevorderingseenhede, in die lewe geroep.
- Die vraagstuk van vorm en grootte van hoër onderwysinstellings was uit die staanspoor af vir die nuwe regering 'n hoë prioriteit. Dit sou in die jaar 2000 'n interessante wending neem.

Om verskeie redes het die geprojekteerde groei in studentegetalle wat deur die Nasionale Kommissie vir Hoër Onderwys in die vooruitsig gestel is, nie gerealiseer nie. Die totale studentetal aan universiteite het byvoorbeeld van 397 000 in 1998 tot 372 000 in 1999 gedaal. Die totale deelnamekoerse (ingeskrewe studente as persentasie van die totale bevolking in die ouderdomsgroep 20 tot 24 jaar) het van 19% in 1993 tot net meer as 15% in 1999 gedaal. Dié dalings in studentegetalle het veral by swart universiteite voorgekom. Hierdie verskynsel saam met 'n verskeidenheid faktore het 'n aantal hoër onderwysinstellings in finansiële en administratiewe krisisse gedompel.

'n Taakgroep, algemeen bekend as die Size and Shape Task Team, is aan die begin van 2000 aangestel om teen 30 Junie verslag te doen en aanbevelings te maak oor die toekoms van hoër onderwys. 'n Besprekingsdokument is op 7 April 2000 vrygestel. Die finale verslag getiteld: *Towards a New Higher Education Landscape: Meeting the Equity, Quality and Social Development Imperatives of South Africa in the 21st Century* is teen die middel van die jaar gepubliseer.

Die verreikende aanbevelings kan soos volg saamgevat word: universiteite en technikons word in drie kategorieë ingedeel; 'n enkele instelling met die hooffokus op afstandsonderwys word in die vooruitsig gestel; private hoër onderwysinstellings kan volgens bepaalde voorwaardes funksioneer; die aantal instellings moet deur 'n proses van kombinasies verminder word (in dié verband kan genoem word dat 'n aantal onderwyskolleges geïdentifiseer is om by universiteite en technikons ingelyf te word); die bestaande akademiese beleid en kwalifikasiestruktuur moet herevalueer word. Dit behels onder meer: die instelling van vierjarige baccalaureusgrade en 'n ondersoek na die wenslikheid om die vierjarige graad in 'n twee jaar plus twee jaar kurrikulum te akkommodeer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hierdie verslag het heftige reaksie van veral die Suid-Afrikaanse Assosiasie van Visekanseliers (beter bekend as SAUVCA*) ontlok. Die weerstand was so groot dat die Minister nie sy aanvanklike belofte om bepaalde stappe teen die einde van 2000 aan te kondig, gestand gedoen het nie.

Dit is egter duidelik dat ingrypende maatreëls geneem sal moet word om die finansiële en administratiewe probleme van 'n aantal hoër onderwysinstellings aan te spreek. Dit sal noodwendig implikasies vir die hele hoër onderwysstelsel meebring.

- Die Wysigingswet op Hoër Onderwys (Nr 54 van 2000) het die Minister van Onderwys se bevoegdheid betreffende die bepaling van beleid oor hoër onderwys geweldig uitgebrei. Hiervolgens kan die Minister die bestek en omvang van werksaamhede van openbare en private instellings vir hoër onderwys bepaal. Die bevoegdhede van instellings op kapitale uitbreidings is ook ingeperk.
- 'n Opvallende verskynsel van die negentigerjare was die opbloei van private onderwys. Artikel 29(3) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) maak ruim voorsiening vir die bedryf van private onderwys. Buitelandse universiteite en ander opvoedkundige instansies het toenemend die Suid-Afrikaanse hoër onderwysmark betree. Wat ook opgeval het was die vennootskappe van bestaande hoër onderwysinstellings met 'n verskeidenheid voorsieners van hoër onderwys. Veral die aantal MBA-programme het vinnig toegeneem. Verskeie tradisionele kontak- of residensiële universiteite het van vennootskappe of moderne onderwystegnologie gebruik gemaak om die veld van afstandsonderrig te betree.

Die Minister van Onderwys het in openbare verklarings sy kommer oor die ontwikkeling van private onderwys uitgespreek en onder meer 'n moratorium geplaas op die verdere ontwikkeling van afstandsonderrigprogramme en programme wat in vennootskap met private of buitelandse voorsieners aangebied word. Sy standpunt is dat hy openbare hoër onderwysinstellings teen onregverdige kompetisie moet beskerm. Kundiges is van mening dat dit nóg wenslik nóg moontlik is om dit in 'n wêreld van grenslose onderwys te doen. Private voorsieners moes ook hulle kwalifikasies, net soos openbare instellings, aan die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid voorlê. Die Departement van Onderwys het in hofgedinge met private voorsieners betrokke geraak omdat daar veral vertragings was om kwalifikasies betyds te oorweeg.

Die Wysigingswet op Hoër Onderwys (nr 54 van 2000) verleen omvattende magte aan die Minister van Onderwys om private onderwys en buitelandse onderwysinstellings te beheer en te reguleer. Teen die einde van 2000 het groot onsekerheid oor private onderwys en buitelandse instellings gehang. 'n Nuwe landskap van hoër onderwys is besig om te ontwikkel met verreikende implikasies vir individuele instellings.

Benewens voorafgaande wette, regulasies en beheermaatreëls wat 'n regstreekse invloed op hoër onderwys uitgeoefen het, was daar 'n aantal wette, beleidsdokumente en -maatreëls wat 'n onregstreekse invloed op universiteite en technikons uitgeoefen het. Die belangrikste hiervan kan soos volg aangestip word:

- Die *White Paper on Science and Technology: Preparing for the 21st Century* van 1996. Dit wys op die noodsaaklikheid daarvan om fokusgebiede vir navorsing te bepaal. Duidelik word gestel dat openbare befondsing nie aan alle fakulteite of skole bestee moet word nie, maar slegs op dié gebiede waar daar demonstreerbare navorsingskapasiteite bestaan. Geoormerkte fondse sal aangewend word om die doelwitte te bereik.
- Die *National Research and Technology Foresight Project* het 13 fokusgebiede geïdentifiseer. Die Nasionale Navorsingstigting (NRF) het in Julie 2000 ook navorsingsfokusgebiede bekend gemaak wat hoofsaaklik bogenoemde 13 fokusgebiede akkommodeer. Dit is duidelik gestel dat die ondersteuningsagentskap van die NRF vanaf 2001 slegs ondersteuning aan programme binne die goedgekeurde fokusgebiede sal verleen.
- Die wet oor gelyke indiensneming (nr 55 van 1998) is daarop gerig om diskriminasie in die werkplek uit te skakel en die opleiding en bevordering van benadeelde groepe te bevorder. Werkgewers met meer as 50 werknemers word verplig om planne vir gelyke indiensneming te ontwikkel met gedetailleerde numeriese mikpunte en tydtafels in dié verband. Teen 1998 het blankes nog 80% van die akademiese personeel by universiteite uitgemaak en derhalwe stel hierdie wet voortaan groot uitdagings aan universiteite.
- Die Wet op Vaardigheidsontwikkeling (nr 97 van 1998) en die Wet op Vaardigheidsontwikkelingheffing (nr 9 van 1999) bied baie geleenthede aan universiteite, maar hou ook tot 'n mate bedreigings in vir die aanbieding van die tradisionele kortkursusse. In die toekoms moet eenheidstandaarde ontwikkel word vir opleidingsprogramme wat uiteindelik in 'n nasionale kwalifikasieraamwerk moet inpas. 'n Aantal universiteite het hulle strukture drasties aangepas om hierdie geleenthede te benut en kortkursusse sodanig te verander dat dit aan voorskrifte voldoen.

* Die Komitee van Universiteitshoofde (KUH) het ingevolge die Wet op Hoër Onderwys van 1997 sy statutêre status verloor.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die Universiteit van Pretoria: Innovasie en Aanpassing

Aan die begin van die negentigerjare was die algemene persepsie van die Universiteit, van buite gesien, dié van 'n uiters konserwatiewe, hoofsaaklik blanke Afrikaanstalige instelling, grootliks op onderrig gerig met minder klem op navorsing, redelik na binne gekeer en in gemeenskapsdiens hoofsaaklik gerig op die behoeftes van blankes en meer spesifiek op Afrikaanstaliges. Van binne gesien was daar 'n groot mate van selfvoldaanheid dat die Universiteit se grootte in studentegetalle en volgehoue groei outomaties 'n hoë akademiese status veronderstel.

Tot watter mate het die Universiteit innoverend opgetree en eie beslag aan sy toekoms gegee, en hoe suksesvol is daar by onvermydelike veranderinge aangepas? Ten einde hierdie vrae te beantwoord, word die ontwikkeling oor die afgelope tien jaar en meer spesifiek sedert 1993 rondom vier temas georden: die toelating van studente; demokratisering en gelykheid; kwaliteitsversekering en akademiese herstrukturering; asook die strewe na groter effektiwiteit en doeltreffendheid. Soos reeds genoem, was dié aspekte ook hoë prioriteite wat in die Witskrif op Hoër Onderwys (1997) en die Wet op Hoër Onderwys van 1997 aangespreek is.

Toelating van studente

Kontakonderrig

Een van die grootste uitdagings van universiteite wêreldwyd is om die toelating van studente te verbreed, die diverse leerbehoeftes te bevredig en steeds hoë akademiese standaarde te handhaaf.

In 1990 het die totale studentebevolking 23 323 getel. Hiervan het blankes 22 904 of 98,2% uitgemaak, maar kleurlinge (92), Asiërs (34) en Afrikane (293) het slegs 1,8% van die studentebevolking verteenwoordig. Die getal kontakstudente sou toeneem tot 28 093 in 2000. Hiervan was 20 032 (71,3%) blankes en die 325 kleurlinge, 1 031 Asiërs en 6 075 Afrikane het 28,7% van die totale studentebevolking uitgemaak. Hierdie vinnige verandering is hoofsaaklik teweeggebring deur die absolute daling in blanke studentegetalle en die vinnige toename in veral die aantal Afrikane. Die daling van blanke getalle stem ooreen met 'n nasionale tendens waarvolgens die aantal blanke studente aan universiteite tussen 1993 en 1999 met 60 000 afgeneem het.

Studentegetalle het gedurende die laaste tien jaar met gemiddeld 1,9% per jaar toegeneem met 'n piek van 7,4% gedurende die tydperk 1994-1995. Na die vestiging van 'n demokratiese regering in 1994 was daar besondere aandrang op toelating. Dié tydperk is ook gekenmerk deur eise, demonstrasies en selfs geweld deur studente wat in 1995 en 1996 'n hoogtepunt by ander universiteite en ook op die kampus van die Universiteit van Pretoria bereik het.

Die Universiteit het die toelating van studente uit alle rassegroepe soos volg bevorder: uitreikprogramme na skole om veral graad-12 leerlinge te help, is sedert 1988 sterk uitgebou en teen 2000 kon 70 skole baat by onderrig wat deur Teletuks aangebied word; 'n verskeidenheid akademiese ondersteuningsprogramme is ingestel; beurse en lenings is beskikbaar gestel; koshuise is vir alle rassegroepe oopgestel en addisionele huisvesting is voorsien; die nodige infrastruktuur is geskep om beter studiegeleenthede te voorsien; en aktiewe werwingsprogramme is geloods.

Van besondere betekenis was die besluit in 1993 om R115 miljoen uit PUNIV-fondse vir beurse en lenings beskikbaar te stel aan studente wat oor die akademiese potensiaal beskik, maar nie die finansiële middele het om universiteitstudie te bekostig nie.

Die vinnige verandering van die studentesamestelling het onder meer verreikende implikasies vir die onderrig- en taalbeleid ingehou. Die persentasie studente met Afrikaans of Afrikaans-Engels as huistaal, het van 87,6% in 1990 tot 57% in 2000 afgeneem. Die toepassing van 'n soepel taalbeleid het die Universiteit goed te pas gekom. Daar is vroeg in die negentigerjare besluit dat hoewel Afrikaans die onderrigtaal is van die Universiteit, studente in Engels onderrig sal word indien getalle in betrokke kursusse dit regverdig. Afrikaans en Engels het toenemend die gebruik in algemene kommunikasie geword.

Multikulturele onderrig beteken egter veel meer as om net 'n soepel taalbeleid toe te pas. Toenemende onderrig in Afrikaans en Engels het 'n groot addisionele las op dosente geplaas. Die verandering in onderrig was een van die mees dramatiese veranderinge wat sonder opspraak aan die Universiteit plaasgevind het. Klasse is nie net toenemend ook in Engels aangebied nie, maar addisionele onderrig is vir studente aangebied wat probleme ondervind. 'n Mentorstelsel is in 1993 ingestel waarvolgens seniorstudente met onderrigprogramme vir eerstejaars behulpsaam is. Talle dosente het hulle onderrigmetodes aangepas om die diverse leerbehoeftes van studente te akkommodeer. 'n Studentgesentreerde onderrigmodel is toenemend toegepas.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hierdie verwikkelinge en die noodsaaklikheid vir groter relevansie het uiteindelik neerslag in kurrikulum-ontwikkeling gevind.

Die geslagsamestelling het eweneens vinnig verander. In 1990 het vrouestudente 41,6% van die studentebevolking uitgemaak. Teen 2000 was die aandeel 52,07% wat goed met die nasionale gemiddeld vergelyk. Gedurende die negentigerjare is baie gedoen om die kampus meer gebruikersvriendelik vir gestremde studente te maak en die aantal gestremde studente het konstant toegeneem.

Nieteenstaande verskeie pogings om die aandeel van nagraadse studente te verhoog, het die persentasie-aandeel oor die afgelope tien jaar min verander en was dit 28,1% teen 2000. In 1993 is 'n mikpunt gestel dat nagraadse studente 35% van die studentebevolking moet uitmaak. Die bepaling van fokusgebiede in onderrig en navorsing, groter integrasie tussen onderrig- en navorsingsprogramme, die ontwikkeling van innoverende nagraadse programme, groter gebruikmaking van onderwystegnologie om nagraadse programme volgens 'n verskeidenheid afstandsonderrigmodelle aan te bied, die aanpassing van beurse en lenings, en samewerking met die WNNR en ander nasionale en internasionale instansies was teen die einde van 2000 'n hoë prioriteit aan die Universiteit.

Afstandsonderrig

Die Universiteit het 'n lang en suksesvolle rekord met nauurse onderrig ten einde opleidingsgeleenthede vir werkende en ouer studente te skep.

Na herhaalde versoeke uit Oos- en Wes-Transvaal het die Universiteit gedurende 1987 besluit om onderrig buite die tradisionele kampus aan te bied. Aan die begin van 1989 is met onderrig vir Oos-Transvaal op Witbank begin. Benewens die onderrig wat vir graaddoeleindes aangebied is, is 'n Lewenslange Leersentrum in 1997 op Witbank gevestig wat toegang tot universiteitstudie aansienlik verbreed het.

In 1994 is 'n verdere satellietkampus by Hammanskraal in 'n tradisioneel swart gebied gevestig. Studente in Geneeskunde en Tandheelkunde het op dié kampus opleiding in basiese gesondheidsorg ontvang. Weldra sou verpleegsters- en onderwysersopleiding van die fasiliteite gebruik maak. Dié kampus sou binnekort tot 'n belangrike sentrum vir die Universiteit ontwikkel.

Gedurende 1994 is 'n vennootskapooreenkoms met die Nasionale Private Kolleges gesluit om sekere onderrigprogramme volgens 'n papiergedrewe wyse van aanbieding, maar met toenemende kontakgeleenthede, landwyd beskikbaar te stel. Aanvanklik was die onderrigprogramme hoofsaaklik op verdere diplomas in onderrig gemik, maar dit is geleidelik na 'n BA- en BEd-graad (Onderwysbestuur) asook 'n Nagraadse Diploma in Huisartskunde uitgebrei. Verdere vennootskappe is onder andere met Damelin en Futurekids gesluit.

Die Universiteit het reeds sedert die tweede helfte van die tagtigerjare met telematiese onderrig geëksperimenteer. Daar is sterk op kundiges van Stanford Universiteit en van Silicon Valley in die VSA gesteun om hierdie tegnologie te ontwikkel. Die satellietkampus op Witbank het verdere geleentheid gebied om die tegnologie te ontwikkel en dosente op te lei.

Die Raad van die Universiteit het op 22 Julie 1997 besluit dat telematiese onderwys as 'n hoofstroomaktiwiteit bestuur moet word. Die Departement Telematiese Leer en Onderwysinnovasie is met twee fokusareas gevestig, naamlik onderwysinnovasie en e-onderwys. In Augustus 1997 is **prof J A Boon** as direkteur aangestel.

'n Virtuele kampus is op 21 Oktober 1999 geloods. Sedert dié datum bied die Universiteit aan studente 'n volle geïntegreerde diens op die Internet. Sedert November 1999 is 250 webkursusse beskikbaar en het meer as 18 000 studente op die Studente Aanlyndiens van die Virtuele Kampus geregistreer.

Demokratisering en gelykheid

Raad, Senaat en Rektoraat

Die Raad: die Witskrif op Hoër Onderwys (1997) het dit duidelik gestel dat die beginsel van demokratisering vereis dat die bestuur van individuele instellings demokraties, verteenwoordigend en deelnemend van aard moet wees. Wat gelykheid betref, moet toelating tot studie nie alleen regverdig wees nie, maar moet alle vorme van onregverdige differensiasie ook afgeskaf word. Dit veronderstel ook die indiensname en bevordering van die personeelkorps van 'n hoër onderwysinstelling. In die vorige afdeling is reeds na die vordering ten opsigte van die toelating van studente verwys.

In *Ad Destinatum III*, 1983-1992 word aangetoon dat daar in die tagtigerjare groot veranderinge aangebring is aan die bestuur van die Universiteit. Die Private Wysigingswet op die Universiteit van Pretoria, 1988 (Wet nr 78 van 1988) het sowel nuwe bestuurstrukture gemagtig as byvoorbeeld die wyse van die verkiesing van die Kanselier en die aanstelling van die Rektor en Viserektore bepaal.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die Raad van die Universiteit van Pretoria is ingestel deur die Private Wet op die Universiteit van Pretoria, 1930 (Wet nr 13 van 1930) wat verskeie kere gewysig is. In 1990 is dit gekonsolideer as Wet nr 106 van 1990. Artikel 9(1) van genoemde Wet bepaal dat die bestuur van die Universiteit by die Raad berus en reël ook die samestelling van die Raad.

Teen 1993 het die Raad uit slegs blanke mans bestaan. Twee lede van die Verteenwoordigende Studenteraad (VSR) het as waarnemers sitting op die Raad gehad.

In 1994 het die voorsitter en ondervoorsitter van die VSR volwaardige lede van die Raad geword. Die Ned Geref Kerk en die Ned Herv Kerk van Afrika het vir etlike jare elk 'n verteenwoordiger op die Raad benoem. Die toename van studente uit ander denominasies het hierdie reëling onhoudbaar gemaak en daarom is die gebruik gestaak toe die ampstermyne van hierdie benoemde lede verstryk het.

Met die beëindiging van die termyn van **mnr C du P Kuun** as voorsitter in 1994 is hy deur die ondervoorsitter **dr V E Hesse** opgevolg. **Appèlregter L T C Harms** is as ondervoorsitter verkies.

Dit was 'n geskiedkundige geleentheid in 1994 toe **prof A C Nkabinde**, **drr W R Hoods** en **K Mokhele** op die Raad benoem is. Afgesien van studenteverteenwoordiging is hiermee die eerste stappe geneem om die Raad meer verteenwoordigend van die bevolkingsamestelling te maak. Hierdie breër verteenwoordiging is aan die einde van 1996 verder uitgebrei toe **dr G M Ramokgopa** en **me B N Njobe-Mbuli** tot die Raad toegetree het. Die Breë Transformasieforum, wat in 1996 tot stand gekom het en waarna later meer volledig verwys sal word, het insette gelewer tot ministeriële benoemings op die Raad. Die geslagsamestelling het ook verander met die benoeming van **me Njobe-Mbuli** en **prof E D du Plessis**. Na die bedanking van **Appélregter Harms** in 1996 is **prof Du Plessis** tot ondervoorsitter verkies.

Die Statuut van die Universiteit is in 1999 gewysig om aan die bepalings van die Wet op Hoër Onderwys, 1997 (Wet nr 101 van 1997) te voldoen. Die gewysigde Statuut stel dat die Raad 'n beleidmakende en moniterende rol het en in die besonder daarvoor verantwoordelik is om riglyne neer te lê met betrekking tot strategiese beheer; finansiële beheer; personeelaangeleenthede; die skep van 'n positiewe akademiese klimaat; dissiplinêre aangeleenthede ten opsigte van personeel en studente; en die toelatings- en taalbeleid van die Universiteit.

Volgens die Statuut is die samestelling van die Raad soos volg: die Rektor; die Viserektore; vier lede van die Senaat; ses persone deur die Raad aangestel op grond van hulle kundigheid en ervaring; vier persone wat lede is van die Konvokasie van die Universiteit; vier studente deur die Verteenwoordigende Studenteraad aangewys; vier persone deur die Minister van Onderwys aangewys; vier persone deur plaaslike owerheidinstellings aangewys; twee persone verkies uit die donateurs van die Universiteit; en twee werknemerverteenwoordigers uit die geledere van die nie-akademiese personeel verkies.

Die Statuut bevat ook voorskrifte oor die termyn van die onderskeie kategorieë van raadslede en op watter wyse hulle aangewys moet word.

Na die bedanking van **dr Hesse** as voorsitter van die Raad, is **mnr B C Alberts op** 11 Oktober 1999 as die nuwe voorsitter verkies.

Die Statuut maak ook voorsiening vir 'n Vaste Komitee van die Raad om interim sake namens die Raad te hanteer. Hierdie komitee bestaan uit die voorsitter van die Raad; ondervoorsitter van die Raad; die Rektor; twee raadslede deur die Raad aangewys uit die geledere van raadslede wat permanente personeellede van die Universiteit is; en 'n raadslid deur die Raad aangewys uit die geledere van raadslede wat nie permanente personeellede is nie.

Na die inwerkingstelling van die Statuut is die Raad vanaf 10 Oktober 2000 soos volg saamgestel:

Minister van Onderwys: **me B Dibate, me L Gwagwa, me P Mabena**, vakant. (termyn: 10 Oktober 2000 - 9 Oktober 2004).

Konvokasie: **mnr Alberts** (voorsitter), **mnr A D Botha, prof Du Plessis** (ondervoorsitter), **mnr C H H Scheepers** (termyn: 10 Oktober 2000 - 9 Oktober 2004).

Senaat: **prof M E Muller** (termyn: 1 Maart 1999 - 9 Oktober 2004), **prof C W I Pistorius** (termyn: 10 Oktober 2000 - 9 Oktober 2004), **prof N Sauer** (termyn: 10 Oktober 1994 - 9 Oktober 2002), **prof S Vil-Nkomo** (termyn: 10 Mei 2000 - 9 Oktober 2004).

Plaaslike owerheidsinstellings: **mnr K T Chauke** (termyn: 1 Augustus 1999 - 9 Oktober 2003), Noordelike Pretoria Metropolitaanse Substruktuur (Akasia, Soshanguve, Rosslyn); **dr A B J van Jaarsveld** (termyn: 1 Augustus 2000 - 9 Oktober 2004); **mnr M J Mohlala** (termyn: 1 Augustus 2000 - 9 Oktober 2004); Vakant. Stadsraad van Pretoria.

Donateurs van die Universiteit: **mnr H J Smit**, (termyn: 10 Oktober 1998 - 9 Oktober 2002), **mnr L L Dippenaar** (termyn: 10 Oktober 2000 - 9 Oktober 2004).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Sentrale Studenteraad: **mnr A van der Merwe, me K Geerdts, mnr L Moodley** en **mnr L Swanepoel** (termyn: Augustus 2000 - Augustus 2001).

Deur die Raad benoem: **dr Hoods** (termyn: 10 Oktober 1998 - 9 Oktober 2002); **mnr N L Moikangoa** (termyn: 10 Oktober 1998 - 9 Oktober 2002); **mnr T T Thahane** (termyn: 10 Desember 1998 - 9 Oktober 2002); **dr W J Barnard** (termyn: 1 Augustus 1999 - 9 Oktober 2003); **dr N M Magau** (termyn: 1 Augustus 1999 - 9 Oktober 2003); **dr A T M Mokgokong** (termyn: 1 Augustus 1999 - 9 Oktober 2003); **dr B P Botha** (termyn: 10 Oktober 2000 - 9 Oktober 2004).

Rektor en Viserektore: **prof J van Zyl** (Visekanselier en Rektor); **prof C R de Beer** (Viserektor); **prof T Erasmus** (Viserektor); **prof S Marx** (Viserektor); **prof J Sinclair** (Viserektor).

Werknemersverteenwoordigers: (akademiese personeel): **prof L Maree** (termyn: 21 Junie 1999 - 9 Oktober 2003; **prof T J Scott** (termyn: 21 Junie 1999 - 9 Oktober 2003).

Werknemersverteenwoordigers: (nie-akademiese personeel): **mnr J H Beetge** (termyn: 21 Junie 1999 - 9 Oktober 2003; **mnr T G Kruger** (termyn: 21 Junie 1999 - 9 Oktober 2003).

Die Senaat: die gewysigde Statuut bepaal dat die Senaat sy werksaamhede onder die beheer van die Raad verrig en is, wat akademiese en navorsingsaangeleenthede betref, aan die Raad verantwoordbaar.

Die Senaat het as verantwoordelikhede: akademiese beplanning en ontwikkeling; die regulering van alle werksaamhede van die Universiteit met betrekking tot onderrig, leer en navorsing; om aanbevelings by die Raad te maak oor aangeleenthede wat op onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens betrekking het; en om enige ander funksie te verrig wat die Raad aan die Senaat mag toewys of delegeer.

Die Senaat word saamgestel uit persone wat ampshalwe lede van die Senaat is, naamlik die voorsitter van die Raad; ondervoorsitter van die Raad; Rektor; Viserektore; uitvoerende direkteure; dekane, adjunkdekane en die akademiese personeel met 'n soortgelyke status; registrateur; direkteure wat hoofde van skole is; direkteure van die ondersteuningsafdelings wat vir die volgende werksaamhede binne die Universiteit verantwoordelik is: akademiese inligtingsdiens; onderrigondersteuning; navorsingsondersteuning; inligtingtegnologie; telematiese onderwys; openbare betrekkinge en bemarking; institusionele navorsing en beplanning; en die voorsitter en ondervoorsitter van die Institusionele Forum.

Die Senaat sluit ook in lede wat aangewys of verkies word, naamlik vier lede deur die Verteenwoordigende Studenteraad; twee werknemersverteenwoordigers, wat nie reeds Senaatslede is nie, verkies uit die geledere van die permanente akademiese personeel; en twee verteenwoordigers van opvoedkundige inrigtings wat, ingevolge onderlinge ooreenkoms met die Universiteit, geregtig is om verteenwoordigers op die Senaat aan te wys.

Die Statuut bepaal verder dat benewens die Uitvoerende Bestuur van die Senaat, die Senaat 'n aantal vaste komitees kan aanwys om die Uitvoerende Bestuur van die Senaat in staat te stel om sy werksaamhede te kan verrig, naamlik die Akademiese Beplanningskomitee; Komitee vir Onderrig, Navorsing en Kwaliteitsversekering; Aanstellingskeurkomitee; Roosterkomitee; Komitee vir Studentetug; en Fakulteitsrade. (Hierdie raad van elke fakulteit is 'n vaste komitee van die Senaat.)

Hoofbestuur/Rektoraat: **mnr H S Hurter** het op 31 Desember 1992 as registrateur afgetree. **Prof De Beer** is met ingang 1 Januarie 1993 as registrateur aangestel. **Prof J J Stadler** het op 31 Januarie 1995 as viserektor afgetree en in sy plek is **prof De Beer** met ingang 1 Junie 1995 aangestel. **Prof J A Boon** is in sy plek as registrateur aangestel. **Prof C W I Pistorius** het op 31 Desember 1995 as viserektor afgetree en is vanaf 1 Januarie 1996 deur **prof Marx** opgevolg. **Prof P Smit** het op 31 Desember 1996 na 'n termyn van vyf jaar as Visekanselier en Rektor uit die diens van die Universiteit getree.

Die aanwysing van 'n nuwe Visekanselier en Rektor sou op 'n veel meer demokratiese wyse as in die verlede geskied. Na wye oorlegpleging gedurende 1996 is bepaalde prosedures wat gevolg moes word op 17 Julie 1996 deur die volle Breë Transformasieforum (BTF) aanvaar. Die proses kan kortliks soos volg saamgevat word. Die pos moet wyd geadverteer word. 'n Keurkomitee stel 'n kortlys uit kandidate saam. Daarna sal die BTF elk van hierdie kandidate breedvoerig bespreek op grond van die volledige beskikbare dokumentasie en kriteria wat tydens die onderhoude deur die Keurkomitee gebruik is. Die bespreking met betrekking tot elke kandidaat word opgesom as stawende dokumentasie vir voorlegging aan die Keurkomitee. Elk van die 29 lede van die BTF sal objektief per geslote stembrief besluit oor die aanstelbaarheid van elke kandidaat in terme van 'n Ja of Nee. Die totale getal stemme vir elke kandidaat op die kortlys sal genotuleer word en die uitslag aan die Keurkomitee voorgelê word. Strydig met die bepalings van die Ooreenkoms om die BTF te stig, is daar besluit dat hierdie 'n geslote vergadering sal wees en dat die aanbevelings aan die Keurkomitee vertroulik sal wees.

Die pos is geadverteer. SASCO het egter protes aangeteken oor die prosedure wat gevolg is. Twee noodvergaderings is in September gehou. Na onderhandeling is daar besluit om weer die pos te adverteer met 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof C R de Beer



Prof J J Stadler



Prof J A Boon



Prof C W I Pistorius



Prof S Marx



Prof T Erasmus

Prof J Sinclair

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


Prof N C Manganyi


Prof J A G Malherbe


Prof N Grové

nuwe sluitingsdatum vir aansoeke en nominasies op 27 September 1996. Alle belangegroepe het hulle opnuut tot die proses verbind.

Tydens 'n spesiale vergadering van die BTF op 3 Oktober 1996 is die advies van die BTF ten opsigte van die aanstelbaarheid van die kandidate uitgebring. Die aanbevelings is aan die Keurkomitee vir oorweging gestuur. Daarna is die name aan die Senaat en Raad voorgelê en is **prof Van Zyl**, wat sedert 1 Augustus 1996 as viserektor gedien het, as Visekanselier en Rektor met ingang 1 Januarie 1997 aangestel.

Prof Sinclair is van 1 Oktober 1997 as uitvoerende direkteur - met dieselfde status, verantwoordelikhede en bevoegdhede as 'n viserektor - aangestel. Dié posbenaming is vanaf 21 Februarie 2000 na dié van viserektor verander. **Prof N C Manganyi** is met ingang 1 Augustus 1999 as adviseur vir die Visekanselier en Rektor aangestel. **Prof J A G Malherbe** het op 1 Januarie 2000 Uitvoerende Direkteur: Projekte geword om die samewerking tussen die Universiteit en die WNNR te bestuur. **Prof N Grové** is sedert 1 Maart 2000 registrateur nadat die pos lank vakant was na die aanstelling van **prof Boon** in Augustus 1997 as Direkteur: Telematiese Leer en Onderwysinnovasie.

Dr A E Rupert het aan die einde van 1996 as Kanselier uitgetree. 'n Taakgroep is aangestel om 'n prosedure voor te stel vir die verkiesing van 'n nuwe Kanselier. Die BTF het op 17 Februarie 1997 die voorstelle goedgekeur en dit by die Kieskollege aanbeveel. **Dr C L Stals** is hiervolgens as Kanselier verkies en is op 23 Mei 1997 ingehuldig.

Soos die landskap van hoër onderwys nasionaal en internasionaal verander, het die aard, omvang en kompleksiteit van bestuursverantwoordelikhede aan die Universiteit toegeneem. 'n Reeks ondersoeke is sedert 1997 na onder meer die ondersteuningsdienste, finansies, akademiese administrasie en personeel onderneem. Vir doeleindes van hierdie bespreking word hier net verwys na die opdrag aan PricewaterhouseCoopers deur die Universiteit om ondersoek in te stel na algemene bestuursprojekte met spesiale verwysing na die uitvoerende bestuur, senior bestuur en die rol van die Buro vir Institusionele Navorsing en Beplanning (BINEB) om inligting vir die strategiese bestuur van die Universiteit te verskaf.

Die finale verslag, getiteld: *University of Pretoria, General Management Project* is op18 Augustus 1999 beskikbaar gestel. Die verslag het verreikende aanbevelings bevat en sou geleidelik geïmplementeer word. Wat Hoofbestuur betref, is op 'n interim toewysing van verantwoordelikhede besluit. Na die vestiging van bestuurstrukture op byvoorbeeld fakulteitsvlakke sal die proses van strategiese passing op Hoofbestuursvlak voortgesit word. Vanaf 21 Februarie 2000 was die verantwoordelikhede en bevoegdhede van Hoofbestuur soos volg:

Rektor, **prof Van Zyl** en Kantoor van die Rektor: benewens die verantwoordelikheid wat verband hou met die posisie van hoofuitvoerende beampte van die Universiteit, sal die Rektor steeds direkte lynverantwoordelikheid vir die Departement Bemarking en Kommunikasie behou. Die Kantoor van die Rektor sal ook direk onder hom ressorteer. Dit sluit in: die Kwaliteitsbevorderingseenheid; oorhoofse strategiese institusionele koördinering en die ontwikkeling van 'n bestuursinligtingseenheid (wat bestaande BINEB-funksies omsluit); die vestiging van inligtingtegnologie en -stelsels; die inwerkingstelling van die strategiese alliansie tussen die Universiteit en die WNNR; en ander *ad hoc*-strategiese inisiatiewe. Met die oog op die vestiging van die Kantoor van die Rektor is **prof Manganyi** as Spesiale Raadgewer vir die Rektor aangestel. **Prof Manganyi** sal veral op spesiale *ad hoc*-projekte konsentreer.

Prof Malherbe is voltyds verantwoordelik vir die bestuur en implementering van die Universiteit se strategiese alliansie met die WNNR. **Prof A P du Toit** is vir 'n tydperk van twee jaar vir 80 persent van sy tyd na die Kantoor

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof A P du Toit

Dr A Paterson

van die Rektor gesekondeer waar hy as hoof van die Kwaliteitsbevorderingseenheid sal funksioneer. Sy taak is om hierdie funksie binne die totale werksveld van die Universiteit te vestig en uit te bou. Daar is voorts besluit om **dr Adi Paterson**, uitvoerende visepresident in diens van die WNNR, vir 'n termyn van twee jaar vir 50% van sy tyd na die Kantoor van die Rektor te sekondeer. Hy is verantwoordelik vir strategiese institusionele koördinering en die vestiging van inligtingtegnologie en -stelsels teen die agtergrond van die strategiese alliansie met die WNNR en die vestiging van die hoë tegnologie fasiliteit tussen die Universiteit en die WNNR. Die Departement Inligtingtegnologie (UP) sal direk aan hom rapporteer. Die verantwoordelikheidsterreine wat aan die viserektore toegeken is, behels:

Viserektor: **prof Erasmus**: die fakulteite Geneeskunde; Tandheelkunde; Veeartsenykunde; Natuur-, Landbou- en Inligtingwetenskappe; Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie; die departemente Navorsingsondersteuning; en die Akademiese Inligtingsdiens.

Viserektor: **prof Marx**: departemente Finansies; Fasiliteite en Dienste; en die Afdeling Risikobestuur (Veiligheidsdienste).

In die lig daarvan dat verantwoordelikheid vir die strategiese institusionele koördinering en vestiging van inligtingtegnologie en -stelsels in die Kantoor van die Rektor gesetel sal wees, sal **prof Marx** voortaan nie die lynverantwoordelikheid vir die Departement Inligtingtegnologie hê nie.

Viserektor: **prof De Beer**: hy behou lynverantwoordelikheid vir Studentesake en vir Sport en Rekreasie. 'n Aantal strategiese projekte wat uit die herposisionering van die Universiteit op akademiese gebied en uit 'n aantal steundienste voortgevloei het, is ook sy verantwoordelikheid. **Prof De Beer** sal hierdie projekte verder voer en het verantwoordelikheid vir: personeel (insluitende arbeidsverhoudinge); akademiese administrasie; die inlywing van die Onderwyskollege van Pretoria; die fakulteite Opvoedkunde en Teologie; en die MIV-Eenheid. Sodra die betrokke projekte voltooi is, sal **prof De Beer** se lynverantwoordelikhede weer eens oorweeg word.

Viserektor: **prof Sinclair**: in opvolging van die aanbevelings van die konsultante en na oorleg met alle rolspelers, het die Raad goedgekeur dat **prof Sinclair** se pos van uitvoerende direkteur na dié van viserektor gewysig word. Hierdie strategiese passing was noodsaaklik om uitvoering te gee aan die hertoedeling van verantwoordelikhede tussen die bestaande lede van Hoofbestuur. Dit lei verder daartoe dat sy verantwoordelikheid aanvaar vir die fakulteite Regsgeleerdheid; Ekonomiese en Bestuurswetenskappe; en Geesteswetenskappe.

Eenhede soos die Eenheid vir die Ontwikkeling van Taalvaardigheid, wat in die verlede direk aan **prof De Beer** gerapporteer het, is na toepaslike skole in die Fakulteit Geesteswetenskappe teruggeplaas. Met die oog op gestaltegewing aan die huidige samehang tussen die voormelde fakulteite en die Departement Telematiese Leer en Onderwysinnovasie, het **prof Sinclair** ook lynverantwoordelikheid vir laasgenoemde aanvaar. **Prof Sinclair** sou ook steeds die Universiteit op FOTIM verteenwoordig en verantwoordelikheid neem vir die mentorskapprojek wat die Mellon Foundation in die VSA aan die Universiteit toegewys het.

Registrateur: **prof Grové**: sy terreine van verantwoordelikheid sou aanvanklik hoofsaaklik Institusionele Toesighouding en Korporatiewe Regsdienste wees.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n Breë Transformasieforum (BTF)

Die Visekanselier en Rektor het tydens sy inhuldigingstoespraak in 1992 die beginsels van deursigtigheid en legitimiteit beklemtoon. Dit het algaande duidelik geword dat inklusiwiteit, deursigtigheid en lidmaatskap van alle legitieme belangegroepe noodsaaklik was.

Na 'n deeglike en intensiewe onderhandelingsproses wat reeds in 1995 van stapel gestuur is, is die Breë Transformasieforum (BTF) deur die ondertekening van 'n ooreenkoms daartoe, formeel op 12 Junie 1996 gestig. Lidmaatskap was oop vir alle legitieme belangegroepe binne die Universiteitsgemeenskap. Besluitneming sou op die basis van konsensus geskied. Die waagmoed van die Universiteit om in te stem dat besluite van die BTF bindend op die Universiteitsraad sou wees, is beide bewonder en veroordeel.

Aanvanklik was die volgende instansies in die BTF verteenwoordig: die nuwe Verteenwoordigende Studenteraad (sien **Hoofstuk 4, Studentesake**) se sewe partye het elk 'n verteenwoordiger gehad; daar was ook twee van die Senaat, die Raad, Hoofbestuur, Akademiese Bestuursvergadering, die National Education and Health Workers Union (NEHAWU) die Universiteit van Pretoria Personeelvereniging (UPP) en Tuks Alumni. In Augustus 1996 sou die nuutgestigte Universiteit van Pretoria Werknemersorganisasie (UPWO) en die Hoofde van Ondersteuningsdienste ook met twee verteenwoordigers toetree. Na die Studenteraadsverkiesing in September 1999 het nog vier studentepartye bygekom waardeur die verteenwoordiging van studente van sewe tot 11 verhoog is. Die totale ledetal het op 29 te staan gekom.

Prof I C Uys (Senaat) en **me I du Plessis** (Sentrale Studenteraad) is as medevoorsitters verkies.

Die BTF het 'n aantal taakgroepe aangewys wat onder meer die volgende moes ondersoek: die herstrukturering en demokratisering van bestuurstrukture; die bevordering van rasseharmonie in koshuise; die nominasie van nuwe ministeriële verteenwoordigers op die Universiteitsraad; toelatings; die visie, missie en waardestelsel; en finansiële steun aan behoeftige studente. Waardevolle insette is in dié verband gelewer.

Die werksaamhede van die BTF sou egter nie sonder stampe en stote voortgaan nie. So het SASCO in 1997 uit die SSR onttrek en het derhalwe volgens die konstitusie van die BTF sy verteenwoordiging verloor. Nieteenstaande lang prosesse van mediasie - onder meer om eise van NEHAWU te akkommodeer - kon eenstemmigheid nie bereik word nie.

'n Spesiale vergadering van die BTF is vir 2 September 1997 belê en is deur die Rektor toegespreek. Na 'n lang debat is daar onder meer ooreengekom om studenteverteenwoordiging tot sewe te verminder; om voorsiening te maak vir drie verteenwoordigers van NEHAWU asook vier verteenwoordigers aan 'n nuwe groepering, Histories Benadeelde Groepe, te gee. Die BTF sou uit 27 lede saamgestel wees.

Na die aftrede van **prof Uys** is **prof Grové** as medevoorsitter aangewys. Die BTF het ook vir **mnr A Botma** versoek om sy medevoorsitterskap voort te sit, ten spyte van die feit dat sy termyn op die Studenteraad ten einde geloop het.

Terugskouend het die BTF, nieteenstaande baie geboortepyne, waardevolle insette gelewer. Dit was as praatbuis en klankbord 'n belangrike forum om beslag aan die transformasieprosesse te gee. Belangrike sake soos die formulering van 'n taalbeleid kon egter nie afgehandel word nie.

Een van die laaste take van die BTF was om die konstitusie van die Institusionele Forum wat ingevolge die Wet op Hoër Onderwys nr 101 van 1997 (Hoofstuk IV, artikel 31) vereis word, te bespreek. Hieroor is op 20 April 1999 eenstemmigheid bereik.

Tydens die finale vergadering van die BTF op 24 Mei 1999 is die status van alle sake op die agenda geëvalueer en is verskeie sake as afgehandel beskou, maar ander is na die te stigte Institusionele Forum verwys. Die BTF het daarna ontbind.

Die Institusionele Forum

Die daarstelling van die Institusionele Forum was toe op die agenda. Die voorskrifte is vervat in die UP Wysiging van Statuut 20/88 van 10 Junie 1999, Hoofstuk IVa.

Tydens die eerste vergadering op 21 Oktober 1999 is die Institusionele Forum formeel gekonstitueer en is **prof Grové** en **dr Magau** eenparig tot onderskeidelik voorsitter en ondervoorsitter verkies. Ook is 'n Uitvoerende Komitee wat verantwoordelik is vir die beheer, bestuur en administrasie van die Forum op 'n dag-tot-dag basis verkies.

Die samestelling van die Forum verseker maksimum verteenwoordiging van: Hoofbestuur; die Raad; Senaat; vakbonde en personeelverenigings; studente wat op setels in die Verteenwoordigende Studenteraad geregtig is;

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

sowel as 'n maksimum van die personeel- en studentelede wat deur die Raad aangewys word na konsultasie met die Forum.

Die funksies en aktiwiteite van die Forum sluit in advies aan die Universiteitsraad oor sake soos: die implementering van die Wet op Hoër Onderwys (1997); die formulering van beleid ten opsigte van ras en gelykheid; die keuring van kandidate vir senior bestuursposisies; 'n gedragskode; prosedures vir mediasie en dispuutbeslegting; die formulering van beleid vir die bevordering van 'n institusionele kultuur wat deur verdraagsaamheid, respek vir basiese menseregte en 'n positiewe akademiese klimaat gekenmerk word; en die bestuur van 'n kultuur van diversiteit op die Universiteit se kampusse.

Die Institusionele Forum is gemagtig om taak- en werkgroepe aan te stel. 'n Aantal werkgroepe is getaak om die onafgehandelde sake van die BTF, byvoorbeeld die taalbeleid, verder te ondersoek, en nuwe taakgroepe is benoem om 'n verskeidenheid sake wat verband hou met die implementering van die Wet op Hoër Onderwys, transformasie en diversiteit te ondersoek.

Arbeidsaangeleenthede

Op die gebied van arbeidsverhoudinge en die bestuur van menslike hulpbronne was daar die afgelope aantal jare dramatiese veranderinge. In wese het werknemers veel meer beskerming as in die verlede verkry, en die verantwoordelikhede van werkgewers het dienooreenkomstig toegeneem. Deursigtigheid, regverdige prosedures in werwing, keuring en bevordering en streng regulering ten opsigte van uitdiensstelling, dra almal daartoe by om arbeid 'n komplekse en uitdagende aangeleentheid vir alle organisasies te maak.

Binne die hoër onderwyssektor moet die wetlike ontwikkelings binne verband gebring en verstaan word teen die agtergrond van toenemende eise en verminderende (in reële terme) finansiële hulpbronne.

Die mees kontroversiële wetgewing is die wet oor gelyke indiensneming (Wet nr 55 van 1998). Dit vereis dat instellings - soos die Universiteit - moet verseker dat planne in plek gestel en deur die Departement van Arbeid goedgekeur word, wat verseker dat die demografiese samestelling van die personeel baie nouer as in die verlede die samestelling van die nasionale bevolking en die poel van geskikte gekwalifiseerde personeel weerspieël.

Die Universiteit het reeds sedert 1994 die bereiking van 'n meer diverse personeelkorps, en by name swart persone en vroue, as 'n prioriteit gestel. Stappe is gedoen om swart personeellede te werf. Swart kundiges is toenemend op komitees van die Universiteit benoem. Hierdie beleid het ook neerslag gevind in die strategiese beplanningsdokument *Op pad na die Nuwe Millennium 1998 - 2001* en die *Three-Year Rolling Plan 2000-2002* asook in 'n aantal beleidsdokumente soos die *Interim Policy on Equality, Employment Equity and Diversity.*

Die Universiteit het verskeie inisiatiewe geneem om hierdie uitdagings suksesvol aan te spreek. Een daarvan was die vestiging van die Afdeling vir Gelyke Indiensneming in 1999. (Die werksaamhede van hierdie afdeling word later bespreek.) Dit is egter belangrik om in hierdie verband die volgende te noem: die ontwikkeling van die eerste formele Plan vir Gelyke Indiensneming; die vestiging van 'n Forum vir Gelyke Indiensneming; die opleiding van keurkomitees en die verkryging van fondse om die fisiese fasiliteite by die Universiteit meer toeganklik vir gestremde personeel en studente te maak.

Van groot belang is die mentorprogram wat die ontwikkeling van 'n poel sterk jong akademici uit veral die voorheen benadeelde gemeenskappe verseker. Die Andrew W Mellon Foundation het in Oktober 1998 $1,75 miljoen aan die Universiteit beskikbaar gestel om dié program in werking te stel. Dit behels die koppeling van 'n senior akademikus wat 'n bewese akademiese rekord het met 'n doktorale of magister-student in 'n verhouding wat die student sal help om 'n akademiese profiel te ontwikkel met die oog op indiensneming na die verwerwing van die betrokke kwalifikasie. Teen die einde van 2000 is 37 sodanige toekennings gemaak.

Die agterstande wat in die verlede opgebou het, veroorsaak dat die korps van ervare en gekwalifiseerde swart akademici nie groot is nie. Boonop het universiteite se salarisskale vergeleke met dié van beide die openbare en private sektore agter geraak. Die Raad vir Hoër Onderwys het die 1998/99-jaarverslag daarop gewys dat in die periode 1993-1998 Afrikane se aandeel van die akademiese personeelkorps aan universiteite van 7% tot 12% verbeter het, teenoor die aandeel van blankes wat van 87% tot 80% afgeneem het.

Aan die einde van 1992 het die permanente doserende personeel aan die Universiteit 876 getel. Almal was blankes en vroue het slegs 24,7% van die permanente doseerkorps uitgemaak. Teen 31 Desember 2000 het die permanente doserende personeelkorps tot 1 031 aangegroei waarvan Afrikane, kleurlinge en Asiërs 96 of 9,3% uitgemaak het. Die posisie van vroue is versterk en het tot 38% toegeneem.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Kwaliteitsversekering en akademiese herstrukturering

Kwaliteitsversekering het gedurende die tagtiger- en negentigerjare hoog op die agendas van hoër onderwysinstellings verskyn. Die vinnige toename in beide studentegetalle en studierigtings het ook in Suid-Afrika gevaarligte oor die handhawing van akademiese standaarde laat flikker.

'n Ondersoek na akademiese standaarde by universiteite in die RSA is in 1987 op versoek van die AUT voltooi. Hierin is die ongelykhede in akademiese standaarde by universiteite uitgewys en aanbevelings gedoen om dit te verbeter. Die vinnige toename in studentegetalle, die verandering in die samestelling van die studentebevolking en die ontwikkeling van 'n satellietkampus op Witbank het onder meer daartoe gelei dat akademiese standaarde 'n hoë prioriteit by die Universiteit geword het.

Tydens die opening van die akademiese jaar in 1993 het die Rektor, **prof Smit**, aangekondig dat kwaliteitsbeheer op 'n sistematiese wyse aangepak sal word. Die aanvoorwerk vir 'n proses van institusionele selfevaluering is gedoen.

'n Belangrike mylpaal is in 1993 bereik toe 'n eerste vyfjaarplan, *Raamwerk vir Strategiese Beplanning, 1993-1997* gepubliseer is. Hierin is doelwitte aangetoon en is dit duidelik gestel dat die Universiteit slegs op dié terreine sal konsentreer waarop uitnemendheid bereik is of bereik kan word. Die boodskap was duidelik dat kwaliteit nie op al die terreine - en veral nie vanaf die voorgraadse tot doktorale vlak van opleiding - gewaarborg kan word nie.

In 1994 is 'n handleiding getiteld: *Riglyne vir Institusionele Selfevaluasie* saamgestel om die proses van selfevaluasie te fasiliteer. Terselfdertyd is 'n stelsel ontwerp en in werking gestel waarvolgens dosente deur studente geëvalueer word.

Akademiese departemente het aan die hand van dié riglyne en met behulp van die inligting wat deur die nuutgestigte Buro vir Institusionele Navorsing en Beplanning (BINEB) verskaf is, deeglik oor onderrig- en navorsingsprogramme besin. Elke departement het doelwitte gestel om onder meer slaagsyfers te verbeter en navorsingsuitsette te verhoog. Hierdie proses is deurlopend deur Hoofbestuur gedryf en gemoniteer. Hoewel dit nie 'n hoofoorweging was nie, het dit tot rasionalisasie gelei.

Na die eerste rondte van selfevaluasie het departemente, skole en selfs fakulteite hulself vir eksterne evaluasie aangebied. Fondse is spesiaal vir eksterne evaluasie begroot en kundiges uit die buiteland is by die proses betrek.

Kwaliteitsversekering is egter nie net beperk tot suiwer opleiding en navorsing nie. Ten einde 'n voorbeeld te stel en deursigtigheid te bevorder, is die Raad van die Universiteit versoek om die Kantoor van die Visekanselier en Rektor ekstern te laat evalueer. 'n Bekende ouditeursfirma het die oudit gedoen en die verslag is aan die Senaat voorgelê. In 1996 is die kantoor van die registrateur deur kundiges van buite geëvalueer. Die Afdeling Navorsingsadministrasie en Ontwikkeling asook die Akademiese Inligtingsdiens is onderskeidelik in 1997 en 1998 geoudit. Verskeie ander ondersteuningsdienste is in 1998 en 1999 deur buitekonsultante geëvalueer. (Die stappe om kwaliteitsbeheer by ondersteuningsdienste te bevorder, byvoorbeeld deur die instelling van Prestasiebestuur, word hieronder bespreek.)

In die lig van die vordering wat die Universiteit sedert 1993 met kwaliteitsversekering gemaak het, is die Kwaliteitsbevorderingseenheid van die destydse KUH in 1996 uitgenooi om 'n omvattende oudit van die Universiteit se aktiwiteite te doen. Ter voorbereiding vir hierdie oudit is 'n omvattende dokument, getiteld: *Audit Portfolio* op 30 September 1997 voltooi.

Die evalueringskomitee wat nasionale en internasionale kundiges ingesluit het, het die Universiteit op 13, 14 en 15 Oktober 1997 besoek. 'n Relatief gunstige verslag, waarin sterk- en swakpunte uitgewys is, is vrygestel. Die Universiteit het op die verslag gereageer en onderneem om swakpunte aan te spreek en byvoorbeeld fokusgebiede vir onderrig en navorsing te identifiseer.

Kwaliteitsversekering is 'n deurlopende proses en 'n kultuur van volgehoue verbetering moet by steundienste-personeel en dosente gekweek word. In 1999 het die Universiteit 'n nuwe fase in sy program van kwaliteitsversekering betree toe die Senaat nuwe addisionele kwaliteitsversekeringsmaatreëls, *Guidelines for Institutional Self-evaluation* gepubliseer het. Die Universiteit het na 'n uitkomsgebaseerde akademiese model oorgeskakel en gepaardgaande programme en modules daarvoor ontwerp. Die dokument onder die benaming: *Riglyne vir Institusionele Selfevaluasie* wat in 1994 gepubliseer is, is in 1999 opgedateer. Riglyne is ook vir eksterne evaluasie ontwikkel en in 2000 is meer as R500 000 daarvoor begroot.

Soos reeds gemeld, moes alle onderrigprogramme teen 30 Junie 2000 volgens bepaalde voorskrifte van SAKO, met die oog op voorlopige registrasie, voorgelê word. Die Universiteit het hierdie geleentheid gebruik om sy akademiese aanbod noukeurig te evalueer. Alle kwalifikasies is aan die riglyne vir institusionele selfevaluasie onderwerp met die oog op voorlopige registrasie by SAKO. Dit het grootskaalse vernuwing en die grondige herontwerp van talle onderrigprogramme tot gevolg gehad.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n Eenheid vir Kwaliteitsversekering ressorteer sedert 2000 onder hoofskap van **prof Du Toit** en setel in die Kantoor van die Rektor. Dit maak 'n belangrike komponent van toekomstige strategiese beplanning uit. Die doel is om die standaard van kwalifikasies te verseker deur die totale akademiese aanbod te moniteer en voortdurend te verbeter sodat die Universiteit nasionaal en internasionaal sy regmatige plek as hoër onderwysinstelling verseker. (Sien verder **Hoofstuk 4, Eenheid vir Kwaliteitsversekering**.)

Die vinnige toename in die studentetal het noodwendig tot die instelling van nuwe kursusse, akademiese departemente, eenhede en buro's gelei. Die verskuiwing in studente se voorkeure van studierigtings, die veranderende navorsingsbehoeftes en die feit dat die befondsingsvlak van die subsidieformule feitlik 'n volgehoue daling getoon het, het rasionalisasie noodsaaklik gemaak.

In die begin van die negentigerjare is riglyne opgestel waaraan navorsingsinstitute en -buros moes voldoen. Dit het daartoe gelei dat nege navorsingsinstitute uitgefaseer is. Van 1990-1992 is 11 departemente gekonsolideer en 'n aantal na ander fakulteite oorgeplaas.

Sedert 1993 het verskeie departemente saamgesmelt, soos Semitiese Tale en Grieks tot Antieke Tale; Frans en Duits tot Moderne Europese Tale; en Grondkunde, Plantvoeding en Plantproduksie tot Plantproduksie en Grondkunde. In 1994 het 'n groot herstrukturering plaasgevind toe departemente soos Dierkunde en Entomologie, Huishoudkunde, Plantkunde en Genetika van die Fakulteit Natuurwetenskappe na die Fakulteit Landbouwetenskappe oorgeplaas is en dit die Fakulteit Biologiese en Landbouwetenskappe geword het. Landmeetkunde en Kartering, en Aptekerswese is uitgefaseer.

Daar het ook 'n aantal nuwe departemente en navorsingsinstellings tot stand gekom soos Bemarkings- en Kommunikasiebestuur; Toerismebestuur; Finansiële Bestuur; Ingenieurs- en Tegnologiebestuur en die Gordon Institute of Business Sciences (vir laasgenoemde sien die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe). Belangrike navorsingsinstellings was die Instituut vir Tegnologiese Innovasie, die Instituut vir Toegepaste Minerale, die Eenheid vir Vigsnavorsing en die Skool vir Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid.

Die stigting van 'n tweede Fakulteit Veeartsenykunde by Medunsa net 20 km vanaf die tradisionele Fakulteit Veeartsenykunde van die Universiteit van Pretoria kan beslis nie op ideologiese gronde geregverdig word nie. Veeartsenykundige opleiding is wêreldwyd besonder duur. Die logika vir die samesmelting was dus voor-die-handliggend. Dit sou egter lang en uitgerekte onderhandelinge verg voordat die twee fakulteite van Julie 1999 formeel as een fakulteit sou funksioneer. Hierdie samesmelting hou verreikende implikasies in vir veeartsenykundige opleiding, navorsing en dienslewering.

Die Universiteit en die Onderwyskollege van Pretoria het vir dekades goed saamgewerk. Die eerste samesmeltingsooreenkoms tussen dié twee instansies het byvoorbeeld op 30 Junie 1978 in werking getree. Na die aanvaarding van die Wet op Hoër Onderwys (1997) was die inlywing van sekere onderwysersopleidingskolleges by universiteite en technikons 'n voldonge feit. Die Rade van die Universiteit van Pretoria en die Onderwyskollege van Pretoria het gedurende Junie en Julie 1998, onderskeidelik, besluit dat inlywing ondersteun word. Die Rade van die instellings het die nodige voorleggings aan die Minister van Onderwys gemaak en die twee Rade was dit eens dat inlywing so gou moontlik moes geskied.

Die Minister het op 24 Junie 1999 'n kennisgewing in die *Staatskoerant* gepubliseer waarin hy sy voorneme aantoon om die Onderwyskollege as 'n subdivisie van die Universiteit in te lyf. Die inlywing is op 15 Desember 2000 by wyse van 'n kennisgewing in die *Staatskoerant* formeel geproklameer en sal op 31 Januarie 2001 in werking tree.

Die digitale revolusie het onder meer daartoe bygedra dat daar wêreldwyd 'n paradigmaverskuiwing in wetenskapbeoefening plaasvind. Die enkeldissiplinêre benadering maak toenemend plek vir inter- en intradissiplinêre benaderings tot onderrig en navorsing. Die noodsaaklikheid vir groter interdissiplinêre benaderings, relevansie en sterker fokus op uitkomste is herhaaldelik in beleidsdokumente soos die *Audit Portfolio 1997*, die tweede vyfjaarplan *Op pad na die Nuwe Millennium* en die *Rolling Three-Year Plan 2000-2002* gestel. Die voorskrifte van SAKO waaraan kwalifikasies moes voldoen, het verdere momentum aan 'n programbenadering gegee. Waar studente in die verlede vir 'n bepaalde graadkursus geregistreer het, sal studente in die toekoms vir programme registreer wat uit kern- en keusemodules bestaan.

Feitlik op dieselfde tydstip toe die Universiteit oor 'n nuwe struktuur vir fakulteite, departemente en skole begin besin het, is opdrag aan PricewaterhouseCoopers se Bestuursdienste gegee om 'n ondersoek te doen na algemene bestuurspraktyke met spesiale verwysing na uitvoerende bestuur, senior bestuur en die rol van BINEB ten opsigte van inligtingsverskaffing vir strategiese bestuur. Dié verslag is op 18 Augustus 1999 vrygestel. In Augustus 1999 is op die volgende struktuur vir fakulteite en skole besluit:

- Fakulteit Geesteswetenskappe: (voorheen Fakulteit Lettere en Wysbegeerte): Skool vir Tale; Skool vir Sosiale Wetenskappe; en Skool vir Kunste.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

- Fakulteit Opvoedkunde: Skool vir Opvoedingswetenskappe; en Skool vir Onderwysopleiding.
- Fakulteit Natuur-, Landbou- en Inligtingwetenskappe: hierdie fakulteit verteenwoordig 'n samevoeging van sekere departemente in die Fakulteit Natuurwetenskappe en die Fakulteit Biologiese en Landbouwetenskappe: Skool vir Wiskundige Wetenskappe; Skool vir Fisiese Wetenskappe; Skool vir Biologiese Wetenskappe; Skool vir Landbouwetenskappe; en Skool vir Inligtingtegnologie.
- Fakulteit Regsgeleerdheid: dié fakulteit bestaan uit die volgende departemente: Privaatreg; Handelsreg; Regsgeskiedenis, Regsvergelyking en Regsfilosofie; Formele Reg; Publiekreg; en Regspluralisme en Regshermeneutiek.
- Fakulteit Teologie: Afdeling A (Nederduits Hervormde Kerk van Afrika) en Afdeling B (Nederduitse Gereformeerde Kerk) is geamalgameer in ses nuwe departemente. Verdere herstrukturering sal voor Desember 2004 plaasvind. Die fakulteit bestaan uit die volgende departemente: Kerkgeskiedenis en Kerkreg; Dogmatiek en Christelike Etiek; Ou-Testamentiese Wetenskappe; Nuwe-Testamentiese Wetenskappe; Praktiese Teologie; en Godsdiens- en Sendingwetenskappe.
- Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe: die Skool vir Bestuurswetenskappe; Skool vir Ekonomiese Wetenskappe; en die Skool vir Finansiële Wetenskappe.
- Fakulteit Veeartsenykunde: dit bestaan uit die volgende departemente: Anatomie; Veterinêre Produksie en Etologie (voorheen Veterinêre Etologie); Patologie; Geslagskunde; Geselskapdierchirurgie (voorheen Chirurgie); Veterinêre Tropiese Siektes; Geselskapsdiergeneeskunde (voorheen Geneeskunde); Paraveterinêre Studies ('n nuwe departement); Produksiedier en Gemeenskapsgesondheid (voorheen Diere- en Gemeenskapsgesondheid). Die chirurgie en geneeskunde van produksiediere is hierby ingesluit. Die werksaamhede van die Departement Pluimveegesondheid is ingevoeg by dié van die Departement Produksiedier en Gemeenskapsgesondheid.
- Fakulteit Gesondheidswetenskappe: die fakulteite Geneeskunde en Tandheelkunde sal in 2001 in hierdie nuwe fakulteit gekonsolideer word: Skool vir Geneeskunde; Skool vir Gesondheidsorgwetenskappe; Skool vir Patologie Wetenskappe; Skool vir Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid; Skool vir Mondgesondheidswetenskappe. (Daar is later besluit om die naam Tandheelkunde te behou).
- Fakulteit Ingenieurswese en die Bou-omgewing: die bestaande Fakulteit Ingenieurswese en bepaalde departemente in die Fakulteit Natuurwetenskappe is gekonsolideer in die Skool vir Ingenieurswese; Skool vir die Bou-omgewing, bestaande uit: Argitektuur en Landskapargitektuur; Bourekenkunde en Konstruksiebestuur; Stads- en Streekbeplanning. (Daar is later besluit om die Skool vir Inligtingkunde by te voeg en die fakulteit is dienooreenkomstig na die Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingkunde herdoop.)

'n Belangrike faset van die herstrukturering behels die desentralisering van bevoegdhede na fakulteite en die bemagtiging van dekane om dié bevoegdhede uit te oefen deur die nodige steunpersoneel aan die fakulteite en binne die dekaanskantore te voorsien. Hiermee is die struktuur en bestuur van fakulteite wat die Universiteit met relatief min veranderinge vir 54 jaar gedien het, ingrypend verander.

Die aantal studierigtings het vinnig toegeneem van byvoorbeeld 1 274 in 1995 tot 1 882 in 2000. In die jaar 2000 is met 191 nuwe studierigtings begin, terwyl net ses verval het. Uit 'n ander oogpunt beskou, het die aantal aktiewe vakke van 5 314 in 1995 tot 7 365 in 2000 toegeneem. Grootskaalse herstrukturering is waarskynlik nodig want in 2000 was minder as tien studente per vak vir 20% van die voorgraadse vakinskrywings verantwoordelik.

Soos reeds aangedui, was die Universiteit gedurende die laat jare tagtig en begin van die negentigerjare meer op onderrig as op navorsing ingestel. Hoewel dit die grootste residensiële universiteit in die land is, het die Universiteit van Pretoria se gesubsidieerde navorsingsuitsette maar vierde of vyfde plek tussen die Suid-Afrikaanse universiteite ingeneem.

Die totstandkoming van 'n Afdeling Navorsing en Navorsingsadministrasie en die aanstelling van 'n voltydse direkteur (vanaf 1 Januarie 1988 in die persoon van **prof Erasmus**) sou nuwe beslag aan navorsing gee. Die publikasie van 'n jaarlikse navorsingsverslag en rapportering aan die Senaat en Raad het nuwe prioriteit aan navorsing gegee. Tydens die institusionele selfevaluering met die oog op kwaliteitsversekering, moes alle departemente en navorsingsinstellings aan die Universiteit doelwitte vir navorsingsuitsette stel.

Benewens die verwisseling van direkteure (**prof W J van Biljon** vanaf 1 Maart 1990 tot 31 Desember 1995, **dr P Aucamp** vanaf 1 Januarie 1995 tot 31 Desember 1995 en **dr Z Ofir** vanaf 1 Oktober 1996 tot 31 Maart 2000) het dié afdeling se naam verander na Navorsingsondersteuning. Met die oorplasing van die Sentrum vir Buitelandse

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


Prof W J van Biljon


Dr P Aucamp

Dr Z Ofir

Studente en Gasdosente vanaf Akademiese Administrasie, is die jongste benaming Navorsingsondersteuning en Internasionale Aangeleenthede. Beleid is geformuleer oor aangeleenthede soos navorsingsetiek, intellektuele eiendom en kontraknavorsing; 'n elektroniese navorsingsinligtingstelsel is gevestig; 'n elektroniese navorsingsmentor (die sogenaamde "Research Toolbox") om hoofsaaklik nagraadse studente te help, is beskikbaar gestel; die stimulasiefonds wat sedert 1989 bestaan het, is aangepas en riglyne vir die nadoktorale genoteprogram is in lyn met wêreldstandaarde gebring.

Na die eksterne evaluering deur die Kwaliteitsbevorderingseenheid van SAUVCA en die aanbevelings wat daaruit voortgespruit het, is 'n nuwe beleid en aksieplan vir navorsing in 1998 opgestel. Die belangrikste elemente van die beleid is in die strategiese raamwerk van die Universiteit, *Op pad na die Nuwe Millennium 1998-2001* vervat. Hoë prioriteit word geplaas op die bepaling van fokusgebiede vir navorsing, die ontwikkeling van gemeenskapsgerigte relevante navorsing, en die ontwikkeling van effektiewe administratiewe, inligting- en ondersteuningsdienste.

Die Universiteit se gesubsidieerde navorsingsuitsette het van 767,23 eenhede in 1990 'n geringe toename tot 769,40 eenhede in 1999 getoon. Meeste ander universiteite het egter afnames in navorsingsuitsette ondervind en daarom het die rangorde van die Universiteit van Pretoria heelwat verbeter om in 1998 die hoogste navorsingsuitsette van al die Suid-Afrikaanse universiteite te lewer. Die navorsingsbegroting het van R43 miljoen in 1990 tot meer as R100 miljoen in 2000 gestyg.

Ten einde die voormalige apartheidsideologie te dien, is 'n aantal universiteite en technikons deur die vorige regering "gestig" in teenstelling met tradisionele gebruike dat hoër onderwysinstellings uit nasionale-, streeks- en gemeenskapsbehoeftes ontstaan.

Daar is vir baie jare 'n debat of Suid-Afrika te veel hoër onderwysinstellings het. 'n Nog belangriker debatspunt is egter of daar nie net te veel kursusse of programme aangebied word nie. Die destydse KUH het in die makro-ondersoek na die universiteitswese rasionalisasie en groter samewerking veral op 'n streeksvlak aanbeveel. Die *Witskrif op Hoër Onderwys* (1997) en die Wet op Hoër Onderwys (1997) sou weer eens rasionalisasie en groter samewerking tussen hoër onderwysinstellings beklemtoon. Soos reeds genoem, is statutêre maatreëls getref om onderwyskolleges by universiteite en technikons in te lyf. Die Taakgroep vir Vorm en Grootte het in die verslag getiteld: *Towards a New Higher Education Landscape: Meeting the Equity, Quality and Social Development Imperatives of South Africa in the 21st Century*, wat in 2000 vrygestel is, die aangeleentheid van kombinasies baie duidelik gestel deur te verklaar dat: "... no public institution should believe that it is exempted from combination."

Die Universiteit van Pretoria het 'n aansienlike rol gespeel om strukture daar te stel wat groter samewerking in streeksverband kan bevorder. Na wye raadpleging is die Foundation of Tertiary Institutions of the Northern Metropolis (FOTIM) as 'n konsortium in 1995 gestig om samewerking tussen universiteite en technikons in Gauteng en omstreke te bevorder. Die konsortium is as 'n trust gestig en word deur 'n raad beheer. Sedert 2000 het FOTIM 'n voltydse direkteur en twee administratiewe personeellede, en word dit bedryf in kantore wat van die Universiteit van die Witwatersrand gehuur word. Ongeveer 60% van alle studente in Suid-Afrika is aan universiteite of technikons wat in die FOTIM-area val, geregistreer.

FOTIM is by 'n verskeidenheid projekte betrokke. Die belangrikste kan soos volg aangestip word:

- Gauteng and Environs Library Consortium (GAELIC) wat ten doel het om die biblioteke van FOTIM-lede en wat 'n gemeenskaplike sagtewarestelsel het te koppel, sodat algemene toegang tot mekaar se biblioteekbronne

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

verkry kan word. Die voordele van hierdie rasionalisasieprojek word toenemend duidelik. 'n Bydrae van $3,3 miljoen deur die Andrew W Mellon Foundation in the VSA het hierdie projek befonds.

- ICT 2000 is 'n projek wat op inligting, kommunikasie en tegnologie fokus. Die doel is byvoorbeeld om histories benadeelde instellings te help om die menslike hulpbronne en tegniese infrastruktuur te ontwikkel wat in 'n kennisgedrewe wêreld nodig is.
- 'n Streeksbeoordeling van die Driejaar Rollende Planne wat in 1999 aan die Departement van Onderwys voorgelê moes word. FOTIM het hierdie planne van sy lede grondig beoordeel en hieruit is onder meer 'n baie bruikbare databasis ontwikkel wat vir toekomstige beplanning gebruik kan word.

Samevattend kan dit gestel word dat die Universiteit deur kwaliteitsversekering en akademiese herstrukturering tot 'n groot mate daarin geslaag het om akademiese standaarde te handhaaf en wetenskaplik relevant te bly. Dit moes bereik word terwyl die samestelling van die studentebevolking verander het, staatsubsidies per voltydse ekwivalent student verminder het, toenemende getalle kursusse op 'n afstand aangebied is en die dosent-studentverhouding verswak het. Dit is interessant om daarop te let dat die slaagsyferkoerse van voltydse ekwivalente kontakstudente vanaf 1993 tot 2000 feitlik konstant op 78%-79% gebly het en goed met die ander groot kontakuniversiteite vergelyk. Die persentasie van die akademiese personeel wat oor magister- en doktorale grade beskik, het van 73% in 1990 tot 81% in 2000 toegeneem.

Relevansie, kwaliteit en internasionalisering het sinoniem met hoër onderwys geword. Internasionalisering of globalisering op wetenskaplike gebied het, veral na die politieke gebeure van 1994, nie alleen makliker nie, maar ook dringender vir Suid-Afrikaanse universiteite geword. Waar wetenskaplike samewerking voorheen hoofsaaklik op individuele grondslag plaasgevind het, kon samewerkingsooreenkomste op 'n institusionele grondslag gesluit word. Hiermee is sedert 1993 goeie vordering gemaak. Teen die einde van 2000 is institusionele ooreenkomste met 'n veertigtal buitelandse universiteite en wetenskaplike instellings gesluit. Die aantal buitelandse studente het van 257 in 1990 tot meer as 800 in 2000 toegeneem. Nieteenstaande minder beskikbare staatsfondse vir internasionale wetenskaplike kongresbywoning en die verswakking in die waarde van die Suid-Afrikaanse geldeenheid, het die aantal besoeke van dosente en navorsers aan die buiteland geleidelik toegeneem. 'n Groot uitdaging vir die Universiteit bly steeds om programme te ontwikkel wat internasionaal geakkrediteer word.

Effektiwiteit en doeltreffendheid

In 'n kompeterende wêreld moet 'n universiteit voortdurend aanpassings maak om onderrig, navorsing en dienslewering van die hoogste gehalte kostedoeltreffend te lewer. Die herstrukturering van akademiese aktiwiteite, as die hooftake, is aangetoon, maar dit kan egter nie sonder 'n effektiewe en doeltreffende administrasie en ondersteuningsdienste uitgevoer word nie. 'n Kort oorsigtelike weergawe van die herstrukturering van die administrasie en ondersteuningsdienste van die Universiteit is dus nodig.

Hierdie maatreëls saam met die herstrukturering van akademiese aktiwiteite het die Universiteit in staat gestel om die aandeel wat staatsbydrae tot die totale bedryfsbegroting (uitgesluit belegging in vaste bates) van 52% in 1990 tot 43% in 1999 te verminder.

Gedurende die vinnige transformasieproses van die negentigerjare was die klem aanvanklik op die hooftake van die Universiteit en akademiese herstrukturering het voorkeur geniet. Benewens die eise van groter kompetisie en die feitlik volgehoue daling in die befondsingsvlak van die subsidieformule, was daar veral twee faktore wat die noodsaaklikheid van herstrukturering verhaas het. Eerstens het die uitbesteding van niekernfunksies wêreldwyd 'n algemene tendens geword. Tweedens het dienswerkers toenemend by universiteite op hulle eie en in samespanning met studente aan ontwrigtingsaktiwiteite deelgeneem wat dit moeilik gemaak het om aan dié eise te voldoen en ononderbroke diens te lewer.

Grootskaalse rasionalisasie het ten opsigte van die proefplase na 1993 plaasgevind. Die Hoëveldproefplaas is byvoorbeeld verkoop en aktiwiteite is op Kaalfontein afgeskaal.

Die Steundienste-Ontwikkelingsprojekte (SOP) is in 1997 geloods met die doel om effektiwiteit en doeltreffendheid oor die volle spektrum te bepaal en, waar nodig, te verbeter. Die eerste fase (algemeen bekend as SOP I) van die projek het die volgende afdelings en departemente betrek: Bemarking; Kultuurburo; Tuindienste; Geboueskoonmaakdienste; Koshuisskoonmaakdienste; Sportburo; Kampusbeheer; Studentesake en Tegniese Dienste. Na grondige ondersoeke deur buitekonsultante het grootskaalse herstrukturering plaasgevind en is baie van die dienste op 'n kontrakbasis uitbestee.

Die tweede fase (algemeen bekend as SOP II) het uit 'n aantal deelprojekte* bestaan wat soos volg saamgevat kan word:

- Hoofbestuur, seniorbestuur, bestuursomgewing en BINEB (wat reeds hierbo bespreek is).

* Teen die einde van 2000 was baie van die deelprojekte in verskeie fases van afhandeling en derhalwe word hulle net aangestip sonder om te veel detail te verskaf.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

- Akademiese Administrasie: die effektiwiteit en doeltreffendheid van hierdie deelprojek is gerig op die aard van dienslewering van die Universiteit aan sy belangrikste kliënte, naamlik studente. Dit betrek onder meer die rasionalisering van die administratiewe funksies, voorsiening van toepaslike rekenaar- en inligtingstelsels en die voorsiening van 'n Eenstopdiens op 'n sentrale plek op die hoofkampus (Geesteswetenskappegebou).
- Finansies: hierdie projek is suksesvol afgehandel en verseker 'n effektiewe rugsteundiens aan akademiese en bestuurspersoneel.
- Eiendomme en Fasiliteite: hoewel verskeie afdelings van die voormalige Departement Fasiliteite en Dienste in fase een ondersoek is, is ander fasette van die bestuur van eiendomme en fasiliteite in die tweede fase ondersoek en teen die einde van 2000 was voorstelle onder oorweging.
- Voedseldienste: hierdie projek het primêr betrekking op die Universiteit se verskaffing van voedseldienste in koshuise. 'n Konsultant is betrek om, in oorleg met 'n taakspan van die Universiteit, ondersoek in te stel na en aanbevelings te maak oor die effektiefste wyse waarop hierdie diens verskaf kan word.

Ander strategiese projekte:

- Studente – voorsorg, insorg en nasorg: die doel hiermee is om te verseker dat effektiewe diens aan voornemende studente (voorsorg), huidige studente (insorg) en oudstudente (nasorg) gelewer word.
- Personeel – prestasiebestuur en vergoeding: hierdie projek het twee onderdele. Die deelprojek oor prestasiebestuur sal vanaf 2001 in werking gestel word. Die doel daarmee is om te verseker dat prestasiedoelwitte, met gepaardgaande aansporings, met personeellede bereik word.

Die deelprojek oor vergoeding streef na 'n vergoedingstelsel wat aan die eise van die tyd voldoen. 'n Pakketbenadering tot vergoeding sal met ingang van April 2001 in werking tree en nuwe personeellede sal vanaf 15 Januarie 2001 ingevolge hierdie stelsel aangestel word.

- Bestuur van diversiteit (insluitend die identifikasie en begeleiding van studente wat by die Universiteit aangestel sou kon word) – markposisionering, mededingende strategieë en bemarking: die doel met hierdie strategie is om die Universiteit te posisioneer in ooreenstemming met sy gestelde visie van internasionale mededingendheid en plaaslike relevansie. Dié posisionering is egter veelkantig en betrek aangeleenthede soos die logo van die Universiteit, vermelding in die media, disseminasie van inligting, voorkoms van die kampusse en geboue asook deelname aan sport- en kulturele aktiwiteite.
- Akademies – akademiese monitering, kwaliteit en vernuwing: hierdie projek het grootliks betrekking op die versekering dat die inhoud wat in programme aangebied word relevant en op die hoogste standaarde is. Dit betrek derhalwe sake soos kwaliteitsversekering, voldoening aan SAKO-vereistes, interne evaluering, eksterne evaluering en internasionale akkreditasie.
- Dienslewering na buite – kampusonderneming: dié projek is daarop gerig om die kundigheid wat in die Universiteit beskikbaar is op sodanige wyse aan te wend dat dit vir die Universiteit bykomende inkomste genereer, en terselfdertyd deelnemers die geleentheid gun om buitewerk op 'n geordende wyse te doen terwyl hulle bykomende inkomste daarvoor verdien.
- Samewerking met die WNNR: 'n ooreenkoms waarin die voorneme tot nouer samewerking aangetoon is, is reeds in 1994 tussen die Universiteit en die WNNR onderteken, maar is 1999 verder gevoer en gefinaliseer. Die alliansie wat met die WNNR geformaliseer is, betrek die identifisering van gemeenskaplike belange en kundighede wat tot die voordeel van albei deelnemers sowel as die gemeenskap in die breë ontwikkel kan word. Die belangrikste element van hierdie samewerking is tans die voorgestelde daarstelling van 'n ontwikkelingsnaaf op die proefplaas.

Die moontlikheid dat die Universiteit hierdie fasiliteit as geheel sou kon oorneem en in die konteks van die kampusondernemings winsgewend bedryf, het tot hierdie inisiatief aanleiding gegee. (Sien **Hoofstuk 4, Finansies**.)

- Bedryfsake – ruimte-oudit en debitering met die koste van ruimte benut: die optimale benutting van die fasiliteite van die Universiteit is grondliggend aan hierdie projek. Die ruimte-oudit is afgehandel. Die volgende fase van die projek behels die debitering van departemente met die ruimte wat tans aan hulle toegeken word. In die huidige boekjaar sal 'n proeflopie met die stelsel onderneem word om dit dan in die volgende boekjaar in werking te stel.
- Geïntegreerde bestuursinligtingstelsel: die inligtingstelsels het meesal op 'n *ad hoc*-wyse aan die Universiteit ontwikkel. Die snelle ontwikkeling van inligtingtegnologie en die groeiende uitdagings wat aan bestuurders gestel word, is die grondliggende motivering vir 'n ondersoek na die inligting wat benodig word, die frekwensie waarmee dit benodig word en die optimale stelsels om dit te voorsien.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

- 'n Alternatiewe jaarprogram waarmee die optimale benutting van hulpbronne nagestreef word: die Universiteit se fasiliteite, waarvan sommige duur is om te verskaf en te onderhou, word nie deurlopend gebruik nie, veral nie gedurende Desember en Januarie nie. Hierdie projek streef daarna om die fasiliteite optimaal te benut, waar optimaal ook beteken dat personeellede en studente by alternatiewe reëlings baat kan vind.
- Beleid – beleid ten opsigte van die taalmedium van die Universiteit: taalmedium is 'n emosionele aangeleentheid. Die samestelling van die studentekorps het ingrypend verander oor die afgelope aantal jare – en ook die personeelkomponent hoewel nie in dieselfde mate nie. Die uitdaging is om steeds optimale onderrig in Afrikaans en Engels aan te bied sonder om die emosionele lading te groot te laat word. 'n Komitee is aangewys om die Rektor in 2001 met 'n voorlegging te dien.
- Delegasies en die hersiening, aanvulling en ordening van reglemente: die desentralisasie van bestuursbevoegdheid noodsaak die hersiening van reglemente sodat persone aan wie verantwoordelikhede toegeken word ook met inligting bemagtig word om daardie verantwoordelikhede uit te voer.

Slotbeskouing

Uit die voorafgaande oorsig is dit duidelik dat hoër onderwys nasionaal en internasionaal aan die einde van die 20e eeu aan groot transformasieprosesse onderwerp is. Die Universiteit van Pretoria het nie net bloot by die veranderinge aangepas nie, maar deur innoverende inisiatiewe baie van die transformasieprosesse vooruit geloop. Nieteenstaande spanning, enkele protesaksies en selfs 'n mate van geweld vanaf die kant van studente en dienswerkers, is die akademiese hooftake van onderrig, navorsing en dienslewering nooit sodanig ontwrig dat waardevolle tyd verlore gegaan het nie. Aan die einde van die dekade was daar 'n groot mate van stabiliteit. Dit het die Universiteit in vele opsigte ten goede gekom.

Aan die begin van die 21ste eeu dui alles daarop dat die Suid-Afrikaanse landskap van hoër onderwys op die korttermyn ingrypend sal verander. Die Universiteit is met reg trots op wat bereik kon word, realisties oor baie knelpunte wat aangespreek moet word, maar vol vertroue oor die vermoë om nie net aan te pas nie, maar ook innoverend beslag aan sy toekoms te gee.

Prof P Smit
VOORMALIGE REKTOR (1992-1996)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ad destinatum

1993-2000

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hoofstuk 2: Geesteswetenskaplike Fakulteite

Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Kantoor van die Dekaan

Die tydperk 1993-2000 is gekenmerk deur innoverende nuwe grade en programme - ten dele vanweë politieke veranderinge wat die internasionale arena oopgestel het, maar ook deur veranderinge op opvoedkundige gebied wat 'n nuwe markgerigtheid en kliëntefokus vereis het. Transformasie het die fakulteit genoop om nuwe maniere te ondersoek ten einde die posisie van die voorheen agtergeblewe gemeenskappe te verbeter.

Die huidige dekaan, **prof Sibusiso Vil-Nkomo**, het in Maart 2000 by **prof C Thornhill** wat in 1996 as dekaan aangestel is, oorgeneem. Laasgenoemde se voorganger was **prof S Marx** wat sedert 1 Januarie 1996 die viserektor is.



Prof S Vil-Nkomo

Die fakulteit bestaan tans uit die Skool vir Ekonomiese Wetenskappe, die Skool vir Finansiële Wetenskappe en die Skool vir Bestuurswetenskappe.

Die 1990s het 'n nuwe grondwetlike bedeling, met gepaardgaande sosio-politieke veranderings ingelui. Die fakulteit se vooruitgang moet teen die agtergrond van snelle verandering plaaslik en internasionaal beoordeel word. Daar het 'n behoefte ontstaan aan aktiewe internasionale betrokkenheid om te sorg dat die fakulteit uniek, relevant en mededingend bly.

Om te verseker dat die opleiding wat die fakulteit bied in die lig van 'n relatiewe lae ekonomiese groeikoers, in die formele sakesektor toepaslik vir Suid-Afrika bly, konsentreer die fakulteit daarop om sy studente as ondernemers op te lei. 'n Onafhanklike kwalifikasie, naamlik die BCom:Entrepreneurskap, is in 1999 ingestel.

Die fakulteit het ten doel om onderwys en opleiding aan toekomstige bestuurders en sakeleiers in die privaat en openbare sektor te bied en poog om aan veranderende eise in Suid-Afrika te voldoen sonder om die voortsetting van hoë standaarde en gehalteonderwys in gedrang te bring. Om hierdie rede het die fakulteit kursusse en meganismes ingevoer om voorheen benadeelde studente wat die potensiaal het om die vereiste akademiese standaard te behaal, die geleentheid te bied om by die fakulteit se standaard opvoedkundige programme aan te pas. In Augustus 1993 is 'n vennootskap met die Nasionale Private Kolleges gesluit ten einde die fakulteit se hulpbronne aan te vul en op dié wyse die produkreeks wat aangebied word te verbreed. In die lig van die regering se bemagtigingsprogram het hierdie inisiatief 'n belangrike bydrae tot die verbetering van onderwys en opleiding sonder enige bykomende koste vir die Staat gelewer.

In 1993 het die fakulteit begin om Engels as onderrigtaal te gebruik. Dit word as 'n bykomende voordeel beskou omdat dit die weg gebaan het vir Engelssprekende studente om by die fakulteit se wenspan aan te sluit.

Globalisering is een van die sterkste moderne neigings in tersiêre onderwys, en daarom is die fakulteit daarop ingestel om studente op te lei sodat hulle op nasionale en internasionale vlak kan meeding. Dit vereis dat daar opnuut besin moet word oor onderrigmetodes, doelmatigheid en doeltreffendheid asook nuwe wyses van sertifisering en die ontwikkeling van kwalifikasiestrukture. Programme word gevolglik vanuit beide 'n nasionale en 'n internasionale invalshoek saamgestel. Internasionale kundiges word gewerf, en vennootskappe word met internasionale instellings gesluit ten einde 'n sinvolle bydrae tot die aanbieding van programme te lewer. Op hierdie wyse bly die fakulteit akademies in pas met geïnternasionaliseerde ekonomieë asook ontwikkelings op maatskaplike, tegnologiese en wetenskaplike gebied.

Globalisering noodsaak 'n nuwe benadering tot tersiêre onderwys, naamlik lewenslange leer. Dit impliseer dat nuwe inligting en kennis voortdurend nodig is om by veranderende omstandighede in die mark aan te pas.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die fakulteit beskou lewenslange leer as 'n belangrike hulpbron om te verseker dat studente vir hulle taak toegerus word. Hulle word dus tydens hulle opleiding met die konsep vertroud gemaak. Geleenthede vir lewenslange leer word deur verskeie nagraadse kortkursusse, diplomas en sertifikate aan die mark - wat afgestudeerde studente insluit - gebied.

Die mark in tersiêre onderwys sal in die toekoms van virtuele onderrig en buigsame leeromgewings afhang omdat dit toegang tot opleiding op enige plek of tyd bied en studente in staat stel om teen hulle eie pas te vorder. Die fakulteit fokus ook op telematiese onderwys ten einde mededingend te bly. Die keuses en vereistes van leerders wanneer hulle oor 'n onderwysinstelling, studierigting en studiewyse moet besluit, het belangrike faktore by die samestelling, verpakking en aanbieding van kursusse geword.

Alternatiewe geleenthede vir onderwys en opleiding word ontwikkel, en die fakulteit het sedert 1998 veral op telematiese afstandsonderrig gekonsentreer. Dit sal noodwendig die tradisionele konsep van 'n "kampus" as die plek waar onderrig en opleiding plaasvind, verander na die konsep van 'n virtuele kampus waar leergeleenthede aangebied word sonder om studente tot 'n bepaalde plek en tyd te beperk. Die markplek sal in 'n markruimte verander.

Studentegetalle het gedurende die afgelope sewe jaar steeds toegeneem, van 5 188 in 1993 tot byna 7 200 in 2000. Dit dui op sowel 'n voortgesette en aktiewe belangstelling in die programme as 'n toenemende vraag na die grade wat aangebied word. Hierdie tendens blyk duidelik uit ooreenkomste soos die een wat in 1998 met die Damelin Skool vir Bankiers aangegaan is. Hierdie samewerking stel bankbeamptes wat reeds 'n Gevorderde Diploma in die Bankwese behaal het - en wat reeds Gesertifiseerde Assosiate van die Instituut van Bankiers in Suid-Afrika (CAIB (SA)) is - in staat om vir die finalejaar van BCom:Bankwese, BCom:Ekonomie of BCom:Bemarkingsbestuur in te skryf.

Die fakulteit bestaan uit agt departemente wat 24 voorgraadse BCom- en BAdmin-spesialiseringsrigtings aanbied. Hierbenewens word 'n groot verskeidenheid spesialiseringsrigtings vir die volgende grade aangebied: BCom(Hons) en BAdmin(Hons), MCom, MAdmin, MPhil, MBA and MPA, DCom, DAdmin, DBA en PhD. Drie nagraadse diplomas en een sertifikaat word ook aangebied.

Die volgende uitstaande gebeurtenisse word kortliks aangestip:

1993: die fakulteit en die Nasionale Private Kolleges - Lyceum, Sukses en Mentor - sluit 'n samewerkingsooreenkoms na aanleiding waarvan die Nasionale Private Kolleges afstandsonderrigprogramme sal aanbied wat deur die Universiteit geakkrediteer is; die eerste grade vir BCom:Hotel- en Toerismebestuur word toegeken; tutorprogramme word van stapel gestuur. Die tutors word as 'n skakel tussen die studente en dosente aangewend. Die doel hiermee is om studente se akademiese en sosiale aanpassing te vergemaklik; die Departement Rekening- en Ouditkunde en die Skool vir Rekeningwetenskappe word in twee onafhanklike entiteite verdeel; Engels word as onderrigmedium in die fakulteit aanvaar; studentegetalle (inskrywings): voorgraads (3 955), nagraads (1 339) (6% groei), grade toegeken (1 283), akademiese personeel (112).


Prof C Thornhill

1994: instelling van die Departement Bemarkings- en Kommunikasiebestuur as die eerste sodanige selfstandige departement in Suid-Afrika; studentegetalle (inskrywings): voorgraads (4 062), nagraads (1 282).

1995: ingebruikneming van die Informatorium in die Opvoedkunde/Regsgeleerdheidgebou; die verhouding professore/senior lektore/lektore is 35%/38%/27%; studentegetalle (inskrywings): voorgraads (4 277), nagraads (1 378), grade toegeken (1 173); **prof Marx** (dekaan) word bevorder tot viserektor; die volgende vakveranderings tree in werking: Bedryfsekonomie word Ondernemingsbestuur, Hotel- en Toerismebestuur word Toerismebestuur, Personeelbestuur word Bedryf- en Organisasiesielkunde; die volgende studierigtingveranderings tree in werking: BCom:Hotel- en Toerismebestuur word BCom:Toerismebestuur, BCom:Personeelbestuur word BCom:Menslike Hulpbronbestuur, BCom:Rekeningwetenskappe word BCom:Rekeningkundige Wetenskappe; die departemente se name verander soos volg: Departement Bedyfsekonomie word Departement Ondernemingsbestuur, Departement Personeelbestuur word Departement Menslike Hulpbronbestuur, Departement Rekening- en Ouditkunde word Departement Rekeningkunde; 'n Departement Toerismebestuur word ingestel.

1996: **prof Thornhill**, die vorige departementshoof (Skool vir Openbare Bestuur en Administrasie), begin sy termyn as dekaan; samewerkingsprogramme met Nasionale Private Kolleges toon groei en beklemtoon dus die belangrikheid van oorbruggingsprogramme vir studente; die personeelkorps bestaan uit voltyds doserende (144) en deeltyds/tydelike en administratiewe personeel (nagenoeg 85); 22 BCom- en twee BAdmin-grade word aangebied; die dosent/student-verhouding is 1:24; die verhouding professore/senior lektore/lektore is

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

36%/38%/26%; studentegetalle (inskrywings): voorgraads: wit (3 964), swart (343), Kleurling (39), Indiër (67), nagraads (6% groei): wit (1 207), swart (265), Kleurling (39), Indiër (67), nagraads (6% groei): wit (1 207), swart (265), Kleurling (6), Indiër (9); grade toegeken (1 339); die bemarkingsbrosjure van die fakulteit word vir die eerste keer op die Internet geplaas.

1997: die Eenheid vir Leierskap word ingestel om by te dra tot die ontwikkeling van leierskapskapasiteit in die openbare en privaat sektor, om ekonomiese en sosio-politieke ontwikkeling in Afrika - en veral in Suid-Afrika - te bevorder; studentegetalle (inskrywings): voorgraads: wit (1 609), swart/Indiër (441), Kleurling (151), nagraads: wit (1 857), swart/Indiër (588), Kleurling (155).

1998: grade toegeken (1 629); studentegetalle (inskrywings): voorgraads (5,2% groei): wit (4 056), swart (620), Kleurling (47), Indiër (152); nagraads (6% groei): wit (1 213), swart (388), Kleurling (13), Indiër (13); doserende personeel (140); na die instelling van 'n aansporingsprys vir 'n individu en 'n departement om navorsing te verhoog, was daar 'n groei van 13,5% in die navorsingsuitset.

1999: die Nagraadse Bestuurskool vier die 50ste herdenking van sy bestaan; die instelling van BCom:Entrepreneurskap, BCom:Beleggingsbestuur, BCom en BAdmin-Lugvaartbestuur; grade toegeken (2 100); studentegetalle (inskrywings): voorgraads: wit (922), swart (233), Kleurling (9), Indiër (128); nagraads (6% groei): wit (1 020), swart (353), Kleurling (10), Indiër (21); die Departement Rekeningkunde en die Afdeling Finansiële Bestuur smelt saam om die Departement Rekeningkunde en Finansiële Bestuur te vorm; die modulariseringsproses neem 'n aanvang met die oog op implementering in 2001; **me H M Deysel** tree af as hoof van Studente-administrasie.

2000: **prof Vil-Nkomo** word as die eerste swart dekaan by die Universiteit aangestel; die fakulteit vier die 80ste herdenking van sy bestaan; die instelling van 'n modulêre stelsel in ooreenstemming met die nuwe SAQA-regulasies vir hoër onderwys; die Departemente Statistiek, Versekerings- en Aktuariële Wetenskappe en Informatika sluit by ander fakulteite aan; nuwe inisiatiewe geloods, sluit onder andere in noue samewerking met SAFPUM (South African Foundation for Public Management), die Kellog Foundation, die Ron Brown Institute, en ontwikkelinge tesame met die Georgia State University; studentegetalle (inskrywings): voorgraads: wit (957), swart (224), Kleurling (21), Indiër (109); nagraads (6% groei): wit (1 017), swart (385), Kleurling (18), Indiër (33).

Gordon Institute of Business Science (GIBS). Hierdie instituut het in Januarie 2000 sy werksaamhede op die spesiaal ingerigte kampus in Illovo, Johannesburg begin.

Die missie van die instituut is om "deur sake-onderrig die mededingende prestasie van individue en organisasies beduidend te verbeter ".

GIBS is formeel op 14 Maart 2000 geopen deur **proff Johan van Zyl**, **Nick Binedell** (die direkteur van die instituut), en **mnr Donald Gordon** van Liberty Life. GIBS is na laasgenoemde vernoem ter erkenning van sy ruim skenking wat tot die stigting van die instituut bygedra het.

Die GIBS-kampus, met inbegrip van die lesing-, eetsaal- en verblyf fasiliteite, is ontwerp om wêreldgehalte sake-onderrig aan werknemers van Suid-Afrikaanse maatskappye te voorsien.

Die instituut se strategie is om hoëgehalte sake-opleiding deur 'n verskeidenheid openbare en maatskappy-spesifieke programme te bied. Dit bied 'n wye spektrum van sowel akademiese programme (MBA en die Nagraadse Diploma in Besigheidsadministrasie) as sertifikaatprogramme en kursusse vir uitvoerende beamptes.

Toonaangewende Suid-Afrikaanse sakeondernemings het hierdie strategie sterk gesteun, en die instituut werk saam met heelwat maatskappye en korporasies wat by die openbare asook die maatskappy-spesifieke programme baat vind.

Kernpersoneel van 25 voltydse werknemers is gewerf. Hulle sluit in programbestuurders, administrateurs en akademici. Plaaslike praktisyns en internasionale dosente van toonaangewende bestuurskole, soos die London School of Business, Cranfield, Insead en die New York Universiteit, bied 'n beduidende deel van die lesings aan.

Me Ronèll Steenkamp
OPENBARE BETREKKINGE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Skool vir Bestuurswetenskappe

Prof R S Rensburg

In 1999 vind daar 'n hergroepering van die fakulteite aan die Universiteit en 'n verdeling in skole plaas. Luidens daardie besluit kom daar drie skole in die fakulteit tot stand, naamlik die Skool vir Ekonomiese Wetenskappe, die Skool vir Finansiële Wetenskappe en die Skool vir Bestuurswetenskappe.

Die Skool vir Bestuurswetenskappe bestaan uit die volgende departemente: Bemarkings- en Kommunikasiebestuur; Menslike Hulpbronbestuur; Toerismebestuur; die Skool vir Openbare Bestuur en Administrasie (SOBA); Ondernemingsbestuur; en die Nagraadse Bestuurskool (wat kort daarna as deel van die nuut ingestelde Bestuursentiteit begin funksioneer).

Prof R S Rensburg is die huidige voorsitter van die Skool vir Bestuurswetenskappe.

Prof R S Rensburg
SKOOLVOORSITTER

Bemarkings- en Kommunikasiebestuur

Op 30 Junie 1993 het **prof D C van Rooyen**, hoof van die destydse Departement Bedryfsekonomie, 'n motivering by die dekaan (**prof S Marx**), ingedien vir die vestiging van 'n selfstandige departement vir Bemarkings- en Kommunikasiebestuur. Hy stel daarin dat gespesialiseerde bemarkingsbestuursopleiding hoofsaaklik markgedrewe is, met produkdifferensiasie as uitgangspunt om markbehoeftes aan te spreek. 'n Verdere rede is dat dit vir enige akademiese instelling belangrik is om tydig en doeltreffend by 'n snel veranderende omgewing aan te pas. Gespesialiseerde bemakingsbestuursopleiding het reeds wêreldwyd inslag gevind en sou sonder twyfel 'n mededingende voordeel aan studente enersyds, en aan die Universiteit andersyds, bied. Terselfdertyd sal onnodige oorvleueling in die betrokke vakdissiplines uitgeskakel word. Die resultaat was 'n selfstandige departement wat op 1 Julie 1994 ingestel is.


Prof G Puth

Prof G Puth is in 1994 as die eerste departementshoof aangestel. Volgens hom het bemarkingsbestuur plaaslik en internasionaal so gegroei dat dit allerweë as 'n afsonderlike dissipline beskou word. Daarby is Kommunikasiebestuur in 1993 as 'n volledige graadkursus ingestel. Daar was dus vakkundig en inhoudelik meer as voldoende regverdiging om hierdie twee dissiplines in 'n afsonderlike departement aan te bied. 'n Verdere belangrike rede was die omvangryke studentegetalle wat in die twee vakgebiede geakkommodeer word. Hierdie departement was reeds in 1994 een van die grootste departemente aan die Universiteit.

In Suid-Afrika is die Universiteit derhalwe die enigste tersiêre instelling waar volwaardige graadkursusse in Bemarkings- en Kommunikasiebestuur aangebied word. Die besondere kombinasie van hierdie vakke in een departement is selfs in internasionale geledere uniek en dit bied aan studente 'n groot voordeel in 'n mededingende arbeidsmark.

Kommunikasie as verskynsel word reeds vir etlike jare aan Suid-Afrikaanse universiteite bestudeer. Die fokus is egter vanuit 'n geesteswetenskaplike hoek en die klem was nog nooit oorwegend op kommunikasie as bestuursfunksie nie. Ten spyte daarvan dat meer as 70% van die bestuurstyl een of ander vorm van kommunikasie behels en dat kommunikasie in die meeste bestuursmodelle as 'n kernfunksie erken word, is daar voorheen nie voldoende aandag aan die ontwikkeling en vestiging van kommunikasiebegrip en -vaardighede by toekomstige bestuurders geskenk nie. Teen hierdie agtergrond is besluit om BCom:Kommunikasiebestuur as 'n volwaardige graadkursus te vestig. Op hierdie terrein is daar weer eens pionierswerk aan die Universiteit gedoen.

In 1996 word **prof A Schreuder** hoof van die Departement Bemarkings- en Kommunikasiebestuur. Hy slaag daarin om in 1999 twee gelykwaardige poste te skep – een as hoof van Bemarkingsbestuur en een as hoof van Kommunikasiebestuur. **Prof P J du Plessis** word as Hoof: Bemarkingsbestuur en **prof R S Rensburg** as Hoof: Kommunikasiebestuur aangestel. In 1999 word 'n verdere mylpaal in die departement bereik deurdat die Association of Marketers (ASOM) aanbied om 'n jaarlikse toelae aan die bestaande leerstoel in Bemarkingsbestuur

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

te skenk. *Die Professional Management Review* (PMR)-tydskrif maak in 1999 ook 'n toekenning aan die departement as "beste tersiêre onderrig vir staatsdepartemente: bemarking". Ter ondersteuning van vaardigheidsontwikkeling in Suid-Afrika het twee program-inisiatiewe gedurende 1999 in die departement ontstaan, te wete Inleiding tot die Bemarking van Professionele Dienste (BEM 162) en Toegepaste Bedryfskommunikasievaardighede (KOB 181).

In 2000 besluit **prof Schreuder** om die diens te verlaat en word **prof Rensburg** as nuwe departementshoof aangestel. Die personeeltal (akademies en administratief) staan in 2000 op 15 voltydse lede: **proff Rensburg, Du Plessis** en **J M de Wet**, asook **dr E North**, **mnre C H van Heerden, F J Herbst**, **mee U M Ströh, Y Jordaan, M Prinsloo** (senior lektore), **mee T Coetzee, G M du Plessis, L Ehlers, B Steyn** (lektore), **me G van Heerden** (junior lektor) en die sekretaresse, **me M Fischer**.


Prof A Schreuder

Die doserende personeel onderskei hulle op onderriggebied deur telkens die hoogste dosente-evaluering deur studente op die Tukkiekampus te ontvang. Die departement bestaan veral uit jong dosente wat almal besig is om hulle eie studie en navorsingsprojekte te voltooi. Die oorkoepelende navorsingsvelde sluit Strategiese Bemarkingsbestuur en Strategiese Kommunikasiebestuur in.

Daar was in 1999 en 2000 'n merkbare toename in voorgraadse en nagraadse studentegetalle. Gesamentlike navorsing en publikasies saam met nagraadse studente is 'n prioriteit. Verskeie nasionale en internasionale referate word jaarliks gelewer, en samewerkingsooreenkomste is reeds met buitelandse vakverenigings gesluit. Kommunikasiebestuur is in 2000 internasionaal geëvalueer deur **prof Larissa Grunig** van die Universiteit van Maryland in die VSA, en Bemarkingsbestuur deur **prof Leyland Pitt** van die Universiteit van Curtin (Australië). Bedryfs- en gemeenskapsbetrokkenheid word aangemoedig deur gespreksforums en deurlopende samewerking met professionele vakverenigings.

Uiteraard het talle veranderinge sedert die instelling van Bemarkingsbestuur in 1970 plaasgevind. Daar kan met reg gesê word dat die departement nog altyd daarin geslaag het om met die veranderende omgewing tred te hou. Vandag is bemarkings- en kommunikasiebestuursopleiding aan die Universiteit op die vereistes van entrepreneurskap gerig, maar studente word steeds vir die korporatiewe mark opgelei. Studente word begelei om in te sien dat bemarking en kommunikasie nie geïsoleerd van ander bestuursfunksies plaasvind nie, en dat bestuur van organisasies holisties en geïntegreerd beplan moet word. Verder word alles in die stryd gewerp om toe te sien dat opleiding akademies volhoubaar, prakties en aktueel is sodat afgestudeerde studente die arbeidsmark met vertroue kan betree. Daar bestaan geen twyfel dat die departement steeds 'n betekenisvolle bydrae tot die fakulteit lewer nie.

Prof R S Rensburg
DEPARTEMENTSHOOF

Menslike Hulpbronbestuur

In 1993 is die naam van die Departement Personeelbestuur verander na die Departement Menslike Hulpbronbestuur. Terselfdertyd is besluit dat die departement onder die Skool vir Bestuurswetenskappe in die fakulteit sal ressorteer. Die 21-jarige bestaan van die graad BCom:Personeelbestuur is in 1994 onder meer met 'n dinee gevier, en die bogenoemde wysigings is by dié geleentheid amptelik bekend gemaak.

Die departement lewer markgerigte, hoëvlak mensekrag en navorsingsresultate van internasionale gehalte, en funksioneer toenemend op 'n selfonderhoudende finansiële basis. Nuwe vakkursusse slaag daarin om eietydse uitdagings en behoeftes proaktief aan te spreek. In 1994 is 'n kursus in die Bestuur van Diversiteit op honneurs- en magistervlak ingestel. Nege studente het die eerste keer 'n MCom-graad in Arbeidsverhoudingebestuur voltooi. In 1998 is 'n MPhil-graad in Arbeidsverhoudingebestuur ingestel.

'n Uitsonderlike nuwe kursus is die graad in Lugvaartbestuur wat onder leiding van die departementshoof, **prof L P Vermeulen**, saamgestel is. Geen ander Suid-Afrikaanse instelling bied tersiêre onderrig op dié bepaalde terrein aan nie, hoewel talle soortgelyke kursusse in die buiteland beskikbaar is. In 1996 word die grade BCom en BAdmin in Lugvaartbestuur deur **prof S Bengu**, Minister van Opvoeding, goedgekeur. Weens finansiële oorwegings word die grade eers vanaf 1999 aangebied. Die nuwe grade het ongetwyfeld lugvaartpersoneel se loopbaangeleenthede en dienslewering verbeter. Die moontlike toekomstige ontwikkeling van vakgebiede soos Lugvaartsielkunde, Lugvaartwetenskap en Lugvaartreg word hierdeur ook by die Universiteit geskep.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Deur telematiese onderrig aan te bied, beantwoord die Universiteit aan 'n wêreldwye behoefte aan hoër onderwys vir die massa. Die departement se grade in Lugvaartbestuur is suiwer papiergedrewe telematiese produkte, en Bedryf- en Organisasiesielkundekursusse word in samewerking met die Departement Verpleegkunde telematies vir Verpleegkundestudente aangebied. Die departement se betrokkenheid by nauurse onderrig aan studente in Witbank is in 2000 gestaak omdat alternatiewe onderwysmetodes beskikbaar geword het. Tans word met die Departement Ingenieurswese en die Nagraadse Bestuurskool saamgewerk aan Internetgebaseerde onderrigprogramme.


Prof L P Vermeulen

Waarskynlik die grootste taak waaraan die departement moes aandag gee, het in 1998 'n aanvang geneem. Vanweë herstrukturering moes alle departemente hulle kursusse herkurrikuleer en hulle studiehandleidings herformuleer. Kursusse moes voortaan beantwoord aan die vereistes van uitkomsgebaseerde onderwys en die standaarde wat die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-Owerheid (SAKO) bepaal het. Die personeel het groot insette gelewer om die herkurrikulering binne die voorgeskrewe tydperk te voltooi. Alle voor- en nagraadse kursusse is uiteindelik by SAKO geregistreer. Studiemateriaal word jaarliks hersien en is sedert 1994 in beide Afrikaans en Engels beskikbaar.

Die huidige graadkursus in Menslike Hulpbronbestuur berus op 'n generiese bevoegdheidsmodel wat deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Personeelpraktyk voorgeskryf word. Dit maak die departement toonaangewend in Suid-Afrika wat die logiese, progressiewe samestelling van vakke in kursusse betref. Nagraadse studente word geredelik in die buiteland vir verdere studie en betrekkings aanvaar.

Prof Vermeulen is sedert 1986 die departementshoof. Weens groeiende studentegetalle is die voltydse doserende personeel van nege in 1992 na 12 in 2000 uitgebrei. **Prof Vermeulen** word bygestaan deur **proff J S Basson, H E Brand, J J de Beer, D de Villiers, S W Theron, drr C Hoole, P Schaap, mnre M A Buys, G J Steyn, mee S L Hayes** en **C Olckers**. **Mee T M Bron, J Lange** en **C van der Berg** is verantwoordelik vir administratiewe take. In die tydperk 1993-2000 het slegs **dr M S Wiesner** (1989-1995) en **mnr L I Ehlers** (1990-1996) die diens verlaat. In dieselfde tydperk is die Universiteit se langdienstoekenning vir 25 jaar van ononderbroke diens aan **proff Vermeulen** (1995), **Basson** en **De Beer** oorhandig (1996). Vir maksimale kundigheidsbenutting is sedert 1993 gereeld van buitengewone professore – onder andere **proff R Eberlein, S Zinn, J A van Tonder** en **S S Lemmer** (honorêre professor) - en van gasdosente soos **me Y du Plessis** gebruik gemaak.

Die personeel word aangemoedig om hulle kundigheid en kwalifikasies te verbeter. **Proff Theron** (1993) en **De Beer** (1997) asook **dr Schaap** (2000) het die afgelope sewe jaar doktorale proefskrifte voltooi.

Departementele navorsing word veral op studies in menslike hulpbronbenutting en arbeidsverhoudinge toegespits, maar die personeel spesialiseer in meer as 30 kundigheidsgebiede. Sedert 1993 het personeellede 22 wetenskaplike artikels in geakkrediteerde tydskrifte gepubliseer asook drie bydraes gelewer tot wetenskaplike werke en drie boeke. Op nasionale vlak is 35 referate by konferensies gelewer, en 55 referate is by internasionale konferensies aangebied. In 1994 het **proff Vermeulen** en **Theron** en **dr Wiesner** beste referaat-toekennings by die Second Biennial International Conference on Advances in Management in Calgary in Kanada, verwerf. In 1996 ontvang **prof Theron** weer 'n beste referaat-toekenning – hierdie keer by die Third Biennial International Conference on Advances in Management in Boston in die VSA. Die departement het sedert 1993 agtien navorsingsverslae, beleidsdokumente en kontraknavorsingsprojekte voltooi. **Prof Vermeulen** ontvang in 1996 'n eksterne navorsingstoekenning van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir 'n internasionale navorsingsprojek in samewerking met die Universiteit van Queensland in Australië, getiteld The organisational restructuring experiences of Australia and South Africa: a comparative study.

Die departement is deel van 'n uitgebreide kollegiale netwerk van plaaslike en buitelandse akademici. Samewerkingsooreenkomste bestaan met buitelandse instansies, waaronder die University of Western Australia en die University of Southern Queensland, Australië asook die University of Mauritius in Mauritius. **Prof Brand** is in 1999 tot eksterne eksaminator en buitengewone dosent aan die departement van Sielkunde van die Universiteit van Namibië benoem.

Binnelands word onder meer met die Suid-Afrikaanse Raad vir Personeelpraktyk, die Suid-Afrikaanse Instituut vir Personeelbestuur, die Beroepsraad vir Sielkunde, die Lugvaart Nywerheidsopleidingsraad en die Nasionale Private Kolleges saamgewerk.

Die departement is grotendeels self verantwoordelik vir die bemarking van sy produkte, byvoorbeeld by wyse van advertensies in die media en 'n eie webbladsy. Weens effektiewe skakeling en die doelmatigheid van sy kursusse het die departement die afgelope jare positief gegroei. Die aantal effektiewe subsidie-studente (ESS) het van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

1992-1999 gemiddeld met 30% toegeneem tot 'n totaal van 467 ESS-studente. Tussen 1993-2000 is 98 magisterverhandelings en sewe doktorale proefskrifte suksesvol deur Menslike Hulpbronbestuurstudente voltooi.

Studente word bemagtig deur hulle praktiese betrokkenheid by publikasies en toepaslike navorsing. Jaarlikse prestasiepryse dien as verdere aanmoediging vir studente en is ook 'n bewys van die privaat sektor se waardering vir die kwaliteit van onderrig. Voorbeelde is die Safair-prys vir die beste Menslike Hulpbronbestuurstudent in BCom(Hons), die Murray & Roberts-prys vir die beste student in Bedryf- en Organisasiesielkunde III, die Instituut vir Personeelbestuur (Noord-Gauteng)-prys vir die student met die beste navorsingsverslag in BCom(Hons), en die Suid-Afrikaanse Raad vir Personeelpraktyk se prys vir die beste akademiese prestasie in MCom:Menslike Hulpbronbestuur. Die departement het self twee pryse ingestel, naamlik Menslike Hulpbronbestuur se Voorgraadse-prys vir die student wat die beste presteer in die studierigting BCom met spesialisering in Menslike Hulpbronbestuur oor drie jaar en die Mof Lemmer-prys vir die beste student in BCom(Hons) in Arbeidsverhoudinge.

Gemeenskapsdiens soos die aanbieding van kortkursusse is 'n vername doelwit van die Universiteit. 'n Kortkursus in Arbeidsverhoudinge word steeds volgens behoefte aangebied. As bydrae tot die regering se Heropbou- en Ontwikkelingsprogram het die departement in 1995 uit eie fondse betaal vir drie studente uit histories agtergeblewe gemeenskappe wat graag hierdie kortkursus wou bywoon. Kortkursusse in Fasilitering en Diversiteitsbestuur word ook sedert 1994 aangebied. Eskom het **me Y du Plessis** aanvanklik na die departement gesekondeer om hulp met laasgenoemde te verleen. Dié kursus, wat uniek in Suid-Afrika is, bied die vaardigheid en kundigheid om transformasie in Suid-Afrikaanse ondernemings effektief te bestuur. 'n Kursus in Bedryfsergonomika word ook sedert 1998 aangebied.

In sy spesialisasieveld lewer die departement 'n bydrae aan die totale universiteitsgemeenskap. In 1994 het **proff Basson** en **De Beer** huiskomitees van die universiteitskoshuise gehelp om 'n strategiese bestuursprogram vir multikulturele groepe in koshuise te ontwikkel. Hulle het daarna die studentedekaan ondersteun om die bestuur van diversiteit op die kampus te vergemaklik.

Die Eenheid vir Diversiteitsbestuur is in 1998 onder leiding van **prof De Beer** tot stand gebring. Voorstelle vir die konstituering daarvan is reeds in 1995 deur die Senaat goedgekeur. Die missie van die eenheid is om binne die breë missie van die Universiteit die vakterrein van werknemerdiversiteit uit te bou en diversiteitsbestuur binne die breë menslike hulpbronbestuursgemeenskap te bevorder. Die infasering van voorheen benadeelde werknemers in Suid-Afrikaanse organisasies moet effektief bestuur word om hulle internasionale mededinging te verseker. Deur navorsing genereer die eenheid oplossings vir probleme in hierdie verband.

'n Aksie van nasionale belang is in 1999 geloods: 'n ooreenkoms is met die Suid-Afrikaanse Bestuurs- en Ontwikkelingsinstituut in die nasionale Departement van Openbare Diens en Administrasie aangegaan. Daarvolgens het die departement 'n groep staatsamptenare opgelei om 'n nuwe bedeling in die Staatsdiens te vestig wat van die ou, regulasiegedrewe dispensasie na 'n outonome besluitnemingsproses beweeg. Die Europese Unie het die fondse hiervoor geskenk. Ongeveer 100 persone is opgelei om op hulle beurt weer kollegas te onderrig. Die projek is sprekend van die departement se aktuele betekenis vir die groei en ontwikkeling van Suid-Afrika.

Prof L P Vermeulen
DEPARTEMENTSHOOF

Nagraadse Bestuurskool

Personeeluitsette

Vakontwikkeling: benewens die deurlopende aanpassing en vernuwing van vakke en vakinhoud, het drie noemenswaardige vaktoevoegings in die verslagtydperk voorgekom. In 1993 het **prof N F Alberts** na aanleiding van 'n verslag van **dr W A de Villiers** oor 'n buitelandse besoek begin om Omgewingsbestuur as 'n verpligte vak in die MBA-program te ontwikkel. Die Universiteit was die eerste in Suid-Afrika wat hierdie vak as deel van bestuursopleiding aangebied het.

Gedurende 1993 is die vak Logistieke Bestuur in samewerking met onder andere Anderson Consulting ontwikkel tot op 'n vlak waar dit vanaf 1994 as volwaardige MBA-vak aangebied is.

Vanaf 1995 het **prof J H de la Rey** bestuurspele as opleidingsinstrument in die kortkursusse begin gebruik en dit is vanaf 1998 in die MBA-program ingesluit. Die behoefte aan integrering van die MBA-vakke het sodanig toegeneem dat **prof G K A Roodt** van 1998 'n nuwe vak, Geïntegreerde Hulpbronbestuur, op tweedejaarsvlak ontwikkel het. Hierdie ontwikkeling is moontlik gemaak deur 'n skenking van R1 miljoen deur die firma CSIPER.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof N F Alberts

In 1998 is twee nuwe vakke in die MBA-program ingevoeg om die kursus op datum te bring met internasionale ontwikkelinge. Die eerste is Bestuursdinamika (tweedejaarsvlak) en die tweede Multifunksionele Gevalle (derdejaarsvlak). Laasgenoemde is in 1998 verder verfyn en ontwikkel en staan tans bekend as Geïntegreerde Hulpbronbestuur.

Die bereidheid om ten opsigte van opleiding te eksperimenteer, het nog net in 'n beperkte mate ontwikkel. As voorbeelde kan die mentorprogram van **prof Roodt**, die program vir leierskapsontwikkeling van **prof R Erwee**, en die kreatiewe oriëntasie ten opsigte van bemarking van **prof J M de Wet** genoem word. In Omgewingsbestuur word ook grootliks van studiegroepe en terugvoersessies in plaas van lesings gebruik gemaak.

Navorsing: die getal navorsingsuitsette in die vorm van gepubliseerde artikels en referate by kongresse het oor die verslagtydperk tot voor herstrukturering op 23 te staan gekom. Hiervan het **prof A B Boshoff** 12 gelewer. **Prof Alberts** het namens die Nasionale Opleidingsraad 'n ondersoek na indiensopleiding in Suid-Afrika onderneem. Die verslag oor die ondersoek is vroeg in 1993 voltooi. **Proff Alberts, L M Brümmer** en **De Wet** was ook deel van die span wat op 'n kontrakbasis namens die Posmeester-generaal (PG) die tenders vir die sellulêre telefoonstelsel in Suid-Afrika geëvalueer het. Die aanbevelings van die span is deur die PG en die betrokke minister aanvaar en die kontrakte is toegeken.

Boeke en publikasies

Prof Boshoff was vir die eerste ses maande van 1998 die besturende redakteur en die tweede ses maande die redakteur van die *SA Joernaal van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe*. **Prof P S Nel** het as mede-outeur en redakteur van ses boeke oor die menslike hulpbron en arbeidsverhoudinge opgetree. Die verskyning van **prof H Lambrechts** se handboek oor effektetrusts wat reeds sy derde hersiening beleef het, was 'n besondere mylpaal.

Bemarking

Sedert 1994 is gepoog om minstens eenmaal per maand 'n berig in die massamedia geplaas te kry. In dié verband het die werk van **prof Lambrechts** oor effektetrusts 'n besondere bydrae gelewer. Betrokkenheid by die International Conference on Management in Africa (ICMA) het in 1995 'n bonus ten opsigte van sigbaarheid meegebring.

Studente-aangeleenthede

Studentetal: wat uitsette betref, kan die styging in die toekenning van MBA-grade as 'n hoogtepunt beskou word. Die getal studente wat afgestudeer het, het van die 31 in 1992 tot 51 in 1993 en 60 in 1994 gestyg. Sedert 1995 het daar jaarliks tussen 40 en 50 studente afgestudeer. 'n Rekordgetal van 66 studente het in 1998 MBA-grade ontvang, en drie DBA-studente het hulle kursusse voltooi. Die toelatingsvereistes is vanaf 1998 aangepas om studente wat die BTech-graad of Nasionale Hoër Diploma aan technikons verwerf het en oor die nodige ervaring beskik, tot MBA-studie toe te laat.

Prestasie: **mnr Roux Marnitz** is in 1994 as die MBA-oudstudent van die jaar aangewys. Na voltooiing van sy BSc-graad in Elektriese Ingenieurswese aan die Universiteit, het hy 'n MBA-graad aan die Nagraadse Bestuurskool verwerf. Die maatskappy PQ Holdings wat hy begin het en wat later met Comparex en toe weer met Dimension Data saamgesmelt het, is wêreldwyd bekend.

Alumni-vereniging: die getal lede van die alumni-vereniging het nog nie na wense toegeneem nie – in 1994 was die groei ongeveer 5% en daar was byna geen groei in die jaar daarna nie. In 1999 en 2000 is 20 MBA-alumni vereer met die Top 10-toekenning vir buitengewone prestasie in die sakewêreld. Gedurende 1999 is die volgende persone aangewys: **mnr Mike Vosloo**, besturende direkteur van Standard Bank; **dr Henri Staal**, besturende direkteur van Adcorp Holdings (Eiendoms) Bpk.; **mnr Nic Christodoulou**, besturende direkteur van Sanlam Werknemervoordele; **mnr Meyer Kahn**, voorsitter van SA Brouerye; **mnr Roux Marnitz**, voorsitter van PQ Holdings; **mnr Hein Carse**, besturende direkteur van Rembrandt; **dr J H de Loor**, voorsitter van verskeie maatskappye; **mnr Leo Haese**, eienaar van Leo Haese BMW; **mnr Johan Coetzee**, hoofbestuurder van Absa, en **dr J A Stegman** wat die voorsitter van Sasol was.

Vir 2000 is die volgende persone tydens 'n kleurryke funksie op die kampus aangewys: **mnr Anton de Souza**, hoofbestuurder van Kredietkaarte by Nedcor; **dr M J Gouws**, besturende direkteur van Dorbyl Engineering; **mnr Paul Bosman**, Internasionale Operasionele Bemarkingsbestuurder van Senono SA Switserland; **mnr Leon Vermaak**, besturende direkteur van Santam Beperk; **mnr Lourens Botha**, besturende direkteur van McCarthy On-line; **mnr Ernie Visser**, besturende direkteur van Carewell International; **mnr Kugen Naidoo**,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

streeksbesturende direkteur van die Avis Fleet Services Group; **mnr A J Prinsloo**, hoofbestuurder van Saambou Bank; **mnr Jannie van der Westhuizen**, besturende direkteur van Sasol Steenkool, en **mnr Johan de Nysschen**, uitvoerende visepresident van Audi, Japan.

Infrastruktuur en gebou

Vanweë die toenemende omvang en verandering in die aard van bestuursopleiding, het dit nodig geword om voorsiening vir fasiliteite te maak waarin hierdie behoeftes beter bevredig kan word. Na aanleiding van verskeie samesprekings en voorleggings het die Rektoraat en die Raad van die Universiteit die beginsel goedgekeur dat fondse vir die oprigting van so 'n fasiliteit beskikbaar gestel word.

Die proses wat reeds in Maart 1993 'n aanvang geneem het, het in Maart 1995 'n werklikheid begin word toe die oprigting van 'n eie leersentrum vir die Nagraadse Bestuurskool en sekere departemente goedgekeur is. Goeie vordering is gemaak met die bouwerk en die intrekdatum was aan die begin van Desember 1996. Daar is by wyse van voorleggings en samesprekings 'n punt bereik waar die Universiteit 'n bedrag van R8 miljoen ter ondersteuning van die daarstelling van 'n eie fasiliteit vir die skool bewillig het. Aangesien die bedrag wat benodig is heelwat meer sou beloop, moes bykomende finansiering gevind word. Benewens die fondse wat uit die skool se bydraes gekom het, het die personeel besluit om uit eie fondse vir lugverkoelingseenhede in die kantore van alle voltydse personeel voorsiening te maak. Die Departement Ingenieurs- en Tegnologiebestuur het 'n bydrae gelewer ten opsigte van die gedeelte van die gebou wat hulle sou gebruik. Die fasiliteit sou nie alleen voorsiening maak vir die huidige behoeftes aan lokale vir nagraadse opleiding nie, maar ook as 'n hoëtegnologie-leersentrum ontwikkel word. Die skool het die grootste gedeelte van die fondse vir 'n rekenaarnetwerk en verdere toerusting voorsien aangesien die Universiteit nie fondse vir dié doel beskikbaar kon stel nie.

Programontwikkeling

Modulêre MBA: die instelling van die modulêre program in 1993 het 'n wesenlike markbehoefte aangespreek.

MBA, Universiteit van die Noorde: onderhandelings met die Universiteit van die Noorde (UNIN) met die oog op die gesamentlike aanbieding van 'n MBA-kursus aldaar, het reeds in 1997 begin. Op 29 Junie 1998 is 'n formele samewerkingsooreenkoms tussen die Universiteit en die UNIN onderteken. Die kursus het in 1998 begin en daar was aanvanklik net ses studente, maar die getal het intussen gegroei na 'n jaarlikse inname van ongeveer 20 studente.

Nadat die nodige tegniese fasiliteite in werking gestel is, is 'n groot gedeelte van die kursus in 1999 met behulp van interaktiewe televisie aangebied. Daar was in 1999 samesprekings tussen **proff C J Cloete**, **N C Manganyi** en **C Thornhill** van die Universiteit en **proff P Franks** en **T van Niekerk** (UNIN) waartydens ooreengekom is dat die UNIN sy eie MBA sal aanbied en slegs enkele dosente van die Universiteit sal inkontrakteer.

DBA-program: die relatief groot getal DBA-studente (43) wat aan die begin van 1993 ingeskryf het, is versoek om hulle finale studieprogramme voor te lê om die voltooiingsdatums te kon bepaal. Die 15 studente wat hierop gereageer het, is verder begelei en teen die einde van 1999 het nege van hulle grade verwerf. Vanaf 1994 is hoogstens vyf studente per jaar toegelaat om vir die navorsingsmetodiekkursus in te skryf. Dit het 'n meer eweredige werklading vir dosente meegebring en ook tot 'n beter voltooiingsvlak gelei.

PhD in Organisasiegedrag: hierdie PhD-program is in 1998 van stapel gestuur toe die eerste ses studente daarvoor ingeskryf het. Na heelwat groeipyne word dit nou deurlopend aangebied en word vyf studente jaarliks ingeskryf.

Interne ontwikkeling

Departement Toerismebestuur: die Leerstoel in Hotel- en Toerismebestuur wat in 1992 tot stand gekom het, het 'n besondere toename in studentetalle beleef en gevolglik het die personeelkorps uitgebrei. Die getal studente het van 81 in 1993 tot 269 in 1994 toegeneem. Voorbereidings is getref met die oog op die omskepping van die Leerstoel in 'n volwaardige departement. Hierdie proses is in 1995 afgehandel en die Departement Toerismebestuur kon vanaf 1 Januarie 1996 selfstandig funksioneer.

Personeelontwikkeling

Prof Lambrechts is in 1996 as die nuusmakerdosent van die jaar aan die Universiteit aangewys, en **prof Erwee** was ook een van die finaliste. Wat meer is, is dat sy in 1996 as een van die finaliste vir sakevrou van die jaar aangewys is. Op 2 September 1994 is die DBA-graad aan **dr H P Wolmarans** toegeken, en in 1996 het **dr De Villiers** sy DBA-graad verwerf. In 1998 het **dr Hoole** (navorser) haar DPhil-graad ontvang. **Prof Lambrechts**

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

het die eerste deel van die eksamen vir geoktrooieerde finansiële analis (Chartered Financial Analyst (CFA)) suksesvol afgelê.

Registrasie by die SA Kwalifikasie-owerheid (SAKO)

Alle programme is gedurende 1998 voorberei met die oog op indiening by SAKO, en in 1999 is die programme verder aangepas met die oog op formele registrasie by SAKO. In 2000 is alle graadkursusse volgens die vereistes van SAKO aangepas en formeel geregistreer.

Internasionale skakeling

Buitelandse besoekers: gedurende die tweede semester van 1994 het **Dr Jadish Parikh**, voorheen 'n sakeman van Bombaai en op daardie stadium dosent by IMD, Switserland, die skool besoek en 'n reeks lesings oor die bestuur van die self aangebied. **Prof Will Foppen**, direkteur van die Rotterdamse Bestuurskool aan die Erasmus Universiteit, het die Universiteit en natuurlik die skool in Februarie 1995 besoek. Een van die hoof doelstellings van sy besoek was om 'n samewerkingsooreenkoms tussen die twee bestuurskole tot stand te bring. Dit is tans moontlik om dosente sowel as studente uit te ruil met die oog op die verbreding van beide groepe se opleidings- en ervaringsveld. **Dr Jack Swick**, 'n finansiële bestuurskundige van City Bank, Florida VSA, het in Junie 1995 Suid-Afrika as gas van Absa besoek. Sy besondere kundigheidsterrein, naamlik korporatiewe finansiering, het aangename gesprekvoering uitgelok. Die moontlikheid is bespreek om hom tydens 'n volgende besoek by lesings en moontlike werksessies oor die onderwerp te betrek. **Mnr Winnefeld** van die Kassel Universiteit in Duitsland was besig met doktorale studie oor die ontwikkeling van kurrikula vir internasionale bestuursopleiding. Hy betrek onder meer Suid-Afrika by sy studie en hy het die skool teen die einde van Junie 1995 besoek. Gedurende Augustus 1995 het **prof Ahmed** van Indië hier besoek afgelê. Hy is 'n kundige op bemarkingsgebied en het goeie aanklank by **prof De Wet** gevind. Ander buitelandse besoekers was **Dr Bakul Dholakia** van die Indian Institute of Management (1995), **prof Greg Whittred**, professor in Rekeningkunde en direkteur van MBA- en Bestuursprogramme aan die University of New South Wales in Sydney (1996), en **prof Robert Mockler**, direkteur en stigter van die Strategic Management Research Group aan die St John's University, New York (1997).

Prof C J Cloete



Prof A M de Klerk

Dosente uitruiling en gasdosente: **prof De Wet** was gedurende 1994 vir drie maande gasdosent en besoekende professor by die Cranfield School of Management. **Prof Boshoff** het vir 'n tydperk in Perth klas gegee, en **prof Nel** was insgelyks in Nederland. **Proff G M Dekker** (1997) en **De la Rey** (1998) het elkeen vir 'n semester in Budapest as deel van 'n uitruilprogram tussen die twee universiteite opgetree. 'n Probleem wat met die uitruilprogram tussen die Universiteit en BUES van Budapest ondervind is, was dat uitruiling nie op 'n een-tot-een basis kon plaasvind nie. Hulle het 'n groot behoefte aan dosente in Bestuursrekeningkunde en kon nie 'n dosent hiervoor in ruil beskikbaar stel nie. 'n Ander probleem is dat slegs 'n paar buitelandse dosente hier klasgegee het weens die hoë koste wat daaraan verbonde is.

Studente-uitruiling: skakeling met buitelandse bestuurskole en die daarstelling van samewerkingsooreenkomste het in 1995 sy beslag gekry toe 'n ooreenkoms met die Rotterdamse Bestuurskool aan die Erasmus Universiteit onderteken is. Die eerste uitruilstudent het in die tweede semester van 1995 aan die Universiteit kom studeer. Twee studente uit Gent het 'n gedeelte van hul studies in Suid-Afrika onder leiding van die skool voltooi, en 'n student van die Rotterdamse Bestuurskool het in 1999 strategie vir 'n MBA by die Nagraadse Bestuurskool geneem. Tussen 1995 en 1999 het vier Nederlandse studente 'n gedeelte van hulle kursusse hier gevolg terwyl vyf van die skool se studente in Nederland klas bygewoon het.

Advieskomitee: onder die voorsitterskap van **mnr Mike Myburgh**, hoofbestuurder van die Suid-Afrikaanse Lugdiens, is 'n nuwe bestuursraad saamgestel en verskeie vergaderings is sedert 1994 gehou. Indringend aandag is aan die Advieskomiteelede se siening en aanbevelings oor bestuursopleiding en die toekomstige funksionering van die skool geskenk. Tydens die tweede vergadering in 1994 is eenparig besluit om die naam na Adviesraad te verander, in ooreenstemming met internasionale tendense. Die insette van die Adviesraad het daartoe bygedra dat verskeie aanpassings aan die skool en sy onderrig gemaak is om dit meer in ooreenstemming met die behoeftes van die beroepswêreld te bring.

Personeelwisseling: **prof Nel** aanvaar in 1994 sy taak in Werkkragbestuur en Arbeidsverhoudinge, en **dr Wolmarans** word in dieselfde jaar aangestel. Die jaar daarna verloop sleg toe **prof J H Fourie**, die bekleër van die Leerstoel in Hotel- en Toerismebestuur, op 2 September 1995 oorlede is. Dit het 'n groot leemte gelaat en sy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

nalatenskap het lank as riglyn vir die ontwikkeling van die departement gedien. Aan die begin van 1998 was daar 14 doserende en een navorsingspersoneellid aan die skool verbonde. Eerlank het eers **proff Erwee** en **P Steyn** die diens van die Universiteit verlaat, en later het ook **mnr Willem Cilliers** bedank. **Prof Dekker** het hulle om mediese redes gevolg. In Augustus 1998 is 'n nuwe direkteur, **prof Cloete**, aangestel om die skool vir die volgende twee jaar deur 'n veranderingsproses te lei. Na sy bedanking in Oktober 2000 word hy deur **prof A M de Klerk** opgevolg.

Besondere geleenthede

ICMA 1995: as deel van die 75ste herdenking van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe se bestaan, is 'n internasionale konferensie oor bestuur in Afrika gereël. Die Nagraadse Bestuurskool tesame met die Skool vir Openbare Bestuur en Administrasie, die SA Instituut vir Bestuurswetenskaplikes en die Vereniging van Bedryfsielkundiges, het die konferensie gesamentlik van 9 tot 11 Oktober 1995 by die Universiteit aangebied. Ongeveer 60 voordragte is gelewer en werksessies is aangebied. Van die referate was: *Diversity in the Southern African Workforce* – **prof Boshoff** (Nagraadse Bestuurskool); *Reforming African Management* – **prof Gerald Caiden** (School for Public Administration, University of Southern California, Los Angeles); *Crisis Budgeting* – **prof Naomi Caiden** (Department of Political Science, California State University, Los Angeles); *Rural development, environmental planning, research methods, urban and regional projects* – **prof Cheru Fantu** (School of International Service, The American University, Washington); *The systems approach to management, linking environmental strategic planning, globalisation, etc.* **prof Stell Kefalas** (Department of Management, College of Business Administration, Georgia); *Impediments to International Management research: perceptions and reality* (hierdie referaat handel oor persepsies ten opsigte van internasionale of kruiskulturele navorsing en hoe dit van die realiteit verskil) – **prof Rick Steers** (vise-provost van Internasionale Aangeleenthede by die Universiteit van Oregon in Eugene).

Vyftigjarige herdenking

In 1999 het die skool sy 50ste bestaansjaar herdenk. Die alumni is by 'n funksie vir dié geleentheid betrek.

Herstrukturering


Prof J H de la Rey

Prof Cloete se taak is by sy aanstelling in 1998 was om die skool te herposisioneer en herstruktureer. Na 'n uitgebreide buitelandse reis waartydens hy die London Business School en die universiteite van Warwich, Cranfield, Rotterdam, Twente, MIT Sloan, Boston, Georgia State, Florida, Charlotte (North Carolina) en die Virginia Commonwealth University besoek het, is daar tot die gevolgtrekking gekom dat dit sinvol vir 'n MBA-program sou wees om dosente te kontrakteer. Die ideaal was dus om dosente van die fakulteite as voorkeurvoorsieners te kontrakteer, terwyl die skool hom eerder op programbestuur toespits. Daar is op 'n model besluit waarvolgens al die dosente na die onderskeie departemente en fakulteite teruggeplaas is. Slegs **prof Cloete** sou in die skool oorbly.

Prof Roodt is egter daarna vir strategie- en studente-ontwikkeling teruggesekondeer, **prof Nel** as MBA-programbestuurder, **dr De Villiers** as Bestuurder: Voortgesette Onderrig en **mnr Cilliers** om logistiek en operasionele programme te koördineer. Laasgenoemde, wat na SAPPI gesekondeer is om sy doktorsgraad te voltooi, het in 2000 bedank om by 'n bestuurskonsultantfirma aan te sluit.

Prof Nel is in 1 September 1999 tot Departementshoof: Ondernemingsbestuur bevorder, en **prof De La Rey** wat voorheen waarnemende direkteur was en die Nagraadse Bestuurskool goed geken het, is toe as MBA-programbestuurder aangestel. Die gevolg van die herstrukturering was dat die kwaliteit van aanbiedings vir MBA-studente makliker verseker kon word. Studente-tevredenheid het merkbaar toegeneem en aansoeke vir die MBA-program het skerp gestyg. Die sukses van 'n MBA-program setel in die kwaliteit van die aanbiedings en die gehalte van die studente. Keuringsvereistes is verskerp en die gehalte van die MBA-studente het aansienlik verbeter. In 1999 is slegs 33% van die aansoekers gekeur, en 120 studente is in die twee MBA-programme ingeskryf.

Die kurrikulum is daarna herstruktureer en alle modules is aan die hand van die veranderende bestuursomgewing, internasionale beste praktyke en relevansie vir Suid-Afrika heroorweeg. Die Omgewingsbestuur-module het weggeval en heelwat herhaling is uitgeskakel. 'n Module in Kommunikasiebestuur is bygevoeg, en sekere modules is verkort. Die resultaat was dat die deeltydse en die modulêre MBA van drie na twee jaar verkort kon word. Die verandering is besonder gunstig deur die mark aanvaar.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die ingekontrakteerde dosente het 13 artikels in geakkrediteerde tydskrifte en drie internasionale joernale gepubliseer. Bydraes is vir 12 boeke gelewer, en 18 referate, waarvan agt by internasionale konferensies was, is aangebied.

Die skool ondersteun uitkomsgebaseerde onderwys waarvolgens teorie in toepassing en kennis in vaardighede omskep moet word. Die fokus op persoonlike ontwikkeling het toegeneem en leierskapsprofiele word vir elke student in samewerking met wêreldkundiges (Assessment Technologies International en SHL) bepaal en geleentheid vir selfontwikkeling onder eksperimentele omstandighede word gebied. Heelwat praktiese klaskamerondersteuning word deur hoofde van maatskappye en bestuurskonsultante aan studente gebied.

Die skool het groot vordering gemaak deur diversiteitsbestuur en sensitering in Suid-Afrika te beklemtoon. **Prof Cloete** het dit ook tydens oriëntering gefasiliteer met die gevolg dat groepe spontaan hulle diversiteit uitgeleef het. Die skool het 'n toeloop van uitstaande bestuurders en kandidate uit die agtergeblewe gedeelte van die bevolking ervaar. Betrokkenheid by die bevordering van diversiteit is ook in optredes na buite weerspieël. **Prof Roodt** was steeds op die paneel om die entrepreneur van die jaar aan te wys (Ernest en Young), en **prof Cloete** het in die paneel gedien wat die mees internasionale Suid-Afrikaanse maatskappy moes aanwys (PWC, *Business Day* en *Barlows*). Hy was ook die voorsitter by 'n kongres oor diversiteit vir die International Research Council en 'n paneellid en spreker vir die Suid-Afrikaanse Raad van Mediese Skemas tydens 'n internasionale kongres in Johannesburg.

Logistieke Bestuur

Tydens **mnr Cilliers** se verlof, is die Leerstoel in Logistieke Bestuur van Junie 1998 tot September 1999 deur **mnr Gerhard de Villiers** bestuur. Gedurende hierdie tydperk is die eerste internasionale bedryfslogistiek-kursusse in Suid-Afrika aangebied.

In Oktober 1999 is **mnr Pierre Linford** in die Leerstoel in Logistiek aangestel. Die European Certification Board for Logistics het die plaaslike kursusinhoud asook assesseringstandaarde in November 1999 goedgekeur. Hierdie internasionaal erkende kursusse is met groot sukses gedurende 2000 voortgesit. Die Leerstoel in Logistiek sluit boonop 'n strategiese alliansie met Spoornet en ontwikkel 'n logistiese en voorsieningskanaal-opleidingsprogram, eksklusief vir Spoornet se personeel, in ooreenstemming met Spoornet se strategiese herposisionering. 'n Kontrak ter waarde van R3 miljoen is met Spoornet gesluit. Hierdie Leerstoel is effektief aan die begin van Mei 2000 na die Departement Ondernemingsbestuur oorgeplaas. Formele Logistiekprogramme is geloods en navorsingsprosedures kry hulle beslag met 'n bedryfsekonomiese fokus onder leiding van die nuwe departementshoof, **prof Nel**.

Voortgesette onderrigprogramme

Die skool bou sedert 1992 suksesvol voort op die voortgesette onderrigprogramme. Dit behels toenemend pasgemaakte kursusse vir spesifieke kliënte soos die Stadsraad van Pretoria, Agrinet, Eskom en Spoornet. Hierdie kursusse word op grond van gesistematiseerde behoefte-opnames ontwikkel. Daar word van buite persone gebruik gemaak vir modules wat nie binne die kundigheidsgebiede van die Universiteit val nie. Hierdie persone word deurlopend in oorleg met die kliënt gekoördineer en geëvalueer. Dit verg direkte en volgehoue betrokkenheid van die diensverskaffer. Die drie hoofkursusse, naamlik die Senior Bestuursprogram, die Bestuurs-ontwikkelingsprogram en die Bestuursprogram, is gedurende 1996 hersien en in 'n hiërargie van kursusse gestruktureer.

Die produkportefeulje het verdubbel en die aantal programme en studente het met ongeveer 30% toegeneem danksy die groter vraag in die mark, die kwaliteit van die programme, die voortdurende verandering en aanpassing van die inhoud om by markbehoeftes aan te pas en die feit dat die skool na die nuwe fasiliteite in die Nagraadse Sentrum verhuis het. Die Senaat het intussen goedkeuring verleen dat studente wat die voortgesette onderrigroete volg na 'n oorbruggingsprogram van vyf grondvakke mag aansoek doen om toelating tot die MBA program. Verskeie interne en pasgemaakte programme word op 'n bedryfstak en/of 'n korporatiewe grondslag aangebied. Hierdie benadering tot opleiding neem vinnig toe en verskeie onderhandelings in dié verband is tans aan die gang. Die Skills Development Act 97/1998 bied geweldig baie nuwe geleenthede en uitdagings vir voortgesette onderrig. Die oogmerk is om toepaslik rekord van alle onderrigaanbiedings te hou en dit te laat akkrediteer sodra die nodige meganismes van owerheidskant daargestel is. Die skool neem tans aan bestaande prosesse deel om insette vir die nasionale kwalifikasieraamwerk te lewer. **Dr De Villiers** is met ingang 1 Julie 2000 as Programbestuurder: Voortgesette Onderrig aangestel.

In 1997 is voorgestel dat die nieformele opleiding (kortkursusse) wat as 'n geïntegreerde deel van die skool bedryf is, as 'n selfonderhoudende besigheidseenheid herstruktureer moet word. Die mees gewenste vorm blyk 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

privaat maatskappy te wees waarin die skool, die Universiteit, privaatsektor-ondernemings en sover doenlik, werknemerorganisasies, die aandeelhouers sou wees. Intussen is goedgekeur dat alle voortgesette onderrig van die Universiteit in die toekoms via 'n kampusmaatskappy aangebied, naamlik Voortgesette Onderrig by die Universiteit van Pretoria (Edms) Bpk, sal word.

'n Nuwe organisatoriese bedeling

Gedurende 1999 en aan die begin van 2000 is daar ondersoek ingestel na die moontlikheid om 'n aantal nagraadse bestuursprogramme van die Universiteit in 'n nuwe organisatoriese eenheid saam te voeg. 'n Besigheidsplan is ontwikkel en in 2000 deur die Hoofbestuur goedgekeur. Hiervolgens sou die skool en sy programme deel word van 'n nuwe eenheid wat eventueel verantwoordelik sou wees vir die bedryfs- en besigheidsbestuur van alle nagraadse, multidissiplinêre, gedoseerde bestuursprogramme van die Universiteit. In die kort termyn sou hierdie "nuwe bestuurskool" verantwoordelik wees vir die MBA-program asook twee suksesvolle programme van die Departement Ingenieurs- en Tegnologiebestuur, naamlik die magisterprogram in Ingenieursbestuur en die magisterprogram in Projekbestuur. Op 1 Maart 2000 is **prof Antonie de Klerk**, voorheen hoof van die Departement Ingenieurs- en Tegnologiebestuur in die Fakulteit Ingenieurswese, as direkteur van die nuwe eenheid aangestel. Die personeel van die skool is na dié eenheid oorgeplaas. **Prof Cloete** het vir die bestuur van die MBA-program in die nuwe skool verantwoordelik gebly en **dr Siebert Benade** is op 1 November 2000 as programbestuurder vir die twee ingenieursprogramme aangestel. Hierdie nuwe eenheid, wat buite die fakulteitstruktuur lê, lui 'n nuwe era in die bestaan van die Nagraadse Bestuurskool in.

Buro vir Finansiële Analise (BFA)

In 1991 word **prof A P Zevenbergen** deur **prof L M Brümmer** as direkteur van die BFA opgevolg. Die personeel van die BFA het gedurende die afgelope dekade op ongeveer tien voltydse en deeltydse personeel gestabiliseer, en daar is voortdurend van sowel dosente as nagraadse en voorgraadse studente gebruik gemaak.

Die ontleding en elektroniese vaslegging van die finansiële jaarstate van maatskappye wat op die Johannesburgse Aandelebeurs genoteer is, is sedert 1991 en gedurende die verslagperiode daadwerklik uitgebou. Meer inligting is elektronies vasgelê en die databasis is kommersieel aan die institusionele beleggingsgemeenskap beskikbaar gestel. Hierdie strategiese verandering in die BFA se aktiwiteite is deur eksterne faktore teweeggebring maar ook veral deur die feit dat navorsingsinstellings aan die Universiteit vanaf die begin van die verslagperiode finansieel onafhanklik moes funksioneer. Dit was dus van die uiterste belang om kontantvloei te genereer, en die kommersialisering van die finansiële databasis was dus 'n logiese stap.


Prof L M Brümmer

In 1991 is begin om die omvattende databasisse van die BFA onder die handelsmerk BFA-NET in samewerking met 'n nuutgestigte Johannesburgse onderneming, naamlik BFA-NET (Edms) Bpk, te bemark. Daar is met die omvattende reeks produkte wat gedurende die afgelope dekade ontwikkel is, gepoog om nie alleen die data beskikbaar te stel nie maar ook om doelbewus waarde tot die data toe te voeg deur verbruikersvriendelike programmatuur te ontwikkel, en om 'n groot hoeveelheid finansiële verhoudingsgetalle, finansiële modelle, risiko analitiese vermoëns, en dies meer toe te voeg. Al gou het BFA-NET, en daarom die BFA, 'n bekende in die Suid-Afrikaanse finansiële markte geword. Die aanvanklike doelwitte van die BFA is verder uitgebou en nagestreef deur moderne finansiële tegnieke deur middel van die BFA-NET produkte bekend te stel. Hierdie tegnieke het toepassing in die praktyk gevind en op dié wyse meer wetenskaplike besluitneming bevorder.

Die groei, ontwikkeling en bekendheid van BFA-NET en die BFA lei in 1998 daartoe dat die bekende media-onderneming, Naspers Bpk, beheer van BFA-NET verkry. Naspers verkry terselfdertyd ook volle eienaarskap van 'n kleiner mededinger van BFA-NET, naamlik McGregor Online Financial Services. Dié twee ondernemings word onder die nuwe naam McGregor BFA (Edms) Bpk saamgevoeg. Die BFA word 'n vennoot van 'n baie groter onderneming as lid van die M-groep van maatskappye binne die Naspers-groep. Kapitaal vir verdere ontwikkeling asook toegang tot die nuutste tegnologie het aanleiding tot versnelde groei en ontwikkeling vir beide McGregor BFA asook vir die BFA gegee.

Na omvattende onderhandelings tussen McGregor BFA en die Universiteit gedurende 1999 en aan die begin 2000 kom die twee partye ooreen om die BFA ten volle te privatiseer. Die BFA (of BFA (Edms) Bpk) word in Januarie 2000 'n volfiliaal van McGregor BFA. Ingevolge die onderhandelde ooreenkoms koop McGregor BFA die kommersiële regte van die databasis vanaf die Universiteit terwyl laasgenoemde die akademiese regte (vir doeleindes van opleiding en navorsing) behou. Die nuutgestigte BFA (Edms) Bpk sal volgens die ooreenkoms voortgaan om nagraadse studente van die Universiteit te ondersteun, en die produkte van McGregor BFA is ook tot die beskikking van die Universiteit vir opleidings- en navorsingsdoeleindes.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Alle bestaande bates van die BFA word deur BFA (Edms) Bpk by die Universiteit gekoop. BFA (Edms) Bpk bly fisies op die kampus van die Universiteit aan. Kantore word van die Universiteit gehuur en deel van die infrastruktuur word teen vergoeding gebruik. Daar is kragtens die onderhandelde ooreenkoms besluit dat McGregor BFA (Edms) Bpk asook die nuutgestigte BFA (Edms) Bpk, onder sekere omstandighede, mag voortgaan om die naam en embleem van die Universiteit te gebruik. As vergoeding hiervoor betaal McGregor BFA (Edms) Bpk jaarliks 'n bedrag aan die Universiteit. Hierdie bedrag word in 'n ontwikkelingsfonds onder beheer van die hoof van die Departement Rekeningkunde en Finansiële Bestuur gestort om die dissipline Beleggingsbestuur uit te bou. Die ontwikkelingsfonds staan bekend as die McGregor BFA Beleggingsbestuur-ontwikkelingsfonds. Bogenoemde ooreenkoms tussen die Universiteit en McGregor BFA (Edms) Bpk sluit die bestaan, groei, ontwikkeling en daadwerklike bydrae tot die Suid-Afrikaanse finansiële gemeenskap deur die Buro vir Finansiële Analise as eenheid binne die Universiteit af.

Prof N F Alberts
VOORMALIGE DIREKTEUR

Ondernemingsbestuur

Die departement funksioneer vir die tydperk 1991-1998 onder die hoofskap van **prof D C van Rooyen**, waarna **prof P S Nel** in 1999 die leisels oorneem. In Julie 1993 word 'n memorandum aan die dekaan van die fakulteit voorgelê om 'n naamsverandering van die departement van Bedryfsekonomie na Ondernemingsbestuur versoek word. Dié verandering het 'n tradisie van meer as 45 jaar beëindig.


Prof D C van Rooyen

Voorrang aan Afrikaans het nie die departement verhinder om by veranderende markomstandighede aan te pas nie en daar is voortgegaan met die uitbreiding van die aanbieding van vakke in Engels vir Engelstalige studente.

In 1995 is 'n kursus vir buitepersone, naamlik Finansiële Bestuur vir niefinansiële bestuurders, onder leiding van **prof E Oost** ontwikkel en aangebied. In die jare daarna is die kursus dikwels suksesvol herhaal.

Twee tweetalige handboeke is in 1997 vir tweedejaarstudente deur die medewerking van departementslede geskryf, naamlik in produksiebestuur en in aankopebestuur. **Prof Van Rooyen** was mederedakteur van die boek *Aankope- en materiaalbestuur (Purchasing and materials management)*, en **prof P W C de Wit** was mede-redakteur vir *Produksie- en operasionele bestuur: 'n Suid-Afrikaanse perspektief (Production and operations management: A South African perspective)*.

Gedurende **prof Van Rooyen** se studieverlof in 1995 het **prof E F de V Maasdorp** in sy plek waargeneem. Fondse vir buitelandse besoeke is ten volle benut en departementslede het referate in onder meer Brittanje en Zimbabwe aangebied. Op nasionale vlak is referate in Pietermaritzburg en verskeie ander streke gelewer.

In 1998 verskyn 'n nuwe handboek in Ondernemingsbestuur in Afrikaans en Engels vir eerstejaarstudente onder redaksie van **proff S Marx**, **Van Rooyen** en **J Bosch** (UPE). **Proff De Wit, J A de Villiers, Maasdorp** en **A E Marx** en **drr G H Nieman** en **J J Van Vuuren** het as medeskrywers opgetree. In 1998 verskyn die eerste akademiese handboek oor franchising in Suid-Afrika onder die naam van **dr Nieman**.

Sedert 1996 het talle afleggings in die ekonomiese omgewing plaasgevind, beide in die staatsdiens en die groot ondernemings wat tradisioneel groot werkverskaffers was. Daar het dus 'n dringende behoefte ontstaan om opleiding vir entrepreneurs aan te bied sodat graduandi hulle eie ondernemings kon begin. Die instelling van die graad BCom:Entrepreneurskap in 1999 maak hierdie die eerste departement in Suid-Afrika wat die graad aanbied. Verskeie oorsese besoeke deur **drr Van Vuuren** en **Nieman** het hierdie inisiatief voorafgegaan om kennis te neem van wat in die buiteland in hierdie verband gedoen word.

Daar is begin om voorgraadse modules vir Internasionale Bestuur te ontwikkel. Die graad MPhil in Internasionale Bestuur is in die vooruitsig gestel. Enkele vakkursusse is vervang. In die plek van die semesterkursus in Produksiebestuur, wat op 200-vlak aangebied is, is 'n nuwe leerinhoud in die module Logistieke Bestuur geskep. Die semesterkursus in Aankoopbestuur is vervang deur twee modules in Projekbestuur, om die opleiding in lyn te bring met heersende behoeftes op dié gebied. Modules in Internasionale Bestuur is op 300-vlak ingestel en kon reeds in 2000 gevolg word.

In die uitreiking na internasionale vakkundige medewerking is 'n ooreenkoms met die Fachhochschulverein Inntal (FHS Kufstein, Tirol) bereik ingevolge waarvan studente tussen die twee instansies uitgeruil kan word. In 2000 was

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

daar reeds enkele studente ingevolge die ooreenkoms uitgeruil. Ooreenkomste maak dit vir **mnr A Antonites** in 1998 en vir **prof Marx** in 1999 moontlik om die Universiteit van Budapest te besoek.

In 1999 is die Afdeling Finansiële Bestuur na die Departement Rekeningkunde verskuif - iets wat reeds in 1998 'n aanvang geneem het toe die fakulteit geherstruktureer en ingestel is. Volgens dié besluit is 'n groot deel van die tradisionele funksionele leerstof in Ondernemingsbestuur na die Departement Rekeningkunde verskuif. Personeel en ander hulpbronne wat by opleiding in Finansiële Bestuur betrokke was, is ook verskuif. Die deelgebied Bemarkingbestuur is vroeër weens sy omvang as 'n afsonderlike departement gevestig.

Personeellede wat voorheen aan die Nagraadse Bestuurskool verbonde was, is gedurende 1999 administratief teruggeplaas na lyndepartemente volgens hulle funksionele vakspesialisasie. Van die dosente naamlik **prof G K A Roodt** en **dr W A de Villiers** is uitsluitlik vir die MBA-program aangewend en is nie fisies in die departement opgeneem nie. **Prof A B Boshoff** is egter ten volle oorgeplaas.


Prof P S Nel

Met die aftrede van **prof Van Rooyen** in 1998 het **prof Maasdorp** as departementshoof waargeneem. **Prof P S Nel** word vanaf 1 September 1999 as departementshoof aangestel nadat hy verskeie jare as adjunkdirekteur by die Nagraadse Bestuurskool gewerk het. Hy is die outeur van verskeie navorsingsverslae en handboeke asook die redakteur van twee handboeke wat gedurende 2000 herskryf is, te wete *Human resource management* (5de uitgawe) en *Training management* (3de uitgawe). Naas **prof J Visser** wat in 1995 in **prof A E Rupert** se plek aangestel is toe laasgenoemde as Kanselier benoem is, word **prof Themba Sono** vanaf 1 Januarie 2000 as tweede honorêre professor, en ook die eerste swart Suid-Afrikaner in die departement, aangestel. Histories benadeelde aanstellings is al vroeër op assistentvlak gedoen, maar kontinuïteit kon weens die skaarsheid van hierdie hulpbron nie bewerkstellig word nie.

Prof E F de V Maasdorp

Die leerstoel in Logistieke Bestuur is van die Nagraadse Bestuurskool na die departement oorgeplaas en word deur **mnr P Linford** bedien. Hy word administratief deur **me A van der Merwe** bygestaan. 'n Eksterne evaluering gedurende 2000 was die eerste in die bestaan van die departement. Tans bied die departement 29 voorgraadse modules in twee BCom-spesialiseringsrigtings aan, naamlik BCom:Ondernemingsbestuur en BCom:Entrepreneurskap. 'n Totaal van ongeveer 12 000 module-inskrywings word hiermee bedien. Dienskursusse word in die Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie aangebied. Van die departementslede bied ook lesings vir die MBA-program aan. Die departement bestaan tans uit 11 doserende personeel en enkele administratiewe en bystandpersoneel. Sewe doserende personeellede beskik oor doktorsgrade, dus is die departement goed toegerus om sy taak te verrig.

Op honneursvlak is daar tans agt modules wat studente kan volg. Studente kan tot op magistervlak vorder deur 'n MCom-verhandeling te voltooi. 'n DCom word aangebied as die hoogste kwalifikasie in dié vakrigting. Die MPhil:Internasionale Bestuur en die MPhil:Entrepreneurskap kan vanaf 2001 studente inneem. Kortkursusse in Aankoopbestuur en in Logistieke Bestuur word vir praktiserende leerders aangebied. 'n Sertifikaatkursus in Projekbestuur word sedert 2000 vir die eerste keer aangebied.

Gemeenskapsdiensprojekte word onder die vaandel van die Eenheid vir Bestuursontwikkeling uitgevoer. Die Olievenhoutboschprojek wat deur Sonopkoshuis geïnisieer en deur Centurion se stadsraad gefinansier is, is onderneem en 'n groep van ongeveer 20 kursusgangers het opleiding ondergaan. Daar is gereeld skakeling met plaaslike universiteite wanneer personeellede byvoorbeeld as eksterne eksaminatore optree.

Prof P S Nel
DEPARTEMENTSHOOF

Sentrum vir Afrikatoerisme

Die sentrum is in 1998 in die lewe geroep en is sedertdien verbind tot sy visie om leidinggewend in opleiding, navorsing en strategiese raadgewing op toerismegebied en in gemeenskapsontwikkeling wat in Suid- en Suidelike Afrika daarmee verband hou, op te tree. Die sentrum se missie is om die sterkpunte en vaardighede wat aan die Universiteit beskikbaar is, in te span, die getal belanghebbendes in ander fakulteite te vergroot en op hierdie wyse die toenemende aantal departemente wat 'n multidissiplinêre benadering tot toerisme kan bevorder, te benut.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die volgende departemente en sentrums aan die Universiteit was aanvanklik hierby betrokke: die Departement Toerismebestuur, die Sentrum vir Natuurlewebestuur, die Departement Geografie, die Departement Antropologie en Argeologie, en die Nagraadse Skool vir Landbou- en Landelike Ontwikkeling.

Ander departemente is sedertdien as belanghebbendes betrek op grond van hulle direkte of indirekte betrokkenheid by opleiding, navorsing oor of bydraes tot die multidissiplinêre terrein van toerisme. Die belangrikste hiervan is die Departemente Geskiedenis, Kultuurgeskiedenis en Verbruikerswetenskap.

In ooreenstemming met een van sy strategiese prioriteite en ten einde opvoeding wat met toerisme verband hou en navorsing op 'n wyer gebied binne die Universiteit te koördineer, is werksessies suksesvol in 1998 en 1999, en nog twee in 2000 aangebied. Twintig verteenwoordigers van 15 akademiese departemente en sentrums aan die Universiteit het die laaste werksessie in Julie 2000 bygewoon.

Sedert 1998 is verskeie toerismeforums aangebied. Besoekende kundiges is versoek om bestepraktyke in hulle lande van herkoms, wat moontlik op Suid-Afrika van toepassing kan wees, te bespreek. Hierdie toerismeforums mag deur alle belangstellendes aan die Universiteit bygewoon word, en word op die intranet asook by sleutelorganisasies soos SATOUR, die Nasionale Parkeraad, die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika, die Departement Omgewingsake en Toerisme, en die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde geadverteer.

Die Universiteit en die WNNR het in 1999 'n strategiese samewerkingsooreenkoms gesluit om 'n vennootskap van wêreldformaat te skep wat beide instansies se internasionale mededingendheid ten opsigte van die wetenskap en tegnologie kon verhoog en nasionale innovering sou verbeter. Die sentrum het die Universiteit in die toerismetaakspan vir hierdie strategiese samewerkingspoging verteenwoordig.

Dit het uit verskeie oorde aan die lig gekom dat inligting oor toerisme in Suid-Afrika relatief gefragmenteerd is. Hierdie inligting word ook selde vertolk. Die potensiële gebruikers van hierdie inligting en kennis het nie altyd voldoende toegang tot die bronne van sodanige inligting en kennis nie. Die sentrum, die Departement Toerismebestuur aan die Universitit en die WNNR het gevolglik 'n gesamentlike projek van stapel gestuur om 'n stelsel te ontwikkel wat die probleem sou verlig. Een van die doelwitte was om virtuele toegangspoort tot die toepaslike inligtingsbronne en kommunikasiestelsels vir huidige en potensiële gebruikers van toerisme-inligting te skep. Bykomende analises van verskillende stelle inligting sal deur kundiges aangepak word om toepaslike inligting aan besluitnemers en ander eindgebruikers te voorsien. Die nodige gereedskap vir telekommunikasie en tegnologie sal byvoorbeeld aan landelike gemeenskappe gelewer word om koppelvlakke met die TKRS te bewerkstellig.

Verskeie kontraknavorsingsprojekte is vir kliënte uitgevoer, hetsy die provinsiale owerhede, instansies of individue, byvoorbeeld 'n tender is aan 'n konsortium van die Universiteit, die WNNR en die Landbounavorsingsraad toegeken om 'n strategie ten opsigte van die volgende vir die Departement Ekonomiese Sake en Toerisme in die Noord-Kaap te formuleer ten opsigte van landbou en verwerking in die landbou, toerisme, vervaardiging, en finansiële en sakedienste; 'n sosio-ekonomiese behoeftebepaling is in die Cullinan-distrik vir De Beers gedoen – dié verslag vorm die grondslag vir ander ondersoeke oor toerisme in die streek; 'n brosjure met kaarte en beskrywings van die belangrikste veldslae rondom Belfast, Dullstroom, Lydenburg en Machadodorp is vir die herdenking van die Tweede Vryheidsoorlog ontwerp.

Die Maputalandse Navorsingsprogram vir Toerismegebaseerde Gemeenskapsontwikkeling wat deur die Nasionale Navorsingstigting (NRF) befonds word, wil wetenskaplik regverdigbare en kultureel sensitiewe maniere daarstel om toerismegebaseerde gemeenskapsontwikkeling te verfyn en uit te brei. Uiteindelik sal 25 magister- en PhD-studente navorsing doen oor temas soos die vestiging van toerisme-ondernemings, die ontwikkeling van gemeenskapsgebaseerde toerismegeleenthede en die tradisionele cuisine van die Zuluvolk. Die sentrum sal die projek in samewerking met kollegas by die Universiteit van Pretoria, die Universiteit van Zululand en die Natal Technikon koördineer.

Heelwat moeite is tydens verskillende promosieveldtogte sedert 1998 gedoen om die sentrum by teikenmarkte en belanghebbendes te posisioneer en te bevorder: materiaal is vir bemarkingsdoeleindes ontwikkel, onder meer 'n brosjure, briefhoofde en ander promosiemateriaal wat positief ontvang is; uitstallings is oor die sentrum en sy deelnemers gereël – twee uitstallings is byvoorbeeld by die Merensky-biblioteek van die Universiteit gehou en een by SATOUR se hoofkantoor; 'n webwerf is in 1999 ontwikkel met die adres www.up.ac.za/academic/centre-afrikatourism/ wat publisiteit in verskillende sleutelmedia, van die nasionale media (byvoorbeeld die *Sunday Times*) tot die toerismemedia (byvoorbeeld die *South African Tourism Update*, die *Travel News Weekly* and *Travel Now*) tot gevolg gehad het; die dienste van die sentrum is tydens belangrike toerismegeleenthede geadverteer (byvoorbeeld gedurende Toerismemaand in September 1998, 1999 en 2000. Een voorbeeld is die hoogs suksesvolle fietstoer in September 1999. Die deelnemers het in Pretoria weggespring en vyf dae later in Nelspruit, Mpumalanga, aangekom. Hulle het 'n afstand van 501 km afgelê. Sestien toerismestudente en drie personeellede

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

het aan die fietstoer deelgeneem. Die geleentheid is deur koerantartikels in die *Rapport, Pretoria News, Bronkhortspruit and Cullinan Streeknuus, Lydenburg Chronicle*, die *Lowvelder*, en nuusberigte op *Radio Rippel* en *Radio Online* bekend gestel.


Prof E T Heath

Prof E T Heath het die sentrum op die been gebring en sedert 1998 as direkteur van die sentrum gedien. Hy is reeds op verskeie geleenthede vereer vir die langdurige en toegewyde rol wat hy in die ontwikkeling van toerisme gespeel het. Sedert 1998 was hy 'n verkose lid van die uitvoerende komitee van die raad van die Indian Ocean Tourism Organisation (IOTO) en voorsitter van IOTO se Bemarkingskomitee (1998); hy is aangestel in 1998 as lid van die tegniese span by die World Tourism and Travel Council (WTTC) om satelliettoerisme vir Suid-Afrika te ontwikkel en in dieselfde jaar as lid van die projekspan aangestel wat 'n nuwe bemarkingstrategie en -struktuur vir bestemmings in Suid-Afrika by die Suid-Afrikaanse Toerismeraad moet formuleer; in 1999 volg sy aanstelling as ere-visepresident van die Instituut vir Bemarkingsbestuur; in 1999 het hy die voorsitter se merietetoekenning van IOTO ontvang; en hy was ook in 2000 die eerste Suid-Afrikaner wat Skål International se Presidentstoekenning vir sy rol in die ontwikkeling en bevordering van toerisme in Suid-Afrika ontvang het.

Prof G D H Wilson, voorheen van die Departement Geografie aan die Universiteit, is gedurende die tweede helfte van 1999 as bestuurder van die sentrum aangestel. **Prof Wilson** bied lesings aan en is promotor vir nagraadse studente van die Department Toerismebestuur. Die sentrum het sedert sy aanstelling verskeie nuwe projekte aangepak. Hy is in 1999 verkies tot die Raad van die Vereniging van Suid-Afrikaanse Geograwe, in die portefeulje Uitbouing van Kapasiteit in Geografiedepartemente in Suid-Afrika (1999-2002).

Me V Jonker is in 1998 aangestel om die sentrum se aktiwiteite by die Universiteit te koördineer en om hierdie dienste buite die toerismebedryf te bemark.

Prof G D H Wilson
BESTUURDER

Skool vir Openbare Bestuur en Administrasie

Die Skool vir Openbare Bestuur en Administrasie (SOBA) is gestig in 1993 – die jaar van 'n belangrike geleentheid in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, naamlik die totstandkoming van 'n demokratiese bedeling. Die eerste direkteur van die skool was **prof C Thornhill**. Die leergang en programme toon die skool se erns met die wetenskaplike analise van uitdagings in die openbare sektor en in openbare sake. 'n PhD-graad in Openbare Sake is in 1998 ingestel, en die skool het steeds vordering met die bekendstelling van spesialiseringsrigtings in die MPA-program gemaak, byvoorbeeld beleidsbestuur en die ekonomie, openbare finansiële bestuur, internasionale bestuur, stedelike en streeksbestuur en leierskapsontwikkeling. Beleidsbestuur en die ekonomie is 'n inisiatief wat in samewerking met die School of Policy Studies aan die Georgia State University geneem is. Die leergang en programme bied aan studente 'n geleentheid om weldeurdagte spesialiseringsgebiede veral op nagraadse vlak te ontwikkel. Die studente word aangemoedig om die kwalitatiewe en kwantitatiewe vaardighede te ontwikkel wat krities vir individue is wat die openbare belang met hulle toepaslike kennis en vaardighede wil dien.

Die skool doen alles in sy vermoë om studente voor te berei om toepaslike tegnologieë in die inligtingswêreld te benut. Huishoudelike en internasionale uitdagings vereis van professionele persone en kundiges om multidissiplinêre benaderings te volg. Namate ons land globaliseer en by internasionale stelsels geïntegreer word, het openbare bestuur en administrasie ook in talle opsigte 'n internasionale karakter ontwikkel. Studente en navorsers in hierdie studieveld moet probeer om te verstaan hoe internasionale instansies wat met openbare sake gemoeid is, funksioneer. Studente moet bedag wees op geleenthede in internasionale organisasies soos die Verenigde Nasies, die Organisasie vir Afrika-eenheid, die Sekretariaat van die Gemenebes en die Wêreldbank. Die skool is daartoe verbind om aan sy studente en dosente geleenthede te bied om toepaslike kennis en kundigheid op die gebied van internasionale bestuur en administrasie te bekom.

Die strategiese ligging van die SOBA in Pretoria en Gauteng maak dit vir die skool en sy studente moontlik om voordeel uit 'n multikulturele en internasionale omgewing te trek. Die skool maak gebruik van geleenthede om diplomate, sakeleiers en beleidmakers uit te nooi om as gasdosente en besondere hulpbronpersone vir sy studente op te tree. Die teenwoordigheid van belangrike navorsingsentrums in Pretoria, byvoorbeeld die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad asook groot uitgewersmaatskappye en die Verenigde Nasies se Ontwikkelingsprogram, bied navorsingsgeleenthede aan jong vakkundiges en toegewyde navorsers.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof J Kuye

Navorsing is 'n betekenisvolle komponent van die werk van SOBA, en belangrike groepe soos die eenheid vir openbare-privaat vennootskappe, die navorsingseenheid vir gesamentlike regering en die eenheid vir leierskapsontwikkeling is op die been gebring. Die skool is ook geaffilieer met die South African Foundation for Public Management and Development (SAFPUM), die National Policy Institute of South Africa, en is ook betrokke by die nuutgestigte South African Association for Public Administration and Management.

Prof Sibusiso Vil-Nkomo, die skool se direkteur van 1997 tot April 2000, het die pos as dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aanvaar. Hy het op 1 Mei 2000 die leisels by **prof C Thornhill** oorgeneem. **Prof Jerry Kuye** is sedert 1 Augustus 2000 die direkteur van SOBA.

Betrekkinge tussen die skool en die Universiteit van Kehl in Duitsland (Fachhochshule für öffentliche Verwaltung) is in 2000 versterk toe 'n Duitse afvaardiging 'n vierde opvolgbesoek aan SOBA gebring het. In April, ten tye van hierdie besoek van vier dae, is die Duitse afgevaardigdes bygestaan om meer oor die Suid-Afrikaanse owerheid- en administrasiestelsel te wete te kom. Uitstappies is na die stadsrade van Benoni en Welkom en omliggende informele nedersettings gereël.

In Suid-Afrika is die uitdaging vir openbare beamptes om hulle bestuursfunksies by regeringsbeleidsrigtings soos die GEAR (die regering se strategie om groei, indiensneming en herverdeling te bevorder) aan te pas, en om die land te posisioneer om ekonomiese mededingendheid internasionaal te verbeter. Hierdie taak vereis egter 'n omvattende kennis van beleidsbestuur en ekonomie. Die skool het met 'n mildelike skenking van GENSEC (Genbel Sekuriteite) en die daaropvolgende vestiging van die befondsde Leerstoel in Beleidsbestuur en Ekonomie, 'n magisterprogram in Publieke Administrasie geloods om die ernstige behoefte aan opleiding op hierdie terrein aan te spreek.

Die MPA in Beleidsbestuur en Ekonomie was aanvanklik 'n 50/50-vennootskap tussen die Andrew Young School of Policy Studies van die Georgia State University se School of Economics en SOBA. 'n Gedeelte van die inhoud sou deur SOBA in Suid-Afrika aangebied word, en die res by die Andrew Young School in die Verenigde State van Amerika (VSA).

SOBA handhaaf sy betrokkenheid by vergelykbare skole vir Publieke Administrasie in die VSA en Europa, en is reeds die afgelope vyf jaar 'n lid van die Joint Universities Public Management Educational Trust (JUPMET) in Suid-Afrika. Buiten SOBA, verteenwoordig die trust ook die universiteite van Durban Westville, Fort Hare, Stellenbosch, Wes-Kaap en die Witwatersrand.

JUPMET se belangrikste opdragte is om donateurs vir kapasiteitsontwikkeling te vind en om as koördineerder op te tree sodat die ses regeringskole hulle kragte kan saamsnoer om die kwaliteit van onderwys en opleiding ten opsigte van openbare bestuur en ontwikkeling in Suid-Afrika te verbeter.

Die bydraes van **proff P A Brynard** en **N Roux** tot 'n eerste omvattende handboek oor beleidsbestuur en -ontwerp in Suid-Afrika, getiteld *Improving Public Policy*, is uitstaande op die gebied van navorsing en kurrikulumontwikkeling. Hierdie taak is deur JUPMET gefasiliteer.

Die rede vir SOBA se deelname aan die Knowledge Exchange Learners' Partnership (KELP), is om 'n netwerk vir openbare betrekkinge by die skool te vestig wat aan Suid-Afrikaanse studente toegang kan bied tot meer omvattende inligtingsbronne vir navorsing en onderwys via die Internet en CD-ROM, en samewerkende Afrika-Afrika-VSA-leerervarings om spanwerk, kommunikasie en vaardighede vir probleemoplossing te ontwikkel asook die vermoë om met ander studente, opvoeders, navorsers, openbare beamptes en praktisyns buite die Universiteit te kommunikeer.

Die South African Foundation for Public Management and Administration word in 'n huis op die kampus van die Universiteit gehuisves. Weens die onmiddellike nabyheid van die stigting en die skool het samewerking tussen die twee instansies vinnig gevorder. Hulle deel dieselfde missie, naamlik om doeltreffendheid en doelmatigheid in die openbare sektor te bevorder.

SOBA sal poog om sy leiersrol in 2000 en daarna te behou. Elemente soos leierskap, regering en e-regering sal bevorder word. 'n Nuwe graadkursus, BCom:Openbare Bestuur, sal ook ingestel word. Verskillende internasionale aansluitingspunte sal versterk word en die skool se plan vir indiensnemingsgelykheid is op koers. Die groeipotensiaal vir afgestudeerdes is besonder sterk. Die studentekorps bestaan tans grootliks uit swart en voorheen benadeelde groepe wat 'n totale inskrywingsyfer van nagenoeg 90% verteenwoordig. Die skool gaan 'n ernstige poging aanwend om sy wit studentekorps op 'n verantwoordelike manier te vergroot.

P A Brynard
PROFESSOR

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Toerismebestuur

Daar word toenemend aanvaar dat toerisme, tegnologie en telekommunikasie drie onderling verbonde groeienjins in die 21e eeu sal wees. Die Leerstoel in Hotel- en Toerismebestuur is in die lig van hierdie visie in 1990 by die Nagraadse Bestuurskool in die lewe geroep. Die Southern Sun-hotelgroep het die aanvanklike fondse vir die eerste drie bedryfsjare voorsien.

Die personeeltal het sedertdien aansienlik toegeneem, van een personeellid in 1990 tot nege in 2000. Die eerste bekleër van dié Leerstoel was **prof J Fourie**, en tot sy dood in September 1995 het hy 'n sleutelrol in die vestiging van die Leerstoel gespeel. Hy is aanvanklik deur **mnre T Zsadanyi** en **R Cornelius** bygestaan, maar hulle het albei, in 1996 en 1997 onderskeidelik, hulle loopbane in die privaat sektor voortgesit. **Mnr C Francis** het in 1995 as dosent by die departement aangesluit, en hy is in 1996 tot senior dosent bevorder.

Prof E Heath, voorheen die adjunk uitvoerende direkteur van Suid-Afrikaanse Toerisme (SATOUR), beklee sedert die begin van 1996 die Leerstoel vir Hotel- en Toerismebestuur. Toe die Leerstoel in 1997 na die Departement Toerismebestuur in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe verander is, is hy as die hoof van die nuwe departement aangestel. Van die ander akademici wat gedurende die tydperk 1996-1997 by die departement aansluit, is **mee D Queiros** en **M Tlhagale** as junior dosente, **dr B Lubbe** as 'n senior dosent, en **mnr H Olivier** as 'n dosent. **Prof N Alberts**, voorheen direkteur van die Nagraadse Bestuurskool, sluit in 1999 by die departement aan. Sy hooftaak was om die nagraadse programme van die departement uit te brei en om 'n Toerismekennis en -hulpbronsentrum (TKRS) vir Suidelike Afrika op die been te bring. **Prof D Wilson** is op dieselfde wyse en in dieselfde jaar van die Departement Geografie na die Departement Toerismebestuur oorgeplaas. Sy hoofopdrag was om die multidissiplinêre Sentrum vir AfrikaToerisme, waarin die Departement Toerismebestuur 'n sleutelrol speel, te bestuur. Elkeen van hierdie personeellede, insluitende die administratiewe personeel wat opeenvolgend **mee U Mollema**, **L Richter**, **V Jonker** en **M van Rooyen** was, het sleutelrolle in die bevordering van die departement se visie, missie en doelstellings vervul.

Toe die Leerstoel in Toerismebestuur aan die begin van 1997 'n volwaardige departement in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe word, is dit herposisioneer met 'n duidelike missie om toepaslike en kwaliteitonderwys te voorsien, om toepaslike navorsing op toerismegebied te onderneem, en om waarde vir gemeenskaps- en bedryfsinisiatiewe vir Suid-Afrika en elders toe te voeg. Die departement het uit die staanspoor binne 'n driejaar strategiese beplanningsraamwerk gefunksioneer. Hierdie raamwerk word elke jaar aangepas in ooreenstemming met heersende uitdagings en geleenthede in die dinamiese makro-, medingende en markomgewings.

Die departementshoof het in 1998 'n leidende rol met die stigting van 'n multidissiplinêre Sentrum vir AfrikaToerisme by die Universiteit gespeel. Dié sentrum het die Departement Toerismebestuur, die Sentrum vir Natuurlewebestuur, die Departement Geografie, die Departement Antropologie en Argeologie, en die Nagraadse Skool vir Landbou- en Landelike Ontwikkeling ingesluit.

Meer as 40 artikels, navorsingsverslae en boekbydraes is sedert 1993 binne die departement gelewer, en meer as 30 referate is by nasionale en internasionale akademiese en bedryfskonferensies oor toerisme aangebied. Dit sluit in aanbiedings by internasionale konferensies van die Travel and Tourism Research Association (TTRA) in die VSA en Europa asook die Tourism and Hospitality Research Conference in Australië. **Dr Lubbe** het in 2000 die eerste omvattende boek oor distribusiebestuur in toerisme geskryf.

Die departement handhaaf 'n gesonde werksverhouding met verskeie vooraanstaande plaaslike en internasionale toerismeorganisasies, byvoorbeeld die World Tourism Organisation, die World Travel and Tourism Council, en die Multilateral Investment Guarantee Agency (MIGA) van die Wêreldbank. Daar bestaan ook memoranda van verstandhouding met die Open Africa Initiative en die Indian Ocean Tourism Organisation (IOTO). Departementslede werk nou saam met akademici wat by verskillende internasionale instansies met toerisme gemoeid is, byvoorbeeld by die Tourism Research Centre van die Dublin Institute of Technology in Ierland, die Edith Cowan University in Wes-Australië, die Dalarna University in Swede, en die University of London.

Die departement het 'n sleutelrol in die fasilitering van programme en byeenkomste in Suider-Afrika en die res van die vasteland gespeel, onder meer as gasheer tydens 'n opvoeding-vir-die-opvoeder-program namens die World Tourism Organisation (WTO) in 1996, wat deur meer as 50 opvoeders in toerisme van so ver weg as Tanzanië, Malawi, Zambië en Namibië gekom het, en tydens 'n internasionale konferensie getitel Investment Opportunities in Wildlife and Nature-based Tourism in Africa, wat in 1997 in samewerking met die Sentrum vir Natuurlewebestuur gehou is.

Die departement is ook sedert 1996 aktief betrokke by die bevordering van gemeenskapsgebaseerde toerisme in Suider-Afrika. Verskillende gemeenskappe, dorpe, streke en provinsies is in hierdie verband bygestaan by wyse

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof J Fourie

van geïntegreerde, deelnemende toerismebeplanning en -strategieë vir KwaZulu-Natal, die Oos- en Suid-Kaap, Gauteng, die Bosveld-streek, die Magaliesberg-driehoek, die Lanatus-streek, die Utungulu- en die Amatola-streek. Die departement was ook behulpsaam met die strategiese beplanning van verskeie nywerheidsinstansies, byvoorbeeld die Professionele Jagtersvereniging van Suid-Afrika (PJVSA), die Suid-Afrikaanse Museumvereniging, en die Hotel and Tourism Association of Botswana (HATAB).

Met betrekking tot die studente, is die departement daartoe verbind om gegradueerdes met 'n sterk akademiese grondslag in die ekonomiese en bestuurswetenskappe, 'n goeie begrip van die bestuurs- en bedryfsfasette van toerisme, en wat betekenisvolle blootstelling aan belangrike praktiese fasette van toerisme verkry het, aan die toerismebedryf te lewer.

Die kernprogram in die departement is die BCom-graad in Toerismebestuur wat die volgende insluit: 'n deeglike grondslag in die ekonomiese en bestuurswetenskappe, 'n omvattende toerismebestuurskomponent wat aan die hand van 'n strategiese en 'n stelselraamwerk en met 'n gebalanseerde, drieledige fokus op die teorie, die praktyk en bedryfsinteraksie aangebied word, en verskeie praktiese kursusse waarvoor studente bykomende sertifikate ontvang wat in die bedryf erken word. Hierdie kursusse sluit in verskeie praktiese kursusse wat op tegnologie berus (soos Fidelio, Lanmark en Galileo); bedryfspesifieke praktiese kursusse (byvoorbeeld basiese gidsbegeleiding van toeriste, basiese spysenieringsvaardighede, reisgeld en die uitreiking van kaartjies); praktiese opdragte en opvoedkundige uitstappies (waarby verskillende praktiese projekte betrek word) na sleutelbestemmings vir toeriste (soos die Nasionale Kruger-wildtuin, Sun City en Gold Reef City); lesings wat gereeld deur toonaangewende kundiges en praktisyns in die bedryf aangebied word, en minstens drie maande van praktiese werk by erkende toerismeorganisasies gedurende die drie jaar van studie.

Die sukses van die voorgraadse en nagraadse toerismeprogramme kan gemeet word aan die feit dat baie gegradueerdes relatief vinnig op verskillende gebiede in die toerismebedryf vorder. Dié gebiede sluit in die bestuur van gasvryheidsbedrywe, toere, verskillende geleenthede en konferensies, asook navorsing oor en die ontwikkeling van toerisme, en die bemarking van bestemmings. Ander het suksesvolle entrepreneurs geword.

Die studentetal vir die BCom-program in Toerismebestuur het deurentyd toegeneem - van 14 studente in 1992 tot ongeveer 450 in 2000.

Daar word moeite gedoen om toe te sien dat die departement se studente verteenwoordigend van die Suid-Afrikaanse samelewing is. In hierdie verband is verskillende inisiatiewe, byvoorbeeld reisende uitstallings, geloods om voorheen benadeelde gemeenskappe bewus te maak van en belangstelling in die programme van die departement aan te wakker. **Mnr Francis** het 'n sleutelrol in hierdie inisiatiewe gespeel.

'n Aktiewe vereniging vir toerismestudente, die Vereniging vir Tuks Toerismestudente (TTSA) is in 1997 gestig en sy ledetal groei byna daagliks. 'n Sleutelrol van dié vereniging is om sosiale en opvoedkundige byeenkomste vir die studente te reël, om studenteprogramme tydens die jaarlikse Toerismemaand aan te bied, om as gasheer by die studente se jaarlikse galageleentheid op te tree, en om die toerismeprogramme binne en buite die Universiteit te bevorder.

Met die aanbreek van die nuwe millennium is die departement in 'n goeie posisie om sy leiersrol in toerismeopvoeding in Suider-Afrika voort te sit.

Prof E T Heath
DEPARTEMENTMENTSHOOF

Skool vir Ekonomiese Wetenskappe

Ekonomie

Buro vir Ekonomiese en Politieke Analise (BEPA)

Twee dramatiese en ingrypende gebeurtenisse het die departement sedert 1993 geraak. Eerstens is die departementshoof, **prof Geert de Wet**, in Februarie 1997 onverwags oorlede. Hy is deur **prof Jan van Heerden** opgevolg. Tweedens is die departement in 1999 ingevolge die Universiteit se herstruktureringsproses, omskep in die Skool vir Ekonomiese Wetenskappe met **prof Van Heerden** as die eerste voorsitter. **Prof Niek Schoeman** is as die navorsingskoördineerder en **prof Chris Harmse** as die programkoördineerder aangewys.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Tans val die Departemente Statistiek en Landbou-Ekonomie administratief onder die vaandel van die skool vir hulle BCom-grade.

Prof G de Wet

Die departement het in 1993 'n doelbewuste beleid gevolg om die akademiese en navorsingsbevoegdhede van sy personeelkorps te verbeter. Eerstens is die personeel ondersteun om buitelandse kwalifikasies te verwerf – byvoorbeeld, **prof Van Heerden** (PhD in die VSA), **mnre Theuns de Wet** en **Frank Blackmore** (MA-grade in Kanada) en **me Elna Pretorius** (MA-graad in die VSA). Tweedens is finansiële steun aan personeel gegee om aktief deel te neem aan en referate te lewer by nasionale en internasionale konferensies en forums. In die jongste jare het elke personeellid 'n geleentheid gehad om 'n buitelandse konferensie by te woon en sodoende is waarde tot die kwaliteit van die personeelkorps gevoeg. Die departement poog om 'n gebalanseerde personeelkorps te ontwikkel. In 1999 is **mnr James Nkoana** as eerste swart voltyds-permanente lektor aangestel, en van 1 November 2000 het **mnr Kaya Ngqaka** as lektor by die personeel aangesluit. Verder word gepoog om soveel moontlik studente uit die voorheen benadeelde gemeenskappe as tutors en deeltydse junior personeel aan te stel.


Prof J van Heerden

Die onderrigfunksie het sedert 1993 etlike klemverskuiwings en rigtingveranderings ondergaan. In 1996 was die departement een van die eerstes in die fakulteit wat deur eksterne kundiges geëvalueer is. **Prof P Pauly** (Kanada), **prof S Hall** (VK) en **prof J A du Pisanie** (Unisa) het in die paneel gedien. Die meeste van hulle aanbevelings, veral ten opsigte van nagraadse opleiding, is geïmplementeer om aan internasionaal-erkende praktyke en standaarde te voldoen.

Die nagraadse opleidingsprogramme is stelselmatig aangepas as gedoseerde honneurs- en magistergraadkursusse alvorens met die proefskrif en verhandeling begin word. In 1998 is gedoseerde M- en PhD-programme ingestel. Sedertdien word jaarliks van twee of drie buitelandse kundiges se dienste in die nagraadse opleidingsprogramme gebruik gemaak. In dié verband is die goeie akademiese verbintenisse tussen die Universiteit en onder meer die universiteite van Twente, Erasmus, Toronto en Siegen benut. In 1999-2000 het **dr Suzanne McCoskey**, die eerste Fulbright-dosent in die fakulteit se geskiedenis, aan die nagraadse opleidingsprogram deelgeneem. Verdere groot voordeel van die gasdosente was hulle deelname aan departementele navorsingsaktiwiteite en die voorbereiding van geakkrediteerde artikels.

In 1998 het die Universiteit 'n ooreenkoms met die Damelin Kollege en die SA Instituut van Bankiers gesluit, waarvolgens studente van beide instellings toegelaat word om na die voltooiing van hulle gevorderde sertifikaatprogramme, vir 'n BCom-graad in byvoorbeeld Ekonomie of Bankwese in te skryf. Die studente word telematies bedien en die eerste studente wat die graad op hierdie wyse behaal, word in 2001 gelewer.

Die departement het in 1998 die voortou in die fakulteit met telematiese onderrig geneem. As deel van die langtermyn-onderwysstrategie is 'n rekenaargesteunde onderrigprogram (RGO) op tweedejaarsvlak ingestel. Die WINECON-sagtewarepakket is aangekoop en vanaf 1998 in gebruik geneem. Hiervolgens werk ongeveer 400 studente weekliks op die program wat oor mikro- en makroteorie handel.

Die departement is sedert 1995 ook aktief betrokke by voorgraadse papiergedrewe afstandsonderrig uit hoofde van 'n ooreenkoms wat met die Nasionale Private Kolleges gesluit is. In 2000 was die departement ook betrokke by die aanbieding van Ekonomiekursusse volgens die nuwe trimesterstelsel (November-Desember 2000 en Januarie 2001). Webgebaseerde onderrig word sedert 1999 in Bestuursekonomie aangebied vir studente wat die MIngenieursbestuursgraad volg. Die program is in 2000 uitgebrei om ook alle MBA-studente te betrek. Die Universiteit se toekenning vir Onderwysinnovasie is in 1999 aan die departement vir hierdie telematiese onderrigaksies toegeken.

Daar is in 1999 verantwoordelikheid aanvaar vir die instelling van 'n fakulteitsgedrewe Navorsingsmetodologiekursus vir magister- en doktorale studente. Die departement se betrokkenheid by die aanbieding van Ekonomiekursusse in Witbank loop in 2000 ten einde. Alle voor- en nagraadse programme en kursusse word sedert 1998 volgens die SAKO-vereistes hersien. In dié verband het **prof Harmse** baanbrekerswerk verrig en is hy sedert 1999 die voorsitter van die nasionale Standard Generating Body vir Ekonomie.

Die studentetal neem sedert 1993 steeds toe. Die getal eerstejaars in Ekonomie beloop tans ongeveer 2 800 studente (telematiese onderwysstudente ingesluit), en ongeveer 100 nagraadse studente is ingeskryf. Sedert

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

1993 word alle voorgraadse kursusse in Ekonomie en Bankwese in beide Afrikaans en Engels aangebied. Alle nagraadse opleiding word sedert 1997 weens personeelbeperkinge slegs in Engels aangebied. Laasgenoemde het natuurlik die voordeel dat meer studente uit Afrika en ander wêrelddele geakkommodeer kan word.

Studente en personeel word deurentyd aangemoedig en ondersteun om navorsing op sekere kernfokusgebiede te onderneem. In 1995 het die departement twee internasionale konferensies aangebied, naamlik die Congress of Political Economists International (COPE) en die LINK-groep van die Verenigde Nasies. In 1995 het **prof L Klein**, Nobelpryswenner vir Ekonomie, die departement besoek. Voortspruitend uit 'n langtermyn-verbintenis met die LINK-projek, word daar sedert 1996 jaarliks 'n ekonometriese werksessie aangebied waarby ekonometrici van Afrika en Suid-Afrika betrek word. Buitelandse kundiges tree tydens hierdie geleenthede as leiers op.

Die VN se LINK-groep het in 2000 die departement aangewys as die instelling wat die opleiding van ekonometrici in Afrika moet onderneem. Die projek behels die opleiding van ekonometrici uit 16 lande om eie makro-ekonometriese modelle te bou.

Die publikasiereeks *Fokus op Ekonomiese Kernvrae* is in 2000 hervat na 'n onderbreking van 'n aantal jare. Die 50ste Fokus, onder redakteurskap van die stigterslede, te wete **proff Jan Lombard** en **Koos Stadler**, het in 2000 verskyn. Verskeie personeellede van die departement het aan die projek deelgeneem en daar word beoog om die *Fokus*-reeks in die toekoms voort te sit.

Die afgelope vier jaar is drie groot navorsingsprojekte op 'n kontrakbasis vir die RGN en Ntsika (van die Departement Handel en Nywerheid) voltooi. Die breë onderwerpe van die projekte was arbeidsmarkaangeleenthede en die rol van klein- en mediumgrootte sake-ondernemings in Suid-Afrika.

Die aantal gepubliseerde artikels in geakkrediteerde tydskrifte het vanweë die navorsingsinisiatiewe asook die groter betrokkenheid van buitelanse kundiges by die onderrig- en navorsingsaktiwiteite sterk toegeneem. In die verlede was die departement vir minstens 40% van die totale navorsingsuitsette van die fakulteit verantwoordelik.

Prof Joubert Botha het in 1997 die aftree-ouderdom bereik, maar het sy dienste as redakteur van die *SA Tydskrif vir Ekonomie* voortgesit. Hy het in 2000 die amp verlaat na 27 jaar as die tydskrif se redakteur. **Prof Mike Truu** is sedert 1997 die uitvoerende redakteur van die fakulteit se tydskrif, die *Tydskrif vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe*. Verskeie van die personeellede dien op die redaksionele panele van beide hierdie (en ander) tydskrifte.

Prof James Blignaut was in Junie 1999 verantwoordelik vir die stigting van die Forum for Economics and the Environment. Die forum betrek alle belanghebbende rolspelers in verskillende vakdissiplines om oor omgewing-ekonomiese vraagstukke te besin. **Prof Fritz Steyn** is in 1998 en 1999 deur die Minister van Arbeid as lid van die Nasionale Loonraad aangewys. Sedert 1997 was die departement ook betrokke by opleidingsprogramme vir ekonomiese geletterdheid wat deur USAID ondersteun is. Die opleidingsprogramme is ontwikkel en aan ongeveer 500 middelvlak-staatsamptenare aangebied.

Prof Steyn van die departement is sedert 1997 ook as paneellid van die Mandela Economic Scholarship Programme (MESP) betrokke. In 1999 is een en in 2000 twee van die junior personeel van die departement gekeur om vir twee jaar hulle meestersgraadstudie in Ekonomie in die VSA voort te sit.

Prof F G Steyn
PROFESSOR IN EKONOMIE

Skool vir Finansiële Wetenskappe

Rekeningkunde en Finansiële Bestuur

Die Hoofbestuur het in 1993 besluit om die Skool vir Rekenmeestersopleiding in 'n onafhanklike departement te omskep. Die Departement Rekening- en Ouditkunde was dus nie meer verantwoordelik vir die opleiding van geoktrooieerde rekenmeesters nie. Die naam is na die Departement Rekeningkunde verander, en daar is besluit dat die departement verantwoordelik sal wees vir die opleiding van studente wat, anders as geoktrooieerde rekenmeesters, tot die rekeningkundig-finansiële professies wil toetree. Daarbenewens sou die departement vir die magisterprogram in Belasting verantwoordelik wees.

Skakeling met die volgende professionele liggame vind deurlopend plaas, en akkreditasie is verkry om studente toelating tot die professionele eksamens, waar van toepassing, van die betrokke liggame te kan bied: die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Association of Chartered Certified Accountants (ACCA), die Chartered Institute of Management Accountants (CIMA) en die Kommersiële en Finansiële Rekenmeesters van Suidelike-Afrika (CFA). Die graad BCom:Finansiële Rekeningkunde is ingestel.


Prof G van N Viljoen

Daar is gedurende 1999 besluit om die Afdeling Finansiële Bestuur van die Departement Ondernemingsbestuur saam met ses personeellede na die Departement Rekeningkunde oor te plaas. Die departement se naam is weer verander, dié keer na Departement Rekeningkunde en Finansiële Bestuur (Engels: Department of Accounting and Finance), in ooreenstemming met internasionale gebruik. Die volgende eerste grade word aangebied: BCom:Finansiële Rekeningkunde, BCom:Interne Ouditkunde, BCom:Beleggingsbestuur en BCom:Finansiële Bestuurswetenskappe. In 2000 is personeel van die Nagraadse Bestuurskool ooreenkomstig 'n besluit van die Hoofbestuur, na die "moederdepartemente" oorgeplaas. Die departement is sedertdien verantwoordelik vir die aanbieding van Finansiële Bestuur en Bestuursrekeningkunde by die Nagraadse Bestuurskool.

Gedurende hierdie tydperk het die departement sterk op telematiese onderrig begin konsentreer. Die MCom:Belasting word sedert 1999 uitsluitlik telematies aangebied. Studiemateriaal word op die Internet beskikbaar gestel, en lesings word een keer per week via satelliet-televisie uitgesaai. Hierdie uitsendings is soms interaktief en studente kan na die ateljee inskakel en direk met die dosent kommunikeer. Kundige persone in die praktyk is aangestel om sekere spesialislesings aan te bied en om die dosente van die departement in dié verband by te staan. Die geweldige groei in studente-inskrywings vir hierdie graad dui op die sukses daarvan.


Prof Q Vorster

Ook die graad MCom:Finansiële Bestuurswetenskappe word sedert 1999 telematies aangebied. Studiemateriaal word via die Internet beskikbaar gestel, en studente besoek die kampus vir bloktydperke gedurende hulle studie oor 18 maande. Hierdie graad is ook besonder suksesvol.

Die Eenheid vir Forensiese Rekeningkunde word in 1999 in die departement in die lewe geroep – die eerste in sy soort aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit. 'n Nagraadse Diploma in Ondersoekende en Forensiese Rekeningkunde sal vanaf 2001 aangebied word.

In 2000 word die departement die eerste in die suidelike halfrond om deur die Institute of Internal Auditors in die VSA erken te word as een van dié wat 'n geëndorseerde program van hierdie instituut aanbied. Slegs 38 universiteite buite die VSA spog met hierdie onderskeiding.

Op voorgraadse vlak word tegnologie al meer ingespan om die onderrigproses te fasiliteer. Op die 100-vlak word van rekenaargesteunde onderwys gebruik gemaak om studente met onvoldoende intreevlakkennis van Rekeningkunde te ondersteun.

Navorsing speel sedert 1993 'n belangrike rol in die departement se werksaamhede. 'n Eie tydskrif, *Meditari Accountancy Research*, is 'n geakkrediteerde tydskrif – slegs een van twee in Suid-Afrika wat spesifiek daarop ingestel is om navorsingsresultate in die rekeningkundige wetenskappe te publiseer, en die enigste aan 'n soortgelyke departement in die land. Personeel word aangemoedig om navorsing te doen en te publiseer. Die prys vir die navorsingsdepartement van die jaar in die fakulteit is vir twee agtereenvolgende jare, 1997 en 1998, aan die departement toegeken. Personeel word ook aangemoedig om internasionaal referate te lewer en die meeste buitelandse referate in die departement se geskiedenis is tussen 1993-1998 gelewer.

In 1993 word die Eenheid vir Sosiale en Omgewingsrekeningkunde in die lewe geroep, spesifiek om navorsing op hierdie gebied uit te voer. Navorsingsverslae oor die stand van werknemers- en omgewingsverantwoording verskyn jaarliks in die gepubliseerde jaarverslae van genoteerde maatskappye, mettertyd in samewerking met die ouditeursfirma KPMG.

Die personeel- en studentegetalle het sedert 1993 aansienlik toegeneem. Die studentetal het, indien semesterkursusse 'n telling van 0,5 gegee sou word, van 3 077 in 1992 na 5 083 in 1999 toegeneem - 'n styging van 65% oor die tydperk van ses jaar, of 'n gemiddelde styging van meer as 10% per jaar. Indien dit vergelyk word met 'n gemiddelde styging in studentegetalle van ongeveer 4% per jaar vir die fakulteit in die geheel oor dieselfde tydperk, is dit duidelik dat die departement se kursusse in groot aanvraag is. In 1999 was die nuut ingestelde graad BCom:Finansiële Rekeningkunde reeds die graad met die tweede grootste studentetal in die fakulteit: 621 studente het daarvoor ingeskryf. Op nagraadse vlak het vakinskrywings vir honneurskursusse van 299 in 1995 tot 416 in 1999 toegeneem. Gedurende 1999 was daar 80 inskrywings op magistervlak en vier op doktorale vlak.

Prof Q Vorster is op 1 September 1993 na die aftrede van **prof G van N Viljoen** as departementshoof aangestel. Ander professore wat gedurende dié tydperk toegetree het, is **proff D G Gouws, C Koornhof, M C van Niekerk, C J de Villiers, D B van der Schyf** en **E Oost**. Twee professore van die Nagraadse Bestuurskool, te wete

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

J H de la Rey en **H A Lambrechts**, is sedert die begin van 2000 na die departement oorgeplaas. **Prof F N S Vermaak** is van senior lektor tot medeprofessor bevorder. **Prof G M Dekker** het in dié tydperk afgetree, en **prof P A du Plessis** het die diens van die Universiteit verlaat. **Prof W Buys** is oorlede. Die drie senior lektore in 1987 het in 1999 tot 15 aangegroei, ondersteun deur 'n verdere sewe lektore.

Ereprofessore sluit in **prof R H Gray** van die Universiteit van Glasgow, Skotland, 'n wêreldkundige op die gebied van sosiale- en omgewingsrekeningkunde, **prof A B Terblanche**, vennoot in die ouditeursfirma KPMG in Sydney, Australië, asook **proff I B Skosana** en **M Ramano**, twee prominente sakeleiers. Hierdie professore besoek die departement gereeld om lesings te lewer en gesprekke met die personeel te voer.

Prof Q Vorster
DEPARTEMENTSHOOF

Skool vir Rekenmeestersopleiding (SRO)

Prof H de Jager is sedert 1993 die Direkteur en Hoof van die Skool vir Rekenmeestersopleiding (SRO). Die getal personeellede het vir die tydperk 1993-2000 onveranderd gebly.

Hierdie tydperk is veral gekenmerk deur groei in die studentetal, 'n groter navorsingsuitset en meer verslae (plaaslik en internasionaal), noue betrokkenheid by onderwys in die openbare sektor, en hernuwing in opleidingsprogramme.


Prof H de Jager

Daar is veral twee sleutelprestasieareas in departemente by Suid-Afrikaanse universiteite wat in die opleiding van geregistreerde rekenmeesters en ouditeurs én geoktrooieerde rekenmeesters spesialiseer, naamlik die getal kandidate wat jaarliks die Kwalifiserende Eksamen van die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters slaag, en die slaagkoers in daardie eksamen.

Die SRO het op albei hierdie gebiede besonder goed presteer. In 1993 het 67 kandidate die Kwalifiserende Eksamen geslaag, en die slaagkoers was 87%. In 2000 het 123 kandidate geslaag, en die slaagkoers was 84%.

Gedurende dieselfde tydperk het die posisie van die Universiteit in vergelyking met die 14 geakkrediteerde residensiële universiteite in Suid-Afrika, van die vyfde na die tweede plek verbeter ten opsigte van die aantal suksesvolle kandidate in die Kwalifiserende Eksamen.

Die infasering van Engels as onderrigtaal sedert 1992 was 'n belangrike groeifaktor gedurende dié tydperk. Die 28 Engelssprekende studente in die honneursgroep vir 1996 het in 2000 tot 83 gestyg.

Die volgende kandidate van die SRO het gedurende die tydperk 1993-2000 onder die beste tien in die nasionale Kwalifiserende Eksamen geval: **J M P Venter, D G Witthöft, C Becker, R J Engelbrecht, B J van der Merwe, T-L Tambling, W Maree** en **L Beukman**.

Mnr Maree was in 1998 die beste kandidaat in die Kwalifiserende Eksamen; hy het met onderskeiding geslaag.

Die volgende studente het die Geoktrooieerde Rekenmeestersprys vir die hoogste slaagpersentasies in hulle finale STR-jaar ontvang: **J Lubbe** (1993), **D G Witthöft** (1994), **J S Hugo** (1995), **P H S van Zijl** (1996), **T-L Tambling** (1997), **L Beukman** (1998), **B D Jones** (1999) en **K D Ackerman** en **A J Ittmann** (2000).

Die SRO het sedert 1992 onder leiding van **prof J D Gloeck** 'n projekbenadering tot navorsing gevolg. Daar is 22 navorsingsverslae van net meer as 2 800 bladsye sedertdien deur die skool gepubliseer.

Die omvattendste projek in hierdie navorsingsreeks is die reeds bekende publikasie, *Facts on audit firms in the Republic of South Africa*, waarvan die sewende uitgawe in 1999 verskyn het. Hierdie publikasie het 'n formidabele reputasie vir normering in die ouditeursprofessie plaaslik sowel as internasionaal verwerf. **Prof Gloeck** is die redakteur van hierdie navorsingsreeks wat reeds tot verskeie artikels in beoordeelde navorsingspublikasies aanleiding gegee het.

Die personeel van die Skool vir Rekenmeestersopleiding het 25 artikels in beoordeelde tydskrifte en 11 internasionale referate gedurende die tydperk 1993-2000 gelewer. Die Presidensiële Toekenning van die CFA is in 1997 aan **prof Gloeck** oorhandig vir sy bydrae tot navorsing in die ouditeursprofessie, die openbare belang asook aanspreeklikheid.

Twee artikels wat deur personeellede van die SRO geskryf is en in 'n navorsingsjoernaal gepubliseer is, het die PricewaterhouseCoopers-prys ontvang. Hierdie prys word toegeken op aanbeveling van 'n paneel nasionale en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

internasionale kundiges. Die betrokke artikels was: **Bouwer A M & De Jager H**: *Internet firewall environments: an audit perspective*, in *The Southern African Journal of Accountability and Auditing Research*, Vol 1, 1998, en **Gloeck J D & De Jager H**: *Seeking a brighter future for auditing in South Africa,* in *The Southern African Journal of Accountability and Auditing Research*, Vol 2, 1999.

'n Tweede groot projek is sedert 1997 onder leiding van **prof W Botha** onderneem, naamlik die reeks, *An accounting and auditing perspective on interim financial reporting in the Republic of South Africa*. Hierdie projek is geloods deur **prof M Koen** wat in 2000 'n senior posisie by die Wêreldbank in Washington aanvaar het. Verskeie artikels in beoordeelde joernale en in plaaslike en internasionale referate het reeds uit hierdie projek voortgevloei.

Die navorsingsverslae van die SRO het 'n belangrike invloed op ontwikkelings in die ouditeurs- en rekenmeestersprofessies in Suid-Afrika uitgeoefen. Die Nel-Kommissie van Ondersoek het in sy verslag, *First report of the Commission of Inquiry into the affairs of the Masterbond Group and investor protection in South Africa*, na meer as 600 bladsye navorsing deur die SRO verwys. Twee van die SRO se personeellede, **proff Gloeck** en **De Jager**, is genader om as kundiges voor die Nel-Kommissie te getuig.

Die SRO het in 2000, in samewerking met *Sake Beeld* en onder die leierskap van **prof De Jager**, 'n navorsingsprojek aangepak om die gehalte van advertensies in die media ten opsigte van die bekendmaking van finansiële resultate te evalueer.

Die SRO glo dat skakeling met die praktyk en betrokkenheid by die rekenmeesters- en ouditeursprofessies van die uiterste belang is, in die eerste plek om relevant te bly, en tweedens om 'n bydrae te lewer. Die volgende personeellede van die SRO was gedurende 2000 op hoë vlak by die professie betrokke: **prof Botha**, voorsitter van die Pretoria Vereniging van Geoktrooieerde Rekenmeesters en lid van die Opvoedkundige komitee van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad; **prof De Jager**, sekretaris van die Southern African Institute of Government Auditors en redakteur van die navorsingsjoernaal, *The Southern African Journal of Accountability and Auditing Research*, en van die tydskrif, *Auditing SA*. Hy is ook die voorsitter van die Eksamenraad van die Southern African Institute of Government Auditors; **prof Gloeck** is die uitvoerende president van die Southern African Institute of Government Auditors. Hy is die voorsitter van die Opleidingskomitee van die Southern African Institute of Government Auditors, en dien op die redaksie van die navorsingsjoernaal, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, wat deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns uitgegee word; **prof J Oberholster** is lid van die Accounting Practices Committee en die Accounting Issues Task Force van die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters; **mnr G Plant** is tesourier van die Pretoria Vereniging van Geoktrooieerde Rekenmeesters en lid van die Local Advice Panel of the Chartered Institute of Management Accounting (CIMA) en **mnr E Schumann** is sekretaris van die Pretoria Vereniging van Geoktrooieerde Rekenmeesters.

Die SRO is sedert 1994 aktief by opleiding in die openbare sektor betrokke. Meer as 5 000 senior staatsbeamptes het reeds kursusse in finansiële bestuur en verbandhoudende aspekte wat deur personeel van die skool aangebied word, gevolg.

Studente van die SRO het in 1992 die studenteorganisasie Huis-GR gestig om die belange van voornemende geoktrooieerde rekenmeesters te bevorder, om kontak met die professie te bewerkstellig, en om die *esprit de corps* onder die studente in die algemeen te versterk. Huis-GR het sedertdien gegroei tot een van die grootste en mees dinamiese studenteorganisasies op die kampus, met meer as 1 300 lede.

Die toepaslikheid van die program vir Rekenmeestersopleiding is in 1999 opnuut beoordeel in die lig van veranderings in Suid-Afrika en internasionaal, asook die vereistes wat in die professie gestel word.

Die volgende modules is by die program gevoeg: Bemarkingsbestuur, Kommunikasiebestuur en Menslike Hulpbronbestuur. Hierdie modules is in samewerking met kundiges in die praktyk ontwikkel. Die modules in Ondernemingsbestuur is tot een module gekonsolideer wat by die spesifieke behoeftes van die aspirant geoktrooieerde rekenmeester aangepas is.

Die modules vir Informatika is ook bygewerk om hulle meer toepaslik vir die voornemende rekenmeester te maak. Besondere klem is gedurende hierdie herstruktureringsproses op uitkomste en praktiese toepassings gelê.

Prof H de Jager
DIREKTEUR

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Fakulteit Geesteswetenskappe

Kantoor van die Dekaan

Verreikende veranderinge het in 1999 plaasgevind. Die naam Fakulteit Lettere en Wysbegeerte is vervang met Fakulteit Geesteswetenskappe. Hierbenewens het die struktuur ook verander deur die herorganisasie in drie skole, onderskeidelik die Skool vir Sosiale Wetenskappe, vir Tale en vir Kunste. Fokusgebiede in die fakulteit is op hierdie wyse saamgevoeg. Die herindeling was die kulminasie van 'n proses van besinning, eksperimentering en informele funksionering. Die nuwe bedeling het in 2000 ten volle sy beslag gekry toe voorsitters formeel vir die skole aangestel is en 'n verandering in die dekaanspos plaasgevind het.



Prof W C van Wyk

Prof W C van Wyk (dekaan sedert 1983) het aan die einde van April 2000 uitgetree, en **prof M E Muller** is vir 'n termyn van vier jaar aangestel. **Prof Muller** is die eerste vroulike dekaan aan die Universiteit. Hoewel **prof Van Wyk** in die loop van sy ampstermyn 'n intense belangstelling vir sy vakgebied (Hebreeus) behou het en steeds by onderrig betrokke was, het dit streng gesproke buite sy taakomskrywing geval. Die nuwe termyndekaan bly vir ongeveer 20% van haar tyd by onderrig en navorsing in haar departement (Politieke Wetenskappe) betrokke.

In die lig van die gedesentraliseerde fakulteitsmodel wat nog verder sou ontwikkel, is daar vir die aanstelling van 'n fakulteitsbestuurder voorsiening gemaak om die dekaan en skoolvoorsitters te ondersteun. **Me M Lyons**, wat 'n MBA- en 'n MCom-graad verwerf het en in die privaat sektor werksaam was, is in Julie 2000 vir 'n vier jaar kontraktermyn as fakulteitsbestuurder aangestel. Haar verantwoordelikhede sluit in menslike hulpbronontwikkeling, finansies en bemarking in die fakulteit. Die skakelbeampte van die fakulteit, **me C J Bosman** (vroeër **Schumann**), rapporteer sedertdien aan **me M Lyons**. Namate die gedesentraliseerde model ontwikkel, kan die fakulteit se bestuurskantoor verdere personeel aanstel.



Prof M E Muller

Die dekaan, skoolvoorsitters en fakulteitsbestuurder vorm die Dagbestuur en die Strategiese Vernuwingskomitee van die fakulteit. Die drie skoolvoorsitters is **proff S R Hugo** (Hoof: Departement Kommunikasiepatologie) by die Skool vir Sosiale Wetenskappe, **J H Potgieter** (Hoof: Departement Antieke Tale) by die Skool vir Tale, en **M D Sauthoff** (Hoof: Departement Visuele Kunste) by die Skool vir Kunste. Die skoolvoorsitters tree om die beurt as adjunkdekane op. Hulle dienstermyn verstryk aan die einde van 2001.

Prof Muller was die voorsitter van die Skool vir Sosiale Wetenskappe voordat sy as dekaan aangestel is. Sy is opgevolg deur **prof Hugo**. **Prof H Temmingh** (Hoof: Departement Musiek) was die eerste voorsitter van die Skool vir Kunste, en hy is na sy aftrede in Augustus 2000 deur **prof Sauthoff** opgevolg. Voordat die nuwe reëlings in werking getree het, het **prof Potgieter** aan die einde van 1998 vir **prof I C Uys** (Hoof: Departement Kommunikasiepatologie) as adjunkdekaan opgevolg.

Die Skool vir Sosiale Wetenskappe bestaan uit die Departemente Antropologie en Argeologie, Biokinetika, Sport- en Vryetydswetenskappe, Filosofie, Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis, Kommunikasiepatologie, Kriminologie, Maatskaplike Werk, Politieke Wetenskappe, Sielkunde en Sosiologie. Die Skool vir Tale sluit die Departemente Afrikaans, Afrikatale, Antieke Tale, Engels en Moderne Europese Tale in, en die Skool vir Kunste omvat die Departemente Drama, Musiek en Visuele Kuns.

Studente-administrasie in die fakulteit, wat aanvanklik onder die leiding van **me J M Nolte** en daarna van **me R Marais** gestaan het, het ook aan die einde van 2000 aansienlik verander toe dit by die nuwe "lewensiklusspanstelsel" ingeskakel het. Die "lewensiklusspan" by Geesteswetenskappe sal uiteindelik ook die Fakulteit Teologie se studente-administrasie behartig en heelwat van die funksies wat nog sentraal hanteer word, oorneem. Hierdie verandering het die personeeltal laat toeneem. Die eerste persoon wat by Geesteswetenskappe aangesluit het, was **me H S Kirstein** wat voorheen by die Fakulteit Natuurwetenskappe was. Grootskaalse fisiese verandering het noodwendig gevolg, en onder meer is die dekaanskantoor, die komitee- asook die teekamer op die sesde en sewende verdiepings van die Geesteswetenskappegebou opgeknap.

Die herorganisasie van die fakulteit is in 1993 met die oog op effektiewe akademiese werksaamhede aangepak. Die veranderings het onder meer die vorming van 'n navorsingskomitee, 'n onderrig- en leerkomitee, 'n mensekragontwikkelingskomitee, en 'n skakelkomitee vir akademiese inligting tot gevolg gehad. Sommige van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

hierdie komitees het sedert 2000 'n meer formele karakter aangeneem toe daar vir elke skool in die fakulteit 'n navorsingskoördineerder en 'n programkoördineerder aangestel is. **Proff A Lombard** (Departement Maatskaplike Werk) by die Skool vir Sosiale Wetenskappe, **A Carstens** (Departement Afrikaans) by die Skool vir Tale, en **M L Slabbert** (Departement Visuele Kuns) by die Skool vir Kunste, vorm die kern van die Programkomitee wat die Komitee vir Onderrig en Leer vervang het. Ander persone is by die komitee gevoeg, en **dr G J van Schalkwyk** (Departement Sielkunde) is as voorsitter verkies.

Die kern van die fakulteit se Navorsingskomitee bestaan uit drie navorsingskoördineerders, naamlik **proff C J van Aardt** (Departement Sosiologie) by die Skool vir Sosiale Wetenskappe, **D J Prinsloo** (Departement Afrikatale) by die Skool vir Tale, en **H H van der Mescht** (Departement Musiek) by die Skool vir Kunste. **Prof Prinsloo** is as voorsitter verkies. Een van die bykomende lede van hierdie komitee is **prof C van Onselen** wat in 1999 as navorsingsprofessor in die fakulteit aangestel is. Hy is ook vir die bestuur van die Mellon-mentorprogram aan die Universiteit verantwoordelik.

In 2000 het die fakulteit se nuwe modulestelsel asook programme wat volgens die vereistes van die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid (SAKO) ontwikkel is, in werking getree. Dit was die kulminasie van drie jaar van besinning en hersiening van onderrig aan die fakulteit. Beroepsgerigtheid en dienskursusse aan ander fakulteite speel 'n steeds groter rol, hoewel die fakulteit poog om nie van die algemeen vormende aard van sy kursusse af te sien nie.

Aangesien die fakulteit – en veral die taaldepartemente – toenemend dalende studentetalle ondervind, moes opnuut gepoog word om deur meer aantreklike kursusse dié uitdaging die hoof te bied. In die jare 1993-2000 het die studenteprofiel aansienlik verander. Groot getalle swart studente het ingeskryf, en aangesien die meeste verkies om in Engels eerder as Afrikaans te studeer, was daar teen 2000 min modules wat slegs in Afrikaans aangebied is. Al word die meeste modules steeds in beide tale gedoseer, is daar al hoe meer wat slegs Engels as onderrigmedium gebruik. Dit het met verloop van tyd duidelik geblyk dat baie swart studente en heelwat blanke studente nie taalvaardig genoeg is om suksesvol aan die Universiteit te kan studeer nie. Dit het tot die oprigting van die Eenheid vir die Ontwikkeling van Taalvaardigheid (EOT) aanleiding gegee.

Verskillende "leweringsmodusse" word steeds op die proef gestel, hoewel onderrig by die Witbankkampus teen 1999 uitgefaseer is, en die aanbieding van kursusse by Tuks na 5 asook die vennootskap met die Nasionale Private Kolleges opnuut onder die loep gekom het. Daar word toenemend in die rigting van verskillende vorms van telematiese aflewering deur die Universiteit se Telematiese Afdeling beweeg.

Benewens die EOT, is enkele ander sentra in die onderhawige tydperk opgerig om die onderrig- en navorsingsfunksies te ondersteun, byvoorbeeld die Sentrum vir Akademiese Ontwikkeling, die Sentrum vir Taalpolitiek, en die Sentrum vir Internasionale Politieke Studies. Daar was terselfdertyd 'n verandering in die samestelling van departemente. Latyn en Semitiese Tale is byvoorbeeld in 1997 in die nuwe Departement Antieke Tale saamgevoeg. In 1999 is die Departement Inligtingkunde uit die fakulteit verskuif om saam met twee ander departemente die Skool vir Inligtingtegnologie in 'n ander fakuteitsverband te vorm.

Prof M E Muller
DEKAAN

Skool vir Kunste

Drama

Die jare 1993-2000 het in menige opsig ingrypende veranderinge in die departement meegebring. Binne die bestek van 'n jaar (1998) het die departementshoof, **prof L B Odendaal**, afgetree; 'n senior dosent, **mnr F Steyn**, is skielik oorlede en **mnr B Cilliers** het die tuig neergelê. Aan die einde van 2000 het **mnr J Visser** bedank. Vanselfsprekend moes hierdie verlies aan kennis, vaardighede en ervaring 'n negatiewe uitwerking op die departement hê.

Gelukkig is **prof A Munro** (voorheen aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys verbonde) in 1999 as departementshoof aangestel. Sy akademiese agtergrond en omvangryke internasionale skakeling met vakgenote het die departement ten goede gekom.

As deel van die Universiteit se strukturele herorganisasie is besluit dat die departement die ander vakatures eerder moet vul deur kundiges op 'n deeltydse basis aan te stel. So is met die vertrek van **me B Elgie**

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof L B Odendaal



Prof A Munro

(bewegingsdosent) en **mnr R Terblanche** (dosent in stemwerk), twee ander hoogs bekwame spesialiste in hulle veld, beide met internasionale aansien as kunstenaars, sowel as akademici aangestel.

Die breë herorganisering van die Universiteit het ook tot veranderinge binne die departement gelei. Hierby was en bly die uitgangspunt om die artistieke en akademiese integriteit wat die departement die afgelope aantal jare gekenmerk het, te handhaaf en daarop voort te bou.

'n Algehele herstrukturering van kursusse is genoodsaak deur die oorskakeling na 'n modulêre opleidingsisteem. Alle kursusse is as modules gestruktureer, sonder om die noodsaaklike praktiese komponent van die opleiding in te boet. Die gevolg was tweeledig. Enersyds het dit die departement in staat gestel om talle van sy kursusse vir meer as net die dramastudente toeganklik te maak. Modules vir Stemwerk, Beweging, Teater en Drama in Onderwys en Ontwikkelingsteater, asook die gewilde modules in Drama- en Filmkunde, lok reeds studente van ander departemente. Die modulêre struktuur het gelei tot 'n groot toename in studentetalle. Andersyds het hierdie struktuur die departement in staat gestel om kursusse aan te bied wat spesifiek gerig is op spesialisberoepe wat Drama as rugsteun gebruik. Voorbeelde hiervan is modules in Teater en Drama in Opvoedkunde, Teater vir Ontwikkeling/Industriële Teater, Radiowerk vir Nuus en verwante velde, Radiowerk vir Fiksie, Bewegingsantropologie, Choreografie en Sang. Hierdie rigtings het toenemend noodsaaklik geword, aangesien die bestaande en stabiele werkverskaffers vir teaterpraktisyns (soos die rade vir uitvoerende kunste) vir alle praktiese doeleindes vervang is met 'n veel groter entrepreneursisteem. Studente is dus genoodsaak om self werk te skep of om hulleself meer aggressief te bemark as in die verlede. Daarom het 'n behoefte ontstaan aan 'n module oor Entrepreneurskap vir dié beroep.

Hierdie verfyning van kursusse het gelei tot die uitbou en ontwikkeling van die honneurskursus op 'n soortgelyke manier. 'n Nuwe ontwikkeling is die invoer van 'n magistergraad in Optrede, met spesifieke verwysing na Spel, Regie, Toneel- en Teksskryf, Stem, Beweging en Teater/Drama in Opleiding of Teater vir Ontwikkeling en Industriële Teater. Die magister- en doktorale programme in navorsing bly onveranderd en sal na behoefte ontwikkel en uitgebou word. Voorts gee die departement gehoor aan die Rektor se oproep om nasionaal relevant asook internasionaal mededingend te wees. Wat eersgenoemde betref het die departement reeds groot getalle teaterpraktisyns opgelewer wat steeds hulle stempel op die Suid-Afrikaanse dramatoneel laat; wat laasgenoemde betref lok die departement gevorderde studente uit Afrika sowel as ander wêrelddele.

Daar is ook ander ontwikkelinge op internasionale vlak. Die departement het sterk bande met Europese tradisies (veral met Duitsland en Nederland) en dit word steeds voortgesit. Die skakeling met Amerika is uitgebrei en lei tot 'n bestendige stroom van kunstenaars/akademici wat binne die Dramadepartement werksaam is. Die departement was reeds gasheer vir **prof T Casciero** van Towson University, Baltimore. Hierdie skakeling lei tot 'n toename in uitruiling van en interaksie met dosente en studente van buitelandse universiteite. Die departement het reeds 'n internasionale werksessie in verhoogvegkuns aangebied, asook 'n internasionale konferensie oor opleiding van stem- en bewegingsdosente vir akteurs.

Op artistieke gebied gaan die departement van krag tot krag. Oudstudente behaal steeds groot sukses binne die beroep, of slaag daarin om self eie werkgeleenthede te skep. Die ontwikkeling van twee betreklik nuwe en belangrike kunstefeeste (Oudtshoorn en Potchefstroom), bo en behalwe dié van Grahamstad, dra hiertoe by.

Die rekonstruksie en verbetering van die Lier-teater tot 'n nuwe kompleks wat aan produksiestandaarde sal voldoen word ook aangepak. Hierdie nuwe kompleks skep 'n opwindende geleentheid waar studente en professionele kunstenaars kan ontmoet om nuwe eksperimentele sowel as oorspronklike werk te doen; daarbenewens kan die publiek ook in die nuwe ingangsportaal ontvang word. Met hierdie infrastruktuur is die departement vasbeslote om sy bydrae tot die skryf en ontwikkeling van nuwe tekste voort te sit.

Met die veranderings in personeel en die struktuur was die omvang van wetenskaplik-vakkundige aktiwiteite nie altyd na wense nie. Dit is egter besig om te verander. 'n Deeltydse personeellid is in 2000 aangestel as subredakteur van die internasionaal gepubliseerde *Voice and Speech Review*. Op die gebied van Beweging word navorsing gedoen oor inheemse bewegingsvorme. Die departement het begin met 'n ernstige veldtog om kundigheid ten opsigte van ontwikkelingsteater binne die gemeenskap aan te bied, wat onder andere gelei het tot 'n verskeidenheid programme oor kwessies soos dwelmmisbruik by kinders, waterbewustheid in agtergeblewe gemeenskappe en rolverwarring by nuut afgetredenes. Hierdie is belangrike groei-areas vir navorsing, opleiding, ontwikkeling en gemeenskapsdiens.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die afname in studentetalle vir etlike jare toon sedert 2000 'n dramatiese ommeswaai. Die vestiging van die Skool vir Kunste het hiertoe bygedra. Hierdie skool is die vertrekpunt vir 'n effektiewe en doeltreffend saamgestelde projekontwikkeling - soos die instel van 'n graad in Kunste Opvoeding, wat ruimte skep vir die samewerking van die drie dissiplines binne die betrokke skool.

Namate die demografiese aspek van die studentekorps verander het, het die studenteprofiel ook verander. 'n Uitvloeisel hiervan was die ontwikkeling van 'n lofdigter ("praise poet") of *imbongi* binne die departement wat by verskillende geleenthede binne die Universiteit optree. Vanuit die demografiese gesigspunt is die samestelling van die personeelprofiel ook 'n prioriteit.

Die departementshoof word op bevoegde, intellektuele en artistieke wyse ondersteun deur toegewyde personeel wat bestaan uit **mnr C Trichardt** (senior dosent), **mnr A le Roux** en **me E Zeeman** (dosente), **me M Labuschagne** (produksiebestuurder) asook **me Y Rabie** (sekretaresse). Die deeltydse komponent bestaan uit **mee M-H Coetzee**, **M Munro, S Hugo, E Oosthuizen** en **M Mostert**. **Mnr P Walter** is die hoof van die dékor-afdeling, **me J Ingham** van die garderobe en **mnr M Phora** is verantwoordelik vir die teaters. Die departement het ook 'n ondersteuningskorps van sewe lede, wat pas 'n uitgebreide posbeskrywings- en evalueringsproses ondergaan het ten einde hul posisies te verbeter en sodoende die departement in staat te stel om met 'n personeelontwikkelingsprogram vir hierdie werkers te begin.

Prof A J Munro
DEPARTEMENTSHOOF

Musiek en Sentrum vir Musiekopvoeding

Prof Henk Temmingh het in 1993 **prof Gerard van de Geest** as hoof opgevolg. Die hoofskap van **prof Temmingh** was 'n tydperk van buitengewone ontwikkeling en vernuwing. Aan die begin van 2000 is die Skool vir Kunste gevorm met **prof Temmingh** as voorsitter en **prof Heinrich van der Mescht** as navorsingskoördineerder.


Prof H Temmingh

Prof Caroline van Niekerk het op 1 Januarie 1996 by die departement aangesluit as professor in Musiekopvoedkunde en **mnr Chats Devroop** in 1997. **Mnr Johann van der Sandt** is die nuwe dirigent van die Universiteitskoor vanaf 1999. **Prof Alan Solomon**, wêreldbekende viooldosent, het aan die einde van 1999 afgetree en is opgevolg deur **prof Zanta Hofmeyr**. In 2000 is **Meki Nzewi** van Nigerië as professor aangestel in Etnomusikologie en **Mariëtta Brits**, dosent in Musiekteorie, het die Universiteit verlaat. Intussen is **mnr Bennie Robinson** in 2000 as koor- en orkesbestuurder aangestel.

Bevorderings het ook plaasgevind: **mnre John Hinch** en **Wessel van Wyk** en **dr Hetta Potgieter** is tot senior lektore bevorder; **drr Ella Fourie**, **Van der Mescht**, **Gerrit Olivier** en **Wim Viljoen** tot medeprofessore, en **Joseph Stanford** is tot professor bevorder.

In die afgelope agt jaar is aansienlike veranderings aan kursusinhoud aangebring en nuwe vakke is ingevoer.

Etnomusikologie, wat die eerste keer in 1992 aangebied is, het in 1994 'n verpligte vak vir alle tweedejaarstudente geword, asook 'n keusevak vir BMus(Hons). Dit is later tot derdejaars- en vierdejaarsvlak uitgebrei. Kamermusiek is sedert 1997 'n keusevak vir voorgraadse studente asook vir BMus(Hons)-studente. Die eerste kursus in Musiektegnologie het in 1998 vir vierdejaarstudente 'n aanvang geneem. Hierdie vak word tans tot op MMus-vlak aangebied. Koorleiding is vanaf 1999 'n keusevak vir BA met spesialisering in Musiek.

Die graadprogram vir BA met spesialisering in Musiek is sedert 1994 aangebied. Tans is daar 'n hele aantal studente van Botswana wat vir hierdie graad ingeskryf is. Nadat Musiekterapie in 1996 as keusevak vir BMus aangebied is, en dit sedert 1997 ook 'n keusevak vir BMus(Hons) is, is die eerste MMus-program in Musiekterapie in Afrika in 1999 onder leiding van **dr Mercedes Pavlicevic** ingestel. DMus in Uitvoerende Kuns is sedert 1999 aangebied en die eerste studente het in 2000 vir die program BA in Kunste-opvoeding ingeskryf.

'n Groot verskeidenheid onderwerpe is in die tydperk 1993-2000 deur dosente nagevors. Daaronder tel aspekte van musiekgeskiedenis, soos die musiek tydens die Anglo-Boereoorlog **(prof Olivier)**; musiekuitvoering, soos die implikasie van die artikulasie- en fraseboë in musiek vir houtblasers (**mnr Hinch**), asook Suid-Afrikaanse musiek, soos klaviermusiek van **Jeanne Zaidel-Rudolph** (**mnr Van Wyk**). Die aantal artikels in geakkrediteerde tydskrifte het in die afgelope aantal jare aansienlik toegeneem. In 1998 en 1999 het die departement oor vier nadoktorale

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

genote beskik. Wat buitelandse navorsing betref, het **prof Van der Mescht** navorsing gedoen in Londen en Leipzig oor die Duitse liedere van Engelse komponiste wat in die 19de eeu in Leipzig studeer het, asook (in Bedford, Engeland) oor die briewe wat **Herbert Howells** in 1921 vanaf Suid-Afrika na Engeland gestuur het. **Mnr Hinch** het artikulasie en frasering in fluitspel (ook in Engeland) nagegaan, terwyl **mnr Devroop** 'n intensiewe studie in die VSA oor die nuutste ontwikkelings in musiektegnologie onderneem het.

Proff Fourie, Olivier, Van der Mescht en **Van Niekerk**, **dr Potgieter** en **me Sanet Schoeman** het by buitelandse kongresse opgetree.

Doktorale proefskrifte is voltooi deur kandidate wat in Botswana en Kenia woonagtig is en daar is ook ander studente afkomstig van Botswana, Namibië, Uganda en Zimbabwe.

Die departement beskik oor buitengewoon aktiewe uitvoerende musici. Die orrelis **prof Viljoen** het, behalwe in Suid-Afrika, ook in Engeland, Frankryk, Namibië, Nederland, Tsjeggië en die VSA opgetree, en die pianis **mnr Van Wyk** was in Suid-Afrika, Duitsland, Namibië en Tsjeggië bedrywig. Die nadoktorale genoot **mnr Pieter Jacobs** was eweneens besonder aktief as solo- en kamermusiekpianis en **prof Hofmeyr** is 'n uiters gewilde violis. Kompakskywe van die werk van **prof Viljoen**, **mnr Van Wyk** en die Universiteitskoor is opgeneem. Hierdie koor, wat eers deur **prof Petru Gräbe** gedirigeer is, staan sedert 1999 onder leiding van **mnr Van der Sandt**, wat ook die koorleier van die hoogaangeskrewe Singkronies-kamerkoor is.

'n Komposisie van **prof Olivier** was een van die werke wat vir die Eerste Unisa Internasionale Orrelkompetisie (1999) voorgeskryf is. Ander komponiste was **prof Temmingh** en **dr Martin Watt**. Die immerjong en hoogs produktiewe **prof Stefans Grové** het in 1997 'n "toonuitstalling" van sy eie werk by Unisa gehou. In 1998 is die Helgard Steyn-toekenning vir die beste Suid-Afrikaanse komposisie in die voorafgaande vier jaar aan hom toegeken vir sy Afrika Hymnus II vir konsertorrel. 'n Verdere hoogtepunt in 1999 was die eerste uitvoering van sy Raka, 'n toondig in die vorm van 'n konsert vir klavier en orkes.

'n Uitruilooreenkoms met Western Washington University in Bellingham in die VSA is deur **prof Van der Mescht** gesluit. **Prof Stanford** was die eerste om daar as besoekende professor te werk, waarna **prof Van der Mescht** die geleentheid benut het. 'n Plaaslike student het 'n tydperk daar deurgebring, en twee van hulle studente het die departement hier besoek. **Dr Potgieter** het die Koninklijke Konservatorium in Den Haag besoek, nadat een van die konservatorium se studente hier op besoek was.

Proff Fourie, Olivier, Van Niekerk en **Viljoen** asook **mnre Van der Sandt** en **Van Wyk** het radioprogramme aangebied of is in radioprogramme voorgestel.

Prof Stanford het gedien in die beoordelaarspanele van die Unisa-Transnet Internasionale Klavierkompetisie (1994) en van die Internasionale Klavierkompetisie Virtuosi di Pianoforte in die Tsjeggiese Republiek (1999, 2000). Kollegas wat in die panele van nasionale musiekkompetisies gedien het, was **proff Fourie, Stanford, Temmingh** en **Viljoen**, asook **mnre Devroop**, **Hinch** en **Van Wyk**.

Dosente het leiding op verskillende terreine geneem. **Prof Van Niekerk** is in 2000 tot die eerste president van die Pan-African Society of Music Education verkies, en **prof Van der Mescht** is die ondervoorsitter van die Musiekwetenskapvereniging van Suidelike Afrika. **Prof Olivier** tree op as ondervoorsitter van die Suid-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging, waarvan **prof Viljoen** in 2000 tot voorsitter verkies is. **Mnr Hinch** is die president van die Fluitfederasie van Suid-Afrika (FLUFSA).

Die departement bied elke jaar twee verrykingskursusse aan (gereël deur **prof Fourie**) waartydens skoolleerlinge onderrig van dosente ontvang. Sy het ook lesings oor klavierdidaktiek in Australië, China en Nieu-Seeland aangebied.

Vooraanstaande klavieronderwysers het meesterklasse by die departement gegee: **Joseph Banowetz** (VSA), **Fabio Bidini** (Italië), **Frank Heneghan** (Ierland), **Andrzej Jasinski** (Pole), **Marian Lapsansky** (Slowakye), **Pascal Rogé** (Frankryk) en **Gustavo Romero** (VSA). Onder die musiekwetenskaplikes wat besoek afgelê het, tel **Nicholas Cook**, **Roger Parker** en **Graham Welch** (Engeland), **John Drummond** (Nieu-Seeland), **Greg Hurwurth** en **Robert Walker** (Australië) en **Stanislav Tuksar** (Kroasië).

Ook die studente het voortreflik presteer in musiekkompetisies. Tussen 1993 en 1999 het sommige elke jaar die SA Musiekstudiebeurs van Unisa gewen (**Chantie Snibbe, Gerda Güldenpfennig, Tinus Botha, Charl de Villiers, Salome van der Walt** en **Charl du Plessis, Stephen Pierce, Mareli Stolp** en **Lee-Ann Harty**), en ook elke jaar die oorsese studiebeurs van Unisa (**Edwin Randell, Johanna van Zyl, Tinus Botha, Kerryn Hendey, Charl du Plessis, Kieran Ballard-Tremeer** en **Sonia Hwang**). Die pianis **Lynette Stulting** was die wenner van die Forte-kompetisie (1993), die fluitis **Handri Loots** het die FLUFSA/Unisa Nasionale Fluitkompetisie gewen (1997) en die orrelis **Herman Jordaan** was die wenner van die Schnitger Internasionale Orrelkompetisie in Nederland (1999). Die Universiteitskoor is in 1999 as die algehele wenner van die negende Internasionale Koorkompetisie in Praag,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Tsjeggië aangewys. **Louis Walters**, 'n BMus(Hons)-student, het in 2000 die Kanselliersprys vir Afrikaanse komposisie van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO verower. **Alexander Johnson**, wat in 2000 die DMus in Komposisie behaal het, het 'n verskeidenheid toekennings verower, soos die eerste prys in die Nasionale Komposisiekompetisie van die Stigting vir die Skeppende Kunste (1993), die oorsese beurs van die Stigting vir die Skeppende Kunste (1994), 'n opdrag van die Europese Unie vir die eerste viering van Europa-dag in Suid-Afrika (1995) en 'n beurs van die Franse regering (1996). **Johnson** het ook die voorgeskrewe werk vir die sewende Unisa-Transnet Internasionale Klavierkompetisie (1994) gekomponeer, en een van sy werke is in dieselfde jaar by die Internasionale Fees van Kontemporêre Musiek in Belgrado, Serwië uitgevoer.

Die Sentrum vir Musiekopvoeding wat in 1996 onder leiding van **prof Van Niekerk** gestig is, lewer omvattende gemeenskapsdiens - byvoorbeeld deur die Itumeleng-straatkinderprojek (waar die kinders weekliks 'n groepmusiekklas in die departement bywoon) en by die Prinshofskool vir gesiggestremdes. Hierdie uitreikaksies bied waardevolle leergeleenthede aan studente. Die Saterdagoggend-musiekskool betrek kinders van Atteridgeville. Ook die Musicula-musiekklasse vir kinders van 0 tot 18 maande, 18 maande tot drie jaar, drie tot vyf jaar en vyf tot sewe jaar is uiters gewild. Kortkursusse vir veral onderwysers op Saterdagoggende is 'n belangrike aspek van die diens van die sentrum, wat tans onder die direkteurskap van **dr Potgieter** staan.

Die Meussa-projek (Music Education Unit Standards for South Africa) is in 2000 onder leiding van **proff Van Niekerk** en **Van der Mescht** van stapel gestuur. Agtien MMus- en DMus-studente vorm deel van hierdie inisiatief.

Die afdeling Musiekopvoeding bied 'n BMus(Hons)-kursus aan deur 'n kombinasie van afstandsonderrig en drie kontaksessies per jaar. Veral swart studente van ander Afrikalande word hierdeur getrek. Twee kwalifikasies word suiwer telematies aangebied: die Nasionale Sertifikaat in Groepsmusiek en die Verdere Diploma in Groepsmusiek.

Dr Potgieter het 'n kompakskyf getitel *Music in South Africa* geproduseer wat tans in die handel beskikbaar is; **me Bernie Liebenberg** het die ses volumes van die *Katalogus* van die F Z van der Merwe-versameling van Suid-Afrikaanse musiek in die Merenskybiblioteek van die Universiteit onder leiding van **prof Olivier** saamgestel; **prof Solomon** het die boek *Why are you so nervous?* die lig laat sien; **dr Pavlicevic** het 'n boek getitel *Music therapy - intimate notes in Engeland* gepubliseer; en **prof Van der Mescht** het die eerste geredigeerde uitgawe van **Herbert Howells** se *Twee Afrikaanse* liedere versorg.

Sedert 2000 is 'n nuwe model vir die kore van die Universiteit in werking: daar is die UP-Chorale, die UP-Kamerkoor en die UP-Konsertkoor. Die UP-orkes, wat tussen 1993-1999 onder leiding van **Alan Solomon** gestaan het, lewer gewoonlik twee uitvoerings per jaar, waarvan een die gewilde Rektorskonsert is.

Die departement het in die tydperk 1993-2000 eredoktorsgrade toegeken aan die geëerde kollega **Stefans Grové**, die gevierde sopraan **Mimi Coertse** en die kenner van Afrika-musiek **Yvonne Huskisson**.

Prof Heinrich van der Mescht
MEDEPROFESSOR

Visuele Kunste

Die begin van die nuwe eeu kan met verskeie betekenisvolle veranderinge in hierdie departement geassosieer word. Hierdie veranderinge weerspieël die evolusionêre respons van die departement op interne faktore, veranderende demografiese profiele, en die behoeftes van studente asook kritieke eise wat deur die eksterne omgewings gestel word. Die evolusionêre respons blyk uit twee wysigings van die departement se naam. Die oorspronklike naam was die Departement Beeldende Kunste en Kunsgeskiedenis en dit is verander na die Departement Visuele Kunste en Kunsgeskiedenis. Die departement is vir die tweede keer in 2000 herdoop en staan nou as die Departement Visuele Kunste bekend. In albei gevalle het die besluit op die rasionaal berus dat die nuwe naam die aard van die departement en sy aktiwiteite op daardie stadium beter sou verteenwoordig. Die departement is in 1999 saam met die Departement Musiek en Drama by die Skool vir Kunste geïnkorporeer. **Prof N Roos** het in dieselfde jaar afgetree nadat hy sedert 1978 diens as departementshoof gelewer het. **Prof M Sauthoff** het hom in Januarie 2000 opgevolg.

Die departement is gedurende die afgelope dekade uitgebrei tot vier bedryfsafdelings: Beeldende Kunste, Kunsgeskiedenis, Inligtingsontwerp en Visuele Kommunikasie. Elke afdeling is verantwoordelik vir die voortgesette akademiese ontwikkeling van die onderskeie dissiplines en vir die aanbieding van kernvakke in drie voorgraadse spesialiseringspakkette, naamlik BA(Beeldende Kunste), BA(Inligtingsontwerp) en BA(Visuele Studies), met geleenthede vir nagraadse studie in elkeen. 'n Vierde pakket, BA(Kunste-opvoeding) wat die dissiplines Kuns, Musiek en Drama ingesluit het, is saam met die Departemente Musiek en Drama aangebied. 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof N Roos

Blokonderrigstelsel wat op 'n kerngroep permanente dosente en 'n reeks erkende maar tydelike kundiges berus het, het gedurende die afgelope dekade ruimte gelaat vir die ontwikkeling van dinamiese en relevante kursusinhoude vir vakke en pakkette.

Beeldende Kunste

'n Geherstruktureerde pakket vir Beeldende Kunste is in 2000 ingestel, in ooreenstemming met die Universiteit se beleid ten opsigte van uitkomsgebaseerde onderwys en opleiding. Hierdie pakket konsolideer tot een dissipline die vier tradisionele dissiplines, naamlik skilder, beeldhou, drukkuns en tekenkuns, en sluit in die vaardighede en dienste wat kunstenaars op tegnologiese, kunsadministratiewe en die kunsonderwysterrein kan lewer.

Die afdeling Beeldende Kunste het steeds 'n aktiewe rol in kultuursake op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak gespeel. **Prof Roos** was saam met die Buro vir Kultuursake nou by die vestiging van die Edoardo Villa-museum by die Universiteit betrokke. Die museum, wat in 1995 in gebruik geneem is, vertoon 'n bemaking van dié bekende beeldhouer wat uit verskeie van sy groter werke, baie van die kleiner werke en talle ontwerpmodelle asook sy persoonlike argief, biblioteek, toekennings en fotografiese rekords bestaan.

Prof MD Sauthoff

Die dosente en studente in die departement het as werkende kunstenaars hulle werk uitgestal en verskeie nasionale en internasionale toekennings verwerf. **Prof M Slabbert**, die afdelingshoof, is in 1999 tot visepresident van die South African National Association for the Visual Arts verkies.

Kunsgeskiedenis

Hoewel die leerplan en kursusinhoud deurlopend in die tydperk 1993-2000 hersien is, het die onderliggende beginsel van 'n balans tussen Westerse en Suid-Afrikaanse kuns behoue gebly. Alle studiehandleidings is sedert 1995 in beide Afrikaans en Engels beskikbaar gestel, en sedert 1996 is die lesings ook in albei tale aangebied. Die getal voorgraadse studente het van 202 in 1993 tot 279 in 2000 toegeneem, hoewel nagraadse registrasie afgeneem het.

Die dosente het referate aangebied en plaaslik en internasionaal gepubliseer, en as lede in die nasionale en streeksrade van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kunshistorici gedien. **Prof A Duffey**, die hoof van die afdeling, is in 1998 as voorsitter van die Suid-Arikaanse Kunstewoordeboekkomitee van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aangestel.

Die afdeling is steeds verantwoordelik vir die bestuur en uitbouing van die Universiteit se kunshistoriese argief en 'n omvangryke skyfiebiblioteek wat op die suidkampus gehuisves word. Hierdie versameling dokumente, katalogi, boeke en visuele materiaal is 'n waardevolle hulpbron vir navorsers, studente, die pers, museums en ander opvoedkundige instellings.

Inligtingsontwerp

Die oorskakeling na digitale tegnologie en die herstrukturering van die leerplan om die ontwerp en produksie van skermgebaseerde produkte in te sluit, was 'n belangrike ontwikkeling in hierdie afdeling. Die elementêre rekenaarfasiliteit wat in 1993 uit drie werkstasies bestaan het, is sistematies opgegradeer tot 'n rekenaarlaboratorium met 18 werkstasies en gesofistikeerde randtoerusting. Die laboratorium word gebruik vir die opleiding van en gebruik deur studente in die departement. Aansoeke vir toelating tot die BA(Inligtingsontwerp)-program het gelykmatig toegeneem. Hoewel die getal eerstejaarsinskrywings sedert 1997 tot 36 studente beperk is, het die afdeling die studentetal sedert 1998 aangevul deur die aanbieding van 'n tweejarige inleidende kursus in visuele ontwerp vir studente van die Departement Inligtingkunde. Die afdeling het ook sedert 1995 twee modules vir die pakket in BA(Hons)(Uitgewerswese) ontwikkel.

Die ontwerptydskrif *Image & Text* wat vir die eerste keer in 1992 deur die departement versorg en gepubliseer is, het in 1996 akademiese akkreditering ontvang. Die tydskrif geniet wye erkenning en artikels deur vooraanstaande internasionale akademici in die ontwerprigting asook plaaslike skrywers het reeds daarin verskyn. Dit is steeds die enigste akademiese ontwerptydskrif in Suid-Afrika. Personeellede het in die komitees van verskeie vakverenigings gedien, insluitend Design South Africa, die Design Education Forum of South Africa, en die Design Seminar Group. **Prof Sauthoff**, die hoof van die afdeling, is in 1999 as voorsitter vir Opvoedkunde op die International Council of Graphic Design Associations verkies.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Visuele Kommunikasie

Vanaf die instelling van Visuele Kommunikasie in die vroeë tagtigerjare, bied hierdie afdeling aan Beeldende Kunste en Inligtingsontwerpstudente 'n begronding in die teoretiese kwessies met betrekking tot die visuele kunste wat nie deur die tradisionele Kunsgeskiedeniskursus gedek is nie. Die vak het in die vroeë negentigerjare die aandag van BA-studente getrek, en daar is spesiale reëlings getref vir diegene wat graag tot op derdejaarsvlak daarvoor wou inskryf. Visuele Kommunuikasie het in 1996 volle erkenning as 'n BA-vak ontvang, en in 1997 het die Departement Inligtingkunde die vak vir sy Multimedia- en Uitgewerswesekursusse voorgeskryf. Die kursus is sedertdien vir verskeie pakkette van die Fakulteit Geesteswetenskappe voorgeskryf, en is 'n kernvak in die pakket vir BA(Visuele Studies).

Visuele Kommunikasie konsentreer op die eietydse visuele kultuur. Hierdie fokus stem ooreen met internasionale ontwikkelinge wat die rol van die visuele beeld in die samelewing ondersoek. Inskrywings vir hierdie vak het stelselmatig van 190 in 1996 tot meer as 400 in 2000 toegeneem. **Dr J van Eeden** is in 1997 as afdelingshoof aangestel na die bedanking van **mnr H Jansen van Rensburg** wat die pos vanaf 1994 beklee het.

Prof M D Sauthoff
DEPARTEMENTSHOOF

Skool vir Sosiale Wetenskappe

Antropologie en Argeologie

Die departement het gedurende die afgelope agt jaar 'n omvangryke transformasieproses ondergaan. Sedert die naamsverandering van die departement in 1993 is sowel die onderrig- as navorsingsprogramme uitgebou en omvorm om plaaslike en internasionale veranderinge op tersiêre vlak te akkommodeer.

Die herontwerp van kurrikula in 1996 het die grondslag gelê vir aanpassings in die bestaande Antropologie- en Argeologiekursusse asook die instelling van Gemeenskapsontwikkeling en Erfenis- en Kultuurtoerisme as nuwe studierigtings binne die departement.

Veranderinge in die voorgraadse Antropologiekursusse het tot 'n groter aanvraag vanuit ander dissiplines binne sowel as buite die Fakulteit Geesteswetenskappe gelei. Sedert 1997 word modules in die Antropologie byvoorbeeld vir studente van die Sentrum vir Natuurlewebestuur en die Fakulteit Regsgeleerdheid aangebied. Hierdie skakeling oor fakulteitsgrense heen het groter spesialisasie op nagraadse vlak meegebring.

Binne die Argeologie is die Etno-Argeologie met sy fokus op veral die Steen- en Ystertydperk van Afrika verder ontwikkel. Die toevoeging van Kultuurhulpbronbestuur en Kontrak-Argeologie as moduletemas het nie alleen die onderrigprogram in ooreenstemming met uitkomsgebaseerde onderrig gebring nie, maar ook wyer werksgeleenthede vir die groeiende aantal studente voorsien. Hierbenewens bied die nagraadse modules vir studente navorsingsgeleentheid in onder meer die Nasionale Krugerwildtuin en die nuwe Vembe-Dongola Nasionale Park. Sedert 1997 word 'n groot aantal Argeologiemodules op voor- en nagraadse vlak telematies aangebied.

Na aanleiding van die groot aanvraag op plaaslike, provinsiale en nasionale vlak vir persone met die kundigheid en ingesteldheid om die heropbou- en ontwikkelingsproses in landelike en stedelike gemeenskappe te fasiliteer, is Gemeenskapsontwikkeling in 1998 as nuwe vak en interdissiplinêre graadprogram binne die departement ingestel. Dié kursus bied studente die geleentheid om hulle reeds vanaf hulle eerste jaar in fokusgebiede soos Afrika-Ontwikkelingstudies, Gemeenskapsielkunde, Ontwikkelingskommunikasie en Ontwikkelingsosiologie te bekwaam. Die praktykgerigte aard van die opleiding het vroeg reeds daartoe gelei dat studente uit ander dissiplines en fakulteite verplig word om bepaalde gemeenskapsontwikkelingsmodules by hul graadpakkette in te sluit.

Die kursus in Erfenis- en Kultuurtoerisme word sedert 1998 in samewerking met die Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis aangebied. Dié kursus is daarop gerig om kundigheid aan die toerismebedryf te voorsien ten opsigte van die ryke kultuur- en historiese erfenis van Afrika. Die graadpakket bevat derhalwe sowel Antropologie- en Geskiedenismodules asook modules met 'n besondere praktykwaarde soos Ekotoerisme, Sporttoerisme en Politieke Toerisme.

Hierdie ontwikkelinge op die onderrigterrein is ook in die departementele navorsingsprogramme weerspieël. Navorsing word dienooreenkomstig toegespits op onder meer gemeenskaps-gebaseerde toerisme-ontwikkeling,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof R D Coertze



Prof J B Hartman

inheemse gesagstelsels, benutting van natuurlike hulpbronne in landelike gebiede, kultuurerfenis en inheemse kennis van die inwoners van landelike gebiede, kultuur as inligtingstelsel en die rol daarvan in ontwikkeling en die advertensiewese, en die etno-argeologie van die Ystertydperk.

Prof C C Boonzaaier het reeds 'n toekenning verwerf vir navorsing oor die beplanning van toerismeroetes in die Noordelike Provinsie. **Prof H Els** se navorsing oor gemeenskaps-betrokkenheid by die ontwikkeling en bewaring van natuurlike hulpbronne het tot besoeke aan verskeie Afrikastate gelei. Hy het ook as koördineerder van multidissiplinêre en institusionele navorsingsprogramme vir gemeenskapsgebaseerde omgewingsbewaring en toerisme in Maputuland opgetree. 'n Eerste navorsingsprojek oor gemeenskapsontwikkeling is reeds voltooi. **Prof J D Kriel** en **me I Wassermann** het omvangryke navorsing gedoen vir die ontwerp van 'n sosio-ekonomiese ontwikkelingstrategie vir gemeenskappe langs die N4-snelweg. Opnames van argeologiese terreine in Gauteng en Noordwes Provinsie deur **dr J C C Pistorius** en **mnr H P Prinsloo** het op verskeie navorsingsverslae uitgeloop. **Prof A Meyer** se navorsingsbevindinge oor Mapungubwe is in 1999 gepubliseer en die Rektor het dit by die Vierde Internasionale Argeologiese Kongres aan die Minister van Waterwese oorhandig. Die Greefswald-versameling, waarvan die kern tot Nasionale Kultuurskat verklaar is, is deur **me M Hockey** van die Britse Museum gerestoureer en deur nagraadse studente gedigitaliseer en via die Internet toeganklik gemaak. 'n Gedeelte van die kernversameling word sedertdien permanent op die kampus uitgestal. Ook die argeologiese navorsingsdata oor sowat 20 000 vindstukke van 300 vindplekke in die Nasionale Krugerwildtuin is in 1999 onder leiding van **prof J B Hartman** opgegradeer en gedigitaliseer en teen die einde van 2000 op die Internet toeganklik gemaak. Die digitalisering van 20 000 skyfies oor San-rotskuns wat deur **mnr H C Woodhouse** gefotografeer en beskryf is, is gedurende 2000 afgehandel.

Uit bovermelde navorsingsaktiwiteite het verskeie publikasies (gemiddeld tien artikels in geakkrediteerde tydskrifte en 15 ongepubliseerde navorsingsverslae per jaar) voortgespruit, asook verskeie boeke en hoofstukke in boeke, asook tien internasionale en 25 nasionale kongresreferate.

Die nuwe onderrig- en navorsingsprogramme het internasionale gesprekvoering genoodsaak. Besoeke is gebring aan Europa deur **proff R D Coertze** in 1993, **Hartman** in 1994 en 1998, **Boonzaaier** in 1996; aan die VSA deur **proff Els** in 1994, **Hartman** in 1996 en **Boonzaaier** in 1998; aan Maleisië en Thailand deur **prof Kriel** in 1996; aan Kenia, Tanzanië en Zimbabwe deur **dr Pistorius** in 1995, **proff Els** in 1996 en **Boonzaaier** in 1997 en 2000.

Prof Coertze het aan die einde van Mei 1996 na bykans 23 jaar as departementshoof afgetree en is deur **prof Hartman** opgevolg, wat op sy beurt aan die einde van 2000 die tuig neergelê het. Ooreenkomstig Universiteitsbeleid om personeellede volgens kwalifikasie en meriete te bevorder, is **drr Kriel, Boonzaaier** en **Els** onderskeidelik in 1997, 1999 en 2000 tot medeprofessore bevorder. Vanweë 'n behoefte aan kundigheid in Gemeenskapsontwikkeling is **me Wassermann** op 1 Januarie 2000 as lektrise aangestel. **Mnr A Makatsa** en **me P J Segalo** is onderskeidelik in 1998 en 1999 aangestel, maar het sedertdien die diens van die Universiteit verlaat.

Personeellede doen as raadslede aktief mee aan die aktiwiteite van professionele verenigings. **Prof Kriel** het ook gedurende 1995-1999 opgetree as redakteur van die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie*.

Die dalende tendens in studentetalle sedert 1990 het 'n laagtepunt bereik in 1995 met slegs 102 voor- en 20 nagraadse studente. Sedert 1996 het studentetalle begin styg, en in 2000 was daar 170 voor- en 45 nagraadse studente. Hierdie styging in studentegetalle kan aan verskeie faktore toegeskryf word, waarvan die omvangryke transformasieproses van die departement, die aanbieding van lesings in Afrikaans én Engels, die instelling van nuwe kursusse en die aanbieding van modules in ander fakulteite die belangrikste is.

Prof J B Hartman
DEPARTEMENTSHOOF

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Biokinetika, Sport- en Vryetydwetenskappe

Die naam van die Departement Menslike Bewegingskunde is in 1998 verander na die Departement Biokinetika, Sport- en Vryetydwetenskappe. Hierdie verandering was die resultaat van twee jaar van beraadslaging tydens 'n reeks bosberade om die departement in die nuwe Suid-Afrika te posisioneer. Daarbenewens toon die naam dat die departement pertinent die spesialisgebiede Biokinetika, Sport en Rekreasie in wetenskaplike konteks aanspreek.

Hierdie veranderinge het onder meer beteken dat die tradisionele vierjarige BAEd(MBK)-graad opgeskort en vanaf 1998 nie meer aangebied is nie. Daarmee het die koppeling met die Fakulteit Opvoedkunde in effek tot 'n einde gekom. In die plek daarvan het die instelling van die graad BCom(Rekreasie en Sportbestuur) in 1993 gelei tot samewerking met die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid het meegebring dat daar in 1999 drie verdere grade ontwikkel is om te voorsien in markbehoeftes en ook om samewerking tussen fakulteite en departemente met die oog op uitkomsgebaseerde opleiding te verseker. Die eerste van hierdie grade was in die Fakulteit Geneeskunde en staan bekend as BScMedSci(Sportwetenskap); die tweede was die baccalaureus-graad in Sportwetenskappe wat inhoude trek uit die fakulteite van Geesteswetenskappe (vier departemente), Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (vyf departemente), Geneeskunde (vier departemente) en Regsgeleerdheid (drie departemente). Die derde graad was BA(Sportsielkunde), wat in geheel in hierdie departement en die Departement Sielkunde gesetel is.



Prof J L Botha

Hoewel die departement steeds sy tradisionele tuiste in die Fakulteit Geesteswetenskappe as deel van die Skool vir Sosiale Wetenskappe het, is daar 'n Sentrum vir Sportwetenskappe in die Fakulteit Geneeskunde gestig waarby hierdie departement een van die betrokkenes is.

Dat daar verandering, vooruitgang en groei in die departement was, blyk onder meer uit die verandering in die struktuur (funksioneel en andersins) van die personeel. Waar daar voorheen twee professore was, is daar nou slegs een, met een amptelike medeprofessor. Die res van die verdeling lyk soos voorheen. Met behulp van die PUNIV-fondse is die eerste dosent van kleur aangestel, te wete **mnr C Singh**, in 1999 aangestel.



Prof G J van Wyk

Dit is egter die funksionele rangstruktuur wat op die uitnemendheid van die personeel dui. Twee persone wat in lektorsposte aangestel is, is *ad hominem* bevorder tot medeprofessore. Die eerste was **prof P E Krüger**, wat vanaf middel 1996 aangestel is as direkteur van die Instituut vir Sportnavorsing in die departement. Die tweede was **prof A E Goslin**, wat in 1998 aangestel is as direkteur van die Sentrum vir Vryetydstudies in die departement. **Prof Goslin** was die eerste dame wat in hierdie departement as professor aangestel is. 'n Soortgelyke onderskeiding is dat ook **dr B J M Steyn** in 1999 *ad hominem* tot medeprofessor bevorder is. Dit was 'n beduidende verlies toe **prof J L Botha**, wat 16 jaar as departementshoof diens gedoen het (en meer as sewe jaar direkteur van die Instituut vir Sportnavorsing was) in Junie 1996 afgetree het. Dit moet ook genoem word dat **me G Robertson** (gebore **Oertli**), wat 40 jaar aan die departement verbonde was, in 1999 oorlede is.

Indien daar geen aanvraag was vir dit wat tans ontwikkel is nie, sou hierdie nuwe grade en bevorderings nie moontlik gewees het nie. Dit kan met reg gesê word dat studentetalle oor die afgelope jare baie min gewissel het, ondanks 'n netto daling in die getalle in ander geesteswetenskappe. Hierdie stabiliteit is die gevolg van deurlopende pogings om plaaslik sowel as internasionaal relevant en mededingend te bly. Hierdie relevansie, asook internasionale mededingendheid, word duidelik weerspieël in die gehalte en hoeveelheid buitelandse blootstelling van die personeel.

Een van die groot rolspelers in die sukses van die departement is steeds die Instituut vir Sportnavorsing met sy hoogs sigbare uitsette wat betref opleiding, navorsing en gemeenskapsdiens. Die instituut is sedert sy ontstaan in 1979 outonoom en onafhanklik bedryf, maar is in 1996 as 'n afdeling onder die departement geplaas. Die instituut speel 'n prominente rol in die opleiding van nagraadse studente, en veral biokinetikastudente.

Alle magister- en doktorale studente wie se werk 'n natuurwetenskaplike strekking het, het die Instituut genader om hulp en ondersteuning op eksperimentele vlak. Alle projekte wat van gemeenskapsdienstige aard is, word direk na die Instituut verwys, en uiters belangrike werk is sodoende aan sport in wye verband gedoen. Hierdie funksie bly steeds baie prominent en is selfs meer omvattend as voorheen te midde van die groter kompetisie om daarby betrokke te raak. Tans is **prof Krüger** die direkteur van die Instituut vir Sportnavorsing.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ewe belangrik is die Sentrum vir Vryetydstudies wat in 1998 tot stand gekom het. **Prof Goslin** is die direkteur daarvan. Die instituut se sukses en goeie reputasie is opvallend. Op nasionale vlak is diens gelewer aan die nasionale Departement Sport en Ontspanning.

Die departement het in 1996 die vyftigste herdenking van sy bestaan gevier met 'n luisterryke funksie in die St George's Hotel in Pretoria.

Prof G J van Wyk
DEPARTEMENTSHOOF

Filosofie

Die departement was gedurende 1993-2000 nasionaal en internasionaal baie aktief. Personeellede het met voortgesette navorsing hulle kundigheid in artikels, referate en lesings teruggeploeg. Dissiplines soos Griekse filosofie, wetenskapsfilosofie en kontemporêre denke is goed uitgebou.

Prof A P du Toit, wat departementshoof was vanaf 1986, is in 1999 gesekondeer as hoof van die Eenheid vir Kwaliteitsversekering by die rektoraat en **prof A J Antonites** het in 1999 en 2000 as departementshoof waargeneem. Laasgenoemde is saam met **prof J D Gericke** bevorder tot professor. **Dr J H N Visagé** het die departement einde Junie 2000 verlaat weens vervroegde aftrede. 'n Voormalige departementshoof (en na sy aftrede ook ereprofessor), **prof P S Dreyer**, is in Desember 1999 oorlede. Die departement beskik tans oor die dienste van twee buitengewone professore, naamlik **proff M Singh** (sedert 1994) en **R Nethersole** (sedert 2000). Albei is betrokke by die onderrig van honneursstudente.


Prof A J Antonites

Personeellede het jaarliks aktief aan nasionale en internasionale kongresse of simposia deelgeneem. Artikels het deurlopend in geakkrediteerde tydskrifte en gekeurde hoofstukke in boeke, asook in talle ander publikasies verskyn.

Prominente filosowe uit talle lande besoek die departement gereeld en lewer voordragte of gaslesings. In samewerking met **prof Du Toit** het **prof D Evans** (filosoof van Ierland) as hoof van die UNESCO Kurrikulumkomitee vir Afrika-Filosofie die departement in 1998 besoek.

Besondere hoogtepunte was die reël van die eerste twee internasionale kongresse onder leiding van **prof Gericke**. Hy het medaljes vir uitnemende diens van die Wêreldvereniging vir Griekse Filosofie asook ereburgerskap van Samos, Griekeland, ontvang. Alle kongresse word finansieel gesteun deur die Griekse regering en die Hellenistiese gemeenskap in Suid-Afrika.

Twee lede het twee nuwe filosofietydskrifte van stapel gestuur, te wete *Phronimon* (**prof Gericke**) en *Fragmente: Tydskrif vir Filosofie en Kultuurkritiek* (**mnr M J Schoeman**). Laasgenoemde is een van slegs drie filosowe uit Suid-Afrika wat genooi is om vaste medewerkers te wees van die International Phenomenology Symposium wat jaarliks in Italië vergader. Hy is ook (binne die raamwerk van die uitruilooreenkoms met die Katholieke Universiteit Leuven) genooi om die Hoger Instituut voor Wijsbegeerte gedurende 2000 te besoek.

Prof Antonites het 'n vollesessielesing by die Internasionale Vereniging van Fenomenologie in Gdansk, Pole en op uitnodiging 'n lesing by die Universiteit van Vilnius, Littoue, aangebied.

Mnr Schoeman het 'n leidende rol gespeel in die sluiting van samewerkingsooreenkomste met verskeie Nederlandse en Belgiese universiteite, wat betekenisvolle nuwe geleenthede skep vir dosente en nagraadse studente.

Personeellede is ook gereëld betrokke by die evaluering van NRF-aansoeke en van artikels vir vaktydskrifte.

Prof Antonites het deelgeneem aan 'n bespreking op TV (SABC 2) oor lewe elders in die heelal en aan radioprogramme oor onderwerpe soos evolusie en kloning. *Rapport* en *Beeld* het ook onderhoude met hom gepubliseer.

Vir die eerste keer in die geskiedenis van Suid-Afrika het 'n gesamentlike navorsingsprojek tussen Filosofie en Veterinêre Etiologie plaasgevind. **Proff Antonites** en **J J S Odendaal** het die projek in 2000 na twee jaar voltooi.

Die departement het aktief meegedoen aan die nuwe modulestelsel binne skole- en programverband. In 2000 het die aantal voorgraadse studente sterk toegeneem. Verskeie dienskursusse (voor- en nagraads) is in ander fakulteite, byvoorbeeld Geneeskunde, en in departemente soos Ekonomie, Omgewingstudies en Sielkunde aangebied.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Studente studeer met oorgawe aan talle filosofiemodules, en verskeie MA-grade is toegeken. Enkele studente is besig met hulle DPhil navorsingsprojekte. Tutoriale dienste word goed benut. Twee studente wat in 2000 hul MA verhandelings voltooi het, is met ruim beurse toegelaat tot doktorale studie aan die Katolieke Universiteit van Nijmegen in Nederland.

Prof A J Antonites
WAARNEMENDE DEPARTEMENTSHOOF

Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis


Prof J S Bergh

1993-2000 was van groot betekenis vir die departement. Heelwat wisseling het in die personeelsamestelling voorgekom, ingrypende wysigings het in leerplanne, leerinhoud en doseerbenaderings plaasgevind en op navorsings- en ander gebiede het sowel die departement as individuele dosente belangrike prestasies behaal.

Teen die begin van 1993 het die departement uit die volgende dosente bestaan: **proff J S Bergh** (departementshoof), **O J O Ferreira, F Pretorius** en **W A Stals**, **dr J E H Grobler, me E Bell** (later **me E Willemse**), **M van Heerden, E Pretorius** en **K Sevenhuysen**. **Me C van Niekerk** was die sekretaresse. **Prof Ferreira** het sedert Julie 1995 ook deeltyds die pos van argivaris beklee. **Proff Stals** en **Ferreira** het in onderskeidelik Desember 1993 en Junie 1998 afgetree, en **mee Willemse** en **Pretorius** het ook gedurende 1998 uit die diens van die Universiteit getree. **Me L Kriel** is in 1998 as lektor en **dr K L Harris** in 1999 as senior lektor en argivaris aangestel. **Prof Ferreira** is in 1995 en **prof Pretorius** die volgende jaar tot professore bevorder. **Dr Harris** is met ingang 2000 tot medeprofessor en **me Sevenhuysen** met ingang 1996 tot lektor bevorder. Drie ereprofessore was in hierdie tydperk aangestel, te wete, **prof F A van Jaarsveld**, voormalige departementshoof, en **proff Stals** en **Ferreira** sedert hulle aftredes. **Proff Van Jaarsveld** en **Stals** is onderskeidelik op 7 Januarie 1995 en 25 Oktober 1999 oorlede. Twee ander voormalige dosente is ook in hierdie tydperk oorlede, naamlik **proff A P van Rensburg** (2 April 1998) en **F J du T Spies**, 'n voormalige departementshoof, op 31 Mei 1998.


Prof O J O Ferreira

Die instelling van 'n nuwe graadpakket in Erfenis- en Kultuurtoerisme met ingang 1998 was vir die departement van groot belang. Saam met die Departement Antropologie en Argeologie is die departement verantwoordelik vir die hoofvak in dié pakket, 'n vak met dieselfde naam as die pakket. Dié kursus is in 1998 op eerstejaarsvlak ingefaseer, en die eerste studente het in 2000 hulle graad in dié rigting verwerf. Saam met die res van die Fakulteit Geesteswetenskappe het die departement ook in 2000 oorgeskakel na 'n stelsel van modules, pakkette en programme. Die departement is die vernaamste aanbieder van modules in die program Erfenis- en Kultuurwetenskappe, wat uit drie pakkette, naamlik Erfenis- en Kultuurtoerisme, Kultuurhistoriese Studies en Mens- en Sosiale Studies, bestaan. Die nuwe programme en pakkette is sterker uitkomsgerig. Groot aanpassings moes ten opsigte van doseerbenaderings gemaak word, veral ook omdat modules in eenhede van sewe weke aangebied en studente groter keuses en mobiliteit toegelaat word. Die departement hoop om meer studente uit ander akademiese rigtings na sommige van sy modules te lok. 'n Module oor globalisering en verandering is byvoorbeeld spesifiek vir dié doel ingestel. Daar is ook in 2000 'n deurbraak gemaak met studente uit die Fakulteit Regsgeleerdheid wat vir die eerste keer in redelik groot getalle vir Geskiedenismodules op eerstejaarsvlak ingeskryf het. Op nagraadse vlak is, benewens die tradisionele MA-kursus (verhandeling), ook 'n gedoseerde MA-kursus ingestel. Verder is die nagraadse diploma in Museumkunde na honneurs-, meesters- en doktorale vlak uitgebrei. In die afgelope agt jaar het 44 studente van die departement hulle meestersgrade voltooi en agt studente doktorsgrade.

Onder leiding van **prof Harris** is kortkursussee gedurende Junie en Julie 1999 met groot sukses ingestel en in 2000 voortgesit. Hierdie beoogde jaarlikse kortkursusse handel oor onderskeidelik heraldiek, genealogie en die argiefwese.

Die voorgraadse studenteprofiel het in die afgelope agt jaar aansienlik gewissel. Gedurende die eerste deel van dié tydperk is 'n sterk styging van swart studentegetalle ervaar - tot amper 40% van die totale voorgraadse studentegetal gedurende 1996 beeloop het. Indien net Geskiedenis in aanmerking geneem word, het dié getal selfs tot 56% in 1997 gestyg. Sedertdien was daar 'n geleidelike afname in die persentasie swart studente, wat waarskynlik in 'n groot mate aan die gebrek aan studiebeurse vir hierdie voorgraadse rigting toegeskryf kan word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Sterk tutorprogramme en ander maniere van hulpverlening aan studente met 'n agterstand, is ingestel. Alle voorgraadse voorlesings word ook afsonderlik in Afrikaans en Engels aangebied.

Hoewel die departement oor 'n wye terrein navorsingsprojekte aanpak en navorsingsuitsette lewer, is veral vier terreine geïdentifiseer waarop gefokus word, naamlik tussengroepverhoudinge in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, politieke en militêre verset in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, Suid-Afrika in internasionale konteks 1945-1990 en die Suid-Afrikaanse kultuurhistoriese erfenis. In fakulteitsverband kon die departement deurgaans daarin slaag om hom in die topgroep departemente met die meeste navorsingsuitsette in geakkrediteerde tydskrifte en publikasies, te bevind. In die betrokke tydperk is amper 60 artikels in geakkrediteerde tydskrifte gelewer, ongeveer tien hoofstukke in gesaghebbende boeke en talle boekresensies en bydraes in populêrwetenskaplike tydskrifte. Uit die pen van departementslede het tussen 1993 en 2000 ses vakwetenskaplike boeke verskyn. In 1994 **O J O Ferreira**, *Viva os Boers! Boeregeïnterneerdes in Portugal tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (294 pp); **F Pretorius**, *Boer prisoner of war art during the Boer War, 1899 to 1902/Boerekrygsgevangenekuns tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (18 pp); **F A van Jaarsveld**, *Historiese perspektiewe op die nuwe Suid-Afrika, I en II* (100 pp). In 1995 **O J O Ferreira**, *Adamastor, gees van die Stormkaap* (64 pp). In 1997 **O J O Ferreira**, *Stamvader Ignatius Ferreira en sy naverwante* (160 pp). In 1999 **J S Bergh** (red), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika. Die vier noordelike provinsies* (375 pp); **F Pretorius,** *Life on Commando during the Anglo-Boer War 1899-1902* (479 pp) (vertaling van vroeëre werk); **F Pretorius** (co-editor), *The Hall Handbook of the Anglo-Boer War 1899-1902* (272 pp).

Dosente van die departement het gereeld referate op streeks-, nasionale en internasionale vakkonferensies gelewer. Verder dien dosente op die besture van verskeie vakverenigings en redaksies van vaktydskrifte. **Prof Bergh** is tans voorsitter van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika en was president (1995-1997) en bestuurslid van die Historiese Vereniging van Suid-Afrika. **Me Sevenhuysen** is sekretaresse/tesourier van die Historiese Genootskap en het saam met **proff Bergh**, **Ferreira** (sekretaris) en **Harris** in die bestuur van die Historiese Vereniging gedien. **Prof Harris** en **me Sevenhuysen** was in 1997 die hooforganiseerders van 'n hoogs suksesvolle internasionale konferensie wat die departement namens die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging aangebied het. **Me Sevenhuysen** is ook in 2000 tot die bestuur van die Noordelike Streektak van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis verkies. **Prof Harris** dien tans in die uitvoerende raad van die Internasionale Vereniging vir die Studie van Oorsese Chinese. **Proff Ferreira** en **Pretorius** was redakteurs van die vaktydskrif Historia, **dr Grobler** assistentredakteur en **prof Bergh** en **me Sevenhuysen** redaksielede. **Prof Ferreira** en **me Pretorius** was verder ook redakteurs van die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* en **prof Bergh** is 'n medewerkende redakteur van die *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*. **Prof Pretorius** is 'n lid van die redaksieraad van die Christiaan De Wet-Annale en het in 1999 as redakteur van die herdenkingsuitgawe van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* oor die Anglo-Boereoorlog opgetree. **Prof Harris** was verder besigheidsbestuurder van die *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal.*

Twee departementslede het in hierdie tydperk besondere prestasies behaal. **Prof Pretorius** was in 2000 naaswenner van die bekende Sunday Times Alan Paton-toekenning, terwyl die Stalsprys vir Historiese Wetenskappe (Kultuurgeskiedenis) van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in 1998, die Ou Mutualprys vir nie-fiksie in 1995 en die Rapportryersprys vir nie-fiksie in 1996 aan hom toegeken is. **Prof Ferreira** het in 1994 sowel die prestigeprys van die FAK vir die bevordering van Geskiedenis as die erepenning vir Kultuurgeskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang. Dieselfde twee departementslede het prestigegedenklesings gelewer. **Prof Ferreira** het in 1997 die eerste en **prof Pretorius** in 1998 die tweede Bittereinder-gedenklesing by die Oorlogmuseum in Bloemfontein gelewer. **Prof Pretorius** het ook die C J Langenhoven-gedenklesing van die Universiteit van Port Elizabeth (2000) en die genl J B M Hertzog-gedenklesing van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns (2000), aangebied. **Prof Pretorius** en **dr Grobler** het in die afgelope twee jaar ook by verskeie prestigebyeenkomste oor die Anglo-Boereoorlog opgetree. Van hulle optredes is oor nasionale televisiekanale, op nasionale radio en in die pers opgeneem. Die Mellonstigting-toekenning vir navorsing is verder aan twee departementslede, **prof Bergh** en **me Kriel**, gemaak. Intussen het, op inisiatief van **prof Harris**, die Sentrum vir Erfenis en Geskiedenis in die Fakulteit Geesteswetenskappe tot stand gekom en sal baie van die navorsings- en ander inisiatiewe van departementslede, asook die van dosente van ander departemente, daardeur gekoördineer en gestimuleer kan word. Een voorbeeld van hierdie samewerking is die Universiteit se interdissiplinêre seminaarreeks wat in samewerking met **prof C van Onselen**, navorsingsprofessor, aangebied word. Laasgenoemde bied ook enkele voorlesings in die departement op nagraadse vlak aan.

Prof J S Bergh
DEPARTEMENTSHOOF

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Instituut vir Sportnavorsing

Prof J L Botha is by sy aftrede in 1996 opgevolg as die direkteur van die instituut deur **prof P E Krüger**. Tans is die volgende personeel voltyds werksaam in die instituut: **mnr B van Vuuren** en **dr H J van Heerden** as dosente, **me E Heydenrych** en **mnr N Mentz** as tegniese assistente en **mnre H W Nolte** en **P Terblanche** asook **me K de'Ath** as biokinetici. Op 'n deeltydse basis is daar dieetkundiges, sportsielkundiges, oogkundiges en sportgeneeshere betrokke by die instituut se dienste en projekte.

'n Klemverskuiwing by die Hoofbestuur van die Universiteit het meegebring dat die meeste van die gemeenskapsdiensprojekte wat nie direk met opleiding te make het nie, na die Sportburo oorgeplaas is. Gedurende 1996 het nog 'n klemverskuiwing plaasgevind en die instituut is weer toegelaat om by gemeenskapsdiensprojekte betrokke te raak. Aan die einde van 1997 is die Sentrum vir Vryetydstudies gestig, en sedertdien is alle geesteswetenskaplike navorsing en gemeenskapsdiens onder die vaandel van hierdie sentrum gedoen. Vir die instituut was die tydperk 1993-2000 besonder opwindend, en talle nuwe projekte het tot stand gekom.



Prof P E Krüger

Gedurende die jare 1993-2000 was die instituut betrokke by die nagraadse opleiding van 103 honneursstudente met spesialisasie in Biokinetika en 19 studente met spesialisasie in Sportkunde. Op magister- en doktorale vlak het die instituut 'n direkte bydrae gelewer tot die afhandeling van 27 magister- en tien doktorsgrade. Sedert 1998 het die instituut, in samewerking met die Departemente Fisioterapie en Sportgeneeskunde, die noodhulpdiens vir sport aan die Universiteit oorgeneem. Studente van hierdie departemente het die noodhulpdiens onder toesig van 'n mediese dokter verrig as deel van hulle praktiese opleiding.

Personeellede was ook verantwoordelik vir die aanbieding van opleidingskursusse vir die Internasionale Instituut vir Fiksheidsopleiding: Suid-Afrika, die Sports Information and Science Agency (SISA) en die Gautengse Sportakademie.

Deurlopende samewerking is gehandhaaf met die SA Federasie vir Beweging en Vryetydwetenskappe, die SA Biokinetikavereniging, die SA Vereniging vir Oefenkunde, die SA Vereniging vir Sportwetenskap, die Nasionale Olimpiese Komitee van Suid-Afrika (NOKSA), die Direktoraat Sport en Rekreasie van die Departement Nasionale Opvoeding, die Internasionale Raad vir Gesondheid, Liggaamsopvoeding, Rekreasie, Sport en Dans, die Afrika-Vereniging vir Gesondheid, Liggaamsopvoeding, Rekreasie, Sport en Dans, die Internasionale Raad vir Fisiese Aktiwiteit en Fiksheidsnavorsing en die Internasionale Instituut vir Gesondheidsbevordering.

'n Aantal personeellede het verskeie bestuursposisies in die bostaande liggame beklee. **Prof Krüger** is visepresident van die SA Vereniging vir Sportwetenskap en was voorsitter van die standaardekomitee van die AFAHPER-SD-kongres as deel van die sewende All Africa Games. **Dr Van Heerden** is visepresident van die SA Biokinetikavereniging, en **mnr Van Vuuren** is 'n bestuurslid van die Gautengse Sportakademie.

Die personeel het 57 artikels in gesubsidieerde joernale gepubliseer, en talle artikels het in populêr-wetenskaplike tydskrifte en dagblaaie verskyn. Daarbenewens is daar 52 voordragte by nasionale en 47 voordragte by internasionale kongresse gelewer. In al hierdie gevalle het die instituut 'n finansiële bydrae gemaak tot die uitgawes van die betrokkenes. Daar is ook 14 verslae en 16 groter publikasies geskryf, en 54 navorsingsprojekte is afgehandel. Gedurende hierdie periode is daar vir verskeie maatskappye kontraknavorsing in die fiksheidsindustrie onderneem, waarvan die kontrak in 2000 met Ergotech ten bedrae van R102 000,00 die grootste was.

Daar moet gemeld word dat die instituut geen finansiële ondersteuning vir bedryfsuitgawes en salarisse van die Universiteit ontvang nie en self sy eie fondse moet genereer. Die inkomste van die instituut is deur verhoogde arbeidsuitsette gerealiseer, en boonop kon ook agt personeellede se salarisse deur die instituut betaal word.

Veral wat gemeenskapsdiens betref het die werksaamhede sedert 1996 sterk uitgebrei. Die aantal pasiënte wat deur die instituut hanteer is, het drasties toegeneem vanaf 542 gevalle in 1993 tot 1 727 in 1999. 'n Totaal van nege groot maatskappye met 2 128 bestuurders het deelgeneem aan die korporatiewe gesondheidsevaluering. Die klinieke wat deur die personeel bedryf is, sluit in 'n kardiale, diabetes-, ortopediese en artritiskliniek. Op die gebied van sportnavorsing en talentidentifikasie was die Instituut vir Sportnavorsing vanaf 1996 aktief betrokke by die werksaamhede van SISA, en vanaf die volgende jaar by die Gautengse Sportakademie. 'n Totaal van 454 sportlui is gedurende hierdie tydperk fisiologies, psigologies en dieetkundig geëvalueer; van hierdie sportlui het vyf medaljes (drie vir gimnastiek, twee vir boks) by die Statebondspele in 1998 verower, en talle medaljes is tydens die sewende Afrikaspele in Johannesburg ingepalm.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Aan die einde van 1998 het SISA en die topbestuur van twee sportsoorte, te wete tennis en boks, die instituut genader met die oog op die stigting van sentrums van uitnemendheid, en in 1999 is daaraan beslag gegee. Sedert 2000 is netbal ook by die Universiteit as so 'n sentrum gevestig.

Verskeie personeellede het opgetree as biokinetici vir nasionale sportspanne. **Mnr Van Vuuren** was aangestel as biokinetikus vir die SA 0/23 korfbalspan wat aan die wêreldkampioenskappe (1997) in Nederland deelgeneem het, **me Karien Skeen** was die biokinetikus vir die SA tennisspan wat aan die sewende Afrikaspele deelgeneem het, en **me Heydenrych** het die SA netbalspan op 'n toer na die Verenigde Koninkryk (2000) vergesel. Een van die hoogtepunte van 1998 was ongetwyfeld die oorname en bedryf van die studentegimnasium deur die instituut. Die ledetal het met 60% toegeneem, en in 1998 het die Hoofbestuur R298 000,00 bewillig vir die opgradering van die gimnasium. Dienste is uitgebrei, want aan die einde van 1999 het die Northern Bulls-rugbyspan 'n kontrak met die instituut gesluit waarvolgens die span die gimnasiumfasiliteite (en ander sportwetenskaplike dienste) tydens die 2000-seisoen sou gebruik.

Prof P E Krüger
DIREKTEUR

Instituut vir Strategiese Studies

Weens die veranderende globale situasie sowel as dié van Suid- en Suider-Afrika het die instituut sy fokus verbreed. Die publikasies en konferensietemas weerspieël hierdie klemverskuiwing, hoewel die instituut steeds primêr op veiligheids- en strategiese aangeleenthede in Suider-Afrika konsentreer. Die grondwetlike bedeling na 1994 het bepaalde strukturele en funksionele veranderinge in die veiligheidsgemeenskap sowel as in persepsies oor veiligheidsbedreigings meegebring. Hierdie veranderinge is in ag geneem in die beplanning van die instituut se aktiwiteite. Die uitgangspunt is egter deurgaans om steeds 'n objektiewe en akademies-wetenskaplike benadering tot veiligheids- en strategiese aangeleenthede te handhaaf. Die instituut het ook skakeling en samewerking met verskeie instansies, binnelands sowel as buitelands, uitgebou. Verskeie konferensies is dan ook in samewerking met ander instansies aangebied.

Die Advieskomitee van die instituut is gedurende 1997 uitgebrei en bestaan tans uit ses universiteitslede en nege buitelede. Benewens die pos van deeltydse direkteur beskik die instituut oor 'n voltydse sekretaresse en 'n navorsingsassistent wat 12 uur per week diens lewer.

Gedurende die onderhawige tydperk is 'n aantal konferensies en ander byeenkomste aangebied. In 1993 het die instituut, in samewerking met die Sekuriteitsvereniging van Suid-Afrika (NTvI-tak), die volgende aangebied: die jaarlikse sekerheidskonferensie in die Sanlam-ouditorium van die Universiteit; 'n konferensie met die tema Lugkrag in Ontwikkelende State in samewerking met die Suid-Afrikaanse Lugmag; en 'n kortkursus in noodbestuur in samewerking met die Afdeling Gemeenskapsparaatheid van die Stadsraad van Pretoria.

Gedurende 1994 het die instituut 'n konferensie met die tema Nasionale Veiligheid in Ontwikkelende State gereël; in samewerking met SASA (NTvI-tak), die jaarlikse sekerheidskonferensie; 'n konferensie saam met die SA Lugmag oor die toekomsrol van lugkrag, met spesifieke verwysing na Suider-Afrika; 'n konferensie oor die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram, met spesifieke verwysing na die rol van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag; en in samewerking met die Afdeling Gemeenskapsparaatheid, Stadsraad van Pretoria, 'n tweede kortkursus in noodbestuur.

In 1995 was daar 'n kortkursus in strategiese vooruitskouing en risiko-analise by die Universiteit; 'n werksessie oor misdaad as 'n nasionale veiligheidsvraagstuk (in samewerking met die RGN); die jaarlikse ISSUP/SASA-sekerheidskonferensie; 'n werksessie oor die nuwe Verdedigingswitskrif; en die jaarlikse Sir Pierre van Ryneveldt-lugkragkonferensie in samewerking met die SA Lugmag.

In 1996 is 'n konferensie oor konflik, geweld en konflikresolusie in Suid-Afrika in samewerking met die RGN gereël; die jaarlikse ISSUP/SASA-sekerheidskonferensie; 'n kortkursus in nood- en rampbestuur in samewerking met die Stadsraad van Pretoria en 'n werksessie oor BBP en diplomatieke beskerming in samewerking met SASA.

Gedurende 1997 is benewens die jaarlikse sekerheidskonferensie (in samewerking met SASA) 'n werksessie aangebied oor Suid-Afrika in die 21ste eeu, in samewerking met die Nagraadse Bestuurskool van die Universiteit; verder die jaarlikse lugkragkonferensie in samewerking met die SA Lugmag en 'n werksessie oor gewapende roof.

Wat 1998 betref, is 'n tweedaagse kortkursus oor krisis- en rampbestuur in samewerking met die Afdeling Gemeenskapsparaatheid van die Stadsraad van Pretoria aangebied; die jaarlikse sekerheidskonferensie in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

samewerking met SASA (Pretoria-streek); 'n werksessie oor grensbeskerming; 'n kortkursus oor strategiese beplanning in oorleg met die Nagraadse Bestuurskool van die Universiteit; 'n internasionale konferensie oor georganiseerde misdaad; en die jaarlikse lugkragkonferensie in samewerking met die Suid-Afrikaanse Lugmag.


Prof M Hough

In 1999 was daar 'n kortkursus in risiko-analise in samewerking met die Nagraadse Bestuurskool; 'n seminaar oor die wysiging van artikel 49 van die Strafproseswet; die jaarlikse sekerheidskonferensie; en 'n werksessie by die Universiteit in samewerking met die Sentrum vir Beroepsetiek oor die bekamping van bedrog en korrupsie in Suid-Afrika.

Wat 2000 betref, is 'n kortkursus oor die hantering van bedreigings in samewerking met die Afdeling Gemeenskapsparaatheid van die Stadsraad van Pretoria aangebied; die jaarlikse sekerheidskonferensie in samewerking met SASA en 'n konferensie oor militêre intervensie in samewerking met die Sentrum vir Militêre Studies, Universiteit van Stellenbosch. Tydens laasgenoemde geleentheid is 'n boek, *Managing African conflicts: the challenge of military intervention*, bekendgestel wat gesamentlik deur die Instituut vir Strategiese Studies en die Sentrum vir Militêre Studies geskryf is. 'n Eksemplaar van dié boek is aan 'n verteenwoordiger van die hoof van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag oorhandig.

In die onderhawige tydperk het die instituut jaarliks twee uitgawes van die geakkrediteerde sesmaandelikse *Strategiese Oorsig vir Suider-Afrika* gepubliseer, sewe *ad hoc*-publikasies en 50 *ISSUP Bulletins*. Hierbenewens het die direkteur ook self 33 artikels geskryf en hoofstukbydraes tot 17 boeke gelewer. Laasgenoemde sluit in *Who goes there? Perspectives on clandestine migration and illegal aliens in Southern Africa en Conflict violence and conflict resolution: where is South Africa heading?* (met **dr A Minnaar** as mederedakteur), asook *Protecting sub-Saharan Africa: the military challenge en Managing African conflicts: the challenge of military intervention,* met **dr (kol) Louis du Plessis**, direkteur van die Sentrum vir Militêre Studies (Universiteit van Stellenbosch) as mederedakteur. Dié boeke is deur die RGN uitgegee.

Die direkteur het jaarliks lesings by instansies soos die Suid-Afrikaanse Verdedigingskollege, SA Lugmagkollege en die SA Leërkollege aangebied, en verder ook referate by 12 nasionale en 16 internasionale konferensies gelewer.

Die instituut het die volgende buitelandse navorsingsgenote gehuisves: **prof R H S Ward**, University of Illinois, Chicago, VSA (1993); **prof B Buzan**, University of Warwick, Londen (1994); **dr B Möller**, Universiteit van Kopenhagen, Denemarke (1994); **prof A M Hawkins**, University of Zimbabwe (1995); **prof A J R Groom**, University of Kent, Canterbury, Engeland (1996); **prof J E Spence**, Royal Institute for International Affairs, Londen, Engeland (1997); **dr F Olonisakin**, King's College, Londen, Engeland (1998); **mnr K Muepu**, University of Zimbabwe (1998); **dr O Sparrow**, direkteur, Chatham House Forum, Royal Institute of International Affairs, Londen, Engeland (1999); **prof A Sesay**, Obafemi Awolowo University, Nigerië (1999) en **dr O T Akinrinade**, Obafemi Awolowo University, Nigerië (2000).

Die instituut beskik oor 'n kernbiblioteek wat deur dosente sowel as studente gebruik word; het in die onderhawige tydperk 'n inset gelewer tot 'n aantal ampetelike verslae; media-kommentare gelewer; en ontvang ook jaarliks 'n aantal buitelandse besoekers. Publikasie-uitruilooreenkomste is met 'n aantal buitelandse instansies gesluit.

Die direkteur is 'n dosent in die Departement Politieke Wetenskappe en noue koppeling bestaan dus met hierdie departement. Sommige publikasies van die instituut word as voorgeskrewe werke word sowel plaaslik as by ander universiteite gebruik. Die direkteur is ook die pakketorganiseerder vir twee nuwe studierigtings wat in dié tydperk binne die Departement Politieke Wetenskappe ingestel is, naamlik 'n driejarige BPolSci(Veiligheidstudies)-graad en 'n magistergraad in Veiligheidstudies. Op hierdie wyse word die instituut se navorsingsaktiwiteite ook weer in studente-onderrig teruggeploeg.

Die direkteur is daarby lid van die Gesamentlike Stafkursusvereniging, Suid-Afrikaanse Verdedigingskollege, International Institute for Strategic Studies, Londen, die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Politieke Studies, African Studies Association en 'n komiteelid van die Sekuriteitsvereniging van Suid-Afrika (Pretoria-streek).

Prof M Hough
DIREKTEUR

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Kommunikasiepatologie

Die verandering van die departement se naam asook die kwalifikasies wat verwerf kan word (na 'n BA- en 'n MA-graad in Kommunikasiepatologie), was rigtinggewend vir soortgelyke departemente aan ander Suid-Afrikaanse universiteite. Ander veranderinge het ook dié pionierskarakter gedra, soos veral weerspieël word deur verskillende afdelings en sentrums wat as ontwikkelingsruimte dien vir die besondere kundighede binne die departement.

Die Sentrum vir Vroeë Intervensie in Kommunikasiepatologie is in 1993 gestig en **prof René Hugo** was die eerste direkteur van die sentrum. Twee belangrike kundigheidsareas, naamlik die Kliniek vir Hoërisikobabas (KHRIB) en Kommunika, word hier in 'n sinvolle funksionele eenheid gekoördineer. Kommunika, die afdeling wat aanvanklik as 'n kleutergroep vir jong kinders met kommunikasiepatologie bedryf is, is in 1998 omgeskakel na 'n sentrum wat 'n diens lewer by alle kleuterskole en in gemeenskappe waar daar 'n behoefte is aan die ontwikkeling van kleuters se taal- en leervaardighede. Studente word tans deur Kommunika opgelei om 'n gemeenskapsgebaseerde benadering te volg.

Die Sentrum vir Aanvullende en Alternatiewe Kommunikasie (SAAK) wat lank 'n deel van die departement was, het in 1999 'n onafhanklike interfakultêre sentrum geword, met 'n besondere visie wat uit die jarelange beklemtoning van transdissiplinêre funksionering in die departement ontwikkel het.

In hierdie tydperk het die Laboratorium vir Instrumentele Kommunikasie-analise - 'n baie spesifieke navorsingsbeen van die departement - asook die interdepartementele span vir Kogleêre Inplantings formeel hul beslag gekry. Soos die Sentrum vir Vroeë Intervensie, is laasgenoemde twee eenhede unieke strukture wat bepaalde kundigheidsterreine verteenwoordig en op 'n besondere wyse hierdie kundigheid vir geïntegreerde dienslewering, onderrig en navorsing uitbou.

Nog 'n verandering wat met internasionale tendense tred hou, is die diversifisering van die graad BKommunikasiepatologie. Waar alle studente vroeër as spraak-taalterapeut én oudioloog gekwalifiseer het, kan studente nou óf in enige van die twee rigtings spesialiseer óf steeds die dubbele kwalifikasie behaal. Hierdie volgehoue bereidheid tot vernuwing word ook geïllustreer in die nuwe, meer buigsame magisterprogram wat onder meer 'n kliniese/professionele magister in ooreenstemming met tendense in die VSA toelaat. 'n Nuwe, modulêre voorgraadse program is ook reeds geïmplementeer.

Sulke struktuurveranderinge bring noodwendig personeelverandering mee. Die departement kon deelneem in die Universiteit se ooreenkoms met Mpumalanga se Departement van Gesondheid ten opsigte van die ontwikkeling van die Witbank-hospitaal. Drie nuwe departementslede is hier gevestig met 'n spesifieke opdrag vir voorgraadse onderrig binne die nuwe Suid-Afrikaanse gesondheidsbeleid. 'n Verdere deurbraak is gemaak met die aanstelling van **mnr John Gouws**, die eerste dowe personeellid, wat vir die module in Suid-Afrikaanse Gebaretaal verantwoordelik is.

Deur al die verandering en vernuwing heen bly die departement steeds op verantwoordbaarheid ingestel. In 1996 het die departement in dié verband die Nasionale Komitee vir Onderrig van Spraak-Taalterapeute en Oudioloë onder voorsitterskap van **prof I C Uys**, in daardie jaar nog die departementshoof, ontvang. Die aanbevelings van dié komitee van departementshoofde het wyd inslag gevind by instansies soos professionele verenigings, die Beroepsraad vir Spraak-, Taal en Gehoorberoepe en die nasionale Departemente van Gesondheid en Onderwys. 'n Belangrike uitvloeisel hiervan was dat **prof Hugo** as voorsitter van die Nasionale Komitee vir Transformasionele Kurrikulering vir alle Suid-Afrikaanse universiteite aangewys is.

Na **prof Uys** se aftrede in 1997 het **prof Hugo** as departementshoof oorgeneem. Die departement se strewe na bewese verantwoordbaarheid is onder haar leiding by wyse van twee belangrike eksterne modererings van die departement verder gevoer. In 1999 het 'n inspeksie deur die Beroepsraad vir Spraak-, Taal en Gehoorberoepe van die Suid-Afrikaanse Gesondheidsraad plaasgevind. Hierdie Raad is verantwoordelik vir die nasionale standaard van opleiding van geregistreerde professionele persone in die gesondheidsberoepe, veral met betrekking tot voorgraadse programme. In 2000 is die departement, in ooreenstemming met die Universiteit se beleid ten opsigte van kwaliteitsbestuur, deur 'n paneel bestaande uit plaaslike sowel as buitelandse kundiges geëvalueer. In albei gevalle was die verslag gunstig, in die lig van die raamwerk vir nasionale relevansie en internasionale mededingendheid.

Personeellede het deurlopend belangrike dienste aan sowel die Universiteit as die beroepe van spraak-taalterapeut en oudioloog gelewer. Leierskapskenmerke het veral ten opsigte van innoverende onderrigprogramme na vore getree. Hieronder tel die aanbieding van twee spesiale (buitengewone) formele programme, naamlik dié vir kliniese assistente in Oor- Neus- en Keelheelkunde (ONK 800) en vir kliniese assistente in Ortodonsie (Spraakterapie 800). Die departement speel ook 'n belangrike rol in verskillende modules

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van die nuwe voorgraadse MBChB-program by die Fakulteit Geneeskunde. Twee nuwe diplomaprogramme is deur die departement ontwikkel, naamlik die gevorderde diploma in Gehoorapparaatakoestiek waarvoor die eerste groep studente in 1999 ingeskryf het, en in 1994 is die verdere diploma vir Spesialiseringsonderwys (Gehoorgestremdheid) in samewerking met die Departement Ortodidaktiek van die Fakulteit Opvoedkunde ingestel.

Prof I C Uys

Die departement se personeellede het ook op alle vlakke van Universiteitsbestuur bydraes gelewer. Hulle het in strukture soos die Gemeenskapsdienskomitee, die Bemarkingskomitee en die Navorsingskomitee van die fakulteit gedien. **Prof Uys** verdien hier besondere vermelding vir haar buitengewoon omvangryke bydrae. Sy is in 1995 as plaasvervangende dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aangestel, en in 1996 as eerste voorsitter van die Universiteit se Breë Transformasieforum verkies. In dieselfde jaar is sy beloon met die toekenning vir Uitnemende Akademiese Presteerder, en by haar aftrede het sy die Laureatus-toekenning van die Alumnivereniging ontvang. Ná haar aftrede in 1997 is sy deur **prof Hugo** opgevolg wat eweneens 'n leierskapsrol binne die Universiteit speel en in 2000 as die voorsitter van die Skool van Sosiale Wetenskappe van die Fakulteit Geesteswetenskappe aangestel is.

Prof R Hugo

Ook ten opsigte van beroepsaktiwiteite het die personeel besondere prestasies gelewer wat landwyd erkenning aan die leierskapsrol van hierdie departement verleen het. Beide **proff Uys** en **Hugo** is as voorsitters en **prof B Louw** as ondervoorsitter van die Beroepsraad vir Spraak-, Taal en Gehoorberoepe (van die eertydse SAGTR) verkies. In 1999 is **prof Hugo** deur die Komitee van Universiteitshoofde as verteenwoordiger van die Minister van Onderwys op hierdie liggaam aangewys. **Prof Uys** het in die beroepsvereniging, die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Spraak-Taal-Gehoor (SAVSTG) as president opgetree, en saam met **prof Louw** as lid van die Standaarde en Etiese Komitee. Laasgenoemde dien ook vir etlike jare as redakteur van die *SA Tydskrif vir Kommunikasie-afwykings*. Sy is in 1998 benoem as genoot van die SAVSTG vir hoogstaande dienste. In 2000 is **me U Zsilavecz** as president van hierdie vereniging aangewys.

Die leidende rol wat personeellede op nasionale vlak speel is weerspieël deurdat verskeie personeellede gereeld as eksterne eksaminatore vir ander tersiêre inrigtings soos die Universiteite van die Witwatersrand, Stellenbosch, Durban-Westville en Kaapstad, asook professionele liggame optree. Ander dien in die Streeksforum van die Nasionale Raad vir Dowes, die loodskomitee vir 'n kursus by Medunsa, en die Remedial Teaching Foundation se werksgroep wat een van drie finaliste in 1998 vir die presidensiële toekenning op die gebied van spesiale onderwys was.

Personeellede het op internasionale gebied ook bekendheid verwerf, onder andere **proff Louw** en **Hugo** vir hulle werk in vroeë intervensie, en **prof A van der Merwe** vir haar kundigheid op die gebied van kommunikasiepatologie met 'n neurofisiologiese grondslag. Al drie het in die afgelope jare buitelandse navorsingsgenote by die Universiteit ontvang. Hierdie navorsers en hulle kollegas het sedert 1993 talle aanbiedings by internasionale simposia en kongresse gelewer. Hierdie navorsing het gemiddeld ses subsidieerbare publikasies per jaar opgelewer.

Die studenteprofiel het interessante veranderinge oor die afgelope aantal jare getoon. In 1993 was daar 25 finalejaarstudente, en in 1999 het 36 studente gekwalifiseer. In dieselfde jaar het gekeurde eerstejaarsinskrywings na 45 verhoog, en dié getal is aangevul deur die eerste 17 studente in die nuwe nagraadse diploma in Gehoorapparaatakoestiek. Sedert 1993 is 37 magistergrade en drie doktorsgrade toegeken. In 1999 het die departement sy 40ste bestaansjaar gevier.

Mev E Naudé
DOSENT

Kriminologie

Prof Ronelle Pretorius het op 1 Januarie 1989 as departementshoof by prof **D G Steyn** oorgeneem. Sy was die eerste vrou om dié pos aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit te beklee. Sy word bygestaan deur ses dosente, een onderwysassistent en 'n sekretaresse.

Alhoewel die personeelsamestelling konstant gebly het, het die aantal studente jaarliks toegeneem. In vergelyking met die 378 voor- en 15 nagraadse studente in 1960, was daar in 1999 'n gemiddeld van 450 eerstejaars, 230 tweedejaars en 100 derdejaars geregistreer. Benewens hierdie 780 voorgraadse studente, was daar ook 40

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


Prof R Pretorius

nagraadse studente geregistreer. Hiervan was tien magister- en vyf doktorale studente gewees. In die vroeër negentigerjare was die studentegetalle veel hoër aangesien die LLB-graad toe 'n vyfjarige-graad was en baie regstudente die geleentheid benut het om Kriminologie te neem. Nadat die LLB-graad egter na 'n vierjaarkursus verander is, het daar 'n tydelike daling in die studentegetalle plaasgevind. Gedurende 1989-1998 is Kriminologie ook op Witbank tot op derdejaarsvlak aangebied. Alle modules word in Afrikaans sowel as Engels aangebied.

Ten einde tred te hou met veranderende misdaadpatrone en internasionale vooruitgang op die gebied van die Kriminologie, het die departement die afgelope twee dekades ook verskeie nuwe studierigtings soos die Viktimologie, Ekonomiese misdrywe, Vrouemisdaad, Sosiale misdaadvoorkoming en Penologie by die bestaande kurrikulum gevoeg.

Op navorsingsterrein is verskillende projekte afgehandel en is daar ook aktief gewerk aan nuwe projekte. Projekte wat voltooi is, het onder andere gehandel oor die niefamiliale seksuele uitbuiting van kinders en die *modus operandi* van die oortreder; die vrou as slagoffer van huweliksgeweld; gesinsmoord in Suid-Afrika; ouers as sekondêre slagoffers van tienerselfmoord en die mate waarin rebelse kinders hulle ouers viktimiseer. 'n Toevallige bevinding wat uit hierdie studie van rebelse kinders wat in samewerking met 'n lid van die Departement Mensgenetika van die Fakulteit Geneeskunde voortgevloei het, was dat daar moontlik 'n verband tussen geweldsmisdaad en Tourette-sindroom bestaan.

Verdere navorsing wat onder andere deur personeellede onderneem is, is verkragting binne die huwelik; die mate waarin homoseksueel georiënteerdes die slagoffers van haatmisdade word (en wat die houding van hierdie slagoffers teenoor die Suid-Afrikaanse Polisiediens en die strafregsplegingstelsel is); die indirekte slagoffers van moord en verkragting; slagoffers wat voor die Waarheids- en Versoeningskommissie getuig het asook die *modus operandi* van die motorvoertuigkaper.

Al die personeellede is aktiewe lede van die Criminological Society of South Africa (CRIMSA). Van hierdie lede dien ook op die Raad van CRIMSA, waar hulle onder meer betrokke is by 'n interdissiplinêre komitee wat gemoeid is met die stel van standaarde vir die aanbieding van Kriminologie aan Suid-Afrikaanse Universiteite asook die beplanning van vakinhoude.

Ten einde te verseker dat uitvoering aan die missie van die Universiteit gegee word, naamlik om uitnemende diens te lewer, deurloop al die dosente in die departement jaarliks indiensopleidingskursusse om hulle doseer- en ander vaardighede op te skerp. As deel van personeelontwikkeling maak dosente ook op 'n gereelde basis van portuur- en studente-evaluering gebruik om die gehalte van sowel die kursusse as hulle doseervaardighede op standaard te hou. Hierbenewens word daar deur middel van buitelandse kongresdeelname en besoeke aan vooraanstaande Kriminoloë en Viktimoloë in die buiteland, verseker dat die departement op hoogte bly met internasionale ontwikkelinge op die vakgebied.

Prof Ronelle Pretorius
DEPARTEMENTSHOOF

Maatskaplike Werk

Die departement het goeie vordering met opleiding en onderrig op voor- en nagraadse vlak gemaak gedurende hierdie tydperk. Die transformasie van die voorgraadse BA(MW)-kwalifikasie het tot 'n BSocSci(MW)-kwalifikasie gelei. Daar is begin om uitkomsgebaseerde onderrig en evaluering te vestig. Die instelling van die nagraadse kwalifikasie MA(Spelterapie) in 1993 voorsien in die markbehoefte van dienslewering aan kinders. Gedurende 2000 is twee verdere nagraadse MA-kwalifikasies, naamlik in Maatskaplike Beleid en Werknemerhulpprogramme goedgekeur. Hierdie twee kwalifikasies is tot die reeds bestaande gedoseerde magistergrade toegevoeg, naamlik in Spelterapie, Gesondheidsorg en Maatskaplikewerkbestuur. Buiten die gedoseerde magistergrade kan navorsingsgrade op sowel meesters- as doktorale vlak verwerf word. Gedurende hierdie tydperk is die professionele rigting van mens-dier-interaksie as komponent van nagraadse kursusse ook gevestig. Die departement het verder voorsiening begin maak vir afstandsonderrig en telematiese leer. Kortkursusse is in spelterapie, kreatiwiteit en werknemerhulpprogramme aangebied.

Die personeel en studente was baie nou betrokke by gemeenskapsdiens. Dienslewering deur dosente het van direkte dienslewering, konsultasie, mediaskakeling en toesprake tot voortgesette opleiding gewissel. As komponent van professionele opleiding het studente gemeenskapsprojekte in samewerking met gemeenskappe van stapel gestuur. Die departement het ook 'n leidende rol gespeel in die vestiging van transdissiplinêre gemeenskapsdiens in die Fakulteit Geesteswetenskappe.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Navorsingsuitsette gedurende hierdie tydperk is gelewer in die vorm van publikasies in sowel vak- as populêre tydskrifte, bydraes tot boeke en referate op nasionale en internasionale konferensies.


Prof E A K Hugo

Op die internasionale front is daar buiten gereelde bywoning van konferensies en kursusse, ook inisiatiewe om internasionale samewerking te bewerkstellig. Een van hierdie inisiatiewe, wat reeds ver gevorder is, is die beplanning van 'n interdissiplinêre uitruilprogram vir personeel en studente met die Universiteit van Sentraal-Florida in Orlando, VSA. Verder het die departement in samewerking met die Universiteit van Missouri by 'n interdissiplinêre South African Community Development Academy betrokke geraak. Besoeke van internasionale gasdosente word aangemoedig, en gedurende die oorsigtydperk was 'n gasdosent van die Kean-universiteit, New Jersey, vir ses weke op besoek. Studente uit Nederland is by twee geleenthede vir een jaar per geleentheid by die departement ingeskakel. Studente het ook 'n akademiese toer na Europa onderneem.

Al die personeel het reeds doktorsgrade verwerf of studeer tans daarvoor. Twee personeellede, naamlik **drr C L Carbonatto** en **J M C Joubert**, het gedurende hierdie tydperk navorsingsbeurse as jong navorsers ontvang. **Prof E A K Hugo** het op 28 Februarie 1997 as departementshoof afgetree en is deur **prof M S E du Preez** opgevolg. Die personeelkorps het grootliks onveranderd gebly. Slegs **drr S M van Staden** en **J P Schoeman** het bedank en is deur **drr J D Triegaardt** en **G M Spies** vervang. Personeel was deurgaans by gemeenskapsdiens betrokke, en sommige lewer bydraes as lede van nasionale en internasionale rade, komitees of organisasies. Uitsonderlike prestasies van personeel sluit in die toekenning van die St Louis University International Alumni Award in 1999 aan **dr Triegaardt**; **prof Du Preez** het in 2000 lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang, en **prof A Lombard** het gedurende die tydperk 1996-1999 as verteenwoordiger van die Minister van Welsyn in die SA Interim Raad vir Maatskaplike Werk gedien en is in 1999 tot die SA Raad vir Maatskaplike Diensberoepe verkies.

Prof M S E du Preez

Die voor- en nagraadse studente weerspieël die diversiteit van die bevolkingsamestelling. Hoewel die voorgraadse studentetal hoofsaaklik konstant gebly het, was daar wel 'n toename in die getal nagraadse studente. Gedurende die oorsigtydperk is huishoudkundestudente op eerste- tot derdejaarsvlak by spesifieke maatskaplikewerkmodules ingeskakel. In 1998 is maatskaplike-werkmodules vir gemeenskapsontwikkelingstudente ontwikkel.

Die inskrywings vir die verskillende vakvlakke vir 1996-1999 was soos volg:

1996-1999 VAKINSKRYWINGS PER VAKVLAK

	1995	**1996**	**1997**	**1998**	**1999**
Eerstejaars	129	111	93	144	140
Tweedejaars	108	88	103	71	90
Derdejaars	114	101	74	100	58
Vierdejaars	187	180	130	121	127
MA(MW) Totaal	168	180	187	216	232
[MA-navorsing]	[15]	[13]	[12]	[12]	[15]
DPhil	23	21	25	43	57
Totaal	**729**	**681**	**612**	**695**	**704**

Gedurende die afgelope agt jaar het die departement aktief aan die transformasieproses deelgeneem. Sowel die personeelstruktuur as die studenteprofiel getuig dat diversiteit as prioriteit beskou word. Hiermee saam is Engels as taalmedium op voor- en nagraadse vlak ingefaseer. Verder is die departement steeds aktief betrokke by die transformasieproses van die hoër onderwyssisteem deur aktiewe beplanning vir uitkomsgebaseerde onderrig en opleiding asook evaluering. Die departement speel ook 'n leidende rol in programontwikkeling in die Fakulteit Geesteswetenskappe.

Prof M S E du Preez
DEPARTEMENTSHOOF

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Politieke Wetenskappe

Die jare 1993-2000 was vir die departement 'n tydperk van ingrypende vernuwing. Die ideaal van uitnemende prestasie kon slegs verwesenlik word indien die departement nasionaal relevant en internasionaal mededingend gebly het. Die transformasie van die Suid-Afrikaanse politieke stelsel en normalisering van Suid-Afrika se internasionale verhoudinge het nuwe eise en verwagtinge aan die departement gestel. Gedurende hierdie tydperk is die klem op kwaliteit onderrig geplaas en leerinhoude en vakkursusse moes aangepas word om aan die eise van 'n veranderende samelewing te kan voldoen. Toenemende klem is ook op hoër navorsingsuitsette geplaas en die departement was ook by verskeie gemeenskapsprojekte betrokke.



Prof F Ackron

In 1995 is die naam van die Departement Staatsleer en Internasionale Politiek verander na die Departement Politieke Wetenskappe. Die departement het in toenemende mate aandag aan die multidissiplinêre aard van wetenskapsbeoefening geskenk. Verder is studentgesentreerde onderrig versterk met die formulering van duidelike leeruitkomste en -doelwitte. Hoewel die aantal voorgraadse studente gedurende hierdie tydperk afgeneem het, was daar 'n sterk toename in die nagraadse studentetal.

Gedurende 1995 is die belangrikheid van die nagraadse programme verder uitgebrei deur die ontwikkeling van twee nuwe gedoseerde MA-grade in onderskeidelik Internasionale Politiek en Staatsleer. Hierdie proses is in 1998 voortgesit met die instelling van drie nuwe beroepsgerigte magistergrade, naamlik in Diplomatieke Studies, Politieke Beleidstudies en Veiligheidstudies. Lede van die departement doseer ook modules vir drie meestersgrade in ander departemente, te wete Omgewingstudies, Omgewingsreg en Menseregte Studies.

Die proses van modularisering het nie net op nagraadse vlak plaasgevind nie. Die voorgraadse graadprogram in Politieke Wetenskappe (BPolSci) is ook gedurende 2000 verder uitgebrei met ses nuwe pakkette: pakket 1: Politiek, filosofie, ekonomie en regte; pakket 2: Politieke analise en kommunikasie; pakket 3: Internasionale studies; pakket 4: Veiligheidstudies; pakket 5: Beleidstudies en pakket 6: Afrikastudies. Pakkette het aan studente 'n multidissiplinêre keuse van modules gegee, en hulle ook in staat gestel om pakkette volgens markbehoeftes te kies.



Prof M Schoeman

Internasionale Politiek is in 1997 tot 'n driejarige hoofvak uitgebrei weens 'n toenemende markbehoefte aan politieke studies met 'n internasionale en Afrikafokus. In ooreenstemming met sowel internasionale as nasionale praktyk, het die departement gedurende 2000 besluit om die naam van die vak Internasionale Politiek in 2001 na Internasionale Verhoudinge te verander.

Personeel was by meer as 70 navorsingsartikels en gekeurde konferensieverrigtinge betrokke. **Prof M Muller** was lid van die redaksionele advieskomitee van die *South African Journal of International Affairs*, en **prof A du Plessis** het verskeie redaksionele funksies vir die Instituut vir Strategiese Studies verrig, byvoorbeeld as mederedakteur van die *Strategiese Oorsig vir Suider-Afrika*. **Prof H Solomon** is in 2000 as die hoofredakteur van *Conflict Trends* (Accord) aangestel. Hy was ook die mederedakteur van verskeie publikasies. **Prof Hough** was outeur en redakteur van verskeie navorsingspublikasies (kyk verder: **Instituut vir Strategiese Studies**).

Lede van die departement was gedurende hierdie tydperk by verskeie gemeenskapsdiensprojekte en by vakkundige en akademiese instansies betrokke. **Prof Muller** is lid van die Raad van die Pugwash Conferences on Science and World Affairs, wat in 1995 die Nobel-vredesprys gewen het. Sy was ook die visepresident (1995-1997) en president (1997-1999) van die Suid-Afrikaanse Politieke Studies Vereniging. **Prof M Schoeman** (departementshoof sedert November 2000) is 'n lid van die kadetevalueringspaneel van die Departement Buitelandse Sake. Sy is verder aktief betrokke by die Suid-Afrikaanse Instituut vir Internasionale Aangeleenthede en dien in die rade en advieskomitees van verskeie vakkundige instansies. **Prof H Solomon** was gedurende 2000 betrokke by opleidingsprogramme van die Afrika Instituut van Suid-Afrika. Hy is ook 'n navorsingsgenoot vir Accord. **Mnr T Bekker** was gedurende 1998 verantwoordelik vir die skryf van beleidsdokumente vir die Gautengse Provinsiale Regering (Kantoor van die Premier) en die hersiening van die personeelbeleid van die Departement van Onderwys, Mpumalanga (2000). Hy is in 1999 verkies tot lid van die Gautengse Onderwysraad (distrik 1) en het sedertdien beheerliggame van primêre skole verteenwoordig. Hy dien ook in die Akademiese Advieskomitee van die Technikon Noord-Gauteng. **Mnr Henwood** is in 2000 as direksielid van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge aangestel. Hy was ook raadslid van die Suid-Afrikaanse Politieke Studies Vereniging (1997) en het as voorsitter van die Pretoria-tak van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Internasionale Aangeleenthede in 1998 opgetree.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Onder die leiding van **prof Muller** is die Sentrum vir Internasionale Politieke Studies in 2000 gestig. Sy is as die eerste direkteur van die sentrum aangestel. Twee lede van die departement, **prof Solomon** en **mnr Bekker**, is onderskeidelik as hoof van die Eenheid vir Afrikastudies en die Eenheid vir Beleidstudies aangestel (kyk ook: **Sentrum vir Internasionale Politieke Studies**).

Gedurende die tydperk 1993-2000 het lede van die departement verskeie buitelandse studiebesoeke afgelê, internasionale kongresse, winterskole en werkwinkels bygewoon en referate en gaslesings oor 'n verskeidenheid nasionale en internasionale onderwerpe gelewer. Verder tree die dosente by verskeie tersiêre instansies as eksterne eksaminatore op en het by instansies soos Vista (**mnr Bekker**) en die Technikon Pretoria (**prof Du Plessis**) as gasdosente lesings aangebied.

Die departement het gedurende hierdie tydperk drie departementshoofde gehad. **Prof F Ackron** het na 12 jaar diens in 1995 bedank en die privaat sektor betree. Hy is die volgende jaar deur **prof M Muller** opgevolg. Sy was die eerste vrou wat in hierdie hoedanigheid aangestel is. Met haar aanwysing as dekaan van die Fakulteit Geesteswetenskappe is sy op 1 November 2000 deur **prof Maxi Schoeman** opgevolg.

Die eerste swart dosent, **mnr P Mokgobu**, is in 1996 aangestel. Buitengewone professore in die departement was **proff V Maphai** (1996/7), **Motshekga** (1999), **E Kornegay** en **L Hlongwane** (beide in 2000). **Prof Solomon** is in 2000 as medeprofessor aangestel. Verskeie internasionale navorsingsgenote het die departement besoek, onder andere **proff A Agh** (1997, Hongarye), **K W Grundy** (1998, VSA) en **C Scott** (1999, VSA).

Mnr J T Bekker
SENIOR LEKTOR

Sentrum vir Aanvullende en Alternatiewe Kommunikasie (SAAK)

Die sentrum is geaffilieer by, en in 1990 op versoek van die Vereniging vir persone met erge kommunikasiegebreke (Interface) gevestig. Die doel was om 'n opleidings- en navorsingsfasiliteit te ontwikkel om kwessies rondom ernstige gestremdhede aan te spreek.

Die SAAK is daartoe verbind om 'n impak te maak op die kommunikasie- en lewensvaardighede van mense met matige tot ernstige gestremdhede, en veral diegene met geen of weinig funksionele spraak. In navolging van hierdie missie het die sentrum se aktiwiteite ten opsigte van opleidings-, navorsings- en gemeenskapsintervensies sedert 1993 aansienlik toegeneem. Hierdie toename is gedeeltelik te danke aan die bekendstelling van vier formele opleidingsprogramme op die gebied van Aanvullende en Alternatiewe Kommunikasie (AAK) en ernstige gestremdhede, naamlik BA(Hons), MA en PhD in AAK, en 'n Gevorderde Sertifikaat in Onderwys met spesialisering in leerders met Erg Gestremdhede. Verder kan die toename ook gedeeltelik toegeskryf word aan 'n groter bewustheid in gemeenskappe en skole van die impak van AAK-strategieë op die alledaagse lewe van mense met weinig of geen funksionele spraak.

Al die SAAK-kursusse word telematies met behulp van multimedia aangebied om effektiewe onderrig te verseker. Die SAAK het sedert 1996 een CD-Rom program ontwikkel en sewe video's onder professionele regie gemaak om die leerondervinding van studente wat telematies studeer, te verbeter.

Omdat die SAAK op die been gebring is om aan die vereistes van diegene met die grootste behoefte aan intervensie te voldoen, is die sentrum merendeels in die swart agtergeblewe gebiede aktief. Opleiding word by preprimêre en sekondêre skole en ander instansies aangebied. Hierdie opleiding steun die integrasie van kinders met ernstige gestremdhede in die opvoedkundige en beroepsomgewings.

In 2000 het die SAAK 57 geregistreerde nagraadse studente gehad van wie 35% Afrikaanssprekend, 25% Engelssprekend, en 40% verteenwoordigend van verskeie Afrika-moedertaalsprekers was. Van die 57 was 23 honneursstudente, 15 was magisterstudente, tien PhD-studente en nege nagraadse diploma-studente.

Die sentrum was ook by 'n paar baie belangrike navorsingsprojekte betrokke: 'n studie oor die voorkoms van kinders met LNFS (kinders met min of geen funksionele spraak) in skole vir kinders met ernstige gestremdhede (igeborg deur die RGN, 1995), die toepassing van AAK-strategieë by die opvoeding en rehabilitasie van kinders met gestremdhede (Spantoekenning deur die Nasionale Navorsingstigting, 1999) en opleiding ten opsigte van lewensvaardighede en indiensneming vir jong volwassenes met gestemdhede (geborg deur die Kellogg Foundation, 1999). Die SAAK het in 1999 die ondertekening van 'n formele ooreenkoms tussen die Purdue-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof E Alant

Universiteit, Indiana, VSA, en die Universiteit van Pretoria bemiddel om navorsingsprogramme by die twee universiteite te ontwikkel.

Die nasionale bydrae van SAAK is formeel bevestig toe die Opvoedkunde Afrika Presidentstoekenning (spesiale behoeftes van persone met gestremdhede) in Desember 1995 aan die sentrum oorhandig is. **Prof Erna Alant** het in Oktober 1988 'n Rolex toekenning vir onderneming (Assosiaat Laureatus) ontvang vir die projek "Communication for Life", wat die hoofaktiwiteite van die sentrum ingesluit het. In 1999 het die Universiteit die toekenning vir Innoverende Onderrig asook vir baanbrekerswerk in telematiese onderrig aan die sentrum oorhandig. Die SAAK het in dieselfde jaar 'n onafhanklike interfakulteit eenheid geword met die doel om professionele mense in verskillende dissiplines op te lei om AAK-strategieë vir ernstige gestremdhede te implementer en te gebruik. Onafhanklikheid is nodig geag weens die sentrum se veranderende visie en bedrywighede wat in die breë op verskillende professionele kwessies en opleiding toegespits is. 'n Direkte uitvloeisel van hierdie nuwe visie was dat die SAAK in 2000 'n projek oor intervensie in die vroeë kinderjare van stapel gestuur het. Hierdie projek is deur nege verskillende departemente (verteenwoordigend van drie fakulteite) aan die Universiteit van Pretoria in samewerking met die Universiteit van Durban-Westville in KwaZulu-Natal, die Instituut vir Dowes in Nederland, en die Purdue Universiteit in Indiana, VSA, uitgevoer. Hierdie projek het uitgevloei tot die ontwikkeling van 'n Magister in Vroeë Intervensie, met studente wat beplan om te registreer vir hierdie kursus volgende jaar.

Die SAAK het tans tien personeellede, **prof Alant** (direkteur), **mee Juan Bornman** (koördineerder), **Elaine Cobb** (arbeidsterapeut), **Shakila Dada** (kommunikasiepatoloog), **Munyane Mophosho** (gemeenskapskonsultant en spesiale opvoeder), **Yasmin Opperman** (kommunikasiepatoloog), **Jill Rose** (fisioterapeut), **Corné van der Bijl** (navorsingsassistent), **Francien van Greunen** (sekretaresse), **Kerstin Tönsing** (kommunikasiepatoloog) en **Elmarie van der Merwe** (kommunikasiepatoloog). 'n Groot deel van die sentrum se gemeenskapsbedrywighede is van privaat befondsing afhanklik. Die Liberty Life-stigting was gedurende die afgelope sewe jaar die grootste en mees gereelde bron van fondse vir hierdie program.

Die sentrum is by Interface geaffilieer en werk saam met verskeie medewerkers, insluitende belangegroepe byvoorbeeld Disabled Children's Action Group – DICAG, Disabled People South Africa – DPSA, die Federasie vir Geestegesondheid, die Gestremheidforum by die kantoor van die Presidernt, die Universiteit van Durban-Westville in KwaZula-Natal, en verskillende departemente aan die Universiteit van Pretoria. Die SAAK tree ook op as 'n agent vir verskeie internasionale maatskappye wat AAK-toestelle vervaardig.

Prof E Alant
DIREKTEUR

Sentrum vir Bevolkingstudies (CENPOPS)

CENPOPS is op 1 Januarie 1994 gestig as 'n navorsings- en opvoedingsentrum binne die Fakulteit Geesteswetenskappe met die volgende oogmerke: om die volgehoue lewering van hoëvlak-navorsingsuitsette op die gebied van bevolkingstudies te verseker; om as meganisme vir gevestigde demografiese navorsers en demografiestudente vir gesamentlike en samewerkingsnavorsing te dien; om as netwerkinstelling vir demograwe asook tussen demograwe en ander belanghebbende partye te dien ten opsigte van bevolkingskwessies; om die regering, die privaat sektor, ontwikkelingsagentskappe en ander belanghebbendes van raad oor bevolkingskwessies te dien, hetsy op versoek of op die sentrum se inisiatief en sowel nasionaal as internasionaal 'n aktiewe inligtingsbron hieroor te handhaaf; en om as 'n sentrum van uitnemendheid ten opsigte van demografiese aangeleenthede soos opleiding, raad oor bevolkingsbeleid en skakeling met ander bevolkingsnavorsingsinstansies en ontwikkelingsinstellings op te tree.

Die sentrum reël seminare en werksessies op eie inisiatief en op versoek. Onlangs is 'n werksessie gehou wat toegespits was op die bevolking in Suid-Afrika, die bevolkingsaspekte van die arbeidsmark en die bevolkingsdinamiek wat by die strategiese beplanning deur organisasies in gedagte gehou moet word.

Sowel basis as toegepaste navorsing word deur die sentrum onderneem. Verder is die sentrum betrokke by groot-, medium- en kleinskaalse navorsingsprojekte waarvan party op 'n *ad hoc*-basis onderneem word. Nagraadse studente word deurlopend betrek by navorsingsprojekte om die navorsingsinfrastruktuur te verbeter en die praktiese navorsingsopleiding van studente te bevorder. In hierdie opsig poog die sentrum spesifiek om van studente uit benadeelde gemeenskappe in sy navorsingswerk gebruik te maak ter bevordering van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

bemagtiging van sulke mense. As deel van sy sosiale verantwoordelikheidspogings werf die sentrum aktief lede van die gemeenskappe wat hy ondersoek as gekontrakteerde veldwerkers. Sedert 1995 is verskeie veldwerkstudies in swart nedersettings in of naby Pretoria onderneem. CENPOPS het in 1997 'n toekenning ten bedrae van US$50 000 van die Mellon-stigting ontvang om demografiese en gesondheidsopleidings- en –navorsingsprogramme te vestig waarby veral die geskiedkundig swart universiteite in die noordelike deel van Suid-Afrika sal baat. Die ontydige dood van **prof Kobus Oosthuizen** die vorige direkteur van CENPOPS op 12 Januarie 2000, het daartoe gelei dat nie al die Mellon fondse in die voorgeskrewe tyd gebruik is nie.

As erkenning van die kritieke belang van navorsing oor migrasie, het die Verenigde Volke se Bevolkingsfonds (UNFPA) in 1997 'n projek befonds wat in drie lande uitgevoer sal word, naamlik een in elke ontwikkelende gebied (Viëtnam in Asië, Etiopië in Afrika en Guatemala in Latyns-Amerika). Suid-Afrika is as 'n vierde land en met befondsing van die Mellon-stigting in die projek ingesluit. Die navorsing in Suid-Afrika is deur CENPOPS in samewerking met die Bevolkingstudie- en Opleidingsentrum van die Brown University in die VSA uitgevoer. Die ondersoeke in die ander drie lande was eksemplaar studies terwyl in die geval van Suid-Afrika 'n landswye studie onderneem is. Die land is in metropolitaanse, ander stedelike gebiede en landelike strata ingedeel, waarna ewekansige seleksie plaasgevind het. Slegs die swart bevolking is in die steekproef ingesluit. Weging moes egter op die finale datastel toegepas word. 'n Totaal van 2 332 huishoudings met 9 431 individue is in die ondersoek betrek.


Prof J Oosthuizen

'n Verdere fase van die projek was 'n internasionale seminaar met die Bevolkingstudie- en Opleidingsentrum aan die Brown University as gasheer en het van 22-26 Oktober 2000 in Providence, Rhode Island, VSA, plaasgevind. Drie navorsers van Suid-Afrika het dié seminaar bygewoon en referate gelewer.

Personeelkorps: **Prof Louis van Tonder** (direkteur); **prof Carel van Aardt**, **me Nolunkcwe Bomela** en **mnr Edward Kironji** (genote).

Prof J L van Tonder
DIREKTEUR


Prof J L van Tonder

Sentrum vir Gender Studies

Die Sentrum vir Genderhulpbronne is in Junie 1997 gevestig en word tans in die Geesteswetenskapgebou gehuisves. Dit was aanvanklik in die Nagraadse Skool vir Landbou en Landelike Ontwikkeling, onder leiding van die direkteur indertyd, **me S Nene**. Maar om al die fakulteite asook die geïdentifiseerde teikengemeenskappe effektief van diens te kan wees, is daar in 1999 besluit om die sentrum elders, onafhanklik van die destydse Fakulteit Biologiese en Landbouwetenskappe, te vestig. Die sentrum funksioneer tans as die Sentrum vir Gender Studies. Ingevolge sy konstitusie en adviesraad is die sentrum aanspreeklik teenoor die Dekaan van Geesteswetenskappe en die viserektor van die Universiteit. **Dr M de Waal** is sedert 1999 die direkteur van die sentrum. Sy is verantwoordelik vir die bestuur, beplanning, navorsing, opleiding en uitvoering van gemeenskapsprojekte, en word deur deeltydse personeel bygestaan.

Die sentrum beskou gender as 'n dinamiese, komplekse sosiale konstruk wat deurentyd deur maatskaplike, politieke, ekonomiese en omgewingsmagte beïnvloed word. Die sentrum beoog dus om 'n omvangryke spektrum van genderkwessies by wyse van holistiese, multidissiplinêre samewerking, fasilitering en onderlinge skakeling na te streef. 'n Wye netwerk plaaslike, nasionale en internasionale belanghebbers is gekoöpteer om byeen te kom en die behoeftes en verwagtinge van verskillende gemeenskappe aan die Universiteit, in die breër samelewing van Suid-Afrika en die streek te vervul.

Hierdie doelwitte weerspieël die Universiteit se erns met die ondersteuning van 'n nierassige, nieseksistiese, oop en demokratiese omgewing. Die Universiteit se mikpunte van akademiese uitmuntendheid en internasionale mededingendheid dien as bykomende agtergrond vir die formulering van die sentrum se doelwitte.

Die sentrum en sy belanghebbendes fokus op verskeie doelstellings, onder meer om leerplanne vir Gender Studies oor akademiese rigtings heen te ontwikkel; om sy steun aan programme vir gemeenskaps-uitreikingsprogramme ten opsigte van gender te bied; om genderopleidingskursusse in sowel die formele as die informele onderwyssektore te inisieer, ontwikkel en versterk; om die formulering van genderbeleid, -strategieë en -planne op alle gebiede voor te staan en 'n bydrae te lewer; om mense bewus te maak van genderkwessies deur inligting te genereer en te versprei; om hulpbronne (inligting en materiaal) te koördineer, vestig en kanaliseer na dié

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dr M de Waal

organisasies en individue wat dit ten beste kan gebruik; om vennootskappe en koalisies op te bou om geslagsgelykheid te bevorder; om mense te bemagtig om 'n leierskapsrol te vul wanneer genderinisiatiewe geloods word; en om aan die voorpunt van ontwikkelinge ten opsigte van genderkwessies en gepaardgaande probleme te staan.

Akademiese en nieakademiese opleiding sluit voorgraadse en nagraadse opleiding in Gender Studies in. Kursusse word in samewerking met verskeie ander departemente aan die Universiteit asook eksterne organisasies aangebied.

Verskeie graadkursusse in Gender Studies is sedert 2000 ingestel. Hierdie kursusse is bedoel om studente gereed te maak vir gendernavorsing en -ontleding, om 'n voorspraak vir gendersake te wees, en om in genderverwante poste in die arbeidsmark te werk. Die kursusse sluit die volgende in: baccalaureus-, honneurs-, magister- en doktorsgrade.

Die sentrum ontwerp ook kursusse en bied seminare aan vir groepe met bepaalde behoeftes, byvoorbeeld die opleiding van regeringspersoneel in wie se poste genderbelange 'n rol speel.

Verder is 'n veldtog geloods om mense meer bewus van gender te maak. Daar was byvoorbeeld 'n Genderbewustheidsweek, omvattende netwerking en verskeie multimedia-aktiwiteite. 'n Webwerf is geskep vir onder meer die nuusbriewe, inligting oor genderkwessies en sake wat daarmee verband hou asook besonderhede van die sentrum, simposiums en kursusse. Na afloop van hierdie veldtog kon 'n nuwe databank oor hulpbronne geskep en inligtingsblaadjies oor gendersake saamgestel word.

Die sentrum het verskeie navorsingsprojekte met betrekking tot genderprobleme by gelyke indiensneming, bemagtiging, armoede en konflik geïnisieer en bestuur.

Die sentrum se uitreikingsprojekte en programme vir kapasiteitsbou in en buite die Universiteit is doelbewuste pogings om persoonlike mag en leierskap te ontwikkel – veral onder lede van die niedominante groepe.

Me Marinda Maree
KONSULTANT

Sentrum vir Internasionale Politieke Studies

Die sentrum is in Junie 1999 amptelik gestig en op 23 Mei 2000 formeel geopen. Afgevaardigdes van verskeie instansies is na 'n skemeronthaal in die Universiteit se konferensiesentrum uitgenooi. **Prof J van Zyl**, Visekanselier en Rektor, het die aand as gasheer opgetree en die gasspreker was **dr T Thahane**, Visepresident van die SA Reserwebank. **Mev H Burger** van die Eenheid vir Protokol en Diplomasie, en **me C F Botha**, toe koördineerder van die sentrum, het die skemeronthaal gereël.

Die sentrum word in die Skool vir Sosiale Wetenskappe gehuisves en is uniek in Suid-Afrika aangesien sy samestellende eenhede 'n diverse spektrum akademiese, praktiese, navorsings- en onderrigkundigheid verteenwoordig. Die hoof, lede en navorsingsgenote van die eenhede is aktief by navorsing en die verspreiding van hulle bevindinge betrokke ten einde kapasiteit te bou en kritiese, ingeligte mense te ontwikkel met vaardighede wat die uitdagings weens Suid-Afrika se posisie op die Afrika-vasteland in 'n toenemend globaliserende wêreld die hoof kan bied.

Die direkteur van die sentrum is **prof M E Muller** wat voorheen hoof van die Departement Politieke Wetenskappe was en nou die dekaan van die Fakulteit Geesteswetenskappe is. Die koördineerder van die sentrum is **me Botha**.

Mnr Richard Meissner, 'n doktorale student in Politieke Wetenskappe, is 'n navorsingsgenoot in diens van die Afrika Watervraagstukke Navorsingseenheid (AWIRU) waarvan **mnr Anthony Turton** die hoof is. **Prof Hussein Solomon**, tans ook 'n medeprofessor in die Departement Politieke Wetenskappe, is die hoof van die Eenheid vir Afrika Studies (UAS). **Me M M I Roefs** en **mnr J C R Liebenberg** is as navorsingsgenote in hierdie eenheid aangestel.

Dr John Maré is die waarnemende hoof van die Eenheid vir Asiese Studies (UAS), en hy is ook die hoof van die Eenheid vir Europese Studies (UES). **Mnr C Paterson** is as navorsingsgenoot in die UES aangestel. **Prof Reingard Nethersole** staan aan die hoof van die Eenheid vir Kruis-Kulturele Studies (UCCS), en sy is ook 'n buitengewone professor in die Departement Filosofie.

Mev Burger is die hoof van die Eenheid vir Protokol en Diplomasie (UPD), en **mnr Theo Bekker**, 'n senior lektor in die Departement Politieke Studies, is die hoof van die Eenheid vir Beleidstudies (UPS).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hoewel elke outonome eenheid sy eie agenda volg, bied die sentrum ruimte vir lewendige en kragtige interaksie tussen verskeie dissiplines. Die hoofde van die eenhede ontmoet gereeld om gedagtes te wissel en gesamentlike ondernemings rondom gemeenskaplike probleme te beplan. Probleme van 'n politieke aard (in die wydste sin) baat dus by die insette van 'n werklik multidissiplinêre span. Verder is die kundigheid van die verskillende hoofde van eenhede geredelik beskikbaar vir die Universiteit en die gemeenskap in Gauteng, in Suid-Afrika, in Suider-Afrika en inderdaad die res van die wêreld.

Die sentrum tree maandeliks as gasheer op vir die Afrika Dialooglesingreeks, in samewerking met die Afrika Sentrum vir die Konstruktiewe Resolusie van Dispute (ACCORD) asook ander instansies soos die Green Cross International (GCI) en die Suid-Afrikaanse Instituut vir Internasionale Aangeleenthede (SAIIA). Verskeie hooggeplaastes, onder andere die Minister van Buitelandse Sake van Egipte, het gedurende 2000 lesings in hierdie reeks aangebied.

Die Afrika Dialoog Monograaf Reeks No 2, *Water wars: enduring myth or impending reality*, is gesamentlik in Augustus 2000 deur AWIRU, ACCORD en GCI gepubliseer na aanleiding van 'n Afrika Dialooglesing in Februarie 2000. Nog 'n publikasie is vir later in 2000 beplan na 'n seminaar in Junie 2000 oor die rol van die burgerlike samelewing in transformasie en onder 'n demokratiese regering.

UPS was die gasheer vir 'n seminaar oor SA beleid ten opsigte van geslagsgelykheid en transformasie. UES het 'n seminaar aangebied oor die "SA-EU verhoudinge, Handel, ontwikkeling en samewerkingsooreenkoms en gekwalifiseerde Lomé lidmaatskap" asook 'n seminaar oor die huidige EU profiel en pad vorentoe. 'n Dubbele seminaar van **drr Meira Cook** en **Mark Libin** van die University of British Columbia, Kanada, is deur UCCS en die Departement Engels aangebied. UPS was in samewerking met die ambassade van die Islamitiese Republiek van Iran en die Pretoriase tak van SAIIA die gasheer vir 'n lesing wat die Iranese minister van buitelandse sake aangebied het. Die titel van die lesing was The Islamic Republic of Iran: an indigenous model of democracy. In Oktober 2000 het UAS in samewerking met die Koreaanse ambassade en die Pretoriase tak van SAIIA as gasheer opgetree vir 'n colloquium getiteld SA-Korean relations - perspectives for the new millennium. Die ambassadeurs van Israel en Palestina was die gassprekers by 'n seminaar in Oktober 2000 oor Perspective on the Middle East crisis en in November 2000 het die Algeriese ambassadeur 'n gehoor in die Senaatsaal toegespreek.

Al die personeellede van die sentrum het gedurende hierdie tydperk konferensies bygewoon, en daar word gewag op die publikasie van die referate wat by hierdie geleenthede voorgedra is.

Die personeel lewer gereeld bydraes in die vorm van radio-onderhoude en koerantartikels, byvoorbeeld in koerante soos *Rapport*, *Beeld* en die *Pretoria News* en in uitsendings op SABC TV, SABC Radio, RSG, BOP-Radio, Radio SA, Punt Radio, Radio Pretoria asook die IRAN National Television en Zanzibar Television.

Mev Burger, hoof van UPD, het by verskeie geleenthede gedurende 2000 tweedaewerksessies oor Protokol, Etiket, Organisering van 'n funksie en Kulturele kommunikasie aangebied.

Die lys publikasies van die sentrum se personeel is te lank om in hierdie artikel te noem, maar die feit dat **mnr Turton** van AWIRU as een van die top tien navorsers by die Universiteit aangewys is, verdien vermelding.

Die sentrum bied nie deurlopend lesings vir studente aan nie. Die sentrumpersoneel het egter by verskeie instansies lesings aangebied, soos die Departement Politieke Wetenskappe (**proff Muller**, **Solomon**, **mnre Turton**, **Bekker** en **mev Burger**), Departement Filosofie (**prof Nethersole** en **me Botha**), Lugmagkollege Pretoria (**prof Muller**), King's College, Londen (**prof Muller**), Universiteit van Stellenbosch (**prof Muller**), IUCN, The World Conservation Unit (**mnr Turton**), Africa Institute of South Africa (**prof Solomon**), Weermagkollege (**prof Solomon**), Universiteit van die Witwatersrand (**prof Nethersole**), Universiteit Ekonomiese Wetenskappe Budapest, Hongarye, Departement Politieke Wetenskappe (**mnr Bekker**), Universiteit van Wenen, Oostenryk, Departement Politieke Wetenskappe (**mnr Bekker**), Defence College, Thaba Tswane (**mnr Bekker**) en die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Dienste (**mnr Bekker**).

Die visie, missie en etiese kode van die sentrum weerspieël die personeel se verbintenis tot transformasie in Suid-Afrika. Die sentrum se doel is om tot dié proses by te dra deur navorsingsbevindinge te publiseer asook seminare en konferensies aan te bied wat uiting sal gee aan verskillende belangrike kwessies waarmee Suid-Afrikaners tans gekonfronteer word.

Me C F Botha
SENTRUM-KOÖRDINEERDER

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Sielkunde

'n Fokuspunt in die departement gedurende die tydperk 1993-2000 was die vaslegging van 'n paradigmatiese onderbou vir opleiding, navorsing en dienslewering. Dit kon die departement in staat stel om internasionaal mededingend te wees asook om die kompleksiteit van 'n diverse Suid-Afrikaanse samelewing aan te spreek. Die opleiding wat aangebied word, is veral sedert 1997 sistematies geëvalueer en hersien om die relevansie daarvan in 'n veranderde Suid-Afrikaanse samelewing te verhoog. Daar is ook gesorg dat die akademiese standaard steeds aan internasionale vereistes voldoen. Dit het met die instelling van 'n uitkomsgebaseerde opleidingsmodel gepaard gegaan, wat afgestem is op die akademies-wetenskaplike ontwikkeling asook die werks- en beroepsvoorbereiding van studente.

Verskeie kursusse word vir professionele opleiding in Sielkunde aangebied. Die opleiding in Kliniese Sielkunde fokus op insig in die komplekse verband tussen die psige en die interpersoonlike konteks asook die ontwikkeling van toepaslike diagnostiese en terapeutiese vaardighede in hierdie verband. Die departement bied ook opleiding in Voorligtingsielkunde aan. 'n Sentrale aspek in hierdie kursus is die ontwikkeling van 'n sielkundige perspektief op die individu binne verskillende lewenskontekste soos organisasies, gemeenskappe en instansies wat terapeutiese dienste lewer. Die Navorsingsielkundekursus bied benewens grondige opleiding in navorsingsmetodologie, ook geleentheid vir die ontwikkeling van konsultasie-vaardighede in verskeie kontekste. Hierdie kursus was die eerste Webgebaseerde opleiding wat die departement aangebied het. 'n Doktorale kursus in psigoterapie is in 1994 ingestel om aan professionele persone die geleentheid te bied om deur voortgesette interaktiewe leer persoonlik en professioneel verder te ontwikkel. Die professionele opleiding wat die departement aanbied, is verder uitgebrei deur die instelling van 'n vierjarige BPsig-graadkursus om beraders wat onafhanklik kan praktiseer op te lei, hetsy in 'n privaat praktyk of as werknemers by hulpverleningsinstansies.


Prof D Beyers

Die departement is betrokke by verskeie gemeenskapsprojekte waarin onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens geïntegreer word. Studente word opgelei om gemeenskapsielkundige beginsels in verskillende velde toe te pas, byvoorbeeld die kognitiewe ontwikkeling van kinders in ekonomies benadeelde omgewings, emosionele en sosiale ondersteuning aan bejaardes, gehospitaliseerde langtermynpasiënte in kindersale, en gesiggestremde kinders. Ander fokuspunte is transdissiplinêre betrokkenheid by straatkinders om hulle lewenskwaliteit te verbeter, die opleiding van onderwysers in beradingsvaardighede, vigs-bewusmakingsveldtogte, posttraumatiese ontlonting van getraumatiseerde kinders, en die ontwikkeling van ondersteuningsgroepe vir kinders in minderbevoorregte gemeenskappe.

Verskeie dosente is aktief betrokke by onderrig, toesig en konsultasie by kinderhuise, psigiatriese klinieke en hospitale asook die Hospitaal vir Tand- en Mondheelkunde. Konsultasiedienste word vir die Groter-Pretoria-kinderbeskermingsinisiatief gelewer asook vir die implementering van lewensvaardigheidsprogramme in provinsiale skole.

Gedurende die afgelope vyf jaar was daar toenemende skakeling met universiteite en professionele instansies in Nederland, Brittanje, die VSA, Australië, Italië en Finland. Buitelandse gasdosente is gereeld genooi om aan nagraadse opleiding by die departement deel te neem. Personeellede het ook deurlopend bydraes op internasionale kongresse gelewer.

Sedert 1993 was daar verskeie hoogtepunte in die departement, onder meer die jaarlange aanstelling van **prof R Langley** as navorser in loopbaanontwikkeling by die North-Eastern Ohio Universities (College of Medicine), die deeltydse sekondering van **prof A C Fiedeldey** as spesialisnavorser in Omgewingsielkunde by die RGN, en die deelname van **prof D Beyers** (departementshoof) aan opleiding in korttermynterapie by die Mental Research Institute in Palo Alto in Kalifornië. Op navorsingsvlak het **prof M Marchetti-Mercer** 'n besondere eer toegeval toe een van haar publikasies in 'n internasionale tydskrif opgeneem is as 'n deurslaggewende bydrae tot internasionale perspektiewe in Voorligtingsielkunde. **Me A S Moleko** speel steeds 'n belangrike nasionale en internasionale rol in dienslewering ten opsigte van geestesgesondheid. Sy is voorsitter van die Suid-Afrikaanse Alliansie vir die Voorkoming van Substansiemisbruik, lid van 'n parlementêre statutêre liggaam oor substansiemisbruik, en skakelpersoon vir die Wêreldgesondheidsorganisasie se internasionale inisiatief vir die voorkoming van hoërisikogedrag onder jeugdiges. Sy dien ook in die advieskomitee van die Mentor Foundation wat internasionale samewerking bevorder vir die formulering van beleid rakende die voorkoming van substansiemisbruik.

Daar was gedurende die afgelope dekade 'n progressiewe verandering in die studente- en personeelsamestelling van die departement. Die demografiese samestelling van die diverse Suid-Afrikaanse bevolking word toenemend in die departement weerspieël.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die permanent-voltydse personeelkorps bestaan uit vier professore, naamlik **proff Beyers**, **R P de la Rey**, **D J F Maree** en **J B Schoeman**, twee medeprofessore, naamlik **proff Marchetti-Mercer** en **C Potgieter**, agt senior lektore en ses lektore. Twee buitengewone professore lewer uit hoofde van hulle spesialiskennis hoëvlakinsette vir nagraadse opleiding. Die vier tydelik-deeltydse assistentlektore, tien onderwysassistente en vyf tutors lewer ook 'n belangrike bydrae tot die departement se opleidingsfunksie. Die permanent-voltydse personeel bestaan uit tien mans en tien dames, en daar is drie sekretariële personeellede.

Prof D Beyers
DEPARTEMENTSHOOF

Sosiologie

Die departement is sedert 1993 deur verandering gekenmerk. **Prof Johann Groenewald** was in 1993 departementshoof, en nagraadse kursusse is indertyd hoofsaaklik by wyse van 'n skripsie of tesis voltooi. Dit was laat in 1993 reeds duidelik dat 'n nuwe era vir die departement begin aanbreek het. Na 1994, op grond van 'n besluit dat 'n meer omvangryke reeks kursusse in toegepaste sosiologie ontwikkel moes word, was die mikpunt dat studente met die kennis en kognitiewe vaardighede toegerus moet word om die behoefte in die arbeidsmark te bevredig.

In Januarie 1994 is die Sentrum vir Bevolkingstudies (CENPOPS) onder beskerming van die destydse Fakulteit Lettere en Wysbegeerte in die lewe geroep. **Prof Kobus Oosthuizen** was die eerste direkteur van die sentrum, en hy het in April 1994, na **prof Groenewald** se vertrek na die Universiteit van Stellenbosch, ook die departementshoof geword. **Prof Oosthuizen** is in 1994 as president van die Demografie-vereniging van Suidelike Afrika (DEMSA) verkies. Twee nuwe voltydse personeellede het in 1994 by die departement aangesluit, naamlik **me Gretchen du Plessis** wat verskeie kursus in sosiologie, sosiale demografie en sosiologie-navorsing doseer het, en **prof Carl van Aardt** wat kursusse in sosiale navorsing, sosiologie en bedryfsosiologie aangebied het.

Die departement het sedert 1994 al hoe meer by gemeenskapsgebaseerde navorsing betrokke geraak. Die eerste gemeenskap waar navorsing gedoen is, was Knoppieslaagte tussen Centurion en Sandton in die omgewing van Midrand. Dié studie is onder leiding van **me Du Plessis** uitgevoer en was 'n gesamentlike onderneming tussen nagraadse studente in die departement, assosiate van CENPOPS, en die Mediese Navorsingsraad wat die projek befonds het. Die navorsing het verskillende aspekte beklemtoon rondom die huishoudings, gesondheid, indiensname and maatskaplike belange van gemeenskaplede in die Knoppieslaagte informele nedersetting. CENPOPS het die navorsingsverslag oor hierdie projek gepubliseer, en dit is alom deur Suid-Afrikaanse en internasionale navorsers en navorsingsorganisasies hoog aangeskrewe.

Prof Adriaan van der Merwe, wat hoof van onderrig in bedryfsosiologie was, het die departement in 1995 verlaat om al sy aandag aan 'n raadgewende firma oor arbeidsverhoudinge te skenk. Hy het dié firma vroeg in die negentigerjare gevestig. **Me Nolunckwe Bomela** het in hierdie tyd as dosent by die departement aangesluit om op medies-sosiologiese en medies-demografiese kwessies te konsentreer. Die departement het in 1995 sy gemeenskapsgebaseerde navorsing in Mmotla, 'n dorp naby Soshanguve, voortgesit. Vir hierdie studie het nagraadse studente in Sosiologie, Bedryfsosiologie en Demografie as navorsingsgenote opgetree. Die studente het die bevindinge van hierdie studie gebruik om hulle navorsingsprojekte vir BA(Hons) af te handel, en om die plaaslike en provinsiale owerhede oor die Mmotla-gemeenskap se behoeftes in te lig.

Die gedoseerde magistergrade wat die departement ingestel het, het soveel belangstelling by voornemende studente uitgelok dat streng keuringskriteria en -prosedures is sedert 1996 ingestel om slegs die topstudente vir hierdie kursusse te keur. Die departement was in 1996 steeds met gemeenskapsnavorsing gemoeid, hierdie keer in twee dorpies genaamd Norokie en Swartdamstad naby Soshanguve. 'n Groep goed opgeleide veldwerkers uit die gemeenskap het data vir die navorsing ingesamel. Die meetinstrumente en navorsingstegnieke wat tydens die Mmotla-studie ontwikkel is, is vir hierdie projek verfyn en verbeter. Verskeie navorsingstudente was by hierdie navorsingsprojek betrokke.

Onderrigaktiwiteite in die departement is in 1996 uitgebrei om die nagraadse doseerlas van die sosiologiedepartement aan die Universiteit van die Noorde te help verlig. Verskeie van hierdie studente het, nadat hulle honneursgrade aan die Universiteit van die Noorde verwerf het, na aanleiding van die samewerking tussen die twee universiteite by die Universiteit van Pretoria ingeskryf om vir magistergrade te studeer.

Prof Oosthuizen het in 1997 'n groot skenking vir navorsing van die Mellon-stigting ontvang. Hierdie skenking is gebruik om 'n paar gemeenskapsgebaseerde ontwikkelingsprojekte en projekte vir kapasiteitsbou te befonds ten einde die demografiese vermoëns van ander Suid-Afrikaanse universiteite uit te bou. Wat personeelsake betref

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof J Groenewald



Prof C J van Aardt

het die departement in 1997 vir **dr Susie Ubomba-Jaswa** as 'n kontrakdosent vir 'n tydperk van drie jaar aangestel. Haar doseerpligte het lesings oor Sosiale Teorie en Sosiale Demografie ingesluit. **Prof Oosthuizen** is in 1997 tot die Raad van die Internasionale Vereniging van Direkteure se bevolkingseenhede verkies.

Die departement het gedurende die tydperk 1996-1999 verskillende ooreenkomste vir navorsing en onderrig met gesaghebbende internasionale universiteite en navorsingstigtings aangegaan. 'n Paar voorbeelde is die samerkingsooreenkomste ten opsigte van onderrig met die universiteite van Pennsylvania en Michigan, navorsingsamewerking met die Brown-universiteit, en projekte saam met die International Institute for Applied Systems Analysis (IIASA). Hierdie samewerking het daartoe gelei dat meer as tien personeellede en studente van die departement vir aansienlike tydperke by navorsings- en/of onderrigprogramme by sommige van hierdie internasionale instansies betrokke was.

'n Belangrike verwikkeling gedurende 1998 was toenemende samewerking tussen die Departement Sosiologie en die Departement Gemeenskapsgesondheid. As gevolg daarvan het die getal kursusse wat op die mediese kampus aangebied is, aansienlik onder die leierskap van **me Mariana Pietersen** toegeneem. Verdere stappe in die rigting van volle samewerking tussen hierdie departemente is in 1999 en 2000 geneem toe studente wat vir magistergrade in openbare gesondheid (MPH) studeer het, 'n hele paar van die kursusse in demografie wat die departement op honneurs- en magistervlak aangebied het, moes neem.

Heelwat tyd is in 1999 bestee aan die transformasie van bestaande kursusse en die ontwikkeling van modules in ooreenstemming met die vereistes van die uitkomsgebaseerde onderwysmodel wat die Universiteit aanvaar en die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid voorgeskryf het. Die departement het hierna vier nuwe graadpakkette onder beskerming van die Skool vir Sosiale Wetenskappe ingestel, naamlik die BSocSci in sosiale navorsing ('n graadkursus in toegepaste sosiologie onder leiding van **dr Tjaart Coetzee**), arbeidstudies (onder leiding van **me Hanneli Bendeman**), gender studies (onder leiding van **Dr M de Waal**) en bevolkingstudies (onder leiding van **prof Louis van Tonder**). Hierdie grade is aan die begin van 2000 ingestel, en hulle nagraadse ekwivalente sal in 2001 in werking tree.

Die departement het welslae in sy navorsing gedurende die tydperk 1999-2000 behaal. CENPOPS het in samewerking met die Brown-universiteit navorsing oor migrasietendense en -dinamiek in Suid-Afrika uitgevoer, die Sentrum vir Gender Studies het 'n groot skenking vir navorsing in Suid-Afrika van die VSA ontvang, die Eenheid vir Arbeidsnavorsing het 'n studie by die East Rand Gold (ERGO) mynmaatskappy voltooi, en die departement het nog 'n gemeenskapsprojek in Soshanguve afgehandel.

Prof Oosthuizen, die departementshoof, is op 12 Januarie 2000 oorlede. Hy het 'n deurslaggewende rol ten opsigte van internasionale erkenning vir die departement se bevolkings- en arbeidsnavorsing gespeel.

Prof C J van Aardt
WAARNEMENDE DEPARTEMENTSHOOF

Skool vir Tale

Afrikaans

Die tydperk 1993-2000 in die departement is gekenmerk deur ingrypende veranderinge op die gebiede van kursussamestelling, navorsingsbelangstelling en gemeenskapsbetrokkenheid. Hierdie oorsig handel oor die hoofterreine waarby departementslede betrokke was, naamlik die Afrikaanse Taalkunde, Algemene Taalwetenskap, die Afrikaanse Letterkunde, die Neerlandistiek en die Algemene Literatuurwetenskap.

Die veranderende sosiale en politieke bestel in Suid-Afrika en hernude internasionale kontak het daartoe gelei dat nuwe fokusareas binne die Afdeling Taalkunde geïdentifiseer is. Naas die formele taalkunde en beskrywende grammatika het die fokus van navorsing begin val op terreine soos die onderrig van Afrikaans (en Nederlands) as tweede taal, taalbereëling in 'n veeltalige land, interkulturele kommunikasie, die lotgevalle van Afrikaans in nietradisionele sprekersgemeenskappe (onder andere Buysdorp en Thlabane), ideologiese normalisering ("suiwering") van naslaanwerke soos woordeboeke, en 'n krities-linguistiese beskouing van mediatekste.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Onderriginnovasie het gestalte gekry in 'n eerstejaarskursus vir niemoedertaalsprekers, 'n verdere kursus in kommunikatiewe Afrikaans vir regstudente, 'n driejarige kursus in Afrikaans as tweede taal en 'n telematiese honneursprogram in die onderrig van Afrikaans as niemoedertaal. In Maart 2000 is **me D Mooketse**, een van die studente wat hierdie program gevolg het, as die beste honneursstudent in die vak Afrikaans bekroon.

Met die klemverskuiwing weg van Afrikaans as vak na Afrikaans as taal, en onder invloed van internasionale tendense, het 'n hernude belangstelling in taal- en teksvaardigheid aan die einde van die negentigerjare ontstaan. Gevolglik het ook taalgebruikskunde, teksontwerp en dokumentontwerp belangrike onderrig- en navorsingsfokusgebiede in die departement geword.

Prof A Carstens en senior studente het 'n belangrike rol gespeel in die konseptualisering en samestelling van 'n viertalige, verklarende chemiewoordeboek in samewerking met die Afdeling Chemie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Uit hierdie projek het 'n magisterverhandeling en 'n magisterskripsie voortgevloei.

Proff Carstens, V N Webb, dr H P Grebe, mnr J J Geldenhuys, mee A M Jordaan en **H van der Walt** is tans betrokke by die aanbieding van Afrikaanse Taalkunde.



Prof M C J van Rensburg

Sedert 1992 het die klem in die Afdeling Algemene Taalwetenskap meer en meer in die rigting van nagraadse onderrig verskuif. Verskeie redes kan hiervoor aangevoer word, maar die belangrikste is die groter vraag na linguistiese kennis wat veral na die politieke oorgang in 1994 vanuit swart geledere merkbaar geword het. Om aan die vraag te voldoen, is 'n magisterkursus in die Toegepaste Linguistiek ontwerp met die volgende vakrigtings: Inleiding in die Formele Taalwetenskap, die Leksikologie, Taal en Politiek, Taalverwerwing en Taalonderrig en Vertaling. Voorts word aandag aan akademiese skryfwerk gewy.

Die besondere navorsingsywer van **prof Webb** het daarvoor gesorg dat die departement se navorsing op die gebied van die toegepaste linguistiek, internasionale aansien verwerf het. Uit die navorsingsprojekte wat hulle beslag gekry het binne die Projek LiCCA (Language in Conflict and Contact in Africa) wat teen die einde van die tagtigerjare tot stand gekom het, het die Sentrum vir Taalpolitieke Navorsing in 1998 sy beslag gekry. 'n Belangrike navorsingsprojek oor meertaligheid as menslike hulpbron is afgehandel. Intussen is 'n nuwe projek van stapel gestuur, te wete Taal, Opvoedkundige Doeltreffendheid en Ekonomiese Uitkomste. Hierdie projek staan onder die leiding van **prof Webb** en **dr F M E Grin** van die Universiteit van Genève met samewerking van navorsers aan die Universiteit van die Noorde en Vista Universiteit se Mamelodi-kampus.



Prof C H F Ohlhoff

Soos in die verlede het onderrig in die drie Afrikaanse letterkunde genres (verhalende prosa, poësie en drama) 'n belangrike rol gespeel. Voortdurende hersiening en herontwerp van kurrikula het egter ook plaasgevind. Dit het onder meer meegebring dat niegekanoniseerde outeurs en die rol en beeld van Afrika en Suid-Afrika met hulle kulturele verskeidenheid meer aandag gekry het. Terselfdertyd het die jongste literêr-teoretiese en -kritiese benaderingswyses nuwe perspektiewe geopen en het studieterreine bygekom wat wêreldwyd aktueel geword het, byvoorbeeld media- en kultuurstudie, jeugliteratuur, ontwikkelingskommunikasie en omgewingsletterkunde.

Op voorgraadse vlak is toegespitste sillabuskomponente vir sowel moedertaal- as niemoedertaalsprekers in onderwys- en regskursusse ontwikkel. Die letterkunde- dosente is ook op nagraadse vlak betrokke by die ontwerp en implementering van telematiese programme vir onderwysers van Afrikaans by die Universiteit se sentra te Hammanskraal en Pietersburg. Ander departemente maak ook van die dienste van hierdie dosente gebruik.

Wat navorsing betref, het verskeie personeellede vanuit hulle onderskeie spesialiseringsgebiede meegewerk aan 'n projek oor kanoniseringsprosesse en -meganismes in die Afrikaanse letterkunde en media. Verskillende referate en publikasies het hieruit voortgevloei wat nuwe lig op die Afrikaanse literêre polisisteem help werp het.

In 2000 was die volgende dosente by die onderrig van Afrikaanse Letterkunde betrokke: **proff C H F Ohlhoff, K E Nolte, P H Roodt, mee R Marais, V C Milton, S S Sello** en **L J van der Merwe**.

Die tydperk onder bespreking was veral deur die veranderde beleid van die Nederlandse Taalunie (NTU) jeens Suid-Afrika gekenmerk. Na 1994 was die land weer "aanvaarbaar" en het die NTU spesiale inisiatiewe geloods om die studie van die Neerlandistiek hier te bevorder en te ondersteun.

Voorgraadse kursusse en modules is oor die Nederlandse en Vlaamse letterkunde en kultuurgeskiedenis aangebied. Die modules dek aspekte van elke groot tydperk in die literêre ontwikkelingsgang, byvoorbeeld die Middeleeue, die Renaissance en Verligting, en eietydse letterkunde. 'n Studie van die kultuur en geskiedenis is

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof H S S Willemse

ingesluit, en 'n Taalverwerwingskursus Nederlands word sedert 1996 deur **dr Grebe** aangebied. Ander doseerwerk is deur **proff Ohlhoff** en **Nolte** en **me Marais** behartig.

Van die dosente het die afgelope sewe jaar buitelandse kursusse bygewoon en aan projekte deelgeneem. Die kursus, Nederlandse Taal en Cultuur voor Zuid-Afrikaanse docenten neerlandistiek is op inisiatief van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek en die universiteite Utrecht en Gent aangebied. Dit is gerig op dosente in Neerlandistiek wat nog nooit die geleentheid gehad het om die Lae Lande te besoek nie. Die studie van Nederlands is verder gestimuleer deur die beurse wat die NTU vir belowende studente beskikbaar gestel het. Uitruilooreenkomste is met die universiteite Antwerpen, Gent en Utrecht getref sodat stage-studente modules aan die Universiteit van Pretoria kon volg. Die LAO-projek (Linguïstische Afstanden Overbruggen), wat deur die Vlaamse Ministerie befonds word, word vanuit Antwerpen (Centrum voor Taal en Spraak) bedryf. Dit behels navorsing oor en ontwikkeling van kurrikula en (ook hoëtegnologie-) materiaal vir die onderrig van verskeie taalkursusse vir gebruik in sowel Suid-Afrika as Vlaandere (en Nederland).

In Augustus 1998 is 'n Nederlandse fees gehou met geld wat deur die NTU bewillig is. 'n Program oor Elisabeth Eybers as digteres wat Afrikaans en Nederlands verbind, is deur die Departement Drama aangebied.

Die Algemene Literatuurwetenskap, wat administratief onder die Departement: Afrikaans ressorteer, sluit onder meer Teoretiese Literatuurwetenskap en Vergelykende Literatuurwetenskap in. Dit het mettertyd van 'n eerstejaarskursus tot 'n volledige voor- en nagraadse program gegroei. Van die modules dien as fundamentele of keusemodules in ander programme en pakkette. Die leerplan vir die honneursprogram is in 2000 herontwerp in die lig van Suid-Afrikaanse behoeftes en internasionale tendense en sluit daarom modules in met betrekking tot ekokritiek, vergelykende literatuur- en kultuurstudie, institusionele literatuurwetenskap en beginsels van literatuuronderwys. **Prof Ohlhoff** is vir die aanbieding van Algemene Literatuurwetenskap verantwoordelik.

Departementslede het gereeld referate by oorsese en binnelandse kongresse gelewer, in die besture van verskeie vakverenigings en advieskomitees gedien, en belangrike werk as redaksielede van vakkundige tydskrifte verrig. Senior personeellede het ook gereeld as evalueerders van aansoeke om navorsingstoekennings deur die Raad op Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN wat nou die NRF herdoop is) en as keurders van vakkundige artikels in geakkrediteerde tydskrifte opgetree.

'n Aantal gemeenskapsdiensprojekte het rondom die nuwe fokusareas in die departement ontstaan. Dosente het intensief by die opleiding in onderwysbenadeelde gebiede betrokke geraak. Hierdie betrokkenheid het gelei tot 'n georganiseerde hulpprojek, naamlik Projek Handevat in die Ga-Rankuwa-gebied van Noordwes. Die projek, wat oor die tydperk 1997-1999 gestrek het, het sowel onderwyserleiding (kortkursusse) as leerlingbegeleiding (die saamstel van leerpakkette vir leerlinge) ingesluit. In 1994 is 'n Sentrum vir Afrikaanse Geletterdheidsnavorsing (SAG) op die been gebring. Onder die vaandel van SAG is geletterdheidsinstrukteurs opgelei wat geletterdheidsprogramme in Eersterus en Mamelodi aangebied het. Met fondse wat die Vlaamse regering bewillig het, is 'n kleuterskool in Eersterus gevestig en bedryf. Verder is skryfskole in Eersterus aangebied, waarvan enkele produkte vir publikasie aanvaar is.

Departementslede dien ook as beoordelaars by redenaarskompetisies en die Afrikaans-Olimpiade. Die departement dra ook by tot die Afrikaans-Ekspo en organiseer jaarliks, grootliks met die steun van die departementele sekretaresse, **me N C Celliers**, die Lenteseminaar vir Afrikaansonderwysers.

Gedurende 1993-2000 het 'n aantal personeellede vertrek of uitgetree. **Drr K de Wet, M Snyman, N Dlamini** en **me J Viljoen** het nuwe betrekkings aanvaar, **mnr W J Bezuidenhout** is medies ongeskik verklaar en **prof M C J van Rensburg** en **dr L Venter** het uitgetree.

Drie hoofde het die departement sedert 1993 bestuur, naamlik **prof Van Rensburg** (1993-1998), **prof Ohlhoff** wat in die tydperk 1998-2000 waargeneem het, en **prof H S S Willemse** wat in September 2000 aangestel is.

Proff A Carstens, C H F Ohlhoff, H S S Willemse, dr H P Grebe en **mev R Marais.**
PERSONEELLEDE

Afrikatale

Die departement is in 1994 van Peromnesvlak 4C na 4B opgegradeer en het van 1995-1996 'n bloeitydperk ten opsigte van studentegetalle en personeelvoorsiening beleef. Die departement het gedurende hierdie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

tydperk 19 permanente voltydse personeellede gehad, naamlik drie professore, nege senior lektore, een lektor, twee junior lektore en vier proefhulpe. In 1995 het die studentetal 'n hoogtepunt bereik toe 958 voorgraadse en 195 nagraadse studente vir Afrikatale ingeskryf het.

Hoewel die departement tot 1994 op voorgraadse vlak op die onderrig van Afrikatale as derde taal gekonsentreer het, is sy werksaamhede in 1995 sodanig uitgebrei dat onderrig ook aan eerstetaalsprekers gegee kon word. Drie senior lektorate is vir hierdie doel in die departement geskep en deur moedertaalsprekers van Setswana, Sepedi en isiZulu gevul. 'n Bykomende senior lektor is vanweë 'n dramatiese toename in die studentetal in 1996 vir Setswana aangestel. Sommige eerstetaalkursusse in Sepedi is in 1998 by wyse van afstandsonderrig by die Witbankkampus aangebied om die departement se onderrigprogram meer toeganklik vir studente te maak.

Die departement staan op die voorpunt van taalonderrig in isiNdebele as universiteitsvak. Ten spyte van die feit dat isiNdebele een van Suid-Afrika se 11 amptelike tale is, word dit by geen ander Suid-Afrikaanse universiteit gedoseer nie. Daar is in 1997 met die onderrig van isiNdebele as eerstetaal begin. Relatief min studente het aanvanklik vir die kursus ingeskryf, maar die lewenskragtigheid van die vak word weerspieël deur die feit dat die eerste nagraadse studente in 2000 vir die honneurskursus in isiNdebele ingeskryf het.


Prof P S Groenewald

Daar is reeds in 1993 besef dat eerstetaalonderrig op nagraadse vlak 'n dringende behoefte geword het. Die meeste nagraadse studente is onderwysers wat by die onderrig van Afrikatale aan eerstetaalsprekers betrokke is. Deur hierdie studente met 'n nagraadse kwalifikasie toe te rus, dra die departement by tot 'n kwalitatiewe verbetering van eerstetaalonderrig op skole. Die nagraadse kursusse wat vir dié doel ontwikkel is, was so gewild dat studente bereid was om op Vrydagaande groot afstande af te lê om lesings op die kampus by te woon. Hierdie reëling het uiteraard ernstige finansiële implikasies vir studente ingehou, en daar is gevolglik besluit om na 'n telematiese afleweringsmodus oor te skakel. Sedert 1998 word alle nagraadse kursusse by wyse van regstreekse, interaktiewe televisie-uitsendings met video-ondersteuning aan studente gebied. Studente in afgeleë gebiede geniet dus die voordele wat kontakonderrig bied.

In die lig van die rasionalisering en herstrukturering van die Fakulteit Geesteswetenskappe in 1999, is die Departement Afrikatale en die ander taaldepartemente in 'n Skool vir Tale saamgevoeg. Daar is terselfdertyd na 'n modulêre onderrigstelsel oorgeskakel waarbinne sterk klem op die selfwerksaamheid van studente gelê word.


Prof D J Prinsloo

Hierdie vernuwing het die departement in staat gestel om 'n nuwe dimensie by sy onderrig te voeg. Benewens die modules wat op die taal self fokus, kon die inhoudelike aanbod aan studente verbreed word deur modules in te sluit waarin die rol van taal as kultuurelement ondersoek word. Die herontwerp van die kurrikula vir die departement se nagraadse programme het dit moontlik gemaak om nuwe opleidingsgeleenthede te skep, en modules in vertaling, leksikografie en terminologie is vir die eerste maal in hierdie programme ingesluit. Die nagraadse programme is op só 'n wyse geherstruktureer dat studente onmiddellik na die baccalaureusgraad vir die magistergraad in Afrikatale kon inskryf. Studente kan dus twee jaar na hulle die die eerste graad verwerf het, 'n MA in Afrikatale behaal. Die tydperk vir die voltooiing van 'n meestersgraad is op hierdie wyse in ooreenstemming met dié van internasionale akademiese programme gebring.

Die personeel was gedurende die afgelope sewe jaar besonder suksesvol wat navorsing en internasionale skakeling betref. Gedurende die tydperk 1995-1999 het vier departementslede, **drr R Gauton, M Marggraff, M J Mojalefa** en **E Taljard** doktorsgrade behaal. Al vier het ook fondse uit die Afdeling Navorsingsondersteuning se Navorsingsontwikkelingsprogram ontvang om verdere navorsing te stimuleer. In die begin van 2000 het **prof D J Prinsloo** die toekenning Uitnemende Presteerder ontvang, onder meer op grond van sy volgehoue navorsingsuitsette. Hy is ook tot Navorsingskoördineerder van die Fakulteit Geesteswetenskappe verkies. Departementslede het gereeld bydraes op buitelandse kongresse gelewer en ook op uitnodiging as gasdosente by buitelandse universiteite opgetree. Van hulle het sedert 1989 in die uitvoerende komitees van vakverenigings soos die African Association for Lexicography (Afrilex) en die African Language Association of Southern Africa (ALASA) gedien. Personeel van die departement lewer ook op skool- en fakulteitsvlak bydraes. Hulle dien byvoorbeeld in verskeie fakulteitskomitees, onder meer die Navorsingskomitee, die Sentrale Bemarkingskomitee, die Navorsingsetiekkomitee, die Rekenaarkomitee, die Programkomitee en die Mensekragontwikkelingskomitee. **Dr Gauton** is ook werksaam by die Eenheid vir Kwaliteitsversekering.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Vanweë die besondere kundigheid van die personeel, is die departement besonder aktief betrokke by leksikografie- en terminologieprojekte. Hierdie projekte poog om die histories benadeelde tale sodanig te ontwikkel dat hulle as volwaardige amptelike tale hulle plek kan volstaan. Baanbrekerswerk in die gebruik van rekenaartegnologie en elektroniese datakorpusse vir die saamstel van woordeboeke word gedoen. Skakeling met woordeboekeenhede in Brittanje, België en Kanada verseker dat die betrokke departementslede voortdurend op die hoogte bly van die nuutste teoretiese en tegnologiese ontwikkelinge op leksikografiese en terminologiese gebied.

Departementslede is in samewerking met die Atoomenergiekorporasie (in Februarie 2000 is die AEK na NECSA herdoop), die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en ander taaldepartemente betrokke by die samestelling van 'n viertalige verklarende Chemiewoordeboek. Die doel met hierdie woordeboek is om basiese chemieterme op bevatlike wyse vir eerstetaalsprekers van isiZulu en Sepedi toeganklik te maak. Die isiNdebele-woordeboekeenheid is binne die departement gesetel, asook 'n takkantoor van die Sepedi-woordeboekeenheid. Twee van die departementslede, **prof Prinsloo** en **dr Mojalefa**, is raadslede van die Sepedi-woordeboekeenheid. Die voorsitter van die Raad van die isiNdebele-woordeboekeenheid is **mnr P B Skhosana**, en **prof A Wilkes** dien as raadslid van hierdie eenheid.

Die aftrede van **prof P S Groenewald** in Mei 2000 verteenwoordig die afsluiting van 'n besondere tydperk in die geskiedenis van die departement. Hy was vanaf 1 Januarie 1967 tot 31 Mei 2000 die departementshoof. As kenner van die wêreld- en Afrikaletterkunde het hy diep spore in die akademiese wêreld getrap. Sy passie vir die woord en vir die Sepedi-letterkunde was 'n inspirasie vir talle van sy studente.

Die departementshoofpos word sedert 1 Julie 2000 deur **prof Prinsloo** gevul – 'n gepaste keuse na sy kwarteeu van diens in die departement.

Dr E Taljard
SENIOR LEKTOR

Antieke Tale

Die Departement Antieke Tale het ontstaan uit die samevoeging van die departemente Semitiese Tale, Grieks en Latyn. Eersgenoemde twee het in 1993 saamgesmelt met die aftrede van **prof J P Louw** (Hoof: Departement Grieks), en **prof J H Potgieter** (Semitiese Tale) is aangewys as die hoof van die gekonsolideerde departement. Na die aftrede van **prof J Scholtemeijer** het die Departement Latyn in 1997 ook deel van die nuwe departement geword. 'n Vierde afdeling is toegevoeg toe 'n driejarige kursus in Antieke Kultuurgeskiedenis in 1997 ingestel is. **Prof Potgieter**, wat tot 1999 reeds meermale as plaasvervangende dekaan opgetree het, is in daardie jaar ook verkies tot die eerste voorsitter van die Skool vir Tale binne die Fakulteit Geesteswetenskappe.

Semitiese Tale

Die personeel het aanvanklik uit **proff Potgieter, A A da Silva, P J Botha** en **G T M Prinsloo** bestaan. **Prof Da Silva** is op 1 Januarie 1993 tot medeprofessor bevorder en in 1999 na die nuutgevormde Eenheid vir die Ontwikkeling van Taalvaardigheid gesekondeer, maar kort daarna is 'n kwaadaardige breintumor by hom gediagnoseer waaraan hy op 15 Junie 2000 oorlede is. **Prof Botha** was sedert 1 Januarie 1994 medeprofessor en sedert Januarie 1998 professor. **Prof Prinsloo** is op 1 Januarie 1996 tot medeprofessor bevorder.

Die hooftaak van die afdeling is steeds die onderrig van Bybelse Hebreeus aan voorgraadse teologiestudente. In 2000 was daar 44 inskrywings vir Hebreeus 1, 20 vir Hebreeus 2, ses vir Hebreeus 3, vier vir die honneurskursus en ses vir die MA-graad in Semitiese Tale. Verder is daar ook onderrig in Arabies, Akkadies, Aramees, Ugarities en Siries gegee. Sedert die begin van 2000 is daar na 'n modulêre stelsel oorgeskakel. Die honneurskursus in Semitiese Tale word tans stelselmatig met 'n gedoseerde MA-program in Antieke Tale vervang.

Die dosente doen ywerig navorsing. Gedurende 1993-1999 het in totaal 40 artikels in subsidiedraende tydskrifte verskyn. Daarbenewens was daar talle bydraes tot boeke, navorsingsverslae en niegesubsidieerde tydskrifte. Al die personeellede het ook meegewerk aan *Die Bybellennium*, 'n kommentaar in een boekdeel op die Bybel, wat vroeg in 2000 as die wenner van die gesogte Andrew Murray-prys vir die beste teologiese werk in Afrikaans aangewys is.

Verder het die personeel gereeld voordragte by vakkongresse in Suid-Afrika en die buiteland gelewer en was ook aktief betrokke by die bedrywighede van verskeie vakverenigings. Tans is **prof Potgieter** 'n bestuurslid van die Ou-Testamentiese Werksgemeenskap in Suid-Afrika, **prof Prinsloo** is die voorsitter van die Suid-Afrikaanse

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Vereniging vir Semitistiek asook 'n assistentredakteur van *Old Testament Essays* (die tydskrif van die Ou-Testamentiese vakvereniging), en **prof Botha** is die redakteur van hierdie tydskrif. Al drie dosente tree gereeld op in gemeentes as predikers of as dosente by Bybelskole.


Prof J P Louw

Grieks

Sedert die aftrede van **prof Louw** (1993) is die afdeling behartig deur **proff J H Barkhuizen** en **H F Stander** asook **dr G J Swart**. **Dr Swart** is in 1996 tot medeprofessor bevorder. Naas die onderrig van Grieks lewer hulle ook 'n belangrike bydrae tot die onderrig van Antieke Kultuurgeskiedenis. Uit hierdie afdeling het 'n konstante stroom kongresreferate en navorsingsartikels gekom, sowel nasionaal as internasionaal. Aan die einde van 2000 het **prof Barkhuizen** formeel afgetree, maar hy is vir 'n verdere drie jaar op kontrakbasis aangestel.

Die dosente was ook betrokke by plaaslike en internasionale vakkundige verenigings, naamlik die SAVPBS (SA Vereniging vir Patristiese en Bisantynse Studies), KVSA (die Klassieke Vereniging van SA), NTWSA (die Nuwe-Testamentiese Werksgemeenskap van SA), NAPS (the North American Patristic Society) en die Oxford International Conferences on Patristic Studies. **Prof Barkhuizen** was tot 1998 die voorsitter van die SAVPBS. Hy is hierin opgevolg deur **prof Stander**, wat die sekretaris was. Die afdeling lewer 'n groot bydrae tot vakkundige tydskrifte, veral die tydskrif *Acta Patristica et Byzantina*, wat die departement uitgee. Boonop is daar redaksionele betrokkenheid by *Acta Classica* en *Ekklesiastikos Pharos*. **Prof Barkhuizen** is vir die termyn 1999-2000 as Buitengewone Presteerder van die Universiteit benoem. Hierdie professore het verskeie toekennings vir na-doktorale navorsing in die buiteland in hierdie tydperk verwerf. Daarby was hulle by nasionale en internasionale navorsingsprojekte betrokke. Die vak is ook wyd bekendgestel en bevorder deur middel van populêr-wetenskaplike publikasies en optredes. Intussen het **prof Swart** 'n MA-graad in Algemene Taalwetenskap verwerf en **prof Stander** 'n meestersgraad in Teologie. Laasgenoemde studeer tans verder vir 'n PhD in Teologie.


Prof J Scholtemeijer

Latyn

Latyn het veral sedert 1996 'n moeilike tyd beleef, hoofsaaklik omdat dit as verpligte vak vir Regsgeleerdheid afgeskaf is. Dit het 'n drastiese afname in studentetalle veroorsaak, wat onvermydelik ook die personeelsterkte sou raak. In 1995 tree **mnr D P van den Berg** af en die jaar daarop **prof Scholtemeijer** (weens gesondheidsredes) asook **mnr P Hasse**. **Prof M J Mans**, wat op 1 Januarie 1994 tot professor bevorder is, het sedert 1997 as vakhoof van die afdeling gedien, maar ook hy het in 1999 afgetree. Tans is daar slegs twee personeellede, te wete **drr M E B Martin** en **J P K Kritzinger**. **Dr Martin** het haar doktorsgraad in 1995 verwerf en is in 1996 tot senior lektor bevorder. **Dr Kritzinger** promoveer in 1998 en is in 2000 tot senior lektor bevorder.

Drie inisiatiewe is van stapel gestuur om die probleem van krimpende studentetalle aan te spreek. In 1997 het die Departement Antieke Tale 'n kursus in Antieke Kultuurgeskiedenis ingestel met **dr Martin** as vakhoof. Vanaf 1998 het **dr Kritzinger** in samewerking met die Academia Latina 'n kursus in Mediese Terminologie begin aanbied vir mediese, tandheelkunde- en veeartsenystudente. In 1999 is die kursus as verpligte vak vir alle MBChB- en BChD-eerstejaarstudente ingestel en daar was bykans 400 studente in 2000. 'n Kortkursus in Regsterminologie as deel van die vak Regsvaardighede in die Fakulteit Regsgeleerdheid is in 2000 ingestel, en lesings is met die hulp van personeel van die Academia Latina aan sowat 500 regstudente aangebied.

Gedurende die tydperk 1993-2000 was daar 'n groot betrokkenheid by die werksaamhede van vakverenigings. **Proff Scholtemeijer** en **Mans** en **mnr Hasse** was nou betrokke by verskillende vaktydskrifte van die KVSA en die SAVPBS; **dr Kritzinger** het as sekretaris (1995-1997) van die KVSA gedien en die 22ste tweejaarlikse kongres van die vereniging georganiseer. Hy was ook tot voorsitter van die Noordelike Streek van die KVSA vir die termyn 1999-2000 verkies.

Naas gereelde voordragte by vakkongresse in Suid-Afrika was kontak met buitelandse akademici gemaak deurdat 'n aantal oorsese gasdosente lesings aangebied het, en **prof Mans** en **dr Kritzinger** het ook tydens buitelandse besoeke referate gelewer. In die onderhawige tydperk het 12 artikels in geakkrediteerde vaktydskrifte verskyn, en **prof Mans** en **dr Martin** het ook bydraes tot twee boeke gelewer. **Prof Scholtemeijer** was verantwoordelik vir die vertaling van 'n Plautus- en Shakespeare-komedie, wat deur die Departement Drama opgevoer is.

Gemeenskapsbetrokkenheid blyk uit die afdeling se werk rondom onder andere die vertaling van Latynse woorde, spreuke, leuses, koormusiek en vakterminologie asook die formulering van name en leuses vir 'n verskeidenheid

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


Prof J H Potgieter

instansies. **Mnr Hasse** het dikwels die Departement Plantkunde bygestaan met die vertaling en gebruik van Latynse tegniese terminologie op hierdie vakgebied. 'n Aantal populêre lesings wat departementslede gelewer het, verdien ook vermelding.

Antieke Kultuurgeskiedenis

Die instelling van die vak Antieke Kultuurgeskiedenis was daarop gemik om die studente te laat deel in die groot kultuurskatte van die Antieke Wêreld. Dit bly steeds 'n groot uitdaging om die regte balans tussen 'n wetenskaplike en populêre aanslag te vind. Die vak toon groot groeipotensiaal, want studente met 'n wye verskeidenheid van agtergronde skryf in vir hierdie kursus, en vier jaar na die instelling van die vak is daar reeds 'n aantal nagraadse studente.

By twee geleenthede het die departement opgetree as gasheer vir besoekende Egiptoloë wat openbare lesings aangebied het, naamlik **mnr B el Shamaa** in 1999 en die jaar daarna **dr K Weeks**, dosent aan die Amerikaanse Universiteit van Kairo en direkteur van die Theban Mapping Project. **Dr Martin** bied ook jaarliks op uitnodiging lesings vir die publiek aan oor fasette van die Egiptiese beskawing. Sy was ook verantwoordelik vir die opstel van 'n kompakskyf-databasis oor die kuns in die antieke wêreld (Mesopotamië, Egipte en Griekeland). Dit is 'n uiters waardevolle hulpmiddel in die onderrig van die vak.

Prof P J Botha
KURSUSHOOF: SEMITIESE TALE

Eenheid vir die Ontwikkeling van Taalvaardigheid

Die eenheid het op 1 April 1999 tot stand gekom. Die doel van die werksaamhede is om die akademiese taalvaardigheid van studente aan die Universiteit te verbeter sodat hulle in staat kan wees om lesings te verstaan, handboeke te volg en taalvaardig genoeg sal wees om die kennis wat hulle opdoen, skriftelik te kan weergee.

Die vlak van taalvaardigheid word bepaal deur die gebruik van 'n erkende meetinstrument wat taalvaardigheidsvlakke in ooreenstemming bring met die taalvaardighede wat die verskillende skoolgrade en die eerste universiteitsjaar vereis. Die eenheid bepaal alle nuweling eerstejaarstudente se taalvaardigheidsvlakke aan die begin van elke akademiese jaar. Indien 'n student se taalvaardigheid op of onder die vlak van graad 10 lê, moet dié student verpligte taalvaardigheidsmodules volg, totdat sy/haar taalvaardigheid hierdie vlak bereik. Die uiteindelike behaal van 'n graad hang hiermee saam. Sowat een derde van die nuweling eerstejaarstudente wat inskryf aan die Universiteit se taalvaardigheid lê op of onder die vlak van graad 10.

Om die studente se akademiese taalvaardigheid te verbeter is geïntegreerde leerplanne ontwikkel in samewerking met die Sentrum vir Taal en Spraak aan die Universiteit van Antwerpen in België. Hierdie leerplanne is afgestem op die besondere behoeftes van die studente uit die verskillende fakulteite aan die Universiteit van Pretoria.

Prof M C J van Rensburg is as direkteur tot 31 Maart 2003 aangestel. Die personeel bestaan uit 'n sekretaresse, **me J H Viljoen** en twee lektore, **me D Coetzee** en **mnr H G Butler**. Die eenheid skakel nou met die Sentrum vir Akademiese Ontwikkeling (**prof A de Boer** en **me H E Pretorius**), veral wat leerplanne en dosente-aanwending betref. 'n Aantal tydelik-deeltydse dosente gee ook lesings binne hierdie eenheid, en studente-assistente sorg vir die verwerking van studente-statistiek en help om studente se taalvaardigheidsprobleme in kleiner groepe aan te spreek.

Besondere vrugbare samewerking vind tussen die eenheid en die Sentrum vir Taal en Spraak aan die Universiteit van Antwerpen plaas. Personeellede en studente van beide universiteite neem gereelde besoeke met die oog op leerplanontwikkeling en -evaluering.

Studente met onbevredigende taalvaardigheid is oor al die fakulteite van die Universiteit versprei. Die taalvaardigheidsvlakke van hierdie studente is wyd uiteenlopend en dit word hanteer deur studente met vergelykbare vlakke bymekaar te groepeer.

Gegewens oor taalvaardigheidsmeting van nuweling eerstejaarstudente aan die Universiteit soos gemeet op 27/28 Januarie 2000:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

REMEDIËRING NODIG

		JA	(%)	NEE	(%)
Geesteswetenskappe	Afrikaans	122	(27)	337	73)
	Engels	155	(42)	214	(58)
Regsgeleerdheid	Afrikaans	33	(21)	122	(79)
	Engels	81	(56)	64	(44)
Teologie	Afrikaans	10	(31)	22	(69)
	Engels	1	(100)	0	(0)
Natuur- en Landbouwetenskappe	Afrikaans	79	(14)	485	(86)
	Engels	85	(28)	217	(72)
Geneeskunde	Afrikaans	80	(30)	188	(70)
	Engels	32	(15)	184	(85)
Ingenieurswese, Bou-omgewing	Afrikaans	66	(15)	362	(85)
en Inligtingtegnologie	Engels	50	(27)	135	(73)
Opvoedkunde	Afrikaans	4	(75)	3	(25)
	Engels	2	(40)	3	(60)
Ekonomiese en Bestuurs-	Afrikaans	215	(26)	606	(74)
Wetenskappe	Engels	279	(42)	386	(58)
Tandheelkunde	Afrikaans	5	(19)	22	(81)
	Engels	3	(25)	9	(75)
TOTAAL	Afrikaans	614	(22)	2 147	(78)
	Engels	688	(36)	1 212	(64)
GEKOMBINEERDE TOTALE AFRIKAANS EN ENGELS		**1 302**	**(28)**	**3 359**	**(72)**

Die meeste van die dosente aan die eenheid is vroulik. Daarbenewens lewer die eenheid deur sy werk juis 'n beduidende bydrae tot die transformasieproses. Die tradisionele situasie van toenemende onbeholpenheid met Engels word vir die studente wat aan die eenheid studeer, omgekeer. Sonder die vermoë om taal effektief te gebruik is kennisverwerwing en akademiese ontwikkeling nie moontlik nie. Deur die volg van kursusse wat die eenheid aanbied, word hierdie ideaal haalbaar.

Prof M C J van Rensburg
DIREKTEUR

Engels

Een van die kenmerke van die departement in vorige uitgawes van *Ad Destinatum* was die toename in studentegetalle, maar dit het ook die begin van 'n afname aangedui. Die hoogtepunt wat in 1989 bereik is met 120 studente wat vir Engels 300 ingeskryf het, en die rekordgetalle van nagenoeg 700 studente wat elke jaar vir die praktiese Engels geregistreer het, was van korte duur. Die getal finalejaarstudente vir BA in die literêre stroom het tot ongeveer 70 in 2000 gedaal, en getalle vir praktiese Engels het aansienlik afgeneem.

Verskeie faktore het aanleiding tot hierdie stand van sake gegee. Dit sluit in die hersiene graadprogram in die regte, wat weinig ruimte vir taalstudie deur regstudente laat en dus die kursus vir praktiese Engels ernstig geraak het. Die departement het inderdaad 'n spesiale kursus vir regstudente ontwikkel – hoofsaaklik vergeefs. Die nuwe remediërende Eenheid vir die Ontwikkeling van Taalvaardigheid (EOT) het uiteraard die studente met die grootste

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

agterstand oorgeneem. Nietemin het die departement argitektuurstudente bygekry, en daar bestaan 'n moontlikheid dat heelwat studente van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe vir Engels sal inskryf. Wat die akademiese literêre stroom betref, het die ineenstorting van die onderwysprofessie en die algemene tendens in tersiêre opvoeding weg van kultuur ten gunste van loopbane en praktiese bruikbaarheid – wat deur die nuwe onderwysbedeling aangemoedig word – 'n aanmerklike uitwerking gehad op die getal studente wat Engels as hoofvak wou neem.

Een van die nuwe projekte wat gedurende die oorsigtydperk aangepak is, was die aanbieding van sekere kursusse via 'n papiergedrewe afstandsmetode deur die Nasionale Private Kolleges. Tot dusver was hierdie projek van weinig waarde. Die hoofrede vir die projek was die hoop dat dit sou die dalende studentegetalle aanvul en dus die behoud van personeel meebring. Ten spyte van die daadwerklike pogings wat dit geverg het, was verdienste nie na wense nie. 'n Ander projek was die aanbieding van kortkursusse op verskillende vlakke. **Mnr P C Lenahan** het 'n hele reeks suksesvolle kursusse vir diplomate en vreemdelinge oor die algemeen gereël, en **prof P J H Titlestad** het grammatikakursusse vir groepe personeellede en mense buite die Universiteit aangebied. **Prof S M Finn** het meer formele kursusse oor kommunikasie in organisasies ontwerp wat vir voorgraadse studente aangebied word.

'n Groot verandering gedurende die tydperk 1993-2000 was die modularisering van kursusse en die ontwikkeling van "programme" in die plek van die tradisionele graadstrukture. Dit het op 'n spesialisprogram in BA Languages (English Studies) uitgeloop waarvoor **me M Brown** as bestuurder optree. Hoewel betreklik min studente daarvoor ingeskryf het, lyk dit tog of hierdie program beter gevaar het as die meeste ander wat deur die nuuutgestigde Skool vir Tale aangebied word. Die program sluit kursusse in vir taalversorging, die onderrig van Engels, en Engels vir taalpraktisyns asook die gewone letterkundekursusse wat op Engels as hoofvak van toepassing is. **Prof Finn, mnr Lenahan** en **me I Noomé** het bydraes in hierdie verband gelewer. Net soos in die res van die fakulteit, het die verwerking van kursusse in modules en in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid (SAKO) se vereistes, aansienlike aandag in beslag geneem. Daar moet bygevoeg word dat die modulêre onderrigstruktuur nie altyd vir die onderrig van taal en letterkunde ten volle geskik is nie.


Prof P J H Titlestad

Vanweë 'n vermindering in personeel is daar besluit om die honneurskursus in te kort. Jaarkursusse het plek gemaak vir semesterkursusse oor ses maande. Nuwe kursusse vir taalversorging en die onderrig van Engels vir vreemdetaalsprekers is bygevoeg, maar ander kursusse het óf weggeval óf die omvang is verklein. Die verpligte kursus vir Poëtiek en Literêre Teorie is tot 'n semesterkursus verkort. Die getal magister- en doktorale studente het gedurende die oorsigtydperk toegeneem. Die getal honneursstudente het gewissel, maar daar was 17 in 2000.

Die vermindering van personeel is reeds genoem. **Mee B Hugo** en **E Bojé** het afgetree, en **dr G Willoughby** het later vertrek. **Dr C L Dreyer** het vir 'n kort tydperk by die personeel aangesluit en is toe na die VSA, en **dr W McKay** en **me D Fallon** het ook geëmigreer. **Me K Soldati-Kahimbaara** het by die departement aangesluit. Die permanente personeelgetal het van 14 tot 11 gekrimp. Daar was ook bevorderings. **Dr R A Gray** het professor geword, en **dr A Wessels** 'n medeprofessor. Die professoraat staan tans op vier. **Mee Brown, P J M Marx** en **mnr Lenahan** is tot senior lektore bevorder. **Dr J Geertsema**, wat pas sy doktorsgraad verwerf het asook bevordering tot senior lektor, het ook in 2000 aangekondig dat hy sou emigreer. Nog 'n ontwikkeling was die departement se eerste nagraadse navorser, **dr S Koyana**, wat onder **prof Gray** sal werk.

Prof Titlestad het gedurende die oorsigtydperk sy termyn as president van die English Academy of Southern Africa voltooi, en **prof Gray** is in September 2000 vir dieselfde amp verkies. Die departement het 'n hele paar belangrike gaste ontvang: **Lord** en **Lady Quirk**, **dr T McArthur** en **prof D Crystal** (almal hooggeplaastes op linguistiekgebied en in Engels-taalstudie) en **prof D R Danielson**, die Milton-geleerde. 'n Welkome ontwikkeling gedurende dié tydperk was die getal kollegas wat internasionale konferensies bygewoon en referate gelewer het.

Om saam te vat, kan daar gesê word dat die jare 1993-2000 gekenmerk is deur 'n toename in praktiese en loopbaangerigte kursusse en 'n afname in die personeeltal vanweë kleiner getalle studente. Die algemene trauma in tersiêre ondewys het sekerlik nie ongemerk by die Department Engels verbygegaan nie.

Prof P J H Titlestad
DEPARTEMENTSHOOF

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Moderne Europese Tale

Duits

Die tydperk 1993-2000 was deur verandering gekenmerk. Voorop was daar die samesmelting met Frans tot die Departement Moderne Europese Tale; verder personeelvermindering deurdat vakante poste nie meer gevul is nie, en die oorlewingstryd waarin taalonderrig oor die algemeen gewikkel is.

Daarbenewens was daar 'n verandering in die behoeftes van studente wat die vak Duits as deel van hulle kursus kies. Hierdie studente kom deesdae uit verskillende fakulteite en diverse studierigtings met die sterk behoefte om nie net die taal as sulks aan te leer nie, maar om dit in hulle spesifieke vakrigting te kan gebruik. Hiervoor moes nuwe leerplanne beplan word. Derhalwe is nuwe kursusse ingestel wat as "Fachsprache" (vaktaal, beroepsgerigte Duits) bekend staan. Op tweedejaarsvlak het studente die keuse tussen 'n letterkundegerigte kursus en die sogenaamde beroepsgerigte Duits. Hierdie vernuwing het blykbaar vrugte afgewerp, want laasgenoemde kursus lok die meeste studente. Waar die keuse aanvanklik net op voorgraadse vlak aangebied is, is dit ook tot die nagraadse vlak uitgebrei. Die gedoseerde magistergraad maak byvoorbeeld voorsiening vir 'n keuse tussen Letterkunde (teorie en werke), Vaktaal (teorie en didaktiek) en Vreemdetaalonderrig (teorie en didaktiek). Dus word deesdae 'n wyer spektrum van kursusse aangebied.

Daar is 'n groot aantal studente wat vir die beginnerskursus inskryf. Dit is onteenseglik 'n bewys dat daar wel nog belangstelling bestaan om 'n Europese taal aan te leer. Afhangende van die studente, kan twee gespesialiseerde kursusse in die beginnerskursus aangebied word, naamlik vir teologie- en vir toerismestudente. In 1994 het die afdeling ook betrokke geraak by die Departement Didaktiek met die aanbieding van die kursus Duits Vakdidaktiek. Boonop is deelgeneem aan die na-opleiding van onderwysers van Duits deur byvoorbeeld werksessies wat in samewerking met onderwysers en die Gautengse Onderwysdepartement gereël is.

Op magister- en doktorale vlak word eksterne eksaminatore uit Duitsland of Oostenryk gereeld betrek om sodoende internasionale erkenning van verhandelinge en proefskrifte te verseker.

Frans



Prof L Peeters

In die tydperk 1993-2000 het die Franse seksie die professionele opsie in taalonderrig gekonsolideer en sy leksikografiese navorsingsprogram, wat sal uitloop op die publikasie van 'n Frans-Afrikaanse woordeboek, tot die punt gebring waar 'n publiseerbare manuskrip voltooiing nader. Hierdie navorsing was ook deel van die onderrig op nagraadse vlak. Die laaste twee jaar van die oorsigtydperk is aan die herstrukturering van die sillabus tot 'n modulêre, programgerigte stelsel gewy. 'n Nuwe kursus oor Franse letterkunde, wat in Engels aangebied word, is binne die raamwerk van die program in moderne Europese kulture en tale ingestel. Op honneursvlak is nuwe modules oor die filosofie en tipologie van taal ingestel, en die Teoretiese Literatuurwetenskapkursus is in twee aparte modules verdeel, een oor die antropologiese grondslag van poësie en die ander oor die geskiedenis van bewustheid soos in die veranderende instellings tot taal weerspieël word. Die nuwe nagraadse program sluit ook modules in oor die didaktiek van taalonderrig in Frans en oor die kuns van wetenskaplike opstelskryf in Frans.

In 1998 is 'n ooreenkoms tussen die Universiteit van Pretoria en die Universiteit van Montpellier in Frankryk onderteken. Ingevolge hierdie ooreenkoms het **prof M Collomb** die departement in 1999 as gasprofessor besoek en 'n reeks lesings aangebied oor die beeld van die Ooste in die Europese literatuur aan die begin van die twintigste eeu. **Prof L Peeters** het die Universiteit van Montpellier in Mei 1999 besoek vir 'n reeks lesings oor die rol van die beeld in die Franse Surrealisme. Verdere uitruilings word in die komende jare in die vooruitsig gestel. Die departement sal ook binnekort baat by 'n soortgelyke uitruilprogram met die Universiteit van Marne-la-Vallée in Frankryk.

Daar was geen verandering in die personeelkorps nie. Alle dosente is lid van die Association for French Studies in Southern Africa, waarvan **mnr P Brink** die afgelope vier jaar die sekretaris was. Dosente is aktief betrokke by die kurrikulumkomitee van die Gautengse Onderwysdepartement en tree gereeld op as eksterne eksaminatore vir ander universiteite in Suid-Afrika. Die departement het ook by die International Association of French Departments aangesluit. Benewens hul deelname aan die uitruilprogramme met Franse universiteite het personeellede ook aan internasionale konferensies in Nieu-Seeland (**me J Strike**) en Frankryk (**prof Peeters**) deelgeneem. Navorsing oor die moderne Franse digkuns en poëtika het tot talle publikasies in plaaslike en internasionale tydskrifte gelei. Die gerekenariseerde leksikografieprogram vir die Frans-Afrikaanse woordeboek het belangstelling onder

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

leksikograwe in Frankryk gewek, en dien as grondslag vir die samestelling van Frans-Afrikatalige woordeboeke.

Die departement as geheel sien sy roeping en toekoms toenemend in ontwikkeling en navorsing op die gebied van vergelykende studie oor taal, letterkunde en kultuur. Dit sal 'n raamwerk voorsien waarin internasionale kulturele en samewerkende denke kan floreer en 'n beter begrip van wat die "ander" werklik is, kan bevorder.

Dr G Tesmer en **prof L Peeters**
SENIOR DOSENT en DEPARTEMENTSHOOF

Sentrum Academia Latina

In die jaar 1988 is die Schola Latina-projek onder leiding van **me Corrie Schumann** van stapel gestuur. Die missie van hierdie onderneming was om die uitkomste van Latyn te benut en die lewensvatbaarheid van hierdie taal op primêre, sekondêre en tersiêre vlak te bevorder. Die ander personeellede in die sentrum is **mnr J P Bosman**, **mev Nerene Grobler** en **dr K Kritzinger**.

Die Schola Latina-programme het honderde laerskoolleerlinge op die kampus bymekaargetrek en daar is weekliks Latyn gesing, gepraat en geoefen in die lesingsale.

Terselfdertyd het **me Schumann** unieke SPQR Latyndae begin reël, wat jaarliks meer as 1 000 hoërskool Latynleerlinge en hul onderwysers in die Amfiteater saamgetrek het. Alle kompetisies, soos lees, modelle, plakkate en kostuums, was op 'n jaarlikse tema gebaseer. Enkele temas was Musica, Theatrum, Ludi Romani (mini Olimpiese Spele), Hereditas Nostra, Hannibal en Mons Olympus. Sowat 9 600 leerlinge het oor nege jaar hierdie tipiese Romeinse dae bygewoon. Die projek het mettertyd gelei tot die stigting van die sentrum Academia Latina in die departement Antieke Tale.

In 1992 het die Schola Scripta-kursusse 'n aanvang geneem, waardeur leerlinge op primêre en sekondêre vlak tot in die verste uithoeke van ons land met Latyn kennis maak. Deur hierdie kursusse te volg, kan leerlinge die eksamen van die Academia Latina aflê en 'n sertifikaat van die Universiteit ontvang. Totdat die onderwyssubsidie aan hierdie sentrum in 1999 opgeskort is, het sowat 2 700 leerlinge sertifikate verwerf. Verdere uitbreiding word tans beoog in samewerking met die Instituto Italiano di Cultura (IIC).

Me C Schumann

Die sentrum het ook die program Forward to the Past ontwikkel (CCLE – Cross-Cultural Language Enrichment). Hierdie kursus verbeter baie ingeskrewe leerlinge se Engels ten opsigte van praat, lees en skryf. Oefeninge is gebaseer op woordeskat wat geheel en al afgelei is van basiese Latynse grondwoorde.

In 1998 is 'n verdere dimensie aan die sentrum se werksaamhede verleen: die Academia Latina begin met die dosering van 'n kursus in Mediese Terminologie (MTL) aan 'n groep voornemende Veeartsenykunde studente. MTL is gebaseer op 'n kursus van die Universiteit van Georgia en geskoei op die uitkomste van Klassieke Latyn en Grieks. Die toepasbaarheid van hierdie terminologie het tot gevolg dat die kursus vanaf 2000 verpligtend is vir studente in Geneeskunde, Tandheelkunde, Biologiese en Mediese Wetenskappe, Verpleegkunde, Veeartsenykunde (opsioneel).

Mediese Terminologie word ook as 'n korrespondensiekursus aangebied en word gevolg deur universiteitstudente van Potchefstroom, Port Elizabeth en Stellenbosch asook deur afgestudeerde medici en taalpraktisyns.

Met die aanbieding van al hierdie programme probeer die Academia Latina steeds sy leuse vergestalt: *Vivit Lingua Latina!* - Die taal Latyn leef!

Mev Corrie Schumann
DIREKTEUR

Sentrum vir Akademiese Ontwikkeling

Die toenemende behoefte aan akademiese ondersteuning, veral van hoërisikostudente in die Fakulteit Geesteswetenskappe, het aanleiding tot die totstandkoming van die sentrum op 1 Januarie 1996 gegee.

Die sentrum se werksaamhede was in die eerste vier jaar van sy bestaan op potensiaalontwikkeling van hoërisikostudente toegespits, waardeur studente wat nie aan die minimum toelatingsvereistes voldoen nie, 'n geleentheid tot graadstudie gebied is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Studente word gekeur en toegelaat tot 'n BA(Verlengde program) nadat hulle 'n geselekteerde battery van potensiaaltoetse wat deur die fakulteit saamgestel is, met welslae afgelê het. Hulle word dan deurlopend deur die sentrum ondersteun en gemonitor. Hoewel die kursusbenaming BA(Verlengde program) is, is die kursus so saamgestel dat hierdie studente ook binne die maksimum tydperk van drie jaar hulle graad kan verwerf. Die leerplan vir die kursus Inligtingsvaardighede is vir dié doel ontwerp en is gerig op die ontwikkeling van studente se taalvaardighede, rekenaar- en inligtingsgeletterdheid asook studievaardighede.

Prof A de Boer

Die prestasie van studente in hierdie program het die prestasie van die ander eerstejaarstudente in die fakulteit geëwenaar. Daar was selfs een student wat die BA-graad *cum laude* verwerf het. Verskeie studente uit hierdie program is reeds met hulle honneurs- en magisterstudie besig.

Die sukses van die BA(Verlengde program) kan eerstens toegeskryf word aan die feit dat die ontwikkelingskursus 'n geakkrediteerde kursus binne die algemene BA-program is. Tweedens bied die BA(Verlengde program) 'n geleentheid aan hierdie studente om wel binne die maksimum studietydperk van drie jaar hulle studies te voltooi. Die fakulteit steun die gedagte dat studente deur 'n verlengde program 'n geleentheid tot graadstudie gebied word, maar dat elke student self vir sy/haar studiesukses verantwoordelik is.

Sedert Januarie 2000 het die werksaamhede van die sentrum uitgebrei om aan alle eerstejaarstudente binne die fakulteit toegevoegde waarde in die vorm van akademiese ondersteuning te bied. Die Inligtingsvaardigheidskursus word vervang met fundamentele modulekursusse wat vir alle eerstejaarstudente verpligtend is.

'n Eenheid vir Taalontwikkeling is gestig om studente se taalvaardighede aan te spreek; Damelin Kollege bied die rekenaargeletterdheidskursusse aan, en die sentrum bied die modules Akademiese Ontwikkeling en Inleiding tot Navorsing aan. Die module Akademiese Ontwikkeling is ingestel om studente se akademiese ingesteldheid te verhoog en word in die eerste kwartaal vir alle eerstejaarstudente in die fakulteit aangebied. Aandag word aan aspekte soos probleemoplossing, leerstyle, kreatiwiteit en studievaardighede geskenk. Aangesien studente in die geesteswetenskappe ook oor syfervaardighede moet beskik, word die ontwikkeling van hierdie vaardighede binne die module Inleiding tot Navorsing aangespreek. Hierdie module is een van die eerste modules wat interdissiplinêr binne die fakulteit aangebied word en poog om reeds vanaf die eerste jaar 'n algemene navorsingsingesteldheid by studente te kweek.

Die sentrum is verder ook verantwoordelik vir die BA(Algemene pakket) en bied hulp aan studente wat hiervoor wil inskryf.

Onderwysgerigte navorsing is 'n hoë prioriteit en vorm deel van die aktiwiteite van die sentrum. Die afgelope vier jaar is verskeie navorsingsartikels gepubliseer, daar is ook aktief deelgeneem aan werksessies en referate wat op nasionale sowel as internasionale vlak gelewer is.

Prof A de Boer is die direkteur van die sentrum en word bygestaan deur 'n span entoesiastiese tutors.

Prof A de Boer
DIREKTEUR

Sentrum vir Taalpolitieke Navorsing (CentRePoL)

CentRePoL is in 1998 as 'n navorsingsentrum in die voormalige Fakulteit Lettere en Wysbegeerte gestig. Die sentrum se hoofdoelwit was om die verhouding tussen taal en die breë politieke konteks te bestudeer. Hierdie verhouding raak die rol van taal in die transformasie en rekonstruksie van die Suid-Afrikaanse samelewing, taal en mag (taal as 'n faktor in asimmetriese magsverhoudinge asook diskriminasie, manipulasie en uitbuiting), die funksie van taal in nasiebou, staatskonstruksie en die konstruksie van 'n sosiale en persoonlike identiteit, die spanning tussen taal en etnisiteit, en taalbeplanning. Die sentrum het hoofsaaklik op die terrein van die politiek, staatsadministrasie, onderwys en die ekonomie gefokus.

In 2000 is die sentrum se doelstellings verbreed om opleiding en dienslewering ten opsigte van die aangewese fokusareas in te sluit. Die sentrum is ook in 2000 na die Skool vir Tale in die Fakulteit Geesteswetenskappe verskuif.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die eerste direkteur van die sentrum was (en is steeds) **prof V N Webb**. Hy word deur twee tydelik-deeltydse navorsingsassistente bygestaan.

Die werk van die sentrum was 'n voortsetting van die navorsings- en ontwikkelingsprogram van Projek LiCCA (Language in conflict and contact in Africa). Dit was 'n internasionale program oor die konflik tussen die magstale in Afrika (Engels, Frans en Portugees) en die gebrekkige kennis van hierdie tale onder die meeste gemeenskappe in Afrika. Die sentrum het ook 'n projek genaamd Veeltaligheid as 'n ontwikkelingshulpbron, wat deur die huidige Nasionale Stigting vir Navorsing gefinansier is, voortgesit (en voltooi).


Prof V N Webb

Die sentrum was sedert sy stigting by verskeie aktiwiteite betrokke. Wêreldbekende geleerdes is uit Kenia, Nigerië, Duitsland en Switzerland na Suid-Afrika genooi om verskillende werksessies (byvoorbeeld oor toepaslike Engels in 'n demokratiese Suid-Afrika, die bevordering van Afrikatale, taal en opvoedkunde, taal en die politiek asook taal en effektiewe opvoedkundige en ekonomiese uitkomste) aan te bied. Verskillende openbare lesings is gereël, byvoorbeeld oor taalgedrag binne die konteks van stedelike konflik, die werk van die nasionale Direktoraat vir Taaldienste asook Afrikaans en Afrikaneridentiteit). Verskeie publikasies het reeds plaaslik en in internasionale vakjoernale verskyn. Die sentrum het in die loop van sy werk 'n netwerk van medewerkers dwarsdeur Afrika (die Kameroen, Kenia, Nigerië en Oeganda), Europa (België, Duitsland, Nederland en Switzerland), Hong Kong, Indië en Noord-Amerika (Kanada and die VSA) opgebou.

Die sentrum het onlangs 'n navorsingsprojek getiteld Taal, effektiewe opvoedkundige ontwikkeling en ekonomiese uitkomste, wat oor drie jaar sal strek, in samewerking met **dr François Grin** van die Departement Ekonomie aan die Universiteit van Gèneve in Switzerland van stapel gestuur. Die rol van taal (as 'n leer- en onderrigmedium, en as 'n studievak in beide eerste en tweede tale) in die voorsiening van meer effektiewe beroepsopleiding en -opvoeding sal bestudeer word, met die veronderstelling dat sodanige verbeterde beroepsopleiding selfs in die kort termyn aanleiding tot ekonomiese voordele sal gee. Die projek is 'n interdissiplinêre onderneming (sosiolinguistiek, ekonomie en opvoedkunde) en 'n inter-institusioneel (saam met die Universiteit van die Noorde en Vista Universiteit), wat formeel deur die nasionale Minister van Onderwys ondersteun word. Daar word gehoop dat dit deur Suid-Afrikaanse asook buitelandse organisasies befonds sal word.

Die projek behels 'n aanmerklike kapasiteitsboukomponent, veral op navorsingsgebied.

Prof V N Webb
DIREKTEUR

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ad destinatum

1993-2000

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Fakulteit Opvoedkunde

Kantoor van die Dekaan

Die jare 1993-2000 verteenwoordig 'n tydperk van ongekende groei en verandering in die fakulteit. Belangrike veranderinge is gemaak – weg van die tradisionele, hoofstroom-kampusonderrigmodel na voltydse voordiensonderrig vir onderwysers. Dit staan bekend as 'n "gemengde modus" van afstandsonderrig met 'n sterk fokus op die deeltydse indiensopleiding van onderwysers. In hierdie verband was daar 'n aansienlike toename in die aantal programme wat ontwerp is om in die uiteenlopende behoeftes van studente te voorsien en ook om die belangrike opvoedkundige uitdagings aan te spreek wat Suid-Afrika se oorgang na 'n demokratiese regering in 1994 meegebring het.



Prof M J Bondesio

Die land was besig om te verander, en die Universiteit moes omskakel van 'n instansie wat hoofsaaklik wit, Afrikaanssprekende studente gedien het na een met studente uit 'n verskeidenheid rasse- en taalgroepe. Die Universiteit se visie het "internasionalisering" beklemtoon, en dit het tot uitdrukking gekom in samewerkingsooreenkomste tussen die fakulteit en internasionale universiteite, onder meer met betrekking tot akademiese uitruilingsprogramme, gesamentlike leerplan-inisiatiewe en navorsingsvennootskappe. Programme is ontwerp om aan die uitkomsgebaseerde beginsels te voldoen wat na afloop van die apartheidsbewind vir die onderwysstelsel ingevoer is. Nuwe institusionele prioriteite soos kwaliteitsversekering en prestasiebestuur, het die ontwikkeling van programme en die navorsingsaktiwiteite van die fakulteit herdefinieer.



Prof J D Jansen

Die fakulteit het gedurende die tydperk 1993-2000 verskeie innoverings ingestel. Die Interuniversitêre Sentrum vir Onderwysreg en -Beleid, wat by die fakulteit gehuisves is, het baanbrekerswerk gedoen op 'n gebied, naamlik opvoedkundige wetgewing, wat die Suid-Afrikaanse universiteite grootliks afskeep. Die Sentrum vir Kinder- en Volwasseneleiding het uiters belangrike dienste aan die gemeenskap gelewer en 'n geleentheid geskep vir die internskapopleiding van jong opvoedkundige sielkundiges. Die *Journal of Education and Training*, onder die kundige redaksie van **prof J G Maree**, het geleenthede geskep vir die publikasies van personeellede binne en buite die fakulteit. Belangrike vennootskappe is met die Nasionale Private Kolleges gesluit vir die aanbieding van afstandsonderrig asook met Futurekids vir die voorsiening van rekenaargebaseerde onderwys en opleiding. Nuwe programme is bekendgestel, byvoorbeeld oor heelbreinleer, seksualiteitsopvoeding, gemeenskapsonderrig vir ontwikkeling, en programme oor rekenaars in die onderwys. Hierdie programme het sinvolle aanpassings in die tradisionele leerplan vir die opleiding van onderwysers meegebring.

Die ingrypende transformasie van die fakulteit het sedert 1999 ingetree, en het in 2000 versnel vanweë drie prosesse, naamlik die fundamentele herstrukturering van die fakulteit, die inlywing van die Onderwyskollege Pretoria (voorheen bekend as die Normaal Kollege Pretoria), en die aanstelling van 'n nuwe, voltydse dekaan.

Die fakulteit is in twee skole herorganiseer ooreenkomstig die sterk skolemodel wat die Universiteitsbestuur voorop gestel het. Die Skool vir Opvoedkundige Studies fokus op opvoedkundige teorie en navorsing – veral wat nagraadse opleiding betref. Die Skool vir Onderwysopleiding bestaan hoofsaaklik uit die personeel en programme van die vorige onderwyskollege en konsentreer op die voordiensopleiding van onderwysers by wyse van graadprogramme wat oor vier jaar strek.

Die samesmelting met die Onderwyskollege Pretoria verteenwoordig belangrike strategiese beplanning wat nuwe geleenthede vir uitbreiding en onderwysopleiding aan die Universiteit van Pretoria geskep het. Die sterkpunte van die kollege (in wese, die Skool vir Onderwysopleiding) wat laerskoolonderwys betref is op hierdie manier saamgevoeg by die sterkpunte van die fakulteit (in wese, die Skool vir Opvoedkundige Studies) ten opsigte van onderwys in sekondêre skole. Die nuwe fakulteit met sy twee skole sal in 2001 op die kampus van die voormalige onderwyskollege hervestig word. Dit sal dan as die Groenkloofkampus van die Universiteit van Pretoria bekend staan.

Die aanstelling in Julie 2000 van 'n nuwe dekaan in die fakulteit, **prof Jonathan Jansen,** het gevolg na tien jaar onder die leierskap van **prof M J Bondesio** (1989 tot Januarie 1999) asook 'n tydperk waartydens **prof J W M Pretorius** as dekaan waargeneem het. **Prof Jansen** het teen die einde van 2000 'n omvattende strategiese plan ingevoer met die klem op prestasie op navorsingsgebied, innoverende onderrig, 'n diverse personeelkorps, die ontwikkeling van jong akademici en vakkundige publikasies. Aan die einde van 2000 was die departementshoofde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

in die fakulteit soos volg: **prof W J Fraser** (Onderwys- en Opleidingskunde), **prof G V Ferreira** (Ortopedagogiek), **prof J W M Pretorius** (Opvoedkundige Studies), en **prof L J Jacobs** (Opvoedkundige Voorligting en Berading). **Me L le Roux** was gedurende die oorsigtydperk die hoof van die fakulteitsadministrasie.

Prof J W M Pretorius
WAARNEMENDE DEKAAN 1999-2000

Prof J D Jansen
DEKAAN

Onderwys- en Opleidingskunde

Prof W J Louw het op 31 Julie 1996 het as departementshoof afgetree en is deur **prof P M Kachelhoffer** opgevolg. By die bedanking van laasgenoemde in 1997, het **prof N J S Basson** vir etlike maande as hoof opgetree. **Prof W L Oosthuizen** het in 1993 afgetree, en **prof Basson** in 1998.


Prof W J Louw

Prof W J Fraser is op 1 September 1997 as hoof van die Departement Didaktiek aangestel.

Die postestruktuur het min tussen 1993 en 2000 verander. In 1993 was daar drie professore, een medeprofessor, ses senior lektore en drie lektore. Die departement word tans deur twee professore, drie medeprofessore, ses senior lektore en twee lektore bedien. Op 1 Januarie 2000 het **dr S Vandeyar** diens aanvaar en in dieselfde jaar is die departement se kapasiteit versterk deur die aanstelling van **mnr R C A Raseale.** Na die sluiting van die destydse Ondersteuningsdienste, is **prof S P T Malan** in 1998 na die departement oorgeplaas.

Die wye verskeidenheid vakdidaktieke wat vir onderwysstudente aangebied moet word, noodsaak die aanstelling van tydelik-deeltydse dosente. Tot 15 dosente word jaarliks op hierdie wyse aangestel. Voortspruitend uit die samewerkingsooreenkoms met die Onderwyskollege Pretoria (OKP), was die Rektor van OKP, **prof M J van Staden**, die afgelope agt jaar as buitengewone professor in die departement werksaam. Met ingang van 1 Julie 1995 het dieselfde eer **prof D R Bagwandeen** te beurt geval, en op 1 Januarie 2000 is **prof L R Killen** van die universiteit van Newcastle in Australië as buitengewone professor aangestel.

Prof P M Kachelhoffer

Die administrasie is vergemaklik met die aanstelling van **me Y Munro** as sekretaresse in 1996 en die permanente aanstelling van **mee L Mahlaole** en **M Smit** in 1999.

Gedurende die tydperk 1994-2000 het veral drie faktore 'n aansienlike invloed op studente-inskrywings in die destydse Departement Didaktiek (tans Onderwys- en Opleidingskunde) gehad.

Die eerste faktor was die nuwe eise en dimensies wat tegnologie en die inligtingsera op onderwys en leer tot gevolg gehad het, en die tweede die paradigmatiese klemverskuiwing wat met hierdie eise gepaard gegaan het. Gedurende die jare 1993-1997 het veral die BEd met spesialisering in Vakdidaktiek die meeste studente getrek. Tot 26 studente het per jaar vir hierdie spesialiseringsrigting ingeskryf. Tussen 1998 en 2000 het die gewildheid van die graad BEd(Rekenaargesteunde Onderwys) stelselmatig toegeneem, in so 'n mate dat dit vandag die toonaangewende honneursprogram in die departement is. Onder leiding van **prof J G Knoetze** bly die inskrywings vir BEd(Rekenaargesteunde Onderwys) konstant (22 in 1999 en 2000). In 1998 is 'n ooreenkoms met Futurekids aangegaan om die Verdere Diploma in Onderwys (Rekenaargesteunde Onderwys) te bestuur. Hierdie vennootskap het bygedra tot 'n stelselmatige toename in studentegetalle vir hierdie diploma – van ses in 1995 tot 187 in 2000. Hierdie ooreenkoms word tans hersien om die goedgekeurde Gevorderde Sertifikaat in Onderwys (Rekenaargeïntegreerde Onderwys) te ondervang. Die getal inskrywings vir die MEd(Rekenaargesteunde Onderwys) groei ook – van 25 in 1993 tot 54 in 2000. Tussen 1995 en 1999 het meer as 45 studente per jaar vir die MEd(Rekenaargesteunde Onderwys)-program ingeskryf.

Dr C A Hodgkinson het die diens op 30 Julie 1998 verlaat. In Januarie 1999 is **prof J C Cronjé** wat ook met die bestuur van die MEd(Rekenaargesteunde Onderwys) gemoeid was, 'n aanstelling in die Departement Inligtingkunde aangebied. In 1999 is **dr S G Blignaut**, en in 2000 **mnr R C A Raseale**, in die departement aangestel om met die MEd(Rekenaargesteunde Onderwys)- en BEd(Rekenaargesteunde Onderwys)-program behulpsaam te wees. Beide **prof Knoetze** en **dr Blignaut** het die impak van die elektroniese mark op leerprogramontwerp in 1999 ondervang en die MEd(Rekenaargesteunde Onderwys), BEd(Rekenaargesteunde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Onderwys) en VDO(Rekenaargesteunde Onderwys) gewysig na programme met 'n meer toepaslike rekenaargeïntegreerde fokus. Gevolglik het die departement in 1998 onderneem om 'n rekenaargeïntegreerde benadering tot alle onderwysersopleidingsprogramme na te streef. Die gebruik van rekenaartegnologie in onderwys en opleiding is deur **prof Knoetze** en **dr Blignaut** hierna as 'n belangrike navorsingsveld geïdentifiseer. Met die toenemende belangstelling in telematiese leer en webgebaseerde programontwikkeling, het **dr P H du Toit** en **prof J A Slabbert** in 1999 die DHOOP en MEd(MPOO) vir die telematiese mark ontwikkel.



Prof N J S Basson

Die oorgang van 'n dosentgedrewe transmissiemodel na 'n studentgerigte transformasiemodel dra daartoe by dat onderwys- en opleidingskunde veel breër aanspreek word. Aan die einde van 1999 is die naam van die Departement Didaktiek verander na die Departement Onderwys- en Opleidingskunde, met die uitsluitlike doel om hierdie veranderinge te akkommodeer en die departement se bydrae op die gebied van tersiêre en hoër onderwys aan te vul. Hierdie globale verskuiwing het studente-inskrywings in bepaalde vakrigtings beïnvloed. In 1994 het 25 studente vir die BEd(Vakdidaktiek) geregistreer, maar die getal het tot 18 in 1995, nege in 1996 en net vier in 1997 afgeneem. Gevolglik het hierdie spesialisveld in 1999 tot 'n einde gekom. Dieselfde tendense was in die meestersprogramme merkbaar. Waar tot 17 studente per jaar (1994) vir 'n meestersgraad in Vakdidaktiek ingeskryf het, was daar 'n afname tot sewe en twee in onderskeidelik 1999 en 2000. Om te vergoed vir 'n moontlike toekomstige verlies aan studente-inskrywings, het die departement begin om gedoseerde meestersprogramme te ontwikkel en vir registrasie voor te lê. 'n Meestersgraad in die ontwikkeling van onderwys- en opleidingspotensiaal (maksimering van potensiaal), lewer in 2000 reeds 14 inskrywings op. Twee studente het vir die interfakultêre meestersgraad in Omgewingsopvoeding ingeskryf, 'n kwalifikasie wat in samewerking met die Sentrum vir Omgewingstudies aan die Universiteit ontwikkel is.



Prof W J Fraser

Die implementering van Kurrikulum 2005 en die vestiging van tegnologie-onderwys as fokus- en leergebied, het bygedra tot die omskepping van die BEd(Technika) tot die BEd(Tegnologie-onderwys) in 1999. **Me A van Loggerenberg** het die eerste tegnologie-onderwyskurrikulum vir die nagraadse BEd ontwikkel en in 2000 was 11 studente reeds vir hierdie program ingeskryf. Die inligtingsera het ook op die tradisionele tikmodules 'n invloed gehad en rekenaartik is vir die eerste keer in 1999 deur **mnr I G Kempen** as 'n keuse vir die vierjarige onderwysdiplomas aangebied.

'n Derde faktor wat studente-inskrywings op sowel voor- as nagraadse vlak in die departement beïnvloed het, was die rasionalisering van onderwysposte in Suid-Afrika oor die algemeen en die inlywing van onderwyskolleges by opvoedkundefakulteite aan universiteite in die besonder. Interne en eksterne faktore noodsaak die sluiting van die Tukkieland-kleuterskool in 1999. Die verlies van studente in die gewilde BPrimEd- en die BA(Ed)-program aan die voorgenome Skool vir Onderwysersopleiding het ingrypend op studente-inskrywings vir vakverwante modules in die fakulteit en spesifiek die departement ingewerk.

Na meer as twee dekades se verbondenheid aan die Pretoriase Kinderkoor, het **prof M J Kühn** en **me E Kühn** hul verbintenis as dirigent en begeleier van die koor in Februarie 2000 beëindig.

Die registrasie van nuwe en bestaande programme by die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid in 1999 het positiewe gevolge vir die departement gehad. Nuwe programme is op voor- en nagraadse vlak ontwikkel en goedgekeur. Dit sluit in die honneursprogramme in Kurrikulum- en Onderrigontwerp en -ontwikkeling, Assessering en Kwaliteitsversekering, Tegnologie-onderwys en Rekenaargeïntegreerde Onderwys. Gepaardgaande met hierdie programvernuwing, het die departement 'n aantal spesialiseringsvelde afgebaken, naamlik Kurrikulum- en Leerprogramontwerp en -ontwikkeling (**me Van Loggerenberg**); Leerfasilitering en die Maksimering van Potensiaal in Onderwys en Opleiding (**prof Slabbert**, **drr Du Toit** en **D M de Kock**); Rekenaargeïntegreerde Onderwys (**prof Knoetze**, **dr Blignaut** en **mnr Raseale**); Assessering en Kwaliteitsversekering (**prof Fraser** en **dr Vandeyar**); Leerarea- en Spesialisveldfasilitering, met inbegrip van Tegnologie-onderwys en Omgewingsopvoeding (**me Van Loggerenberg**, **prof Slabbert** en **dr Spengler**), en Hoër Onderwys en Opleiding (**prof Malan** en **dr Du Toit**). Met hierdie fokusgebiede in gedagte, is nuwe BEd(Hons)- en MEd-programme in 1999 ontwikkel en in 2000 vir goedkeuring en registrasie voorgelê. Die departement koördineer dus tans nagenoeg 30 nuwe programme, en personeel in of verbonde aan die departement bied ongeveer 150 modules aan.

Dr Du Toit het die tradisionele Diploma in Tersiêre Onderrig in 1999 na die Diploma in Hoër Onderwys en Opleidingspraktyk verander, en 20 studente het in 2000 vir hierdie diploma ingeskryf. Om by die veranderende onderwysersopleidingsmark aan te pas, het **drr De Kock** en **S S le Roux** in 1999 vier Nagraadse Sertifikate in Onderwys (die Grondslagfase, Intermediêre Fase, Senior Fase en Verdere Onderwys- en Opleidingsfase) ontwikkel. Hierdie programme is in 2000 goedgekeur en sal vanaf 2002 aangebied word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Internasionale samewerkingsooreenkomste en uitruilprogramme is in 1996 met die Oklahoma University en die Iowa State University in die Verenigde State ondersoek. In 1996 het die uitruiling van onderwysstudente tussen hierdie instansies en die Universiteit momentum gekry toe die Foundation for Research Development 'n navorsingsprojek aan **dr De Kock** toegeken het om die opleiding van onderwysers deur middel van interaktiewe televisie te ondersoek. Die inisiatiewe van **dr De Kock** het tot 'n bewilliging vir skakeling tussen Iowa State University and Oklahome University bygedra. Dié navorsingstoekenning het die projek tussen 1996 en 1999 gestuur en aanleiding gegee tot studente-uitruiling en internasionale samewerking met **prof M O'Hair** wat later 'n rol in die ontwikkeling van 'n internasionale meestersprogram tussen die Oklahoma University en die Universiteit van Pretoria sou speel. Hierdie internasionale betrokkenheid wat departementeel verder in 1998 uitgebou is met die University of Newcastle in Australië, die Katolieke Universiteit van Leuven in België, en die University of Maryland in die VSA (1999), het 'n nuwe era ingelui wat op die uitruil van onderwysstudente volgens die studente-uitruilprogram tussen UP en die universiteite van Oklahoma en Iowa onderskeidelik in 1997, 1998, 1999 en 2000 uitgeloop het. **Dr Du Toit** het die internasionale onderwyspraktykuitruiling van stapel gestuur en studente in 1997 en 1998 na Iowa en Oklahoma vergesel. Voortspruitend hieruit ontwikkel **prof Slabbert** in 2000 'n internasionale meestersprogram (MPhil in Education for Community Development) in samewerking met **prof O'Hair** (Oklahoma University). Hierdie program sal met ingang 2001 vir die eerste keer aangebied word.

Verskeie navorsingsprojekte is onderneem. **Prof Slabbert** ondersoek sedert 1998 die moontlike vestiging van 'n Internasionale Sentrum vir die Maksimering van Menslike Potensiaal. In 1997 het **me Van Loggerenberg** saam met 'n span nasionale navorsers die implementering van tegnologie as nuwe leergebied in Suid-Afrikaanse skole evalueer en in 1998 is hierdie bevindinge in 'n verslag vervat.

Prof Slabbert, **dr De Kock** en **me Van Loggerenberg** was tussen 1997 en 1998 betrokke by die opleiding van onderwysers in die Siyabuswa-omgewing. **Dr De Kock** het fondse van die Nasionale Raad vir Kunste ontvang om navorsing oor die opleiding van onderwysers op die gebied van kuns en kultuur te doen. Die personeel se betrokkenheid by die opleiding van onderwysers in Siyabuswa het daartoe bygedra dat die departement in 1999 deur die Departement Telematiese Onderwys met 'n sertifikaat vir onderwysinnovasie vereer is.

Samewerking met die Vlaamse regering onder leiding van **prof Peter Rosseel** van die Katolieke Universiteit in Leuven het gelei tot die befondsing van 'n opleidingsprogram vir onderwysers in uitkomsgerigte assessering (UGA), en die eerste 55 onderwysers in Gauteng is in Augustus en September 2000 in UGA opgelei.

Prof W J Fraser
DEPARTEMENTSHOOF

Onderwysbestuur en Interuniversitêre Sentrum vir Onderwysreg en Onderwysbeleid (SORB)

Die departement was voorheen bekend as die Departement Onderwysbestuur, Historiese en Vergelykende Pedagogiek. Tydens herorganisasies van die fakulteit is die naam aanvanklik gewysig na Onderwysbestuur en Fundamentele Pedagogiek en later na die huidige Onderwysbestuur. **Prof L P Calitz** het aan die hoof gestaan en is op 1 Mei 1999 deur **prof J L Beckmann** opgevolg.

Die departement het tans drie professore (**proff Beckmann, S J Berkhout** en **Calitz**), een medeprofessor (**prof A J van der Bank**), twee senior lektore (**drr J Heystek** en **J J Conradie**), en drie lektore (**dr S Maile**, **me B Smit** en **mnr W J van Vollenhoven**). Hierdie personeel word bygestaan deur **me M M Barnard** (sekretaresse), **me S Smith** (tikster) en **me A Nel** (administratiewe assistent). Die departement se programme (insluitende telematiese onderwysprogramme) noodsaak die gebruik van etlike tutors, navorsingsassistente en geakkrediteerde dosente wat behulpsaam is met kontaklesings en die nasien van take en die eksamenantwoordstelle van telematiese onderwysstudente.

Prof Calitz en **dr Conradie** het die Universiteit aan die einde van 2000 verlaat. Gedurende die verslagtydperk het ook **dr W Clark** die departement verlaat om by die Universiteit van Waikato in Nieu-Seeland aan te sluit. **Proff L van Rooyen** en **T Möller** het diens in ander departemente van die fakulteit aanvaar.

Die dosente speel leidende rolle onder vakgenote binne en buite die fakulteit en die Universiteit. 'n Hele paar dien op die besture van nasionale vakverenigings op die gebiede van Onderwysbestuur, Vergelykende en Historiese

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof L P Calitz



Prof J L Beckmann

Opvoedkunde, Opvoedkunde en Onderwysreg en Onderwysbeleid. Die departement se dosente tree gereeld as gasdosente op by Suid-Afrikaanse en buitelandse hoëronderwysinstellings en is ook in aanvraag as sprekers by verskillende forums.

Die dosente se betrokkenheid by navorsing het op verskeie artikels en boekbydraes uitgeloop, en hulle het verskeie toekennings vir navorsing en vir hulle betrokkenheid by navorsingsprojekte op streeks-, nasionale en internasionale vlak verwerf. Hulle is ook betrokke by die redaksies van etlike wetenskaplike tydskrifte en word gereeld uitgenooi om as eweknie-evalueerders van onder meer artikels, navorsingsvoorstelle en proefskrifte op te tree.

'n Ontleding van werks- en belangstellingsvelde in die departement bring die volgende fokusgebiede vir onderwys-, navorsings- en gemeenskapsdiensaktiwiteite en -programme na vore: onderwysbestuur, onderwysbeleid, professionele organisasies, telematiese onderwys, onderwysreg, organisasiebestuur en die ekologie van organisasies, menslike hulpbronbestuur in die onderwys, onderwysleierskap, internasionale vergelykende studies, gelykheids- en geslagsaangeleenthede, menseregte, multikulturele onderwys, die transformasie van onderwysstelsels, die verband tussen beroeps- en onderwyskwalifikasiestrukture, kwaliteitsindikatore en kwaliteitsversekering, assessering, konflikbestuur en onderhandelingsvaardighede, skoolbestuur en -beheer, leerders as leiers, onderwysfinansiering, finansiële skoolbestuur, personeelontwikkeling, akkreditering van skole, ontwikkeling van skole en ander leerorganisasies, en die bevordering van 'n kultuur van onderrig en leer.

Wat onderwysprogramme op die kampus betref, is die departement veral by nagraadse programme in Onderwysbestuur en Vergelykende Opvoedkunde betrokke (BEd-, MEd- en PhD-vlak). Personeellede het ook bydraes tot voorgraadse programme soos die Hoër Onderwysdiploma gelewer.

Die departement se betrokkenheid by verdere opleiding in die vorm van Verdere Diplomas in Onderwys (Onderwysbestuur) (VDO) het beduidend uitgebrei. Die VDO word in bloksessies tydens skoolvakansies by die Hammanskraalkampus aangebied. Vanweë die gewildheid van die kursus is besluit om ook die nagraadse BEd-graad met endossement Onderwysbestuur vanaf 2001 op 'n bloklesingbasis tydens skoolvakansies aan te bied.

Die meeste veranderinge het egter ten aansien van telematiese onderwysprogramme plaasgevind. Die VDO is sedert 1995 in samewerking met Nasionale Private Kolleges op 'n telematiese basis (hoofsaaklik papiergebaseerd) aangebied. Hierdie kursus is so geslaagd dat die departement 'n toekenning van die Departement Telematiese Leer en Onderwysinnovasie daarvoor ontvang het. Meer as 20 000 studente is tans vir die kursus ingeskryf, en meer as 10 000 studente het reeds hierdie kwalifikasie verwerf.

Vanaf 2000 is BEd (Onderwysbestuur) ook op hierdie basis aangebied en daar is aanduidings dat die inskrywings gou die 1 000-kerf sal bereik. Daar word beoog om volgens hierdie model in vennootskap met Nasionale Private Kolleges of ander diensverskaffers die volgende kwalifikasies in die nabye toekoms aan te bied: 'n Universiteitsdiploma in Menslike Hulpbronbestuur (Onderwys en Opleiding) (op aanvraag van die grootste onderwysersvakbond in Suid-Afrika), 'n MEd (Onderwysbestuur), verskeie korter sertifikaatkursusse in onderwysreg, en 'n kursus in Onderwysbeleidsontwikkeling wat op senior administrateurs in die onderwysstelsel gerig is. Meer as 400 studente het reeds BEd-grade, meer as 90 studente het meestersgrade, en meer as 50 studente het hulle doktorsgrade voltooi.

Die Interuniversitêre Sentrum vir Onderwysreg en Onderwysbeleid (SORB) is in Februarie 1997 gestig met die Universiteit en die Universiteit van Suid-Afrika as stigterslede, en met die doel om kennis van onderwysreg- en onderwysbeleidsaangeleenthede te ontwikkel en te versprei en sodoende tot onderwystransformasie en -demokratisering by te dra. Die universiteite van Oklahoma, Potchefstroom, die Oranje-Vrystaat, Noordwes en die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) het ook lede van die sentrum geword, en daar word verwag dat nog instellings binnekort sal aansluit.

Die sentrum is interuniversitêr van aard, maar is administratief, bestuursmatig en vir finansiële administrasie aan die departement gekoppel. Die verantwoordelikheid vir die welsyn en ontwikkeling van die sentrum lê by 'n tussentydse raad wat uit verteenwoordigers van verskeie universiteite bestaan. Die huidige departementshoof van Onderwysbestuur tree as direkteur van SORB op en hy word deur **prof W Bray** (Unisa) en **dr Heystek** as adjunkdirekteure bygestaan. Die huidige sekretaresse is **me M Hechter**.

Hoogtepunte in die kort bestaan van die sentrum sluit in: erkenning deur die Minister van Onderwys as 'n sleutelrolspeler in die onderwys, die voorbereiding van etlike kontrakpublikasies vir die regering, medewerking

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

aan internasionale navorsings- en ander projekte, affiliasie by Unesco, die publikasie van 'n reeks monografieë oor onderwysreg- en onderwysbeleidsaangeleenthede, wat besonder goed in die mark ontvang is en 'n beduidende bydrae tot opleiding op hierdie terreine lewer, en hartlike samewerking wat tussen die Fakulteite Regsgeleerdheid en Opvoedkunde by verskeie universiteite ontwikkel het. Dit het onder meer daartoe gelei dat 'n Onderwysregmodule in LLB-grade by drie universiteite aangebied word. Onderwysreg word ook in 'n gevorderde sertifikaat in Kinderreg aan die Universiteit ingesluit.

Prof J L Beckmann
DEPARTEMENTSHOOF

Opvoedkundige Studies (Psigo- en Sosiopedagogiek)

In die tydperk 1993-2000 is vier vakke aangebied, te wete Filosofie van die Opvoeding, Historiese Opvoedkunde, Psigopedagogiek en Sosiopedagogiek. Dan word ook die Verdere Diploma in Onderwys: Gesins- en Geslagsopvoeding aangebied.

In die Psigopedagogiek is studie, navorsing, opleiding en publikasie met betrekking tot die psigiese lewe van die kind in opvoeding voortgesit. Die bestaande wetenskapstruktuur van die vak is uitgebou. In dié verband het die fokus op nuwe temas geval: leerkultuur, lewenslange leer, leermodelle vir die 21ste eeu, breingebaseerde leer, meervoudige intelligensie en emosionele intelligensie. Die teoretiese vernuwing in die vakgebied het in die onderwys- en opvoedingspraktyk neerslag gevind. Voorgraadse studente het by gemeenskapsprojekte betrokke geraak. By die aanbieding van die Psigopedagogiek as vak is 'n uitkomsgebaseerde benadering ontwikkel en geïmplementeer.


Prof J W M Pretorius

Die studie- en navorsingsterrein in Sosiopedagogiek is tweeledig beskou: die sosiale lewe van die kind in die opvoedingsituasie, en 'n studie van die verband tussen opvoeding en samelewing. Die vakgebied is verruim en nuwe studie- en navorsingstemas is ingesluit, soos gesinsopvoeding, multikulturele onderwys, die armoedekultuur en die milieu-benadeelde kind, satanisme en die ontwikkeling van die kind. Sosiopedagogiek het 'n dinamiese karakter vertoon en talle nuwe, eietydse spesialiseringstemas en -terreine is ontwikkel. In die nuwe Suid-Afrikaanse bestel het temas wat die aktualiteit van agtergeblewe gemeenskappe aanspreek prominent na vore getree, ofskoon temas soos armoede en milieu-benadeelde kinders reeds sedert die tagtigerjare deel van die leerplanne was. Talle nuwe handboeke wat nasionaal aan tersiêre instansies gebruik word, het die lig gesien, en die leerplanne word deur onderwyskolleges en ander universiteite gebruik. Alles dui daarop dat die Universiteit gedurende die afgelope sewe jaar in die tersiêre sektor toonaangewend op die terrein van die Sosiopedagogiek was.

'n Diploma in Onderwys: Gesins- en Geslagsopvoeding is deur hierdie departement in 1993 ingestel. Die doel was om onderwysers verder op te lei om die skooljeug te begelei om hulle eie seksualiteit beter te verstaan en om verantwoordelike keuses te kan maak, veral met die oog op die voorkoming van MIV/vigs. 'n Behoefte is by kinders geïdentifiseer om op skoolvlak voorberei te word om as volwaardige en verantwoordelike volwassenes en ouers in 'n huweliks- en gesinslewe te funksioneer. Die diploma is ook op die Hammanskraalkampus aangebied. Honderde studente oor die hele land het sedertdien hierdie diploma verwerf, en sewe kandidate het 'n MEd in seksualiteitsopvoeding verwerf.

Filosofie van die Opvoeding, voorheen bekend as Fundamentele Pedagogiek, het nie net 'n naamsverandering in 1995 beleef nie; daar het ook 'n paradigmaskuif plaasgevind. Die rasioneel georiënteerde wetenskapsiening met betrekking tot die metafisiese, kenteoretiese en aksiologiese, is deur 'n metateoretiese benadering vervang. Hierdie inklusiewe, kritiese en buigsame model wil nie soos die postmodernisme alle vorms van rasionaliteit in wetenskapsbeoefening afwys nie, maar wil studente aan verskeie metateoretiese benaderings in die wetenskapsbeoefening blootstel. Die meriete van so 'n benadering is daarin geleë dat erkenning aan alternatiewe wyses van wetenskapsbeoefening gegee word en dat die wetenskap nie van ander lewensterreine losgemaak kan word nie. 'n Metateoretiese benadering in die Filosofie van die Opvoeding streef die volgende doelwitte na: navorsing en kritiese denke oor metateorieë en hulle invloed op die teorie en praktyk, om studente en onderwysers met voldoende kennis toe te rus om die opvoedkundeteorie en -praktyk krities te kan evalueer, om studente en onderwysers te help om 'n konseptuele raamwerk vir kreatiewe en onafhanklike denke op te bou, en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

om studente en onderwysers te help om verbande raak te sien tussen die onderwys en die konteks waarin kennis en begrip ontstaan en gedeel word.

Die vak Historiese Opvoedkunde is op voor- sowel as nagraadse vlak aangebied. 'n Tematiese benadering is gevolg. Die kurrikula het op temas gefokus wat veral aan die eis van grondrelevansie voldoen om onderwysers beter toe te rus vir die multikulturele en diverse praktyk waarin hulle moet funksioneer. Die histories-opvoedkundige navorsing wat onderneem is, het die hede as vertrekpunt geneem om die opvoedingsverlede te bestudeer. Op hierdie wyse kon 'n bydrae gelewer word ten opsigte van hedendaagse opvoedkundige vraagstukke soos voortgesette onderwysprogramme vir swanger tienerdogters, opvoeding van die Suid-Afrikaanse kind tot vrede en deemoed in die postapartheidsera, bydraes van enkele morele filosowe tot die norme- en waardevraagstukke in Suid-Afrika asook vraagstukke soos ongeletterdheid, multikulturele onderwys en straatkinders. Dit is dus duidelik dat histories-opvoedkundige navorsing nie bloot onderneem word ter wille van 'n bestudering van die geskiedenis van die opvoeding of die insameling van 'n groot hoeveelheid gegewens oor opvoeding in die verlede nie. Histories-opvoedkundige navorsing berus op 'n logiese, objektiewe en wetenskaplike soeke na antwoorde op die eietydse opvoedingsproblematiek. Die navorsing het onder meer aandag geskenk aan 'n soeke na en die bestudering van grondteorieë om as geskikte raamwerk vir 'n studie van die opvoedingsverskynsel in die verlede te dien. Die kultuurstrategiemodel van die Nederlandse filosoof, **C A van Peursen**, is by hierdie studie ingesluit. Na uitgebreide korrespondensie met hierdie geleerde is 'n navorsingsbesoek aan **Van Peursen** gebring en waardevolle, outentieke primêre bronne – selfs in sy handskrif – is verkry. Na sy dood is noodsaaklike akademiese skakeling met van sy vroeëre studente, tans hoogleraars aan die Universiteit van Amsterdam en die Universiteit van Twente in Nederland, voortgesit.

Die voor- en nagraadse studentegetalle het vanweë rasionalisering in die onderwys 'n geleidelike afname getoon. Die personeel het toenemend by telematiese onderwys betrokke geraak, en 'n groeiende getal afstandsonderrigstudente moes geakkommodeer word. Daar was veral 'n toename ten opsigte van die volgende telematiese onderwysprogramme: Opvoedkunde I, II en III; Filosofie van die Opvoeding, Historiese Opvoedkunde, Psigopedagogiek en Sosiopedagogiek as vakke vir BEd(Onderwysbestuur).

Die personeel en studente het verskeie navorsingsprojekte onderneem: filosofiese paradigmas in opvoedkundige navorsing, geslagsopvoeding as deel van die breë opvoeding van die kind, 'n histories-opvoedkundige studie van gesinsopvoeding in skole, gemeenskapsonderwys vir gemeenskapsontwikkeling, straatkinders (die internasionale situasie en sosio-opvoedkundige implikasies), lewensvaardigheidsopvoeding, en multikulturele onderwys. 'n Omvattende navorsingsprojek oor die invloed van ouerlike opvoedingsgedragspatrone op die psigiese en sosiale lewe van die opvoedeling nader voltooiing, en die laaste drie studies in die projek word tans onderneem. Daar het reeds ses navorsingsverslae (magister- en doktorale studies), drie boekhoofstuk-publikasies en vier tydskrifartikels uit hierdie projek voortgevloei.

Dr C J G Bender is lid van die multidissiplinêre span wat die Akademie vir Gemeenskapsontwikkeling in Suid-Afrika bestuur en ook kursusse in samewerking met personeel van die uitreikprogram van die Community Development Academy aan die Universiteit van Missouri in die VSA aanbied. Hierdie samewerkingsooreenkoms sluit die uitruiling van personeel van Medunsa, die Universiteit van Pretoria (Fakulteite Opvoedkunde, Veeartsenykunde, Geesteswetenskappe) en die Universiteit van Missouri in.

Die volgende personeellede het toekennings vir hulle akademiese prestasies ontvang: **prof J W M Pretorius**, Opvoedkundevereniging van Suid-Afrika, 'n erepenning as erkenning vir sy bydrae tot die opvoedkunde in 2000, en **prof J le Roux**, 'n Commonwealth Fellowship-toekenning in 2000 om vir 'n jaar navorsing oor multikulturele onderwys aan die University of London te doen. Laasgenoemde het ook die Opvoedkundevereniging van Suid-Afrika se navorsingsmedalje vir uitsonderlike navorsingsprestasies in 1999 ontvang.

Prof Pretorius het van 1993-2000 as departementshoof gedien. Ander senior personeellede is **proff L van Rooyen, Le Roux** en **T Möller**, twee senior lektore, 'n sekretaresse en 'n onderwysassistent.

Prof J W M Pretorius
DEPARTEMENTSHOOF

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Opvoedkundige Voorligting en Berading Sentrum vir Gemeenskapsonderwys Sentrum vir Kinder- en Volwasseneleiding

Vir die tydperk 1993 tot Oktober 1997 het die departement onder die naam Skoolvoorligting voortbestaan. Gedurende hierdie jare was die Kinderleidingkliniek nog deel van die Departement Ortopedagogiek, en is die Sentrum vir Gemeenskapsonderwys ook binne die Fakulteit Opvoedkunde as geheel bedryf.

Beroepsoriënteringspedagogiek was deel van die Departement Skoolvoorligting. Die BEd(Psig)- en MEd(Psig)-studente het van 1993-1997 hul praktiese opleiding ontvang by die Loopbaanontwikkelingsentrum, wat ook aan die Departement: Skoolvoorligting gekoppel was. Op interdissiplinêre vlak is op die opleidings- en navorsingsterrein veral met die Departement van Mannekrag, die Onderwyskollege Pretoria (OKP), Vista Universiteit en die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing saamgewerk. Internasionale netwerke is uitgebou met die doel om navorsingsgenote en eksterne eksaminatore by die departement se navorsing en leerplanontwerp te betrek.



Prof C D Jacobs

Personeellede het gereeld by nasionale en internasionale vakkongresse as sprekers en voorsitters in die besondere vakdissipline opgetree. Die navorsingsuitsette van die groot getal kandidate wat aan hulle magister- en doktorale studies gewerk het, was besonder hoog. Navorsingsverslae is voltooi, handboeke en 'n groot aantal tydskrifartikels is in geakkrediteerde vaktydskrifte gepubliseer. **Prof C D Jacobs** het in 1996 'n toekenning van USAID ontvang om die Junior Achievers Entrepreneurship-program in Suid-Afrika te evalueer.

Die departement het verskeie finansiële toekennings van die Ithuba Trust, Tuks Jool en die Stan Smith en May Foundation vir projekte in agtergeblewe gemeenskappe ontvang, onder meer die SEIDET-projek, die Eersterus-onderwysverrykingsprogram, die Oase-projek (in samewerking met die Universiteit van die Noorde en die Technikon Noord-Transvaal), en die Onverwacht-projek. TACPRO (Tuks Advancement Community Project), 'n studentevereniging, het waardevolle insette in verskeie van hierdie projekte gelewer.



Prof L J Jacobs

Die Departement Skoolvoorligting was die eerste akademiese departement in die fakulteit wat ekstern met betrekking tot kwaliteitdiens geëvalueer is, en het die evaluasie besonder suksesvol deurstaan.

Sedert 1992 het die Loopbaanontwikkelingsentrum fondse bekom deur middel van dienslewering aan ouers, leerlinge en die breë gemeenskap. Die BEd(Psig)- en MEd(Psig)-studente het jaarliks hulle praktiese opleiding in Beroepsoriënteringspedagogiek by die Loopbaanontwikkelingsentrum ontvang. Die sentrum het dus as 'n laboratorium vir praktiese opleiding gedien.

Prof C D Jacobs, die departementshoof van 1986 tot Julie 1997, het die Universiteit verlaat. Met die aanstelling van **prof L J Jacobs** as nuwe departementshoof op 1 November 1997, was daar 'n algehele struktuurverandering. Die Kinderleidingkliniek, die Loopbaanontwikkelingsentrum en die Sentrum vir Gemeenskapsonderwys is saam met die Departement Skoolvoorligting onder **prof Jacobs** se bestuur geplaas. Die Kinderleidingkliniek en die Loopbaanontwikkelingsentrum het saamgesmelt, en in 1998 is die name van hierdie sentrums onderskeidelik na die Sentrum vir Kinder- en Volwasseneleiding en die Sentrum vir Gemeenskapsonderrig en -opleiding verander. Van 1998 tot 2000 het 13 studente hulle internskappe suksesvol voltooi. Dienslewering by die nuwe sentrum is uitgebrei om die volgende velde te dek: beroeps-, skool- en vakkeuses; leerprobleme; ortopedagogiese probleme; gesinsprobleme; huweliksprobleme; verhoudingsprobleme met maats, die skool en onderwysers; en individuele probleme. Gedurende 2000 is by die Beroepsraad vir Sielkunde aansoek gedoen om die sentrum ook te akkrediteer vir die opleiding van voorligtingsielkunde-interns. Daar word beoog om in 2001 vier voorligtingsielkunde-interns by dié sentrum op te lei. Die vooruitsigte is daar om die sentrum interdepartementeel en interfakultêr te laat funksioneer.

Gedurende 1998 is die Departement Skoolvoorligting se naam na die Departement Opvoedkundige Voorligting en Berading verander. Al die vakke se name is dienooreenkomstig verander: van Beroepsoriënteringspedagogiek na Opvoedkundige Voorligting en Berading. Die personeellede van die departement is **prof J G Maree**, **drr F Malan** (senior lektor) en **L Ebersöhn** (lektor). **Dr Malan** het egter in 2000 weens gesondheidsredes die diens verlaat.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die voorgraadse studentegetalle asook die magister- en doktorale studentegetalle het geleidelik toegeneem. Tans is ongeveer 60% van die studente swart en ongeveer 40% is wit.

'n Omvattende kontrak ten bedrae van R50 000 is in 2000 aan **prof Maree** toegeken vir die navorsingsprojek, Optimising orientation towards the study of mathematics of learners in the Northern Province. Die departement is betrokke by die Supatsela-gemeenskapsprogram waar lewensvaardighede aan die agtergeblewe gemeenskap geleer word. Die program skakel by die Sentrum vir Gemeenskapsonderrig en -opleiding in. Hierdie gemeenskapsdiens word in die praktiese komponent van die Opvoedkundige Voorligtings- en Beradingskursus vir BEd ingelyf. Die instelling van swart internskappe vir opvoedkundig-sielkundige studente asook die aanstelling van swart tutors het tot die transformasieproses bygedra.

Prof L J Jacobs
DEPARTEMENTSHOOF

Ortopedagogiek

Die departement kan terugkyk op 'n akademies vrugbare en opwindende tydperk. Verskeie hoogtepunte is bereik waarvan die belangrikstes uitgelig word.

Die eerste departementshoof, **prof P A van Niekerk**, het na 17 jaar afgetree en 'n stewige akademiese fondament aan sy opvolger, **prof G V Ferreira**, nagelaat. **Prof Ferreira** het op 1 Januarie 1994 diens aanvaar.

Die Eersterust-projek is in 1989 van stapel gestuur. Die hoofoogmerk was om bystand in vakke soos Afrikaans, Engels, Wiskunde, Rekeningkunde, Ekonomie, Bedryfsekonomie en Aardrykskunde aan onderwysers en leerders by skole in die Eersterustgebied te verleen. Die projek het in 1996 ten einde geloop. Etlike honderde leerders en heelwat onderwysers het by hierdie projek gebaat. Benewens waardetoevoeging tot die ontwikkeling van die gemeenskap in die algemeen, het die projek ook daartoe bygedra om goeie studente aan die Universiteit te lewer.


Prof P A van Niekerk

'n Tweede belangrike projek was die kognitiewe ontwikkelingsprogram vir Tswanasprekende skoolkinders op die junior primêre vlak. Die projek is in 1995 voltooi. Hierdie projek, wat onder die leiding van **dr P Engelbrecht** gestaan het, is moontlik gemaak deur 'n skenking van ongeveer R71 000 van Pretoria Portland Cement, en het bygedra tot die kognitiewe ontwikkeling van leerders en die bemagtiging van hulle onderwysers. Leerders sal in die toekoms ongetwyfeld by die onderwysers se nuwe leerfasiliteringsvaardighede baat.

'n Groter projek wat vermelding verdien, is die Masingita-projek wat in 1997 onder leiding van **prof A C Bouwer** van stapel gestuur is. Die eerste fase van hierdie projek word tans afgerond. 'n Bedrag van R89 000 is van die RGN (SWO) bekom om op grond van hierdie navorsing "'n leerondersteunende skool en tuismilieu" vir die skool te help skep. Die soeklig het onder meer op beleidskwessies en die implementering daarvan vir die skool, op die skoolbestuur, samewerking tussen skool en gesin, die geletterdheidskultuur by die huis, die leer- en onderwyskultuur in die skool en die selfbeeld van die leerder geval.

Die departement het daarin geslaag om by wyse van opleiding in die dwingende nasionale behoefte aan spesifieke mensekrag te voorsien. In 1996 is 'n Verdere Diploma in Onderwys (Spesialisering in Besondere Onderwysbehoeftes) ingestel om onderwysers op te lei om skoolkinders met sulke behoeftes te kan hanteer. In dieselfde jaar (1996) is 'n Verdere Diploma in Onderwys ingestel om onderwysers vir gehoorgestremde leerders op te lei. 'n BEd-graad is in 1995 ingestel om onderwysspesialiste op te lei in die hantering van kinders met spesiale onderwysbehoeftes. Die opleiding van opvoedkundige sielkundiges het nie agterweë gebly nie, en in 1994 is 'n BEd-graad in Opvoedkundige Sielkunde ingestel wat die konsolidering van fokusgebiede in opvoedkundig-sielkundige opleiding meegebring het. Hierdie graad het 'n gepaste, geïntegreerde onderbou vir die opleiding van opvoedkundige sielkundiges op magistervlak verskaf.

Vanweë die toenemende behoefte aan opgeleide sielkundig-geskoolde mensekrag onder Suid-Afrikaners, was die departement sedert 1997 op die voorpunt van samewerking met kollegas in die Sielkunde vir die ontwerp van 'n nuwe opleidingsmodel vir sielkundiges. **Prof Ferreira** het die Opvoedkundige Sielkunde op nasionale vlak verteenwoordig en was 'n lid van die eerste komitee van hoofde van opleidingsdepartemente in die Sielkunde wat, tesame met die Beroepsraad vir Sielkunde en die Sielkundevereniging van Suid-Afrika, na 'n gepaste opleidingsmodel vir sielkundiges in die Republiek moes soek.

'n Nasionale komitee, waarvan **prof Ferreira** 'n aktiewe lid was, is uit verteenwoordigers van die Beroepsraad vir Sielkunde, die Sielkundevereniging van Suid-Afrika en die hoofde van opleidingsdepartemente saamgestel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hierdie komitee het in Januarie 1999 na lang en moeisame raadpleging beslag aan so 'n nuwe opleidingsmodel gegee, en het vir die eerste keer in die geskiedenis van die Sielkunde in Suid-Afrika werklike integrasie in opleiding meegebring. Daar kon bykans op dag een van 'n student se akademiese loopbaan met sy of haar opleiding as voornemende sielkundige begin word.


Prof G V Ferreira

Die personeel het ook op ander gebiede presteer: **prof Bouwer** het in 1996 opgetree as lid van die Nasionale Koördineringskomitee rakende kinders met spesiale onderwysbehoeftes; **prof J Viljoen** is in 1997 deur die National Commission for Special Needs in Education gekoöpteer vir 'n taakgroep wat aan die voorsiening van ondersteuningsdienste vir kinders met spesiale onderwysbehoeftes werk; **dr A C Swanepoel** is in 2000 aangewys as Suid-Afrika se verteenwoordiger in die internasionale Rorschach-vereniging; verskeie personeellede het referate tydens nasionale en internasionale forums gelewer, onder andere **proff Bouwer, Ferreira, Viljoen**, en **drr Swanepoel, P du Toit** en **I Eloff**.

Die departement het in Augustus 1999 vir die eerste keer 'n uiters geslaagde navorsingsdag gereël. Tydens hierdie geleentheid is gespog met die navorsingswerk van 1998 en 1999. Verteenwoordigers van die RGN, verskeie Suid-Afrikaanse universiteite en kolleges asook ander departemente van die Universiteit het die geleentheid bygewoon. Navorsingsgesprekke en -netwerke is op hierdie wyse gevorm. Uit hierdie gebeure is 'n navorsingsdag vir die Fakulteit Opvoedkunde gebore, wat op 10 Oktober 2000 plaasgevind het en die belofte van groter dinge vir die toekoms inhou.

Die departement het tot transformasie bygedra deur **mev M Moletsane** op 1 Januarie 1997 as 'n eerste lektor uit 'n ander kultuurgroep aan te stel. Daar is in 1998 besluit dat alle opleidingsprogramme ruimte moet laat vir die vestiging en uitbouing van diversiteit. Dit bied aan studente uit alle kultuurgroepe die geleentheid om aan die verskeidenheid programme van die departement deel te neem, en was tegelykertyd die aanvang van die uitskakeling van ongelykhede van die verlede.

Prof G V Ferreira
DEPARTEMENTSHOOF

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Fakulteit Regsgeleerdheid

Kantoor van die Dekaan

Die tydperk 1993-2000 is gekenmerk deur ingrypende verandering vanweë grootskaalse herstrukturering aan die Universiteit teen die einde van die twintigste eeu. Dit het onder meer behels dat sekere fakulteite saamgesmelt het en dat ander fakulteite in skole onderverdeel is. Die Fakulteit Regsgeleerdheid het as 'n afsonderlike fakulteit bly voortbestaan, en daar was geen onderverdeling in skole nie. Die aantal departemente is egter wel verminder.

Gedurende 1998 het die Departemente Strafreg en Publiekreg saamgesmelt om die Departement Publiekreg te word. Daar is in 2000 besluit om die Departement Regspluralisme en Regshermeneutiek (voorheen Inheemse Reg) te ontbind. Die personeel sou voortaan onderskeidelik by die Departemente Privaatreg en Publiekreg inskakel.

Twee departemente het naamsveranderinge ondergaan: Handels- en Arbeidsreg sou voortaan bekend staan as Handelsreg, en Formele Reg as Prosesreg.

Die fakulteit bestaan tans uit vyf departemente: Privaatreg, Handelsreg, Regsgeskiedenis, Regsvergelyking en Regsfilosofie, en Publiekreg en Prosesreg.

Die fakulteit word steeds in die Opvoedkunde-/Regsgeleerdheidgebou gehuisves, maar die toename in personeel het 'n groot behoefte aan meer ruimte laat ontstaan. Daar is tans sprake van die oprigting van 'n eie gebou.

Die tweede helfte van die negentigerjare is deur 'n groot omset in akademiese personeel gekenmerk. Verskeie nuwe poste is geskep vanweë groeiende studentegetalle. Die volgende persone het diens aan die Universiteit verlaat: **proff F E van der Merwe, J A Horn, H P Viljoen, J C W van Rooyen** en **mnr F E van der Merwe**. **Proff D A Basson** en **J V van der Westhuizen** is as regters aangestel en het dus ook bedank. **Prof N J Grové** is as Registrateur van die Universiteit aangestel. Die afsterwe van **proff D J Joubert**, eertydse dekaan, in 1997, **M P Vorster** in 1998, **F J van Heerden** in 1999, en **F F W van Oosten** in 2000, was vir die fakulteit 'n tragiese verlies.

Na die afsterwe van **prof Joubert** is **prof N J Olivier** in 1997 en **prof D G Kleyn** vanaf 1998 as dekaan aangestel. Die akademiese personeelkorps bestaan tans uit 50 lede.

In die geheel gesien het die studentetal nie dramaties gedurende die afgelope tien jaar verander nie. Daar was in 2000 'n totaal van 2 064 ingeskrewe studente aan die fakulteit. Nadat die toelatingsvereistes gedurende 1998 strenger gemaak is, was daar 'n geringe afname in voorgraadse inskrywings. Nagraadse inskrywings het egter snel begin toeneem. Die studenteprofiel het aansienlik verander en die fakulteit akkommodeer tans groot getalle studente uit kultuurgroepe wat nie voorheen aan die Universiteit studeer het nie.

Nadat wetgewing die instelling van 'n vierjarige LLB-graad verpligtend gemaak het, het die fakulteit 'n toepaslike program ontwerp en in 1998 ingestel. Die inhoud is na 'n jaar verfyn, en die graad is gedurende 2000 in sy finale vorm ingestel. Alle ander voorgraadse programme (die vyfjarige LLB, BProc, Bluris en BLC) is uitgefaseer, en slegs die vierjarige LLB word tans op voorgraadse vlak aangebied.

Op nagraadse vlak was daar aansienlike innovasie met die skep van verskeie nuwe gedoseerde LLM-programme. Hierdie programme blyk baie gewild te wees en 'n aansienlike styging in studentegetalle word op meestersvlak voorsien.

Die fakulteit was besonder aktief wat die aanbieding van nieformele onderrig betref, en talle kortkursusse is in plek gestel. 'n Sentrum vir Praktiese en Voortgesette Regsopleiding is gestig om die administrasie en koördinering van hierdie programme waar te neem.

Die onderrigproses het aansienlik verander. Die LLB word bedags in beide Afrikaans en Engels aangebied, asook by Tuks na 5. Daar word al hoe meer van rekenaargesteunde onderrig gebruik gemaak, en op LLM-vlak word modules toenemend via die Internet beskikbaar gestel.

Sekere sentrums in die fakulteit was besonder aktief. Die Sentrum vir Menseregte het enorme groei getoon, en is tans onder die direkteurskap van **prof C H Heyns** 'n sentrum van nasionale en internasionale uitnemendheid. Dit bied ook twee LLM-programme in menseregte aan.

'n Sentrum vir Kinderreg met **prof C J Davel** as direkteur, is gedurende 1998 gestig. Hierdie sentrum bied 'n LLM- asook sertifikaatkursusse in Kinderreg aan. Die sentrum is ook aktief by navorsing en gemeenskapsdiens betrokke en beleef aansienlike groei in vennootskappe met ander universiteite. Die Sentrum vir Gevorderde Korporatiewe en Insolvensiereg was by insolvensiereghervorming betrokke.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof D J Joubert

Prof N J Olivier


Prof D G Kleyn

Die fakulteit se buitelandse betrekkinge het aansienlik uitgebrei. Daar bestaan tans suksesvolle uitruilprogramme vir beide dosente en studente met die regsfakulteite aan die Erasmus Universiteit in Rotterdam, die Vrije Universiteit in Amsterdam, en die Karel Universiteit in Praag. Die personeel word aangemoedig om buitelandse studiebesoeke te onderneem en aan buitelandse kongresse deel te neem. Op sy beurt ontvang die fakulteit jaarliks 'n groot getal besoekers uit die buiteland.

Hierdie bedrywighede stimuleer navorsing en daar was 'n merkbare styging in die fakulteit se navorsingsuitsette. Drie personeellede is as uitnemende akademiese presteerders aangewys, te wete **proff J M T Labuschagne, T J Scott** en **F F W van Oosten**.

In 1998 kon die fakulteit tydens 'n feesdinee met trots oor die afgelope 80 jaar van sy bestaan terugkyk.

Gedurende 2000 het die fakulteit die Internasionale Jaar van die Vrou gevier. 'n Kongres oor vroue in die reg is onder leiding van **dr K van Marle** aangebied, en die Speaker van die Parlement, **dr Frene Ginwala**, is vereer as Vrou van die Jaar in die Regte.

Prof D G Kleyn
DEKAAN

Formelereg en Regshulpkliniek

Hierdie departement, voorheen bekend as die Departement Prosesreg en Bewysleer, se benaming is aan die begin van 1997 na Formele Reg verander.

Prof F E van der Merwe was sedert 1993 die departementshoof. Hy het aan die einde van April 1999 afgetree. Die akademiese personeel gedurende hierdie tydperk het **proff J G G Horn** en **D J L Kotzé** en **mnre R Cloete, D B Jamneck** en **F E van der Merwe** (Jnr) ingesluit.

Prof Kotze was in 1999 waarnemende departementshoof en hy is deur **mnr Cloete** bygestaan, maar dit was 'n moeilike jaar in die geskiedenis van hierdie departement aangesien dit grotendeels deur tydelike personeel beman is.

Prof A Boraine van die Departement Handelsreg is met ingang 1 September 1999 as departementshoof aangestel. Ander nuwe aanstellings gedurende hierdie tydperk was **mnr M C van der Berg** en **me E D Swart**.

In 2000 is **regter P J J Olivier** en **mnr N J J Swart**, die direkteur van Praktiese Regsopleiding, asook **regter H Friman** (van Swede) as buitengewone professore benoem. Benewens die eersgenoemde twee persone het **prof D G Olivier** ook as buitengewone professor gedien, en hulle het almal belangrike bydraes ten opsigte van opleiding gelewer.

Die vak Litigasietegnieke is gedurende die verslagperiode ingestel, maar weer uitgefaseer. Prokureurspraktyk is omskep in die vakkursus Regspraktyk. Die LLB-vakkursusse het met ingang 2000 uit die volgende bestaan: Strafprosesreg, Bewysreg, Siviele Prosesreg, Aktes en Notariële Praktyk, Regspraktyk asook 'n nuwe keusevak, Alternatiewe Dispuutbeslegting. Uit die aard van die saak het die instelling van die nuwe vierjarige LLB 'n kragtige uitwerking op die hele LLB-leerplan asook die vakkursusse gehad. Die leerplanne van al die vakke word egter

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof F E van der Merwe


Prof D J L Kotzé


Prof A Boraine

deurlopend aangepas om vir nuwe omstandighede voorsiening te maak. Die missie bly deurgaans om praktykgerigte akademiese opleiding te verskaf.

Gedurende 2000 is die modules vir LLM in Formele Reg hersien, en nuwe vakinhoude is met ingang 2001 ingevoer. Die departement se naam is ook in 2001 na die Departement Prosesreg verander.

Praktykopleiding geniet deurgaans aandag. Die praktiese voorbereidende kursusse met die oog op die prokureurstoelatingseksamen wat vroeër deur die departement se Sentrum vir Regspraktyk aangebied is, is vervang met die amptelike Regskoolkursus wat in samewerking met die Law Society of South Africa aangebied word. Die departement het ook tot en met 1998 kortkursusse met die oog op voorbereiding vir die transportbesorgingseksamen aangebied. Die personeel het as gasdosente vir verskeie ander kortkursusse opgetree, byvoorbeeld vir die sertifikaatprogram in forensiese ouditkunde. Noue bande is met die georganiseerde regsberoep gehandhaaf, en verskeie praktisyns het van tyd tot tyd gaslesings aanbied.

Die departement is by verskeie projekte betrokke. 'n Inisiatief is gedurende 2000 in samewerking met ander universiteite geloods om basiese handboeke vir al die vakkursusse te skryf. **Prof Boraine** is aangestel om 'n navorsingsprojek vir die nasionale Departement van Justisie oor die hervorming van administrasiebevele te fasiliteer. **Prof Kotzé** was betrokke by die skryf van 'n handleiding vir nuut gekwalifiseerde prokureurs en advokate. Die personeel van die departement tree ook gereeld op as lede van die Universiteit se dissiplinêre komitees.

Prof Boraine het in Oktober 1999 'n lesing by die INSOL International Conference in München gelewer.

Die Regshulpkliniek se werksaamhede het gedurende dié tydperk onder beheer en toesig van hierdie departement voortgegaan. Dit behels onder meer die verskaffing van regsdienste aan hulpbehoewende persone en praktiese opleiding aan regstudente wat Praktiese Regskunde as vak neem. Die volgende persone het as direkteure van die Regshulpkliniek opgetree: **me J van den Berg** (1992-1993), **mnr Jamneck** (1994), **prof Van der Merwe** met die ondersteuning van **mnre Jamneck** en **Van der Merwe** (Jnr) as adjunkdirekteurs (1995) – laasgenoemde ook vir die tydperk 1996-1998, **prof H P Viljoen** (1999) en **mnr F S Haupt** (2000).

Prof A Boraine
DEPARTEMENTSHOOF

Handelsreg

Hierdie departement het gedurende die jare 1993-2000 'n gematigde groei ten aansien van personeel- en studentegetalle gehad met 'n gepaardgaande vermeerdering in die dosente se administratiewe, doseer- en navorsingsaktiwiteite.

Personeellede het ingrypende veranderings in hulle doseertaak ervaar. Waar Afrikaans tradisioneel die enigste onderrigtaal was, is lesings algaande deur medium van Engels ingefaseer en wel tot so 'n mate dat alle kernkursusse uiteindelik weens die veranderende studenteprofiel in beide Afrikaans en Engels aangebied moes word.

Die grootste ingreep was egter die instelling van die nuwe vierjarige LLB-graad, wat die uitfasering en/of grootskaalse afskaling veroorsaak het van talle kursusse wat voorheen in die vyfde studiejaar aangebied is. Dit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

het ook die herwaardering, herstrukturering en herkurrikulering van al die vakke meegebring. Hierbenewens is ook weggedoen met die benaming "Handelsreg" in die vakke wat tradisioneel aangebied is en daar is oorgegaan na identifiserende omskrywings soos Versekeringsreg, Arbeidsreg, Insolvensiereg, Ondernemingsreg. Selfs die naam van die departement het verander van Departement Handels- en Arbeidsreg na bloot die Departement Handelsreg.


Prof S R van Jaarsveld

Daar is ook tred gehou met die groeiende vraag na nagraadse onderrig, verskeie gedoseerde diploma- en LLM-kursusse is ontwikkel en ingestel, byvoorbeeld op die terreine van die arbeids-, maatskappye-, insolvensie- en belastingreg. In hierdie verband is 'n aansienlike groei in studentegetalle ervaar. Verskeie professore het ook as promotors vir doktorale kandidate opgetree.

Die vakke is sterk prakties gerig, en op nagraadse vlak is ook aandag geskenk aan die teoretiese grondslag en onderbou van 'n bepaalde beginsel of statuut. By die aanbied van lesings is gebruik gemaak van besprekingsklasse, kernaantekeninge, studiehandleidings en handboeke, tru- en skyfieprojektors en ander elektroniese media. Wat die Tuks na 5 lesings betref, is van die telematiese model gebruik gemaak wat verminderde kontaktyd ingesluit en wegbeweeg het van die gewone lesings volgens die voltydse model. 'n Verdere vernuwing op doseergebied was die instelling in 2000 van 'n modulestelsel as alternatief tot die bestaande semesterstelsel. Die kortstondige ervaring van hierdie stelsel het getoon dat dit benewens bykomstige administratiewe en ander nadele vir die dosent, tog beduidende akademiese voordele vir studente kan meebring.

Op navorsingsgebied was personeellede ten spyte van hulle betreklik hoë lesingbeladings besonder aktief, veral omdat deurgaans 'n hoë premie op gehalte-navorsing geplaas is. Benewens die aansienlike aantal bydraes tot geakkrediteerde en ander regstydskrifte was die personeel ook verantwoordelik vir etlike handboeke op die gebied van byvoorbeeld die arbeids-, korporatiewe, kommersiële, besigheids- en derdepartyvergoedingsreg. Van hierdie boeke is in samewerking met dosente van ander universiteite geskryf en word aan verskeie Suid-Afrikaanse universiteite voorgeskryf.

Verskeie lede het in die onderhawige tydperk doktorsgrade in die regte verwerf en sodoende die kroon gespan op hulle persoonlike navorsing. **Drr A Boraine, D J Lötz** en **B P S van Eck** is gedurende hierdie periode byna gelyktydig tot professore bevorder. **Prof Boraine** het gedurende 1999 sy professoraat in hierdie departement verruil vir die hoofskap van die Departement Prosesreg.

Verskeie sentra, soos die Sentrum vir Toegepaste Arbeidsreg, is deur lede van die departement bedryf. Benewens die aanbieding van kortkursusse is velerlei konsultasies, opinies en ander opdragte rakende handelsregtelike probleme deur hierdie sentra gehanteer. 'n Besonder vermeldenswaardige prestasie was dat die Sentrum vir Gevorderde Korporatiewe en Insolvensiereg deur die Vaste Advieskomitee oor Maatskappyereg opdrag gegee is om vir die Suid-Afrikaanse Regskommissie 'n verslag op te stel oor unifiserende insolvensiewetgewing. Konsepwetgewing in laasgenoemde verband is reeds deur lede van die sentrum geformuleer en geniet die wetgewer se verdere aandag.

Die departement was bevoorreg om verskeie kundiges as buitengewone professore te kon aanstel, soos **regter J D M Swart**, **prof Michael Katz**, **mnre Joël Fourie** en **Russel Loubser**. Hierdie persone het waardevolle bydraes tot die onderrigtaak gelewer deur onder andere die aanbied van spesialis- en gaslesings en optredes as eksterne eksaminatore.

Die departement het ook 'n taamlike personeelomset ervaar. Die aantal professore, senior lektore en lektore het van 12 tot 16 toegeneem, wat die totale personeel – dit wil sê tydelike en junior dosente, tutors, onderwys- en navorsingsassistente en sekretaresses ingesluit – in 2000 op 30 te staan gebring het en ongeveer 4 800 studente vir vakke in die departement ingeskryf was. Die departement het ook gepoog om die transformasieproses by die aanstelling van nuwe personeel te verwerklik en verskeie aanstellings oor ras- en geslagsgrense heen is gedurende die onderhawige tydperk gedoen. **Prof S R van Jaarsveld** is die departementshoof.

Prof S R van Jaarsveld
DEPARTEMENTSHOOF

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Privaatreg

Gedurende 1993-2000 het die departement se voltydse personeelkorps van sewe tot tien vermeerder: tans is daar ses professore, drie senior lektore en een lektor. Daar was ook 'n sterk groei in tydelike personeel: benewens een assistent lektor en een studentehulp, bedien ses tutors die departement sedert 1994. Alle professore het doktorsgrade verwerf en een senior lektor beskik oor die LLM-graad. Dit is streng departementele beleid dat elke lid van die voltydse doseerkorps uiteindelik 'n doktorsgraad sal verwerf.


Prof T J Scott

In ooreenstemming met die algemene tendens aan die Universiteit – en die Fakulteit Regsgeleerdheid in die besonder – het die studentetal matig toegeneem. Hierdie tydperk is gekenmerk deur die feit dat alle kernkursusse asook sommige keusevakke in Engels gedupliseer is om die groeiende getal studente uit daardie mark meer sinvol te kan bedien. Ten spyte van die skerp toename in administratiewe en doseerverpligtinge wat hierdeur teweeg gebring is, het navorsing in die departement gesonde groei getoon. Volgens die amptelike navorsingsverslae vir 1998 en 1999 was die departement wat die getal gepubliseerde artikels in geakkrediteerde tydskrifte betref, onder die eerste tien departemente aan die Universiteit.

Herkurrikulering en herbeplanning vind deurlopend plaas. Daar is byvoorbeeld in ooreenstemming met fakulteitsbeleid na 'n semesterstelsel in alle vakkursusse oorgegaan. Die omskakeling na die nuwe vierjarige LLB-kursus het die departement genoop om dringend nuwe leerplanne op te stel. Die belangrikste strukturele veranderinge as gevolg van hierdie omskakeling is dat die semesterkursusse vir Familiereg (in die eerste studiejaar) sedert 1999 tot twee semesterkursusse uitgebrei is, en dat Kontraktereg sedert 1999 ook oor twee semesters aangebied word. Kontraktereg is tegelykertyd verskuif van die derde na die tweede studiejaar, en Sakereg is van die tweede na die derde studiejaar verskuif. In die gees van samewerking met ander departemente is afgesien van die verpligte vakkursusse Internasionale Privaatreg en Privaatreg 410 en 420. In die plek daarvan is Internasionale Privaatreg en Privaatreg tans keusevakke in die finale studiejaar. Met die oog op markbehoeftes is die vakkursusse in Intellektuele Goedereereg en Skadevergoedingsreg van keusevakke tot verpligte kursusse in die derde en vierde studiejaar onderskeidelik omgeskakel.

Wat die LLM-program betref, is daar 'n gedoseerde program ingefaseer wat aanvanklik uit vier modules bestaan het, te wete Saaklike Sekerheidsreg, Huweliksgoedereereg, Verbruikersbeskerming en Skadevergoedingsreg. Hierdie modules is met verloop van tyd uitgebrei om modules soos dié vir die Kinderregprogram in te sluit. 'n LLM in Kinderreg en Kontraktereg word sedert 1999 aangebied. Tans is daar intense beplanning met die oog op die uitbreiding van die LLM-program. Dit blyk dat markkragte weens die verkorting van die LLB-studie tot vier jaar, 'n behoefte aan meer gegradueerdes op magistervlak in die hand werk.

Vier kandidate het die LLD-graad ontvang: **prof T J Scott** het twee kandidate (1997 en 2000) en **prof N J Grové** ook twee (1995 en 1999) gelewer. **Prof Scott**, saam met doktorale kandidaat **mnr E Hugo**, het in 1999 'n toekenning van die Mellon Foundation verwerf wat albei in staat gestel het om in die buiteland navorsing te doen. **Mnr Hugo** het in September 2000 as een van die eerste ontvangers van hierdie gesogte stipendium gepromoveer.

Die tradisionele departementele onderwysbeleid word steeds gehandhaaf. Praktykbehoeftes word as uitgangspunt geneem, dog steeds onderlê deur 'n sterk teoretiese basis, waarin veral aandag geskenk word aan die Romeins-Hollandse grondslag van Privaatreg. Boonop is daar die gelukkige posisie dat daar uitstekende studentehandboeke vir bykans al die vakkursusse bestaan. Omvattende studiehandleidings is voorberei om die inhoud van hierdie handboeke meer verteerbaar vir die studente te maak. Dosente is veral daarop ingestel om hulle navorsingsresultate in hulle doseerwerk terug te ploeg. Dat daar goeie resultate met dié betrokke doseermodel behaal is, blyk uit die feit dat die studente twee van hulle dosente as Dosent van die Jaar aangewys het, te wete **prof Grové** (1993) en **prof Scott** (2000).

Die departement is trots op sy navorsingsrekord. Vir die tydperk 1993-1999 was die gemiddelde uitset 14 artikels per jaar in geakkrediteerde tydskrifte. Vir dieselfde periode was die gemiddelde aantal handboeke en hoofstukke in handboeke nie minder nie as 8,7 per jaar. Hierdeur is 'n heel wyer studentekring bereik as net die departement se studente. Tans werk die personeel op die volgende navorsingsgebiede: Kinderreg, Skadevergoedingsreg, Personereg, Erfreg, Besitlose Sekerheidstelling deur middel van Roerende Sake, Onderwysreg, Grondreg asook Mineraal- en Omgewingsreg.

Personeellede skakel aktief met buitelandse universiteite. **Proff Scott** en **P J Visser** besoek veral Duitse universiteite met stipendia van die Alexander von Humboldt-Stigting. Daarbenewens doen hulle, asook **proff M C Schoeman** en **C J Davel** en **mnre P de W van der Spuy** en **A van der Linde** gereeld navorsing aan Nederlandse

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

universiteite. **Prof Schoeman** was sedert 1996 aktief betrokke by 'n uitruilprogram met die Vrije Universiteit in Amsterdam. **Prof Scott** het die Erasmus Universiteit in Rotterdam en die Katholieke Universiteit in Leuven onderskeidelik in 1999 en 2000 as gasdosent besoek. **Prof Davel** het sedert 1997 noue skakeling met die Children's Legal Centre aan die Universiteit van Essex, te Colchester, in die Verenigde Koninkryk. Hierdie skakeling het in 1998 uitgeloop op die vestiging van die Sentrum vir Kinderreg, met **prof Davel** as die direkteur.

Prof Scott is in 1993 deur die Raad van die Universiteit met 'n medalje vir buitengewone prestasie vereer. Hierdie toekenning is weer in 1996 en in 1999 aan hom gemaak. **Prof Scott** is vir 1993 herkies as president van die Vereniging van Universiteitsdosente in die Regte. Tot 1996 het hy as redakteur van die ensiklopediese werk, *The law of South Africa* gedien; tot dusver die omvangrykste regspublikasie te lande. Sedert 1997 het hy ook op die redaksiekomitee van *South African current law* gedien. **Prof Grové** het in hierdie tydperk vir enkele jare as redakteur van die regstydskrif, *De Jure* gedien. **Prof Davel** het in 1999 opgetree as redakteur van die eerste publikasie van die Sentrum vir Kinderreg, naamlik *Children's rights in a transitional society*. **Prof P J Visser** het sedert 1999 as assistentredakteur van *De Jure* gedien.

Prof Grové is aan die begin van 2000 as registrateur van die Universiteit aangestel. Hy behou nog noue bande met die departement en gee veral vir die LLM-groep lesings in Kontraktereg.

Sedert 1999 is **prof J Sinclair**, tans viserektor, 'n ereprofessor in die departement. Sy geniet internasionaal erkenning as 'n spesialis in Familiereg.

Daar is besluit dat **proff J M T Labuschagne** en **I P Maithufi** vanaf 1 Januarie 2001 by hierdie departement sal aansluit, as gevolg van die ontbinding van die Departement Regspluralisme en Regshermeneutiek.

Prof T J Scott
DEPARTEMENTSHOOF

Publiekreg

Die tydperk 1993-2000 was vir hierdie departement 'n tydperk van groei en verandering. Die departemente Publiekreg en Strafreg, wat voorheen afsonderlik gefunksioneer het, het in 1998 saamgesmelt as die Departement Publiekreg. **Prof F F W van Oosten** (voorheen van die Departement Strafreg) is as departementshoof aangestel.


Prof M P Vorster


Prof F F W van Oosten

Die departement het die volgende personeelveranderings beleef: **Prof M P Vorster** wat aanvanklik die hoof van die departement was, is in 1998 onverwags oorlede. **Prof H P Viljoen** het aan die einde van 1998 afgetree, en **prof D A Basson** het bedank om 'n aanstelling op die regbank te aanvaar. **Mnr B Bekink** is gedurende 1997 vanuit die regspraktyk aangestel en is steeds 'n lid van die departement. Hy is primêr verantwoordelik vir die dosering van Staatsreg en Munisipale Reg. **Dr J le Roux** is in 1996 in die Departement Strafreg aangestel om Strafreg en Statutêre Misdade te doseer. **Prof J C W van Rooyen** SC, die voormalige hoof van die Departement Strafreg, het aan die einde van 1998 bedank om as advokaat te gaan praktiseer.

Na aanleiding van bostaande veranderings was dit in 1999 nodig om die volgende personeellede aan te stel: **mnr D Brand** (Menseregte en Administratiefreg), **dr J H E Basson** (Administratiefreg en Omgewingsreg), **prof P A Carstens** (Strafreg en Mediareg), en **me M E Olivier** (Internasionale Reg). Die Departement Publiekreg funksioneer sedert 1999 in 'n nuwe formaat. Die departementshoof, **prof Van Oosten**, is in Oktober 2000 oorlede.

Die nuwe departement was gedurende die tydperk 1993-2000 aktief betrokke by publikasies in vaktydskrifte en boeke, voordragte by nasionale en internasionale konferensies, redaksiewerk, navorsingsprojekte, en buitelandse navorsing en skakeling. Benewens die voorgraadse opleiding het verskeie studente meestersgrade en doktorsgrade verwerf. Met die instelling van die nuwe vierjarige LLB moes verskeie kursusse herstruktureer en nuut ingestel word, en verskeie nuwe, gedoseerde LLM-grade (byvoorbeeld in Strafreg en Staats- en Administratiefreg) is ingestel. Daar was 'n beduidende toename in voor- en nagraadse studente.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


Prof J C W van Rooyen


Prof P A Carstens

Die departement was ook aktief betrokke by dienskursusse in ander fakulteite soos Geneeskunde en Ingenieurswese.

Die departement het verskeie prestasiehoogtepunte beleef. Die Universiteit het vir **prof Van Oosten** as 'n buitengewone presteerder benoem, en **dr Le Roux** is in 1999 deur die regstudente as Dosent van die Jaar aangewys.

Prof P A Carstens
WAARNEMENDE DEPARTEMENTSHOOF

Regsgeskiedenis, Regsvergelyking en Regsfilosofie

Hierdie departement het gedurende die tydperk 1993-2000 beduidende groei getoon. Die personeelkorps het van vyf tot agt toegeneem. Drie personeellede het die departement verlaat, te wete **prof J V van der Westhuizen** wat as regter in die Transvaalse Provinsiale afdeling van die Hoë Hof aangestel is, **prof D G Kleyn** wat dekaan van die fakulteit geword het, en **prof C H Heyns** wat as voltydse direkteur van die Sentrum vir Menseregte aangestel is.


Prof J V van der Westhuizen


Prof P J Thomas


Prof F J Viljoen

Verskeie nuwe personeellede is aangestel: **me N Pillay** (slegs vir 1995), **mnr D D Tladi** (in 1997), **adv S Mbonani** (1998), **drr K van Marle** en **C M A Nicholson**, en ook **adv A G Nienaber** en **mnr J A Kok** (in 1999). Ná die bedanking van **prof Van der Westhuizen** word die departementshoof op 'n vierjaar-beurtbasis aangestel. **Prof P J Thomas** was departementshoof van 1996 tot 1999, en **prof F J Viljoen** sedert 2000.

Verskeie vernuwings het op onderriggebied plaasgevind. Die vakke Romeinse Reg en Regsgeskiedenis is gekonsolideer in die vak Historiese Grondslae van die Suid-Afrikaanse Privaatreg. Verskeie keusevakke, elkeen met 'n vernuwende fokus, is vir finalejaarstudente ingestel: Afrika Menseregte, Reg en Letterkunde, Kritiese Ras- en Geslagsteorie, Filosofiese Grondslae van Regsprobleme, en Regsprobleme ten aansien van MIV/VIGS.

Die nagraadse studentetal het beduidend toegeneem na aanleiding van die instelling van twee LLM-grade, naamlik Menseregte en Grondwetpraktyk, en Menseregte en Demokratisering in Afrika.

Die departement was aktief by navorsing betrokke. Die personeel het 36 artikels aan geakkrediteerde tydskrifte gelewer. Verskeie ander publikasies (handboeke, hoofstukke in handboeke, en artikels in plaaslike en buitelandse tydskrifte) het die lig gesien.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Buitelandse besoekers is ontvang en departementslede het op hulle beurt verskeie buitelandse universiteite besoek. **Prof Kleyn** was in 1996 'n gasdosent aan die Universiteit van Edinburg. Internasionale kongresse oor vereenvoudigde regstaal, *Making South African law more accessible and understandable*, en oor *Die vrou in die Reg*, is onder die vaandel van die departement aangebied.

Die personeel het verskillende bydraes op die gebied van gemeenskapsdiens gelewer. Die vernaamste was die aanstelling van **prof Van der Westhuizen** as grondwetlike deskundige vir die Grondwetlike Vergadering.

Prof F J Viljoen
DEPARTEMENTSHOOF

Regspluralisme en Regshermeneutiek

Na sy aanstelling in 1973, was **prof J M T Labuschagne** teen 2000 steeds die departementshoof. **Prof F J van Heerden** wat sedert 1981 aan die departement verbonde was, het 'n medeprofessoraat beklee. Die senior lektoraat wat **adv D J Swanepoel** tot en met sy dood in 1986 beklee het, is in 'n assistentlektoraat omskep wat jaarliks gevul is – gewoonlik deur 'n nagraadse student.


Prof J M T Labuscagne

Die naam van die Departement Inheemse Reg is in 1999 verander na die Departement Regspluralisme en Regshermeneutiek. Hierdie verandering is genoodsaak omdat die inhoud van die vak Inheemse Reg aangepas is om ook godsdienstige regstelsels kortliks aan te raak en om aan te toon dat regsuitleg ook vanuit dié departement aangebied word. 'n Deel van die vakke Regspluralisme 210 en Regsantropologie 410 is sedert 1997 deur die Departement Antropologie en Argeologie aangebied. 'n Deel van die vak Sportreg 410 word deur die Sportburo aangebied.

Prof Van Heerden is op 23 Augustus 1999 oorlede, en **prof C J Botha** is met ingang van Julie 2000 in dié vakature aangestel. **Prof I P Maithufi**, die eerste swart professor in die Fakulteit Regsgeleerdheid, is op 1 Julie 1998 aangestel.

Die vakke Regspluralisme 210, Regshermeneutiek 210, Regsantropologie 410 en Sportreg 420 word tans aangebied. Aangesien eersgenoemde twee vakke verpligtend vir die nuwe LLB-kursus is, is daar nagenoeg 400 studente per vak wat vir die tweede jaar vir LLB ingeskryf is. Laasgenoemde twee vakke is opsioneel en die studentetal per semester wissel tussen 10 en 70 studente.

Prof Labuschagne het die toekenning vir buitengewone prestasie ontvang wat in 1989 aan die Universiteit ingestel is. Die Alexander von Humboldt-beurs vir navorsing in Duitsland is op agt geleenthede aan hom toegeken.

Prof J M T Labuschagne
DEPARTEMENTSHOOF

Sentrum vir Kinderreg

Die sentrum is op 28 Oktober 1998 amptelik gestig. Dit was 'n gesamentlike inisiatief van die Regsfakulteite aan die Universiteit van Pretoria (UP) en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO). Die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) het sedertdien by die sentrum aangesluit.

Die totstandkoming van die sentrum het 'n geleentheid geskep vir interdepartementele, interuniversitêre en internasionale samewerking op die gebied van kinderreg. **Prof Trynie Davel** is die direkteur van die sentrum wat in die Departement Privaatreg gesetel is. Die twee adjunkdirekteure is **prof Jolandi le Roux** (Departement Publiekreg, UP) en **prof Robbie Robinson** (Departement Privaatreg, PU vir CHO).

Die sentrum was in die twee jaar sedert sy totstandkoming besonder aktief en produktief betrokke by die bepaling en bevordering van die belange van kinders deur onderwys, navorsing en gemeenskapsdiens. Die sentrum bied 'n Gevorderde Sertifikaat in Kinderreg asook 'n magistergraad (LLM) in Kinderreg aan. Die sertifikaatkursus word elke jaar in beide Afrikaans en Engels aangebied. Studie vir die LLM-graad duur normaalweg twee jaar. Dosente uit verskeie departemente in die Fakulteit Regsgeleerdheid, kollegas uit ander fakulteite en internasionale kundiges op die gebied van kinderreg het reeds lesings by die sentrum aangebied. Maatskaplike werkers, lede van nieregeringsorganisasies, prokureurs, sielkundiges en onderwysers vind duidelik baat by die sertifikaatkursusse.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof T Davel

Die sentrum het op 20 November 2000 'n plegtigheid aangebied waartydens sertifikate toegeken is aan studente wat die kursus gedurende 2000 suksesvol voltooi het. **Regter Kate O'Regan** van die Konstitusionele Hof van Suid-Afrika het by hierdie geleentheid as gasspreker opgetree.

Die sentrum het reeds twee internasionale kongresse aangebied. 'n Kongres, *Children's rights in a transitional society*, is op 29 Oktober 1998 in die Senaatsaal op die kampus aangebied. Op 5 en 6 Mei 1999 is 'n kongres, *Age and criminal capacity*, in samewerking met die SA Regskommissie aangebied en daarna is voorstelle in dié verband aan die wetgewer gemaak.

Twee handboeke het reeds onder die redakteurskap van **prof Davel** verskyn. Die eerste, *Children's rights in a transitional society*, gaan grotendeels oor bogemelde kongresverrigtinge met dieselfde titel. Die tweede, *An introduction to child law in South Africa*, is die eindproduk van nagenoeg 30 outeurs wat elkeen 'n kundige bydrae gelewer het en uiteenlopende temas, byvoorbeeld privaatregtelike aspekte rakende kinders, konstitusionele en internasionale beskerming van kinders, onderwysreg en –beleid en die regsmediese aspekte rakende kindermishandeling, aangespreek het.

'n Opwindende video is onlangs vrygestel. Dit is gerig op die bemagtiging van jong kinders om minder kwesbaar te wees in situasies waar hulle aan seksuele mishandeling blootgestel is. Finansiële bystand is van die Prokureursorde se Getrouheidswaarborgfonds en Sasol Beperk ontvang om hierdie video aan jong kinders in Suid-Afrika beskikbaar te stel.

Prof Trynie Davel
DIREKTEUR

Sentrum vir Menseregte

Die sentrum is in 1986 gestig en het sedertdien gegroei tot een van die aktiefste menseregte-organisasies in Afrika. Die sentrum word *de facto* as 'n akademiese departement in die fakulteit bedryf, met gepaardgaande onderrig- en navorsingsverpligtinge.

In 2000 het die 22 personeellede van die sentrum die administrasie van 11 projekte behartig wat met menseregte, en veral menseregte in Afrika, sosio-ekonomiese regte en kwessies rondom geslagtelikheid verband hou.

Daar was die volgende hoogtepunte: 'n aantal personeellede was betrokke by die opstel van die tussentydse en die finale weergawes van die Grondwet van Suid-Afrika. Die eerste direkteur van die sentrum, **prof Johann van der Westhuizen,** was een van die tegniese kundiges wat vir twee jaar saam met die Grontwetlike Vergadering in Kaapstad gewerk het. Hy is later as regter van die Hooggeregshof in Pretoria aangestel.

Die huidige direkteur, **prof Christof Heyns**, wat met **prof Frans Viljoen** saamwerk, is gevra om 'n studie te doen vir die VN se Hoë Kommissaris vir Menseregte, **me Mary Robinson**, oor die impak wat die Verenigde Nasies se menseregtemeganismes in 20 lande oor die wêreld gehad het, en om aanbevelings te maak oor hoe die stelsel meer effektief gemaak kan word.

Personeel van die sentrum het as konsultante vir die Organisasie vir Afrika-Eenheid opgetree oor sake wat met menseregte verband hou.

Die sentrum het die skynhofkompetisie, die All-African Human Rights Moot Court Competition, van stapel gestuur en organiseer dit elke jaar. Hierdie kompetisie bring jaarliks meer as die helfte van al die regsfakulteite in Afrika byeen om hipotetiese menseregtesake te beredeneer.

'n Streeksamewerkingsprogram onder die beskerming van die Association of African Universities in samewerking met die regsfakulteite van die Universiteit van Ghana, Makerere Universiteit in Oeganda en die Universiteit van Wes-Kaapland is deur die sentrum geloods. Hierdie program – die LLM (Menseregte en Demokratisering in Afrika) – bring die beste regstudente uit alle dele van Afrika byeen vir ses maande van intensiewe opleiding aan die Universiteit. Hierna ontvang die studente vir die volgende ses maande opleiding by die ander instansies in die vennootskap. Die sentrum bied ook 'n program aan vir die graad LLM (Menseregte en Grondwetpraktyk).

Die sentrum gee jaarliks die gesaghebbende *Human Rights Law in Africa Series* uit. Hierdie reeks is 'n ontwikkelende ensiklopedie oor menseregte in Afrika. Personeellede van die sentrum dra heelwat artikels tot plaaslike en internasionale regstydskrifte by. Die "Occasional Papers" wat die sentrum publiseer is ook reeds met goedkeuring deur die Konstitusionele Hof aangehaal.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die sentrum het in 1993, in samewerking met die Verenigde Nasies se Ontwikkelingsprogram, die Southern African Student Volunteers (SASVO) op die been gebring. Meer as 5 000 studente uit alle dele van Suider-Afrika het al deelgeneem aan die drieweek-lange kampe vir vakansiewerk wat deur SASVO aangebied word. Die studente het reeds skole, klinieke en dies meer in verskillende lande in die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap opgeknap.

Die Integrated Bar Project, wat saam met die Departement Justisie en die Universiteit van die Noorde bestuur word, plaas elke jaar 150 senior regstudente uit verskillende dele van Suid-Afrika op kort internskappe by regsfirmas, howe en banke in Suid-Afrika en in die buiteland.

Die sentrum bied aktiewe opvoedkundige programme oor geslagsgelykheid en menseregte aan wat hoofsaaklik op die opleiding van politici en bedrywighede op voetsoolvlak toegespits word.

'n Gesamentlike projek oor sosio-ekonomiese regte word met die Universiteit van Wes-Kaapland onderneem.

Die sentrum bied ook 'n gemeenskapsgebaseerde regsadviesdiens aan.


Prof C Heyns

Prof Christof Heyns
DIREKTEUR

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Fakulteit Teologie

Kantoor van die Dekaan

Die tydperk 1993-2000 was vir die fakulteit een van ingrypende ontwikkelinge. Die fakulteit bestaan reeds sedert 1938 uit twee relatief selfstandige afdelings, elkeen met sy eie dekaan.

Prof J H Koekemoer, dekaan (sedert 1992) van Afdeling A, was vanweë sy ervaring as senior direkteur van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHK) se Kerklike Instituut vir die Toerusting van Ampsdraers en Lidmate goed voorberei vir die bydrae wat hy moes lewer in verband met die herstrukturering van die institusionele en kurrikulêre strukture van die fakulteit.

Prof W S Prinsloo

Prof W S Prinsloo was van 1989-1996 dekaan van Afdeling B (Nederduitse Gereformeerde Kerk - NGK). Hy het sterk inisiatiewe geneem in verband met die sluit van samewerkingsooreenkomste met kleiner seminaries van ander kerke. Daarmee is 'n eerste stap geneem met die ekumeniese verbreding van die fakulteit. Hy het klem gelê op 'n groter aantal navorsingsuitsette en meegewerk dat die twee afdelings inderdaad 'n besondere bydrae tot die vestiging van die Universiteit as belangrike rolspeler in Suid-Afrika op navorsingsgebied gelewer het.

In 1997 het **prof C J Wethmar** dekaan van Afdeling B geword. Hy het ook sterk nadruk op die uitbou van ekumeniese betrekkinge in sowel die binne- as buiteland gelê. Wat die binneland betref, is verhoudinge met die South African Council for Theological Education en die Forum for University Theological Education gevestig. Met die internasionalisering van die fakulteit is naas besoeke aan die tradisionele samewerkingsvennote in Nederland, ook 'n besoek aan die Verre Ooste gebring ten einde nagraadse studente te werf.

Die ingrypende politieke veranderinge in Suid-Afrika het onder meer aanleiding gegee tot beleidsveranderinge op die terrein van die hoër onderwys en 'n herstrukturering van die fakulteit het duidelik nodig geword. Sedert 1997 het interne onderhandelinge plaasgevind tussen die twee bestaande afdelings en tussen die afdelings en die Hoofbestuur van die Universiteit. Op 17 Augustus 1999 het hierdie onderhandelinge op 'n amalgamasie van die twee afdelings uitgeloop om 'n enkele Fakulteit Teologie te vorm waarbinne verskillende kerke kan saamwerk maar op so 'n manier dat elke betrokke kerklike tradisie tot sy reg kan kom. **Prof C J A Vos** is verkies tot dekaan van die nuwe fakulteit wat op 1 Januarie 2000 'n werklikheid geword het. **Prof A P B Breytenbach** is as adjunkdekaan aangewys.

Die kerklikeie van die NGK en die NHK is gehandhaaf deur sekere opleidingsaspekte afsonderlik aan te bied. Die dosente van die twee kerke werk egter op 'n breë gemeenskaplike teologiese gebied saam. In die praktyk het die eenwordingsproses sonder stamp of stoot verloop.

Die eie kerklike belange word deur die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding (NGK) en die Hervormde Teologiese Kollege (NHK) gedien. Die Sentrum vir Teologie en Gemeenskap lewer ook 'n wye diens op verskillende terreine. Nuut ontwerpte modules met die oog op uitkomsgebaseerde programme is doeltreffend in werking gestel.

Op akademiese terrein het die fakulteit voortreflik presteer. Hoë navorsingsuitsette is gehandhaaf en van die dosente het boeke van gehalte die lig laat sien. Die nagraadse studente, ook uit die buiteland, vorm 'n belangrike komponent van die fakulteit.

Dosente wat referate by buitelandse vakkongresse gelewer het, het internasionale kontakte versterk. Dié kontakte is verder uitgebou deur artikels wat in internasionale tydskrifte gepubliseer is, en deur dosente wat as gasdosente in die buiteland opgetree het. Buitelandse gasdosente wat na die fakulteit uitgenooi is, het meegewerk om akademiese brûe te bou.

Aandag is veral aan nasionale en internasionale skakeling bestee. Samewerkingsooreenkomste is met plaaslike instansies vir teologiese opleiding en uitnemende internasionale universiteite gesluit.

Die volgende honorêre professore is in die fakulteit benoem: **proff G Heitink** (Vrije Universiteit, Amsterdam), **H-J Klauck** en **E Otto** (Ludwig-Maximilians-Universität, München), **J van Oort** (Universiteit van Utrecht) asook **biskop M Dandala** (Methodist Church of Sourthern Africa). Hierdie benoemings is besonder waardevol vir plaaslike en internasionale akademiese verhoudinge. In samewerking met die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe is die proses begin om 'n Desmond Tutu-leerstoel in die fakulteit te vestig.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


Prof J H Koekemoer


Prof C J Wethmar


Prof C J A Vos

Huidige en voormalige lede van die fakulteit het 'n groot rol in die totstandkoming van die nuwe Liedboek van die Kerk gespeel. In dié verband word verwys na wyle **prof Prinsloo**, en dan **proff Vos, Breytenbach** en **D J Human**.

Die fakulteit streef daarna om 'n teologiese stempel plaaslik en internasionaal af te druk, om 'n sieraad vir die Universiteit te wees en die koninkryk van God uit te bou.

Prof C J A Vos
DEKAAN

Bybel- en Godsdienskunde

Sedert die ontstaan van die departement in 1987 het dit 'n besondere brugfunksie tussen die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte en die twee afdelings van die Fakulteit Teologie vervul. Alhoewel die dosente aan laasgenoemde fakulteit verbonde was, was die departement administratief aan die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte gekoppel. Omdat die leerinhoud van die vak hoofsaaklik die Ou en Nuwe Testament gedek het, was twee dosente van elke dissipline uit die twee afdelings van die fakulteit daarvoor verantwoordelik.

Van 1991-1993 was 'n Nuwe Testamentikus, **prof J J Engelbrecht** van die NHK, die departementshoof. Hy is bygestaan deur **prof S J Joubert** (NGK). Vir die Ou Testament was **proff P M Venter** (NHK) en **W Vosloo** (NGK) die permanente personeel. Aangesien **prof Vosloo** voltyds vir die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding (SEVTO) verantwoordelik was, het **proponent D J Human** sy voorgraadse klasse vanaf Januarie 1992 op 'n voltyds-tydelike basis waargeneem. **Prof Venter** is vanaf 1993 na die Departement Ou-Testamentiese Wetenskap (Afdeling A) beroep. Sy pos is tot Oktober 1993 deur tydelike dosente waargeneem totdat **dr L C Bezuidenhout** in die pos aangestel is.

Die negentigerjare was vir die departement 'n oorgangstydperk. Waar Bybelkunde aanvanklik vir sowel onderwys- as teologiese studente bedoel was, is die teologiese studente se kursusse toenemend in die vakke Ou en Nuwe Testament geïntegreer. Omdat Bybelkunde se status as skoolvak toenemend aan onsekerheid onderworpe was, het onderwysstudente se getalle in die jare negentig ook gekrimp: van ongeveer 450 voorgraadse studente aan die begin van die negentigerjare het dit tot 200 aan die einde van die dekade gedaal. Die getal nagraadse studente het taamlik konstant tussen 18 en 22 gebly. Dit het beteken dat die fokus en visie van die vak weer in oënskou geneem moes word.

Die dosente was almal aktief betrokke op die kerklike en akademiese terreine. **Prof Vosloo** was tot 1993 die voorsitter van die Suider-Afrikaanse Bybelkundevereniging. Hy is in 1994 deur **prof Joubert** opgevolg. Die Universiteit se dosente het dus 'n leidende rol ten opsigte van Bybelkunde in die land gespeel.

Prof Joubert is vir die tydperk 1994-1996 as departementshoof aangewys en **dr Human** is ook vanaf 1994 as voltyds-permanente dosent aangestel. In hierdie tydperk is die leerinhoud van Bybelkunde verander om by die vak se behoeftes in skole aan te pas. Waar Ou en Nuwe Testament vroeër uitsluitlik aan studente doseer is, is die leerinhoud nou in meer afdelings of modules georganiseer. Ou en Nuwe Testament-inhoud het steeds die grootste afdeling gebly, maar daar het aktuele etiese temas bygekom, soos die Bybel en die kunste asook ander wêreldgodsdienste.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof J J Engelbrecht



Prof L C Bezuidenhout

Prof S J Joubert



Prof D J Human

Dit was toenemend die oogmerk om die vak met die oog op lewensverryking aan te bied. Dit moes vir die studente wat die Bybel wil bestudeer, die geleentheid bied om hulle besondere studie en lewe daarmee te verryk. Daarom is die vak op populêr-wetenskaplike vlak aangebied vir almal vir wie dit nie nodig was om die oorspronklike Bybeltale te verstaan nie. Hiermee saam is die spesifieke behoeftes van onderwysstudente steeds in ag geneem. Dosente het van 1995-1999 die voorgraadse kursusse in Bybelkunde ook op die Witbankkampus aangebied.

Die departement se dosente het gereeld op nasionale en internasionale vlak referate gelewer, onder meer by die SA Bybelkundevereniging, die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika (OTWSA) en die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika (NTWSA) asook die internasionale Society for Biblical Literature en IOSOT- en SNTS-kongresse. Elke dosent het binne sy eie belangstellingsveld navorsing gedoen. **Prof Joubert** het 'n hele paar godsdienstige boeke geskryf, en ander dosente het verskeie artikels in geakkrediteerde wetenskaplike tydskrifte die lig laat sien.

Aan die begin van 1996 is **pastoor E Mahlangu** as deeltydse dosent vir die dosering van sommige Nuwe-Testamentiese lesings aangestel. Einde 1996 is **prof Joubert** na die Departement Nuwe Testament (Afdeling B) beroep. Hy het in dié tyd die akademies hoog gerespekteerde Alexander Von Humboldt-beurs ontvang, waarmee hy gedurende 1997 in Würzburg, Duitsland navorsing gaan doen het. **Prof Engelbrecht** het in 1996 afgetree. Hy is deur **ds P A Geyser** (wat in 1999 gepromoveer het), opgevolg.

Prof Bezuidenhout was van 1997-1999 die departementshoof van Bybelkunde. Sy kreatiewe leiding het talle veranderinge tot gevolg gehad. **Pastoor Mahlangu** is in 1997 in 'n deeltyds-voltydse pos aangestel, en het sedert 1998 as voltydse dosent gewerk. Hy was in 1997 en 1998 aangestel as 'n lid van **Minister S Bengu** van Nasionale Onderwys se ministeriële komitees om voorstelle oor godsdiensonderrig op skole te formuleer. **Pastoor Mahlangu** het gedurende 1999 sy doktorale proefskrif voltooi en was ook voorsitter van die SA Bybel- en Godsdienskundevereniging.

In lyn met talle veranderinge in tersiêre onderwys gedurende dié tydperk, het Bybelkunde ook sy kursusse van 1997-1999 aangepas. Leerinhoud is in modules ingedeel. 'n Jaarkursus sou voortaan uit vier modules van sewe weke bestaan. Die departemente Dogmatiek en Etiek asook Godsdiens- en Sendingwetenskap het toenemend bydraes tot Bybelkunde begin lewer. Bybelkunde het sy modules sodanig ontwikkel dat hulle by wyse van afstandsonderrig deur Nasionale Private Kolleges aangebied word.

Die infasering van telematiese onderwys het dit moontlik gemaak om kursusse via die Internet aan studente te lewer. **Prof Bezuidenhout** met sy besondere rekenaarvaardigheid het twee CD-ROM-diskette vir Bybelkunde-kursusse ontwikkel. Hy het ook die Bybelkunde-honneurskursus op die Internet saamgestel. Die departement is in 1999 deur die Fakulteit Opvoedkunde versoek om die vakdidaktiek-kursusse vir Godsdiensonderwys en Bybelkunde aan te bied. **Proff Bezuidenhout** en **Human** het op nasionale vlak aan die skryf van 'n populêre Afrikaanse Bybelkommentaar deelgeneem. Hierdie *Bybellenium Bybelkommentaar* is met 'n aantal toekennings bekroon.

Die jare 1998-1999 is deur spanning en groot onsekerheid gekenmerk. Gedurende hierdie tydperk het die NGK en die NHK onderhandel oor nuwe strukture, oor die rasionalisering van poste en die samesmelting van die twee afdelings van die fakulteit tot een multikerklike fakulteit. Die onderhandelingskomitee het aanbeveel dat die Departement Bybelkunde sy departementstatus verloor en dat die dosente Bybelkunde voortaan vanuit die verskillende departemente van die fakulteit moet aanbied. Bybelkunde het 'n programmatiese vak geword, met teologiese en godsdiensmodules wat vir enige student in enige fakulteit beskikbaar was.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Aan die einde van 1999 het **prof Bezuidenhout** die akademie verlaat en 'n predikantspos in Skotland aanvaar. **Prof Human** is vanaf 2000 as programbestuurder van Bybelkunde vir vier jaar aangestel. Omdat die aard van die vak dit vereis en omdat studente van alle geloofsgemeenskappe die vak neem, is die naam van Bybelkunde in 2000 na Bybel- en Godsdienskunde verander. Hierdie stap stem ooreen met wat reeds aan al die Suid-Afrikaanse universiteite ten opsigte van die vak gedoen is. In Januarie 2000 is **dr P A Geyser** tot medeprofessor en **dr Mahlangu** tot senior lektor bevorder. Laasgenoemde is in Mei 2000 as eerste erepresident van die SA Bybel- en Godsdienskunde Vereniging gekies.

Proff Geyser en **Human** en **dr Mahlangu** word sedert 2000 deur **proff J H le Roux** (Ou Testament) en **A E Duffey** (Kunsgeskiedenis), **ds F Smit** (Godsdiens- en Sendingwetenskap), **me M Painter-Morland** (Etiek) en **me J van Eeden** (Kunsgeskiedenis) in die aanbieding van die vak bygestaan.

Al drie permanente dosente het gedurende 1999-2000 nasionale en internasionale referate op kongresse gelewer. Elkeen is betrokke by kerklike en gemeenskapsaangeleenthede: **dr Mahlangu** speel 'n belangrike rol as hoof van die Assemblies of God se South African Bible School in Rustenburg, **prof Geyser** dien op die Tussenkerklike Komitee vir ekumeniese samewerking tussen die Afrikaanse gereformeerde kerke, en **prof Human** neem deel aan 'n weeklikse godsdiensprogram oor die radio. Samewerking met universiteite in Wenen, Essen en Marburg in spesifieke navorsingsprojekte bevestig die internasionale relevansie van hierdie afdeling.

Bybel- en Godsdienskunde is die arm van die fakulteit wat godsdienstige en morele waardes tot die res van die Universiteit toevoeg. Sonder om 'n denominasionele en fundamentalistiese invloed uit te oefen, is dit die doelstelling van hierdie afdeling om elkeen wat die vak neem op 'n gesonde en gebalanseerde wyse te verryk.

Prof D J Human
DEPARTEMENTSHOOF

Dogmatiek en Christelike Etiek

Die departement is net soos die ander departemente van die fakulteit 'n uitvloeisel van 'n amalgamasieproses tussen die voormalige Afdelings A en B. Waar dié twee afdelings vir meer as sestig jaar naas mekaar gefunksioneer het, is hulle tans in een geheel saamgevoeg. 'n Mens sou verwag dat die afdelings wat doelbewus op die leerstellige tradisie van 'n bepaalde kerk konsentreer moeilik sal amalgameer, maar daar word tog gemaklik en harmonieus saamgewerk. Dit hang saam met die feit dat die dogmatologiese vakke, naas konsentrasie op 'n bepaalde tradisie, ook 'n fundamenteel ekumeniese gerigtheid het. Daarnaas is 'n werkswyse gevind wat 'n kombinasie van algemeen kerklike en besonder kerklike modules, sowel oriëntasie op die eie tradisie as dialoog met ander tradisies moontlik maak.

Die voltydse personeel het gedurende die verslagtydperk bestaan uit **prof J H Koekemoer** van die NHK en **prof C J Wethmar** van die NGK. **Prof Koekemoer** het sedert 1992 naas sy departementele werk ook die dekaanskap van Afdeling A behartig, en **prof Wethmar** was sedert die begin van 1997 dekaan van Afdeling B. **Prof J A Heyns** wat op 31 Januarie 1992 sy emeritaat aanvaar het, was nog tot aan die einde van 1993 op 'n tydelik-voltydse basis aan die fakulteit verbonde. Aan die begin van 1994 is **prof D E de Villiers** aangestel in die pos wat deur die uittrede van **prof Heyns** vakant geraak het. Aan die einde van 1999 het **prof Koekemoer** sy emeritaat aanvaar, maar het nog op 'n tydelik-voltydse basis in die departement aangebly tot aan die einde van 2000. Die hoof van die tans geamalgameerde departement is **prof Wethmar**.

Aangesien die personeellede die afgelope jare intensief by bestuurstake in die fakulteit betrokke was, moes ruim van die dienste van tydelik-deeltydse dosente gebruik gemaak word. Aan die NHK se kant was **prof I W C van Wyk** en **drr J Buitendag**, **A Botma** en **J Otto** in hierdie verband behulpsaam, en ten opsigte van Afdeling B het **prof A König** en **drr D J Dreyer**, **D J Malan** en **D P Veldsman** bystand verleen.

Die amalgamasieproses was besonder kompleks vanweë die feit dat sowel institusionele as kurrikulêre aangeleenthede gelyktydig daarby betrokke was. Die nuwe institusionele strukture van die fakulteit en sy departemente moes dus beplan word terwyl die kursusstrukture en leerplanne in ooreenstemming met die nuwe regulasies van die Suid-Afrikaanse kwalifikasie-owerheid aangepas moes word. Die nuwe programbenadering vereis 'n groter mate van interaksie tussen die verskillende departemente in die fakulteit, en die modularisering van die kursusse bring mee dat die studiemateriaal in kleiner eenhede as in die verlede, aangebied moet word. Dit het daartoe gelei dat die kursusse in Dogmatiek, Christelike Etiek en Godsdiensfilosofie tans heeltemal nuut saamgestel word ten einde in 'n groter mate as in die verlede aan die predikantsopleiding diensbaar te wees.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Navorsing staan uiteraard hoog op die agenda. **Prof Koekemoer** het, onder meer op vraagstukke rakende die verhouding tussen kerk en kultuur asook die problematiek rondom die kinderkommunie gekonsentreer. **Prof Wethmar** spesialiseer in die problematiek rondom die aard en funksie van die kerklike leer asook die aard en institusionalisering van teologiese opleiding, en **prof De Villiers** skenk aandag aan die verantwoordelikheidsetiek en vraagstukke rondom die ekonomiese etiek.

Die departement werk binne 'n wye netwerk van plaaslike en internasionale kontakte wat oor vele jare opgebou is. Plaaslik word deelgeneem aan die werksaamhede van die Dogmatologiese Werksgemeenskap van Suidelike-Afrika waarvan **prof De Villiers** van 1997-1999 die voorsitter was. Internasionaal is daar skakeling met die American Academy of Religion en die International Reformed Theological Institute. **Prof Wethmar** dien op die redaksie vir publikasies van laasgenoemde instansie. Departementslede het verskillende buitelandse navorsingsreise onderneem, en buitelandse teoloë doen gereeld by die departement aan. 'n Opvallende nuwe ontwikkeling was die samewerkingsbande wat met kollegas uit Korea en China gevestig is.

Besondere aandag word sedert 1994 aan die uitbou van die nagraadse programme gegee. 'n MDiv-spesialisasiekursus oor die leerstellige en etiese dimensies van die kerklike bediening het wye aanklank gevind. Ongeveer twee studente per jaar verwerf doktorsgrade. Die departement se navorsingsprogramme skenk aandag aan fundamenteel teologiese temas asook sistematies teologiese aspekte van hoogs aktuele aangeleenthede soos armoede en vigs.

Gemeenskapsbetrokkenheid kom tot uitdrukking deurdat die departemenslede by die werk van verskillende kerklike kommissies betrokke is en ook gereeld bydraes oor hulle spesialisgebiede in sowel die gedrukte as elektroniese media lewer.

Prof C J Wethmar
DEPARTEMENTSHOOF


Prof P J van der Merwe

Godsdiens- en Sendingwetenskap

Afdeling A

Die tydperk is gekenmerk deur bestendige en gelykmatige voortgang van sake. In 1995 is begin met die infasering van die BA(Teol) op dieselfde patroon wat toe lank reeds by Afdeling B gangbaar was. Die laaste groep studente wat die ou klassieke BA-BD-leergang gevolg het, het in 1999 afstudeer. Die ironie is dat daar in 2000 met die infasering van 'n splinternuwe kwalifikasie- en kurrikulêre struktuur begin is. 'n Beduidende groei in doktorale inskrywings het ook plaasgevind.

Hierdie departement word gekenmerk deur dosente met lang dienstydperke. **Prof P J van der Merwe** wat op 1 Januarie 1979 diens aanvaar het en op 31 Desember 1999 steeds departementshoof was, was maar die vierde hoogleraar en hoof sedert 1917. Sy verantwoordelikheid het ook onderrig by die Hervormde Teologiese Opleiding te Klipdrif ingesluit. **Dr D J C van Wyk** het tot einde 1999 voortgegaan as tydelik-deeltydse dosent in hierdie departement – 'n ononderbroke tydperk van 22 jaar!

Afdeling B

Wat personeel betref, was daar heelwat verwikkelinge. **Prof D Crafford** aanvaar in 1994 emeritaat en **prof P G J Meiring** die ander voltydse lid van die departement, is in 1995 as departementshoof aangestel. **Prof J J Kritzinger**, wat reeds jare lank as direkteur van die Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing (ISWEN) en deeltydse dosent in die departement diens gedoen het, is as voltydse professor aangestel.

Prof Meiring is vroeg in 1996 as lid van die Suid-Afrikaanse Waarheids- en Versoeningskommissie benoem en is vir twee jaar deur die Universiteit daarheen gesekondeer. Gedurende dié tyd het **prof Kritzinger** as departementshoof waargeneem en is **dr A S van Niekerk** en **ds P F Smit** as tydelik-deeltydse dosente betrek.

Deur die jare het al twee in verskeie kerklike ampte en kommissies gedien. **Prof Meiring** was lid van die moderatuur van die Sinode van Oos-Transvaal en (as direkteur vir Ekumene) lid van die dagbestuur van die algemene sinode van die kerk. Hy was van 1990-1994 lid van die dagbestuur van die Gereformeerde Ekumeniese Raad (GER) wat Gereformeerde kerke wêreldwyd saamsnoer. Van 1995-1999 was hy moderator van die Oos-Transvaalse sinode.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof Kritzinger wat tentmaker-leraar van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA) se gemeente Mamelodi-Oos is, moes die afgelope jare diens in twee kerke lewer: as moderatuurslid en lid van talle kerklike kommissies en projekspanne in die VGKSA, asook lid van die Algemene Sinodale Sendingkommissie van die NGK én van die Sinodale Sendingkommissies van Noord- en Oos-Transvaal.


Prof D Crafford

Verskeie boeke wat hul ontstaan in die departement gehad het, word in etlike universiteite en seminaries as handboeke gebruik. **Prof Meiring** se *Kroniek van die Waarheidskommissie* (1999) is gelyktydig in Afrikaans en Engels uitgegee.

Die professore het dikwels oorsee gereis om navorsing te doen en om lesings te lewer. **Prof Meiring** moes veral na aanleiding van sy WVK-ervaring reise na die VSA en Kanada, na Engeland, Switserland, Nederland, Duitsland, sowel as na Israel, na die Palestynse gebied, na Rwanda, Indië en ook Sri Lanka onderneem, om lesings te hou, aan werkswinkels deel te neem en om (in die geval van Rwanda) as raadgewer van die regering op te tree. **Prof Kritzinger** se navorsing oor talle praktiese sendingprobleme, asook sy uitgebreide projek oor die stand van die kerk en die sending in die nuwe Suid-Afrika, trek wye aandag, ook vanuit die buiteland. In Julie 2000 is hy na Indonesië genooi, om as spreker en fasiliteerder by die vierjaarlikse kongres van die GER op te tree. Hy is ook lid van die redaksie van die International Association of Mission Studies.


Prof P G J Meiring

Gedurende die jare 1993-1999 het 'n groot getal studente vir nagraadse studie ingeskryf - en het 'n beduidende groep ook hul doktorsgrade in die vak Godsdiens- en Sendingwetenskap behaal.

'n Verenigde departement kom tot stand

'n Besondere hoogtepunt het op 1 Januarie 2000 plaasgevind toe die verenigde Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap tot stand gekom het. Die personeelsamestelling is **proff Van der Merwe** (hoof), **Kritzinger** en **Meiring**.

Wat in ander departemente met ingrypende kurrikulêre herstrukturering plaasgevind het, was in hierdie geval minder ingrypend, omdat daar reeds sedert 1997 met 'n konvergensie van onderrigbeplanning en -bestuur begin is. Dit het die gevolg gehad dat daar dadelik na 'n geïntegreerde onderrigmodel oorgeskakel kon word met optimale aanwending van leerkragte.

Die departement maak op hierdie stadium waarskynlik een van die sterkste departemente op die gekombineerde terrein Godsdiens- en Sendingwetenskap in die land uit. Die verskillende tradisionele beklemtonings van die ou afdelings A en B beteken dat kundighede mekaar goed aanvul. Dit is ook 'n unieke kenmerk van hierdie fakulteit dat Godsdiens- en Sendingwetenskap as een van die ses essensiële teologiese dissiplines jaar vir jaar in die teologiese leergang weerspieël word.

Voorts is in 2000 begin met die onderrig van Godsdienswetenskap op beskrywende grondslag. Dit is dus 'n vak wat in eie reg binne beide BA(Teol) en BA geneem kan word.

Ook is in 2000 begin met groter deelname aan die program Bybel- en Godsdienskunde waardeur modules in die Fakulteit Geesteswetenskappe binne die BA-leergang aangebied word.

Heelwat klem word gelê op navorsing en publikasie. 'n Tradisie van betrokkenheid het ontwikkel by sowel die internasionale as die plaaslike toneel. Talle boeke het verskyn, in Afrikaans én in Engels, en jaarliks heelwat artikels in vaktydskrifte – plaaslik sowel as in die buiteland. Daarby is **proff Meiring** en **Kritzinger** verantwoordelik vir maandelikse rubrieke in koerante en tydskrifte. **Proff Van der Merwe**, **Meiring** en **Kritzinger** moes ook in die afgelope jare by talle geleenthede as eksterne eksaminatore vir Unisa, Vista, die universiteite van Stellenbosch, Vrystaat, die Noorde, en Durban-Westville optree.

Behalwe hul departementele pligte tree al die dosente ook in ander hoedanighede op. **Prof Van der Merwe** is die fakulteit se programkoördineerder, **prof Meiring** bestuurder van verrykingsprogramme en direkteur van beide die Sentrum vir Teologie en Gemeenskap en SEVTO en **prof Kritzinger** direkteur van ISWEN.

Prof P J van der Merwe
DEPARTEMENTSHOOF

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Kerkgeskiedenis en Kerkreg

Afdeling A

Gedurende die tydperk 1993-1999 was daar feitlik voortdurend onderhandelinge oor die toekoms van die Fakulteit Teologie, en dit het uiteraard allerlei spanninge vir dosente en studente meegebring. Die onderrig- en navorsingsprogram van die departement is egter nie te negatief geraak nie. Ten spyte van noodgedwonge aanpassings was daar steeds 'n positiewe benadering by dosente, en die studente het oor die algemeen goed presteer.



Prof S J Botha

In dié eenman-departement is die hoof, **prof S J Botha**, op tydelik-deeltydse basis bygestaan deur emeritus-**professor A D Pont** en **drr H J Botes**, **J P Labuschagne** en **W A Dreyer**. Hulle bystand het aanmerklike verligting gebring ten opsigte van die lesinglading na die instelling van die graad BA(Teol).

Op navorsingsgebied is die oorkoepelende projek van die voorafgaande tien jaar, naamlik die wordingsgeskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk (NHK), voortgesit. Een doktorale proefskrif is op dié terrein ingedien.

Behalwe 'n aantal studente op voorgraadse en BD-vlak, het twee studente die MDiv voltooi en nog twee studente is tans besig daarmee.

Almal in die departement het aan gesamentlike projekte van die fakulteit, byvoorbeeld artikels vir die *Hervormde Teologiese Studies* (HTS) en opfrissingskursusse vir predikante binne die raamwerk van die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Toerusting, hartlik saamgewerk. Die Kerkhistoriese Genootskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk is in stand gehou, en 'n kongres is jaarliks gereël waartydens personeellede as sprekers opgetree het, en hulle lesings is in die HTS gepubliseer. Populêr wetenskaplike artikels is ook in *Die Hervormer*, *Die Almanak* en *Konteks* gepubliseer.



Prof C F A Borchardt

Prof Botha het die Internasionale Calvyn-kongres bygewoon - in 1994 te Edinburgh en in 1998 in Seoul, en die departement het die SA Kongres vir Calvyn-navorsing in 1996 georganiseer.

Gemeenskapsdiens is gelewer binne die ruimte van die NHK. **Prof Botha** het op verskeie kerklike kommissies gedien en was onder meer voorsitter van die Kommissie vir die Herskrywing van die Kerkwet, wat daartoe gelei het dat die NHK in 1997 'n nuwe Kerkorde aanvaar het. Hy was ook voorsitter van die Raad vir Regsadvies, en het op 'n deeltydse basis lesings aangebied vir die Hervormde Teologiese Opleiding waar predikante vir die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika (sendingkerk) opgelei word.

In 1998 is die H C M Fourie-erepenning vir die bevordering van Bybels-reformatoriese teologie aan hom toegeken.

Afdeling B

Die departementshoof, **prof C F A Borchardt** het tot aan die einde van 1994 op deeglike en bekwame wyse die belange van hierdie departement gedien. Hy moes vanweë 'n gesondheidsprobleem aftree en is in 1995 deur **prof J W Hofmeyr** opgevolg. **Prof Borchardt** is skielik in 1998 aan 'n hartaanval oorlede.

Sedert 1995 het die situasie in die departement dramaties verander. Vanweë besluite deur die fakulteit en die kuratorium van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) is die tweede pos nooit weer gevul nie. Dit het die enkele voltydse departementslid (en hoof), **prof Hofmeyr**, met 'n onmoontlike werkslading gelaat deurdat hy na die opleiding, navorsing, gemeenskapsdiens en administrasie moes omsien. Hy is wel tydelik deur **drr H S Grobler** (1995-1997), **P R du Toit** (1998-1999) en **J M van der Merwe** (1998-1999) bygestaan.

Wat opleiding aanbetref, het die departement daarin geslaag om 'n besonder lewendige belangstelling en 'n aanvoeling vir die relevansie van hierdie vakgebied te ontwikkel. Behalwe die sukses op voorgraadse vlak, is 'n hele aantal nagraadse kandidate vir magister- en doktorsgrade gelewer.

Die departement het daarin geslaag om besondere navorsingstandaarde te handhaaf. Die fokusgebiede het gewissel van gespesialiseerde navorsing oor die vroeë kerk-tydvak tot by die daarstelling van 'n nuwe perspektief op die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis. Intussen word toenemend aandag gegee aan gereformeerde spiritualiteit asook kerkvereniging en kerkreg. Ten spyte van die lae personeelbesetting is daarin geslaag om gemiddeld drie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

tot vier navorsingsartikels per jaar te handhaaf. Twee belangrike en bruikbare handboeke vir die Suid-Afrikaanse student is deur **prof Hofmeyr** gepubliseer.

Met die lewering van gemeenskapsdiens, was **proff Borchardt** en **Hofmeyr** intens by kerklike kommissies en veral die Kerkhistoriese Werkgemeenskap van Suidelike-Afrika betrokke. **Prof Borchardt** was vanaf 1992 en **prof Hofmeyr** sedert 1999 president van hierdie werkgemeenskap.

Daar word steeds aan internasionale bande in Afrika en elders gebou deur internasionale kongresse by te woon en gasdosente te ontvang. **Prof Hofmeyr** was byvoorbeeld gedurende 1997 'n gasdosent by 'n teologiese kollege in Lusaka, Zambië, en hy is sedert 1996 betrokke by die reëlings vir twee kerkhistoriese wêreldkongresse, te wete Oxford (1999) en Cambridge (2000). Op hierdie en ander wyses bly hierdie departement internasionaal mededingend en plaaslik relevant.

Kerkgeskiedenis en Kerkreg (2000)

Na omvattende en veeleisende onderhandelinge tussen die NHK en die NGK gedurende 1998 en 1999, is ooreengekom om die Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg in 'n nuwe bedeling voort te sit met net een permanent-voltydse personeellid, naamlik **prof Hofmeyr**. Hy is terselfdertyd as departementshoof aangewys vir die oorgangs- en integrasieperiode wat tot 2004 sal duur. **Prof Botha** is by wyse van 'n kontrak in 'n tydelik-voltydse hoedanigheid aangestel om gedurende die jaar 2000 naas sy normale taak en verantwoordelikhede, ook met die vestiging en die uitbou van die nuwe departement behulpsaam te wees. Sy enigsins vervroegde aftrede kan daaraan toegeskryf word dat daar tydens die onderhandelinge oor 'n bepaalde personeelformule ooreengekom is. Die departement sal sonder 'n tweede permanent-voltydse bekleër funksioneer. Dit sal ongetwyfeld op die lange duur negatief op hierdie vakgebied asook op die fakulteit en die betrokke kerke inwerk. Ten spyte hiervan beskou beide **proff Hofmeyr** en **Botha** die bestendiging en uitbou van hierdie vakgebied - wat deel van die klassieke teologiese corpus uitmaak - as van die uiterste belang.


Prof J W Hofmeyr

Met die oog op die toekoms is in die visiestelling 'n verskeidenheid doelwitte geformuleer, soos om in die onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens die beste voordeel vir die studente, die kerke, die Universiteit en die gemeenskap na te streef. In hierdie strewe word rekening gehou met nuwe vennote, studentegetalle, die personeelsituasie, navorsingsuitsette en finansiële bekostigbaarheid.

Die toekoms hou sekerlik bepaalde probleme wat om regstelling vra vir hierdie departement in. Dit gaan onder meer oor die feit dat kerkgeskiedenis in die verlede vir apologetiese doeleindes misbruik is, dat daar 'n sterk ahistoriese gees in die samelewing werksaam is, en dat die nuttigheid van die vak aan sy praktykwaarde gemeet word.

'n Ander probleem is egter dat die departement in die medium- en lang termyn 'n ernstige permanente personeeltekort in die gesig staar. Naas 'n navorsingsassistent in die persoon van **mnr P J Maritz**, was **drr Du Toit** en **Van der Merwe** van die NGK en **drr Dreyer** en **Labuschagne** van die NHK slegs in 'n tydelike hoedanigheid behulpsaam.

Prof J W Hofmeyr
DEPARTEMENTSHOOF

Nuwe-Testamentiese Wetenskap

Hierdie departement is in Januarie 2000 nuut gevorm deur die samesmelting van die Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap (NHK), die Departement Nuwe Testament (NGK) en 'n gedeelte van die Departement Bybelkunde. Die departement bestaan tans uit vyf dosente, te wete **proff J G van der Watt** (departementshoof), **A G van Aarde, S J Joubert, P A Geyser** en **dr E Mahlangu**. **Prof H-J Klauck** (Universiteit van München) is sedert 1997 ereprofessor in die departement.

Wat die eertydse departement (NHK) betref, was die dosente gedurende die tydperk 1993-1999: **proff Van Aarde** (departementshoof), **G M M Pelser** en **J J Engelbrecht** in Bybelkunde tot 1995. **Drr Geyser, E van Eck, P B Boshoff, P van Staden** en **Y Dreyer** het as tydelik-deeltydse dosente opgetree. As gevolg van rasionalisasie besluit die NHK in 1995 om **prof Engelbrecht** te versoek om vervroegde pensioen te aanvaar, en **dr Geyser** word permanent-voltyds aangestel met die oog op die dosering van Bybelkunde. Verdere rasionalisasie as gevolg van die bogenoemde samesmelting noodsaak **prof Pelser** om ook aan die einde van 1999 vervroegde emeritaat te

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof A G van Aarde



Prof A B du Toit



Prof J G van der Watt

aanvaar, hoewel hy in 2000 op tydelik-deeltydse hoedanigheid in die nuwe departement betrokke bly. **Dr Geyser** is aan die begin van 2000 tot medeprofessor bevorder.

Naas die opleiding en wyduiteenlopende soorte gemeenskapsdiens in die Universiteit, kerk en samelewing, het die dosente oor 'n breë spektrum van die Nuwe-Testamentiese Wetenskap navorsing gedoen. Die navorsingsterreine was veral oor die historiese Jesus, die antropologie van Paulus, die hermeneutiese verhouding tussen geskiedenis en geloof, die raakvlakke tussen die sosiale wetenskappe en die vertelkunde in die eksegetiese metodologie, en die postmoderne hermeneutiek. 'n Hele aantal publikasies het na aanleiding van hierdie navorsing in geakkrediteerde tydskrifte verskyn. **Prof Van Aarde** het twee boeke geskryf, een oor die teologie van die Matteusevangelie en die tweede oor die sosiokulturele agtergrond van die Nuwe Testament. Hy was ook in die VSA betrokke by die Context Group en die Jesus Seminar. In 1999 ontvang hy 'n toekenning van die Nasionale Navorsingstigting en die St Deiniol's Libary in Wallis om navorsing in Israel en die Verenigde Koninkryk te doen. Hy tree ook as besoekende dosent op by die Universiteit van Londen, die Universiteit van St Andrews, die Tantur Instituut vir Teologiese Navorsing in Jerusalem, die United Faculty of Theology in Melbourne en die Catholic Unversity in Australië (Melbourne- en Brisbane-kampusse). Die Universiteit het **prof Van Aarde** in 1993, 1996 en 1999 as uitnemende akademiese presteerder bekroon. Gedurende die tydperk 1993-2000 het nege kandidate onder sy leiding doktorsgrade in die Nuwe-Testamentiese Wetenskap ontvang.

Ontwikkelinge in die departement (NGK) gedurende hierdie tydperk is gekenmerk deur verskuiwing wat beide personeel en fokusareas betref.

Prof A B du Toit (departementshoof sedert 1971) het in 1995 afgetree. Hy is opgevolg deur **prof Van der Watt**. **Prof Joubert** is as tweede lid van die departement aangestel.

Wat die gedeeltelike verskuiwing van fokusareas betref: **prof Van der Watt** het, met die klem op die Johannese literatuur, op 'n literêre lees van die teks gefokus. Die resultate van dié ondersoek het in 2000 by Brill, Leiden, verskyn onder die titel *Family of the King. The dynamics of metaphor in the Gospel according to John*. **Prof Joubert** het weer sterk klem op sosiaal-wetenskaplike insigte vir die lees van die Pauliniese literatuur gelê. Hy ondersoek die vraagstuk van die kollekte in die Jerusalemse kerk. Sy monografie hieroor, getitel *Paul as benefactor*, verskyn in 2000 by Mohr Siebeck, Tübingen.

Nog 'n verskuiwing was die toetrede tot die meer populêre teologiese mark ten einde die resultate van teologiese navorsing in 'n meer toeganklike vorm vir die godsdienstige leserspubliek beskikbaar te stel. Afgesien van sowat 25 boeke wat op dié vlak uit die pen van die twee departementslede verskyn het, is die Nuwe Testament ook in alledaagse Afrikaans vertaal onder die titel *Die Boodskap*. Erkenning vir dié publikasies sluit in: die Christelike Boekhandelaarsvereniging van Suid-Afrika se toekenning vir die beste Christelike publikasie in 1997 en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se ds Willem van Drimmelin-medalje vir Christelike literatuur.

Heelwat aandag is aan die ontwikkeling van nagraadse programme bestee. 'n Gestruktureerde meestersgraad in Nuwe-Testamentiese teologie en Etiek is met sukses ingevoer. Doktorale inskrywings het sodanig toegeneem dat daar teen die einde van 1999 reeds 45 nagraadse studente was. Dit sluit in studente uit Rusland, Roemenië, Nigerië, Oostenryk, Suid-Korea, Malawi, Namibië en Kenia. Daar is ook besluit om nagraadse kursusse telematies aan te bied om groter getalle nagraadse studente van elders te lok.

'n Jaarlikse kongres van die departement word gereël met die oog op die ontwikkeling van die nagraadse studentekorps en die verryking van die personeel, asook kollegas van ander universiteite. 'n Internasionale geleerde word jaarliks genooi om 'n seminaar op sy spesialisgebied te kom aanbied. Wêreldleiers op die Nuwe-Testamentiese gebied is op dié wyse na Suid-Afrika gebring wedersydse kruisbestuiwing van denke is bevorder.

Die Navorsingseenheid vir die bestudering van die Nuwe Testament (NENT) is in 1996 in die lewe geroep met die oog op gespesialiseerde navorsing. Die lede van NENT sluit alle doktore in wat nie aan 'n universiteit verbonde is nie. Op dié wyse word afgetrede professore en sulke doktore by die navorsingsbedrywighede betrek. Twee navorsingsgenote (**dr A Friedl**, Oostenryk, en **dr O E Alana**, Nigerië) het aan navorsingsprojekte deelgeneem.

Sedert Januarie 2000 word daar by wyse van 'n modulêre stelsel doseer. Dit maak noue samewerking met die Departement Ou Testament moontlik en onnodige oorvleueling kan dus uitgeskakel word. Hoewel die studentetal

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

op voorgraadse vlak in die vorige dekade sterk afwaarts geneig het (vanweë die gebrek aan vakante poste in gemeentes) was daar gedurende die afgelope twee jaar weer 'n styging in dié grafiek.

Die huidige fokusareas vir navorsing in die departement is onder meer: die gebruik van die Bybel in Afrika (**dr Mahlangu**); die Pauliniese literatuur (**prof Joubert**); Matteus en die historiese Jesusvraagstuk (**prof Van Aarde**); en Johannese literatuur (**prof Van der Watt**). Die sosiaal-wetenskaplike bestudering van die Nuwe Testament word deur almal bestudeer.

Internasionalisering het sedert 1994 'n kenmerk geword. Formele samewerkingsooreenkomste is onder meer met Humboldt Universiteit (Berlyn), die Katolieke Universiteit (Utrecht in Nederland) en St Andrews (Skotland) gesluit. Lede van die departement tree gereeld by bogemelde en ander universiteite as gasdosente op.

Prominente leiding word op nasionale en selfs internasionale vlak geneem. **Prof Joubert** was en **dr Mahlangu** is tans die voorsitter van die Bybelkundevereniging van Suid-Afrika, **prof Van der Watt** was die sekretaris en is tans die voorsitter van die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika. Hy is ook die medevoorsitter van die Studiorum Novi Testamenti Societas ('n internasionale vakvereniging) se Johannesseminaar. **Prof Van Aarde** is medevoorsitter van die Matteusseminaar van dieselfde vakvereniging. **Prof Van der Watt** dien ook op die redaksie van die *Review of Biblical Literature* ('n publikasie van die Society of Biblical Literature), **prof Joubert** is mederedakteur van *Skrif en Kerk*, en **prof Van Aarde** is die redakteur van die *Hervormde Teologiese Studies*.

Die strewe is steeds om predikante en teoloë op te lei wat op verantwoordelike wyse met die teks van die Nuwe Testament kan omgaan en op grond van teksarbeid, verantwoordelike teologiese standpunte kan formuleer.

Prof J G van der Watt
DEPARTEMENTSHOOF

Ou-Testamentiese Wetenskap

Afdeling A 1993-1999

Die departement het 'n bestendige tyd beleef. Daar was geen verandering in personeel nie en naas die doseeropdrag kon personeellede volle aandag gee aan navorsing en gemeenskapsdiens. Die voltydse personeel het uit **proff A P B Breytenbach** (departementshoof) en **P M Venter** bestaan. **Proff W C van Wyk**, **A A da Silva** en **L C Bezuidenhout** het ook lesings aangebied. Programme is by die jongste onderrigmetodes aangepas en die klem het na uitkomsgebaseerde leer verskuif.


Prof A P B Breytenbach

Op navorsingsterrein was daar verskillende hoogtepunte en die personeel was verantwoordelik vir 25 artikels in geakkrediteerde vaktydskrifte. Daar is meegewerk aan die volgende publikasies: *Die Bybel in praktyk*, 1993 (**Venter**); *Verwysingsbybel*, 1998 (**Breytenbach** en **Venter**); *Bybellennium: Eenvolume Kommentaar*, 1999 (**P M Venter**); *20ste eeu Hervormde Teologie* (**Breytenbach** en **Venter**). **Prof Breytenbach** het 'n navorsingsprojek oor die Samaritaanse liturgie afgehandel. Die personeel het aan twee internasionale kongresse deelgeneem.

Gemeenskapsdiens is onder meer by die Hervormde Teologiese Opleiding gelewer waar studente uit die swart gemeenskap as predikante en sendelinge opgelei word. Die personeel het vrywillig verantwoordelikheid vir die aanbieding van die vak Ou Testament aanvaar. **Prof Breytenbach** tree sedert 1999 op as konsultant van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika vir 'n projek om die Ou Testament in isiNdebele (Suid-Ndebele) te vertaal, die enigste van die 11 amptelike landstale wat nog nie oor 'n volledige Bybel beskik nie.

Op kerklike terrein is verskeie adviese en memoranda vir sinodale vergaderings van die NHK gelewer. **Prof Breytenbach** was 'n lid van die komitee wat die Kerkorde van die NHK volledig herskryf het. Hy is 'n lid van die komitee wat namens vyf meewerkende kerke die Psalms vir liturgiese gebruik herberym en ondervoorsitter van die komitee wat die Gesange hersien. Hy is ook op die moderamen van die NHK verkies, aanvanklik as viseskriba en later as visevoorsitter.

Afdeling B 1993-1999

Aan die begin van hierdie periode bestaan die departement uit twee lede, naamlik **proff W S Prinsloo** en **J H le Roux**. Eersgenoemde was tot 31 Desember 1996 gelyktydig departementshoof en dekaan van die Fakulteit Teologie (NGK). As departementshoof het hy sterk akademiese en wetenskaplike leiding gegee. Hy het besondere hoë standaarde gestel en van die studente verwag om daaraan te voldoen. Deur sy toedoen het baie bekende

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

buitelandse Ou-Testamentici Suid-Afrika gereeld besoek. Sodoende is kosbare bande met individuele geleerdes asook met buitelandse universiteite en vakverenigings gesmee.

Hy het bekendheid verwerf deur sy besondere analise van Psalmstrukture. Studente van oral oor het by hom vir meesters- of doktorsgrade ingeskryf en ongeveer 20 doktorale studente het hulle studie onder sy leiding voltooi. Talle artikels en boeke het uit hierdie navorsing voortgevloei en baie het in buitelandse tydskrifte verskyn. **Prof Prinsloo** het hoë aansien onder sy Suid-Afrikaanse vakgenote geniet. Tot met sy dood was hy die president van die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika.

Die Akademie vir Wetenskap en Kuns het **prof Prinsloo** in 1994 met die Totiusprys vereer vir sy besondere bydrae tot die Bybelwetenskap in Suid-Afrika. Hy het op die redaksie van verskeie buitelandse tydskrifte gedien, was ook mederedakteur van 'n internasionale kommentaarreeks (*Historical Commentary of the Old Testament*) en is gevra om 'n kommentaar op die Psalms te skryf. **Prof Prinsloo** is op 5 Oktober 1997 oorlede.

Na **prof Prinsloo** se dood is **prof J H le Roux** tot 31 Desember 1999 as departementshoof aangestel. Hy het hom veral op die hermeneutiek, die godsdiensgeskiedenis van Israel en die inleiding tot die Ou-Testamentiese korpusse toegelê. Sedert 1996 bied hy ook lesings oor die geskiedenis van die vroeë kerk en die Middeleeue aan. Van 1997 het hy hom op Internetonderrig begin toespits. Webgebaseerde kursusse is vir die honneurs-, meesters- en doktorsgrade uitgewerk. Gedurende hierdie tydperk het hy verskeie nasionale en internasionale vakkongresse bygewoon en lesings aangebied.

Die Departement Ou-Testamentiese Wetenskap in 2000

Die nuwe departement Ou-Testamentiese Wetenskap wat met die amalgamasie van die twee afdelings tot stand gekom het, het 'n diensstaat van vier dosente: **proff Breytenbach** (departementshoof), **Le Roux, Venter** en **D J Human**. **Prof Le Roux** tree naas sy doseeropdrag as Bestuurder: Telematiese Onderrig vir die fakulteit op. **Prof Human** is Programbestuurder: Bybel- en Godsdienskunde en **prof Breytenbach** dien as adjunkdekaan.


Prof J H le Roux

Die herorganisering van onderrig in vierjarige BTh-, tweejarige MDiv- en MTh-programme naas die programme BA(Teologie), BA(Hons)(Teologie) en MA(Teologie) het 'n volledige herkurrikulering van die kursusse in Ou-Testamentiese Wetenskap meegebring. Daar is na 'n modulestelsel oorgeskakel en kursusse word reeds telematies aangebied. Werwings- en bemarkingsaksies maak van die elektroniese media gebruik.

Die departement het die uitbouing van navorsing as deel van sy missie aanvaar. 'n Navorsingseenheid is gevestig en twee navorsingsprojekte is geloods. 'n Span navorsers wat akademici en studente uit voorheen benadeelde groepe asook deskundiges van buitelandse en Suid-Afrikaanse universiteite insluit, is saamgestel. Die doel om internasionaal mededingend te wees, het reeds tot uitruilbesoeke met Europese Ou-Testamentici gelei. Al die personeellede het 'n internasionale kongres bygewoon.

Proff Le Roux, Human en **Venter** was mede-ontvangers van die Andrew Murray-prys op grond van hulle bydraes in die publikasie *Bybellennium: Eenvolume Kommentaar.*

Twee doktorale studies is gedurende 2000 afgehandel en die getal ingeskrewe nagraadse studente het tot 22 magister- en 17 doktorale studente gestyg.

'n Verrykingskursus oor 'n aktuele en omstrede onderwerp, naamlik die gesag van die Bybel, is in samewerking met die Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap vir die publiek aangebied.

Die samevoeging van voorheen aparte departemente in een enkele departement was tot voordeel van sowel die dosente as die studente. Met vier personeellede in plaas van twee is groter spesialisasie tans moontlik. Die dosente kan in die snel groeiende vakgebied van die Ou-Testamentiese Wetenskap makliker op die hoogte met ontwikkeling op 'n bepaalde terrein bly. Daar is ook by elke personeellid die voorneme en entoesiasme om die departement tot die beste in Afrika uit te bou.

Proff A P B Breytenbach en **J H le Roux**
DEPARTEMENTSHOOFDE

Praktiese Teologie

In 2000 het die twee fakulteitsafdelings (NHK en NGK) saamgesmelt tot een Fakulteit Teologie. Vir die grootste gedeelte van die tydperk 1993-2000 was daar dus twee departemente vir Praktiese Teologie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die departement is verantwoordelik vir die praktiese vakke wat almal te doen het met die praktyk van die kerklike bediening en die uitleef van die geloof in konkrete situasies.


Prof T Dreyer

Die missie is om op grond van deeglike en gesistematiseerde teologie-beoefening, die volgende te bevorder: prakties-teologiese refleksie op die verhale in die samelewing wat met die geloofsgemeenskap verband het; prakties-teologiese navorsing wat kan lei tot die vorming van 'n verfynde praktyk; die onderrig van die verskillende prakties-teologiese dissiplines sodat studente teologies en in bedieningsvaardighede kan ontwikkel; gemeenskapsgerigte programme sodat die resultate van navorsing kan meewerk tot die ontwikkeling van die samelewing.

Op BTh- en MDiv-vlak word 'n verskeidenheid vakke gedoseer: Inleiding tot die Praktiese Teologie; Homiletiek; Pastoraat; Liturgiek; Diakoniek; Himnologie; Gemeentebou; Jeugwerk en geloofsvorming; Evangelistiek; Godsdienssosiologie; Godsdienspsigologie; Taalvaardigheid; en Kerklike Bestuursvaardighede. Daar is heelwat kleiner onderafdelings, byvoorbeeld onder die Pastoraat waar aandag gegee word aan krisis-, hospitaal-, huweliks-, gesins- en ander vorme van pastoraat.

Hoewel onderbeman, was daar personeelbestendigheid in albei departemente gedurende 1993-1999. **Prof T Dreyer** was hoof in die NHK-afdeling, en is bygestaan deur **prof B Beukes**. In die NGK-afdeling is die werk gedoen met slegs twee permanent-voltydse personeellede, **proff C J A Vos** (hoof) en **J C Müller**.


Prof J C Müller

Hoewel die studentegetalle personeeluitbreiding regverdig het, kon geen nuwe aanstellings gemaak word nie in die lig van 'n aantal onsekere faktore. Dit was byvoorbeeld nie duidelik hoeveel nuwe studente deur die kerke geakkommodeer sou kon word in die toekoms nie. Die moontlike samesmelting van die twee fakulteitsafdelings was ook in die visier met al die onsekerhede daaraan verbonde. As gevolg van dit alles en in afwagting van die nuwe situasie, was dit ongelukkig nodig dat **prof Beukes** 'n uittreepakket in 1999 moes aanvaar. **Prof Dreyer** is vanaf 2000 deur die NHK as eerste hoof van die Kollege vir Teologiese Opleiding aangestel.

Prof Vos het aan die begin van 2000 die dekaanskap van die nuwe fakulteit in tydelik-voltydse hoedanigheid aanvaar. Dit het beteken dat hy vir 'n klein gedeelte van die lesings verantwoordelikheid kon aanvaar en vir 2000 het **prof Müller** as die enigste permanent-voltydse personeellid en departementshoof oorgebly. In die loop van die jaar is **prof Y Dreyer** as permanent-voltydse medeprofessor aangestel. 'n Groot deel van die werk moes egter met die hulp van tydelik-deeltydse aanstellings gedoen word.

Elke dosent het 'n eie bydrae gelewer tot die bereiking van die ideaal van plaaslike relevansie en internasionale mededingendheid. So het **prof Vos** as studieleier vir studente op magistervlak opgetree en ook talle studente op doktoralevlak begelei. Sy publikasies het op die homiletiek en liturgiek gefokus, maar het ook aan die himnologie aandag gegee. Op al die terreine het artikels in wetenskaplike tydskrifte verskyn. Drie belangrike boeke verteenwoordig die vergestalting van sy navorsing: sy tweeledige publikasie, *Die volheid daarvan I en II*, het die Andrew Murray-prys vir teologiese vakliteratuur aan hom besorg. Dié werk het in talle internasionale boeke en tydskrifte verskyn en erkenning geniet. **Prof Vos** se debuut-digbundel, *Vuurtong* het in 1999 verskyn.

Hy is lid van nasionale organisasies en 'n internasionale organisasie in sy vakgebied asook van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hy het by talle nasionale en internasionale kongresse as spreker en verskeie keer as gasprofessor opgetree. Verder het hy toekennings vir navorsingsgenote ontvang en ook as gasheer van bekende internasionale akademici opgetree.

Prof Dreyer was tot 1999 hoof van die Departement Praktiese Teologie in die Afdeling van die NHK. Hy het as studieleier vir verskeie studente op magister- en doktorsvlak opgetree. Sy navorsing en publikasies het veral op die terreine van die Homiletiek en die Pastoraat gefokus en 15 artikels in wetenskaplike tydskrifte is die vrug hiervan. Daarbenewens is hy ook lid van die redaksies van twee wetenskaplike vaktydskrifte en lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hy het gedurende hierdie tydperk in die moderamen van die NHK gedien en is die huidige voorsitter.

Die kursus in Pastorale Gesinsterapie wat **prof Müller** in 1992 op magister en doktoralevlak ingestel het is in hierdie jare goed gevestig. 'n Konstante stroom studente (ongeveer 12 per jaar) is vir hierdie kursus op magistervlak gekeur en na die suksesvolle voltooiing daarvan het 'n groot persentasie van hulle ook voortgegaan met doktorale studie.

Prof Müller se publikasies het veral in twee rigtings ontwikkel: eerstens 'n narratiewe benadering tot pastoraat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

en tweedens 'n beklemtoning van interkulturele pastoraat. In albei velde het artikels in wetenskaplike tydskrifte verskyn. Hy het ook vier belangrike boeke geskryf waarin sy navorsing vergestalting gevind het.

Hy is verder lid van verskeie nasionale en internasionale organisasies in sy vakgebied en het in hierdie tyd by ses internasionale en by minstens ses nasionale kongresse opgetree as spreker of die aanbieder van 'n werksessie. Hy het in 1994 drie maande op die kampus van die Columbia Theological Seminary, Atlanta, VSA, deurgebring, waar hy lesings gegee het. Tydens studietoere het hy by die volgende buitelandse universiteite opgetree: die Texas Christian University, Vrije Universiteit van Amsterdam en Rijksuniversiteit van Utrecht.

Prof Müller het verskeie toekennings vir navorsingsgenote ontvang en het as gasheer van 'n aantal internasionaal bekende akademici uit die VSA, Europa en Afrika opgetree.

Studente wat 'n Baccalaureusgraad in teologie gedoen het, kan voortgaan met honeursstudies. Op hierdie vlak spesialiseer hulle nog nie in een van die onderafdelings nie en die studie is eerder daarop gerig om 'n dieper kennis van al die prakties-teologiese dissiplines te bekom.

Daar is verskillende opsies op magistervlak, te wete MTh of MA waar 'n verhandeling geskryf word en dan MTh of MA wat gestruktureer is en dus gedoseer word. Hier word ook 'n skripsie geskryf.

Die enigste gedoseerde meestersprogram tans is die een in Pastorale Gesinsterapie. 'n Klein groep studente word jaarliks hiervoor gekeur. **Prof Müller** is vir hierdie program verantwoordelik.

Hoewel die meeste doktorale studie op die basis van individuele leiding plaasvind, word die program in Pastorale Gesinsterapie ook op doktoralevlak voortgesit. Studente wat hiervoor kwalifiseer, word deel van 'n groep wat een keer per maand vir 'n seminaar bymekaar kom onder leiding van **prof Müller**.

Gedurende die afgelope aantal jare het die departement die grootste getal nagraadse studente in die fakulteit gehad. Baie studente het magister- en doktorsgrade ontvang en die program vir Pastorale Gesinsterapie het veral hierin 'n belangrike rol gespeel.

Drie navorsingsprojekte is geregistreer, eerstens Die Eenheid vir Narratief-pastorale Navorsing: hierdie eenheid bestaan uit assosiate wat almal gedoktoreerdes van die departement is. Die fokus val op die narratiewe verstaan en benadering tot die wetenskap. Tweedens, Geïnspireerde leierskap: hierdie projek is geregistreer om in samewerking met **prof Heitink** en ander kollegas van die Vrije Universiteit van Amsterdam navorsing oor godsdienstige en kerklike leierskap te doen. Daar het reeds artikels in wetenskaplike tydskrifte verskyn. Derdens, HIV/AIDS- The unheard stories: hierdie projek is baie sterk gemeenskapsgerig en wil saam met ander instansies, soos Hospivisie, deelneem aan navorsing met die oog op huisgebaseerde sorg aan mense wat ly as gevolg van vigs. Hierdie projek het 'n finansiële toekenning van SANPAD ontvang.

Weens die aard van die vakgebied is die departement baie ingestel op die kerk en kerklike werksaamhede. Al die dosente dien op kerklike kommissies waar hulle leiersrolle vervul. Ook die praktiese werk van die studente bring die departement in kontak met 'n verskeidenheid gemeenskapsprojekte. Die meeste van die navorsing word gewoonlik aan praktiese temas gekoppel.

Tot einde 1999 was die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding (SEVTO) verantwoordelik vir die kursusse wat op gemeenskapsdiens gerig was. Jaarlikse kursusse vir predikante van die NHK is as voortgesette opleiding aangebied. Kursusse is ook aangebied vir predikante van die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika. Talle kursusse vir die toerusting van ampsdraers en lidmate is ook vanuit die sentrum aangebied. Vanaf 2000 is die Hervormde Teologiese Kollege by die fakulteit geakkrediteer. Die kollege is verantwoordelik vir die dosering van die "kerk-spesifieke" en "kerk-eie" modules wat op die bepaalde behoeftes van die Hervormde Kerk gerig is. Voortgesette toerusting van predikante, kursusse vir lidmate en aktualiteitsdae vir die publiek word ook vanuit die kollege aangebied.

Prof J C Müller
DEPARTEMENTSHOOF

Instituut vir Sendingwetenskaplike en Ekumeniese Navorsing (ISWEN)

Hierdie instituut het in 1979 as 'n gesamentlike onderneming van die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap en die Ned Geref Kerk ontstaan. Dié vennootskap bestaan nog steeds, hoewel die instituut diens aan 'n kerklike gemeenskap lewer wat veel wyer as hierdie bepaalde denominasie strek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die basiese missie van ISWEN behels navorsingsprojekte met die oog op die meer relevante betrokkenheid van die kerk by die breër gemeenskap van Suider-Afrika. Navorsing word soms op versoek van kerklike gemeenskappe of vergaderings onderneem, maar soms ook deur ISWEN geïnisieer op grond van waargenome behoeftes. Daar is in die afgelope jare rigtinggewende aandag aan temas soos kerk en ontwikkeling, kerk en omgewing en kerk en plakkers geskenk. Hierdie navorsing is deur kerklike en ander akademiese kringe befonds. Navorsing oor die ekumeniese roeping van die kerk het 'n groot en unieke publikasie tot gevolg gehad wat tans as basisteks vir die ontwikkeling en aanbieding van 'n unieke kursus oor Ekumene gebruik word. Twee van die groter projekte wat ISWEN koördineer, is 'n oorsigtelike konteksbeskrywing van die Suid-Afrikaanse samelewing in die lig van die uitdaging aan die kerk, en 'n opname van die missionêre betrokkenheid van NGK-gemeentes by en buite hulle omgewing.


Prof J J Kritzinger

Parallel aan die navorsingsaksies word 'n databank oor relevante gepubliseerde en ongepubliseerde materiaal opgebou. Die inligting word rekenaarmatig ontsluit en aan navorsers binne en buite die fakulteit beskikbaar gestel. 'n Waardevolle boekery van die internasionaal bekende wyle **prof D J Bosch** is ook in die versameling opgeneem. Selfs buitelandse navorsers kon by geleentheid daarvan gebruik maak.

Aangesien dit belangrik is om die kundigheid in die fakulteit aan te wend en navorsingsbevindinge bekend te stel, word eie navorsing asook manuskripte van ander persone van tyd tot tyd in beperkte oplae gepubliseer. 'n Beperkte hernubare fonds is vir hierdie doel in die lewe geroep en voorsien in 'n groot behoefte. Gereelde rubrieke en bylaes by kerklike publikasies ondersteun die konsultasie- en fasiliteringsrol wat in kerklike gemeenskappe gespeel word.

Prof J J Kritzinger
DIREKTEUR

Sentrum vir Beroepsetiek (SBE)

Die sentrum, eerste in sy soort in Suid-Afrika, is aan die begin van 1997 gestig. Die Departement Filosofie en die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek het die voortou met die stigting daarvan geneem. Die SBE word as 'n interdissiplinêre organisasie bedryf en betrek mense uit verskeie akademiese vakgebiede en beroepe wat in die bevordering van Beroepsetiek belang stel. Die beheerliggaam van die SBE is 'n adviserende komitee wat uit sowel verteenwoordigers van die verskillende fakulteite aan die Universiteit as verteenwoordigers van die breër gemeenskap saamgestel is.

Die doel van die SBE is om 'n bydrae tot die vestiging van gesonde etiese waardes op die verskeie beroepsterreine te maak. Die personeellede van die sentrum wil graag mense help om moreel verantwoordbare besluite te neem en om met morele integriteit in die werkplek te handel. Deur sy bydrae tot die verbetering van morele gehalte in die beroepspraktyk, hoop die SBE om tot die morele heropbouing van die Suid-Afrikaanse samelewing by te dra.

Die funksies van die SBE, soos bepaal in sy grondwet, behels die ontwikkeling en aanbieding van kursusse in Beroepsetiek as deel van die leerplanne vir beroepsopleiding aan die Universiteit; die ontwikkeling en aanbieding van buitemuurse kortkursusse en programme in Beroepsetiek wat op verskillende beroepsterreine gerig word; relevante navorsing op die gebied van die Beroepsetiek en die verspreiding van navorsingsbevindinge; die voorsiening van deskundige raad oor etiese kwessies op beroepsterrein; en die ontwikkeling van 'n inligtingsdiens met betrekking tot beroepsetiese gedragskodes en navorsingsbronne.

Prof D E de Villiers, (Departement Dogmatiek en Christelike Etiek) is aangestel as die eerste deeltydse direkteur van die SBE. **Me M J Painter-Morland** is gedurende die afgelope twee jaar 'n tydelik-deeltydse dosent.

Die Mellon Foundation het in 1999 'n skenking aan **prof De Villiers** en **me Painter-Morland** gemaak vir 'n navorsingsprojek oor die bestuur van etiek in pluralistiese organisasies. Van September 1999 tot Julie 2000 het **me Painter-Morland** doktorale navorsing in Boston, in die VSA, oor hierdie onderwerp gedoen en 'n kursus in die bestuur van etiek in organisasies, wat deur die Bentley College in Boston aangebied is, bygewoon.

'n Nasionale konferensie oor etiek in die regsberoep is in 1997 in samewerking met die drie professionele prokureursverenigings in Suid-Afrika gereël. Ongeveer 200 prokureurs uit oral in die land het die konferensie bygewoon. Talle besluite is oor die verbetering van etiese standaarde in die regsberoep geneem en sedertdien in werking gestel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Na die Virodene-debakel in 1997 het die hoofbestuur van die Universiteit die SBE versoek om die formulering van 'n nuwe kode te fasiliteer. 'n Omvattende navorsingskode is binne 'n paar maande in samewerking met verteenwoordigers uit alle fakulteite aan die Universiteit opgestel.


Prof D E de Villiers

'n Werksessie oor etiek vir Suid-Afrikaanse bestuurders is in 1997 op sowel die openbare as die privaat sektor gerig, en by wyse van herhalingsessies in Junie 1998, Mei 1999 en Julie 1999 op die openbare sektor. Sedert 1999 word hierdie werksessie met die inisiatiewe van die Staatsdienskommissie gekoördineer om dit met die teenkorrupsiestrategie van die Suid-Afrikaanse regering in lyn te bring.

'n Konferensie oor die morele en regsuitdagings van die inligtingsera is in 1999 in samewerking met die Sentrum vir Inligtingsontwikkeling aan die Universiteit gereël en was die eerste in sy soort in Suid-Afrika. Deskundiges uit die buiteland en in Suid-Afrika het referate gelewer oor talle van die netelige morele en regskwessies waardeur ons in die inligtingsera gekonfronteer word. Ongeveer 70 mense het die konferensie bygewoon.

'n Opleidingswerksessie oor die bestryding van bedrog en korrupsie in Suid-Afrika is oor twee dae in September 1999 in samewerking met die Instituut vir Strategiese Studies van die Universiteit van Pretoria gereël. Deskundiges soos **regter W Heath** het lesings en werksessies aangebied wat nagenoeg 130 mense van die openbare en privaat sektor bygewoon het.

Verskeie lesings in Beroepsetiek is as deel van die volgende professionele opleidingskursusse aan die Universiteit aangebied: oriëntering van eerstejaar mediese studente, praktykbestuur vir derdejaar tandheelkundestudente, praktykbestuur vir finalejaarstudente in Projek- en Konstruksiebestuur, die honneurskursus in Ondernemingsbestuur en die MSc in Projek- en Eiendomsbestuur.

'n Eiesoortige MPhil-kursus in Werkpleketiek is in 1999 in samewerking met die Departement Filosofie ontwikkel en sal vanaf 2001 aangebied word. Die SBE is deur die Departement Filosofie genooi om vanaf 2001 'n nagraadse module in Beroepsetiek aan te bied.

Werksessies oor etiek vir opvoedkundiges is vir die SA Raad vir Onderwys (SARO) aangebied. Die SBE was betrokke by die fasilitering van die skryf van 'n handboek getiteld *Ethics for Partners in Education* wat in September 2000 verskyn het. Na aanleiding van dié handboek sal die SBE 'n aantal werksessies vir opvoedkundiges vanaf November 2000 namens SARO onderneem.

Die sentrum was betrokke by die opvolging van besluite van 'n teenkorrupsie-spitsberaad in Kaapstad gedurende April 1999, waartydens die Staatsdienskommissie as gasheer opgetree het. 'n Generiese gedragskode is opgestel en kriteria vir die bestuur van morele oordeel maak deel uit van die sakedelegering se strewe om 'n minimum standaard vir etiese sakepraktyk aan die totale sakegemeenskap te voorsien.

Prof De Villiers verteenwoordig akademiese instellings en sentra in Suid-Afrika, wat by programme in beroepsetiek, sake-etiek en professionele etiek betrokke is, in BENSA (Business Ethics Network South Africa) wat 'n filiaal van BEN-Africa is.

Prof D E de Villiers
DIREKTEUR

Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding (SEVTO)

Prof W Vosloo (Departement Bybelkunde), was sedert 1988 direkteur van SEVTO. Hy is in hierdie hoedanigheid in 1999 deur **prof P G J Meiring** (Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap) as deeltydse direkteur opgevolg.

Die afgelope jare het SEVTO 'n wye verskeidenheid programme geloods en kursusse aangebied, wat honderde predikante én duisende lidmate bygewoon het. In die jaar 2000 alleen het meer as 1 300 kursusgangers aan 15 skolingsgeleenthede deelgeneem. Na al die jare bly dit steeds SEVTO se uitgesproke doel om die bediening van predikante en ander ampsdraers van die NGK deur middel van voortgesette opleiding te verryk en te versterk, asook om die lidmate hulle dienswerk en getuienis in die kerk en in die samelewing toe te rus.

Die inhoud van die kursusse word in oorleg met en met die samewerking van talle kerklike kommissies bepaal. Dit kan in drie kategorieë verdeel word. *Eerstens*: algemene kursusse en simposia wat vir lidmate en ampsdraers

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van gesamentlike belang is. Hierdie geleenthede (wat gewoonlik een dag lank duur) word aan talle relevante sake gewy, byvoorbeeld Bybelse of teologiese onderwerpe wat vir lidmate van belang is; die kerk se rol ten opsigte van verskillende maatskaplike uitdagings; en die hantering van pastorale probleme. *Tweedens*: toegespitste kursusse vir onder andere predikante, ouderlinge, diakens, gemeentebestuurders, orreliste, musiekleiers, sendingorganiseerders en vrouediensleidsters om hulle met bepaalde fasette van hulle werk in die kerk en in die samelewing by te staan. *Derdens*: professionele kursusse vir predikante, wat gewoonlik oor 'n week of meer strek, en wat 'n besliste akademiese inset van die aanbieders en kursusgangers veronderstel.


Prof W Vosloo

Berigte oor baie van die kursusse het in die pers verskyn en het wye openbare belangstelling - soms lewendige debatte - tot gevolg gehad.

Navorsing is 'n tweede saak wat hoog op die SEVTO-agenda staan. Die afgelope jare is verskillende navorsingsgroepe byeengebring, wat oor verskeie sake navorsing gedoen het, soos leer- en aktuele sake, ekologie, armoede, gerontologie, gemeentestudies, sending- en godsdiens, huwelik en gesinspastoraat, jeugarbeid, kerkreg en gemeentebestuur, algemene pastoraat, spiritualiteit, himnologie en musiekbegeleiding, simbole en rituele, en prediking. Laasgenoemde drie navorsingsgroepe het deur die jare sodanig uitgebrei dat hulle werk in 'n volwaardige instituut, die Instituut vir Erediensnavorsing en -toerusting (INVENTO), verenig is.

SEVTO was by talle ander werksaamhede van die NGK die afgelope jare betrokke. Wanneer 'n kerklike kommissie of vergadering 'n bepaalde behoefte geïdentifiseer het, het SEVTO gepoog om 'n bydrae te lewer. Op versoek van die Algemene Sinode se Kommissie vir Versoening, Armoede en Morele Herstel (VAM-Kommissie), het SEVTO heelwat kursusmateriaal versorg en ook programme ontwerp wat na verwagting nog vér in die toekoms vrugte sal afwerp.

Terwyl SEVTO in die lewe geroep is om veral die bediening in die vier Transvaalse sinodes van die NGK te versterk - en word ook deur dié vier sinodes befonds - is dit vir SEVTO belangrik om wyer te skakel en ook aan die breër kerklike gemeenskap diens te lewer. SEVTO werk in die VTO-Forum met die Buro vir Voortgesette Teologiese Opleiding (BUVTON) aan die Teologiese Fakulteit, Universiteit van Stellenbosch en die Eenheid vir Voortgesette Teologiese Opleiding (EVTO) aan die Teologiese Fakulteit, Universiteit van die Vrystaat saam. Daar word ook met die Hervormde Teologiese Kollege op talle terreine saamgewerk. Ampsdraers en lidmate van verskillende ander kerke in en om Pretoria neem gereeld aan SEVTO-programme deel.

Prof P G J Meiring
DIREKTEUR

Telematiese Onderwys

Telematiese onderwys aan die Universiteit op 21 Oktober 1999 het 'n werklikheid geword toe die eerste virtuele universiteitskampus in Suid-Afrika amptelik aan die Universiteit gevestig is. Die belangrikheid van hierdie soort onderrig staan voorop, hoewel kontakonderrig steeds vanselfsprekend van belang is.

Die fakulteit het geen keuse in hierdie verband gehad nie en het daarom besluit om deel van die Universiteit se virtuele kampus te word. Telematiese onderwys het 'n hoofstroomprojek geword. Die fakulteit se besondere program strek oor twee en 'n half jaar en het reeds op 1 Augustus 2000 begin met as mikpunt dat teen die einde van 2003 moet elke kursus volledig elektronies beskikbaar wees.

Die volgende voor- en nagraadse kursusse word getelematiseer: *voorgraads* - BTh (in die vakke Ou Testament, Nuwe Testament, Bybelkunde, Dogmatiek en Etiek, Kerkgeskiedenis, Praktiese Teologie en Sendingwetenskap); *nagraads* - honneurs, magister en PhD (in die vakke Ou Testament, Nuwe Testament, Bybelkunde, Dogmatiek en Etiek, Kerkgeskiedenis, Praktiese Teologie en Sendingwetenskap).

Vakke wat reeds getelematiseer is, is nagraadse kursusse in Bybelkunde, Ou Testament, Nuwe Testament en Praktiese Teologie. Aangesien daar besluit is om vak vir vak te telematiseer en by die Ou Testament te begin, het hierdie vak uiteraard tans die verste gevorder.

Die volgende kursusse in die Ou Testament is elektronies beskikbaar: OTT 601: hierdie studente was gedurende 2000 'n proefgroep vir telematiese onderwys. Vir die eerste drie kwartale is hierdie studente nie fisies ontmoet nie. Studiemateriaal is gereeld vir hulle gestuur en die studente het hulle werkopdragte per e-pos ingestuur. Honneurs: dit bestaan uit ses vraestelle. Om eksamentoelating te verkry, moet die student take voltooi. Magister:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

dit bestaan uit ses vraestelle en 'n skripsie. PhD: die kursus is so ontwerp dat die student enige plek ter wêreld kan studeer en nogtans optimale kontak met sy/haar promotor kan hê.

Daar is ook twee Internet publikasies van die departement Ou Testament, naamlik sedert Oktober 2000 verskyn die *Ou Testament Nuusbrief/Old Testament Newsletter* elke week. Dit word per e-pos aan studente en belangstellendes gestuur en dit verskyn ook op die webblad. Ook 'n elektroniese Bybeljoernaal (e-BJ) is op die webblad van die departement beskikbaar.

Ter uitvoering van hierdie taak het die fakulteit besluit om 'n bestuurs- en assistentpos daarvoor te oormerk. Die Bestuurder: Telematies is **prof J H le Roux** wat tot 2004 aangestel is, met as assistent **mnr Christo Lombaard**.

Prof J H le Roux
BESTUURDER: TELEMATIES

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hoofstuk 3
Natuurwetenskaplike Fakulteite

Fakulteit Biologiese en Landbouwetenskappe (insluitend Fakulteit Landbou)

Kantoor van die Dekaan

Gedurende 1993 het die Fakulteit Landbou met die departemente Entomologie, Dierkunde, Genetika en Plantkunde saamgesmelt om die nuwe Fakulteit Biologiese en Landbouwetenskappe te vorm. **Prof Johan van Zyl** is as die eerste dekaan van die nuwe fakulteit aangestel. Vir tydperke gedurende 1994 tot 1996 en 'n gedeelte van 1997 het **prof Albert Eicker** as dekaan waargeneem.


Prof A Eicker

Die nuwe fakulteit het op 1 Januarie 1994 tot stand gekom. Dit het beduidende sinergie tussen die biologiese en landbouwetenskappe daargestel wat die ontwikkeling van interdissiplinêre vakgebiede soos Ekologie, Veekunde, Plantkunde, Biotegnologie, Voedingskunde en Plantbeskerming tot gevolg gehad het. Die fakulteit het uit nege departemente bestaan en die samevoeging daarvan het 'n fakulteit tot stand gebring wat ten opsigte van navorsingsuitsette in geakkrediteerde vakjoernale en die opleiding van nagraadse studente besonder produktief was. Twee van die fakulteit se belangrikste bates is sy proefplase, naamlik die Hatfield-proefplaas en die Miertjie le Roux-proefplaas 30 km oos van Pretoria, wat 'n aansienlike deel van die fakulteit se navorsingsaktiwiteite huisves.

Twee nuwe graadprogramme, naamlik BInstAgrar en BSc(Ed) is in die loop van 1994 ontwikkel en in 1995 ingestel.

Die konsolidasieproses wat op die daarstelling van die nuwe fakulteit gevolg het, het gelei tot die verskuiwing van die Sentrum vir Natuurlewebestuur vanaf die Dierkunde en Entomologie-gebou na 'n fasiliteit op die Hatfield-proefplaas. Die verskuiwing van die Departement Biochemie vanaf die ou Landbougebou na die Landbouwetenskappegebou was ook 'n belangrike ontwikkeling. Die Departement Voedselwetenskap is uit die Landbouwetenskappegebou verskuif na akkommodasie wat die Departement Biochemie ontruim het. Die Department Voedselwetenskap is in opgeknapte geriewe gevestig wat dit in staat gestel het om sy navorsingsaktiwiteite uit te brei.

Die plasing van die Departement Biochemie in dieselfde gebou as die departemente Genetika en Mikrobiologie het 'n kern van departemente met biotegnologiese kundigheid geskep, wat met die stigting van die Bosbou- en Landboubiotegnologie Instituut (FABI) in 1998 'n aansienlike hupstoot gekry het. Die instituut word in 'n nuwe gebou oorkant die Landbouwetenskappegebou en in onlangs opgeknapte laboratoriums op die sesde verdieping van die Landbouwetenskappegebou gehuisves. 'n Beduidende belegging in wetenskaplikes en toerusting het die grondslag gelê vir die ontwikkeling van 'n biotegnologieplatform wat die fakulteit in staat sou stel om internasionaal mededingend te bly.

Voortspruitend uit die nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika kon die fakulteit sy betrokkenheid by universiteite in die SAOG-streek aansienlik uitbrei. 'n Aantal fakulteitslede het in werksessies en byeenkomste van SACCAR (die Suider-Afrika sentrum vir samewerking in landbounavorsing en -opleiding) deelgeneem. Dit het uitgeloop op die daarstelling van 'n regionale MSc-program in Voedselkunde wat deur die fakulteit aangebied word. Wisselwerking met universiteite in die Suider-Afrikaanse streek is versterk deur middel van verskeie samewerkingsprogramme wat deur die Nagraadse Skool vir Landbou- en Landelike Ontwikkeling gekoördineer word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Aan die begin van 1997 is **prof Robin Crewe** as dekaan van die fakulteit aangestel. Hy het by **prof Eicker** oorgeneem wat as dekaan waargeneem het. Die vakature het ontstaan na die aanstelling van **prof Van Zyl** as Viserektor en daarna as Visekanselier en Rektor van die Universiteit.

Die einde van die dekade is gekenmerk deur wesenlike veranderings in die struktuur van die fakulteite wat uit die herstrukturering van die Universiteit gespruit het. Omvangryke samesprekings het tussen hierdie fakulteit en die Fakulteit Natuurwetenskappe plaasgevind wat in 1999 uitgeloop het op 'n besluit om die twee fakulteite saam te voeg en om op 'n breër front op natuur- en landbouwetenskappe te fokus. Die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe is op 30 November 1999 gesluit.

Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe (insluitend die Fakulteit Natuurwetenskappe en die Fakulteit Biologiese en Landbouwetenskappe) 1999–2000

Die nuwe fakulteit is formeel op 1 Desember 1999 gestig met **prof Crewe** as die eerste dekaan. Die fakulteit het uit vyf skole bestaan, naamlik die Skool vir Landbou- en Voedselwetenskappe, die Skool vir Biologiese Wetenskappe, die Skool vir Inligtingstegnologie, die Skool vir Wiskundige Wetenskappe en die Skool vir Fisiese Wetenskappe. Die bestuursmodel vir die fakulteit was nuut, aangesien die delegasie van bevoegdhede aan die dekaan en voorsitters van bogemelde skole 'n relatiewe outonoomheid aan die fakulteit verleen het.

Gedurende 2000 is samesprekings met die Fakulteit Ingenieurswese en die Bou-omgewing gevoer oor 'n geskikte tuiste vir die Skool vir Inligtingtegnologie. Voortspruitend hieruit is die Skool vir Inligtingtegnologie uit die fakulteit verskuif en is dit ingedeel by die Fakulteit Ingenieurswese, die Bou-omgewing en Inligtingtegnologie. Sedertdien bestaan die fakulteit uit vier skole, 16 departemente en 11 navorsingsentrums. Hierdie struktuur bedien sowat 3 600 studente, waarvan 43% magister- en doktorale studente is. Die groot verhouding nagraadse studente bied 'n stewige grondslag vir die besonder aktiewe navorsingsprogramme wat die fakulteit in staat gestel het om sy toonaangewende posisie in die Universiteit met betrekking tot navorsingsuitsette en die lewering van hoogs gekwalifiseerde gegradueerdes te handhaaf.


Prof R M Crewe

Die stigting van die fakulteit het saamgeval met die strategiese alliansie wat die Universiteit met die WNNR gesluit het. Die alliansie het gelei tot die totstandkoming van vyf gesamentlike taakgroepe wat die uitbreiding van die twee instansies se navorsingsaktiwiteite daadwerklik deur middel van die deel van geriewe, kundigheid en die opleiding van nagraadse studente uitbrei.

Die bestuur van die fakulteit se navorsings- en kontrakteringsaktiwiteite het formele gestalte gekry met die stigting van 'n maatskappy wat voortaan vir die koördinering van sodanige aktiwiteite verantwoordelik sal wees. Die maatskappy, Research Enterprises aan die Universiteit van Pretoria, is verantwoordelik vir kontrakbestuur, die beskerming van intellektuele goedere en vir die lewering van 'n doeltreffende finansiële bestuursdiens aan lede van die fakulteit wat aktief met navorsing besig is. Die eksterne befondsing van navorsingsaktiwiteite het die kerf van R34 miljoen in 2000 bereik, wat die noodsaaklikheid van die doeltreffende bestuur van hierdie belangrike aktiwiteit beklemtoon.

'n Toegewyde ondersteuningspersoneel wat die fakulteit se personeel, finansies en administrasie sal bestuur, is ontwikkel sedert die aanstelling van 'n fakulteitsbestuurder wat die dekaan met die bedryfsaspekte van die fakulteit bystaan. Die bestuurder stel tans 'n span individue saam om hom met die vervulling van hierdie taak te help. Die fakulteit verwag dat aansienlike voordele uit hierdie diensmodel sal spruit wat aan sy spesifieke behoeftes sal voldoen.

Prof R M Crewe
DEKAAN

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Skool vir Biologiese Wetenskappe

Biochemie

Die departement het vanaf 1993 tot 2000 'n aantal wesenlike veranderings ondergaan. Dit is in 1997 na die derde en sewende verdiepings van die Landbouwetenskappegebou in Lunnonweg verskuif, waar die nuwe laboratoriums oor 'n goed toegeruste molekulêre biologiese navorsingsfasiliteit beskik. In dieselfde jaar het **prof L Visser** afstand gedoen van sy pos as hoof van die departement en **prof A W H Neitz** is as hoof aangestel. **Prof Visser** het aan die einde van 1998 afgetree en **dr Fourie Joubert** is as lektor aangestel om die behoefte aan 'n persoon wat aandag aan rekenaargesteunde onderrig, afstandonderrig en bioinformatika kon skenk, te vervul.

Die departement het in 1994 met skok verneem van die afsterwe op 'n jong ouderdom van een van sy dosente, **dr J C Crause**, toe hy op die kruin van sy loopbaan was. Die leemte wat die dood van **dr Crause** en die verlies van sy kundigheid gelaat het, word nog steeds gevoel.



Prof L Visser

Twee lede van die departement, **proff A I Louw** en **Visser**, het as presidente van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Biochemie en Molekulêre Biologie (SAVBMB) en ook as raadslede gedien. Hierbenewens was **prof Louw** betrokke by die organisering van die 15de kongres van die SAVBMB in 1998 en is hy ook 'n raadslid van die Federasie van Afrikaverenigings vir Biochemie en Molekulêre Biologie (FAVBMB). Hy het ook as voorsitter van die Nasionale Komitee van die Internasionale Unie van Biochemie en Molekulêre Biologie (IUBMB) gedien.

Prof J A Verschoor is die fakulteitsverteenwoordiger op komitees met betrekking tot Telematie en SAQA, en **dr Joubert** is sedert 1998 die SAVBMB-verteenwoordiger op die paneel van die NRF se CODATA (ICSU). **Prof Neitz** en **dr Z Apostolides** dien in die redaksie van twee internasionale joernale. **Dr A R M Gaspar** het in 2000 die Tweede Biochemie-byeenkoms van die Gauteng-streek in Pretoria georganiseer.

Die departement het noue bande met die Universiteit van Venda, die Universiteit van die Noorde, Medunsa en die Universiteit van die Wes-Kaap gesmee. Hierdie bande behels die voorsiening van kursuskurrikula en samewerking op die gebied van navorsing. Studente van die Universiteit van Fort Hare, die Universiteit van Venda, die Universiteit van Durban-Westville en die Universiteit van die Noorde het vir honneurs-, MSc- en PhD-grade by die departement ingeskryf.



Prof A W H Neitz

Op voorgraadse vlak is 'n bestendige toename in swart derdejaarstudente in Biochemie ondervind, naamlik van 5% in 1996, 14% in 1997 en 27% in 1998 tot heelwat meer as 30% in 2000. Die toename spruit uit die aanbieding van bykomende lesings en tutoriale aan studente wat hoofsaaklik uit agtergeblewe gemeenskappe afkomstig is.

Lede van die departement het aktief meegedoen aan die werwing en aanmoediging van studente uit agtergeblewe gemeenskappe om hulle in die natuurwetenskappe in te skryf en om hulle studies op nagraadse vlak voort te sit. Sedert 1998 het 11 swart studente NRF-beurse ontvang. Gedurende die afgelope vyf jaar was 11 swart studente by nagraadse studies betrokke. Hierbenewens was twee swart vroulike nadoktorale beurshouers by die onderskeie navorsingsprogramme betrokke.

Die departement was veral in die persoon van **Prof Verschoor** prominent betrokke by die Universiteit se UP with Science-program. Die departement neem ook aktief deel aan geleenthede soos skoolbesoeke en opedae waartydens die meeste van die leerders van agtergeblewe gemeenskappe afkomstig is.

Sedert 1993 is altesaam 70 nagraadse grade (21 magister-, ses doktors- en 43 honneursgrade) toegeken aan studente wat in die twee hoofprogramme deelneem, naamlik:

Die biochemie, immunologie en molekulêre biologie van parasiete en bakterieë van medies-veeartsenykundige belang in Suider-Afrika

Proteïene van die malariaparasiet word ondersoek as teikens vir die voorkoming of behandeling van infeksies deur middel van nuwe terapeutiese benaderings. Navorsing word gedoen oor die rol van nie-proteïenkomponente van die membrane van tuberkulose en coryza-bakterieë ten opsigte van beskerming teen en diagnose van die patogene. Molekulêre biologie-benaderings word gevolg om te bepaal wat die eienskappe en uitwerking van weefselkomponente en speekselkliere van bosluise op hulle gashere is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Biochemiese aspekte van die gehalte en gesondheidseienskappe van tee

DNS-voorvoerders word gebruik om tee-cultivars van verskillende gehalte te identifiseer. Die rol van polifenole in die totstandkoming van gehalte- en gesondheidsaspekte in tee word ondersoek.

Sedert 1993 het die navorsing gelei tot 42 eweknie-beoordeelde artikels wat in vakjoernale gepubliseer is, 81 kongresbydraes (44 op internasionale en 37 op nasionale vlak) en vier patente (drie deur **prof Verschoor** en een deur **dr Apostolides**). Gedurende dieselfde tydperk was lede van die doserende personeel met sabbatsverlof in die VSA, Nederland, Duitsland en Suid-Afrika en beskik oor NRF-graderings in die kategorieë B, C en Y.

Die fondse wat vir navorsing bekom is het tussen 1995 en 1999 'n skerp styging van meer as 500% getoon. Dit spruit hoofsaaklik uit nywerheids- en Thrip-fondse wat aan **prof Verschoor** en **dr Apostolides** toegeken is, 'n toekenning uit die DACST-innovasiefonds aan **prof Louw** as een van vyf konsortiumlede, en 'n VK/RSA-wetenskap- en tegnologienavorsingsfonds.

Internasionale samewerking is met verskeie instansies gevestig. Sedert 1999 het sewe nagraadse studente etlike maande lank navorsing by instellings in Nederland, België, die VSA, die VK en Duitsland gedoen.

Nagraadse studente het verskeie toekennings en beurse van verskillende instansies ontvang. Dit sluit in NRF-beurse vir toekenningshouers, NRF-prestige-toekennings en NRF-mobiliteitstoekennings, die Welcome Trust, toekennings van die IUBMB en Mellon-stigting, asook universiteitstoekennings vir navorsingsreise na die VSA en die VK.

Die departement het in 1996 en 1999 eksterne evaluering van sy navorsingsprestasies en onderrigaktiwiteite ondergaan. Die evaluering was positief en die voorstelle wat deur die beoordelaars gedoen is, word in werking gestel. Sommige hoogtepunte van die navorsingsuitsette word hieronder toegelig.

Navorsing van die biologie van bosluise en hulle wisselwerking met hulle gashere is noodsaaklik vir die rasionele ontwikkeling van beheerstrategieë. Speekselklierkomponente wat bosluise tydens voeding uitskei, waaronder verskeie bloedteenstolmiddels en inhibeerders van bloedplaatjie-aggregasie, is op proteïen- sowel as molekulêre vlak gekarakteriseer. Die proteïene meng in met die gasheer se homeostatiese stelsel en stel die bosluis in staat om 'n maal van bloed te bekom. Onlangs is die toksiene van 'n bosluisspesie geïsoleer, gekloon en die aminosuur volgorde bepaal. Voorlopige studies dui daarop dat die toksiene die kardiale stelsel van die gasheer aantas. Dit is die hoogtepunt van nagenoeg 30 jaar se navorsing oor die aard van toksisiteit in hierdie bosluisspesie.

Nog studies wat die navorsingspan onder leiding van **prof Neitz** en **dr Gaspar** uitgevoer het, sluit in die karakterisering van verspreidingsfaktore wat die bosluis gebruik om wondvorming by die voedingsplek te veroorsaak, die ondersoek na die meganisme van verlamming wat deur die tampan veroorsaak word, die isolasie van nuwe antibakteriese peptiede van bosluishemolimf, 'n studie van bosluislektiene as moontlike entstofkandidate en ondersoeke na die biogenese van speekselkliergranulus en die uitskeiding daarvan. Bogenoemde studies is van groot belang vir bioprospektering aangesien die bestudeerde proteïene oor die potensiaal beskik as terapeutiese agente vir verskeie belangrike siektes, waaronder abnormaliteite in bloedstolling, kanker en neuromuskulêre siektetoestande.

In 1999 is 'n amptelike nodus van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Bioinformatika in die departement gestig. **Dr Joubert** was betrokke by die aanbieding van twee werksessies oor Bioinformatika by die Universiteit asook by die Universiteit van die Wes-Kaap. *In silico* (rekenaargebaseerde) ondersoeke na die malariaparasietgenoom deur die malaria-navorsingspan onder leiding van **prof Louw** het gelei tot die ontdekking van intergespasieerde tetranukleotied-herhalings wat met polimorfiese karaktertrekke van entstofkandidate verband hou. Die bevindinge is die eerste aanduiding van die waarskynlike bestaan van mobiele elemente in die malariagenoom wat in entstofstudies gebruik kan word.

Filogenetiese analise van die belangrikste bosluisspeekselklierproteïene het vir die eerste keer aangedui dat hulle aan die superfamilie van lipokalinproteïen behoort. Hierdie ontdekking hou belangrike implikasies in vir die toeligting van hulle funksies en vir die ontwikkeling van 'n entstof teen bosluisvoeding.

Die MODELLER 4- en MSI-programmatuurpakkette word gebruik om die driedimensionele modellering van malariaparasiet- en bosluisproteïene te doen ten einde parasietspesifieke strukturele voue wat in rasionele medisyne-ontwerp aangewend kan word, te bepaal. 'n Siftingsprosedure van die voorspelde aktiewe oorsigkaart van die malariaparasiet se triosefosfaatisomerase (TFI) is gevolg met behulp van die DOCK-programmatuurpakket en die NCI-3D-databasis van chemiese samestellings ten einde potensiële inhibeerders te identifiseer. Twaalf potensiële inhibeerders met 'n sterk verwantskap is geïdentifiseer. Drie verwante molekule het verskillende inhibeerderaktiwiteite getoon, wat dit moontlik maak om die relatiewe belangrikheid van sekere aminosure vir ensiemaktiwiteit en 'n kernstruktuur van 'n potensiële inhibeerder (hoofsamestelling) af te lei. Dieselfde beginsels word toegepas om 'n studie van ensieme in die poliamien-metaboliese baan van die malariaparasiet, sowel as

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van die glukosevervoerderproteïen te doen, ten einde parasietspesifieke inhibeerders wat as potensiële terapeutiese agente ondersoek kan word, te identifiseer.

In 1994 is **prof Verschoor** deur Adcock Ingram (Johannesburg) genader om 'n voorlopige patent te toets met betrekking tot 'n nuwe idee om 'n diagnostiese immunotoets vir tuberkulose te ontwikkel. Dit het gelei tot 'n navorsingskontrak vir die evaluering en assessering van die patentaansprake. Drie aansoeke om internasionale patente het uit hierdie navorsing gespruit. Die eerste patentaansoek vir 'n diagnostiese stel wat op die biolipiedprodukte gebaseer is, is in 1995 ingedien. Die tweede patentaansoek het gehandel oor die isolasie van die biolipiedprodukte van die bakterieë en is in Februarie 1996 ingedien. Die jongste patent vir die immunoregulatoriese eienskappe van die biolipiedprodukte is in Maart 1998 ingedien. Die eerste patent is tot dusver in Suid-Afrika, Pakistan, Australië, Europa en Nieu-Seeland toegestaan, terwyl die tweede patent in Suid-Afrika, Pakistan en Singapoer toegestaan is. Daar word voortgegaan om die intellektuele eiendomsregte ook in ander dele van die wêreld te bekom. Die projek is ook by die universiteite van Gent en Brussel in België geregistreer. 'n PhD-student, **dr A C Stoltz**, het van die geleentheid gebruik gemaak om in 1999 vir ses maande in België te studeer. Dit het gelei tot 'n verlenging van die departement se bande met die twee Belgiese universiteite. Twee finalejaarstudente van die Hogeschool Brabant in Nederland, **Esther Hulsenboom** en **Anouk van der Werf**, het in 1999 hulle praktiese *stagiaires* oor die projek gedoen. **Dr Annemieke ten Bokum** van die Erasmus Universiteit in Rotterdam sit vanjaar haar studies as 'n nadoktorale genoot aan die departement voort.

Die tee-navorsingspan onder leiding van **dr Apostolides** het aansienlike verbeterings aangebring in die chemiese metodes wat gebruik word om die samestelling van teeblare te ontleed. Die ontledings stel ons in staat om die waarde van die finale produk te voorspel. Die werk word deur die Teeraad van Suider-Afrika befonds. Ondersoeke na die gesondheidsaspekte van tee, veral die antikankereienskappe daarvan, het gelei tot samewerking tussen ons span en die Universiteit van die Noorde, die Tea Research Foundation in Malawi, die universiteit van Kentucky en die American Health Foundation in New York. Thrip-fondse word gebruik om waardetoevoegende tegnieke vir die teebedryf te ondersoek.

Genetiese merkers wat aan opbrengs en gehalte gekoppel is, word ondersoek om die kweek- en seleksieprogram van tee te verbeter. Die katecholsamestelling van vars teeblare en die droë produk word deur middel van kapillêre elektroforese ontleed om die kommersiële waarde van tee-ekstrakte te analiseer. Teekatecholle word as modelsamestellings gebruik om die wisselwerking tussen medisynes te ondersoek. 'n Muismodel van Vigs is daargestel om die wisselwerking tussen katechol en azidotimidien (AZT) op verskillende vlakke, wat wissel van rekenaarsimulasies tot menslike vrywilligers, te ondersoek.

Prof A W H Neitz
DEPARTEMENTSHOOF

Bosbou en Landbou Biotegnologie Instituut (FABI)

Die instituut is in April 1998 gestig en is van nuuts af ontwikkel, insluitende die konstruksie van 'n nuwe gebou en die aankoop van toerusting en ander vaste eiendom. Die FABI is in Maart 1999 amptelik in gebruik geneem en het so vinnig gegroei dat die aanvanklike groep van ongeveer 55 nagraadse studente en personeel nou uit 'n span van nagenoeg 110 lede bestaan.

Deur die stigting van die instituut word daar gepoog om 'n duidelike beeld te vorm van die behoefte aan plantbiotegnologie aan die Universiteit en in Suid-Afrika. Dit was verder duidelik nodig om geleenthede vir die kruisverbinding van programme in verskillende universiteitsdepartemente te benut. Die FABI het dus ontstaan uit die integrasie van navorsingsprogramme van 'n groep akademiese personeel aan die Universiteit en hulle onderskeie nagraadse studente in die departemente Biochemie, Plantkunde, Genetika, Mikrobiologie en Plantpatologie, Dierkunde en Entomologie, Plantproduksie, en die Nagraadse Skool vir Landbou- en Landelike Ontwikkeling. Die nuwe instituut het 'n geleentheid geskep om die biotegnologiese hulpbronne wat onmisbaar vir die toekoms van bosbou en landbou in Suid-Afrika is, te integreer.

Die instituut berus op twee hoogs suksesvolle en internasionaal erkende koöperatiewe bosbouprogramme, naamlik die Tree Pathology Co-operative Programme (TPCP) wat reeds 'n dekade lank in die Suid-Afrikaanse bosboubedryf ondersteun word en 'n instelling in bosbou geword het, en die Forest Molecular Biology Co-operative Programme (FMBC) wat meer onlangs na vore getree het om steun op die gebied van molekulêre biologie aan bosbou in Suid-Afrika te bied.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


Prof M J Wingfield

Universiteitspersoneel wat aan die instituut verbonde is, het ander navorsingsprogramme gedurende die afgelope twee jaar van stapel laat loop. Dit sluit programme in wat verband hou met Panama-verwelking by piesangs, siektes by inheemse voedselgewasse, siekteprobleme by aartappelproduksie, bosbou-entomologie, die geïntegreerde beheer van siektes by sitrusvrugte, die strestoleransie van plante asook 'n program vir die bestudering van siektes by veselperskes. Programuitsette gedurende die eerste twee jaar van die instituut se bestaan sluit in die publikasie van meer as 50 artikels in gekeurde joernale, twee hoofstukke in boeke, 65 referate/plakkaataanbiedinge tydens internasionale konferensies, en 90 referate/plakkaataanbiedinge by nasionale konferensies. Nege studente het in hierdie tydperk PhD-grade behaal, en sewe MSc-grade is toegeken.

Die instituut staan onder die direkteurskap van **prof Mike Wingfield** wat internasionaal bekend is vir sy navorsingsbydraes op die gebied van boomgesondheid. Hy het na die totstandkoming van die FABI die volgende toekennings en eerbewyse ontvang: die Havenga-prys van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (1998); sy naam verskyn op die lys van die 14 Suid-Afrikaanse wetenskaplikes aan universiteite en by museums wat besonder hoog deur die Nasionale Navorsingstigting aangeslaan word (April 1998); hy is verkies as 'n lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap (April 1998); is verkies tot 'n genoot van die Royal Society of South Africa (September 1998); die ontvanger van die nasionale Wetenskap en Tegnologie-forum (NSTF) se toekenning vir Uitstaande Bydraes tot die Wetenskap, Ingenieurswese en Tegnologie in die individuele kategorie (November 1998); hy het die Hendrik Christiaan Persoon-medalje ontvang – die hoogste eerbewys van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Plantpatologie (Januarie 1999); hy is die ontvanger van die University of Minnesota se Plant Pathology Distinguished Alumnus-toekenning (Mei 2000) asook die toekenning vir wetenskaplike prestasie van die International Union of Forestry Research Organisations (Oktober 2000).

Drie nadoktorale, 26 PhD- en 24 MSc-studente werk tans by die instituut. Hoewel die meeste van hierdie studente Suid-Afrikaners is, is sommige van hulle uit Lesotho, Namibië, Zimbabwe, Ethiopië, Switserland, China en Australië afkomstig. Meer as die helfte van die nagenoeg 50 nagraadse studente wat aan die instituut verbonde is, is dames en/of swart. Belowende studente uit die voorheen benadeelde gemeenskappe word sterk aangemoedig om by die instituut aan te sluit. Spesiale FABI-beurse word waar nodig aan hulle toegeken om die koste te help dek. Daar word van verskeie ander befondsingsmeganismes gebruik gemaak om hierdie studente te ondersteun, onder meer die Mellon Stigtingfonds.

Die deelnemers aan die instituut is daadwerklik tot die transformasieproses en regstellende optrede verbind. Die span glo dat dit ten beste bereik kan word deur 'n positiewe en verdraagsame werksomgewing te skep. Aangesien studente uit heelwat verskillende kulture en agtergronde aan die instituut verbonde is, het 'n multikulturele en multinasionale omgewing ontstaan wat die instituut aantreklik maak vir mense met uiteenlopende oortuigings. Die instituut se eindfokus is op hoëgehalteonderwys en wetenskaplike produktiwiteit, en daar kan geen kompromie met betrekking tot voorrangwetenskap gemaak word nie. Die groep sluit reeds van Suid-Afrika se beste wetenskaplikes in en die bevordering van hierdie visie is 'n grondliggende missie vir die instituut.

Die FABI is uniek in Suid-Afrika omdat dit 'n duidelik omskrewe doelstelling het om multidissiplinêre navorsing op nagraadse vlak te bevorder. Hierdie instituut het vinnig nasionaal én internasionaal erkenning begin geniet. Studente vind die FABI aantreklik weens sy sukses op verskeie gebiede en die verwagting is dat die instituut sy suksesvolle en snelle groei in die toekoms sal voortsit.

Prof M J Wingfield
DIREKTEUR

Dierkunde en Entomologie

Gedurende die tydperk 1993-2000 het aansienlike veranderings in die departemente Dierkunde en Entomologie plaasgevind nadat hulle meer as 50 jaar lank as twee selfstandige departemente gefunksioneer het. Die Universiteit het besluit dat die samesmelting van die twee departemente in die beste belang van beide dissiplines sou wees. Op daardie tydstip was **prof Clarke H Scholtz** die hoof van die Departement Entomologie en **prof John D Skinner** was hoof van Dierkunde. Die samesmelting het in 1994 plaasgevind en **prof Scholtz** is as hoof van die nuwe departement aangestel. Terselfdertyd is die Soogdiernavorsingsinstituut uit die Departement Dierkunde verskuif en as 'n selfstandige instituut met **prof Skinner** as direkteur bedryf.

Aangesien die oorspronklike departemente oor die jare heen elk hulle eie navorsings- en onderrigkultuur opgebou het, het die samesmelting nuwe kurrikula en navorsingsprogramme genoodsaak. Sommige personeellede het in die lig van die veranderings bedank, maar dit het die geleentheid gebied om nuwe lede aan te stel. Na die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

samesmelting het drie akademici van Entomologie en nege van Dierkunde aangebly, hoewel drie van laasgenoemde in die eerste jaar na amalgamasie bedank het. Sedertdien het die departement van krag tot krag gegaan. Aan die begin van 1999 is die Soogdiernavorsingsinstituut weer by die departement ingelyf en 'n nuwe direkteur, **prof Johan T du Toit**, is aangestel. Verder is twee jong akademici uit voorheen benadeelde gemeenskappe aangestel. Die departement het sy verbintenis tot personeeltransformasie verder uitgeleef deur in 2000 drie jong vroulike personeellede aan te stel, waarvan een uit 'n voorheen benadeelde gemeenskap afkomstig is. Gedurende die oorsigtydperk het die departement tot die grootste in sy soort in die land ontwikkel. In 2000 is meer as 100 artikels in goedgekeurde vakjoernale gepubliseer. Die Universiteit het vier lede van die senior akademiese personeel geïdentifiseer wat as Uitnemende Akademiese Presteerder benoem is, en verskeie nasionale en internasionale toekennings het lede van die personeel te beurt geval.


Prof C H Scholtz

Gedurende die verslagtydperk van sewe jaar het verskeie lede van die departement hoogs produktiewe navorsings- en nagraadse opleidingsgroepe daargestel wat sowat 85 nagraadse studente en meer as 400 publikasies gelewer het. Die senior personeel se navorsingspogings word kortliks hieronder opgesom.

Prof Nigel Bennett, wat hom in 1995 by die saamgesmelte departement aangesluit het, het 'n sentrum van internasionale uitnemendheid op die gebied van navorsing oor die knaagdiermolle opgebou. Die knaagdiermolle behels 'n biologies interessante groep aangesien dit die enigste soogdiergroep is waarin ware sosiale gedrag voorkom. **Prof Bennett** se navorsing het die aandag getrek van verskeie buitelandse navorsers wat belangstel in faktore soos die ongewone voortplantingsbiologie en fisiologie, termoregulering en voeding en die sosiale struktuur wat in die groep voorkom. In 2000 het **prof Bennett**, met **dr C G Faulkes** van die Queen Mary and Westfield College in Londen as mede-outeur, 'n boek getiteld *African mole-rats: ecology and eusociality* (Cambridge University Press) gepubliseer.

Prof Marthan Bester het voortgegaan om sy belangstelling op die gebied van mariene soogdiere na dié van die Suid-Afrikaanse kusgebiede uit te brei en terselfdertyd sy werk op Marion-eiland en die vasteland van Antarktika, waarvoor hy internasionale erkenning ontvang het, voortgesit.

Prof Steven Chown se navorsing op die ekofisiologie van insekte is nasionaal en internasionaal in die vorm van verskeie gesogte toekennings erken. Dit sluit in die BP Goue Medalje vir Antarktiese Navorsing, die British Association se Silwermedalje vir jong wetenskaplikes, en in 2000 die START-toekenning vir jong wetenskaplikes vir die beste gepubliseerde studie in die Pan-Afrikaanse gebied.

Prof Robin Crewe, dekaan van die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe, het sy navorsing op die biologie van sosiale insekte gegrond. Dit was 'n aktiewe navorsingsgroep wat weens hulle nuwe navorsing op veral die Afrika-heuningby, aansienlike internasionale belangstelling en befondsing verkry het.

Prof Du Toit is as direkteur van die Soogdiernavorsingsinstituut (SNI) aangestel nadat dit in 1999 weer by die Departement Dierkunde en Entomologie ingelyf is. Verskeie soogdierkundiges het verkies om hulle navorsingsbevindinge onder die beskerming van die SNI te publiseer.

Prof Willem Ferguson het sy navorsing oor verskillende aspekte van evolusionêre biologie voortgesit, waarin hy van krieke, paddas en voëls as modelle gebruik maak om verskillende hipoteses oor voortplantingsukses te toets.

Prof Scholtz het sy navorsing op die gebied van die biosistematiek van die miskruier en verwante insekte voortgesit. Die groep het as gevolg van die rykdom in Afrika-fauna en die navorsingsgeleenthede wat dit bied, verskeie buitelandse studente en nadoktorale beurshouers getrek.

Prof Rudi van Aarde het 'n Navorsingseenheid oor Bewaringsekologie gevestig wat aansienlike belangstelling van byvoorbeeld die mynbedryf getrek het, en dié groep het van die groep se kundigheid gebruik gemaak om die biologiese rehabilitasie van herstelde myngebiede te evalueer en te monitor.

Prof Albert van Jaarsveld is as direkteur van die Skool vir Omgewingswetenskappe aangestel. Dit is 'n interfakultêre sentrum wat navorsing op die gebied van die omgewingswetenskappe fasiliteer en koördineer. Sy departementele navorsingsgroep het 'n kern van deskundigheid op die gebied van bewaringsbeplanning daargestel waarvoor hulle nasionale en internasionale erkenning en befondsing ontvang het. **Me Belinda Reyers** is gedurende 2000 aangestel om deel van die werklading ten opsigte van bewaringsbeplanning te dra. Die belangstelling na die gebruik van biodiversiteitsinligting vir bewaringsbeplanning het aanleiding gegee tot die totstandkoming van BIOMAP, 'n multi-institusionele, Webgebaseerde fasiliteit vir die koördinering van Suid-Afrikaanse biodiversiteitsinligting.

Hoewel elkeen van bogemelde senior akademici weens hulle groot en produktiewe navorsingsgroepe uitgesonder word, het al die akademiese en ondersteuningspersoneel belangrike bydraes tot die algemene produktiwiteit van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die departement gelewer. Verder het verskeie akademici tot 'n aantal navorsingsrigtings in die departement bygedra, waarvan sommiges in 'n groot mate en ander in 'n minder regstreekse wyse bygedra het. Al die navorsingsgroepe is versterk deur 'n aantal buitelandse nadoktorale houers van navorsingsbeurse, wat nuwe vaardighede en kundigheid by die groepe ingevoer het. Die volgende is enkeles onder die meer algemene rigtings waarin verskeie navorsingsgroepe insette gelewer het:

Die vakgebied van toegepaste entomologie het gedurende die verslagtydperk uitgebrei met die aanstelling in 1995 van **dr Melodie McGeoch**, 'n insek-ekoloog, waardeur **dr At Schoeman** se navorsing oor plaagdoders aangevul is. Gedurende 1999 is **mnr Prem Govender** as bosbou-entomoloog aangestel om navorsing oor bosbou-insekplae in samewerking met navorsers by die onlangs gestigte Bosbou- en Landboubiotegnologie Instituut in die fakulteit te fasiliteer.

Navorsing na subantarktiese eilande en die Antarktiese vasteland, wat 'n lang geskiedenis in die voormalige departemente Entomologie en Dierkunde opgebou het, in die verslagtydperk steeds gedy. **Proff Bester**, **Chown** en **Van Aarde** het hulle betrokkenheid verskerp en verskeie nagraadse studente en talle publikasies oor onderskeidelik robbe, insekte en huismuise opgelewer.

Na die herinlywing van die SNI by die departement is daar opnuut spesifieke fokus op soogdiernavorsing geplaas. **Dr Chris Chimimba**, wat in 1999 aangestel is, het hom op die morfometriese sistematiek van knaagdiere toegespits. **Dr Mac van der Merwe** het sy navorsing oor vlermuise voortgesit, maar 'n nuwe dimensie bygevoeg deur ook die moontlike waarde van groot knaagdiere soos rietrotte in die produksie van vleis vir menslike verbruik te ondersoek. **Prof Bennett** se navorsing is spesifiek op die ekofisiologie van die knaagdiermolle en insekvretende molle gerig. **Prof Bester** het sy navorsing oor sub-Antarktiese en Antarktiese marienesoogdiere voortgesit en ook enkele ongewone aspekte soos robbepredasie op seevoëls, asook die predasie van grootdoodshaaie op robbe en seevoëls, bygevoeg. **Prof Van Aarde** het voortgegaan met verskillende aspekte van navorsing oor die voortplantingsfisiologie van soogdiere wat wissel in grootte van die vaalveldmuis tot die Afrika-olifant.

Sistematieknavorsing oor 'n verskeidenheid diere het gedurende die verslagtydperk momentum verkry. Sistematieknavorsing oor insekte, veral op miskruiers en verwante insekte, het onder leiding van **prof Scholtz** voortgeduur, terwyl **prof Terry Robinson** se molekulêre soogdierlaboratorium stewig gevestig is. **Prof Robinson** het die Universiteit aan die einde van 1999 verlaat en is vervang deur **me Amanda Bastos**, 'n molekulêre bioloog wat in die epidemiologie van dieresiektes spesialiseer. **Dr Chimimba** se spesialisrigting, naamlik morfometrie, het 'n waardevolle nuwe dimensie by die terrein van sistematiek in die departement gevoeg. Gedurende 2000 is nog 'n molekulêre bioloog, **me Abeda Dawood**, aangestel. Hierdie aanstellings het die departement op die voorpunt van sistematieknavorsing in die land geplaas.

Toe die Skool vir Landbou- en Landelike Ontwikkeling in die vroeë negentigerjare in die fakulteit gevestig is, was Entomologie een van die eerste dissiplines wat die graadkursusse BInst(Agrar) en MInst(Agrar) in die rigting Volhoubare Insekbestuur ingestel het. Kort na die samesmelting van die twee departemente is dié graad deur kursusse in Volhoubare Ekologiese Bestuur gevolg. Weens die sterkpunte van die verskillende navorsingsgroepe in die departement, het daar in 1999 'n behoefte ontstaan om gedoseerde MSc-grade in te stel wat van die beskikbare kundigheid gebruik sou kon maak. Gedurende 2000 is die volgende vier nuwe MSc-grade ingestel: Geïntegreerde Plaag- en Siektebestuur, wat gesamentlik deur die Departement Dierkunde en Entomologie en die Departement Mikrobiologie en Plantpatologie aangebied word; Sistematiek en Bewaringsevaluering wat deur die departemente Dierkunde en Entomologie, Plantkunde en Genetika aangebied word; Bewaringsekologie en -Beplanning; en Afrika-soogdierkunde.

Vanweë die hoë internasionale profiel van talle van die navorsingsgroepe is verskeie internasionale samewerkingsprogramme van stapel gestuur. Dit het gelei tot 'n bestendige stroom buitelandse besoekers aan die departement, wat verskeie wederkerige besoeke deur departementele akademici tot gevolg gehad het. Die internasionale samewerking het daartoe gelei dat 'n aantal nagraadse studente in die departement die geleentheid ontvang het om langdurige besoeke aan die navorsingslaboratoriums van die internasionale medewerkers te bring, waaronder universiteite in Frankryk, Duitsland, die Verenigde Koninkryk, Kanada en die Verenigde State van Amerika. Dit het die nagraadse studente aan nuwe tegnieke, navorsingsmetodologie en navorsingsfilosofie blootgestel.

Verskeie departementslede is as presidente van plaaslike professionele verenigings verkies, waaronder die Entomologiese Vereniging van Suider-Afrika (**prof Scholtz**), die Dierkundige Vereniging van Suider-Afrika (**prof Van Jaarsveld**), die Suider-Afrikaanse Natuurlewebestuursvereniging (**prof Van Aarde**), en die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Sistematiekbioloë (**prof Scholtz**). Hulle het ook op talle nasionale en internasionale komitees van genootskappe van geleerdes gedien, asook op ander komitees wat met sowel die bewaring van habitatte en fauna as met die bestuur van gebiede van spesiale navorsings- en bewaringsbelang gemoeid is.

Prof C H Scholtz
DEPARTEMENTSHOOF

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Genetika

In die biowetenskappe is die einde van die 20ste eeu gekenmerk deur aansienlike vordering op die gebiede van Genetika en DNSbiotegnologie. Hierdie opwindende ontwikkeling word weerspieël in die veranderings wat gedurende die tydperk 1993-2000 in die departement plaasgevind het. Daar was wesenlike personeelveranderings, veranderings in die getal voorgraadse en veral nagraadse studente, asook 'n aansienlike toename in die departement se navorsingsbydraes.


Prof H Huismans

Die personeeltal is verhoog en bestaan nou uit sewe lektore, 'n dubbele aanstelling dosent en vier permanente tegniese assistente. **Prof Jan Hofmeyr** is ook vanaf 1992 as ereprofessor aangestel. Onder die personeelveranderings wat die afgelope agt jaar plaasgevind het, is die aanstelling van **dr Vida van Staden** in 1993 en **dr Wilma Fick** in 1995. **Dr Nombasa Tsengwa** het in 1996 by die departement aangesluit na die voltooiing van haar doktorale studie in die Verenigde State. Saam met **prof Annabel Fossey** het sy gehelp met die vestiging van die navorsingsprogram in plantbiotegnologie. Die aanstelling van **prof Brenda Wingfield** en die tweeledige aanstelling (tesame met die Departement Plantkunde) van **prof Anna-Maria Oberholster** het die navorsingsprogram gedurende 1998 aansienlik versterk. Dit het terselfdertyd gelei tot die daarstelling van die navorsingsprogramme in swamgenetika en plantpatogenese. Die onderskeie bedankings van **prof Fossey** en **dr Van Staden** en die aanstelling van **drr Paulette Bloomer** en **Jaco Greeff** gedurende 1999 het die daarstelling van twee nuwe navorsingsprogramme ingelui, naamlik in Molekulêre Ekologie en Evolusie, en in Gedragsgenetika. **Prof Heinie Liebenberg** het aan die begin van 2000 afgetree na 33 jaar van doseer- en navorsingswerk in die departement. Sy aftrede het aanleiding gegee tot die besluit om die navorsing in sitogenetika en sitotaksonomie by die program vir Molekulêre Ekologie en Evolusie in te lyf. Die toevoeging van die nuwe navorsingsprogramme het grootliks bygedra tot die daarstelling van 'n sterk, goed gebalanseerde departement. Die huidige navorsingsprogramme behels 'n wye reeks onderwerpe, wat teling, biotegnologie, rekombinante DNS-tegnologie, evolusie, bewaring, taksonomie en sitologie insluit.

Die navorsingsprogram in Molekulêre Genetika behels die molekulêre genetika van dubbelstring RNA-virusse met die uiteindelike doel om 'n entstof uit virussubeenhede te ontwikkel teen die perdesiektevirus en die Suid-Afrikaanse serotipes van die bloutongvirus. Die program het geleidelik vanaf die meer basiese navorsingsbenadering gevorder en sluit tans meer toegepaste aspekte van DNS-biotegnologie in. Die program geniet internasionale erkenning en word omvattend deur die National Research Foundation (NRF) befonds. Dit het gedurende die verslagtydperk ook 18 magister- en doktorsgrade opgelewer.

Die navorsingsprogram van **prof Carl Roux** behels die ontwikkeling van teeldoelwitte, asook die ontwikkeling en toetsing van die beste moontlike metodes om sodanige doelwitte vir beide plante en diere te bereik. Dit word gedoen om teelplanne te ontwikkel wat gemik is op óf die grootste moontlike ekonomiese vooruitgang, óf die bewaring van wild- en gedomestikeerdespesies. Die program word deels deur die NRF befonds en het tot dusver verskeie nagraadse grade opgelewer.

Die Bosbou Molekulêre Biologie Koöperatieweprogram (BMBK) is 'n gesamentlike poging met Suid-Afrikaanse bosboumaatskappye en is daarop gemik om die gehalte van gewilde woudbome te verbeter. Dit behels die verbetering van siekteweerstand en die algemene gehalte van bome by wyse van kweking, genetiese analise en molekulêre tegnieke. In 'n mindere mate ondersoek die BMBK ook die verbetering van koring-cultivars deur weerstand teen sekere luise en roessoorte te verhoog. Die program geniet wye internasionale erkenning en verskeie magister- en doktorsgrade het tot dusver uit die program gespruit.

Die navorsingsprogram in Molekulêre Ekologie en Evolusie (MEEP) gebruik 'n landskaps- of vergelykende filogeografiese benadering om historiese patrone van spesiediversifikasie in prioriteitshabitatte te help bepaal en om belangrike gebiede vir bewaringsbestuur te identifiseer. Die program is ook toegespits op die bewaringsgenetika van bedreigde en/of endemiese spesies. Dit word deur die NRF, die WWF en verskeie ander bronne befonds. Die groot sukses van hierdie program is deels te danke aan sy aansienlike aantal plaaslike en internasionale samewerkers. Verskeie MSc- en PhD-studente is tans as deel van hierdie program geregistreer.

Die navorsingsprogram in die Evolusie van Voortplantingstrategieë ondersoek die koöperatiewe kompeterende interaksies tussen bloedverwante individue wat aanpassings in voortplantingstrategieë kan teweegbring. Die doel van die program is om 'n teoretiese grondslag daar te stel wat die voortplantingsgedrag verklaar van 'n verskeidenheid organismes en om teoretiese voorspellings te toets. Dit word grotendeels deur die NRF befonds en betrek verskeie plaaslike en internasionale medewerkers.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Verskeie personeellede het in die loop van die verslagtydperk erkenning vir hulle uitmuntende bydraes ontvang. **Prof Henk Huismans** het in 1996 'n A-gradering van die voormalige Stigting vir Navorsingsontwikkeling (SNO) ontvang en het ook die Universiteit se Toekenning vir Akademiese Prestasie reeds vier keer ontvang. **Prof Wingfield** het in 1999 'n B-gradering van die NRF ontvang en **dr Greeff** het in 2000 die Presidentstoekenning vir sy uitstaande navorsingsbydraes ontvang. Die meeste van die personeellede het reeds NRF-graderings ontvang. Die Genetika personeel was ook aktief betrokke by verskeie wetenskapkomitees en –verenigings as sameroepers of lede van die bestuurskomitees. Personeellede is by verskeie geleenthede genooi om toesprake oor 'n verskeidenheid onderwerpe te lewer en hulle word gereeld versoek om beoordelaarspligte te vervul. Die departement is verbind tot gemeenskapsontwikkeling en sy personeel neem aktief deel in verskillende programme soos "UP with Science" en die "Reënboog-Biologie-program". Verskeie personeellede is ook versoek om as adviseurs vir nywerhede en/of die regering op te tree.

Die departement het ook drasties uitgebrei in terme van beskikbare fasiliteite. Die vyf funksionerende laboratoriums wat in 1993 in bedryf was, is uitgebrei en sluit nou tien volledig toegeruste laboratoriums met verwante fasiliteite in wat geskik is vir nagraadse opleiding en navorsing. Die departement beskik oor drie studentelaboratoriums wat hoofsaaklik vir voorgraadse opleiding gebruik word, asook 'n rekenaarfasiliteit vir nagraadse studente. In reaksie op toenemende druk vanuit die departement self, asook uit verskeie ander oorde, het die departement 'n sleutelrol gespeel in die vestiging en aanvanklike bedryf van die geoutomatiseerde DNS-volgordebepalings. Die departement is ook grootliks betrokke by die daarstelling van die nuwe DNS-Mikroreekser fasiliteit. Toegang tot hierdie fasiliteite en die verwante tegnologieë was en sal ook in die toekoms rigtinggewend wees ten opsigte van die fokus van navorsing binne verskeie van die navorsingsprogramme.

Die toevoeging van hierdie fasiliteite strook grootliks met internasionale tendense en word ook weerspieël deur die opleiding wat ons studente ondergaan. Die departement het nog altyd klem gelê op die noodsaaklikheid om studente bewus te maak van die belang van goeie wetenskapsmetodes en om studente op te lei om onafhanklike en innoverende wetenskaplikes te wees. Dit word bereik deur die studente se betrokkenheid by die proses van die insameling, verwerking en die toepassing van kennis, veral op nagraadse vlak, gaandeweg uit te brei.

Die studentetal in voorgraadse sowel as nagraadse kursusse het die afgelope paar jaar aansienlik toegeneem. Meer as 1 000 studente is tans vir voorgraadse kursusse geregistreer. Hoewel die getal finalejaarstudente min of meer konstant gebly het, het die eerstejaarsgetalle van 'n geraamde 200 tot sowat 350 studente toegeneem. Die grootste toename was egter op nagraadse vlak. Daar is tans sowat 20 geregistreerde honneursstudente en meer as 60 geregistreerde senior nagraadse studente. Dié toename kan waarskynlik toegeskryf word aan 'n breër fokus in die departement, soos weerspieël word deur die uiteenlopende navorsingsprogramme, asook die toenemende gewildheid van Genetika as sodanig. Hierbenewens was daar op sowel voorgraadse as nagraadse vlak 'n opvallende toename in die getal studente uit voorheen agtergeblewe gemeenskappe.

Prof Henk Huismans
DEPARTEMENTSHOOF

Mikrobiologie en Plantpatologie

Die departement is 'n dinamiese, multikulturele instelling wat die jongste navorsing en opleiding van die hoogste gehalte in mikrobiologie en plantpatologie aanbied ten einde met uitnemendheid aan die opvoedingsprioriteite op hierdie gebiede te voldoen.

Gedurende die oorsigtydperk 1993-2000 het die studenteprofiel deurlopend op voorgraadse én nagraadse vlak verander. Aangesien meer as 30% van ons studente uit voorheen benadeelde gemeenskappe afkomstig is, is die departement nou meer verteenwoordigend van Suid-Afrika se demografie. Dit het nuwe uitdagings met betrekking tot multikulturele onderwys en opleiding gestel, met die gevolg dat die kurrikulum deurlopend aangepas is. Gevolglik was daar aansienlike veranderings in die kurrikulum ten einde beginselgesentreerde onderwys en opleiding te bevorder. Die jongste tegnologiese ontwikkelings, en spesifiek in die IT-bedryf, is toegepas om beginselgesentreerde leergeleenthede vir studente te skep. Dit het die departement in staat gestel om die hoogste moontlike standaard van onderwys en opleiding te handhaaf en om onbeperkte moontlikhede aan sy studente te bied.

Die departement het op enige gegewe tydstip tussen 70 en 80 nagraadse studente. Gedurende die afgelope vyf jaar is 67 honneursgrade toegeken en 44 studente het hulle MSc- en PhD-grade behaal, wat die departement in 'n leiersposisie op die gebied van onderwys, opleiding en navorsing in mikrobiologie en plantpatologie in Suid-Afrika plaas.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Navorsing is toegespits op die gebied van water- en omgewingsmikrobiologie, biofilmfisiologie, die biologiese beheer van plantsiektes, biologiese stikstofbinding en molekulêre virologie.


Prof J M Kotzé

Die departement het daarin geslaag om aansienlike finansiële steun vir navorsing te bekom, met 'n merkbare toename in befondsing deur die NRF en die Thrip-program in die besonder, wat ook 'n toename in 'n reeds stewige bedryfsgegronde befondsingsprogram weerspieël. Die Thrip-program en die NRF-bestuurde programme het 'n belangrike bydrae tot navorsing en die onderwys en opleiding van nagraadse studente in die departement gelewer. Personeellede en studente neem aktief deel in internasionale en nasionale wetenskaplike vergaderings. Meer as 100 artikels is die afgelope vyf jaar in eweknie-beoordeelde wetenskaplike joernale gepubliseer en ses patente is geregistreer. Die Universiteit, met die ondersteuning van die private sektor, het fondse toegeken vir 'n wesenlike opknapping van die departement se fasiliteite, wat in 1999 afgehandel is. Dit het agt nuwe, volledig toegeruste navorsingslaboratoriums ingesluit, wat die kapasiteit vir navorsing en die opleiding van nagraadse studente aansienlik verhoog het.


Prof T E Cloete

Die jaar 1997 is gekenmerk deur 'n aantal belangrike inisiatiewe. Die eerste was die befondsing van die Bosbou- en Landboubiotegnologie Instituut (BLBI) onder die direkteurskap van **prof M J Wingfield**. Die instituut, wat in sy eie splinternuwe gebou gehuisves is, het noue bande met verskeie departemente in die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe. Hierdie verwantskap is vir die departement 'n opwindende en belangrike ontwikkeling aangesien dit talle navorsingsgeleenthede vir plantpatologiestudente in die instituut wat ongetwyfeld 'n sentrum van uitnemendheid is, te bied. Hierdie inisiatief het aan die Universiteit 'n toonaangewende posisie op die gebied van bosbou- en landboubiotegnologie en plantpatologie in Suider-Afrika verleen. Die tweede inisiatief was die stigting van 'n Sentrum vir Waterbiotegnologie in die departement wat hoofsaaklik deur die private sektor, die Waternavorsingskommissie en die NRF se Thrip-program befonds is. Nog 'n opwindende ontwikkeling was die daarstelling van 'n samewerkingsooreenkoms met die Landbounavorsingsraad (LNR), wat gelei het tot die stigting van 'n Sentrum vir Stikstofbinding in die departement.

Die departement het 'n program van stapel gestuur om internasionale en plaaslike samewerking uit te brei. Afgesien van formele samewerking met die Universiteit van Ghent in België, die Penn State University in die VSA en die Universiteit van Queensland in Australië, is nuwe bande met die Universiteit van Duisburg in Duitsland aangeknoop en samewerkingsprogramme met organisasies in Frankryk en die Verenigde Koninkryk op die gebied van navorsing is ingestel. 'n Aantal nagraadse studente in die departement neem aan hierdie program deel. Dit het geleenthede vir uitruilprogramme vir studente en personeel asook samewerkingsprogramme in navorsing vergemaklik. Die strategiese alliansie tussen die WNNR en die Universiteit het ook 'n positiewe uitwerking op die departement gehad en was 'n groot hupstoot vir die Sentrum vir Waterbiotegnologie. Die departement het 'n nuwe gedoseerde MSc-graad in Waterhulpbronbestuur ingestel wat gesamentlik deur die departement, die Sentrum vir Omgewingstudies (UP) en die WNNR aangebied word. Dit word in die vooruitsig gestel dat hierdie programme uiteindelik tot internasionalisasie sal lei, wat op sigself besondere voordele op die gebied van onderwys, opleiding en navorsing sal meebring.

'n Aantal nuwe personeelaanstellings is gedoen. **Prof T E Cloete** is in 1994 na die aftrede van **prof J M Kotzé** as departementshoof aangestel. Met betrekking tot akademiese personeel was die departement besonder gelukkig om die dienste van **proff T Aveling**, **V S Brözel**, **T A Coutinho**, **drr J Theron, A Viljoen**, **mnre F Venter, J Jafta** en **me W Markotter** te bekom. Die ander akademiese personeel sluit in: **proff C H Nel**, **L Korsten**, **F C Wehrer** en **dr N J Labuschagne**. Gelyke indiensneming geniet soos voorheen nog steeds hoë voorrang en heelwat sukses is met geslags- en ras-aangeleenthede behaal. Van die akademiese personeel word 42% deur aangewese groepe verteenwoordig. 'n Aantal vooraanstaande wetenskaplikes is as buitengewone professore aangestel, waaronder **proff R M Atlas** (VSA), **Hans-Curt Flemming** (Duitsland), **P L Steyn** (SA), **B J Strydom** (SA), **P Jooste** (SA) en **P Ashton** (SA). **Prof Roistacher** (VSA) het 'n eredoktorsgraad ontvang vir sy bydrae as plantpatoloog tot die bedryf in Suid-Afrika.

Wat gemeenskapsdiens betref, het die departement as gasheer vir twee belangrike internasionale konferensies opgetree, naamlik die tweejaarlikse konferensie van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Mikrobiologie en die konferensie van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Plantpatologie. Die departement het in 1998 ook as gasheer vir twee internasionale werksessies opgetree. Die International Water Association (IWA) se spesialisgroep vir biobesoedeling en biokorrosie het sy internasionale werksessie op die kampus aangebied, en ook in 1998 is 'n werksessie oor nuwe ontwikkelings in die mikrobiese analise van drinkwatergehalte deur die aanwending van molekulêre tegnieke aangebied.

Prof T E Cloete
DEPARTEMENTSHOOF

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Plantkunde

Prof Albert Eicker het die hoofskap van die departement in 1986 by **prof Nathanaël Grobbelaar** oorgeneem. **Prof Eicker** was ten nouste betrokke by fakulteits- en universiteitsaktiwiteite. Hy was vir talle jare lid van die Akademiese Beplanningskomitee van die Senaat, was instrumenteel met die stigting van die Fakulteit van Biologiese en Landbouwetenskappe en het vir bykans drie jaar as dekaan waargeneem terwyl **prof Johan van Zyl** op studieverlof in die VSA was. **Prof Eicker** het in 1990 die Medalje vir Buitengewone Prestasie en die gepaardgaande finansiële bydrae van die Universiteit ontvang en die toekenning is elke drie jaar hernu. Hy was besoekende professor aan universiteite in die VSA en die Republiek van China, raadslid van die International Society for Mushroom Science en het in 1999 die Havenga Goue Medalje in Landbouwetenskappe ontvang.

Hoewel die voorgraadse studentetal 'n afname getoon het, kon die departement altyd spog met 'n sterk nagraadse skool. Studente kon in Mikologie, Plantfisiologie, Taksonomie, Ekologie en Voortplantingsbiologie spesialiseer, en kursusse in Plantbiotegnologie en Medisinale-plante maak tans sterk opgang. Die departement het besonder goed op navorsingsgebied gevaar en was die afgelope twee jaar, ten opsigte van navorsingsuitsette, onder die tien produktiefste departemente van die Universiteit. Die departement was sewende op die lys van navorsingsuitsette per dosent en drie dosente, **proff Eicker**, **N van Rooyen** en **A E van Wyk** (twee maal) is as van die produktiefste personeellede met betrekking tot subsidiedraende eenhede aangewys. Van die 13 Plantkunde dosente geniet 11 graderingstatus van die NRF, vier met 'n B- en ses met 'n C-gradering.

Ekologie

Met die aftrede van **prof G K Theron** in 1996 het **prof G J Bredenkamp** die leierskap van Ekologie oorgeneem. **Prof Van Rooyen** het aan die einde van 1999 bedank en is deur **dr M W van Rooyen** opgevolg. Al vier hierdie personeellede het NRF-gradering. **Prof Bredenkamp** het sedert 1995 in die Uitvoerende Komitee van die International Association of Vegetation Scientists gedien en is subredakteur van twee internasionale tydskrifte oor plantegroei-wetenskap. Hierdeur het die spesialiteitsgroep internasionale erkenning verkry. Die ekologie-groep het sedert 1993 ongeveer 55 magister- en doktorale studente gelewer en die personeel en studente het in die oorsigtydperk meer as 150 wetenskaplike artikels gepubliseer, tot ses boeke bygedra oor aspekte van die Suider-Afrikaanse bosveld, grasveld en ook die Namakwalandse plantegroei – kennis wat in die praktiese toepassing van omgewingsbestuur, natuurbewaring en veldbestuur van groot waarde is, soos blyk uit die erkenning wat die spesialiteitsgroep op deurlopende basis as raadgewende konsultante uit die privaatsektor ontvang.

Margaretha Mes-instituut vir Saadnavorsing

Prof H A van de Venter was vanaf 1987 direkteur van hierdie instituut. Met die aftrede van die adjunkdirekteur, **prof P J Robbertse** in 1993, het die pos egter verval. Dit was 'n gevoelige slag aangesien **prof Robbertse** 'n groot rol in die navorsingsprogram van hierdie relatief klein instituut gespeel het. Daar is voorsien dat die uitsette van die instituut benede kritieke massa sou daal en die instituut is gevolglik in 1994 gesluit.

Drr L A Coetzer en **I von Teichman** het albei navorsing oor voortplantingsbiologie voortgesit. **Dr Coetzer** se werk het oor die voortplanting en verbouing van die sonneblom en *Tylosema* gehandel, en **dr Von Teichman**, voor haar aftrede aan die einde van 1998, het hoofsaaklik op die saad- en vrugmorfologie van die Anacardiaceae gewerk.

Mikologie Spesialiteitsgroep

Prof Eicker se 40 jaar van ervaring in Mikologie dek 'n wye spektrum van dié dissipline en sedert sy aanstelling in 1968 het hy waardevolle bydraes tot die taksonomie en ekologie van die Suider-Afrika mikobiota gemaak. Talle nuwe genusse en nuwe spesies is beskryf. Hy en sy sowat 20 magister- en 14 doktorale studente het mikologiese bydraes gelewer op die gebiede van mikoses van mens en dier, mikorisas, akwatiese-, grond- en koprofiele fungi en die taksonomie van makroswamme. Sy werklike kundigheid lê in die verbouing van sampioene, byvoorbeeld die knopiesampioen, *Agaricus bisporus* en meer eksotiese soorte, soos die oestersampioen, *Pleurotus ostreatus*. Van die 155 wetenskaplike artikels wat hy geskryf het, handel meer as 40 oor sampioenverbouing. Gedurende 1993-2000 het **dr J V van Greuning** en **dr T A S Aveling** hulle by die Mikologie-eenheid geskaar. **Dr Aveling** het waardevolle werk op patogene fungi van inheemse landbougewasse gedoen en talle nagraadse studente in dié rigting opgelei. **Dr Van Greuning**, met na-doktorale genoot **dr R C Sinclair**, het beduidende bydraes op die gebied van Arbuskulêre Mikorisas gelewer.

Plantfisiologie

Hierdie vakgebied het van 1993-2000 onder leiding van **prof Van de Venter** gestaan. Sy navorsing was hoofsaaklik op saad toegespits en as lid van die Vigour Test Committee van die International Seed Testing

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Association, het hy heelwat internasionale bydraes gelewer, onder meer die reëling van 'n saadgroeikragtigheid-seminaar in Copenhagen in 1995. Hy is in 1994 en 1997 met die Universiteit se toekenning vir Buitengewone Prestasie vereer. Hy het aan die einde van 2000 afgetree. **Mnr S de Meillon** was ook by saadnavorsing betrokke en het hoofsaaklik ondersoek na die invloed van hiperoksiese toestande op sade se fisiologie ingestel. **Prof J J M Meyer** se navorsing op medisinale plante was op verbindings met aktiwiteit teen verskeie toestande insluitende patogene van byvoorbeeld malaria, tering, hartwater en MIV-VIGS toegespits. Sy groep het ongeveer 20 artikels in die tydperk 1993-2000 gepubliseer. Twee molekulêre bioloë, **prof Anna-Maria Botha-Oberholster** en **prof K Kunert**, is onderskeidelik gedurende 1998 en 1999 aangestel. **Prof Botha-Oberholster** (met 'n span van 17 studente) se werk is op die molekulêre basis van siektebestandheid van kleingrane toegespits. Sy is aktief betrokke by die molekulêre biologie van denne en biotegnologiese toepassings soos somatiese embriogenese en mikropropagering. **Prof Kunert** se navorsing fokus op DNA-veranderings in die plantgenoom wat deur omgewingstremmings en chemiese stremming veroorsaak word.

Planttaksonomie

Prof Van Wyk is in beheer van planttaksonomie en is 'n geëerde wetenskaplike met 'n lang lys van nuwe taksons wat hy beskryf het. Hy is in 1991 met die Universiteit se toekenning vir Buitengewone Prestasie vereer, het reeds sedert 1994 'n B-gradering van die NRF en is landwyd bekend vir sy boeke oor inheemse bome en veldblomme. Veertien magister- en ses PhD-studente het hulle grade onder sy bekwame leiding voltooi. Hy is kurator van die herbarium en dien, saam met **drr Coetzer** en **Van Greuning** in die bestuur van die botaniese tuin.

Die H G W J Schweickerdt-herbarium, wat in 1924 gevestig is, is een van die tien grootste herbariums (uit 'n totaal van 94) in hierdie land, met meer as 100 000 gedokumenteerde planteksemplare. Die herbarium huisves ook die grootste versameling vloeistof-gepreserveerde (FAA) plantmateriaal in Afrika. **Me Martie Dednam** was vir die afgelope 11 jaar tegniese assistent in beheer van die versameling. Behalwe dat die botaniese tuin grootliks tot die versiering van die Universiteit se kampus bydra, verrig dit 'n noodsaaklike funksie as lewende laboratorium. Die Manie van der Schijff Botaniese Tuin het 'n manjifieke versameling inheemse bome. Kenmerke van dié tuin is die unieke, en een van die grootste versamelings broodbome (*Encephalartos* spp.) ter wêreld, asook talle ander inheemse plante. **Me Lorraine Middleton** is hoof van die tuin en **me Susan Myburgh** beheer die proefplaaskwekery. 'n Gewilde tuinroete is onlangs, onder leiding van **dr Van Greuning**, uitgelê met 'n begeleidende kaart en plantgids wat al die nodige inligting voorsien.

Prof Albert Eicker
DEPARTEMENTSHOOF

Sentrum vir Omgewingstudies (SOS)

Die sentrum is in 1999 gestig om te voorsien in 'n toenemende behoefte aan gegradueerdes met 'n sterk interdissiplinêre agtergrond op dié gebied. Die sentrum poog om mense se begrip, bestuur en bewaring van die omgewing te verbeter in die strewe na 'n ryk en ondersteunende bestaan, 'n beter lewenskwaliteit en 'n volhoubare toekoms vir die land se bevolking.

Prof Albert S van Jaarsveld was die eerste deeltydse direkteur toe die sentrum gestig is, en hy is vir 'n driejaartermyn aangestel (1999-2001). Hierdie sentrum steun op die goedgesindheid en opbouende medewerking van die akademiese departemente en fakulteite van die Universiteit vir sy multidissiplinêre opleiding en navorsing.

Sedert 2000 is agt magister- en doktorale graadkeuses aangebied, naamlik Omgewing en Samelewing (MA, MSc), Omgewingsekologie (MSc), Omgewingsekonomie (MSc), Omgewingsopvoedkunde (MEd, MSc), Omgewingsbestuur (MInstAgrar), Omgewingspolitiek en -diplomasie (M Politieke Studies en Diplomasie), Omgewingsbestuur (MBA) en Waterhulpbronbestuur (MSc). Hierdie keuses behels tipies een jaar studie vir voltydse studente en twee jaar vir deeltydse studente, behalwe die MBA-keuse wat aan die gewone tweejaar-MBA aan die Universiteit (wat in 2001 ten einde loop) voldoen het.

Die eerste studente het in Januarie 2000 by die sentrum ingeskryf, en die eerste grade in Omgewingstudies is aan die einde van dié jaar toegeken. Die studente het in die verskillende departemente en fakulteite gegradueer wat die spesialiseringskeuses koördineer. Die sentrum het 'n omvattende webwerf daargestel om deeltydse studente van hulp te wees en toegang tot kursusmateriaal te vergemaklik. Dié webwerf bevat inligting oor kursusmodules, toelatingsvereistes, leerplanne en besonderhede om met die personeel in verbinding te kan tree. 'n Loodsprojek is in 2000 van stapel gestuur om die opsies vir telematiese onderrig in Omgewingstudies te ondersoek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Verskeie wetenskaplike uitsette is gedurende die tydperk 1999-2000 gelewer, onder meer tien publikasies en vier verslae. Die sentrum het 'n strategiese verbintenis met die Departement Landbou-ekonomie, Voorligting en Landelike Ontwikkeling aangegaan om die Sentrum vir Omgewingsekonomie en -beleid in Afrika te kan bevorder. Navorsing en onderrig op natuurlewegebied vorm 'n fokuspunt vir die interdissiplinêre aktiwiteite wat die Sentrum vir Omgewingstudies vanaf 2001 sal bevorder. Hierdie gesamentlike onderneming sluit in die Sentrum vir Natuurlewestudies, die Soogdiernavorsingsinstituut, die Sentrum vir Natuurlewebestuur, en die Price Forbes-leerstoel in Wildsiektes (Onderstepoort). Die sentrum het met die vorming van 'n klimaatveranderingswerksgroep en 'n gemeenskapsgebaseerde geografiese inligtingstelsel op die Universiteit se kampus 'n multidissiplinêre navorsingsinisiatief geloods in samewerking met die West Virginia University in die VSA, die Randse Afrikaanse Universiteit en die Catholic University of Mozambique in Beira. Hierdie informele werksgroepe sluit deskundiges in op die gebiede van biologieseklimaat-modellering, sosiale-impakevaluering, geografiese inligtingstelsels en omgewingsekonomie. Daar het teen die einde van 2000 reeds wetenskaplike referate en verslae in verband met hierdie fokusaktiwiteite verskyn.


Prof A S van Jaarsveld

Prof Van Jaarsveld en **me Marinda Dobson**, die deeltydse kursusadministrateur, is in 1999 as die enigste personeellede van die sentrum aangestel. **Dr Abeda Dawood** is in 2000 as adjunkdirekteur aangestel. Hulle vorm tans die kernpersoneel van die sentrum, en word deur **me Louise Erasmus**, die sentrum se webmeester, bekwaam bygestaan. Die doserende personeellede is uit verskeie universiteitsdepartemente asook van buite die Universiteit afkomstig. **Prof Peter Ashton** van die WNNR is in 1999 as buitengewone professor aangestel om 'n bydrae tot die kursus in Waterhulpbronbestuur te lewer. Die volgende personeellede het in 2000 as koördineerders vir die agt kursusse opgetree: **proff K S O Beavon** (Omgewing en Samelewing), **C H Scholtz** (Omgewingsekologie), **R M Hassan** (Omgewingsekonomie), **Van Jaarsveld** (Omgewingsbestuur), **W J Fraser** (Omgewingsopvoedkunde), **M E Muller** (Omgewingspolitiek en -diplomasie), **C J Cloete** (Omgewingsbestuur) en **T E Cloete** (Waterhulpbronbestuur).

Die sentrum het gedurende 1999 met verskeie omgewingstudieprogramme in die buiteland bande gesmee, onder meer die Universiteit van Potsdam in Duitsland en Dartmouth College in die VSA. Dartmouth College het met die sentrum ooreengekom om 'n groep van ongveer 20 van sy studente jaarliks na die Universiteit en ander bewarings- en omgewingsinstellings in Suid-Afrika te stuur. Die sentrum het in 1999, na aanleiding van hierdie ooreenkoms, as gasheer vir die eerste sodanige groep opgetree.

Verskeie internasionale akademici het die sentrum gedurende die tydperk 1999-2000 besoek. Hulle was van die University of Alberta in Kanada, die FAO in Rome in Italië, die NIH in die VSA, die International LTER Network, die University of New Mexico in die VSA, Dartmouth College in die VSA, die University of Sheffield in die VK, die University of West Virginia in die VSA, die University of Glasgow in VK, en CIRAD in Frankryk.

Bande is gedurende hierdie tydperk ook met universiteite in Suid-Afrika gesluit, byvoorbeeld die Sentrum vir Omgewing en Ontwikkeling aan die Universiteit van Natal. Daar is ook binne die Universiteit bande gesmee met verskillende akademiese departemente wat by die aanbieding van kursuskeuses betrokke is, byvoorbeeld Dierkunde en Entomologie, Geografie, Mikrobiologie en Plantpatologie, Politieke Studies, Publiekreg, Filosofie, Didaktiek, die Skool vir Landbouwetenskappe en Landelike Ontwikkeling, die Sentrum vir Wetenskaponderwys, en die Nagraadse Bestuurskool.

Die sentrum het 'n eendaagse simposium oor die Omgewing en Gesondheid in samewerking met die Skool vir Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid (Universiteit van Pretoria) aangebied, asook in 1991 (een keer) en in 2000 (twee keer, op aanvraag) kortkursusse oor Sosiale-impakevaluering in samewerking met die Departement Geografie en die Departement Sosiologie. Verder het die sentrum ook 'n kortkursus oor Sosiale-impakbeoordeling en Afvalbestuur vir die provinsiale personeel van die Departement Omgewingsake en Toerisme in 2000 aangebied.

Die sentrum se eerste studente in die gedoseerde magisterprogram het in 2000 grade ontvang. Daar was 51 inskrywings vir hierdie gedoseerde magistergraad, waarvan 18 voltyds en 33 deeltyds was. Drie buitelandse studente, een uit Kenia en twee uit die VSA, het in die eerste jaar vir voltydse studie ingeskryf. Drie PhD-kandidate het deur die sentrum ingeskryf. Besonderhede oor die studente-inskrywings vir die verskillende graadkeuses gedurende 2000 is soos volg.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Kursuskeuse	Magister	PhD
Waterhulpbronbestuur	14	3
Omgewing en Samelewing	20	-
Omgewingsbestuur	9	-
Omgewingsopvoedkunde	5	-
Omgewingsekologie	1	-
Omgewingsbedryfsbestuur	1	-
Omgewingspolitiek en –diplomasie	-	-
Omgewingsekonomie	-	-
Ad hoc	1	-

Verskeie bydraes is tot transformasie gelewer. Gedurende 2000 het die sentrum 32 (59%) swart en 19 (35%) wit Suid-Afrikaanse studente gehad. Een buitelandse student was uit Afrika afkomstig. Swart verteenwoordiging beloop dus 33 of 61% van al die studente.

Verder het die sentrum 30 (56%) damestudente en 24 (44%) manstudente. Die balans tussen die twee geslagte op magistervlak is dus goed. Op PhD-vlak is al die sentrum se personeel tans manlik, en hier moet dus aanpassings gemaak word.

	Wit (M)	Wit (V)	Swart (V)	Swart (M)	Buiteland	Geslag	TOTAAL
Gedoseerde magister (deeltyds)	5	7	12	9	-	1 M 1 V	33
Gedoseerde magister (voltyds)	3	3	6	3	3	1 M 2 V	18
PhD-tesis	1	-	-	2	-	3 M 0 V	3
	9	10	18	14		3	54

Die aanstelling van 'n swart damespersoneellid vir die sentrum het die wanbalans ten opsigte van die sentrum se personeel gedeeltelik aangespreek. Daar is tans 66% vroulike en 33% swart personeellede.

Prof A S van Jaarsveld en **dr A Dawood**
DIREKTEUR en DOSENT

Soogdiernavorsingsinstituut (SNI)

Die SNI, wat reeds byna 35 jaar bestaan, het 'n hele reeks veranderings gedurende die tydperk 1993-2000 beleef. Die SNI het in 1994 van die Departement Dierkunde en Entomologie afgestig en onder die leierskap van **prof J D Skinner**, wat sedert 1972 die direkteur was, 'n outonome entiteit aan die Universiteit geword. **Prof Skinner** het in 1998 afgetree, en **prof J T du Toit** is in 1999 by die Universiteit van Zimbabwe gewerf om die direkteurspos te beklee. Die SNI is terselfdertyd weer by die Departement Dierkunde en Entomologie heringelvf en op dié wyse is 'n institusionele identiteit aan soogdiernavorsers in die departement gebied. Die instituut se missie in die huidige opset is tweeledig: om internasionaal erkenning te ontvang vir navorsing en onderrig oor die biologie en ekologie van soogdiere in Afrika, en om te fokus op wat oor die algemeen vir Afrika en in die besonder vir Suider-Afrika relevant is in die bewaring van die diverse inheemse soogdierfauna in die konteks van die volhoubare ontwikkeling van die mens.

Prof Du Toit word in sy bestuur van die SNI se sake bygestaan deur 'n senior tegnikus, **mnr M A Haupt**, en 'n administratiewe assistent, **me E Cronjé**. Assosiate van die SNI sluit in die akademiese personeellede van die departement wat verkies om hulle met die SNI te identifiseer en hierdie affiliasie in hulle publikasies aandui. Die prestasie van die instituut word gemoniteer en gelei deur 'n advieskomitee onder voorsitterskap van die dekaan van die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe wat eenkeer per jaar vergader.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die SNI is een van die vier navorsingsentiteite aan die Universiteit wat by die studie van natuurlewe betrokke is. Die ander drie is die Sentrum vir Natuurlewebestuur, die Veterinêre Natuurlewe-eenheid en die African Floristic and Vegetation Research Centre. In Oktober 2000 het hierdie entiteite hulle gemeenskaplike belange op 'n formele voet geplaas toe die Sentrum vir Natuurlewestudies in die lewe geroep is. Hierdie sentrum speel 'n koördinerende rol in die fasilitering van samewerking op navorsings- en onderriggebied asook fondsinsameling.



Prof J D Skinner



Prof J T du Toit

Daar is in 'n onlangse opname oor soogdiernavorsing in Suider-Afrika wat uitgevoer is ten einde huidige patrone en toekomstige prioriteite te bepaal (**J T du Toi**t en **L S Broomhall**, 2000, *South African Journal of Science* 96:225-230), gevind dat die SNI se huidige portefeulje soogdiernavorsingsprojekte toepaslik en relevant in dié streek is. Die navorsing oor landsoogdiere sluit in 'n projek wat onder die leierskap van **prof N C Bennett** talle uitsette lewer oor die sosiale biologie en voortplantingsonderdrukking by die molrot. **Dr C Chimimba** se navorsing fokus op die sistematika van klein soogdiere in Afrika, en **dr M van der Merwe** bestudeer die algemene biologie van vlermuise en ander klein soogdiere. Die onderwerp van **prof Du Toit** se navorsing is veral die ekologie van groot soogdiere op Afrika-grasvlaktes, met die klem op groot herbivore, maar daar word ook aktief met **dr G Mills** (buitengewone professor) oor groot roofdiere saamgewerk. Die navorsingsterreine lê wyd verspreid oor Suid-Afrika asook in Zambië, Botswana en Zimbabwe. Die instituut is verder ook gasheer vir twee projekte wat in samewerking met toonaangewende buitelandse universiteite onderneem word – die University of Cambridge en die University of California in Berkeley. Die samewerkingsprojek met Cambridge handel oor die sosiale gedrag van meerkatte in die Kalahari onder die leiding van **prof T H Clutton-Brock**. Die Berkeley-samewerkingsprojek word deur **prof W Getz** gelei en behels 'n studie van die ekologiese faktore wat bepalend is in die epidemiologie van beestuberkulose onder die buffelbevolking in die Nasionale Krugerwildtuin.

Die ligging van die SNI by die Universiteit is allermins 'n struikelblok in navorsingsprogramme oor seesoogdiere. **Prof M N Bester** se groep is aktief betrokke by sowel die Suid-Afrikaanse Nasionale Antarktiese Program (SANAP) as ander programme oor die Suidpool wat buitelands befonds word. Hierdie navorsing fokus op die bevolkingsekologie van olifantrobbe en pelsrobbe in die Kerguelen-provinsie asook pakysrobbe in die Weddell-see. **Dr P B Best** is in beheer van die Walviseenheid van die SNI aan die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad. Hierdie eenheid onderneem navorsing oor die ekologie, bevolkingsdinamika en gedrag van walvisse en dolfyne in die see rondom Suider-Afrika.

Die SNI het in 2000 'n nuwe MSc-kursus in Afrikasoogdierkunde ingestel. Dit is 'n intensiewe eenjaarkursus wat gedoseerde werk en onafhanklike navorsing kombineer. Aansoeke om hierdie kursus te volg is reeds van sover as Kanada, die VSA, Frankryk en die VK ontvang. Die prag en praal van die wye verskeidenheid soogdierfauna in Suider-Afrika hou ongetwyfeld 'n besondere aantrekkingskrag in vir studente, veral aangesien die SNI die enigste instituut in sy soort is in die streek, en trouens in Afrika, wat spesifiek op soogdiernavorsing toegespits is. Die teenwoordigheid van 'n geesdriftige groep nagraadse studente by die SNI (besig met die gedoseerde MSc-graad, MSc-navorsingsgrade en PhD-grade) asook verskeie postdoktorale genote, dra by tot 'n informele en dinamiese akademiese omgewing met aansienlike navorsingsuitsette. Byvoorbeeld tussen Junie 1999 en Junie 2000 het lede van die instituut 78 wetenskaplike artikels gelewer wat óf in druk verskyn het óf vir publikasie aanvaar is. Gedurende dieselfde tydperk was daar 42 geregistreerde nagraadse studente (MSc and PhD) wat onder toesig van SNI-assosiate studeer het. Assosiate van die instituut het ook as medestudieleiers opgetree vir verskeie studente wat by buitelandse universiteite geregistreer is. 'n Belangrike bydraende faktor tot hierdie produktiwiteit is dat al die SNI-assosiate wat daarvoor in aanmerking kan kom, ook NRF-gegradeerde wetenskaplikes is, wat standhoudende fondse vir studentebeurse en navorsing verseker.

Prof J T du Toit
DIREKTEUR

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Skool vir Fisiese Wetenskappe

Aardwetenskappe

Die afdeling Weerkunde is in 1999 vanuit die Fakulteit Ingenieurswese by die tradisionele geowetenskaplike afdelings (Geologie, Eksplorasiegeofiska en Omgewings- en Ingenieursgeologie) gevoeg, en is die Departement Geologie herdoop na die Departement Aardwetenskappe. Laasgenoemde het op sy beurt in 2000 deel van die Skool vir Fisiese Wetenskappe binne die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe geword. **Prof S A de Waal** beklee steeds die hoofskap van die departement, en **proff J F Thackeray** (1994-95), **A B A Brink** (1995), **E Braune** (1996-98), **H F J Theart** (1998), **W Altermann** (1999-2000) en **J P R de Villiers** (1999) tree as ereprofessors op.

Die doelwit van die departement bly steeds die aanbieding van 'n breë, hoë standaard voorgraadse kursus. Heelwat tyd word aan die ontwerp en registrasie van nuwe voorgraadse en honneurskursusse by die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie Owerheid bestee, asook aan ander sake wat deur nuwe wetgewing van universiteite verwag word. Veral van belang in hierdie opsig is die vereistes van die wet op billike werksgeleenthede, No. 55 van 1998.


Prof S A de Waal

Op die nagraadse vlak word studente deurgaans by die heersende navorsingsfokusgebiede ingeskakel, te wete magmatiese ertsafsettings, komanalise, die stabiliteit van dolomietgebiede, grondwater, geofisiese tegnieke, konstruksiemateriale, grondwaterbesoedeling en atmosferiese modellering en -voorspelling. Benewens die standaard navorsingsgebaseerde nagraadse kwalifikasies is daar in 1996 'n gedeeltelik gedoseerde MSc(Toegepaste Mineralogie) onder leiding van **prof R K W Merkle** ingestel. In 2000 is 'n gedoseerde MSc(Aardwetenskappraktyk en -bestuur) met die ruim finansiële ondersteuning van Iscor Mining geskep en **prof Theart** is as die eerste bekleër van die nuwe Yskor-leerstoel aangestel. 'n Spesiale kursus op honneursvlak is in samewerking met die SA Weerburo ook in 1998 ingestel om weervoorspellers op te lei. **Me L Dyson** is verantwoordelik vir hierdie kursus.

Die studentetal vir BSc(Hons) het redelik bestendig gebly. Die totale getal MSc studente het tot 32 in 2000 toegeneem wat 'n verdubbeling vanaf 1993 is. Die inskrywings vir die PhD-graad het ook matig tot 12 in 2000 gestyg. In totaal het 126 honneurs-, 37 MSc- en 19 PhD-graduandi vanaf Januarie 1993 tot September 2000 afgestudeer.

Gedurende die oorsigtydperk was die personeelomset in die departement redelik hoog. **Proff C P Snyman** en **E B Förtsch** het in 1999 afgetree en **prof W J Botha** in 2000. **Proff G H Grantham** en **S McCourt** asook **dr R E Harmer**, wat aan die eertydse Instituut vir Geologiese Navorsing op die Bosveldkompleks verbonde was, het die Universiteit verlaat. **Prof Theart** en **drr D Maier**, **R van der Merwe** en **H Mouri** was nuwe aanstellings. **Drr T Wallmach** en **C Li** het ook vir korter tydperke diens aan die departement gelewer. In die afdeling Weerkunde het **prof J van Heerden** in 1999 afgetree. In dieselfde jaar is **dr J S Gertenbach** vanaf die SA Weerburo na die afdeling Weerkunde gesekondeer, en **mnr F A Engelbrecht** sal met ingang 2001 in laasgenoemde afdeling diens aanvaar.

Op navorsingsgebied is goeie vordering gemaak. Die departement het diens aan die gemeenskap gelewer deur middel van 'n navorsingsprojek oor grondwaterverskaffing aan plattelandse gemeenskappe op die Sekhukhuni Plato. Hierdie geïntegreerde geologies-geofisiese projek het uitstekende resultate behaal wat die waternood in die betrokke gebiede aansienlik verlig. **Prof P G Eriksson** is steeds die krag agter 'n internasionale navorsingsprogram oor komvorming, komdinamiek en sedimentologie in die vroeë Voorkambrium. Hy het 'n dr. rer. nat. habil. van die Ludwig-Maximiliaanse Universiteit in Duitsland behaal en 'n navorsingsnetwerk gevestig wat oor 11 lande in vyf kontinente strek. In 1999 is die nuwe CERMOD-inisiatief onder leierskap van **prof De Waal** geloods, met die aktiewe deelname van **proff Botha, Merkle, Theart** en **P J Hattingh**, sowel as **drr Li, Maier, Van der Merwe** en **S Verryn**. Hierdie inisiatief, wat ten doel het om 'n sentrum vir navorsing oor die vorming van magmatiese ertsafsetting te skep, vervang grotendeels die Instituut vir Geologiese Navorsing op die Bosveldkompleks wat aan die einde van 1993, na 'n bestaan van 19 jaar, finaal gesluit is.

Die afdeling Weerkunde fokus veral op die modellering van die dinamika van die atmosfeer. Hierdie navorsingsgebied vereis sterk wiskundige vermoë van studente en navorsers. **Dr C J de W Rautenbach** wat die leiding hierin neem, het wye skakeling met die internasionale gemeenskap bewerkstellig. Twee van die beste internasionaal-aanvaarde atmosferiese modelle word gebruik vir navorsing oor onder meer seisoenale voorspelling en klimaatsverandering.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die vakkundige personeel het tussen 1993-1999 'n totaal van 116 artikels in eweknie-geëvalueerde nasionale en internasionale tydskrifte, 23 bydraes in konferensieverrigtinge sowel as vyf hoofstukke in boeke die lig laat sien. **Prof Snyman** was ook die redakteur van die eerste handboek in Afrikaans oor geologie. Hierdie boek het in 1996 verskyn.

Uit erkenning van sy lang en toegewyde diens aan die geologiese wetenskap, het **prof Snyman** in 1999 die gesogte Havengaprys vir Geologie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang. **Prof Eriksson** se uitmuntende prestasies en diens is in 1999 deur die Universiteit vereer deur die toekenning vir uitstaande akademiese presteerder. **Dr Maier** is in 1998 deur die Fakulteit Natuurwetenskappe as Jong Navorser van die Jaar aangewys, ter erkenning van sy uitstaande navorsingsprestasies. **Prof A van Schalkwyk** het die A B A Brink publikasietoekenning van die SA Instituut van Ingenieursgeoloë ontvang. Hy is ook as genoot van laasgenoemde instituut sowel as van die SA Nasionale Instituut vir Rotsingenieurswese verkies. **Prof De Waal** is ook deur die Sedimentologiese Afdeling van die Geologiese Vereniging van SA erken vir 'n publikasie in die *SA Tydskrif vir Geologie*. **Prof Eriksson** se naam is vanaf 1997 in die *Marquis' Who's Who in the World* opgeneem. In onderskeidelik 1997 en 1999 het **drr Rautenbach** en **Engelbrecht** erkenning ontvang vir die beste referaat wat deur jong wetenskaplikes by die jaarlikse kongres van die SA Vereniging van Atmosferiese Wetenskappe gelewer is.

Die personeel dien as lede en voorsitters in die rade en besture van verskeie organisasies en vakverenigings. Hieronder tel die Raad van die SA Instituut vir Ingenieursgeoloë (**dr Van Rooy**), die Gautengse Ontwikkelingstribunaal (**prof Van Schalkwyk**), die Loodskomitee vir Stedelike Ingenieursgeologiese Ondersoeke (**dr Van Rooy**), die Programkomitee van die internasionale IAEG in Durban (**dr Van Rooy**), die Raad van die Geologiese Vereniging van SA (**dr Maier**), die Bestuursraad van die Raad vir Geowetenskap (**prof De Waal**), die Nasionale Komitee van die Internasionale Unie vir Geologiese Wetenskappe (**prof De Waal**), sowel as die Uitvoerende Komitee van die Mineralogiese Assosiasie van SA (**prof De Waal** en **dr Maier**).

Die departement het in 1997 die suksesvolle internasionale konferensie, Plumes, Plates and Mineralisation, aangebied en het ook as gasheer vir Geokongres '99, 'n simposium oor seisoenale reënvalvoorspellings, en 'n seminaar oor ontwikkeling van dolomietgebiede opgetree. Kortkursusse oor magmatiese sulfiedafsettings, wetgewing en grondwater, sowel as komanalise is ook aangebied.

Geen departement kan egter behoorlik sonder administratiewe en tegniese ondersteuningspersoneel bedryf word nie. **Me S Verryn** (analiswetenskaplike: x-straal diffraksie) het 'n PhD behaal en **me M Loubser** (analiswetenskaplike: x-straal fluoressensie) is in die eindstadium van haar BSc(Hons) in Chemie. **Mnr P J Gräser** (analiswetenskaplike: elektronmikrosonde) is na die afsterwe van **mnr A Atanasov** aangestel. **Mnr G P Murfin** het in 1993 afgetree en **mnr W Grote** het hom as tegniese assistent en museumkurator opgevolg. **Me M Fischer** het nuwe weivelde gaan soek en **me M de Swardt** het in 1996 die nuwe departementele sekretaresse geword. In dieselfde jaar het **me C E White** in die plek van **me R Kuschke** begin werk en haar as kartografiese tekenaar bekwaam. **Me H Kenyon** is 'n navorsingsassistent in die afdeling Weerkunde. Na die afsterwe van **mnr J Mahlangu** het **mnr M Claassen** in 1998 oorgeneem en hy en **mnr P Sibiya** is saam vir die monstervoorbereidingslaboratorium verantwoordelik. **Mnr A Rampora** doen gewaardeerde diens as bode.

Prof S A de Waal
DEPARTEMENTSHOOF

Chemie

Die tydperk 1993-2000 was 'n tydperk van groei vir die departement in sy navorsings- en nagraadse aktiwiteite, ten spyte van 'n afname in die getal voorgraadse studente. **Prof T A Modro** het die vorige hoof, **prof A M Heyns**, aan die einde van 1996 opgevolg. Daar was in vergelyking met die vorige dekade 'n aansienlike daling in die getal senior en erepersoneellede. Drie senior akademici, **proff C J Rademeyer, G N Krynauw** en **J L M Dillen**, het die Universiteit gedurende die verslagtydperk verlaat, met slegs een nuwe aanstelling in 2000, naamlik **prof J C A Boeyens**. Die senior personeel bestaan tans uit **proff Boeyens, D de Waal, S Lotz, A M Modro, T A Modro, E R Rohwer, W J Schoeman, C A Strydom, J F van Staden, P H van Rooyen, R Vleggaar** en **P L Wessels**. **Prof W Focke** bestuur die Instituut vir Toegepaste Materiale.

Die departement was by 'n verskeidenheid navorsingsprojekte betrokke en 'n indrukwekkende aantal navorsingspublikasies het verskyn, soos hieronder saamgevat:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof A M Heyns


Prof T A Modro


Prof J C A Boeyens

Navorsingsbelange

Analitiese chemie; sement- en sementgebaseerde chemie; heteroatoomchemie; infrarooi- en Raman-spektroskopie; molekulêre spektroskopie en vastetoestandchemie; polimeerbymiddels; prosesanalitiese chemie en biotegnologie; strukturele studies van biomolekules; en sintese.

Navorsingsproduksie en hoogtepunte

Die getal "voltydsekwivalente" akademiese personeel beloop 17,64. Die navorsingsuitsette vir 'n tipiese jaar (1998) stel die vlak van navorsingsaktiwiteite ten toon: artikels in tydskrifte wat by die Departement Onderwys geakkrediteer is - 46; redaksionele aktiwiteite (boeke en joernale) - vier; boeke, konferensieverrigtinge en hoofstukke in boeke - twee; ongepubliseerde navorsingsverslae - geen; patente en tegnologiese ontwikkelings - twee; kreatiewe werk - geen; boekresensies, artikels in ander spesialisjoernale - 12; konferensie-aanbiedings - 70; grade toegeken in 1999 - twee magister- en sewe PhD-graduandi.

'n Rekordgetal van 57 navorsingsreferate is gedurende 1999 in internasionale joernale gepubliseer. Hiervan is meer as 50% deur die groepe in Analitiese Chemie opgelewer, veral deur die Laboratorium vir Prosesanalise en Vloeistelsels onder leiding van **prof Van Staden**, waarvan die grootste bydrae, naamlik meer as 50%, deur **dr R I Stefan** gelewer is. **Prof Van Staden** se groep is ook buitengewoon bedrywig ten opsigte van bydraes tot internasionale konferensies asook in multidissiplinêre samewerking. **Prof Van Staden** is op die gebied van Analitiese Chemie toenemend betrokke by die werk van internasionale wetenskaporganisasies.

Die Gaschromatografie/Massaspektrometrie-laboratorium onder leiding van **prof Rohwer** en die IR/Raman-spektroskopiefasiliteit onder leiding van **prof De Waal** het in dinamiese en produktiewe sentrums vir navorsing en nagraadse opleiding ontwikkel.

Die opgradering van die NMR-spektroskopiefasiliteit is voltooi en twee uiters moderne instrumente, die 300 MHz- en 500 MHz-spektrometers, is tans die beste wat op die gebied van NMR-spektroskopie beskikbaar is.

Samewerking binne die Universiteit

Departement Plantkunde; Departement Chemiese Ingenieurswese; Departement Chemiese Patologie; Departement Siviele Ingenieurswese; Instituut vir Patologie, Fakulteit Geneeskunde; Sentrum vir Heteroatoomchemie; Departement Aardwetenskappe; Divisie Tandheelkundige Materiale; Interdissiplinêre Instituut vir Toegepaste Materiale (ITM).

Internasionale samewerking

Universiteit Hassan II, Casablanca, Marokko; Tegniese Universiteit van Wene en Universiteit van Wene, Oostenryk; Poolse Akademie vir Wetenskappe, Pole; Universiteit van Boekarest, Roemenië; Koning Faisal Hospitaal, Saoedi-Arabië; Universiteit van Antwerpen, België; Global FiA, VSA; Universiteit van Washington, VSA; Daimler-Benz, Duitsland; GSF – Duitse Navorsingsinstituut vir Gesondheid en die Omgewing, Duitsland; Max-Planck-Institut für Kernphysik, Duitsland; Technische Universität München, Duitsland; Universiteit van Jena, Duitsland; Universiteit van Würzburg, Duitsland.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Studenteprofiel

Die studente-inname het gedurende die vorige dekade drasties verander. Bloot te oordeel aan voorgraadse registrasies wil dit voorkom of die departement nou uitsluitlik 'n diensdepartement is. Gedurende die verslagtydperk het 'n gemiddelde getal van 34 studente jaarliks vir 'n graad in chemiese wetenskappe ingeskryf. Daar het gemiddeld ses studente per jaar gegradueer. In vergelyking hiermee beloop die gemiddelde getal ingenieurstudente wat vir 'n eerste kursus in Chemie registreer, Chemiese Ingenieurswese uitgesluit, tans sowat 300 per jaar. Die studentetal het verder afgeneem weens veranderde studievereistes in die mediese wetenskappe. Op nagraadse vlak was daar 'n bestendige toename in die getal studente wat vir die honneursgraad ingeskryf het, naamlik van 11 in 1993 tot 17 in 1999. Die getal gegradueerdes het egter afgeneem van 11 in 1993 tot agt in 1999. Op MSc- en PhD-vlak is daar tans altesaam 71 studente in die departement geregistreer, vergeleke met 41 in 1993. In 1993 het 12 studente grade behaal en hierdie getal het onveranderd gebly.

Bogenoemde tendense kan regstreeks in verband gebring word met 'n algemene afname in die getal studente wat vir studie in die basiese wetenskappe inskryf, tesame met 'n verhoogde inname by die Universiteit van nagraadse studente uit voorheen agtergeblewe tersiêre instellings.

Prof J C A Boeyens
DEPARTEMENTSHOOF

Fisika

Hoewel die 20ste eeu ook meermale as die eeu van fisika getipeer is, het die beeld daarvan (en ook dié van ander basiese wetenskappe) veral in die laaste dekade van die eeu totaal begin verander. So het studentegetalle in die betrokke vak wêreldwyd dramaties afgeneem in teenstelling met die getalle in die professionele beroepe. Die Universiteit het ook nie hierdie tendens vrygespring nie en teen 1998 is 'n laagtepunt in voorgraadse studentegetalle bereik. Aktiewe bemarking in die onlangse tyd het egter 'n ommeswaai in hierdie dalende tendens teweeggebring.

Die navorsingsuitsette van die departement gedurende 1993-2000 het egter gestyg. Hierdie uitsette is verkry met 'n gemiddelde doserende personeelkorps van 17 en die personeellede het 'n sterk navorsingskultuur gehandhaaf - sodanig dat die departement onder die tien produktiefste navorsingsdepartemente van die Universiteit tel.

Navorsingsuitsette

Jaar	Wetenskaplike publikasies	Konferensiebydraes
1993	35	35
1994	26	41
1995	23	48
1996	27	38
1997	24	33
1998	33	42
1999	36	57
2000	40	48

Die hoë navorsingsuitsette is deur talle projekte met vooraanstaande wetenskaplikes in die ontwikkelde lande, soos die VSA en Brittanje aangehelp. Formele bilaterale ooreenkomste is ook met wetenskaplikes in België, Denemarke, Duitsland, Frankryk, Hongarye en Poland gesluit. Om plaaslik relevant te bly is verskeie projekte saam met navorsers by ander Suid-Afrikaanse universiteite - veral die historiese swart universiteite - onderneem. Hierdie samewerkingsooreenkomste het tot besoeke en lesings van talle vooraanstaande fisici aan die departement bygedra.

Die navorsing is hoofsaaklik op vastetoestandfisika toegespits, met besondere klem op elektroniese materiale. 'n Aanvang is gemaak met navorsing in polimere. Hoewel talle navorsingsprojekte as basiese innoverende navorsing beskou kan word, is die oorwegende meerderheid op moontlike toepassings in die toekoms gerig. Navorsing in enkele toegepaste velde (naamlik sonenergie en ontsouting) het tot vier patente in die oorsigtydperk gelei.

Die departement was ook aktief betrokke by projekte en die keuring van individue by die voormalige SNO wat deur die NRF vervang is. Die meeste van die navorsingsfondse is gevolglik vanaf hierdie oord ontvang. Geld verkry uit bovermelde internasionale bilaterale navorsingsooreenkomste het ook 'n wesenlike bydrae tot navorsingsfonds gelewer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In 2000 was daar ses B-graduandi (**proff F D Auret, R M Carter, E Friedland, S A Goodman, J B Malherbe** en **H G Miller**) en drie C-graduandi (**proff D J Brink** en **G Myburg** asook **dr H W Kunert**). **Proff Auret, Friedland** en **Malherbe** is uitgenooi om oorsigartikels in toonaangewende wetenskaplike joernale en hoofstukke in boeke te skryf. Talle van die doserende personeel dien in internasionale en nasionale wetenskaplike komitees. Verskeie lesings is ook by internasionale en nasionale wetenskaplike konferensies gelewer.


Prof E Friedland


Prof J B Malherbe

Ongetwyfeld verseker hierdie navorsingsbedrywighede dat die departement internasionaal kompeterend bly.

Soos in die verlede, word die studentetal gedomineer met studente wat dienskursusse by Fisika neem. Klem is daarop gelê om aan dié studente 'n hoëgehaltediens te lewer. Om die studie van Fisika meer aantreklik te maak, is veranderinge in kursusse en inhoud aangebring. Gedurende die oorsigtydperk het 12 MSc- en vier PhD-studente hulle grade behaal. 'n Groot persentasie van die nagraadse studente kom uit die voorheen benadeelde gemeenskappe.

Daar was geen groot veranderinge in die samestelling van die personeel nie hoewel enkele vakante poste bevries is. In 1998 het **prof Friedland** na 18 jaar as hoof van die departement afgetree en is deur **prof Malherbe** opgevolg. **Prof Malherbe** is ook vanaf 2000 aangestel as die voorsitter van die nuutgestigte Skool vir Fisiese Wetenskappe. Hierdie skool bestaan uit die departemente Aardwetenskappe, Chemie, Fisika, Geografie en Geoinformatiese Wetenskappe, die Sentrum vir Wetenskaponderwys, die Gold Fields Sentra, die Sentrum vir Geoinformatiese Stelsels, die Laboratorium vir Mikroskopie en Mikroanalise en die Instituut vir Toegepaste Materiale.

Prof J B Malherbe
DEPARTEMENTSHOOF

Geografie en Geoinformatika

Die departement het 'n herskikking ondergaan om aan nuwe en uitdagende eise op sowel nasionale as internasionale vlak te voldoen. In die middel van 2000 het die departement met die afdelings Geografiese Informasiestelsels (GIS) saamgesmelt om Geomatika van die Departement Stads- en Streekbeplanning en die Departement Geografie en Geoinformatika te vorm. Die departement, wat in die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe gesetel is, handhaaf noue bande met die fakulteite Geesteswetenskappe en Opvoedkunde.

Die departement streef daarna om bande met verwante dissiplines in die algemene vakrigtings van aardwetenskappe, stedelike studies en meer onlangs ook GIS te vestig. In die proses het 'n sterk belangstelling in die toerismerigtings behoue gebly en kundigheid is op die gebied van geomorfologie en stedelike studies bygekry.

In 1993 is die Sentrum vir Ekotoerisme in die destydse Departement Geografie gevestig. Die sentrum het as gasheer vir verskeie nasionale konferensies en werksessies opgetree, maar in 1998 is besluit dat dit meer gepas sou wees om die sentrum in die Departement Hotel- en Toerismebestuur te huisves.

Onder die beskerming van die Verenigde Nasies se Group of Experts on Geographical Names en in samewerking met die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing het die departement van 1995-1998 opleidingskursusse in Suider-Afrikaanse Toponimie aangebied. Die departement het ook as gasheer vir ander internasionale konferensies opgetree, waaronder die Internasionale Geografiese Unie (IGU) se Konferensie oor Internasionale Migrasie en Gender in April 1995, die konferensie van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Aardrykskundiges (SOSAG) in Maart 1996, en 'n internasionale konferensie oor die Omgewing en Ontwikkeling in Afrika in 1997 wat gesamentlik deur SOSAG, die African Geographers' Association, die IGU en die Commonwealth Geographical Bureau geborg is. In 2000 het die departement die konferensie van die Suider-Afrikaanse Vereniging van Geomorfoloë (SAAG) aangebied.

'n Samewerkingsprojek is tussen die departement en die Sentrum vir Geo-ekologie aan die Universiteit van Potsdam in Duitsland van stapel gestuur wat toegespits is op 'n omgewingsinvloedwaardering van die nuwe

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Kroondal-platinummyn naby Rustenburg in Noordwes Provinsie. In samewerking met die Departement Aardwetenskappe aan die Universiteit van die Wes-Kaap, was en is die departement steeds betrokke by die Suid-Afrikaanse Nasionale Antarktiese Program (SANAP) met 'n ondersoek na kriogeniese prosesse en landvorme op Marion-eiland.

Die departement is betrokke by 'n interdissiplinêre gedoseerde magistergraad in die Omgewing en die Gemeenskap wat hy aanvanklik ingestel het maar wat nou deur die Sentrum vir Omgewingstudies (SVOS) bestuur word.

Afgesien van formele onderrig tydens lesings en praktiese klasse is gereelde uitstappies as praktiese opleiding in geomorfologie onderneem. Die program vir voorgraadse studente is hoofsaaklik op die Giant's Castle Wildreservaat toegespits, hoewel die nagraadse studente op die Lesotho-hooglande fokus.



Prof P S Hattingh

Die Eenheid vir Kartografie bly 'n besonder belangrike eenheid van die departement en lewer 'n waardevolle bydrae tot kaartproduksie, kartografiese navorsing en die ontwerp van plakkate vir verskeie akademiese departemente, asook vir staats- en private instansies.

Onder die vooraanstaande besoekers aan die departement gedurende die verslagtydperk was **prof Bosè Iyun**, visepresident van die IGU, **prof Janet Momsen**, voorsitter van die IGU se Geografie- en Gender-kommissie, en **prof Denis Dwyer** van die Commonwealth Geographical Bureau. Besoekende dosente sluit in **prof Tanaka-Sugiura**, Fukui Universiteit, Japan, **prof Kevin Hall**, Universiteit van Northern British Columbia in Kanada en **prof Paul Shaw** van die Universiteit van Luton in die Verenigde Koninkryk.

Daar was gedurende die verslagtydperk 'n aantal veranderings in die akademiese personeel hoewel die dienspersoneel feitlik onveranderd gebly het. **Prof J Cooks** het in 1994 en **me C E Ferreira** in 1997 afgetree. **Prof P S Hattingh**, departementshoof, wat tot Genoot van die Suid-Afrikaanse Geografiese Vereniging (FSAGS) verkies is en in 1993 die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se Stals-prys vir Geografie ontvang het, het in 1998 afgetree nadat hy 18 jaar lank as departementshoof gedien het. Nuwe personeellede is **dr K I Meiklejohn** (1995) en **mnr P D Sumner** (1997). **Prof K S O Beavon** het die pos van departementshoof in 1999 aanvaar. Die enigste nuwe lid van die ondersteuningsdienspersoneel is **mnr W A Daniels** (1995) wat as tegniese assistent spesiale verantwoordelikheid vir die departement se rekenaarstelsels op sy skouers neem. Lede van die tegniese en ondersteuningsdienspersoneel met lang en lojale diens is **me I Booysen**, senior kartografis sedert 1982, **me M M Geringer**, kartografis sedert 1987, **me R van Niekerk**, sekretaresse en departementele administrateur sedert 1987, en **me N Vivier**, tegniese assistent sedert 1989.



Prof K S O Beavon

Personeellede van die departement het by talle geleenthede buitelandse reise onderneem en 185 lesings by verskeie internasionale akademiese konferensies gelewer. Navorsingsuitsette in gepubliseerde vorm behels 65 eweknie-geëvalueerde artikels in nasionale en internasionale vakjoernale, asook geredigeerde boeke, 69 wetenskaplike verslae, twee boeke en een versameling geredigeerde referate.

Afgesien van deelname in plaaslike kommissies en verenigings het lede van die personeel in verskeie internasionale komitees gedien. **Prof Leon Hugo** is 'n korresponderende lid van die IGU-werksgroep oor Volhoubare Toerisme en van die IGU-werksgroep oor Biogeografie. Hy dien ook in die International Association for Impact Assessment en is president van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Roete-eienaars. **Mnr Sumner** het in komitees van SAAG gedien en is die mees onlangse oudpresident daarvan. Hy is 'n deelnemende lid van die Southern African Quaternary Association (SAQUA) en was sekretaris/tesourier van die Suider-Afrikaanse Permafrost-groep. Hy is aktief betrokke by SANAP se projek in kriogeniese prosesse op Marion-eiland en het die eiland elke jaar sedert 1997 besoek. **Dr Meiklejohn** is 'n raadslid van die Internasionale Permafrost-vereniging en president van die Suider-Afrikaanse Permafrost-groep. Hy was betrokke by die Britse Antarktiese Opname-projek naby die Mars-gletser in die suidoostelike deel van Alexander-eiland. Hy werk saam met die Universiteit van Northern British Columbia op bergomgewings en geomorfiese prosesse in Brits-Columbia en Suider-Afrika.

Prof Joan Fairhurst was aktief betrokke by SOSAG en die voorlopers daarvan, die Suid-Afrikaanse Geografiese Vereniging en die Vereniging vir Geografie, sowel as die Afrika-instituut van Suid-Afrika, die Ontwikkelingsvereniging van Suider-Afrika, die Sentrum vir Vrouestudies by Unisa, die Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief vir Suid-Afrika (IDASA), die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Afrikastudies, die International Association for Impact Assessment en die Suid-Afrikaanse Federale Onderwysersraad. **Prof Fairhurst**, wat in 2000 afgetree het, het die gesogte SOSAG Goue Medalje vir uitstaande diens in die Geografie-dissipline ontvang.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Saam met **me Booysen** dien sy in die IGU se Geografie- en Gender-kommissie.

Dr André Horn is die Suid-Afrikaanse verteenwoordiger op die IGU se Kommissie vir Stedelike Studies en het in Nanjing (1999) en Seoul (2000) aan konferensies van die werkgroep deelgeneem.

Hoewel die voorgraadse studentetal tussen 1993 en 1995 'n afname getoon het, het dit sedertdien toegeneem en in 2000 'n toename van 23% teenoor 1999 getoon. 'n Belangrike ontwikkeling is die persentasie toename in die inskrywing van swart studente, naamlik van 1,4% in 1993 tot die huidige 15,4%. Op honneursvlak het die getal inskrywings tussen ses en die huidige 16 gewissel en swart studente maak nou 37% van die klas uit. Gedurende die dekade het 15 studente magistergrade vir verhandelings behaal, waarvan slegs sewe wit studente was. Slegs drie doktorsgrade is voltooi, waarvan een deur 'n swart student behaal is.

Benewens die veranderende studenteprofiel was die departement as deel van die Universiteit se transformasieprogram aktief betrokke by gesamentlike projekte met die Universiteit van Venda by Thohoyandou in die Noordelike Provinsie.

Prof K S O Beavon
DEPARTEMENTSHOOF

Gold Fields Sentra

Die Gold Fields Rekenaarsentrum was aanvanklik slegs 'n rekenaarsentrum wat die effektiewe aanwending van rekenaargesteunde onderrig as kernaktiwiteit gehad het, maar sedert 1993 was dit ook gebruik vir die koördinering en gedeeltelike aanbieding van die oorbruggingsprogram, Projek Renaissance, van die destydse Fakulteit Natuurwetenskappe.


Prof L Strauss

Met die aftrede van **prof L Strauss** in 1995 is die Exploratorium by die rekenaarsentrum ingelyf en die twee fasiliteite is gesamentlik deur die direkteur, **prof J van Staden**, bestuur. In 1997 het die Gold Fields Stigting sy borgskap uitgebrei om ook die Exploratorium in te sluit en het dit toe as die Gold Fields Exploratorium bekend gestaan. Terselfdertyd is 'n Tegnologiesentrum tot stand gebring. Weens hierdie veranderings funksioneer die afdeling tans as 'n trilogie, naamlik die rekenaarsentrum, die Exploratorium en die tegnologiesentrum en staan nou as die Gold Fields Sentra bekend. Gedurende 1998 is 'n voorstel, in samewerking met die Fakulteit Ingenieurswese, by Hoofbestuur ingedien om die Gold Fields Sentra aansienlik uit te brei en met ander losstaande uitstallings op die kampus te integreer. So is die konsep van 'n Wetenskap en Tegnologie Ontdekkingsentrum by UP gebore (Science and Technology Discovery Centre at Tuks). Hoofbestuur het intussen 'n bedrag van nagenoeg R2 miljoen bewillig om 'n gedeelte van die voormalige Tegniese Dienstegebou vir hierdie doel te omskep.

Die Gold Fields Rekenaarsentrum vir Onderwys

Die rekenaartegnologie in die rekenaarsentrum het sedert 1993 'n reeks vernuwings ondergaan. Aan die einde van 1994 is die CYBER hoofraamrekenaar finaal afgeskakel. Dit het onbetroubaar geword en was duur om te onderhou. Die 85 werkstasies is in 'n lokale area netwerk gekoppel met 'n lêerbediener en die Windows-bedryfstelsel. Aanvanklik was dit Windows 3.1, maar later Windows 95. In 1997 is 'n donasie van R550 000 van die Gold Fields-stigting ontvang wat dit moontlik gemaak het om die hele sentrum van 'n nuwe netwerk te voorsien. 'n Kragtige Digital Prioris HX600 lêerbediener is aangekoop en elke werkstasie het 'n 10/100 megabis per sekonde netwerkkaart gekry. Dit was baanbrekerswerk, want selfs tot op hede is dit die enigste netwerk op die kampus wat volledig teen hoë spoed (100 MB/sek) tot by die werkstasies funksioneer. Ook die bedryfstelsel in die sentrum is uniek. In samewerking met die Universiteit van Natal is 'n skyflose Windows 95 stelsel, geïntegreer met Novell 3.1 ingevoer. Dit werk sonder probleme, het geen las van virusbesmetting nie en voorsien 'n hoë mate van sekuriteit. Die kragtige bedieners en die vinnige netwerk is voorvereistes vir so 'n stelsel.

Die onderrigmodus in die sentrum ontwikkel voortdurend. In ooreenstemming met internasionale tendense is geleidelik weg beweeg van tutoriaal-tipe sagteware na inhoudsvrye materiaal. Die beste voorbeeld van inhoudsvrye sagteware is 'n woordverwerker. Die student begin met 'n leë skerm en moet self die inhoud voorsien. Konstruktiwistiese onderwysmetodes word op hierdie wyse ook in die rekenaargesteunde onderwys toegepas. 'n Ander program in hierdie styl is Master Grapher vir Windows wat in die sentrum ontwikkel is en 'n vernuwing in die Wiskunde-onderrig meegebring het. Die LOGO-programmeertaal en Powersim is inhoudsvrye programme wat vir probleemoplossingsopleiding gebruik word. Laasgenoemde word gebruik om dinamiese stelsels te modelleer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die inleidende kursus vir studente wat as gevolg van swak skoolonderrig nie direk vir 'n BSc-graad kan inskryf nie, te wete Projek Renaissance, word sedert 1993 grotendeels in die Gold Fields Rekenaarsentrum aangebied. Studente neem in die eerstejaar Wiskunde, Fisika, Chemie en vaardigheidskursusse teen 'n verlaagde tempo en skakel na twee jaar by die hoofstroom in. Hierdie kursusse het verder ontwikkel en dra tans ten volle krediet ten opsigte van 'n BSc-graad. Die modulestelsel wat in 1999 ingevoer is, gee ook 'n groter keuse aan studente wat die verlengde pad na 'n graad moet of wil volg.

Die Gold Fields Rekenaarsentrum lewer steeds 'n diens aan die Afdeling Studente-ondersteuning. Psigometriese toetse vir beroepsvoorligting word op Maandae in die sentrum afgeneem.

Die Gold Fields Exploratorium

Die doel van die Exploratorium is om aan studente die geleentheid te bied om apparatuur en opstellings te hanteer waarin natuurwetenskaplike beginsels op eenvoudige en aanskoulike wyse geïllustreer word. Die geriewe word ook aan onderwysers, leerlinge en lede van die publiek beskikbaar gestel. Dit bevorder die beeld van die natuurwetenskappe en tegnologie, en werf studente vir die Universiteit. Die Exploratorium beskik oor 'n leeskamer met boeke, tydskrifte en video's. Uitstallings, lesings en demonstrasies word daagliks aangebied. Ongeveer 3 000 leerlinge, in groepe uit skole landswyd, besoek jaarliks die Exploratorium.


Prof J van Staden

In 1997 het die Gold Fields-stigting onderneem om R50 000 per jaar vir vyf jaar aan die Exploratorium te skenk. Dit het met naamkoppeling gepaard gegaan en vandaar die Gold Fields Exploratorium. Hierdie geld word met vrug aangewend vir nuwe uitstallings en die onderhoud van die bestaande fasiliteite.

Die Tegnologiesentrum

Kurrikulum 2005 maak voorsiening vir tegnologie as skoolvak. Onderwysers wat nie oor die nodige kundigheid beskik nie kan gehelp word deurdat die Tegnologiesentrum (in samewerking met die Fakulteit Ingenieurswese) by die Exploratorium gestig is in 'n poging om hierdie leemte te vul. Die opleiding neem die vorm van werksessies aan wat vir onderwysers en groepe leerlinge gereël word. Die toerusting bestaan uit Lego-blokkies, K'nex-stelle en talle tuisgemaakte voorwerpe. 'n Konstruktiwistiese benadering word gevolg. Die sentrum neem steeds in gewildheid toe en word druk besoek.

Die Wetenskap en Tegnologie Ontdekkingsentrum by Tuks

Soos reeds gemeld het hierdie sentrum in 1998 met die samewerking van die Fakulteit Ingenieurswese en die nodige toestemming en finansiële toesegging van Hoofbestuur tot stand gekom. Dit gaan inderdaad 'n ontdekkingsentrum wees, wat die groot aantal losstaande uitstallings en demonstrasies in verskillende fakulteite integreer. Daar word onder meer voorsiening vir 'n digitale planetarium in die nuwe kompleks gemaak Die konstruksiewerk het begin en die nuwe ontdekkingsentrum sal vroeg in 2001 betrek word.

Prof Johan van Staden
DIREKTEUR: GOLD FIELDS SENTRA

Laboratorium vir Mikroskopie en Mikroanalise

Die fasiliteit vir Elektronmikroskopie wat in 1983 met **prof Jan Coetzee** as hoof tot stand gekom het, het oorspronklik noue verbintenisse gehad met die departemente Plantkunde en Fisika, en het administratief in die Fakulteit Natuurwetenskappe ressorteer. Aan die begin van 1994 is die fasiliteit se bestuur van die hersaamgestelde Fakulteit Biologiese en Landbouwetenskappe losgemaak, met rapportering direk aan die viserektor, **prof T Erasmus**. Aangesien die dienste wat die fasiliteit verskaf oor die jare uitgebrei het en tans nie alleen elektronmikroskopie insluit nie, is daar in 1998 op 'n naamsverandering besluit en die fasiliteit staan sedertdien bekend as die Laboratorium vir Mikroskopie en Mikroanalise. Die res van die personeel is drie beheerinspekteurs: **mnre C F van der Merwe, A J Botha** en **A N Hall** met **me E A Meyburgh** as sekretaresse.

Die nuwe bestuursmodel wat die Universiteit aanvaar het, het daartoe gelei dat die laboratorium vanaf die begin

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van 2000 weer binne fakulteitsadministrasie ressorteer het - tans die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe.


Prof J Coetzee

Die laboratorium voorsien in die vraag na gespesialiseerde mikroskopie- en mikro-analitiese dienste aan die Universiteit, en in 'n beperkte mate aan die vraag na hierdie dienste deur die nywerheid. Om aan hierdie vereistes te voldoen word die laboratorium deur vyf personeellede bedryf. Die primêre toerusting in die laboratorium is tans drie aftas-, en een transmissie-elektronmikroskoop. 'n Wye verskeidenheid ondersteuningstoerusting is ook beskikbaar wat navorsers in staat stel om 'n groot verskeidenheid ondersoeke wat van mikroskopie en van mikro-analitiese metodes gebruik maak, af te handel.

In 1994 is die analitiese mikrosonde in die destydse departement Geologie, asook twee verdere elektronmikroskope in die Departement Mikrobiologie en Plantpatologie, administratief onder beheer van die laboratorium geplaas. Met die uitdiensneming van die toerusting by Mikrobiologie het hierdie reëling, asook die reëling ten opsigte van die mikrosonde, egter verval.

Sedert 1993 het 'n groot getal gebruikers van die dienste van die laboratorium gebruik gemaak. In die oorsigtydperk het navorsers die laboratorium byna 10 000 keer besoek, en het hulle 'n totaal van nagenoeg 50 000 uur in die laboratorium deurgebring om hulle navorsing uit te voer. Navorsing wat in die laboratorium verrig is, het sedert 1993 tot meer as 60 publikasies in vaktydskrifte gelei, en navorsers het met ongeveer 150 binnelandse en internasionale konferensiebydraes verslag oor hulle werk gedoen.

Prof J Coetzee
HOOF

Sentrum vir Geoinformasie Wetenskap (GIS)

Sedert die instelling van die moderne rekenaarmatige Geografiese Informasiestelsels (GIS) gedurende die laat sestigerjare het daar 'n merkwaardige verspreiding van GIS-tegnologie in verskillende organisasies en lande plaasgevind. Sowat 12 jaar gelede is GIS beskryf as die grootste voorwaartse stap in die hantering van geografiese inligting sedert die uitvinding van die kaart omdat GIS-tegnologie die wyse waarop kaarte gebruik word, geheel en al verander het. Enigeen kan nou digitale inligting van verskillende bronne integreer na gelang van sy of haar persoonlike behoeftes, en hoef nie meer op 'n gedrukte kaart staat te maak wat iemand anders opgestel het nie. GIS behels metodes en prosedures vir die vaslegging, berging, bestuur, ontleding en aanbieding van geografiese verwysingsdata. Dit sluit in die basiese dissiplines van landmeting, afstandswaarneming, geografiese informasiestelsels, geografie, ruimtelike statistiek en kartografie.


Prof P van Helden

Hoewel die GIS-tegnologie moontlikhede daarstel om besluitneming te vergemaklik, in die praktyk is daar 'n aantal probleme wat die doeltreffende en doelmatige aanwending van GIS-tegnologie belemmer. Die grootste probleem in Suid-Afrika is die tekort aan geskoolde personeel wat die GIS-tegnologie kan toepas, bedryf en bestuur. Om hierdie behoefte te vervul, het die Universiteit 'n omvattende onderrig en navorsingsprogram ontwikkel wat alle aspekte van Geoinformasiewetenskap dek. GIS-onderwys het op 'n relatief klein skaal by die Universiteit begin met die aanbieding van verskillende GIS-kursusse in die departemente Stads- en Streekbeplanning, en Geografie. In 1996 het die Universiteit by die UNIGIS-organisasie aangesluit. Dié organisasie is 'n internasionale groep universiteite wat nagraadse afstandsonderrigprogramme in GIS in die Verenigde Koninkryk, die VSA, Kanada, Nederland, Oostenryk, Rusland, Roemenië, Italië, Swede, Hongarye, Spanje en die Tsjeggiese Republiek aanbied. Die UNIGIS-programme in GIS is 'n innoverende, gevestigde kursus wat aan professionele standaarde voldoen. Dit is ontwerp om bedryfs- en kommersiële behoeftes te bevredig en is daarop gemik om die leerder 'n begrip van die tegniese, geografiese en organisatoriese aspekte van GIS te bied, praktiese ervaring in die gebruik van die betrokke programmatuur te laat opdoen en 'n teoretiese en praktiese agtergrond in die ontwerp en uitvoering van GIS-projekte op te bou. UNIGIS sal aan die behoeftes van beroepsontwikkeling voldoen en is veral vir indiensopleiding geskik. Die opvoedingsprogram is in 1997 uitgebrei met die instelling van 'n voorgraadse program in Geoinformatika vir skoolverlaters. Nagraadse vlakke is in 1999 bygevoeg om magister- en PhD-studie te akkommodeer. Verskeie doelontwerpte GIS-kursusse word op gereelde grondslag vir staats- en privaat organisasies aangebied, waaronder die Departement Grondsake, Siemens, Telkom en die Departement Landbou in Mosambiek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Met die oog daarop om alle GIS-onderrig en -navorsing op die kampus te koördineer, is die Universiteitsentrum vir Geoinformasiewetenskap (UPGIS) in 1999 gestig. UPGIS is 'n interfakulteit-kundigheidsentrum. Die sentrum se missie is om die wetenskap en toepassing van geografiese informasietegnologie op die kampus en in die algemene geoinformasiegemeenskap te bevorder. Die sentrum se doelwitte is om die vlak van GIS-kundigheid in die land te verbeter deur 'n omvattende opleidingsprogram op voorgraadse en nagraadse vlak, asook voortgesette opleidingskursusse aan te bied; kennis van GIS uit te brei deur GIS-verwante navorsingsprojekte uit te voer en te fasiliteer; navorsers in verskillende dissiplines te ondersteun deur hulle van raad oor GIS-metodes en -prosedures (datavaslegging, skep van geografiese databasisse, ruimtelike analise en kaartproduksie) te bedien en aan hulle die nodige GIS-programmatuur en apparatuur beskikbaar te stel; basiese geografiese data vir navorsingsdoeleindes te verskaf deur relevante geografiese databasisse en 'n metadatabasis van beskikbare geografiese data te vestig en in stand te hou; en deur middel van kontraknavorsing 'n diens aan private en openbare organisasies te lewer.

Die sentrum word deur 'n interfakulteit-bestuurskomitee bedryf en deur 'n advieskomitee gelei om te verseker dat die opleidings- en navorsingsprogramme met huidige en voorspelde mark- en indiensnemingstendense tred hou. Die fasiliteite en toerusting wat die sentrum bestuur, behels 'n rekenaarlokaal met die nodige rekenaarstelsels en onderrigprogrammatuur, 'n GIS-navorsingsfasiliteit wat digitaliserings-, skanderings-, druk- en karteringstoerusting insluit, en 'n hulptoonbank wat ondersteuning aan navorsers verleen.

Die personeel van die sentrum was tot dusver betrokke by 'n hele aantal navorsingsprojekte vir 'n verskeidenheid instansies, byvoorbeeld metropolitaanse rade, plaaslike owerhede en staatsdepartemente. Deesdae is talle bestaande Geografie-informasiestelsels by hierdie instansies gegrond op of word beïnvloed deur die navorsingsuitsette van UPGIS. In 1998 is die sentrum betrek by die Verslag oor die Nasionale Stand van die Omgewing toe **prof P van Helden** deur die Departement Omgewingsake en Toerisme genooi is om 'n kursus by die UNEP GRID-sentrum in Noorweë by te woon. In 1999 was **prof Van Helden** betrokke by 'n projek van UNEP en die Wêreldbank oor Omgewingsinligtingstelsels toe hy lid was van die Bestepraktyk-werksgroep wat vordering in die ontwikkeling van Omgewingsinligtingstelsels in Afrika suid van die Sahara ondersoek. Die sentrum is tans betrokke by navorsingsprojekte vir Eskom (die ontwikkeling van standaarde vir die ontwerp en inwerkingstelling van Geoinformasiestelsels), die Carnegie-stigting (inventaris van Suid-Afrikaanse biblioteke), en die Verenigde Nasies se Ekonomiese Kommissie vir Afrika as lid van die vakkundige groep vir die bestudering van die toekomsoriëntering van GIS in Afrika.

Die sentrum heg besondere waarde aan internasionale skakeling en personeellede het reeds talle nasionale en internasionale konferensies bygewoon, benewens sy betrokkenheid by verskeie aktiwiteite op internasionale vlak. As lid van die GISDECO-organisasie (GIS vir Ontwikkelende Lande) is die sentrum in samewerking met die Universiteit van Utrecht in Nederland, die Universiteit van Waterloo in Kanada en die Internasionale Rysnavorsingsinstituut in Manilla in die Filippyne aktief betrokke by die organisering van konferensies in verskillende ontwikkelende lande. Personeellede van UPGIS is ook by verskeie professionele organisasies betrokke, waaronder die Raad op Beroepslandmeters, die Internasionale Geografiese Unie (IGU), die Studiegroep vir GIWetenskap (volle lid), die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Geoinformasie (GISSA) en die Association for Geographic Information in die Verenigde Koninkryk.

In 2000 het die Sentrum vir Geoinformasiewetenskap en die GIS-opleidingsprogram by die Departement Geografie aangesluit wat die Departement Geografie en Geoinformatika herdoop is. Die sentrum word op die grondverdieping van die Geografiegebou op die kampus gehuisves. Die nuwe departement is ingestel op die bevordering van Geoinformasiewetenskap in Afrika en speel reeds 'n belangrike rol in die voorsiening van toepaslik gekwalifiseerde personeel vir die geoinformasiebedryf.

Die direkteur van die sentrum is **prof Van Helden**. Personeellede wat by die bedrywighede van die sentrum betrokke is, is **mnr Fritz van der Merwe** (landmeter) en **me S Eksteen** (GIS-spesialis).

Prof P van Helden
DIREKTEUR

Sentrum vir Wetenskap, Wiskunde- en Tegnologie-onderwys

Die sentrum is in 1995 gestig met **prof Max Braun** as direkteur. Die stigting van die sentrum weerspieël die Fakulteit Natuurwetenskappe se verbintenis tot die speel van 'n aktiewe rol in die bevordering van wetenskaponderwys in Suid-Afrika. Uit die staanspoor was die sentrum op die bevordering van uitnemendheid in wetenskap-, wiskunde- en tegnologie-onderwys toegespits.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Formele akademiese programme


Prof M Braun

Die sentrum is betrokke by programme op die kampus sowel as weg van die kampus af. Formele kwalifikasies wat in die sentrum aangebied word, sluit in voorgraadse en nagraadse grade en diplomas. Daar is twee grade, naamlik BSecEd(Sci) en Dip Ed(Sci), vir voordiens Wetenskaponderwysers. Die sentrum bied ook 'n MSc en 'n PhD in Wetenskaponderwys aan. Navorsingsgebaseerde programme op magister- en doktorale vlak word in samewerking met dissiplinedepartemente in die verskillende spesialisasierigtings aangebied. Benewens hierdie grade bied die sentrum nog twee Verdere Onderwysdiplomas (vir ondergekwalifiseerde onderwysers) aan, naamlik Rekenaars en Telekommunikasie in Wiskunde-, Wetenskap- en Tegnologie-onderwys, en Wetenskap- en Wiskunde-onderwys

Uitreiking

Die sentrum is betrokke by 'n aantal uitreikings-, navorsings- en gemeenskapsprojekte. Een hiervan, UP with Science, behels regstreekse betrokkenheid by hoërskoolleerders. Daar is in 1998 met hierdie verrykingsprogram begin wat 'n toonbeeld is van die Universiteit se langtermyn verbintenis tot die omliggende gemeenskappe. Kandidate word uit leerlinge in graad 9 wat deur hulle skole benoem word, gekeur om aan 'n verrykingsprogram van drie jaar (graad 10–12) deel te neem. Die meeste van die departemente in die Fakulteit Biologiese en Landbouwetenskappe lewer daadwerklike bydraes tot die program. Aktiwiteite word een Saterdag per maand aangebied, asook 'n week lank gedurende die winterseisoen. Deelnemers wat met die program volhou en vir universiteitstoelating kwalifiseer, ontvang universiteitsbeurse vir hulle eerste (baccalaureus-) graad.

'n Tweede uitreikingsprogram waarby hoërskoolleerders betrokke was, was die Makapanstad Educational Community Project (MECOP). Die projek het werk behels met onderwysers wat 'n Saterdag-skoolprogram daargestel het, sowel as met die leerders wat aan die program verbonde was. 'n Groep van sowat 100 leerders in die verdere hoërskoolfases (graad 10–12) is bygestaan deur middel van werksessies met die klem op die praktiese toepassing en ervaring van Fisika, Chemie, Biologie, Wiskunde en Tegniese Tekeninge (in samewerking met die Departement Meganiese Ingenieurswese en die LGI-laboratoriums). Dié projek het in 1997-98 die Metropolitan Lewens-kompetisie gewen.

Talle van die ander uitreikingsprojekte is op onderwysers gemik. Die Siyabuswa Educational Improvement and Development Trust (SEIDET) Wetenskapprojek vir Laerskole beleef reeds sy vyfde jaar. Onderwysers van 18 skole in die landelike gebiede van wes-Mpumalanga (sowat 130 km vanaf die kampus) woon agt wetenskap-, wiskunde- of tegnologiesessies per jaar by. Danksy die projek het hulle vaardighede as onderwysers sodanig ontwikkel dat hulle nou hulle eie kurrikulummateriaal, werkmodules en wetenskapstelle kan skep en met mekaar deel. Die projek, wat deur Telkom gefinansier word, word deur die onderwysers self ontwerp en deur SEIDET, 'n gemeenskapsgebaseerde organisasie, gekoördineer.

Gencor/Billiton befonds die Masifunde-projek wat deels daarop gemik is om die standaard van Wiskunde-, Wetenskap- en Engels-onderwys en -studies in myngemeenskappe te verhoog. Die sentrum verskaf indiensopleidingskursusse in Wiskunde en Wetenskap, asook opvolgbesoeke aan skole in die Evander-omgewing.

Die Rainbow-Biologieprojek wat deur die NRF befonds word, is in 1999 in samewerking met die Universiteit van Wisconsin-Madison, AfricaBio en geselekteerde biologiedepartemente in die fakulteit deur die sentrum van stapel gestuur. Die projek bied werksessies oor die jongste idees in die biologiese wetenskappe, byvoorbeeld genetika en biotegnologie, vir hoërskoolonderwysers aan en sit daarna die werk met die onderwysers voort om loods-klaskamermodules wat op die inhoud van die werksessies gegrond is, te ontwikkel en te toets. Toekomstige projekte in ander gebiede wat soortgelyk aan die Rainbow-Biologieprojekte is, byvoorbeeld fisiese en aardwetenskappe, word in samewerking met doktorale studente en fakulteite by ander universiteite in vooruitsig gestel.

Die Suid-Afrikaanse Wetenskaponderwysnetwerk is 'n koöperatiewe indiens- en navorsingsonderneming wat deur die Belgiese regering gefinansier en deur die Universiteit van Leuven gekoördineer word. Die sentrum, saam met die Universiteit van die Wes-Kaap, Vista Universiteit se Bloemfontein-kampus en die Universiteit van Suid-Afrika, is 'n stigterslid van die program. As deel van die program werk die sentrum aan 'n driejaarprojek met 35 hoërskoolonderwysers in Wetenskap en Wiskunde in die Empuluzi-gebied van Mpumalanga op die grens van Swaziland. 'n Voortgesette Diploma in Wiskunde en Wetenskap sal na die afhandeling van die projek aan suksesvolle onderwysers toegeken word. Van nog meer belang is die projek se oogmerk om die onderwysers se klaskamerpraktyk op te skerp om dit in pas met Kurrikulum 2005 te bring.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In 1999 het die sentrum 'n vennoot van die Japannese Internasionale Samewerkingsagentskap (Japanese International Co-operation Agency, JICA) en die Departement Onderwys in Mpumalanga geword in 'n projek wat bekend staan as die Mpumalanga Secondary Science Initiative (MSSI). Hierdie ambisieuse projek is daarop gemik om al die Wiskunde- en Wetenskaponderwysers in die provinsie se sekondêre skole oor 'n tydperk van drie jaar te bereik. Aan die einde van 1999 het kurrikulum-implementeerders vir Wetenskap en Wiskunde (vakadviseurs) ses weke in Japan ter voorbereiding vir hulle rol in die projek deurgebring. 'n Lid van die sentrum was deels verantwoordelik vir die fasilitering van die tydperk in Japan. Gedurende 2000 het die personeel van die sentrum hulle ondersteuning van die kurrikulum-implementeerders voortgesit, wat op hulle beurt werksessies vir departementshoofde van skole in hulle distrikte aangebied het.

Navorsing

Die sentrum was betrokke by 'n aantal navorsings- en evalueringsprojekte en het as koördineerder in Gauteng se evaluasie van die implementering van Tegnologie 2005 opgetree. Die NRF het die evaluering onderneem en befonds.

Die sentrum het die proses vir die opstel van skoolsakeplanne geëvalueer. Dié sakeplanne vorm deel die NRF-Gencor-Billiton se Masifunde-projek. Die sentrum was ook in 1999-2000 vir die nasionale evaluasie van die hele projek verantwoordelik.

Die sentrum was deel van die natuurwetenskapspan wat namens die Gauteng Instituut vir Kurrikulumontwikkeling gemoeid is met die ontwikkeling en inwerkingstelling van assesseringsinstrumente en toegeligte leerprogramme vir die intermediêre en senior fases van Kurrikulum 2005.

'n Langtermyn navorsingsprojek oor die implementering van stelselmatige verandering in Suid-Afrika waarby onder andere die NRF, JICA en die sentrum betrokke is en wat in 2001 'n aanvang sal neem, word beplan. Die navorsing sal toegespits wees op die instelling van innovasie na aanleiding van die projekte in Mpumalanga waarby die sentrum betrokke is.

Personeel

Die omvang van aktiwiteite wat die sentrum onderneem het 'n toename in die personeeltal genoodsaak. **Prof John Rogan**, wie se aanstelling in Januarie 1997 van krag geword het, het hom eerste by **prof Braun** gevoeg. Hy het na 'n afwesigheid van 17 jaar na Suid-Afrika teruggekeer om deel van hierdie nuwe en dinamiese onderneming van die Universiteit te word. In 1998 het **me Thembi Ndlalane**, die nasionale direkteur van die Science Education Project (SEP), as senior lektor by die sentrum aangesluit. Benewens haar primêre verantwoordelikheid vir die sentrum se voorgraadse en uitreikprogramme, tree sy steeds op as direkteur van SEP wat nou in die sentrum geleë is. Die vierde persoon wat in 2000 aangestel is, is **me Helga Nordhoff**, wat haar kundigheid op die gebied van finansiële bestuur en die opvoedkundige aanwending van rekenaars na die sentrum gebring het.

Die sentrum is tans besig om aktiwiteite te vestig wat uitnemendheid in Wetenskaponderwys ondersteun. Dit is beide 'n akademiese navorsingsbelang en 'n ontwikkelingsprogram by laer- en hoërskole op sowel plaaslike as provinsiale vlak.

Prof J M Rogan
BESTUURDER

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Skool vir Landbou en Voedselwetenskappe

Landbou-ekonomie, -Voorligting en Landelike Ontwikkeling

Die jare na 1993 is gekenmerk deur strukturele verandering en die oorgang na 'n demokratiese bestel in Suid-Afrika. Nie net die politieke en maatskaplike arenas is aan geweldige verandering onderwerp is nie – die ekonomie het mettertyd ook ruimer en vryer geword. Navorsing in die departement het in hierdie konteks 'n belangrike rol gespeel om die ontwerp van nuwe beleide vir Suid-Afrika te ondersteun. Die personeel het waardevolle bydraes gelewer tot die hervorming van landboubemarkingstelsels, voorstelle vir die grondhervormingsplan en die verligting van armoede in landelike gebiede. Dit was 'n opwindende tydperk, en die personeel verleen steeds bystand aan die nasionale en provinsiale regerings asook die regerings van buurlande verleen wanneer programme vir voorligtingsdienste, landelike finansiële markte, waterkwessies, omgewingsbeleid, grondhervorming of landboubeleid geformuleer word.

Hierdie tydperk is ook gekenmerk deur die eerste jare van sowel die nuut saamgestelde departement as die Nagraadse Skool vir Landbou en Landelike Ontwikkeling. Soos verwag is, het hierdie nuwe ontwikkelings so 'n groot toename in die getal studente uit veral die voorheen agtergeblewe groepe meegebring dat meer as 80% van die graadstudente tans uit hierdie groepe afkomstig is. Die aanstelling op 1 September 1993 van 'n voltydse direkteur, **prof C J van Rooyen**, het ook 'n positiewe invloed op die departement en die skool se inskrywings en navorsingsuitset uitgeoefen. **Prof Van Rooyen** is as landbou-ekonoom opgelei, en hy het 'n besondere bydrae tot die navorsing, onderrig en verskeie eksterne aktiwiteite van die departement gelewer.



Prof J A Groenewald

Prof J A Groenewald was aan die einde van 1994 'n tyd lank siek en het besluit om sy posisie as departementshoof prys te gee. Hy is in 1995 deur **prof H J Sartorius von Bach** opgevolg. **Prof Groenewald** het 'n personeellid gebly totdat hy op 30 November 1997 afgetree het. Na die onverwagse afsterwe van sy vader, het **prof Sartorius von Bach** aan die einde van 1995 bedank om na die familieplaas in Namibië terug te keer.

'n Nuwe departementshoof, **prof J F Kirsten**, 'n kleinseun van wyle **prof Tomlinson**, is uiteindelik in Julie 1996 aangestel. **Prof Kirsten** het in 1992 as lektor by die departement aangesluit nadat hy vyf jaar as landbou-ekonoom by die Departement Landbou werksaam was. Hy het 'n BSc(Agric) en 'n BSc(Agric)(Hons) aan die Universiteit van Stellenbosch behaal, en die MSc(Agric) en PhD in Landbou-ekonomie aan die Universiteit van Pretoria.

Nuwe inisiatiewe is onmiddellik in die departement se opleidings- en navorsingsprogramme van stapel gestuur – grotendeels in reaksie op nasionale en internasionale tendense in die landbou en hoër onderwys. Behoeftes in die mark en die moontlikheid van voorsiening in hierdie behoeftes by wyse van die kundigheid in die departement, het aanleiding gegee tot die formulering van enkele fokusgebiede of -programme en die gevolglike indeling van die aktiwiteite van die departement. Die organisasie van hierdie fokusgebiede het saamgeval met die instelling van 'n paar akademiese leerstoele nadat die korporatiewe en donateursgemeenskap fondse ter ondersteuning van hierdie aktiwiteite geskenk het. Hierdie programme sluit die volgende in: 'n Leerstoel in Landelike Ontwikkeling (befonds deur Liberty Life, ingestel in 1994); 'n Leerstoel in Omgewingsekonomie en –beleid (befonds deur USAID, ingestel in 1997, en in 2000 verander na 'n Sentrum vir Omgewingsekonomie en -beleid vir Afrika met steun deur die Rockefeller Foundation en Beijer-instituut van Swede); 'n Leerstoel in Landbou en Landelike Finansiering (befonds deur Standard Bank, ingestel in 1999); 'n Leerstoel in Agribesigheidsbestuur (befonds deur ABSA Bank, ingestel in 2000); en die Suid-Afrikaanse Instituut vir Landbouvoorligting (ingestel in 1980).

Hierdie is een van die Universiteit se voorste departemente wanneer dit by navorsing kom, en word ook sedert 1993 as een van die vyf produktiefste departemente (wat sy navorsingsuitset betref) gereken.

Die departement se prestasie ten opsigte van internasionalisasie was besonder bemoedigend. Grotendeels weens die vroeëre navorsingswerk onder die leierskap van **proff Groenewald** en **Johan van Zyl**, word die departement beskou as 'n sentrum wat toepaslike en toegepaste navorsing doen. Hierdie navorsing was besonder waardevol

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof J F Kirsten

toe nuwe beleidsrigtings vir Suid-Afrika se oorgang na 'n demokrasie. Nog goeie navorsingswerk is tussen 1991 en 1994 gedoen, en die departement is vandag die eerste plek waar baie internasionale besoekers en voornemende navorsers op die gebied van landboubeleid aandoen. Hoewel die departement op verskeie gebiede steeds 'n kapasiteitstekort ondervind, word dit internasionaal erken as 'n instansie wat toepaslike navorsing in Suid-Afrika en deesdae ook in Suider-Afrika doen.

Verskeie ooreenkomste vir uitruilprogramme is tussen die fakulteit en ander landboufakulteite gesluit, en van die studente en personeel het reeds van hierdie geleenthede gebruik gemaak. Daar word heelwat navorsing in samewerking met internasionale kundiges gedoen, en dit het die departement se navorsingskapasiteit en -uitset verder versterk. Een voorbeeld is die ooreenkoms wat met die Franse ontwikkelingsorganisasie, CIRAD, gesluit is. Kragtens hierdie ooreenkoms is een van CIRAD se kundiges op die gebied van landelike ontwikkeling na die departement gesekondeer. Die werwing van buitelandse studente – veral uit Afrika – is 'n verdere dimensie van die internasionalisering wat teen 'n toenemende tempo plaasvind.



Hoewel hierdie akademiese departement 'n skamele agt jaar gelede "leliewit" was, het die huidige rassesamestelling van sy studente sodanig verander dat dit tans die demografie van die Suid-Afrikaanse bevolking weerspieël. In totaal skryf 90 voorgraadse studente jaarliks in, en ongeveer 60% van hulle is tans wit. Ongeveer 80 studente skryf jaarliks vir honneurs- en magisterprogramme in, en die meeste van hulle (80%) is swart. Die getal voltydse PhD-studente het drasties toegeneem vanweë die groter beskikbaarheid van fondse, en 'n totaal van 15 PhD-studente het in 2000 ingeskryf. Die helfte van hulle kom uit lande in Afrika of die voorheen agtergeblewe groepe in Suid-Afrika.

Die feit dat byna 20% van die graduandi uit ander Afrikalande afkomstig is, verteenwoordig 'n internasionale dimensie in die uiteenlopende samestelling van die departement se studentetal. Hieruit blyk duidelik dat die departement 'n leidingewende rol as 'n hoëronderwysinstansie vir landbou-ekonomie en -voorligting op die Afrika-vasteland speel.

Met die oog op hernuwing is die samestelling van die personeelkorps ten opsigte van ras, geslag en opleiding ook 'n belangrike oorweging vir akademiese departemente in Suid-Afrika. Daar is onlangs vier nuwe personeellede aangestel wat die samestelling van die departement se personeelkorps met sy tradisionele wit, manlike karakter blywend gewysig het.

Prof J F Kirsten
DEPARTEMENTSHOOF

Nagraadse Skool vir Landbou- en Landelike Ontwikkeling

Die missiestelling van die Universiteit verwys onder meer na sy toeganklikheid vir enigeen wat op akademiese meriete vir toelating kwalifiseer. Daar bestaan ook 'n missie ten opsigte van dienslewering aan die samelewing – veral in Suid-Afrika, maar ook in ander streke of lande op die subkontinent van Afrika. 'n Doelbewuste oriëntering ten opsigte van Afrika en verbandhoudende ontwikkelingsprobleme was dus 'n belangrike aspek in die implementering van die missiestelling. Onder die visioenêre leiding van **prof Johan van Zyl**, destydse dekaan en tans Visekanselier en Rektor, het die voormalige Fakulteit Landbouwetenskappe hom ten doel gestel om 'n Nagraadse Skool vir Landbou- en Landelike Ontwikkeling op die been te bring. Hierdie doel is bereik toe die skool op 31 Oktober 1991 amptelik geopen is.

Die getal studente aan die skool het van 56 in 1991 toegeneem tot waar dit tans op nagenoeg 200 staan. Dit is indrukwekkend en bemoedigend dat meer as 100 studente in 1999 vir die heel eerste keer vir magistergrade aan die skool ingeskryf het.

Prof Van Zyl, destyds die dekaan van die fakulteit, was ook die eerste direkteur van die skool. Hy is op 'n deeltydse basis deur twee mededirekteure, **prof Frans Swanepoel** en **me Bongiwe Njobé**, bygestaan.

Prof Johan van Rooyen was van 1 Oktober 1993 tot 30 September 1998 'n direkteur, en is toe na die Landboubesigheidskamer gesekondeer. Twee mededirekteure, naamlik **prof Robin Barnard** en **me Sbongile Nene**, het hom bygestaan. Laasgenoemde was ook hoof van die voormalige Sentrum vir Genderhulpbronne.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof Swanepoel is op 1 Desember 1998 as direkteur aangestel, met **prof Lise Korsten** en **me Juliana Rwelamira** as sy twee mededirekteure. **Dr Maretha de Waal** is tans hoof van die Sentrum vir Genderstudies (voorheen bekend as die Sentrum vir Genderhulpbronne).

Prof J van Rooyen

Die doelwit van die Nagraadse Skool vir Landbou- en Landelike Ontwikkeling is in die lig van die Universiteit se missiestelling aanvaar, naamlik om landelike gemeenskappe van diens te wees deur landbou- en landelike ontwikkeling by wyse van uitmuntende vakkundigheid, onderrig, leer en navorsing te fasiliteer.

Die skool het van meet af aan op die nuwe vereistes vir suksesvolle en volhoubare landbou- en landelike ontwikkeling in Suider-Afrika en elders in die wêreld gefokus. Die verligting van armoede is 'n groot probleem in Suider-Afrika: ongeveer 70% van die 181 miljoen mense in die SAOG-streek woon in landelike gebiede waar die geraamde persentasie van die bevolking wat onder die armoedsgrens leef, wissel van 50% in Swaziland tot 90% in Malawi. Daar bestaan 'n geweldige behoefte om die huidige denke in Suid-Afrika te betwis, naamlik dat wetenskap en tegnologie vir landelike ontwikkeling ondergeskik is aan wetenskap en tegnologie in 'n geïndustrialiseerde ekonomie. Argitekte, ingenieurs, bouwetenskaplikes, genetici, landboukundiges, prokureurs en ander in die "hoofstroom" van professionele mense moet hulle aandag op die probleme van landelike gemeenskappe, hulle bestaanstelsels en omgewing toespits.


Prof F J C Swanepoel

Dit beteken onder meer dat die navorsers, voorligtingsbeamptes, nyweraars, opvoeders, beleidmakers en besluitnemers van die toekoms begrip vir sowel grootskaalse as kleinskaalse boerderystelsels moet toon. Hulle behoort opgelei te word om die sosio-ekonomiese omstandighede, behoeftes en die vermoë om verandering te aanvaar van die potensiële begunstigdes van 'n projek te verstaan. Hulle moet innoverend kan optree en in staat wees om standaardmetodes, -produkte en -hulpbronne te oorweeg, bereid wees om uit die ondervinding van ander oor die wêreld te leer, en gretig wees om meer effektiewe en doelmatige metodes te bevorder en toe te pas.

Die studente wat hulle grade aan die skool behaal se programme word dus beskou as mense wat die leiding sal neem vir die beplanning en bestuur van landbou- en landelike ontwikkeling. Hulle kan in twee kategorieë ingedeel word:

Spesialiste in 'n bepaalde dissipline wat landelike ontwikkelingsvraagstukke verstaan

Dit is professionele mense wat in die praktyk staan en in landelike aktiwiteite spesialiseer; hulle opleiding in landelike ontwikkeling voeg waarde tot die spesialisberoepe toe. Hierdie studente behaal honneurs- en magistergrade in hulle spesifieke departemente nadat hulle die kerneenheid in landelike ontwikkeling wat die skool aanbied, voltooi het.

Spesialiste in landelike ontwikkeling wat deeglik kennis dra van een of meer dissiplines wat op 'n integrerende area van analise en die praktyk fokus

Hierdie mense is veelsydige geleerdes wat leierskaps- of fasiliterende rolle in en tussen landelike gemeenskappe vervul. Die vakgebiede waarin hulle opgelei is, bou hulle vermoëns uit ten opsigte van bestuur en rigtinggewing in landelike gemeenskappe. Hierdie studente verwerf BInstAgrar(Hons) of MInstAgrar-grade.

Studente in albei hierdie kategorieë behoort oor die vaardighede en kennis te beskik om 'n sleutelrol in die ontwikkeling van landelike gebiede te kan speel. Op hierdie wyse word navorsers, voorligtingsbeamptes en boere in 'n komplekse sosio-ekonomiese stelsel ingeskakel. Hierdie studente behoort in staat te wees om navorsingsresultate te kan aanpas en tegnologieë te kan ontwikkel weens hulle omvangryke begrip van die stelsel waarin hierdie bevindinge en tegnologieë toegepas moet word.

Gegradueerdes van die skool is tipies betrokke by landelike en landbouontwikkeling, beleidsbeplanning en bestuur, en ontwikkelingsbeplanning en landbouvoorligting. Daar word geraam dat tot 50% deur die provinsiale landboudepartemente, 10% deur die nasionale Departement Landbou, en 20% deur parastatale instellings in die landbou in diens geneem is. Ander werkgewers is byvoorbeeld plaaslike en internasionale ontwikkelingsagentskappe en -koöperasies, banke en ander finansiële instellings wat by die landbou en landelike ontwikkeling betrokke is, en konsultantfirmas wat by ontwikkelingsbeplanning en -bestuur betrokke is.

Ten einde die mees toepaslike opleiding vir hierdie studente te verseker, is die skool as 'n filiaal van outonome departemente, institute, sentrums en individue gestruktureer wat 'n gemeenskaplike belang in landbou- en landelike ontwikkeling het. 'n Bestuurskomitee wat deur 'n adviesraad bygestaan word, rig en koördineer die werk

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van die skool en doen verslag oor akademiese aangeleenthede direk aan die dekaan en die fakulteitsraad. Die deelnemende groepe en individue wend hulle kundigheid aan vir die ontwikkeling van innoverende, dissiplinegerigte onderrig en navorsings- en ontwikkelingsprogramme in landbou. Hulle konseptualiseer en dra ook by tot interdissiplinêre en multidissiplinêre samewerkingsprogramme wat op probleme in landbou- en landelike ontwikkeling fokus – en dikwels ook op behoeftes oor nasionale grense heen.

Die onderrigmedium is Engels, en dit verbreed toeganklikheid tot die skool vir die geïdentifiseerde teikenbevolking – die mense in landelike en ontwikkelingsgebiede in Suider-Afrika. Die ontwerp van nuwe benaderings tot landbou- en landelike ontwikkeling lok algemene belangstelling in die meeste ontwikkelende asook die ontwikkelde lande uit. Die skool streef daarna om bande met instansies in Suid- en Suider-Afrika maar ook elders te smee, en benut die ondervinding van 'n verskeidenheid lande en stelsels. Hierdie internasionale bande oefen 'n besonder positiewe invloed uit op die kundigheid van die skool se personeel en studente.

Hierdie inisiatiewe, tesame met nuwe denkwyses en samewerkingsmodelle wat sedert 1991 bekend gestel is, bevestig die skool se geloofwaardigheid as 'n uitstekende bron van dringend nodige beroepslui met die kennis, vaardighede en wil om die lewensgehalte van landelike bevolkings te verbeter.

Prof F J C Swanepoel
DIREKTEUR

Plantproduksie en Grondkunde

Die eertydse departemente Plantproduksie asook Grondkunde en Plantvoeding is in 1993 saamgevoeg. Die gekonsolideerde departement wat onder meer die dissiplines Agronomie, Grondkunde, Onkruidwetenskap, Siertuinboukunde, Tuinboukunde en Weidingkunde behels, weerspieël die ontwikkelings in die biologiese wetenskappe wat tradisionele grense tussen vakgebiede minder relevant maak. 'n Meer geïntegreerde benadering tot hedendaagse landbou, die klem op produksiestelsels, bewustheid van die wisselwerking met 'n groter ekosisteem, omgewingsagteruitgang, en ander faktore het nuwe uitdagings gestel. Nuwe tegnologieë wat in onlangse jare ontwikkel het, byvoorbeeld in inligtingtegnologie, biotegnologie, die gebruik van gewasgroeimodelle en presisie-boerdery vereis geïntegreerde multidissiplinêre insette.

Voor- en nagraadse opleiding, asook navorsing, het hierdie benadering weerspieël. Grondprosesse, produksiepraktyke en plantgroeiprosesse is as komponente van gewasproduksiestelsels en groter ekosisteme bestudeer, en nie in isolasie gesien nie. Hierdie benadering is dan ook gevolg in die ontwerp van leerplanne vir uitkomsgebaseerde onderrig.

Die departement het reeds vir dekades op plant-waterverhoudings gefokus met die oog op die doeltreffender gebruik van skaars water in die landbousektor. In die verslagtermyn is navorsingsfondse ten bedrae van etlike miljoene Rand van die Waternavorsingskommissie en ander bronne ontvang vir 'n verskeidenheid projekte, en die departement geniet lank reeds erkenning van die Waternavorsingskommissie en ander rolspelers as 'n sentrum van kundigheid op plant-waterverhoudings. Talle verhandelings, proefskrifte, navorsingsverslae en wetenskaplike artikels is onlangs oor hierdie tema gepubliseer. Veral **prof J G Annandale** en **dr N Jovanovic** het hulle gevestig as nasionale en internasionale leiers. 'n Gesofistikeerde meganistiese rekenaarmodel (Soil Water Balance, SWB) is ontwikkel en word ook in die boerderypraktyk gebruik.

Die herwinning van versteurde grond en die bestuur van potensiële besoedelingsprobleme het toenemend aandag geniet. **Prof N F G Rethman** se insette ten opsigte van die vestiging van plantegroei op mynhope, die herwinning van areas wat deur oopgroefmynbou beskadig is, en die veilige benutting van rioolslik en vlieg-as het 'n groot impak in die praktyk gehad. 'n Omvangryke multidissiplinêre projek oor die bestuur van suur dreineringswater afkomstig vanaf steenkoolmyne op die Hoëveld is tans in volle swang onder die leiding van **prof Annandale**.

Landgebruiksbeplanning het gedurende die verslagtermyn ontwikkel in 'n belangrike fokus-aktiwiteit onder leiding van **prof M C Laker**. Beginsels vir die optimale en volhoubare benutting van Suid-Afrika en Afrika se skaars en uiters kwesbare grondhulpbronne word nagevors en bevorder. Die Universiteit is die enigste in Suid-Afrika wat gespesialiseerde landbougrade in Landgebruiksbeplanning aanbied. Die toenemende internasionale erkenning vir die belangrikheid van Landgebruiksbeplanning blyk daaruit dat die Internasionale Unie vir Grondkunde (IUG) in 2000 'n kommissie vir Soil Evaluation and Land Use Planning geskep het.

Gronderosie is Suid-Afrika se grootste omgewingsprobleem. Gedurende die verslagtydperk het die Universiteit se grondkundiges omvattende basiese navorsing hieroor gedoen. **Prof Laker**, wat ook lid van die IUG se werkgroep van ses persone oor grondagteruitgang en verwoestyning is, was aan die spits hiervan. Drie Israeli's het onder andere PhD-grade op hierdie gebied behaal. 'n Internasionale tender om erosiemodelle vir die opvanggebiede van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die damme van die Lesotho Hoogland Waterskema te ontwikkel, is aan die departement toegeken en onder leiding van **prof A S Claassens** suksesvol uitgevoer.


Prof P S Hammes

Proff R O Barnard en **Claassens** het navorsing en opleiding in Plantvoeding gelei. **Prof Claassens** het veral 'n impak met sy insette in 'n internasionale projek oor stikstoftransformasie in die grond gemaak. Hierdie projek is in samewerking met die universiteite van Gent, Leuven en Stellenbosch uitgevoer. Deur middel van grond- en plantontledings, asook glashuisproewe en veldproewe, is 'n diens ook aan verskeie maatskappye en individuele boere gelewer om doeltreffender plantvoeding te verseker. Verskeie nuwe spesialis kunsmisprodukte is in samewerking met maatskappye ontwikkel en getoets.

Navorsing deur **prof Rethman** en **dr P A Pieterse** het tot die registrasie en verkryging van planttelersregte op vier nuwe voergewas cultivars gelei. Daar is gevind dat sowel die twee Oulandsgras-cultivars Delite en Advantage, as die Bloubuffelgras-cultivars Mopani en Kalahari, verhoogde diereprestasie tot gevolg het wanneer dit met bestaande cultivars vergelyk word. Goeie vordering is ook met die ontwikkeling van boerderystelsels vir kleinboere gemaak, waar voerbome 'n belangrike rol speel.

Die fokus op die interaksies tussen gewasplante en onkruide het 'n nuwe dimensie verkry met werk wat in die departement op die allelopatiese (chemiese) invloed van onkruide op die groei en ontwikkeling van gewas- en bosbouspesies gedoen is. Dié baanbrekerswerk in Suid-Afrika op hierdie belangrike ekologiese verskynsel is deur **prof C F Reinhardt** bestuur. Sedert 1993 is sterk navorsingsbande met medewerkers in verskeie lande gesmee.

Die kweek van blomme, sierplante en groente onder beskerming is 'n sterk-groeiende bedryf met heelwat navorsingsbehoeftes. Die departement beskik oor uitstekende fasiliteite op die universiteitsproefplaas, en is toenemend hierby betrokke. **Me E S du Toit** het die program vir blomme en sierplante bestuur en **prof P S Hammes** die groenteprogram.

Die gekonsolideerde departement het 13 doseerposte en 13 ondersteunende poste op die Universiteit se diensstaat, benewens die poste van 'n aantal navorsingsassistente en tegnici wat uit buitefondse vergoed word. **Prof Hammes** is in 1993 as hoof van die departement aangestel. Die benadering was om die klem op eng vakdissiplines te verminder ten gunste van 'n meer holistiese benadering. Hoewel 'n groot mate van integrering plaasgevind het, is daar steeds vier groeperings, naamlik Agronomie (**proff Hammes, Reinhardt, Annandale** en **me Diana Marais**); Grondkunde (**proff Laker, Barnard** en **Claassens**); Tuinboukunde (**prof P J Robbertse**, **dr E Pavel** en **me Du Toit**); en Weidingkunde (**prof Rethman** en **dr Pieterse**). Ondersteunende personeel wat reeds langer as tien jaar aan die departement verbonde is en uitstekende dienste lewer, sluit in: **Joey Herman, Annemarie Liebenberg, Susan Fourie, Gene Beyers, Johann de Beer, Louis van der Merwe, Burger Cillie, Ronnie Gilfillan** en **Ria van der Walt**.

Prof H van H van der Watt, hoof van die voormalige Departement Grondkunde en Plantvoeding, het in 1995 afgetree. **Prof Barnard** het na 'n dienstermyn van 42 jaar die Universiteit se diens in 1998 verlaat. Nog 'n personeellid wat 'n lang dienstyd in 1995 beëindig het, is **dr A B Wessels** (senior lektor in Tuinboukunde).

Danksy die sterk klem wat vir meer as 60 jaar in hierdie departement op navorsing gelê is, het nagraadse studente deur die jare 'n groot komponent van die studentekorps uitgemaak. Ontwikkelinge rondom die Nagraadse Skool vir Landbou en Landelike Ontwikkeling het hierdie patroon verder verstewig, en gevolglik is meer as die helfte van die ingeskrewe studente op nagraadse vlak. 'n Interessante ontwikkeling is dat talle studente uit ander Afrikalande hulle na die Universiteit wend vir magister- en PhD-studie. In 2000 was daar ses doktorale en 12 magisterstudente uit lande soos Eritrea, Ethiopië, Kenia, Rwanda, Zambië en Zimbabwe aan die departement verbonde. Deur hierdie landbouleiers ook in te skakel by die kundigheid wat in plaaslike vakverenigings en navorsingsinstansies beskikbaar is, word 'n ondersteuningsnetwerk tot stand gebring met die potensiaal om 'n werklike verskil aan voedselproduksie in Afrika te kan maak.

Gedurende die afgelope aantal jare het die volgende getalle studente gemiddeld per jaar gegradueer: Baccalaureusvlak 12, honneursvlak 16, magistervlak agt en doktoralevlak twee. Van die gegradueerde nagraadse studente was 25% uit histories benadeelde groepe afkomstig. Die departement het bevredigende vordering gemaak met die transformasieproses deurdat in die doserende en ondersteunende personeelkorps puik mense uit histories benadeelde groepe aangestel is.

Prof P S Hammes
DEPARTEMENTSHOOF

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Vee- en Wildkunde en Sentrum vir Natuurlewebestuur

Hierdie departement het in 1992 tot stand gekom toe die Departement Veekunde en die Sentrum vir Natuurlewebestuur geamalgeer is. Die rasionalisering het twee breë velde in die toegepaste wetenskappe bymekaar gevoeg en 'n geleentheid vir geïntegreerde kurrikulêre en navorsingsprogramme geskep. **Prof C Maree**, hoof van die voormalige Departement Veekunde, het in 1992 afgetree maar die Universiteit as professor emeritus in verskeie hoedanighede gedien totdat hy in 1994 oorlede is. Die posisie van departementshoof het hierna 'n termynaanstelling geword. **Prof N H Casey** is in 1992 as hoof van die Departement Vee- en Wildkunde aangestel, en in 1996 en weer in 2000 heraangestel. Die departement funksioneer as 'n eenheid, maar duidelike identiteite ten opsigte van landboukundige veekunde en natuurlewebestuur het behoue gebly. **Prof J du P Bothma**, die bekleër van die Eugène Marais Leerstoel in Natuurlewebestuur, is die direkteur van die Sentrum vir Natuurlewebestuur.


Prof N H Casey

Suid-Afrika het gedurende die tydperk 1993-2000, na die land se suksesvolle oorskakeling na 'n nasionale demokrasie, weer tot die internasionale akademiese en wetenskaplike gemeenskap toegetree. Die departement het ook die vrugte van hierdie geweldige verandering gepluk. Die bande wat met toonaangewende buitelandse instansies gesmee is, was van groot waarde tydens die hersiening van leerplanne en fokusgebiede vir navorsing. Die personeel en studente het aan internasionale navorsingsprogramme deelgeneem. Die departement het ook as medegasheer vir internasionale konferensies opgetree, veral die Ecoworld-konferensie in 1995 en die IX International Symposium on Ruminant Physiology in 1999.

Verskeie personeellede het gedurende die oorsigtydperk toekennings vir uitmuntende prestasie ontvang. **Prof Bothma** is in 1995 vir die Conserva-toekenning van die Departement Omgewingsake en Toerisme benoem, en het in 2000 die Senior Captain Scott-gedenkmedalje van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir sy bydraes tot navorsing en opleiding in die biologiese wetenskappe ontvang. Hy is ook in 2000 benoem vir die Bill Venter literêre prys vir landbou. **Prof Casey** het in 1998 die Silwermedalje van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Veekunde vir navorsing in veekunde ontvang. **Dr J A Meyer** is in 1994 deur die Kommissie vir Waternavorsing, die WNNR en die Suid-Afrikaanse Waterinstituut as die Stander Prominente Jong Navorser benoem, en hy het in 2000 die Bronsmedalje van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Veekunde vir sy PhD-proefskrif ontvang. **Prof J B Jansen van Ryssen** het in 2000 die Silwermedalje van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Veekunde vir sy navorsing in veekunde ontvang. **Prof W van Hoven** het die Joseph R Daly-toekenning van die WILD-Stigting en die Verenigde Nasies se Omgewingsprogram uit erkenning vir sy uitstaande bydraes op die gebied van natuurlewebestuur en natuurlewekommunikasie ontvang, en **dr E C Webb** het die Bronsmedalje van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Veekunde vir sy PhD-proefskrif ontvang (1996). Eredoktorsgrade (*PhD honoris causa*) is aan twee bekende internasionale veekundiges, naamlik **proff J H Hofmeyr** en **J G Boyazoglu**, toegeken.

Die personeellede het ook belangrike bydraes tot hulle onderskeie wetenskaplike verenigings gelewer. **Prof Casey** was die president van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Veekunde (1998-2000), voorsitter van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Professionele Veekundiges (1998-2000), hy is verkies as voorsitter van die International Ruminant Physiology Symposium (1999-2004) en is visepresident van die International Goat Association (2000-2004). **Prof Van Hoven** is die president van die Kissama-Stigting en visepresident van die International Council of Conservation.

Die akademiese en navorsingsprogramme van die departement is gedurende 1996 en daarna weer in 1999 ekstern beoordeel. Die paneel het in 1999 gunstige kommentaar gelewer, en onder meer genoem dat die departement is *"a highly regarded department ... [and] ... the quality of graduates is such that they may be compared favourably to others produced throughout the world ... [and] ... the research work is of a high quality"*.

Veekunde

Veekunde het 'n tydperk van groei en transformasie beleef. Die kurrikulum vir BSc(Agric) Veekunde is herontwerp om groter klem op wetenskaplike beginsels en die toepassing daarvan in die dissiplines veefisiologie, -voeding, -teling en -genetika te lê. Die BInstAgrar (Veeproduksie) is in 1993 ingestel. Die BSc(Agric) Vleiskunde-opsie en die BSc(Agric)(Hons)-opsie is in 1999 onttrek. Kandidate met 'n BSc(Agric) en 'n BInstAgrar kan direk vir die magisterprogramme registreer. Hierdie rasionalisasie het die doeltreffender benutting van hulpbronne in die hand gewerk asook die navorsingsuitsette verhoog.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die navorsingsprogramme het op die dissiplines veefisiologie, -voeding, -teling en -genetika, op vleiskunde en natuurlewebestuur gekonsentreer. Daar is 36 magister- en 11 PhD-grade in veekunde gedurende die oorsigtydperk toegeken.

Die publikasies oor veekunde het 53 artikels in wetenskaplike joernale en 9 bydraes in naslaanwerke ingesluit. Die boeke wat gepubliseer is, was *Livestock production systems: principles and practice* in 1993 (Agri-development Foundation, ISBN 0-620-1712-6 X), met **proff C Maree** en **Casey** as medeouteurs en redakteurs. Die verrigtinge van die IX International Symposium on Ruminant Physiology wat op 17 tot 22 Oktober 1999 by die Universiteit plaasgevind het, is onder redakteurskap van **prof P B Cronjé** uitgegee met die titel *Ruminant physiology: digestion, metabolism, growth and reproduction* (2000, CABI, ISBN 0- 85199-463-6).

Die Sentrum vir Natuurlewebestuur is verantwoordelik vir die nagraadse opleiding van studente in natuurlewebestuur. Die direkteur, **prof Bothma**, koördineer die bydraes van akademiese personeel dwarsdeur die Universiteit vir kurrikula en verbandhoudende navorsingsprogramme. Die sentrum het gedurende die tydperk 1993-2000 vinnig gegroei en ontwikkel. Natuurlewebestuur is steeds relevant in die lig van toenemende bewuswording van die belang van die omgewing in Suid-Afrika en oefen 'n noemenswaardige ekonomiese invloed op die ontwikkeling van verarmde landelike gemeenskappe uit. In 1999 is verskeie ontwikkelingsprojekte wat op bewaring berus in landelike gemeenskappe van stapel gestuur. Die sentrum was in samewerking met die Kissama-stigting, waarvan **prof Van Hoven** die president is, aktief by die herontwikkeling van die Kissama Nasionale Park in Angola betrokke.


Prof J du P Bothma

Die invloed en aktiwiteite van die sentrum het gedurende die oorsigtydperk internasionaal uitgebrei en verskeie studente het aan projekte elders in Afrika gewerk. Buitelanders wat in 1993-2000 aan die sentrum studeer het, was uit Europa (sewe), Noord- en Suid-Amerika (drie), Japan (een), Nieu-Seeland (een) en die Verenigde Arabiese Emirate (een) afkomstig.

Die sentrum het 142 BSc(Hons)-, 32 MSc- en sewe PhD-grade toegeken. Die geslagsamestelling van die studente was BSc(Hons) aan 51 dames en 91 mans, die MSc aan tien dames en 22 mans, en die PhD aan sewe mans.

Die sentrum het 60 referate in gekeurde wetenskaplike joernale gepubliseer, tien bydraes is vir boeke gelewer, en agt aanbiedings is in gekeurde konferensieverrigtinge opgeneem. Die boeke wat gepubliseer is, het die tweede en derde uitgawes van *Wildplaasbestuur* met **prof Bothma** as redakteur ingesluit (1995 en 2000, JL van Schaik Uitgewers), die derde uitgawe van *Game ranch management* met **prof Bothma** as redakteur (1996, JL van Schaik Uitgewers), *Carnivore ecology in arid lands* met **prof Bothma** as outeur en **J L Cloudsley-Thompson** as redakteur (1998, Springer-verlag), en *Larger carnivores of the African savannas* waarvan **prof Bothma** en **mnr C Walker** die outeurs is (1999, JL van Schaik Uitgewers).

Toekennings vir uitmuntende prestasie in gevorderde studie is toegeken aan **D Fürstenburg** – Junior Captain Scott-gedenkmedalje vir die beste magistergraadtesis in Dierkunde aan enige Suid-Afrikaanse universiteit (1993); **dr J H Oosthuizen**, navorsingsgenoot – tweede plek vir die Isidore Kaplan-prys vir Handchirurgie (1997); **me K L Morrison** – die toekenning van die Bedreigde Natuurlewetrust vir uitmuntende navorsing vir haar MSc-verhandeling (1999); en **dr U Zieger** – die Junior Wilhelm Neitz-prys vir haar MSc-verhandeling van die Parasitologievereniging in Suid-Afrika (1999).

Prof N H Casey
DEPARTEMENTSHOOF

Verbruikerswetenskap

In die tydperk 1993-2000 het die eertydse Departement Huishoudkunde en Dieetkunde (later slegs Huishoudkunde) dramatiese veranderinge ondergaan. Die vakgebied Huishoudkunde was vir talle jare uniek in dié opsig dat al die teorie in die veld van kleding, voedsel, voeding, behuising en interieur op een of ander manier die individu en gesin betrek het. In die negentigerjare het 'n behoefte na die herdefiniëring van die vakgebied egter wêreldwyd en ook in Suid-Afrika ontstaan.

Aan die begin van 1993, onder leiding van die hoof, **prof Elizabeth Boshoff**, het die Departement Huishoudkunde en Dieetkunde op twee nuwe spesialiseringsrigtings besluit, wat sterk op die ekonomiese en bestuurswetenskappe steun, naamlik 'n vierjarige BHuishoudkunde Voedselbestuur en 'n BHuishoudkunde Kleding-Interieur rigting. Laasgenoemde is 'n paar jaar later verdeel in die BHuishoudkunde Kledingbestuur en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof E Boshoff

Prof H M de Klerk

BHuishoudkunde Interieurontwerp rigtings. Dié twee rigtings was enig in hulle soort aan universiteite in Suid-Afrika en reeds die eerste jaar het 18 studente vir die Interieurontwerp kursus ingeskryf. Dié kursus het in kwaliteit en kwantiteit gegroei tot 'n ingeskrewe studentetal van 101 in 1999.

Reeds vroeg in die negentigerjare het die departement besef dat daar 'n dringende behoefte in Suid-Afrika is na telematies gesteunde deeltydse Huishoudkunde-opleiding, gemik op veral volwasse leerders met 'n matriek kwalifikasie en verdere diplomas. In 1995 het dit die eerste Departement Huishoudkunde en Dieetkunde in Suid-Afrika geword wat die behoefte aanspreek en wel met die instel van die telematies gesteunde BHuishoudkunde Algemene program. In die eerste jaar het 18 studente vir dié unieke kursus ingeskryf en die getalle het tot 'n ingeskrewe studentetal van 88 in 2000 gestyg.

Gedurende 1993-2000 moes die departement ongelukkig afstand doen van twee sterk studierigtings wat ontwikkel het, naamlik die studierigting Dieetkunde wat aan die einde van 1995 by die Fakulteit Geneeskunde ingevoeg is en dié van Interieurontwerp wat aan die einde van 1999 by die Fakulteit Ingenieurswese, die Bou-omgewing en Inligtingtegnologie ingevoeg is. Ten spyte van die verskuiwing van hierdie twee studierigtings het 299 studente in dié tydperk hulle Baccalaureusgrade in die departement verwerf en 20 honneursgrade, sewe magistergrade en vier PhD-grade is toegeken.

Dit is veral die jare 1999 en 2000 wat deur groot veranderinge en groei in die departement gekenmerk is. Die departement het vanaf die Fakulteit Natuurwetenskappe na die nuutsaamgesmelte Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe verskuif en funksioneer tans binne die Skool vir Landbouwetenskappe. Ten einde steeds nasionaal relevant en internasionaal mededingend te kan wees, is die naam in 2000 na die Departement Verbruikerswetenskap verander.

Die bestaande voorgraadse studierigtings, wat reeds vir talle jare oor fakulteitsgrense heen saamgestel en aangebied is, is ook herstruktureer. Die Departement Verbruikerswetenskap aan die Universiteit is tans die enigste in Suid-Afrika wat programme in Kledingbestuur, Voedselbestuur en Interieurwarebestuur aanbied met 'n baie sterk onderbou in die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en met spesialisering in óf kleinhandelbestuur, óf kleinsakebestuur in alle gevalle. 'n Verbruikerswetenskapprogram wat sterk op ontwikkeling gemik is en deels deur telematies gesteunde onderrig deeltyds aangebied word, is ook ontwikkel. Daarmee saam is die BVerbruikerswetenskap (Ed) program herstruktureer en kan studente nou 'n keuse maak tussen spesialisering in die skoolvakke Huishoudkunde en Hotelhouding en Spyseniering (tans enig in sy soort aan 'n universiteit in Suid-Afrika).

Die departement het ook die behoefte aan opleiding van Voedsel- en Voedingkundiges met 'n sterk basiese natuurwetenskaplike onderbou raakgesien. Die vierjarige BSc Voedselbestuurkursus is in 2000 goedgekeur en die departement is ook betrokke by die vierjarige BSc Voeding en Voedselwetenskappe program. Op die gebied van landbou en landelike ontwikkeling, bestaan daar ook die behoefte aan landboukundiges met 'n sterk onderbou in die ontwikkeling van landelike huishoudings – vandaar die vierjarige BinstAgrar-program met spesialisering in Rural Household Development.

Ook op nagraadse vlak is programme herstruktureer. Studente kan voorgraadse studie nou direk met meesters- en daarna PhD-graadstudie opvolg. Die telematies gesteunde Nagraadse Diploma in Kleding en Tekstiele maak dit vir gegradueerdes in die kleinhandel of kleinsakebedryf moontlik om kleding en tekstiel produkkennis op nagraadse vlak op te doen sonder om hulle loopbaan te onderbreek. Die Gevorderde Sertifikaat in Onderwys met spesialisering in hotelhouding en spyseniering is daarop gemik om onderwysers wat nie in dié rigting opgelei is nie maar vir die skoolvak verantwoordelik is, verder vir hulle beroep te bekwaam.

Ook die navorsingsprogramme is in 2000 herstruktureer. Daar is tans vier sterk navorsingsfokusse, naamlik die kleding pas- en groottebepaling-program wat op navorsing na die kledingverbruiker, kleinhandel en industrie se probleme met die groottes en pas van klere vir verskillende marksegmente gemik is; die program ter bemagtiging van benadeelde vrouens (Empowerment of Disadvantaged Women) wat op die ontwikkeling en vestiging van kleinsakebedrywe op die wye terrein van kleding en tekstiele gerig is; die program rondom Suid-Afrikaanse voedsel- en eetpatrone; en die navorsingsprogram oor huishoudelike tegnologie en interieurhandelsware (Household Technology and Interior Merchandise Research) na die probleme wat verbruikers, die kleinhandel en industrie met huishoudelike toerusting ondervind kyk.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hierdie programme word sterk deur die industrie en kleinhandel ondersteun. Sedert 2000 was 12 nagraadse studente by die navorsingsprogramme betrokke. In die tydperk 1998-2000 het 12 artikels in geakkrediteerde wetenskaplike tydskrifte, vier artikels in ander tydskrifte en 35 nasionale en internasionale kongresbydraes vanuit die vier fokusgroepe verskyn.

Die departement beskik tans oor nege permanent-voltydse en sewe permanent-deeltydse doseerposte. 'n Aantal deeltydse dosente is ook veral by die telematiese onderrigprogramme betrokke. Vier senior dosente, naamlik **proff Boshoff, Priscilla Botha, Anna-Marie Trollip** en **Elmarie de Klerk** beklee tans professoraatposte.

Die eertydse Departement Huishoudkunde en Dieetkunde het dus vanaf 1993 ontwikkel vanaf 'n departement wat die vakgebiede Kleding, Voedsel, Voeding en Interieurware in akademiese programme sterk op die mens en gesin gefokus het, tot 'n Departement Verbruikerswetenskap wat genoemde vakgebiede op alle verbruikersgroepe rig. 'n Kontekstuele benadering word in onderrig en navorsing gevolg deurdat die wisselwerking tussen die verskillende vakgebiede en verbruikers vanuit 'n sosiaal-sielkundige en -kognitiewe perspektief, 'n kulturele perspektief, 'n verbruikersperspektief en 'n kleinhandelsperspektief bestudeer word. Hierdie benadering stel die departement in staat om werklik interdissiplinêr oor fakulteits- en skoolgrense heen te funksioneer en probleme op vele gebiede in die samelewing te bestudeer en te help oplos.

Prof H M de Klerk
DEPARTEMENTSHOOF

Voedselwetenskap

Die kurrikulum vir die vierjarige BSc(Agric)-program is in 1993 herontwerp om 'n volledige program in Voedselwetenskap asook kursusse in al die belangrike voedselverwerkingstegnologieë aan te bied: suiwel, vleis, graankos, en vrugte en groente. Hierdie breëbasisopleiding berei die studente voor vir die hedendaagse voedselbedryf wat horisontaal hoogs geïntegreer is. In die lig van die nuwe kurrikulêre ontwerp is die program se naam verander na BSc(Agric) Voedselwetenskap en -tegnologie.



In 1995 is twee nuwe studieprogramme ingestel: 'n BSc oor drie jaar met spesialisering in Voedselwetenskap vir studente wat vir 'n graad in die biologiese wetenskappe wil inskryf maar tog ook 'n sterk komponent in beroepsgerigte spesialisering vereis, en 'n vierjarige BInstAgrar-graad met spesialisering in Voedselproduksie en -verwerking vir studente wat in die landelike ontwikkelingsaspekte van voedselproduksie en -verwerking belangstel. Albei hierdie spesialisasierigtings sluit honneurs- en magisterprogramme in.

Hierdie ontwikkelinge is in 1997 gevolg deur 'n streeks MSc-program met spesialisering in Voedselwetenskap en -tegnologie vir die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG). Die departement en die WNNR se Bio/Chemtek-divisie bied hierdie MSc gesamentlik aan. Die streeks MSc-program word amptelik deur die Suider-Afrikaanse Sentrum vir Samewerking in Landbounavorsing en -opleiding (SACCAR) gesteun.

Die bogenoemde ontwikkelinge het tot 'n aansienlike toename in die studentetal bygedra. Die getal effektiewe subsidiestudente het tussen 1996 en 2000 verdubbel. Die departement het veral 'n sterk nagraadse program ingestel, en 11 studente uit ander Afrikalande studeer tans aan die departement. Daar was gedurende die oorsigtydperk ook 'n geweldige verandering in die demografiese profiel van die studente. Tans is meer as 50% van die voor- en nagraadse studente aan die departement Suid-Afrikaners uit die aangewese groepe.

Die personeel het weinig verander gedurende hierdie tydperk. **Prof J R N Taylor** is in 1996 en 2000 weer as departementshoof aangestel. **Prof J J Roberts** het die Universiteit in 1995 verlaat om sy eie voedselkonsultasie-onderneming te begin. Hy is vervang deur **me H L de Kock**, 'n kundige in sensoriese evaluering en vleiswetenskap van die Landbounavorsingsraad se Dierevoeding en Diereproduksie-instituut (LNR-DDI). **Prof A Minnaar**, die departement se deskundige op die gebied van vrugte- en groentewetenskap en -tegnologie asook voedselbestraling, is twee keer bevorder – in 1995 tot senior lektrise toe sy 'n doktorsgraad ontvang het, en in 2000 tot medeprofessor toe die NRF 'n C-gradering as navorser aan haar toegeken het. Die departement se diensstaat is in 1999 aangevul deur die aanstelling van twee junior lektore.

Die departement het noue bande met verskeie plaaslike en internasionale instansies gesmee. Daar bestaan memoranda van verstandhouding met Bio/Chemtek by die WNNR en met die Technikon Pretoria se Departement Biotegnologie en Voedseltegnologie. Die departement is ook aktief betrokke by die fakulteit se ooreenkoms met die LNR-DDI. Internasionale bande word uitgebou met susterdepartemente aan die Universiteit van Gent in België,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


Prof J R N Taylor

die Universiteit van Wisconsin, Madison, in the VSA, die Universiteit van Queensland in Australië, en die Instituut van Voedselnavorsing in die Verenigde Koninkryk. Internasionale gesamentlike navorsingsprojekte oor voedselbestraling is gedurende die oorsigtydperk onder beskerming van die Internasionale Atoom Energie Agentskap onderneem asook oor die kwaliteit van sorghumproteïene onder beskerming van die Europese Unie se internasionale samewerkingsprogram, INCO.

Die departement se navorsing was op ontwikkelingsvoedselwetenskap en -tegnologie toegespits, en navorsing van wêreldgehalte is onderneem om voedselbehoeftes in Suider-Afrika aan te spreek. Navorsing is op vier gebiede gedoen: die fisiese en chemiese kwaliteit van graankorrels en graangebaseerde voedsel – **prof Taylor**; suiwel- en graanvoedselfermentasie – **prof B H Bester**; moderne voedseltegnologieë vir tradisionele voedsel in Afrika – **prof Minnaar**; en analitiese en effektiewe sensoriese metodes vir die meting van voedselkwaliteit – **me De Kock**.

Prof J R N Taylor
DEPARTEMENTSHOOF

Skool vir Wiskundige Wetenskappe

Statistiek

Opleiding in Statistiek as basiese dissipline vind tot op die doktorsgraadvlak plaas in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe en in 'n beperkte mate in die Fakulteit Geesteswetenskappe. Opleiding in Statistiek is veral gevestig in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, en daarteenoor vind opleiding in die Wiskundige Statistiek in die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe plaas. Hierbenewens is meer gerigte statistiekkursusse soos Biometrie, Biostatistiek, Bestuurstatistiek en ander gegrond op die spesifieke behoeftes van departemente uit verskeie fakulteite.

Afgesien van opleiding en navorsing in die basiese vakdissipline, het die klem meer beduidend geval op die rol van Statistiek as ondersteunende dissipline. In verskeie graadrigtings word Statistiek of Wiskundige Statistiek tot op 'n gevorderde vlak vereis, en die departement het op die empiriese navorsingsterrein in vele multidissiplinêre projekte en programme 'n funksionele bydrae gelewer.

Die onderrig van Statistiek het aansienlik meer rekenaar-interaktief geword, in ooreenstemming met die wêreldwye impak van rekenaarpakkette op die statistiese bedryf. Die afgelope dekade het meer senior studente (200-vlak en hoër) Statistiek interaktief met rekenaarmatige toepassing bedryf. Gedurende 1999 is op 'n proefgrondslag selfs eerstejaarstudente op 'n vrywillige basis aan hierdie opleiding blootgestel. Vanaf Januarie 2000 is die algemene rekenaar-interaktiewe program ook vir alle 100-vlak (eerstejaars) studente ingestel. Dit behels, afgesien van rekenaar-interaktiewe studiemateriaal wat gedurende lesings gebruik word, dat alle 100-vlak studente ook een praktiese sessie Statistiek per week op rekenaarpakkette beoefen. In totaal is daar tans 2 300-2 500 eerstejaarstudente in Statistiek en Wiskundige Statistiek hierby betrokke.

Die volgende tabel vergelyk die totale getal inskrywings van studente in Statistiek en Wiskundige Statistiek aan die begin van 1992 teenoor die begin van 1999:

	Voorgraadse studente		
	100-vlak	**200-vlak**	**300-vlak**
1992	1 323	168	76
1999	2 408	199	107

Die nagraadse studentetal het van ongeveer 50 tot sowat 55 toegeneem.

STATOMET oftewel die Buro vir Statistiese en Opnamemetodologie, is in 1992 as integrale deel van die departement gestig as medium vir alle navorsingsaksies. Die missie van STATOMET behels die bevordering van die kwaliteit van implementering van statistiese metodologie en opnamemetodologie deur ondersteuning van eerstens die opleiding- en navorsingsfunksie en tweedens die gemeenskapdiensfunksie van die Universiteit met besondere klem op Suid-Afrika en Afrika. Alle lede van die departement en ander personeel van die Universiteit neem aan die aktiwiteite van STATOMET deel. Gedurende die oorsigtydperk was daar gewoonlik 'n voltydse direkteur, een voltydse navorser, een tegniese assistent en twee administratiewe beamptes in diens van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

STATOMET. Aan die begin van 2000 het hierdie personeellede by die nuutgestigte Business Enterprises at UP aangesluit wat nou die kommersiële aktiwiteite van STATOMET administreer. Die interne bestuur van STATOMET word tans deur 'n waarnemende direkteur van die departement, **prof G J J van Zyl,** behartig.


Prof N A S Crowther

Die kliënteprofiel van STATOMET sluit in banke, versekeringsorganisasies, die media, ontwikkelingsrade, plaaslike besture, wetenskapsrade, staatsdepartemente en verskeie maatskappye. 'n Aantal internasionale kontrakprojekte is ook onderneem. STATOMET is verder verantwoordelik vir die interne statistiese konsultasiediens wat personeel van die departement aan navorsers van die Universiteit lewer. Tussen 250 en 300 sulke projekte is jaarliks hanteer.

Verskeie indiensopleidingsprogramme is deur STATOMET, veral vir amptenare van provinsiale regerings, aangebied. Afgesien van opleiding in Pretoria, is sulke sertifikaatprogramme vir provinsiale regerings van Noord-Wes, die Noordelike Provinsie en Mpumalanga beskikbaar gestel, asoook vir die regering van Swaziland in Mbabane.

Personeellede het op verskeie terreine bydraes tot die werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Statistiese Vereniging (SASV) gelewer. Navorsingslesings is by konferensies aangebied asook werksessies oor spesialiteitsonderwerpe. Die departement tree gereeld as gasheer op van byeenkomste van die SASV en **prof C F Smit** was vir die tydperk 1993-1994 president van dié vereniging. Verskeie navorsingslesings is ook internasionaal gelewer.

Die personeelkorps bestaan uit **proff N A S Crowther, Smit, Van Zyl, F L Vivier, H T Groeneveld**, vyf senior lektore, sewe lektore, drie junior lektore, een hoof tegniese assistent en een senior tegniese assistent. **Proff Vivier** en **Groeneveld** het einde 1999 afgetree. Die departement is verder besonder bevoorreg om oor die dienste van **prof H S Steyn** as buitengewone professor te beskik.

Prof N A S Crowther
DEPARTEMENTSHOOF

Versekering en Aktuariële Wetenskap


Prof G L Marx

Hierdie departement (wat in 1988 aan die Universiteit ingestel is) word deur sukses gekenmerk. Net 20 eerstejaarstudente het in 1988 ingeskryf, maar die huidige inname van voorgraadse studente staan op nagenoeg 100 elke jaar.

Opleiding het met een voltydse aktuaris afgeskop, maar daar is tans twee voltydse aktuarisse (**proff G L Marx** en **H L M du Plessis**), twee deeltydse aktuarisse (**mnre W T Roos** en **I Smit**), en een deeltydse senior aktuariële student (**mnr H Gonin**) asook 'n voltydse sekretaresse.

Die kursus het toppresteerders onder matrikulante getrek, en dit sluit die eerste matrikulante in wat onderskeidelik nege, tien en elf onderskeidings in die matriekeksamen behaal het. Die opleiding word beskou as minstens gelykstaande aan die beskikbare opleiding by ander Suid-Afrikaanse universiteite wat ten volle vir aktuariële opleiding toegerus is.

Ongeveer 400 baccalaureus-, 130 honneurs- en twee DCom-grade is reeds toegeken. Dertig oudstudente het reeds via die Institute/Faculty of Actuaries in Brittanje as aktuarisse gekwalifiseer – sommige in rekordtyd vir Suid-Afrikaanse kandidate.

Al die studente, of hulle nou hulle aktuariële studie na hulle universiteitsopleiding voortsit of nie, word in diens geneem sodra hulle die verskillende grade behaal het. Die werkgewers van hierdie oudstudente gee deurentyd positiewe terugvoer oor die kwaliteit en etiek van die departement se studente, en werkgewers se vraag na hierdie studente oorskry steeds die aanbod.

Die departement handhaaf vriendelike betrekkinge met sy studente by wyse van gereelde vergaderings tussen personeellede en studenteverteenwoordigers. Daar word jaarliks *indabas* met personeellede, studenteverteenwoordigers en oudstudente gereël om te verseker dat die opleiding eersteklas en toepaslik bly.

Momentum Lewens het sedert die stigting van die departement as borg vir opleiding opgetree. Hierdie maatskappy se morele ondersteuning, die deeltydse sekondering van 'n senior aktuariële student om lesings aan te bied, en die gebruik van die kortkursus in Lewensversekering is van onskatbare waarde.

Publikasies was onder meer die boek, *How to buy the right life assurance for you in SA* wat deur **prof Marx** geskryf is. *The SA retirement funds manual*, wat die omvattendste en gesaghebbendste publikasie in die bedryf

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

is, is deur **proff Marx** en **Du Plessis** geïnisieer en hulle is steeds medeouteurs van hierdie handleiding. Die departement se personeel hanteer in samewerking met praktisyns die enigste publikasie en opleiding in Suid-Afrika vir eisereservering in korttermynversekering.

Die departement se personeel lewer in samewerking met kundiges in die praktyk die omvattendste publikasie en opleiding in die bedryf ten opsigte van werknemers se gesondheidsvoordele.

'n Hoogs suksesvolle kortkursus in Lewensversekering word reeds oor die afgelope agt semesters vir Momentum Lewens se hoofkantoorpersoneel aangebied, weer eens met unieke studiemateriaal. Byna 1 000 afgevaardigdes wat as amptenare in die bedryf werksaam is, het reeds kortkursusse bygewoon en sertifikate ontvang nadat hulle eksamens geskryf en geslaag het wat gelykstaande is aan die departement se eindeksamens vir formele voorgraadse programme.

Personeellede van die departement dien in verskeie bedryfskomitees asook in eksaminerings- en akkrediteringsliggame. Die personeel lewer 'n omvangryke konsultasiediens en dien as nie-uitvoerende direkteure in privaat maatskappye in die bedryf.

Prof G L Marx
DEPARTEMENTSHOOF

Wiskunde en Toegepaste Wiskunde

Die jare 1993-2000 was vir die departement 'n bloeitydperk wat navorsing en onderrig betref. Daar is voortgebou op die strategieë wat tydens die vorige dekade beplan is. Veral die programme in Diskrete Wiskunde en Algebra, onder die leiding **van proff W L Fouché** en **G Naudé**, het gedurende die oorsigtydperk in alle opsigte gedy. Daar was 'n voortdurende vloei van publikasies, nuwe onderrigprogramme is ingestel en heelwat MSc- en PhD-studente het hulle studies suksesvol voltooi.


Prof J Swart

Die Abstrakte Analise-groep onder leiding van **proff L E Labuschagne**, **N Sauer**, **A Ströh** en **J Swart** het ook deurgaans voortreflike uitsette gelewer en so ook die groep wat in Numeriese Wiskunde en Parsiële Differensiaalvergelykings gespesialiseer het.

Die departement was gedurende die middel van die dekade gelukkig om oor die dienste van 'n uitstekende span navorsers te beskik, en 'n hele paar van hulle kon weens gradering as navorsers deur die SNO (later NRF) internasionale steun bekom – in die besonder verdien **proff E E Rosinger** (A-gradering) en **Sauer** (B-gradering) in hierdie verband vermelding. Die sukses van die departement op navorsingsgebied gedurende die oorsigtydperk is bewys deur die feit dat daar vier internasionale konferensies op 'n besonder bekwame wyse gereël is, naamlik drie Internasionale Konferensies in Abstrakte Analise en 'n Internasionale Konferensie in Navier-Stokes vergelykings en verwante nie-lineêre probleme. Gedurende Junie 1997 het die Joint Mathematics Conference wat gesamentlik deur die Suid-Afrikaanse Wiskundevereniging, die American Mathematical Society en die London Mathematical Society gereël is, ook by die Universiteit plaasgevind. Die lede van die reëlingskomitee van dié konferensie was hoofsaaklik personeel van die departement onder leiding van **prof J C Engelbrecht**.

Die departement was ook beloon met die toekenning van vier S2A3-medaljes (vir die beste prestasie in die Natuurwetenskappe op magistervlak) aan **mnre K J Swanepoel, P V Sauer, M M Bapela** en **R de V Duvenhage**. Hierdie toekennings is bewys van die departement se volgehoue verbintenis tot die handhawing van 'n internasionaal-mededingende nagraadse program.

Die departement het in Desember 1993 'n traumatiese skok beleef met die tragiese heengaan van **prof G Naudé** op 'n jong ouderdom weens kanker. Die navorsingsaktiwiteite in Algebra het ongelukkig basies tot stilstand gekom en dit het tot gevolg gehad dat die fokusareas van die departement se navorsing teen die einde van die dekade in hoofsaaklik drie rigtings gestabiliseer het, naamlik parsiële differensiaalvergelykings, hul numeriese analise en wiskundige modellering; abstrakte analise op operatoralgebras, stogastiese prosesse en evolusie-operatore; en kombinatorika en konvekse en diskrete meetkunde.

Die beleid om 'n proaktiewe bydrae tot die transformasieproses te maak, het vrugte afgewerp. Vanaf 1993-2000 het die persentasie swart studente soos volg gestyg: voorgraads - vanaf 1,5% tot 17%; nagraads - vanaf 17% tot 40%. Die departement kon ook die eerste swart personeellid, te wete **mnr Bapela** met ingang 1995 aanstel. **Mnr Bapela** was besonder suksesvol as nagraadse student en later ook as navorser. Verder het hy heel gou as 'n baie geslaagde en gewilde dosent bekend geword. Met groot teleurstelling is kennis geneem van sy bedanking in 2000 weens 'n nuwe tendens, naamlik die skielike en vinnige toename sowel binnelands as in die buiteland in die vraag

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

na wiskundiges op die gebied van die Finansiële Wiskunde, waar hulle markwaarde in finansiële instellings geweldig toegeneem het.

Inisiatiewe wat **prof F D van Niekerk** geneem en **prof Swart** ywerig opgevolg het, het tot die instelling van 'n hoogs suksesvolle onderrigprogam in Finansiële Wiskunde teen die einde van die millennium gelei. Dit stel ook 'n toekomstige navorsingsfokusarea in die vooruitsig. In die oorsigtydperk het die departement intensief met die departemente Statistiek en Versekerings- en Aktuariële Wetenskap begin saamwerk en het die program in Aktuariële en Finansiële Wiskunde die vlagskipprogramme van die nuutgestigte Skool vir Wiskundige Wetenskappe geword – 'n inisiatief wat groot belofte vir die toekoms inhou. Waar Wiskunde in die verlede hoofsaaklik in die fisiese wetenskappe toepassing gevind het, is daar tans 'n groot klemverskuiwing na toepassings in die finansiële wêreld, 'n tendens wat by talle vooraanstaande internasionale universiteite posgevat het.

Teen die einde van 2000 is **prof Ströh** as hoof aangestel in die plek van **prof Swart** wat as departementshoof bedank maar as personeellid aangebly het.



Prof A Ströh

Prof J Swart
VOORMALIGE DEPARTEMENTSHOOF

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Fakulteit Geneeskunde

Kantoor van die Dekaan

Die visie van die fakulteit is om 'n internasionaal mededingende rolspeler te wees en, met die fokus op gesondheidstoestande in Afrika, hoë standaarde deur kwaliteit onderwys, navorsing en gemeenskapsdiens te handhaaf.



Prof J V van der Merwe

Die fakulteit se missie en leuse is om 'n relevante en belangrike rolspeler in die primêre gesondheidsorg van alle Suid-Afrikaners te wees. Die fakulteit is daartoe verbind om graduandi vir uitmuntende en omvattende gesondheidsorg en vir die akademiese geneeskunde te lewer, die wetenskap meetbaar te verryk deur die vestiging, ontwikkeling en handhawing van uitmuntende navorsing en die lewenskwaliteit van die bevolking te verhoog deur gesondheidsopvoeding, gesondheidsprogramme van hoogstaande gehalte en gesofistikeerde dienslewering. Hierdie missie word onderskryf deur sy leuse, naamlik *Salus aegroti suprema lex* – "Die welsyn van die sieke is my hoogste roeping".

Die vyftigjarige bestaan van die fakulteit is in 1993 herdenk. Dit was 'n besondere feesjaar wat met dankbaarheid en feestelikheid gevier is.

Gedurende 1993-2000 was twee dekane aan die stuur van sake. **Prof J V van der Merwe** was in hierdie hoedanigheid werksaam totdat hy opgevolg is deur **prof D J du Plessis** vanaf 1 Augustus 1995. **Prof Van der Merwe** het na sy aftrede 'n eredoktorsgraad van die Universiteit ontvang. Vanaf 1 Julie 1993 is 'n pos van permanent-voltydse adjunkdekaan ingestel, met **prof O J Ransome** as die eerste bekleër daarvan. Hy is op 1 Desember 1995 deur **prof S V Grey** opgevolg.

Aan die einde van 1999 het die fakulteit bestaan uit 34 departemente, 14 afdelings, drie institute en twee navorsingsentrums. Ontwikkelings het gelei tot die aanbied van nuwe kursusse en diplomas. 'n Nagraadse diploma in Huisartskunde is in 1999 in samewerking met Lyceum Kollege van stapel gestuur as 'n metode waardeur dokters hulle kennis kan opgradeer op 'n modulêre afstandsonderrigbasis in 'n verskeidenheid rigtings binne die Huisartskundeveld. Die Afdeling Sportgeneeskunde het in 1999 sy eie kantore en spreekkamers in die Universiteit se Sportsentrum betrek.

Verskeie vennootskappe het tot stand gekom. Dié met Medihelp Mediese Skema het gelei tot die daarstelling van 'n Leerstoel in Kliniese Epidemiologie. 'n Borgskap van Netcare is ontvang vir 'n senior spesialispos in die Departement Gemeenskapsgebaseerde Onderrig en vanaf Curamed vir 'n senior spesialispos in die Afdeling Vaardigheidsgeneeskunde in die Departement Huisartskunde. 'n Vennootskap is ook met die Prime Cure Clinic-groep gesluit vir die bevordering van primêre gesondheidsorg.

Die totstandkoming van die Skool vir Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid was een van die hoogtepunte in 1998. Die skool is hoofsaaklik toegespits op epidemiologie en biostatistiek, gesondheidsdiensbestuur, gesondheidsinformatika, omgewingsgesondheid, gesondheidsekonomie en -finansiering en beroepsgesondheid.

Interaksie is gedurende die oorsigtydperk gehandhaaf met kollegas van ander universiteite, nasionaal en internasionaal, veral deur wedersydse eksterne eksaminering op sowel voor- as nagraadse vlak, asook deur gemeenskaplike navorsingsprogramme. Hierdie samewerking is verder versterk tydens nasionale en internasionale kongresse en simposia en deur die ontvangs van akademici en kollegas as gassprekers en gasdosente.

Uitreikaksies vind gereeld plaas. Personeel en studente raak vrywillig hierby betrokke deur die ontwikkeling van uitreikprogramme tussen die fakulteit en instansies soos die Sedibeng-Kliniek in Atteridgeville, die Daspoort-Polikliniek, asook Tembisa-Hospitaal.

As gevolg van die snelle toename in die MIV/Vigs epidemie, kan Suid-Afrika nie voorbly met die versorging van hierdie pasiënte nie. Die Departement Kindergeneeskunde word betrek by die Diana, Princess of Wales Mohau Kindersorgsentrum by die Kalafong Akademiese Hospitaal, 'n sentrum wat spesifiek ontwikkel is om kinders wat met MIV geïnfekteer is of weeskinders van MIV-moeders te help versorg. Die Kangaroe Moedersorgeenheid, die eerste in Gauteng en slegs die vyfde in die land, is in Oktober 1999 amptelik by die Kalafong Akademiese Hospitaal geopen. Die eenheid is 'n privaat inisiatief.

Die fisiese fasiliteite van die fakulteit is hernu en uitgebrei gedurende die oorsigtydperk. Die nuwe vleuel van die akademiese gebou is in 'n rekordtyd voltooi en is op 28 Februarie 1994 deur die Rektor, **prof P Smit**, tydens 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

luisterryke geleentheid in gebruik geneem. Bo en behalwe die verligting wat dit meegebring het ten opsigte van lesingsale, kantore, biblioteek, rekenaarsentrum en ander fisiese fasiliteite, het dit die aansig van die fakulteit dramaties verbeter.

Twee nuwe koshuise, Olympus en Hippokrates, wat 'n totaal van 380 studente huisves, is in gebruik geneem. Hierdie behuisingsvoorsiening hou uiteraard groot voordele vir die studente in. Nie alleen word studente nou naby die fakulteit en hospitaal gehuisves nie, maar die spanverband word tussen die lede van gesondheidswetenskappe bevorder omdat die koshuise oop is vir studente van alle studierigtings in die fakulteit.

Die bouwerk aan die nuwe akademiese hospitaal wat teen 2003 as opleidings- en verwysingshospitaal sal begin funksioneer, is steeds op koers. Die huidige kontrak, bekend as D1, sal waarskynlik in 2001 voltooi wees.

Die primêre taak bly navorsing, opleiding, professionele en gemeenskapsdiens. Die aantal navorsingspublikasies deur personeellede het jaarliks toegeneem en wel in so 'n mate dat die fakulteit die afgelope twee jaar die tweede meeste publikasie-uitsette aan die Universiteit gehad het. Die besondere mate van erkenning wat die akademiese personeel van hulle eweknieë op nasionale en internasionale vlak geniet, word bewys deur die gereelde uitnodigings wat ons dosente van buitelandse vakspesialiste ontvang om as gasdosente op te tree of om postdoktorale studie in samewerking met hulle te doen. Die samewerkingsooreenkomste wat gesluit is met verskeie universiteite het die relevansie en leierskap van hierdie fakulteit op die gebied van navorsing en dienslewering weer eens beklemtoon.


Prof D J du Plessis

Die Mediese Navorsingsraad (MNR) het twee navorsingseenhede aan die fakulteit toegeken, naamlik die MNR-eenheid vir Strategieë vir Moeder- en Kleutergesondheidsorg by die Departement Obstetrie en Ginekologie in 1998 en die MNR-eenheid vir Inflammasie en Immuniteit by die Departement Immunologie wat in 1989 gestig is.

Die jaarlikse fakulteitsdag waartydens navorsingsvoordragte en plakkaatsessies plaasvind, bied nog steeds 'n pragtige geheelbeeld van die toewyding wat akademici tot navorsing het, nieteenstaande die besondere werkslading van kliniese dienste en die tyd wat aan die ontwerp van nuwe kurrikula vir die opleiding van studente bestee moet word.

Gegradueerdes geniet nasionaal en internasionaal groot aansien en meer as 20% van alle praktiserende geneeshere in Suid-Afrika is produkte van die Universiteit. Daar is tans meer as 3 000 ingeskrewe voor- en ongeveer 800 nagraadse studente (dit sluit internasionale elektiewe studente uit verskeie lande in). Die diversiteit in die samestelling van die studentekorps het sedert 1993 besonder toegeneem en die taalbeleid is aangepas om 'n meer buigsame benadering tot die onderrigtaal te volg.

Die volgende voorgraadse kursusse word aangebied: MBChB (Medies), BRad (Radiografie), BCur (Verpleegkunde), BDieetkunde, BPhysT (Fisioterapie), BArb (Arbeidsterapie) en BSc met spesialisering in Mediese Wetenskappe. Nagraadse studie behels honneurs, MSc, MMed en doktoraal, en verskeie voor- en nagraadse diplomas word ook in die kurrikula ingesluit. Voortgesette professionele ontwikkelingskursusse is tot en met 2000 deur fakulteitslede aangebied onder Didasko.

Kliniese opleiding vir alle kursusse word op primêre, sekondêre en tersiêre vlak aangebied, onder meer by die Pretoria Akademiese, Kalafong Akademiese, Witbank-, 1 Militêre, Jubilee-, Weskoppies-, Mamelodi- en Pretoria-wes-Hospitaal.

Tydens 'n strategiese beraad in Augustus 1993 is besluit om 'n nuwe onderwysmodel vir die opleiding van mediese studente te ontwerp en te implementeer. Soortgelyke nuwe kurrikula is ook vir die opleiding in die vyf gesondheidsorgwetenskappe (BCur, BRad, BPhysT, BDieetkunde en BArb) ontwerp. Die snelle tempo van verandering in gesondheidsorg wêreldwyd en die dringende behoefte aan primêre gesondheidsorg in Suid-Afrika het tot die herstrukturering van die opleiding van studente in die gesondheidsorgwetenskappe gelei.

Faktore wat bygedra het tot 'n meer relevante mediese kursus is: die veranderde gesondheidsbehoeftes van die bevolking, die snelle vermeerdering van kennis en die behoefte om professionele gesondheidsorgwerkers in verskeie ander bekwaamhede soos kommunikasie, probleemoplossing en rekenaargeletterdheid op te lei en om vaardighede in tegnologiese vooruitgang te bemeester. Stereotipe houdings moes ook aangespreek word om kruis-kulturele kommunikasie en interpersoonlike verhoudinge te verbeter.

Onderrigmetodiek is geëvalueer en sterk klem is geplaas op studentgerigte, probleemgeoriënteerde en vakgeïntegreerde onderrig in vergelyking met die tradisioneel dosentgesentreerde formele lesings wat op vakdissiplines gerig was. Sterk klem word op praktiese opleiding geplaas en studente word reeds in die eerste studiejaar aan kliniese opleiding blootgestel tydens gemeenskapsgerigte intervensies onder toesig van die nuutgestigte Gemeenskapsgebaseerde Onderrigdepartement.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die eerste studiejaar van die nuwe sesjarige mediese kurrikulum is vanaf 1997 ingefaseer. Dit word deurgaans vir relevansie geëvalueer en teen die gesondheidsbehoeftes van die land gemeet. Die terugvoering van lektore, studente en ander belanghebbendes is veral belangrik hiervoor. Internasionale eksterne eksaminatore word genooi om die verskeie blokke te evalueer en te modereer om sodoende 'n internasionale aanvaarbare standaard te verseker.

Opleiding is ook besig om teen 'n snelle pas te verander vanweë nuwe ontwikkelinge op die gebied van inligting- en telekommunikasietegnologie. Telematiese onderwys is besig om onder sekere omstandighede een van die voorkeuropleidingsmodelle van die toekoms te word. Die fakulteit het reeds intensief in die vestiging van telematiese onderwysfasiliteite belê ten opsigte van beide menslike hulpbronne en tegnologiese infrastruktuur. 'n Telematiese Onderrig Komitee koördineer die ontwikkeling van die onderskeie multimediaprogramme ter plaatse, in noue samewerking met die Afdeling Telematiese Onderrig en Leer op die hoofkampus. Afdelings wat veral hierby betrokke is, is "VideoMed" (vervaardiging van opleidingsvideo's) en "StudioMed" (alle vorms van grafiese ondersteuning vir beide kongresvoordragte en die ontwikkeling van multimedia programme) en die Rekenaargesteunde Onderrig-laboratorium (RGO).

Die vaardigheidslaboratorium is 'n unieke fasiliteit by die fakulteit – én die eerste van sy soort in die land. Dit vergemaklik die aanleer van praktiese vaardighede deur studente voordat hulle aan pasiënte blootgestel word, ten einde die doeltreffendheid en doelmatigheid van gesondheidsorg te verbeter.

Rekenaargesteunde onderrig (veral toetsing) vorm 'n integrale deel van al die nuwe kurrikula. Die fakulteit beskik tans oor een van die bestoegeruste rekenaarlaboratoria binne die Universiteit. 'n Telemedisyneverbinding tussen Witbank-Hospitaal en die Pretoria Akademiese Hospitaal verleen voorts 'n verdere dimensie aan hierdie diens. In die oorsigtydperk is verskeie gemeenskapsprojekte deur fakulteitslede uitgevoer.

Professionele dienslewering is onderliggend aan enige gesondheidsverwante beroep en daarom is dit nou verweef met die dagtaak van die personeel en studente. Ooreenkomste met Gauteng, Mpumalanga en die Noordwes Provinsie bevat 'n sterk dienslewerings komponent. 'n Sekondêre opleidingshospitaal by Witbank is gevestig met die Mpumalanga-regering as vennoot. Voor- en nagraadse opleiding vind hier plaas. Primêre gesondheidsorgopleiding word by die Hammanskraalkampus te Jubilee-Hospitaal asook by klinieke in die Moretele-distrik aangebied. Dit strek tot voordeel van die landelike gemeenskappe aan wie dit soms die enigste toegang tot broodnodige gesondheidsdienste bied.

Die oorgang van 'n Fakulteit Geneeskunde na 'n Fakulteit Gesondheidswetenskappe is tans in 'n implementeringsfase. In ooreenstemming met die ontwikkeling van die Universiteit, sal die nuwe fakulteit ook gebaseer wees op 'n sterk skool-model, bestaande uit die Skool vir Geneeskunde, Skool vir Tandheelkunde, Skool vir Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid, Skool vir Patologie Wetenskappe, Skool vir Gesondheidsorgwetenskappe en 'n Sentrum vir Sportwetenskappe.

Prof D J du Plessis
DEKAAN

Anatomie

Gedurende 1993-2000 het die departement op alle terreine van sy werksaamhede 'n bloeityd beleef.

Die personeelkomponent is tans 38, wat dosente, tegniese assistente, sekretaresses en dienspersoneel insluit. **Prof G P Loots**, afdelingshoof van Histologie, het aan die einde van 1996 met pensioen afgetree en is deur **dr H L Coetzee**, wat tot medeprofessor bevorder is, opgevolg. In 1998 is twee senior lektore bevorder tot die rang van medeprofessor, te wete **dr M Steyn** as afdelingshoof van Fisiese Antropologie en **dr P A Richards** as afdelingshoof van Makro-anatomie. **Prof J H Meiring** (departementshoof) is op 1 Augustus 1995 ook as deeltydse hoof van die Afdeling Sportgeneeskunde aangestel. In die fakulteit en Universiteit figureer **prof Meiring** baie prominent en dien as voorsitter of lid van verskeie komitees. Hy is deur die fakulteitsraad benoem om in die sentrale kurrikuleringskomitee te dien. Verder is hy deur Hoofbestuur aangewys om in die Taakgroep vir Onderwysinnovasie te dien. **Prof H L Coetzee** is benoem as deeltydse hoof om Rekenaar Gesteunde Onderrig en Toetsing in die fakulteit te ontwikkel. **Prof Richards** is as deeltydse hoof van Didasko aangestel en is sedert April 2000 vir 20% van haar tyd na die Gehalteversekeringseenheid gesekondeer.

Die behoefte aan handboeke in Afrikaans is deur die departement aangespreek met die publisering van vyf sodanige boeke. Die studenteprofiel het verander namate die Engelssprekende komponent van die studentegemeenskap begin toeneem het. Dit het die departement genoop om proaktief te wees en die Afrikaanse

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

handboeke in Engels te vertaal. Die onderneming deur ander universiteite om *Menslike Anatomie* deur **Meiring** *et alios* voor te skryf, het Van Schaik Uitgewers die besluit laat neem om *Human Anatomy* in 2000 te publiseer. Ander handboeke wat deur personeellede geskryf is, is *Menslike Histologie; Anatomy for the medical scientific student*; en *Anatomie vir mediesverwante studierigtings*.

Die departement hou jaarliks 'n strategiese beraad waartydens die aktiwiteite of bepaalde aspekte van sy werksaamhede in oënskou geneem en die pad vorentoe beplan word.

Op onderriggebied het die departement in vele opsigte sy kant gebring en as bewys hiervan het die dosente in 1999 'n toekenning vir onderwysinnovasie van UP ontvang. Alle kursusse wat aangebied word, het volledige studiehandleidings wat in sowel Afrikaans as Engels beskikbaar is. Gedurende 1994 het die fakulteit met die herontwerp van die kurrikula begin. Die onderrigbenadering het verander na studentgesentreerd en probleemgeoriënteerd met horisontale en vertikale integrasie. In hierdie hele oefening het die departement onder leiding van **prof Meiring** die voortou geneem en die proses enduit gedryf. Die disseksieprogram vir die tweede studiejaar is herbeplan en drasties ingekort. 'n Nuwe studie- en disseksiehandleiding moes saamgestel word. Anatomie word nou oor vyf jaar versprei en het 'n inset in 16 van die 18 blokke van die nuwe MBChB kursus en in drie van die 12 spesiale aktiwiteite. Die fisiese disseksietyd is verkort, maar die kontaktyd met Anatomie het onveranderd gebly. Die eerste tweedejaarsgroep het in 1998 begin. Hierdie spesiale aktiwiteit, SA4 (Anatomie Disseksie), is gedurende die beplanning-, implementering- en die studente-evalueringstadium deur erkende internasionale anatome, naamlik **dr I Whitmore** en **prof D Brynmor-Thomas**, gemonitor en geëvalueer. Die uitslag van die evaluering is met grootskaalse erkenning op 'n verslagvergadering aan die fakulteit bekend gemaak. **Prof Meiring** is as die voorsitter van Blok 1 van die nuwe kurrikulum en voorsitter vir die eerste twee studiejare aangestel. Die blokboek vir Blok 1 wat onder sy leiding ontwerp is, het as model en *pro forma* vir die nuwe kurrikulum vir MBChB en BChD in die Fakulteite Geneeskunde en Tandheelkunde gedien. Die proses het 'n groot impak op tegniese ondersteuning meegebring. Ten einde aan die veranderende vereistes te kon voldoen, moes natmonstervoorsiening, benestelsels en ander stelsels herontwerp word.


Prof J H Meiring

Rekenaartegnologie is verder ontwikkel met 'n goeie infrastruktuur en kundigheid. **Prof Coetzee** het die Histologieprogram vir voor- en nagraadse kursusse interaktief rekenaarmatig ontwikkel en is nou via die netwerk aan studente beskikbaar. Op die terrein van telematiese onderrig het die departement ook die inisiatief geneem en 'n interaktiewe laserskyf (CD), *Clinical Anatomy*, vir MMed Huisartskunde asook een vir die honneurskursus in Radiografiese Anatomie ontwikkel. 'n Interaktiewe CD-program vir Sportgeneeskunde is in die proses om voltooi te word en verskeie ander projekte, soos 'n Anatomie-databank van beelde, is in die beplanningstadium. Hierdie inisiatief het 'n sterk onderbou vanweë die mediese tekeninge/grafiese vermoëns wat in die departement gevestig is. 'n Volledige afstandsgebaseerde nagraadse anatomiekursus is deur **prof Meiring** vir Lyceum Kollege geskryf. Hierdie produk is gedurende 2000 met soveel welslae gebruik dat die residensiële kursus vir die toekoms ook hierdie Afrikaanse en Engelse handleidings gaan gebruik.

Die departementele navorsingstaakgroep is in verskillende gebiede ingedeel, naamlik makroskopiese anatomie en diverse velde, fisiese antropologie, embriologie, onderrig, histologie en selbiologie. Die fisiese antropologie navorsingsgebied het onder leiding van **prof Steyn** internasionale bekendheid verwerf. Hulle is betrokke by navorsingsekskursies en opgrawings by onder meer Mapungubwe, Kemp's Cave, Florisbad en Thulamela. Die opgrawings by Thulamela in die noorde van die Nasionale Kruger-wildtuin is in samewerking met die Nasionale Parkeraad en met toestemming van die plaaslike gemeenskap uitgevoer. Die opgrawings is van wetenskaplike belang en het wye mediadekking gekry deurdat goue artefakte in die twee grafte, wat uit die 15e en 16e eeu dateer, gevind is. Die departement word gereeld deur die SAPD se Forensiese Afdeling vir hulle kundigheid oor menslike skeletoorblyfsels in hierdie navorsingsveld gekontrakteer. Die departement beskik ook oor die nodige kundigheid en word daarom dikwels gekontrakteer om behulpsaam te wees met die opgrawing van grafte en die repatriasie van sodanige oorblyfsels.

Gedurende 1997 het 'n selkultuurlaboratorium tot stand gekom. Hierdie werkgroep se nagraadse studente is elkeen op een of ander wyse met navorsing by privaat instansies betrokke waar die student se studies geheel of gedeeltelik deur hierdie instansies gefinansier word.

Die personeel is produktief en lewer jaarliks 'n navorsingsuitset van bykans 30 voordragte, plakkaataanbiedings en ander bydraes by nasionale en internasionale kongresse. Personeel en studente is telkens oor die afgelope vyf jaar met toekennings vir die beste bydraes in bepaalde kategorieë op die kongresse van die Anatomiese Vereniging van Suider-Afrika en ander vakverenigings vereer.

Die Pretoria Beneversameling het tot stand gekom en is wêreldwyd onder navorsers bekend. Verskeie internasionaal bekende navorsers het al die departement besoek en by navorsingsprojekte saam met personeel

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

betrokke geraak. Verskeie navorsingsartikels en hoofstukke in boeke het as gevolg van hierdie interaksie die lig gesien.

Die verbintenis tot dienslewering na buite word gestand gedoen met die aanbieding van kortkursusse en werksessies deur die personeel en bekende buitelandse aanbieders en versoeke vanweë die kundigheid wat in die departement gesetel is. Kursusse vir radioloë, verpleegkundiges asook arbeids- en fisioterapeute en andere is aangebied. Geslaagde werksessies is onder andere aangebied deur **R Neave** oor gesigsrekonstruksie, **prof Y Işçan** oor ouderdom- en geslagsbepaling en **prof P Abrahams** oor radiologiese beelding.

S W Liebenberg
SENIOR LEKTOR


Prof I W Simson


Prof L Dreyer

Anatomiese Patologie

Die departement het gedurende 1993-2000 daarna gestrewe om 'n diagnostiese patologiediens van die hoogs moontlike gehalte te lewer en daarby voor- en nagraadse studente tot die beste van die departement se vermoë op te lei. Dosentegetalle het gewissel tussen drie en sewe. Vanweë algemene ekonomiese faktore was die werwing en behoud van opgeleide personeel 'n probleem. **Prof I W Simson** het aan die einde van 1995 afgetree nadat hy vir 26 jaar lank departementshoof was. **Prof L Dreyer** is die daaropvolgende jaar as sy opvolger aangestel. Die huidige personeelkorps sluit in: **drs G H Davel, M J Judd, J E Dinkel** en **P Medley**. **Dr T Hamersma** is na 'n kort onderbreking weer eens in 'n deeltydse hoedanigheid aangestel.

Die getal voorgraadse studente het van 258 in 1993 tot meer as 280 die daaropvolgende jaar toegeneem. Met die instelling van die nuwe kurrikulum was daar 'n dramatiese toename in die aantal voorgraadse studente wat deur die departement onderrig word vanaf die tweede tot die vierde jaar van studie. Die departement is betrokke by minstens tien blokke in die nuwe kurrikulum. Sowat 100 studente in die paramediese dissiplines ontvang ook onderrig in Anatomiese Patologie.

Op nagraadse vlak lewer die departement insette in die onderrig en eksaminering van sowat 19 verskillende MMed-kursusse in die fakulteit asook twee MChD-kursusse in die Fakulteit Tandheelkunde.

Gedurende hierdie jare het die departement 11 anatomiese patoloë opgelewer wat die MMed-graad in patologie voltooi het. Die nasionale eksamen van die Kollege van Geneeskunde in Anatomiese Patologie is ook vir die eerste keer gedurende 2000 in die departement afgelê. Nagraadse studente het op verskeie gebiede presteer. **Dr T Slavik** is gedurende 1997 as die beste nagraadse mediese student in die fakulteit aangewys en **dr R J P Botha** het die eerste prys as junior kliniese navorser in die fakulteit vir 2000 ontvang.

Die departement was sedert 1993 by verskeie navorsingsprojekte betrokke waaruit onder meer een hoofstuk in 'n boek en 26 artikels voortgespruit het. Personeellede het ook 27 voordragte by nasionale kongresse gelewer en drie seminare aangebied.

Die departement lê homself toe op navorsingsprojekte in samewerking met ander universiteite en departemente van die fakulteite Geneeskunde en Tandheelkunde aan die Universiteit, soos die departemente Mensgenetika, Ortopedie, Ginekologie en Mondpatologie. Navorsingsvelde sluit in die genetika van maligne tumore, verskeie aspekte van been- en sagteweefsel-tumore, en tumore van die uterus, laasgenoemde in samewerking met die Universiteit van Leuven.

Dr Dinkel se belangstellingsveld is maligne limfome. Hy het besoeke afgelê in Berlyn, Kiel, London, die VSA en Hong Kong en verbreed so sy kennis in hierdie verband. **Dr Judd** lewer belangrike insette tot die nagraadse opleiding van kliniese assistente in sitologie. **Prof Dreyer** het nierpatologie-seminare in die VSA bygewoon en bied ook verskeie binnelandse snitte-seminare oor nierpatologie aan.

Die departement het in 2000 'n sertifikaat vir Onderwys Innovasie vir die ontwikkeling van 'n CD-ROM in Anatomiese Patologie ontvang. Hierdie multimedia program vorm deel van die B-Radiografie, B-Fisioterapie en B-Arbeidsterapie programme wat ontwikkel is in lyn met die nuwe probleemgebaseerde onderrigbenadering van die fakulteit. Daar word voorsien dat die onderrig van studente in Anatomiese Patologie in die toekoms meer rekenaar gesentreerd sal plaasvind.

Prof L Dreyer
DEPARTEMENTSHOOF

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Anestesiologie

Sedert die vorige uitgawe van Ad Destinatum het die landsomstandighede ingrypend verander. Hierdie veranderinge het die departement ook betrek. Die toename in pasiëntgetalle en veranderde pasiëntprofiel, het nie net die werkslading verhoog nie, maar ook die konflik beklemtoon wat dikwels bestaan tussen opleiding, navorsing en dienslewering. Gedurende 1993-2000 het die departement 86 spesialisnarkotiseurs opgelewer. In die gees van transformasie, kon reeds vyf swart personeellede aangestel word en is hierdie oorgang heel positief beleef.

Om kennis op kliniese vlak aan studente oor te dra, is die toewyding van konsultantnarkotiseurs onontbeerlik. Die ideaal is een konsultant per twee nagraadse studente (kliniese assistente). Tans is daar 44 kliniese assistente en 17 konsultante in die departement. Die departement funksioneer by die Pretoria Akademiese Hospitaal onder leiding van **prof Johan Hugo** (departementshoof), by Kalafong-Hospitaal en 1 Militêre Hospitaal onder leiding van **kol Hennie Ingram** en, sedert 1998 ook by die Witbank-Hospitaal waar **dr Marius Nel** sedert 2000 werksaam is. **Prof Pierre Fourie** hou tans die leisels by Kalafong. Hy het in 1996 by **prof Robert Koorn** oorgeneem toe laasgenoemde 'n pos in New York aanvaar het. **Prof Koorn** was egter nie die enigste verlies aan die VSA nie, want ook **dr Doris Ockert** het die departement in 1992 verlaat en is tans professor aan die mediese skool van Madison, Wisconson.


Prof J Hugo

Die kruisbestuiwing van denke is belangrik om stagnasie in 'n departement te voorkom. **Dr Andri Alberts** was vanaf 1998-1999 werksaam by die Papworth-Hospitaal vir Kardiotoraksheelkunde in Cambridge. Hy is in 2000 by die Kalafong Akademiese Hospitaal as senior lektor/eerste spesialis aangestel. **Dr Frans Smith** was gedurende 1998 werksaam by die Katolieke Universiteit Leuven in België. Daar het hy onder **prof Erik Vandermeulen** in die Afdeling Akute Pijn, Dienst Anesthesie gewerk. Met hierdie ondervinding het hy 'n dergelike diens by die Pretoria Akademiese Hospitaal ingestel. Kliniese assistente roteer deur hierdie afdeling waar hulle kennismaak met die behandel van akute postoperatiewe pyn. **Prof Hugo** was gedurende hierdie tydperk deur die Gesondheidsberoepsraad van Suid-Afrika benoem om in Kuba en Duitsland deel te neem aan die ewekniebeoordeling van artse, voordat hulle in Suid-Afrika kom praktiseer.

Die vennootskap tussen die Staat en die fakulteit is nie altyd heilsaam nie: die gebrek aan poste en die omvang van werkslading het daartoe gelei dat dienslewering ten koste van opleiding en navorsing gehandhaaf moes word. Kliniese navorsing van gehalte is duur, tydrowend en etiese kwessies word (gelukkig) van al groter belang. Die skripsievereistes vir meestersgrade in ander fakulteite is in 1999 uitgebrei na die MMed-graad. Dit het navorsing in die departement tot voordeel gestrek; sedertdien is 21 navorsingsprojekte ingedien en waarvan sommige vir publikasie voorberei word. Ten spyte van die gebrek aan fondse en die hoë werkslading, het die departement navorsingsvoordragte by plaaslike en internasionale kongresse aangebied. Gedurende 1993, 1994 en 1995 het **prof Koorn** verskeie voordragte in die VSA en Namibië gelewer. Verder het hy gedurende 1994 die Trigate-Mallinkrodt-prys vir die beste publikasie deur 'n Suid-Afrikaanse narkotiseur ontvang. **Prof Koorn** het ook in 1995 'n bydrae tot die handboek *The practice of thoracic anesthesia* gelewer. **Dr Johan Steyn** het in 1999 die Criticon-prys verower. **Dr Analee Milner** het in 2000 'n voordrag by die Internasionale Anestesiologiekongres in Montreal aangebied.

Die departement het in die gees van die Universiteit se beleid van tweetaligheid, die anestesiologiediktaat in Engels vertaal. Tans word die notas hersien, ten einde die voorgraadse student aan vars sieninge in die vakgebied bloot te stel.

Die nuwe leerplan is in 1997 ingestel. Die benadering tot onderrig het verander, wat meegebring het dat studente die bepaalde vakgebied wat gedurende die studieblok gedek word, in die sogenaamde blokboek hanteer.

Die departement was gelukkig dat enkele kliniese assistente, nadat hulle afstudeer het, by die akademiese korps aangesluit, of daarheen teruggekeer het. Hierdie kollegas sluit in **dr Eddie Oosthuizen, kol Ingram, drr Regina Baring, Shireen Singh, Wayne Pearce, Jan-Dawid van der Vyver, Marina Varbanova** en **Hyla Kluyts**. **Dr Kluyts** het beheer by die Kalafongse intensiewe sorgeenheid oorgeneem en sowel die hospitaal as die kliniese assistente wat deur intensiewe sorg roteer het veel baat daarby gevind. Die opleiding en toewyding van die studente het ook vrugte afgewerp: **dr Werner Mohr** het in 1994 die Jack Abelsohn-medalje van die Suid-Afrikaanse Kollege van Geneeskunde ontvang vir sy prestasie in Deel II van die Genootskapseksamen.

Dr Piet Smith het einde Februarie 2000 afgetree. Hy het tot sy uittrede die vermoë gehad om sy onskatbare praktiese vaardighede aan onkundige studente oor te dra. Na 'n narkostiseursloopbaan van 33 jaar en die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

lewering van waardevolle bydraes, het **dr Christine Jacobs** aan die einde van September 2000 afgetree. Sy het die Afdeling vir Chroniese Pyn in samewerking van die Departement Ortopedie gestig, waar sy na haar aftrede deeltyds in dié hoedanigheid aangebly het.

Die departement het deel gehad in die opstel van die beleidsdokument vir die inbedryfstelling van die nuwe akademiese hospitaal. Daar word uitgesien na die instelling van die anestesiologiediens in hierdie nuwe fasiliteite, maar die departement is ook deel van die beplanning om die ou fasiliteite ten beste te benut.

Dr F J Smith
SENIOR LEKTOR

Arbeidsterapie

Arbeidsterapie is die kuns en wetenskap waarmee mense bygestaan word om die daaglikse handelinge uit te voer wat vir hulle belangrik is, ten spyte van liggaamsgebreke, gestremdheid en die versperrings van die samelewing. Die "arbeid" in arbeidsterapie beteken al die aktiwiteite wat mense in hulle verskillende lewensrolle uitvoer en wat betekenis aan hulle lewens gee.

Me I Shipham

Gedurende die negentigerjare het dosente en studente internasionaal referate gelewer op kongresse en bygedra tot kursusse en werksessies in Afrika (Kenia, Egipte, Mauritius), Kanada (Montreal), die VSA (Kalifornië), Indië en Europa op die gebied van ergonomika, neurologiese rehabilitasie en pediatrie.

Interdissiplinêr is daar met universiteite dwarsoor die land en ook internasionaal geskakel. Dosente word gereeld genooi om as eksaminatore by ander universiteite op te tree.

Tydens die afgelope twee jaar het die departement kursusse aangebied vir arbeidsterapeute wat met volwasse beroerte- en hoofbeseerde pasiënte werk. Hierdie kursusse lei terapeute van oral in die land op om 'n taakgerigte benadering tot behandeling te volg. Die kursusse oor Modapts in die dag-tot-dag praktyk van arbeidsterapie en bewysgegronde terapie het ook sterk belangstelling gewek.

In die departement se skakeling met buite-instansies is bydraes tot die ontwikkeling van nasionale beleidsdokumente en riglyne gelewer. Verskillende staatsdepartemente, professionele mense in die privaat praktyk asook in private gesondheidsdienste het die personeel vir hulle deskundige insette geraadpleeg.

Die ontwerp en implementering van 'n nuwe leerplan was 'n besonder groot uitdaging. Dit staan bekend as die Pretoria Geïntegreerde Kurrikulum vir Arbeidsterapie, en stem ooreen met die probleemgebaseerde onderrigbenadering van die fakulteit. Die hersiening van die leerplan was om verskeie redes nodig, veral om aan die uitkomsgebaseerde benadering in onderwys te voldoen. Met die insette van belanghebbendes, insluitende die studentekorps, en met die ondersteuning van die fakulteit en praktiserende arbeidsterapeute, sal die nuwe leerplan in 2001 ingestel word.

Daar word jaarliks 40 studente gekeur en tans is daar 149 voorgraadse studente in opleiding. Die hoëgehalte opleiding bring mee dat pas gekwalifiseerde terapeute elke jaar internasionaal gewerf word vir poste in die VSA, Europa, Kanada, Australië en Nieu-Zeeland.

Die studentetal op voorgraadse vlak het redelik konstant gebly, maar die getal nagraadse studente het toegeneem. Tans is daar 11 magister- en twee PhD-studente. Daar word ook met groot sukses nagraadse diplomas aangebied, byvoorbeeld 18 studente het die nagraadse diploma in beroepsrehabilitasie in 2000 behaal. Nagraadse diplomas in handterapie en die hantering van gestremheid in die kinderjare word ontwikkel.

TuksAlumni het een van die departement se nagraadse studente, C van Velze met die Laureatus-toekenning in 1999 vereer.

Die personeel bestaan tans uit agt voltydse en vier deeltydse dosente, en twee sekretaresses. Daar word ook gebruik gemaak van studente-assistente. Die voltydse personeellede is **I Shipham** (departementshoof), **A Kruger, A du Plessis, K Uys, M Graham, D Casteleijn, L Engelbrecht** en **L Fouché**. Die deeltydse personeellede is **T Buys, M Aronstam, S Moagi** en **S le Roux**; en die sekretaresses is **M Lane** en **T Stanton**.

Die departement het gedurende 1993-2000 ontwikkel, uitgebrei en enorme bydraes tot gemeenskapsdiens gelewer. Betrokkenheid by gemeenskapsdiens is 'n belangrike kenmerk van die departement en begin reeds

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

tydens studenteopleiding. Individuele personeellede was ook betrokke by projekte soos ekotoerisme vir mense met gestremdhede en die Universiteit se studie oor die toeganklikheid van die verskillende kampusse. In totaal is ses personeellede op 'n gereelde basis betrokke by gemeenskapsdiens in Eersterust, Hammanskraal en Witbank. Studente lewer tydens hulle gemeenskapsprakties bydraes op alle vlakke tot die gemeenskap. Hulle doen hulle verpligte gemeenskapsprakties in die vierde studiejaar in skole, dagsentrums, klinieke en tehuise vir bejaardes.

Studente was ook aktief betrokke by gemeenskapsgeoriënteerde joolprojekte in gevangenisse en spesiale skole. Hulle het ook kampe vir gestremdes en sportdae asook kompetisies tussen gestremde en nie-gestremde mense gereël.

Transformasie geniet hoë prioriteit. Dit blyk duidelik uit die personeelaanstellings en keuring van onderwysbenadeelde studente. In 2000 is 'n grootskaalse werwingsveldtog onder onderwysbenadeelde skoliere uitgevoer. Daar word steeds gepoog om die keuringsprosedures op so 'n wyse te reël dat die studenteprofiel die demografiese samestelling van die totale Suid-Afrikaanse bevolking beter sal verteenwoordig.

I Shipham
DEPARTEMENTSHOOF

Chemiese Patologie

Die voortdurende tegnologiese ontwikkeling wat gepaard gaan met toenemend goedkoper elektroniese apparatuur en 'n afname in fisiese grootte, het veroorsaak dat diagnostiese dienste nader aan die pasiënt gelewer kan word (desentralisasie van diagnostiese dienste). Deur middel van innovasie het talle vervaardigers van diagnostiese instrumentasie ook diagnostiese platforms daargestel wat oor departementele grense strek. Die gevolg is dat net een apparaat gebruik kan word om 'n hele spektrum van ondersoeke in een ruimte uit te voer, in teenstelling met die verskeie apparate in verskillende laboratoria wat in die verlede hiervoor nodig was. Hierdie evolusionêre verloop van praktykvoering het dan ook 'n verdere stimulus gegee om opnuut na die aantal departemente in die instituut te kyk met die oog op groter rasionalisering, kostedoeltreffendheid en 'n holistiese benadering tot voor- en nagraadse opleiding.


Prof W J H Vermaak

Die National Health Laboratory Services (NHLS) by wyse van 'n proklamasie deur die Staatspresident, het op 8 Desember 2000 tot stand gekom en sal op 1 Julie 2001 geïmplementeer word. Hiervolgens sal alle Publieke Patologie wat onder meer die akademiese hospitale in die RSA insluit deur die NHLS verrig moet word. Die Instituut vir Patologie was sedert sy ontstaan losstaande en outonoom van die destydse Transvaalse Provinsiale Administrasie. Hierdie posisie het heeltemal verskil van sy eweknieë aan die ander mediese fakulteite elders in die land. Ten einde te verseker dat die Universiteit sy lyngesag oor die patologie-opleiding behou, is meganismes in werking gestel om al die patoloogposte vanaf die provinsiale administrasie na die Universiteit se diensstaat oor te dra.

Die instituut het ook sedert 1 September 2000 privaat inisiatiewe van stapel gestuur deur kundigheid aan die privaatsektor beskikbaar te stel om sodoende die basis van die opleidingsmateriaal te verbreed. Daar is verder besluit om 'n besigheidsbestuurder aan te stel weens die omvang van die administratiewe en finansiële take wat aan die lewering van 'n patologiediens verbonde is.

Die opleiding van nagraadse studente is deur bogemelde veranderinge beïnvloed. Opleiding word nou op Kliniese Patologie gerig wat Chemiese Patologie, Hematologie en Mikrobiologie insluit. Hierdie veranderde en geïntegreerde benadering is in lyn met die behoeftes van die land en is ontwerp om uitkomsgebaseerd te wees. Verdere subspesialisasie in een van die genoemde dissiplines is steeds 'n moontlikheid vir studente wat die behoefte het om hulle in die een of ander spesifieke vakgebied te verdiep.

Die departement het gedurende 2000 'n Gaschromatograaf-massaspektrometer aangekoop deur middel van interfakultêre samewerking met die Chromatografie Instituut asook die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe. Met dié apparaat is die departement se analitiese vermoë uitgebrei om veral industriële toksikologiese ondersoeke en navorsing uit te voer. Terselfdertyd is die departement in staat gestel om 'n diagnostiese diens aan gesondheidsowerhede te lewer wat ook 'n inkomste genereer. Op hierdie wyse kan die departement byvoorbeeld mediese wetenskaplikes oorsee stuur om vir spesiale kursusse in toksikologie in te skryf, wat nog nie in Suid-Afrika beskikbaar is nie.

Verskeie diagnostiese metodes is in die afgelope tyd ontwikkel wat in 'n roetine opset toegepas is. Wat hierdie aktiwiteit uniek maak, is dat dit die ondersoek van stowwe moontlik maak wat voorheen slegs met gesofistikeerde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

apparaat deur ervare analiste gedoen kon word en dan ook slegs teen hoë kostes. Hierdie metodes is robuust en kan in relatief elementêre laboratoria in die platteland uitgevoer word. Dié ontwikkeling vorm deel van die departement se nagraadse opleidingsprogram en het tot veelvuldige publikasies in internasionale mediese tydskrifte gelei.

Uit die internasionale samewerking met die Caerphilly-studiegroep wat in Wallis gesetel is en deur die Britse Mediese Navorsingsraad ondersteun is, het twee opsienbare publikasies in twee prominente mediese tydskrifte voortgespruit. Die onderwerp van die navorsingsprojek handel oor die nie-cholesterol verwante oorsake van hartaanvalle. Daar word geraam dat tot 40% van alle hartaanvalle nie 'n oorsaaklike verband met cholesterol toon nie.

Met die kartering van die menslike genoom het die departement se fokusarea ook mettertyd groter gewig aan molekulêre diagnostiek begin gee. Klem word verál gelê op genetiese toestande wat weens die beperkte genepoel 'n besondere hoë voorkoms onder sekere groepe Suid-Afrikaners het.

Daar was ook besondere prestasies. **Prof J B Ubbink** het die Bayer-Miles Senior Researcher Award van die Soûth African Association of Clinical Biochemists in 1994 ontvang. Ook het die Nutrition Society of Southern Africa die Nutrition Society Award for Excellence in Nutrition Research in Augustus 2000 aan hom toegeken. In November 2000 was hy die eerste nie-medikus in Suid-Afrika om die Verenigde Koninkryk se spesialiste eksamen in Patologie (MRC Path) met spesiale vermelding te slaag.

Prof W J H Vermaak is in Januarie 1996 deur die Universiteit as 'n Uitmuntende Presteerder aangewys en dié prestasie is drie jaar daarna herhaal.

Die departement het nog elke jaar 'n fakulteitstoekenning ontvang vir die beste publikasie in 'n spesifieke kategorie.

Nege nagraadse studente is in Chemiese Patologie opgelei. Dit was die grootste toevoeging van enige universiteit oor die afgelope dekade. Ook is 'n BSc(Hons)- en MSc-kursus vir nie-mediese studente ingestel. Sedertdien was daar sewe studente wat die MSc-graad en ook nog 14 studente wat die honeursgraad verwerf het.

Die huidige personeelsamestelling is naas die departementshoof (**prof Vermaak**), ook **prof Ubbink** en as voltydse spesialiste **prof J Elias, drs G S Dhatt, K Mostert, N M Oosthuizen**. Die senior vakkundiges is **drs S Bissbort, R Delport, M Bester, T Laurens** en **mnr J Spies**.

Prof W J H Vermaak
DEPARTEMENTSHOOF

Chirurgie (Medies)

Die departement het 'n trotse geskiedenis van hoëkwaliteit opleiding, diens en navorsing. Daar word deurlopend gepoog om 'n balans te handhaaf te midde van die immer teenwoordige probleem van tweeledige beheer. Enersyds word die kliniese departemente se diensleweringsaspek deur die akademiese hospitale beheer wat onder die bestuur staan van die Departement Gesondheid (en wat ook die salarisse betaal), en andersyds is die opleidings- en navorsingsaspekte die Universiteit se verantwoordelikheid.

Jaarliks studeer ongeveer 200 voorgraadse studente af met 'n graad wat 'n Baccalaureus in Chirurgie bevat en gemiddeld vier M-studente mag registreer as spesialiste vir die ope arbeidsmark. Tans is twee doktorale studente besig met proefskrifte.

Die opleiding het voor- en nagraads voortgegaan en die studente moet deur die opleidingsprogram op standaard gebring word. Die verhoogde werkslading in bogenoemde kategorieë (diens en opleiding) het tot gevolg gehad dat minder tyd aan sinvolle navorsing gewy kon word. Tog het die departement jaarliks 'n groot bydrae tot die Chirurgiese Navorsingsvereniging se kongres gelewer en is deurlopend onder die toonaangewende departemente van die fakulteit wat betref geakkrediteerde navorsingspunte.

Die departement het gedurende 1995 die Vereniging van Chirurge van Suid-Afrika se tweejaarlikse kongres by Malelane aangebied. Dit was groter as enige ander soortgelyke byeenkoms van genoemde vereniging. Sedert 1996 reël die departement ook 'n 1½ dag "Strydpunte in Chirurgie"-simposium. Laasgenoemde simposium is 'n byeenkoms waar strydpunte vanuit die chirurgiese praktyk bespreek word in 'n unieke formaat, deurdat die twee kante van 'n behandelingsopsie of opinie deur 'n voorstander voorgedra word en die saak word dan aan die gehoor vir aktiewe bespreking voorgelê. Die simposium is uiters suksesvol en word jaarliks deur tussen 200 en 250 chirurge bygewoon – 'n hoë aantal aangesien daar slegs 420 geregistreerde chirurge in die land is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dr M C Durand, een van die departement se senior spesialiste, het 'n besondere belangstelling in etiese sake rakende geneeskunde en het in die afgelope tyd drie belangrike simposia gereël, naamlik oor: aborsie, genadedood en die Jehova Getuies (laasgenoemde ten einde die probleem van weiering van bloedoortapping tydens groot en uitgebreide chirurgie te bespreek). Die departement het ook in samewerking met Hospivisie, 'n pastorale diens by die hospitaal, aan 'n simposium oor sterwensbegeleiding deelgeneem.

Die departement is tans betrokke by vyf hospitale deurdat personeel van die departement daar diens doen en voor- en nagraadse opleiding daar plaasvind. Die betrokke instellings met hulle hoofde en aantal voltydse chirurge is: Pretoria Akademiese Hospitaal (**prof J H R Becker**) (en vyf voltydse chirurge); Kalafong-Hospitaal (**prof T Mokoena**) (en twee voltydse chirurge); 1 Militêre Hospitaal (**dr H J C du Plessis**) (geen); Witbank-Hospitaal (**Dr Kolev**) (en een voltydse chirurg); en Jubilee-Hospitaal (vakant) (geen).


Prof J H R Becker

Die departement beoog om Witbank-Hospitaal akademies by die Pretoria Akademiese Hospitaal deur middel van telematiese onderwys in te skakel. Die behoefte hierna het ontstaan omdat dit vir personeellede by Witbank-Hospitaal moeilik is om vanweë afstand en tyd die nagraadse program by die Mediesekampus by te woon. Deur middel van die interaktiewe tweerigting-telematiese uitsending van sodanige lesings op 'n Dinsdagmiddag na Witbank-Hospitaal, is dit moontlik om die plaaslike personeellede te Witbank sowel as die chirurge vanuit die omgewing teen minder koste aan die akademiese program bloot te stel.

Benewens die normale dienste by Buitepasiënte, in die sale en teaters, is daar ook spesialis klinieke wat spesifieke akademici bedryf, naamlik die Tiroïed-Kliniek deur **prof C J Mieny**, Enkoprese-Kliniek (**dr M Kirsten**) en 'n Diabetiese Voet-Kliniek (**dr Durand**). Hierdie klinieke voldoen aan 'n spesifieke behoefte onder mense wat spesiale sorg nodig het.

Gedurende die afgelope drie jaar het die departement 'n verbetering in rekenaartegnologie ondergaan deurdat daar fasiliteite in die meeste sekretariële kantore aangebring is. Al die rekenaars is onderling met mekaar verbind deur middel van 'n eiesoortige lokale area-netwerk (LAN) wat in die departement geïnstalleer is. Die installering hiervan was moontlik gemaak vanuit fondse wat die departement self gegenereer het deur middel van kontrakwerk vir en dienslewering aan farmaseutiese firmas. Hierdie firmas is gretig om die departement te gebruik vanweë die aard van die patologie wat die departement behandel, asook vanweë die hoë kliniese en etiese praktykvoering wat gehandhaaf word.

'n Voordeel voortspruitend uit die LAN wat geïnstalleer is, is dat die departement ook 'n eiesoortige program opgestel het. Dit bevat 'n rekordsisteem waarin pasiënte-rekords daagliks deur die sekretaresses ingetik word. Benewens die geskiedenis en behandeling wat ingesleutel word, word elke pasiënt ook volgens 'n behandeling- en diagnose-kode (CPT4 en ICD10) ingedeel wat die latere onttrekking van data hopelik sal vergemaklik. Daar is reeds inligting van meer as 23 000 pasiënte in dié rekord opgeneem.

Die Fibrinolise Laboratorium het in 1999 'n prestasie van wêreldgehalte behaal deurdat 'n familie geïdentifiseer is wat 'n spesiale fibrinogeen bevat. Die fibrinogeen is deur **prof Matsuda**, Jichi Mediese Skool, Tochigi-Ken, Japan en **prof R C Franz** van Pretoria geïdentifiseer. Dit staan wêreldwyd bekend as "Fibrinogen Pretoria".

Trauma het in die gemeenskap geweldig geëskaleer met die gevolg dat daar daagliks pasiënte met skietwonde in die departement opgeneem word en oor naweke tot soveel as nege gevalle! Hierdie toename plaas 'n groot las op die beskikbare mensekrag, tyd en fasiliteite vir elektiewe chirurgie. Die swaar beseerde pasiënte beset beddens in die saal en intensiewesorg-eenheid. Gevalle van elektiewe chirurgie neem ook deurgaans toe vanweë die knypende ekonomie en die groterwordende massa mense wat nie self die mediese kostes in die privaat sektor kan dra nie. Die regte balans moet ook hier gehandhaaf word waar trauma dwars in enige elektiewe program insny.

Ongetwyfeld sal die departement sy internasionale aansien behou vanweë die hoëgraadse kliniese geneeskunde en konvensionele chirurgie wat steeds hier beoefen word. Jong chirurge word in Eerstewêreld-omstandighede met die hulp van moderne instrumentasie goed opgelei maar die basiese metodiek van diagnostiek en operatiewe tegniek kom nie tot sy volle reg nie. Daarom sal kollegas nog van heinde en ver by die departement aanklop om chirurgie hier te studeer.

Prof J H R Becker
DEPARTEMENTSHOOF

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Kardiotorakale Chirurgie

Daar het heelwat verandering in ons land plaasgevind sedert 1993, en dit het 'n impak op alle gesondheidsorgstelsels gehad – ook op hierdie departement. 'n Nierassige benadering is in 1990 ingestel, waardeur personeellede en hulpbronne volgens behoefte – en nie volgens ras nie – benut is. Dit het na 1994 makliker geword om meer effektiewe en produktiewe metodes in werking te stel, wat nie deur ras beïnvloed word nie. Lede van die werksmag in die operasieteaters en die intensiewesorg-eenhede was selfs voor 1993 hoofsaaklik swart, en hierdie tendens het tot 2000 toegeneem.



Prof D J du Plessis

Daar is min kardiotorakschirurge in Suid-Afrika, en minder as 90 van die nagenoeg 110 geregistreerde chirurge is aktief. Daar is ses mediese skole in Suid-Afrika waar voornemende kardiotorakschirurge opgelei word, en hulle gesamentlike uitset is gemiddeld vyf gekwalifiseerde chirurge per jaar. Nege dokters het van 1991-2000 as kardiotorakschirurge aan die Universiteit gekwalifiseer, en hulle praktiseer almal nog in Suid-Afrika.

Die departement beskik tans oor vier kliniese assistente en drie voltydse konsultante, en nog vier deeltydse konsultante lewer 'n diens soos nodig. Die departement lewer 'n diens aan die publiek by die Pretoriase Akademiese Hospitaal asook by 1 Militêre Hospitaal. Die kardiotorakale diens by 1 Militêre Hospitaal het in 1992 'n aanvang geneem, en die opleiding van kliniese assistente onder die militêre personeel het in 1995 begin. Een militêre dokter het sy opleiding in 2000 suksesvol voltooi, en 'n tweede het in 2000 daarmee begin. Die huidige kliniese assistente weerspieël die rasseverskeidenheid in ons land aangesien 50% van hulle uit die teikengroepe afkomstig is.

'n Aantal hartoorplantings is in 1993 en 1994 aan die Pretoriase Akademiese Hospitaal uitgevoer. Hierdie poging om 'n behoorlike oorplantingseenheid in die noorde van die land te vestig is aan bande gelê deur ingryping van die regering weens finansiële knelpunte.

Navorsing het onder die instroming van 'n toenemende getal pasiënte gely wat terselfdertyd die werklas verhoog het. Die groter werklas moes ongelukkig met krimpende hulpbronne bestuur word. Die beskikbaarheid van teaters het byvoorbeeld van drie voldagteaters in 1993 tot een voldagteater in 2000 afgeneem. Die kwaliteit en vlak van opleiding is op dieselfde hoë standaard gehandhaaf, maar dit word steeds al hoe moeiliker.

Drr Martin Bruwer, Karin Verschave, Martin van der Lingen, Chris Blom (wat in 1998 in 'n motorongeluk oorlede is), **Johan Brink, Willem Roos, Hugo Sarli, Kallie Landauer** en **Hannes Naudé** het gedurende die afgelope agt jaar gegradueer.

Die huidige voltydse konsultante is **prof Dirk du Plessis** (sedert 1990 departementshoof) en **drr Roos** en **Sarli**. Die kliniese assistente is tans **Frikkie Kotze, Pre Chetty, Pieter Scholtz** en **Shungu Mogaladi**.

Prof Dirk J du Plessis
DEPARTEMENTSHOOF

Pediatriese Chirurgie

Pediatriese Chirurgie is steeds 'n jong subvakgebied in Suid-Afrika, ten spyte van die groot pediatriese bevolking en die hoë geboortesyfer. Net 20 chirurge is as voltydse pediatriese chirurge geregistreer, en 'n verdere 15-20 is algemene chirurge wat in Pediatriese Chirurgie belangstel en deeltyds daarby betrokke is.

Daar bestaan nege goed gevestigde Pediatriese Chirurgie-eenhede in die land, hoofsaaklik in die akademiese sentra.

Behalwe vir die Rooikruis se Memorial War Children's Hospital in Kaapstad, is Pediatriese Chirurgie in Pretoria een van die oudste afdelings. Die Afdeling Pediatriese Chirurgie Pretoria het in 1970 amptelik tot stand gekom, en die eerste voltydse pediatriese chirurg was **dr Johan Jacobs**. Voor hom het **prof C Derksen** hoofsaaklik kinders geopereer – sonder 'n amptelike kwalifikasie. Die afdeling het in 1970 met 28 beddens in Saal 20 by die destydse H F Verwoerd-Hospitaal (tans bekend as die Pretoriase Akademiese Hospitaal) begin. Drie jaar later is 'n groter eenheid met 60 beddens by die Kalafong-Hospitaal gestig. Hierdie twee sale vir pediatriese chirurgie het alle chirurgiese spesialisasie vir kinders tot ouderdom 12 jaar hanteer (ortopedie, neurochirurgie, oor-, neus- en keelheelkunde, urologie, plastiese chirurgie, en so meer).

Prof J H R Becker het in 1980 na 'n jaar in Engeland (Glasgow en Edinburgh) as 'n pediatriese chirurg gekwalifiseer. Hy het Pediatriese Chirurgie in Pretoria oorgeneem en aansienlike veranderinge ten opsigte van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

moderne pediatriese chirurgie aangebring. Hy het deurentyd sulke operasies by albei hospitale uitgevoer, alle groot noodgevalle hanteer – dikwels met die hulp van net een kliniese assistent. Hy het eintlik 'n hoë standaard vir pediatriese chirurgie in Pretoria teweeggebring (neonatale chirurgie, trauma, brandwonde, buikchirurgie, wanvorming, en so meer), en samewerking tussen pediaters en neonatale geneeshere bewerkstellig. Hy was altyd by nasionale en internasionale kongresse teenwoordig, en by voorgraadse en nagraadse opleiding betrokke. Hy het ook vir studente 'n boek in Afrikaans geskryf wat steeds besonder gewild is. Hy is in 1982 as medeprofessor in Pediatriese Chirurgie aangestel, en in 1987 as voltydse professor en hoofchirurg.

Die eenheid in Pretoria het mettertyd in Suid-Afrika en in die buiteland beter bekend geword, en is deur die destydse Suid-Afrikaanse Mediese en Tandheelkundige Raad vir opleiding in pediatriese chirurgie geakkrediteer. Talle bekende pediatriese chirurge in Suid-Afrika het hulle voorgraadse en nagraadse opleiding in chirurgie in Pretoria ontvang (byvoorbeeld **prof M R Q Davies**, hoof van die Departement Chirurgie aan die Universiteit van die Witwatersrand in Johannesburg; **prof H Rode**, hoofredakteur van die SAJS in Kaapstad, en **dr P Beale**, hoofchirurg in Johannesburg).


Prof G O Ionescu

Prof Becker het in 1993 hoof van die Departement Chirurgie geword, en hy was tot in 1996 ook hoof van die Afdeling Pediatriese Chirurgie. **Prof G O Ionescu**, 'n ervare pediatriese chirurg, het in 1991 uit Roemenië na Suid-Afrika geëmigreer. Hy het by die span in Pretoria aangesluit en ook die eenheid by die Kalafong-Hospitaal oorgeneem. Hy is reeds 28 jaar lank 'n gekwalifiseerde pediatriese chirurg, en het in Switserland, Frankryk en Duitsland gespesialiseer. Hy het ook besonderse ervaring van pediatriese onkologie. Na sy volle registrasie as pediatriese chirurg in 1996 is hy as professor, departementshoof en hoofchirurg by die Pretoriase Akademiese Hospitaal aangestel – 'n pos wat hy steeds beklee.

Pediatriese chirurgie word by die Kalafong-Hospitaal (35 beddens) en die Pretoriase Akademiese Hospitaal (23 beddens) verteenwoordig. Nagenoeg 1 000 pasiënte van wie die meeste tersiêre pasiënte is, word elke jaar behandel. Die belangrikste terreine is neonatale chirurgie, onkologiese chirurgie, trauma, brandwonde en die regstelling van verskillende wanvormings.

Hoewel daar min geesdriftige mense in pediatriese chirurgie werk, kan 'n hele paar groot suksesse tog vermeld word: betrokkenheid by voorgraadse opleiding in vyf blokke van die nuwe leerplan; die opleiding van 10-12 kliniese assistente elke jaar; een of twee kliniese assistente uit België (Leuven) kom elke jaar vir ses maande Pretoria toe om pediatriese chirurgie te beoefen, en tien referate word jaarliks op nasionale en internasionale kongresse gelewer.

Een van die belangrikste doelwitte van die afdeling is om by wetenskaplike aktiwiteite en navorsing betrokke te bly. Verskeie deurlopende navorsingsprojekte is onder meer die implikasies van 'n MIV-positiewe toestand by babas en kinders met chirurgiese siektetoestande, die kwaadaardige risiko van polyposis coli by kinders, Bleomycin-infiltrasies binne die letsels van hemangiome en vaskulêre wanvormings, en pediatriese chirurgiese onkologie (verskeie onderwerpe met 'n interdissiplinêre span).

Dié klein maar aktiewe departement van die Pretoriase Mediese Sentrum gaan voort met ontwikkeling op kliniese en wetenskaplike gebied.

Prof G O Ionescu
DEPARTEMENTSHOOF

Plastiese en Rekonstruktiewe Chirurgie

Die afdeling het 'n konsolidasiefase gedurende 1993-2000 beleef. Die aktiwiteite wat in die vorige jare geïnisieer is, is gevestig en verder uitgebou. Dit sluit in 'n groter bydrae tot die nuwe voorgraadse mediese kurrikulum, die voltooiing van 'n nagraadse kurrikulum volgens internasionale standaarde en die voortsetting van stewige interuniversitêre bande deur gereelde akademiese vergaderings met naburige universiteite.

Een van die afdeling se huidige sterkpunte is sy deelname aan verskeie multidissiplinêre programme wat volgens internasionaal erkende protokolle bedryf word. 'n Hoogs gespesialiseerde kliniek vir die hantering van kop- en nekkanker asook die enigste aktiewe akademiese eenheid vir geslagshertoewysing in die land behandel pasiënte van regoor Suid-Afrika. Lede verbonde aan hierdie programme samel gereeld kennis by internasionale kongresse in om hulle eie behandelingsmetodes te verbeter.

Daar is ook hande gevat met die privaat sektor en 'n eerste nasionale multidissiplinêre kliniek vir die behandeling van aangebore hemangioom en vaskulêre malformasies is by 'n privaat hospitaal in Pretoria gestig. Privaat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


Prof P F Coetzee

praktisyns, akademici en internasionale konsultante van die Université Catholique de Leuven in Brussel neem daaraan deel. 'n Aktiewe navorsingsprogram oor hierdie onderwerp word saam met 'n medekliniese afdeling en prekliniese departement in die fakulteit onderneem.

Kundiges in Suid-Afrika op die wye gebied van wondgenesing is in 'n werkgroep betrek wat uitgeloop het op die stigting van die eerste Wondgenesing Vereniging van Suid-Afrika. **Dr P F Coetzee** is tans die eerste voorsitter. Weens besondere kundigheid vorm die afdeling Plastiese Chirurgie deel van die Hoogs Gespesialiseerde Dienste in die Nasionale Gesondheidsstrategie.

Die afdeling was by verskeie simposia en konferensies betrokke. Die hoof het 'n sleutelrol gespeel in die totstandkoming van jaarlikse nasionale opleidingsimposia vir kliniese assistente en het self die eerste simposium by 'n universiteit in 2000 suksesvol aangebied. 'n Eerste nasionale simposium oor Kontroversies in Kop- en Nekkanker met 'n wêreldbekende gas, **prof Jatin Shah** van die Memorial Sloan Kettering Hospital in New York, is in 1997 aangebied.

Die personeel van die afdeling bestaan uit die hoof, deeltydse konsultante, drie kliniese assistente, twee mediese beamptes en 'n sekretaresse.

In die afgelope agt jaar het vier magisterstudente grade behaal waarvan een *cum laude*. **Dr H J M G van der Merwe** is ook aangewys as die beste nagraadse fakulteitstudent in die kliniese dissiplines vir 1999. Die eerste vroulike plastiese chirurg aan die Universiteit, **dr J S Kruger**, het ook in die oorsigtydperk gekwalifiseer. Afgestudeerdes sprei hulle vlerke wyd in Suider-Afrika en die enigste permanente plastiese chirurge in Namibië en Mpumalanga is oudstudente.

Daar word beplan om 'n korporatiewe das vir 'n klein maar baie aktiewe afdeling te ontwerp, want versterking van 'n eie identiteit sal verdere samehorigheid en geesdrif laat gedy.

Dr P F Coetzee
AFDELINGSHOOF

Farmakologie

Prof De Klerk Sommers is sedert 1976 die departementshoof. Die departement het ses senior dosente (twee professore, vier senior lektore), twee tegniese assistente en 'n sekretaresse op die voltydse diensstaat en maak ook gebruik van drie tydelike navorsingsassistente.

Farmakologie met al sy onderafdelings word as 'n basiese wetenskap van die Geneeskunde beskou. Voorgraadse kursusse is vir MBChB III, BChD III, BCur III, BDieetkunde III en BPhysT III aangebied. Die BPharm-kursus is in 1994 vir die laaste keer aangebied. Die nuwe kurrikulum vir MBChB en BChD is vanaf 1997 ingestel, en die departement is by 14 van die 17 blokke betrokke. Die voorgraadse studentetal beloop tans ongeveer 400 studente per jaar.

Die departement het gepoog om studente toe te rus met kennis van die grondbeginsels van farmakologie sodat hulle daartoe in staat kon wees om die kennis toe te pas en sinvol in hulle beroep aan te wend. Twee handboeke, naamlik *Farmakologie* en *The treatment of acute poisoning* is deur **prof Sommers** self geskryf en het as studiemateriaal vir voor- en nagraadse studente gedien. Die Afrikaanse uitgawe van Farmakologie is vanjaar opgedateer en die sewende uitgawe het in Julie 2000 verskyn. Op aandrang van die studente is die handboek ook na Engels vertaal en Sommers' *Pharmacology*, first English edition, is in Augustus 2000 uitgegee.

Nagraadse onderrig is in verskillende MMed-studierigtings aangebied, naamlik MMed Anestesiologie, Geregtelike Geneeskunde en Interne Geneeskunde. Die departement was die enigste in Suid-Afrika wat 'n deeltydse nagraadse kursus vir medici in farmakologie (MPharmMed) aangebied het. Sedert 1997 het die MSc-graad 'n nuwe inslag gekry, deurdat navorsing hoofsaaklik op die ondersoek van die antimikrobe aktiwiteit van medisinale plante in Suid-Afrika en op die kwaliteitsbeheer van kommersiële kruiemedisyne gerig is. 'n MSc- en PhD-kursus met 'n teoretiese komponent en uitgebreide navorsingsondervinding is ontwerp, hoofsaaklik met die oog op verdere opleiding vir geregistreerde aptekers. Daar is tans twee PhD-, nege MSc- en twee BSc(Hons)-studente in opleiding. Die navorsing op medisinale plante het stewige begronding gekry, waarvan etlike publikasies en finansiële toekennings getuig.

Navorsingstoekennings op kompetisiebasis is van die NRF, Biomox Pharmaceuticals, Thrip en die Universiteit ontvang, onder meer 'n navorsingsassistentskap, 'n nadoktorale genootskap en die Mellon Stigting Mentorskap-toekenning.

Die navorsingsmissie is deur die aard van die vakgebied bepaal en het die bestudering van alle fasette van geneesmiddelterapie by die mens behels. Met hierdie toegepaste kliniese farmakologie is daar gepoog om 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

betekenisvolle bydrae tot die samelewing te maak. Hierdie doelwit is nagestreef deur die uitvoering van dinamiese en kinetiese studies in gesonde vrywilligers, pasiënte of sekere etniese groepe. Die navorsingsaktiwiteite het ten nouste met die Glaxo-Instituut vir Kliniese Farmakologie saamgehang. Laasgenoemde instituut is weens logistiese redes in 2000 in 'n navorsingsfonds omskep. Die departement is tans in drie navorsingsrigtings verdiep, naamlik Immunofarmakologie, Farmako-ekonomie en Hipertensie en outonome senuweestelselbalans. Die navorsingsaktiwiteite is weerspieël in die 62 publikasies wat in oorsese en plaaslike tydskrifte in die tydperk 1993-2000 verskyn het. Etlike populêr-wetenskaplike artikels is ook gedurende hierdie tydperk gepubliseer. Kontraknavorsing word as 'n noodsaaklikheid beskou, omdat dit die departement finansieel onafhanklik maak. Twee tot drie sulke projekte word elke jaar afgehandel en sorg vir voortgesette kontak met die industrie.


Prof De K Sommers

Bo en behalwe sy pligte as departementshoof het **prof Sommers** in 'n aantal komitees gedien waaronder die Geneesmiddelterapiekomitee en die Protokol- en Etiekkomitee van die Pretoria Akademiese Hospitaal. **Prof J R Snyman** het ook in laasgenoemde twee komitees gedien sowel as in die NAVKOM-komitee. **Prof Snyman** was ook lid van die Essential Drug List-komitee. Verder was hy die president van die Suid-Afrikaanse Farmakologievereniging. **Prof Sommers** was redaksielid van twee internasionale vakjoernale, naamlik *Asia Pacific Journal of Clinical Pharmacology* en *Drugs and Therapy Perspectives*. **Prof Snyman** was redaksielid van een internasionale en een plaaslike joernaal, naamlik *Immunopharmacology* en *MIMS Medical Specialities* onderskeidelik. **Dr J N Eloff** was redakteur van *The South African Journal of Botany* en *Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Wetenskap en Tegnologie*. Die departement doen ook konsultasiewerk deur terapeutiese riglyne vir mediese skemas daar te stel.

Personeellede van die departement het met die nuutste ontwikkelings in die vakgebied van farmakologie tred gehou deur die bywoning van plaaslike en internasionale kongresse. **Prof Snyman** was sessievoorsitter by die 33rd Annual Scientific Meeting of the Milan European Society for Clinical Investigation. **Me N D Martini** is in 1998 aangewys as jong navorser van die jaar vir haar voordrag *The preliminary isolation of several antibacterial compounds from Combretum erythrophyllum*. Haar prys was die bywoning van die World International Conference on Innovative Integrated Medicine in Beijing, China.

Prof J R Snyman en **dr M W Blom**
DOSENTE

Fisiologie

Die jare 1993-2000 was vir die departement 'n tydperk van ontwikkeling en groei. Dit is deur die volgehoue, bekwame en lojale bydraes van die doserende en ondersteuningspersoneel moontlik gemaak.

Die dosentekorps het in 1993 uit **proff D H van Papendorp** (departementshoof), **J J Theron** (emeritus professor), **M J Pitout, S V Grey** en **H S Meij** bestaan. Die senior lektore was **drs J C Seegers, M Haag, M Viljoen** en **M C Kruger** en die lektore was **drs N Willemse, L H Böhmer**, **me M E Steyn** en **mnr N Claassen**.

Aan die einde van 2000 het die dosentekorps soos volg verander: **prof Theron** en **me Steyn** is intussen oorlede. **Proff Meij, Pitout** en **Seegers** het afgetree, en **prof Grey** is gedurende 1995 na adjunkdekaan bevorder. **Prof Steinmann** is tot professor bevorder en is as verteenwoordiger van die departement op die hoofkampus aangewys. **Drs Kruger** en **Viljoen** is tot medeprofessors *ad hominem* bevorder. Beide **proff N Dippenaar** en **R Apatu** het vanaf Medunsa by die departement aangesluit. **Dr Böhmer** het die departement verlaat en **drs M L Lottering** en **A M Joubert** is onderskeidelik aangestel. **Mnr P du Toit** is vanaf tegniese assistent tot lektor bevorder. Die nie-doserende personeel bestaan uit vyf senior tegniese assistente, vyf tegniese assistente en 'n voltydse en 'n deeltydse sekretaresse.

Hierdie personeel, hetsy individueel of in spanverband, hou die departement aan verskeie fronte op die voorpunt van navorsing, onderrig en dienslewering. Die departement is trots op sy navorsers wat bewys het dat dit nie aan potensiaal en geleenthede ontbreek om in sowel kliniese as basiese geneeskunde uitnemende werk te doen nie. Verdere kenmerke van hierdie tydperk was die geesdrif onder jong navorsers en die mate waartoe baie navorsers by die nuwe omstandighede, uitdagings en geleenthede aangepas het. Die toename in nagraadse studente asook in internasionale samewerking weerspieël hierdie sukses.

Publikasies geniet steeds 'n hoë prioriteit. Prestasie word onder meer deur subsideerbare publikasie-eenhede, wat uitstekend met dié van die res van die fakulteit vergelyk, weerspieël. Die departement het vir ses

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

agtereenvolgende jare die meeste publikasies in die fakulteit gegenereer en het byvoorbeeld 10de plek in die Universiteit as geheel beklee. By drie geleenthede is die Beste Publikasie (hetsy individueel of as groep) in die fakulteit verwerf en ook by drie geleenthede is van die personeellede as die beste junior navorser in die fakulteit aangewys. Daar is rede om trots te wees op die hoë lof wat kundige buite-evalueerders van hierdie publikasies uitspreek elke jaar.

Prof D H van Papendorp

Baie departementslede was suksesvol met aansoeke om navorsingsfondse. Die departement het die Hendrik Verwoerd Navorsingstrust se prestigetoekenning by twee geleenthede ontvang. Dit is onderskeidelik aan **prof Kruger** vir haar projek, getiteld *Calcium and essential fatty acid supplementation in senile osteoporosis* en aan **dr Joubert** vir *The role of dietary fatty acids and their metabolites in signal transduction and apopstosis induction in cancer cells* toegeken. Die toekenning is 'n uitstaande prestasie, aangesien die Trust aansoeke vanuit alle navorsingsektore oorweeg. Wyle **prof Theron** en **dr Claassen** het die Douw Greeff-prys van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir 'n navorsingsprojek in die afdeling Geneeskunde ontvang. Verskeie vennootskappe is suksesvol met private instansies gesluit om fondse vir navorsing te genereer. Hierdie instansies sluit in Nova-Scotia, APS Technologies, Bristol Mayers, Rhóne Poulanc Rorer, MSD, Novo Nordisk en Hologic International.

Die verskillende navorsingsvelde behels die rol van vitamien D, kalsium en estrogeen-vervangingsterapie in die voorkoming en behandeling van osteoporose; asook die evaluering van tegnieke om beendigtheid te bepaal; die effek van dieetsupplemente op beenomset, soos bepaal met merkers; kalsiumabsorpsie en beenkalsifisering; en die meganismes betrokke by die modulering van kalsiumabsorpsie deur estrogeen, vitamien D en vetsure. Verdere navorsing is ook gedoen oor die identifisering van molekulêre meganismes, soos geïnduseer deur gamma-linoleensuur-, estrogeen-metaboliete en melatonien, wat die inhibisie van selsiklusprogressie en apoptose induksie onderlê; die meganiese, elektrofisiologiese en numeriese modellering van kardiovaskulêre-, skelet- en senuweefunksie; uitkomsvoorspelling van pasiënte in intensiewe sorg; en karnitien-, piruvaat- en laktaatvlakke in spiersiektes. Die fisiologiese basis van pyn en intrasellulêre kalsium en transmembrane flukse in kroniese nierversakingpasiënte is nog van die onderwerpe waarop intensiewe navorsing uitgevoer is.

Internasionaal is tientalle navorsers en laboratoria van formaat besoek. Personeellede het internasionale kongresse gemiddeld twee tot drie per jaar bygewoon. **Prof Kruger** het 'n jaar lank Nieu-Seeland besoek om die verband tussen voeding, kalsium en osteoporose te ondersoek. **Prof Seegers** het besoeke aan **dr Horrobin** van Nova Scotia, **prof B E Lehnert** van die Los Alamos National Library en **dr R Cantill** van die Cell Sciences Division in Illinois afgelê.

Van die internasionale besoekers was **dr Richard Cantill**, navorsingsdirekteur van die Efamol Research Institute in Nova Scotia, Kanada; **prof G Staal**, dekaan van die Fakulteit Geneeskunde aan die Universiteit van Utrecht in Nederland; **prof A Trzebski** van Pole; **prof A Verdonck** van die Katolieke Universiteit van Leuven in België; **dr G Hedenstiema** van die Uppsela Universiteit in Swede en **prof H Lewin** van die Tel Aviv Universiteit in Israel. Al hierdie besoekers het 'n direkte of indirekte rol in navorsingsontwikkeling gespeel.

Die departement het sy eie navorsingsmetodiekkursus vir junior navorsers ingestel. Die kursus is verpligtend vir alle nagraadse studente en geniet wye belangstelling. Befondsing vir navorsing, regs-etiese aspekte, epidemiologie, protokolvoorbereiding, die aanbied van referate by konferensies en tesis- voorbereiding word onder meer in hierdie kursus omvat.

Die departement poog steeds om sy studente met kennis van fisiologie en die grondbeginsels van geneeskunde toe te rus, sodat hulle in staat kan wees om hulle kennis sinvol in hulle beroep aan te wend. Drie handboeke, *Die Fisiologie van die Mens* deur **Meyer B J, Meij H S, Grey S V** en **Meyer A** (derde en vierde uitgawe) en *Human Physiology* deur dieselfde outeurs het onderskeidelik in 1994 en 1997 verskyn, en *Concise Physiology* deur **Meij H S** en **Van Papendorp D H** het ook in 1997 die lig gesien. Al drie hierdie boeke word deur mediese en tandheelkundige studente, asook mediesverwante beroepe gebruik.

Die departement het verskeie telematiese programme ontwikkel om dosente die geleentheid te bied om die fasiliteite wat tegnologiese innovasie aan die onderrigstrategie beskikbaar stel, te benut.

Die departement is hoofsaaklik op dienslewering gerig en gee vir studente in ongeveer 21 voor- en 14 nagraadse kursusse klas. Die studentetal beloop ongeveer 1 500 jaarliks.

Daar is verder 'n tuisblad op die Internet wat die struktuur, funksie en navorsing van die departement volledig weerspieël. Die tweede- en derdejaar BSc-kursusse het ingrypend verander die afgelope twee jaar. Die tweedejaar is tans so gestruktureer dat dit 'n oorsigtelike geheelbeeld van algemene fisiologie bied. Die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

derdejaarmodules is herstruktureer, sodat dit ook 'n element van toepaslikheid vir die na-universiteitse werkwêreld het. Een van die nuwe modules is byvoorbeeld Industriële Fisiologie. Al die kursusse is volgens die SAKO-formaat herstruktureer.

Transformasie het nie net op kursusse en akademiese gebied plaasgevind nie. Die departement was ook die eerste in die fakulteit om vier tegniese assistente uit die agtergeblewe gemeenskappe, asook **prof R Apatu** as medeprofessor in 'n diversiteitspos, aan te stel. Twee van hulle studeer tans vir BSc(Honneurs)-grade en nog een is vir die MSc-graad ingeskryf.

Die personeellede van die departement en veral **prof Steinmann** het 'n groot aandeel gehad in die reëlings van die African Association of Physiological Sciences-kongres wat in 2000 by die Universiteit aangebied is.

Prof D H van Papendorp
DEPARTEMENTSHOOF

Fisioterapie

Dr C A Eksteen (Vorige Hoof)

Kronologies is die volgende data van belang.

In 1993 is departementele status verkry. Die hoeksteen vir die nuwe kurrikulum is in 1993 gelê met 'n voordrag deur **mej C A Eksteen** getiteld: *Fisioterapie-onderrig: op pad na 2000.* **Graham Smith** uit Engeland het die departement ook besoek, en twee modules in Sportfisioterapie aangebied.

Die departement is sedert 1994 in die H W Snyman-Suidgebou op die mediese kampus gehuisves. Gedurende 1994 is die eerste swart vroulike student uit die Renaissance-projek vir fisioterapie gekeur. Sy was een van drie swart aansoekers wat vir keuringsonderhoude genooi is. Daar het 21 nagraadse studente vir die MPhysT-graad geregistreer en 33 studente, waaronder een manlike student, het in 1994 gegradueer.

In 1995 het **me Helen Myeswa**, 'n fisioterapeut in Gemeenskapsgesondheid van Midlands, Zimbabwe die departement besoek. In dié jaar is die eerste vroulike Indiërstudent gekeur en 'n verdere tien studente het vir die diverse gedoseerde MPhysT-grade geregistreer.

Me A J van Rooijen

Me M A Beattie is verkies tot voorsitter van die Beroepsraad vir Fisioterapie, asook lid van die Ad Hoc-komitee vir die herstrukturering van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad. Op 7 Augustus 1995 is **me A J van Rooijen** as waarnemende departementshoof aangewys. Twee studente het die MPhysT-graad in onderskeidelik Gemeenskapsgesondheid en Sportgeneeskunde behaal.

Die uitbreiding van die fisioterapie gemeenskapsdiensprogram in Hammanskraal was kenmerkend van die aktiwiteite in 1996. Voordragte soos: *'n Ondersoek na die moontlikheid van samewerking tussen fisioterapeute en tradisionele genesers in Hammanskraal* en *A study to determine the smoking tendencies of black smokers and ex-smokers residing in Makapanstat, Moretele 1 District,* is tydens die fakulteitsdag gelewer. Voorts het **dr Olive Shisana**, Direkteur-generaal van Nasionale Gesondheid, die Fisioterapieprogram in Hammanskraal besoek. 'n Verdere vyf studente het vir die MPhysT-graad geregistreer waarvan twee kollegas van Medunsa was.

Twee voordragte uit die departement is vir die Internasionale Fisioterapie-kongres in Kaapstad van 31 Maart tot 3 April 1997 aanvaar. Die navorsingsprestasie is met die lewering van drie plakkaatvoordragte tydens die 24ste fakulteitsdag op 27 Augustus 1997 voorgesit. Die departement maak ook van die nuwe vaardigheidslaboratorium in die fakulteit gebruik vir die verbetering van die studente se kommunikasievaardighede met opnames, selfevaluering en besprekings, asook vir die fasilitering van objektiewe gestruktureerde praktiese evaluering. Die eerste swart student het die BPhysT-graad behaal.

Die prestasie in navorsing is in 1998 voortgesit met die behaling van twee meestersgrade deur **mee R Jordaan** en **C Visser** en 'n doktorale graad deur **me Eksteen**. **Me Visser** het ook twee navorsingsartikels gelewer. Gedurende 14 tot 24 April 1998 het die departement as gasheer opgetree vir die Afrika-divisie van die Fisioterapie Wêreldkongres met die tema: Together towards 2000. **Dr C A Eksteen** en **me A J van Rooijen** was sessievoorsitters en verskeie referate en plakkate is gelewer. Die aantal voorgraadse studente wat gekeur is, het met vier na 44 kandidate vermeerder. Gedurende 1998 het vyf studente die MPhysT-graad behaal; drie van die studente was kollegas van die fisioterapie departement by Medunsa.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Gedurende 1999 het die departement vier geakkrediteerde navorsingspublikasies gelewer wat 'n toename van 100% in die navorsingsuitsette verteenwoordig het. Vier nagraadse studente, waaronder 'n personeellid het meestersgrade behaal. Tydens die Expo van 1999 het **dr Eksteen** 'n prototipe rolstoelkussing bekend gestel. Aktiwiteite is verder gekenmerk deur die vorming van samewerkingsooreenkomste met die departemente Kommunikasiepatologie en Arbeidsterapie met onderskeidelik die Vroeë Intervensie Navorsingsprogram van **prof E Alant** en die Diploma in Handterapie. Die departement het die voorgraadse toelatingsgetal tot 50 studente verhoog. Die navorsing vir die nuwe kurrikulum in Fisioterapie is gedurende die jaar voltooi. **Me Van Rooijen** het gedurende September 1999 besoek aan opleidingsentra in Nederland en België afgelê om meer inligting oor die probleemgebaseerde kurrikula in te samel.

Die nuwe kurrikulum het in 2000 sy beslag gekry. Die filosofie is om klem op aktiewe studentdeelname en interaksie te plaas. Dié filosofie is gegrond op goed gedefinieerde probleme wat die realiteit weerspieël van die kliniese- en/of professionele konteks waarbinne vaardighede verkry moet word. Studente word in die eerstejaar deur 'n vereenvoudigde fisioterapieproses geneem wat op die bemeestering van kognitiewe-, psigomotoriese- en kommunikasievaardighede toegespits is. In die daaropvolgende jare is die fokus op meer komplekse fisioterapieprosesse en kliniese beredenering, asook op bestuursvaardighede wat die bestuur van gesondheidsorgaangeleenthede en menslike hulpbronne insluit. Groot klem word op professionele optrede en etiese beginsels in die hantering van pasiënte, hulle versorgers en families, kollegas in ander gesondheidsorgprofessies en die gesondheidsorgowerhede geplaas. Die eerste jaar van die nuwe kurrikulum sal in 2001 ingestel word. **Me Van Rooijen** is as departementshoof vir 'n termyn van drie jaar aangestel. Daar is weer eens 50 eerstejaarstudente toegelaat waarvan tien studente van voorheen benadeelde gemeenskappe is. Vyf nuwe nagraadse studente vir die MPhysT Sportgeneeskunde is toegelaat, waaronder twee wit studente.

Me A J van Rooijen
DEPARTEMENTSHOOF

Gemeenskapsgesondheid

Die tydperk 1993 tot 2000 is gekenmerk deur diepgaande verandering ten opsigte van die wyse waarop die departement funksioneer. In hierdie tyd is Gemeenskapsgesondheid as dissipline gestruktureer om meer relevant te wees vir die bevordering van gesondheid en die voorkoming van siektes – plaaslik en internasionaal. Die belangrikste ontwikkeling was die vestiging van die Skool vir Gesondheidstelsels en Publieke Gesondheid (SGSPG) wat uit die Departement van Gemeenskapsgesondheid ontwikkel het en tans hierdie departement insluit. Vir meer inligting oor die SGSPG, raadpleeg asseblief die toepaslike afdeling in hierdie boek.


Prof E Glatthaar

Prof Erik Glatthaar het in 1994 as hoof afgetree, en die werk aan **dr Ferdie Smith** en **dr Brendan Girdler-Brown** oorgelaat. In daardie stadium het die departement opleiding in Gemeenskapsgesondheid vir tot soveel as tien kliniese assistente aangebied, hoewel daar gewoonlik nie meer as ses kliniese assistente op enige enkele tydstip aktief was nie. Verder het **dr Smith** vir baie jare die Diploma in Beroepsgesondheid (DBG), wat op 'n tweejaarlikse basis studente inneem, aangebied. Die DBG trek nagraadse mediese studente wat graag 'n loopbaan in die beroeps- of industriële geneeskunde wil volg. **Dr Girdler-Brown** was verantwoordelik vir die aanbied van die Diploma in Tropiese Geneeskunde (DTM), aan dokters wat beplan om in die tropiese en landelike gebiede van Afrika te gaan werk. Altesaam was ongeveer 20 DBG- en 20 DTM-studente op enige gegewe tydstip ingeskryf. Twee verdere nagraadse diplomakursusse, die Diploma in Publieke Gesondheid en dié in Gesondheidsadministrasie, moes as gevolg van 'n tekort aan personeel ongelukkig tydelik gestaak word.

As 'n diens aan die fakulteit het personeellede en nagraadse studente lesings in epidemiologie en algemene publieke gesondheid aan studente in verskeie ander dissiplines aangebied, en dit was ook die departement se verantwoordelikheid om 'n bywoningskursus in epidemiologie en biostatistiek, TNM 800, aan feitlik alle kliniese nagraadse studente in die fakulteit aan te bied.

In die lig van die omvattende opvoedkundige take en die tekort aan personeel, was navorsingsuitsette en publikasies gedurende die oorsigperiode nie na wense nie. Slegs enkele navorsingstoekennings was beskikbaar; naamlik dié wat hoofsaaklik toegespits was op gesondheidsinligtingstelsels, die bestudering van die gevolge van geweld, en 'n groot tuberkulose-beheerprojek in die Wes-Kaap.

In Oktober 1995 is **prof Carel IJsselmuiden** as die nuwe departementshoof aangestel, in 'n stadium toe talle veranderinge die struktuur en grootte van die departement sou beïnvloed. Veral die groot besnoeiings in die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

provinsiale gesondheidsbegroting van Gauteng vanaf 1994 tot aan die einde van 2000 het ernstige krisisse in al die departemente veroorsaak, insluitend hierdie departement, aangesien dit vir sy begrotings vir personeel en kliniese assistente van die Gautengse Departement van Gesondheid afhanklik was. **Dr Girdler-Brown** het in 1996 bedank om 'n private konsultantediens te begin, maar was steeds vir die aanbieding van die Diploma in Tropiese Geneeskunde verantwoordelik. Sy pos is kort daarna gevul deur 'n pasgegradueerde spesialis, **dr Peet Rautenbach**, wat ook na 18 maande vertrek het om 'n pos in die private sektor op te neem. Gevolglik het die Gautengse komponent van die departement vir die grootste gedeelte van die oorsigtydperk uit **prof IJsselmuiden en dr Smith** bestaan.

Op hierdie tydstip, in 1996, is 'n ooreenkoms tussen die provinsiale regering van Mpumalanga en die fakulteit gesluit, ingevolge waarvan die fakulteit sou help met die opgradering van die dienste wat by die Witbank-Hospitaal beskikbaar is, en met die bestuur van gesondheidsdienste en gesondheidsprogrammering in die provinsie. Dit het gelei tot die aanstelling van nuwe "gesamentlike personeel" wat deur die gesondheidsowerheid van Mpumalanga en die departement gedeel is. **Dr Thandi Ziqubu-Page** is as senior dosent en streeksbestuurder vir publieke gesondheidsprogramme in die Hoëveldstreek van Mpumalanga aangestel, en was verantwoordelik vir die bestuur van die navorsingsagenda in die departement, asook die lewering van nuwe kortkursusse in epidemiologie. **Dr Anna-Marie Radloff** is aangestel as senior dosent en hoof uitvoerende beampte vir die Witbank-Hospitaal. Haar opvoedkundige verantwoordelikheid was hoofsaaklik die modules en kortkursusse in gehalteverbetering en hospitaalbestuur. Laastens is **dr Leon Seymore** aangestel in 'n pos wat op beide beroeps- en omgewingsgesondheid in Mpumalanga gerig was, en derhalwe het hy medeverantwoordelikheid vir die ontwikkeling van die Diploma in Beroepsgesondheid aanvaar. Ongelukkig het die personeelomset steeds hoog gebly, en **dr Radloff** het aan die einde van 1999 die departement se diens verlaat om 'n konsultasiediens in die private sektor te begin. Sy het egter op 'n deeltydse basis by die departement aangebly om te help met die aanbieding van die kursusse in gehalteversekering en -bestuur. **Dr Seymore** het ook in 2000 die departement verlaat om 'n pos in die Departement van Gemeenskapsgesondheid aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat te aanvaar.


Prof C B IJsselmuiden

Na 1996 was daar 'n groot verandering in die opvoedkundige benadering tot nagraadse opleiding in publieke gesondheid. Die hoofrede hiervoor was 'n bewuswording van die feit dat die huidige kursusinhoud nie voldoende kundigheid in publieke gesondheid kon lewer waar dit nodig was nie, en ook nie 'n omvattende stel kursusse in al die vernaamste aspekte van publieke gesondheid kon aanbied nie. Hierdie kundigheid moes verder vir die groot veranderinge in Suid-Afrika sedert 1994 tydig gelewer word. Uiteindelik het die veranderinge wat binne die departement ingestel is, aanleiding gegee tot die vestiging van die Skool vir Gesondheidstelsels en Publieke Gesondheid (SGSPG).

Die hoofveranderinge het gefokus op die skepping van 'n alternatief vir die twee opsies wat in publieke gesondheidsopleiding beskikbaar was: óf 'n basiese inleidende opleiding op 'n paar spesifieke terreine van publieke gesondheid (naamlik die nagraadse diplomas), óf gevorderde opleiding oor 'n tydperk van vier jaar (naamlik spesialisering in gemeenskapsgesondheid) met 'n verdere twee jaar se "super-spesialisering" vir diegene wat gesondheidsektorbestuurders wou word.

As gevolg hiervan is die meestersgraad in Publieke Gesondheid (MPG) in 1999 ingestel en die tydelik gestaakte diplomas heraktiveer. 'n Nuwe winterprogram in epidemiologie, biostatistiek en gehaltebestuur is in 1997 geloods om gefokusde leergeleenthede (die Intensiewe Gesondheidmetingsprogram) te bied. Die opsies vir die navorsingsgraad is ook uitgebrei om 'n MSc in Epidemiologie asook in Kliniese Epidemiologie in te sluit. 'n Gesondheidskursus vir die privaatsektor, naamlik die Gevorderde Sertifikaat in Gesondheidsbestuur, is ingestel. Beroepsgesondheid het verder 'n geweldige hupstoot gekry toe dit in 2000 as 'n afsonderlike spesialiteitsgebied geregistreer is wat 'n tweejaarkursus in algemene publieke gesondheid en 'n verdere tweejaarkursus in spesifieke beroepsmedisyne-opleiding vereis. Die departement is as 'n spesialiseringsentrum vir beroepsgeneeskunde geregistreer.

Laastens is die TNM 800-kursus herstruktureer en verander in 'n praktiese module oor navorsingsprotokol wat deur nege verskillende dosente uit verskillende departemente in die fakulteit aan klein groepe studente aangebied word.

Ten einde die geweldige toename in die onderrig- en studentelas te bestuur, het die departement 'n hele aantal professionele persone van buite die departement ingekontrakteer, dikwels op 'n onbetaalde grondslag. **Dr Annet van der Merwe** is aangestel as buitengewone professor om die Gevorderde Sertifikaat in Gesondheidsbestuur te ontwikkel, en **Karin Wassberg**, MPG, is aangestel om in 1998 en 1999 die MPG-program te help koördineer. **Dr Nicolas Crisp** is as buitengewone medeprofessor aangestel, en is vir die ontwikkeling van die opleidingsprogram

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

vir kliniese assistente verantwoordelik. **Dr Fiona Robinson** is as koördineerder van die Diploma in Beroepsgesondheid aangestel, 'n kursus waarvan die innametal elke jaar toegeneem het. Vanweë die modularisering van alle programme is talle ander mense by die aanbieding van indiwiduele modules betrek, van sowel binne Suid-Afrika as van die buiteland (sien die afdeling oor die SGSPG). Laastens is buitefondse ingesamel vir die skepping van 'n Medihelp Leerstoel in Kliniese Epidemiologie – 'n gesamentlike inisiatief van die departement en die fakulteit – met **prof Paul Rheeder** as die eerste bekleër van hierdie pos.

Hoewel ontwikkelings op opvoedkundige gebied gedurende die oorsigtydperk die grootste veranderinge binne die departement verteenwoordig het, was daar ook relatief snelle groei in navorsing- en konsulteringsaktiwiteite. Fondse is vir navorsing oor beroepsgesondheid toegeken, 'n nuwe fokusgebied is oor beroepsgesondheid in klein nywerhede geloods, navorsing deur kliniese assistente het op heelwat publikasies en 'n prys op die Fakulteit se Navorsingsdag uitgeloop, en 'n verdere nuwe fokus op omgewingsgesondheid is geïnisieer.

In die lig van die noue verwantskap tussen die departement en die SGSPG, behoort die hoofstuk oor laasgenoemde vir verdere inligting geraadpleeg te word.

Prof Carel B IJsselmuiden
WAARNEMENDE DEPARTEMENTSHOOF

Geneeskundige Mikrobiologie

Hoof (waarnemend): **prof M G Dove**. Personeel betrokke by navorsing: **M E Botha** MBChB(Pret): kliniese assistent; **R F Botha** MBChB(Pret) (MMed Path)(Pret): konsultant (deeltyds); **M G Dove** MBChB(Pret) MMed(UOVS): te spesialis, waarnemende hoof; **E Elliott** MBChB(UOVS) DTH(Pret): kliniese assistent; **E D Lloyd** MBChB(Pret) DTH(Pret): kliniese assistent; **G F Weldhagen**, MBChB(Pret): kliniese assistent; en **mnr A M S van Straten**, MSc (Mikrobiologie/Microbiology (Pret): senior beheer tegnoloog.

Navorsingvelde

Op die gebied van antimikrobiese bestandheid, hospitaalinfeksie en aansteeklike siektes. Navorsing word veral toegespits op die studie van die meganisme van antibiotika-bestandheid wat spesifiek by kliniese isolate voorkom. Ondersoek word ook ingestel na nuwe en opkomende patogene asook patogene wat hospitaalinfeksies veroorsaak.

Navorsing

Characterisation of the Class A ß-lactamase GES-2 from *Pseudomonas aeruginosa* with substrate profile that has been extended to Imipenem.

Molecular epidemiology of GES-2-producing *Pseudomonas aeruginosa* in the Pretoria Academic Hospital.

Rapid cost-effective identification of *Stenotrophomonas maltophilia* – a re-emerging pathogen in the Pretoria Academic Hospital.

A preliminary report regarding the presence of carbapenemase-producing *Pseudomonas aeruginosa* in the Pretoria Academic Hospital.

A comparative analysis of the Kirby-Bauer and MIC tests for the determination of antimicrobial susceptibility of *Staphylococcus epidermidis* in catheterised patients.

Detection of the temperature dependant variation in the susceptibility of *Stenotrophomonas maltophilia* to Aminoglycosides by an in-house MIC assay.

Frequency, spectrum and molecular mechanisms of Glycopeptide resistance in staphylococci isolated from patients at the Pretoria Academic Hospital.

Frequency of carbapenemase-mediated multi-drug resistance in clinical isolates of *Pseudomonas aeruginosa.*

Streptococcus acidominimus, endocarditis – a case report.

Vatbaarheidstoetsing van *Enterococci* teen drie antibiotika.

Acinetobacter opname in intensiewesorgeenhede by akademiese sentra in Suid-Afrika.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Nasionale konferensies/kongresse/simposia

Prof Dove en **mnr Van Straten**: Tweede Internasionale Simposium oor Pneumococci en Pneumococcae-siektes, Sun City, Maart 2000; **mnr Van Straten**: Derde Europese Kongres van Chemoterapie, Madrid, Spanje, 7-10 Mei 2000; **prof Dove**, **dr Weldhagen** en **me A Laubscher**: PATH 2000 40ste Jaarkongres van die Federasie van Suid-Afrikaanse Patologieverenigings, Warmbad, 2-5 Julie 2000; **dr Elliott**: XIII HIV International Congress for Pathology, Durban, Julie 2000.

Eksterne samewerking

Die departement het internasionaal met die volgende instellings saamgewerk: die Eenheid vir Rickettsiële Studies van die geneeskunde-fakulteit aan die Universiteit van Marseilles in Marseilles, Frankryk; MRL Pharmaceutical Services, Cypress in Kalifornië, VSA; die departement Bakteriologie en Virologie aan die Fakulteit Geneeskunde in Parys, Frankryk; die Nasionale Instituut vir Aansteeklike Siektes, Departement Bakteriologiese en Bloedprodukte, Tokio, Japan; Universiteit van Verona, Fakulteit Geneeskunde, Departement Patologie, Verona, Italië; en die Population Council, (External QA/QC for PC-515 Clinical Trial), New York, VSA. Eksterne binnelandse samewerking was onder meer met die Departement Mediese Mikrobiologie, Medunsa; Departement Gesondheid /SAIMR, Uitgebreide Program op Immunisasie, Pretoria; MSD – Nosocomial Prevalence Resistance Survey, Halfway House, Midrand. Laasgenoemde was deel van 'n internasionale bewakingstudie.

Referate en plakkaataanbiedinge tydens kongresse


Prof M G Dove

Me Laubscher, Susceptibility testing of enterococci against three antibiotics, Voordrag: Path 2000, Warmbad (Julie 2000), Fakulteitsdag: Pretoria (Augustus 2000); **dr Elliott**, Evaluation of two second generation molecular methods in a high risk population for *Chlamydia trachomatis*, Plakkaat: Path 2000, Warmbad (Julie 2000); **dr Weldhagen**, A preliminary report on the presence of carbapenemase producing *Pseudomonas aeruginosa* in the Pretoria Academic Hospital, Plakkaat: Path 2000, Warmbad (July 2000); Fakulteitsdag: Pretoria (Augustus 2000); **me M Pooe**, Evaluation of a radiometrically determined regrowth model for the study of antituberculosis drugs, Plakkaat: Path 2000, Warmbad (Julie 2000); **dr M E Botha**, Enteroviral Infections: How many are we missing? Referaat: Path 2000, Warmbad (July 2000); **me L A Stapp**, A comparative analysis of the Kirby-Bauer and MIC tests for the detection of *Staphylococcus epidermidis* in catheterised patients, Plakkaat: Fakulteitsdag, Pretoria (Augustus 2000); **mnr F J C Robberts**, Detection of the Temperature Dependant Variation in Susceptibility (TDVS) effect to aminoglycosides in strains of *Stenotrophomonas maltophilia* by an in-house MIC assay, Plakkaat: Fakulteitsdag, Pretoria (Augustus 2000).

Studentetal

In 2000 was die getal inskrywings soos volg: BCur II met 40; MBChB II – V (insluitende BChD) met 850; MMed (Path) met vier studente; en BSc (Hons), MSc en PhD met een student elk.

Medaljes en toekennings

Dr M E Botha het die Coulter-medalje vir Patologie ontvang wat deur die Kollege vir Geneeskunde van Suid-Afrika (2000) toegeken is.

Op Fakulteitsdag 2000 behaal **Dr G F Weldhagen** 'n 3de prys as Junior Navorser: Pre-klinies.

Prof M G Dove
WAARNEMENDE DEPARTEMENTSHOOF

Geneeskundige Virologie

Die toenemende belang van virologie word benadruk in die volgende aanhaling uit 'n onlangse uitgawe van die UNESCO tydskrif *Impact of Science on Technology*, met die titel *Man and Viruses:* "The war that man is obliged to wage against viruses is arguably one of his greatest scientific challenges. The rapid and now seemingly world-wide spread of the AIDS virus has brought home to all the crucial importance of virological research". Soortgelyk was die tema vir Wêreldgesondheidsdag in 1997, naamlik "Emerging Infectious Diseases, Global Alert – Global

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Response". By die bekendstelling van dié geleentheid het **dr Hiroshi Nakajima**, Direkteur-generaal van die Wêreldgesondheidsorganisasie daarop gewys dat die tema gekies is "to send a clear and urgent message: infectious diseases are still with us; we must improve their detection and prevention, and never give up on searching for better ways to prevent, alleviate and cure them". Hy het verduidelik dat die globalisering van handel, die vryelike internasionale beweging van groot getalle mense as toeriste, besigheidsreisigers, migrante of vlugtelinge, asook die onbeheerde groei van mega-stede en veranderinge in ekologie en klimaat, nuwe geleenthede skep vir die opvlam en verspreiding van aansteeklike siektes. Virusse is om verskeie redes van besondere belang in hierdie verband.


Prof W O K Grabow

Groei en vooruitgang van die departement gedurende 1993-2000 word deur die volgende geïllustreer: die aantal diagnostiese laboratorium-ondersoeke het van sowat 33 000 tot 55 000 per jaar toegeneem. Die laboratorium-diagnose van vigs het van die eerste enkele gevalle tot meer as 500 per maand gestyg. Aanvanklike serologiese ondersoeke met duur en tydrowende prosedures om infeksies te bevestig, is vervang deur gevoelige en akkurate metodes om MIV-antiliggame te bepaal, sommige waarvan resultate binne minute lewer en geoutomatiseer kan word. Later is molekulêre tegnieke ontwikkel om die virus self in pasiënte aan te toon. Hierdie tegnieke is uiteindelik verfyn om die kwantitatiewe lading van MIV in pasiënte te bepaal, wat dit moontlik maak om die verloop van infeksies te volg en die doeltreffendheid van behandeling te evalueer. Tans is 'n spesiale isolasie-laboratorium in aanbou om MIV in selkulture te kweek vir navorsing oor chemoterapeutiese middels en die behandeling van pasiënte.

Die nuwe era wat deur molekulêre tegnieke in die diagnose van virus-infeksies ingelui is, word ook deur die bepaling van enterovirusse uitgebeeld. In die verlede is Coxsackie-virusse deur die inokulasie van pasgebore muise geïdentifiseer en deur tydrowende neutralisasie-toetse getipeer. Gevolglik moes 'n arbeidsintensiewe muiskolonie in stand gehou word wat daagliks 'n werpsel lewer. Navorsing waarby nagraadse studente betrokke was het gelei tot die vervanging van hierdie prosedure met molekulêre tegnieke. Die muiskolonie is afgeskaf en enterovirusse verantwoordelik vir infeksies soos aseptiese meningitis, enkefalitis en miokarditis kan nou akkuraat en vinnig bepaal word.

Intensiewe aandag is geskenk aan die beroepsverwante risiko van infeksie deur MIV en ander virusse. **Dr Lynne Webber** geniet wye erkenning vir haar werk oor die voorkoming van MIV-infeksies by professionele mense en studente, asook berading en post-blootstellingsprofilakse by persone wat aan MIV-infeksie blootgestel was. Die werk is in samewerking met kollegas in geregtelike geneeskunde en anatomie uitgevoer, waar daar 'n hoë risiko van blootstelling aan pasiënte en liggame met MIV-infeksie is, asook met farmaseutiese firmas en studente. **Dr Webber** was lid van 'n span wat 'n pasteurisasie-metode ontwikkel het om die oordrag van MIV deur borsvoeding van geïnfekteerde moeders na hulle babas te voorkom.

Dr Cathrine van Rooyen het 'n allergie-kliniek in samewerking met die Departement Immunologie gestig. Die diens is enig in sy soort en kan weens 'n personeeltekort nie voldoen aan die aanvraag deur pasiënte met probleme soos chroniese rinitis, allergiese asma, chroniese urtikaria, geneesmiddel-allergieë, beroepsverwante allergieë, voedsel-allergieë en -onverdraagsaamheid, en insekbyt-allergieë.

Op navorsinggebied is aktiwiteite en die infrastruktuur uitgebou tot 'n vlak waar die departement as sentrum van kundigheid oor enteriese virusse erken is. Hierdie groep van virusse sluit die rotavirus in, wat steeds die enkele belangrikste oorsaak van sterftes by kinders ter wêreld is. **Prof Maureen Taylor** het baanbrekerswerk oor die hepatitis A en verskeie ander virusse gedoen. Uit erkenning is sy genooi om in 1999 saam met internasionale deskundiges aan 'n werksessie deel te neem en navorsing te doen aan die Centre for Pediatric Research at the Children's Hospital of the King's Daughters and Eastern Virginia Medical School in Norfolk, VSA. Medewerkers uit verskeie lande besoek die departement gereeld vir navorsing en die opleiding van studente. In samewerking met kollegas aan die Centers for Disease Control and Prevention in Atlanta, VSA, is die eerste bewys gelewer dat die hepatitis E virus endemies in Suid-Afrika is, en dat die moontlikheid van verspreiding deur water bestaan. Die werk oor virusse in water geniet internasionale aansien. **Prof Willie Grabow** is betrek by aktiwiteite soos die herwinning van drinkwater uit afvalwater in Namibië, Singapoer en die VSA, en die formulering van spesifikasies vir die virologiese gehalte van water deur instansies soos die Wêreldgesondheidsorganisasie en die Internasionale Organisasie vir Standardisasie.

Navorsing het vennootskappe met plaaslike industrieë ingesluit, en histories agtergeblewe gemeenskappe en opvoedkundige instansies is daarby betrek. Omvattende finansiële steun vir hierdie werk is deur plaaslike en buitelandse instansies toegeken.

Prestasies in navorsing word weerspieël deur 'n per capita-uitset aan publikasie-eenhede wat onder die heel beste in die fakulteit tel. Die volgende toekennings deur die fakulteit getuig van die gehalte van publikasies: in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

1997 eervolle vermelding in die kategorieë vir beste algehele publikasies en spanpogings; in 1998 beste publikasies deur 'n jong navorser en spanpoging; en in 1999 beste algehele publikasie en mede-outeur van die beste publikasie deur 'n jong navorser.

'n Nuwe kurrikulum vir onderrig aan sowat 300 studente in geneeskunde, tandheelkunde en verwante beroepe is ontwerp. Kernaantekeninge is vir studente saamgestel wat spesifiek oor plaaslike virus-infeksies handel en besonderhede oor plaaslike beleid van immunisasie bevat, asook kliniese en diagnostiese dienste. Die nagraadse studentetal het van vyf in 1992 tot twee MMed-, drie PhD- en sewe MSc-studente in 2000 toegeneem.

Die personeelkorps het gegroei van vier persone tot die hoof, 'n senior spesialis, 'n medeprofessor, 'n lektrise, 'n sekretaresse, twee kliniese assistente en 'n nadoktorale navorsingsgenoot. Die personeel van die diagnostiese laboratorium het gegroei van ses persone tot 'n beheer geneeskundige tegnoloog, 'n senior geneeskundige tegnoloog, agt tegnoloë en 'n data-verwerkster. Die groter personeeltal het egter nie met die toename in dienste tred gehou nie. Die hoër werklas word deur verhoogde doeltreffendheid, beter benutting van mensekrag, spanwerk en verhoogde produktiwiteit deur die optimisering en outomatisasie van ondersoeke hanteer. Die samestelling van die personeelkorps en nagraadse studente verteenwoordig 'n wesenlike bydrae tot transformasie.

Die voortreflikheid van personeel is bekroon deur verskeie toekennings, byvoorbeeld **dr Webber** het in 1998 'n Dux-toekenning van die Universiteit ontvang vir uitnemende diens aan die studentegemeenskap, asook 'n meriete-toekenning van die fakulteit vir die MMed Patologie (Virologie)-graad wat met lof aan haar toegeken is. In 1999 is sy deur die MBChB II klas as lektor van die jaar vereer. **Prof Grabow** is in 1998 deur die Universiteit as uitnemende presteerder aangewys.

Bewustheid van die belang van virusse neem vinnig toe. Aansoeke vir dienste en geleenthede vir navorsing oortref die vermoëns van die beskikbare mensekrag, laboratoriumruimte en -toerusting. Konsultasies neem al hoe meer tyd in beslag. Verskeie gevalle van moontlike MIV-infeksie deur naaldprik-ongelukke of ander blootstelling word daagliks hanteer. Dit geld ook vir navrae oor 'n wye verskeidenheid van ander virus-infeksies en hulle komplikasies. Daar is 'n waglys met aansoeke om aanstelling as kliniese assistente, asook om honneurs-, MSc- en PhD-studie. Die uitdaging vir die toekoms is om die geleenthede en potensiaal wat virologie bied aan te spreek in belang van openbare gesondheid, en vooruitgang in tegnologie en kundigheid op 'n gebied van fundamentele belang in gesondheidswetenskappe toe te pas.

Prof W O K Grabow
DEPARTEMENTSHOOF

Geregtelike Geneeskunde

Die vakgebied behels veral twee perspektiewe: ten eerste beslaan dit alle aspekte van geneeskunde waar regsprosesse en regspleging deur die kennis en toepassing van geneeskundige wetenskappe bevorder word; en tweedens alle aspekte waar geneeskundige handelinge 'n geregtelike of juridiese gevolg het, of mag hê.

In die praktyk word Geregtelike Geneeskunde hoofsaaklik in twee kategorieë bedryf: dié van kliniese geregtelike geneeskunde, wat die kliniese ondersoek van slagoffers van kindermishandeling, aanranding en seksuele misdrywe soos verkragting insluit; en tweedens dié van die regsgeneeskundige ondersoek van sterfgevalle, in samewerking met ander belanghebbende partye. Dit is duidelik dat, in 'n land soos Suid-Afrika, waar van die hoogste vlakke van interpersoonlike geweld en onnatuurlike sterfte ter sprake is, kennis en kundigheid op hierdie gebied veral relevant is en 'n belangrike rol in die ondersoek van misdaad en ander regsplegingsprosesse speel.

Professionele lede van die departement word gesamentlike aangestel deur sowel die Universiteit as die Afdeling: Geregtelike Geneeskunde Spesialisdienste, Departement van Gesondheid, Gauteng Provinsiale Regering. Op hierdie basis hou die departementshoof ook gelyktydige aanstelling as hoofstaatspatoloog vir die Pretoria Metropolitaanse gebied. Patoloë en kliniese assistente is verantwoordelik vir die regsgeneeskundige ondersoek van ander dan natuurlike sterftes, sowel as skielike en onverwagte sterftes in hierdie gebied en tree ook as konsultante op vir ander provinsies, insluitende Noordwes-Provinsie en Mpumalanga. Nagenoeg 3 000 sodanige regsgeneeskundige ondersoeke (met inbegrip van toneelbesoeke en regsgeneeskundige lykskouings) word jaarliks by die Pretoria Regsgeneeskundige Laboratorium uitgevoer. Verdere veelvuldige konsultasies word hanteer met distriksgeneeshere, kliniese kollegas, Departement Justisie-amptenare (insluitende die Kantoor van die Direkteur van Openbare Vervolging), ander regspraktisyns, ondersoekbeamptes van die Suid-Afrikaanse Polisiediens en voorsittende beamptes van landshowe en dissiplinêre komitees. Dit is verder die rol van geregtelike patoloë om die regsgeneeskundige ondersoek te koördineer, met inbegrip van die uitvoer van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof J Loubser



Prof G Saayman

mikroskopiese ondersoeke en toepassing van ander gespesialiseerde wetenskappe, soos dié van geregtelike DNS-tegnologie en toksikologiese ondersoeke.

Op akademiese gebied is die departement aktief betrokke by veral voorgraadse opleiding in verskillende programme. Met die grootskaalse veranderinge in die kurrikulum van die MBChB-program, is die departement betrokke by die tweede tot vyfde studiejare, met inbegrip van 'n praktiese opleidingstydperk tydens die vyfde studiejaar. Lesingprogramme is ook uitgebrei om onder meer voorsiening te maak vir finalejaar studente in die regte (LLB-program), kriminologiestudente, verpleegkundiges, studente van die Speurderakademie van die Suid-Afrikaanse Polisiediens en die Justisiekollege van die Departement van Justisie. 'n Telematiese onderrigprogram word in die vooruitsig gestel vir implementering in 2002, welke program waarskynlik die eerste in sy soort in Suider-Afrika sal wees. Goeie vordering is veral gemaak in samewerking met die Departement van Justisie en die Suid-Afrikaanse Polisiediens met die integrasie van kennis met betrekking tot die vakgebied van geregtelike geneeskunde, in die opleiding van staatsaanklaers, voorsittende beamptes by hofverrigtinge en misdaadtoneelbestuurders en ondersoekbeamptes.

Navorsing het gelei tot verskeie publikasies in vakwetenskaplike tydskrifte op die gebiede van byvoorbeeld geregtelike geneeskundige ondersoekstelsels en die verandering van organisatoriese strukture in Suid-Afrika, die rol van oordraagbare virusse in die geregtelike geneeskundige praktyk, noodlottige beseringspatrone en die insameling van data in verband daarmee. Verskeie voordragte is op nasionale en internasionale kongresse gelewer.

Huidige belangstellingsvelde en navorsingsprogramme sluit in studies wat verband hou met die gebruik van menslike weefsel vir navorsing en oorplanting, selfmoordpatrone in die gemeenskap en die verwondingsvermoë van spesiale ammunisietipes.

In 2000 is **dr Reinette du Plessis**, senior spesialis verbonde aan die departement, met die fakulteit se toekenning vir die beste publikasie in 'n vaktydskrif deur 'n jong navorser vereer.

Uit hoofde van hulle ampte as akademiese personeel, is verskeie professionele personeellede versoek om betrokke te wees by straf-, siviele- en geregtelike doodsondersoek hofverrigtinge, as deskundige getuies en as geneeskundige assessore, asook by dissiplinêre verhore van komitees van die Gesondheidsberoepsraad van Suid-Afrika. Twee personeellede het ook as lede van die National Forensic Pathology Services Committee gedien, soos saamgestel deur die nasionale Direkteur-generaal van Gesondheid. Laasgenoemde komitee is veral gemoeid met die transformasie van regsgeneeskundige dienslewerings-telsels in Suid-Afrika, ten einde 'n meer professionele, toeganklike en verantwoordbare diens te vestig.

In die afgelope aantal jare is vakverwante gespesialiseerde konsultasies en hulp aan regspraktisyns in en owerhede van verskeie buurlande gedoen, met inbegrip van Botswana, Lesotho, Mosambiek en Angola. Dit het onder meer vliegrampondersoeke en noodlottige duikongelukke behels.

In die oorsigtydperk het vier magisterstudente in Geregtelike Patologie afgestudeer – welke kwalifikasie lei tot registrasie by die Gesondheidsberoepsraad as spesialis geregtelike patoloog. Ander senior lede wat verbonde is (of was) aan die departement sluit in **drs F J Theron, H J Scholtz, S Rossouw, R du Plessis, A E van der Hoven** en **K Müller**. **Dr Scholtz** het ook sedert 1998 gelyktydig as Waarnemende Adjunkdirekteur: Regsmediese Dienste in die Gauteng Provinsiale Departement van Gesondheid opgetree. **Prof Johann Loubser** het in 1997 as departementshoof afgetree en is deur **prof Gert Saayman** opgevolg.

Prof G Saayman
DEPARTEMENTSHOOF

Hematologie

Hematologie is die wetenskaplike ondersoek, diagnose en behandeling van bloedsiektes, veral daardie siektes wat 'n morfologiese verandering in die bloedselle veroorsaak of wat steurings in sekere plasma proteïen funksies tot gevolg het, veral stollingsfaktore en paraproteïene.

Twee belangrike ontwikkelings het in die afgelope agt jaar plaasgevind. Eerstens het molekulêre tegnieke beduidend uitgebrei, en het dié tegnieke hoogs belangrik geword in diagnose en prognose. Tweedens was die totstandkoming van die nuwe terrein van Kliniese Hematologie wat die direkte hantering van pasiënte behels

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(voorheen was die hematoloog primêr in die laboratorium werksaam). Insake laasgenoemde, het hierdie departement die voortou geneem om die subspesialiteit Kliniese Hematologie deur die Mediese Raad aanvaar te kry. Om in hierdie subspesialiteit te registreer, moet die betrokke geneesheer aanvaarbare ondervinding en kwalifikasies in sowel laboratorium-hematologie as interne geneeskunde of pediatrie opdoen. Uit die aard van die saak kon baie min geneeshere as sulks kwalifiseer. Trouens, die waarnemende hoof was die eerste persoon om as sodanig in die land te registreer en was vir 'n paar jaar die enigste kliniese hematoloog.


Prof O N Beck

Hematologie het op alle vlakke uitgebrei en die vorige neiging tot semi-aparte dissiplines het verder toegeneem. Met verwysing na die roetine diagnostiese laboratorium is daar besluit om in beginsel by die moderne neiging aan te sluit, dit wil sê funksionele integrasie met ander departemente, veral chemiese patologie.

Die departement se belangstelling in bloedplaatjies het voortgeduur – ook veral in samewerking met die Fakulteit Veeartsenykunde op die vlak van verskille in die plaatjies van sekere wilde diere. Dié werk is primêr deur 'n vakkundige beampte gedoen.

Op voorgraadse vlak het veranderinge met die nuwe kurrikulum plaasgevind. Oorvleueling tussen die twee groepe studente wat die ou en die nuwe leerplanne gevolg het, het sake bemoeilik. Die vyfdejaar-kursus van die ou kurrikulum het voortgeduur tot in 2000. Die praktiese klasse is met 'n intensiewe kursus vir klein groepe in Kliniese Hematologie vervang. In die nuwe kurrikulum word lesings in Hematologie in die tweede- en sesdejaar aangebied.

In die tweedejaar word Hematologie op 'n redelik basiese, patofisiologies-georiënteerde vlak aangebied, en in die sesdejaar val die klem op Kliniese Hematologie. Die departement lewer ook bydraes tot sekere ander blokke – hematologiese maligniteite, aansteeklike buik- en mammasiektes.

Die mediese personeel het in 2000 bestaan uit die waarnemende hoof, **dr O N Beck** en twee senior lektore, **drs A M Swart** en **R A M Mattana**. Die vakkundige beampte is **me Lizette du Plessis**. Die tegniese personeel bestaan uit geneeskundige tegnoloë.

Sedert 1993 het ses nagraadse studente die MMed-graad behaal en dus hematologiese patoloë geword, en 'n groot aantal het Hematologie as byvak gevolg.

In die afgelope jaar 2000 het min veranderings plaasgevind. 'n Groot verlies was dié van **dr R A M Mattana**, wat ons vir 'n privaat praktyk verlaat het. Dit beteken dat die druk op die professionele personeel nou steeds swaarder is, met nog minder tyd vir akademiese uitsette.

Die een noemenswaardige gebeurtenis, wat nie tot die departement beperk is nie maar trouens al die kliniese patologie afdelings by die Instituut/Skool van Patologie affekteer, is die toekomstige oorname van die roetine dienste deur die NHLS. Die implikasie van hierdie verandering is nog onseker.

Dr O N Beck
WAARNEMENDE HOOF

Huisartskunde

Die groei van die departement en die vordering op akademiese gebied gedurende 1993-2000 was nog 'n bydrae tot die dinamiese en vooruitstrewende Fakulteit Geneeskunde.

Die departement was deel van en het 'n leidende rol gespeel in die transformasieproses, grootliks met akademiese veranderinge, akkommodering van die land se totale bevolking en uitreikaksies na die naburige provinsies.

Die akademiese veranderinge is onder meer deur die nuwe SAKO-regulasies en nasionale behoeftes genoodsaak. Dit het duidelik geblyk tydens skakeling met ander huisartskunde-departemente deur middel van die Family Medicine Education Consortium (FAMEC) wat onder meer deur die departement se inisiatiewe in 1997 gestig is. Die ideale geneesheer wat met die nuwe opleiding beoog word, moet 'n persoonsgerigte-, gesinsgeoriënteerde huisarts wees. Die program bestaan uit hoeksteen-modules soos: Beginsels van Huisartspraktyk, Gesinsgeoriënteerde Pasiëntsorg, Praktykvoering en Kliniese Geneeskunde op die volgende fondasie, te wete probleem gerigtheid en gemeenskapsbaseerde onderrig.

Die departement is vanaf die tweede helfte van die eerste studiejaar by die voorgraadse mediese opleiding betrokke en bied blok 16 (totaal 17 blokke) in die vyfde jaar aan. Die departement is ook verantwoordelik vir 'n voorgraadse module vir die arbeids- en fisioterapiestudente.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die nagraadse program is uitkomsgerig en sluit in die nuwe (eerste in sy soort) diploma sowel as 'n magistergraad in Huisartskunde. Beide hierdie programme is nuut ontwikkel en word deur die Suid-Afrikaanse Raad van Geneeskunde Professies as addisionele kwalifikasies erken.

Om eenvormigheid te bewerkstellig het die departement aansoek by die Nasionale Departement van Opleiding/Opvoeding gedoen om 'n naamsverandering, naamlik van MPraxMed na MMed(Family Medicine). Terugvoering is ontvang dat die kurrikulum vir die magistergraad aan die vereistes voldoen wat vir 'n magistergraad in Geneeskunde met spesialiteit in Huisartskunde gestel word. Die naam is dan ook so deur die fakulteitsraad goedgekeur. Die program strek oor vier jaar en kenmerkend daarvan is die vaardigheidsportefeulje wat die kandidate moet saamstel en die akademiese erkenning wat as gevolg van die navorsingsmodule ontvang word. Van die doelwitte van die program is om opleiers in Huisartskunde te lewer.



Prof J S S Marx

Die Diploma in Huisartskunde is in samewerking met die Nasionale Private Kolleges van Suid-Afrika ontwikkel, word geheel en al telematies onderrig en deur die Universiteit toegeken. Die program bestaan uit agt modules wat uit die tien beskikbare modules (met 'n verdere vier in wording) geselekteer word. Vier modules, te wete Praktykbestuur, Noodgeneeskunde, Beginsels van Huisartspraktyk en Gesinsgeoriënteerde sorg is verpligtend. Kandidate mag ook enkele modules doen en hulle ontvang sertifikate daarvoor. Indien die diploma met modules in Anatomie en Fisiologie verwerf word, ontvang die kandidaat erkenning dat die eerste jaar van die magistergraad geslaag is.

Die transformasieproses om aan die behoeftes van die totale bevolking van eerste linie geneeshere te voorsien was in so 'n mate suksesvol dat die studentesamestelling tans uit bykans 100 magister- en 400 diplomastudente (versprei oor die hele Republiek van Suid-Afrika en selfs die buiteland) bestaan, en is daarby grotendeels swart en meertalige studente. Erkenning is ontvang vir die ontsaglike taak en twee nuwe senior lektorposte, buiten die provinsie/universiteit struktuur, is goedgekeur en word deur die Universiteit en 'n privaat inisiatief befonds.

Die departement word tans beman deur bykans 30 konsultante/lektore met onder andere drie eerste spesialiste en senior huisartse in Mpumalanga en die Noordwes Provinsie. Laasgenoemde maak deel uit van die uitreikaksie van dienslewering, opleiding en navorsing. Hierdie uitreikaksie sluit in dat die departement in Middelburg (Mpumalanga) 'n Engelstalige MMed (Huisartskunde) program aanbied en in 2001 'n program in Nelspruit sal instel.

'n Voortgesette Professionele Ontwikkeling (VPO) naweek-simposium word byvoorbeeld in Witbank, Secunda en Nelspruit aangebied en een keer al om die ander maand in Pretoria. Van die senior departementslede is hoofsaaklik vir hierdie simposia verantwoordelik.

Die departement is wesenlik verryk deur die besoeke van buitelandse huisartse. In 1999, **prof Brian Hennin** van Ontario Kanada, 'n vader van die beginsels van huisartspraktyk en genoot van **Mc Whinney** wie se handboek die voorgeskrewe werk is. **Prof Tom Campbell** (Universiteit van Rochester se geneeskunde skool in die staat New York) en medeouteur van 'n ander voorgeskrewe werk *Family Oriented Care*, het die departement in 1998 besoek. **Prof R E Rakel** van die Baylor College of Medicine in Houston, Texas het in 1996 besoek afgelê en was die groot inspirasie vir die verlenging van die magisterprogram en naamsverandering. **Prof Jan Heyrman** (Katolieke Universiteit van Leuven, België) se besoek in 1998 het onder meer die departement se missie om probleemgerig op te lei, versterk.

Senior personeellede het ook gereeld die buiteland besoek. Die departement het bydraes tydens die WONCA-kongresse in Hong Kong en in Dublin, Ierland, gelewer. Bydraes is tydens die Resussitasie-kongres in Seville, Spanje en Lugambulans-kongres in Müngen, Duitsland gedurende 1996 gelewer. Welwillendheidsbesoeke is in die oorsigtydperk gebring aan **prof Pierre Carli**, hoof van die Pre hospitaaldienste in Parys, Frankryk (Necker-Hospitaal) en verskeie hospitale in Londen (Royal London, St Thomas en Guys) met as gasheer **Peter Beale** voormalige Geneesheer-generaal van Engeland en die huidige hoof van die Rooikruis. In Oktober 2000 het die waarnemende departementshoof as verteenwoordiger van klinici deel gevorm van 'n groep bestuurslui van die Pretoria Akademiese Hospitaal wat die Tweeling-hospitale te Yorkshire in Engeland besoek het. Die Pinderfield/Pontefract Trust te Wakefields naby Leeds se uitreikaksie na Suid-Afrika het hierdie besoek geborg. 'n "Tweeling-kennis-uitruiling"-program is deur die Trust en die Pretoria Akademiese Hospitaal geloods.

Prof H Meyer is gereeld na internasionale geleenthede in byvoorbeeld die VSA, die Ooste en Europa uitgenooi om sy kundigheid oor Fibromialgie en pynbeheer te deel.

Onder leiding van **dr S J Loots** is die Skool vir Primêre Gesondheidsorg op die been gebring. Die skool lei verpleegkundiges op wat die basis van die huidige nasionale gesondheidsbeleid vorm.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die departement het 'n ontwikkelende telematiese onderrigprogram onder leiding van **dr Thomas McD Kluyts** met onder meer 'n eie webbladsy. Deur middel van hierdie medium is die inhoud van die tweedejaar aan twee magisterstudente (oud Suid-Afrikaners) in Kanada, onder toesig van alumni-huisartse in Kanada, aangebied.

Navorsing deur personeellede en studente het tot die toekenning van magistergrade gelei – byvoorbeeld 23 skripsies is in 2000 gelewer, naas gereelde publikasies in tydskrifte soos die *SA Family Practice, SAMJ, Geneeskunde en Traumatologie*. Verskeie referate en plakkate is tydens die OTTAWA-kongres in Kaapstad gedurende Februarie 2000 gelewer. Die departement se jaarlikse voordragte en plakkate by die fakulteitsdag is kenmerkend van die wye belangstelling en kundigheid van sy lede.

Die missie van die departement om onontbeerlik te wees wat dienslewering aanbetref, word steeds gestand gedoen deurdat onderskeidelik 150, 750, 500 en 250 pasiënte per dag in die noodgevalle-afdeling van die Pretoria Akademiese, en die buitepasiënte-afdelings van Mamelodi-, Kalafong en Pretoria Akademiese-hospitale behandel word. Die diens by die Pretoria Akademiese Hospitaal word tans omgeskakel na slegs die tersiêre vlak wat hoofsaaklik op gesinsberading, holistiese afronding en kontinuïteit van behandeling vir die chroniese siek pasiënt toegespits sal word. Alleenlik die "opleidingsmateriaal pasiënte" wat as ongeselekteer klassifiseer is, word in die sisteem toegelaat aangesien Primêre Gesondheidsorg periferaal onder die bestuur en toesig van huisartse gelewer word.

Die departement se toekomsvisie is onder meer om 'n leidende rol te speel ten einde die spesialiteit van Huisartskunde uit te bou, uitnemende pasiëntgesentreerde diens te lewer en geneeshere op te lewer wat die behoeftes van Suid-Afrika sal dien. Die departement is uitstekend geposisioneer om Noodgeneeskunde as subspesialiteit te huisves en speel 'n leidende rol in die Emergency Medicine Society of South Africa (EMSSA) wat in 2000 erkenning as subgroep van die South African Medical Association (SAMA) verkry het.

Dr J S S Marx
WAARNEMENDE DEPARTEMENTSHOOF

Immunologie

Hierdie departement inkorporeer die Mediese Navorsingsraad (MNR) se Eenheid vir Inflammasie en Immuniteit en die Kankervereniging van Suid-Afrika (KANSA) se konsortium vir New Anti-Cancer Drug Discovery (wat onderskeidelik in 1989 en 1998 tot stand gekom het). Die primêre aktiwiteite van die departement is onderrig in basiese en toegepaste immunologie aan voorgraadse mediese, paramediese, tandheelkundige en wetenskapstudente; die opleiding van nagraadse MSc-, PhD- en MD-studente in laboratorium- en kliniese immunologie; immunologiese navorsing wat nasionaal relevant en internasionaal mededingend is; en die lewering van gemeenskapsgerigte laboratoriumpatologiedienste. Laasgenoemde dienste is onder meer die serodiagnose van infeksies, outo-immuniteits- en allergiese siektes, vloeisitometrie vir die diagnose van leukemie-tipes en die monitering van die progressie van MIV-infeksie, weefseltipering vir kliniese orgaanoorplantings, en gesofistikeerde laboratoriumprosedures vir die diagnose van primêre immunogebreksiektes. Die navorsing wat die departement doen, fokus op inflammatoriese siektes in die algemeen, en brongiale asma, immunofarmakologie, tuberkulose, malaria en kanker in die besonder.


Prof R Anderson

Die senior akademiese personeel bestaan uit **prof R Anderson** (Departementshoof en Direkteur van die MNR-eenheid), **prof C E Medlen** (koördineerder vir die KANSA-konsortium), en **prof A J Theron** wat deur een senior wetenskaplike beampte, drie wetenskaplike beamptes, een navorsingsbeampte wat deur die MNR aangestel word, en 'n departementele sekretaresse bygestaan word. Hulle is saam verantwoordelik vir die onderrig en opleiding van voorgraadse studente, studieleiding aan nagraadse studente wat navorsing doen, die uitvoering van en toesig oor navorsing en die dienslaboratorium se aktiwiteite, en vir die kommunikering van data.

Die MNR se Eenheid vir Inflammasie en Immuniteit het tussen 1993 en 2000 twee keer 'n nougesette en strenge eksterne ewekniebeoordeling ondergaan (een jaar voor die einde van elke vyfjaartermyn). Die prestasie van die eenheid is by albei geleenthede hoog aangeslaan en 'n verdere vyfjaartermyn is goedgekeur. Nog 'n belangrike prestasie was die goedkeuring van KANSA se konsortium vir New Anti-Cancer Drug Discovery in 1998, waarvan **prof Medlen** beide as leier en koördineerder opgetree het. Hierdie navorsing word in samewerking met die universiteite van Pretoria, die Witwatersrand, Kaapstad en die Oranje-Vrystaat gedoen. Die toekenning van die konsortium was gegrond op **prof Medlen** se besondere prestasies in kankernavorsing. Sy het 'n nuwe groep

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

farmakologiese agense teen kanker geïdentifiseer, naamlik die riminofenasiene wat 'n unieke membraangerigte meganisme vir kankerbestryding bevat. Hierdie navorsing het op verskeie internasionale patente vir hierdie verbindings uitgeloop.

Die departement het gedurende die tydperk 1993-2000 daarin geslaag om 'n hoë navorsingsuitset te handhaaf. 'n Totaal van 83 artikels het in ewekniebeoordeelde internasionale biomediese tydskrifte verskyn, hoofsaaklik op die gebied van inflammasie, kanker en tuberkulose. MSc-grade is aan nege studente, en PhD-grade aan vyf studente toegeken. Een MSc-student en agt PhD-studente werk tans aan projekte in die departement. **Prof Anderson** het in 1997 en 1999 goue medaljes vir sy prestasies in biomediese navorsing van onderskeidelik die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns en die Mediese Navorsingsraad van Suid-Afrika ontvang.

In ooreenstemming met die transformasie- en kapasiteitsontwikkelingsbeleid van beide die Universiteit en die Mediese Navorsingsraad van Suid-Afrika, het die departement gepoog om jong swart biomediese studente te werf en hulle loopbane te bevorder by wyse van proaktiewe samewerking met ander universiteite en technikons. Drie van hierdie studente het onlangs PhD-grade aan die Universiteit ontvang. Twee van hulle is sedertdien in senior poste by ander organisasies aangestel (die Universiteit van die Noorde en die Nasionale Navorsingsinstituut vir Beroepsiektes). Die derde is in 'n gesamentlike pos van die MNR en die Departement Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie by die Departement Immunologie aangestel. Hierdie verbintenis tot transformasie en kapasiteitsontwikkeling is onlangs deur die MNR geloof.

Prof R Anderson
DEPARTEMENTSHOOF

Interne Geneeskunde

Die sameloop van 'n reeks eksterne omstandighede (veral sedert die helfte van die laaste dekade) én ten spyte van waarskuwings, het 'n toenemende uitwerking op die departement gehad. Die sentrale komponent is die invloed van 'n proses van ernstige besparingsmaatreëls wat reeds in 1993 begin het. Hierdie maatreëls het daartoe gelei dat die infrastruktuur vir dienslewering aan 'n toenemende gebrek aan diepte mank gegaan het. Die tradisionele begrotingsmetodiek van 'n hoofbegroting, gevolg deur 'n aanvullende begroting teen die einde van die finansiële jaar, is deur die dienslewerende owerheid as "oorbesteding" beskou en is afgeskaf. Daar is gevolglik van hospitale verwag om binne die oorspronklike begroting te bly. Hierdie veranderde beleid het op 'n beduidende besnoeiing van finansies uitgeloop. Terselfdertyd het die koers van "mediese inflasie" vanweë die koste van geneesmiddels en ingevoerde apparatuur deur 'n ongekende daling in die wisselkoers skerp toegeneem. Hierdie faktore het besonder sterk druk uitgeoefen om besparings teen alle koste na te streef.

Prof A L van Gelder

Die verandering in die gesondheidsbeleid om meer aandag aan primêre gesondheidsorg te skenk is ook deur die departement verwelkom. Planne ter ondersteuning hiervan, waaronder deelname aan die ontwikkeling van 'n "essensiële middelelys" is geesdriftig beraam. Waarskuwings is vergeefs gerig dat die verklaarde beleid "die verskuiwing van finansies vanaf tersiêre instellings na primêre sorg" noodwendig tot tekorte in dienste in die akademiese hospitaal sal lei, met die uiteindelike onvermoë om die beleid te ondersteun. Geesdriftige deelname aan provinsiale komitees oor 'n tweejaartydperk om die nuwe gesondheidstelsel te help ontwerp, het eweneens nie daarin geslaag om 'n gebalanseerde afskaling te bewerkstellig nie.

Hierdie faktore het gelei tot 'n reeks maatreëls wat 'n besonder negatiewe uitwerking op die departement gehad het. Die belangrikste maatreël was om deur die nievulling van veral seniorposte, die begrotingstekorte aan te vul. 'n Ongeskrewe beleid om nie eerste spesialiste aan te stel nie, het daartoe gelei dat die een na die ander subspesialiseenheid se hoofskap vakant geraak en gebly het. Dit was veral skadelik aangesien die vestiging van sterk subspesialisasierigtings (sedert 1984) die gestelde strategiese ontwikkelingsplan van die departement was. Dit was juis hierdie struktuur van sterk subspesialiseenhede wat fundamenteel daartoe bygedra het dat die slaagsyferpersentasie in die nasionale spesialiseksamen (die Kollege van Interniste) gedurende 1992-1998 konstant die hoogste in die land was. Ook was dit, tesame met die kwaliteit van die opleidingsprogram wat deur **prof J A Ker**, die kliniese hoof, bedryf is, die oorsaak daarvan dat 'n waglys van geneeskundiges wat by die departement wil spesialiseer, steeds bestaan. Ongelukkig kan dit nie verwag word dat hierdie reputasie onbepaald voldoende sal wees om sterk kandidate te trek nie – veral waar herhaalde vertoë deur alle betrokkenes om hierdie hoofskappe te vul konstant met stilswye begroet is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Twee verdere idees het sedert 1998 ontwikkel. Die eerste was die gesondheidsowerheid se mening dat te veel poste vir spesialisasie in Gauteng bestaan. Hierdie persepsie is waarskynlik gegrond op die aantal poste in die tersiêre hospitale in die Witwatersrand. Hierdie poste is primêr weens die noodsaaklikheid van dienslewering geskep. Die besluit om die aantal poste te verminder mag rasioneel wees in Johannesburg waar tussen 60 en 70 opleidingsposte bestaan, maar in Pretoria, met slegs 24, sal 'n gelykmatige vermindering 'n verdere ernstige knou toedien aan die vermoë van die departement om 'n aanvaarbare akademiese standaard te handhaaf. Die tweede idee was die besluit van die beroepsraad dat die land minder subspesialiste op Interne Geneeskunde-verwante gebiede nodig het. Hoewel die besluit tans onder hersiening is, bly dit egter sterk ondersteuning vir 'n diensowerheid om vertoë vir die vulling van subspesialisposte te weerstaan.

Die stelsel van beperkte privaatpraktyk en die afskaffing daarvan het 'n belangrike invloed op die departement gehad. Gedurende 1993 is 'n stelsel van aanvulling van inkomste deur beperkte privaatpraktyk onder sterk beperkende voorwaardes ingestel as 'n tweedekeuse in plaas van mededingende salarisse. Hierdie stelsel is in die departement streng beheer, met verskeie insidente, veral in die vroeë jare, waar persone met groeiende buiteverpligtings uitgenooi is om eerder hulle talente voltyds aan privaatwerk te wy. Die gevolg hiervan was dat daar deurgaans binne die gestelde voorwaardes 'n gesonde balans gehandhaaf is deur individue wat die stelsel wou benut. Daar is min twyfel dat die stelsel tot die behoud van persone wat 'n onskatbare bydrae gelewer, gelei het. Die bestaan van wanpraktyke by verskeie ander instellings het egter nasionaal aandag getrek, en 'n kabinetsbesluit is geneem om die stelsel summier af te skaf. Hierdie besluit is uiters negatief ontvang deur persone wat uit hulle pad gegaan het om die gees en letter van die stelsel na te kom en het tot die bedanking of vervroegde aftrede van 'n reeks gewaardeerde senior departementslede teen einde 1999 gelei. Die stelsel van betaalde werk buite die staatsdiens wat later ingestel is, het ingeboude tydsbeperkings wat dit nie moontlik maak vir 'n internis om die beperkte privaatpraktykstelsel te vervang, sonder om reëls te verbreek nie.

Nagraadse en subspesialisasieopleiding

Die nagraadse opleiding was gegrond op 'n model van sterk subspesialiseenhede. Subspesialiste het kliniese assistente deurgaans deur middel van besprekings en gevalstudies aan die hantering van probleempasiënte blootgestel. Ook is 'n rotasieprogram ontwikkel waarin kliniese assistente tot twee jaar van die vier jaar opleiding en onderrig voltyds in subspesialiseenhede deurgebring het. Dit beteken nie dat die vakgebied van Interne Geneeskunde enigsins as die som van sy subdissiplines aangebied is nie.

Deurgaans is die grens van die subspesialisveld duidelik aangedui. Die onderrig tot by die grens is egter begelei deur mense wat die totale gebied van die subspesialisasieveld in diepte bestudeer en praktiseer. Voldoende tyd vir integrasie van die ondervinding is toegelaat in die aansienlike tydperk waar pasiënte wat nie duidelik onder 'n unieke subspesialisveld veld ressorteer nie, in die algemene sale behandel word.

Die opleiding van subspesialiste vind oor twee jaar plaas nadat 'n kwalifikasie in Interne Geneeskunde verwerf en die vierjaar-opleidingstydperk voltooi is. Geen verdere eksamen of kwalifikasie word verlang nie. Dit beteken dus dat verlies van 'n subspesialiseenheid nie tot kwalifikasies sal lei wat nie toegeken sal word nie. Dit beteken egter dat dit wel tot die gebrek aan nie alleen ervare leierskap nie, maar ook die geesdriftige groeiproses van die aspirant subspesialiste wat 'n akademies stimulerende atmosfeer handhaaf, sal lei.

Subspesialisasie-eenhede

Gastroenterologie: hierdie was die eerste eenheid waar die hoofskap deur die aftrede van **prof S K Spies** vakant geraak het en, ten spyte van aanhoudende vertoë, vakant gehou is. Opleiding vind egter steeds plaas weens die interdepartementele struktuur en teenwoordigheid van 'n geregistreerde gastroenteroloog.

Fisiese Geneeskunde/Rumatologie: hierdie afdeling was uiters gewild en het gevolglik 'n lang waglys vir kliniese assistente gehad. Met verkryging van die kwalifikasie is afgestudeerdes gesog deur en vinnig in die privaatsektor opgeneem. Die afdeling was egter uniek in Suid-Afrika. Die vakgebied het opleiding verskaf in rumatologiese toestande, maar het ook 'n komponent van chirurgiese intervensie ingesluit. Hierdie kombinasie, hoewel dit nie seldsaam in ander lande is nie, het nie by die suiwer rumatologiese opleiding ingepas wat twee jaar van studie na die verkryging van 'n kwalifikasie in Interne Geneeskunde behels nie. Daar is dus in 1998 reeds die besluit geneem om die vak nasionaal te staak en is 'n aanvang gemaak met die omskakeling na die standaard rumatologie-patroon wanneer die hoof, **prof S W Brighton** uiteindelik sou aftree. Die beëindiging van die beperkte privaatpraktykskema het 'n versnelling van die proses meegebring en hy het teen die einde van 1999 die opsie van aftrede uitgeoefen. Die pos is onmiddellik bevries, sy potensiële opvolgers het bedank en ook tot die privaatpraktyk toegetree.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Endokrinologie: **prof R J van Rooyen** het reeds in 1998 aftree-ouderdom bereik. Hy is egter ooreenkomstig staatsdiensreëls tydelik aangestel, veral weens sy subspesialis status. Teen middel 2000 is hierdie aanstelling beëindig en met sy finale uittrede is die potensiaal om 'n endokrinoloog as opvolger self op te lei finaal gekelder.

Die doel van hierdie afdeling is die voor- en nagraadse opleiding van studente in die Departement Interne Geneeskunde. Daar is tans een voltydse konsultant in diens, te wete **dr H Oosthuizen**, en verder vier sessiedokters, naamlik **drs J de Villiers, K J Kroeger** en **E C van den Berg** en **prof P Rheeder** van Epidemiologie. Daar is ook 'n navorsingsassistent wat bystand met navorsing in die afdeling verleen.

In die afgelope vier jaar het vier kongresvoordragte uit navorsingsprojekte van die afdeling voortgespruit. Die navorsing fokus tans op kwaliteitsorg en vaskulêre disfunksie in tipe 2-diabetiese pasiënte. Die navorsingsprojekte wat tans aan die gang is strek dan ook oor departementsgrense heen en sedert 1999 het Nederlandse studente ook aan projekte in die afdeling gewerk.

Nefrologie: **dr C D Potgieter** is steeds in staat om 'n nefrologiediens aan te bied wat voldoende vir opleidingsdoeleindes is. Daar is weens koste-oorwegings ernstige beperkings op die toelating van pasiënte tot lewensreddende dialiseprogramme. Inperking van dienste maak hierdie eenheid veel kleiner as wat ideaal is vir óf opleiding óf die uitleef van 'n bevredigende loopbaan. Werwing, opleiding en veral behoud van 'n persoon wat kan bydra tot personeeldiepte en groei as potensiële opvolger bly steeds 'n uitdaging.

Pulmonologie en Intensiewe-sorg: hierdie twee eenhede behoort apart bedryf te word indien diepte in albei verwag word. Dit was wel moontlik om die insette van twee persone te handhaaf, maar weens die personeeltekort is die uitdagings om voldoende diepte te ontwikkel en te behou duidelik. Die aantal beddens wat vir intensiewe sorg beskikbaar is, is veel minder as ideaal vir voldoende dienslewering of opleiding.

Kardiologie: hoewel dit formeel 'n aparte departement is, is die Departement Interne Geneeskunde ten volle verantwoordelik vir sowel die nagraadse opleiding van interniste as die voorgraadse opleiding van studente. Gedurende 1998 en 1999 het dit toenemend geblyk dat inperkings 'n al groter las van kardiologiepasiënte op die departement plaas en dat indringende prosedures en koronêre versorging die hoof oorblywende funksies is. Die besluit om beperkte privaatpraktyk af te skaf het dan ook aanleiding daartoe gegee dat die hoof, **prof D P Myburgh** teen einde 1999 'n opsie van vervroegde aftrede uitgeoefen het. Sy pos is onmiddellik bevries. Die departement word tans bedryf as onderafdeling van Interne Geneeskunde. Werwing van 'n volledig opgeleide kardioloog word gekniehalter deur die skaarsheid van hierdie hoogstegnies opgeleide mense, die afwesigheid van 'n senior pos en die swak werksomstandighede. Die departement is vir sy funksionaliteit afhanklik van beeldingsapparaat, wat op die Suid-Afrikaanse skaal duur is. Die instandhouding van die bestaande hartkatererisasie-apparaat raak bykans onmoontlik, en geen voorsiening vir vervanging kon gemaak word nie. Hierdie situasie plaas subspesialisasie-opleiding in die gedrang en maak dit bykans onmoontlik om 'n kardioloog te werf.

Dermatologie: die hoofaktiwiteite is: *diens* wat aan twee hospitale, Pretoria Akademiese en Kalafong-Hospitaal gelewer word – daaglikse klinieke, versorging van binne-pasiënte, konsultasies vir ander departemente; *onderrig*: jaarliks word reekse lesings en praktiese klasse aan voorgraadse aangebied asook die opleiding van nagraadse studente. Gedurende die verslagtydperk het agt kliniese assistente hulle opleiding voltooi en as spesialiste in dermatologie gekwalifiseer; *navorsing*: verskeie navorsingsprojekte is afgehandel en die bevindinge het in ewekniebeoordeelde vaktydskrifte verskyn. Die navorsing was onder meer oor sistemiese lupus erythematoses sarcoidosis, xeroderma pigmentosum, pityriasis rubra pilaris, met 'n totaal, gedurende die oorsigtydperk, van 85 publikasies uit die departement, waarvan 38 in internasionale, hoog aangeskrewe, ewekniebeoordeelde vaktydskrifte. **Prof W K Jacyk** het ook hoofstukke tot boeke bygedra deur hoofstukke in boeke oor melaatsheid en diepgaande swaminfeksies te skryf. Hy het ook referate tydens verskeie internasionale kongresse en konferensies gelewer en lesings by akademiese instellings in Italië en Spanje aangebied.

Kalafong-Hospitaal

Die aftrede van **prof D S Rossouw** was ook die verlies van 'n geesdriftige en innoverende departementslid. **Dr J H Retief** het sedertdien uitstekende werk as waarnemende hoof gelewer. Die verkryging van 'n hoof met volle professorale kwalifikasies is 'n belangrike prioriteit vir die Universiteit. Dit bly steeds 'n uitdaging om goed gekwalifiseerde spesialiste te werf en te behou sodat die akademiese program verdiep kan word.

Witbank-Hospitaal

Die eerste aanstelling van 'n kliniese assistent vir 'n eenjaartydperk sal aan die begin 2001 in werking tree. Twee voltydse spesialiste en 'n besoekende spesialis van die departement lewer 'n algemene interne geneeskundige

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

diens en het begin om 'n akademiese opleidingsprogram saam te stel. Dit sal nog 'n aansienlike tyd neem om diepte uit te bou voordat die opleiding na wense is, en die erkenning na meer as een jaar uitgebrei kan word.

1 Militêre Hospitaal

Prof Rossouw het na sy aftrede 'n voltydse pos by die hospitaal aanvaar. Dit skep die geleentheid om die hospitaal steeds as rotasiepunt te behou weens die teenwoordigheid van 'n voltydse internis.

Voorgraadse opleiding

Ten spyte van probleme het die departement steeds daarin geslaag om goeie voorgraadse opleiding te lewer met uitstekende eindeksamenresultate. Die infasering van die kliniese jaar van die nuwe kurrikulum met die personeelintensiewe aard daarvan, stel spesiale uitdagings in 'n omgewing waar daar 'n tekort aan poste is. Die organisasie van die kurrikulum hou die gevaar in dat die toekenning van opleidingseenhede (SE) aan die departement ingrypend sal verander, met 'n gepaardgaande verandering in die persepsie van watter insette werklik verlang word. Die totale kliniese blootstellingstydperk van studente aan die vakgebied het ook ingrypend verander. Die departement volhard in sy vertroue dat studente wat uiteindelik afstudeer dieselfde of beter prestasie in die eindeksamens en as geneeskundiges sal lewer as diegene wat die tradisionele opleiding ondergaan het.

Prof A L van Gelder
DEPARTEMENTSHOOF

Kerngeneeskunde

Kerngeneeskunde is die spesialiteitsgebied van geneeskunde waarin radioaktiewe isotope (radioïsotope, radionukliede), met die uitsondering van verseëlde stralingsbronne, vir diagnostiese, terapeutiese en akademiese (navorsings-) doeleindes aangewend word.


Prof M Iturralde

Die algemene publiek verbind die begrip Kerngeneeskunde en radioaktiewe isotope vry algemeen met gevaarlike strale wat aangewend word om ernstige siektes te diagnoseer of te behandel. Selfs personeel in Kerngeneeskunde departemente wil weet watter risiko hulle loop om oorbestraal te word of ernstige gesondheidsprobleme op te doen.

In hierdie departemente en in kerngeneeskundige praktyke word kerngeneeskundige prosedures baie strenger as X-straalprosedures gekontroleer, hoewel daar weinig verskil is in die stralingsdosisse wat met radionukliedprosedures en X-straalprosedures absorbeer word. Indien die streng nasionale en internasionale reëls en regulasies in verband met die kliniese aanwending van radioaktiewe materiale nagekom word, is die kans op gevaarlike oorbestraling van pasiënte en personeel uiters gering. Water is essensieel vir lewe maar 'n mens kan ook daarin verdrink. Vuur gee warmte en krag, maar 'n mens kan jou verbrand. Dieselfde analogie kan op radioaktiewe strale toegepas word. Soos lig- en hittestrale, het radiostrale waarskynlik 'n belangrike rol gespeel in die evolusie van die mens. Trouens, ons kan natuurlike straling nie vermy nie. Numeriese vergelykings dui aan dat in departemente van Kerngeneeskunde en in kerngeneeskundige praktyke die risiko van noodlottige oorbestraling van dieselfde orde is as vir medisynevoorskrifte (1 / 1 000 000), moederskap-sterftesyfer (1 / 10 000), narkose, chirurgie, ens.

Prof Mario Iturralde wat as eerste voltydse professor en departementshoof aangestel is, het in Junie 1993 bedank en 'n privaatpraktyk in kerngeneeskunde in Pretoria begin. **Prof B J Meyer** wat sedert 1962 op sessiebasis betrokke was, is as waarnemende hoof aangestel en het hierdie funksie verrig totdat **dr Trevor Mdaka** op 1 Julie 1995 as professor en hoof aangestel is. **Prof Mdaka** het op 1 Desember 1996 bedank om 'n private praktyk te begin, waarna **prof Meyer** weer eens as waarnemende hoof opgetree het.

Op 1 Augustus 1998 is **prof Ralph Clauss**, hoof van die Departement Kerngeneeskunde by die Mediese Universiteit van Suidelike Afrika (Medunsa), as buitengewone professor vir vyf sessies per week (oor twee dae versprei) aangestel. In Maart 2000 is 'n spesialispos deur die Gauteng Provinsie aan die departement toegeken – en is **dr A C M van Niekerk** aangestel. In Junie 1998 is 'n tweede kliniese assistentskapspos deur die Gauteng Departement van Gesondheid moontlik gemaak en deur die Raad vir Gesondheidswetenskappe van Suid-Afrika goedgekeur. Tans is **drs Greta Lange** en **Katienka Venter** kliniese assistente.

Sedert 1997 is Radiobiologie, Radiochemie en Radiofarmasie 'n verpligte kursus- en eksamenvak vir studente wat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Radiografie (Kern) en MMed(Kern) neem. **Dr Werner Louw** van die Atoom Energie Korporasie (AEK) is as deeltydse senior lektor aangestel om die kursus aan te bied en is sedertdien nou betrokke by die onderrig van studente in Kerngeneeskunde.


Prof T Mdaka


Prof B J Meyer

Dr Irene Dormehl van die Instituut vir Lewenswetenskappe wat sedert 1974 as deeltydse dosent verantwoordelik was vir Kernfisika ('n verpligte eksamenvak vir BRad(Hons)(Kern)- en MMed(Kern)-studente) in die Afdeling Kerngeneeskunde, is steeds verantwoordelik vir die kursus in Kernfisika/Stralingsfisika en is intussen tot professor bevorder. **Mej D du Toit** (nou **mev D van der Westhuizen**) wat in Januarie 1964 as die eerste voltydse "tegnoloog" in Kerngeneeskunde aangestel is, is die Beheerradiograaf.

Daar is tans 23 personeellede wat in die een of ander kapasiteit betrokke is by kliniese dienslewering, opleiding en navorsing; vyf geneeshere – vier voltyds en een deeltyds; twee deeltydse dosente ('n kernfisikus en 'n radiochemikus/radiofarmakoloog); agt radiograwe (Kern); en twee verplegings-, twee administratiewe en vier ondersteuningspersoneellede.

Kliniese dienslewering maak 'n besonder belangrike komponent van die departement se aktiwiteite uit. Meer as 12 000 diagnostiese flikkergrafiese (radiosintigrafiese) en in vitro-prosedures is jaarliks op bykans alle orgaanstelsels (sentrale senuwee-, kardiovaskulêre-, asemhaling- hepato-bilière/vertering-, urogenitale-, endokrien-, hemopoiëtiese- en muskulo-skeletale stelsel) met 'n verskeidenheid radiofarmaseutika uitgevoer.

Dr Veronique Kritzinger was in Desember 1994 die eerste student om die graad MMed(Kern) te behaal. **Dr Annatjie van Niekerk** was die tweede graduandi en beklee tans 'n voltydse pos in die departement.

Ses verhandelinge is sedert 1993 voorgelê vir meestersgrade en nog vier is in voorbereiding. Sedert 1993 is 12 voordragte by die tweejaarlikse kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Kerngeneeskundiges gelewer. Verskeie artikels is in vaktydskrifte gepubliseer en nog ses word eersdaags vir publikasie aangebied. Verder is die personeel betrokke by die samestelling van 'n boek oor Kerngeneeskunde onder leiding van **prof Clauss**.

Daar is tans 'n aantal belowende navorsingsprojekte aan die gang. In een projek word fenielasetaat, 'n stof wat in die liggaam gevorm word en sitostatiese aktiwiteit besit, met 123 I gemerk. Die sitostatiese werking van die radioaktiewe materiaal word dan op sellyne en proefdiere uitgetoets, en uiteindelik dalk op kankerpasiënte. Die projek word in medewerking met die AEK uitgevoer.

In 'n tweede projek word die invloed van hiperparatireotiese hiperkalsemie en kankergeassosieerde hiperkalsemie vergelykend op maaglediging en die linkerventrikel-ejeksiefraksie ondersoek. Verskeie departemente is betrokke by die projek – insluitende twee by Medunsa.

In 'n derde projek word die voorkoms en moontlike oorsake van stresfrakture by swart en wit militêre rekrute vergelykend ondersoek. Verskeie departemente is ook hierby betrokke. **Prof Meyer** tree as leier van al die projekte op.

Die personeel verrig voortreflike diens onder minder gunstige fisiese omstandighede met afgeleefde apparatuur. Om 'n stimulerende moraal, goeie gesondheid en voortreflike diens van die personeel te verseker is 'n boek, *The choice is yours,* in Januarie 2000 gepubliseer waarin 'n aantal wenke oor die kuns van gesond lewe aan die hand gedoen word – outeurs **B J** en **A C Meyer**. Natuurlik is daar die goeie vooruitsigte om eersdaags die met-insig-beplande nuwe departement in die nuwe Akademiese Hospitaal te betrek.

Prof B J Meyer
WAARNEMENDE DEPARTEMENTSHOOF

Kindergeneeskunde

Tussen 1993-2000 het gedurige veranderinge in die departement plaasgevind. Die kliniese hoof by die Kalafong-Hospitaal, **prof O J Ransome**, is in 1993 as adjunkdekaan aangestel en later deur **prof Ian Hay**, voorheen van Medunsa, opgevolg. Die departementshoof, **prof R Cronje**, het vroeg in 1994 afgetree, en na baie maande van administratiewe vertragings, het **prof D F Wittenberg** van die Universiteit van Natal aan die einde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van 1995 as departementshoof oorgeneem. Verder het die kliniese hoof, **prof Hay,** in Junie 2000 bedank om 'n pos in Londen te aanvaar, en ses maande later, aan die begin van 2001, is hy deur **prof M Kruger** opgevolg. Die emeritus **professore Prinsloo** en **Cronje** werk albei steeds op 'n deeltydse basis in die departement.

Die voortgesette ontwikkeling van die kliniese diens is in ooreenstemming met die departement se verklaarde missie om die gesondheidstoestand van kinders in sy verwysingsarea te verbeter. Die departement het hierdie doelwit bly nastreef, te midde van krimpende hulpbronne en verhoogde druk ten opsigte van die beskikbaarheid van beddens. Vergeleke met die 1993-syfers was daar binne vyf jaar 'n verhoging van bykans 260% in geboortes per jaar, asook 'n toename van ongeveer 25% in die jaarlikse getal algemene binnepasiënte by die Pretoria Akademiese Hospitaal. Hierdie druk ten opsigte van beskikbare beddens het 'n heelwat vinniger pasiënte-omset, en dus 'n korter verblyf in die hospitaal, tot gevolg gehad. Subspesialiteitsontwikkeling is toenemend beklemtoon. Meer klinieke sou gehou kon word indien ruimte vir konsultering in die buitepasiëntedepartement beskikbaar gemaak kon word.


Prof R Cronje

By die Kalafong-Hospitaal het **prof Kruger** 'n bedrywige pediatriese onkologie-eenheid tot stand gebring om voorsiening vir kinders met kanker te maak. Ruimskootse skenkerbefondsing, sowel as steun van die Kalafong-Hospitaal se administrasie-afdeling, die Gautengse gesondheidsowerheid en die nie-regeringsorganisasie KERUX, het die vestiging van die Mohausentrum moontlik gemaak. Die sentrum is ontwikkel as 'n weeshuis en terminalesorgsentrum om kinders wat met MIV geïnfekteer is of weeskinders van MIV-moeders te help versorg. Meer onlangs, en in ooreenstemming met internasionale tendense, is die Kangaroe Moedersorgeenheid ook by die Kalafong-Hospitaal ingestel. Hierdie eenheid dra by tot verbeterde neonatale sorg.

Die departement het aktief tot die ontwikkeling van die satellietkampus in Witbank bygedra, en was onder die eerstes wat kliniese assistente op 'n rotasiebasis na die hospitaal daar gestuur het. Dié rotasie is daarop gerig om primêre en sekondêre versorging in die buitewyke te versterk en het terselfdertyd die onderrigplatform vir nagraadse studente vergroot. Die voltydse hoofspesialis en senior lektor, **dr E Malek**, speel 'n leidende rol in die implementering van die strategie van die geïntegreerde bestuur van kindersiektes (IMCI) in die Mpumalanga-provinsie en verder gebiede.

Uitreikaktiwiteite is verder by die Jubilee-Hospitaal ondersteun in die vorm van gemeenskapsgebaseerde onderwys, en deur die voorsiening van 'n kliniese konsultantediens by die Tembisa-Hospitaal. **Prof Hay** was breedvoerig betrokke by steun aan die Kindergesondheidsprogramme van die Departement van Gesondheid in Mpumalanga. **Proff Hay** en **Wittenberg** het aktief deelgeneem aan pogings om beredeneerde behoefte-gedrewe diens- en personeelnorme vir die strukturele transformasieproses van die Gautengse Gesondheidsdepartement te ontwikkel. Ongelukkig is hierdie planne nie uitgevoer nie.

Die departement se nagraadse opleidingsrol brei steeds verder uit en oor die afgelope jare het daar gemiddeld vier kandidate per jaar hulle opleiding as spesialis-pediaters voltooi. In onlangse jare het 'n groterwordende getal kliniese assistente vir die MMed- en die Kollege van Pediaters (FCPaed)-eksamen ingeskryf en met welslae afgelê. Daar is beduidende steun vir groter wisselwerking tussen die professionele eksamens van die Kollege van Pediaters en die Universiteit, maar hierbenewens moet die kandidate ook bewys van hulle navorsingsvermoë lewer om vir die MMed-graad te kwalifiseer. Daar is waglyste vir opleidingsposte in hierdie departement, en heelwat meer kandidate gaan voort om die eksamens in die Basiese Wetenskappe te skryf as wat in opleidingsposte as kliniese assistente opgeneem kan word. Departementslede word gereeld uitgenooi om aan die eksamens van al die ander mediese skole in die land deel te neem. **Prof Wittenberg** het ook as eksterne eksaminator vir die Universiteit van Zimbabwe opgetree.

Die departement was verder ook aktief betrokke by die fakulteit se kurrikulumhervormingsproses. 'n Geïntegreerde, probleem-gebaseerde leerplan vir pediatriese geneeskunde is ontwerp, en dit is goed ontvang deur sowel studente en internasionale beoordelaars as deur die toehoorders van kongresse waar die konsep bekend gestel is. 'n Innoverende kenmerk van die leerplan is die totaal geïntegreerde onderrig van obstetrie en neonatologie in 'n afsonderlike blok.

Navorsingsaktiwiteite het steeds voortgegaan. **Prof S Delport** het 'n doktorsgraad verwerf op grond van oorspronklike navorsing wat by die Kalafong-Hospitaal uitgevoer is. Departementele navorsingspogings het bygedra tot die vestiging van die Mediese Navorsingsraad se Eenheid vir Strategieë vir Moeder- en Kleutergesondheidsorg, wat deur **proff Pattinson** en **Hay** (onderskeidelik van die departemente Obstetrie en Pediatrie aan die Kalafong-Hospitaal) gelei word.

Verskeie personeellede het gereeld bydraes in ewekniebeoordeelde en ander vaktydskrifte gepubliseer. **Prof Wittenberg** was mederedakteur van die handboek getiteld *Paediatrics and Child Health* wat deur Oxford

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


Prof D F Wittenberg

University Press uitgegee en vir voorgraadse mediese studente aan alle Suid-Afrikaanse universiteite voorgeskryf is. Departementslede woon gereeld nasionale en internasionale konferensies en kongresse by met die doel om deel te neem en hulle navorsingsbevindings bekend te stel. **Prof Wittenberg** is uitgenooi om lesings tydens die volle sittings van konferensies in Karachi en Tokyo te lewer. Hy is verder uitgenooi om as tydelike raadgewer 'n bydrae te lewer tot die vergadering van 'n werkgroep van die Wêreldgesondheidsorganisasie in Baltimore in die VSA, en om in Washington 'n vergadering van die National Institutes of Health (NIH) toe te spreek oor die voedingsaspekte van MIV-geïnfekteerde kinders. As 'n raadslid van die Commonwealth Association for Paediatric Gastroenterology and Nutrition (CAPGAN), is hy benoem tot die werkgroep vir MIV van die Wêreldkongres vir Pediatriese Gastroënterologie wat in Augustus 2000 in Boston plaasgevind het.

Internasionale skakeling is gehandhaaf en uitgebrei. Die goeie verhouding tussen die Universiteit van Leuven in België en hierdie departement het aanleiding gegee tot gereelde uitruilings op die voorgraadse, kliniese-assistent en nagraadse vlak. Internasionaal gekeurde studente kom uit België, Nederland en Duitsland aan, sowel as uit Afrikalande en elders. **Prof Wittenberg** is uitgenooi om in die paneel van internasionale onderwysers te dien vir die voorgraadse studenteseminare wat deur IPOKRATES in Duitsland gereël is.

Lede van die departement het ook aktief aan die werksaamhede van fakulteitskomitees deelgeneem. **Prof Hay** was lid van die Sentrale Kurrikulumkomitee en voorsitter van voorgenoemde se subkomitee vir evaluering. Verder was hy lid van die fakulteit se Akademiese Advieskomitee, Navorsingskomitee (NAVKOM) en die Fakulteitsdagkomitee, en is verkies tot assistent van die dekaan by Kalafong-Hospitaal. **Prof Wittenberg** was op sy beurt voorsitter van die Mensekragontwikkelingskomitee en het in verskeie ander komitees gedien.

Die departement is ook goed verteenwoordig in nasionale verenigings wat die pediatriese professie ondersteun. **Prof Hay** was die voorsitter van die uitvoerende komitee van die Kollege vir Pediaters en het suksesvolle werksessies vir eksaminators aangebied. **Dr J Opperman** het vir twee termyne as die sekretaris en tesourier van die Suid-Afrikaanse Pediatriese Vereniging gedien. **Dr S P E Naude** was lid van die nasionale mediese adviespaneel van die Vereniging vir Kistifibrose en het 'n suksesvolle kongres georganiseer, terwyl **prof Wittenberg** die voorsitter van die SA Pediatriese Vereniging was. Laasgenoemde is ook benoem om die Komitee van Mediese Dekane in die Nagraadse Onderwys-subkomitee van die Suid-Afrikaanse Raad op Gesondheidsprofessies te verteenwoordig. **Prof Kruger** dien op die uitvoerende komitee van die Suid-Afrikaanse Kinder Kanker Studiegroep, en was in Mei 2000 die mede-organiseerder van die SIOPP-in-Afrika kongres van die Internasionale Vereniging vir Kinder Onkologie.

Die Universiteit en buite-instansies het erkenning verleen aan akademiese en leierskapbydraes deur departementslede. So is daar op grond van hulle akademiese aansien aan **proff Delport** en **Kruger** persoonlike medeprofessorate toegeken. **Prof Kruger** het befondsing ontvang vir die ontwikkeling van die departement se telegeneeskunde-projek, en **dr A van Niekerk** het die juniorbeurs vir genootskapopleiding van die Suid-Afrikaanse Pulmonologievereniging ontvang. Die Japanse Stigting vir Gesondheidswetenskappe het aan pof Wittenberg 'n beurs toegeken om Japan vir twee weke te besoek. Hy het ook van die Universiteit 'n medalje en toekenning vir uitmuntende akademiese prestasie ontvang.

Prof D F Wittenberg
DEPARTEMENTSHOOF

Mediese Onkologie

Die departement is sedert sy ontstaan op die voorpunt van kankernavorsing en is 'n aktiewe lid van internasionale organisasies soos die Eastern Co-operative Oncology Group (ECOG) van die VSA, die European Society of Medical Oncology en die Australian Lymphoma Study Group. Lede van die departement het ook gereelde kontak met nasionale organisasies soos die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Mediese Onkoloë (SASMO). Laasgenoemde vereniging het **prof Carla I Falkson** verkies tot voorsitter van die organiseringskomitee vir hulle tweejaarlikse kongres, Onkologie 2000, wat in Maart 2000 plaasgevind het. Die kongres was 'n groot sukses en heelwat bekende gasdosente van oorsee het op uitnodiging referate gelewer. Plaaslike onkologienavorsers was ook teenwoordig en het hulle data aangebied.

Prof Falkson is verder verkies om in verskeie eweknie-beoordelingskomitees te dien, byvoorbeeld die Kankervereniging van Suid-Afrika (KANSA), die Komitee vir Navorsingsvoorstelle en Toekenningsevaluerings; die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad (MNR) se hersieningspaneel vir navorsingstoekennings (bestuurskantoor), asook die Tussentydse Provinsiale Farmasie- en Terapeutika-komitee (IPPTC). Laasgenoemde komitee het die moeilike taak aan **prof Falkson** opgedra om die onkologie-gedeelte van die *South African Essential National Drug Handbook* te hersien en herskryf.

Prof C I Falkson

Heelwat ontwikkelings het sedert 1983 op die gebied van die Mediese Onkologie plaasgevind, en sluit studies in oor die voorkoming en vroeë opsporing van kankers, asook die bepaling van genetiese abnormaliteite in kankers. Navorsingsetiek is 'n hoogs relevante aangeleentheid en **prof Falkson** is in 1998 verkies as lid van die Mediese Navorsingsraad se Etiese Komitee. **Prof Geoffrey Falkson** is tot lid van die Nasionale Etiese Komitee van die Departement van Gesondheid verkies.

Volgens huidige syfers word een uit vier persone die slagoffer van kanker, en vanweë die verband tussen siektes soos limfome en positiewe toetsing vir MIV sal die pasiëntebevolking toeneem. Meer as 7 000 nuwe pasiënte het tussen 1993 en 1999 by die departement aangemeld (gemiddeld 1 000 nuwe pasiënte per jaar). Benewens hierdie nuwe pasiënte, het ongeveer 800 pasiënte die departement maandeliks vir opvolgafsprake besoek. Die personeelkorps wissel van agt tot 12 mediese dokters en sewe tot agt navorsingspersoneellede.


Prof G Falkson

Die klem in die departement is steeds op die lewering van gehaltebehandeling aan pasiënte met kanker, terwyl 'n beleid van kostebeheer terselfdertyd gehandhaaf word. Navorsing bly egter van kardinale belang in die departement, soos blyk uit die meer as 88 wetenskaplike artikels, 28 hoofstukke in boeke en 167 referate wat sedert 1993 gepubliseer is.

Mediese departementslede het as voorsitters opgetree vir 'n hele aantal interne, nasionale en internasionale studies, met ongeveer 50 proewe wat tans aktief is tot die vervaldatum daarvoor, asook 300 wat gereed is vir opvolgbehandeling en/of oorlewing op enige gegewe tydstip. Departementslede dien in verskeie internasionale wetenskaplike siektebeplanningskomitees, en **me R Jooste** is verkies as lid van die Clinical Research Associate Committee of the Eastern Co-operative Oncology Group (ECOG) in die VSA. **Prof Carla Falkson** is steeds aktief by die wetenskaplike navorsingsprogram van ECOG betrokke.

In 1995 het **prof Carla Falkson** die rol as hoofondersoeker vir ECOG, VSA, in die Departement Mediese Onkologie aan die Universiteit van Pretoria oorgeneem, en onder haar leiding het die Universiteit drie toekennings van ECOG ontvang. Een is in 1996 en twee in 1998 toegeken (vir die beste lewensgehaltedata wat voorgelê is). **Prof Geoffrey Falkson** het in Desember 1997 afgetree, en **prof Carla Falkson** het hom as departementshoof opgevolg.

Gedurende die oorsigtydperk het **me M S Mertz** die DPhil-graad verwerf op grond van 'n proefskrif getiteld *Quality of life in patients with metastatic breast cancer: a South African perspective*, met **prof Carla Falkson** as studieleier. Verder het **me Jooste** met DPhil-studie begin, op grond van 'n proefskrif oor *Longterm survival of patients with Hodgkins Disease: the prognostic significance of socio-economic factors*, en **me A Uys** besig is met haar DPhil-studie oor *Circulating pro-inflammatory cytokines, acute-phase reactants and cellular adhesion molecule profiles, as predictors of prognosis and outcome in cancer patients with febrile neutropenia.*

Prof Falkson is mede-voorsitter van E4697, 'n proefneming wat die potensiële rol van GM-CSF in die behandeling van pasiënte met volledig verwyderde hoërisiko melanoom evalueer. Hierdie proef is ontwerp om inenting met immunodominante epitope van drie melanoom-verwante antigene (tirosinase, gp-100, en Melan-A/MART-1) te evalueer.

Prof C I Falkson
DEPARTEMENTSHOOF

Mensgenetika en Ontwikkelingsbiologie

Die departement is in 1989 gestig en teen 1993 was die grondslae vir sy toekomstige aktiwiteite reeds gelê.

Die departement se Molekulêre Genetikalaboratorium is hoofsaaklik by navorsing betrokke, en veral op die gebied van kankergenetika. **Prof E Jansen van Rensburg** het in 1994 'n jaar aan postdoktorale studie by **prof B Ponder** se Cancer Research Campaign Laboratory in Cambridge, Engeland, gewy. Sy het na haar terugkeer belangrike

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



navorsingsprogramme oor die molekulêre genetika van bors-/ovariale kanker, kolonkanker en retinoblastoom in Suid-Afrika van stapel gestuur. Hierdie werk het tot 'n nasionale program uitgebrei, en geskied in samewerking met medewerkers aan die universiteite van die Witwatersrand, Natal, Oranje-Vrystaat, Stellenbosch en Kaapstad. Navorsing op die gebied van bors-/ovariale kanker duur sedert 1994 in samewerking met **prof Ponder** voort, en erkenning vir **prof van Rensburg** se werk op hierdie gebied blyk uit haar insluiting by 'n nasionale KANSA-konsortium om navorsing oor bors-/ovariale kanker te doen. Dit het ook tot die vestiging van 'n gesinskliniek vir kankerberading in die departement gelei – waarskynlik die eerste in sy soort in Afrika suid van die Sahara.

Die departement het in die vroeë negentigerjare van die vorige eeu 'n kliniese genetiese uitreikingsprogram in die landelike Noordelike Provinsie geloods. Die rede vir hierdie inisiatief was om epidemiologiese inligting oor genetiese afwykings en geboortedefekte onder die bevolking in te samel, die behoefte aan 'n kliniese genetiese diens te bepaal, en 'n diens te lewer om in hierdie behoefte te voorsien. Hierdie program het vinnig gegroei en was bevorderlik vir die ontwikkeling van beginsels en praktyk vir die behandeling van genetiese afwykings/gestremdhede by kinders in die landelike omstandighede van die Noordelike Provinsie. Hierdie werk is aangevul met data wat voortgespruit het uit 'n belangrike navorsingsprojek oor die voorkoms en etiologie van gestremdhede onder kinders op die platteland van Suid-Afrika. Hierdie studie is tussen 1993 en 1997 in die Bosbokrand-gebied van die Noordelike Provinsie uitgevoer. Die departement doen tans navorsing oor die voorkoms en etiologie van gestremdhede by kinders in buitestedelike en stedelike gebiede.

Die nasionale Departement van Gesondheid se Kommissie vir die Gesondheid van Moeders en Kinders het in 1995 **prof A Christianson** versoek om 'n voorstel vir die insluiting van 'n kliniese genetika-komponent in die primêre gesondheidsorgdiens in Suid-Afrika voor te lê. Die Afdeling Genetiese Dienste van die nasionale Departement van Gesondheid het hierna in samewerking met die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) 'n span aangewys om nasionale riglyne vir die bestuur en voorkoming van genetiese afwykings, geboortedefekte en gestremdhede te formuleer.

Prof Christianson is in die lig van die departement se voortgesette werk vir die ontwikkeling van genetiese gemeenskapsdienste genooi om 'n vergadering van die WGO en die World Alliance of Organisations for the Prevention of Birth Defects wat in 1999 in Den Haag plaasgevind het, by te woon. Hy is aangestel as medeverslaggewer van die vergadering, en 'n WGO-verslag getiteld *The management and prevention of genetic disorders and birth defects in developing countries*, het daarna verskyn. Hy het in Desember 1999 weer 'n WGO-vergadering oor openbare gesondheid en benaderings ter voorkoming en vir die beheer van genetiese afwykings en geboortedefekte in primêre gesondheidsorg in Kaïro bygewoon. Hy is as voorsitter verkies, en 'n WGO-beleidsdokument, *Primary health care approaches for the prevention and control of congenital and genetic disorders*, is gepubliseer.

Benewens die bogenoemde, lewer die departement steeds 'n kliniese en sitogeniese diens in Pretoria. Navorsing na neuromuskulêre en mitochondriale molekulêre genetika is onlangs begin en word tans gedoen.

Prof A L Christianson
DEPARTEMENTSHOOF

Neurochirurgie

Sedert die einde van 1992 was daar min veranderinge in die departement en sy aktiwiteite. Ten spyte van 'n toenemende werklas het die postestruktuur onveranderd gebly en was daar inderdaad na die verandering in provinsiale bestuurstruktuur erge vertraging in die vulling van vakante poste. Die voltydse departementshoof sedert 1978, **prof M Jansen van Rensburg**, het einde Junie 1996 afgetree maar was verplig om voort te gaan as waarnemende hoof in 'n deeltydse hoedanigheid. Soos in vele ander departemente is aansoeke vir die vul van hierdie pos nie aangevra nie. Gedurende die oorsigtydperk is die departementshoof met tussenposes bygestaan deur aanstellings in die twee beskikbare voltydse spesialisposte. Die paradoks het dus ontstaan dat 'n deeltydse, sessionele, waarnemende departementshoof vir lang tydperke die enigste voltyds beskikbare persoon was om leiding te gee met die neurochirurgiese dienswerk en die opleiding van magisterstudente. Die onlangse aanstelling van 'n afgestudeerde magisterstudent, **dr Henry Shapiro**, in 'n spesialispos het groot verligting gebring. Daar dit sy voorneme is om 'n akademiese loopbaan te volg, is hierdie aanstelling van kardinale belang vir die departement.

Ten spyte van knellende werksomstandighede het personeellede oor die afgelope sewe jaar nasionale én internasionale kongresse bygewoon en ook verskeie bydraes gelewer. Senior kliniese assistente het aan al die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

neurochirurgiese werksessies deelgeneem wat om die beurt by neurochirurgiese departemente gereël is. Sodoende is hulle aan hulle kollegas in Suid-Afrika asook die verwikkelinge in internasionale neurochirurgie blootgestel.


Prof M J van Rensburg

'n Afgestudeerde MMed(NeurChir) student, **dr R Casco Migliorisi**, is gevra om die moontlike stigting van 'n Departement Neurochirurgie onder sy leiding aan die Universiteit van Paraguay te ondersoek.

Daar is voortgegaan met die ondersoek van die monitering, beïnvloeding van en beheer oor intrakraniale druk. In hierdie navorsingskategorie het die departement deelgeneem aan 'n internasionale studie oor die invloed van 'n middel (Nimodipine) op die uitkoms van pasiënte met hoofbeserings. Die bevindinge van die studie sal eersdaags gepubliseer word.

Die ingebruikneming van Teleradiologie by die Pretoria Akademiese Hospitaal sal lede van die departement in staat stel om dokters in die hantering van pasiënte by buiteliggende hospitale met raad by te staan.

Die departement as sodanig is nie betrokke by die keuring van voorgraadse studente nie. Die kliniese assistente, of te wel magisterstudente, is almal wit en daar was tot dusver geen aansoeke van swart Suid-Afrikaners vir dié poste nie. **Dr Mokgokong**, tans professor en hoof van die Departement Neurochirurgie te Medunsa, 'n gewaardeerde vriend van hierdie departement, word gereeld versoek om as eksterne eksaminator by die finale MMed-eksamens op te tree.

Prof M Jansen van Rensburg
DEPARTEMENTSHOOF

Neurologie

Soos die vakgebied Neurologie self was die laaste agt jaar in die departement vol uitdagings. Ten spyte van 'n ernstige tekort aan voltydse personeel en fondse kon opleiding van voor- en nagraadse studente en dienslewering aan pasiënte op 'n hoë vlak volgehou word.


Prof C H van der Meyden


Prof C-M Schutte

Nadat **dr Arnolda Eloff** die voltydse diens by die Pretoria Akademiese Hospitaal vir 'n privaatpraktyk verruil het, was **prof C H van der Meyden** die enigste konsultant by die Pretoria Akademiese Hospitaal en **prof N A Mafojane** by Kalafong. Van die groep neuroloë wat tussen 1993 en 1996 gekwalifiseer het, het 'n hele paar vir 'n tyd in die akademie aangebly. **Dr Warren Woodward** het as konsultant by Kalafong-Hospitaal gewerk totdat hy in 1999 na die Verenigde Koninkryk verhuis het. **Dr Johan Smuts** het 'n elektiewe tydperk in 'n bekende elektromiografie-eenheid in die Verenigde State voltooi en van hierdie kennis weer teruggeploeg in die departement voordat hy na die privaat sektor teruggekeer het. Hy het egter op 'n sessiebasis deel van die departement gebly en was veral nou betrokke by die ontwikkeling van navorsingsprojekte, spesifiek op elektromiografiese gebied. **Dr Wiebren Duim** het na sy kwalifikasie as neuroloog ook 'n privaatpraktyk begin, maar steeds sterk aan die departement verbonde gebly, veral deur middel van opleidingsessies vir die voorgraadse studente en hulp met die vervaardiging van opleidingsvideo's wat vir telematiese onderrig gebruik sal word. **Dr Erna Jacobs** het 'n konsultantpos by 1 Militêre Hospitaal (Thaba Tshwane) aanvaar en so die Departement Neurologie saam met **dr Malcolm Baker** (wat in 1994 vanaf die Mayo-Kliniek in die VSA teruggekeer het), help opbou. **Dr Clara Schutte** het as konsultant in die departement aangebly en in 1999 as waarnemende hoof by **prof Van der Meyden** wat afgetree het, oorgeneem. Laasgenoemde lewer egter nog waardevolle raad en uitstekende opleidingsrondes.

Gedurende 1997-2000 het nog vier nagraadse studente as neuroloë gekwalifiseer. **Dr Dali Magazi** het as voltydse konsultant by die Pretoria Akademiese Hospitaal begin werk en hom in dié kort tyd reeds onmisbaar gemaak; **drr**

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Mariët van Niekerk (wat tans nog sessies by die Pretoria Akademiese Hospitaal doen) en **Marcell Brits** het albei die privaat sektor betree, en **dr Mandisa Kakaza** is steeds by die departement.

Sonder die waardevolle en volgehoue insette van **drr W M Güldenpfennig** en **A P Rossouw**, die ander buitekonsultante, sou opleiding in die departement nie dieselfde kon wees nie.

Die Elektrofisiologie-Laboratorium was ook gekortwiek deur die vermindering van poste en personeeltekorte. Ten spyte daarvan het **prof Peter Bartel** en **me Elna van Rensburg** daarin geslaag om die hoë standaard van opleiding vir die kliniese assistente vol te hou en die meeste van die dienste aan pasiënte kon verder aangebied word.

Soos in die verlede was die een konstante faktor in die departement verteenwoordig deur **me Ellen Booyens** wat ten spyte van die nuwe curriculum, MMed-skripsies, blokboeke, pasiëntverslae, en nimmereindigende telefoonoproepe onverstoord as hoofsekretaresse haar taak verrig het.

Met min mense, toenemende pasiëntgetalle en groot getalle voorgraadse studente vir wie 'n totaal nuwe kurrikulum ontwerp moes word, het navorsing gedurende die laaste paar jaar 'n luukse geword. Tog het 'n hele paar publikasies deur lede van die departement verskyn en verskeie voordragte is by kongresse aangebied.

Dr C-M Schutte
WAARNEMENDE DEPARTEMENTSHOOF

Obstetrie en Ginekologie

Die departement het tussen 1993-2000 'n tydperk van groei en stabiliteit beleef. Die hoofdoelwitte was uitnemende onderrig op voorgraadse en nagraadse vlak, deeglike navorsing en 'n uitstekende kliniese diens aan ons pasiënte. Danksy hoogs bekwame en gemotiveerde konsultante is hierdie doelwitte bereik. Die implementering van die nuwe voorgraadse leerplan het heelwat tyd in beslag geneem maar vernuwing in die onderrig van Obstetrie en Ginekologie meegebring. Die onderrig van Obstetrie is saam met Neonatologie by 'n blok ingelyf wat as Reproduksie bekend staan. Ginekologie is op dieselfde wyse met Urologie by 'n blok genaamd Genito-urinêre Toestande geïntegreer. Die geleidelike uitwissing van skeidslyne tussen dissiplines word as 'n progressiewe stap in die mediese student se algehele begrip van geneeskunde as beroep beskou. Beide **proff B G Lindeque** en **R C Pattinson** het toekennings vir innoverende onderrig van die Universiteit ontvang. Die konsultante het as eenheid hard daaraan gewerk om standaarde te handhaaf en selfs te verbeter. Nagraadse evaluering is grotendeels onder die beskerming van die Kollege van Geneeskunde van Suid-Afrika bestuur. Die departement se aandrang daarop dat 'n nasionale standaard in die kwalifiserende eindeksamen vir spesialiste onontbeerlik is, het 'n belangrike rol in hierdie besluit gespeel. Die departement se kliniese assistente het in die nasionale eksamens uitgeblink. Die vestiging van 'n Denkbeeldige Departement Mediese Etiek onder leiding van **prof G R Howarth** van die Departement Obstetrie en Ginekologie was 'n verdere opvoedkundige ontwikkeling. Die toenemende werklas het meegebring dat die "denkbeeldige" gedeelte van die naam verander moes word, en die departement staan tans as die Departement Bio-etiek bekend.


Prof B G Lindeque

Navorsing is op alle subspesialiseringsgebiede onderneem. Die departement het daarin geslaag om een van drie departemente in die fakulteit te bly wat 'n besondere navorsingsuitset gehandhaaf het. Hierdie prestasie is bekroon deur die toekenning van 'n navorsingseenheid van die Mediese Navorsingsraad (MNR) aan **prof Pattinson**, naamlik die MNR-eenheid vir Strategieë vir Moeder- en Kleutergesondheidsorg. Die departement het 'n besoekende professor, **prof Peter Heintz**, en twee genote in ginekologiese onkologie, **drr F Amant** en **E van Oost**, uit Utrecht in Nederland ontvang. 'n Departementslid, **prof E de Jonge**, het 'n PhD-graad voltooi. Artikels deur van die departementslede het by verskeie geleenthede toekennings of eervolle vermelding (**dr G Mantel** en **prof Pattinson**) van die fakulteit ontvang.

Die diens wat die departement oor 'n breë front aan pasiënte, die gemeenskap asook die professie van verloskunde en ginekologie gelewer het, was van uitmuntende gehalte. Dit blyk uit verskeie toekennings aan departementslede en 'n wye verskeidenheid bydraes deur departementslede, byvoorbeeld **prof B G Lindeque** se presidentskap van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Verloskundiges en Ginekoloë (SAVVO) en lidmaatskap van die uitvoerende raad van die International Federation of Ostetrics and Gynaecology (O&G), asook verskillende bydraes tydens 'n hele paar hoogs suksesvolle kongresse en vergaderings wat die departement gereël het. Die ses-maandelikse O&G Update wat gesamentlik deur die departement en die SAVVO se Noord-Gauteng-tak gereël word, is steeds die grootste vergadering van verloskundiges en ginekoloë in die land.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die nuwe millennium sal 'n steeds moeiliker omgewing vir die versorging van pasiënte en vir onderrig en navorsing meebring. Voortgesette sukses hang van die volgehoue toewyding van die konsultante op die personeel af, en hulle word bedank en erken as die doeltreffendste eenheid in Suid-Afrika.

Prof B G Lindeque
DEPARTEMENTSHOOF

Oogheelkunde

Die hoofaktiwiteit van die departement vir die tydperk 1993-2000 was dienslewering. Duisende pasiënte stroom jaarliks deur die opleidingshospitale se oogsorgklinieke. Hierdie hospitale sluit in die Pretoria Akademiese, Kalafong Akademiese, Pretoria-Wes-, 1 Militêre, Tembisa- en Witbank-Hospitaal.

Hierdie dienste aan pasiënte sluit in konsultasie vir okulêre siektes, die behandeling van oogbeserings, laserprosedures veral vir diabetes en operasies waarvan katarak-chirurgie die algemeenste is.

Die volgende chirurgie-statistiek vir die jaar 2000 dui die omvang van die diens aan:

Hospitaal	Katarak	Gloukoom-operasies	Ander	Totaal
Kalafong Akademiese Hospitaal	354	9	441	804
Pretoria Akademiese Hospitaal	413	21	292	726
Pretoria-Wes Hospitaal	420	80	104	604
1 Militêre Hospitaal	480	Ingesluit by ander	320	800
Witbank-Hospitaal	150	0	136	286
TOTAAL	1 817	110	1 293	3 220

In Mei 2000 is 'n samewerkingsooreenkoms gesluit met die Optometriese Welsynskliniek van die Optometriese Vereniging van Suid-Afrika. Daardeur is 'n optometriese diens onder dieselfde dak as die oogheelkunde dienste in die Pretoria Akademiese Hospitaal tot stand gebring. Hierdie was een van die eerste PPP (Public Private Partnerships) in die Pretoria Akademiese Hospitaal.


Prof P Roux

Die nagraadse opleiding is ook verweefd met dienslewering. Sodoende word die nagraadse studente blootgestel aan die volle spektrum van okulêre toestande en die hantering daarvan. Die Pretoria Ooginstituut is ook betrokke by die nagraadse opleiding deur die aanwending van konsultante wat subspesialisklinieke behartig asook praktiese opleiding deur middel van besprekings, gassprekers uit die buiteland en operasie-assistensies.

Die volgende oftalmoloë behartig subspesialisklinieke by die Pretoria Akademiese Hospitaal: **drr G P du Plessis** (Strabismus en Neuro-Oftalmologie), **P N J Gous** (Gloukoom), **H L E König** (Diabetes), **W P Smith** (Okulo-plasties) en **P J van Rensburg** (Kornea).

Gemeenskapsdiens word as 'n prioriteit beskou en die departement behartig vier maal per jaar oogsorgklinieke by die volgende hospitale in die Noordelike, Noordwes Provinsie en Mpumalanga: Lehurutse-, Mapulaneng-, Shiluvana en Odi-Hospitaal. Kliniese assistente doen ongeveer 400 katarakoperasies jaarliks in hierdie hospitale.

Daarbenewens word katarak-chirurgie oor naweke gedoen by die Pretoria-Wes Hospitaal deur die oftalmoloë van die Pretoria Ooginstituut en die kliniese assistente in samewerking met die Buro vir die Voorkoming van Blindheid en Lions Internasionaal wat die onkoste dek.

Die voorgraadse mediese opleiding het 'n dramatiese omwenteling ondergaan met die implementering van 'n nuwe kurrikulum wat uitkomsgebaseerd en gemeenskapsgerig is.

Die praktiese opleiding word in klein groepe van 12 studente aangebied. Die studente roteer vir twee weke by die Kalafong Akademiese Hospitaal en vir twee weke by praktyke in die Pretoria Ooginstituut. Sodoende word die mediese studente blootgestel aan eerste- en derdewêreld toestande en siektes.

Die volgende privaatpraktyke is by opleiding betrokke: **drr P N J Gous, H L E König, A Horak** en **J van Duyn; drr C Meyer** en **E G Sevenster**; **drr E Meyer, P J van Rensburg, W P Smith, P J van der Merwe** en **K I Bridgens**; asook **drr J Talma** en **T M Maritz**.

Navorsing het 'n hupstoot gekry met 'n samewerkingsooreenkoms met die Moorfields-Ooghospitaal en die Instituut vir Oftalmologie in Londen. 'n Navorsingsprojek is geloods om die effek van betabestraling op gloukoomchirurgie te bepaal.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Navorsingsprojekte oor die voorkoms van retinopatie van prematuriteit in swart premature babas by die Kalafong-Hospitaal word uitgevoer in samewerking met **prof S Delport** en haar span kliniese assistente van die Departement Pediatrie.

Lasernavorsing word ook in samewerking met **prof B Jean** van die laser navorsingsinstituut in Tubingen, Duitsland uitgevoer. **Mnr J van der Westhuizen**, 'n magisterstudent van die Departement Elektroniese Ingenieurswese, is besig met navorsing oor die effek van laser en lig in die behandeling van gloukoom, onder leiding van **prof P Cilliers** as sy promotor.

Buitelandse skakeling is deur uitruilprogramme vir kliniese assistente bewerkstellig en bevorder. So het meeste van ons nagraadse studente vir tydperke van ses maande uitgeruil met studente van die Universiteit van Gent in België en die Universiteit van Nottingham in Engeland.

Telegeneeskunde is 'n relatief nuwe ontwikkeling in dienslewering en opleiding in Suid-Afrika. In 1999 het die departement 'n samewerkingsooreenkoms met die Instituut vir Oftalmologie in Londen en Fight for Sight gesluit. Die ooreenkoms sluit in die verskaffing van telekommunikasie-apparaat; opleiding vir ses maande in die gebruik van die apparaat; die betaling van Telkomrekeninge vir drie jaar; en tweeweeklikse telekonferensies met subspesialiste van die Moorfields-Ooghospitaal in Londen (die grootste ooghospitaal in die Verenigde Koninkryk en 'n verwysingsentrum wêreldwyd). Hierdie is 'n fantastiese nuwe leergeleentheid vir ons nagraadse studente en gee hulle die geleentheid om kennis op te doen van leiers in die vakgebied.

Voltydse personeel: **Prof P Roux**, (April 1991-huidig) **drr M M Grim**, (Junie 1993-September 1996), **V van Tricht** (September 1997-huidig) en **M Davidovichi** (Januarie 1998-Desember 1998).

Sedert 1993 het 11 nagraadse studente afgestudeer terwyl 18 besoekende nagraadse studente aan die fakulteit studeer het.

Prof P Roux
DEPARTEMENTSHOOF

Oor-, Neus- en Keelheelkunde

Die tydperk 1993-2000 was in baie opsigte uitdagend vanweë politieke veranderinge, finansiële beperkings en personeelvermindering. Die departement se beleid was steeds om sover moontlik die standaarde van dienslewering, opleiding en navorsing te handhaaf en doelgerig uit te bou. 'n Toegewyde personeelkorps het verseker dat hierdie doelwitte bereik kon word.

Om standaarde in stand te hou is verskeie nasionale en internasionale kongresse deur doserende personeel en kliniese assistente bygewoon. Wetenskaplike bydraes en voordragte is so ver doenlik gelewer.

Prof A A H Mulder, kliniese hoof by Kalafong-Hospitaal, is getaak om na die departement se belange ten opsigte van die nuwe voorgraadse kurrikulum om te sien. Ter voorbereiding hiervan het hy gedurende Junie 1998 die somerkursus in probleemgerigte leer te Maastricht bygewoon en as blokvoorsitter opgetree.

Kundiges op verskeie terreine is as deeltydse personeellede betrek om te verseker dat pasiënte en studente altyd die beste beskikbare kennis en vaardighede tot hulle beskikking het. Privaat oor-, neus- en keelspesialiste het waardevolle bydraes tot die opleiding van voor- en nagraadse studente gelewer. Die departement was intensief betrokke in die aanbieding van kursusse, werksessies en lesings aan ander departemente, primêre gesondheidsorg-geneeshere en konsultante in die privaat praktyk. Buitelandse kundiges en eie personeel is hiervoor aangewend. Voorbeelde hiervan is die besoeke van **proff Thomas Lenarz** van Hannover, Duitsland en **Heinz Stammberger** van Graz, Oostenryk, tydens werksessies oor temporaalbeen- en endoskopiese sinuschirurgie.

Die departement het gedurende 1997 die reëlings vir nasionale kongres van die Oor-, Neus- en Keel-, Kop- en Nekvereniging onder voorsitterskap van **prof J G Swart** getref. **Prof Mulder** het gedien in die komitee vir die reëlings van die Suid-Afrikaanse Kop- en Nek-Onkologievereniging in 1997.

Konsultante van die departement tree gereeld op as eksterne eksaminatore in die voorgraadse kursusse van die universiteite van Witwatersrand, Medunsa en Bloemfontein. Hulle tree ook landwyd op as eksterne eksaminatore vir MMed(ORL) kandidate en die Kollege vir Geneeskunde van Suid-Afrika se eksamens. Die departement is nou betrokke by die nagraadse opleidingsprogramme van genoemde universiteite asook by 1 Militêre Hospitaal.

'n Positiewe verwikkeling is dat huisdokters nou gereeld tot die departement toegedeel is. Hulle lewer nie net 'n waardevolle diens nie maar word ook toegerus met noodsaaklike kennis in 'n vakrigting wat 'n groot deel van 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

huisarts se daaglikse pligte behels. Verskeie buitelandse studente het die departement besoek as deel van die verpligtinge vir hulle preseptorskap.


Prof J G Swart

Die departement is aktief betrokke by die opleiding en dienslewering van personeel te Tembisa-Hospitaal se ONK-afdeling. Dit verseker 'n bevredigende diens aan pasiënte van daardie geografiese gebied. Die departement is een van slegs drie akademiese sentra in Suid-Afrika wat by kogleêre inplantings betrokke is. Die Universiteit se kogleêre span staan onder leiding van **prof Swart** en die span het besonder bekwame personeellede, te wete **mee Esti Nel, Ronel Chester-Browne, Nellie Venter** en **Maggi Soer** as oudioloë, en **me Elna Schoeman** as kliniese sielkundige. **Me Sandy Cummings** was tot 1998 'n senior kliniese oudioloog in die span maar het intussen na die buiteland verhuis. **Dr E C M Burden** en **prof Mulder** is die ander chirurgiese lede van die span.

Daar is veral noue skakeling met die Departement Kommunikasiepatologie met betrekking tot kogleêre inplantings asook die voor- en nagraadse opleiding van studente. Noue bande word gehandhaaf met die Carel du Toit-Sentrum vir gehoorgestremdes en die Kankervereniging se aktiwiteite.

Elf kliniese assistente het gedurende die oorsigtydperk as spesialiste gekwalifiseer en die privaatpraktyk betree, naamlik **drr D A Bosman, R P Allden, C H van Rooy, J S Enslin, C S Meyer, E C M Burden, C Swanepoel, D A van Staden, C dos Santos, P J Viljoen** en **G M Moolman**. Drie kliniese assistente, naamlik **drr Bosman, Allden** en **Van Staden** het die MMed-graad met lof geslaag. Laasgenoemde is ook gedurende 1999 as die beste MMed-kandidaat in die Fakulteit Geneeskunde aangewys.

Verskeie navorsingsprojekte is onderneem en voltooi gedurende die oorsigtydperk, en die bevindinge is tydens kongresse voorgedra. Etlike publikasies het ook die lig gesien. **Dr G E Kuschke** het sy MD-proefskrif gedurende 2000 voltooi, getiteld *Assessment of the severity and extent of temporal bone trauma in head injury*.

Prof Swart is vanaf 1983 akademiese en departementshoof en **prof Mulder** is sedert April 1995 hoofspesialis en kliniese hoof by Kalafong-Hospitaal.

Ongelukkig het vier konsultante die departement verlaat: **dr Burden** het tot die privaatpraktyk toegetree, **drr P F Visser** en **Kuschke** het afgetree en **dr Bosman** het na die buiteland vertrek. **Proff Swart** en **Mulder** is tans die enigste voltydse konsultante en **drr L M Hofmeyr, J H L Kock, D J du Plessis, L Swart, PH Leuschner** en **J D Venter** die kliniese assistente.

Prof A A H Mulder
HOOFSPESIALIS

Ortopedie

Verskeie personeelveranderings het in die tydperk 1993-2000 voorgekom. **Prof N G J Maritz** het in 1995 die leisels van die departement by **prof R P Gräbe** oorgeneem, wat vir 16 jaar die departement tot groot hoogtes gelei het. **Prof K C Rankin** is in 1996 as kliniese hoof by die Kalafong-Hospitaal aangestel. Die volgende voltydse konsultante is nou by die departement betrokke: hoof spesialis/professor: **prof Maritz**, eerste spesialis/senior lektor: **prof B G P Lindeque**, senior spesialis/senior lektore: **prof Gräbe, dr D Potgieter** en, spesialis/lektore: **drr G J E de Beer** en **P J Oosthuizen**. Ortopediese departement, Kalafong Hospitaal: hoof spesialis/professor: **prof K C Rankin**, eerste spesialis/senior lektor: **dr D Koekemoer**, spesialis/lektore: **drr H J S Colyn** en **G G A Cappaert**. Witbank satelliet departement: spesialis/lektor: **dr M F Mukenge**. 1 Militêre Departement Ortopedies: spesialis/lektore: **drr T L B le Roux, S I Jaffe, M J van Wyk** en **H E Senske**.

In dié tydperk is 'n nuwe kurrikulum vir voorgraadse studente ontwerp, onder die hoof van Bewegingsapparaat. Dit is die eerste keer aangebied in 2000. Dit is dan ook die eerste keer dat Ortopedie as 'n aparte vakrigting gedoseer en geëksamineer word - dus nie meer saam met Chirurgie nie. Daar het in dié tyd 35 MMed-studente in Ortopedie hulle kursus suksesvol voltooi. Die departement het 28 publikasies en een patent gelewer, asook 39 internasionale en 141 nasionale voordragte.

Ander besondere prestasies is dat **prof Lindeque** en **dr E L Burger** gekies is as ABC Genote – 'n besondere reistoekenning van die internasionale ortopediese gemeenskap. **Prof Gräbe** is genooi om die volgende gedenklesings te gee: die F P Fouché-gedenklesing (1994); die Jimmy Craig-gedenklesing (1995); en die Ken Johnston-gedenklesing (1998).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof R P Gräbe

Prof N G J Maritz

Twee keer gedurende hierdie tydperk het van die kliniese assistente die prys ontvang vir die beste voordrag by die jaarlikse kongres van die Suid-Afrikaanse Ortopediese Vereniging, naamlik **dr J C Gräbe** (1993) en **dr A M E N Froeling** (1999). Reisbeurse is aan **prof Maritz** (1994) en aan **drr Gräbe** en **Colyn** (1999) toegeken.

Op die gebied van voortgesette navorsing het departementslede met die ontwikkeling van oplosbare beenfiksasie-penne voortgegaan. Hierdie navorsing het gelei tot die registrasie van 'n patent in die Verenigde Koninkryk. Navorsing oor die gamma-bestraling van asetabulêre bakkies van hoë digtheid poliëtileen by gewrigsvervangings is 'n besonder opwindende veld.

Verder beskik die departement oor 'n Beentumor-register en die enigste weefselbank in die land, onder leiding van **prof Lindeque**.

Gedurende 1997 het **prof Maritz** 'n uitgebreide reis in Suider-Afrika onderneem, en die groot hospitale en opleidingsentrums in die SADC lande besoek. Dit het uitgeloop op 'n ontmoeting tussen die SA Ortopediese Vereniging, die Kollege vir Geneeskunde in SA en verteenwoordigers van die SADC lande in Maputo gedurende Desember 2000. Die hoofdoel van hierdie ontmoeting was om te bepaal waar en hoe Suid-Afrika by opleiding en eksaminering in Suider-Afrika betrokke kan wees.

Nog 'n ontwikkeling was die satellietdepartement by Witbank. Een spesialis is reeds daar werksaam en twee kliniese assistente asook drie mediese beamptes. Die departement het ook 'n weeklikse uitreikaksie na Tembisa-Hospitaal begin, en besoeke aan 'n skool vir gestremde kinders naby Lichtenburg is voortgesit.

'n Besondere hoogtepunt was die viering van die vyftigjarige bestaan van die Ortopediese Hospitaal in 1997, toe alle oudstudente en lektore na 'n dinee uitgenooi is.

Prof N G J Maritz
DEPARTEMENTSHOOF

Psigiatrie

Gedurende 1993-2000 het transformasie en ontwikkeling op terreine soos voor- en nagraadse opleiding, navorsing, kliniese dienste, personeelbekwaamhede en personeelsamestelling plaasgevind. Ook die wyse waarop die departement bestuur word, het kwaliteite ontwikkel soos deelnemende bestuur, deursigtigheid, waardering vir verskeidenheid, asook etiese en professionele verantwoordbaarheid. Die vernaamste oogmerk van die transformasie was om opleiding, navorsing, kliniese dienste en departementele bestuur verbeter.

Baanbrekerswerk is gedoen in die ontwikkeling van die nuwe voorgraadse mediese kurrikulum. Die departement se insette in die ontwerp en uitvoering van die kurrikulum betrek al ses MBChB-studiejare. Die hoogtepunt van die nuwe kurrikulêre werk sal bereik word wanneer vyfdejaar MBChB-studente volgens die nuwe kurrikulum in Januarie en Februarie 2001 sewe weke van opleiding in kliniese psigiatrie vir huisartse ondergaan. Die nuwe wyse van opleiding is ontwerp om student-gesentreerd te wees en daarby is duidelike en spesifieke opleidingsuitkomste op gegradeerde wyse gedefinieer. Hierdie opleiding vind verder beslag in die praktiese rotasies by psigiatriese hospitale wat vier weke in die vyfde studiejaar en agt weke in die sesde studiejaar duur. Studente roteer nou ook by die privaat psigiatriese hospitale. Verder word die onderrigmetodes van die nuwe mediese kurrikulum ook in die voorgraadse psigiatrie-opleiding van die arbeids- en fisioterapie studente aangewend.

Nagraadse opleiding aan dokters wat in psigiatrie spesialiseer (naamlik die vierjarige MMed(Psych)-program vir kliniese assistente) is op verskeie terreine ontwikkel deur opleidingsessies in die weeklikse skedule by te voeg. So is daar tans psigiatries-spesifieke opleiding in navorsingsmetodologie wat as vereiste moet uitloop op 'n publiseerbare kliniese navorsingsprojek. Verder is daar forensies-psigiatriese evaluasies wat die dokters nou gereeld moet aanbied. Geskeduleerde tutoriale is ingestel vir kandidate wat hulle finale eksamen doen. Die opleiding in psigoterapie is geformaliseer met die daarstel van 'n Diensinstelling vir Opleiding in Geneeskundige Psigoterapie en 'n vereiste weeklikse supervisie-sessie in psigoterapie. Die privaat sektor is in die nagraadse

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

opleiding betrek ten einde kliniese assistente blootstelling aan die privaat psigiatriese hospitale se fasiliteite en pasiënte te gee.

Studieleiding aan doktorale studente betrek onderwerpe soos puerperale psigose, intrasellulêre bloedplaatjie kalsiumkonsentrasie in pasiënte met bipolêre versteuring, die effek van noretisteroon op postpartum depressie, die bloedplaatjie as perifere merker van die reseptorgereguleerde kalsium tweede-boodskapper respons in psigiatriese siektes, depressiewe versteurings in kinders, geestesgesondheidsdienste in Afrika, 'n kriminologiese ontleding van manlike observasiegevalle, 'n assessering van die bestuur van Mpumalanga-pasiënte wat vir psigiatriese sorg verwys word, depressiewe versteurings in adolessente soos wat dit in 'n huisarts se praktyk presenteer en die kontinuïteit van sorg aan die ontslaande skisofrenie-pasiënt in 'n land in oorgang.


Prof W Bodemer

Navorsing het die volgende ingesluit: verskeie multi-sentrum internasionale vergelykende geneesmiddelstudies in die behandeling van skisofrenie, bipolêre versteuring, Alzheimer se siekte, en vaskulêre demensie. In samewerking met die Rockefeller-Instituut (VSA), is daar oor die afgelope drie jaar 'n omvangryke studie oor die genetika van skisofrenie onder die relatief geneties-homogene Afrikaner bevolkingsgroep aan die gang. Ander belangrike navorsing was 'n empiriese en teoretiese studie van linguistiese uitdrukkings van ervarings gedurende genesing; psigometrie en elektrofisiologiese korrelate van dissosiatiewe simptome; persoonlikheidsprofiele van beroepsgholfspelers; voorkomssyfer van seisoenale gemoedsversteurings; geboorteseisoene van pasiënte met skisofrenie en bipolêre versteuring; en die voorkomssyfer van MIV in psigiatriese pasiënte.


Prof J L Roos

Die departement het met verskeie nasionale en internasionale vakverwante instansies geskakel. Departementslede het as eksterne eksaminatore vir voor- en nagraadse kursusse by Medunsa, die universiteite van die Witwatersrand, die Vrystaat, Transkei en Kaapstad opgetree. Eksaminering is ook vir die Suid-Afrikaanse Kollege van Geneeskunde gedoen. Verskeie besoeke is aan universiteite regoor die wêreld gebring om onder meer voor- en nagraadse opleiding te bestudeer sodat die plaaslike kurrikula daardeur verryk kon word. Verskeie buitelandse besoekers is hier ontvang, waaronder die president van die Royal College of Psychiatrists, **prof John Cox.**

Kliniese opleiding en dienste is uitgebrei deur die nuwe Witbankkampus te bedien, uit te reik na Tembisa-Hospitaal en personeel aan te stel met die spesifieke taak van psigiatriese gemeenskapsdienste. Daarby is 'n geformaliseerde diens in geneeskundige psigoterapie op die been gebring (binne bogenoemde Diensinstelling vir Opleiding in Geneeskundige Psigoterapie).

Personeelbekwaamhede het ontwikkel deur deelname aan nasionale en internasionale kongresse en kursusse by wyse van aanbiedings, voorsitterskappe en bywoning. Twee psigiaters wat aan die Universiteit hulle opleiding gedoen het, het van die Verenigde Koninkryk teruggekeer om by die departement aan te sluit. Kort daarna het hulle doktorsgrade in geneeskunde (MD) aan die Universiteit van Warwick (Engeland) voltooi. Dit het meegebring dat daar op 'n stadium vyf psigiaters met die MD-graad in die departement was. Twee sielkundiges in die departement het doktorale grade in die oorsigtydperk behaal, waarvan een steeds in die departement dien.

Sedert Januarie 2000 staan die departement onder leiding van **prof J L Roos**. Hy het as departementshoof waargeneem sedert die aftrede van **prof W Bodemer** aan die einde van 1999. Ook **prof A L Coetzee** en **dr A Loen** het gedurende 2000 afgetree. Al drie het meer as 25 jaar in die departement gedien. Die psigiaters in die departement is tans **drr M Böhmer, P H de Wet, R du Preez, P M Joubert, C Krüger, M L Page**, **prof H W Pretorius**, **drr D van der Westhuizen** en **C W van Staden**. Die kliniese sielkundiges is tans **mnre W C Griffiths** en **G Labuschange**, **me K S Michael**, **mnr G Pretorius**, **dr J H Scholtz** en **me M Semenya**.

Dr C W van Staden
SENIOR LEKTOR

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Radiografiese Wetenskappe

Die tydperk 1993-2000 was vir die afdelings Radiografie, Radioterapie en Kerngeneeskunde een van deurlopende groei en ontwikkeling. Die hoogtepunt daarvan was die bereiking van 'n lang-gekoesterde ideaal, naamlik die totstandkoming van 'n volwaardige departement vir hierdie dissiplines wat tradisioneel deel was van die departemente Radiologie, Stralings- en Kerngeneeskunde.

Me G A Hugo

Die nuwe departement is in 1998 deur die Departement van Nasionale Opvoeding goedgekeur. In 1999 is **me G A Hugo** as waarnemende en in die volgende jaar as die eerste departementshoof aangestel. Die struktuur van die departement pas goed in by die voorgestelde nuwe skolestruktuur vir die te stigte Fakulteit Gesondheidswetenskappe.

Verandering in wetgewing is gepromulgeer wat aan diagnostiese radiograwe die reg verleen om 'n privaatpraktyk te beoefen. Die reg om patroonherkenning te doen is ook aan radiograwe toegeken en op nasionale vlak is ingrypende verandering aan gesondheidswetgewing aangebring. Die nuwe wetgewing hou verreikende veranderinge vir die opleidingspatroon van die departement in. Leerplanne is herontwerp om hierdie wysigings in werking te stel.

'n Omvattende herontwerp van die voorgraadse kurrikulum is aan die einde van 1996 geïnisieer om die kursus nasionaal en internasionaal relevant te hou. Die nuwe voorgraadse kurrikulum het in 1997 in werking getree. Ingevolge die nuwe kurrikulum kan studente nou ook 'n eerste kwalifikasie in die rigting Stralingsterapie en ook in Kergeneeskunde behaal. 'n Modulêre stelsel is ingestel.

Op nasionale vlak is die kundigheid van die doserende personeel ingespan by die samestelling van dokumentasie vir die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO). Hulle was saam met die technikons en Medunsa nou betrokke by die navorsing en formulering van uitkomste wat 'n hoogtepunt bereik het in die samestelling van die SAKO-dokumentasie. Kursusse van die departement is by SAKO geregistreer.

Die Universiteit is die enigste in die land wat 'n honneursgraad in radiografie aanbied. Honneursgrade kan in diagnostiek, kerngeneeskunde en stralingsterapie behaal word.

Die ontwerp van die nagraadse kursusse is tans aan die gang en sal aan nagraadse studente die nodige vakverdieping gee. Terselfdertyd is die beginsel van buigsame leer moontlik gemaak.

Voor- en nagraadse opleiding in die departement het voortgegaan. Op voorgraadse vlak het die studentetal konstant gebly vanweë die feit dat die meeste van die studente in poste geplaas word en 'n salaris of beurs ontvang. Die departement het 'n slaagsyfer van 99,6% in die finale studiejaar gehandhaaf. Geen student het in die oorsigtydperk 'n hoofvak gedruip waarvoor die departement verantwoordelik is nie.

Die Afdeling Radioterapie is die enigste opleidingsentrum in Pretoria vir terapeutiese radiograwe. In 1999 is die eerste tweedejaarstudent in die rigting ingeneem en het einde 2000 gekwalifiseer. Die kursus in radioterapie word ook steeds vir gekwalifiseerde (nagraadse) radiograwe aangebied. Gedurende die oorsigtydperk het 41 studente die BRad(Hons)-graad in stralingsterapie en nege studente die BRad(Hons)-graad in Kerngeneeskunde behaal, 193 studente die BRad-graad en 16 die BRad(Hons)-graad in Diagnostiek. In 1996 is die eerste MRad-graad in die rigting Diagnostiek behaal deur **me M Venter** van die departement. 'n MRad(Stralingsterapie) is ook toegeken. Tans is twee studente vir die rigting MRad(Diagnostiek) ingeskryf.

Personeellede was nou betrokke by die indiensopleiding van ongekwalifiseerde persone in die Noordelike Provinsie en Mpumalanga om hulle vir die eksamen van die Suid-Afrikaanse Raad vir Gesondheidsberoepe voor te berei. Tot dusver kon 60 supplementêre radiograwe hiervolgens registreer.

Die departementshoof het 'n groot bydrae gelewer tot die omvattende beplanning en aankoop van apparaat vir die Witbank-Hospitaal. Dié hospitaal ontwikkel tans in 'n sekondêre en tersiêre hospitaal. In ooreenstemming met hierdie ontwikkeling het die Radiografie-afdeling in die afgelope 36 maande tot 'n sekondêre en tersiêre afdeling gegroei. Dit bied uitstekende geleenthede vir die opleiding van studente.

Die Witbank-, Kalafong- en Jubilee-Hospitaal is geakkrediteer vir die opleiding van diagnostiese studente. Dit stel die studente in staat om in alle fasette van die vakgebied blootstelling te verkry. Daar word tans ondersoek ingestel na die moontlikheid dat studente kliniese ervaring in die privaat sektor kan opdoen. Ongelukkig is sekere modaliteite soos magnetiese resonansiebeelding net in die privaat sektor beskikbaar.

Voor- en nagraadse studente neem elke tweede jaar deel aan 'n studenteseminaar waarby Medunsa, die Technikon Pretoria en Technikon Witwatersrand ook betrokke is. Hulle beeld die navorsingswerk wat hulle op voor- en nagraadse vlak doen op plakkate uit en lewer lesings oor relevante onderwerpe. Die moontlikheid word tans

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ondersoek om op kontrakbasis gehalteversekering by die Prime Cure-klinieke te lewer. Dit word verder in die vooruitsig gestel om geneeshere wat aan die klinieke verbonde is, in die beginsels van radiografie te onderlê.

Die departementshoof tree op as eksterne eksaminator vir drie van die ses instansies wat radiograwe oplei. Sy is ook eksterne eksaminator vir die Universiteit van Namibië. Aan die einde van die oorsigtydperk het die personeelkomponent uit sewe doserende personeellede bestaan: **mee Venter, Y van Eeden L Genis** en **E Ahrens** is verbonde aan diagnostiese opleiding en **mee C Louw** en **A Muller** aan stralingsterapie. Al hierdie personeellede het gesamentlike aanstellings tussen die Universiteit en die Provinsiale Administrasie van Gauteng.

Me G A Hugo
DEPARTEMENTSHOOF

Radiologie


Prof S F Prinsloo

Sedert 1993 het die departement gebuk gegaan onder die ekonomiese werklikheid van verminderde fondse wat 'n erg negatiewe uitwerking gehad het op wat 'n tegnologies gevorderde departement moes gewees het. Juis dit was die rede dat die departement besluit het om op opleiding, maar ook op dienslewering, te konsentreer.

In 1995 is die grootste Radiologie-kongres in jare in Suid-Afrika deur die departement onder leiding van **prof S F Prinsloo** met die hulp van privaat borgskappe by die WNNR gehou, met as tema: "Imaging into the nineties". Meer as 400 mense het vier dae lank na uitstaande voordragte van gesaghebbende wêreldbekende deskundiges geluister – kundiges onder meer van Harvard, San Francisco en Long Island. 'n Groot uitstalling deur x-straal firmas het verdere luister aan die geleentheid verleen.

In Februarie 2000 is 'n soortgelyke kongres onder voorsitterskap van **Dr J L Höll** weer eens met tot 350 kongresgangers by die WNNR gehou. Deel daarvan was 'n reuse uitstalling asook wêreldbekende oorsese sprekers rondom die tema: "Imaging in the new millennium". Kundiges van London, Liverpool, San Francisco en Salt Lake City was sprekers en 'n werkswinkel is ook by Pretoria Urologie-hospitaal gehou.

Die departement se bande met en verhouding tot buitelandse instellings soos die universiteite van Kalifornië, Harvard, Salt Lake City, Liverpool en Guys in Londen is verder verstewig.

Op opleidingsgebied is uitstekende resultate behaal en in 2000 het nege spesialiste die MMed- en Kollege van Geneeskunde-eksamens met welslae afgelê. Die eerste MMed-onderskeiding in bykans 20 jaar is behaal en die Kollege (wat meeste van die ander universiteite verteenwoordig) het die uitslae van studente van die departement as bo gemiddeld beskou ('n 100% nagraadse slaagsyfer die afgelope 36 maande!).

Die x-straal-museum is verder uitgebou en deur middel van telegeneeskunde kontak is hierdie een van die sleuteldepartemente waarop die nasionale Departement van Gesondheid sy netwerk vir telegeneeskunde/tele-opleiding wil bou.

Tans het die departement 22 kliniese assistentposte waarvan 18 gevul is en tien konsultantposte waarvan sewe ongelukkig vakant is.

Prof S F Prinsloo
DEPARTEMENTSHOOF

Skool vir Gesondheidstelsels en Publieke Gesondheid (SGSPG)

Publieke Gesondheid is 'n konsep wat dikwels verkeerd verstaan word. Om daardie rede, en omdat die SGSPG 'n nuwe onderneming van die Universiteit is, word daar in hierdie gedeelte eers 'n definisie van Publieke Gesondheid aangebied: "Public Health is one of the efforts organised by society to protect, promote, and restore the people's health. It is the combination of sciences, skills, and beliefs that is directed to the maintenance and improvement of health of all the people through collective or social actions. The programs, services, and institutions involved emphasize the prevention of disease and the health needs of the population as a whole.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Public Health activities change with changing technology and social values, but the goals remain the same: to reduce the amount of disease, premature death, and disease-produced discomfort and disability in the population. Public Health is thus a social institution, a discipline, and a practice" (**Last, J M**, *A Dictionary of Epidemiology, 3rd ed.*, 1995).

In teenstelling met die Departement Gemeenskapsgesondheid en ander tradisionele akademiese departemente, word die SGSPG op grond van die uitkoms en doelwitte van sy aktiwiteite omskryf en nie op grond van sy dissiplinêre basis nie. Om as 'n akademiese instansie 'n bydrae tot gesondheid te lewer vereis heelwat meer vaardighede en kundigheid as wat normaalweg in mediese skole aangetref word. Daarom is die SGSPG per definisie 'n multidissiplinêre poging om optimale gebruik te maak van die kundigheid wat oral binne die Universiteit beskikbaar is ten einde gesondheid te skep en terug te bring. Aangesien "gesondheid" – benewens "vooruitgang" en "individuele ontwikkeling" – een van die belangrikste doelstellings van samelewings en individue is, was die Universiteit se besluit om die SGSPG op die been te bring 'n groot stap om Suid-Afrika en Afrika ten goede te help verander.

Die besluit om die SGSPG in te stel is in 1997 geneem, en het formeel beslag gekry met die aanstelling van **prof Carel IJsselmuiden** as direkteur van die skool in April 1999, die aanstelling van verskeie ondersteuningspersoneellede, asook van **prof Eric Buch** as professor in Gesondheidsbeleid en -bestuur in Januarie 2000. Die aanstelling van **prof Buch** het gedui op 'n ander innovasie ten opsigte van die denke binne die skool, aangesien hy gesamentlike deur die SGSPG en die Skool vir Openbare Bestuur en Administrasie aangestel is. Dus is die oortuiging weerspieël dat onderwys, navorsing en ander samewerking oor dissiplinêre grense hierdeur aangemoedig sou word.

Die SGSPG streef daarna om 'n leidende skool vir publieke gesondheid in Afrika te word, en fokus op vyf verskillende uitkomste in gesondheid: *onderwys*, spesifiek op nagraadse vlak; *navorsing*; die *ontwikkeling* van gesondheidsdienste; *konsultasie* en *bepleiting*. Onderliggend aan die skool se aktiwiteite is die oortuiging dat die bereiking van gelykheid in gesondheidstatus die enkele belangrikste publieke gesondheidsdoelwit is, en dat die bereiking van gelyke toegang tot gesondheidsorg die belangrikste middel is waardeur hierdie doel bereik kan word.

Die onderwysprogram van die skool is ver gevorderd met betrekking tot onderwysbenadering; modularisasie; integrasie met ander verwante pogings deur die Universiteit, spesifiek met die Sosiologie, Demografie, Omgewingswetenskappe, Pediatrie, die Sentrum vir Menseregte, die Skool vir Inligtingswetenskappe en Openbare Bestuur en Administrasie; asook ten opsigte van telematiese leer- en onderrigmodusse. Studente aan die SGSPG kom vanuit 'n wye verskeidenheid professionele agtergronde, maar hulle vertoon almal 'n gemeenskaplike kenmerk, naamlik dat hulle werk 'n impak op gesondheid en die gesondheidsorgstelsel het. Die studentekorps bestaan tans uit ongeveer 120 studente op nagraadse vlak, van wie 40% internasionale studente is, 50% vroulik en meer as 80% swart. Die onderrigtaal is om klaarblyklike redes Engels.

Die omskakeling van die departement na 'n skool het ruim geleentheid vir navorsing en diensontwikkelingswerk geskep, en die skool beskik nou oor 'n uitgebreide multidissiplinêre span wat vir sulke werk genader kan word. Personeel in die SGSPG was gevolglik hoogs suksesvol in die verkryging van navorsings-, konsultasie- en ontwikkelingskontrakte. Die betrokke gebiede sluit in die bestuur van gesondheidstelsels en verandering, die transformasie van gesondheidsorg in die private sektor, navorsing oor gestremdheid en rehabilitasie, gevorderde opleiding in bio-etiek, en omgewingsgesondheid.

Die Departement Gemeenskapsgesondheid was van 1993-2000 sowel 'n kliniese as 'n rekeningkundige entiteit, maar 'n omvattende herstrukturering van die departement se funksies in die skool word vir die volgende vyf jaar in die vooruitsig gestel. Die fokus gaan verander na die koppelvlak tussen kliniese kundigheid en publieke gesondheid, en sal beroepsgeneeskunde, aansteeklike siektes, omgewingsgeneeskunde, sosiale en voorkomende geneeskunde insluit. Sedert **prof IJsselmuiden** se verskuiwing na die SGSPG is die pos van hoofspesialis in gemeenskapsgesondheid nie gevul nie, aangesien die Gautengse Provinsiale Administrasie nie befondsing daarvoor beskikbaar gestel het nie. Hierdie situasie het dus gelei tot 'n vertraging in die implementering van die nuwe visie van die departement.

Ter stimulering van die ontwikkeling van onderwys en navorsing na publieke gesondheid het die Universiteit twee hoofbesluite ten opsigte van die SGSPG goedgekeur: eerstens, om die aanstelling van meer personeel in sleutelareas toe te laat en tweedens, om die SGSPG van die gehuurde akkommodasie in die Mediese Navorsingsraad (MNR) se gebou naby die mediese kampus, na die perseel van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) te verskuif. Die uitbreiding van die skool se personeelkorps sal tot 'n wesenlike toename in aktiwiteite oor die volgende verslagtydperk lei. Die verskuiwing na die WNNR sal verder die skool se samewerking met die personeel op die Universiteit se hoofkampus verhoog, weens hulle geografiese

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

nabyheid, en die relevante personeel by die WNNR met wie gesamentlike aanstellings en gesamentlike werk reeds geïnisieer is.

Die huidige personeelkorps van die skool weerspieël die klem wat op multidissiplinêre interaksie en diversiteit geplaas word. Benewens die personeellede wat hierbo gemeld is, is daar **dr Busi Radebe**, senior dosent en akademiese programkoördineerder; **Chantelle Maritz**, onderwysprogrambestuurder; **Suzaan le Roux**, projekbestuurder; **Gillian Anderson**, fisioterapeut en senior dosent (WKKF kindergestremdheid projek); **Anett van der Merwe**, buitengewone professor in gesondheidsbestuur; **Brendan Girdler-Brown**, buitengewone senior dosent (tropiese medisyne en projekbestuur); **Fiona Robinson**, buitengewone senior dosent (beroepsgesondheid); **Nicholas Crisp**, buitengewone (mede-)dosent (veeartsenykundige publieke gesondheid, diere en ontwikkeling); **Annemiek van Middelkoop**, buitengewone senior dosent (biostatistiek); **Margareth Westaway**, buitengewone (mede-)professor (meting van lewensgehalte); **Colin Soskolne** (Universiteit van Alberta, Kanada) besoekende professor in omgewingsgesondheid; **Margo Schwab** (Johns Hopkins-Universiteit, Baltimore, VSA) besoekende (mede-)professor, omgewingsrisikowetenskappe; 'n hele paar ander personeellede wat vir 'n verskeidenheid take ingekontrakteer is en **Martha Mfuna** as sekretaresse.

Die skool het stewige bande met verskeie plaaslike en internasionale instansies gesmee met die oog daarop om sy doelwitte te bevorder. Samewerking bestaan veral met die volgende instansies: die Universiteit van North Carolina, VSA, se skool van publieke gesondheid (monitering en evaluering van gesondheidstelsels); die Erasmus-Universiteit, Rotterdam, Nederland (epidemiologie); die Johns Hopkins-Universiteit se skool van higiëne en publieke gesondheid, VSA (omgewingsgesondheid); die Universiteit van California by Berkeley (omgewingsepidemiologie); die Universiteit van Natal (Skool vir Psigologie), en die mediese fakulteite van die Makerere-Universiteit en die Universiteit van Malawi (vir die ontwikkeling van opleiding op die terrein van die bio-etiek).

Personeellede van die skool dien in verskeie nasionale komitees, insluitende die ministeriële komitees oor Essensiële Nasionale Gesondheidsnavorsing en die Tussentydse Nasionale Etiekkomitee. Wanneer die personeelkorps verder uitgebrei word, sal hierdie verteenwoordiging in nasionale komitees oor die volgende aantal jare toeneem. Aangesien die SGSPG 'n nuwe onderneming is, raadpleeg asseblief ook die gedeelte oor die Departement Gemeenskapsgesondheid vir meer inligting oor publieke gesondheid. Vir die jongste inligting, raadpleeg: http://shsph.up.ac.za.

Prof C B IJsselmuiden
DIREKTEUR

Stralingsonkologie


Prof A S Alberts


Prof D Friediger

Vanaf 1993 het die departement voortgegaan met dienslewering aan gemiddeld 2 200 nuwe kankerpasiënte per jaar - afkomstig vanaf streeksgebiede asook Mpumalanga en Noordelike Provinsie en is dus 'n essensiële diens aan 'n baie groot toevoergebied. Ten spyte van moeilike finansiële omstandighede is gehalte diens deur toegewyde personeel gelewer, wat alle aspekte van die kankerprobleem in die individu aangespreek het om sodoende 'n holistiese benadering tot die behandeling daarvan te bewerkstellig.

As gevolg van hierdie uitstaande gehalte in diens is die departement dan ook beloon met die Diensvoortreflikheidsprys van die Pretoria Akademiese Hospitaal vir 1999, en vir die Khanyisa-prys vir dienslewering aan die provinsie benoem.

Met die bedanking van **prof A S Alberts** as departementshoof in 1994 het **dr D Friediger** as waarnemende hoof opgetree totdat **prof J S Nel** as die nuwe hoof gedurende 1996 aangestel is. Laasgenoemde het die posisie beklee tot Mei 1999, waarna hy 'n pos aanvaar het in die privaat praktyk. Sedert 1 Junie 1999 het **dr H Westerink** (kliniese hoof) en **prof A J van Rensburg** (administratiewe hoof en direkteur van Mediese Fisika) gesamentlik die departement bedryf. Vir die huidige is die samestelling van die personeelkomponent as volg: *medies* - drie spesialiste, drie mediese beamptes en twee kliniese assistente; *verpleegkunde* - ses geregistreerde verpleegkundiges, een ingeskrewe verpleegkundige (senior) en twee senior hulpverpleegkundiges; *radiograwe* -

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof H Westerink



Prof A J van Rensburg

een beheer-radiograaf, 14 terapeutiese radiograwe; *administratief* - een hoof provinsiale administratiewe klerk, een senior administratiewe klerk, een senior tikster; en mediese fisika - twee voltydse fisici.

Ongelukkig het 'n drastiese vermindering in personeel plaasgevind in die afgelope twee jaar - veral onder die radiograwe en mediese fisici. Op die huidige stadium is die personeel van radiografie verminder tot die helfte van die beskikbare poste. Hierdie toedrag van sake lei vanselfsprekend tot 'n baie hoër individuele werkslading.

Wat toerusting aanbetref, is aan die einde van 2000 'n nuwe 3-dimensionele rekenaar geïnstalleer by die Beplanningsafdeling, wat konformele terapie in die toekoms 'n moontlikheid sal maak. Ongelukkig is daar geen ander nuwe aanwinste wat nodige toerusting betref nie. Vir behandelingsdoeleindes beskik die departement oor twee liniêre versnellers, twee kobalteenhede en twee kilovolt apparate. Vir beplanningsdoeleindes is 'n rekenaar tomogram skandeerder ingerig vir radioterapie.

Op akademiese terrein is hoë standaarde steeds gehandhaaf. Die prys vir die tweede beste algehele artikel in die Fakulteit Geneeskunde vir die jaar 1999 is oorhandig aan **prof A J van Rensburg** (**Van Rensburg A J, Alberts AS** et. Al: *Quantifying the radiation dosage to individual skeletal lesions treated with 153-Sm-EDTMP, J Nucl Med.* 39 [12]: 2110-2115, 1998). Drie studenteradiograwe het in 2000 hulle honneurseksamens vir Terapeutiese Radiografie geslaag. Verder het **dr Kobie Pio** in haar eindeksamen in Stralingsonkologie geslaag en sal as spesialis aangestel word.

Vanaf 2000 is daar uitgebrei op die Stralingsonkologie (MMed) kursus deurdat Radiobiologie ook as 'n vak ingesluit is, en deur 'n erkende radiobioloog aangebied word. Goeie samewerking op die akademiese front bestaan tussen die privaat sektor (Astrid-Kliniek) en die departement waarop voortgebou sal word in 2000.

Dr H Westerink
WAARNEMENDE HOOF

Urologie

Prof D J du Plessis was tot Augustus 1995 die departementshoof, toe hy as dekaan van die Fakulteit Geneeskunde aangestel is. **Prof S Reif** het hom as departementshoof opgevolg. Laasgenoemde was voorheen hoof van die Departement Urologie by Medunsa en later kliniese hoof van die Departement Urologie by Kalafong-Hospitaal.

Die departement is betrokke by die voor- en nagraadse opleiding van studente in urologie en reproduktiewe biologie. Hierbenewens is die departement betrokke by navorsing en dienslewering. Vanweë ingekorte perifere urologiedienste is daar 'n besonder groot pasiëntelading.

Op voorgraadse vlak behels die betrokkenheid lesings en praktika vir die MBChB studente vanaf die eerste tot die finalejaar van die leerplan. Na die implementering van die nuwe voorgraadse kurrikulum in 1997 is daar tans 'n vroeër en breër blootstelling aan urologie en wel vanuit 'n probleemgerigte benadering. Vierdejaarstudente het ook die geleentheid om 'n elektiewe tydperk van 'n maand in die departement te doen. **Dr E L Kok** tree op as voog vir die voorgraadse studente en neem verantwoordelikheid vir die reëling van lesings, praktika en evaluering.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Op nagraadse vlak is daar vyf poste vir kliniese assistente beskikbaar, wat in hierdie tydperk almal gevul was. Die volgende persone het die MMed(Urologie)-graad in die oorsigtydperk verwerf: **drr A E Strasheim** (1993), **D de Bruin** (1995), **G E Pieterson** (1996), **H E A Förtsch** (1997), **J Strydom** (1997), **J A W Becker** (1998), **G F Duvenage** (1999) en **W U Pakendorf** (2000).


Prof S Reif

Onder leiding van **prof M S Bornman**, hoof van die Andrologie-eenheid, is daar die geleentheid vir studente om navorsing te doen in die veld van manlike reproduktiewe biologie en die volgende persone het nagraadse kwalifikasies in reproduktiewe biologie behaal: **dr C F Hadders** (BSc(Hons)), **mee M H Fourie** (MSc), **N Anneck Hahn** (MTech), **drr D du Toit** (PhD), **C de Jager** (PhD), **M H Fourie** (PhD) en **T Binedell** (BSc (Hons)).

Sedert die totstandkoming van die Andrologie-eenheid onder leiding van **prof Bornman** was die infertiele man die fokus van navorsings- en diensleweringsaktiwiteit. Metodes van die Wêreldgesondheidsorganisasie is in die semen-analise laboratorium gebruik. Hierdie strewe na internasionaal aanvaarde standaarde is in 1995 en 1996 bevestig deur die opleiding van personeel aan die Rijks Universiteit in Gent (België) en tydens die Basiese Semen-analise Werksessie wat deur die Europese Vereniging vir Menslike Reproduksie en Embriologie (ESHRE) aangebied is.

Sedert 1997, toe die eerste werksessie in Afrika aangebied is, bied die Andrologie-eenheid die basiese semen-analise werksessies onder beskerming van ESHRE op 'n gereëlde grondslag aan. Kwaliteitsbeheer word verseker deurdat ESHRE-verteenwoordigers periodiek aan die aanbieding van die werksessies deelneem en alle tegnoloë in die semen-analise laboratorium het reeds die kursus suksesvol voltooi. Die hoë standaarde wat in die laboratorium gehandhaaf word, is in 1999 bekroon met 'n amptelike uitnodiging deur ESHRE aan Andrologie om as internasionale verwysingslaboratorium op te tree en aan die internasionale kwaliteitsbeheer-sisteem deel te neem.

Die Andrologie-eenheid is ook aktief betrokke by internasionaal erkende navorsing en werk dikwels saam met ander nasionale en internasionale instansies. Sedert 1995 het die navorsingsfokus verskuif na reproduktiewe toksikologie, waarin **dr Tiaan de Jager** aan Surrey Universiteit in die Verenigde Koninkryk gekwalifiseer het. Navorsing op hierdie gebied sentreer op die invloed van endokriene ontwrigters op manlike fertiliteit, na aanleiding van wêreldwye kommer oor aanduidings dat manlike reproduktiewe gesondheid aan die versleg is. Die eerste industriële produk waarop gefokus is, was nonielfenol, 'n estrogeen-nabootser. Nonielfenol is 'n surfaktant en plastiseerder wat drinkwater en kos besoedel. Verskeie navorsingsprojekte in die Andrologie-eenheid toon dat dit 'n beduidend negatiewe uitwerking op manlike fertiliteit het. Ander endokriene ontwrigters wat tans bestudeer word, is DDT en deltametrien. Beide is insekdoders wat tans op groot skaal in Suid-Afrika benut word. Siftingstoetse om estrogeniese aktiwiteit in drinkwater en ander verbruikersprodukte op te spoor is in die eenheid gevestig en sal van sentrale belang wees in uitreikaksies na agtergeblewe gemeenskappe.

Ander navorsingstemas in Andrologie/Urologie is onder meer vry-radikaal generering, anti-oksidante en manlike reproduktiewe funksie, die verouderende man en kliniese infertiliteit. PhD-, MSc-, Mtech- en BSc(Hons)-grade het hieruit gespruit, asook verskeie voordragte tydens nasionale en internasionale kongresse, waarvan sommige met internasionale toekennings bekroon is. Verskeie publikasies in internasionale wetenskaplike joernale het ook die lig gesien. Die *per capita* uitset van ewekniebeoordeelde artikels is trouens van die hoogste onder navorsers aan die fakulteit.

Prof S Reif
DEPARTEMENTSHOOF

Verpleegkunde

Gedurende 1993-2000 het die departement van 'n relatief klein departement ontwikkel tot een met 'n studentetal van ongeveer 1 000 waarvan meer as 300 studente telematiese onderrig ontvang. Aan die einde van 2000 het die personeelkorps bestaan uit **prof Neltjie van Wyk** (hoof), drie senior lektore, naamlik **mee Anchen du Rand, Susan van Niekerk** en **dr Christa van der Westhuizen**, en 17 lektore in die persone van **mee Isabel Coetzer, Joanita de Kock, Ellen Maelane, Salomé Meyer, Mavis Mulaudzi, Dorricah Peu, Solina Richter, Sunette Rossouw, Lizelle Prinsloo, Natasha Engelbrecht, Christine van Velden, Ulinda Uys, Carin Maree, Tinie du Plessis, me Tanya Heyns, mnr Gustav Schellack**, en **dr Laetitia Zeeman**. **Me Annelize Pullen** het die pos van senior navorser beklee.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof J P G van Niekerk (Vorige Hoof)

Op uitnodiging van die Skool van Verpleegkunde en Verloskunde van die Universiteit van Sheffield (Engeland), het **prof Van Wyk** 'n internasionale kongres oor navorsing in verpleegkunde bygewoon. Om samewerking op die gebied van verpleegnavorsing te bevorder, is 35 gaste uit 17 lande genooi en **prof Van Wyk** was die enigste verteenwoordiger uit Suid-Afrika.

'n Navorsingsvennootskap tussen die departement en die verpleegpersoneel van die Kalafong Akademiese Hospitaal het gedurende 1999 ontwikkel. Daardeur is navorsing begin wat uiteindelik sal lei tot die ontwikkeling van 'n model vir die verryking en ondersteuning van verpleegpersoneel.

Verder het die departement saam met twee ander universiteite aan 'n omvattende navorsingsprojek deelgeneem wat deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Afstandsonderrig geloods is en waartydens die Telematiese Onderrigprogram van die departement met betrekking tot ondersteuning van die leerder in afstandonderrig geëvalueer is. 'n Besonder positiewe verslag is ontvang.

Prof N C van Wyk

Personeellede is deur die Democratic Nursing Organisation of South Africa (DENOSA) genooi om deel te neem aan die ontwikkeling van 'n internasionale terminologielys, 'n projek wat **dr Margaret Murphy** van die International Classification of Nursing Practice begin het. Een van die dosente, **me Rossouw** was betrokke by twee ander internasionale projekte, naamlik 'n studie van die TALC-groep onder leiding van **prof David Morley** van die Verenigde Koninkryk oor die evaluering van die Zeal-termometer, en as lid van 'n paneel deskundiges om nasionale standaarde vir kindergesondheid op te stel.

Dr Van der Westhuizen het 'n internasionale kongres (Seventh Cochrane Colloquium) in 1999 bygewoon. Dié kongres het onder meer gelei tot samewerking met die Standing Group on Consumers in NHS Research. Die departement se betrokkenheid hou veral verband met navorsing oor gesondheidsdiensverbruikers in Afrika.

'n Besondere eer het die departement te beurt geval toe 'n magisterstudent vir die tweede agtereenvolgende jaar die toekenning in die Fakulteit Geneeskunde vir die beste prestasie in 'n nagraadse program in die Afdeling Verpleegkunde en Gesondheidsondersteunende departemente in 1998 ontvang het. Die toekenning is aan **me Van Velden** gemaak, wat ook die MCur-graad met lof verwerf het. In 1997 het **me Edelgard le Roux** die prys ontvang. Ook sy het die MCur-graad met lof geslaag.

Me Annalize Pullen het tydens haar besoek aan die School of Nursing and Midwifery, University of Sheffield, die geleentheid gehad om die Royal Hallamshire-Hospitaal te besoek. Sy het aktief deelgeneem aan besprekings oor kliniese effektiwiteitsbestuur en die bestuur van verplegingsrisikos. Verder het sy ook in samewerking met die direkteur van verpleging aan bogemelde hospitaal onderneem om die moontlikhede vir verdere samewerking in navorsing tussen die Departement Verpleegkunde aan die Universiteit van Pretoria en die Afdeling Verpleegsorg van die Hallamshire Hospital in Sheffield te ondersoek.

Met die besoek van **prof Sirkka-Liisa Ekman** en **me Doris Bohman** van die Department of Science and Health, University of Karlskrona/Ronneby in Swede het die beplanning van 'n gesamentlike navorsingsprojek 'n aanvang geneem. 'n Versoek om befondsing is aan die Swedish International Development Co-operation Agency en die Suid-Afrikaanse National Research Foundation gerig. Twee doktorale studente sal saam met die navorsers, **proff Van Wyk** en **Ekman**, aan die projek deelneem. Die navorsingstema is: Cross-cultural nursing focused on the elderly.

Die departement het in 1999 'n toekenning van die Afdeling Telematiese Onderwys van die Universiteit ontvang vir die besondere bydrae tot die ontwikkeling van telematiese onderwys. Dit was beloning op baie harde werk, waarin die departement geslaag het om drie programme, naamlik in Gemeenskapsverpleegkunde, Verplegingsbestuur en Verpleegonderwys deur middel van telematiese onderwys aan te bied. Die programme stel die studente in staat om na die suksesvolle voltooiing daarvan hulle kwalifikasies by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging te registreer. In die aanbieding van die programme word gebruik gemaak van 'n kombinasie van kontakonderrig, satellietuitsendings van lesings en besprekingsklasse. Sowel die fasiliteite van die hoofkampus as dié van leersentrums te Bosbokrand, Pietersburg, Potgietersrus, Witbank, Siyabuswa, Nelspruit, Hammanskraal en Rustenburg word gebruik.

In samewerking met die Sentrum vir Aanvullende en Alternatiewe Kommunikasie aan die Universiteit is 'n interfakultêre magisterprogram in vroeë intervensie van kinders met gestremdhede ontwikkel. 'n Netwerk van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

persone wat belang stel in navorsing in verbandhoudende aspekte is in die departement gevestig. Een van die inisiatiewe het tot die stigting van die Pediatriese Forum van Pretoria gelei. Die gespreksgeleenthede wat daardeur geskep is, word besonder goed bygewoon.

Die kurrikulum vir die BCur-program is aangepas om dit uitkomsgebaseerd en probleemgerig te maak. Die herontwerp van die leerplan is in samewerking met die ander departemente in die Skool van Gesondheidsorgwetenskappe onderneem. Ooreenkomste in die onderskeie kurrikula van Verpleegkunde, Fisioterapie, Arbeidsterapie, Mensvoeding en Radiografiese Wetenskappe is geïdentifiseer sodat gesamentlike modules wat onder meer Navorsingsmetodologie en Etiek insluit, vir die hele groep studente aangebied kan word. Hiermee het die departement die voortou geneem om te verseker dat die opleiding van die studente in Verpleegkunde multidissiplinêr geskied.

'n Gedoseerde MCur-program is ontwerp wat modulêr aangebied word. Die eerste 47 studente het in 2000 ingeskryf. Die program word in kliniese en nie-kliniese spesialiseringsrigtings aangebied. Dit strek oor twee jaar en bestaan uit ses modules (nie-kliniese rigtings), agt modules (kliniese rigtings) en 'n navorsingsprojek van beperkte omvang. In een van die modules word spesifiek aandag gegee aan die professionele ontwikkeling van die studente. Omdat hierdie program aangebied word deur gebruik te maak van 'n kombinasie van afstands- en kontakonderrigmetodes, word studente die geleentheid gebied om hulle as spesialisverpleegkundiges te bekwaam sonder dat daar van hulle verwag word om hulle vir die studietydperk in Pretoria te vestig.

Met die oog op die voorbereiding van studente uit voorheen benadeelde gemeenskappe vir nagraadse studie en verdere ondersteuning met nagraadse studie is 'n navorsingsforum deur **dr Van der Westhuizen** tot stand gebring.

Vanweë 'n toenemende aanvraag is die BCur I et A-program sodanig aangepas dat kliniese spesialiseringsrigtings naas die nie-kliniese spesialiseringrigtings ingesluit is. Dit maak dit vir die studente moontlik om met kliniese of nie-kliniese hoofvakke die graad te voltooi. Die kliniese spesialiseringsrigtings wat ingesluit is, is Neonatale Verpleegkunde, Gevorderde Verloskundige en Neonatale Verpleegkunde, Pediatriese Verpleegkunde, Medies en Chirurgiese Verpleegkunde: Kritieke Sorg (algemeen), en Medies en Chirurgiese Verpleegkunde: Noodsorg.

Die toekenning van 'n eredoktorsgraad aan die stigter en eerste hoof van die Departement Verpleegkunde aan die Universiteit, naamlik **prof Charlotte Searle** in November 2000, het die tydperk 1993-2000 toepaslik afgesluit.

Prof N C van Wyk
DEPARTEMENTSHOOF

Institute

AEK-Instituut vir Lewenswetenskappe

Sedert 1993 bestaan die personeel van die instituut uit 'n mediese fisikus, **prof I C Dormehl** as direkteur, 'n senior tegnoloog, **me E Oberprieler** en 'n sekretaresse, **me J van Rensburg**. Hierdie groep is gesetel in die Pretoria Biomediese Navorsingsentrum en in die Instituut van Patologie. Die beskikbaarheid van 'n moderne tomografiese gamma-kamera en dataverwerkers het die afdeling in staat gestel om nuwe ontwikkelings in kerndiagnostiek te ondersoek en navorsing te onderneem met die oog op kliniese toepassings. Hier is veral gewerk aan ontwikkelings in dataverwerkingstegnieke asook die toets van nuwe farmaseutiese middels. Fisiologiese, patofisiologiese, biochemiese en farmakologiese probleme is ondersoek deur van radioaktiewe spoorders en kerndiagnostiese tegnieke gebruik te maak – dikwels in samewerking met navorsers uit ander departemente van die fakulteit, asook ander instansies. Die instituut werk tans byvoorbeeld saam met die volgende:

Die Ludwig Boltzmann Institut für Experimentelle Traumatologie in Weenen, Oostenryk – die rigting is breinskade en serebrale bloedvloei (CBF) na trauma. **Prof H Redl** is die leier van die genoemde instituut.

Prof J-L Moretti van Service de Médicine Nucléaire, Avicenne, Université Paris. Die onderwerp is die verbeterde biobeskikbaarheid van die breinbloedvloei-spoorder ECD. Hierdie spoorder word deur esterase in die bloed afgebreek en daar is dus min daarvan beskikbaar om serebrale bloedvloei mee te meet. Gevolglik word hoë dosisse gespuit. Pogings word tans aangewend met esterase inhibeerders en farmakologiese beskerming om hierdie afbreek van ECD in vivo teen te werk.

Prof F Botelho van IBILI, Universiteit van Coimbra – die ontwikkeling van 'n spoorder om diep gesetelde limfbane aan te toon.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof I C Dormehl

Prof M Neves van Instituto Tecnologico Nuclear, Sacavem in Lissabon. Die spoorder ^{99m}Tc-biguanide (BIG) is ontwikkel om niermorfologie te beskryf in die plek van DMSA (wat lank neem voor beelding sou plaasvind, en ook 'n hoë stralingsdosis het), en het daarby ook nierfunksie beskryf. BIG is reeds as 'n merkstelletjie daargestel en pasiënt-proewe sal binnekort plaasvind.

Die IME Forschungszentrum Jülich (**dr Frank Schneeweiss**) en met **prof G Schmitt** van die Klinik und Polyklinik, Universität Düsseldorf. Die gesamentlike navorsingsprojek is getiteld: Targeted radiotherapy of painful bone metastases in therapy-exhausted patients and patients with osteosarcoma by beta emitters combined with novel specific bone-seeking carriers. Agtien pasiënte het behandeling met ^{186}Re-HEDP en hiperbariese suurstof ontvang. Dusver blyk uit die resultate dat die sogenaamde "flare effect" wat optree by ^{153}Sm-EDTMP- en ^{186}Re-HEDP-behandeling en wat 'n stralings-veroorsaakte inflammatoriese toestand is, skynbaar nie voorkom wanneer gelyktydige behandeling met hiperbariese suurstof gegee is nie, en dat pynverligting in dié gevalle langer duur.

Die deel van hierdie navorsingsprojek wat in Suid-Afrika plaasvind betrek primaat- en honde-eksperimente, waar normale biodistribusies van verskillende spoorders, naamlik ^{153}Sm-EDTMP, ^{188}Re-HEDP, ^{186}Re-polimin (makromol fosfonaat) ondersoek is, asook hulle doeltreffendheid by die behandeling van osteosarkoom by honde. Dosimetrie is bepaal en autoradiografie om die mikroverdeling te bestudeer, is in rotte gedoen. Die personeel van die instituut word vir hierdie doel in Duitsland opgelei, en wedersydse besoeke tussen die instituut en die IME Jülich ter bevordering van hierdie projek vind op 'n jaarlikse basis plaas, met befondsing vanaf die bilaterale ooreenkoms tussen Duitsland en Suid-Afrika (German/South Africa Bilateral Agreement).

Nasionale samewerking behels serebrale bloedvloei-studies met die spoorder ^{99m}Tc-HMPAO onder die invloed van verskillende farmaseutiese middels, byvoorbeeld verskillende NO-formulerings. In dié geval word verskeie middels teen migraine (skeelhoofpyn) ook getoets. Dit is bekend dat NO 'n rol speel in die etiologie van migraine.

Samewerking vind plaas met die Atoom Energie Korporasie van Suid-Afrika (AEK) by Pelindaba om biodistribusie en die uitskeiding van ^{131}I wat as byproduk tydens reaktorproduksie van Mo ontstaan, te toets om die verspreiding van hierdie produk vir kliniese doeleindes te loods. Saam met die Radiochemiese groep het die instituut ook aan verskillende projekte gewerk waar nuwe merkingsprosesse nodig is.

Die instituut werk ook saam met die Departement Kerngeneeskunde van die Universiteit en ook met Medunsa in die farmakologiese evaluering van breinbloedvloei-veranderinge by koma-pasiënte.

Kwaliteitsbeheertoetse van kerngeneeskunde-merkstelle word steeds op 'n gereelde basis vir Isotoopproduksie by Pelindaba en op 'n ad hoc-basis vir die NVS in Faure uitgevoer. Goeie samewerking bestaan by die oplos van produksieprobleme, en steun word ook met ontwikkelingswerk verleen.

Sedert 1993 het personeel van die instituut 25 artikels, oorwegend in erkende oorsese vakjoernale gepubliseer asook 23 abstrakte. Daarbenewens is 30 van die instituut se 51 kongresbydraes oorsee gelewer.

Prof Dormehl is versoek om 'n hoofstuk te skryf in 'n handboek: *SPECT in Clinical Neurology and Psychiatry* (John Libbey, London, Paris, Rome), onder redaksie van **P O de Deyn, R A Dierckx, A Alavi** en **B A Pickert**. Sy is ook uitgenooi om 'n lesing oor die voorste tegnologie aan te bied tydens die Neurospect International Symposium on SPECT in Clinical Neurology wat in Antwerpen gedurende Augustus/September 1995 plaasgevind het. Die onderwerp was die primaat-model om breinbloedvloei-veranderinge te bepaal onder farmakologiese ingrepe met behulp van SPECT, waarvoor die instituut wêreldwyd erkenning geniet. Sy was betrokke by die reëlings van die EANM-Kongres in Berlyn in Augustus 1998. Op 29 April 1999 het **prof Dormehl** die rede gelewer by die gradeplegtigheid van die Fakulteit Natuurwetenskappe aan die Universiteit van die Witwatersrand.

Prof I C Dormehl
DIREKTEUR

Hans Snyckers-Instituut

Die Hans Snyckers-Instituut (HSI) is einde 2000 in sy huidige formaat afgerond en afgesluit.

Die spesiale fokusarea van die instituut (naamlik die afgesonderde, plattelandse dele en tradisioneellewende groepe in 'n verwesteringsproses), was vroeër 'n baie ongewone fokus, en daar was min navorsingsaktiwiteite daarby betrokke. Dit het egter die afgelope dekade sodanig verander dat feitlik alle universiteite en alle

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

vakgebiede nou daarmee besig is en talle publikasies het daaroor verskyn. Dit het duidelik geword dat die behoefte aan 'n spesiale instansie met so 'n fokusarea algaande verminder het omdat die landwye mediese navorsingsgemeenskap tans veral op hierdie gebied aktief betrokke geraak het.


Prof R J E Erasmus

Die Venda-projek in Tshikundamalema is afgerond en afgesluit met 'n mooi publikasie, *A Chronicle of Tshikundamalema*, deur **dr Horst Küstner**, 'n lid van die Advieskomitee. Dit was 'n waardige huldeblyk aan die langtermyn, interdissiplinêre navorsingsaktiwiteit in die (vroeër) onbegaanbare vallei in die noorde van Vendaland. Die projek is uitgevoer onder 'n afgesonderde gemeenskap wat vandag die voordele kan geniet van 'n goedbemande kliniek, netjiese skoolgeboue, goeie sanitêre sisteme en skoon drinkwater. Hierdie "Chronicle" dokumenteer en bespreek die belangrikste bevindinge van hierdie projek van byna twee dekades, waaruit etlike magisters- en doktorale tesisse ontstaan het. Dit beklemtoon die wye veld waarin navorsing gedoen is – in psigiatrie, sosiologie, biochemie, sosio-ekonomie, kindervoeding, parasitologie, hipertensie, tuberkulose, reumatologie, wanvoeding en obesiteit, oor- en gehoortoestande en nog meer; en in die vele vergelykende studies was dit besonder duidelik dat sekere siektetoestande nie in Tshikundamalema voorkom nie. Verder het die geleidelike verandering van die siektebeeld van die gemeenskap as gevolg van verwestering oor twee dekades baie duidelik na vore getree, asook die groot verskille tussen die plattelandse en verstedelikte Venda.

Die literatuur-verwysingsisteem het sedert 1993-1999 van 15 000 tot 21 000 geïndekseerde verwysings toegeneem wat, met die ondersteuning van die Universiteit, tred gehou het met die vinnige ontwikkeling van die tegnologie. Honderde soektogte is uitgevoer en kliënte sover as Europa en Amerika, Uganda en die Kongo kon gehelp word. Om die waarde van hierdie informasiebron nie te verloor nie, is die hele sisteem nou beskikbaar op 'n rekenaardisket met 'n soekenjin sodat die inligting direk toeganklik is vir navorsers in afgesonderde Afrikalande (waarby Suid-Afrika al hoe meer betrokke raak). Soos met die *Chronicle of Tshikundamalema* is hierdie disket ook 'n waardige afronding van 'n jarelange projek – 'n goedgeordende literatuurverwysingsisteem.

Die Boesman-projek: die instituut is spesifiek deur die gemeenskap te Schmidtsdrift genooi om 'n gepaste mediese diens vir hulle te organiseer, maar die situasie het vanweë allerlei faktore (soos die groot politieke verskuiwings juis in hierdie gebied) sodanig verander dat dit nie gevorder het nie en min verdere projekte kon gereël word. Nogtans het die HSI ook aan hierdie besondere bevolkingsgroep 'n unieke gedokumenteerde bydrae oor baie jare gelewer. Die instituut het hulle met navorsingsprojekte deur hulle proses van verwestering begelei – vanaf hulle nomadiese bestaanstydperk in Namibië, deur die traumatiese aanpassing toe hulle by die SA Weermag in Omega ingesluit is, tot hulle verskuiwing na Suid-Afrika en vestiging in die tentedorpie te Schmidtsdrift.

Die instituut moes steeds met tydelik-deeltydse personeel, **mee P Bester** en **J P Fehrsen** bedryf word, en die direkteure moes hierdie verantwoordelikheid steeds saam met 'n ander voltydse betrekking dra. Die direkteure was: **prof R J E Erasmus** (tot 1997) en **prof A L Christianson** (tot 2000).

Mev J P Fehrsen
HOOF: ADMINISTRASIE-ASSISTENT

Pretoria Biomediese Navorsingsentrum

Die Pretoria Biomediese Navorsingsentrum (PBNS) is op die perseel van die Pretoria Akademiese Hospitaal geleë, langs verskeie departemente van die Fakulteit Geneeskunde. Die sentrum is amptelik op 15 Junie 1979 geopen vir gebruik deur die wetenskaplike gemeenskap van die fakulteit.

Die PBNS bied die nodige infrastruktuur asook opgeleide personeel wat vir biomediese navorsing op diere vereis word. Die sentrum beskik oor 'n diere etiekkomitee wat volgens voorgestelde vereistes saamgestel is. Hierdie komitee evalueer projekvoorstelle en besluit of die gebruik van diere vir die navorsing aan die vereiste standaarde voldoen.

Die navorsing op diere by die PBNS sluit studies in oor kanker, fisiologie, voeding, reproduksie, innoverende benaderings tot chirurgiese prosedures, tandheelkunde, farmakologie, radiofarmaseutiese middels, anatomie en virologie. Daar is ook die kapasiteit om die fasiliteite vir ander werk uit te brei, byvoorbeeld endoskopiese navorsing, farmakologiese en mediese navorsing op 'n kontrakbasis, professionele en tegniese opleiding op verskeie geneeskundige gebiede, primatologiese navorsing en die bestuur van laboratoriumdiere.

Die PBNS het sedert 1993 bystand aan baie wetenskaplikes van die Universiteit in meer as 140 navorsingsprojekte verleen, en dit het talle wetenskaplike artikels en opsommings in nasionale en internasionale

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dr G Beverley



Dr F Chaparro

vakjoernale tot gevolg gehad. Heelwat van die referate wat wêreldwyd by konferensies gelewer is, het uit dierenavorsing voortgespruit wat by die PBNS gedoen is.

Geen ander fasiliteit vir dierenavorsing aan die Universiteit of by ander universiteite in Gauteng het die toerusting, infrastruktuur en opgeleide personeel waaroor die PBNS beskik nie. Die sentrum huisves en teel verskeie knaagdierspesies op 'n permanente basis en kan primate in hokke huisves wat aan die vereistes van die Nasionale Etiese Kode (Nasionale kode vir die hantering en gebruik van diere vir navorsing, opvoedkunde, diagnose en die toets van middels en verwante stowwe in Suid-Afrika) voldoen. Dit is die enigste diere fasiliteit waarmee die Universiteit verbind kan word wat primate op 'n permanente basis kan huisves.

Dr Gordon Beverley was tot in 1995 die direkteur. Toe 'n nuwe direkteur, **dr Felipe Chaparro**, in 1996 by hom oorgeneem het, het 'n nuwe era in die versorging en behandeling van die sentrum se laboratoriumdiere aangebreek. Daar was 'n grootskaalse beweging om die welsyn van die diere te verbeter. Daarvolgens is die getal primate by die fasiliteit aansienlik verminder, die hokke is verander om hulle meer geskik vir die welsyn van die diere te maak, en groter kampe is gebou om die teeldiere in sosiale groepe te kan huisves. Programme is vir omgewingsverryking ingestel, en die gevolg was fisies en geestelik gesonder primate. Toestande in die knaagdierkolonie het dramaties verbeter, en deesdae beskou navorsers van ander instansies in Suid-Afrika en in die buiteland die PBNS as die aangewese sentrum vir die uitvoering van hulle navorsing.

Die res van die personeel bestaan uit twee veterinêre tegnoloë, twee administratiewe beamptes, sewe veeartsenykundige assistente, agt skoonmakers en twee personeellede vir die wasgoed. Die twee veterinêre tegnoloë is opgelei en het internasionale sertifikate in die bestuur van laboratoriumdiere behaal.

Verskeie navorsingsprojekte is deur die Universiteit in samewerking met internasionale instansies soos die universiteite van Marburg en Ulm in Duitsland en BIORA in Swede by die PBNS onderneem. Die sentrum bied ook navorsingshulp aan instansies soos die SABS en die Atoomenergiekorporasie met hul navorsing.

Die invloedsfeer van die PBNS het aansienlik toegeneem sedert die sluiting van die enigste kommersiële dierenavorsingsfasiliteit in Suid-Afrika. Nuwe navorsing word in die vooruitsig gestel, en dit sal ongetwyfeld die uitsette van die sentrum verhoog. Hierdie uitbreiding hou ook verband met die streng etiese en morele standaarde wat reeds by die PBNS gehandhaaf word.

Die ontwikkeling van menslike hulpbronne speel ook 'n belangrike rol by die PBNS. Die sentrum se veterinêre tegnoloë het sowel 'n hoër diploma vir die versorging van diere verwerf as opleiding in die bestuur en versorging van laboratoriumdiere aan die Universiteit van Utrecht in Nederland ontvang. Die PBNS se bestuur maak van elke geleentheid gebruik om die personeel verder op te lei, byvoorbeeld deur die verskaffing van rekenaars en rekenaarprogramme wat hulle in staat stel om hulle vaardighede te verbeter en deur hulle aan te moedig om verder te studeer.

Die sentrum voorsien ook die fasiliteite vir praktiese opleiding wat die Technikon Pretoria van studente in veertsenykundige tegnologie vereis. Verder gee die bestuur van die PBNS lesings oor die Etiek van Dierenavorsing aan studente van die Fakulteit Geneeskunde aan die Universiteit.

Dr F Chaparro
DIREKTEUR: VETERINêRE NAVORSING

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Afdelings

Gemeenskapsgebaseerde Onderrig

Die Kantoor vir Gemeenskapsgebaseerde Onderrig (GGO) is in Augustus 1995 met die aanstelling van 'n medeprofessor in GGO gevestig. Die taak van die nuwe eenheid was om GGO binne die Fakulteit Geneeskunde te bestuur en dit as deel van die ontwikkeling van die nuwe MBChB-kurrikulum uit te brei. GGO is 'n sleutelelement van die hervorming van mediese onderwys wat tans deur die Wêreldgesondheidsorganisasie bevorder word.



Prof D Prozesky

Die eenheid implementeer GGO op die volgende wyses: eerstens die reël van praktiese plasings vir voorgraadse studente in 'n verskeidenheid gemeenskapsopsette, soos by die Jubilee-Hospitaal naby Hammanskraal, en veral die netwerk van Primêre Gesondheidsorg-klinieke (PGS) in die Moretele-distrik; by omgewings- en PGS-gesondheidsdienste in die Groter Pretoria-area; en meer onlangs ook by huisartse in Pretoria en omliggende gebiede. Tweedens word elektiewe plasings vir senior studente in gemeenskaps- en distriksgesondheidspraktyke in Suid-Afrika en ander ontwikkelende lande gereël; en derdens onderhandel die eenheid oor die insluiting in die kurrikulum van die kennis en vaardighede wat vir gemeenskapspraktyk in 'n Suid-Afrikaanse bestel vereis word. Dit is onder meer die prioritisering van toestande wat algemeen en ernstig in die gemeenskapspraktyk voorkom, in teenstelling met die praktyk in die tersiêre hospitaal. Die eenheid is dus by feitlik elke blok van die nuwe MBChB-kurrikulum betrokke.

Ten einde sy missie te verwesenlik, werk die eenheid nou saam met die departemente Gemeenskapsgesondheid, Dieetkunde en Mensvoeding, Huisartskunde, Arbeidsterapie, Verpleegkunde en Fisioterapie. 'n Interdissiplinêre GGO-komitee vergader gereeld om plasings en logistiek gesamentlik te beplan (byvoorbeeld 'n beleid oor studenteveiligheid is opgestel; gemeenskapsvennootskappe met drie gemeenskappe is van stapel gestuur). 'n Formele ooreenkoms is met Noordwes Provinsie gesluit, waarvolgens gesamentlike aanstellings ingestel is vir personeel wat by beide die lewering van gesondheidsdienste en die opleiding van studente in die Moretele-distrik betrokke is. Die eenheid is 'n sleutellid van die fakulteit se groep wat Gesondheidswetenskappe-onderwys as dissipline bevorder, asook van die komitees wat die nuwe MBChB-kurrikulum beplan en implementeer.

Die eenheid het 'n bedrywige navorsingsprogram wat toegespits is op die gemeenskapsaspekte van Gesondheidswetenskappe-onderwys en die motivering van gesondheidswerkers, en het verskeie internasionale handleidings oor opleiding die lig laat sien. 'n Personeellid dien in die redaksie van die vakjoernaal *Community Eye Health.*

Die eenheid beskik oor drie voltydse personeellede: **prof D Prozesky**, medeprofessor ('n geneesheer met 'n magistergraad in gemeenskapsgesondheid en 'n PhD in Gesondheidswetenskappe-onderwys), **dr R Gibson**, 'n senior lektor ('n geneesheer) en **me A Jefferson**, 'n administratiewe assistent.

Personeellede het kundigheid in die evaluering van die opleiding (veral in GGO) van gesondheidswerkers verwerf, en in hierdie hoedanigheid word hulle gereeld as konsultante deur 'n verskeidenheid groepe en organisasies benut. In Suid-Afrika: die WK Kellogg-stigting, die Bergville-kinderoorlewingsprojek wat deur USAID befonds word, die Independent Development Trust, die Departement van Gesondheid van KwaZulu-Natal, die Valley Trust en die Universiteit van die Noorde. In ander lande: die Wêreldgesondheidsorganisasie (die Onchocerciasis Control Programme in West Africa – nege lande; die African Programme for Onchocerciasis Control – 19 lande; die Afghanistan DMO-opleidingsprogram); die Institut Panafricain de Santé Communautaire in DRC; die Fakulteit Geneeskunde van die Universiteit van Mali; die Institut Régional de Santé Publique in Benin; die International Centre for Eye Health in Londen; die British Council (bepaling van opvoedkundige behoeftes vir die Departement van Gesondheid van die Punjab, en die Aga Khan-gesondheidsprojek in Noord Pakistan), ens.

Soos hierbo beskryf, het die eenheid 'n aktiewe program van onderrig en die reël van gemeenskapsplasings vir studente in bykans elke blok, in al ses studiejare van die voorgraadse MBChB-kurrikulum – 'n totaal van nagenoeg 1 100 studente. BChD-studente (150 studente) word in die eerste 2_ jaar van hulle kursus ook op soortgelyke wyse behartig. Die personeel van die eenheid tree verder as promotors vir 'n klein aantal magister- en doktorale studente op.

Personeellede van die eenheid word gereeld genooi om as gasdosente vir nagraadse kursusse by tersiêre onderwysinstellings in die Verenigde Koninkryk, Pakistan en Indië op te tree. Hulle is eksterne eksaminatore by universiteite in Suid-Afrika en die Verenigde Koninkryk, en bied kursusse in kwalitatiewe navorsingsmetodologie plaaslik en in die buiteland aan.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die eenheid gee alle studente blootstelling aan die gesondheidsorgsituasie van die meerderheid Suid-Afrikaners op 'n volgehoue en betekenisvolle wyse, en sorg dat hulle die toepaslike vaardighede aanleer om effektief as distriksgeneeskundige beamptes in die staatsgesondheidsdienste van die land te kan werk. Deur middel van vennootskappe met Noordwes Provinsie en gemeenskappe in die Moretele-distrik, dra die eenheid tot die ontwikkeling van gesondheidsdienste en die opheffing van individuele landelike gemeenskappe by.

Prof D Prozesky
AFDELINGSHOOF

Kliniese Epidemiologie (insluitende die Medihelp Leerstoel in Kliniese Epidemiologie)


Prof P Rheeder

In Januarie 1999 is **prof P Rheeder** in hierdie leerstoel met behulp van Medihelp-befondsing aangestel. Die doel van hierdie afdeling en leerstoel is om pasiëntgerigte navorsing te stimuleer. Die uitsette is navorsing (grootliks multidissiplinêr), die lewering van 'n konsultasiediens ten opsigte van studie-ontwerp en data-analise asook die ontwikkeling van voor- en nagraadse kursusse in Kliniese Epidemiologie.

Sedert Januarie 1999 tot en met Oktober 2000 het 15 studente uit Nederland aan navorsingsprojekte in die afdeling deelgeneem. **Dr Cobus van Wyk** is in 2000 vir vyf maande as projekkoördineerder aangestel. Hy het 'n Nuffic-toekenning ontvang en studeer tans mediese informatika aan die Erasmus Universiteit te Rotterdam.

Prof Rheeder is tans promotor van een PhD-student, **Tania van Rooijen** (Fisioterapie) wat die rol van oefening in Tipe 2-diabetes onder swart mense evalueer.

Die Skool vir Gesondheidsisteme en Publieke Gesondheid tesame met hierdie afdeling bied 'n MSc in Kliniese Epidemiologie aan waarvoor die eerste studente in 2001 sal inskryf.

Prof Rheeder het 'n HF Verwoerd Trust-toekenning in 2000 ontvang vir 'n projek getiteld: Identifying foot problems in subjects with diabetes at a community health centre.

Mnr Francois Wessels, 'n farmako-ekonoom en statistikus is in Junie 2000 as buitengewone lektor aangestel. Tesame met **prof Rheeder** word 'n konsultasiediens vir farmako-ekonomiese evaluasie ontwikkel.

Verskeie publikasies het ook die lig gesien.

Prof P Rheeder
DEPARTEMENTSHOOF

Lugvaart- en Ruimtegeneeskunde

Die vooruitgang in lugvaart- en ruimtetegnologie is goed bekend aan meeste mense en vervul almal met ontsag.

Die derduisende werkure wat ingenieurs, wiskundiges, fisici, bioloë, rekenaarwetenskaplikes, fisioloë, geneeshere en tientalle ander vaardige werkers deurbring om hierdie tegnologieë te steun en ontwikkel is egter minder bekend. Een sodanige dissipline is Lugvaart- en ruimtegeneeskunde.

Lugvaart- en ruimtegeneeskunde bestudeer die vyandige en selfs lewensgevaarlike uitwerking van die lugvaart- en buiteruimtelike omgewing op die menslike liggaam. Die keersy hiervan is dat vlieëniers en ruimtevaarders, hoewel hoogs vaardig en hoogs gekeur, steeds gewone mense is wat af en toe siek of beseer kan word. Die siekte self asook die behandeling wat daarvoor nodig is kan dalk strydig met die minimum vereistes vir vlugveiligheid wees. Dit impliseer dat sodanige geneeshere voldoende kennis moet hê van die mediese voorwaardes wat in berekening gebring moet word, asook die tegniese besonderhede en stresse wat deur die vlug veroorsaak word, ten einde die veilige voltooiing van die missie te verseker. Die tragiese verlies aan talle lewens wat 'n skadu werp oor die manjifieke vooruitgang in die lugvaart- en ruimtebedryf herinner ons dikwels aan die gevaarlike en uiters meedoënlose lugvaart- en buiteruimtelike omgewing. Dit behoort ons voortdurend te maan om versigtig voort te gaan.

Die gevare van lug- en ruimtevaart sluit in verhoogde versnellings- en remmingskragte, mikrograviteit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

("gewigloosheid"), hipoksie, disbarisme en ontploffende dekompressie (barotrauma en selfs "borrelsiekte"), geraas, vibrasie, verhoogde blootstelling aan kosmiese bestraling, en sirkadiese ritme-versteurings.

Lugvaart- en ruimtegeneeskunde is uniek in die sin dat dit baie van die beginsels van beroepsgesondheid deel maar dis tog 'n outonome kliniese dissipline wat bykans al die gespesialiseerde kliniese terreine betrek wat tradisioneel onder die sogenaamde moderne geneeskunde ressorteer. Dit lê verder ook 'n besonder sterk klem op voorkomende geneeskunde.

Die praktyk van Lugvaart- en ruimtegeneeskunde behels uitgebreide mediese keuringsondersoeke voor indiensneming; gereelde mediese opvolgondersoeke wat deur wetgewing bepaal word en selfs elke ses maande vereis kan word; gereelde mediese (kliniese) bystand aan bemanningslede soos vereis word en om op hierdie grondslag oor hulle vluggeskiktheid te besluit; spesifieke mediese navorsing om talle probleme op te los wat eie aan hierdie omgewings is; industriële gesonheidsoudits; die ondersoek van lugvaartongelukke, en laastens lugredding en -vervoer van siekes en beseerdes.

As die bogemelde gevare van vlug met die afvoer van krities siek of beseerde pasiënte in verband gebring word, is dit te verstane dat die lugafvoer van sulke gevalle 'n wetenskap op sigself is.

Een van die dringendste vraagstukke op hierdie spesialisgebied is regsgeneeskundige faktore. Enersyds moet die mediese geskiktheid en loopbaan van 'n hoogsopgeleide, besonder goedbesoldigde lugbemanningslid/ruimtevaarder teen vlugveiligheidsvereistes opgeweeg word. 'n Mediese besluit daarteen of daarvoor kan die geneesheer wat lugvaart- en ruimtegeneeskunde praktiseer in die hof laat beland – óf omdat hy die lugbemanningslid "gegrond" het en dus in sy/haar loopbaan ingemeng het, óf omdat hy nie die bemanningslid "gegrond" het nie en die mediese toestand waaraan dié bemanningslid gely het, 'n vliegongeluk veroorsaak het.


Prof C le Roux

Wyle **Lt-gen Nichol Nieuwoudt** en **Lt-gen Niël Knobel** wat albei voormalige Geneeshere-generaal van die SA Weermag was, het 'n samewerkingsooreenkoms tussen die Instituut vir Lugvaartgeneeskunde (ILG) van die Suid-Afrikaanse Mediese Diens en die Fakulteit Geneeskunde aan die Universiteit van Pretoria geïnisieer en afgehandel. Dit het beslag gevind in die instelling van drie nuwe nagraadse kwalifikasies, naamlik die BSc(Hons)-, MSc- en PhD-graad in Lugvaart- en Ruimtegeneeskunde.

Die nuwe kursusse wat deur die fakulteit aangebied word, word deur **drr Chris le Roux** en **Hannes Botha** wat albei die rang van Lt-kol van die Lugvaartgeneeskunde-Instituut het, gekoördineer. Hulle is die enigste twee persone in die land wat kliniese assistentskappe op die gebied van Lugvaart- en Ruimtegeneeskunde in die VSA voltooi het.

Die BSc(Hons)-graad is 'n deeltydse afstandsonderrigkursus wat oor twee jaar geneem word. Daar is drie residensiële fases per jaar wat vir lesings, werksessies en praktiese opleiding gebruik sal word. Nadat studente die BSc(Hons)-graad in Lugvaart- en Ruimtegeneeskunde suksesvol voltooi het, kan hulle besluit om hulle studie voort te sit deur vir die magistergraad (MSc)Lugvaart- en Ruimtegeneeskunde in te skryf. Laasgenoemde graad sal oorspronklike navorsing en die skryf en publiseer van die bevindinge in 'n tesis vereis. Daarna kan dit met 'n PhD in Lugvaart- en Ruimtegeneeskunde opgevolg word.

Lugvaart- en Ruimtegeneeskunde het verskeie kontraknavorsingsprojekte vir die Suid-Afrikaanse bedryf uitgevoer.

Sedert die instelling van hierdie kursus in 1994, het 26 geneeshere die BSc(Hons)-graad in Lugvaart- en Ruimtegeneeskunde behaal. Nog twee is tans besig met magisterstudie en een met doktorale studie.

'n Nuwe groep van 22 geneeshere, waarvan party uit buurstate in die SAOG-streek of selfs verder afkomstig is, het vir die BSc(Hons)-kursus vir 2001 ingeskryf.

Heelwat van die voorste moniteringstoestelle wat daagliks in die intensiewesorg-eenhede gebruik word, is oorspronklik ontwikkel om ruimtevaarders se lewenstekens tydens ruimtevlug telemetries te monitor. Dit is eweneens denkbaar dat van die mediese probleme waarmee ons daagliks hier op aarde worstel, dalk uiteindelik deur navorsing in ruimteprogramme opgelos kan word.

Die opwindende nuwe ontwikkelinge in die skepping van 'n nuwe Fakulteit Gesonheidswetenskappe sal sekerlik ook nuwe uitdagings asook voordele inhou. Met die ondersteuning van die SA Militêre Gesondheidsdiens (SAMHS) van die SA Nasionale Weermag (SANDF) is daar 'n sterk moontlikheid dat 'n nuwe afdeling vir Barogeneeskunde gestig sal word met onderafdelings vir Lugvaart- en Ruimtegeneeskunde, Seevaartgeneeskunde, Duikgeneeskunde en Hiperbariese Suurstofterapie. So 'n afdeling sal opleiding kan aanbied en grade toeken wat die hele spektrum van bogemelde dissiplines sal dek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hoewel hierdie kursusse hoofsaaklik op geneeshere gerig sal wees, is daar ook 'n behoefte om betrokke te wees by die opleiding van verpleegpersoneel, mediese noodhelpers, fisioloë (tegnoloë) en sielkundiges wat in bogemelde dissiplines werk. Toekomstige ontwikkeling sal dit in berekening moet bring.

Indien die voordele van globalisering, gerekenariseerde afstandsonderrig, satellietkoppeling, en dies meer saam daarmee oorweeg word, blyk dit duidelik dat internasionale samewerking met toonaangewende instellings op hierdie gebiede wêreldwyd eersdaags 'n werklikheid kan wees.

Hierdie ontwikkeling plaas die Universiteit en inderdaad Suid-Afrika in 'n unieke posisie met betrekking tot internasionale mededingendheid en plaaslike tersaaklikheid.

Dr Chris le Roux
DEPARTEMENTSHOOF

Mensvoeding

Die BDieetkunde-program en die nagraadse program in dieetkunde het sedert 1994 'n nuwe akademiese tuiste in die Afdeling Mensvoeding van die Fakulteit Geneeskunde. In die herstruktureerde bedeling maak die afdeling deel van die Skool vir Gesondheidsorgwetenskappe uit.

Me G J Gericke

In 1992 moes die voorgraadse dieetkunde- en nagraadse diploma-opleiding by die Universiteit indringend ondersoek word vanweë bepaalde problematiek rondom veral die aanbieding van die nagraadse diploma. In 1994 is die voorstel geïmplementeer dat die voorgraadse dieetkunde- en die nagraadse diploma-opleiding in een kwalifikasie vervat (bekend as die BDieetkunde geïntegreerde opleiding) en in die Fakulteit Geneeskunde aangebied word. Dit het meegebring dat 'n Afdeling Dieetkunde in 1994 in die fakulteit gevestig is.

Deurslaggewend tot hierdie besluit was eerstens die aanbeveling van die AUT (Advieskomitee: Universiteite en Technikons) dat 'n geïntegreerde onderrigbenadering die aangewese benadering vir dieetkunde-opleiding is; en tweedens dat 'n Afdeling Dieetkunde binne 'n milieu waar gesondheidsorg die fokuspunt is, sy doelstellings van onderrig, navorsing, pasiëntesorg en gemeenskapsdiens/primêre gesondheidsorg meer geredelik kan verwesenlik.

In 1996 is die eerste graduandi in hierdie program gelewer en is die Nagraadse Diploma in Dieetkunde vir die laaste keer aangebied. In 1998 het die Beroepsraad vir Dieetkunde die voorgraadse program beoordeel, en is 'n baie positiewe evalueringsverslag, vol waardering vir die gehalte van die opleiding, ontvang. 'n Tutorprogram wat voorgraadse onderrig in dieetkunde en verwante vakke versterk, is in 1997 ingestel en word sedertdien besonder gunstig deur die studente ervaar. Op sosiale vlak het die Huis Dieetkunde in 1998 onder voogskap van die Afdeling Mensvoeding tot stand gekom. Aktiwiteite is van sosiale, kulturele en/of akademiese aard en dra tot die volwassewording en toegevoegde waarde van voorgraadse studente in dieetkunde by.

Die nagraadse opleidingsmoontlikhede in dieetkunde bestaan uit sowel 'n keuse van 'n gedoseerde leergang, as 'n keuse waar die navorsingsprojek (uitvoering en aanbieding) die wese van die opleiding uitmaak. In 1997 is 'n gedoseerde MSc(Mensvoeding)-graadkwalifikasie goedgekeur.

In 1997 is die naam van die afdeling verander na die Afdeling Mensvoeding. Die term, "mensvoeding", dui direk en ondubbelsinnig op die toepassing van die wetenskap van voeding op die mens in belang van sy gesondheid. Hiermee word die rol van voeding in 'n gesondheidbevorderende, voorkomende, terapeutiese, rehabilatiewe en/of palliatiewe verband uitgelig. Die naamsverandering is ook meer bevorderlik geag vir interdissiplinêre samewerking op die gebied van onderrig, navorsing en gemeenskapsontwikkeling, omdat "mensvoeding" 'n wyer toepassingsveld as dieetkunde suggereer.

Ten einde tred te hou met verandering en die eise van die tyd (waaronder die implikasies van die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid), en dieetkundiges te lewer wat nie alleen uitnemend en internasionaal mededingend opgelei is nie, maar ook oor plaaslik relevante vaardighede beskik, is die BDieetkunde kurrikulum oor 'n twee jaar tydperk (1998-2000) indringend hersien en is die veranderinge deurlopend teen relevante rolspelers getoets, met inagneming van die vereistes van die Beroepsraad vir Dieetkunde vir die opleiding van dieetkundiges. Die nuwe kurrikulum word deur die probleemgebaseerde leerbenadering, laterale en vertikale integrasie, sowel as vroeë en deurlopende praktykblootstelling en -opleiding in die praktyk (dit is op primêre, sekondêre en tersiêre gesondheidsorgvlakke; privaat- en/of staatsinstellings) gekenmerk en sal van 2001 ingestel word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n Noue verbintenis is ook sedert 1994 met kollegas van ander universiteite, nasionaal en internasionaal gevestig, veral deur wedersydse eksterne eksaminering op sowel voor- as nagraadse vlak. Hierdie samewerking is verder versterk tydens nasionale en internasionale kongresse en simposia, en die ontvangs van akademici en kollegas as gassprekers en gasdosente in die Afdeling Mensvoeding. Gedurende 1998-2000 het die afdeling deel uitgemaak van 'n konsortium van nege Suid-Afrikaanse universiteite (verantwoordelik vir dieetkunde-opleiding) wat kontraknavorsing oor die voedselverbruik van Suid-Afrikaanse kinders (0-9 jarige ouderdom) suksesvol voltooi het en die bevindinge en aanbevelings by wyse van 'n omvattende verslag aan die nasionale Departement van Gesondheid gelewer het.

Een van die onderrig- en opleidingshoogtepunte wat spesiale vermelding verdien, is die interdepartementele samewerking tussen die afdeling en ander departemente/dissiplines in die fakulteit. Onderrig in voeding (aangebied deur die afdeling) tree sterker as ooit na vore in die MBChB-kurrikulum; so ook in die MSc(Sportgeneeskunde)-program, en in die Skool vir Gesondheidstelsels en Publieke Gesondheid. Dieselfde kan van die suksesvolle vestiging en uitbouing van interdissiplinêre navorsing gerapporteer word. Voor- en nagraadse navorsing word ook jaarliks op fakulteitsdag voorgedra. Interfakultêre samewerking met sportwetenskappe (insluitend voedingsonderrig en -navorsing deur die afdeling) is ook besig om goed gevestig te raak.

Uitreikprogramme as deel van voor- en nagraadse opleiding (waaronder formele gemeenskapsgebaseerde onderrig te Hammanskraal), of in samewerking met nie-staatorganisasies het oor tyd heen gevestig geraak, en dra beduidend tot die akademiese sigbaarheid van die afdeling by. Die afdeling maak ook deel uit van die eerste-orde skakeling en samewerking met Mpumalanga (Witbank-Hospitaalkompleks) en Noordwes Provinsie met betrekking enersyds tot die uitbouing van 'n voedingsorgdiens en anersyds tot opleidingsgeleenthede vir studente in dieetkunde in die onderskeie provinsies.

Die personeel was betrokke by verskillende professionele verenigings, asook by tydskrifte wat deur die professionele verenigings gepubliseer is. Hulle het gedien in die nasionale en plaaslike besture en in die redaksies van voorgenoemde, sowel as in die Beroepraad vir Dieetkunde. Simposia en kongresse is gereeld bygewoon en referate of navorsingsverslae is gelewer. Die navorsing was toegespits op die begrip en verklaring van menslike gedrag ten opsigte van voeding, aspekte van toegepaste mensvoeding en kliniese/terapeutiese voeding, asook die daarstelling van standaarde vir die dieetkundepraktyk. Joernaalbyeenkomste en akademiese besprekings is suksesvol gevestig en word deur dieetkundiges van verskeie opleidingshospitale maandeliks bygewoon. Deurlopende voortgesette professionele leer word op hierdie wyse in stand gehou.



Die volgende dosente is verbonde aan die departement: **mee G J Gericke**, senior lektor en departementshoof, **F A M Wenhold** en **C M Viviers**, lektore. Die doseerlading word ook behartig deur enkele sessie-aanstellings. Hierdie afdeling word in die H W Snyman Noord-gebou gehuisves.

Studente word gekeur vir die voor- en nagraadse programme in Dieetkunde. Die voorgraadse program het die afgelope agt jaar gemiddeld 18-20 graduandi per jaar gelewer. Sedert 1995-2000 is vyf magistergrade in Dieetkunde aan die Universiteit toegeken. Twee akademies uitnemende nagraadse projekte is ook in samewerking met die Universiteit van Gent in België, suksesvol voltooi.

Waar Mensvoeding 'n deelgenoot in die fakulteit is, het hy hom verbind tot die implementering van besluite oor transformasie en die uitbouing van die fakulteit, én waar die afdeling 'n nuwe era binnegaan, waaronder verandering, vernuwing en uitdaging nie uitgesluit is nie, is hy steeds verbind tot die strewe na uitnemendheid.

Me G J Gericke
DEPARTEMENTSHOOF

Sportgeneeskunde

Die Afdeling Sportgeneeskunde is in 1992 onder leiding van **prof S W Brighton** en **dr E P Hugo** gestig. **Dr Hugo** het van 1992–1995 as deeltydse hoof opgetree en is in 1996 deur **prof J H Meiring** as deeltydse hoof opgevolg. 'n Selfstandige Afdeling Sportgeneeskunde is in Junie 1999 op die been gebring. Vanaf 1992 tot en met einde 1998 het vier groepe studente (gemiddeld 12 studente per groep) die MSc-graad in Sportgeneeskunde voltooi.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof E P Hugo



Dr D C J van Rensburg

Met die ontstaan van die selfstandige afdeling is **dr D C Janse van Rensburg**, sportgeneeskundige en ook spesialis in Fisiese Geneeskunde aangestel as die senior lektor onder die vlerk van die Departement Anatomie met **prof Meiring** as die afdelingshoof. **Me B Weder** was vanaf 1 Mei 1999 die deeltydse sekretaresse en 'n jaar daarna is **me J Smit** as addisionele halfdag sekretaresse aangestel.

Die afdeling is by die L C de Villiers Sportsentrum gevestig en sluit in spreekkamers, 'n prosedurekamer, 'n apteek, kombuis en administrasiekantoor. Hierdie afdeling brei steeds uit en onder meer word lokale opgeknap en ontwikkel. 'n Sonarmasjien is ook onlangs met befondsing van die Afdeling Sportgeneeskunde en die Fakulteit Geneeskunde aangekoop.

Al om die ander jaar skryf 'n groep van 15-20 nagraadse studente in wat die MSc met spesialisering in Sportgeneeskunde wil behaal. Hierdie studente kom van regoor Suid-Afrika. **Dr Janse van Rensburg** is betrokke by lesings vir voorgraadse mediese studente, en neem ook studente by die afdeling in vir hulle elektiewe tydperk.

Die voortgesette professionele ontwikkeling van medici is 'n prioriteit by die afdeling en lesings oor Sport- en Rumatologie-onderwerpe word regoor Gauteng, Noordwes Provinsie en Mpumalanga aangebied.

Sportgeneeskundige mediese dienslewering is een van die take wat met vrug uitgevoer word. Die tipe dienste sluit in 'n sportgeneeskunde kliniekdiens, mediese nooddiens vir koshuisrugby en die mediese evaluering van SISA-sportmense (atlete wat internasionaal deelneem of as potensiële uithalersportmense beskou word).

Dr Janse van Rensburg dien in die raad van die Suid-Afrikaanse Sport Mediese Assosiasie, en is aangestel in die bestuur van die raad vir die portefeulje subkomitee: akademies. Sy is ook telkemale as spandokter vir die Suid-Afrikaanse Netbal spanne tydens internasionale toere verkies.

Navorsing geskied deurdat die nagraadse studente by navorsingsprojekte betrokke raak, en verder is daar kontraknavorsing wat vir verskeie farmaseutiese maatskappye uitgevoer word.

Dr D C Janse van Rensburg
SENIOR LEKTOR

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie

Kantoor van die Dekaan

Die begin van die negentigerjare het die era van internasionale kontak ingelui – ook in die ingenieurswese. Tesame met die veranderende eksterne omgewing het daar dramatiese veranderings binnelands plaasgevind. In 1993 is omvattende vervanging en verbetering van die fakulteit se laboratoriumfasiliteite onderneem. Suid-Afrikaners se groter toeganklikheid aan die buiteland geld ook die omgekeerde, en bevestig dat oudstudente internasionaal moet kan meeding. Die interne politieke situasie bring ook mee dat die Universiteit vir alle rasse toeganklik word.

In 1993 is die departemente Elektroniese Ingenieurswese en Elektriese Ingenieurswese saamgevoeg en so het die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese met **prof C W I Pistorius** as die hoof tot stand gekom.



'n Verlengde studieplan (die vyfjaarplan) is vanaf 1994 ingestel om studente uit agtergeblewe gemeenskappe te kan ondersteun. Die eerste twee studiejare in hierdie plan word oor drie jaar versprei. Dit het ook geblyk dat 'n groot deel van die potensiële studentekorps nie Afrikaanssprekend of Afrikaans magtig is nie, en gevolglik is die volledige studieprogramme in Elektriese, Elektroniese, Meganiese en Chemiese Ingenieurswese vanaf 1994 in Engels ingefaseer.

Die Instituut vir Tegnologiese Innovasie is in 1994 onder die direkteurskap van **prof Pistorius** gestig. Die instituut beywer hom vir navorsing op die gebied van tegnologiebestuur, tegnologiese innovasie en tegnologiebeleid. In 1994 het die volwaardige Departement Ingenieurs- en Tegnologiebestuur uit die Leerstoel in Ingenieursbestuur ontwikkel. Hierdie verwikkeling is allerweë deur die nywerheid verwelkom. Gedurende 1998 het die Departement Ingenieurs- en Tegnologiebestuur na die Ingenieurswese II-gebou verhuis. Ten einde al die Ingenieursdepartemente na die hoofkampus terug te bring, word beplan om ook die Departement Bedryfs- en Sisteemingenieurswese op die hoofkampus te hervestig.

In 1997 het die SA Raad vir Ingenieurswese 'n akkreditasiebesoek aan die fakulteit gebring, en soos in 1992 is alle programme onvoorwaardelik geakkrediteer. Ook die Britse Instituut van Elektriese, Meganiese en Chemiese Ingenieurswese het die fakulteit in 1998 besoek en akkreditasie aan die programme in Elektriese, Elektroniese, Bedryfs-, Meganiese en Chemiese Ingenieurswese verleen. Gedurende 2000 is die Washington Accord bekragtig, en die fakulteit ontvang hierdeur akkreditasie in die VSA, Kanada, Brittanje, Ierland, Australië en Nieu-Seeland. Soos in die verlede is die fakulteit se gegradueerdes van die mees gesogte kandidate om nagraads in die buiteland te studeer.

Daar is in 1995 besluit om opleiding in Landmeetkunde uit te faseer en die Departement Landmeetkunde en Kartering is mettertyd gesluit. Die program in Weerkunde is in 1998 na die Fakulteit Natuurwetenskappe oorgeplaas.

In 1999 was die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese die eerste in Suid-Afrika om 'n program in Rekenaar-ingenieurswese in te stel en hierdie nuwe program het onmiddellik byval gevind.

Gedurende die tydperk 1993-2000 is verskeie dosente vereer deur die Universiteit se benoemings as uitnemende presteerders: **proff E C Botha, Pistorius, R F Sandenbergh, E H Mathews, P C Pistorius, J Joubert** en **R J Dippenaar**. Die SNO (en later die NRF) het Presidentstoekennings aan **proff Pistorius, D A McNamara, Mathews** en **P C Pistorius** gemaak. **Prof J A G Malherbe** is vereer as die eerste Fellow of the Institute of Electrical and Electronic Engineers (IEEE, VSA) by die Universiteit en was slegs die vierde Suid-Afrikaner wat hierdie toekenning ontvang het. Dieselfde toekenning is later aan **prof D C Baker** gemaak. Op 31 Desember 1999 het **prof Malherbe** as dekaan uitgetree om die pos van Uitvoerende Direkteur: Projekte by die Universiteit op te neem.

Die Universiteit het besluit om vanaf 2000 'n nuwe akademiese orde in te stel, en 'n aantal akademiese skole is geskep om saam 'n fakulteit te vorm. In Januarie 2000 is die Fakulteit Ingenieurswese en die Bou-omgewing gestig met **prof C W I Pistorius** as die eerste dekaan van die nuwe fakulteit. Die Skool vir Ingenieurswese bestaan uit al die departemente van die voormalige Fakulteit Ingenieurswese behalwe die Instituut vir Tegnologiese Innovasie wat in die fakulteit eerder as die skool geposisioneer word. Die Skool vir die Bou-omgewing bestaan uit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die departemente Argitektuur en Landskapargitektuur, Bourekenkunde en Konstruksiebestuur, en Stads- en Streeksbeplanning. **Proff J L Steyn** en **H M Siglé** is onderskeidelik as die voorsitters van die Skool vir Ingenieurswese en die Skool vir die Bou-omgewing aangestel. In April 2000 is die Skool vir Inligtingtegnologie na die fakulteit oorgeplaas, en die fakulteit se naam is verander na die Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie. Die Skool vir Inligtingtegnologie bestaan uit die departemente Rekenaarwetenskap, Informatika en Inligtingkunde, met **prof J D Roode** as die direkteur. **Mnr Ian Koekemoer** is in Augustus 2000 as die eerste fakulteitsbestuurder aangestel. Aan die einde van Oktober 2000 het **prof Steyn** op studieverlof gegaan en hy is deur **prof Sandenbergh** opgevolg as voorsitter van die Skool vir Ingenieurswese.

In Oktober 1995 is 'n mylpaal bereik toe al die aandele van die Laboratorium vir Gevorderde Ingenieurswese (LGI) in 'n trust gevestig en 'n drieledige ooreenkoms tussen die Trust, die LGI en die Universiteit onderteken is. Ingevolge die ooreenkoms sou die LGI op 'n sterk universiteitsgerigte basis bestuur word. Deur middel van 'n rug-aan-rug-ooreenkoms bestuur die LGI alle kontraknavorsing asook alle voortgesette onderrig van die fakulteit. **Me H Dorfling** is as bestuurder van die afdeling Voortgesette Onderrig aangestel, en **dr K A Voigt** as die besturende direkteur. Die Universiteit het in 2000 besluit om 'n stelsel van kampusfirmas te ontplooi. Alle kontraknavorsing en voortgesette opleiding sou voortaan deur hierdie firmas hanteer word.

Prof J A G Malherbe en **Prof C W I Pistorius**
VOORMALIGE DEKAAN en DEKAAN

Skool vir Ingenieurswese

Bedryfsingenieurswese

Die jare 1993-2000 val saam met 'n hoogtepunt in die ontwikkeling van die inligtingstegnologie en die Internet. Die toenemende integrasie van tegnologies gevorderde toerusting, produksieprosesse en inligtingstelsels bring noodwendig mee dat al hoe minder mense oor die vermoë beskik om die verskillende produksiefaktore doeltreffend te bestuur of te integreer. Die bedryfsingenieur met sy kennis van die wetenskappe, sy tegniese kundigheid, blootstelling aan informatika en menslike hulpbronbestuur asook opleiding in besigheidsbestuur is in 'n goeie posisie om sodanige integrasie te bewerkstellig en ook om die oordrag en aanwending van nuwe tegnologie te fasiliteer. Dit blyk duidelik uit die gemak waarmee gegradueerdes toegang tot 'n wye verskeidenheid werksgeleenthede op hierdie gebied verkry.


Prof P S Kruger

Die Departement Bedryfs- en Sisteemingenieurswese was in 1996 mondig en die geleentheid is op luisterryke wyse gevier met 'n gholfdag, 'n dinee en dans in die Rautenbachsaal, en 'n gesamentlike erediens in die Ned Geref Kerk Universiteitsoord. Die reünie is deur ongeveer 140 oudstudente bygewoon, waaronder vier van die eerste groep graduandi in 1963. (Bedryfsingenieurswese is tot in 1974 in die Departement Meganiese Ingenieurswese aangebied.) Eregaste by die geleentheid was onder andere die voorsitter van die Universiteitsraad, **dr Viktor Hesse**, die eerste dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese en ook die eerste departementshoof van Meganiese Ingenieurswese, **prof C A du Toit**, asook die eerste departementshoof van Bedryfsingenieurswese, **prof J P Botha**.

Gedurende 1997 is die Bedryfsingenieursweseprogram vir 'n verdere tydperk van vyf jaar deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Ingenieurswese geakkrediteer. 'n Besondere hoogtepunt in 1997 was die internasionale akkreditasie van die program deur die Institute of Electrical Engineering van die Verenigde Koninkryk. Hiermee is die program in Bedryfsingenieurswese vir die eerste keer internasionaal geakkrediteer.

In 2000 is voorgraadse Bedryfsingenieurswese vir die laaste keer net in Afrikaans aangebied, en word tans ook in Engels gedoseer. Die nagraadse programme in Bedryfsingenieurswese is reeds sedert 2000 in Engels aangebied.

Die eerste Thrip-navorsingsooreenkoms, getiteld Development of a Business Process Engineering Framework, is aan die einde van 1997 met twee nywerheidsvennote gesluit. 'n Tweede Thrip-navorsingsprogram, getiteld Computerised Manufacturing Interface, het in 1998 geskied. Dié projek oor gerekenariseerde vervaardigingskoppelvlakke lê op die terrein van vervaardigingverrigtingstelsels wat 'n nuwe ontwikkeling op die gebied van produksiebestuur is en daarop gemik is om mededingendheid van wêreldgehalte te bevorder.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n Derde navorsingsprojek, getiteld Dimensions of ATM broadband networks, is in 1998 in samewerking met CETTIS (Centre for Tele Traffic Engineering aan die Universiteit) asook die School of Industrial Engineering van die Universiteit van Purdue in die VSA uitgevoer.

Wat voortgesette onderrig betref, was dit 'n besondere hoogtepunt toe die PIE-program ('n sertifikaatprogram wat spesifiek op die mark vir voortgesette opleiding gemik is) in 1999 vir die eerste keer aangebied is. Die akroniem, PIE (afgelei van Programme in Industrial Engineering) vind neerslag in die slagspreuk vir die bemarking van die program: *Becoming world-class is as easy as pie by enrolling for the Programme in Industrial Engineering.* Die program is bedoel om kursusgangers met die gereedskap en tegnieke toe te rus wat die organisasies waaraan hulle verbonde is, op die weg na wêreldklasmededingendheid sal plaas.

Prof P S Kruger, departementshoof sedert 1990, het aan die begin van 1996 as departementshoof uitgetree maar as professor in die departement aangebly. Hy is deur **prof S J Claasen** opgevolg. Die ander personeellede aan die einde van 2000 was **proff A J Lubbe** en **A C J van Rensburg** (laasgenoemde het egter op 1 Desember 2000 bedank), vier senior lektore en 'n lektor, bygestaan deur 'n sekretaresse, 'n tegnikus, 'n dienswerker en enkele onderwysassistente. Daar word ook van eksterne kundiges as deeltydse dosente gebruik gemaak.

Verskeie personeellede het by die werksaamhede van die Suider-Afrikaanse Instituut vir Bedryfsingenieurswese ingeskakel. **Prof Kruger** was die president van hierdie instituut in 1992-1993, en is vir die termyn 1993-1994 deur **prof Claasen** opgevolg. Verskeie personeellede het ook in die raad en komitees van die instituut gedien. **Prof Kruger** was die stigter en tot 1994 die redakteur van die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Bedryfsingenieurswese*. **Prof Claasen** is in 1999 as redakteur van die tydskrif aangestel.

Die personeel het 'n verdere belangrike bydrae tot die professie gelewer deur in die raad en komitees van die Suid-Afrikaanse Raad vir Ingenieurswese te dien en deur verskeie akkreditasiebesoeke aan ander universiteite te bring. **Prof Claasen** het die Suid-Afrikaanse Raad vir Ingenieurswese in 1995 as waarnemer tydens 'n akkreditasiebesoek aan Dublin in Ierland verteenwoordig.

Die personeel het verskeie buitelandse besoeke onderneem, onder meer aan die Tegniese Universiteit Eindhoven (Nederland), die Universiteit van Purdue (VSA), en die Universiteit van Warwick (Engeland). Etlike referate is by internasionale konferensies gelewer. Op sy beurt het die departement 'n aantal besoekers van buitelandse universiteite ontvang.


Prof S Claasen

Die eerste damestudent in Bedryfsingenieurswese, **me Susan Adendorff**, het in 1983 gegradueer. In 2000 was sy die eerste dame wat die PhD-graad in Bedryfsingenieurswese behaal het. By dieselfde gradeplegtigheid is die eerste PhD-graad in Bedryfstelsels aan **me René Pellissier** toegeken. Beide hierdie oudstudente is tans medeprofessore aan die Skool vir Bedryfsleiding van die Universiteit van Suid-Afrika.

Verskeie ander dames-oudstudente van die departement het reeds hulle stempel op die industrie gemaak. Enkele voorbeelde is **me Christine McKechnie** (finalejaar in 1984) wat na 'n suksesvolle loopbaan by DairyBelle en Nestlé tans haar eie praktyk in die Kaap bedryf; **me Riana du Plessis** (finalejaar in 1988) is 'n projekbestuurder by Dimension Data na verskeie jare by Xcel Bestuurskonsultante; **me Elsa Venter** (finalejaar in 1988) is die bestuurder: logistiese beplanning en projekte van BMW Suid-Afrika in Rosslyn, en **me Elzanne Geertsema** (finalejaar in 1994) is die bestuurder: produksiebeplanning en -beheer by dieselfde maatskappy.

Gedurende die herfspromosieplegtigheid in 2000 is 13 B-grade uit 'n totaal van 38 aan dames toegeken. Van die vyf kandidate wat met lof geslaag het, was drie dames. **Me Liezl van Dyk** (finalejaar in 1996), 'n dosent in die departement, het by dieselfde plegtigheid 'n M-graad in Bedryfsingenieurswese ontvang. Sy het die besondere prestasie behaal om 'n Commonwealth Academic Staff Scholarship te verower wat haar in 2000 in staat gestel het om 'n M-graad in Vervaardigingstelselingenieurswese ("Manufacturing Systems Engineering") aan die Universiteit van Warwick te behaal. Tans maak dames 37% van die nuweling eerstejaarstudente in die Bedryfsingenieurswese uit en oor die vier studiejare verteenwoordig damestudente 'n totaal van 32%.

Voorgraadse studentegetalle het redelik konstant gebly. Tans is daar 228 voor- en 68 nagraadse studente waarvan ses PhD-studente is. Meer as 50% van die nagraadse studente in die departement is van ander ingenieursdissiplines afkomstig.

Bedryfsingenieurstudente het geskiedenis gemaak toe hulle die eerste studentetak van die Suider-Afrikaanse Instituut vir Bedryfsingenieurswese aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit gestig het. Studente van die departement sit oor die algemeen 'n trotse tradisie voort deur 'n leidende rol in die verenigingslewe en studentebestuur op die kampus te speel.

Prof Schalk Claasen
DEPARTEMENTSHOOF

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Chemiese Ingenieurswese

Chemiese Ingenieurswese beklee 'n spesiale plek onder die wetenskaplike en ingenieurswese-dissiplines. Dit het diep wortels in die wêreld van atome, molekules en molekulêre transformasie, en lewer 'n besondere bydrae tot enige land se tegnologiese behoeftes. Chemiese ingenieurs speel 'n sleutelrol in nywerhede so wyd uiteenlopend soos petroleum en brandstof, water, voedsel, kunsvesel, petrochemikalieë, polimere, keramieke, metale, glas, papier en gespesialiseerde chemikalieë. Hierdie nywerhede maak staat op die kundigheid van chemiese ingenieurs om die vervaardigingstegnologie by produkbehoeftes aan te pas en om die produkontwerp met die prosesontwerp te integreer.

Gedurende die tydperk 1993-2000 het die departement sy posisie in Suid-Afrika en internasionaal verstewig by wyse van goed gebalanseerde voor- en nagraadse opleiding en deur sy navorsingspogings op slegs vier gebiede toe te spits:

Waterbenutting- en Omgewingsingenieurswese

Die Rand Water-Leerstoel in Waterbenuttingingenieurswese is sedert 1970 die kern van gespesialiseerde nagraadse opleiding en navorsing in die benutting van water, een van Suid-Afrika se skaarsste natuurlike hulpbronne. In 1998 is hierdie groep se vermoëns verder versterk deur vestiging van die Erwat-Leerstoel in Afvalwaterbestuur. Die groep is nou in staat om nagraadse kursusse in omgewingsingenieurswese en die spesialisgebiede van water- en afvalbenutting aan te bied. Weens die nagraadse aard van die opleiding waarop hierdie groep hom toespits, maak navorsing 'n belangrike deel van sy aktiwiteite uit. Die navorsingsgebiede sluit in omgewingsbestuur, die ontwikkeling van nuwe en die verbetering van bestaande chemiese, biologiese en fisiese water- en afvalwatersuiweringsprosesse met die klem op hergebruik, asook die optimale hergebruik en hantering van afval. Hierdie groep geniet die uitnemende samewerking van die Suid-Afrikaanse nywerhede asook van regeringsinstansies soos die nasionale Departement Waterwese en Bosbou.

Prof W A Pretorius, bekleër van die Rand Water-Leerstoel, is in 1997 deur die Association of Environmental Engineering Professors in die VSA as Distinguished Professor bekroon en uitgenooi om 'n reeks lesings in Amerika aan te bied. **Prof C F Schutte** is gedurende die tweede semester in 1999 deur die Tegniese Universiteit van Aachen in Duitsland as besoekende professor uitgenooi.

Prosesmodellering en -beheer

Die vermoë om prosesgedrag wiskundig te beskryf, staan sentraal tot die suksesvolle ontwerp, bedryf en beheer van sodanige proses. Die Prosesmodellering en -beheergroep is 'n gevestigde groep wie se kundigheid oor die afgelope tien jaar ontwikkel het en met vrug in die Suid-Afrikaanse nywerheid aangewend word.

Die lede van hierdie groep is bedrywig op verskillende gebiede, onder meer die beheer van komplekse prosesse waar nie alle prosesveranderlikes noodwendig meetbaar is nie en waar prosestoestande voortdurend verander. Die groep se aktiwiteite word finansieel ondersteun deur die nywerheid en die Thrip-inisiatief van die NRF. Een voorbeeld is die ontwikkeling van 'n modelgebaseerde beheerder vir die kwaliteitsversekering van die verpulpingsproses wat Sappi-Saiccor gebruik om sellulosevesel te produseer. In 'n ander projek wat deur 'n klein spesialismaatskappy, Pitec, saam met Thrip geborg word, word gevorderde modelgebaseerde beheerprogrammatuur ontwikkel. Kleiner ondernemings sal met hierdie programmatuur ook die voordeel van gevorderde beheertegnologie kan benut.

Aan die einde van 2000 het Honeywell Hi-Spec Solutions gesofistikeerde ontwerpprogrammatuur aan die groep geskenk wat vir die opleiding van beheerspesialiste aangewend sal word. Saam met hierdie skenking word 'n baie aantreklike beursskema aan geselekteerde studente beskikbaar gestel ten einde van die kundigheid wat in die groep ontwikkel word in maatskappye terug te ploeg.

In die petrochemiese nywerheid skakel die groep nou met Sasol Tegnologie, waar gevorderde neurale netwerktegnieke gebruik word om afwykings in die bedryf van aanlegte vroegtydig te identifiseer en voorkomende maatreëls te tref om te voorkom dat produksie benadeel word. In die mineraalprosesseringsbedryf word beheerkundigheid ook aangewend vir die noukeurige beheer van maalkringlope wat aan talle versteurings onderhewig is en waar energie-effektiwiteit van groot belang is. Hierdie projek word saam met Mintek uitgevoer.

Die behoefte aan toepaslik gekwalifiseerde spesialiste groei steeds. Daar word reeds sedert 1996 'n nagraadse spesialiskwalifikasie in Beheer aangebied om in hierdie behoefte te voorsien.

Materiale

Materiaalwetenskap en -ingenieurswese word tans beskou as een van die aantreklikste opleidings- en navorsingsvelde in die chemiese ingenieurswese. Hierdie werk in die departement is gesetel in die Instituut vir

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Toegepaste Materiale wat in 1996 deur **prof Anton Heyns** van die Departement Chemie gestig is. Die sukses wat op hierdie gebied behaal word, kan aan deelnemende samewerking met die nywerheid toegeskryf word, asook aan die interdissiplinêre benadering wat die Departemente Chemie, Fisika en Metallurgie by chemiese ingenieurswese betrek. Die navorsing is gerig op funksionele materiale, en huidige projekte sluit in reaktiewe keramieke, organo-metaalverbindings, oppervlak-aktiewe stowwe, koolstofmateriale en polimere. Ondersteuning word van Sasol, AECI, Eskom, Foskor en 'n aantal klein hoëtegnologie-maatskappye ontvang. Groter projekte handel onder meer oor grafitiese materiale vir Eskom se modulêre korrelbed-kernreaktor, op welke gebied spesialisopleiding in koolstoftegnologie verskaf en baanbrekersnavorsing onderneem word; 'n proses vir die veredeling van sirkoon- tot sirkonium-chemikalieë (die proses is reeds in die loodsaanlegfase), en die vervaardiging (in samewerking met Foskor) van saamgestelde materiale bestaande uit gemodifiseerde poliëtileen en flogopiet. Die grootste toepassing is in die boubedryf as brandwerende materiaal en vir termiese isolasie.


Prof U H J Grimsehl

Daar is in 1998 'n deurbraak op die gebied van materiale met vlamvertragingstelsels gemaak. Die essensiële funksie van vlamvertragende bymiddels is om die tempo van verbranding in te kort en om vlamverspreiding in organiese materiale soos polimere te verhoed. Daar is drie moontlike maniere om die verbranding van polimere te bekamp: 'n vermindering van die tempo van chemiese reaksies in die vlam, 'n vermindering in die tempo van brandstofvervlugtiging deur die pirolise van die substraat, en die vorming van 'n interfase-skermlaag.

Endotermiese vlamvertragers werk by wyse van 'n energie-absorberende ontbindingsreaksie wat met die vrystelling van inerte gasse soos H2O en CO2 gepaard gaan. Hierteenoor vorm skuimende vlamvertragers 'n beskermende koolstofskuimlaag op die oppervlak van die brandende polimeer, en dit hou suurstof van die vlam af weg. Hierdie tipe vlamvertragers is aansienlik verbeter. Die verwagte toepassings van hierdie ontwikkeling is byvoorbeeld poli-olefienprodukte wat in die mynbou gebruik word en ook tekstiele, pypbedekkings en batteryomhulsels.

Tribologie

Tribologie behels die studie van oppervlakke in relatiewe beweging. Dit is 'n multidissiplinêre studieveld wat ten doel het om die slytasie van toerusting te beperk deur die korrekte konstruksiemateriale te kies en deur effektiewe smering. Die Tribologielaboratorium lewer 'n onmisbare diens aan die nywerheid en is die enigste laboratorium in sy soort in die land. Hierdie laboratorium beskik oor 'n omvattende reeks toetsapparate waarmee die werkverrigting van smeermiddels ondersoek kan word.

Daar was gedurende die oorsigtydperk goeie samewerking tussen die personeel en die professionele institute. Die departement word in die raad van die Suid-Afrikaanse Raad vir Ingenieurswese (SARI) en in vier SARI-komitees verteenwoordig. Personeellede dien ook in die bestuur van die Suid-Afrikaanse Instituut van Tribologie, die Waterinstituut van Suidelike Afrika en die Nasionale Raad van die Suid-Afrikaanse Instituut van Chemiese Ingenieurs. Diens aan die gemeenskap word steeds as 'n belangrike departementele verantwoordelikheid beskou. Kortkursusse word gereeld aangebied oor onderwerpe soos omgewingsbestuur, water-, riool- en afvalwaterbehandeling, afvalbestuur en -beheer, die gebruik van persoonlike rekenaars in die prosesnywerheid en polimere.

Die tradisie van internasionale erkenning van die voorgraadse opleiding (die Blng- graad is sedert 1960 deur die Institution of Chemical Engineers in Londen erken) is deur middel van suksesvolle akkreditasiebesoeke in 1993 en in 1998 gehandhaaf. Daar bestaan goeie samewerking op nagraadse vlak met die Tegniese Universiteit van Eindhoven, die Universiteit van Twente en die Brandenburg-universiteit.

Die voorgraadse studentetal het ongelukkig afgeneem. In 1994 het 95 nuwelingeerstejaars ingeskryf, maar in 2000 was daar slegs 45. Die nagraadse studentetal het egter gedurende dieselfde tydperk van 65 tot 105 toegeneem.

Die departement het daarin geslaag om sy reputasie (in die Suid-Afrikaanse nywerheid) as die beste verskaffer van voorgraadse opleiding te behou. Danksy die fokus van nagraadse en navorsingsaktiwiteite geniet die departement tans ook hoë agting vir die ontwikkeling van nuttige tegnologie.

Prof U H J Grimsehl
DEPARTEMENTSHOOF

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Elektriese, Elektroniese en Rekenaar-Ingenieurswese (voorheen Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese)

Die departement het in 1994 begin om die voorgraadse programme BIng(Elektriese Ingenieurswese) en BIng(Elektroniese Ingenieurswese) in beide Afrikaans en Engels in afsonderlike klasse aan te bied. Hierdeur is alle studente in staat gestel om hulle studie in een van hierdie twee tale te onderneem. **Prof Wilhelm Leuschner** is sedert 1 Oktober 1994 die departementshoof.

Gedurende 1998 is die eerste Rekenaar-Ingenieurswesegraad in Suid-Afrika in die departement ontwerp, en in Januarie 1999 het die eerste groep van 105 eerstejaarstudente vir dié program ingeskryf. Hierdie was ook die eerste groep studente aan die Universiteit wat oor die Internet geregistreer het. In 2000 het 205 eerstejaars vir Rekenaar-Ingenieurswese geregistreer. Hierdie ingenieursgraad is die eerste wat benewens die normale akademiese programme, ook industrie-kursusse soos A+, CCNA en CCNP as addisionele IT-Praktykkursusse (bywoningskursusse) insluit. Hierdie kursusse word in die gewone resestye aangebied en is dus bykomstig tot die besige akademiese program. Die studente in dié kursusse is begeesterd, hardwerkend en toegewyd met goeie skoolprestasie. (Universiteitstoelating met minstens C-simbole op Hoërgraad in Wiskunde en Wetenskap, en heelwat leerlinge met ses of meer onderskeidings in matriek skryf vir hierdie kursusse in.) Die eerste groep studente in hierdie kursusse het reeds aan die einde van hulle tweede studiejaar in Desember 2000 die CCNA-sertifikate verwerf ('n gesogte rekenaarnetwerkbeplannings- en bestuurskwalifikasie van Cisco Systems). Hierdie kwalifikasie word deur die industrie hoog aangeslaan, en die betrokke studente sal ná graduering oor beide akademiese en toegepaste opleiding beskik en ook goed op hoogte wees van die vaardighede waaroor rekenaar- en rekenaarnetwerk-spesialiste en -tegnici beskik. Dit sal hulle in staat stel om voorpunt-ingenieurswerk op 'n veel vroeër stadium te kan doen.

Die departement het in 1999 daartoe oorgegaan om al die nagraadse programme telematies aan te bied, sodat studente van regoor die land (en selfs in buurstate) deeltyds nagraads kan studeer. Die vakkursusse van die verskillende honneurs- en meestersgraadprogramme word via die World Wide Web aangebied. Gedurende elke semester moet studente slegs twee keer die kampus besoek (tydens "miniblokke") om die werk met die professore te bespreek, laboratoriumeksperimente te doen en toets te skryf. Hierdie is 'n uitbreiding van die "miniblokstelsel" wat reeds etlike jare in die departement in gebruik is. Ook die navorsingskomponente van die meestersgraad- en doktorale studie kan deeltyds deur middel van industriegesetelde navorsingsprojekte gedoen word.

'n Omvangryke program van Innovasie- en Entrepreneurskapsbewustheid is oor die afgelope vyf jaar ontwikkel. Vakkursusse in Innovasie, Ontwerp en Vervaardiging en omvangryke finalejaarprojekte is ingestel om hieraan te voldoen. Reeds in die eerste semester van die eerste studiejaar word die studente hieraan blootgestel. **Prof Leuschner** was verantwoordelik vir die instelling van die Universiteit van Pretoria Tegnologie-Inkubator (UPTI), wat in 1997 sy deure geopen het vir die eerste pasgegradueerde ingenieurstudente om hulle eie ondernemings op die kampus te begin. UPTI voorsien 'n infrastruktuur en netwerk aan pasgegradueerde studente om teen minimum koste hul eie ondernemings in die hoëtegnologieveld te vestig. Hierdie ondernemings moet binne 'n beperkte tyd (ongeveer drie jaar) ontwikkel tot selfstandige suksesvolle besighede en die inkubator verlaat.

Die belangrike skakeling met die industrie op nagraadse vlak is verder ontwikkel met die instelling van gesamentlike sertifikaatkursusse in Draadlose Telefonie (Wireless Telephony) wat deur die departement in vennootskap met privaatfirmas in hierdie veld aangebied word. Hierdie sertifikaatkursus word in modules oor 'n jaar aangebied en bied gegradueerde elektroniese ingenieurs die geleentheid om hulle kennis in digitale sellulêre en draadlose telefonie op te knap. Na voltooiing van die sertifikaatkursus kan hulle ook erkenning vir 'n nagraadse vakkursus verkry. Soortgelyke programme op ander terreine en met die samewerking van ander firmas word ook beplan en sal moontlik reeds in 2001 ingestel word.

Die departement besef die noodsaaklikheid van puik studente, top dosente en voorpunttoerusting vir die opleiding van ingenieurs van wêreldformaat. Op die gebied van Elektriese, Elektroniese en Rekenaar-Ingenieurswese is toerusting dikwels onbekostigbaar (veral omdat dit gewoonlik ingevoer moet word). Dit is dus 'n groot bron van vreugde wanneer privaat firmas toerusting skenk en laboratoriums borg. In 1999 is die departement saam met die Departement Rekenaarwetenskap aan die Universiteit, geïdentifiseer as Intel se "Fokus-Universiteit vir Suid-Afrika". Hierdie toekenning het gepaard gegaan met 'n skenking van rekenaar- en rekenaarnetwerktoerusting, en die Intellaboratorium is op 5 Oktober 2000 deur die Rektor geopen. Soortgelyke laboratoriums is deur Nokia ingestel, en die departement is ook as die eerste Cisco Netwerk Streeksakademie in Afrika aangestel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


Prof W Leuschner

Internasionale skakeling is in hierdie tydperk verder uitgebou tot samewerkingsooreenkomste met 'n aantal buitelandse universiteite. Uitruilgeleenthede is vir nagraadse studente geskep. Dit is in 2000 verder uitgebrei tot voorgraadse studente deur twee studente na die Technische Universiteit van Eindhoven te stuur om hulle finalejaarprojek daar te voltooi. Besoekende studente vanaf buitelandse universiteite dra by tot die navorsingsprogramme van die departement. Twee dosente het na die buiteland vertrek om hulle doktorale studie daar te onderneem, te wete **mnre Jaco Vermaak** na Cambridge en **Ernst Scholtz** na die Massachusetts Institute of Technology in die VSA.

Die akkreditasie van die departement se voorgraadse programme deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Ingenieurswese (SARI) is in 1997 onvoorwaardelik herbevestig, en in dieselfde jaar is dié programme ook deur die IEE (Institution for Electrical Engineers) van die Verenigde Koninkryk geakkrediteer. Dit stel gegradueerdes wat aan sekere minimum voorwaardes voldoen, in staat om in die Verenigde Koninkryk binne 'n sekere tydperk ná graduering as geoktrooieerde ingenieurs (Chartered Engineers - C Eng) te registreer.

Die naam van die departement is in 2000 verander na die Departement Elektriese, Elektroniese en Rekenaar-Ingenieurswese om duidelik aan te toon dat daar drie fundamentele velde is waarin die studente werk, te wete Elektriese Ingenieurswese (met fokusonderwerpe soos Kragstelsels, Energiestelsels en Industriële Elektronika), Elektroniese Ingenieurswese (met fokusonderwerpe soos Beheerstelsels, Telekommunikasie, Elektronika en Mikro-Elektronika, en Elektromagnetisme) en Rekenaar-Ingenieurswese (met fokusonderwerpe soos Rekenaarnetwerke, Data- en Kommunikasienetwerke, Optiese Netwerke en Programmatuur-Ingenieurswese).

In 2000 was daar 36 dosente in die departement en sowat 19 ondersteuningspersoneellede. Tien dosente besit NRF-graderings waarvan drie B-graderings ontvang het. Hulle is **proff Liesbeth Botha, Evert Seevinck** en **Xiaohua Xia**. In 2000 is **Prof Botha** benoem as Genoot van die WNNR. Beide **proff Botha** en **Joubert** is as Uitnemende Akademiese Presteerders van die Universiteit aangewys. Die navorsingsuitsette is gemiddeld 36 publikasie-eenhede per jaar (in internasionaal geakkrediteerde joernale) en ongeveer vyf patente per jaar. 'n Groot persentasie van die geregistreerde patente is internasionale patente, waarvan sekeres teen 'n groot wins ontwikkel en/of verkoop word.

Prof Michael Gitau is in 2000 verkies tot die Professionele Advieskomitee (Elektriese Ingenieurswese) van die Suid-Afrikaanse Raad vir Ingenieurswese (SARI) en **prof Duncan Baker** dien ook in die Raad van die Universiteit van Grahamstad en is 'n genoot van die IEEE.

Studenteprestasies in die oorsigtydperk sluit die volgende in: **mnr L T Hildebrand** en **mnr M P Lötter** ontvang in 1993 en 1996 onderskeidelik die S_2A_3 Bronsmedalje vir hulle meestersgrade. In 1997 het **mnr Ernst Scholtz** in Elektriese Ingenieurswese gegradueer en daarna onder meer die volgende pryse en toekennings: die Kanseliersmedalje vir die beste prestasie in die Natuurwetenskappe, die Gustav Heymann-goue medalje en -prys vir die beste student in Elektriese Ingenieurswese, die Eskom-prys vir die beste ingenieurstudent van alle tersiêre inrigtings in Suid-Afrika en die SKYE Foundation se uitstaande merieteprys om sy doktorale studie aan enige internasionale universiteit van sy keuse te onderneem.

Die departement het oor die laaste aantal jare die personeelsamestelling aangespreek en met groot welslae uitstaande personeel vanuit die aangewese groepe aangestel. Negentien van die 55 permanent-voltydse poste word deur mense uit die genoemde groepe beklee.

Die studentetal het stelselmatig van 772 in 1993 tot 938 in 2000 toegeneem. Na verwagting sal hierdie tendens vir minstens die volgende vier jaar voortduur. Op voorgraadse vlak is die studenteverspreiding ongeveer soos volg: 78% wit, 13% swart, 8% Indiër en 1% kleurling. Slegs sowat 8% van die voorgraadse studente is dames en daar word ernstig gepoog om hierdie persentasie te verhoog.

Prof W Leuschner
DEPARTEMENTSHOOF

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ingenieurs- en Tegnologiebestuur

Na aanleiding van die sukses van die Leerstoel vir Ingenieursbestuur wat in 1987 tot stand gekom het, is 'n formele Departement Ingenieurs- en Tegnologiebestuur in 1994 in die Fakulteit Ingenieurswese ingestel. Die fakulteit is later herdoop as die Fakulteit Ingenieurswese, die Bou-omgewing en Inligtingtegnologie. Die departement is 'n nagraadse departement wat programme op honneurs-, magister- en doktorale vlak aanbied, en dit is die enigste departement in sy soort in Suid-Afrika. Die doelwit is om bestuursopleiding vir ingenieurs en tegnoloë in die praktyk aan te bied, ongeag wat hulle voorgraadse dissipline was. Die nagraadse program is die grootste in die fakulteit, en spreek 'n belangrike en groeiende behoefte in die industrie aan. Die departement bly op die hoogte van nuwe tegnologie, geniet hoë agting plaaslik en internasionaal, en is 'n leier op die gebied van ingenieursbestuur.

Die departement bied tans drie nagraadse programme aan. Die magisterprogram in Ingenieursbestuur is in 1989 van stapel gestuur om bestuursopleiding aan tegniese gegradueerdes te bied. Dit voldoen aan die vereistes vir die beroepsontwikkeling van ingenieurs en tegnoloë nadat hulle die baccalaureus-graad verwerf en 'n aantal jare ondervinding opgedoen het. Die gedoseerde program word deeltyds oor twee of drie jaar aangebied. 'n Navorsingsprojek is 'n vereiste in die finale jaar.

Prof M W Pretorius

Die program vir Tegnologiebestuur is in 1995 ingestel en word gerig op ingenieurs en wetenskaplikes wat onlangs hulle baccalaureusgrade verwerf het. Die doel is om ingenieurs en wetenskaplikes te lewer wat nie net oor tegnologiese vermoëns beskik nie, maar ook in staat is om tegnologie te bestuur – spesialiste wat weet hoe om tegnologie te ontwikkel en aan te wend, en ook *hoekom*. Die program bestaan uit 'n stel voorgeskrewe kursusse op honneursvlak en 'n verhandeling op magistervlak.

Die magisterprogram in Projekbestuur word sedert 1999 aangebied om aan die toenemende behoefte aan opleiding in projekbestuur in Suid-Afrika te voldoen. Die doel met hierdie program is om projekbestuursopleiding van hoogstaande gehalte aan ingenieurs en tegnoloë beskikbaar te stel. Die opleiding voldoen ook aan internasionale standaarde en beste-praktyk-vereistes. Projekbestuur groei geweldig vinnig dwarsoor die wêreld. Die gereedskap, tegnieke en paradigmas wat eie aan projekbestuur is, stel dié gegradueerdes in staat om effektief te reageer op die snelle, radikale veranderinge wat die gevolg is van fel internasionale mededinging en tegnologiese vooruitgang.

Die departement bied ook 'n doktorale program aan, en kandidate kan 'n PhD-graad in Ingenieursbestuur, Tegnologiebestuur of Projekbestuur verwerf. 'n PhD-colloquium word minstens vier keer per jaar gereël waartydens PhD-studente en akademiese personeel hulle navorsing kan voorlê en bespreek.

Daar bestaan 'n noue samewerkingsverband tussen die departement en die Instituut vir Tegnologiese Innovasie (ook in die Fakulteit Ingenieurswese, die Bou-omgewing en Inligtingtegnologie), veral met betrekking tot navorsing. Die missie van die instituut is om tegnologiese innovasie by wyse van navorsing, wisselwerking met die nywerheid, en die ondersteuning van verbandhoudende opleidingsaktiwiteite te bevorder.

Die departement het 'n goeie werksverhouding met die Technische Universiteit Eindhoven (TUE) opgebou, 'n instansie waar navorsing voorop staan. Verskeie projekte is sedert 1999 van stapel gestuur of is tans aan die gang, en professore uit Eindhoven het byvoorbeeld die departement besoek en seminare oor Tegnologiebestuur aangebied. 'n Professor van die TUE het die Universiteit in November 2000 besoek om bystand te verleen met navorsingsprojekte by die departement, en twee van die departement se studente studeer tans aan die Fakulteit Tegnologiebestuur van die TUE.

Die departement het in 1989 een voltydse dosent, die departementshoof en 'n sekretaresse gehad. Die groeiende studentetal het beteken dat meer dosente aangestel moes word, en die departement beskik tans oor 'n permanente personeeltal van nege: die departementshoof, drie professore, twee medeprofessore, twee senior lektore, 'n sekretaresse en 'n deeltydse administratiewe assistent. Verskeie spesialiste in die bedryfswêreld is ook op 'n deeltydse basis by die departement betrokke, meestal as buitengewone professore. Al die personeel beskik oor aansienlike nywerheidsondervinding.

Die getal studente vir die drie nagraadse programme het bestendig oor die jare toegeneem. Die eerste inname in 1989 het uit 45 studente bestaan, en in 2000 het meer as 120 vir die eerste jaar van die drie programme ingeskryf. 'n Totaal van 201 studente het in 2000 vir al die programme wat die departement aanbied geregistreer.

Die onderrigmedium vir al die nagraadse programme is Engels, wat die programme meer toeganklik maak vir plaaslike en buitelandse studente. Verskeie studente uit buurlande soos Namibië, Botswana, Zambië en Zimbabwe is tans vir die nagraadse programme ingeskryf.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Studente uit byna al die ingenieursdissiplines, byvoorbeeld Elektries, Meganies, Chemies en Siviel, het vir die programme ingeskryf.

Ingenieurs uit die aangewese groepe word aktief aangemoedig om vir nagraadse studie in te skryf, en ongeveer 20% van die studente is swart, bruin of Asiërs. 'n Aantal swart en bruin damesingenieurs het reeds hulle magistergrade in ingenieurswese verwerf.

Prof M W Pretorius
DEPARTEMENTSHOOF

Landbou- en Voedselingenieurswese

Landbou-ingenieurs is tradisioneel gemoeid met die primêre produksie en verwerking van voedsel- en veselprodukte met as fokusgebiede: landbou-energiebronne, die volhoubare benutting van natuurlike hulpbronne, besproeiing en dreinering, landboustrukture en dierebehuising asook voedsel- en produk-verwerking.


Prof G Venter

Uit die aard van hulle agtergrond is landbou-ingenieurs veral ook in staat om probleme in die voedselbedryf te hanteer. Die departement het die praktykbehoefte aan waardetoevoeging tot primêre voedsel- en veselprodukte bevredig deur op ingenieursaspekte van voedsel- en produkverwerking te fokus. Die oogmerk is om, benewens ingenieurs vir primêre produksie-aspekte op te lei, ook graduandi te lewer wat by uitstek geskik is om as produksiebestuurders sowel as aanleg- en instandhoudingsingenieurs in die inmaak-, suiwel-, bevrore voedsel- en brouerybedrywe op te tree. In 1993 is die naam van die departement verander na die Departement Landbou- en Voedselingenieurswese. Voorgraadse studente het groter blootstelling aan mikrobiologiese en biochemiese kennis, soos van toepassing in die ingenieursberoep, ontvang. Die nagraadse leerplan is herontwerp en uitgebrei deur nuut-ontwikkelde modules in gevorderde aspekte van voedselverwerking in te sluit.

Prof Gert Venter (hoof sedert 1988) het in 1996 afgetree. Hy is opgevolg deur **prof H L M du Plessis**, wat sedert November 1967 aan die departement verbonde was. **Prof Du Plessis** is ook vanaf 1996 'n raadslid van die Suid-Afrikaanse Instituut van Landbou-ingenieurs en het in 1998 en 1999 as president gedien. **Prof J J Landman** het in 1994 aan die Universiteit van Guelph in die spesialiteitsgebied Voedselingenieurswese gepromoveer en is verantwoordelik vir hierdie modules. **Me Isobel van der Stoep** het in 1998 by die departement aangesluit en hanteer tans die modules in besproeiing en landelike ontwikkeling. **Mnr Eugene Terblanche** het in 2000 na vier jaar uit die diens getree. **Mnr John Eckard** het in 1998 na 11 jaar diens en **mnr Neels Smit** in 2000 na net meer as 30 jaar diens, met pensioen afgetree.

'n Daadwerklike poging is aangewend om die studentetal (beide voor- en nagraads) oor die langtermyn beduidend te verhoog deur bemarking en die werf van kontraknavorsingsprojekte. Verder is die gehalte van nagraadse onderrig veral in landelike ontwikkeling uitgebou en 11 formele nagraadse modules word tans aangebied. Goeie kontak is intussen met landbou-ingenieursdepartemente in Botswana, Kenia, Uganda, Swaziland, Zambië en Zimbabwe opgebou en 'n samewerkingsooreenkoms is vir dié doel in 1997 met die Departement Landbou-ingenieurswese van die Makerere Universiteit in Uganda gesluit. Twee dosente van Uganda was onlangs voltyds vir die MIng-graad geregistreer; een het die MIng-graad verwerf en een het vir 'n PhD-graad ingeskryf. Twee dosente van die Universiteit van Zambië het ook MIng-grade behaal en twee dosente van die Universiteit van Zimbabwe studeer tans voltyds vir die MIng-graad.

Die gebrek aan toepaslike en beskikbare handboeke oor bepaalde onderwerpe het groot druk op dosente geplaas om voorgraadse notas ook in Engels te vertaal sodat studente uit Afrika, asook dié uit ander ingenieursdissiplines die notas as inleiding tot nagraadse modules kan gebruik. Vanaf 2001 sal alle voorgraadse modules in beide Afrikaans en Engels aangebied word.

Met die oog op navorsing en die voorsiening van ingenieurskundigheid aan die Suid-Afrikaanse landboubedryf, is die navorsingspoging vanaf 1993 deur voltydse kontraknavorsers en nagraadse studente versterk.

Die navorsing na gronddinamika en plaasmasjiene het onder meer gehandel oor: die krag- en banddefleksie-modellering van gestuurde trekkerbande; rekenaarmodellering van twee- en vierwielgedrewe trekkers; die ontwikkeling van 'n Afrika-trekker; die lewensvatbaarheid van kleinboermeganisasie; meganisasiebeplanning en kosteberaming; kragmodellering vir enkel- en tandemgrondbrekers; en ook verskillende skaarbedekkingsmateriale.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Implement-dinamometers vir veldtoetse asook toetsapparate vir die bepaling van dinamiese grondeienskappe is ontwikkel. Verder is die meganiese versameling en vernietiging van afval-lemoene en kolbespuiting van onkruid in sitrusboorde ondersoek. Voortvloeiend uit 'n studenteprojek is 'n haelnabootser gebou en verskeie vervaardigers se beskermingsnette is reeds vir haeldeurdringing en ligdeurlating getoets.


Prof H L M du Plessis

In produkprosessering is vrugte-, grondbone- en paprikadroging asook die sproeidroging van eiers bestudeer en bevindinge oor die hidroverkoeling van babagroente, vrugteverkoeling, die bevriesing van inkvis en mikrogolfdroging gepubliseer.

Die druppelgrootte en -snelheid van, asook rypbestryding deur sprinkelbesproeiing, is ondersoek en die infiltrasie onder drupbesproeiing bestudeer.

'n Samewerkingsooreenkoms is met die Instituut vir Landbou-ingenieurswese (Landbounavorsingsraad) gesluit en die energiebehoefte van implemente vir dieretrekkrag asook watervloeimeting (laasgenoemde as kontraknavorsingsprojek vir die WNK) word tans ooreenkomstig dié navorsingsooreenkoms onderneem.

Uit die navorsingspoging is gemiddeld 6,5 gesubsidieerde referaateenhede per jaar deur dosente en studente van die departement gepubliseer, 'n gemiddeld van 6,4 kongresvoordragte binnelands en internasionaal gelewer en 'n handboek oor elektrisiteit in die landboubedryf deur **prof Venter** gepubliseer.

Gedurende 1997 is 'n nuwe akademiese inisiatief geloods en nuwe programme op voor- en nagraadse vlak as deel van die studieprogram van die Fakulteit Biologiese en Landbouwetenskappe ingestel. Die kursusse wat deur hierdie departement gekoördineer word, is op bestaande modules vir die grade BSc(Agric) en BIng(Landbou) asook MSc(Agric) en MIng(Landbou) geskoei. Nagraadse modules in landelike hulpbronbenutting, -energie en -dienste is ingestel.

Voorgraadse studente kon reeds vanaf 1998 inskryf vir 'n BSc(Agric) in Gemeganiseerde Landbou, met die klem op die praktiese toepassing van landbou-ingenieurskennis in die landboubedryf. Dit kan opgevolg word met 'n MSc(Agric) in Gemeganiseerde Landbou. Die nagraadse kursusse in BInst(Agrar) Hons, MInst(Hons) en PhD in Landelike Ingenieurstegnologie is ook as deel van die program van die Nagraadse Skool vir Landbou en Landelike Ontwikkeling aangebied, en word op landelike gemeenskappe gemik.

Gedurende die oorsigjare het 'n drastiese verlaging in die bydrae van die landbousektor tot die nasionale bruto binnelandse produk asook 'n ommekeer in die sosiale orde in die land plaasgevind. Die departement is nie hierdeur onaangeraak gelaat nie. Die aantal nuweling eerstejaarstudente uit die tradisionele voedingsbron vanuit die blanke, manlike en plattelandse omgewing, wat 'n meer kommersiële boerderygerigte opleiding verlang het, het skerp afgeneem. Die totale inskrywing van 20 nuweling eerstejaarstudente en ses graduandi in 1993 het verminder na vyf nuweling eerstejaars in 1999 en een finalis in 1999. In 2000 het sewe nuweling eerstejaars weer ingeskryf en sewe landbou-ingenieurs behoort hulle studie te voltooi. Oor die oorsigtydperk was die gemiddelde eerstejaarsinname 10,5 en het gemiddeld 7,5 studente per jaar gegradueer. In 2000 het die eerste drie kandidate die BSc(Agric) in Gemeganiseerde Landbou behaal.

Dit word ten doel gestel om deur ingenieurskreatiwiteit en innoverende optrede die koppelvlak tussen die biologie en tegnologie optimaal te benut, tot maksimum voordeel van die totale bevolking. Deur die voor- en nagraadse bemarkingspoging veral na Afrikalande vir die Skool vir Ingenieurswese en die Skool vir Landbouwetenskappe uit te brei, kan die departement 'n beduidende bydrae tot voedsel- en veselproduksie maak en dus ook 'n beter lewenskwaliteit vir inwoners van Afrika suid van die Sahara verseker.

Proff H L M du Plessis en **J J Landman**
DEPARTEMENTSHOOF en MEDEPROFESSOR

Materiaalkunde en Metallurgiese Ingenieurswese

Die departement was gedurende 1993-2000 steeds die voorste voorsiener van mensekrag en kundigheid aan die Suid-Afrikaanse metallurgiese bedryf. **Prof G T van Rooyen** wie se dosentskap sedert die ontstaan van die departement in 1960 strek, en wat vir 32 jaar as departementshoof gedien het, het in 1993 afgetree. Gedurende sy dienstermyn het hy die departement gevestig en 'n navorsingsaktiwiteit in stand gehou hoewel dit nie destyds as 'n prioriteit beskou is nie. **Prof Van Rooyen** sal veral onthou word as iemand wat hom aan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

opleiding toegewy het. Hy het besonder oorspronklike vraestelle opgestel en dit het menige studente laat wonder of hulle in die regte eksamenlokaal is. Hy is steeds aktief betrokke by die departement.


Prof G T van Rooyen


Prof R Dippenaar

Prof Rian Dippenaar wat in 1980 vanaf die Atoomenergie Korporasie as die bekleër van die Iscor-Leerstoel by die departement aangesluit het, is in 1994 as die nuwe departementshoof aangewys. Tydens sy relatief kort ampstermyn het hy veral aandag gegee aan die uitbouing van navorsing in pirometallurgie, en aan verhoudinge met die metallurgiese industrie, die professionele institute en buitelandse instellings soos die University of British Columbia, Kanada en die Universiteit van Tokio, Japan. Hy het in 1996 die pos van direkteur aan die BHP Institute for Steel Processing and Products aan die Universiteit van Wollongong, Australië aanvaar.


Prof R F Sandenbergh

Prof Roelf Sandenbergh is in 1996 as departementshoof aangestel en het hom beywer vir die verdere uitbouing van die departement se nywerheidsverbintenisse. Met die steun van die nywerheid is veral klem op navorsing gelê. Met die hulp van die nywerheid en die Thrip-program is die navorsingsinfrastruktuur in die departement sterk uitgebou, en leidende laboratoriums vir korrosie, pirometallurgie, sweis- en hidrometallurgie gevestig. Die navorsingsinfrastruktuur is aansienlik vergroot toe die Industrial Metals and Minerals Research Institute (IMMRI) met Iscor se ondersteuning gevestig en in Mei 2000 amptelik deur **mnr Hans Smith**, besturende direkteur van Iscor, en honorêre professor van die Universiteit geopen is. Die vestiging van die IMMRI het ten doel om gesofistikeerde navorsingstoerusting wat Iscor na die Universiteit gesekondeer het aan die breër navorsingsgemeenskap en die nywerheid beskikbaar te stel, en om navorsing in metallurgiese ingenieurswese aan die Universiteit te bevorder. **Prof Tom von Moltke** is as die eerste direkteur van die IMMRI aangestel.

Die personeel van die departement het op navorsingsgebied presteer. Chris Pistorius het as voorgraadse student uitsonderlik presteer en later 'n PhD-graad aan die Universiteit van Cambridge behaal. Hy is in 1991 as medeprofessor aangestel en het in 1997 die Presidentstoekenning van die Stigting vir Navorsing en Ontwikkeling vir uitsonderlike prestasie as jong navorser ontvang. Hy is ook in 1998 as Uitnemende Presteerder deur die Universiteit aangewys, en het in 1999 as een van die genooide hoofsprekers by die International Corrosion Conference opgetree.

Internasionale kontakte en gesamentlike navorsing is gedurende die oorsigtydperk verder uitgebou. Hier word gedink aan **prof Dippenaar** se groot bydrae met die inisiëring hiervan en die toenemende kontak wat met die universiteite van British Columbia, Carnegie-Mellon, Cambridge, Utah en Wollongong gevestig is. **Prof Pistorius** en **Kobus Geldenhuis** het albei tydens hulle studieverlof by die Carnegie Mellon University onderskeidelik aan die karakterisering van skaal op staal en die ontwikkeling van vastestofelektroliete gewerk. **Prof Sandenbergh** het tydens sy studieverlof aan die Universiteit van Utah goudloging en flotasie bestudeer.

Die voorgraadse leerplanne vir metallurgiese ingenieurswese is in 1999 hersien om aan die vereistes van die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid en dié van die internasionale ingenieursgemeenskap te voldoen en om seker te maak dat die graad internasionaal aanvaar sal word. Die lesings word tweetalig aangebied om Engelssprekende studente tegemoet te kom. Kursusse op nagraadse vlak word toenemend op 'n blokbasis aangebied om afstandstudente te akkommodeer. Die departement neem aktief deel aan voortgesette opleiding deur verskeie kortkursusse aan te bied wat veral op die praktyk gerig is en oor die hele vakgebied strek. Baanbrekerswerk word op die gebied van yster- en staalvervaardiging gedoen en verskeie interne kursusse word aangebied. Hierdie kursusse bied aan operasionele personeel die geleentheid om hulle teoretiese vaardighede te verbeter en nagraadse kwalifikasies te bekom.

Die studentetal het effens afgeneem, waarskynlik na aanleiding van wisselvallige en onstuimige toestande in die bedryf. Die groter klem op navorsing het 'n toename in die nagraadse studentetal meegebring, en meer as 70% van die PhD-grade sedert die ontstaan van die departement is gedurende die afgelope dekade toegeken. **Mnr Ernest Seleke** was in 1997 die eerste swart student wat in die departement afstudeer het. Die inname van swart en damestudente het toegeneem: in 2000 was 12% van die voorgraadse studente swart en ruim 21% vroulik.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die departement kan aan die einde van 2000 met vertroue die toekoms tegemoet gaan. Die fondament is gedurende die afgelope dekade gelê vir 'n veel groter bydrae op navorsingsgebied in die toekoms. Die veranderde samestelling van die studentekorps plaas die departement in 'n goeie posisie om toenemend tot die opleiding van hoëvlakmensekrag in metallurgiese ingenieurswese by te dra.

Prof R F Sandenbergh
DEPARTEMENTSHOOF

Meganiese en Lugvaartkundige Ingenieurswese

Navorsing

Gedurende 1993-2000 het die departement besondere groei in veral navorsing en ander skeppende werk beleef. Die Nasionale Navorsingstigting (NRF, voorheen SNO) het toenemend 'n belangrike befondsingsbron geword, veral deur beurse aan nagraadse studente. Al meer dosente het hulle aangebied vir evaluering en het begin om befondsing vir hulle navorsing te ontvang.

'n Besondere erkenning het die departement in 1994 te beurt geval toe dit aangewys is as die wenner van die SA Vereniging vir Ingenieurswese se Tegnologie Top 100-toekenning in die kategorie vir navorsing en ontwikkeling. Die doel van hierdie toekennings is om die aandag van wêreldmarkte op Suid-Afrikaanse tegnologie te vestig, die land se tegnologieleiers te identifiseer en inligting oor hulle suksesse en vermoëns bekend te stel.

Personeellede het hulle onderskei deur hulle spesialiskundighede in programpakkette saam te vat wat deur internasionale maatskappye en akademiese instellings aanvaar is. Onder leiding van professore in die departement, het groepe vier programme ontwikkel.



Prof Eddie Mathews het in samewerking met TEMMI, 'n navorsingsmaatskappy, die ontwikkeling van die program Quick gelei, waarmee die binneklimaat van geboue ontwerp kan word. **Prof Anton Raath** was die leier vir die ontwikkeling van die program QanTim in samewerking met die Laboratorium vir Gevorderde Ingenieurswese (LGI), 'n maatskappy van ingenieursdosente by die Universiteit. Hierdie program stel die gebruiker in staat om vibrasie-insette op voertuie in normale gebruik te meet en dan akkuraat in die laboratorium na te boots. Sodoende kan die leeftyd van voertuie se bakwerk en komponente akkuraat bepaal en verbeter word. **Proff Nielen Stander** en **Jan Snyman** het 'n optimeringsprogram ontwikkel waarmee strukture meer akkuraat ontwerp kan word.

Navorsing na die effektiewe verkoeling van elektroniese stelsels onder leiding van **prof Jan Visser** het op die ontwikkeling van die Qfin-sagteware uitgeloop, wat nou wêreldwyd deur maatskappye vir die vervaardiging en optimering van hitteputte gebruik word.

Vir vyf opeenvolgende jare sedert 1996 het die ontwerpgroep onder leiding van **mnre Danie Burger** en **At von Wielligh** een van die SABS se jaarlikse Ontwerptoekennings ontvang – 'n unieke prestasie. Hierdie groep het in 1996 ook die Krygkor Voorsittersprys vir die beste tegniese projek ontvang.

In 1996 het die Exulans vastevlerk-hangsweeftuig sy eerste geankerde vlugtoetse suksesvol ondergaan. Hoewel die daaropvolgende vryvlugtoets onsuksesvol was, het die projek baie waardevolle inligting opgelewer, sowel oor die algemene tegnologie van saamgestelde materiale as vir die verdere ontwikkeling van die konsep.

Die CFDlab onder leiding van **prof Ken Craig** is in 1996 gestig. Hierdie laboratorium konsentreer op navorsing wat berekeningsvloeidinamika – beter bekend as Computational Fluid Dynamics (CFD) – koppel met wiskundige optimeringsalgoritmes om sodoende optimale ontwerpe op die gebied van vloeimeganika en hitte-oordrag te verkry. Spesifieke toepassings is die modellering van lugbesoedeling en elektronikaverkoeling, die modellering van stringgietprosesse in vervaardiging en voertuiglugdinamika.

Navorsing na ontwerp in vervaardiging het daartoe gelei dat verskeie afvaardigings van die National Science Foundation (NSF) van die VSA se taakgroep vir vervaardiging die departement besoek het. Daarop het **proff Jasper Steyn** en **Snyman** in 1997 as lede van 'n Suid-Afrikaanse afvaardiging op uitnodiging van die NSF vooraanstaande akademiese en nywerheidsnavorsingsinstansies op die gebied van vervaardiging besoek. In 1999 is **prof Steyn** aangewys as medeleier van die UP-WNNR taakspan vir mededingende vervaardiging.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof Mathews se kundigheid op die gebied van navorsingsbestuur het beslag gevind in die programmatuur Research Toolbox, wat deur sowel die Universiteit as verskeie ander instansies gebruik word.

Die Suider-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van die Wetenskap (S2A3) het in 1996 die British Association-medalje (silwer) aan **prof Mathews** vir sy navorsing toegeken en in 1999 die S2A3 bronsmedalje aan Lukas du Plessis, magisterstudent van **prof Snyman**, vir die beste verhandeling in die natuurwetenskaplike fakulteite.

Prof Mathews het die Termiese Isolasie Vereniging van Suid-Afrika geïnisieer, met die visie om te verseker dat alle laekostehuise korrek geïsoleer word.

Die navorsingstatuur van die departement is ook uitgebou deur die leidende rol wat personeellede gespeel het in die aanbieding van die Internasionale Vereniging vir Voertuigstelseldinamika se konferensie in 1999 by die Universiteit. **Prof Van Niekerk** het hiermee besondere inisiatief geneem. In 2000 het **prof Snyman** vooraanstaande internasionale navorsers saamgetrek vir 'n werksessie oor Multidissiplinêre Ontwerpoptimering.

Onderrig

In 1995 is 'n verlengde program ingestel vir studente met 'n agterstand in hulle skoolopleiding. Engels is as tweede voorgraadse onderrigtaal ingevoer om toeganklikheid vir Engelssprekende studente te bevorder.

Talle dosente het 'n onderrigwerksessie bygewoon wat deur **prof Richard Felder** van die VSA, wêreldleier op die gebied van ingenieursonderrig, aangebied is.

Die voorgraadse program in Meganiese Ingenieurswese is in 1997 weer deur die SA Raad vir Ingenieurswese geakkrediteer, met vermelding van die kwaliteit van die program. In 'n besondere nuwe inisiatief is die program ook deur die Instituut van Meganiese Ingenieurs (IMechE) van die Verenigde Koninkryk geakkrediteer.

Prof J W Mitchell van die Universiteit van Wisconsin (Madison) is in 1998 genooi om die nagraadse program te evalueer. Die evaluasie het aandag aan sowel die nagraadse onderrig as navorsing in die nagraadse program geskenk. Hieruit het geblyk dat die nagraadse program baie gunstig vergelyk met dié aan goeie buitelandse universiteite.

Die Mini Baja-kompetisieprojek is in 1996 geloods as 'n finalejaar-skripsieprojek waarin studente van technikons en universiteite landwyd betrokke is by die ontwerp, vervaardiging en evaluasie van 'n enkelsitplek veldvoertuig. Die hoogtepunt van 'n jaar se harde werk word in Oktober tydens die nasionale kompetisie bereik, wanneer deelnemers van oral in Suider-Afrika hulle voertuie teenoor mekaar opweeg. Die Universiteit het sedert die begin van die kompetisie nog elke jaar as oorwinnaars uit die stryd getree.

'n Nuwe voor- en nagraadse spesialisasierigting in instandhoudingsingenieurswese is ingestel, met uitgebreide ondersteuning uit die nywerheid. **Prof Hector Dreyer** is as buitengewone professor vir hierdie program aangestel en **mnr Jasper Coetzee** as eerste senior lektor. Dit het gegroei tot 'n eenheid wat groot sukses in beide formele onderrig en voortgesette opleiding behaal het.

Prof Tienie van Schoor van Midé Corporation in die VSA en buitengewone dosent aan die Massachusetts Institute of Technology (MIT), is ook buitengewone professor in die departement. Hy bied nagraadse vakke in saamgestelde en aktiewe materiale aan.

Mnr Tshilidzi Marwala, wat sy MIng-graad in 1997 onder **prof Stephan Heyns** se leiding in hierdie departement behaal het, het daarna die prestige Bradlow-beurs verwerf om sy PhD aan die Cambridge Universiteit te gaan doen en het reeds sy proefskrif ingehandig.

In 2000 is die eerste internasionale samewerkingsprogram vir voorgraadse onderrig ingestel toe studente van die Universiteit saam met studente van die Tegniese Universiteit Eindhoven 'n ontwerpprojek gedoen het.

Gemeenskapsdiens

Nuwe uitreikprogramme na voorheen benadeelde gemeenskappe is ingestel. **Prof Steyn** het namens die SA Instituut vir Meganiese Ingenieurswese 'n Tegnologie-Olimpiade vir hoërskole gelei. **Prof Van Niekerk** het 'n verbandhoudende program van tegnologiewerksessies vir swart onderwysers ingestel. Hy het ook die leiding geneem met die inrig van 'n mobiele tegnologie-eenheid in 'n leunwa, bekend as Tsebo Koloing, wat na voorheen benadeelde gemeenskappe geneem word om aan hulle die geleenthede wat tegnologie bied, te kommunikeer. Ruim geldelike steun is uit die nywerheid vir hierdie programme ontvang.

Prof Mathews was betrokke by die Regering se Witskrif vir energie en by die energievooruitsigstudie van die Departement Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie (DKKWT). Hy was ook 'n adviseur oor innovasie vir die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


Prof J L Steyn

minister van die DKKWT gedurende die byeenkoms van die Gemenebes, waar **dr Ben Ngubane** die president van die Gemenebes se Wetenskapsraad geword het.

Personeel

Na 'n bestendige tydperk was daar in 1997-1999 heelwat personeelwisselinge. In 1995 is die eerste swart dosent, **mnr B Hlwatika**, aangestel en in 1999 vir die eerste keer in 'n lang tyd 'n vroulike dosent, **dr P E Visser-Uys**. Die departementshoof, **prof Steyn**, het vir twee termyne van etlike maande as dekaan waargeneem, en was ook in 2000 voorsitter van die Skool vir Ingenieurswese.

Proff Mathews en **Snyman** is as B-navorsers deur die NRF gegradeer. Eersgenoemde het ook by herhaling 'n toekenning van die Universiteit as Uitnemende Presteerder ontvang en was die gasredakteur van twee invloedryke internasionale joernale. Hy is tans die redakteur van die internasionale joernaal, *Building and Environment*, en dien in die redaksieraad van *Numerical Methods for Heat and Fluid Flow.*

Prof Heyns was gedurende 1996-1997 president van die Suider-Afrikaanse Akoestiekinstituut. **Proff Heyns** en **Steyn** het albei in die professionele advieskomitees vir onderskeidelik lugvaartkunde en meganiese ingenieurswese van die SA Raad vir Ingenieurswese gedien. Verskeie personeellede het ook in nasionale en streekkomitees van vakkundige verenigings gedien. **Prof Steyn** was raadslid van die SA Instituut van Meganiese Ingenieurswese.

Fasiliteite

In Julie 1995 is die Gold Fields Dinamika Laboratorium geopen. Hierdie goed toegeruste laboratorium bedien verskeie dinamika-verwante kursusse, asook 'n lewendige navorsingsprogram op die gebied van vibrasie-analise.

Die SABS het in November 1999 gesertifiseer dat die Sasol Laboratorium aan die ISO9001-vereistes ten opsigte van toets- en meetwerk, ontwerp en ontwikkeling voldoen. Dit maak dit vir die laboratorium, wat baie werk op die gebied van voertuigingenieurswese doen, heelwat makliker om wêreldwye dienste te lewer. In die geheel is die departement goed geposisioneer om die uitdagings van die toekoms die hoof te bied.

Prof J L Steyn
DEPARTEMENTSHOOF

Myningenieurswese

Prof André Fourie is vanaf 1 Mei 1996 as departementshoof aangestel. Die departement het gedurende die tydperk 1993-2000 steeds uitgebrei wat die voorgraadse en nagraadse studentetal, die befondsing van akademiese navorsing en publikasies betref. Gedurende die oorsigtydperk het die getal voorgraadse studente met meer as 38% en die getal nagraadse studente met meer as 300% toegeneem. Die toename in die studentetal kon hoofsaaklik toegeskryf word aan die groter getal voorgraadse beurse wat beskikbaar gestel is. Hierdie beurse is veral deur die Anglo-groep (onder meer Anglo Coal, Anglo Gold, Amplats en De Beers) aangebied, wat tans die studie van 70% van die inname van voorgraadse studente borg. Die buitengewone toename in die getal nagraadse studente is toe te skryf aan intensiewe interne bemarking en die voortgesette ontwikkeling van die spesialiseringskursusse wat die departement aanbied.

Verskeie pryse is vir toppresteerders onder die voorgraadse studente beskikbaar gestel, byvoorbeeld die Suid-Afrikaanse Instituut van Mynwese en Metallurgie (SAIMM) en die Kamer van Mynwese se goue medaljes waarvoor met ander departemente en tersiêre instellings meegeding word. Benewens die twee goue medaljes van die Kamer van Mynwese wat gedurende die oorsigtydperk aan studente in die departement toegeken is, het ons studente ook elke jaar gedurende die tydperk 1993-2000 die SAIMM-projekprys ontvang.

Die voorgraadse kurrikulum het sedert die primêre hersiening in 1998 klein veranderinge ondergaan. Die lesingmetodiek self is egter aansienlik gewysig – van 'n passiewe onderrigstyl na 'n probleemgerigte groeponderrigstyl. Die sukses van die nuwe lesingtegniek word weerspieël in die hoë slaagsyfer van myningenieurs: meer as 85% van die ingeskrewe studente voltooi die graad in Myningenieurswese. Die kurrikulum is in 1997 deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Ingenieurswese herevalueer, en die gunstige verslag het aanleiding gegee tot volledige akkreditering van die graad tot en met 2002. Verdere veranderinge aan die graadprogram vir Myningenieurswese behels onder meer die opsie van 'n vyfjaar-graadprogram en, vanaf 2000,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

is 'n dubbelmedium-onderrigstroom vir beide Afrikaans- en Engelssprekende studente in óf 'n vierjaar- óf 'n vyfjaarprogram ingestel. Die instelling van die dubbelmedium-opsie is die gevolg van 'n markanalise wat aangetoon het dat daar 'n behoefte bestaan om Engelssprekende studente in die graadprogram vir Myningenieurswese te akkommodeer. Dit volg op 'n toenemende neiging in die mynbedryf om Engels as die lingua franca by die myne te gebruik.

Nadat 'n ooreenkoms in 1997 met Yskor gesluit is, het die departement toegang tot die Mooiplaas-dolomietmyn verkry as 'n bedryfslaboratorium om die voorgraadse opleiding aan te vul. Die studente kan hulle data daar in 'n bedryfsomgewing insamel en vergelyk, en teorieë toets deur hulle ontwerpe onder bedryfstoestande te implementeer. Eksperimente word gereeld op die gebied van plofontwerpe en -optimering, vervoerproduktiwiteit, rotsboorwerk en hellingstabiliteit uitgevoer. Saam daarmee vorm meer fundamentele navorsing deel van die personeel se kontraknavorsingswerk. Die Kamer van Mynwese het in 1998 sy toerusting vir mynventilasie aan die departement geskenk. Dit bied aan studente die voordeel van topgehalte laboratoriumtoerusting vir die simulasie van ventilasienetwerke en die toetsing van waaierwerkverrigting onder beheerde toestande. Maptek, Goldfields en Emenvee Computers het 'n volledig toegeruste Vulcan-mynbeplanningstelsel aan die departement geskenk vir voorgraadse en nagraadse opleiding in bogrondse en ondergrondse mynontwerp. Saam met die departement se eie rekenaarkamerfasiliteit ontvang studente nou omvattende aanvullende opleiding in die meeste sagtewarestelsels wat met myningenieurswese in verband staan.

Prof A Fourie

Die personeelkomponent het grotendeels onveranderd gebly, behalwe dat sommige personeellede hulle akademiese en professionele kwalifikasies aangevul het. Die departement is uniek in dié sin dat al die personeel in 1999 oor Bevoegdheidsertifikate vir Mynbestuurders beskik het, en dat 60% van die personeel op die vlak van professor was. **Essie Esterhuizen** het in 1998 'n PhD-graad ontvang, en **Roger Thompson** het ook 'n PhD-graad in 1997 behaal. **Dr De Frey** het in 1994 afgetree na 17 jaar aan die Universiteit waar hy 'n dosent in mynekonomie- en waarderingsvakke was. **Dr Esterhuizen** het in 1999 uit diens van die Universiteit getree, na 14 jaar as 'n dosent in rotsmeganika. Hy is deur **prof Matthew Handley** opgevolg, wat 'n professionele natuurwetenskaplike is en sal die departement se aktiewe navorsingsprogram oor rotsmeganika aanvul. **Mnr Piet van Vuuren** het in April 2000 afgetree na tien jaar op mynboumetodes aan die Universiteit. Twee korttermynaanstellings is gevolg deur die aanstelling van **mnr Ronny Webber** wat benewens sy akademiese aktiwiteite ook huisvader van Taaibos is.

Die departement geniet steeds die steun van die Kamer van Mynwese in die befondsing van bepaalde poste en personeellede se salarissubsidies, en dit stel die departement in staat om toepaslik gekwalifiseerde en ervare persone in professionele poste aan te stel. Die rol van die Kamer van Mynwese in tersiêre onderwys word tans hersien, en 'n strategie word ontwikkel om in die jare wat voorlê aan die vereistes rondom die koste en voorsiening van menslike hulpbronne aan die industrie te voldoen.

Die departement se navorsingsuitsette gedurende die oorsigtydperk het aansienlik toegeneem wat navorsingspublikasies in geakkrediteerde tydskrifte, konferensieverrigtinge en die algemene pers betref. Kontraknavorsingswerk het gedurende 1999 tot meer as R1,4 miljoen uitgebrei wat 'n sesvoudige toename sedert 1993 was. Die inisiatiewe van die Navorsingsadvieskomitee oor Veiligheid in Myne met betrekking tot mynveiligheid en -gesondheid (waaruit drie navorsingsprojekte in vennootskap ontstaan het) en die meer onlangse navorsingsinisiatief ten opsigte van steenkoolmyne, CoalTech2020 (waaruit verskeie gesamentlike navorsingsprojekte met Miningtek ontstaan het) was instrumenteel in hierdie toename. Die Deepmynprojek is van 'n soortgelyke aard en status. Hierdie projek word deur die groot goudprodusente befonds en is daarop gemik om oplossings vir die tegnologiese uitdagings te vind waarvoor diep goudmyne in die nuwe millennium te staan sal kom. Toegepaste navorsing wat namens die mynbedryf uitgevoer is, was dus toegespits op navorsing oor rotsingenieurswese, mynveiligheid en -gesondheid, myn-omgewingsingenieurswese, mynproduktiwiteit, en die ontwerp en bestuur van mynkarweipaaie.

Proff Fourie en **Esterhuizen** was aktief betrokke by die formulering van die CoalTech-besigheidsplan wat op die optimering van reserwebenutting en -produktiwiteit in die nuwe millennium gemik is. Verskeie addisionele navorsingsprojekte vir die ontwerp van mynkarweipaaie en vervoerstelsels is op kontrak of in samewerking met die Laboratorium vir Gevorderde Ingenieurswese onderneem, waarby **proff Thompson**, Myningenieurswese, en **Visser**, Siviele Ingenieurswese, betrokke is. Met betrekking tot navorsing is samewerkingsprojekte ook deur Miningtek tesame met die Deepmyn-inisiatiewe op die gebied van myn-omgewingsingenieurswese onderneem.

Die departement het in April 2000 die PMR se Golden Arrow-toekenning vir die "beste tersiêre opvoedkundige instelling vir Myningenieurswese" ontvang.

Prof R J Thompson
MEDEPROFESSOR

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Siviele Ingenieurswese

Prof A W Rohde het op 31 Mei 1998 na 14 jaar as hoof van die departement afgetree. Sy dienstydperk is deur groei en stabiliteit gekenmerk. In Oktober 1998 is **prof Emile Horak** as sy opvolger aangestel. **Prof Horak** het sy voor- en nagraadse kwalifikasies aan die Universiteit behaal, asook 'n meestersgraad aan die Universiteit van Kalifornië, Berkeley. Hy was lank aan die WNNR verbonde en was ook werksaam by die Johannesburgse Stadsraad en Metropolitaanse Raad sowel as kontrakteur by Murray en Roberts.



Prof A W Rohde

Die doserende personeel bestaan tans uit tien professore, vier medeprofessore, twee buitengewone professore, vyf senior lektore en drie lektore.

Gedurende die oorsigtydperk het die departement 74 internasionale besoekers ontvang. Departementele personeel het 32 besoeke aan internasionale instansies gebring, 41 internasionale kongresse/simposia bygewoon en 75 referate by nasionale en 77 by internasionale konferensies gelewer.

Die departement het ook 41 kortkursusse aangebied, daar het 70 publikasies in geakkrediteerde tydskrifte verskyn, en drie patente is ontwikkel.

Prof Leon Maree dien in die transformasieforums en lewer insette oor die verskillende transformasiefases. Die departement pas verder aan deur sy laboratoriums uit te kontrakteer en as kostepunte te bedryf.

In 1993 was daar 234 voorgraadse studente (207 blanke manstudente en 25 blanke damestudente). Die nagraadse komponent het uit 164 blanke mans, twee blanke dames, een kleurling, vier Asiërs en twee swart studente bestaan. In 2000 was die ooreenstemmende syfers vir voorgraadse studie 103 blanke mans en 11 blanke dames, een kleurlingman, een Asiërman, een swart man en twee swart damestudente. Die nagraadse studentetal bestaan uit 55 blanke mans, agt blanke dames, een kleurlingman, een Asiërman en sewe swart manstudente.

Afdeling Waterboukunde

Die Waterafdeling het noue kontak behou ten opsigte van waterbronontledings, sedimentvervoer en pypstelsels. Sagteware is onder meer volgens ISO2785 ontwikkel vir die strukturele ontleding van asbespype wat eksterne belastings dra. Soortgelyke ontwikkelings is vir glasversterkte pype voltooi, sodat die strukturele pyplynwand vir gegewe belastingtoestande bepaal kan word.

Kontraknavorsing is vir die Waternavorsingskommissie uitgevoer, en bestaande riglyne vir residensiële watervoorsiening is geverifieer na aanleiding van tien jaar se gemete maandelikse watergebruik in Pretoria.

'n Patent vir die voorkoming van kavitasie in die beheerkleppe van waterstelsels is deurgevoer en kontak met 'n aantal klepvervaardigers het tot verdere ondersoeke gelei. Metodes om die styfheid van staalpype te verhoog is ondersoek deur 'n dun staalsilinder met 'n laag mortel te bedek en dan 'n PVC-bekleding aan die buitekant te plaas. Die resultate is belowend en die vervaardiger het 'n fabriek in die Seychelle opgerig.

Die nuwe driestadiumlugklep se werking is by Amerikaanse programmatuur wat wêreldwyd gebruik word ingevoeg na aanleiding van vorige navorsing oor die beheerde ontlugting van pype.

Die volgehoue behoefte aan groter stoorruimte in oppervlaktebronne het gelei tot die ondersoek van 'n outomatiese sluishek wat op bestaande damme geïnstalleer kan word sonder om die stuwatereffek uitermatig te beïnvloed. Nuwe kursusse is ingevoer om die behoefte in die watersektor aan te spreek, en dit het tot 'n toename in die getal nagraadse studente bygedra. Verskeie kortkursusse is aangebied en aktiewe deelname aan die Suid-Afrikaanse Instituut vir Siviele Ingenieurs (SAISI) se aktiwiteite is gehandhaaf.

Afdeling Geotegniek

Die afdeling se personeel het aangegroei van twee na vier lede. **Prof Maree** is die hoof, en **prof Eben Rust** is bevorder tot medeprofessor nadat hy 'n PhD-graad aan die Universiteit van Surrey behaal het. Die twee nuwe lede in die afdeling is **prof Gerhard Heymann**, medeprofessor, wat ook 'n PhD-graad aan die Universiteit van Surrey behaal het, en **mnr Nico Vermeulen**, senior lektor, wat tans besig is met 'n PhD-verhandeling oor die geotegniese aspekte van goudmynslik.

Die nagraadse program spog met 'n toenemende aantal studente asook meer en meer studente uit Afrika en ander wêrelddele. Navorsing in die afdeling konsentreer op *in situ*-toetse, stabiliteit en geotegniese aspekte in die mynbedryf.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Afdeling Vervoer

Prof P W Jordaan wat die Leerstoel in Vervoeringenieurswese beklee het, het die Universiteit in 1994 vir die privaat sektor verruil, en is opgevolg deur **prof A T Visser**. 'n Leerstoel in Spoorbaaningenieurswese is in September 1986 ingestel met **prof Willem Ebersöhn** as die hoof. Redelike omwentelinge is gedurende 1994-1995 veroorsaak toe 'n hele aantal van die afdeling se personeel bedank het. Die afdeling is nietemin weer opgebou en uitgebou, en kon voortgaan om kwaliteitopleiding te verskaf. Die personeel het in 2000 bestaan uit twee professore, **proff Visser** en **R F Del Mistro**, twee senior lektore, drie buitengewone professore, **proff R A F Smith, S C van As** en **G L Dehlen**, en 'n deeltydse senior lektor. Die span, bygestaan deur gasdosente, bedryf die grootste nagraadse program in Vervoeringenieurswese in Suid-Afrika, en lewer ongeveer 60% van die land se nagraadse graduandi op hierdie vakgebied.

Die Sentrum van Vervoerontwikkeling is in 1996 met die hulp van die nasionale Departement Vervoer gestig. Die sentrum het ten doel om opleiding te ondersteun en genootskappe vir voltydse nagraadse studie te bied. Siviele ingenieurs, tegnoloë en stads- en streeksbeplanners het reeds die program voltooi.

Die personeel van die afdeling lewer steeds 'n belangrike bydrae tot die gemeenskap. **Prof Visser** was in 1997 president van die SAISI, hy het as verteenwoordiger in die raad van die Geassosieerde Wetenskaplike en Tegniese Verenigings gedien, en is vir twee jaar deur die minister op die Padraad aangestel. Hy was ook betrokke by die reëlingkomitees van 'n aantal nasionale en internasionale konferensies. Voorts het hy kursusse in Zimbabwe, Kenia, Tanzanië, Namibië, Botswana en Mauritius aangebied, en was 'n genooide spreker in Brasilië. **Prof Del Mistro** het 'n omvattende program van stapel gestuur om opkomende raadgewende ingenieurs touwys te maak. **Prof Smith** is reeds vyf jaar die bestuurder van die Noordelike Sentrum vir Vervoerontwikkeling, en dit behels 'n koördineringsfunksie tussen die sentra aan verskillende tersiêre onderwysinstellings.

Afdeling Strukture


Prof E Horak

Hierdie afdeling het sy nagraadse program aangepas om aan die behoeftes van praktiserende struktuuringenieurs te voldoen. Die kursusse trek 'n groot persentasie van die nagraadse studente in Suid-Afrika in hierdie vakgebied, en studente uit die buurstate het ook ingeskryf. Naas die voorgraadse struktuurleerkomponent van die siviele ingenieursgraad, bied die afdeling ook 'n volledige reeks doelgerigte dienskursusse aan vir studente in die Argitektuur, Landskapargitektuur, Bourekenkunde en Boubestuur. **Mnr Johan Smit**, wat hierdie dienskursusse koördineer, is besig met 'n omvattende tweetalige lys van siviele- en struktuuringenieursvakterme.

Die Houtlaboratorium wat **prof Ben van Rensburg** begin het, is verder deur **prof Walter Burdzik** uitgebrei. Dit is tans die enigste laboratorium in Suid-Afrika waar navorsing op struktuurhout onderneem word, en die struktuurtoetsresultate word wyd aanvaar. **Proff Burdzik** en **Van Rensburg** is mede-outeurs van 'n nasionale handleiding, die *Timber Manual.*

Prof Burdzik se navorsing op die verspanning van houtdakke en die gradering van Suid-Afrikaanse dennehout is aangepak na aanleiding van probleme wat in die bedryf ondervind is. Twee doktorale studente is betrokke en die projekte geniet die ondersteuning van die NRF en Thrip asook die bedryf. Publikasies het in erkende tydskrifte verskyn, en bydraes is tydens internasionale konferensies gelewer oor die gedrag van houtstruktuur-drukdele, struktuurverbindings en strukture wat uit verskillende materiale saamgestel is.

Proff Nick Dekker en **Burdzik** het ondersoek ingestel na die ontwerpvereistes vir die verspanning van staal- en houtstrukture. Die bevindinge het nie net gelei tot wysigings in die gebou-ontwerpkodes nie, maar ook tot verskeie publikasies in erkende tydskrifte en voordragte by internasionale konferensies. **Prof Dekker** het met die steun van die bedryf en die NRF navorsing oor die strukturele gedrag van buise met platgedrukte ente onderneem.

Prof Van Rensburg het navorsing gelei oor ekonomiese ligte staalstrukture wat plaaslik toepaslike tegnologie benut. Verder is swiganalisetegnieke vir struktuurrame ondersoek. Die bevindinge het tot verskeie publikasies in erkende tydskrifte en voordragte by internasionale konferensies gelei. **Proff Dekker** en **Van Rensburg** is mede-outeurs van 'n nasionale handboek, *Design of structural steelwork in Southern Africa.*

Prof Vernon Marshall en **mnr John Robberts** het hulle toegespits op die gedrag en ontwerp van gewapende- en spanbetonstrukture. Hulle het saam die boek, *Prestressed concrete: design and practice*, in 2000 gepubliseer. Hierdie boek is in opdrag van die industrie, by monde van die Prestressed Concrete Division van die Concrete Society of Southern Africa, geskryf en is uniek in die sin dat dit 'n samevatting van Suid-Afrikaanse praktyk bevat.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof Marshall het die afdelings van die *Code of procedure for the planning and design of structures* wat die ontwerp van gewapende- en spanbetonbrûe dek, in opdrag van die Departement Vervoer geskryf.

Lede van die struktuurafdeling lewer gemeenskapsdiens deur in professionele tegniese komitees wat nasionale praktykkodes daarstel, te dien. Verder word spesialiskundigheid aan die bedryf beskikbaar gestel. **Prof Van Rensburg** was saam met Weerkunde betrokke by die ontwikkeling van 'n struktuur wat water uit miswolke kan tap vir afgeleë, behoeftige gemeenskappe in Suid-Afrika.

Afdeling Stedelike Ingenieurswese

Stedelike ingenieurswese bring al die siviele ingenieurswese-dissiplines bymekaar. Die fokus het die laaste aantal jare na die behoeftes van minderbevoorregte gemeenskappe verskuif. Die klem is nie bloot tegnies nie, maar ook sosiaal van aard, en sluit die identifisering van gemeenskapsbehoeftes, die sosiale implikasies van alternatiewe ingenieursdienste, die kommunikasie van tegniese aspekte aan gebruikers en hulle verteenwoordigers, en 'n soeke na laekoste-oplossings in wat steeds aan die prestasiedoelwitte voldoen. Die afdelingshoof is **prof Del Mistro**, wat ook in die komitee van IMISA se noordelike tak dien.

Van die personeel het buitengewone prestasies behaal. **Prof Visser** het in 1994 die Annual Transport Award van die CITSA ontvang vir die beste navorsingsbydrae tot die regering se Heropbou- en Ontwikkelingsprogram. In 1997 is hy tot president van SAISI verkies en met die SAISI-toekenning vir uitnemende navorsing vereer.

Prof Maree het in 1994 die Suiderkruismedalje ontvang vir voortreflike diens as bevelvoerder van die Universiteit se militêre eenheid, asook die Gespe tot die John Chard-Dekorasie vir 30 jaar van voortreflike diens in die Burgermag.

Prof W J R Alexander is in 1996 aangestel as lid van die Scientific and Technical Committee for the United Nations' International Decade for Natural Disaster Reduction, en is deur die Namibiese regering aangewys as spesialisgetuie oor hidrologiese en geomorfologiese aspekte in die grensgeskil met Botswana wat in 1996 voor die Wêreldhof in Den Haag verhoor is.

Me Elsabé Kearsley het in 1997 die Charles Skeen Fellowship Award vir haar navorsing oor skuimbeton verwerf. Sy verwerf haar PhD van die Universiteit van Leeds (VK) in 1999. **Dr Kearsley** ontwikkel 'n Beton Navorsingslaboratorium.

Prof E Horak
DEPARTEMENTSHOOF

Skool vir Inligtingtegnologie

In 1991 het 'n aantal departemente uit verskillende fakulteite 'n informele samewerkingsprogram geloods wat bekend gestaan het as die Skool vir Inligtingtegnologie. Die deelnemers hieraan was onder meer die departemente Informatika van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Rekenaarwetenskap en Wiskunde van die Fakulteit Natuurwetenskappe, Inligtingkunde van die Fakulteit Geesteswetenskappe, Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese en Bedryfs- en Sisteemingenieurswese van die Fakulteit Ingenieurswese en Didaktiek van die Fakulteit Opvoedkunde. Op 1 April 1998 is die skool formeel tot stand gebring en is **prof J D Roode** as eerste voltydse direkteur aangestel. Dit het gevolg op die besluit van die Universiteit om tegnologie, en in die besonder inligtingtegnologie, uit te bou en optimaal aan te wend ter ondersteuning van die onderrigproses, en terselfdertyd die terrein van inligtingtegnologie akademies te behandel. Die bestaande departemente Informatika, Inligtingkunde en Rekenaarwetenskap vorm die kern van die skool, en verskeie ander departemente uit diverse fakulteite neem ook deel aan die aktiwiteite van die skool.

Uitgangspunte

Die skool staan in 'n tweevoudige verhouding tot inligtingtegnologie: aan die een kant bestudeer die vakdissiplines in die skool inligtingtegnologie en die aanwending daarvan in die samelewing, in ondernemings en deur die individu, en aan die ander kant is die dissiplines in die skool onlosmaakbaar afhanklik van die jongste beskikbare inligtingtegnologie vir opleiding en navorsing in hulle onderskeie vakgebiede. Die skool wend inligtingtegnologie aan om die kwaliteit van onderrig, navorsing, gemeenskapsdiens en alle aspekte van die administrasie daarvan te verbeter. Die skool stel hom ten doel om nasionaal en internasionaal 'n toonaangewende akademiese rol in die veld van inligtingtegnologie en in die aanwending daarvan te speel. Die skool wil ook as verwysingspunt vir die Suider-Afrikaanse bedryfswêreld asook die Suid-Afrikaanse openbare sektor dien. Dit het 'n besondere belang

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

daarin om inligtingtegnologie in diens van die gemeenskappe van Suid-Afrika te stel en daardeur 'n betekenisvolle bydrae tot die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die land te maak.

Strategie

Ten einde inhoud aan bostaande visioenêre uitgangspunte te gee, stel die skool die aanwending van inligtingtegnologie deurlopend op die proef om daardeur steeds 'n geskikte vlak van "tegnologiese intensiteit" te handhaaf. Noue bande met die Suid-Afrikaanse Inligtingtegnologiebedryf word nagestreef en vind uiting in onder meer die vestiging van 'n advieskomitee vir die skool met sterk verteenwoordiging van die bedryf. Die advieskomitee vergader twee keer per jaar, in Mei en Oktober. Tydens hierdie vergaderings word die jaarplan van die skool voorgelê (Oktober) en daaroor verslag gedoen (Mei en Oktober). Die advieskomitee speel daardeur 'n belangrike rol om die aktiwiteite van die skool op markbehoeftes te rig. Die skool streef ook die vestiging van inter- en multidissiplinêre onderrigprogramme na, terwyl die onderskeie vakdissiplines in die skool steeds maksimaal ontplooi word.

Operasionele resultate

In 1998 is 'n nuwe vierjarige graadprogram, die Baccalaureus in Inligtingtegnologie (BIT), ontwikkel wat vanaf 2000 aangebied is. Die program is volledig uit bestaande kursusse binne die departemente van die skool en ander bestaande kursusse saamgestel en beoog om 'n student professioneel vir 'n loopbaan in die inligtingtegnologiebedryf voor te berei. Die vierde studiejaar sluit daarom ook 'n "leerlingskap" binne die bedryf in. 'n Nuwe gedoseerde meestersgraadprogram, die MIT, is ook in 1999 ingestel met die klem op bestuur in IT. Die kursusse word gesamentlik aangebied deur dosente van die drie departemente van die skool en eksterne vakkundiges. Dit het gou geblyk dat die MIT-graad die aansienlike behoefte aanspreek wat bestaan by persone wat geen formele kwalifikasie in IT besit nie, maar reeds in die IT-bedryf werksaam is, en by persone wat 'n loopbaanverandering wil maak om tot hierdie bedryf toe te tree. Veral laasgenoemde groep het dikwels 'n oorbruggingskursus nodig voordat hulle met die MIT-program kan begin, omdat hulle nie oor voldoende agtergrond in IT beskik nie. Om hierdie redes het die skool in 2001 ook 'n tweejarige Diploma in Inligtingtegnologie (Dipl IT) ingestel wat sowel voltyds as gedeeltelik telematies aangebied word. Die diploma is op die BIT-program geskoei en bied daarom ook 'n handige uittreepunt aan vir BIT-studente wat gouer tot die bedryf wil toetree.


Prof J D Roode

'n Belangrike besluit van die Universiteit in 1998 was dat alle studente voortaan rekenaar- en inligtinggeletterd moet wees en nie hulle studie in enige program sou kon voltooi sonder dat hulle bewys hiervan gelewer het nie. Die skool het die verantwoordelikheid om hierdie beleid in die praktyk toe te pas, en het vier modulekursusse hiervoor ontwerp. In 1998 is 'n kontrak met Damelin Kollege aangegaan om hierdie modulekursusse aan te bied in rekenaarlaboratoria wat spesiaal vir hierdie doel ingerig is. In 2000 het die Damelin-rekenaarsentrum oor ongeveer 400 rekenaars beskik, en die meeste studente sluit hierdie modulekursusse reeds tydens die eerste studiejaar in hulle programme in. Dié beleid behoort teen 2002 volledig geïmplementeer te wees. Op die lang termyn moet dit egter as 'n tydelike maatreël gesien word: steeds meer studente sal reeds op skool dergelike kursusse volg, en 'n student kan daarom vrystelling verkry van enige van die vier modules deur 'n vrystellingseksamen af te lê. Uiteindelik sal bepaalde relevante kwalifikasies ook erken moet word. Intussen is die skool daarvoor verantwoordelik om die gehalte van die kursusse wat Damelin aanbied, te verseker en beheer daaroor uit te oefen.

Die skool het in 2000 verantwoordelikheid aanvaar vir die aanbieding van drie kursusse in Gesondheidsinformatika vir die Meestersgraad in Openbare Gesondheid wat deur die Skool vir Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid aangebied word. Verskeie ander inisiatiewe is onderneem om die kundigheid wat binne die skool bestaan, wyer binne die Universiteit en na buite beskikbaar te stel. Die skool is medeverantwoordelik, saam met die Skool vir Openbare Bestuur en Administrasie en die Sentrum vir Menseregte, vir die aanbieding van 'n kursus in "Goeie Korporatiewe Toesig". 'n Rekenaargeletterdheidkursus met 'n inleiding tot die Internet is ook aangebied vir die Nasionale Sekretarisse van UNESCO van Engelssprekende Afrikalande. Die eerste stappe is onderneem om met die Sentrum vir Geografiese Informasiestelsels nouer saam te werk.

Struktuuraanpassings

Nadat die skool aanvanklik in noue samewerking met die Fakulteite Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Natuurwetenskappe en Lettere en Wysbegeerte onafhanklik gefunksioneer het, het die Universiteit in Februarie 1999 besluit om die skoolkonsep as bousteen van fakulteite te aanvaar. Fakulteite bestaan dus uit skole, wat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

logiese en werkbare groeperings van departemente is. Die Skool vir Inligtingtegnologie is aanvanklik binne die Fakulteit Natuur-, Landbou- en Inligtingwetenskappe geplaas, maar behoort sedert Maart 2000 tot die Fakulteit Ingenieurswese, die Bou-omgewing en Inligtingtegnologie, waar dit een van drie skole is, naamlik die Skool vir Ingenieurswese, die Skool vir die Bou-omgewing en die Skool vir Inligtingtegnologie.

Prof J D Roode
DIREKTEUR

Informatika

Die kernvraagstuk onderliggend aan Informatika is die behoefte om tot die bereiking van die missie van die organisasie by te dra deur die ontwikkeling, implementering en bestuur van inligtingstelsels te balanseer met die moreel-etiese verantwoordelikheid om die sosio-tegniese aanvaarbaarheid van inligtingstelsels te verseker. Gedurende 1997 is die departement ekstern geëvalueer deur **prof Ojelanki Ngwenyama** van die Universiteit van Michigan en **drr Crysanthi Avgerou** en **Julika Siemer** van die London School of Economics. Al drie evalueerders het positiewe verslae gelewer, en kommentaar gelewer dat: "The department is now known worldwide and is building a strong reputation in the international community of scholars." Dit bly dan ook steeds die visie om 'n departement van wêreldformaat te wees.


Prof N F du Plooy

Onderrig: aanbieding van praktika

Die departement het in Januarie 1993 'n toekenning van R365 000 ontvang vir die inrigting van 'n nuwe rekenaarlaboratorium (wat volledig toegerus sou word met 386DX-rekenaars!). Hierdie laboratorium was die voorganger van die huidige Informatorium, en is in samewerking met Rekenaarwetenskap op die been gebring en deur 'n verdere skenking van ICL toegerus. In November 1994 is die Informatorium, bestaande uit drie volledig toegeruste laboratoriums met 165 rekenaars, amptelik in gebruik geneem. Intussen het die Informatorium gegroei tot 12 laboratoriums met 600 rekenaars wat volledig deur die Departement Inligtingtegnologie bestuur word. Die nuutste toerusting word in puik toegeruste laboratoriums tot die studente se beskikking gestel, wat die gehalte van die aanbieding van praktika in die departement aansienlik verhoog.

Onderwysinnovasie

'n Innovasie wat in 1993 begin is, is die aanbieding van bykomende verrykingslesings vir voorgraadse studente. Hierdie klasse was nie "hulpklasse" nie, maar klasse wat waarde aan die algemene opleiding van studente toegevoeg het. Aan die einde van die derde jaar is aan studente wat al die klasse bygewoon en take suksesvol voltooi het, 'n Sertifikaat in die Teorie en Praktyk van Informatika toegeken. Later het toenemende studentegetalle egter genoodsaak dat hierdie praktyk hersien moes word, en sedert 1998 word verrykingslesings as deel van die tweede- en derdejaarstudente se formele onderrigprogram aangebied en word hulle ook oor die inhoud van hierdie lesings getoets.

In 'n poging om meer magisterstudente te werf, is sedert 1993 'n gedoseerde MCom-graad ingestel. Die getalle in die magisterprogram is steeds kommerwekkend laag ten spyte van jaarlikse bemarkingspogings. In dieselfde jaar is begin om eerstejaarklasse in Engels aan te bied, en in die daaropvolgende jare is dit vir alle kursusse ingefaseer. Sedert 1996 word nagraadse klasse slegs in Engels aangebied.

Gedurende 1995 is 'n omvattende herontwerp van die kurrikula van voorgraadse kursusse aangepak. Die aannames wat in 1990 gemaak is toe die kurrikulum die eerste keer "vasgestel" is, is weer ondersoek en verander waar nodig. Die herontwerp van die kurrikulum is in 1996 afgehandel en gedurende 1997 geïmplementeer. Sedert 1999 word daar jaarliks 'n beplanningsessie gehou waar daar oor die relevantheid van die kurrikulum besin word aan die hand van internasionale inligtingstelselkurrikula. Aanpassings word jaarliks gemaak indien nodig. Die formaat van studiehandleidings wat aan studente verskaf word is in 1996 hersien, en studente ontvang sedertdien 'n algemene brosjure met administratiewe besonderhede plus 'n kursusspesifieke handleiding wat leerdoelwitte, dosentinligting en teikendatums bevat.

Buitelandse besoekers

Gedurende 1993 het die departement die eerste van sy gereelde internasionale besoekers ontvang, naamlik **prof Richard Boland** van Case Western University. Sedertdien word jaarliks een of meer buitelandse dosente vir korter

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

of langer tye ontvang. 'n Hoogtepunt was die besoek van **prof Heinz Klein** van die State University van New York te Binghamton in 1995. Hy het 'n baie gewilde honneurskursus aangebied en verskeie colloquiums en referate plaaslik gelewer. **Prof Ojelanki Ngwenyama** van Michigan State University is sedert 1995 'n gereelde besoeker en bied lesings, honneurskursusse en seminare aan, en hou ook persoonlike navorsingsgesprekke met dosente. **Prof Kalle Lyytinen** van die Universiteit van Jyväskylä, Finland, het in 1996 'n besoek afgelê, gevolg deur **proff Jan Damsgaard** en **Urban Nulden** van die Universiteit van Aalborg in Denemarke. Tydens laasgenoemde se besoek in 1997 is 'n seminaar aangebied. **Drr Julika Siemer** en **Chrisanthi Avgerou** van die London School of Economics het onder meer 'n eksterne evaluering van die gemeenskapsdiensprojek by SEIDET gedoen. **Prof Lucas Introna**, vroeër van die London School of Economics en tans by die universiteit van Lancaster, kom sedert 1997 tot vier maal per jaar hier om bystand met nagraadse onderrig te verleen. **Prof John Friend** van die universiteit van Lincolnshire het die departement in 1997 en 1998 besoek.

Prof C de Villiers

Kortkursusse

Sedert 1994 is 'n hoogs suksesvolle kortkursus (Advanced Certificate in Information Systems Management), gebaseer op die honneurskursusse, jaarliks aangebied – die afgelope tyd selfs twee keer per jaar. Tans word hierdie kursus deur Inbekon ('n privaat konsultasiefirma) hanteer en deur die departement gesertifiseer. 'n Suksesvolle sertifikaatprogram in stelsel- en besigheidsontleding vir die industrie is ook sedert 2000 aangebied.

Navorsing

In Maart 1993 het van die personeellede vir die eerste keer bydraes by oorsese internasionale konferensies gelewer. Hierdie praktyk het gevestig geraak en dosente word aangemoedig en finansieel ondersteun om hierdie gebruik vol te hou. Sedertdien het personeellede elke jaar by een of meer konferensies opgetree. Die volgende tabel is 'n opsomming van navorsingsuitsette sedert 1993:

Jaar	Publikasies (joernaalartikels)	Publikasies (werkspapiere)	Publikasies (hoofstukke in boeke)	Internasionale konferensies	Nasionale konferensies
1993	2	16	0	10	6
1994	1	3	0	8	12
1995	4	13	2	11	7
1996	3	2	0	8	10
1997	1	4	0	10	2
1998	1	3	1	6	0
1999	3	19	0	10	4
2000	2	16	2	14	2

Personeelsake

Lucas Introna, die eerste personeellid wat by hierdie departement 'n doktorsgraad verwerf het, het die departement in September 1995 verlaat om 'n pos by die London School of Economics op te neem. Gedurende die afgelope ses jaar was daar verskeie bedankings, hoofsaaklik as gevolg van die aantreklike salarispakkette wat die IT-industrie aanbied. Verskeie van die vakante poste is egter weer gevul deur persone van ander universiteite en uit die industrie.

Prof J D Roode, wat sedert 1988 die hoof was, is in Augustus 1995 aangestel as Direkteur: Inligtingtegnologie van die Universiteit, maar het steeds as departementshoof waargeneem. In April 1998 is hy as direkteur van die Skool vir Inligtingtegnologie aangestel en **prof N F du Plooy** as departementshoof, 'n pos waarvan hy in Mei 1999 afstand gedoen het. **Prof Carina de Villiers** het as departementshoof waargeneem tot 1 September 2000, toe sy in permanente hoedanigheid aangestel is. Die personeel bestaan tans uit twee professore, een medeprofessor, drie buitengewone professore, vier senior lektore en drie lektore.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Studenteprofiel

Die voorgraadse studenteprofiel was soos volg in 2000:

BCom (Informatika)	Blank	Kleurling	Asiër	Swart
613	458	5	41	109

Op nagraadse vlak het die volgende aantal studente afgestudeer:

Jaar	Honneurs	Magister	Doktoraal
2000	36	7	2
1999	21	1	1
1998	23	1	4
1997	8	2	2
1996	5	3	0
1995	11	3	4
1994	14	6	1
1993	19	1	1

Bydraes tot die transformasieproses

Jackie Phahlamohlaka het op 1 Maart 1996 by die departement aangesluit, gevolg deur **me Arcilia Masoeu** op 1 Desember 2000. Die studentehulp weerspieël reeds die afgelope drie jaar die verskeidenheid van studente wat Informatika bestudeer.

Hoogtepunte

Gedurende 1997 het die departement sy tienjarige bestaan gevier. 'n Suksesvolle opstel- en plakkaatkompetisie is by skole gehou om leerlinge meer bewus van die vak Informatika te maak. Industrievennote en eregaste van die Universiteit is op luisterryke wyse onthaal.

In 1996 het die advieskomitee van die departement vir die eerste keer vergader. Die komiteelede was vooraanstaande IT-personeel uit die industrie wat die departement van raad bedien oor onderrig, navorsing en die gemeenskapsdiensprojekte wat onderneem word, en het in 1998 met die advieskomitee van die Skool vir Inligtingtegnologie saamgesmelt.

In 1996 het die departement die eerste in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe geword wat fondse vir navorsing van die destydse Stigting vir Navorsingsontwikkeling (SNO) ontvang het. Die navorsingsprojek is gesamentlik met die Departemente Didaktiek en Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese onderneem met die doel om gemeenskapsonderrigsentrums by Siyabuswa te vestig, as deel van die Siyabuswa Educational Improvement and Development Trust (SEIDET). Die klem was op rekenaargesteunde koöperatiewe leer om die onderrig van Wiskunde te ondersteun. Sedert die ontstaan van die projek het vyf doktorale studente reeds navorsing by SEIDET gedoen. 'n Rekenaarlaboratorium is later ingerig en onderwysers opgelei om self die laboratorium te bedryf en klasse in rekenaargeletterdheid aan te bied. In 1999 het die departement die Toekenning vir Onderwysinnovasie ontvang vir die werk wat by SEIDET gedoen word.

Die eerste projektedag het in 1996, met 15 projekte van derdejaarstudente plaasgevind. Dit het sedertdien 'n jaarlikse instelling geword, en in 2000 is daar 53 projekte in die Rautenbachsaal uitgestal. Die projekte word in spanne van twee tot vier lede aangepak met 'n kliënt buite die Universiteit. Volledige rekenaarstelsels met die gepaardgaande dokumentasie word deur die studente ontwikkel.

Prof Carina de Villiers
DEPARTEMENTSHOOF

Inligtingkunde

Ingrypende veranderinge en ongekende druk op alle terreine van die samelewing het die negentigerjare gekenmerk – druk wat ook die hele universiteitswese sou verander. Die departement kon onder die leiding van **proff J A Boon** en **T J D Bothma** (wat **prof Boon** in Oktober 1995 as departementshoof opgevolg het), op grond van tydige langtermynbeplanning strategieë ontwikkel om nie net die departement se posisie binne die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Universiteit te handhaaf nie, maar dit ook tot 'n toonaangewende departement as deel van die moderne nasionale en internasionale universiteitswese uit te bou.

Die bereiking van hierdie doelwit is in Februarie 2000 bevestig nadat 'n internasionale paneel die departement ekstern geëvalueer het. Die paneellede was **proff P Ingwersen** en **I Wormell** van die Koninklike Skool vir Biblioteek en Inligtingkunde in Kopenhagen, **prof W T Claassen**, viserektor, Universiteit van Stellenbosch en **prof M D R Ralebipi**, hoof uitvoerende administratiewe beampte en voormalige hoof van die Departement Inligtingstudies, Universiteit van die Noorde.


Prof T J D Bothma

Wat onderrig betref het die paneel bevind dat op sowel nasionale as internasionale vlak die Departement Inligtingkunde van uitsonderlike gehalte is, dat dit innoverend in sy benadering is, dat dit die behoeftes van die samelewing in die inligting- en kenniseeu aanspreek en voorts dat die departement op grond van onder meer die gehalte van sy onderrigprogramme, wat as "visioenêre programpakkette" beskryf is, een van die 20 beste departemente ter wêreld is. Die paneel het ook bevind dat in die lig van die beperkte tyd waaroor personeel vir navorsing beskik (volgens die paneel 50% van aanvaarde norme), die aansienlike navorsingsuitsette aan gemotiveerde personeel en 'n besondere navorsingskultuur toegeskryf kan word.

In 1993 is die BA (met spesialisering in Inligtingkunde) ingestel asook 'n bykomende gedoseerde MBibl-graadprogram. Veranderde eise aan graduandi het vervolgens tot die instelling van 'n BA(Uitgewerswese) in 1997 en 'n BA(Multimedia) in 1998 gelei. 'n Baccalaureusgraad in Inligting- en Kennisbestuur sal in 2001 in werking tree.

Sedert 1991 het die departement deel van die destyds gestigte "virtuele" Skool vir Inligtingtegnologie gevorm. As gevolg van algemene rasionalisasie en herbeplanning is dit tesame met die departemente Informatika en Rekenaarwetenskap gedurende 1998 saamgegroepeer tot 'n funksionele Skool vir Inligtingtegnologie wat sedert 2000 onder die Fakulteit Ingenieurswese, die Bou-omgewing en Inligtingtegnologie ressorteer. Die departement benadruk die behoud van sterk verbintenisse met die geesteswetenskappe. Sitting in die Skool vir Sosiale Wetenskappe (Fakulteit Geesteswetenskappe) het behoue gebly en illustreer sodoende die inter- en multidissiplinêre aard van die inligtingwetenskappe, met 'n gevolglike bevordering van inter- en multidissiplinêre navorsing. Bewys hiervan is die opleiding in Ontwikkelingskommunikasie as deel van die BSocSci in Gemeenskapsontwikkeling en die gedoseerde magistergraad in Ontwikkelingskommunikasie.

Telematiese onderrig is vanaf 1999 aanvanklik net op honneursvlak infaseer, maar sal uiteindelik vanaf 2001 alle voorgraadse modules insluit.

As deel van die Skool vir Inligtingtegnologie is graadbenamings BA/MA (met die verskillende spesialiseringsrigtings) en BBibl/MBibl vanaf 2000 na B IS (*Baccalaureus Informationis Scientiae*) en M IS (*Magister Informationis Scientiae*) verander.

Navorsing is sedert 1993 op vele terreine van die Inligtingkunde uitgevoer: inligting as hulpbron; rekenaargesteunde onderrig; hiperteks/hipermedia vir inligtingorganisering; die mens en inligting; die inligtingtussenganger; elektroniese ontsluiting en herwinning van inligting; inligtingsoudit; waardetoevoeging in inligtingsdienste; etiese vraagstukke in inligtinghantering; indeksering; die opleiding van ontsluiters; uitgewerswese, rekenaargeletterdheid, koppelvlakke vir elektroniese inligtingstelsels en bibliografiese beheer. Ongeveer 40 wetenskaplike subsidiedraende publikasies, 15 nie-subsidiedraende publikasies en meer as 85 referate, gepubliseerde konferensieverrigtinge en genooide referate (waarvan meer as 50 by internasionale konferensies) het in die tydperk 1993-2000 die lig gesien.

Gedurende 1994 is voortgesette opleiding geformaliseer deur die stigting van die Sentrum vir Inligtingontwikkeling. Die doelstellings van die sentrum is voortgesette opleiding deur kortkursusse (byvoorbeeld as deel van 'n winterskool-program), die reël en aanbieding van konferensies, kongresse en simposia en die lewering van 'n konsultasiediens. Die getal kortkursusse wat aangebied is, het vanaf ses in 1993 tot 47 (plus twee sertifikaatkursusse in Web-inhoudontwikkeling) in 2000 toegeneem, met 'n duidelike klemverskuiwing in onderwerpe na inligtingtegnologie.

Die Sentrum vir Inligtingontwikkeling was tussen 1994-1999 betrokke by die aanbieding van nege konferensies, simposia en werksessies op die terreine van hipermedia, uitgewerswese, bibliografiese standaarde, internasionale standaard boeknommers, inligtingverskaffing in Suider-Afrika en die morele en regsuitdagings van die inligtingera. Van die konferensies en simposia wat in 2000 aangebied is, was CHI-SA 2000 (Computer-Human Interaction in South Africa) en die ProLISSA-konferensie, wat die afsluiting van die DISSAnet-program is. DISSAnet

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(Development of Information Science in Southern Africa) het gepoog om 'n nasionale platform te skep ter bevordering van navorsing in Biblioteek- en Inligtingkunde in Suid-Afrika met finansiële ondersteuning van DANIDA (Danish International Development Agency).

Die eksterne evalueringspaneel het (naas die evaluering van die departement) bevind dat die sentrum van groot waarde vir die departement en die gemeenskap is, en na die paneel se mening geniet die sentrum wye erkenning en groot waardering van die professionele wêreld sowel binne as buite die landsgrense. Die stigtingsakte nie vir winsoogmerk nie en beleid is ook spesiaal vermeld.

Gemeenskapsdiensprojekte is onder meer betrokkenheid by 'n kleuterskool, 'n inligtingsgeletterdheidsprogram en telesentrums in Eersterus en by Appel (in die Noordelike Provinsie). Hierdie projekte staan onder leiding van **prof M E Snyman**.

Die algemene tendens van dalende studentegetalle aan Suid-Afrikaanse universiteite, wat in die laat tagtigerjare en vroeë negentigerjare 'n laagtepunt bereik het, het ook die departement geraak. Volgehoue werwingsaksies en strategieë van die departement sedert die laat tagtigerjare het egter daartoe bygedra dat die studentetal tussen 1994-2000 'n volgehoue styging getoon het. Die getal inskrywings, uitgedruk in terme van programinskrywings, lyk soos volg en illustreer naas die groei in studentegetalle ook die gepaardgaande hoër eise wat gedurende 1993-2000 aan die doserende personeel gestel is:

Vlak	**1993**	**1994**	**1995**	**1996**	**1997**	**1998**	**1999**	**2000**
Voorgraads	109	148	161	204	268	382	446	502
Honneurs	34	39	46	51	67	81	87	73
Magister	22	26	36	35	36	30	46	71
Doktoraal	9	8	8	9	9	12	20	23
TOTAAL	**174**	**221**	**251**	**299**	**380**	**505**	**599**	**669**

Tussen 1993-1995 was daar agt poste en gedurende 1996-1997 tien. Met die inskakeling by die Skool vir Inligtingtegnologie is sewe poste vanaf 1999 bygevoeg, wat die totaal tot 17 bring. Die postestruktuur vir 2000 sien soos volg daar uit: twee professorate beklee deur **prof Bothma** (hoof) en **prof J C Cronjé**; drie medeprofessorate, beklee deur **proff J J Britz, Snyman** en **J Steyn**; vier senior lektorate in die persone van **mevv H S Coetzee** en **E Cosijn**, **drr K de Wet** en **M M M Snyman**; ses lektorate beklee deur **dr F Galloway**, **mevv L E Downes-Webb, S le Grange, C E Penzhorn, M M Squier** en **me J E Thompson**; en een junior lektoraat beklee deur **mev M A Holmne**r. Die een vakature word gebruik om kundigheid uit die industrie vir spesialislesings op voorgraadse en honneursvlak in te koop.

Naas die voltydse personeel beskik die departement oor die dienste van 'n aantal buitengewone professore, naamlik **proff Boon**, Direkteur: Telematiese Leer en Onderriginnovasie, **H de Bruin**, Adjunkdirekteur: Akademiese Inligtingsdiens, **B Fouché** (tot 1999), tans Hoof: Departement Inligtingkunde van die Universiteit van Stellenbosch, **dr P J Lor**, Nasionale Bibliotekaris en **prof C Malan** van die RGN. Die departement maak ook sedert 1996 gebruik van die dienste van tutors om die gehalte van onderrig en gevolglik die akademiese standaarde verder te verhoog.

Personeellede wat besondere prestasies behaal het, verdien vermelding. **Prof Boon** het as buitengewone professor by die Universiteit van Amsterdam opgetree en het ook lesings aan die universiteite van Konstanz en Antwerpen gegee. **Mev Coetzee** is in 1997 as nasionale verteenwoordiger van die RSA aangewys om 'n referaat oor die gebruik van die Anglo American Cataloguing Rules (AACR) in Suid-Afrika te lewer tydens die Internasionale Konferensie oor die Beginsels en Toekomstige Ontwikkeling van die AACR in Toronto van 23-25 Oktober 1997. In dieselfde jaar het **prof Britz**, as uitgenooide spreker, referate oor die etiek van elektroniese inligting in die 21ste eeu in Memphis, Tennessee van 28-30 September 1997 gelewer, en oor onderontwikkelde lande in die inligtingsera tydens die Ontwikkelings-, Kultuur- en Kommunikasiekonferensie wat op 5 September 1997 in Pretoria gehou is. Vanaf 1994 het **prof Britz** as gasdosent en gasnavorser by die Universiteit van Amsterdam en die Vrije Universiteit Brussel opgetree, en vanaf 1997 het hy gaslesings aan die Koninklike Skool vir Biblioteek en Inligtingkunde in Kopenhagen en die Universiteit van Wisconsin-Milwaukee gelewer. **Dr Snyman** is aangewys as lid van die Committee for Bibliographic Control of the International Federation of Library Associations, en **prof Bothma** is in 1999 gekies as voorsitter van die Committee for Education and Training van die International Federation for Information and Documentation (FID), hy het sedert 1997 in die redaksieraad van die vooraanstaande internasionale tydskrif *Libri* gedien en is ook die Suid-Afrikaanse voorsitter van die DISSAnet-projek.

Internasionale samewerking het in 1999 en 2000 verder uitgebrei met die uitruil van dosente en navorsers. **Prof Britz** se intensiewe betrokkenheid by onderrig en navorsing aan die Universiteit van Wisconsin-Milwaukee dien as voorbeeld hiervan.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

By 'n terugblik oor die 53 jaar van die departement se bestaan is dit opvallend dat daar gedurende die periode 1993-2000 meer veranderinge, aanpassings en vernuwings as tydens die periode 1947-1992 as geheel plaasgevind het!

Prof T J D Bothma (DEPARTEMENTSHOOF)
Mnr J C Swart (SENIOR LEKTOR)

Rekenaarwetenskap

Gedurende die tydperk 1993-2000 is die Departement Rekenaarwetenskap gekonfronteer met talle kragte en uitdagings op die gebied van inligtingtegnologie (IT) in die algemeen en in die Suid-Afrikaanse opvoedkundige IT-bedryf in die besonder. Dié kragte en uitdagings was onder meer die snel veranderende tegnologietendense, -modes en -ontwikkeling; die toenemende mededinging van privaat onderriginstellings; aandrang deur studente en die nywerheid op vaardighede wat direk werkverwant is; vergoedingsvlakke vir rekenaarvaardighede in die privaat sektor wat onbereikbaar is vir die Universiteit, wat self onder al hoe meer finansiële druk verkeer as gevolg van kwynende subsidies; die groter vraag vanaf nie-universiteitstudente (binne- sowel as buitelands) na voor- en nagraadse opleiding; die noodsaaklikheid om leerders uit 'n sekondêreskoolstelsel met ernstige tekortkominge tegemoet te kom; die behoefte om rekenaarwetenskap as 'n beroep wat ook vir vroue geskik is, suksesvol te bemark; die eis om personeelontwikkelingstrategieë na te streef wat voldoening aan tendense op internasionale en nywerheidsvlak verseker sowel as maksimale persoonlike akademiese groei; die akademiese vereiste om fondse vir plaaslik relevante en internasionaal mededingende navorsing te bekom en sulke navorsing uit te voer; en die wanpassing tussen die lang, hiërargiese besluitnemingsiklusse wat enige universiteitsadministrasie kenmerk en die vinnige, buigsame responssiklusse wat nodig is om tred te hou met IT-ontwikkeling.


Prof R J van den Heever

Ten spyte van knellende beperkinge het die departement goed daarin geslaag om hierdie uitdagings die hoof te bied. Ondanks sterk mededinging van die bedryf is 'n uitstekende span op die been gebring. Hulle het indringende aandag geskenk aan die deurlopende verryking en bywerking van die kurrikulum en sodoende verseker dat dit die jongste tendense weerspieël en terselfdertyd die grondbeginsels handhaaf en selfs versterk. Hulle het ook hard daaraan gewerk om navorsingsfondse te bekom en met maksimale doeltreffendheid aan te wend. Die gehalte van hierdie pogings is in 1999 bevestig toe Intel, na 'n omvattende ondersoek van verskeie departemente van rekenaarwetenskap en elektroniese ingenieurswese aan Suid-Afrikaanse universiteite, aangekondig het dat dié maatskappy die Universiteit van Pretoria gekies het as sy enigste Afrikafokus-universiteit. Dit is die vertrekpunt van 'n langtermynverhouding met Intel wat ten doel het om infrastruktuur, personeel en navorsing te ondersteun.

In 1993 was daar sewe voltydse akademiese personeellede. Hoewel die personeelomset van 1996 tot 1998 redelik hoog was, was die departement teen 2000 in die gunstige posisie om oor 'n eersterangse, hoogs gemotiveerde en diverse span van tien akademici te beskik. Twee verdere dosentposte is gebruik om die bystand van buitedosente na behoefte in te kontrakteer. Ses van die huidige akademiese personeellede het PhD-grade (vier van verskillende Europese universiteite en twee van Suid-Afrikaanse universiteite). Drie van hulle is wetenskaplikes met NRF-graderings (een B-gradering en twee Y-graderings). In 1998 is **prof D G Kourie** vir 'n ampstermyn van vier jaar as departementshoof aangestel nadat die stigter en eerste departementshoof, **prof R J van den Heever**, besluit het om vroeg af te tree; hy is tans buitengewone professor. Na 'n voortreflike loopbaan as een van Suid-Afrika se voorste deskundiges in rekenaarnetwerke, was **prof J D Roos** ongelukkig verplig om weens siekte in 1998 met vroeë pensioen af te tree.

Die toename in die personeelkorps weerspieël 'n dramatiese toename in die studentewerklading – met sowat 130% tussen die jare 1995-2000 (oftewel 20% saamgestel per jaar). Vreemd genoeg het hierdie groei taamlik konstant gebly, al was die departement in 1998 die eerste departement in die land (en moontlik selfs wêreldwyd) wat programmeringsvaardigheid as 'n normale toelatingsvereiste vir die eerste studiejaar gestel het. Oorbruggingsmaatreëls bestaan vir niekwalifiserende kandidate, wat dan effens langer neem om die graad te voltooi en in 2000 was daar ongeveer 320 eerstejaarstudente, en tussen 90 en 120 studente wat een of meer van die sewe derdejaarskursusse neem wat die departement aangebied. Waar die departement 11 BSc(Hons)-studente in 1993 opgelewer het, het hierdie getal teen 1998 tot 39 gestyg, wat op 'n totaal van 165 honneursgrade vir 1993-1999 te staan kom. In dieselfde tydperk is 22 MSc-grade en twee doktorsgrade toegeken.

Staats- en privaat befondsing (deur die NRF, Thrip, EPIUSE, die Bill Venter-Stigting, Evolution, SAPSA en ander) het navorsingsprojekte ondersteun met betrekking tot temas soos verspreide dataverwerking, objekgeoriënteerde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof D G Kourie

tegnologie, webgebaseerde leer, die uitbouing van ERP-stelsels, die ontwikkeling van 'n elektroniese winkelsentrum, rekenaarmatige vertaling, hoëspoednetwerke, omringende teleteenwoordigheid en rekenaarintelligensie vir teksontginning. Gevolglik het die navorsingsuitsette vir portuurbeoordeelde konferensiedeelname en bydraes tot wetenskaplike joernale gedurende die oorsigtydperk stewig toegeneem.

Internasionale skakeling is ook goed gehandhaaf. Personeel en studente is uitgeruil met instellings soos die TU Eindhoven, Vrije Universiteit Amsterdam, IDSIA (Switserland), GMD, TU Berlyn, New York Polytechnic, Victoria en Wollongong, om slegs enkeles te noem. Personeellede van die departement het ook heelwat hoëvlak plaaslike en internasionale professionele werksaamhede bestuur en gefasiliteer. Dit sluit in die redaksie en produksie van die *SA Computer Journal*; die mede-redakteurskap van die *IEE Software Journal*; die koördinering op streeksvlak van die ACM se internasionale programmeringskompetisie vir studente (wat in 1999 in die Suid-Afrikaanse streekskompetisie deur 'n span van die Universiteit van Pretoria gewen is; hierdie span het daarna 'n bronsmedalje in die eindrondte in Atlanta gewen asook die trofee vir Afrika en die Midde-Ooste); die organisering van twee sogenaamde "Interface"-konferensies wat oor rekenaarstudie op skool besin het; die reëlings vir die 2001 SA Rekenaar Dosente Vereniging-konferensie en van die 2001 Internasionale Konferensie oor die Implementering van Outomate; die gasredakteurskap van 'n spesiale uitgawe van die *International Journal of Computers, Systems and Signals*; voorsitterskap en organisasie van IFIP WG2.4 en die organisering van die Internasionale Konferensie oor Rekenaargrafika, Skynwerklikheid en Visualisering, wat deur SIGRAPH geborg is.

Personeellede het ook in verskeie internasionale konferensieprogramkomitees gedien; gereeld as internasionale en plaaslike voor- en nagraadse eksaminatore opgetree; plaaslike universiteite in personeelaanstellingsrade bygestaan; konsultasiedienste en kursusse aan die bedryf voorsien; raad oor Java deur bydraes op die internasionale webwerf Java Gently gegee, en rekenaarstudie-opheffingsprogramme vir studente en onderwysers in benadeelde hoërskole in Atteridgeville en Mamelodi gekoördineer.

Prof D G Kourie
DEPARTEMENTSHOOF



Prof H M Siglé

Skool vir die Bou-omgewing

Sedert die laat tagtigerjare het die destydse departemente Argitektuur, Boubestuur, Bourekenkunde, Landskapargitektuur en Stads- en Streeksbeplanning in die Fakulteit Natuurwetenskappe toenemend gemeen dat hulle beter in 'n afsonderlike nuwe fakulteit sal kan funksioneer. (Die naam "Fakulteit Beplanning- en Bouwetenskappe" is indertyd in die vooruitsig gestel.)

Die Hoofbestuur het nie sy weg vir so 'n afstigting oopgesien nie, maar het tog besluit om deur die herstrukturering van die bestaande fakulteit aan die wense van die bovermelde departemente te pobeer voldoen. Die Divisie vir Omgewingsontwerp en -bestuur is hierna in 1992 in die lewe geroep.

Die divisie het aanvanklik op 'n relatief informele wyse gefunksioneer totdat dit in 1994 amptelike status verkry en die Senaat 'n reglement in dié verband goedgekeur het. **Prof H M Siglé** is as die eerste direkteur benoem. Hy het die amp tot in 1996 beklee en terselfdertyd as hoof van die Departement Bourekenkunde aangebly.

Daar is in 1997 weer ernstig oor die struktuur binne die divisie besin, en die volgende besluite is deurgevoer: **prof Siglé** het afstand van sy pos as hoof van die Departement Bourekenkunde gedoen om sy onverdeelde aandag aan die divisie te wy; die departemente Argitektuur en Landskapargitektuur is saamgevoeg onder die naam Departement Argitektuur en Landskapargitektuur met **prof S W le Roux** as hoof; die departemente Bourekenkunde en Boubestuur is saamgevoeg onder die naam Departement Bourekenkunde en Boubestuur (later verander na die Departement Bourekenkunde en Konstruksiebestuur) met **prof A C Hauptfleisch** as hoof; die Departement Stads- en Streeksbeplanning het steeds 'n afsonderlike departement gebly met **prof M S Badenhorst** aan die hoof, en 'n afdeling genaamd Navorsing en Nagraadse Studie van die Skool vir die Bou-omgewing is gestig met **prof D Holm** as die hoof.

Die divisie was in der waarheid 'n voorloper van die "skole"-opset wat tydens die onlangse herstrukterering van die fakulteite tot stand gekom het, en kon derhalwe sonder noemenswaardige veranderinge in die nuwe bedeling

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

inpas. Die divisie het wel 'n naamsverandering ondergaan en staan nou bekend as die Skool vir die Bou-omgewing. Sedert 1 Januarie 2000 vorm hierdie skool, saam met twee ander skole, die Fakulteit Ingenieurswese, die Bou-omgewing en Inligtingstegnologie.

Prof H M Siglé
VOORSITTER

Argitektuur en Landskapargitektuur (insluitend Interieurontwerp)

Die Departement Argitektuur het sy Goue Jubileum in 1993 gevier. Vier geleenthede het hierdie mylpaal uitgelig. Eerstens het die studentevereniging, GAP (Groep Argitektuurstudente Pretoria), as gasheer tydens die jaarlikse kongres vir argitektuurstudente op die kampus opgetree. Die tema was "Plekmaak in Afrika". Tweedens was **Karel Bakker** die kurator van 'n Alumni-uitstalling by die Pretoriase Kunsmuseum waar werk van die eerste gegradueerdes soos **Jan van Wijk** en **Johann de Ridder** asook van jonger tydgenote soos **Karel Jooste** en **Gawie Fagan** uitgestal is. Derdens was **Roger Fisher** en **Schalk le Roux** verantwoordelik vir die redaksie van 'n Festschrift, "*The Architecture of the Transvaal*", wat Unisa in 1998 gepubliseer het. Die vierde geleentheid was dat 'n uitgawe van die vaktydskrif *Architecture SA* gepubliseer is wat ook aan die skool gewy is, en waarin die ouddosent, **mnr Carl Gerneke**, sy herinneringe aan vroeëre dosentpersoonlikhede soos **Robert Cole Bowen** en **Basil South** weergee.


Prof S le Roux

Die departement het nie die winde van verandering gedurende die negentigerjare vrygespring nie. Direk na die vestiging van die eerste ware demokrasie in Suid-Afrika, het 'n verteenwoordiger van die departement, **Roger Fisher**, in April 1994 die 14de Algemene Vergadering van die Commonwealth Association of Architects (CAA) in Mauritius bygewoon. Die nuus dat Suid-Afrika tot die Gemenebes hertoegelaat is, is tydens die verrigtinge bekend gestel, en daar is onmiddellik reëlings vir die internasionale akkreditering van die professionele graadkursus in Argitektuur getref. 'n Gesamentlike besoek deur die Suid-Afrikaanse Raad van Argitekte (SARA) en die CAA is vir September van daardie jaar gereël, en so het die Skool vir Argitektuur in Pretoria die eerste onder die nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika geword wat internasionaal erkenning ontvang het. Ingevolge 'n ooreenkoms wat SARA met die Royal Institute of British Architects (RIBA) gesluit het, het RIBA die skool in 1995 ook geakkrediteer. Daar vind elke jaar 'n gesamentlike bekragtigingsbesoek plaas, en die akkreditering wat in 1999 op dié wyse bevestig is, bly dus geldig tot in 2004 wanneer dit weer hersien sal word.

Die onderrigprogram vir die baccalaureusgraad in Interieurontwerp (BInt) word nasionaal deur Design South Africa en internasionaal deur die International Federation of Interior Architects and Designers (tot 2001) erken. Die Board of Control of Landscape Architects (South Africa) (BOCLA) het die BL-kursus as die enigste kwalifiserende kursus vir landskapargitekte in Suid-Afrika (tot 2002) geakkrediteer.

Die Universiteit het intussen voortgegaan met sy interne veranderinge en herstrukturering. Die departemente Argitektuur en Landskapargitektuur is in 1997 opnuut saamgevoeg nadat hulle vir 25 jaar onafhanklik bedryf is. **Prof Le Roux** is in dié Leerstoel aangestel. **Prof Dieter Holm** wat voorheen die departementshoof was, is as direkteur aangestel in die portefeulje vir Nagraadse Studie en Navorsing wat pas in die Divisie Omgewingsontwerp en -bestuur tot stand gekom het. Hierdie veranderinge het die geleentheid gebied vir 'n herevaluering van die kurrikulumsamestelling en -inhoud. Dit is gedoen met die oog op professionele relevansie asook die vereistes van die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid. Die struktuur, wat op uitkomsgebaseerde onderwys berus en verskeie toelatings- en voltooiingsvlakke binne die kurrikulumstruktuur het, het deel van die herevaluering gevorm. Daar is besluit dat die kursussamestelling met die drie-plus-twee-jaar-struktuur van al die ander skole vir argitektuur aan ander universiteite in die land moet ooreenstem en dat die Skool vir Landskapargitektuur binne 'n soortgelyke struktuur moet ressorteer. Daar was dus geleentheid om kernkursusinhoude te ontwikkel wat deur die twee programme gedeel kon word. Die nuwe professionele graadkursusse, naamlik die Baccalaureus Scientiae in Argitektuur (BSc(Arch)) en die Baccalaureus Scientiae in Landskapargitektuur (BSc(LArch)) het in 1999 in werking getree.

Die Skool vir die Bou-omgewing waaronder die departement ressorteer, het in dieselfde jaar in die nuut saamgestelde Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingstegnologie tot stand gekom. Die program in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof W van Riet

Interieurontwerp is terselfdertyd na die departement oorgeplaas. En weer eens is die hele proses van kurrikulumherstrukturering in werking gestel. Dit het geblyk dat die kernleerplan versterk moes word, en dat elke program deur 'n bepaalde vak wat met 'n dissipline verband hou, onderskei moes word. Dit is dus nou moontlik om die professionele programme as nagraadse kursusse te ontwikkel, en om 'n wye reeks nagraadse kursusse te beplan in die vakke wat deur die departement aangebied word. Hierdie nagraadse kursusse sal in 2002 in werking tree en sal met die toekenning van grade in die eerste van die tweegraadstelsels vir die opleiding van professionele argitekte, landskapargitekte en Interieurontwerpers saamval.

Die navorsingsfokus van die departement is gegrond op die onderrigtradisies van die verskillende programme, naamlik ekologiese evaluering, omgewingsbestuur en -bewaring, en die kwessies van klimaat, doeltreffende energie, en toepaslike en volhoubare tegnologieë. **Prof Holm** was die eerste persoon om 'n doktorsgraad in Argitektuur in 1985 te behaal – die jaar waarin hy in die Leerstoel vir Argitektuur aangestel is. Hy het hom as departementshoof daarop toegelê om die nagraadse kwalifikasies asook die navorsingsprofiel van die departement se personeellede te verbeter. Onder sy mentorskap het nog vier dosente doktorsgrade behaal. **Daniel Irurah** was in 1997 die eerste swart Afrikaan waaraan die Universiteit 'n doktorsgraad in Argitektuur toegeken het. **Prof Michael Murphy**, 'n besoekende professor in Landskapargitektuur van die Texas A and M in die VSA, het in 1999 sy doktorsgraad ontvang. Die Universiteit het die eerste eredoktorsgraad in Argitektuur in 1998 aan **Amancio (Pancho) Guedes** toegeken.

Die belangrikste deurlopende kontraknavorsingsprojek waarby die departement betrokke was, is deur **prof Willem van Riet** van stapel gestuur. Dit is die projek vir die Environmental Potential Atlas of South Africa (ENPAT) wat sedert 1997 deur **Gwen Breedlove** van die departement bestuur word. Dit is 'n multidissiplinêre onderneming wat besig is om in 'n meganisme vir 'n breë databasis en beplanning, ontwerp en besluitneming te ontwikkel. Die databasis word tans deur die byvoeging van kulturele en erfenisinligting uitgebrei.

Die departementele personeel het 'n wye verskeidenheid referate dwarsoor die wêreld gelewer, byvoorbeeld in Budapest (**Holm**, 1993), Nicosia (**Holm**, 1994), Goa (**Comrie**, 1997), Tunis (**le Roux**, 1998), Havana (**Krige**, 1998), Beiroet (**Osman**, 1999), Kumasi (**Bakker**, 2000) en Chicago (**Reynders**, 2000).

Met Suid-Afrika se hertoelating tot die internasionale gemeenskap, het die Skool vir Argitektuur in Pretoria 'n noodsaaklike besoekpunt vir buitelandse akademici uit alle wêrelddele geword. Onder meer die volgende persone het by die skool aangedoen: **prof Ali Cheikhrouhou** (Tunis, Tunisië, 1998), **prof Han Verschure** (Leuven, Nederland, 1998), **prof Ed Fyfe** (Toronto, Kanada, 1998), **prof Fritz van Voorden** (Delft, Nederland, 1999), **prof Julius Fabos** (Los Angeles, VSA), **prof Oscar Tenreiro** (Caracas, Venezuela, 2000), en **prof Glen Thomas** (Brisbane, Australië, 2000).

Gedurende die tydperk 1993-2000 moes die departement van verskeie langdienende personeellede afskeid neem. **Prof Van Riet**, hoof van die Departement Landskapargitektuur het in 1996 afgetree; so ook **mnr Anton du Toit** na 25 jaar diens in die departement en **Mnr Charles Swanepoel** (1997) na meer as 40 jaar se betrokkenheid by die onderwys. Twee van die doserende personeellede, **proff Hans Wegelin** en **Johan Kemp** het uit die praktyk getree. **Prof Wegelin** wy se tyd aan die verbreding van die beskikbare studiemateriaal in konstruksie, en **prof Kemp** is besig met navorsing waarby bewaring as gemeenskapskwessie betrokke is. Die jonger en nuut aangestelde personeellede rig hulle nagraadse studie op ontwikkelende vakgebiede in die kurrikulum, byvoorbeeld **Gift Setshedi** in Interieurontwerp, **Frans van Wyk** in die Plantwetenskappe, **Finzi Saidi** in onderrig aan eerstejaars, **Nico Botes** in Materiaalstudies, **Alta van Staden** in Omgewingsteorie, en **Amira Osman** in Behuising.

Prof R C Fisher
KURRIKULUMKOöRDINEERDER

Bourekenkunde en Konstruksiebestuur

Die Departement Bourekenkunde en die Departement Konstruksiebestuur (voorheen Boubestuur) is in 1997 saamgevoeg om die Departement Bourekenkunde en Konstruksiebestuur te vorm. Tot op daardie stadium was **prof H M Siglé** die hoof van die Departement Bourekenkunde en **prof A C Hauptfleisch** die hoof van die Departement Konstruksiebestuur. Laasgenoemde het na die samesmelting die departementshoofskap aanvaar, en **prof Siglé** is bevorder tot direkteur van die Divisie vir Omgewingsontwerp en -bestuur. Dié pos is sedertdien gewysig tot voorsitter van die Skool vir die Bou-omgewing.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Gedurende 2000 is 'n meer generiese naam, waaronder die departement in die toekoms bekend sal staan, goedgekeur, te wete die Departement Konstruksie-ekonomie. Die twee afsonderlike departemente asook die saamgevoegde departement het weer eens onderskeidelik in 1993 en in 1998 internasionale akkreditering van die Royal Institution of Chartered Surveyors verkry, en in 1995 van die Chartered Institute of Building.


Prof A C Hauptfleisch

Personeellede het op akademiese gebied presteer, byvoorbeeld toe beide **proff D G Brümmer** en **R N Visser** PhD-grade behaal het en tot medeprofessore bevorder is. **Prof C E Cloete** het die volgende toekennings uit erkenning vir sy bydraes tot die praktyk en onderwys ontvang: Uitnemende Presteerder (1996) asook vir Onderwysinnovasie (1999) - beide van die Universiteit. In 2000 verkry hy lewenslange erelidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Raad vir Winkelsentrums. Ook **prof Hauptfleisch** ontvang toekennings vir sy bydraes tot die Universiteit, die akademie en die professie: erelidmaatskap van die Bou-Industrieë-Assosiasie (Transvaal Noord), 'n eretoekenning van Huis Taaibos as besondere presteerder (oud-inwoner) (beide in 1995), 'n langdienssertifikaat van die Universiteit (1997), en 'n Bemarkingsdienstetoekenning van die Universiteit vir besondere bydraes (1999), en in dieselfde jaar 'n erepenning van die Fakulteit Natuurwetenskap en Tegniek van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Prof P C Botha het in 2000 na 40 jaar diens met 'n onbetwiste reputasie as uitstekende dosent afgetree. Die departement het tot 12 voltydse doseerposte, twee sekretariële poste, een navorsingsassistent en een dienswerker gegroei. Nagenoeg 20 vooraanstaande praktisyns lewer jaarliks as tydelik-deeltydse dosente hoogstaande bydraes tot die akademiese program van die departement. Vanweë die diverse samestelling van die departement asook sy omvangryke nagraadse program, lewer die personeel talle bydraes. Hulle speel onder meer leidende rolle in die professionele gemeenskap en vakverenigings, bied omvattende en deurlopende voortgesette onderwysprogramme aan, woon talle kongresse plaaslik en internasionaal by en lewer referate, dra sorg dat navorsingsuitsette dramaties en heelwat bo die universiteitsgemiddeld toeneem, en vestig internasionale navorsingsverbintenisse.

Prof Botha was gedurende die oorsigtydperk president van die Vereniging van Suid-Afrikaanse Bourekenaars en van die Suid-Afrikaanse Raad vir Bourekenaars. Hy was ook 'n stigterslid en die eerste president van die Afrika-Vereniging van Bourekenaars gedurende die tydperk 1994-1998.

Die departement se personeel is die bes gekwalifiseerde korps van die ses vergelykbare universiteite in Suid-Afrika. Hulle is ook aktief betrokke as eksterne eksaminatore op voor- en nagraadse vlak by ander universiteite.

Die voorgraadse studentetal het tot meer as 300 toegeneem, en inskrywings vir die besonder suksesvolle gedoseerde nagraadse programme vir MSc(Projekbestuur) en MSc(Eiendomswese) het tot nagenoeg 150 studente gestyg. 'n Aantal PhD-grade is toegeken. Die departement bied tans 'n wye verskeidenheid programme aan, te wete BSc(Bourekenkunde), BSc(Konstruksiebestuur), MSc(Projekbestuur), MSc(Eiendomswese), MSc(Bourekenkunde), MSc(Konstruksiebestuur), PhD(Bourekenkunde), en PhD(Konstruksiebestuur). Verdere toevoegings tot die konstruksie-inligtingtegnologie word beplan.

Talle gegradueerdes presteer op die internasionale werksterrein wat die afgelope aantal jare meer toeganklik geword het. Twee bourekenkundestudente het die Goue Medalje van die Vereniging van Suid-Afrikaanse Bourekenaars ontvang, te wete **B J van Niekerk** in 1994 en **R Müller** in 1997.

'n Konstruksiebestuurstudent, **I P Hauptfleisch**, het in 1998 die Goue Medalje van die Nasionale Ontwikkelingsfonds vir die Boubedryf verower. Konstruksiebestuurstudente aan die Universiteit ontvang deurgaans meer beurse van hierdie prestige fonds as enige van die ander vyf universiteite wat daarom meeding.

Benewens die talle voortgesette onderwysprogramme wat 'n bydrae lewer tot die transformasieproses, is daar ook die Behuisingsentrum wat in die departement gevestig is. Die werksaamhede van die sentrum strek oor talle terreine, onder meer grondontwikkeling, ontwikkelingsprogramme vir kleinbouers, sosiale behuising, akkreditering van mentorskap, behuisingsontwikkeling, en breë konsultasie- en adviesdienste. Die sentrum geniet nasionaal en internasionaal wye erkenning vir sy werk.

Die gedoseerde nagraadse programme van die departement het 'n besondere impak oor landsgrense heen. 'n Beduidende persentasie van die studente kom uit ander Afrikalande. Hierdie programme vind ook byval by swart Suid-Afrikaanse nagraadse studente en dra op hierdie wyse positief tot transformasie en bemagtiging by.

Prof A C Hauptfleisch
DEPARTEMENTSHOOF

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Navorsing en Nagraadse Studie van die Skool vir die Bou-omgewing

Die afdeling is in 1997 gestig met die visie om 'n toonaangewende navorsings- en nagraadse eenheid in sy veld te wees wat produkte van wêreldgehalte lewer. Die afdeling fokus op volhoubare ontwikkeling in die bou-omgewing met kontraknavorsing veral op plaaslik geïntegreerde hulpbronbeplanning, waar energiedoeltreffendheid en hernubare energiegebruik ter sprake is. Hernubare energie as werkskepper en uitvoerproduk is besonder relevant in Suider-Afrika. 'n Langtermynkontrak in die Hartbeespoortgebied het Thrip- en Eskombefondsing ontvang vir die bepaling en validifisering van afstandbeheerde verbruikspatrone voor en na intervensies. Die opleiding van voor- en nagraadse studente staan sentraal in hierdie projek.


Prof D Holm

Die personeel bestaan uit **prof Dieter Holm** en die sekretaresse, **me Melissa de Bruto**. Die afdeling het handleidings vir nagraadse studie opgestel wat ook op die Universiteit se webwerf verskyn. Daarby is 'n innoverende metode vir openbare mondelinge eksaminering ingevoer. Ses magisterstudente (drie dames) en sewe PhD-studente het suksesvol afgestudeer. Dit sluit in die eerste doktorsgraad in argitektuur wat aan 'n swart persoon toegeken is.

Prof Holm dien in die Raad van die Internasionale Sonenergievereniging (ISES), is ook die direkteur van ISES Africa en president van die Sonenergievereniging van Suidelike Afrika (SESSA). Hy word dikwels as spreker na internasionale konferensies genooi. Hy dien ook in die redaksie van die vaktydskrif, *Acta Structilia*, en is die mede-outeur van vele gekeurde artikels.

Die navorsingspan het in 2000 uit drie swart manstudente en vyf damestudente (waarvan vier swart is) bestaan. 'n Interdissiplinêre netwerk sluit predikante, ingenieurs, media, ekonome en beplanners binne en buite die Universiteit in. Gesamentlike werk word ook met Wits en die EDRC van die Universiteit van Kaapstad onderneem.

Aangesien die eerste fase van die afdeling se beplanning daarop gerig was om die kwalifikasies van die personeel in die Departement Argitektuur te verbeter, is hulle die hoogsgekwalifiseerde personeel onder argitektuurdepartemente aan tersiêre instellings in Suid-Afrika. Die tweede fase is op toenemende navorsing en meer publikasies gemik, en dit sal uiteraard sterker internasionale mededinging meebring.

Prof D Holm
Hoof

Stads- en Streekbeplanning

Die departement het gedurende die tydperk 1993-2000 groot strukturele veranderings en omvangryke substantiewe aanpassings ondergaan.

Opleiding in geografiese inligtingstelsels (GIS) as 'n selfstandige vakgebied het in die departement onder die leiding van **prof P van Helden** as 'n onderafdeling van Stads- en Streekbeplanning begin. Belangstelling in dié rigting is deur 'n groot behoefte in die mark gedryf, en voor- en nagraadse kursusse is in GIS ingestel. Die studentetal in dié rigting het hand-oor-hand toegeneem, veral ná die instelling van die internasionaal geakkrediteerde UNIGIS-kursus wat in samewerking met verskeie buitelandse universiteite aangebied is. In 1998 is die oorblywende personeel, naamlik **mnre F van der Merwe** en **J Esterhuysen**, en die toerusting van die Departement Landmeetkunde en Kartering ook na die departement oorgeplaas en by die GIS-program geïntegreer. 'n B-graad in Geomatika is in dieselfde jaar ingestel. Met die herstrukturering van die Universiteit is die betrokke program in 2000 na die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe oorgeplaas om deel van die departemente Geografie en Geo-informatika te vorm. Hierdie oorplasing het die studentetal met meer as die helfte verminder.

Die laaste dekade van die twintigste eeu is gekenmerk deur plaaslike en wêreldwye veranderinge wat alles in die land, insluitende stads- en streekbeplanning, ingrypend verander het. Hierdie veranderinge het die gevolge van globalisering en die kragte wat deur politieke verandering ter plaatse ontketen is, gekombineer. Dit het nie alleen die konteks van beplanning verander nie, maar ook nuwe eise aan die aard, die inhoud en wyse van beplanning gestel. Stads- en Streekbeplanning het oornag 'n groter - en 'n nuwe - fokus op geïntegreerde ontwikkeling gekry en die beplanningsproses is volkome gedemokratiseer. Die dissipline moes uiting gee aan die demokratiese beginsels van die nuwe bestel, en die stedelike en landelike ontwikkelingsprobleme van die post-apartheidera

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

aanspreek. Opleiding moes noodwendig aangepas word om hierdie vereistes te vervul, en nuwe nagraadse kursusse moes ontwerp word om praktisyns in staat te stel om hulleself opnuut te bekwaam vir die nuwe eise in die werksplek. Die voorgraadse Stads- en Streekbeplanningskursus wat deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Stads- en Streekbeplanners (SARSS) vir professionele registrasiedoeleindes erken word, is derhalwe herontwerp om die vereiste uitkomste te lewer. Die SARSS sal die nuwe kursus waarskynlik in 2002 ondersoek met die oog op voortgesette akkreditasie. Na verwagting sal die nuwe kursus selfs hoër aangeslaan word as die voormalige kursus wat groot lof tydens die vorige inspeksie in 1995 toegeswaai is.


Prof M S Badenhorst

'n Nuwe nagraadse gedoseerde magisterkursus met verskillende fokusgebiede is ontwerp vir implementering in 2001 om aan die nuwe kennis- en vaardigheidsbehoeftes van praktisyns te voldoen. Die kursus fokus in die besonder op munisipale beplanning, plaaslike ekonomiese beplanning, behuising en nedersettingsbeplanning en -ontwerp. Die nuwe uitdagings het meegebring dat die personeel wat sedertdien aangestel is, toenemend uit jonger dosente bestaan.

In die lig van die veranderde omstandighede moes die navorsingsterreine waarop die departement hom toespits, ook heroorweeg word. Die volgende is geïdentifiseer: stedelike en landelike herstrukturering, grondgebruikbestuur, stadsontwerp en plaaslike ontwikkelingsbeplanning. Nagraadse studente wat buite hierdie velde werk, word slegs by hoogste uitsondering aanvaar.



Benewens die navorsing op hierdie terreine, was die personeel ook by uitgebreide kontraknavorsings- en gemeenskapsdiensprojekte betrokke. Kontraknavorsing sluit in projekte vir die Deutsche Gesellschaft für Technische Zusammenarbeit (GTZ), die Stadsraad van Pretoria, die nasionale departemente van Grondsake, Provinsiale en Plaaslike Bestuur en Vervoer, asook die Kantoor van die Staatspresident. Baie van die resultate en aanbevelings van die navorsing het op regeringsbeleid en nasionale wetgewing uitgeloop. In die strategiese alliansie met die WNNR was die departement van meet af saam met Boutek, en in 'n mindere mate Transportek, betrokke by navorsingsprojekte en opleidingsprogramme vir plaaslike bestuursamptenare op die gebied van geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning. Die leiersposisie van die departement is verder verstewig deur 'n navorsingsooreenkoms wat in 1999 met die Universiteit van Natal en die Universiteit van Aberdeen in Skotland gesluit is. Dit het reeds tot 'n uitruiling van personeel op 'n besoekende grondslag gelei. Plaaslik is 'n elektroniese gespreksforum met die universiteite van Natal en Kaapstad op die been gebring om nuwe verwikkelinge op die terrein van stads- en streekbeplanningsteorie deurlopend te verken.

Die departement heg besondere waarde aan internasionale akademiese kontak, dus word besoekende akademici gereeld ontvang en die personeel besoek ook gereeld buitelandse akademiese instellings. Gedurende die oorsigtydperk is ses akademici gemiddeld per jaar ontvang en die departement het ook as gasheer vir 14 uitruilstudente uit Nederland, België, Oostenryk en Duitsland opgetree. Noue bande word met die Bouwkunde Fakulteit aan die Technische Universiteit van Delft en die Stadsraad van Delft in Nederland gehandhaaf. Dié skakeling was enersyds omdat een van die dosente, **me M D Schoonraad**, 'n doktorale student aan die Universiteit van Delft is, en andersyds omdat die departement in 1997 aan 'n gemeenskapsdiensprojek oor sosiale behuising wat deels deur die Stadsraad van Delft in Nederland befonds is, in Mamelodi deelgeneem het.

Dosente word aangemoedig en waar moontlik finansieel ondersteun om minstens een keer per jaar by internasionale konferensies op te tree. Gedurende die tydperk 1993-2000 het dosente en studente nie minder nie as 45 referate by internasionale konferensies en 25 by plaaslike konferensies gelewer. Die departement was ook betrokke by die reëlings vir twee internasionale konferensies op die kampus. Die sleutelrol van die departement blyk duidelik uit die feit dat van sy personeel die afgelope aantal jare as eksterne eksaminators vir die ander ses departemente Stads- en Streekbeplanning in die land opgetree het.

Die studenteprofiel het aansienlik verander. Die getal eerstejaarsinskrywings vir Stads- en Streekbeplanning het drasties afgeneem tot slegs tien in 2000 en die voorgraadse studentetal as sodanig het van 115 in 1993 tot slegs 55 in 2000 gedaal. Hierdie daling word egter gebalanseer deur 'n sterk toename in die getal nagraadse studente. Nagraadse studente kom nou op 27 te staan, waarvan 22 magisterstudente en vyf doktorale studente is. Hierdie toename is in 'n groot mate toe te skryf aan die feit dat studente verkies om in hierdie departement vir hulle nagraadse studie in te skryf weens die bekendheid wat dosente op grond van hulle spesifieke kundigheid geniet. Alle aanduidings is dat die getal nagraadse studente nog vinniger sal toeneem wanneer die nuwe, gedoseerde magisterprogram in 2001 geïmplementeer word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof M S Badenhorst wat sedert 1991 die departementshoof was, het in September 2000 afstand van die hoofskap gedoen, en **dr M C Oranje** is as waarnemende hoof aangewys. Die departement beskik verder oor drie doserende personeellede, te wete **mee Schoonraad, E van Huyssteen** en **E Meyer**. Hulle word deur twee junior dosente en verskeie deeltydse dosente bygestaan. Een pos is tans vakant.

Dr M C Oranje
WAARNEMENDE DEPARTEMENTSHOOF

Instituut vir Tegnologiese Innovasie

Dit het in die laaste dekade van die vorige eeu duidelik geword dat die tyd ryp was vir 'n nuwe onderrigfilosofie in die Fakulteit Ingenieurswese. Tesame met die politieke en sosiale hernuwing wat in die land sou kom, moes die fakulteit ook sy strategiese fokus herbelyn. Groot klem sou voortaan op welvaartskepping geplaas word. Die fakulteit het reeds 'n sterk standpunt ingeneem ten opsigte van ingenieursbestuur, maar dit het duidelik geword dat daar eweneens 'n vermoë in tegnologiebestuur geskep sou moes word en dat *innovasie* baie meer aandag sou moet geniet.

In Mei 1993 het **prof C W I Pistorius**, toe hoof van die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese, met 'n jaar studieverlof na die Massachusetts Institute of Technology vertrek, waar hy 'n meestersgraad in tegnologiebestuur sou volg spesifiek met die oog op die vestiging van 'n inisiatief in tegnologiese innovasie by die Universiteit met sy terugkeer. In Junie 1994 het hy dan ook voorstelle begin opstel vir die vestiging van 'n navorsingsinstituut in die Fakulteit Ingenieurswese wat daarop toegespits sou wees om navorsing oor die bestuur van tegnologie en tegnologiese innovasie asook 'n nasionale tegnologiebeleid te bevorder.

Die Instituut vir Tegnologiese Innovasie (ITI) is in Oktober 1994 gestig, en **prof Pistorius** is aangewys as die eerste voltydse direkteur. Dit was weliswaar 'n groot loopbaanskuif, wat meegebring het dat hy sy pos by die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese moes ontruim en sy vorige betrokkenheid by elektromagnetisme (waarvoor hy die Presidentstoekenning van die destydse Stigting vir Navorsingsontwikkeling gekry het) beëindig het, was die uitdagings in die nuwe veld van die bestuur van tegnologiese innovasie geweldig en het hy hier die geleentheid vir die Universiteit gesien om 'n groot bydrae te kan maak.

Die missie van die ITI is om tegnologiese innovasie te bevorder deur navorsing te doen, met die nywerheid in wisselwerking te tree en opleiding te ondersteun. Die ITI is aanvanklik gekonstitueer as 'n navorsingsinstituut wat vir administratiewe doeleindes soos 'n departement in die fakulteit sou funksioneer. Die direkteur van die ITI het die status van 'n departementshoof gehad en aan die dekaan gerapporteer. Die ITI is ontwerp om 'n klein voltydse personeelkomplement te hê, met personeel van die hele Universiteit en ander instansies as virtuele personeellede. Aanvanklik het die personeel dus bestaan uit **prof Pistorius** as direkteur, 'n sekretaresse/navorsingsbeampte en 'n aantal deeltydse navorsingsassistente, laasgenoemde hoofsaaklik nagraadse studente. **Me M Mattheus** is aangestel as die eerste sekretaresse en is na haar bedanking opgevolg deur **me K van Niekerk**.

Vanuit 'n akademiese perspektief sou die ITI nie self onderrigprogramme hê of grade toeken nie. Studente wat hulle navorsing in die ITI doen, is ingeskryf in ander akademiese departemente vir graadkursusse wat daar aangebied word. Die meeste van hulle was ingeskryf vir die nuwe meestersgrade wat in die Departement Ingenieurs- en Tegnologiebestuur ingestel is, met **prof Pistorius** as die studieleier. Die ITI was egter van die begin af geposisioneer om 'n multidissiplinêre navorsingsinstituut te wees, en ernstige aandag is geskenk aan die ontwikkeling van samewerkingsmodi met ander departemente asook ander instellings. 'n Model is ontwikkel waar die leier of medeleier in die ITI gesetel was, en die medeleier of leier onderskeidelik in die student se moederdepartement. Studente by die Nagraadse Bestuurskool asook die Departement Antropologie en die Departement Mikrobiologie en Plantpatologie is op hierdie wyse by die ITI se navorsingsprogram betrek.

Hoewel aanvanklike befondsing van die Universiteit en die Stigting vir Navorsingsontwikkeling (SNO) verkry is, is daar gepoog om ook navorsingsfondse van die industrie te kry. 'n Navorsingskonsortium bestaande uit die ITI, LGI, Iscor, Denel en die WNNR se Aerotekdivisie is gestig. Die doel met hierdie navorsing wat deur die THRIP van die Departement Handel en Nywerheid en die NRF ondersteun is, was om metodologieë te ontwikkel waarmee die bedreigings en geleenthede voortspruitend uit verskuiwings in tegnologiemark-tendense geëvalueer kan word. Die SNO het ook 'n navorsingsprogram ondersteun met die ITI as leierorganisasie en die universiteite van Stellenbosch, Kaapstad en die Noordweste asook die WNNR as lede. Navorsingsfondse is verder verkry vanaf die Mediese Navorsingsraad (MNR). In hierdie tydperk is goeie bande met verskeie buitelandse instansies opgebou, insluitende die Georgia Institute of Technology, die George Washington-universiteit, die Europese Unie se Institute for Prospective Technological Studies en die Eindhoven Tegniese Universiteit in Nederland.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In Mei 1998 is **prof Pistorius** gesekondeer na die posisie van direkteur van Inligtingtegnologie van die Universiteit. Die gedagte was dat hierdie sekondering vir 'n periode van vier jaar sou wees. Hoewel 'n ander persoon op 'n kontrakbasis vir hierdie tydperk as die direkteur van die ITI aangestel is, het **prof Pistorius** mededirekteur van die ITI gebly. In Augustus 1998 is **prof A Buys** vir 'n termyn van vier jaar as direkteur van die ITI aangestel. Hy het verskeie senior poste in die kern- en verdedigingsbedryf beklee en sy vorige pos was Hoofbestuurder: Beplanning by Krygkor.


Dr A J Buys

Me Van Niekerk is oorgeplaas na die Departement Inligtingtegnologie en **me A van Zyl** is aangestel as die sekretaresse van die ITI. In Desember 1998 is **prof Pistorius** deur die Minister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie aangewys as 'n lid van die Nasionale Adviesraad vir Innovasie (NACI). **Mnr J Strydom**, 'n navorser aan die WNNR, is in 1999 as deeltydse industriële genoot aan die ITI gesekondeer. **Dr Victor Ndirika** van die Admadu Bello Universiteit in Nigerië het gedurende 2000 as 'n nadoktorale genoot by die ITI gewerk. Sy navorsing was toegespits op 'n impakevaluering van verbeterde tegnologieë vir landbouverwerking vir landelike bedrywighede in Suid-Afrika. **Prof P M Mjwara** is in Julie 2000 as voltydse professor aan die ITI aangestel.

Proff Pistorius en **Buys** was betrokke by die ontwikkeling en aanbieding van nagraadse kursusse oor tegnologie- en innovasiebestuur by die universiteite van Pretoria, Stellenbosch en Zimbabwe. 'n Kortkursus oor die bestuur van tengologiese innovasiedinamika is sedert 1995 deur **prof Pistorius** aangebied. 'n Nuwe kursus oor strategiese beplanningsmetodologieë vir tegnologiegebaseerde organisasies is in 2000 ingestel en word deur **prof Buys** aangebied.

Die ITI het verskeie inisitatiewe geneem ter bereiking van sy doelwit om bewuswording van die belang van tegnologiese innovasie en tegnologiebestuur te verhoog. 'n Voorbeeld daarvan is die D M Kisch-prys vir Tegnologiese Innovasie wat onder administrasie van die ITI staan. Hierdie prys is jaarliks sedert 1994 vir die beste patentbare uitvindings van studente toegeken en behels die registrasie van 'n voorlopige patent op die student se naam deur die patenteprokureursfirma, D M Kisch ng.

In Januarie 2000 het die nuwe fakulteitstrukture beslag gekry en het die Fakulteit Ingenieurswese en Bou-omgewing tot stand gekom. In Maart is die Skool vir Inligtingtegnologie as die derde skool in die fakulteit ingelyf en is die naam verander na die Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie. **Prof Pistorius** is aangestel as die dekaan van die nuwe fakulteit met ingang 1 Januarie 2000. Hy het sy posisie behou as mededirekteur van die ITI, wat van die Skool vir Ingenieurswese na die nuwe fakulteit verskuif is. Teen die einde van 2000 was die ITI nog net so relevant soos met sy stigting in 1994. Internasionale mededingendheid het die slagspreuk van nasies en organisasies geword, waarin innovasie - en spesifiek die bestuur van tegnologiese innovasie - 'n onmiskenbare rol speel.

Prof C W I Pistorius
DIREKTEUR (1994-1998)
MEDE-DIREKTUR (1998-)

Prof A J Buys
DIREKTEUR (1998-)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Fakulteit Tandheelkunde

Kantoor van die Dekaan

Die fakulteit wat in 2000 sy 50-jarige bestaan kon vier, het gedurende 1993-2000 steeds gegroei as 'n krag in die tersiêre opleidingsomgewing en inderdaad uitnemend presteer op die terreine van onderrig, navorsing en dienslewering aan die gemeenskap. Terloops, daar het gedurende hierdie halwe eeu 1 822 tandartse en 519 mondhigiëniste gekwalifiseer en 119 spesialiste is opgelei.



Prof S T Zietsman



Prof J E Seeliger

'n Nuwe voorgraadse kurrikulum in Tandheelkunde is in 1997 onder leiding van **prof W D Snyman**, onderwyskundige en programbestuurder vir onderwys, ingestel. Hierdie model volg 'n uitkomsgebaseerde benadering, fokus op die student, spreek die betrokke probleem aan, en neem die gemeenskap in aanmerking by wyse van vertikale en horisontale integrasie. Ontoepaslike leerinhoud en oorvleueling is hierdeur uitgeskakel. Die kursusse in basiese wetenskappe soos Chemie en Fisika is van jaar- na semesterkursusse verander en gevolglik kon die tradisionele vyf en 'n half jaar leerplan na vyf jaar ingekort word.

Die inname van eerstejaarstudente in Tandheelkunde is in die vroeë negentigerjare van 72 na 50 verminder. Om die uitsetkwota van ongeveer 50 tandartse per jaar te behou, is die inname in die nuwe kurrikulum egter in 1999 vermeerder na 60. Vanweë die eie aard van die nuwe kurrikulum kan opvulling van getalle nie meer in die tweede en derde jaar gedoen word nie en is die getalle aangewese op die inname van die eerste jaar. Die getal vroulike studente neem deurgaans toe. In die 1999-groep van graduandi was 50% vroulik. Dit was die eerste keer in die bestaan van die fakulteit dat die geslagte gelyke verteenwoordiging gehad het. In 2000 was 54% van die graduandi en 75% van die eerstejaarsklas vroulik.



Prof A J Ligthelm

Die inname van mondhigiëne studente is deurgaans behou op 20, met die uitsondering van 1993 toe 30 studente toegelaat is.

Op navorsingsgebied is 'n gesonde balans tussen basiese, kliniese en toegepaste navorsing gevestig. Tydens hierdie periode was vier van die vyf presidente van die SA Afdeling van die Internasionale Vereniging vir Tandheelkundige Navorsing (IVTN) personeellede van die fakulteit.

Die fakulteit is deurlopend betrokke by gemeenskapsdiensprojekte. Dit vorm deel van die opleidingsprogram van voorgraadse studente in Hammanskraal, skole in die omgewing van Pretoria, en die Phelophepa-gesondheidstrein. Daar is ongeveer 100 000 pasiënt-kontakte per jaar in die Hospitaal vir Tand- en Mondheelkunde.

Sedert 1993 het die dekaanskap drie keer verwissel. **Prof S T Zietsman** was van 1983 tot 1993 dekaan. Hy is opgevolg deur **prof J E Seeliger** (1993-1996), en die huidige dekaan, **prof A J Ligthelm** het in Maart 1996 die amp oorgeneem. Aan staatskant het die bestuur in Mei 1995 van die Nasionale Gesondheidsdepartement na die Gauteng Provinsie oorgeskakel. Daar is ooreengekom dat die Universiteit groter verantwoordelikheid vir onderrig en navorsing moet aanvaar, en daar word tans oor 'n nuwe ooreenkoms met die provinsie onderhandel. Ondertussen is 'n huurooreenkoms met die provinsie gesluit wat behels dat die provinsie die hospitaal markverwant van die Universiteit huur.

Die behoefte aan akkommodasie neem deurentyd toe. Die "lapa" is herbou en die Afdeling Röntgenologie is in 1993 van die kelder daarheen oorgeplaas. Die Departement Periodonsie en Mondgeneeskunde is van die grondverdieping na die vierde vlak verskuif om meer ruimte te bekom en ook ruimte aan die Afdeling Diagnostiek te verskaf. Die personeelteekamer wat intussen na die sesde vlak verskuif is, moes plek maak vir die herakkommodasie van Gemeenskapstandheelkunde en is na die kelder oorgeplaas. Die behoefte aan ruimte vir die hospitaaladministrasie het terselfdertyd toegeneem en dit is na die Burocadia-gebou in die middestad van Pretoria oorgeplaas.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die Fakulteit Tandheelkunde word ook deur die herstrukturering van die bestuur van die Universiteit geraak, en sal eersdaags saam met die Fakulteit Geneeskunde in 'n gesamentlike Fakulteit Gesondheidswetenskappe gevestig word.

Prof A J Ligthelm
DEKAAN

Programbestuurder: Hulpbronne

Die programbestuurder is **dr J G White**. Die missie van Programbestuurder: Hulpbronne is om effektiewe ondersteuning vir die personeel van die Hospitaal vir Tand- en Mondheelkunde te skep, te verskaf en in stand te hou ten einde die dienskwaliteit te handhaaf en te verbeter, en om plaaslik relevant en internasionaal mededingend te wees. Hierdie ondersteuning behels pasiëntesorg, hospitaaladministrasie, die bestuur van fasiliteite en die koördinering van kliniese ondersteuning.

Bestuurskursus vir senior bestuurders

Personeelontwikkeling is 'n onmisbare deel van enige organisasie se strategiese fokus. Hoewel departementshoofde op die akademie konsentreer, behoort hulle algemene bestuursbeginsels te begryp. Vir hierdie doel is kursusse gereël wat deur senior bestuurders bygewoon is.

Fasilitering van inter- en intradepartementele kommunikasie

Effektiewe kommunikasiekanale is noodsaaklik om die moraal van personeellede te versterk. 'n Projek is van stapel gestuur om hierdie doelwitte te verwesenlik.

Dienskwaliteit

Klantesorg verseker tevrede en lojale klante. Klantelojaliteit is onmisbaar vir die langtermyndoelstelling en lewensvatbaarheid van 'n organisasie. 'n Komitee is verantwoordelik vir die evaluering van die verwagtinge en persepsies van klante en die implementering van regstellende stappe.

Dr J G White

Infeksiebeheer

Standaarde vir infeksiebeheer is toegepas volgens die riglyne wat in 'n infeksiebeheerprotokol vervat is. Hierdie riglyne handel oor die volgende sake: naaldprikbeserings, sterilisasiebeleid, sterilisasie van handstukke, kledingregulasies, instandhouding van outoklawe, immunisering van personeellede en konsultasiedienste aan instansies in die gemeenskap.

Instandhouding van fasiliteite

Befondsing deur die Universiteit en die Gautengse provinsiale Departement van Gesondheid het die fakulteit in staat gestel om die fasiliteite (gebou en toerusting) in stand te hou. Behoorlike instandhouding is van belang om die gehalte van die opleiding van studente te verseker, maar ook om die gehalte van diens aan pasiënte te verbeter.

Beroepsveiligheid

Beginsels vir beroepsveiligheid is toegepas ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (Nr 85 van 1993). Sake van algemene veiligheid, gesondheid, meganiese veiligheid en elektriese veiligheid is aangespreek.

Dienseenheid

Pasiënte wat nie geskik is vir omvattende behandeling deur studente nie en diegene wie se behandeling slegs een afspraak vereis, is hier gesien.

Eenheid vir medies hoë-risiko pasiënte

Hierdie eenheid lewer 'n onontbeerlike diens aan medies hoë-risiko pasiënte wat tandheelkundige behandeling nodig het. Pasiënte wat in hierdie eenheid behandeling ontvang het, was onder andere MIV-positiewe pasiënte,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

pasiënte met hartkwale, pasiënte met bloedingkwale, nieroorplantingspasiënte, en pasiënte wat radioterapie ontvang.

Dr J G White
SENIOR DOSENT

Programbestuurder: Navorsing

Die fakulteit het 'n programbestuurder aangestel vir die ontwikkeling en bestuur van navorsing wat daarop gemik is om die missie van die fakulteit en die Universiteit te bevorder. Navorsing op die volgende gebiede asook etiese vraagstukke word dus effektief en doeltreffend in die fakulteit bestuur: daarstelling van nuwe kennis in tandheelkunde en die verwante wetenskappe; relevante, basiese, toegepaste, ontwikkelings- en kontraknavorsing; navorsingsopleiding op voor- en nagraadse vlak; en die publikasie van navorsingsbevindinge tot voordeel van die algemene gesondheid van die Suid-Afrikaanse bevolking.

Toepaslike, gemeenskapsgerigte navorsingsprojekte is geïdentifiseer en interdissiplinêr ontwerp om ten dele uitvoering aan die fakulteit se strategiese plan te gee. Kontraknavorsing is tot dusver slegs in 'n beperkte mate uitgevoer maar word aktief aangemoedig.

Die fakulteit stel jaarliks navorsingsdoelwitte vir nasionale en internasionale deelname asook vir publikasie. Die uitsette ten opsigte van nasionale en internasionale deelname het die gestelde doelwit oorskry, die mikpunt vir gesubsidieerde publikasie-uitsette is bereik, en die praktyk- en gemeenskapsgerigte navorsing was besonder suksesvol. 'n Bykomende doelstelling van die fakulteit is om sy navorsing op gebalanseerde wyse op die behoeftes van die gemeenskap te rig.


Prof F A de Wet

Gedurende die tydperk 1993-2000 het die fakulteit byna al die portefeuljes in die Uitvoerende Komitee van die Suid-Afrikaanse afdeling van die Internasionale Vereniging vir Tandheelkundige Navorsing (IVTN) gevul. Drie personeellede was al president van die Suid-Afrikaanse afdeling van die IVTN, te wete **proff A J Ligthelm** (1992-1994), **F A de Wet** (1996-1998) en wyle **prof W J C Coetzee** (1994-1996). **Dr J Kroon**, die president vir 2000-2002, is ook 'n fakulteitslid.

Personeellede het oor die jare beduidende rolle in internasionale navorsingsgeledere vervul. **Prof Ligthelm** is verkies tot lid van die IVTN-raad (1995-1997), **prof Coetzee** was 'n lid van die IVTN se Komitee vir Inligtingstegnologie (1995-1998), en **prof De Wet** het in die IVTN se Streeksontwikkelingsprogram gedien (1998-2000).

Verskeie fakulteitslede het die jaarlikse internasionale kongresse van die IVTN in verskillende lande bygewoon waar hulle referate oor hulle navorsing gelewer het. Lede van die fakulteit het ook uitgebreide akademiese kontak met die Oos- en Suider-Afrikaanse afdeling van die IVTN gehandhaaf. Kontak met Afrika het aanleiding tot navorsingsprogramme tussen fakulteite asook akademiese opleidingskursusse gegee. Die dekaan, **prof Ligthelm**, het in 1997 die toekenning vir Leierskap in Navorsing van die Oos- en Suider-Afrikaanse seksie (tans afdeling) van die IVTN ontvang.

Lede van die fakulteit het op die komitee gedien wat die Wêreldkongres in Voorkomende Tandheelkunde in 1997 gereël het. Een personeellid, **prof S J Botha**, was ook die hooforganiseerder van die kongres vir IVTN-afdelings wat in 1997 in Kaapstad plaasgevind het. Verskeie ander personeellede het in die komitee gedien wat hierdie geskiedkundige kongres gereël het – die eerste ooit wat saam met die Oos- en Suider-Afrikaase afdeling van die IVTN aangebied is.

Die fakulteit het elke jaar verskeie magistergrade (waarvoor 'n sterk navorsingskomponent 'n voorvereiste is) toegeken, en probeer om minstens een doktorale student elke jaar te lewer.

Die fakulteit het 'n leidende rol met betrekking tot inplantologie en rekonstruktiewe chirurgie op gesigsmisvorminge gespeel. Personeellede het wêreldklasnavorsing op die gebied van tandheelkundige materiale, kollageen, mondskerms, mondkanker en forensiese tandheelkunde gedoen. In totaal het 36 personeellede sedert 1993 hulle navorsingsbevindinge by internasionale kongresse aangebied.

Lede van die fakulteit was aktief betrokke by nasionale inisiatiewe oor waterfluoridasie, en het 'n uitgebreide rekenaardatabasis (RHEMIS) oor die beplanning van gesondheidsdienste (infrastruktuur, menslike hulpbronne) in stand gehou.

Daar is aktief navorsing oor onderwys en opleiding gedoen, asook oor probleemgerigte en probleemgebaseerde onderrig. Navorsing oor, en die ontwikkeling van 'n veelvoudige intree-/uittree-kurrikulum vir mondhigiëniste en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

tandheelkundeterapeute was hoë prioriteite, en die fakulteit het 'n leidende rol op hierdie gebied in Suid-Afrika gespeel.

Personeel van die fakulteit het 'n deurslaggewende rol as komiteelede in verskeie van die Universiteit se navorsingsaksies gespeel, byvoorbeeld die Komitee vir Navorsingsmetodologie, die Komitee vir Eksperimentele Navorsing op Diere, die LAN-rekenaaradviesgroep, en die Materiaalnavorsingsgroep. Die personeel was ook besonder aktief in eksterne liggame soos die Mediese Navorsingsraad, die Medisynebeheerraad, die SA Buro vir Standaarde, die SA Tandheelkundige Vereniging se Paneel vir die Akkreditering van Tandheelkundige Produkte, en as adviseurs vir die regering oor die aankoop van materiale, instrumente en toerusting.

Die volgende voorsitters het sedert 1993 in die Navorsingskomitee gedien: **proff Ligthelm** (1993-1996) en **De Wet** (1996 tot hede). Die komiteelede was **proff Coetzee** (oorlede) (1993-1999), **P L Kemp** (1996 tot hede), **drr J Kroon** (1996 tot hede), **T Swart** (1996 tot hede), **prof Both**a (1999 tot hede) en **dr M Bredell** (1999 tot hede).

Prof F A de Wet
VOORSITTER

Programbestuurder: Onderwys

Prof W D Snyman (Hoof: Gemeenskapstandheelkunde) het sedert 1989 tot met sy aftrede op 30 Junie 1998 die bestuur van onderwys in die fakulteit behartig. Hy is op 1 Julie 1998 as konsultant aangestel met die opdrag om nuwe leerplanne vir Tandheelkunde en Mondhigiëne te ontwikkel en te implementeer. Hy was terselfdertyd verantwoordelik vir die bestuur van innovering op onderwysgebied in die fakulteit. 'n Bykomende taak was die bestuur van voortgesette onderwys met alumni as teikengroep.

Die fakulteit is sedert 1994 in samewerking met die Fakulteit Geneeskunde aktief betrokke by die ontwikkeling van die nuwe Tandheelkunde-leerplan. Die filosofiese onderbou van die nuwe kurrikulum voldoen aan die jongste beginsels op die gebied van uitkomsgebaseerde onderwys, waar die bekwaamheid van die gesondheidswerker die vertrekpunt vir die bepaling van leerinhoud is – in teenstelling met die benadering van die tradisionele leerplan waar inhoud as vertrekpunt gegeld het. Laasgenoemde benadering het aanleiding gegee tot ontoepaslike leerinhoud en oorbelading van die kurrikulum.

Die innoverende kurrikulum is op die student gesentreer, instede van die dosent soos in die tradisionele leerplan die geval was. Die nuwe kurrikulum beweeg ook weg van die fragmentariese benadering wat tipies van die Newton-era was, na 'n meer geïntegreerde, holistiese benadering. Dit bevorder probleemgedrewe onderrig en leer, en het as einddoel die slyp van studente se diagnostiese vaardighede. Die studente word in die nuwe kurrikulum meer aan gemeenskapsprojekte, byvoorbeeld die Hammanskraal-projek en die Phelopepa-treinprojek blootgestel wat hieronder geskets word.

Hammanskraal-projek

Die studente lewer aan die gemeenskap 'n diens wat aan die beginsels van primêre mondgesondheidsorg voldoen. Gebruik word van die Mobiele Eenheid vir Mondgesondheidsorg in hierdie projek gemaak. Mondhigiëne- asook tandheelkundestudente word aan die behoeftes aan gesondheidsorg in die gemeenskap blootgestel. Hierdie projek bevat ook 'n gemeenskapsgebaseerde opleidingskomponent.

Die Transnet Phelophepa-gesondheidstrein

Die studente lewer 'n diens volgens die beginsels van primêre mondgesondheidsorg aan die gemeenskap. Groepe van studente wat elk uit sewe tandheelkunde- en twee mondhigiënestudente bestaan, word vir 'n tydperk van twee weke per groep aan Transnet beskikbaar gestel om 'n basiese mondgesondheidsorg aan landelike gemeenskappe te lewer.

Om student-gesentreerde leer te bestuur is studiehandleidings ontwikkel vir elk van die verskillende modules. Die handleidings bevat onder meer die verwysingsbron van die leerinhoud en omskryf ook die makro-, meso- en mikrovlak-uitkomste van die tandarts en mondhigiënis in terme van die kognitiewe sowel as die psigomotoriese en affektiewe domein. Die term kurrikulering is as 't ware sinoniem met die term relevansie. Om die tersaaklikheid van die leerinhoud te verseker is die volgende prosesse en strukture daargestel:

Die makro- en mesovlak-uitkomste dien as 'n verwysingsraamwerk vir die ontwikkeling van die uitkomstes van die mikro-kurrikulum. Die doel met kurrikulumontwikkeling op mikrovlak is om toepaslike kognitiewe en psigomotoriese uitkomstes asook om die vak- of leerinhoud wat daaraan verbonde is, te identifiseer. Die gebruik

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van 'n uitkomsgebaseerde of van-bo-na-onder benadering by die ontwikkeling van die tandheelkunde-kurrikulum verseker dat die toepaslike leerinhoud geïdentifiseer word. Sekere prosedures is gevolg om toepaslike mikrovlakinhoud vir die kliniese modules te verseker. Vir hierdie doel is die volgende vyf strukture of modelle gebruik: die *International Classification of Diseases – Dental Application (ICD-DA)*; die bestuursvlak van die siektetoestande; die vlak van prosedurevaardighede; die kliniese proses; en die natuurlike geskiedenis van 'n bepaalde siekte.

Aangesien die hooffunksie van die tandarts en mondhigiënis is om die gesondheid van die pasiënt te bestuur, moet hulle verwante siektes in ag neem. Die eerste struktuur (model) wat tydens die uitkenning van siektetoestande met betrekking tot die tandheelkunde- of mondhigiënepraktyk benut is, is die *International Classification of Diseases – Dental Application (ICD-DA)*. Die betrokke siektes is volgens anatomiese strukture geïdentifiseer en ingedeel.

Die tweede struktuur gebruik 'n gewysigde Nijmegen-model om die bestuursvlak van die siektes en toestande te bepaal. Byvoorbeeld, op die eerste vlak moet die tandarts die siekte kan herken en die pasiënt verwys; op die tweede vlak moet die tandarts reg kan diagnoseer en verwys; op die derde vlak moet die tandarts die pasiënt se gesondheid kan diagnoseer en dienooreenkomstig bestuur.

Hierdie besondere indeling van die bestuursvlak van elke siektetoestand is 'n geldige aanwyser wat tot die samestelling van die toepaslike vakinhoud kan bydra.

Die derde struktuur wat gebruik is, het die vlak van prosedurevaardighede bepaal. Byvoorbeeld, op die eerste vlak moet die student slegs kennis hê van die prosedure; op die tweede vlak moet die student 'n demonstrasie bywoon; op die derde vlak moet die student 'n paar prosedures onder toesig uitvoer; en op die vierde vlak moet die student die prosedure bevredigend en onafhanklik uitvoer.

Twee faktore het as die vierde en vyfde strukture gedien wat in die identifisering van tersaaklike uitkomste gebruik is, te wete die kognitiewe, psigomotoriese en affektiewe diagnoseringsvaardighede van die tandarts of mondhigiënis, asook hulle kennis van die natuurlike geskiedenis van die betrokke siekte. Hierdie twee faktore is die grondslag van die proses van kliniese beredenering wat begin wanneer 'n pasiënt professionele hulp soek vir 'n kliniese probleem of vir die vroeë uitkenning van 'n siekte. Die kliniese beredenering kan as 'n reeks stappe beskou word, waarvan die eerste is om die pasiënt deur insameling van inligting te evalueer. Dié inligting word ontleed, saamgevoeg en geëvalueer om 'n differensiële diagnose te formuleer. Bykomende inligting word deur middel van spesiale hulpmiddels soos radiograwe en biopsies ingesamel. Sodanige inligting behoort uiteindelik tot 'n finale diagnose, 'n behandelingsplan, die behandeling self, en ten laaste na 'n evaluering van die uitkoms van die behandeling te lei.


Prof W D Snyman

Die natuurlike geskiedenis van 'n siekte beteken die oorsaak en verloop van 'n spesifieke siekte. Die bestuursvlak van 'n siekte sal deur die bestek van die klinikus se kennis oor sy natuurlike geskiedenis bepaal word.

Die leerplanne is aan die hand van sekere strukture ontwikkel. Taakgroepe is vir elke nuwe module saamgestel om studiehandleidings te ontwikkel en te implementeer. Hierdie komitees is saamgestel om verteenwoordigend van verskillende toepaslike dissiplines te wees ten einde integrasie van leer te bevorder. Die nuwe kurrikula is derhalwe die eiendom van die fakulteit en nie van die onderskeie departemente soos tradisioneel die geval was nie.

Die nuwe leerplan vir Tandheelkunde is aan die begin van 1997 geïmplementeer, en die implementering van die nuwe leerplan vir Mondhigiëne word vir 2001 beplan.

Die ontwikkeling van die uitkomsgebaseerde leerplanne vir Tandheelkunde en Mondhigiëne is 'n besondere voorbeeld van innovering in die onderwys. **Prof Snyman** het 'n sertifikaat vir hierdie besondere bydrae van die Universiteit ontvang. 'n PhD in kurrikulumstudies is in 1993 aan hom toegeken. 'n Aantal referate by internasionale kongresse en twee wetenskaplike publikasies het uit hierdie navorsing voortgevloei.

Prof Snyman tree ook as kurrikuleringskonsultant vir ander tandheelkundeskole in Suid-Afrika op.

Prof W D Snyman
PROGRAMBESTUURDER

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Diagnostiek en Röntgenologie

Hierdie departement is in 1984 gestig en het teen 1993 aansienlike vordering in die akademiese onderrig van tandheelkunde- en mondhigiënestudente asook op navorsingsgebied gemaak. Die belangrikheid van Radiografie as 'n toegepaste wetenskap en die kliniese aanwending daarvan as 'n visuele diagnostiese hulpmiddel op elke denkbare tandheelkundige gebied is toenemend erken.

Radiologie is dus as 'n volledige kliniese kursus vir alle voorgraadse tandheelkundestudente ingestel. Nagraadse kursusse is ook vir alle belangstellendes ontwerp. Kwaliteitsversekering in tandheelkundige radiografie en die voorkoming van kruis-besmetting in die kliniese radiografie-area het belangrike onderwerpe vir navorsing geword.



Prof L W Combrink

Toe **prof L W Combrink** in 1994 as departementshoof aangestel is, het die klem in wese van Radiologie na Diagnostiek (die ander dissipline in die departement) verskuif. **Prof Combrink** het besef dat studente 'n sistematiese benadering tot pasiëntesorg moet ontwikkel en dat kunsmatige grense ontstaan het weens die aanbieding van tandheelkundedissiplines in "waterdigte kompartemente". Riglyne is vir so 'n sistematiese benadering tot omvattende pasiëntsorg neergelê en word steeds toegepas. Hierdie riglyne het aanleiding gegee tot die ontwikkeling van Omvattende Pasiëntsorg as 'n dissipline in eie reg in die nuwe kurrikulum.

Prof Combrink het verder besef dat die onderrig van tandheelkunde in "waterdigte kompartemente" nadele inhou. Hy het een van die belangrikste voorstanders vir die ontwikkeling van 'n nuwe kurrikulum geword om die kunsmatige grense wat blykbaar tussen verskillende tandheelkundedissiplines bestaan, uit te wis. Hy het besef dat daar 'n behoefte aan 'n goed georganiseerde stelsel bestaan om studente aan te moedig om meer sinvol onafhanklik te studeer en om die oudmodiese model te vervang waarvolgens dosente suiwer feitelike en soms ontoepaslike inligting oorgedra het. **Prof Combrink** sal ook onthou word vir sy bydrae tot die uitkomsgebaseerde onderwys wat eers heelwat later sy beslag sou kry.



Dr P Prinsloo

In die pogings om die onderrig van radiologiese diagnose in ooreenstemming met die nuwe uitkomsgebaseerde benadering te bring, het **dr J J Prinsloo**, 'n deeltydse senior lektor in Radiologie, 'n CD-ROM vir gebruik deur studente ontwerp. Hierdie hulpmiddel was uiteraard daarop gemik om die student se vaardighede in die differensiële diagnose van siste en gewasse van die kaak te verbeter. Die benutting van hierdie besonder waardevolle CD is ongelukkig destyds beperk omdat **prof Combrink** se nuwe benadering voorkeur aan die kliniese diagnostiese proses gegee het. Die CD het ook nie die grondslag van radiologie gedek wat nodig is om 'n basiese kennis van die vakinhoud te verskaf nie.

Na **prof Combrink** se aftrede het **dr Paul Prinsloo**, die waarnemende departementshoof, probeer om die balans tussen die twee dissiplines in die departement te herstel. **Dr Prinsloo** het daarin geslaag om **prof Combrink** se onderrigmetodes in Diagnostiek toe te pas en die beginsels van Omvattende Pasiëntesorg op 'n gesonde grondslag te plaas. Hy het terselfdertyd aan **dr Claudia Noffke**, ook 'n deeltydse senior dosent in Radiologie, volle diskresie toegestaan om weer die voorgraadse Radiologiekursus vir tandheelkundestudente in te stel. Sy het die kursus heringestel in samewerking met **me A van der Linde**, 'n senior radiografis, wat 'n soortgelyke kursus vir die mondhigiënestudente ontwerp het.

Die Eenheid vir Medies Hoë-risiko Pasiënte wat sedert 1995 uitsluitlik deur **dr T Winstanley** bestuur word, is 'n belangrike gevolg van die werk van die Departement Diagnostiek en Radiologie. Die eenheid verskaf 'n belangrike diens aan pasiënte wat weens ernstige mediese probleme nie in die hoofstroom van pasiënte wat die Hospitaal vir Tand en Mondgeneeskunde volgens roetine besoek, opgeneem kan word nie. Die eenheid bied ook mondgesondheidsorg aan pasiënte met vigs en ander lewensbedreigende siektes. **Dr Winstanley** het sekere nuttige innovasies ontwikkel, onder meer die toediening van hiperbariese suurstof aan pasiënte wat aan osteoradionekrose ly en die elektromassering van pasiënte met chroniese pyn.

Die afdeling Diagnostiek sluit 'n dienseenheid in vir pasiënte met 'n behoefte aan ongekompliseerde tandheelkundige prosedures wat in 'n enkele besoek afgehandel kan word. **Dr J Swanepoel** en verskeie personeellede bestuur hierdie eenheid doeltreffend volgens 'n diensrooster.

Die afdeling Diagnostiek, wat die eerste kontak tussen nuwe pasiënte en bogemelde hospitaal is, word steeds vlot en doeltreffend bedryf. Sedert sy aanstelling as departementshoof in 1997, het **prof B Buch** verskeie nuwe prosedures op die gebied van Radiologie ingevoer. Die voorgraadse opleiding van beide tandheelkunde- en mondhigiënestudente floreer steeds soos toe **prof J E Seeliger** in beheer was. Verder moet alle nagraadse

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021


Prof B Buch

studente, ongeag hulle dissipline of spesialiseringsgebied, 'n kursus in Radiologie voltooi wat spesiaal vir die betrokke program aangepas word. 'n Nuwe magisterprogram wat gevorderde gedoseerde werk en 'n skripsie insluit, is ontwerp vir nagraadse studente wat in Kaak-, Gesig- en Mondradiologie wil spesialiseer.

Noudat die nuwe kurrikulum vir Tandheelkunde en die konsep van probleemgebaseerde onderwys goed gevestig is, word metodes vir die bevordering van effektiewe onafhanklike studie deur studente ondersoek. **Prof Buch** het vir hierdie doel 'n student-vriendelike handboek ontwikkel wat in beide Afrikaans en Engels beskikbaar is. Dié boek bied 'n unieke benadering tot die wetenskap van Toegepaste Radiografie, insluitende Stralingsfisika wat in geen ander standaardhandboek oor radiologie te vinde is nie. **Prof Buch** het ook 'n CD-ROM vir self-studie ontwikkel en dit word aan alle studente beskikbaar gestel. Die CD-program berus primêr op die radiografiese evaluering van 'n groot verskeidenheid tandverwante anomalieë en patologiese toestande. Die formaat daarvan neem 'n holistiese kliniese benadering aan wat selde in boeke oor algemene tandheelkunde of tandheelkundige radiologie aangetref word. Die program is ontwerp vir self-studie deur voorgraadse tandheelkundestudente en is terselfdertyd 'n belangrike bron van inligting vir tandartse in die praktyk.

Aangesien uitkomsgebaseerde onderwys gekom het om te bly, is die veld wyd oop vir navorsing oor nuwe, beter metodes vir self-studie deur studente en vir die effektiewe evaluering van die kennis en vaardighede wat studente verwerf het. Die Suid-Afrikaanse pasiëntebevolking is uniek, en anomalieë en patologieë in ons land kom selde presies so voor soos wat in die meeste handboeke beskryf word. Die personeel word aangemoedig om hierdie verskille verder te ondersoek – veral die tekens van sistemiese lewensgevaarlike toestande wat in die mond waargeneem kan word.

'n Reeks navorsingsprojekte is onlangs in samewerking met die huidige waarnemende hoof van Ortodonsie onderneem in 'n poging om bestaande radiografietegnieke aan te pas vir die beter visualisering van skedelverwysingspunte.

Die departement is bevoorreg om op die dienste van **dr C Kerling** en sy besonder gevorderde rekenaarvaardighede te kan staatmaak. Hy het die samestelling van roosters bemiddel wat aan elke studente se behoeftes voldoen – wat gewoonlik 'n nagmerrie is. Daar word beoog om van **dr Kerling** se vaardighede gebruik te maak om Web-gebaseerde telematiese onderrigprogramme te ontwikkel wat tot voordeel van die tandheelkundige beroep, die fakulteit en die Universiteit sal strek.

Prof B Buch
DEPARTEMENTSHOOF

Gemeenskapstandheelkunde

Die aanbreek van die nuwe bestel in Suid-Afrika in 1994 asook die aanvaarding en die toepassing van 'n primêre gesondheidsorgbenadering tot die verskaffing van gesondheidsdienste in Suid-Afrika, het nuwe uitdagings aan die departement gestel. Die opleiding van studente moes aangepas word om aan die eise van die nuwe bedeling te voldoen, en navorsing moes die mondgesondheidsprobleme van die hele bevolking aanspreek.

Die groter klem wat op dienslewering aan die gemeenskap geplaas is, was waarskynlik die belangrikste kenmerk van die middel-negentigerjare. Dit blyk ook duidelik uit die groot getal diensleweringsprojekte aan gemeenskappe wat die departement onderneem het.

Die departement is verantwoordelik vir die voor- en nagraadse opleiding van tandheelkunde- en mondhigiënestudente in Gemeenskapstandheelkunde en Praktykbestuur, en hanteer ook die grootste gedeelte van die opleiding van mondhigiënestudente.

Prof W D Snyman was tot 30 Junie 1998 hoof van die departement. Benewens die belangrike bydrae wat hy tot die vak Gemeenskapstandheelkunde gelewer het, het hy ook die ontwikkeling van die innoverende nuwe tandheelkunde- en mondhigiëne-kurrikula bemiddel. **Prof Snyman** is op 1 Julie 1998 as konsultant in die fakulteit aangestel, met die opdrag om die nuwe leerplanne te ontwikkel en te implementeer. Hy is steeds verantwoordelik vir die bestuur van innovering op die gebied van onderwys in die fakulteit. **Prof Snyman** het gedurende hierdie tydperk 'n sertifikaat vir onderwysinnovasie vir sy besondere bydrae in dié verband van die Universiteit ontvang. Hy tree tans ook op as kurrikuleringskonsultant vir verskeie ander tandheelkundefakulteite in Suid-Afrika.

Na die aftrede van **prof Snyman** in 1998, is **prof P J van Wyk** as waarnemende hoof aangestel. Die baanbrekerswerk wat sy voorganger op onderwysgebied gedoen het, het **prof Van Wyk** in staat gestel om groter

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

klem op relevante navorsing te plaas. Verskeie navorsingsprojekte is aangepak soos onder andere: redes vir die emigrasie van Suid-Afrikaanse tandartse, die verwydering van fluorosevlekke van tande, en die bepaling van die mondgesondheidstatus van kinders in Suid-Afrika. In laasgenoemde verband werk **prof Van Wyk** nou saam met die nasionale Departement Gesondheid asook die gesondheidsowerhede in die nege provinsies, en hy is ook as koördineerder van die projek aangewys. **Prof Van Wyk** is tans 'n lid van die Nasionale Fluorideringskomitee wat deur die Minister van Gesondheid aangestel is om waterfluoridasie in Suid-Afrika te implementeer.


Prof P J van Wyk

Die Afdeling Mondhigiëne ressorteer onder die Departement Gemeenskapstandheelkunde. Sedert 1993 het 158 mondhigiënestudente onder die bekwame leiding van **mee S J Booyens** en **R C du Bruyn** gekwalifiseer. Die gemiddelde slaagsyfer van die mondhigiënestudente is meer as 90%, en dit kan uitsluitlik toegeskryf word aan die klein groepie studente wat jaarliks intensief opgelei word. Tandbleiking as behandelingsprosedure is in die kurrikulum ingesluit om by die veranderde behoeftes van pasiënte aan te pas en om die bemarkbaarheid van die mondhigiëniste se dienste te verhoog. 'n Varsasemkliniek is ook in die lewe geroep en bied nuwe geleenthede vir onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens.

Soos reeds genoem is, word daar groter klem op gemeenskapsdienslewering geplaas. Die departement het byvoorbeeld 'n primêre mondgesondheidsorgprojek in Hammanskraal gevestig, en mondhigiëne- en tandheelkundestudente het onder leiding van die departement by Transnet se Phelophepa-gesondheidsorgtrein betrokke geraak. In beide projekte lewer die studente 'n diens volgens die beginsels van primêre mondgesondheidsorg aan minder gegoede en landelike gemeenskappe. Mondhigiënestudente is onder leiding van die personeel betrokke by opvoedkundige en voorkomende dienste aan kleuterskole, geestelik en fisies gestremde kinders, en pasiënte van die Pretoria Akademiese Hospitaal. Hulle werk ook vir Mondgesondheidsdienste in Gauteng en word so aan openbare mondgesondheidsdienste blootgestel.

Dr Jeroen Kroon het die vestiging van die tandheelkundekliniek op die Transnet Phelophepa-gesondheidsorgtrein bemiddel asook die verkryging en inbedryfstelling van 'n mobiele tandheelkundige kliniek vir die fakulteit. Op hierdie manier ontvang studente gemeenskapsbaseerde opleiding. **Dr Kroon** bestuur tans die projekte van die fakulteit vir dienslewering aan gemeenskappe.

Op navorsingsgebied verower **dr Kroon** in 1997 die gesogte Colgate-prys vir die beste voordrag by die kongres van die Suid-Afrikaanse afdeling van die Internasionale Vereniging vir Tandheelkundige Navorsing (IVTN). In 1998 verteenwoordig hy die Suid-Afrikaanse afdeling van die IVTN by 'n kompetisie vir jong navorsers as deel van die jaarlikse internasionale kongres van die IVTN. **Dr Kroon** en **prof Van Wyk** is tans onderskeidelik die president en die sekretaris van die Suid-Afrikaanse afdeling van die IVTN.

Dr J G White bedryf die Eenheid vir Praktykbestuur. Veranderinge in die eksterne omgewing vereis dat tandartse opgelei word om hierdie veranderinge te bestuur ten einde hulle praktyke winsgewend te kan bedryf. Kliniese vaardighede is nie meer voldoende om sukses te verseker nie; finansiële en kommunikasievaardighede het in die hedendaagse woelinge net so belangrik geword. Toenemende mededinging, 'n afname in pasiënte se lojaliteit teenoor dokters en tandartse, pasiënte wie se verwagtinge meer gesofistikeerd geraak het, en meer en meer geadverteerde produkte wat op pasiënte se besteebare inkomste aanspraak maak, het daartoe gelei dat praktykbestuur 'n al hoe belangriker deel van voorgraadse tandheelkundeopleiding geword het. Al die funksionele aspekte van praktykbestuur word aangespreek, en daar word groter klem op strategiese, finansiële en bemarkingsbestuur geplaas.

Daar word beplan om die kursus telematies aan te bied ten einde die voortgesette opleiding van praktiserende tandartse te bevorder en hulle in staat te stel om bepaalde vaardighede ten opsigte van praktykbestuursbeginsels aan te leer.

Prof P J van Wyk
HOOF

Herstellende Tandheelkunde

Prof J C Nel het die Universiteit aan die einde van 1996 verlaat, en **prof L H Becker** is in Maart 1997 as departementshoof aangestel.

Personeelontwikkeling is 'n belangrike doelwit van hierdie departement. Nadat rekenaars in 2000 in gebruik geneem is, kon die personeel hulle rekenaarvaardighede ontwikkel. Daar word gereeld besprekings gehou

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

waartydens tydskrifartikels van algemene belang voorgedra en ontleed word. Departementele vergaderings vind tweeweekliks plaas, waartydens probleme ten opsigte van dienslewering, opleiding en navorsing asook die aanbieding van kortkursusse bespreek en beplan word. Verskeie personeellede het verdere kwalifikasies behaal, waaronder die DipTer deur **dr M P Oosthuizen** en die PhD deur **prof C H Driessen** - beide in 1999. Departementele fondse wat vir personeelontwikkeling geoormerk is, word vir die bywoning van kongresse in Suid-Afrika en in die buiteland aangewend om die personeel verder vir hulle opleidingstaak te bekwaam.

Prof J C Nel

Die departement se nuwe benadering behels 'n voorgraadse kurrikulum wat tot vyf jaar verkort is en geïntegreerd aangebied word. Die vak Herstellende Tandheelkunde word tans as Odontologie aangebied, nadat dit met die vakke Mondpatologie, Mondbiologie, Tandheelkundige Materiale en Gemeenskapstandheelkunde geïntegreer is. Studente in die derde, vierde en vyfde jaar ontvang onderrig van personeel wat ongeveer 45-55 studente per studiejaar hanteer.

Die fasiliteite in die kliniese sale is wesenlik verbeter. 'n Moderne sterilisasie-eenheid is ontwerp, gebou en in die kliniese saal op die vierde vlak in werking gestel. Dit dien as 'n praktiese opleidingseenheid vir studente. Die toerusting in hierdie kliniese saal is deur moderne toerusting vervang, en lugversorging is in die kliniese sale op beide die vierde en vyfde vlakke geïnstalleer. 'n Eenheid is vir personeel geskep om 'n diens aan pasiënte te lewer, en dit word deurentyd benut. 'n Mikroskoop wat spesiaal vir gebruik in kliniese tandheelkunde ontwerp is, is aangekoop. Dit is die eerste mikroskoop in sy soort in Suid-Afrika en kan as opleidingsinstrument gebruik word. Alle prosedures wat in die mond uitgevoer word, kan op 'n videoskerm waargeneem word. Die mikroskoop kan ook aangewend word om video's te maak wat later as opleidingsmateriaal in 'n ander lokaal gebruik kan word. Foto's kan van prosedures en toestande geneem word en ook later vir opleidings- en navorsingsdoeleindes benut word. Op nagraadse vlak is hierdie mikroskoop 'n waardevolle opleidingsinstrument. Dit het 'n besonder positiewe invloed op die gehalte van die diens wat gelewer word, veral ten opsigte van wortelkanaalterapie.



Prof L H Becker

Die departement speel 'n belangrike rol in die voortgesette professionele ontwikkeling van oudstudente en ander kollegas wat in hierdie opsig aan die vereistes van die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika moet voldoen. Twee kursusse wat op Endodonsie gerig is, is in 1997 en 1999 aangebied. 'n Driedaagse kursus, getiteld The Pretoria Master Class in Restorative Dentistry, is in 1999 aangebied. Hierdie kursus was besonder geslaagd en het 'n opleidingsgeleentheid vir tandartse, mondhigiëniste, assistente en ontvangspersoneel gebied. Meer as 400 persone het die kursus bygewoon.

Personeellede het al hoe meer betrokke by formele nagraadse onderrig geraak. Die getal studente vir die nagraadse diploma (DipOdont) neem steeds toe. In 2000 het 12 studente vir die diploma ingeskryf, onder andere tandartse uit KwaZulu-Natal en Swaziland, en 'n persoon met 'n Argentynse kwalifikasie. Aansoeke is ook ontvang van studente uit Kenia. Daar is tans twee studente op die MSc-vlak, een uit Uganda. Een student wat spesialisopleiding in Prostodonsie ontvang het, het sy studie in 1999 met lof voltooi.

Dr W P Williams het die Colgate-prys ontvang tydens die jaarlikse kongres van die Internasionale Vereniging vir Tandheelkundige Navorsing (IVTN) (Suid-Afrikaanse afdeling). **Dr I C Goossens**, 'n kliniese assistent in sy derde studiejaar, het hierdie prestasie in 2000 behaal. Die wenner word die geleentheid gebied om 'n voordrag by die eersvolgende wêreldkongres van die IVTN te lewer.

Die kliniese assistente in Prostodonsie lewer steeds insette van hoogstaande gehalte. 'n Diens word ook aan pasiënte met 'n behoefte aan gevorderde prosedures gelewer. Hierdie diens is multidissiplinêr van aard en daar word veral nou saamgewerk met die departemente Prostetika, Periodonsie en Mondgeneeskunde, en Kaak-, Gesig- en Mondchirurgie. Die samewerking handel veral oor periodontale siekte, inplantologie, ortognatiese chirurgie, gesigsprosteses en obturators. Prostodontiste wat privaat praktiseer en periodontiste kom maandeliks byeen vir 'n seminaar waartydens voordragte gelewer en gevalle bespreek word. Kliniese assistente van ander fakulteite woon dikwels hierdie geleenthede by.

Die departement brei deurentyd sy internasionale kontakte uit. **Prof M F G Dannheimer** was die afgelope drie jaar 'n eksterne eksaminator vir voorgraadse studente by 'n tandheelkundige fakulteit in Uganda, en **dr S B Lewis** is aangewys om vir die volgende drie jaar in hierdie hoedanigheid op te tree. Lede van die personeel het op uitnodiging van die gesondheidsowerhede in Botswana 'n reeks lesings daar aangebied, en het voordragte tydens IVTN-byeenkomste in Duitsland en Kanada gelewer. Navorsing oor *dentinogenesis imperfecta* word in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

samewerking met kollegas aan die Universiteitskollege van San Francisco gedoen. Die ontwikkeling van bindingsmateriaal aan die tandstruktuur word by verskeie ander buitelandse instansies nagevors. Benewens die kleiner projekte word daar onder die leiding van **dr J T Marais** ook navorsing gedoen oor elektrochemies geaktiveerde water.

Gemeenskapsdiens speel 'n belangrike rol. Die personeel bied 'n deurlopende diens aan pasiënte met besondere probleme, en lewer ook bydraes in belang van die professie. Die departement se personeellede word gereeld genooi om lesings oor verskillende onderwerpe voor groepe van die Tandheelkundige Vereniging aan te bied. Hulle word ook dikwels deur die Professionele Raad vir Geneeshere en Tandartse genader om in ondersoeke na die professionele gedrag van kollegas behulpsaam te wees. **Prof Becker** is vir die termyn 1999-2004 tot voorsitter van hierdie raad verkies.

Die departement is ook betrokke by verwikkelinge op die gebied van elektroniese dataverwerking. Daar word tans ondersoek ingestel na metodes om elektroniese rekordhouding en onderrigmetodes vir die opleiding van voorgraadse studente aan te wend. Dit kan 'n opwindende nuwe dimensie aan beide die kliniese en didaktiese komponent van opleiding in tandheelkunde gee.

Prof L H Becker
DEPARTEMENTSHOOF

Kaak-, Gesig- en Mondchirurgie

Die departement gee opleiding aan voorgraadse tandheelkunde- en voorgraadse geneeskundestudente. Die volgende nagraadse kursusse word ook aangebied: Diploma in Odontologie (Mondchirurgie), MSc (Odontologie) (in Mondchirurgie), PhD en spesialisering in Kaak-, Gesig- en Mondchirurgie, MChD (ChirMax-Fac-Med) en (ChirMax-Fac-Dent). Spesialisering met die magistergraad MChD (ChirMax-Fac-Med) is moontlik vir kandidate wat ook as 'n geneesheer gekwalifiseerd is, of wil kwalifiseer.


Prof K-W Bütow

Die departement is in verskeie navorsings- en studievelde verdeel: Eksodonsia, Dento-Alveolêre Chirurgie, Gesigs- en Kaaktraumatologie, Ortognatiese en Rekonstruktiewe Chirurgie, Preprostodontiese en Inplantologiese Chirurgie, Temporomandibulêre Gewrigs- en Gesigspynbehandeling, Chirurgiese Patologie, en Gesplete Gesigsdeformiteite-behandeling.

Die diensstaat bestaan uit 28 personeellede, wat 'n aantal voltydse sowel as deeltydse aanstellings insluit. Benewens die jaarlikse toepaslike opleiding vir voorgraadse studente, was daar ook 'n hele aantal nagraadse studente: 52 in DipOdont (Mondchirurgie), een vir MSc (Odont), vyf vir MChD (ChirMax-Fac-Med-Dent), en drie vir MChD (ChirMax-Fac-Med).

'n Aantal konsultante uit Australië (twee), Duitsland, Griekeland, Israel (twee), Italië, Namibië en Switserland het verdere opleiding in Kaak-, Gesig- en Mondchirurgie ontvang. 'n Diplomakursus in Mondchirurgie het verskeie studente van ander nasionaliteite gelok, onder meer uit Duitsland, Egipte, Griekeland, Kenia, Malawi, Namibië, Nigerië, Pakistan, Rusland, Skotland, die Soedan en die Verenigde Koninkryk.

Nuwe navorsingontwikkelings het plaasgevind, naamlik 'n temporomandibulêre gewrigsprostese wat tans in drie ander oorsese lande gebruik word, asook voortvloeiende ontwikkeling in endosteale inplantate. Personeellede het in die oorsigperiode meer as 100 navorsingslesings by nasionale en internasionale konferensies aangebied, en spesiale uitnodigings ontvang om as gasdosente en internasionale eksaminatore op te tree. Benewens die feit dat **prof Kurt-W Bütow** oor die 200 publikasies die lig laat sien het, het hy ook 'n derde doktoraat verwerf (elke doktoraat is geskryf in 'n ander taal). Daarby het hy ook 'n aantal toekennings ontvang – onder meer was hy vir die vyfde keer as 'n topprestеerder van die Universiteit benoem. Hy word ook gesiteer in die *Southern African Trade and Business Industry* asook in die internasionale publikasies *Who's Who in Medicine* en *Who's Who for Intellectuals*.

Prof K-W Bütow
DEPARTEMENTSHOOF

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Mondpatologie en Mondbiologie

Na 15 jaar as departementshoof is **prof A J Ligthelm** in 1996 as voltydse dekaan en bestuurder van die Fakulteit Tandheelkunde aangestel. **Prof W F P van Heerden** is aangestel as die nuwe departementshoof.

Die program vir voor- en nagraadse Mondpatologie het onder die bekwame leiding van **dr T J P Swart** gestaan. Die besondere begrip en geesdrif waarmee hy hierdie taak verrig het, het ook uiting gevind in sy aanstelling as Tandheelkunde-huisvader vir etlike jare. **Dr P J van Niekerk** was in beheer van die program vir voor- en nagraadse Mondbiologie. Hy is bygestaan deur **dr L de Wet** wat vir die vakkursus Anatomie en Histologie vir Mondhigiëne verantwoordelik was. Die gewaardeerde bydraes van die deeltydse personeel, by name **drr H Bernitz** en **J C Weber**, verdien spesiale vermelding.

Die personeel was intens betrokke by die ontwikkeling van die nuwe kurrikulum vir Tandheelkunde. **Prof Van Heerden** is die sameroeper van die taakgroepe vir Maksillofasiale Patologie en Toepaslike Menslike Stelsels, en die koördineerder van sekere blokke wat deur die Fakulteit Geneeskunde aangebied word. **Dr Swart** is die sameroeper van die komitee vir modules wat in die eerste twee studiejare aangebied word, en **dr Van Niekerk** tree op as sameroeper van die Maksillofasiale Patologie-komitee vir die Mondhigiëne-kurrikulum. Die departement word ook op al die ander kurrikulumkomitees in die fakulteit verteenwoordig.



Prof W F P van Heerden

Die departement het 'n CD-ROM, *Oral and Maxillofacial Pathology*, in samewerking met Telematiese Onderwys opgestel. Dit word aan alle studente as aanvullende studiemateriaal verskaf. Die CD-ROM bespreek ongeveer 200 toestande en letsels van die kop- en nekgebied en bevat nagenoeg 450 illustrasies. Die departement is tans besig om twee van sy nagraadse hoërdiplomaprogramme, naamlik Mondpatologie en Forensiese Odontostomatologie as leerplan vir telematiese aanbieding op die Internet te ontwerp. Personeellede het as eksterne eksaminatore vir voor- en nagraadse studente by al die ander tandheelkundefakulteite in Suid-Afrika opgetree. **Dr Swart** het ook in 1999 en 2000 as eksterne eksaminator vir die Universiteit van Nairobi in Kenia opgetree.

Die departement is betrokke by die organisering en aanbieding van verskeie opknappingskursusse vir privaat praktisyns en spesialisgroepe. Die jaarlikse algemene opknappingskursus wat deur **dr Van Niekerk** gereël word, is die grootste van sy soort in die land.

Dienslewering dek die hele spektrum van diagnostiese histopatologie, 'n kliniese konsultasiediens en forensiese odontostomatologie. Veral **dr Bernitz** was nou betrokke by die forensiese afdeling van die Suid-Afrikaanse Polisiediens en die ontwikkeling van nuwe tegnieke vir die uitken van misdadigers. Die departement het ook deelgeneem aan 'n internasionale uitruilprogram vir histopatologie saam met verskeie vooraanstaande instansies. Dit dien as diagnostiese kontrole en vervul 'n belangrike opleidingsfunksie.

Mondkanker is die kern navorsingstema in die departement en dié kanker word in noue samewerking met ander nasionale en internasionale instansies ondersoek. Projekte wat saam met die Departement Tumorbiologie aan die Universiteit van Ulm uitgevoer is, het verskeie publikasies opgelewer. 'n Vloeisitometrie-eenheid uitsluitlik vir DNA-analise wat in die departement op die been gebring is, het direk uit hierdie samewerking voortgespruit. Afgesien van sy navorsingspotensiaal, word die vloeisitometrie-eenheid aangewend vir die roetine-evaluering van soliede tumore van die kop en nek om bykomende inligting te verskaf wat die klinici kan help om oor toepaslike behandeling te besluit. Die departement het ook navorsingsprojekte in samewerking met die Kimmel-kankersentrum in Pennsylvania onderneem. Plaaslike samewerking sluit in projekte saam met die departemente Anatomiese Patologie en Geregtelike Geneeskunde aan die Universiteit van Pretoria, die Mediese Universiteit van Suider-Afrika, en die Departement Mediese Virologie aan die Universiteit van Stellenbosch. Die meeste van die departement se artikels het in geakkrediteerde internasionale vakkundige tydskrifte verskyn.

Aan die einde van hierdie oorsigperiode bestaan die personeelkorps uit die hoof, **prof Van Heerden**, wat in 2000 as 'n uitnemende presteerder aan die Universiteit aangewys is, **drr Swart, Van Niekerk, De Wet** en **S C Boy**, 'n kliniese assistent. **Drr H Bernitz** en **J C Weber** is deeltyds by die departement betrokke. Die laboratoriumpersoneel is **mee M B van Heerden, R Sutherland, L van der Merwe** en **mnr S Mafiri**. **Me E Lauterbach** is die sekretaresse.

Prof W F P van Heerden
DEPARTEMENTSHOOF

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ortodonsie

Die primêre taak van hierdie departement was steeds die opleiding van voorgraadse studente. Voornemende tandartse is met die nodige kundigheid, vaardigheid en gesindheid toegerus om veral die ontwikkelende gebit te begelei. Die klem val dus op waarneming en diagnose. Voorkomende en onderskeppende ortodontiese maatreëls moet waar nodig geneem word. Die voornemende tandarts moet in staat wees om minder ernstige wansluitings self te hanteer, maar ingewikkelde gevalle te verwys.

Navorsing het eweneens 'n prominente plek ingeneem, en al die personeel was by 'n reeks projekte betrokke. Die resultate is jaarliks aan die Suid-Afrikaanse afdeling van die Internasionale Vereniging vir Tandheelkundige Navorsing (IVTN) gerapporteer, en dikwels ook in die buiteland. 'n Aantal publikasies het in vooraanstaande tydskrifte verskyn.

Die nagraadse komponent het steeds belangrik gebly. Die primêre nagraadse rigting, naamlik die eenjarige, deeltydse DipOdont, was besonder gewild en keuring moes vanweë logistiese redes toegepas word.



Prof W A Wiltshire

Die MChD-kwalifikasie wat tot spesialisasie lei, volg op 'n voltydse vierjaarkursus. Benewens die gestruktureerde kursus, wat die behandeling van pasiënte insluit, moet die student 'n verhandeling oor 'n navorsingsprojek indien. Die kursus bly gewild en daar was sterk mededinging vir die vier poste wat deurentyd gevul is.

Die eerste twee buitelandse kandidate het dié kursus gedurende die oorsigtydperk gevolg. Die transformasieproses het neerslag gevind deur die inname van drie kandidate uit die histories agtergeblewe gemeenskappe. Hierdie kursus bied uitstekende opleiding in etlike ortodonsietegnieke. Onderrig steun swaar op deeltydse konsultante – vooraanstaande ortodontiste wat vir hierdie doel aangestel is. Vier buitengewone professore moet vermeld word, te wete **proff M Grobler, S J P Nel, J J G G de Mûelenaere** en **E Mizrahi**. Laasgenoemde het onlangs geëmigreer.

Prof W A Wiltshire het sedert 1993 as waarnemende hoof opgetree en is in 1994 as hoof aangestel. Hy het die departement op alle gebiede uitgebou en dit was 'n groot verlies toe hy aan die einde van 1997 bedank het om 'n soortgelyke pos aan die Universiteit van Manitoba in Winnipeg, Kanada, te aanvaar. **Prof Wiltshire** het verskeie nasionale en internasionale pryse en toekennings ontvang en in komitees, onder meer van tydskrifte, gedien. Hy het uitgebreide buitelandse reise onderneem en vele voordragte in die buiteland gelewer. Uit sy pen het 57 publikasies, 82 abstrakte, tien inleidingsartikels en agt briewe verskyn. Hy het as promotor vir verskeie nagraadse studente en dikwels as eksterne eksaminator opgetree.



Dr R J Drummond

Die departement het by buitelandse instansies betrokke gebly, wedersydse besoeke aan en van die Universiteit van Gent is voortgesit, en etlike internasionale kongresse en simposia is bygewoon.

Sedert 1998 het **dr R J Drummond** vir 'n tydperk as departementshoof waargeneem, en na hom **prof S T Zietsman**, emeritus professor en voormalige dekaan. **Dr P Botha** is in 1998 as hoof aangestel, maar het teen 1999 nog nie diens aanvaar nie.

'n Lansie moet gebreek word vir die niedoserende komponent van die personeel wie se belangrike bydraes onontbeerlik is. Die administrasie en hantering van pasiënte rus swaar op die aandeel van **me Y Skinner** (sekretaresse) en die kontroledames, **mee R de Wet, A Nell** en **J Hoon**.

Op onderwysgebied was die herontwerp van die leerplan vir die vak 'n belangrike ontwikkeling. Die nuwe leerplan berus op uitkomsgebaseerde onderrig, en die vak is herdoop na Dentofasiale Anomalieë. Aan **dr Drummond** kom die erkenning toe vir sy volle aandeel in hierdie oefening.

Navorsing op epidemiologiese gebied het weer eens uitstekende projekte, verhandelings, publikasies en voordragte opgelewer. Daar word tans aktief navorsing gedoen rondom kragte in verplaasbare toestelle en die natuurlike kopposisie in kefalometrie.

Prof S T Zietsman
WAARNEMENDE DEPARTEMENTSHOOF (1999)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Periodonsie en Mondgeneeskunde

Hierdie tydperk is gekenmerk deur veranderinge in die doserende personeel. **Prof J A Pretorius**, die departementshoof, het aan die einde van 1996 uit die diens getree. Hy is in 1997 deur **prof J C Petit** opgevolg wat op sy beurt in 2000 'n ander pos aanvaar het. **Proff A Dippenaar** en **S Pretorius** het ook in 1994 die diens verlaat. **Prof P Germishuys** het in 1994 voltyds by die doserende personeel aangesluit. **Dr P J Lohse**, 'n besoekende dosent vir die kliniese opleiding van voor- en nagraadse studente, is as buitengewone professor benoem, en **dr J Hannah** het op 1 November 2000 diens as senior lektor aanvaar.



Prof J A Pretorius



Prof J C Petit



Prof P J Germishuys

Skakeling met buitelandse universiteite was besonder belangrik vir die personeel. **Prof Pretorius** was in noue skakeling met **prof Birte Melsen** van die Royal Dental College van die Universiteit van Aarhus, Denemarke. 'n Gesamentlike navorsingsprojek is uitgevoer oor die histomorfometriese evaluering van beenregeneratiewe materiale wat by inplantate gebruik word. **Prof Germishuys** het die Tandheelkundeskool van die Universiteit van Manchester in 1993 besoek om met **dr John Duxbury** data en kennis uit te ruil oor allergieë vir tandheelkundige geneesmiddels en materiale. Hy het gedurende 1999 met internasionaal erkende kundiges in mondgeneeskunde geskakel toe hy die Master Class on the Management of Oral Medicine Problems wat die Eastman Dental Institute van die Universiteit van London aangebied het, bygewoon het.

Prof Pretorius het gedurende 1994 'n reeks lesings vir kollegas in Zimbabwe aangebied op versoek van hulle tandheelkundige vereniging. In 1995 het hy lesings oor inplantologie in Dubai en Kaïro gelewer. Hy was in Februarie 1997 een van die genooide hoofsprekers by 'n internasionale kongres in Porto, Portugal. Sy bydrae het gehandel oor beenregenerasie en -augmentasie in periodonsie en inplantologie. Op die tuisfront het **prof Pretorius** by talle geleenthede sy kollegas op uitnodiging oor die rol van inplantologie in periodonsie en tandheelkunde ingelig.

Ses studente is in dié tydperk as spesialiste in Periodonsie en Mondgeneeskunde opgelei en het die MChD-graad behaal. Daar was vir die eerste keer in die bestaan van die departement drie nagraadse studente van Indiese afkoms. Al drie het die nagraadse diploma vir Periodonsie behaal, en gedurende 2000 het twee van hulle die MSc(Odont)-kwalifikasie verwerf.

Diens aan die gemeenskap speel 'n belangrike rol in die aktiwiteite van die departement. Personeel lewer deurlopend 'n diens aan pasiënte met besondere probleme in periodonsie, mondgeneeskunde en allergieë vir tandheelkundige geneesmiddels en materiale. Personeellede word gereeld genooi om lesings voor groepe kollegas te lewer. Die departement se dosente het ook as eksterne eksaminatore by ander tandheelkundeskole opgetree.

Die primêre taak van die departement bly die opleiding van voorgraadse studente. Voornemende tandartse word met die nodige kundigheid en vaardigheid toegerus om die mees algemene mondslymvliesletsels te diagnoseer en te behandel. Die studente word ook opgelei om periodontitis te diagnoseer, die behandelingsmoontlikhede met pasiënte te bespreek, die aanvanklike behandelingsmodaliteite uit te voer, en die indikasies, kontra-indikasies en komplikasies van chirurgiese behandelingsmoontlikhede uit te wys. Die studente ontvang ook onderrig oor die indikasies vir die gebruik van inplantate, die chirurgiese aspekte daarvan, en die behandeling van komplikasies wat daaruit mag voortspruit.

Prof P J Germishuys
AFDELINGSHOOF

Prostetika en Tandtegnika

Prostetika verteenwoordig een van die oudste vakgebiede in Tandheelkunde, en die departement het hom onderskei in al die onderafdelings van dié vakgebied. Benewens verskillende tipes kunsgebitte word daar toenemend aandag gegee aan geriodonsie en inplantologie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Geriodonsie spreek veranderinge aan wat tydens veroudering plaasvind, en aangesien bejaarde pasiënte deesdae langer hulle tande behou, word dié deel van die vakgebied al hoe belangriker.

Inplantologie behels die gebruik van inplantate wat deur die Departement Periodonsie asook die Departement Kaak-, Gesig- en Mondchirurgie geplaas kan word. Die Departement Prostetika verskaf meesal die prosteses wat aan die implantaat geheg word. Dit is ook 'n vakgebied wat toenemend belangrik word. Pasiënte se behoeftes word meer gesofistikeerd, en moet aangespreek word wat voorkoms en gerief betref. Die departement is ook betrokke by die ontwerp en vervaardiging van kunsoë, -ore en -neuse vir kanker- en chirurgiepasiënte.


Prof P J Potgieter

Prof P J Potgieter het in 1993 as departementshoof uitgetree, en **dr W Benninghoff** was die waarnemende hoof tot aan die einde van Oktober 2000. **Prof F A de Wet** wat hoof is van die afdeling Tandheelkundige Materiale asook adjunkdekaan van die fakulteit, het op 1 November 2000 oorgeneem as waarnemende hoof. 'n Vermindering in die personeeltal het meegebring dat daar tans slegs drie voltydse en een tydelike personeellid is. Hulle word bygestaan deur vyf sessiewerkers wat hoofsaaklik die studente klinies begelei. Daar is ses voltydse en twee deeltydse tandtegnici in die departement om studente in die fynere tegniese vaardighede op te lei en om algemene tegniese werk te behartig. Hulle moet ook prosteses sowel as apparate aan die departemente Kaak-, Gesig- en Mondchirurgie en Ortodonsie verskaf. **Dr Benninghoff** is intens betrokke by die vervaardiging van obturators vir kinders en volwassenes met gesplete verhemeltes. Personeellede tree gereeld as eksterne eksaminatore by ander tandheelkundige fakulteite op.


Prof W Benninghoff

'n Gemiddeld van meer as 50 studente het elke jaar as tandartse gekwalifiseer, en twee nagraadse Prostodonsiestudente het elke twee jaar die vierjarige kliniese MChD-kwalifikasie behaal. Verskeie nagraadse studente uit die buiteland, en veral uit Afrika, het in die jongste tyd aan die departement gestudeer. Een so 'n student het haar MSc-graad voltooi en werk tans aan 'n PhD. **Prof P L Kemp** was in 1996 die promotor vir 'n DSc-student. Vyf nagraadse studente studeer tans aan die departement, en verskeie niekliniese nagraadse studente het kwalifikasies behaal.

Hierdie departement het deurgaans geesdriftig deelgeneem aan die herontwerp van die kurrikula van die fakulteit. Geen noemenswaardige probleme is ervaar nie, veral omdat die departement lank reeds 'n studentgesentreerde en probleemgerigte benadering volg. Wat kliniese begeleiding betref, is 'n een-tot-een-verhouding tussen die dosent en die student algemeen omdat dit verseker dat die student op die bes moontlike wyse vir die privaatpraktyk toegerus word.

Prof Kemp het in 1995 'n navorsingsreferaat by die Academy of Osseointegration in Chicago in die VSA gelewer. Navorsing oor hierdie onderwerp duur voort, en die projek word deur Fibretek Developments en Southern Implants ondersteun.

Prof F A de Wet en **medewerkers**
WAARNEMENDE HOOF

Sentrum vir Stomatologiese Navorsing

Die sentrum is in 1984 in die lewe geroep om navorsing in die fakulteit te ondersteun, te koördineer en te bevorder, en om selfstandige navorsing deur die personeel te stimuleer. Daar is gedurende 1993-2000 wyd navorsing gedoen in die vyf hoofrigtings wat in 1992 geïdentifiseer is, te wete:

Fluoried in tandheelkunde

Die metabolisme van fluoried in die liggaam onder wisselende fisiologiese toestande en die inkorporering van fluoried in die harde weefsels (tande en been).

Mikrobiologiese funksies, meganismes en interaksies van die mondflora

Die bestudering van kommensalistiese en patogene mikroörganismes van die mondholte om hulle funksies en die meganismes waarop hulle siektetoestande beïnvloed en interaksies met siektetoestande en met mekaar te bepaal.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Driedimensionele analise in tandheelkunde

Studies met die refleksmikroskoop, elektronmikroskoop en ander driedimensionele waarnemingsapparatuur om kennis oor verskeie aspekte van tandheelkunde in te win.

Biologiese meganismes en sellulêre fisiologie van tandbeweging, tanderupsie, wortelresorpsie en inplantaat osseo-integrasie

Studies wat die verskillende fisiologies sellulêre meganismes van tandbeweging, tanderupsie, wortelresorpsie en inplantaat osseo-integrasie in die mondholte probeer verklaar deur onder meer van selkulture en *in vitro*-modelle gebruik te maak.

Biomateriale

Die evaluering van die eienskappe van biotandheelkundige materiale, en die evaluering, ontwikkeling en verbetering van die eienskappe van biomateriale in tandheelkunde.

Die navorsingsfasiliteite is verder uitgebou en ontwikkel sodat die sentrum tans beskik oor 'n algemene navorsingslaboratorium, 'n mikrobiologielaboratorium, 'n weefselkultuurlaboratorium, 'n driedimensionele analise-lokaal en kantore. Unieke, gespesialiseerde apparaat word in die laboratoriums gehuisves, onder meer die refleksmikroskoop, 'n materiaaltoetsapparaat wat relatief klein kragte (kleiner as 50 N (50 g)) akkuraat kan bepaal, en 'n beeldanaliseprogram wat aan 'n onderstebo fluoresensiemikroskoop gekoppel is. Hierdie fasiliteite het die sentrum in staat gestel om vol te hou met internasionaal mededingende navorsing.


Prof W J C Coetzee

Die navorsingsbeamptes, **prof S J Botha** en **dr F S Botha**, het onderskeidelik in 1995 en in 1996 hul PhD-grade ontvang. Personeelbeplanning het daarop uitgeloop dat albei poste in 1997 na doserende poste omgeskakel is.

Prof W J C Coetzee wat aan die hoof van die sentrum gestaan het, is in Julie 1999 oorlede. **Prof Botha** is as medeprofessor ook die waarnemende hoof van die sentrum. Benewens **dr Botha** (senior lektor), is daar twee tegniese assistente. Die sekretaresse, **me Rina de Wet**, is sedert 1995 in samewerking met die navorsingskoördineerder van die Fakulteit Tandheelkunde verantwoordelik vir die insameling en verwerking van inligting vir die jaarlikse navorsingsverslag van die fakulteit.

Die personeel dien in verskeie komitees, doseer die vakke Fisiologie en Mikrobiologie aan mondhigiënestudente, en is aktief betrokke by die herontwerp van die leerplan vir hierdie vakke. Besprekingsklasse word vir tandheelkundestudente in Kliniese Mondheelkunde, Odontologie en Periodontologie aangebied. **Dr Botha** en **prof Botha** bied die vak Navorsingsmetodiek vir alle nagraadse studente van die fakulteit aan, en albei dosente is deurlopend betrokke by en behulpsaam met die opstel van kurrikula en nagraadse opleiding. Tien gesubsidieerde wetenskaplike navorsingsartikels asook 80 abstrakte is gepubliseer, en die personeel is nasionaal en internasionaal aktief betrokke by voordragte en plakkaataanbiedings.

Voor- sowel as nagraadse studente word begelei in die beplanning en uitvoering van navorsingsprojekte vir deelname aan die jaarlikse kongres van die Suid-Afrikaanse afdeling van die Internasionale Vereniging vir Tandheelkundige Navorsing (IVTN). Die voorgraadse kompetisie tydens die kongres is sedert 1997 vier keer deur UP-studente gewen, en drie keer deur die nagraadse komponent. **Me H Gelderblom** (nou **dr Gelderblom**) het onder die leiding van die sentrum die David B Scott Fellowship ontvang en was die eerste voorgraadse student wat genomineer is om die Suid-Afrikaanse afdeling van die IVTN by die Predoctoral Hatton Awards-kompetisie van die IVTN se algemene sessie in Washington, VSA, te verteenwoordig.

Gedurende die tydperk 1996-1998 het studente van die Universiteit van Bath, Engeland, ingevolge 'n ooreenkoms tussen die twee universiteite, jaarliks vir 'n tydperk van ses maande navorsingsopleiding by die sentrum ontvang. Twee van hierdie studente het die voorgraadse kompetisies by IVTN-kongresse gewen en as toppresteerders na hulle eie universiteit teruggekeer.

Al die navorsingspersoneel is aktiewe lede van die Suid-Afrikaanse afdeling van die IVTN en dra jaarliks by tot die kongres by wyse van plakkaataanbiedings en lesings oor navorsing wat by die sentrum gedoen is. Wyle **prof**

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Coetzee was van 1994-1996 president van die vereniging. **Prof Botha** het in 1997 opgetree as kongresorganiseerder van die eerste gesamentlike kongres van die Suid-Afrikaanse afdeling en die Oos- en Suider-Afrika afdeling van die IVTN – 'n internasionale kongres wat verteenwoordigers uit 16 lande bygewoon het. Gedurende 1998-2000 was **prof Botha** eresekretaris van die Suid-Afrikaanse afdeling van die IVTN.


Prof S J Botha

Verskeie internasionale kongresse is bygewoon en referate of plakkaataanbiedings is gelewer - en later gepubliseer. **Prof Coetzee** was die hoofspreker by die IVTN (Oos- en Suider-Afrika) se kongres in Tanzanië in September 1996. **Prof Botha** is in 1997 genooi om 'n referaat tydens die International Symposium on the Thermomechanical Processing and Biomedical Applications of Ti and Ti-alloys by die Universiteit van Wollongong in Nieu-Suid-Wallis, Australië te lewer. **Prof Coetzee** het gedurende 1998 werksessies oor navorsingsmetodiek in Kenia, Uganda en Tanzanië aangebied, en is tot die Mediese Navorsingsraad (MNR) se Thrust Panel verkies. **Prof Botha** en **Dr Botha** het voordragte by die IVTN-kongres in Nice, Frankryk, en tydens die ICOB-kongres in Baveno, Italië gelewer. **Prof Botha** is deur die Adamastor-trust genader vir toestemming om een van sy artikels as opleidingsmateriaal vir technikonstudente te gebruik. Die biofilmmodel wat **dr Botha** in Frankryk voorgehou het, is geesdriftig as 'n unieke kostedoeltreffende model aanvaar, en verskeie navrae is daaroor gemaak. **Dr Botha** het in 2000 'n plakkaatvoordrag by die IVTN-kongres in Washington gelewer, en die ICOB-kongres in Chantilly, VSA, bygewoon. **Prof Botha** was in 2000 een van vier afgevaardigdes van die Suid-Afrikaanse afdeling van die IVTN by die IVTN-kongres van Oos- en Suider-Afrika in Harare, en het daar twee voordragte gelewer.

Navorsingsprojekte word op interdepartementele, interdissiplinêre en interuniversitêre vlak onderneem. Hierdie betrokkenheid sluit in die Eenheid vir Elektronmikroskopie van die Universiteit, die afdeling Gastro-enterologie en die Departement Geneeskunde, asook Matek by die WNNR.

Die permanente navorsingspersoneel het reeds verskeie navorsingstoekennings vir tandheelkundige navorsing asook toekennings van die MNR ontvang. **Prof Botha** ontvang sedert 1989 deurentyd MNR-fondse vir selfgeïnisieerde navorsing.

Prof S J Botha
WAARNEMENDE HOOF

Tandheelkundige Materiale

Die hoof van hierdie afdeling is **prof F A de Wet** en hy is sedert 1999 ook adjunkdekaan van die fakulteit.

Prof De Wet het reeds verskeie navorsingstoekennings ontvang. Hy is die outeur van meer as 100 wetenskaplike artikels (abstrakte uitgesluit), het twee hoofstukke vir handboeke geskryf, en het meer as 100 wetenskaplike voordragte, plaaslik en in 15 oorsese lande, gelewer.

Sedert 1994 bied die afdeling elke twee jaar 'n intensiewe opknappingskursus vir tandartse aan. In 2000 byvoorbeeld het 322 tandheelkundiges hierdie kursus bygewoon, 17 akademiese lesings is aangebied en 35 uitstallers het hulle materiale en produkte ten toon gestel.

Dr Paul Brandt (tandarts en lektor) is sedert 1999 in 'n permanent-voltydse hoedanigheid in die afdeling werksaam. Sy voorgangers was **dr M Rothwell** (1998) en **dr P P Venter** (1996/97). **Dr Brandt** het ook as sekretaris van die Tandheelkundige Materiale Groep gedien en 'n aantal kortkursusse vir tandartse gereël.

Die missie van die afdeling is om fundamentele aspekte van die chemie en fisika, wat op die vakgebied van toepassing is, aan te bied. Die studente ontvang ook onderrig omtrent die kliniese aspekte van materiale, naamlik die hantering, plasing en vermenging van hierdie produkte.

Die afdeling het hom sterk op navorsing toegespits en navorsingsbande is gedurende tydperk 1993-2000 met universiteite in Malmö in Swede, en in Kansas City in die VSA gesmee. Verskeie publikasies het uit dié samewerking voortgespruit.

Tandheelkundige Materiale is 'n onmisbare komponent in die tandheelkundige studie. Dit is ook op byna elke ander vakgebied van toepassing, want weinig dissiplines in die tandheelkunde maak nie van sodanige materiale gebruik nie.

Prof F A de Wet
AFDELINGSHOOF

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Fakulteit Veeartsenykunde

Kantoor van die Dekaan

Die jare 1993-2000 is gekenmerk deur afhandeling van die vernuwing en opgradering van die fakulteit se fisiese fasiliteite en die ontwikkeling van 'n nuwe ses jaar lange kurrikulum. 'n Besonder belangrike gebeurtenis was die samesmelting van die twee veeartsenykunde fakulteite in die land: die fakulteite van die Universiteit van Pretoria en van Medunsa (die Mediese Universiteit van Suider-Afrika, 'n universiteit wat gedurende die later jare van die apartheidsera tot stand gekom het om die opleiding van swart gesondheidspersoneel te behartig). Onderhandelinge oor die samesmelting het onder toesig van die Rade van die twee universiteite asook die Nasionale Departement van Onderwys oor 'n aantal jare gestrek, en is afgehandel met die totstandkoming van 'n nuwe Fakulteit Veeartsenykunde onder voogdyskap van die Universiteit van Pretoria. Hierdie nuwe fakulteit word beskou as 'n nasionale fasiliteit wat moet voldoen aan die formele asook die informele veeartsenykundige opleidingsbehoeftes van alle sektore in die land (van kommersiële boerderye tot die aktiwiteite van informele gemeenskappe).



Prof R I Coubrough
Voormalige Dekaan



Prof N P J Kriek

Topbestuur bestaan uit die dekaan, **prof N P J Kriek**, die adjunkdekaan, **prof H M Terblanche**, en die Direkteur: Kliniese Dienste, **prof P Bland-van den Berg**. Topbestuur en departementshoofde word tans vir termyne van vier jaar aangestel. As tussentydse maatreël is die personeel van die twee fakulteite saamgevoeg in een fakulteit wat uit 11 departemente bestaan (Fisiologie, Anatomie, Produksie en Etologie, Farmakologie en Toksikologie, Veterinêre Tropiese Siektes, Patologie, Produksiedier- en Gemeenskapsgesondheid, Reproduksie, Geselskapdiergeneeskunde, Geselskapdierchirurgie en Parakliniese Studies). Die nuwe fakulteit is verantwoordelik vir die aanbieding van die onderskeie voorgraadse kursusse in veeartsenykunde vir studente van die voormalige Onderstepoort fakulteit (BVSc) asook vir studente van Medunsa (BVMCh). Na verwagting sal dit nodig wees om Medunsa se kursus, wat oor 'n aantal jare uitgefaseer sal word, tot aan die einde van 2002 aan te bied. Daarna sal alle studente op die Onderstepoortkampus die nuwe kurrikulum volg wat gedurende die afgelope aantal jare ontwikkel is. Die nuwe Departement Paraveterinêre Studies beklemtoon die belang van opleiding vir paraveterinêre beroepe soos verpleging en ander wat tans ontwikkel word.

Die samevoeging van die twee fakulteite het 'n oorvoorsiening van personeel veroorsaak, wat aanleiding gegee het tot korttermyn onsekerheid onder die personeel oor hulle toekoms en dié van die fakulteit as geheel. Daar word verwag dat die fakulteit aansienlik sal verander om aan die verwagtings van die nuwe regeringsbedeling te voldoen en om sy sake binne die konteks van die beskikbare universiteitshulpbronne te bedryf.

Die herstrukturering van die fakulteit het reeds ver gevorder en sal beduidende verandering in die hand werk. Die aantal departemente sal na verwagting tot vyf verminder om veral klem te lê op dié gebiede waar veeartsenykunde in Suid-Afrika die grootste bydraes behoort te maak, te wete veterinêre tropiese siektes, veterinêre volksgesondheid, gemeenskapsgebaseerde programme en wildsiektes.

Ten spyte van onsekerheid na aanleiding van deurlopende verandering in die fakulteit, was daar talle positiewe ontwikkelinge waarop voortgebou kan word. Die mening van 'n ondersoekgroep van die Royal College of Veterinary Surgeons wat die fakulteit aan die einde van 1999 besoek het, is dat die opleiding van veeartse by hierdie fakulteit steeds, soos in die verlede, van so 'n hoë standaard is dat hulle die kwalifikasie outomaties aanvaar vir die registrasie van Suid-Afrikaanse veeartse om hulle beroep in die Verenigde Koninkryk te beoefen.

Individue en departemente het ook op nagraadse vlak uitgeblink. Hier is veral die vlak van sommige nagraadse programme asook die boek, *Infectious diseases of livestock* onder redaksie van **J A W Coetzer, G R Thomson** en **R C Tustin**, van wêreldgehalte en bevestig die hoë standaard van die werk wat die fakulteit lewer.

Aangesien die fakulteit oor beperkte middele beskik en nie oor die bekwaamhede beskik om die volle bestek van opleiding in veeartsenykunde te kan handhaaf nie, word vennootskappe tans gesluit wat die departemente in staat sal stel om die nodige kapasiteit te skep. Belangrike ooreenkomste is onder meer met die Fakulteit Veeartsenykunde aan die Universiteit van Utrecht, Nederland, en Oslo in Noorweë aangegaan. Hierdie vennootskappe bied geleenthede vir vrugbare kontak met internasionale netwerke wat toegang tot deskundige kennis en inligting wêreldwyd moontlik maak. Plaaslike vennootskappe wat vordering toon, sluit in dié met die Onderstepoortse Veterinêre Instituut van die Landbounavorsingsraad. Die samesnoering en koördinering van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

aktiwiteite van instansies in die Onderstepoort-omgewing (Onderstepoortse Veterinêre Instituut, Onderstepoortse Biologiese Produkte en die fakulteit) word as strategiese doelwitte beskou wat tot die voorsiening van veterinêre dienste op nasionale vlak sal bydra. Hierdie vennootskappe word veral van belang geag binne die konteks van die fakulteit se ondergemiddelde prestasie op die gebied van navorsing en nagraadse opleiding.

'n Verdere strategiese ontwikkeling is die posisionering van die fakulteit vir veeartsenykundige opleiding in die Afrika-substreek. Goeie vordering is gemaak ten opsigte van skakeling en samewerking met veeartsenykundige fakulteite in die SAOG-gebied, en tot so ver as Oeganda. Die mees gevorderde formele ontwikkeling op hierdie gebied is die klem wat gelê word op die gemeenskaplike aanbieding van 'n meestersgraad in tropiese veterinêre siektes, volksgesondheid en wildsiektes deur akademici van die onderskeie veterinêre fakulteite in die streek, met finansiële en akademiese ondersteuning van veral die Nordiese lande.

Daar is min twyfel dat die toekoms vele uitdagings vir die fakulteit inhou. Die druk om soos in die verlede te presteer, sal steeds toeneem weens groter mededinging om bestaande hulpbronne en die breër kliëntebasis wat die nuwe politieke bedeling in die land teweeggebring het. Die fakulteit is besig om hom te posisioneer om 'n betekenisvolle rol op veeartsenykundige gebied te speel, nie net in Suid-Afrika nie, maar in die hele Suider-Afrikaanse gemeenskap.

Prof N P J Kriek
DEKAAN

Anatomie

Die departement het 'n besonder veeleisende tydperk beleef gedurende die afgelope agt jaar, hoofsaaklik vanweë die veranderde keuringsbeleid van die fakulteit asook die samesmelting van die fakulteit met die Fakulteit Veeartsenykunde van Medunsa.

Die departement bied voorgraadse kursusse aan in anatomie, histologie en embriologie. Die anatomiekursus is aanvanklik gedurende die eerste en tweede studiejare aangebied. Daar is egter in 1994 besluit dat voorgraadse studente aan die einde van hulle eerste jaar op universiteit gekeur sal word instede van direk na hulle finale skooleksamen, en dit het 'n algehele transformasie in die departement se leerplan meegebring. Daarbenewens is die anatomie- en embriologiekursus in 'n enkele kursus saamgevoeg wat oor een jaar aangebied moes word. Die leerplan is opnuut ontwerp om hierdie veranderings te akkommodeer. Waar dit eers 'n vergelykende anatomiekursus was, het die nuwe kursus 'n spesie-benadering weerspieël waar die anatomie van honde en katte in die eerste semester, en die ander huisdiere (perde, beeste, skape en varke) in die tweede semester van die tweede studiejaar aangebied word. Hierdie klemverskuiwing het 'n interessante uitdaging vir sowel die personeel as die studente ingehou. Dit was 'n geweldige taak om toepaslike studiemateriaal voor te berei, en dit het uitgeloop in die publikasie van 'n omvattende studiegids met die titel *Veterinary anatomy: a study and dissection guide*. 'n Studentgesentreerde benadering is in ooreenstemming met die opvoedkundige strategie van die fakulteit gevolg. Na afloop van die samesmeltingsproses met Medunsa is die leerplan hersien om die visie en missie van die nuwe Fakulteit Veeartsenykunde te rugsteun.


Prof H B Groenewald

Die nagraadse kursusse in anatomie en histologie is aangebied vir studente wat vir die MMedVet-grade in chirurgie, radiologie, anestesiologie, oftalmologie, reproduksie en patologie ingeskryf het. Hierdie kursusse het op die toepaslike kliniese anatomie en histologie gekonsentreer en is aangepas om die visie en missie van die fakulteit te ondersteun. Twee studente in die departement het gedurende hierdie tydperk die PhD(Anatomie)-graad behaal, en een die MSc(Anatomie)-graad.

Die departementele navorsingsprogramme sluit in die reproduktiewe biologie van volstruise en die anatomie van 'n aantal wildspesies in Afrika, onder meer die olifant, buffel, rooibok, jagluiperd en krokodil. 'n Aantal wetenskaplike artikels is na aanleiding van hierdie navorsingsprogramme in geakkrediteerde vaktydskrifte gepubliseer, en talle wetenskaplike referate en plakkate is tydens nasionale en internasionale konferensies aangebied. Lede van die departement is tans saam met die fakulteit veeartsenykundige geneeskunde van die Universiteit van Utrecht by 'n gesamentlike navorsingsprojek oor die reproduksie van volstruise betrokke. **Proff A J Bezuidenhout, J T Soley** en **H B Groenewald** is versoek om twee hoofstukke vir die boek, *The ostrich: biology, production and health*, wat in 1999 gepubliseer is, te skryf. **Prof Soley** het twee lesings oor aspekte van manlike volstruisreproduksie by konferensies in onderskeidelik Utrecht en Kaapstad aangebied.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die aantal voorgraadse studente het vanweë die keuringsproses relatief konstant gebly. Die studenteprofiel het egter gedurende die afgelope agt jaar verander. Voorsiening is gemaak vir die inskrywing van toenemende getalle opvoedkundig benadeelde studente, en hierdie komponent het sedertdien elke jaar bestendig toegeneem. Die bedoeling is dat die studenteprofiel uiteindelik die demografie van die land moet weerspieël. Daar is tans ongeveer 25% studente van kleur in die klas. Die getal damestudente het ook bestendig oor die jare toegeneem, en ongeveer 60% van die studente in die tweedejaarklas is tans dames.

Die departement beskik tans oor 13 personeellede: sewe akademiese en ses ondersteuningspersoneel. Die akademiese personeellede is **proff Groenewald** (departementshoof), **T A Aire, K K Booth, L O C Ohale, J Soley, N J van der Merwe** en **dr M Hornsveld**. **Proff M M S Smuts** en **Bezuidenhout** het gedurende die oorsigtydperk afgetree. **Prof Bezuidenhout** was tot in Junie 1999 die departementshoof, en is tans in die VSA waar hy by die University of Cornell doseer. **Dr P T Turner** het ook die departement verlaat, en hy is nou die waarnemende hoof van die Departement Geselskapdierchirurgie. Die departement se histologielaboratorium is na aanleiding van die rasionalisering in die fakulteit na die Departement Patologie verskuif, waar dit nou 'n integrale deel van die histopatologielaboratorium uitmaak.

Sommige personeellede (**proff Groenewald** en **Soley**) het ook gereeld as eksterne eksaminators in Zimbabwe en Tanzanië opgetree en belangrike bande met kollegas in die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap gesmee.

Prof H B Groenewald
DEPARTEMENTSHOOF

Elektronmikroskopie-eenheid

Hierdie eenheid funksioneer sedert 1991 as 'n onafhanklike diensfasiliteit onder die dekaan van die Fakulteit Veeartsenykunde te Onderstepoort. Die eenheid huisves twee Philips elektronmikroskope, naamlik die XL 20-aftas-elektronmikroskoop en die CM 10-transmissie-elektronmikroskoop, asook al die voorbereidende hulptoerusting.





Me E van Wilpe

Die funksies van die eenheid is drieledig, naamlik diagnose, navorsing en opleiding. Hierdie dienste is beskikbaar vir die personeel en studente van die fakulteit en ook vir persone in die breër gemeenskap wat dalk elektronmikroskopiese analise van mikrostrukture verlang.

Die vraag na virologiese diagnose op elektronmikroskoopvlak het verdubbel gedurende die tydperk 1993-2000. 'n Ondersteuningsdiens is ten opsigte van ultrastrukturele patologie en veral die bepaling van immuunkompleksneerslae in niersiektes gelewer. Die mikroskope is ook in die diagnose van abnormale menslike en dierespermatosoë benut.

Die eenheid was gedurende die oorsigtydperk by verskeie navorsingsprojekte betrokke, onder meer die aftas- en transmissie-elektronmikroskopie van die volgende: die oppervlakstruktuur (ependiem) van die derde ventrikel by volstruise; virusinfeksies by volstruise; bakteriese infeksies van die tong en larinks by hoenders voor en na behandeling met antibiotika; vir die diagnose van abnormale menslike sperm; bakteriese infeksies van die neusholte by hoenders; ondersoeke van leeu- en luiperdsperm as 'n hulpmiddel in die diagnose van fertiliteitsprobleme; impala-sperm uit die Nasionale Kruger-wildtuin; die isolasie en identifikasie van mikroörganismes in die ontlasting van honde met gastroënteritis; die gedetailleerde bestudering van die spermstruktuur van die rietrot; 'n studie van die voortplantingskanaal van die kaal molrot; studies van die voortplantingskanaal by voëls, en eksperimentele perde-enkefalose-virusinfeksies by ponies.

Hierdie navorsingsaktiwiteite het aanleiding gegee tot 23 publikasies en 38 referate by plaaslike en internasionale kongresse. Die plakkaat getiteld *The use of electron microscopy for asthenozoospermia in an andrology clinic*, het in 1994 die prys in die Wetenskaplike Plakkaat-kategorie tydens die kongres van die Instituut vir Opvoedkundige Media gewen. 'n Plakkaat getiteld *The surface features of the ducts of the epididymis of the ostrich*, het in 1998 'n prys gewen as die beste plakkaat by die 28ste kongres van die Anatomiese Vereniging van Suider-Afrika wat in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Maputo gehou is. Die eenheid was ook betrokke by 'n laerskoolprojek getiteld *Acclimatisation of Alaskan malamutes*, waarvoor die leerder die goue toekenning in die Dierewetenskappe-kategorie by die EXPO 2000-uitstalling vir jong wetenskaplikes ontvang het.

Opleiding in diagnostiese elektronmikroskopie met toepassing op virologie word sedert 1993 jaarliks aan vyfdejaar veeartsenykundestudente gebied. Die personeel van die eenheid het gedurende die oorsigtydperk bestaan uit **mnr H J Els** wat in Maart 1999 afgetree het as bestuurder van die eenheid, **me D Josling**, hoof tegniese assistent en waarnemende bestuurder tot in November 1999, en **me E van Wilpe** wat in Desember 1999 aangestel is om die eenheid te bestuur.

Me E van Wilpe
BESTUURDER

Farmakologie en Toksikologie

Toe **prof T W Naudé** aan die einde van 1992 afgetree het, is **prof G E Swan** as waarnemende hoof aangestel en in 1994 departementshoof geword. Die departement is betreklik klein, maar het sedert 1994 deurentyd gegroei. Die Veterinêre Farmakologiese en Toksikologiese Analitiese Dienste is in Januarie 1998 op die been gebring om kwaliteitsversekeringsdienste onder kontrak aan die bedryf te lewer. 'n Bestuurder en twee tegnici is vir hierdie analitiese laboratorium aangestel. Toe die twee veeartsenykunde fakulteite van Medunsa en die Universiteit in 1999 saamgesmelt het, is die departement in die nuwe Fakulteit Veeartsenykunde hervestig, en **prof Swan** is as hoof aangestel. 'n Bykomende dosent van Medunsa het by die departement aangesluit, wat die doserende personeelgetal op vier te staan gebring het. Die ondersteunende personeel sluit in twee senior tegnici, 'n laboratoriumassistent, 'n diereassistent en 'n sekretaresse. 'n Farmakowaaksaamheid-sentrum is in 2000 gestig om verslag te doen oor negatiewe reaksies op geneesmiddels. Hierdie sentrum sal in die nabye toekoms opgegradeer en uitgebrei word om 'n Veterinêre Medisyne- en Gifstof-inligtingsentrum te word. Dit is die enigste veterinêre sentrum in sy soort in Suid-Afrika en die Suider-Afrikaanse streek.


Prof G E Swan

Lesings in die farmakologie- en toksikologie-dissiplines word vir voorgraadse studente en modulêre kursusse vir nagraadse studente aangebied. 'n Aantal eendaagse en modulêre kursusse is ook vir die voortgesette opleiding van hoofsaaklik veeartse aangebied. Die departement het gedurende die oorsigtydperk een PhD- en ses magistergrade toegeken. Akademiese personeel van die departement was as medestudieleiers by 'n ander PhD- en nog twee magistergrade betrokke. Sedert die demokratiese verkiesing in 1994 in Suid-Afrika het meer studente uit Afrika suid van die Sahara vir die nagraadse modulêre kursusse en meer gevorderde grade ingeskryf.

Die belangrikste navorsingstemas in die departement was studies oor die farmakokinetika en farmakodinamika van veterinêre geneesmiddels en veemiddels, navorsing oor plante wat giftig vir vee is, en die effek van swaarmetaalbesoedeling op diere. Die gebruik van etnoveterinêre medisinale plante vir beeste en die verspreiding van veterinêre geneesmiddels vir ontwikkelende boerderygemeenskappe is onlangs ondersoek. Studies wat die rol van die ruminoretikulum op die farmakokinetika van gehalogeneerde salisielanilied-wurmmiddels by skape ondersoek, is voltooi. Hierdie navorsing het aanleiding gegee tot aanbevelings wat toegepas kan word om die effektiwiteit en veiligheid van hierdie middels vir herkouende diere te verhoog. Die strukturele en polimorfiese kenmerke van die gehalogeneerde salisielaniliede, klosantel en rafoksanied, is vir die eerste keer beskryf. 'n Sagteweefsel-inflammasiemodel is in volbloedperde in samewerking met die Perdenavorsingsentrum ontwikkel en gebruik om die weefselverspreiding van verskillende antibiotika asook die anti-inflammatoriese effek van ketoprofen te ondersoek. Die model kon ook gebruik word om die stereo-isomeriese farmakokinetika van hierdie anti-inflammatoriese middel té ondersoek. Kopervergiftiging in hoefdiere van die Nasionale Kruger-wildtuin as gevolg van omgewingsbesoedeling is ondersoek. Studies wat die uitwerking van vanadiumbesoedeling by beeste beskryf, word voortgesit. Kontraknavorsing, hoofsaaklik bio-ekwivalente studies, is vir farmaseutiese maatskappye uitgevoer. Navorsers in die departement het gedurende die oorsigtydperk 46 wetenskaplike, portuurgekeurde artikels in geakkrediteerde vakjoernale gepubliseer.

Op internasionale gebied is noue bande gesmee met die Departement Fisiologie, Farmakologie en Toksikologie aan die Louisiana State University in Baton Rouge, Louisiana, VSA, en met die afdelings Toksikologie en Chemie van die Nasionale Veterinêre Instituut in Oslo, Noorweë. Verskeie navorsingsprojekte is in samewerking met hierdie instansies onderneem. Samewerking met wetenskaplikes by ander veterinêre fakulteite in die Suider-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap vorder goed, en die departement het as gasheer opgetree vir 'n aantal van hierdie akademici wat die fakulteit besoek het. Daar was goeie samewerking met die Afdeling Toksikologie van die Veterinêre Instituut by Onderstepoort ten opsigte van diagnostiese dienste en navorsingsprojekte. Die departement het ook nou saamgewerk met die Fakulteit Farmakologie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Die departement was gedurende die oorsigtydperk ten nouste by die registrasie van medisynes betrokke. Die Minister van Gesondheid het in 1996 weer vir **prof Swan** genomineer as 'n lid van die Medisynbeheerraad (MBR) waar hy 'n aktiewe rol speel. Ander lede van die departement dien op die Veterinêre Kliniese Komitee van die MBR onder voorsitterskap van **prof Swan**. Emeritus **prof Naudé**, wat reeds afgetree het, dien steeds op die Suid-Afrikaanse Veterinêre Raad.

Personeellede van die departement het belangrike toekennings ontvang en besondere prestasies gedurende die oorsigtydperk gelewer. Die Agricultural Writers Union of South Africa het in 1996 vir **prof T S Kellerman** (ereprofessor en later buitengewone professor) as Landboukundige van die Jaar benoem, en in 1997 het hy ook die Presidentstoekenning van die Landbounavorsingsraad ontvang. Die Fakulteit Farmakologie van die Universiteit van Potchefstroom het 'n PhD-graad in farmakologie aan **prof Swan** toegeken. In 1999 is **prof Swan** tot president van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging verkies. Hy het in dieselfde jaar die vereniging se navorsingstoekenning en 'n spesiale prestasietoekenning uit erkenning vir sy dienste aan die veeartsenykundeberoep ontvang.

Prof G E Swan
DEPARTEMENTSHOOF

Geselskapsdierchirurgie

Hoewel die afgelope agt jaar deur aansienlike verandering op verskillende gebiede gekenmerk is, met **prof Sybrand van den Berg** se vaste hand aan die roer het die departement (vir al die jare behalwe verlede jaar) veilig deur die onstuimige waters gevaar. Buiten die nasionale politieke herskikking, die voortgesette transformasie van tersiêre onderwys, en die amalgamering met die Fakulteit Veertsenykunde van Medunsa, was die veranderinge wat waarskynlik die grootste impak op die departement gehad het, veral teen die einde van die oorsigtydperk, die groot omset in personeel.


Prof S van den Berg

Na 23 jaar se diens, waarvan hy vir 12 jaar departementshoof was, het **prof Van den Berg** aan die einde van 1999 afgetree. **Prof Van den Berg** was by voorkeur 'n grootdierchirurg en 'n uitsonderlike dubbelspesialis (chirurgie en radiologie). Sy loopbaan kan net as besonder voortreflik beskryf word. Hy het die Kliniese Toekenning van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging in 1993 en die Presidentstoekenning in 1996 ontvang, en was 'n buitengewoon gewilde spreker by nasionale en internasionale kongresse. Benewens jare se diens op talle fakulteitskomitees, was **prof Van den Berg** ook vir baie jare lid en voorsitter van komitees van die SA Veterinêre Vereniging, Equine Practitioners Group, en die SA Farriers Association. Hoewel hy op die gebied van beeschirurgie besonder ervare was (en 'n DVSc vir sy navorsing ontvang het), sal die meeste mense hom onthou as die land se belangrikste perdechirurg oor baie jare.

Perdechirurgie was in die vroeë negentigerjare een van die departement se sterkste afdelings. Die perdechirurge en hulle kollegas in Perdegeneeskunde het 'n benydenswaardige reputasie vir uitmuntende kundigheid opgebou, veral in die moeilike veld van abdominale chirurgie. Die Koliekspan se sukses is in 1995 bekroon met die Kliniese Toekenning van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging (SAVV). Hierdie afdeling se werk het ook in 1999 erkenning ontvang toe **prof Ann Olivier-Carstens** in haar persoonlike hoedanigheid die SAVV se Kliniese Toekenning ontvang het. Die verlies van die afdelingshoof, **prof Roy Gottschalk**, aan die privaat praktyk in 1999, **prof Van den Berg** en **prof Olivier-Carstens** aan Beeld Diagnostiek het die afdeling teen 2000 met 'n enkele lid, **dr Johan Marais**, agtergelaat. Hoewel tydelike bystand **dr Marais** se werkslas van tyd tot tyd verlig het, het hy die kliniese werk vir die grootste gedeelte van 2000 man-alleen hanteer, en daar moet tot sy aansienlike krediet gemeld word dat hy daarin geslaag het om die hoë standaard van sy voorgangers te handhaaf.

Kleindierchirurgie het die twyfelagtige onderskeiding geniet as die afdeling met die hoogste personeelomset. Die afdelingshoof, **prof Frank Verstraete**, het die afdeling in 1994 vir UC Davis verlaat, **dr Jeremy Goldin** in 1998 na die industrie, **prof Anton Lübbe** het in 1999 afgetree, en **drr Malcolm Booth** en **Tom Hill** het in 2000 privaat praktisyns geword. **Prof Nic Lambrechts**, wat tans die afdelingshoof is, het by die afdeling aangesluit, asook **drr**

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Neels du Plessis, Sara Dowdle en **Peter Turner**. Te midde van al die kom en gaan het **prof Louis Coetzee** egter standvastig op sy pos gebly. Na 'n eksamen in 1997, het **prof Lambrechts** 'n diploma van die Europese Kollege van Veeartsenychirurgie verwerf.


Dr P H Turner

Die aftrede van **prof Siegfried Petrick** in 1997 en die vertrek van **prof Verstraete** het aansienlike leemtes in onderskeidelik die oftalmologie- en Tandheelkunde-dissiplines gelaat. Aangesien hierdie afdelings se werklading relatief klein is, is daar besluit om eksterne spesialiste op 'n deeltydse basis aan te stel om hierdie dienste te verskaf en om voorgraadse en nagraadse studente op te lei. Hierdie innoverende stap was 'n groot sukses. **Drr Anthony Goodhead** en **Izak Venter** het voortgebou op die grondslag wat **prof Petrick** gelê het, en **dr Gerhard Steenkamp** het die Tandheelkundekliniek verder ontwikkel.

Die Afdeling Beeld Diagnostiek (voorheen Radiologie) het die dienste verloor van **prof C J Roos** wat in 1995 afgetree het, van **dr Maria Jiminez** wat in 1996 oorlede is asook van **dr Sheryl Fourie** wat in 1999 na die privaat praktyk is. Aan die ander kant het **prof Ann Olivier-Carstens**, **dr Tim Spotswood** en **me Chandra Makanjee** by die afdeling aangesluit. By sy aftrede was **prof Roos** reeds 32 jaar lid van die departement gewees. Hy was ook 'n dubbelspesialis (Radiologie en Chirurgie) en het 'n geweldige bydrae tot sy dissipline gelewer. **Prof Roos** was onteenseglik die "vader" van veterinêre radiologie in Suid-Afrika. Die afdelingshoof, **prof Robert Kirberger**, en **dr Fourie** het albei diplomas van die Europese Kollege van Veterinêre Beeld Diagnostiek verwerf, deur onderskeidelik die aanbieding van getuigskrifte in 1995, en die aflegging van 'n eksamen in 1999. **Prof Kirberger** het in 1997 die SAVV se Kliniese Toekenning ontvang en is steeds die fakulteit se enigste klinikus met 'n Nasionale Navorsingstigting-gradering (C2). Hy is in 2000 ook as 'n direkteur van die International Veterinary Radiology Association aangestel, en het suksesvol 'n veldtog geloods om dié vereniging se driejarige kongres in 2003 In Suid-Afrika te laat plaasvind.

Anestesiologie was die enigste afdeling wat nie enige personeel verloor het nie. Die grootte van hierdie afdeling het inderdaad verdubbel toe **drr Kenneth Joubert** en **Peter Buss** by die bestaande en langdienende posbekleërs, **prof Frik Stegmann** (afdelingshoof) en **dr Lynette Bester**, aangesluit het. **Prof Stegmann** het na 'n eksamen in 1998 die departement se derde gediplomeerde van 'n Europese kollege geword, in sy geval van Veterinêre Anestesiologie.

Dr Ingrid Wolleschak, die "moeder" van Veterinêre Verpleegkunde in Suid-Afrika, het aan die einde van 1993 afgetree. Sy het met weinig begin, maar inderdaad die dissipline geskep, en haar prestasie kan nie oorbeklemtoon word nie. **Dr Wolleschak** se werk is aanvanklik deur **dr Kim Tutt** voortgesit, en daarna deur **dr Elrien Scheepers**. Dit was egter mettertyd duidelik dat die verskillende komponente van die verpleegkundeprogram in 'n enkele funksionele eenheid gekonsolideer moet word, en dit het in 2000 tot die vestiging van die Departement Paraveterinêre Studies gelei.

Een van die veranderings waarmee die departement gekonfronteer is, was die opleiding van voorgraadse studente. Al die voorheen aparte chirurgie- en Beeld Diagnostiek-kursusse asook dié van 'n paar ander departemente, is in twee geïntegreerde, specie-gebaseerde kursusse (kleindiere en perde) saamgevoeg. Anestesiologie het die enigste aparte kursus wat op 'n dissipline berus, gebly. Hoewel 'n mate van stroombelyning nog gedoen moet word, is die herontwerp van die leerplanne afgehandel, en die studente is duidelik besig om by die nuwe kursusse te baat. Die reputasie van die departement se nagraadse spesialisgrade is aansienlik verbeter toe die ECVA en ECVDI aan die MMedVet(Anaes)- en MMedVet(Rad)-programme die status van geakkrediteerde residensieprogramme verleen het. Twaalf MMedVet-studente, een DVSc- en een PhD-student van die departement het gedurende die oorsigtydperk gegradueer, en die departement het 11 ingeskrewe MMedVet-studente in 2000 gehad. Meer as 50 studente het vir verskillende honneurskursusse ingeskryf. Navorsingsaktiwiteite en -uitsette neem steeds toe, en die personeel het sedert 1992 meer as 50 referate gepubliseer. Die bywoning van internasionale kongresse het ook verhoog, en al die afdelings is aktief met voortgesette opleiding besig. Dienslewering bly 'n belangrike saak vir die departement, en benewens die tradisionele reeks geselskapdiere het gevalle waarby wild betrokke is ook toegeneem. In laasgenoemde verband in die besonder, het **dr Buss** 60 sjimpansees suksesvol vir hervestiging by die Chimfunshi Wildlife Orphanage in Zambië geïmobiliseer.

Dr P H Turner
WAARNEMENDE HOOF

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Geselskapsdiergeneeskunde

Die ou Departement Geneeskunde het tot in die middel van 1999 bestaan. Die nuwe Departement Geselskapsdiergeneeskunde het tot stand gekom toe die Fakulteit Veeartsenykunde van die Universiteit van Pretoria en dié van Medunsa saamgesmelt het. Die nuwe departement bestaan uit drie afdelings, naamlik Perdegeneeskunde, Kleindiergeneeskunde en Kliniese Patologie. Die Produksiedierafdeling wat 'n deel van die Departement Geneeskunde was, het in 1999 by die nuut gestigte Departement Produksiedier- en Gemeenskapsgesondheid aangesluit.



Prof S R van Amstel

Prof S R van Amstel was tot in Mei 1997 die hoof van die Departement Geneeskunde, toe hy 'n pos by die Universiteit van Tennessee in die VSA aanvaar het, en **prof F Reyers** is toe as departementshoof aangestel. Toe die nuwe Departement Geselskapsdiergeneeskunde in die middel van 1999 tot stand gekom het, is **prof P Stadler** as die departementshoof aangestel. Benewens die departementshoof, is daar tans twee professore, naamlik **proff Reyers** en **J S van den Berg**, en twee medeprofessore, **proff Lobetti** en **A Leisewitz** in die departement.

Die vorige departement het 'n leidende rol in die voormalige fakulteit gespeel, en die nuwe departement speel 'n soortgelyke rol in die nuwe fakulteit. Hierdie departement het by verre die hoogste publikasie-uitsette van al die kliniese departemente gehad, en die tweede hoogste in die fakulteit self. Daar was en is steeds besondere presteerders in hierdie departement, byvoorbeeld **prof Lobetti** wat in 1993 die toekenning as Klinikus van die Jaar ontvang het asook vir die laaste vier jaar sedert 1996 – die beste ooit in die fakulteit! Hy het in 1998 ook die Kliniese Toekenning van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging (SAVV) ontvang. **Prof Van den Berg** het dieselfde toekenning in 1996 ontvang, en die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Stigting geword. Ander lede van die departement het die Kliniese Toekenning van die SAVV weer in 1995 as lede van die Onderstepoort-Koliekspan ontvang. **Prof Reyers** staan op die voorpunt van opvoedkundige innovering in die fakulteit, en hy het in 1997 die eerste volledige probleemgebaseerde leerkursus vir die derdejaarkurrikulum in die fakulteit ingestel. Hy het ook drie van sy nagraadse modules aangepas om die werk deur middel van telematiese onderwys te kan aanbied. **Prof Leisewitz** is as Dosent van die Jaar gekies, en hy het 'n Welcome Trust Travelling Fellowship ontvang om twee jaar in Engeland molekulêre navorsing oor honde-babesiose as 'n model vir malaria by die mens te doen.



Prof F Reyers

Aangesien daar weinig verandering in die getal voorgraadse studente was wat jaarliks gekeur is, het die totale getal tussen 1993 en 1999 stabiel gebly. Toe die twee fakulteite in 1999 saamgesmelt het, het die Medunsa-studente by die Onderstepoortkampus aangesluit met 'n gevolglike toename van ongeveer 90 voorgraadse studente. Aangesien die meeste van hulle uit voorheen benadeelde groepe afkomstig was, moes die dosente twee verskillende graadprogramme aanbied. Dit het ook meegebring dat 'n groot getal studente bykomende onderrig en spesiale programme benodig het. Daar was ook 'n klein maar bestendige toename in die getal voorheen agtergeblewe studente wat vir die BVSc-program gekeur is. Die doelwit is nou om studente volgens die demografie van die land vir die nuwe BVSc-graadprogram te keur.

Die departement se nagraadse program is goed benut. 'n MSc-graad is bygevoeg, en die eerste student, uit Mosambiek, het in 1999 gekwalifiseer. Sedert 1993 het gemiddeld 13 studente elke jaar vir MMedVet-grade by die departement ingeskryf. Die beskikbaarheid van kliniese-assistentposte het aansienlik tot hierdie program bygedra en terselfdertyd navorsing en die ervaringsopleiding van voorgraadse studente ondersteun. Gedurende die oorsigtydperk is 11 honneursgrade toegeken, en 15 studente het MMedVet-grade behaal. Twee hiervan was in Kliniese Laboratoriumdiagnostiek, nege in Kleindiergeneeskunde, en twee elk in Perde- en Beesgeneeskunde.

Die departement se geïntegreerde benadering tot onderrig is 'n stap verder gevoer toe kliniese patologie en kliniese diagnostiek vanaf 1994 op 'n spesie-basis met geneeskunde vir die voorgraadse kurrikulum geïntegreer is. Die probleemgebaseerde en studentgesentreerde leerbenadering is beter benut, en die eerste volledig probleemgebaseerde voorgraadse module is in 1997 ingestel. Toe geïntegreerde-spesie-kursusse vir die nuwe BVSc-kurrikulum ingestel is, het dit 'n groot verandering in voorgraadse onderrig meegebring. Hierdie departement vervul die rol van verantwoordelike departement vir Kleindier Kliniese Studies, met **prof Lobetti** as die kursuskoördineerder. Dit het 'n aansienlike toename in die akademiese administrasie van die departement meegebring. Die departement het 'n bydrae tot onderwysinnovering en telematiese onderwys gelewer. Voorgraadse dermatologie vir kleindiere en perde is nou op disket beskikbaar. Die departement se nagraadse kursusse is gemodulariseer, en drie daarvan is nou in telematiese formaat beskikbaar. 'n Elektiewe kursus in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

kouvoëls en vissiektes is in 1999 ingestel. Die kliniese blootstelling van ons voorgraadse studente is uitstekend en lok steeds heelwat besoekende studente uit die buiteland. Die kliniese-assistentskapsprogram is onlangs hersien om seker te maak dat MMedVet-studente aan die vereistes gedurende die drie jaar van die program sal kan voldoen.


Prof P Stadler

Die departement het sy dienste aan die breër gemeenskap voortgesit deur middel van die Buitepasiëntekliniek en 'n aantal binneklinieke, die verskaffing van inligting aan eienaars en privaat veeartse, die aanbieding van voortgesette onderwys, asook deur referate wat tydens nasionale en internasionale kongresse gelewer is. Die departement het sedert die amalgamering verantwoordelikheid aanvaar vir die dienste wat Medunsa se Diereklinick aan die voorheen agtergeblewe gemeenskappe in dié gebied lewer.

Die departement het 'n aansienlike bydrae tot die navorsings- en publikasie-uitsette van die fakulteit gelewer. Die navorsing oor hartwater by beeste het voortgeduur totdat die afdeling weggebreek het om by die Departement Produksiediere en Gemeenskapsgesondheid aan te sluit. Navorsing is in samewerking met die Perdenavorsingsentrum ten opsigte van koliek, aansteeklike siektes en die uitwerking van vervoer op perde onderneem. Kleindiernavorsing is op kliniese probleme, parvovirus-infeksie en babesiose toegespits. Die departement het veral sy stempel op babesiose-navorsing afgedruk, en dit het gelei tot die totstandkoming van die Babesia-belangegroep, die voltooiing van verskeie MMedVet-projekte, en 'n aantal spesiale simposiums en sessies tydens kongresse, insluitende die World Small Animal Veterinary Association Congress in 1994, en die byeenkoms van die British Society of Parasitologists in Liverpool in 1997.

Die departement se internasionale blootstelling en samewerking het gedurende hierdie tydperk dramaties toegeneem. 'n Groot getal referate is by internasionale kongresse gelewer, verskeie personeellede het besoeke aan toonaangewende universiteite gebring en is deur buitelandse Rade op Spesialisasie gesertifiseer. Belangrike internasionale kontakte is gemaak, en verskeie gasdosente en -navorsers het die departement besoek. Hierdie internasionale samewerking word tans versterk deur die Verstandhoudingsooreenkoms wat die Universiteit met verskeie toonaangewende internasionale universiteite aangegaan het. 'n Belangrike onlangse ontwikkeling is 'n voorstel wat vir die samevoeging van hierdie departement en die Departement Chirurgie voorgelê is. So 'n samevoeging sou in ooreenstemming met die strategiese ontwikkeling en die transformasie van die Universiteit wees. As die voorstel goedgekeur word, sal dit tot meer vaartbelynde en geïntegreerde onderrig, navorsing en diensleweringsprogramme bydra.

Prof P Stadler
DEPARTEMENTSHOOF

Natuurlewe-eenheid en Price Forbes-leerstoel in Wildsiektes

Toe die Price Forbes-leerstoel in Wildsiektes ingestel is, het dit onder die Departement Parasitologie ressorteer wat op 1 Maart 1993 met die Departement Infeksiesiektes saamgesmelt het om die Departement Veterinêre Tropiese Siektes te word. 'n Veterinêre Wildeenheid is in 1998 by die Fakulteit Veeartsenykunde gestig met **prof D G A Meltze**r, bekleër van die leerstoel, as die eerste direkteur. Emeritus **prof J D Skinner** het kort daarna as buitengewone professor by die eenheid aangesluit. Hierdie leerstoel is moontlik gemaak deur die borgskap van oor die R2 miljoen in die afgelope 12 jaar van die Price Forbes-maatskappy, wat onlangs as Alexander Forbes herdoop is. **Prof B L Penzhorn** is in 1999 as waarnemende direkteur aangestel.

Die missie van die Leerstoel is om navorsing te doen en veeartsenykunde ten opsigte van die natuurlewe te bevorder deur die opleiding van voorgraadse studente, nagraadse studie, die voortgesette opleiding van praktiserende veeartse, en die fasilitering van kommunikasie tussen veeartse en ander op die gebied.

Geen tyd is voorheen gedurende die vroeër jare aan formele natuurleweopleiding in die voorgraadse veterinêre kurrikulum toegewys nie. Kontak met hierdie studente was dus beperk tot besprekingsgroepe en nie-amptelike kursusse wat oor naweke aangebied is. 'n Amptelike keusekursus in die vangs, hantering en versorging van wilde diere is in 2000 vir die eerste keer aangebied.

Die leerstoel het hom sedert sy ontstaan op nagraadse opleiding toegespits, en die eerste groep studente het in 1998 vir die MMedVet(Fer)-graad ingeskryf. Hierdie graad word deur die Suid-Afrikaanse Veterinêre Raad erken as die vereiste vir registrasie as 'n spesialis in wild-veeartsenykunde. Die kandidate volg nagraadse kursusse in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof B L Penzhorn



Prof D G A Meltzer

veeartsenykunde, voer 'n navorsingsprojek uit en skryf 'n verhandeling oor die navorsingsbevindinge. Daar word van hulle verwag om vir minstens twee jaar by 'n erkende instansie of natuurreservaat op natuurlewegebied te werk, wat beteken dat hulle studie oor ongeveer vier jaar afgehandel kan word. Die eerste student het in 1993 gekwalifiseer, en nog vier het gedurende die tydperk 1993-2000 hulle studie voltooi. Drie van hierdie gegradueerdes was Suid-Afrikaners, een was uit Duitsland afkomstig, en een het in Australië as 'n veearts afgestudeer.

'n MSc-graad vir gekwalifiseerde veeartse en kandidate met 'n BSc(Hons)-graad is sedert 1997 in samewerking met **prof Skinner** aangebied, aanvanklik in sy hoedanigheid van direkteur van die Soogdier Navorsingsinstituut. Hierdie graad word gedurende die eerste ses maande gedoseer, gevolg deur 'n navorsingsprojek waaroor 'n verhandeling voorgelê moet word. Die bedoeling is om die graad binne 'n minimum van 15 maande te voltooi. Die meeste studente het die graad tot dusver binne 18 maande voltooi. Sewe studente, naamlik twee Suid-Afrikaners, twee Britte, twee Duitsers en een Zimbabwiër, het reeds gekwalifiseer en nog vyf sal hulle studie in 2001 afhandel. Die nuwe groep bestaan ook uit mense van verskillende lande: drie Suid-Afrikaners, een Brit en een Zambiër. Daar is een PhD-student, 'n Zimbabwiër, in die eenheid.

Navorsing in dié leerstoel het op vier breed gedefinieerde aspekte van natuurlewe-veeartsenykunde gefokus: eerstens, etiese kwessies soos die welsyn van diere; die hantering van wilde diere; stres by wilde diere wat gevang, hanteer, vervoer of elders gevestig word; tweedens, wildsiektes en siektes wat ontstaan vanweë kontak tussen wilde diere en huisdiere; bevordering van die vrye vloei van natuurleweprodukte en wilde diere; ontleding van siekte risiko's; derdens, multispesie-stelsels vir wildboerdery; die teel van seldsame, kwesbare of bedreigde spesies; genetiese variasie en die immunovaardigheid van dierepopulasies, en vierdens die fisiologie, voeding, anatomie, patologie en parasitologie van wilde diere.

Kursusse vir voortgesette opleiding in die vangs en hantering van wild het in 1990 begin. Meer as 170 veeartse van oor die wêreld het hierdie kursusse, wat twee keer per jaar in die Nasionale Krugerwildtuin aangebied word, bygewoon. **Prof Meltzer** is 'n lid van die span veeartse wat elke jaar die kursus oor "gevaarlike dwelms" in Zimbabwe aanbied.

Die Price Forbes-leerstoel vir Wildsiektes, en meer onlangs die Veterinêre Wildeenheid, werk ten nouste saam met veeartse van die Suid-Afrikaanse Nasionale Parke, die KwaZulu-Natal-Natuurbewaringsdiens, die Nasionale Departement Landbou wat in Skukuza gestasioneer is, die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika, die Johannesburgse Dieretuin, die Departemente van Landbou in Botswana, Namibië, Zimbabwe en Zambië asook die Universiteite van die Witwatersrand en Botswana.

Prof Skinner is die afgelope twee dekades deur die Minister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie op die raad van die Nasionale Dieretuine van Suid-Afrika aangestel, en op sy beurt het die raad hom die afgelope tien jaar as voorsitter verkies. Die International Theriological Committee het hom aangestel as sameroeper van die plaaslike reëlingskomitee vir sy 8ste internasionale kongres wat in Augustus 2001 by Sun City gehou sal word. Hierdie kongres word vir die eerste keer in Afrika aangebied. **Prof Skinner** is die huidige visepresident van die Royal Society of South Africa. **Prof Penzhorn** is ook 'n raadslid van die Nasionale Dieretuine en sekretaris van die Natuurlewegroep van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging.

Prof D G A Meltzer
BEKLEËR VAN DIE PRICE FORBES-LEERSTOEL VIR WILDSIEKTES

Onderstepoort Veterinêre Akademiese Navorsingseenheid

Fasiliteite

Toe die nuwe Veterinêre Dierehospitaal op die Veeartsenykundekampus gebou is, is die ou hospitaalgebou opgeknap en omskep in die Onderstepoort Veterinêre Akademiese Navorsingseenheid (OVANE) met 'n vloerruimte van nagenoeg 1 000 vierkante meter. Die eenheid is in Januarie 1996 in gebruik geneem met die doel om huisvesting vir al die fakulteit se navorsingsdiere te verskaf en toegewyde fasiliteite en omgewings vir navorsing

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

op dieremodelle te bied. Die eenheid behels 'n fasiliteit vir administrasie, kliniese prosedures en waarneming, en laboratoriums vir elementêre studies; 'n fasiliteit vir perde met omgewingsbeheerde stalle en 'n trapmeul; 'n fasiliteit met kunsmatige verkoeling en ventilasie vir klein en groot diere; 'n fasiliteit met gesofistikeerde omgewingsbeheer wat geskik is vir die bestudering van radio-isotope en dieremetabolismes; 'n parasitologiefasiliteit; 'n fasiliteit met ongewingsbeheer vir konvensionele laboratoriumdiere; 'n isolasiefasiliteit met omgewingsbeheer vir die bestudering van aansteeklike agense; en 'n oop-omgewingsfasiliteit vir metaboliese studies op honde en katte.

Administrasie

OVANE is ook 'n sentrum vir navorsingsondersteuning en -administrasie. Al die fakulteit se navorsingsprotokolle word by die eenheid geregistreer wat dit deur die etiese en wetenskaplike evaluering en goedkeuringsprosedures loods. Die eenheid het gedurende die vyf jaar van sy bestaan ongeveer 250 protokolle en ander aansoeke vir diagnostiese studies, voortgesette onderwys en onderrig hanteer.

Die eenheid hou 'n databasis van alle navorsingsprojekte in stand en moniteer jaarliks hulle vordering asook die publikasie van data wat daaruit voortspruit.

Verder sorteer die eenheid die wetenskaplike publikasies by die fakulteit en verskaf die data-insette wat vir die jaarlikse navorsingsverslag van die fakulteit nodig is.

Navorsing

Die bestuurder van die eenheid was gedurende die vyf jaar sedert die eenheid se ontstaan die outeur of medeouteur van nagenoeg 12 artikels in gekeurde wetenskaplike tydskrifte en het vier internasionale konferensies bygewoon. Die navorsingsprojekte en die bywoning van kongresse is deur die Nasionale Stigting vir Navorsing (NSN) (voorheen die Stigting vir Navorsingsontwikkeling) en verskeie industriële borge befonds.

Die personeel van die eenheid het gedurende die oorsigtydperk ses kliniese eksperimente op skape, beeste, honde en katte uitgevoer. Hierdie eksperimente is op kontrak vir plaaslike en buitelandse kliënte gedoen.


Dr J P Louw

Personeel

Die bestuurder van die eenheid, **dr J P Louw**, het twee keer gedurende die oorsigtydperk die belangrike W O Neitz-medalje van die Parasitologievereniging van Suid-Afrika ontvang. Hy het as wetenskaplike ook 'n C-gradering vir die tydperk 1997-2000 van die NSN ontvang. Hy tree op as evalueerder vir die Veterinêre Kliniese Komitee van die Medisynebeheerraad, adviseer die registrateur van Veterinêre Medisyne in Suid-Afrika, en keur manuskripte vir vier internasionale wetenskaplike tydskrifte. **Dr Louw** is spesiale toestemming deur die Suid-Afrikaanse Veterinêre Raad verleen om spesifieke paraveterinêre prosedures uit te voer en diagnoses te maak. Hy behoort aan die volgende verenigings: Animal Health Liaison Committee of AVCASA (AHLC), is 'n stigterslid van die Animal Health Consultants Group, die voorsitter van 'n subkomitee van die National Forum for Veterinary Helminthology, is ere-tesourier van die Parasitological Society of South Africa (PARSA), 'n geaffilieerde lid van die World Association for the Advancement of Parasitology (WAAVP), die African Acarology Association, die South African Association for Laboratory Animal Science, en die Navorsingskomitee van die Nasionale Fakulteit van Veeartsenykunde.

Die tegniese assistent, **mnr J C Kotze**, en die sekretaresse, **mev S Meyer**, van die eenheid is geregistreerde veterinêre tegnoloë en eersgenoemde is ook lid van die South African Association for Laboratory Animal Science.

Die bestuurder was gedurende die oorsigtydperk sowel 'n interne eksaminator en deeltydse dosent vir die Departement Veterinêre Tropiese Siektes as eksterne eksaminator van drie magisterverhandelings van studente aan verskillende plaaslike en buitelandse universiteite.

Dr J P Louw
BESTUURDER

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Paraveterinêre Studies

Die fakulteit by Onderstepoort lei veeartse en veterinêre verpleegsters op en bied ook voortgesette onderwyskursusse aan vir veterinêre en paraveterinêre beroepslui. Die nuwe fakulteit (wat na die samesmelting van die veeartsenykunde fakulteite van die Universiteit van Pretoria en Medunsa in 1999 gevestig is) het 'n rasionalisering van personeel meegebring asook die herevaluering van die fakulteit se doelwitte ten opsigte van opleiding, navorsing en gemeenskapsdiens.

Die vestiging van die nuwe fakulteit het tot die stigting van verskeie nuwe departemente aanleiding gegee. Die meeste van hulle was vir dissiplines wat vantevore reeds bestaan het maar nou op 'n meer logiese wyse gegroepeer kon word. Die enigste werklik nuwe departement was die Departement Paraveterinêre Studies.



Prof C M E McCrindle

Hierdie departement was die kleinste in die fakulteit en was vir sy aktiwiteite van die insette van verskeie ander departemente afhanklik – veral die departemente Geselskapdiergeneeskunde en Chirurgie. Die huidige personeellede is **prof C M E McCrindle**, departementshoof, **mev U du Plessis**, sekretaresse, **dr T Songabe** en **sr E Botha**, dosente, en verpleegster **V Siyotula**, die verpleegkunde-tutor.

Verdere strategiese beplanning van die fakulteitsbestuur om koste te verminder en nogtans volgens die Universiteit se beleid plaaslik relevant en internasionaal mededingend te bly, het weer tot die samesmelting van departemente gelei. Toe die departemente Geselskapdiergeneeskunde en Chirurgie saamgevoeg is, het dit logies gelyk om ook Paraveterinêre Studies by die groter Departement Geselskapdierstudies in te sluit. Dit word as 'n positiewe stap vir die toekomstige ontwikkeling van veterinêre verpleging beskou aangesien klein departemente nie lewensvatbaar genoeg is om hulle oorlewing te verseker nie.

Prof C M E McCrindle
DEPARTEMENTSHOOF

Patologie

Die departement het in die tydperk 1993-2000 'n moeilike periode beleef. Die personeelomset was veel hoër as in die twee dekades 1973-1993. Die volgende dosente het afgetree of bedank: **proff I B Jansen van Rensburg, J W Nesbit, M G Collett** en **J van der Lugt**, en **drr T A Gouws, J E Jardine, J P Pearson, E P Lane** en **A J Olivier**. Die belangrikste faktor in hierdie hoë omset was dat deure vir Suid-Afrikaanse kundiges in die buiteland oopgegaan het. Veterinêre patoloë het opleiding van wêreldgehalte in hierdie land ontvang en aanbiedings van inkomstes aanvaar wat ver hoër is as wat hulle in akademiese kringe in Suid-Afrika kan verwag. Gedurende die afgelope vyf jaar moes die departement ervare spesialiste aan Nieu-Seeland, Australië en die Verenigde Koninkryk asook die privaat praktyk afstaan. Die getal doserende personeel gedurende die oorsigtydperk het gemiddeld op ses gestaan.

Ten spyte van hierdie taamlike somber prentjie was die personeel tog in staat om die voorgraadse leerplanne en nagraadse studente te onderrig en ook om 'n swaar diagnostiese werkslas te hanteer. Navorsing het uiteraard skade gely, maar meer as 50 publikasies is nietemin gedurende die sewe jaar gelewer. Die departement het ook daarin geslaag om 'n CD-ROM oor die algemene en orgaanpatologie van huisdiere te ontwikkel en te bemark. Dié werk is met aansienlike belangstelling in die ontwikkelde wêreld ontvang. Die departement het in 2000 'n toekenning vir uitmuntende leerinnovasie ten opsigte van dié CD ontvang.

Die departement het sedert die aanstelling van **prof N P J Kriek** as dekaan, drie departementshoofde oor 'n betreklik kort tydperk gehad, naamlik **proff Kriek** (1993-1999), **Van der Lugt** (1999-gedeeltelik 2000), en **L Prozesky** (sedert Augustus 2000). Die personeel bestaan tans uit drie hoogs ervare patoloë, **proff L Prozesky** (hoof), **N M Duncan** en **M C Williams**, en drie minder ervare lede, **drr S J Clift, N T Ndudane** en **J H Williams**. Die tegniese personeelkorps het betreklik onveranderd gebly.

Die voorgraadse studentetal het vanweë die fakulteit se toelatingsbeleid stabiel rondom 100 per jaar gebly. Die patologiekursus duur vier jaar.

Drie spesialis veterinêre patoloë het gedurende die oorsigtydperk hulle MMedVet(Path)-programme voltooi, en die departement het tans vyf MMedVet(Path)-studente. Een student het die MSc(Path)-graad verwerf.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021





Prof J van der Lugt



Prof L Prozesky

Die departement beplan om noue bande met universiteite in Afrika suid van die Sahara, die VSA en Europa te sluit om sy navorsingsprogram met die klem op voedselproduserende diere uit te bou. Aangesien die ondersteuningsdiens wat die departement lewer van nasionale belang is, sal hierdie diens uitgebrei word om aan die behoeftes van verskillende industrieë en kleinboere te voldoen. Ten einde te verseker dat die kurrikulum internasionaal aanvaarbaar bly, het die departement nasionale en internasionale keurders verbonde aan universiteite in Afrika suid van die Sahara, die VSA en Europa genader om die huidige kurrikulum onder die loep te neem.

Medeprofessor M C Williams
WAARNEMENDE HOOF

Perdenavorsingsentrum

Die sentrum is op die inisiatief van die Fakulteit Veeartsenykunde, die vorige Transvaalse Provinsiale Administrasie (TPA) en verskeie individue wat by perdewedrenne betrokke is, gestig. 'n Bestuurskomitee wat uit verteenwoordigers van die TPA, die Highveld Racing Authority (HRA) en die Universiteit bestaan het, het aanvanklik die sentrum se administrasie behartig. Toe perdewedrenne in Gauteng korporatief bedryf is en Phumelela Gaming and Leisure Limited gevorm is, het verteenwoordigers van hierdie maatskappy die TPA op die bestuurskomitee vervang. Trustees van die Horse Racing Trust het sedertdien die verteenwoordigers van die HRA op die bestuurskomitee vervang. Die primêre doelstelling van die sentrum is om navorsing te doen wat die gesondheid en welsyn van volbloedperde in Suid-Afrika sal bevorder.



Prof A J Guthrie

Die Universiteit verskaf die fasiliteite waar die sentrum gehuisves word. Hierdie fasiliteite behels kantore, drie laboratoriums - waaronder 'n Sportgeneeskunde-laboratorium - ander ondersteuningsfasiliteite en toegang tot stalle. Die Sportgeneeskunde-laboratorium sluit 'n hoëspoed-trapmeul en toerusting in wat vir die evaluering van hart-, long-, metaboliese en lokomotoriese funksies van perde gebruik word. Die sentrum en die Perdekliniek gebruik hierdie fasiliteite vir navorsingsdoeleindes en vir die evaluering van perde wat swak presteer. Die vier belangrikste navorsingsgebiede van die sentrum sluit perdesportgeneeskunde, aansteeklike siektes by perde, die huisvesting en welsyn van perde, en perdebiomeganika in. Die sentrum se personeel doen die meeste van die werk in die vorm van gesamentlike projekte met ander departemente van die Universiteit, ander universiteite en instansies in Suid-Afrika sowel as in die buiteland. Beurse word jaarliks vir nagraadse studie toegeken, en hierdie studente speel 'n belangrike rol in die meeste van die sentrum se projekte.

Die personeellede van die sentrum was gedurende die tydperk 1993-2000 by verskeie publikasies en navorsingsaktiwiteite betrokke, onder meer 39 artikels in geakkrediteerde vaktydskrifte, 12 artikels in populêre tydskrifte, en meer as 150 aanbiedings by wetenskaplike kongresse en seminare en op fakulteitsdae.

Prof A J Guthrie
DIREKTEUR

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Produksiedier- en Gemeenskapsgesondheid

Hierdie jong departement het ontstaan toe die Fakulteit Veeartsenykunde van Medunsa met dié van die Universiteit van Pretoria saamgesmelt het.

Die Departement Produksiediergeneeskunde en die Departement Kuddegesondheid en Reproduksie van Medunsa het met die Departement Diere- en Gemeenskapsgesondheid, die Departement Pluimveegesondheid en 'n afdeling van die Departement Geneeskunde van die Universiteit saamgesmelt om hierdie nuwe departement te vorm. Die departement het op 1 Junie 1999 tot stand gekom en **prof G H Rautenbach** is as die eerste departementshoof aangestel.



Prof G H Rautenbach

Die departement bestaan tans uit vyf funksionele eenhede, naamlik die Produksiedier Kliniese Groep (**prof Rautenbach**), die Veterinêre Volksgesondheidgroep, (**prof C M Veary**), die Veterinêre Epidemiologiegroep (**prof B Gummow**), die Kuddegesondheidsgroep (**prof D C Lourens**), en die Pluimveeverwysingslaboratorium (**dr S P R Bisschop**). Die departement beskik oor 24 C1-personeellede wat knap deur 19 C2-personeellede bygestaan word.

Weens al die herorganisasie en saamsmeltings gedurende die afgelope sewe jaar is dit moeilik om 'n akkurate oorsig van die aktiwiteite van elkeen van die onderafdelings wat nou deel van die nuwe departement uitmaak, saam te stel.

Veterinêre Epidemiologie

Die dissipline Epidemiologie is in 1993 van die Departement Infeksiesiektes na die Departement Veterinêre Volksgesondheid oorgeplaas. Veterinêre Epidemiologie is voor 1993 aan studente op derdejaarsvlak as 'n drie-uursessie in die dissipline Infeksiesiektes aangebied. In 1993 is Epidemiologie as dissipline verbreed en die grootste gedeelte van die kursus is na die vyfde jaar van die Veeartsenykundekurrikulum oorgedra waar dit op 'n toegepaste wyse onderrig kon word. Daar word tans in die vyfde jaar van die kurrikulum ongeveer 20 uur aan Epidemiologie bestee. 'n Praktiese komponent van Epidemiologie word nou in die sesde studiejaar vir veeartsenykunde ingesluit. Dit is dus die eerste keer dat Epidemiologie as 'n kliniese vak onderrig word. Die hele voorgraadse kursus is nuut ontwerp en word sedert 1993 aan die hand van probleemgerigtheid aangebied. Dit is een van die eerste voorgraadse kursusse wat die fakulteit op hierdie wyse aanbied.

'n Program vir die honneursgraad in Veterinêre Epidemiologie is in 1993 bekend gestel – die eerste nagraadse kursus in Veterinêre Epidemiologie in Suider-Afrika. In 1996 is die nagraadse kursus in Veterinêre Epidemiologie in ooreenstemming met die nuwe onderrigbeginsels van die fakulteit in kredietaanslagmodules verdeel. Hierdie is een van die eerste nagraadse kursusse wat die fakulteit op hierdie manier aanbied. Dit laat studente toe om op buigsame wyse slegs daardie komponente van die kursus te kies wat op hulle behoeftes betrekking het. Die nagraadse kursus in Epidemiologie is in 1998 vir die eerste keer as 'n papiergebaseerde afstandsonderrigkursus aangebied. Dit het internasionale toegang tot Veterinêre Epidemiologie aan studente gebied sodat hulle teen hulle eie tempo kon studeer, ongeag hulle geografiese basis. Hierdie papiergebaseerde benadering was ideaal vir veeartse in afgeleë plekke met die minimum infrastruktuur. 'n Magistergraadprogram in Veterinêre Epidemiologie is terselfdertyd, ook vir die eerste keer, in Suider-Afrika aangebied. Die afdeling Veterinêre Epidemiologie was dus gedurende die tydperk 1993-2000 baanbrekers ten opsigte van baie van die fakulteit se nuwe onderrigkonsepte. Mense in die veterinêre beroep het op hierdie wyse toegang verkry tot die studie van Epidemiologie op 'n manier waaroor hulle voor 1993 nie kon droom nie. Die afdeling hanteer tans meer as 40 nagraadse studente elke jaar.

Toe die nuwe Fakulteit Veeartsenykunde tot stand gekom het, het die afdeling Veterinêre Epidemiologie onder die Departement Produksiedier- en Gemeenskapsgesondheid ressorteer waar dit 'n sentrum vir kundigheid in die streek asook wêreldwyd geword het. Sedert 1993 het die afdeling 11 wetenskaplike publikasies, 2 halfwetenskaplike publikasies, 9 gepubliseerde verrigtinge, 7 genooide lesings en 6 kursusse of werksessies vir voortgesette opleiding op sy kerfstok. In 1999 is die afdeling van een na twee personeellede uitgebrei.

Die fakulteit beplan tans om die afdeling verder uit te brei om 'n Sentrum vir Veterinêre Epidemiologie, Ekonomie en Risikobepaling te vorm. Tussen die jare 1993-2000 het Epidemiologie met 'n paar uur se lesings in die kurrikulum vir die derde jaar van Veeartsenykunde in 'n internasionaal erkende kundigheidsgebied verander.

Kuddegesondheid

Hierdie afdeling was tot aan die einde van 1995 'n deel van die Departement Teriogenologie. Die afdeling het in 1996 by die Departement Veterinêre Volksgesondheid ingeskakel om die Departement Diere- en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Gemeenskapsgesondheid te vorm. **Prof Veary** was die hoof van hierdie nuwe departement. Die departement is in twee funksionele eenhede bestuur, naamlik Kuddegesondheid met **prof Lourens** as afdelingshoof, en Veterinêre Volksgesondheid onder die leierskap van **prof Veary**.


Prof C M Veary

Die missie van bogenoemde departement kan as volg saamgevat word: die voorsiening van effektiewe menslike hulpbronne en veterinêre kundigheid ten einde die gesondheid en produktiwiteit van produksiediere by wyse van kostedoeltreffende gesondheids- en produksieprogramme, veterinêre openbare gesondheid en die bewaring van natuurlike hulpbronne te bevorder.

Kuddegesondheid is 'n holistiese benadering tot die bestuur van gesondheid en doeltreffende produksie in produksiedierpopulasies – melk- en vleisbeeskuddes, voerkrale vir beeste, vark-, skaap- en boktroppe. Dit is in wese die doeltreffende produksie van voedsel- en veselproduserende diere. Die hoofdoelwitte is om dieregesondheid, -reproduksie en -produksie te verbeter en op die doeltreffendste vlak te handhaaf; die balans tussen dieregesondheid en -produksie te handhaaf; die welstand van dierepopulasies en volhoubare hulpbronbestuur te verseker; en om veilige en gesonde diereprodukte aan verbruikers te lewer.

Hierdie doelwitte word bereik deur 'n geïntegreerde opvoedkundige program oor produksiediere op voorgraadse, nagraadse en gemeenskapsvlak aan te bied ten einde akademiese uitmuntendheid te verseker wat aan die missies van die Universiteit en die fakulteit voldoen, deur navorsing te doen en te bevorder sodat die onderrigvermoëns van die departement en die navorsingsdoelstellings van die fakulteit aangevul en bevorder word, en deur 'n program vir gemeenskapsdiens met die oog op dieregesondheid, voedselsekuriteit en algemene doeltreffendheid te ontwikkel en te implementeer. Die afdeling het in 1999 weer eens 'n amalgamasieproses ondergaan en by die Departement Produksiedier- en Gemeenskapsgesondheid aangesluit.

Veterinêre Volksgesondheid

Hierdie departement het die oorsigtydperk in wanorde begin toe personeel in sleutelposte bedank het. Hoewel die departement tot 1995 sonder 'n permanente hoof moes klaarkom, het die konsolidasie van gedagterigtings en die herontwerp van leerplanne tot die stabilisering en integrasie van Epidemiologie by die kursus vir Veterinêre Volksgesondheid gelei. Dit het die betrokkenes bewus gemaak van die multidissiplinêre aard van die vak en van die feit dat die bevordering van die menslike gesondheid op die insette van Veterinêre Volksgesondheid afhanklik is. Dit het uiteindelik aanleiding gegee tot die inlywing van die afdeling Kuddegesondheid by die Departement Veterinêre Volksgesondheid en die daarstelling van 'n nuwe departement, naamlik die Departement Diere- en Gemeenskapsgesondheid. Hierdie naam bevat al die ideale vir die veiligheid en sekuriteit van voedsel van dierlike oorsprong, van die plaas tot die na-oesfase, sonder om bestaande en nuwe soönoses in produksiediere en geselskapsdiere uit die oog te verloor.

Aangesien Epidemiologie ideaal geskik is vir die aanvulling van risiko-analises in verband met voedselveiligheid en die gesondheid van produksiedierpopulasies, het die dissipline deurentyd gegroei – veral op nagraadse gebied. Die fakulteit het die departement uit erkenning hiervoor versoek om die kurrikulum vir die kursus in navorsingsmetodologie te herstruktureer en te herontwerp, en om die kursus te administreer.

Verskeie lande in Afrika het oor nagraadse studie in Veterinêre Volksgesondheid navraag gedoen, en in hierdie verband was daar aktiewe deelname aan die ontwikkeling van die module in Voedselveiligheid vir die streeks MSc-kursus. Departementslede is genooi om as eksterne eksaminators vir voorgraadse en nagraadse kursusse aan universiteite in Afrika op te tree.

Ironies genoeg het die posisie van Veterinêre Volksgesondheid as 'n sterk funksionele eenheid in die nuwe fakulteit erg verswak, en die eenheid vind dit moeilik om 'n eie niche te identifiseer in 'n omgewing wat gedurig aan nuwe idees oor die ideale struktuur blootgestel word. Die oënskynlik logiese verloop van gebeure rondom die produksie van veilige voedsel van diereoorsprong is vinnig op pad na 'n drastiese hersiening.

Pluimveeverwysingslaboratorium

Die Departement Pluimveegesondheid het tydens die samesmelting van die twee veeartsenykunde fakulteite van Medunsa en die Universiteit van Pretoria in Julie 1999 'n afdeling van die Departement Produksiedier- en Gemeenskapsgesondheid geword.

Gebeure in die afdeling is tydens die oorsigtydperk oorheers deur die vertrek van die een na die ander senior personeellede. **Prof Louis Coetzee** moes aan die einde van 1995 weens gesondheidsprobleme aftree. Die departement was toe sonder 'n formele hoof, totdat **prof Christie le Roux** die leisels aan die begin van 1997

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof L Coetzee



Prof C le Roux



Dr F Travers



Dr R Bragg



Dr M Odendaal

oorgeneem het. **Drr Frank Travers** en **Robbert Bragg** het die departement gedurende 1996 in 'n waarnemende hoedanigheid bestuur. **Prof Le Roux** het op sy beurt in 1999 bedank om te gaan boer. **Dr Mike Odendaal** was van September 1999 tot Februarie 2000 as waarnemende hoof van die afdeling. **Dr Bisschop** is in Junie 2000 formeel as die direkteur van die pluimveeafdeling aangestel.

Benewens die vertrek van die departementshoofde is die hele professionele personeelkorps twee keer gedurende die tydperk 1995-1999 vervang. Die departement was ten spyte van hierdie ernstige onderbrekings nietemin in staat om kwaliteit opleiding aan voorgraadse studente vir die BVSc-kursus te bied. Die geïntegreerde benadering tot gesondheid wat **prof Coetzee** ingevoer het, word steeds gevolg.

Nagraadse opleiding is in 1996 en 1997 onderbreek toe geen nagraadse kursusse aangebied is nie. In 1999 kon sewe BVSc(Hons)-studente weer geakkommodeer word, en in 2000 was daar tien. Die kursuswerk vir die MMedVet-studente is in 1999 aangebied, en drie studente het die eksamen afgelê. Daarby bied die afdeling tans studieleiding aan twee MSc- en twee MMedVet-studente.

Die opvallendste kenmerk van die afdeling se navorsingsprogram is die voortgesette werk van **dr Bragg** oor *Haemophilus paragallinarum*, die oorsaak van *Choryza* by hoenders. Sy werk behels onder meer die opsporing van NAD-onafhanklike vorms van die organisme, molekulêre karakterisering van die organisme, en detailondersoeke van die plasmiede van die organisme. **Dr Bragg** het in 1996 'n PhD-graad vir hierdie werk ontvang. Sy bedanking in Junie 1996 was 'n swaar slag vir die molekulêre biologieprogram in die departement.

Dr Dirk Verwoerd het sy werk met volstruise in 1993 begin wat bestendig ontwikkel het tot sy aanstelling in 1996 as hoof van die afdeling volstruisnavorsing by die Onderstepoort Veterinêre Instituut. Hy het grotendeels baanbrekerswerk gedoen, veral oor Newcastle-siekte by volstruise.

Dr Carine Pienaar het in 1994 haar werk oor metodes vir die vinnige kwantifisering van bakteriële besmetting op broei-eiers gepubliseer. Hierdie werk het later deel van haar verhandeling gevorm wat sy in 1996 in die departement voltooi het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ander navorsing gedurende hierdie tydperk sluit in **dr Travers** se verhandeling in 1995 oor patogeniteit tussen Suid-Afrikaanse stamme van *Ornithobacterium rhinotracheale*. Die departement se navorsingsuitsette tussen 1993-1997 was konstant, en 12 artikels het in gekeurde tydskrifte verskyn. Net een artikel is sedert 1998 gepubliseer.

Die Departement Pluimveegesondheid het in die vroeë negentigerjare gedy, maar na **prof Coetzee** se vertrek is die agteruitgang slegs gedeeltelik tydens die kort ampstermyn van **prof Le Roux** gestuit. 'n Meer stabiele tydperk, veral wat die dienstermyne van die professionele personeel betref, lê hopelik voor die deur.

Die afdeling beskik tans oor drie voltydse akademiese personeellede asook 'n voltydse veearts vir navorsing en 'n staatsveearts. Die laboratorium se personeel het ten spyte van al die omwentelinge grotendeels onveranderd gebly, en lewer saam met die Pluimveeverwysingslaboratorium steeds 'n uitmuntende kliniese diens aan die Suid-Afrikaanse pluimveebedryf. Op 'n meer positiewe noot het die afdeling nie minder nie as tien veeartse opgelei wat tans in diens van die Suid-Afrikaanse pluimveebedryf is. Dit is 'n besondere prestasie as 'n mens in gedagte hou dat hierdie sektor oor 'n totaal van 40 veeartse beskik.

Prof G H Rautenbach
DEPARTEMENTSHOOF

Reproduksie

Die naam van die departement het in Julie 1999 van Teriogenologie na Reproduksie verander. Die departement het die afdeling Kuddegesondheid tot in 1996 hanteer toe die afdeling by die Departement Veterinêre Openbare Gesondheid gevoeg is om die nuwe Departement Diere- en Gemeenskapsgesondheid te vorm. Sedertdien bestaan die personeel van die departement uit sewe dosente, onder andere **sr Esther Botha** – die eerste veterinêre verpleegkundige wat as dosent by die Universiteit aangestel is – en drie steundienspersoneellede. In Julie 1999 het **sr Botha** by die nuwe Departement Paraveterinêre Studies aangesluit. **Prof D H Volkmann** het in Januarie 1996 by **prof H J Bertschinger** as departementshoof oorgeneem, en **prof J O Nöthling** dien sedert April 2000 as waarnemende hoof.


Prof H J Bertschinger

Onderrig

Die departement is verantwoordelik vir die opleiding van veeartsenykunde- en veterinêre verpleegkundestudente in die Reproduksie-dissipline. Ses MMedVet(Gyn)-grade (een met lof) is gedurende die oorsigtydperk toegeken, en nog vier studente was besig met hulle opleiding vir hierdie spesialisgraad. Veertien ander nagraadse studente het een of meer van 'n hele verskeidenheid nagraadse vakke in Reproduksie as deel van hulle MMedVet-studies in ander dissiplines of vir BVSc(Hons)-grade geslaag. Die departement het gedurende die oorsigtydperk 21 kortkursusse vir die voortgesette opleiding van veeartse aangebied. Die departement is aktief besig om studente vir MSc-grade in Reproduksie te werf.

Drie personeellede van die departement het gedurende die tydperk 1993-2000 die toonaangewende Dosent van die Jaar-toekenning van die Fakulteit Veeartsenykunde ontvang, en nog drie dosente het die diploma-eksamen van die American College of Theriogenology geslaag.

Navorsing

Sedert 1993 het die departementele personeel 38 publikasies in gekeurde tydskrifte, 18 in die verrigtinge van internasionale simposiums, vier hoofstukke in boeke, en nog 50 wetenskaplike publikasies gelewer. Die personeel het ook 26 referate (vier as genooide sprekers) en 9 plakkate by internasionale simposiums gelewer, en 50 aanbiedings is tydens plaaslike wetenskaplike byeenkomste gemaak. Die departement het in 1998 as gasheer vir die Sewende Internasionale Simposium oor Reproduksie by Perde, met **prof Volkmann** as die koördineerder, opgetree. **Prof Bertschinger** dien in die reëlingskomitee vir die Internasionale Kongres oor Reproduksie by Diere wat elke vier jaar plaasvind. **Prof Nöthling** het in die internasionale wetenskaplike komitee vir die Vierde Internasionale Simposium oor Reproduksie by Honde en Katte gedien, en twee personeellede het as sessievoorsitters gedurende internasionale simposiums opgetree.

Die belangrikste navorsingsbydraes is op die gebied van wildreproduksie gelewer, met die klem op immunokontrasepsie, *in vitro*-bevrugting, en die reproduksie van honde en perde. Die departement poog om sy navorsingsuitset te verhoog deur sy nagraadse opleidingsprogram uit te brei.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Verskeie hoogtepunte is op die gebied van wildreproduksie bereik. Die departement het deelgeneem aan die ontwikkeling van 'n immunokontrasepsietegniek vir olifante in die Nasionale Kruger-wildtuin (*Nature* 407:149 (2000)). Dit blyk dat hierdie benadering tot bevolkingsbeheer 'n omkeerbare kontrasepsiemetode kan wees om bevolkingsgroei te beperk en die behoefte aan uitdunning te verminder. Beduidende vooruitgang is ook ten opsigte van kontrasepsie by groot vleisvreters gemaak. Die bevinding dat die bek- en klouseervirus moontlik deur die semen van buffels oorgedra word, mag epidemiologiese implikasies vir die verspreiding van die siekte van buffels na mak vee inhou (*Veterinary Record* 145: 77-79). Die bevinding dat die oösiete van mak koeie gebruik kan word om die fertiliteit van bevrore-ontdooide buffelsperm te toets, was nog 'n hoogtepunt op die wildreproduksieterrein. Dit beteken dat dit nie nodig is om skaars buffeloösiete te gebruik om die in vitro-fertiliteit van buffelsperm te bepaal nie. 'n Tegniek is ook ontwikkel om oösiete deur middel van transvaginale aspirasie by lewendige buffels te kollekteer.


Prof D H Volkmann

Die departement se *In Vitro*-Fertiliteitslaboratorium het die eerste groep IVF-geteelde kalwers in Suid-Afrika gelewer. Ses kalwers is gebore van vars blastosiste wat *in vitro* geproduseer is, en een van 'n bevrore-ontdooide IVF-embrio. Dié sukses is betekenisvol aangesien dit behaal is kort nadat die laboratorium in bedryf gestel is.

Daar was verskillende hoogtepunte op die terrein van reproduksie by honde. Een bevinding was dat die prostaatvloeistof van honde die vrugbaarheid van bevrore-ontdooide hondesperm na intravaginale deposisie bevorder, waarskynlik as gevolg van 'n unieke biochemiese effek van prostaatvloeistof op die sperm of die omgewing waaraan sperm in die teef blootgestel word (*Reproduction in Domestic Animals* Suppl 6:71 (1999)). Hierdie metode bevorder die suksesvolle inseminasie van tewe met bevrore-ontdooide sperm sonder die gebruik van duur apparaat of moeilike tegnieke vir intra-uterusinseminasie. Hierdeur word die wyer gebruik van bevrore semen vir teeltewe moontlik gemaak.


Prof J O Nöthling

Op die gebied van perdereproduksie is aangetoon dat virale arteritis en die transmissie daarvan analoog by donkies en perde is. Die eerste geval van nokardiform-aborsie in Suid-Afrika is ook beskryf.

Diens

Die departement lewer 'n kliniese diens vir huisdiere wat na die Onderstepoort Veterinêre Akademiese Hospitaal gebring word. Die diens wat aan kliënte op verskillende terreine in die wildbedryf gelewer word, brei tans uit.

Die IVF-laboratorium is onlangs in gebruik geneem en lewer 'n kommersiële diens aan die veebedryf. Oösiete wat by lewendige of slagkoeie gekollekteer word, word in die laboratorium bevrug en ontwikkel tot weekoue embrio's wat dan óf gevries óf direk na ontvangerkoeie ingeplaas word.

Die endokrienlaboratorium lewer 'n diens aan pasiënte van die Onderstepoort Veterinêre Akademiese Hospitaal asook aan veeartse in die privaat praktyk. Die laboratorium het sedert 1993 die omvang van sy dienste uitgebrei om die bepaling van die tiroïed stimulerende hormoon- (TSH) en die estroonsulfaatvlak asook die ad hoc-bepaling van bloedprogesteroonkonsentrasies in te sluit. Die bepaling van TSH maak dit makliker om patologiese tiroïedtoestande by honde te diagnoseer, en die bepaling van estroonsulfaat die maniere waarop swangerskap en fetale lewensvatbaarheid by merries gediagnoseer en gemoniteer kan word. Daar word gehoop dat dit ook van waarde vir die natuurlewe sal wees. Die vinnige beskikbaarheid van bloedprogesteroonresultate is besonder waardevol vir die inseminasie van tewe met bevrore semen en vir die akkurate monitering van waardevolle dragtige tewe. Die laboratorium bepaal ook die plasmaprogesteroon van renostermonsters ten einde dragtigheid te kan diagnoseer.

Slotopmerkings

Die departement het gedurende die afgelope agt jaar sy rol in Suid-Afrika volgestaan deur die aanbieding van veterinêre en paraveterinêre opleiding, deur navorsing te doen en 'n diens op veeartsenykundige gebied te lewer wat aan internasionale standaarde voldoen en plaaslik relevant is.

Prof J O Nöthling
WAARNEMENDE DEPARTEMENTSHOOF

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Veterinêre Fisiologie

Die departement het gedurende die afgelope dekade aansienlik ontwikkel en verander. Drie bykomende personeellede het sedert 1993 by die departement aangesluit (**dr S Strydom**, en **mnre J Brinders** en **D Booyse**), die voorgraadse kurrikulum is verbeter, nuwe nagraadse kursusse is ingestel, en die navorsingsprogram is uitgebrei. Na die voortydige afsterwe van **prof Theo Taljaard** (hoof van Veterinêre Fisiologie aan Medunsa) in 1995, het die departement sy eweknie aan Medunsa bygestaan om sy voorgraadse veterinêre kursus aan te bied. Dit het samewerking en goeie verhoudinge tussen dié twee departemente bevorder. Die amptelike samesmelting met Medunsa het in 1996 'n aanvang geneem, en die formele samevoeging van die twee departemente het in 1999 in werking getree. Die departement het aan die einde van 1999 nuwe doelwitte en doelstellings geformuleer, onder meer om sy onderrigstrategieë te verbeter en internasionale erkenning vir sy navorsing te verkry.

Die voorgraadse kurrikulum is ter voorbereiding vir die amalgamasie hersien, en vanaf 1998 deur die departement geïmplementeer. Die nuwe kursus sluit elemente van die Medunsa-leerplan in, en die basiese afdelings vir Veterinêre Fisiologie word in die tweede jaar van die graad aangebied. Die Fisiologiese Chemie-aspekte van die kursus is ook ten volle in die tweedejaarkursus geïntegreer. 'n Nuwe Toegepaste Fisiologie-kursus is vir die derde jaar ingevoer, en word gedurende die eerste semester van die derde jaar in 'n probleem-gebaseerde formaat aangebied. Die kursus moedig studente aan om probleme na te vors en moontlike oorsake en gevolge te bespreek, en het reeds uitstekende resultate gelewer. Dit word gedurende die tweede semester opgevolg deur die Inleiding tot Kliniese Studies wat in dieselfde formaat aangebied word en ook reeds goeie resultate getoon het. Die departement se personeel tree as tutors op vir die Inleiding tot Kliniese Studies, en dit dra by tot 'n deeglike begronding in fisiologie. Die nagraadse kursusse vir studente wat vir verskillende MSc- of MMedVet-grade ingeskryf het, is gerasionaliseer en daar is tans net drie: 'n volledige gevorderde kursus, en twee *capita selecta*-kursusse – een vir klinies gerigte studente, en die ander een vir studente wat navorsing wil doen.

Soos in die verlede word die getal voorgraadse studente deur keuringsinname bepaal. Die getal nagraadse studente het gedurende die afgelope paar jaar egter effens toegeneem.

Navorsing het verbeter vanweë die gerigte benadering voortspruitend uit die navorsingstema. Die departementele navorsingstema is die fisiologiese respons op omgewingstres of siekte. Die primêre doel van die departement is steeds om fisiologiese probleme wat op Afrika betrekking het, te ondersoek. Subtemas sluit in die water- en elektrolietbalans in herkouers, die stikstofbalans, spysverteringfermentasie, voortplanting en babesiose. Die water- en stikstofbalans in inheemse bokke, en die vervoer van aminosure, peptiede en ureum in die skaapderm, lê klem op die funksionele metabolisme van klein herkouers. Ander projekte soos reproduksie by wild en die funksie van die agterderm ondersoek basiese fisiologiese aspekte. Twaalf aktiewe projekte is tans by die navorsingskomitee van die fakulteit geregistreer. Hierdie projekte sorg jaarliks vir 'n aantal gepubliseerde artikels. Die departement is ook by verskeie projekte in samewerking met ander instansies betrokke. Daar bestaan goeie skakeling tussen die departement en die Rowett-navorsingsinstituut, die John Moores University (VK), Cornell University (VSA), die Landbounavorsingsraad, die Sentrum vir Grasveldnavorsing in Suid-Afrika en ander fakulteite van die Universiteit. Die samewerking tussen verskillende instansies het 'n aantal gesamentlike navorsingsprojekte tot gevolg gehad.


Prof J G van der Walt

Dr Hamid Ali (Australië) was gedurende die afgelope 18 maande 'n postdoktorale genoot by die departement. Sy navorsing het die ontwikkeling van 'n tegniek vir die gebruik van 'n geïsoleerde skaaplewerlob vir die bestudering van die metabolisme van herkouers bevorder. Hierdie werk het tot die internasionale erkenning van die departement bygedra.

Weens die samesmelting met die veeartsenykunde fakulteit van Medunsa het die departement twee dosente (**dr Strydom** en **mnr Brinders**) en een tegnikus (**mnr Booyse**) bygekry. Hierdie toename in die personeeltal was tot voordeel van sowel onderrig as navorsing in die departement.

Prof J G van der Walt (departementshoof) en **dr E A Boomker** was albei betrokke by die reëlings vir die negende Internasionale Simposium oor die Fisiologie van Herkouers wat in 1999 vir die eerste keer in Suid-Afrika plaasgevind het. Albei het op die Komitee vir die Wetenskaplike Program gedien, en **dr Boomker** was ook lid van die Sentrale Organiseringskomitee vir die koördinering van die verskillende satellietsimposiums. **Prof van der Walt** was die hoofredakteur van die portuurbeoordeelde opsommingsuitgawes van die *South African Journal of Animal Science* waarin die verrigtinge gepubliseer is. Albei was redakteurs, saam met drie ander persone, van die boek met die 24 onbeperkte referate wat tydens die simposium gelewer en deur CAB International gepubliseer is.

Die personeel neem almal aktief deel aan plaaslike simposiums en konferensies wat binne die navorsings- en spesialiseringsgebiede van die departement val. Dit sluit in die kongres van die African Association of

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Physiological Sciences en die Physiological Society of Southern Africa (wat deur lede van die departement gereël word), die simposiums van die International Union of Physiological Societies, die simposium van die Nutrition Society, en die kongres van die South African Society of Animal Science.

Prof E A Boomker
MEDEPROFESSOR

Veterinêre Kliniese Dienste

Die tydperk 1993-2000 is gekenmerk deur van die omvattendste veranderings in kliniese onderrig en dienslewering sedert die stigting van die fakulteit in die twintigerjare. Die beplanning, konstruksie en besetting van die nuwe Onderstepoortse Veterinêre Akademiese Hospitaal (11 000 vierkante meter) is in 1992 voltooi onder leiding van die beplannings-/projekkomitee wat bestaan het uit **proff R I Coubrough** (dekaan), **P Bland-van den Berg** (adjunkdekaan en voorsitter van die komitee), **H J Bertschinger** (hoof van die Departement Geslagskunde, **S R van Amstel** (hoof van die Departement Geneeskunde), **S S van den Berg** (hoof van die Departement Chirurgie), **mev A M van Rooyen** (komiteeadministrasie), **mnre F A Nel** (hoof van Fakulteitsadministrasie), **I P du Plooy** (argitek), **G de V Cronjé** (argitek), **D M van der Spuy** (raadgewende ingenieur), **P I Massyn** (elektriese raadgewende ingenieur), **W Nel** en **H C Havenga** (fasiliteite en ontwikkeling, Universiteit van Pretoria).


Prof P Bland-van den Berg

Die nuwe hospitaal het die akademiese departemente Geneeskunde, Chirurgie en Geslagskunde asook die hospitaal se ondersteuningspersoneel gehuisves. Die kliniese en administratiewe ondersteuningsdienste van die hospitaal is gekonsolideer tot 'n eenheidstelsel onder die kantoor van die adjunkdekaan wat vir die hospitaal verantwoordelik was. Op hierdie stadium het die hospitaal se ondersteuningspersoneel uit 62 personeellede bestaan: 14 verpleegpersoneel, 11 administratiewe of tegniese personeel, en 37 ondersteuningsdienste-personeel. Die hospitaal se ondersteuningsdienste is in nege kostesentrums verdeel, naamlik administrasie, die apteek, buitepasiënte, die kleindier-, perde- en produksiedierklinieke, die intensiewesorgeenheid, radiologie en die teater.

Hierdie tydperk is gekenmerk deur intensiewe en voortgesette ontwikkeling van die hospitaal se ondersteuningsdienste-personeel, finansiële en ander stelsels, standaard bedryfsprosedures, fasiliteite en toerusting. Hoogtepunte was onder meer die skepping op 1 Januarie 1993 van die poste van matrone in die kliniese afdeling en administratiewe beheerbeampte in die administratiewe afdeling van die hospitaal. Teen 1998 het die personeeltal tot 71 gegroei, met inbegrip van 24 verpleegposte (twee deeltyds), 17 administratiewe en tegniese poste, en 30 ondersteuningsdiensposte. Akute personeeltekorte is gedurende die ontwikkelingsproses aangespreek, veral in administrasie, die perdekliniek, buitepasiënte, die teater en die narkoseafdeling. Die ontwikkeling van 'n pasklaar rekenaarprogram vir die hospitaal het in 1992 begin en is uiteindelik in 1998 in gebruik geneem met verreikende gevolge vir die administratiewe, bestuurs- en pasiëntesorgstelsels van die hospitaal. Drie bykomende klinieke, naamlik Oftalmologie, Tandheelkunde en Eksotiese Diere, is gevestig en later geprivatiseer. Die noodkrag-, ventilasie- en dreineerstelsels is aansienlik verbeter. 'n Flikkergrafie-eenheid met 'n kraanbeheerde gammakamera is gevestig om die bestaande radiografiese en ultrasonografiese diagnostiese beeldfasiliteite uit te brei. Dienslewering is deurlopend opgegradeer, in ooreenstemming met die missiestelling van die hospitaal, naamlik "om hulpbronne en 'n uitmuntende hospitaalinfrastruktuur te voorsien waarbinne optimale pasiëntesorg, kliëntedienste, onderrig en navorsing uitgevoer kan word ter ondersteuning van die breër visie en missie van die Universiteit van Pretoria en die Fakulteit Veeartsenykunde". Tydens die lewering van hierdie diens is 20 251 gevalle waarby groot- en kleindierspesies betrokke was, in 1999 hanteer.

Die samesmelting van die twee veeartsenykunde fakulteite by Onderstepoort en Medunsa is uiteindelik in 1999 voltooi. Die gevolglike samevoeging van die twee hospitale se personeel het die kliniese ondersteuningspersoneel op 82 te staan gebring (26 verpleegposte, 21 administratiewe/tegniese poste en 35 ondersteuningsdiensposte). Die samesmelting het ook die Veterinêre Kliniese Dienste-konsep ingelui, met verantwoordelikhede by die Onderstepoort Veterinêre Akademiese Hospitaal, die Medunsa-Diereklinieke asook primêre gesondheidsorg by buiteklinieke.

Veterinêre kliniese onderrig en dienslewering bly sleutelkomponente aan die verenigde fakulteit. Groot uitdagings lê nog voor, veral ten opsigte van die verdere ontwikkeling van satelliet primêre en sekondêre gesondheidsorgklinieke, die handhawing van hoë standaarde, en die verdere opgradering van dienste by die Onderstepoortse Veterinêre Akademiese Hospitaal. Die formele besoek van lede van die Royal College of

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Veterinary Science in 1999 het egter bevestig dat die hospitaal reeds aan die belangrikste doelstelling van die Universiteit voldoen, naamlik om internasionaal mededingend en plaaslik relevant te wees. Die Universiteit en die land kan met reg trots wees op hierdie nasionale bate.

Prof P Bland-van den Berg
DIREKTEUR

Veterinêre Produksie en Etologie

Die departement (wat toe die Departement Etologie was) het na 1993 onder die leierskap van die departementshoof, **prof J S J Odendaal**, voortgegaan om sy betrokkenheid by dieregedrag uit te brei. Hy en die departement het wêreldwyd erkenning op die gebied van dieregedrag geniet, en hy was op groot skaal in verskeie hoedanighede by etologie betrokke.

Die Friskies Companion Animal Behaviour Centre is gedurende die oorsigtydperk met behulp van 'n rojale borgskap deur Friskies Petcare International gestig. Die sentrum is deur **dr N C Swanepoel** bestuur. Sy was verantwoordelik vir gedragkonsultasie, 'n professionele hulplyn, en sosialiseringsklasse vir jong hondjies waarvoor daar groot waardering was. Die sentrum het wye mediadekking ontvang wat tot voordeel van departement, die fakulteit en die Universiteit was. **Dr Swanepoel** se spesialisgebied het aanleiding gegee tot verskeie publikasies, die bywoning van kongresse en referate. Dieregedrag is 'n belangrike ontluikende dissipline in veeartsenykunde en dit behoort genoeg ondersteuning te ontvang om verder te ontwikkel. **Dr H E Zulch** het in hierdie opsig die akademiese span in dié dissipline versterk.

Die Voedingslaboratorium bied 'n omvattende diens aan die vervaardigers van dierevoer, aan boere en die veterinêre professie. 'n Wye reeks voeranalises is beskikbaar, en hierdie diens is aan konsultasie gekoppel. Die laboratorium is verbind tot jaarlikse akkreditasietoetse saam met die Agriculture Laboratory Association of South Africa. Die laboratorium is tot 1995 deur **dr W A Schultheiss** bestuur, daarna deur **dr D B R Wandrag**, en sedert 1999 deur **prof P A Boyazoglu**. Verskeie artikels op hierdie gebied is gepubliseer, en internasionale kongresse is bygewoon en toegespreek. Een van die hoogtepunte in die laboratorium se ontwikkeling was die totstandkoming van 'n stelsel vir die sertifisering van kommersiële honde- en katkos. Die stelsel het die eienaars van troeteldiere wat hierdie kos koop verseker van waardevolle inligting en goeie kwaliteit, en daarby ook 'n aansienlike inkomste vir die departement gegenereer om ander aktiwiteite mee te befonds. Die laboratorium voer ook verterings- en smaaklikheidstoetse op dierekos uit.


Prof J S J Odendaal

Die Genetikalaboratorium het floreer danksy die fondse wat Thrip vir 'n tydperk van drie jaar toegewys het. Hierdie fondse, saam met 'n skenking van die Jockey Club van Suid-Afrika en die Perdenavorsingsentrum, het dit moontlik gemaak om duur DNA-sekwensietoerusting te bekom en die laboratorium te vergroot. DNA-toetse word gereeld op 'n aantal honde- en perderasse uitgevoer asook om uitsluitsel in ouerskap- en kriminele sake te gee. Die uitset van die bloedgroeplaboratorium het toegeneem, en 'n datastelsel is vir die resultate ontwikkel. Die laboratorium neem deel aan tweejaarlikse internasionale vergelykingstoetse, met 100% ooreenstemming in sy resultate - in sowel bloedgroep- as DNA-bepalings. Die laboratorium het ook aan 'n internasionale poging deelgeneem om perdegene te karteer. Die laboratorium het merkers in die verwysingsfamilies getoets en aan werksessies deelgeneem. **Dr E van Dyk**, die bestuurder van die laboratorium, het verskeie konferensies en werksessies oor die genetika van perde bygewoon. Verskeie referate op dié gebied is gedurende die oorsigtydperk gepubliseer. 'n Eenheid is op die been gebring om gestremde mense, en veral kinders, 'n geleentheid te bied om onder toesig perd te kan ry. Die studente bied vrywillig hulp aan die gestremdes en die departement se perde word gebruik sodat geen koste vir óf die departement óf die gestremde persoon ter sprake is nie.

'n Span navorsers van die departement, die Onderstepoort Veterinêre Instituut en Intervet het 'n unieke benadering ontwikkel om haemonchose by skape te beheer. Hierdie werk is gedeeltelik deur die Voedsel- en Landbouorganisasie van die Verenigde Nasies, die Nasionale Wolkwekersvereniging en Intervet befonds. Die resultaat, wat as die FAMACHA©-stelsel bekend staan, geniet internasionale erkenning as 'n deurbraak in die beheer van parasiete.

'n Reeks van 22 klein beddings van belangrike en tipiese weidingspesies is aangeplant om studente in staat te stel om hierdie plante beter te identifiseer en die kenmerke daarvan te leer ken. Hierdie aanplantingsbeddings, tesame met groot aantal inheemse bome, nuttige plante en potensieel skadelike plante, verseker dat studente voldoende vir die later jare van die BVSc-kursus voorberei word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die bestuur van die onderrigeenhede vir melkkoeie en skape is 1998 vanweë fakulteitsbeleid na die Onderstepoort Onderrigeenheid vir Diere oorgeplaas, en dit het die verplasing van verskeie personeellede met hierdie verantwoordelikhede meegebring. Die eenhede vir perde, honde en katte ressorteer egter steeds onder beheer van die departement. Die perde word, behalwe vir die praktiese klasse, ook vir die produksie van reagense in die bloedgroeplaboratorium, vir die perdryklub en perdry vir gestremdes gebruik en deur personeel in die departement bestuur. 'n Hoogs geslaagde skou word elke jaar aangebied, asook een "slegs vir studente". **Prof D R Osterhoff**, 'n vorige hoof van die departement, is steeds ten nouste betrokke en dra mildelik vir die trofeë en pryse by.

Voorgraadse onderrig is in 1993 gewysig om die basiese dissiplines van gedrag, voeding en genetika te dek, en hierdie dissiplines is later op die belangrikste soorte honde, katte, perde, beeste, skape, bokke en varke van toepassing gemaak. Die basiese tegnieke vir die hantering van diere is volgens die verskillende spesies aangebied, en weidingkunde is onderrig deur hoofsaaklik van eksterne kundigheid gebruik te maak. Die klem het op programme met maksimum praktiese blootstelling wat moontlik was, geval.

Die nagraadse programme het deurlopend 'n verskeidenheid studente opgelewer wat hulle honneurs-, magister- en doktorale studie suksesvol voltooi het. Verskillende kundiges uit lande dwarsoor die wêreld het die departement besoek. Die personeel het publikasies in 'n groot getal tydskrifte gehad en dikwels plaaslike en internasionale kongresse bygewoon om referate op hulle spesialisasiegebiede te lewer.


Prof G F Bath

'n Groot verandering het in Junie 1999 plaasgevind toe die departement en sy eweknie by die Veterinêre Fakulteit van Medunsa saamgesmelt het om die huidige departement met sy nuwe naam te word. 'n Nuwe departementshoof, **prof G F Bath**, is aangestel, en personeel van die vorige departemente is toegelaat om te kies in watter departement hulle graag wou werk. Twee personeellede, **drs Wandrag** en **R F Linde**, het besluit om die departement te verlaat. **Dr Zulch** en **mnr J J T K van der Toorn** het uit ander departement by die departement aangesluit. Die nuwe bloed uit Medunsa was van groot waarde in die vestiging van 'n nuwe etos en akademiese span. **Prof Boyazoglu** beskik oor 'n leeftyd se ondervinding en prestasie in dierevoeding, en **prof E F Donkin** het uitstekend in die onderrig van en navorsing oor melkbeeste en bokke gevaar. **Me H C Els** het die nodige kundigheid omtrent vleisbeeste en -produksie, dieregenetika en boerderyekonomie bygedra.

Die kursusse wat die departement aanbied kon gevolglik breedvoerig hersien en aansienlik verbeter word om aan die vereistes van die fakulteit se nuwe kurrikulum te voldoen.

Verdere veranderings aan die fakulteit se strukture, prioriteite en aktiwiteite sal bykomende aanpassings van die departement verg. Die personeel streef toegewyd daarna om hierdie uitdagings die hoof te bied en tot die vorming van geskikte strukture vir die nuwe fakulteit by te dra. Hulle is daartoe verbind om noodsaaklike veranderings in die kurrikulum, die navorsings- en nagraadse programme aan te bring wat die finansiële lewensvatbaarheid van die fakulteit sal verseker.

Prof G F Bath
DEPARTEMENTSHOOF

Veterinêre Tropiese Siektes

Die departement het op 1 Maart 1993 tot stand gekom toe die departemente Infeksiesiektes en Parasitologie saamgesmelt het, en is op 1 Julie 1999 uitgebrei toe die Veterinêre Fakulteite van Medunsa en die Universiteit van Pretoria saamgesmelt het. **Prof J A W Coetzer** is sedert 1993 die hoof van die departement. Die huidige personeeltal sluit in vier professore, twee medeprofessore, vyf senior lektore, drie sekretaresses, 'n tegniese komponent van 11 personeellede asook 'n arbeidsmag van ses werkers. Verskeie ereprofessore en buitengewone professore is vanweë van hulle hoë kwaliteitinsette ook in die departement aangestel.

Die missie van die departement is om menslike hulpbronne op veterinêre gebied, met toepaslike kennis van die voorkoming en beheer van infeksieuse en parasitiese siektes by diere te voorsien, en om volhoubare sosio-ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika en elders te bevorder. Vir hierdie doel lei die departement voorgraadse en nagraadse studente op, onderneem navorsing en lewer 'n diens aan die gemeenskap. Die getal voorgraadse studente het weens die toelatingsbeleid van die fakulteit op nagenoeg 95 te staan gebly.

Die getal nagraadse studente verskil van jaar tot jaar, en lede van die personeel was gedurende die tydperk 1996-2000 óf as studieleiers óf as medestudieleiers betrokke by vyf MMedVet-, vier MSc- en ses PhD-studente wat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

hulle grade verwerf het. 'n Verdere nege MSc-, een MMedVet- en nege PhD-studente is tans ingeskryf. Die goed toegeruste laboratoriums lewer 'n diagnostiese diens aan die gemeenskap en aan die Veterinêre Akademiese Hospitaal van die fakulteit ten opsigte van virale, bakteriese en parasitiese siektes. Spesialiste in al die dissiplines lewer advies- en konsultasiedienste, en die departement versprei inligting oor 'n wye reeks infeksieuse en parasitiese siektes by wyse van artikels, pamflette, brosjures, boeke, video-opnames, rekenaarprogramme en kleurskyfies.


Prof J A W Coetzer

Die departement bied 'n verskeidenheid kort, vaardigheidsgerigte voortgesette onderwys-modules. Die Laboratorium Diagnostiese Reeks vir die verbetering van diagnostiese dienste, is byvoorbeeld in 1995 op die been gebring. Dié reeks bestaan uit verskillende modules, onder meer Toegepaste Veterinêre Bakteriologie en Mikologie, Toegepaste Veterinêre Ektoparasitologie en Protosoölogie, Toegepaste Veterinêre Helmintologie, Toegepaste Veterinêre Immunologie en Serologie, en Toegepaste Veterinêre Virologie. Daarbenewens word 'n voortgesette onderwys-module in Trekdierkrag in samewerking met die universiteite van Edinburgh en Fort Hare aangebied, en 'n kursus in Episoötiese Siektes in Afrika word in samewerking met die Onderstepoort Veterinêre Instituut van die Landbounavorsingsraad aangebied. Laasgenoemde kursus is van so 'n hoë standaard dat 'n aangepaste weergawe op versoek in die VSA, Noorweë en Nederland aangebied is. Sedert die instelling daarvan het ongeveer 300 studente verskillende modules van die Diagnostiese Reeks bygewoon en sertifikate daarvoor ontvang. 'n Nuwe konsep in nagraadse streeksonderwys in die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SADC) het gelei tot die ontwikkeling van 'n MSc-kursus in Tropiese Dieregesondheid en Voedselveiligheid vir die betrokke streek. Die departement speel 'n sleutelrol in die ontwikkeling en implementering van hierdie graadprogram.

Die departement se navorsing is in vyf temas, verskeie subtemas en 'n bykomende nietematiese kategorie ingedeel, naamlik perdesiektes, siektes van herkouers, siektes van wild en die sosio-ekonomie van siektes. Die personeel het gedurende die oorsigtydperk 152 referate gelewer en plaaslik en internasionaal verskeie kongresse bygewoon. Opsommings van 109 van hierdie referate is in geakkrediteerde tydskrifte of in die kongresverrigtinge gepubliseer. Vier hoofstukke is in verskillende boeke gepubliseer.

Die departementele personeel het verskeie toekennings gedurende die oorsigtydperk ontvang. Die Goue Medalje van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging is aan **proff Coetzer** en **I G Horak** toegeken. Die Bill Venter Literêre Toekenning (plaaslik) en die Malbrandt-Feunten-Toekenning van die Franse Veterinêre Akademie vir 'n boek van wêreldstandaard is aan **prof Coetzer** en sy mederedakteurs toegeken [**Coetzer J A W, Thomson G R, Tustin R C** en **Kriek N P J** (eds), 1994: *Infectious diseases of livestock with special reference to Southern Africa*]. **Prof Horak** was mede-outeur van 'n gesaghebbende werk oor bruinbosluise wat beskryf is as 'n besondere bydrae tot die literatuur oor bosluise en 'n gepaste blyk van die toegewydheid en vaardighede van die outeurs [**Walker J B, Keirans J E** en **Horak I G**, 2000: *The genus Rhipicephalus: a guide to the brown ticks of the world*]. **Prof R C Krecek** is deur die Landbounavorsingsraad benoem as Vrou van die Jaar 1998 en in 1999 verkies tot president van die World Association for the Advancement of Veterinary Parasitology (WAAVP). Sy en **prof B P Penzhorn** was die sameroepers van die 16de konferensie van die WAAVP wat in 1997 in Suid-Afrika gehou is, en gasredakteurs van die spesiale uitgawe van die wetenskaplike tydskrif, *Veterinary Parasitology*, ter herdenking van die konferensie.

Verskeie personeellede het hulle studieverlof in die VSA aan die Montana State University, die Colorado State University en die universiteite van Missouri en Wyoming deurgebring. Die personeel het ook as eksterne eksaminators in die toepaslike dissiplines vir veeartsenykunde fakulteite in die SADC-streek opgetree.

Internasionale kontakte word as onontbeerlik vir die handhawing van standaarde en internasionale mededingendheid beskou. Daarom is bande gesmee met die Sentrum vir Tropiese Veterinêre Geneeskunde in Edinburgh, met Pirbright, die veeartsenykunde fakulteite in Utrecht en Gent, en die universiteite van Wisconsin en Davis in Kalifornië. Op 'n meer persoonlike vlak was personeellede medewerkers in verskeie nagraadse en ander navorsingsprojekte saam met buitelandse instansies soos die Universiteit van Karlsruhe, die Humboldt-Universiteit in Berlyn, die Museum National d'Histoire Naturelle te Parys, Frankryk, en die Biosystematics and National Parasite Collection Unit in Maryland, VSA.

Prof J A W Coetzer
DEPARTEMENTSHOOF

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ad destinatum

1993-2000

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hoofstuk 4
Ondersteuningsdienste

Afdeling vir Gelyke Indiensneming

Agtergrond

Sedert 1994 was een van die Universiteit se strategiese prioriteite die daarstelling van 'n veel meer diverse werksmag, met die klem veral op swartmense, vroue en gestremde persone. Die afdeling wil die Universiteit 'n plek maak waar almal optimale geleenthede geniet om hulle potensiaal te verwesenlik en terselfdertyd die instelling se strategiese doelwitte te bevorder. Hierdie begeerte word weerspieël in die strategiese beplanningsdokument, *Op pad na die nuwe Millennium*, 1998-2001, die Drie-jaar Rollende Plan vir 2000-2002, en beleidsdokumente, insluitende die tussentydse beleid ten opsigte van gelykheid, billike indiensneming en diversiteit. Die Universiteit se Afdeling vir Gelyke Indiensneming (AGI) het in 1998 tot stand gekom. Die wet oor gelyke indiensneming (Employment Equity Act, No 55 van 1998 – hierna "die Wet" genoem) het 'n effektiewe instrument aan die Universiteit en die AGI gebied om die nalatenskap van die verlede te help afbreek en groter momentum aan die diversifisering van die personeelkorps te gee.

Gesagslyne en die rol van die AGI

Volgens beste praktyk is lynbestuur se aanvaarding van eienaarskap van gelyke indiensneming (GI) 'n kritieke suksesfaktor in die ontwikkeling en implementering van doeltreffende planne vir GI. Daarom is die AGI 'n magtigingseenheid wat direk aan **prof C R de Beer**, die viserektor rapporteer. Dus kan die afdeling kreatief met die Hoofbestuur, die Universiteit se menslike hulpbronnefunksie asook die dekane en direkteure meewerk. **Me Christine A Williams** is die hoof van die afdeling, en **me Gail van Breda** bied dataondersteuning. Hulle vorm 'n uiteenlopende, energieke span wat oor vaardighede beskik, onder meer vir die beplanning van 'n GI-strategie, menslike hulpbronne-beoefening, kommunikasie en die verskaffing van bestuursinligting. Die AGI se hooffunksie is om op gelyke en diverse indiensneming te fokus en om ondersteuning aan die korporatiewe en steundienstedepartemente of fakulteite te bied vir die ontwikkeling en implementering van hulle GI-planne. Tot op hede het die AGI se rol en verantwoordelikheid die fasilitering van konsultasie rondom GI ingesluit. Dit behels die beskikbaarstelling van inligting, navorsings- en konsepvoorstelle aan die GI-konsultasiestrukture; reëlings vir en die koördinasie van 'n ontleding van die huidige werksmag asook die beleid, prosedures en praktyk rondom menslike hulpbronne; die verskaffing van riglyne, data, analises en prosessteun aan lynbestuurders wat GI-doelwitte, numeriese teikens en strategieë moet ontwikkel. Verder bevorder die afdeling die implementering van strategieë, en sensiteer voortdurend die werknemers op alle vlakke ten opsigte van GI-kwessies.

Aktiwiteite en uitsette

Die AGI is op drie aktiwiteite toegespits: sensitering van die Universiteit vir die strategiese noodsaaklikheid van GI, die ontwikkeling van die Universiteit se eerste formele GI-Plan en eerste stappe in die implementering van die GI-Plan.

Die Universiteit het intensief oor 'n lang tydperk met werknemersorganisasies beraadslaag oor hoe belanghebbendes by die beplanning vir GI betrokke moet wees. Dit is nodig geag om die legitimiteit van die GI-Plan te bevestig, en om eienaarskap op korporatiewe vlak asook in die verskillende departementele mikro-omgewings te bewerkstellig. Die adviesraad wat hieruit voortgevloei het, naamlik die Forum vir Gelyke Indiensneming (FGI), sluit in die verteenwoordigers van al vier die werknemersorganisasies aan die Universiteit asook die Hoofbestuur. Die voorsitter is **prof De Beer**.

Sensitering van die universiteitsgemeenskap ten opsigte van gelyke indiensneming

Hoewel die sensiteringsproses deurlopend plaasvind, was dit veral intensief toe die GI-beplanningsproses geloods is. Dit het oa bekendstellingsbyeenkoms (road show) ingesluit waartydens personeellede geleentheid gehad het

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

om 'n basiese begrip te verkry van die bepalings van die Wet, die implikasies daarvan asook die redes vir die Hoofbestuur se verbintenis tot GI. Dié byeenkomste is ondersteun deur plakkate met bepalings van die Wet, artikels in die publikasies van die Universiteit asook aanbiedings tydens die Bemarkingsforum en strategiese beplanningsessies van verskeie fakulteite en steundienstedepartemente.

Ontwikkeling van die Universiteit se GI-Plan

Die eerste uitdaging vir die AGI was, in oorleg met die GI-Forum asook die optimale deelname van lynbestuurders, om die Universiteit in staat te stel om 'n uitvoerbare GI-Plan te ontwerp. Die GI-Forum het die beplanningsproses (vergelyk die diagram) goedgekeur, en dit is wyd bekend gestel om seker te maak dat die omvang van die werk wat vereis word nie onderskat word nie.



In **Fase 1** is begrip vir die huidige situasie ontwikkel. Eerstens is die onttrekking en ontleding van data wat betref die werksmag volgens ras, geslag, beroepskategorie en -vlak gedoen om die graad van onder verteenwoordiging in teikengroepe (swartes, kleurlinge, Asiërs, vroue en gestremdes) te bepaal. Daarop is 'n dokument voorberei ten einde eksterne geleenthede en bedreigings asook interne sterk- en swakpunte te bepaal. Daarna het 'n ontleding van prosedures, beleid en praktyk rondom menslike hulpbronne gevolg om knelpunte rondom indiensneming te identifiseer. Ter wille van objektiwiteit het 'n eksterne konsultant die voltooiing van hierdie gedeelte van die analise gehanteer. Die AGI het inligtingsessies gehou en die projek gekoördineer. Laastens is die fisiese werksomgewing en -fasiliteite ontleed om toeganklikheid vir gestremdes te bepaal. Hierdie projek is toegeken aan die Universiteit se Departement Arbeidsterapie en 'n eksterne konsultant.

Fase 2 en 3 behels die ontwikkeling van numeriese GI-teikens vir personeel volgens ras en geslag in alle poskategorieë en -vlakke asook doelwitte om praktyke rondom die Universiteits se menslike hulpbronne vir gelyke indiensneming te optimeer. Strategieë is geformuleer om die gaping tussen die bestaande en die toekomstige situasie te oorbrug.

Riglyne vir beplanning asook uitsetdokumente is ontwikkel om die formulering van GI-doelwitte, numeriese teikens asook konsolidasie daarvan deur dekane/direkteure te vergemaklik. Profieldate oor die werksmag, verwagte aftredes en verslae oor GI-analises is ingesluit. Inligtingsessies is vir dekane, direkteure en departementshoofde gereël. Intussen is begin met die opstel van die AGI-raamwerk en skryf van 'n dokument.

Die uitsette van die betrokke instansies is saamgevoeg. Probleme met die omskakeling van hierdie data in die besondere arbeidskategorieë en –vlakke wat die Departement van Arbeid vereis, is kreatief opgelos. 'n Eerste konsep van die GI-plan is in Mei 2000 aan die Hoofbestuur en die GI-Forum voorgelê. Volgens die beginsels oor teikens waartoe ooreengekom is, was 'n iterasie nodig voordat die teikens en strategieë afgehandel kon word. Ten spyte van die spertyd van die Staatsdepartement en die langsame konsultasieproses, is die voltooide plan betyds vir voorlegging op 1 Junie 2000 deur die Senaat goedgekeur.

Implementering van die GI-Plan

Die Universiteit se GI-Plan strek oor 'n wye front en spreek GI-uitdagings vir ongeveer 13 menslike hulpbronfunksies aan. Die plan bestaan uit 'n reeks breë strategieë. Die AGI bevorder 'n prosedure om hierdie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

strategieë in gedetailleerde taktiese planne op korporatiewe, fakulteits- en steundienstevlak om te sit, verantwoordelikhede toe te wys en oor sperdatums ooreen te kom. Dit impliseer dat die AGI eie aan die universiteitskultuur en 'n sleutelprestasie-area vir alle bestuurders sal word.


Prof C A Williams

'n Paar breë fokusgebiede is op grond van dringendheid en impak vir onmiddellike aandag uitgesoek, naamlik:

Werwing en seleksie: die GI-analise het bevind dat opleiding nodig sal wees om die bevoegdhede van bestaande (ervare) lede van die Universiteit se werwings- en keuringskomitees uit te brei met die oog op verhoogde effektiwiteit in die konteks van die wet oor gelyke indiensneming en die Wet op Arbeidsverhoudinge. Meer as 100 lede van hierdie werwings- en keuringskomitees het reeds hulle opleiding suksesvol voltooi. Opleiding sal steeds aangebied en uitgebrei word om in die behoeftes van nuwe lede van die genoemde komitees te voorsien.

Vestiging van 'n ontwikkelingsplan vir junior personeel: hierdie program sal die Universiteit help om sy eie akademiese personeel te ontwikkel. Uitstekende gegradueerdes sal geïdentifiseer word, en hulle kanse op suksesvolle voltooiing van nagraadse studie sal onder meer met behulp van beurse en mentorskap aangemoedig word. Op hierdie wyse kan hulle as akademiese of steundienspersoneel vir die Universiteit behoue bly. Die eerste groep deelnemers aan hierdie program asook hulle mentors sal vroeg in 2001 aangewys word.

Integrasie van GI in hoofstroom werwings- en keuringsbeleid en proseduredokumente: die sewe formele dokumente wat werwing en seleksie aan die Universiteit reguleer, word tans herskryf en deur die AGI saamgevoeg ten einde GI-oorwegings formeel in die hoofstroompraktyk te inkorporeer. Beleid en prosedures sal duidelik van mekaar geskei word en die voorgestelde gedesentraliseerde struktuur toegepas word. Die nuwe dokumente sal in 2001 gereed wees vir formele evaluering deur die Universiteit.

Groter toeganklikheid van universiteitsfasiliteite vir gestremde studente en werknemers: aansienlike bedrae is vir die volgende vyf jaar begroot om die Universiteit se fasiliteite meer toeganklik vir personeel en studente met fisiese gestremdhede te maak. Voordat hierdie projek 'n aanvang geneem het, is die betrokke personeellede van die Departement Fasiliteite en Dienste gesensiteer vir die probleme van fisies gestremde persone. Die werk op hierdie gebied verloop glad.

Me C A Williams
GI-BEAMPTE

Akademiese Administrasie

Strategiese bestuur

In die tydperk 1993-2000 is die klem deurlopend op die strategiese bestuur van die departement gelê. Gereelde beplanningsessies waarby afdelingshoofde en die Hoofde: Fakulteitsadministrasie betrokke was, is gehou. 'n Diensgerigte benadering waarin studente deurlopend as kliënte beskou en hanteer moet word, is gevolg.

Die departement is verantwoordelik vir verskeie senaatskomitees se insette in verband met die bepaling van lesing- en eksamenroosters, die goedkeuring van nuwe studieprogramme, regulasiewysigings, die vertolking van inligting uit die kwaliteitsversekeringskomitee en die voldoening aan die vereistes van die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid.

In lyn met geldende menslike hulpbronbestuurspraktyke het die ontplooiing van prestasiebestuur in 1993 by personeel op alle vlakke in die departement begin. Sodoende was die departement goed geposisioneer om die besluit van Hoofbestuur in 1999 uit te voer dat prestasiebestuur oral in die Universiteit ingefaseer moet word.

Gedurende 1999 het die konsultante PricewaterhouseCoopers 'n ondersoek na die werksaamhede van die departement ingestel. Die aanbevelings het daarop gedui dat die departement moet oorskakel na 'n proses-benadering in 'n nuwe studentgerigte diensleweringsmodel met duideliker gesagslyne in teenstelling met die funksionele benadering van die verlede. Gedurende 2000 is die pos van Adjunk-registrateur: Akademiese Administrasie omskep in die pos van Direkteur: Akademiese Administrasie. Die herstrukturering van die afdelings van die departement is ook begin om voorsiening te maak vir groter klem op kliëntekontak, selfhelpdienste vir studente en die deurlopende integrasie van verskeie prosesse.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Tegnologie-implementering

In die tydperk 1990-1995 is mikrorekenaars ontplooi en die verhoging van die vlak van rekenaargeletterdheid van alle personeel is begin. Voortdurende aanpassings moes aan stelsels aangebring word om voorsiening te maak vir groter eise as gevolg van die toename in die studentetal en die samewerkingsooreenkomste wat die Universiteit met buite-instansies aangegaan het.


Dr D D Marais

Sedert 1998 is bepaalde administratiewe dienste, soos eksamenuitslae, in lyn met die nuutste tegnologiese ontwikkelings, vir die eerste keer via die Internet en telefoonnetwerke aan studente beskikbaar gestel.

Gedurende 2000 is ondersoeke geloods na die implementering van nuwe inligtingtegnologië wat groter klem plaas op die integrasie van dienste en die benutting van nuwe ontwikkelings, byvoorbeeld skandering en webgebasseerde dienste.

Toelating en koshuisplasings

Ten einde die studentesamestelling van die Universiteit meer verteenwoordigend van die demografiese samestelling van die land te maak, is groter getalle swart, kleurling en Indiërstudente sedert 1993 toegelaat.

Die probleme wat landswyd met matriekuitslae ervaar is het die Universiteit genoop om in 1997 toelatingstoetse as alternatiewe roete vir toelating te aanvaar. Dit het aan dié studente wat keuring as gevolg van onbevredigende matriekuitslae verbeur het, die geleentheid gebied om deur middel van 'n toelatingstoets vir toelating tot hul beoogde studieprogramme te kwalifiseer. Ingevolge statutêre bepalings is matrikulasievrystelling steeds 'n vereiste vir toelating tot graadstudie.

Die koshuisplasingsbeleid word jaarliks met studente ooreengekom en vanaf 1995 word 'n kwotastelsel aangewend waarvolgens studente in koshuise geplaas word ooreenkomstig die bevolkingsamestelling op die kampus. Teen 2000 was die bevolkingsamestelling op die kampus 28% swart en 72% wit studente.

Studiefinansiering

In 1993 is die Koördinerende Komitee vir Studiefinansiering in die lewe geroep om beleidsaanpassings vir studiefinansiering te bestuur. In dieselfde jaar is die eerste bankleningskema begin ingevolge waarvan studente universiteitsgewaarborgde lenings by die Standard Bank van Suid-Afrika kon aangaan.

Sosio-politieke veranderinge in die land het die instelling van spesiale beurs- en leningsfondse deur die Universiteit genoodsaak om voorsiening te maak vir die finansiering van groter getalle behoeftige maar akademies verdienstelike studente.

In 1995 is fondse vir die finansiering van studente die eerste keer ontvang vanaf die Nasionale Studentefinansieringshulpskema wat ingevolge wetgewing as 'n statutêre skema ingestel is. Die skema word deur die Tertiary Education Fund of South Africa (TEFSA) geadministreer. In 2000 is R11,2 miljoen vir hierdie doel ontvang.

Die Koördinerende Komitee vir Studiefinansiering het reeds in 1993 aanbeveel dat beurswaardes deurlopend aangepas moet word om die Universiteit mededingend met ander universiteite te hou. In 2000 het die Hoofbestuur weer 'n nuwe voorgraadse beursskema goedgekeur en ook die nagraadse beursskema aangepas om beurse meer toeganklik vir alle nagraadse studente te maak en dus die groei in die nagraadse studentetal te stimuleer.

In die tydperk 1993-2000 is daar weer eens groter samewerking met buite-instansies gevestig ten einde die beskikbare studiefinansiering vir die Universiteit se studente te verhoog. In 1999 het die totale fondse vir studiefinansiering nagenoeg R74 miljoen beloop.

Grade en diplomas toegeken

Die toename in studentegetalle bring mee dat jaarliks soveel as 42 somer-, herfs-, winter- en lentepromosieplegtighede gehou word. Eredoktorsgrade is in 1997 toegeken aan **President Nelson Mandela** en **Hoofregter Ismael Mahomed** wat 'n mylpaal vergestalt het in die geskiedenis van die Universiteit as 'n instelling wat op hoëvlak opleiding aan 'n multikulturele Suid-Afrika fokus.

'n Ooreenkoms is in 1994 met die Nasionale Private Kolleges aangegaan ingevolge waarvan die Verdere Diploma in Onderwys in noue samewerking deur die twee instansies aangebied word. Tot en met 2000 is reeds 10 527 van hierdie diplomas by promosieplegtighede landswyd uitgereik.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In die tydperk tussen 1993-1999 is altesaam 39 930 grade en diplomas toegeken – 'n getal wat goed vergelyk met die 157 799 grade en diplomas wat sedert die ontstaan van die Universiteit in 1908 toegeken is.

Senior personeel

Dr D D Marais, Adjunk-registrateur: Akademiese Administrasie (1989-1999) en vanaf 2000 Direkteur: Akademiese Administrasie; **mnre J H van Heerden**, assistent-registrateur tot 1994; **A J Hauman**, assistent-registrateur vanaf 1995; **A J van der Walt**, Hoof: Studiefinansiering (1993-1997) en vanaf 1998 Projekleier: Akademiese Programme en Stelsels; en **dr M S Mataboge**, Hoof: Studiefinansiering 1998-2000 en vanaf 2000 Adjunk-direkteur: Studente-administrasie.

Dr D D Marais
DIREKTEUR

Akademiese Inligtingsdiens

Inleiding

Die tydperk 1993-2000 is gekenmerk deur die volgende:

Die vestiging van 'n nuwe bestuursfilosofie voortspruitend uit 'n organisasie-ontwikkelings- en transformasieprojek.

Die loodsing van 'n projek om die Akademiese Inligtingsdiens (AI) te evalueer.

Die formulering van 'n drie-jaar-rollende ontwikkelingsplan vir die AI en die kontraktering daarvan met Hoofbestuur.

Die ontwikkeling van 'n virtuele inligtingsdiens met gepaardgaande ondersteunende elektroniese stelsels en die web- en Internet-aflewering van dienste en produkte.

Die vernuwing van fisiese fasiliteite.

Die verhoging van die AI se statuur op nasionale en internasionale vlak; voortgesette groei in die gebruik van die AI se dienste en produkte.

Verhoging in kostes weens 'n drastiese verswakking in die wisselkoers van die rand teenoor die VSA dollar en Britse pond sterling.

Die inisiëring en bedryf van vennootskappe en ooreenkomste.

Nuwe bestuursfilosofie

Voortspruitend uit die evaluering van die AI in 1998 is die missie van die AI geformuleer as die bestuur van eietydse akademiese inligtingspraktyke en die fasilitering van kennisbestuurspraktyke as integrale elemente van die Universiteit se strewe na akademiese uitnemendheid en relevansie. Inligtingkundiges is meer doelgerig by die werksaamhede van akademiese departemente betrek. Daarbenewens is die inisiatief geneem om die Universiteit se uitdagings ten opsigte van kennisbestuur in die algemeen aan te spreek. Dit het onder meer gelei tot 'n Senaatsbesluit op 6 September 2000 dat verhandelings en proefskrifte in elektroniese formaat ingehandig mag word.

Die konsep van voorkeur-toekomsposisie (preferred future posision) is gevestig na 'n besoek aan die VSA deur die direkteur, **prof E D Gerryts**, en adjunkdirekteur, **prof H de Bruin**. Die uitgangspunt dat die personeel van die AI nuwe bevoegdhede en vaardighede moes ontwikkel om die AI na 'n nuwe posisie te neem, het gelei tot die ontwikkeling van 'n bevoegdheids- en uitsetgebaseerde vergoedingstelsel vir AI-personeel. Die implementering daarvan is egter vertraag toe 'n besluit geneem is dat 'n kampuswye prestasie-vergoedingstelsel vanaf 2001 sal geld.

Ingevolge die toepassing van 'n nuwe bestuursfilosofie is die bestaande hiërargiese struktuur deur 'n netwerkorganisasie met 'n diensoriëntasie vervang.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Figuur 1: Nuwe organisasiestruktuur: netwerkorganisasie met dienste-oriëntasie

Met die ondersteuning van 'n bedryfsielkundige, **prof J S Uys**, is 'n nuwe beheerstelsel gekenmerk deur 'n geïntegreerde en geïnternaliseerde visie- en waardestelsel ingestel. Bestuur is gedefunksionaliseer en 'n strategiese netwerkbestuursmodel is geskep met 'n span strategiekoördineerders wat deur die direkteur gelei is. Die realisering van strategiese doelwitte deur middel van toepaslike aksieprogramme en kliëntegerigte werksprosesse is aan tien dienseenhede toegesê. Ondersteunende eenhede vir inligtingstelsels en -tegnologie, finansies, fasiliteite en toerusting, en administratiewe dienste is in plek gestel. Spanne van dienseenhede en ander eenhede is bemagtig om die rolbeskrywings van personeel in spanverband uit te klaar. Kruisfunksionele spanne is ingestel om onder meer die aktiwiteite wat voorheen in funksionele departemente bedryf is, te koördineer.

Die AI se organisasie-ontwikkelings en -transformasieprogram het in 1997 besonder momentum gekry. 'n Interne bestuursberaad is op 6 en 7 Maart gehou; korporatiewe strategieë is onder leiding van **mnr G Steyn** van die firma RGA geformuleer, en interne fasiliteerders is opgelei om die toepassing daarvan in dienseenhede te fasiliteer. Om die kliëntefokus van die AI te verskerp, het **mnr C Pansegrouw** 'n kliëntedienstebestuurskursus in April 1997 aangebied.

Die AI se besluit om die gebalanseerde telkaart toe te pas (die eerste binne die Universiteit), sou verseker dat strategieë en aksieplanne ten opsigte van finansies, kliënte, werksprosesse en menslike hulpbronontwikkeling geïntegreerd en in tandem bestuur word. Dit het gelei tot 'n referaat by 'n internasionale konferensie oor prestasiebestuur in biblioteek- en inligtingsdienste (Northumberland, 1999) en 'n artikel in 'n erkende internasionale vaktydskrif.

Met die toepassing van die nuwe bestuursmodel en -filosofie het die AI nasionale en internasionele erkenning verwerf. Benewens 'n gesamentlike optrede met die Universiteit van Arizona by 'n konferensie van die Association of College and Research Libraries in die VSA in 1997, is referate by verskillende oorsese konferensies gelewer. 'n Video-opname van die AI se nuwe bestuursmodel is goed ontvang tydens 'n konferensie van die International Association of Technological University Libraries (IATUL) in 1998, wat by die Universiteit aangebied is, en is daarna op uitnodiging by verskeie universiteitsbiblioteke behandel.

Evaluering van die AI

In 1996 het die Universiteitsbestuur besluit dat projekte geloods moes word om steundienste te evalueer en korrektiewe en ontwikkelingsvoorstelle te formuleer. Dit het tot die Steundienste-Ontwikkelingsprojekte (SOP 1- en SOP 2-projekte) gelei. Die AI is nie by genoemde projekte betrek nie, maar op versoek van die direkteur het Hoofbestuur ingestem dat die AI 'n evalueringsprojek van stapel kon stuur. 'n Stuurkomitee met die volgende lede is aangewys: **prof J A Boon**, Direkteur: Telematiese Leer en Onderwys (voorsitter), **prof T Bothma**, Hoof:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Departement Inligtingkunde; **prof J Roode**, Direkteur: Skool vir Inligtingstegnologie; **prof B Fouché**, konsultant; **prof Gerryts**, Direkteur: Akademiese Inligtingsdiens (AI); **dr H Pienaar**, interne konsultant: AI; **prof De Bruin**, Adjunkdirekteur: AI; **me M Lee**, Leier: Dienseenheid Geneeskunde, AI as verkose personeelverteenwoordiger; **prof J W Grobbelaar**, Sekretaris van die Suid-Afrikaanse Universiteite se Kanseliersvereniging (SAUVCA); **me A Sutherland**, UP-Studenteraadslid vir Akademie; **me A Pienaar**, Adjunkdirekteur: AI, (sekretaris); **me M R Russell**, Leier: Dienseenheid Regsgeleerdheid, AI, as verteenwoordiger van UP se werknemersorganisasie, UPWO.


Prof E D Gerryts

Daarbenewens is onderstaande ses evaluasiepanele met ruim verteenwoordiging deur eksterne kundiges aangewys:

Inligtingstegnologie: **prof C W I Pistorius**, Direkteur: Departement Inligtingstegnologie en Instituut vir Tegnologiese Innovasie, UP; **dr M G de Kock**, Adjunkdirekteur: Tegniese en Ondersteuningsdiens, Biblioteekdiens, Universiteit van Vista; **me M T Brassel**, Dienseenheid Geneeskunde, AI; **me K Oosthuizen**, Inligtingstelsels en Tegnologie, AI; **me Y Roets**, Leier: Inligtingstelsels en Tegnologie, AI.

Kliëntediens en Bemarking: **prof A Schreuder**, Hoof: Departement Bemarkings- en Kommunikasiebestuur, UP; **me Russell**, Leier: Dienseenheid Regsgeleerdheid, AI; **me G Thomas**, Biblioteekdiens, Universiteit van Suid-Afrika (Unisa); **dr Pienaar**, interne konsultant, AI; **me Pienaar**, Adjunkdirekteur: AI.

Inligtingshulpbronne: **me D Mann**, Universiteitsbiblioteek, Universiteit van die Witwatersrand; **me S Veldsman**, Biblioteekdiens, Randse Afrikaanse Universiteit; **dr A Fiedeldey**, Department Sielkunde, UP; **me M Hammes**, Leier: Inligtingsbronne, AI; **me E Randall**, Leier: Dienseenheid: Natuurwetenskappe en Ingenieurswese, AI; **me E van der Westhuizen**, Leier: Dienseenheid: Veeartsenykunde, AI.

Fisiese Fasiliteite en Toerusting: **dr Steyn**, Buro vir Institusionele Navorsing en Beplanning, UP; **mnr P de Beer**, Departement Fisiese Fasiliteite en Tegniese Dienste, UP; **dr W Lubbe**, Assistentdirekteur, Finansies, Fisiese Fasiliteite en Administratiewe Dienste, AI.

Menslike Hulpbronne: **mnr R Moropa**, Adjunkdirekteur, Biblioteekdiens, Unisa; **dr F Potgieter**, Menslike Hulpbronbestuurder, Krygkor; **mnr J Beetge**, Departement Personeel, UP; **me Lee**, Leier: Dienseenheid Geneeskunde, AI; **prof De Bruin**, Adjunkdirekteur, AI; **me S Stolz**, AI.

Finansies: **prof D Gouws**, Departement Rekeningkunde, UP; **prof P Vermeulen**, Direkteur: Buro vir Institusionele Navorsing en Beplanning, UP; **mnr J S Nel**, Adjunkdirekteur: Departement Finansies, UP; **mnr N Shillinglaw**, Adjunkdirekteur: Biblioteekdiens, Unisa; **dr Lubbe**, Assistentdirekteur, Finansies, Fisiese Fasiliteite en Administratiewe Dienste, AI; **me Randall**, Leier: Dienseenheid: Natuurwetenskappe en Ingenieurswese, AI; **me Lee**, Leier: Dienseenheid Geneeskunde, AI; **me A van der Merwe**, Eenheid: Finansiële Administrasie, AI.

Om te verseker dat tersaaklike strategiese gesigspunte op die AI verreken word, is insette van die volgende persone verkry: **prof J van Zyl**, Visekanselier en Rektor, UP; **proff Boon, J Sinclair, S Marx** en **C R de Beer**, UP Hoofbestuur; **dr A W Paterson**, WNNR; AI senior Bestuurspan. **Mnr Steyn** van die firma RGA Consulting het as fasiliteerder en samesteller van die verslag opgetree.

Die verslag het die strategiese fokus van die AI onderskryf, naamlik om die primêre kliënte van die AI vir die kennissamelewing te bemagtig deur virtuele toegang tot inligting te verseker en hulle persoonlike inligtings- en kennisbestuurspraktyke te fasiliteer. Die betekenisvolle en fundamentele transformasie wat die AI reeds bewerkstellig het, is erken. Die verslag (p vii-viii) bevat onder meer die volgende algemene waarnemings: danksy die implementering van 'n suksesvolle transformasieproses is die AI binne UP en sy bedryf goed geposisioneer; die AI het "pionierswerk binne UP gelewer om moderne organisasiemodelle pragmaties te implementeer"; goeie vlakke van kliënttevredenheid bestaan; en die oorgang van tradisionele biblioteekdienste na 'n meer virtuele diens word in vennootskap met kliënte onderneem.

Die omvattende evalueringsverslag is met Hoofbestuur bespreek waarna ooreengekom is om 'n samevatting met 'n aksieprogram, gegrond op die belangrikste bevindinge en aanbevelings, vir voorlegging aan Hoofbestuur voor te berei. Dit het gelei tot die ontwerp van 'n drie-jaar-rollende vernuwingsplan 1999-2001 en die kontraktering daarvan met Hoofbestuur. Dit word sedertdien jaarliks opgedateer en vorm die basis vir die strategiese bestuur van die AI en die kontraktering van jaarlikse doelwitte met die toesighoudende viserektor. Die bestuursfilosofie soos sedert 1993 ontwikkel en hierbo beskryf, word in die vernuwingsplan weerspieël.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die ontwikkeling van 'n virtuele inligtingsdiens

Die grootste veranderinge en ontwikkelinge van die AI sedert 1993 is teweeggebring deur die AI se primêre fokus, naamlik om deur die kweek van goeie inligtings- en kennisbestuurspraktyke virtuele toegang tot akademiese inligting te verseker. Dit het onder meer gelei tot die ontwerp van 'n strategiese raamwerk vir die ontwikkeling van nuwe inligtingsdienste en -produkte; nuwe bevoegdhede en vaardighede by personeel; die herintegrering van werksprosesse; die beweging van papiergebaseerde na elektroniese inligtingsbronne; die ontwikkeling van stelsels vir die webaflewering van inligting; en die inisiëring van nuwe alliansies en vennootskappe met verskaffers en kliënte.

Die raamwerk het voorts voorsiening gemaak vir 'n hoofstrategie wat die Universiteit se visie van 'n virtuele kampus verreken en wat die AI by die Universiteit se nuwe Departement Telematiese Leer en Onderwys sal integreer asook vir algemene ondersteunende strategieë vir bestuur; bemarking en kliëntediens; inligtingstegnologie; menslike hulpbronne, inligtingsbronne, vennootskappe en besigheid. Noodsaaklike vernuwingsdoelwitte is ingevolge elke strategie uitgespel en in 1999 by die AI se rollende vernuwingsplan ingevoeg. Die ontwikkelingsgeskiedenis van die AI (1993-2000) is deur die toepassing van genoemde strategieë gerig en behels samevattend die volgende:

Kliënte- en bemarkingstrategie

Die tydperk 1993-2000 is gekenmerk deur die toepassing van 'n "net-betyds" ("just-in-time")-benadering in plaas van die "net in geval" ("just-in-case")-konsep van die verlede. Die diensverskuiwing vanaf besit na toegang het byvoorbeeld meegebring dat kompakskyfdatabasisse wat op UP-bedieners beskikbaar gestel is, vervang is met die beskikbaarstelling daarvan op die Internet. Die instandhouding van hierdie databasisse het na die verskaffers verskuif en nuwe ooreenkomste is met groot verskaffers soos Dialog, Web of Science en Cambridge gesluit.

In 1996-1997 het die Universiteit se Buro vir Institusionele Navorsing en Beplanning (BINEB) 'n opname gedoen om vas te stel hoe belangrik departementshoofde en dekane die verskillende steundienste by die Universiteit ag en hoe tevrede hulle is met die dienste wat gelewer word. Die AI is as die belangrikste ondersteuningsdiens met die hoogste kliëntetevredenheidsvlak uitgewys. Figuur 2 toon die bevindinge ten opsigte van die AI.



Figuur 2: Evaluering van AI deur dekane en departementshoofde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die gemiddelde belangrikheid en tevredenheid van dieselfde kliëntegroep met verskillende funksies van die AI was as volg:

	% Belangrikheid	% Tevredenheid
Inligtingverskaffing	96	82
Gebruikersopleiding	92	68
Inligtingversameling	96	82
Toegang tot fisiese fasiliteite	96	81
Inligtingstelsels	96	82
Totaal	**98**	**79**

Ter ondersteuning van die Universiteit se Telematiese Onderrigprogram is riglyne vir samewerking met akademiese departemente neergelê wat die elektroniese aflewering van studiemateriaal aan studente via die Internet vergemaklik. Die AI het onder meer die verantwoordelikheid vir sake soos outeursreg en die digitisering van die gereserveerde studieversameling aanvaar.

Om kliëntetevredenheid met die AI se produkte en dienste te bepaal, is 'n omvattende ondersoek per vraelys in 1998 onder kliënte gedoen. Oor die algemeen was kliënte tevrede en positief, maar uit die oop vrae het dit geblyk dat die rekenaarfasiliteite in die AI onvoldoende was. Dit het gelei tot: 'n ruim skenking deur die firma AdvTech om 'n Akademiese Kuberruimte op die toetredingsvlak van die Akademiese Inligtingsentrum te skep sodat kliënte dit soos 'n Internet-kafee kan benut. Die kuberruimte het gehelp om die beeld van die AI as 'n inligtingsdiens sonder grense te vestig en is op 12 Mei 1999 amptelik in gebruik geneem; 'n strategie om die Web as hoofafleweringsmeganisme te benut. Inligtingkundiges is heropgelei sodat hulle daarna insette kon lewer by die opstel van webbladsye en die koppeling van kursusmateriaal vir akademiese departemente; en 'n projek om diensvlakooreenkomste te skep wat beskikbare hulpbronne en kliëntebehoeftes optimaal met mekaar sal versoen. Die projek, gelei deur **prof A Schreuder**, hoof van die Departement Bemarkings- en Kommunikasiebestuur, sal einde 2000 afgehandel wees.

Wat die promosie van die AI betref, is verskillende aksies geloods om kliënte se bewustheid van die AI op te skerp. 'n Mini-simposium is op 9 September 1993 gehou en 'n elektroniese bord, geborg deur Absa Bank, is in Januarie 1996 in die ingangsportaal van die Akademiese Inligtingsentrum aangebring om belangrike gebeure en geleenthede aan te dui.

Die multikulturele samestelling van die gebruikerskorps het allerlei knelpunte meegebring. **Dr D Veldsman** het 'n projek insake multikulturaliteit gelei en **prof G Putt** van die Departement Bemarkings- en Kommunikasiebestuur het in Maart 1994 werksessies aangebied om personeel toe te rus vir die hantering van kommunikasieprobleme in 'n multikulturele omgewing. Begrip vir multikulturele verskille is opgevolg met die beklemtoning van 'n gemeenskaplike akademiese kultuur. In samewerking met die Studenteraad en verskillende komitees en verenigings op die kampus, is 'n Gedragskode, wat die optredes van studente rig, op 8 Januarie 1996 daargestel. Om begrip vir die AI se uitdagings in 'n uiters onstuimige inligtingsbedryf tuis te bring, is 'n omvattende uitstalling van 13-24 Mei 1996 gehou.

Verskeie geleenthede is geskep waar die AI sy deelname aan en leidende rol in die inligtingsprofessie kon uitbeeld. Op 28 en 29 Februarie 1996 het **prof H Rader**, van die Cleveland State University, 'n simposium oor gebruikersopleiding aangebied en van 7-10 Junie 1997 is die byeenkoms van die ULIS2 (Unification of Library and Information Services) by UP aangebied. Ongeveer 450 afgevaardigdes het dit bygewoon en op 10 Junie 1997 het die byeenkoms 'n hoogtepunt bereik met die stigting van 'n nuwe professionele vereniging, LIASA (Library and Information Association of South Africa), vir die biblioteek- en inligtingsberoep in Suid-Afrika.

Die direkteur se rol as raadslid van die International Association for Technological University Libraries (IATUL) het meegebring dat die AI die IATUL se jaarlikse konferensie van 1-5 Junie 1998 by die Universiteit kon aanbied. Ongeveer 200 afgevaardigdes uit 23 lande het dié uiters suksesvolle konferensie bygewoon, met die tema: The Challenge to be Relevant in the 21st Century.

Die integrering van die AI by akademiese departemente se opleidings- en navorsingsprogramme is bewerkstellig deur inligtingkundiges op deeltydse basis by departemente beskikbaar te stel. Inskakeling by veral die Bosbou en Landbou Biotegnologie Instituut (BLBI) en die Instituut vir Tegnologiese Innovasie was besonder suksesvol. By die Dienseenheid Gesondheidswetenskappe het alle inligtingkundiges betrokke geraak by die integrering van inligtingsdienste en opleiding in inligtingsgeletterdheid in die nuwe probleemgerigte onderrigmetodiek van die fakulteit.

As deel van die AI se strategie om gemeenskapsbetrokkenheid te bevorder, is 'n wye verskeidenheid uitstallings in samewerking met akademiese departemente, die Departement Bemarkingsdienste, ambassades en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

studentevereenigings aangebied. 'n Reeks van vyf uitstallings oor die Anglo-Boere-oorlog het 'n geleentheid gebied om van die AI se waardevolle Africana-materiaal ten toon te stel.

Verskeie waardevolle skenkings is by gepaste geleenthede in ontvangs geneem, onder meer waardevolle stukke uit die privaatbiblioteek van wyle **Hoofregter Rumpf**; bladmusiek en ander waardevolle items van **Mimi Coertse** en boeke uit die privaatversameling van **oud-minister, Magnus Malan**. Afskrifte van dokumente van die Rivonia-verhoor (wat deel was van die Rumpf-skenking) is op 7 September 1999 by 'n glansryke geleentheid in die Akademiese Inligtingsentrum aan die voormalige staatspresident, **mnr Nelson Mandela**, oorhandig.

Inligtingstelsels en -tegnologie

Die tydperk 1993-2000 is gekenmerk deur vinnige tegnologiese veranderinge en ontwikkelings; met die gepaardgaande opleiding van personeel en opgradering van apparatuur. 'n Goeie werkende vennootskap met die Departement Inligtingbestuur (later genoem Departement Inligtingtegnologie) was van kardinale belang in die voorsiening en ondersteuning van 'n inligtingtegnologie-infrastruktuur as voorvereiste vir die realisering van die AI se missie. Dié vennootskap is suksesvol verder uitgebou.

In 1993 is met meer terminale as mikrorekenaars (155 in totaal) begin, maar die tydperk in 2000 is met 344 Pentium rekenaars afgesluit (figuur 3). Die terminale is gedurende 1993 vervang met die oog op die implementering van die Erudite-biblioteekstelsel. Terselfdertyd is van die hoofraam posstelsel PROFS oorgeskakel na Pegasus-mail op mikrorekenaars. Daar is ook in dié tyd oorgeskakel na Windows 3.1. Gedurende 1993 het die koppeling van alle buitekampusse heelwat aandag geniet. Grootskaalse opgradering van werkstasies en oorskakeling na Windows '95 (Projek: Werkstasie) is in 1998 en begin 1999 geloods. Dit is op aanbeveling van UP se Inligtingstegnologiekomitee met 'n spesiale rektorstoekenning befonds. Gedurende 1999 is oorgeskakel na Netscape as die poskliënt.



Figuur 3: Tegnologie in gebruik: 1993 vs 2000

Die vervanging van die DOBIS/LIBIS-biblioteekstelsel is sedert 1991 grondig ondersoek. Na onder meer twee oorsese besoeke is op 'n plaaslike stelsel, Erudite, besluit as interim stelsel totdat meer gevorderde stelsels, wat oorsee in ontwikkeling was, beskikbaar sou wees. Erudite is gedurende die eerste helfte van 1994 in bedryf gestel. Met hierdie implementering is wegbeweeg van die hoofraam na 'n UNIX-gebaseerde stelsel, waar toegang via Telnet verkry word. In die tweede helfte van 1996 het GAELIC (Gauteng and Environs Library Consortium) as 'n projek van FOTIM (Foundation of Tertiary Institutions of the Northern Metropolis) tot stand gekom. Een van die eerste doelstellings van GAELIC (bestaande uit 11 universiteite en technikons in daardie stadium) was die verkryging van 'n gemeenskaplike biblioteekstelsel met die oog op hulpbrondeling. Die keuse het op 'n Amerikaanse stelsel, INNOPAC, van die maatskappy Innovative Interfaces Inc. geval. Implementering het binne GAELIC in fases geskied en die AI kon vanaf September 1998 tot Junie 1999 vanaf Erudite na INNOPAC oorskakel. Dit het byvoorbeeld meegebring dat kliënte die AI se katalogus via die World Wide Web kon gebruik en dat SABINET as gesamentlike katalogus van GAELIC gebruik kon word. Daardeur is die AI in staat gestel om meeste

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

databasisrekords vanaf SABINET, of WorldCat af te trek. Sedert die begin van 2000 kon gereserveerde of voorgeskrewe materiaal gedigitiseer en volteks via die katalogus op die Web aan kliënte beskikbaar gestel word. Sedert die tweede helfte van 2000 is aandag aan die moontlike byvoeging van die WNNR se databasis op INNOPAC geskenk.

'n Kompakskyf (CD-ROM)-netwerk wat die CD-Net stelsel van Meridian gebruik, was einde 1993 kampuswyd toeganklik. Die netwerk het vinnig uitgebrei en kompakskyftorings is ook op die mediese kampus (1994) en by Onderstepoort (1996) geplaas. Einde 1998 is die kompakskyftorings oorgeskakel na Linux en in 1999 is verdere uitbreidings aan die netwerk gestaak en die fokus was toe op die beskikbaarstelling van die databasisse via die wêreldwye web (World Wide Web). 'n Eie ERL (Electronic Reference Library)-bediener is vir dié doel in 2000 in bedryf gestel om toeganklikheid vir alle kliënte te bevorder.

Die RCL-fotokopiëringsnetwerk in die Akademiese Inligtingsentrum, die Canon-dienspunt in die Ou Chemie-gebou asook die Girovent-stelsel by die takbiblioteke in die HW Snyman- en die Basiese Mediese Wetenskappe-geboue is in Oktober 1994 met die Phonetstelsel vervang. As gevolg van die Canon-dienspunt se verskuiwing na die nuwe Studentesentrum in 1995 het Minolta in 1997 die kontrak oorgeneem. Na die totstandkoming van die rekenaarlaboratorium in die nuwe studiesentrum in 1996 is die Phonetstelsel ook vir toegangsbeheer gebruik. Losstaande punte in die Nagraadse Bestuurskool, Ingenieurstoring en Boukunde is sedert einde 1998 bedien en in 1999 is die Landboutakbiblioteek ook gekoppel. Teen einde 2000 is 'n ondersoek na 'n moontlike nuwe stelsel geloods.

Vanaf 1990 tot 1993 is die Merensky-1 as Netware-bediener vir die personeel van die AI gebruik. Dit staan vanaf 1994 bekend as ACINFO en vanaf November 2000 as AISNPER1. In 1994 het ROMINFO tot stand gekom as punt waarvandaan die kompakskyfnetwerk bedryf kon word. In 1995 het ROMINFO die eerste Netware 4-bediener op die kampus geword en het dit einde 2000 met AISNPER1 saamgesmelt. Die REPINFO Netware-bediener het in 1994 ontstaan vir die bedryf van die reprografiese netwerk en het na AISNCAM1 in 1999 verander. 'n Verdere Netware-bediener, naamlik BIBINFO, was in 1994 en 1995 in bedryf as koppelvlak na die Erudite-biblioteekstelsel.

In 1993 is 'n nuwe rekenaarkamer in die Akademiese Inligtingsentrum voorsien met spesiale lugreëling vir die bedieners. Die gebruik van eternet-kabels het in 1993 begin. Die laaste Arcnet-kabels is in die loop van 1996 en die laaste dun eternet in 1999 uitgefaseer. 'n Direkte DIGINET-lyn na die WNNR is einde 1994 voorsien vir koppeling na SABINET en die databasis van die WNNR. Die lyn is in 2000 na die hoof-rekenaarkamer met koppeling aan die Firewall geskuif.

Gedurende 1995 het die AI begin om die Web as inligtingsbron te benut en die eerste webtuiste van die AI is in Mei 1996 bekendgestel. Fenomenale groei is sedertdien in die aanbieding van inligting en dienste met behulp van die Web ondervind en teen 2000 het die AI oor 'n uitgebreide webtuiste beskik met 'n groot aantal personeellede wat bydraes daartoe lewer.

Menslike hulpbronbestuur

Die evaluasieverslag van 1998 lewer positiewe kommentaar oor die AI se progressiewe menslike hulpbronbestuurspraktyke en -stelsels in die algemeen. Daar word byvoorbeeld verwys na die spanbenadering wat geld; die bevoegdhede van personeel; pogings om 'n bevoegdheidsgebaseerde vergoedingstelsel te ontwikkel en die organisasie-ontwikkelings- en transformasieprogram wat gevolg word. Oor produktiwiteitsvlakke, belyning en die toewyding en motivering van personeel word positief berig.

Die voortdurende groei van die AI en die besnoeiing van personeel deur Hoofbestuur was volgens die verslag 'n knelpunt wat aangespreek behoort te word. Werkslading is as 'n probleem uitgewys en 'n opname het 11 personeellede uit 'n groep van 58 uitgewys as potensiele slagoffers van ooreising ("burn out"). Daar is bevind dat die AI daarin geslaag het om in vergelyking met ander Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke en ander steundienstedepartemente by die Universiteit, konserwatiewe vlakke aan personeelvoorsiening te handhaaf. Die postesamestelling 1993 - 2000 was soos volg:

Jaar	Permanente poste	Uurlikse personeel
1993	148	28
1994	154	58
1995	159	51
1996	185	52
1997	172	48
1998	156	58
1999	156	60
2000	164	60

Figuur 4: Postesamestelling 1993-2000

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Menslike hulpbronbestuur is in die tydperk 1993-2000 gekenmerk deur die impak van nuwe arbeidswetgewing; die rol van vakbonde; diversiteitsbestuur; die opgradering van poste as gevolg van nuwe posinhoude en die ontwikkeling van multivaardighede by personeel; groter gebruik van uurlikse personeel; die ontwikkeling van 'n bevoegdheids- en prestasiebestuurstelsel en die omskakeling van bestaande tydelik-deeltydse personeel na permanent-deeltydse personeel. Die toename in die aantal permanente poste (figuur 4) in 2000 is aan laasgenoemde toe te skryf.

Die inisiatief van die AI om 'n bevoegdheidsgebaseerde vergoedingstelsel te ontwikkel, het onder meer daartoe gelei dat die AI aktief betrokke geraak het by die Universiteit se ondersoek na 'n prestasiebestuurstelsel vir steundienste. Onder leiding van die direkteur is verskeie werksessies vir senior personeel van genoemde dienste aangebied.

Die leiers- en bestuurskorps van die AI was in 1993-2000 soos volg saamgestel:

Groep Bestuurspan (tot 1999): **prof Gerryts**, Direkteur; **prof De Bruin**, Adjunkdirekteur; **me Pienaar**, Adjunkdirekteur; **mnr Moropa**, Adjunkdirekteur vanaf aanstelling 1 April 1999; **mnr A de V Meintjes**, Adjunkdirekteur tot uitdienstreding 31 Januarie 1995; **dr Lubbe**, Assistentdirekteur vanaf aanstelling 1 September 1995 tot uitdienstreding 31 Augustus 1999; **me E Langkilde**, Assistentdirekteur tot aftrede 30 April 1996; **mnr Von B de V Otto**, Senior Bibliotekaris, Fisiese Fasiliteite en Toerusting tot aftrede 30 April 1993.

Span strategie-koördineerders: vanaf 1999 is gebruik gemaak van 'n stelsel van strategie-koördineerders. Die samestelling van die span was soos volg: **prof Gerryts** – Bestuurstrategie (Leier); **prof De Bruin** – Besigheidstrategie; **me Hammes** – Inligtingsbronnestrategie; **mnr Moropa** – Menslike Hulpbronstrategie; **me Pienaar** – Kliënte- en Bemarkingstrategie; **dr Pienaar** – interne konsultant; **me Roets** – Inligtingstegnologiestrategie.

Dienseenheidleiers: ingevolge die strategie van defunksionalisering en die skepping van dienseenhede vir verskillende marksegmente is dienseenheidleiers in plek gestel en hulle poste na posvlak 7 opgegradeer. Die volgende persone het as leiers opgetree: algemene dienste: **me H Kriel** tot Februarie 1997 en **me S Delport**; Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe: **me C Ward** en **me Kriel** vanaf Maart 1997; Geesteswetenskappe: **me M du Pisani**; Geneeskunde: **me Lee**; Landbou- en Biologiese Wetenskappe: **me A van Zijl** tot 31 Desember 1997; daarna is die span by die dienseenheid vir Natuurwetenskappe ingeskakel; Natuurwetenskappe en Ingenieurswese: **me Randall**; Regsgeleerdheid: **me Russell** tot 31 Desember 1998 en **me S A Schröder** vanaf Augustus 1999; Tandheelkunde: **me M van der Walt** tot Desember 1993 en **me S Marsh** vanaf Januarie 1994; Teologie, Opvoedkundige en Sosiale Wetenskappe: **me I Bartman** tot November 1998 en **me S Swanepoel** vanaf 1 September 2000; en Veeartsenykunde: **me Van der Westhuizen**.

Senior aanstellings: **dr Lubbe**, 1 September 1995; **mnr Moropa**, 1 April 1999.

Aftredes en bedankings: **mnr Otto**, 30 April 1993 (aftrede); **mnr Meintjies**, 31 Januarie 1995 (bedanking); **me Langkilde**, 30 April 1996 (aftrede); **me A M van Zijl**, 31 Desember 1997 (aftrede); **dr Lubbe**, 31 Augustus 1999 (bedanking); en **prof H de Bruin**, 30 September 2000 (aftrede).

Toekennings: die volgende personeellede het Universiteitstoekennings vir 25 jaar diens ontvang: **prof Gerryts**; **mnre L J Mokgonoane; J Mahlangu; me M Botes; mnre M K Mathabe; M P Maibelo;** en **R E Tönsing**.

Met **mnr Meintjies** se uitdienstreding 31 Januarie 1995 het **prof De Bruin** die verantwoordelikheid vir menslike hulpbronbestuur aanvaar. Onder sy leiding is goeie vordering gemaak met onder meer die ontwikkeling van 'n bevoegdheidsgebaseerde vergoedingstelsel en 'n ontwikkelingsplan vir menslike hulpbronne. Met **mnr Moropa** se aanstelling op 1 April 1999 het hy die volgende stategiese areas by **prof De Bruin** oorgeneem: diversiteitsbestuur; plan vir billike indiensneming; arbeidsverhoudinge; organisasieklimaat en -kultuur; werwing, keuring en indiensopleiding; en vaardigheidsontwikkeling.

Ingevolge die Wet op Billike Indiensneming (Employment Equity Act) het die AI sy plan vir billike indiensneming voltooi en in Mei 2000 aan die Universiteit voorgelê. Na aanleiding van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling (Skills Development Act) is leiers van die AI opgelei om riglyne te volg wat die toepassing van die Wet vergemaklik en wat die koppeling daarvan aan prestasievergoeding sou bewerkstellig. Onder leiding van **prof De Bruin** en **mnr Moropa** kon die AI daarin slaag om 'n goeie verstandhouding met werknemersorganisasies te ontwikkel.

Konferensies, referate en publikasies: verskeie personeellede het nasionale en internasionale konferensies op 'n gereelde basis bygewoon – byvoorbeeld die direkteur, **prof Gerryts**, wat in sy hoedanigheid as Raadslid en later visepresident van die International Association of Technological University Libraries (IATUL) moes konferensies en raadsvergaderings jaarliks bywoon. Sleutelverskaffers van die AI in Europa en die VSA is besoek en personeel van die dienseenhede vir Geneeskunde en Veeartsenykunde het konferensies van die Medical Library Association in die VSA en African Animal Information Specialists in Europa bygewoon.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Verskeie referate oor die AI se bestuur van organisasie-ontwikkeling en -transformasie is in die buiteland en plaaslik gelewer – onder andere deur **prof Gerryts** by die universiteite van Sheffield (1994) en Twente (1995) asook by die tegniese universiteite van Kreta (1999) en Gdansk (Pole) by geleentheid van die millennium-feesviering van dié stad in 1995; asook by konferensies in Northumberland (**dr Pienaar**) en Kopenhagen (**me Van der Westhuizen**). Meeste van die referate wat oorsee en plaaslik gelewer is, is gepubliseer. Aanvullend daartoe het personeel deur artikels in erkende vaktydskrifte bygedra tot die akademies-wetenskaplike beeld van die AI asook tot die erkenning wat die AI in die biblioteek- en inligtingsberoep geniet. Dit is bevestig deur verskeie kollegas se verwerwing van die Blackwells-reisbeurs; die verwerwing van die P C Coetzee-toekenning vir gevorderde navorsing in Biblioteek- en Inligtingkunde (**dr Pienaar**, 1996) en die MCB University Press se Literati Club Awards for Excellence 2000: Highly Commended Author Award (**dr Pienaar, mee Russell, Roets, Kriel** en **E Grimbeek**).

Besigheidsbestuur

Finansies: die totale begrotingstoekenning vir inligtingsbronne, bedryf en personeel het van R18 140 702 in 1993 tot R48 380 306 in 2000 gestyg.

Jaar	Inligtingsbronne	Bedryf	Personeel	Totaal
1993	R 8 000 000	R 870 135	R 9 270 567	R18 140 702
1994	R 9 911 735	R1 127 573	R10 147 618	R21 186 926
1995	R11 000 000	R1 285 600	R11 536 000	R23 821 600
1996	R13 500 000	R1 764 550	R14 060 000	R29 324 550
1997	R15 000 000	R2 073 336	R15 351 000	R32 424 336
1998	R16 200 000	R2 218 390	R15 022 875	R33 441 265
1999	R19 500 000	R2 577 503	R16 647 380	R38 724 883
2000	R24 000 000	R2 800 000	R21 580 306	R48 380 306

Figuur 5: Begrotingstoekennings 1993-2000

Die inventariswaarde van die AI se inligtingsbronversameling en die waarde van toevoegings tot die versameling was in 1993-2000 soos volg:

Jaar	Inventariswaarde	Toevoegings (Skenkings ingesluit)
1993	60 734 170	7 881 922
1994	68 409 534	8 529 356
1995	78 417 092	9 938 055
1996	91 367 402	12 973 668
1997	104 880 913	13 956 568
1998	118 716 241	13 837 439
1999	141 222 933	22 771 142

Figuur 6: Waarde van versameling

Personeelkoste: wat personeelvoorsiening en -vergoeding betref, het die evalueringprojek van 1998 interessante gegewens opgelewer. Daar is byvoorbeeld bevind dat: Voltyds Ekwivalent- (VE)-studente per VE-personeellid (127) die tweede hoogste is van alle ander residensiële universiteite in SA; VE C1-personeellede per VE AI-personeellid ook aansienlik hoër is as die de facto-situasie by ander universiteite; UP naas die RAU die laagste personeelkoste per VE-student het; die AI se personeelkoste as persentasie van die Universiteit se totale personeelkoste gunstig met ander universiteite vergelyk; die AI deurgaans redelik gunstig (dit wil sê matig ondervoorsien) met ander instansies vergelyk; en dat hoewel die aantal poste tot 1997 meer was as die Suid-Afrikaanse Na-sekondêre Opvoeding (SANSO) se voorsiening, dit teen 1999 tot minder as die SANSO-norm gedaal het. Die werklike uitgawes aan personeel was egter meer as wat volgens SANSO toegelaat is.

Nietemin was die gemiddelde vergoedingsvlak van die AI se C2-personeel in die tydperk 1990-1997 beduidend laer as vir die Universiteit se VE-C2-personeel in geheel en veral vir C1-personeel.

Fasiliteite: die volgende tendense het 'n belangrike rol in die verandering en uitbreiding van fisiese fasiliteite gespeel. Die stygende studentetal en 'n toename in die gebruik van dienste het bestaande fasiliteite toenemend onder druk geplaas. Die inskakeling van Medunsa se Veeartsenykundige-opleiding is 'n sprekende voorbeeld in hierdie verband.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die aanvanklike uitbreiding van onderrig te Witbank het die uitbreiding van die biblioteekfasiliteit tot gevolg gehad. In 1999-2000 is die fasiliteite drasties afgeskaal toe besluit is om die onderrigmodel te Witbank te verander. Ingevolge die uitbreiding van die Fakulteit Geneeskunde na Witbank is 'n eksterne dienspunt van die Dienseenheid Geneeskunde te Witbank voorsien. Met die klem op konnektiwiteit is gepoog om 'n bevredigende diens binne beperkte ruimte te lewer.

In die tydperk 1993-2000 is verskeie bouprojekte afgehandel; waaronder die volgende:

1993: heruitleg van vlak 2 van die Akademiese Inligtingsentrum (AIS) om die Dienseenheid Ekonomiese en Bestuurswetenskappe te huisves; en verbouings om ou bronne te akkommodeer by Dienseenheid Regsgeleerdheid, vlak 4 van die AIS.

1994: verskuiwing van die Bindery na die Suid-kampus; opknapping van oorstromingskade van vlak 1 van die AIS; vernuwing van die Landboubiblioteek; en die voltooiing van die nuwe Mediese Biblioteek.

1995: oorplasing van ouer materiaal van die Voorkliniese Biblioteek na die Mediese Biblioteek en heruitleg van hierdie biblioteek; opknapping van die Witbank-biblioteek; verskuiwing van die hoofingang en die herinruiming van vlak 3 van die AIS; heruitleg van vlak 2 van die AIS; en die aanbou van 'n studiesentrum.

1996: vergroting van die Musiekbiblioteek deur die inskakeling van drie aangrensende kantore.

1997: herinrigting van vlak 1 in die AIS.

1998: inruiming van 'n lokaal vir musieknavorsers, na die skenking van die **Mimi Coertse** partituurversameling by die **F Z van der Merwe** versameling; verskuiwing van 'n groot gedeelte van die Kultuurhistoriese Versameling na vlak 6 van die AIS; en die verskuiwing van die Hammanskraal-biblioteek na 'n groter lokaal.

1999: uitbreiding van Dienseenheid Regsgeleerdheid van vlak 4 na vlak 3 van die AIS.

2000: verskuiwing van Witbank-biblioteek en inrig van 'n mediese dienspunt by die Witbank-Hospitaal.

Die defunksionalisering van die AI en die uitbreiding van die inligtingstegnologie-infrastruktuur het 'n reeks kleinere veranderinge tot gevolg gehad.

Hoewel die AI volgens SANSO-norme behoort oor 44 359 toekenbare vierkante meter (TVM) te beskik, het 'n opname in 1998 aangedui dat die AI se werklike voorsiening slegs 21 721 TVM is. Vir beplanningsdoeleindes is op 'n afgeskaalde norm van 39 225 TVM besluit.

Inligtingsbronne

Gepaste, toeganklike inligtingsbronne bly steeds een van die AI se vernaamste bestaansredes. Die periode is gekenmerk deur 'n toename in elektroniese bronne (veral op die Internet), volgehoue geldbesteding, eksterne befondsing en groter samewerking om reg te laat geskied aan die virtuele fokus.

Die grootskaalse aanvaarding van die Internet het interessante verwikkelinge sedert 1995 tot gevolg gehad. Uitgewers en ander verskaffers het toenemend van die Web gebruik begin maak om dienste te lewer: 39 van die 80 verwysingsdatabasisse wat aanvanklik op CD-Rom bedryf is, is na die wêreldwye web oorgeskakel.

In 1998 is TYDS@TUKS geloods met die doel om binne vyf jaar 80% van die tydskrifte na die Web oor te skuif. Binne twee jaar is daarin geslaag om met R1,1 miljoen toegang tot 2 235 tydskrifte te koop. Daarbenewens is gratis toegang tot nog 5 481 tydskrifte ingevolge papierintekeninge en GAELIC-ooreenkomste verkry en is toegang beskikbaar tot 8 000 boeke in die African Digital Library wat deur die Wêreldbank befonds word. Die besteding aan inligtingsbronne het in die tydperk 1994-1999 tot R18 miljoen gestyg.



Figuur 7: Besteding aan inligtingsbronne

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die instandhouding van 'n basiese versameling inligtingsbronne impliseer hoë koste. Stygende pryse en 'n verswakkende binnelandse geldeenheid het die AI in 1993-2000 in moeilike situasies geplaas. Figuur 8 toon die verswakking in die rand se wisselkoers teenoor die VSA dollar en pond sterling en die styging in boek- en tydskrifpryse. Twee positiewe kenmerke was egter die toekenning van fondse om nuwe inisiatiewe te loods en gratis toegang tot elektroniese tydskrifte ingevolge skenkings van sowel die Open Society Institute of South Africa as die Nasionale Departement van Onderwys aan GAELIC.

Teen die einde van die tydperk wou dit voorkom asof die houvas wat uitgewers tot dusver op die navorsingsgemeenskap gehad het, besig was om te verkrummel. Die tendens van immer stygende tydskrif- en boekpryse het teenstrategieë ontlok, maar as gevolg van die verswakking van die Rand se wisselkoers is die AI kostegewys steeds swaar getref.



Ingevolge die AI se strategiese fokus om gaandeweg 'n "virtuele biblioteek" te skep, is gerieflike toegang tot verskillende biblioteke se bronne voorsien en webkoppelvlakke kon die indruk van een enkele biblioteek wek. Die AI was steeds die tweede grootste leweransier aan ander plaaslike biblioteke en het 219 686 items tussen 1993 en 1999 verskaf, en 121 047 items van ander Suid-Afrikaanse biblioteke ontvang. Lenings uit die buiteland het met 24 383 toegeneem, maar is vergemaklik deur die installering van die Ariel-stelsel waardeur die elektroniese versending van stukke moontlik gemaak is. Dit het die vertragingsprobleem wat met gewone posdiens ervaar is, opgelos. Boeke en tydskrifte in ander biblioteke het steeds 'n addisionele inligtingsbron gebied waarsonder verpligtinge teenoor kliënte nie nagekom sou kon word nie. Dit het die AI se beweging van 'n "net in geval"- na 'n "net betyds"-benadering duidelik geregverdig (vgl figuur 9).



Figuur 9: Omvang van jaarlikse interbiblioteeklenings

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ook die gebruik van die AI se versameling het voortdurend toegeneem, soos onder meer deur die aantal uitgeleende boeke weerspieël is.



Figuur 10: Boeke uitgeleen

Vennootskappe

Die AI se vermoë om die Universiteit se institusionele strategieë suksesvol te ondersteun, is deur die sluit van suksesvolle vennootskappe versterk. In Januarie 1994 is 'n UP-WNNR Inligtingsvennootskap (UWIV) gesluit en aansienlike besparings is deur inligtingsbrondeling en die uitskakeling van duplisering teweeggebring. Ingevolge die omvattende UP-WNNR-konvergensie wat in 1999 geloods is, het die AI en die WNNR se biblioteek- en inligtingsdiens verskeie werkspanne geaktiveer en werksessies gehou om 'n konvergensie van inligtingsdienste te bewerkstellig. In November 2000 is onder meer besluit dat die WNNR in die toekoms die Universiteit se INNOPAC-stelsel sou benut in plaas van om sy bestaande Erudite-stelsel met 'n afsonderlike eie stelsel te vervang.

Ingevolge 'n ooreenkoms wat op 28 Mei 1998 met die Landbounavorsingsraad onderteken is, word bronne en kundigheid gedeel. Sedert November 1999 benut die Waternavorsingskommissie byvoorbeeld die AI se inligtingsbronne vir die samestelling van Waterlit, 'n internasionale databasis van waterinligting. In ruil daarvoor kan die AI die databasis gratis benut.

Om die AI se posisie en rol in die internasionale en nasionale bedryf vir akademies-wetenskaplike inligting te bevorder, het sy vennootskapsverbintenis met verskaffers van inligtingsbronne en -dienste besondere aandag geniet. Koppelvlakke tussen hulle aanwending van die nuutste inligtingstegnologie en die AI se interne werksprosesse is herdefinieer en diensvlakooreenkomste ontwikkel.

Vanweë die verstewiging van Sabinet se rol in die Suid-Afrikaanse inligtingsgemeenskap, kon die AI sy dienste beter benut. Op 24 Februarie 1994 is 'n ooreenkoms met Viewcom (later AdvTech) gesluit om die beskikbaarheid van video's en rekenaarprogramme te bevorder.

Aan die einde van 2000 het die AI by die NDLTD-projek (National Digital Library for Thesis and Dissertations) ingeskakel wat vanaf die Virginia Tech-kampus in die VSA bedryf word. Daarvolgens sal UP-proefskrifte en -verhandelinge vanaf 2001 elektronies bewaar en internasionaal op die Web beskikbaar gestel kan word.

Deur sy betrokkenheid by die Association for Health Information and Libraries in Africa en die Dienseenheid Veeartsenykunde se Vet books for Africa-projek het die AI 'n belangrike bydrae gelewer tot die beskikbaarstelling van Veeartsenykundige-inligting in Afrika.

Ten slotte

Die tydperk 1993-2000 verteenwoordig die mees dramatiese veranderinge in die geskiedenis van die AI. Dit is teweegebring deur die impak van die inligtingstegnologie; die ontluiking van die kennissamelewing; en die toepassing van konsepte uit die moderne bestuurskunde ten einde 'n organisasie-ontwikkelings- en -transformasie strategie suksesvol te loods.

Prof E D Gerryts
DIREKTEUR

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Bemarkingsdienste

Prof M J C (Tienie) van Vuuren, die eerste direkteur van Bemarking het die diens van die Universiteit aan die einde van 1992 verlaat en is op 1 Maart 1993 deur **dr Johan Hendrikz** opgevolg. Op hierdie tydstip het die departement uit vier afdelings, elkeen met sy hoof, bestaan. Hoewel periodieke naamsveranderings in die betrokke afdelings voorgekom het, het die nuwe departement vir die volgende vyf jaar op sy kernfunksies van fondswerwing, alumnisake, skakeling, publikasies en studentewerwing gekonsentreer en daarin geslaag om die bemarkingskonsep en bemarkingstrukture by die Universiteit te vestig.

Op inisiatief van die Visekanselier en Rektor, **prof Johan van Zyl**, het die Universiteit besluit om 'n Steundienste-Ontwikkelingsprojek te onderneem met die doel om die effektiwiteit en koste-doeltreffendheid van die ondersteuningsdienste aan die Universiteit krities te evalueer en op die beste moontlike grondslag te plaas.


Dr J Hendrikz

Die bestuursvoorstelle, voortspruitend uit hierdie Steundienste-Ontwikkelingsprojek, is op 16 Februarie 1998 voorgelê. Die voorstelle het ingrypende aanpassings en strukturele veranderinge geverg en gepaardgaande personeelimplikasies vir die ondersteuningsdienste ingehou. Die departement is ingrypend herstruktureer om bemarking en kommunikasie op 'n meer professionele grondslag te plaas en hierdie funksies as strategiese bestuursfunksies aan die Universiteit te vestig.

Die departement is in 'n matriksorganisasiestruktuur georganiseer met 11 spesialiseenhede – elk met sy eie kernfokusareas. Die kommunikasiegerigte eenhede sluit die volgende in: kommunikasie-, publikasie- en mediabestuur, skakeldienste en kultuursake. Die bemarkingsgerigte eenhede omvat die volgende: bemarkingsbestuur en -navorsing, studentewerwing, alumnisake, fondswerwing, nuwe aansoeke van voornemende studente en die Universiteit se skakelbord.

Die posbenaming van die direkteur van bemarking is verander na Direkteur: Bemarking en Kommunikasie.

Die departement het 'n nuwe missie opgestel, naamlik om die Universiteit op nasionale en internasionale vlak te bemark; om 'n bemarkings- en kommunikasiefasiliteringsdiens aan interne belangegroepe te lewer, en om 'n bemarkings- en kommunikasie-ingesteldheid by die personeel en studente van die Universiteit te vestig.

Gedurende 1997 het die departement die gebou, wat vroeër as Dosentekantore II bekend gestaan het, betrek en is die naam van die gebou na Bemarkingsdienstegebou verander.

TuksAlumni

'n Besondere herlewing het gedurende die negentigerjare binne die geledere van die Universiteit se oudstudente plaasgevind. Op 8 Oktober 1993 is die vyftigjarige bestaan van die Bond van Oud-Tukkies met 'n feesdinee herdenk. Tydens 'n buitengewone algemene ledevergadering op 25 Maart 1996 het die Bond van Oud-Tukkies, 'n Artikel 21-maatskappy, amptelik ontbind en is 'n verteenwoordigende oudstudentevereniging, bekend as TuksAlumni, gestig. 'n Nuwe grondwet is tydens hierdie vergadering goedgekeur. Met die aanvaarding van die unieke TuksAlumni-embleem het 'n nuwe era vir oudstudente aangebreek.

TuksAlumni behou volgehoue kontak met alumni by wyse van nuusbriewe en ander media soos die glanstydskrif, *Tukkie*, brosjures, uitstalmateriaal en 'n eie webwerf op die Internet. In 2000 is 'n alumni nuusbrief, die *TuksAlumni Brief*, vir die eerste keer gepubliseer.

Die TuksAlumni-Jaarfonds is amptelik op 1 April 1998 bekendgestel. In 1999 het Projek 20/2000 ter ondersteuning van die TuksAlumni Beursfonds afgeskop. Dié projek stel oud-Tukkies in staat om 'n beursfonds van hulle keuse te ondersteun deur 'n bydrae van R20 per maand te maak. Die TuksAlumni-Jaarfonds is verder versterk deur die werwing van stigterslede, die Tukkiekredietkaart, die Kya Rosa-Huiskonserte en die TuksAlumni-Millenniumbal.

Op 25 November 2000 is een van die Universiteit se mees gevierde alumni, **dr Anton Rupert**, as Oud-Tukkie van die Eeu tydens die Millenniumbal vereer.

Korporatiewe Kommunikasie

Een van die belangrikste inisiatiewe van dié afdeling gedurende hierdie tydperk was die ontwikkeling van 'n omvattende korporatiewe kommunikasiestrategie vir die Universiteit.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Publikasies

Die amptelike publikasies van die Universiteit het 'n positiewe gedaantewisseling ondergaan met die vestiging van 'n eie, unieke huisstyl. Die afdeling se bedrywighede het verdere momentum gekry deur die elektroniese publisering van die Tukkie en Tukkievaria op die Internet.

Skakelaksies

Die twee besoeke wat voormalige **president Nelson Mandela** aan die kampus gebring het, was uitsonderlike hoogtepunte in die departement se skakelaksies. Op 4 Desember 1997 is 'n eredoktorsgraad aan **oud-president Mandela** toegeken. By dieselfde geleentheid het die Universiteit ook 'n eredoktorsgraad aan **hoofregter I Mahomed** toegeken – die eerste keer in die geskiedenis wat die twee hooffunksionarisse van Suid-Afrika gelyktydig vereer is. By 'n volgende besoek van **oud-president Mandela** op 7 September 1999, is 'n afskrif van die amptelike hofverrigtinge, wat betrekking het op die bekende Rivonia-verhoor, formeel deur die Akademiese Inligtingsdiens aan **dr Mandela** oorhandig. Hy het terselfdertyd 'n bundel koerantknipsels, wat rondom die Rivonia-verhoor verskyn het, ontvang.

Studentewerwing

Die Eenheid vir Voornemende Studente het besondere ywer gedurende die onderhawige tydperk aan die dag gelê om die Universiteit as 'n toeganklike instelling vir Suid-Afrika en al sy mense te herposisioneer. Die gevolg van hierdie inisiatief is dat die huidige studenteprofiel toenemend die demografiese samestelling van die bevolking weerspieël. 'n Eenstopdiens is in die departement gevestig sodat alle telefoniese- en posnavrae van voornemende studente doeltreffend hanteer kan word.

Bemarkingsforum

Die eerste Bemarkingsforum is in Januarie 1993 gereël en sodanige forums vind tans op 'n gereelde grondslag plaas om die Universiteitsgemeenskap ten opsigte van bemarkingsaangeleenthede te sensiteer.

Geïntegreerde bemarkingsmodel

Die moontlikheid van 'n gedesentraliseerde bemarkingsmodel is in 2000 onder die loep geneem en 'n nuwe, geïntegreerde model – waarby alle fakulteite en geïdentifiseerde departemente betrokke is – is vir die bestuur van bemarking en kommunikasie daargestel.

Bemarkingsbestuur

'n Bemarkingspesialis, asook 'n kundige op die gebied van bemarkingsnavorsing, is in die departement aangestel om oordeelkundige bemarkingsbeplanning te bevorder. Dit het bemarkingsnavorsing oor onder meer die Universiteit se produkreeks en kliëntepersepsies gestruktureer en op 'n wetenskaplike grondslag geplaas.

Fondswerwing

In 1992 het die Universiteit besluit om 'n doeltreffender struktuur vir die bemarking van die Universiteit tot stand te bring en die Afdeling Fondswerwing onder die Departement Bemarkingsdienste ingeskakel. In 1992 is die UP Stigting onder leiding van die Rektor, **prof P Smit** gestig en **me Anna Boshoff** is in 1993 as hoof van die Afdeling Fondswerwing aangestel.

Tydens die herstrukturering van alle steundienstedepartemente aan die Universiteit in 1998-1999 is die UP Stigting vervang deur die Eenheid vir Fondswerwing, een van elf eenhede van die Departement Bemarkings- en Kommunikasiedienste. **Mnr Johann Kriek** is op 1 November 1999 aangestel as Hoof: Fondswerwing en Alumnisake, aangesien hierdie twee eenhede se bedrywighede velerlei raakvlakke het. Die eenheid se personeel, wat uit drie senior bemarkingsbeamptes, een administratiewe beampte en 'n sekretaresse bestaan het, is in 2000 versterk toe 'n data-prosesseerder, 'n marknavorser en 'n voorleggingskrywer aangestel is.

Die University of Pretoria Fund met 'n eie raad van direkteure is in 1998 in die VSA gestig as 'n nie-winsgewende instansie om fondswerwing in die VSA te vergemaklik en korporatiewe donateurs aldaar die voordeel van belastingkortings op skenkings te bied.

Fondswerwing is 'n integrale deel van die funksionering van tersiêre onderwysinstellings en die Universiteit beskou dit as 'n kernfokusarea. Donateurs neem deel aan die ontwikkeling van hoër onderwysaksies, waarvan internasionale mededinging en plaaslike relevansie van die belangrikste elemente is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die eenheid koördineer die Universiteit se fondswerwingsaksies. Geregistreerde projekte bestaan uit akademiese ontwikkelingsprogramme en leerstoele, navorsingsprojekte en akademies-gefundeerde gemeenskaps-ontwikkelingsprojekte (wat sowel opleiding as navorsing insluit).

Fondswerwing het oor die afgelope paar jaar toenemend mededingend geraak. Die kwynende ekonomie het tot gevolg dat tersiêre inrigtings oorwegend aan dieselfde (beperkte) deure vir broodnodige befondsing moet klop. Ten spyte van die groeiende en strawwe kompetisie is die Universiteit egter in die gelukkige posisie dat hy om verskeie redes buitengewone welwillendheid by die donateurspubliek geniet.

Skenkings, wat ad hoc-skenkings vir beurse, algemene ontwikkelingsfondse, navorsingsfondse en fondse vir spesifieke gemeenskapsontwikkelingsprojekte insluit, word hoofsaaklik van donateurs in die volgende kategorieë ontvang: korporasies en maatskappye; individue en alumni; erflatings; en buitelandse skenkings (korporasies, stigtings, trusts).

Buitelandse skenkings het ook oor die afgelope vier jaar toegeneem, wat die vertroue in die Universiteit aandui. Alumnibetrokkenheid, veral deur middel van die 20/2000-projek vir beurse en skenkings aan die TuksAlumni-Jaarfonds het ook gedurende die afgelope twee jaar beduidend toegeneem. Vanaf 1993 tot einde 2000 is meer as R200 miljoen deur die eenheid ontvang.

Kultuursake

Die Kultuurburo, wat sedert 1992 as 'n onafhanklike entiteit bedryf is, is ingevolge die voorstelle van die Steundienste-Ontwikkelingsprojek in 1998 by die Departement: Bemarkingsdienste geïntegreer. Die Van Tilburg- en Van Gybland-Oosterhoff-versamelings is voorheen op 'n permanente basis in die Ou Lettere-gebou uitgestal, en die Villa-museum het op 31 Mei 1995 geopen.

Die ingebruikneming van die permanente Mapungubwe-uitstalling, die vestiging van 'n nuwe model vir koorsang op die kampus en die daarstelling van 'n restaurant by die Van Wouw-museum was ongetwyfeld uitstaande kultuurhoogtepunte.

Korporatiewe identiteit

In 1998 het die Universiteit met 'n toonaangewende ontwerphuis begin onderhandel om navorsing te doen en voorstelle te maak oor moontlike aanpassings in die korporatiewe identiteit en handelsmerkstrategie van die Universiteit. Aanbevelings in hierdie verband sal vroeg in 2001 oorweeg word.

Dr Johan Hendrikz
DIREKTEUR

Besigheidsaktiwiteite

Vestiging van kampusmaatskappye: agtergrond

Hoofbestuur, die Senaat en die Raad het die raamwerk vir die implementering van kampusmaatskappye gedurende Oktober 1999 goedgekeur. Die kampusmaatskappye moet as hulpmiddel/(verlengstuk) vir die dekaan dien om die nie-formele onderrigprogramme en kontraknavorsing binne sy/haar fakulteit te bestuur. Die doelwit met die stigting van die maatskappye was om inkomste vir die maatskappye, die Universiteit en personeellede te genereer; 'n oorkoepelende, koördinerende, ondersteunende en adviserende rol te speel by die produksie/aflewering van die onderskeie produkte van die Universiteit en die maatskappye; die akademie te ondersteun; die Universiteit se skakeling met die gemeenskap, die openbare en privaat sektor te bevorder; en om tot die Universiteit se beeld as professionele diensleweraar by te dra.

Die rol van die kampusmaatskappye is gesien as ondersteunend en koördinerend van aard. Dit moet dien as tussenvlak tussen die Universiteit en die privaat sektor, wat beteken dat daar slegs enkele spesifieke kontakpunte sal wees vir die entiteite wat sake met die Universiteit doen. Die Direkteur: Besigheidsaktiwiteite, **mnr J S J Nel** is getaak om die maatskappye te stig en te vestig.

Die belangrikste vereistes wat vir die raamwerk van die maatskappye gestel is, is die volgende: dit moet soos 'n privaat besigheid bestuur en bedryf word, met 'n kort besluitnemingsproses; dit moet binne die breë bestuurstrukture van die Universiteit gevestig word; handelinge moet die Universiteit se finansiële en ander risiko's beperk; en alle fakulteite, departemente, institute, buro's, sentra, eenhede en individuele personeel moet in beginsel die infrastruktuur vir tersaaklike doeleindes gebruik.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Vestiging van die maatskappye

Daar is besluit om 'n afsonderlike maatskappy te stig vir voortgesette onderrig (nie-formele onderrigprogramme). Aangesien hierdie maatskappy se aktiwiteite nou verwant is aan die Universiteit se kernbesigheid, is inkomstebelastingvrystelling verkry vir hierdie maatskappy, op voorwaarde dat die Universiteit al die aandele besit. Die maatskappy is onder die naam "Continuing Education at University of Pretoria (Pty) Ltd" (CE at UP) geregistreer.

As gevolg van die wye verskeidenheid dissiplines betrokke by kontraknavorsing, is besluit om drie maatskappye te stig wat georganiseer sou word onder 'n beheermaatskappy, "Enterprises at University of Pretoria (Pty) Ltd". Die eerste van dié drie maatskappye staan bekend as: "Research Enterprises at University of Pretoria" (RE at UP) en is verantwoordelik vir die kontraknavorsing en besigheidsaktiwiteite in die natuurwetenskappe (behalwe die gesondheidswetenskappe). Die tweede maatskappy staan bekend as "Health Enterprises at University of Pretoria" (HE at UP) en is verantwoordelik vir die kontraknavorsing en besigheidsaktiwiteite in die gesondheidswetenskappe. Die derde maatskappy, "Business Enterprises at University of Pretoria" (BE at UP), is verantwoordelik vir die kontraknavorsing en besigheidsaktiwiteite in die geesteswetenskappe. 'n Skematiese voorstelling van die maatskappystrukture is soos volg:



RE = Research Enterprises
HE = Health Enterprises
BE = Business Enterprises

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Aanstelling van direksies

Aangesien die kampusmaatskappye as hulpmiddel dien vir die aktiwiteite wat die verantwoordelikheid is van die dekane, is hulle derhalwe aangewys as direkteure op die direksies van die maatskappye wat hulle dissiplines verteenwoordig. Die direksies is verder versterk met ander kundiges soos die Direkteur: Finansies en die Registrateur. Die Besturende Direkteur van Enterprises at UP, **mnr Nel**, het sitting op alle direksies.

Besturende direkteure is vir al die maatskappye aangestel. Vir elke maatskappy is 'n bestuurskomitee vanuit die direksie aangewys wat die besturende direkteur met die bestuur van die maatskappy moet bystaan.

Inbedryfstelling: CE at UP (Pty) Ltd

In die ingenieursomgewing was voortgesette onderrig reeds vir 'n aantal jare in 'n maatskappy met die naam LGI (Edms) Bpk gevestig. As 'n eerste stap het die Universiteit al die aandele van LGI teen die netto batewaarde daarvan gekoop. Daarna is die personeel en stelsels na CE at UP oorgeplaas om die ruggraat van voortgesette onderrig te vorm.

Prof Antonie de Klerk is as eerste besturende direkteur aangestel. 'n Besigheidsplan is deur die direksie goedgekeur en implementering het 'n aanvang geneem op 1 Maart 2000. Samesprekings het met alle fakulteite plaasgevind en vanaf 1 Januarie 2001 behoort alle voortgesette onderrigprogramme onder administratiewe beheer van CE at UP te ressorteer.

Inbedryfstelling: RE at UP (Pty) Ltd

RE at UP het begin met die kontraknavorsing van ingenieurswese wat reeds binne LGI bedryf is. Soos hierbo genoem, het die Universiteit al die uitgereikte aandele van LGI gekoop, die naam verander na RE at UP en die maatskappy se aktiwiteite uitgebrei na die Fakulteit Ingenieurswese, die Bou-omgewing en Inligtingtegnologie asook die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe. Aangesien die Fakulteit Veeartsenykunde van mening was dat hulle aktiwiteite nou verwant is aan die natuurwetenskappe, het hulle besluit om ook by RE at UP in te skakel. 'n Gesekondeerde personeellid van die WNNR, **dr R Milford**, is aangestel as waarnemende uitvoerende hoofbestuurder van RE at UP (Pty) Ltd.

Mnr J S J Nel

Inbedryfstelling: BE at UP (Pty) Ltd

Die eerste uitdaging hier was om die aktiwiteite van Statomet na BE at UP oor te plaas. **Mnr Deon Herbst** is as besturende direkteur aangestel en goeie vordering is gemaak om die maatskappy binne die betrokke fakulteite te vestig. Hierdie onderhandelinge is gedurende Februarie 2000 afgehandel. BE at UP het op 1 Maart 2000 begin sake dryf.

Interessante besigheidsverbintenisse het sedert 1 Maart 2000 tot stand gekom, naamlik: 'n maatskappy is gestig waarin BE at UP 50% van die aandele besit en Sanlam die ander 50% – Stratoscience (Pty) Ltd. Hierdie maatskappy is verantwoordelik vir die bemarking van die Client Conservation Model wat oor 'n aantal jare in samewerking met Sanlam ontwikkel is. LIMRA, die wêreldwye vereniging van lewensversekeraars, was uit die staanspoor besonder opgewonde oor die produk en het belangstelling daarin getoon om dit wêreldwyd onder sy lede te bemark.

Prof Adré Schreuder, voormalige departementshoof in Bemarkings- en Kommunikasiebestuur, het bedank om voltyds aandag aan sy maatskappy Consulta Research (Pty) Ltd te skenk. **Prof Schreuder** het homself as een van dié bemarkingkundiges in Suid-Afrika onderskei. Dit was vir die Universiteit belangrik om 'n verbintenis met hom te behou en daarom het BE at UP 'n belang van 40% in Consulta Research (Pty) Ltd gekoop. Die Universiteit het ook vir **prof Schreuder** 'n aanstelling as buitengewone professor in die Departement Bemarkings- en Kommunikasiebestuur aangebied.

Inbedryfstelling: HE at UP (Pty) Ltd

As 'n eerste stap word die moontlikheid ondersoek om die diensleweringskomponente van die Instituut vir Patologie deur hierdie maatskappy te laat plaasvind. Die volgende stap sal wees om alle kontraknavorsing binne die gesondheidswetenskappe ook deur hierdie maatskappy te laat plaasvind.

Mnr J S J Nel
DIREKTEUR: BESIGHEIDSAKTIWITEITE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Buro vir Institusionele Navorsing en Beplanning (BINEB)

Die Universiteit het reeds in 1984 besef dat sekere prosesse en meganismes nodig is om die stand en status van die Universiteit se rol binne 'n veranderde Suid-Afrikaanse samelewing te bepaal. Die ouditeursfirma Coopers en Lybrand is gekontrakteer om die posisie van die Universiteit in hierdie verband te ondersoek. Die resultaat was 'n intensiewe institusionele selfevaluering in 1986 wat 'n omwenteling in strategiese beplanning by die Universiteit tot gevolg gehad het. Die Raamwerk vir Strategiese Beplanning: 1993-1997 is na dié selfevalueringsoefening geformuleer. Strategiese beplanningswerksessies aan die begin van elke akademiese jaar, waarby die Hoofbestuur, dekane en direkteure van steundienste betrek word, is sedert 1987 gehou waartydens strategiese fokusse geïdentifiseer en aksiestappe beplan word.

'n Integrale deel van die strategiese beplanningsproses noodsaak 'n voortdurende bewustheid van interne en eksterne faktore waarop die Universiteit tydig en proaktief moet kan reageer om relevant en op die voorpunt binne die Suid-Afrikaanse hoër onderwys omgewing te wees en ook om internasionaal mededingend te bly.

Die Universiteit se bewustheid van die veranderde kulturele, politieke en ekonomiese omgewing sedert die vroeë 1990s en die regstreekse of onregstreekse invloed wat dit op die hoër onderwysstelsel kan uitoefen, het tot die proaktiewe totstandkoming van die Buro vir Institusionele Navorsing en Beplanning (BINEB) in Oktober 1993 gelei.

Die voormalige rektor, **prof P Smit**, het **prof P J (Pieter) Vermeulen**, wat op daardie stadium aan die Departement: Meganiese Ingenieurswese verbonde was, as die eerste direkteur van BINEB aangestel – aanvanklik op 'n gedeelde basis van 1 Oktober 1993 tot 31 Desember 1993, maar vanaf 1 Januarie 1994 op 'n permanente grondslag. Die kernpersoneel is van die Afdeling: Bestuursinligting onder die Direkteur: Inligtingsdienste na BINEB oorgeplaas, en het bestaan uit **mee M M Oosthuizen, E van Wyk, B van Staden** en **K Coetzer**. Die Buro is vanaf 1 Oktober 1993 tot 31 Desember 1994 as 'n steundiensdepartement binne die Kantoor van die Registrateur bedryf. Sedert 1 Januarie 1995 is BINEB egter as 'n volwaardige afsonderlike steundiensdepartement erken met rapportering aan die rektor.



Prof P J Vermeulen

Bestuursinligting speel 'n belangrike rol in effektiewe en doeltreffende besluitneming. BINEB voorsien aan Hoofbestuur en die senior bestuurders van die Universiteit inligting rakende alle aspekte van studente-aktiwiteite soos aansoeke, toelatings en inskrywings vir studieprogramme, vakkeuses, sukseskoerse, slytasiekoerse en graduerings koerse. Die kwaliteit van nuwelingstudente speel ook 'n belangrike rol by die mate van sukses wat studente in hulle betrokke studierigtings kan behaal en BINEB is daarom betrokke by sodanige kwaliteitsondersoeke.

Die buro het die ontwikkeling en implementering van 'n normgedrewe personeeltoedelingsmodel vir akademiese personeel in 1996 bemiddel. Die model is uniek en baie ander hoër onderwysinstellings in Suid-Afrika het belang daarin gestel. Die model het aanleiding gegee tot die bepaling van optimale student-tot-dosent verhoudings gegrond op 'n mikro-tydstaatanalise van al die onderrigaktiwiteite wat met die onderrigproses verband hou. Hierdie model het die Universiteit in staat gestel om menslike hulpbronne vir die onderrig en navorsingsfunksies, binne bepaalde beperkinge, effektiewer toe te deel.

Institusionele navorsingsprojekte, wat op die Universiteit as instelling betrekking het, word na aanleiding van spesifieke versoeke van Hoofbestuur geïnisieer. So het BINEB verslae aan Hoofbestuur voorgelê oor onder meer: optimale ruimtebenutting; die effektiwiteit van ondersteuningsdienste; huisvesting aan studente; die hersiening van klasgelde en SANSO-krediete; 'n gedesentraliseerde begrotingstelsel; die salarisse van permanent-voltydse C1-personeel; en die vraag na en aanbod van onderwysopleiding tot die jaar 2005. Hierdie ondersoeke het tot bestuursbesluite met 'n groot invloed op die bedryf van die Universiteit bygedra.

Die veranderde hoër onderwysomgewing stel nuwe eise aan alle hoër onderwysinstellings en die Departement van Onderwys vereis dat instellings jaarliks vanaf 1998 driejaar rollende planne moet indien. BINEB speel 'n belangrike rol in die samestelling en koördinering van die voorgeskrewe driejaar rollende plan van die Universiteit. Die ontwikkeling van 'n nuwe finansieringsmeganisme deur die Departement van Onderwys plaas nuwe verantwoordelikhede op universiteite en veral op BINEB om die finansiële impak daarvan op die Universiteit te bepaal.

Die kundigheidsvlakke wat van die personeel van BINEB vereis word, is besonder hoog en sluit in grondige kennis van die operasionele werking en bestuurstrukture van 'n universiteit, die Suid-Afrikaanse Na-sekondêre Onderwys

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(SANSO) inligtingstelsel en hoëvlak programmering. Hierdie unieke vaardighede dra by tot die wisseling van personeel by BINEB vanweë die vraag na buite en so moes die Universiteit mettertyd die uitmuntende dienste ontbeer van **mee Oosthuizen, Van Wyk, Coetzer, mnre M Kruger, C R Venter, mee L van der Heever, M Dreyer** en **I Venter** asook van **dr A G W Steyn** as Institusionele Navorser.

Die huidige personeel in BINEB is **prof Vermeulen**, **mee Van Staden, G Vogler, C Kriel** en **A de Bruyn** as senior analiste en **me S Wessels** as sekretaresse.

Prof P J Vermeulen
DIREKTEUR

Eenheid vir Gevorderde Studie

Hierdie eenheid het op 1 Maart 1999 tot stand gekom onder hoofskap van **prof Niko Sauer** wat voorheen dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe was.


Prof N Sauer

Die doel met die eenheid is om voorfront-navorsing binne enige akademiese konteks te bevorder, veral studie wat die tradisionele afbakenings van dissiplines transendeer.

Prof Niko Sauer
HOOF

Eenheid vir Kwaliteitsversekering

Die eenheid het op 1 Maart 2000 onder hoofskap van **prof A P du Toit** (voormalige hoof van die Departement Filosofie) tot stand gekom. Die ander lede wat vir 'n gedeelte van hul tyd na die eenheid gesekondeer is, is **prof P A Richards** (Departement Anatomie), **dr R Gauton** (Departement Afrikatale) en **mev S Sello** (Departement Afrikaans). Die eenheid ressorteer onder die Kantoor van die Rektor en **prof Du Toit** se kantoor is in die Geesteswetenskappegebou. As hoof van die eenheid doen hy verslag aan 'n viserektor en/of die rektor.

Die doelstellings van die eenheid is die uitbouing, monitering en kwaliteitsversekering van die Universiteit se totale aanbod en die standaard van kwalifikasies, ten einde te verseker dat die Universiteit sy regmatige plek as internasionale leier op die gebied van die hoër onderwys kan volstaan. Die kwaliteitsversekeringsisteem aan die Universiteit word dus sentraal bestuur met die oog op die uitbouing van die kurrikulum, die ontwikkeling van akademiese sowel as nie-akademiese personeel en die monitering van voor- en nagraadse modules en programme, navorsing en ander akademiese aktiwiteite.

Hierdie sisteem is geïntegreer by die administratiewe departemente, fakulteite en skole wat die grootste verantwoordelikheid dra vir jaarlikse monitering, validering en hersiening.

Prof A P du Toit
HOOF

Fasiliteite en Dienste

In 1993 het die naam van die Departement Fasiliteite Beplanning en Bedryfsdienste verander na Departement Fasiliteite en Dienste. Die aantal afdelings het van vyf na drie verminder, en sekere funksies is opnuut gegroepeer. Die drie afdelings en hoofvertakkings van die departement is: Huisvesting en Voedseldienste, Tegniese en Bedryfsdienste, en Eiendomme en Fasiliteite. **Mnr L N Boshoff** is sedert 1 April 1991 direkteur van die departement en die adjunkdirekteurs van die onderskeie afdelings is **mnre D J Verster**, (Huisvesting en Voedseldienste) **P J Strachan**, (Tegniese en Bedryfs Dienste) en **G C O Scholtz** (Eiendomme en Fasiliteite).

In die tydperk 1993-2000 was die departement ook by die Steundienste-Ontwikkelingsprojekte (SOP) betrokke. Tegniese en Bedryfsdienste is onder SOP I afgehandel en in die proses is die tegniese dienste-, terreindienste- en skoonmaakdienstefunksies uitgekontrakteer. Wat huisvesting en voedseldienste betref, is koshuisskoonmaakdienste tydens SOP I ook uitgekontrakteer. Koshuisvoedseldienste asook die eiendomme- en fasiliteitefunksie word onder SOP II hanteer wat nog nie afgehandel is nie. Hierdie funksie sluit in die voorsiening van fisiese fasiliteite, asook die oprigting en aankoop van nuwe fasiliteite en die herindeling van bestaande fasiliteite ten einde aan veranderde behoeftes en/of vereistes te voldoen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Fakulteit Geneeskunde

Die nuwe Pretoriase Akademiese Hospitaal: die voortsetting van die projek (wat reeds in 1981 van stapel gestuur is), is aan die einde van 1992 goedgekeur. Dié projek maak voorsiening vir 'n 1 200-bed Akademiese Hospitaal, met 730 beddens in die bestaande hospitaal en 470 beddens op die nuwe perseel noord van die bestaande hospitaal.

Kort voor die verkiesing in1994 was daar weer bedenkinge oor die noodsaaklikheid van die projek en die WNNR is benoem om 'n ondersoek in dié verband te doen. Die bevinding was dat 'n 1 200-bed akademiese hospitaal wel noodsaaklik is, maar dat slegs 800 beddens op die perseel noord van die bestaande hospitaal ingerig moet word en dat die oorblywende 400 beddens óf in Mamelodi óf in die Mpumalanga Provinsie óf in die Noordelike Provinsie voorsien moet word.

In Oktober 1996 het die provinsiale owerhede van Gauteng die professionele konsultante opdrag gegee om die opgradering van die bestaande 730 beddens tot akademiese standaard te staak en die 470 beddens in die nuwe struktuur tot 750/800 beddens uit te brei. 'n Vyfjaar-konstruksieprogram is vir dié projek goedgekeur.

Die verwagte eindkoste word op R501 410 000 geraam waarvan die Universiteit se *pro* rata-aandeel (17,679%) op ongeveer R88 650 000 te staan sal kom. Van hierdie bedrag sal die Staat na verwagting 85% finansier terwyl die Universiteit uit eie fondse 15% sal bydra. As die bouprogram oorskry word, sal die eindkoste uit die aard van die saak hoër wees. Bo en behalwe voormelde bedrae het die Universiteit ook R16 miljoen begroot vir meubels en toerusting vir sy gedeelte van die projek.

Huis Olympus: die Universiteit het hierdie koshuis vir mediese en tandheelkunde studente onmiddellik wes van die nuwe akademiese hospitaal opgerig op grond wat by wyse van 'n langtermynhuurkontrak van die Provinsie gehuur word. Die koshuis is in 1995 in gebruik geneem en maak voorsiening vir die huisvesting van 200 studente (mans en dames) in woonsteleenhede met parkeergeriewe. Die koste het R9,08 miljoen beloop en die Universiteit het dit uit eie bronne gefinansier.

Huis Hippokrates: Huis Olympus kon nie in al die behoeftes voorsien nie en daar was steeds 'n groot waglys van studente wat dringend huisvesting verlang het. Gedurende Mei 1996 het dit onder die Universiteit se aandag gekom dat die Nimmersat Ouetehuis (Erf 237 in Riviera) te koop is. 'n Ondersoek ter plaatse het aan die lig gebring dat die eiendom besonder gunstig ten opsigte van beide die Geneeskunde en Tandheelkunde Fakulteite geleë is, dat dit relatief nuut is en netjies vertoon, dat dit sonder groot aanpassings as 'n koshuis ingerig kan word en akkommodasie aan ongeveer 174 studente kan bied. 'n Aanbod van R16 miljoen is aanvaar en die oordrag het op 2 Augustus 1996 plaasgevind. Die oordragkoste het R45 908 bedra, en noodsaaklike herindeling en opgradering het 'n verdere R462 500 beloop.

'n Gastehuis vir die fakulteite Geneeskunde en Tandheelkunde is in 1994 voltooi en bied huisvesting aan besoekende dosente en studente. Hierdie akkommodasie aan ongeveer 14 persone bestaan uit enkel- en dubbelkamers en 'n woonstel. Die projekkoste, meubels en toerusting het R710 000 beloop.

H W Snymangebou (fase 1: aanbouing, herindeling en opknapping): die voltooiing van die nuwe fakulteitsgebou het die ou kafeteria en akademiese inligtingsdiensruimte in die H W Snymangebou vrygestel. Hierdie ruimtes is toe vir die inrigting van die vaardigheidslaboratoria en die hervestiging van Fisioterapie, Radiografie en Dieetkunde geoormerk wat voorheen onderskeidelik in die S G Lourens-kollege en sekere lokale in die hospitaal gehuisves was. 'n Gimnasium vir Fisioterapie se praktika is ook voorsien. Hierdie werk asook die opgradering van die bestaande lesingsale en die herinrigting van enkele seminaarkamers en kantoorakkommodasie was teen Julie 1996 voltooi. Die projekkoste, wat meubels, toerusting en terreinwerk ingesluit het, het ongeveer R5,47 miljoen beloop. Hierdie koste is deels uit eie fondse (R3,5 miljoen) en deels uit leningsmagtiging (R1,97 miljoen) gefinansier.

Patologiegebou (akkreditasie van laboratoria, gedeeltelike herindeling en grootskaalse opknappings): die Patologiegebou wat sedert 1945 gebruik word, is nog nooit in sy geheel opgeknap nie. Tesame hiermee het die akkreditasie van laboratoria wat sekere minimum norme en standaarde impliseer (soos voorgeskryf deur die voormalige Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad), ook ter sprake gekom. Die voormelde proses het in fases tussen 1996-2000 plaasgevind. Die koste (R14,77 miljoen) is uit eie bronne gefinansier.

Fakulteit Tandheelkunde

Hospitaal vir Tand- en Mondheelkunde (gedeeltelike herindeling en aanbouing aan die oostekant): die herbeplanning van die ontvangsarea, die hervestiging van die Röntgenologiekliniek die herindeling van die ou teekamer vir kantoorruimte en die inrigting van 'n teekamer in die kelderruimte, is as hoë prioriteite geïdentifiseer. Die projek is in 1994 voltooi en het R589 000 beloop.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Fakulteit Veeartsenykunde

Uitbreidingsprogram: die uitbreidingsprogram wat in die vroeë tagtigerjare begin het, is in 1994 voltooi. Sekere retensie-items soos die dakdigting van die Veterinêre Akademiese Hospitaal is later afgehandel. Die opgradering van die Onderstepoort Veterinêre Akademiese Navorsingseenheid is steeds aan die gang. Die uitbreidingsprogram het uiteindelik, met inbegrip van meubels en toerusting, meer as R122 miljoen beloop.

Samesmelting van veeartsenykunde fakulteite van Medunsa en die Universiteit van Pretoria: nadat beide universiteite 'n beginselstandpunt ten gunste van die amalgamasie van die twee fakulteite ingeneem en verskeie verkennende gesprekke tussen verteenwoordigers van die twee universiteite en die Departement van Onderwys plaasgevind het, het die Breë Forum van Belanghebbendes (stakeholders) op 29 November 1995 eenparig besluit om by die Minister van Onderwys aan te beveel dat die skepping van 'n nuwe Fakulteit Veeartsenykunde by wyse van die samesmelting van die bestaande fakulteite dringend onderneem moet word ten einde alle veeartsenykundige behoeftes van al die gemeenskappe van die nuwe Suid-Afrika aan te spreek. Die Minister van Onderwys moes ook versoek word om 'n advieskomitee vir die voorgestelde oorgangsproses aan te stel en om hierdie samesmeltingsproses voldoende te befonds.

Die owerheid het besluit dat die te stigte Fakulteit Veeartsenykunde by Onderstepoort gevestig en onder die beheer van die Universiteit van Pretoria bedryf moet word. Dit het aanpassings aan die bestaande fisiese fasiliteite meegebring, onder meer bykomende studentehuisvesting, kantoorakkommodasie en parkeergeriewe vir studente en personeel. Die proses is in Maart 2000 voltooi en die koste van ongeveer R4,872 miljoen is uit amalgamasiefondse gefinansier.

Swembad: in Augustus 1995 is daar met Pretoria Pools onderhandel om 'n swembad van 20 meter x 10 meter teen spesiale tariewe op te rig. Die geraamde koste was R80 000 maar na skenkings deur sekere materiaalverskaffers en toegewings deur die kontrakteur het die uiteindelike bedrag net meer as R68 500 beloop.

Studentesentrum

'n Lang gekoesterde ideaal van 'n volwaardige studentesentrum is op 17 Augustus 1995 verwesenlik toe die sentrum op die hoofkampus amptelik in gebruik geneem is. Voorsiening is onder meer gemaak vir kafeteriafasiliteite, 'n koffiekroeg, fotokopieergeriewe, 'n boek- en kleurewinkel, ruimtes vir die Perdeby, Radio Tuks, VSR-kantore en bankoutomate. Die koste het R13,2 miljoen beloop. Dit het die koste van die gebou, die ontwikkeling van die kampuskern, meubels en toerusting ingesluit. Finansiering was afkomstig uit eie fondse, 'n kapitaaltoekenning deur die Staat en skenkings. Die kafeteria in die Studentesentrum is gedurende die eerste helfte van 2000 heringedeel om vir 'n multivoedseldiens voorsiening te maak wat sedertdien deur vier onafhanklike kontrakteurs bedryf word.

Akademiese Inligtingsdiens

Studiesentrum: die veranderde studentesamestelling beteken dat baie studente ver van die Universiteit woonagtig is en daarom van bus- en treinvervoer gebruik moet maak. Gevolglik het 'n behoefte ontstaan aan doeltreffende studieruimte, wat hierdie studente tussen formele lesings en praktika kon akkommodeer.

So 'n sentrum is opgerig. Dit maak voorsiening vir 1 230 studiesitplekke/werkstasies asook 'n ingang vir sowel die sentrum as die bestaande Akademiese Inligtingsdiens. Verdere kleinere aanpassings was eweneens nodig om aaneenskakeling tussen die bestaande en nuwe strukture te bewerkstellig. Die projekkoste het R8,322 miljoen beloop. Hiervan is R6,307 miljoen uit 'n Staatstoekenning en die balans uit skenkings en eie bronne gefinansier.

Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Nagraadse Sentrum: die beplanning het reeds in 1994 'n aanvang geneem. Die amptelike ingebruiknemingseremonie is op 26 Maart 1997 deur **prof S M E Bengu**, Minister van Onderwys, waargeneem. Uitsonderlike reënval (986 mm) gedurende die bouery het ernstige probleme en agt weke vertraging tot gevolg gehad. Dit het uiteraard bykomende koste meegebring. Die totale koste (met inbegrip van meubels, toerusting en terreinwerk) het R14,223 miljoen beloop. Bo en behalwe kantore maak die gebou ook voorsiening vir sewe lesingteaters, vier lesingsale, 25 groepkamers en 'n rekenaarlaboratorium. Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en die Departement Ingenieurs- en Tegnologiebestuur gebruik hierdie fasiliteite.

Sandton-Bestuurskool (Gordon Institute of Business Science): na oorlegpleging en onderhandelings met verskillende rolspelers waaronder die Departement van Onderwys en **prof N Binedell**, die Direkteur van die Bestuurskool, het die Hoofbestuur besluit om die Sandton Bestuurskool tot stand te bring. Eiendom (2,5 ha) aan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Frickerweg, Illovo, Johannesburg is vir dié doel aangekoop en die gebou kon op 14 Maart 2000 betrek word. Die ingebruikneming is deur **mnr Donald Gordon** van Liberty Life, wat ruim tot die oprigtingskoste van die skool bygedra het, waargeneem en die inrigting is ook na hom vernoem. Die gebouekompleks maak voorsiening vir 'n ouditorium (140 sitplekke), twee lesingsale (70 sitplekke elk), 'n biblioteek, 'n rekenaarsentrum, kantoorakkommodasie, 'n hotel met 49 slaapkamers, 'n restaurant en parkering. Die koste het R46 253 745 beloop wat die grondkoste van R8,955 miljoen insluit. Die bestuurskool is uit skenkings en eie fondse gefinansier.

Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe

Multidissiplinêre Sentrum vir Plantbiotegnologie (Bosbou en Landbou Biotegnologie Instituut (BLBI)): ten einde dié sentrum by die Universiteit te kon vestig, moes die BLBI-gebou opgerig word en vlak 6 en 7 in die Landbougebou vir plantbiotegnologie heringerig word. Die bedoeling was om die Universiteit een van die dominante spelers in die veld van plantproduksie te maak, 'n fokuspunt vir die totale plantwetenskappe te vestig en voorgraadse en veral nagraadse studie in hierdie rigting te stimuleer. Die gebou is op 1 April 1998 in gebruik geneem. Die oprigtingskoste met inbegrip van meubels en toerusting het R7,239 miljoen beloop. 'n Bestaande kontrak vir die hervestiging van Biochemie en Voedselwetenskap is uitgebrei om die herindeling van vlakke 6 en 7 in te sluit en die bouwerk teen 'n koste van R900 000 te doen.

Hatfield-proefplaas (nuwe rioolstelsel): hierdie werk was nodig omdat die proefplaas nie by die Stadsraad se rioolstelsel aangesluit was nie. Die konstruksie van fase 1 is in April 1998 begin en fase 2 is in Mei 2000 voltooi. Die volgende fase word vir 2001 beplan. Die totale koste word op R1,2 miljoen geraam.

Hoofkampus (huisvesting vir studente en besoekers)

Die Kwartiere, Suidstraat: die Universiteit het in 1994 een enkel- en drie tweeslaapkamerwoonstelle bekom by wyse van 'n ruilskema waarvolgens grond vir genoemde woonstelle aangebied is. Die kwartiere word vir gasdosente en ander besoekers gebruik.

Huis Karee: hierdie verblyffasiliteit op die terrein van die proefplaas waar 58 studente gehuisves is, is in 1994 vir die huisvesting van studente ingerig en in 1995 in bedryf gestel. 'n Besluit is aan die einde van 2000 geneem om Huis Karee vanaf 2001 nie meer as 'n algemene koshuis te benut nie. Inwoners van Huis Karee wat in 2001 huisvesting nodig het sal in huise in Suidstraat wat vir dié doel ingerig is, geakkommodeer word.

Huis Jakaranda: tydens die beplanningstadium is onderhandelings met die ontwikkelaar en kontrakteur gevoer vir die aankoop van dié akkommodasie. Die Universiteit het insette tydens die beplanning en oprigting van die gebou gelewer, maar die boukontrakteur het sy eie professionele span gebruik. Die koste het R8,166 miljoen beloop. Die kompleks maak vir 50 enkel- en 50 dubbelwoonstelle voorsiening en kan 150 studente huisves. Studente word sedert Augustus 1995 daar gehuisves.

Huis Protea: hierdie huisvesting is op dieselfde basis as Huis Jakaranda van die ontwikkelaar bekom. Huis Protea bied 24 enkel- en 24 tweeslaapkamerwoonstelle – in totaal 72 kamers. Die koste, grondkoste ingesluit, het R6,508 miljoen beloop. Bouwerk is gedurende Maart 1998 voltooi en studente het eerlank ingetrek.

Cum Laude: hierdie woonstelblok is in 1999 van die ontwikkelaar aangekoop. Dit word vir die huisvesting van gaste gebruik en bestaan uit 14 enkel-, 14 tweeslaapkamer- en vier drieslaapkamer-deeltitelwoonstelle. Die koste, wat grondkoste, meubels en toerusting insluit, het R4,997 miljoen beloop.

Onderwyskollege Pretoria: Groenkloof

Huis Rubicon: die Universiteit het Huis Rubicon, een van vier koshuise op die kampus van die Onderwyskollege Pretoria, vir die tydperk 1993 tot 1997 by die Onderwyskollege gehuur om die groot vraag na koshuisakkommodasie by die Universiteit te verlig. Die Onderwyskollege Pretoria het die huurooreenkoms aan die begin van 1998 opgesê, en die Universiteit het sedertdien alternatiewe huisvesting, onder meer by Huis Protea, aan die voormalige inwoners van Huis Rubicon voorsien.

Hoofkampus (herindelings en struktuurwysigings aan bestaande geboue

Informatorium (Opvoedkunde-/Regsgeleerdheid-gebou): daar het 'n toenemende behoefte aan rekenaarlaboratoriumfasiliteite ontstaan. Werk aan fase 1 vir die inrigting van 'n Informatorium in die ou teekamer (op vlak 2) van die Opvoedkunde-/Regsgeleerdheidgebou het vroeg in 1994 begin. Die eerste fase het 209 werkstasies beskikbaar gestel en die inrigtingskoste het R1,049 miljoen beloop. Fase 2 het in 1999 begin en die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

"glaskas" (eetkamer) is teen 'n koste van R363 000 ingerig en in gebruik geneem. Die Hoofbestuur het goedkeuring verleen dat fase 3 in die binnehof van die Opvoedkunde-/Regsgeleerdheid-gebou ingerig word. Vir dié doel is 'n koepeldak oor die binnehof aangebring en die werk is in 1999 voltooi. Daar is vir 165 werkstasies voorsiening gemaak. Hierdie fase en die eerste twee fases vorm 'n eenheid en die koste het R1,519 miljoen bedra.

'n Verdere besluit van die Hoofbestuur het meegebring dat fase 4 nog 160 werkstasies op vlak 3 van dieselfde gebou beskikbaar gestel het. Dit het ook voorsiening gemaak vir die hervestiging van die rekenaar-gesteunde onderwys- (RGO)-laboratorium. Dit het beteken dat alternatiewe akkommodasie vir die administrasiefunksie van die Fakulteit Opvoedkunde gevind moes word. Die inrigtingskoste het R1,245 miljoen beloop. Ten einde hierdie eenheid aan die eerste drie fases te verbind en sekuriteit te verbeter, is 'n muur tussen fase 4 en die res van vlak 3 opgerig. Trappe is tussen vlak 2 en 3 gebou om fase 4 direk met die ander fases te verbind.

Huisvesting vir Telematiese Onderwys: die Hoofbestuur het besluit dat die noordelike gedeelte van vlak 3 vir Telematiese Onderwys ingerig moet word. Die ingebruikstelling het in Maart 1999 plaasgevind en behalwe vir elektroniese en meganiese werk, is die dienste van professionele konsultante nie gebruik nie. Die inrigtingskoste het nagenoeg R1,291 miljoen bedra.

Die beskikbare akkommodasie kon egter kort voor lank nie meer aan die behoeftes van Telematiese Onderwys voldoen nie. Die ou RGO-laboratorium is as uitbreidingsruimte geïdentifiseer en die herindeling daarvan is in September 2000 teen 'n koste van R466 000 afgehandel.

Landbougebou

Hervestiging van Biochemie en Voedselwetenskap: ten einde dissiplines wat by mekaar hoort saam te voeg, is besluit om Biochemie wat in die Ou Landbougebou gehuisves was in die Landbougebou te hervestig, en Voedselwetenskap wat in die Landbougebou gevestig was na die Ou Landbougebou te verskuif. Hierdie verskuiwings het meegebring dat Voedselwetenskap en Huishoudkunde sekere fasiliteite gemeenskaplik kon benut. Verder kon Biochemie, Genetika en Mikrobiologie gesamentlik die Sentrum vir Molekulêre Biologie en Biotegnologie bedryf, wat in die ruimte wat Voedselwetenskap ontruim het, ingerig is. Die werk is in Junie 1997 voltooi en die koste het R4,794 miljoen beloop.

Fasadebekleding: die bestaande staalfasade was erg verweer en het 'n gevaar begin inhou. Die besluit is geneem om dit met 'n aluminium fasade te vervang. Die koste verbonde aan die projek het bykans R2,302 miljoen beloop, en die werk is in 1998 afgehandel.

Fakulteitsadministrasie – Natuur- en Landbouwetenskappe: die herstrukturering van die fakulteite Natuurwetenskappe en Biologiese en Landbouwetenskappe en die totstandkoming van die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe het in 2000 'n behoefte aan meer ruimte vir die nuwe fakulteitsadministrasie laat ontstaan, en R522 000 is vir dié doel bewillig. Voorsiening is ook gemaak vir die hervestiging van die Nagraadse Skool vir Landbou en Landelike Ontwikkeling in 'n woonhuis, en die akkommodasie wat op die grondvlak van die Landbougebou ontruim is, is vir die fakulteitsadministrasie heringedeel. Bykomende toiletgeriewe is terselfdertyd voorsien.

Geesteswetenskappegebou

Argief (vlak 5): nuwe ruimte vir die Argief is op die tussenvloer van die lesingsale ingerig. Bouwerk het van Mei 1996 tot November 1997 plaasgevind en die boukoste het R172 000 beloop.

Departement Antropologie en Argeologie (herindeling van vlak 6 en 7): uitstalruimtes wat onderbenut was, is in kantore vir Antropologie en Argeologie omskep. Sodoende kon ook bykomende kantoorakkommodasie aan Afrikatale beskikbaar gestel word. Die totale koste het R150 000 beloop en die werk is in 1997 voltooi.

Departement Sielkunde (herindeling van vlak 11, 12 en 13): herindeling was noodsaaklik om die opleidingsruimtes meer funksioneel te maak, en teen 'n koste van R109 100 is die nuwe gedeeltes in 2000 betrek.

Dekaanskantoor en fakulteitsadministrasie (herindeling van vlak 6 en 7): na die herstrukturering van die Fakulteit Geesteswetenskappe het 'n behoefte aan die opgradering en uitbreiding van die akkommodasie vir die Dekaan en fakulteitsadministrasie op vlak 6 en 7 ontstaan. Ruimtes wat onderbenut was (soos die teekamer) is in bykomende kantoorakkommodasie omskep. Die tender vir die fasiliteite vir die Sentrum vir Aanvullende en Alternatiewe Kommunikasie (SAAK) wat baie gunstig was, is uitgebrei om ook die herindelings in te sluit en is teen 'n koste van R434 000 (wat meubels en toerusting insluit) voltooi en aan die einde van 2000 in gebruik geneem.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Tegniese Dienstegebou

Na die voltooiing van die eerste fase van die Steundienste-ontwikkelingsprojek is heelwat ruimte in die Tegniese Dienstegebou vrygestel wat vir alternatiewe doeleindes aangewend kon word. Dit het tot die volgende omvangryke herindelings aanleiding gegee:

Damelin Rekenaarskool: hierdie werk is in twee fases gedoen en 'n derde fase word die vooruitsig gestel. In die eerste fase is 275 werkstasies teen 'n koste van R1,8 miljoen ingerig. Fase 2 het vir 100 werkstasies voorsiening gemaak en die koste het R394 700 beloop. Die bouwerk is onderskeidelik in 1999 en 2000 voltooi.

Hervestiging LGI/UPTI: die Laboratorium vir Gevorderde Ingenieurswese (LGI) en die Universiteit se Tegniese Instituut (UPTI) was voorheen in Ingenieurswese 2 gehuisves. Hierdie hervestiging was een in 'n reeks skuiwe wat as die "domino-projekte" bekend gestaan het. Die oogmerk was om sover doenlik dissiplines wat bymekaar hoort, saam te voeg. Die bouwerk is vir Oktober tot Desember 2000 geskeduleer en ingebruikstelling word vir Januarie 2001 beplan. Die koste is op ongeveer R1,648 miljoen geraam.

Hervestiging van Wetenskap- en Tegnologiesentrum in die C-vleuel van die Tegniese Dienstegebou: hierdie verskuiwings sluit die GoldFields-sentrum, Eksploratorium en Planetarium in wat voorheen in die Natuurwetenskappegebou I gehuisves was. Hierdie is ook deel van die "domino"-verskuiwings. Bouwerk is vir Oktober 2000 tot Januarie 2001 beplan en die verwagte koste word op R1,766 miljoen gestel.

Studenteleiding – Institusionele Toelating: die voormalige oudiovisuele ruimtes in die wes-vleuel van die Tegniese Dienstegebou is vir dié doel ingerig. Geen grootskaalse veranderinge was nodig nie en die werk kon teen 'n relatief lae koste (minder as R60 000) in Mei 2000 voltooi word.

Ingenieurswese 2-gebou

Hervestiging van Bedryfs- en Sisteemingenieurswese: hierdie departement se skuif vanaf gebou 5 op die suidkampus na die lokale wat die LGI gaan ontruim, is deel van die "domino-projekte". Bouwerk sal in Desember 2000 begin en na verwagting in Februarie 2001 voltooi word. Die geraamde koste is R311 700.

Intel-rekenaarlaboratorium: lokale 3.6.2 en 3.6.4 is heringedeel om vir 'n rekenaarlaboratorium met 48 werkstasies voorsiening te maak. Bouwerk het in Januarie 2000 begin en is in Maart teen 'n koste van R369 400 voltooi.

Geografiegebou

Die lokale wat Fisiologie ontruim het, is vir Geografie/CEGIS heringedeel. Dit is ook een van die "domino-projekte". Bouwerk is teen 'n geraamde bedrag van R1,1 miljoen in Desember 2000 begin.

Natuurwetenskappe 1-gebou

Die hervestiging van Fisiologie in die ruimte wat die GoldFields-sentrum en Eksploratorium ontruim het, is ook een van die "domino-projekte". Die bouwerk sal na verwagting in Desember 2000 begin en tot Februarie 2001 duur. Die koste word op ongeveer R1,68 miljoen geraam.

Boukundegebou

Hervestiging van Interieurs: hierdie afdeling se verskuiwing vanaf die Ou Landbougebou na die Boukundegebou is ook een van die "domino-projekte". Die skuif sal in 2001 teen 'n bedrag van R125 000 voltooi word.

Spraakheelkundegebou (herindeling en aanbouing vir die Sentrum vir Aanvullende en Alternatiewe Kommunikasie (SAAK)): die kelderruimte van die Spraakheelkundegebou is vir die SAAK heringerig en 'n eie ingang aan die noordekant, toiletgeriewe vir gestremdes en 'n lesingsaal met 60 sitplekke is aangebou Die koste vir die opgradering van die gebou asook die herindeling en aanbouing vir die SAAK beloop nagenoeg R1,3 miljoen. Die bouwerk het in Junie 2000 begin en is aan die einde van die jaar voltooi.

Aangesien die gebou ouer as 50 jaar is, moes die Raad van Nasionale Gedenkwaardighede oor die herindeling en aanbouing geraadpleeg word. Insette oor geriewe vir gestremdes is van die Departement Arbeidsterapie bekom.

Administrasiegebou

Herindeling van vlak 2, 3, en 6: vanweë 'n nypende tekort aan kantoorakkommodasie in die gebou is alle moontlikhede ondersoek om meer kantoorruimte beskikbaar te stel. Stoorkamers in die oos-vleuel aan die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

suidekant van vlak 2 is in ses kantore omskep deur vensters in die betonstruktuur aan te bring, vier kantore is in die ou teekamerruimte op vlak 3 ingerig, die noordelike vleuel van die bestaande teekamer is in agt kantore ingedeel, en 'n gedeelte van die patio aan die westekant van die teekamer is by die teekamer ingeskakel om die ruimte wat prysgegee is, gedeeltelik te vervang. Die totale koste vir hierdie aanpassings het ongeveer R460 000 beloop en die werk is in 1997 afgehandel.

Herontwerp en opgradering van die Raadsaal: na 'n besluit van die Hoofbestuur is die Raadsaal herontwerp en opgegradeer ten einde tegnologies en esteties aan moderne standaarde te voldoen. Die totale koste het in 1999 op R865 423 te staan gekom.

Senaatsaal: die beplanning vir die opgradering van die Senaatsaal en sy ingang is voltooi en die werk is voor die einde van 2000 afgehandel.

Natuurwetenskappe 2-gebou

Hyserinstallasie: hierdie gebou het nie oor 'n hysbak beskik nie en so 'n gerief het veral met die oog op gestremdes dringend noodsaaklik geword. 'n Hyser is in 1994 teen 'n bedrag van R591 500 geïnstalleer.

Omskepping van lokaal 2.6 in 'n rekenaarlaboratorium: aangesien die Informatorium nie oor voldoende kapasiteit beskik het om aan bykomende ingenieurstudente rekenaaropleiding te bied nie, is daar besluit om lokaal 2.6 in 'n rekenaarlaboratorium met 60 werkstasies te omskep. Die inrigtingskoste (bekabeling, werksblaaie, ens.) het R162 000 beloop en die laboratorium is in Augustus 1997 in gebruik geneem.

Mineraalwetenskappegebou (akkommodasie vir die Industriële Metale en Minerale Navorsingsinstituut (IMMNI–Yskor)): die Hoofbestuur het tydens die vergadering van 31 Augustus 1999 bevestig dat die Universiteit graag met Yskor wou saamwerk. Die hervestiging van IMMNI–Yskor in die Mineraalwetenskappegebou het dus hoë prioriteit geniet. Bouwerk het in September 1999 begin en hoewel die fasiliteite reeds in April in gebruik geneem is, is die bouwerk eers in Augustus 2000 afgehandel. Die finale koste het R772 280 beloop.

Ou Letteregebou

Huisvesting van Mapungubwe-uitstalling: vanweë die besondere betekenis van dié uitstalling vir sowel die Universiteit as die gemeenskap is die dienste van Northern Flagship gekontrakteer om die uitstalling op 'n professionele wyse in te rig. Die werksaamhede het in November 1999 begin en die geriewe is op 19 Mei 2000 in gebruik geneem. Die projekkoste het R660 000 beloop.

Dramagebou (ou Broedershuis)

Dakvervanging: die vervanging van die dak was 'n omvangryke taak wat in Oktober 1998 teen 'n koste van R482 000 afgehandel is.

Toonkunsakademiegebou

Herindeling en aanbouing van kantore: die Departement Musiek het 'n ernstige behoefte aan ruimte ondervind. Ten einde hierdie probleem aan te spreek is 'n gedeeltelike herindeling gedoen en kantore is aan die oostekant aangebou. Die koste verbonde aan hierdie aanbouings was R397 000 en die nuwe ruimtes kon aan die begin van 1995 betrek word.

Hammanskraalkampus

Die kampus het voorheen as die St Peter's Seminarium bekend gestaan en het aan die Rooms-Katolieke Kerk behoort. Die Universiteit het dié kampus aan die einde van 1993 gekoop. Hoewel die aankoop- en oordragkoste slegs R460 000 beloop het, wat aansienlik minder as die waarde van die eiendom was, moes grootskaalse opgraderingswerk gedoen word en 'n bedrag van R1,5 miljoen is in 1993/94 hiervoor begroot.

Beveiliging van koshuise

In die lig van toenemende diefstal en ten einde ongewenste elemente van koshuisterreine af weg te hou, het die Hoofbestuur besluit dat sekuriteitsheinings en toegangsbeheer by alle dameskoshuise en by Tuksdorp voorsien moet word. Die oprigting van hierdie heinings en die installering van toegangsbeheerstelsels het in Augustus 1998 begin en die werk is in Julie 2000 teen 'n koste van ongeveer R2,1 miljoen voltooi.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Brandbeveiliging van geboue

Hoewel al die Universiteitsgeboue ten tye van oprigting aan die brand- en bouregulasies voldoen het, het die omstandighede met betrekking tot brandbeveiliging en -veiligheid sodanig verander dat opgradering noodsaaklik geword het. Daar is van brandkonsultante se dienste gebruik gemaak en die werk is in prioriteitsvolgorde gedoen. Werk by die volgende geboue is reeds voltooi of sal binnekort afgehandel word: Geesteswetenskappegebou, Ingenieurswese 1-gebou, Landbougebou, Erika, Jasmyn, Asterhof, Klaradyn, Madelief, Magrietjie, die Merensky-biblioteek en die BMW-gebou. Die koste verbonde aan hierdie werk het ongeveer R11,686 miljoen beloop.

Roperstraat (nuwe hoofingang)

Toe Roperstraat gesluit is en die kampuskern na die terrein onmiddellik noord van die Geesteswetenskappegebou verskuif het, het die behoefte aan 'n nuwe hoofingang suid van die Geesteswetenskappegebou ontstaan. Hierdie ingang is enersyds bedoel om as sekuriteitsbeheer- en inligtingspunt te dien en andersyds om 'n positiewe beeld van die Universiteit by die algemene publiek te skep. Die ontwerp moes dus die simbool wees van die vormende invloed wat die Universiteit op sy studentekorps uitoefen.

Die Hoofbestuur het op 1 Maart 1994 die projek goedgekeur en konstruksie is onverwyld begin. Die projek is egter eers teen die einde van 1994 voltooi. Die finale koste het ongeveer R1,146 miljoen beloop.


Mnr L N Boshoff

Straatsluitings

Duxburyweg – wes van Suidstraat-aansluitings: die Hoofbestuur het op 15 November 1993 besluit dat onderhandelings vir die sluiting van die bogemelde gedeelte van Duxburyweg voortgesit kon word. Die onderhandelings was suksesvol en die koopkontrak is op 25 Maart 1995 onderteken. Hoewel die koopprys slegs R100 000 was, het die uitgawes wat daaruit voortgespruit het die totale koste na R171 760 verhoog.

Ander straatsluitings: hoewel die geboue op die weskampus van die Universiteit deur landskapontwikkeling en 'n netwerk van voetganger- en voertuigroetes 'n eenheid gevorm het, is die ooskampus deur munisipale strate in brokke verdeel. Sowat vyf jaar gelede het die direkteur van die departement sekere van die straatgedeeltes vir sluiting geoormerk om die oos- en weskampus sinvol te verenig. Die daaropvolgende onderhandelings met die Stadsraad is op 22 Junie 2000 afgehandel en die koopkontrak is teen die einde van Julie 2000 onderteken.

Die sluitings voeg 2,41 hektaar van bestaande straatreserwes tot die kampus se oppervlakte toe. Dit sluit dele van Roper- en Prospectstraat, Duxbury- en Lunnonweg asook die hele Tindallstraat in en word weerskante deur universiteitseiendom begrens. Dit sal voetganger- en voertuigverkeer op die kampus aansienlik vergemaklik en veiligheid bevorder. Dienslewering en sekuriteit sal beduidend kan verbeter word.

Die koste van dié straatsluitings is tweeledig. Eerstens, die direkte koste van die straatsluitings wat die koste van 'n verkeersimpakstudie, hersonering, diensteverskuiwing, die aankoop van padreserwes, heiningverskuiwings, die vereiste munisipale straatverbeterings, oordragkoste en nuwe ingangshekke insluit. Tweedens, die koste wat volg om die straatreserwes met die kampus te konsolideer. Dit bestaan uit items soos die beoogde landskapontwikkeling, die bou van 'n interne ringpad, die voorsiening van alternatiewe parkeergeriewe en verbeterde toegangsbeheer.

Die konstruksiewerk aan die munisipale straatverbeterings en diensteverskuiwings het reeds ver gevorder, en die planne vir die terreinontwikkeling van Tindallstraat en Lunnonweg, die ringpad, bykomende parkeerterreine, die verskuiwing van heinings en toegangsbeheer is byna voltooi. Die konsultantespan moet sorg dat die basiese aanpassings reeds by aanvang van die akademiese jaar in 2001 afgehandel is. Die totale koste vir die straatsluitings en werk wat daaruit voortspruit beloop nagenoeg R21,39 miljoen. Die Hoofbestuur het reeds ongeveer R17,34 miljoen bewillig en die balans van R4,05 miljoen sal in die 2001-begroting aangevra word.

UP-Riglynplan 2000 (samewerkingsinisiatiewe tussen UP, die WNNR en die Gautengse provinsiale regering)

Samewerkingsinisiatiewe tussen UP, die WNNR en die Gautengse provinsiale regering het voortgevloei uit die aanstelling van 'n konsortium om 'n riglynplan – die UP-riglynplan 2000 – vir die ontwikkeling van Universiteits- en aanliggende eiendomme op te stel. Op 13 Maart 2000 het die konsortium 'n voordrag aan die Raad van die Universiteit gelewer en die Raad het met die aanbevelings en die plan ingestem.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Uit hierdie plan het die gedagte van 'n liniêre ontwikkelingsnaaf of -as tussen die Universiteit en die WNNR ontstaan. Dié as sal vanaf die Universiteit met Suidstraat langs, deur die L C de Villierssportterrein en die Universiteit se proefplaas tot by die WNNR strek. Dit is dus van sleutelbelang om die grootste moontlike beheer oor privaat eiendomme in Suidstraat te bekom. Ten einde gestalte aan hierdie gedagte te gee het die Universiteit reeds begin om eiendomme langs Suidstraat aan te koop. Volgens die serwituut oor die proefplaas sal die eiendom na die Stadsraad terugval indien dit nie meer vir opvoedkundige doeleindes gebruik word nie en vertoë is dus tot die Stadsraad vir die opheffing van hierdie serwituut gerig. In oorleg met die WNNR is opdrag aan stadsbeplanners gegee om 'n ondersoek na dorpstigting op die proefplaas te loods.

'n Taakspan van verteenwoordigers van die departement en die WNNR is benoem om sake soos ruimte en infrastruktuur te beplan.

Mnr L N Boshoff
DIREKTEUR

Finansies

UNIKOM finansiële stelsel

Die departement het tot en met 1996 'n IBM-ondersteunde gerekenariseerde finansiële stelsel bekend as die EPIC-stelsel bedryf. Die Universiteit het gedurende Augustus 1996 oorgeskakel na 'n eie intydse finansiële stelsel. Hierdie stelsel is in samewerking met die universiteite van Stellenbosch en Potchefstroom ontwikkel. Dit het as die UNIKOM-stelsel bekend gestaan en die vooruitsigte was dat die besondere stelsel 'n totale geïntregreerde administratiewe stelsel in die Universiteit sou uitmaak. Die finansiële module van UNIKOM was tot 'n groot mate suksesvol ontwikkel. Tydens die ontwikkeling van die ander administratiewe stelsels het dit geblyk dat die drie universiteite se behoeftes ten opsigte van 'n studente- en personeelstelsel so uiteenlopend is dat dit nie in 'n enkele stelsel opgeneem kon word nie. Voormelde verskille het daartoe aanleiding gegee dat die samewerkingsooreenkoms gedurende 1999 beëindig is. Die Universiteit het egter voortgegaan om die UNIKOM-stelsel self verder te ontwikkel.

Mnr T G Kruger

Die finansiële module van die UNIKOM het aan alle gebruikers toegang tot die stelsel verleen om intyds navraag oor die stand van die fondse onder hulle beheer te doen. Gebruikers kon ook bestellings vir die aankoop van goedere en dienste direk op die stelsel aanvra en navraag doen oor die transaksies wat geboekstaaf is. Die stelsel het goed daarin geslaag om die fondseboekhouding van die Universiteit te ondersteun.

Studentegelde

Studentegelde is, naas staatsubsidie, een van die primêre inkomstebronne vir die Universiteit. Die vermindering in staatsubsidie (soos hieronder aangestip) het die Universiteit verplig om in die verslagperiode klas- en losiesgelde opwaarts aan te pas. Die Universiteit het egter deurgaans gepoog om klasgelde met nie meer as die inflasiekoers te verhoog nie. Die persentasies waarmee klasgelde gemiddeld verhoog is, is soos volg:

Jaar	**% Aanpassing**	**Jaar**	**% Aanpassing**
1993	15	1997	8
1994	9	1998	8
1995	9.2	1999	6
1996	9	2000	8

Die verhoging in klas- en losiesgelde het die bekostigbaarheid van studie aan die Universiteit nadelig geraak. Die verhoogde gelde, tesame met 'n swak ekonomiese klimaat en 'n verandering in die samestelling van die studentegemeenskap om 'n groter getal studente uit die agtergeblewe gemeenskappe in te sluit, was faktore wat daartoe bygedra het dat uitstaande studentegelde hand oor hand toegeneem het. Die onderstaande tabel weerspieël die verandering in die inkomste en die uitstaande gelde. Die verhoging in inkomste uit studentegelde kan tot 'n mate aan 'n toename in studentegetalle toegeskryf word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Jaar	Inkomste R (m)	Uitstaande gelde R (m)
1993	122,5	2,6
1994	132,8	3,9
1995	149,5	7,8
1996	160,4	11,3
1997	182,7	18,7
1998	207,2	22,1
1999	229,7	27,9
2000	272,6	36,9

Die finansiële druk op die gemeenskap het daartoe aanleiding gegee dat daar in 'n toenemende mate op beurse en lenings vanaf die Universiteit gesteun moes word.

Die departement het tot en met 1999 die regsinvordering van uitstaande studentegelde intern hanteer. In 2000 is 'n eksterne onderneming gekontrakteer om dié funksie vir die Universiteit op die kampus te hanteer. Die firma Vericred het in Oktober 2000 met hierdie aktiwiteit 'n aanvang geneem.

Beurse en lenings vir studente

Ten einde hulpbehoewende studente finansieel te ondersteun het die Universiteit, ter aanvulling van eie fondse wat vir die doel beskikbaar gestel word, in 1994 'n studiefinansieringskema in samewerking met handelsbanke onderhandel. Volgens dié skema het die banke studielenings aan studente toegestaan, terwyl die Universiteit die lenings onder bepaalde voorwaardes sou waarborg.

Soos in onderstaande tabel aangetoon is 2 181 studente onder dié skema finansieel ondersteun.

Jaar	ABSA		Eerste Nasionaal		Standard Bank		Totaal	
	Aantal	R (m)	Aantal	R (m)	Aantal	R (m)	Aantal	R (m)
1994	249	1,517			228	1,508	477	3,025
1995	121	0,775			368	2,441	489	3,216
1996	121	0,774	39	0,238	318	2,138	478	3,150
1997	97	0,777			262	1,697	359	2,474
1998	19	0,172	40	0,280	319	2,233	378	2,685
Totaal	607	4,015	79	0,518	1 495	10,017	2 181	14,550

Terwyl 'n student ingeskrewe was, is van hom/haar verwag om die jaarlikse rente te betaal. Aangesien die studente wat onder die skema finansieel ondersteun is grootliks uit die minder gegoede gedeelte van die bevolking gekom het, het dit gou duidelik geword dat leninghouers probleme met die diens van die rente ondervind. Die gevolg was dat die Universiteit genoodsaak was om 'n groot gedeelte van die lenings weer vir eie rekening te neem. Teen Augustus 2000 het die Universiteit reeds 784 van die lenings ten bedrae van R10,135 miljoen tot sy eie leningsboek toegevoeg. Die Universiteit was gevolglik verplig om met ingang 1 Januarie 1999 uit die skema te tree. 'n Moontlike plaasvervangende skema is in samewerking met die onderskeie banke ondersoek maar het nog nie finale beslag verkry nie.

Intussen het 'n privaatonderneming – Eduloan (Edms) Beperk – 'n leningskema vir studente wat werknemers van sekere instansies in die sake- en openbare sektor is, met die Universiteit onderhandel. Hierdie skema is stelselmatig uitgebrei en sal vanaf 2001 vir feitlik alle studente toeganklik wees. Ooreenkomstig hierdie skema is die volgende bedrae aan studente geleen:

Jaar	R (m)
1999	0,394
2000	0,752

Tydperk van hoë inflasie- en rentekoerse

Rentekoerse was by die verwisseling van regering in 1994 besonder hoog. Die prima bankkoers het in Augustus 1998 'n hoogtepunt van 25,5% bereik. Dit het daarna stelselmatig afgekom en op 24 Januarie 2000 'n relatief lae 14,5% bereik. Die buitengewone hoë koerse het goeie inkomste op die Universiteit se kontantmarkbeleggings (hoofsaaklik korttermyn bedryfskapitaal) opgelewer. Die volgende gemiddelde opbrengskoerse is behaal (inflasiekoers langsaan vermeld):

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Jaar	Opbrengs JAB *	Opbrengs Bestuurde Portefeuljes	Opbrengs UP korttermyn portefeulje	Inflasie CPI #	Inflasie PPI •	Inflasie (Kern)
	%	%	%	%	%	
1993	17,7	7,8	12,2	9,7	6,6	12,6
1994	22,56	12,8	11,0	9,0	8,2	8,9
1995	8,76	20,3	15,0	8,7	9,6	7,9
1996	6,05	11,5	16,3	7,4	6,9	7,2
1997	-4,55	10,1	16,8	8,6	7,1	8,8
1998	-10,1	-5,8	15,8	6,9	3,5	7,5
1999	59,1	45,2	15,0	5,2	5,8	7,9

*Johannesburg Aandelebeurs #Verbruikersprysindeks •Produksieprysindeks

Geleidelike afname in die Staat se befondsingskoers

Die koers waarteen die tersiêre sektor in die algemeen en die Universiteit in die besonder deur die Staat in dié tydperk befonds is, het in die verslagperiode afwaarts geneig, soos uit die volgende befondsingskoerse (die sogenaamde a-waarde) blyk:

Jaar	a-Waarde (%)	Jaar	a-Waarde
1993	66,0	1997	64,3
1994	66,0	1998	64,2
1995	63,0	1999	64,0
1996	66,2	2000	62,8

As gevolg van die daling in die befondsingsvlak, veral sedert 1995, het die Universiteit probleme ondervind om 'n winsdrempelbegroting daar te stel. Dit het die Universiteit verplig om pogings aan te wend om óf inkomste te vergroot óf uitgawes in te kort, of albei.

Daar was tot die slotsom gekom dat die Universiteit in die vroeë tagtigerjare sekere luukshede toegelaat het wat buite sy kernbesigheid geval het en wat nie langer bekostig kon word nie. Voorbeelde hiervan was 'n volledige tegniese diens wat nie produktief aangewend kon word nie; en die bedryf van 'n eie tuininstandhouding- en geboueskoonmaakdiens wat, vergeleke met die industriestandaard, teen 'n verlies bedryf is. Hoofbestuur het as gevolg hiervan 'n ondersoek na die effektiwiteit en doeltreffendheid in die steundienste gelas, wat tot die sluiting van die tegniese afdeling en uitkontraktering van die tuininstandhouding- en skoonmaakdienste aanleiding gegee het.

Die bedryfsbegroting

Die Universiteit se tekorte op die bedryfsrekening het vanaf 1992 skerp toegeneem en teen 1995 die vlak van R19,3 miljoen bereik. Hierdie tekorte is gefinansier deur die bedrag wat jaarliks vir die vervanging van bates gereserveer word, met die ooreenstemmende tekort te verminder. Die Universiteit was deurentyd daarvan bewus dat hierdie kortsigtige beleid nie onbeperk kon voortduur nie. Die Universiteit was egter in 'n netelige posisie. Uitgawes het vinniger as inkomste gestyg, en die koste van tersiêre opleiding vir die deursnee landsburger het onbekostigbaar geword. Verdere opofferings kon dus nie van die studentegemeenskap gevra word nie.

Die Universiteit het reeds teen volle kapasiteit gefunksioneer en kon die finansieringsprobleem ook nie by wyse van 'n groter inname van studente opgelos word nie. Die plasing van 'n groeibeperkingsplafon van 2% deur die nasionale Departement van Onderwys op die jaarlikse inname van studente gedurende die middel negentigerjare het hierdie keuse ook minder gunstig gemaak. Die Staat het universiteite ingevolge hierdie beleid slegs 'n subsidie toegeken tot die 2% toenamevlak van studente-inname bereik is, en daarna die subsidie gestaak.

Die plasing van 'n beperking op die jaarlikse groei in studentegetalle het daartoe aanleiding gegee dat die Universiteit studente vir programme moes inneem waarvoor geen subsidie ontvang is nie. Dit het die druk op die Universiteit se begroting verder verhoog.

Die voortgesette besnoeiing van die subsidie-inkomste het die Universiteit aanvanklik genoodsaak om terughoudend te wees ten opsigte van instandhouding en grootskaalse opknapping van geboue. Hierdie beleid is gedurende 1997 hersien aangesien dit duidelik was dat die Universiteit se geboue permanente strukturele skade sou opdoen indien daar nie 'n daadwerklike poging aangewend word om op 'n dringende basis uitgebreide opknappings aan geboue en strukture te doen nie. Gedurende 1997 is R20,6 miljoen vir dié doel gestem. In 1998

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

is die bedrag verhoog na R25,1 miljoen, en 'n program is daargestel om agterstande binne 'n redelike termyn uit te wis.

Vaste bates

Die waarde van die Universiteit se vaste bates (gemeet teen kosprys) het soos volg gegroei:

Jaar	Vaste bates R miljoen	% Groei * in waarde
1993	464,9	12,4
1994	631,3	35,8
1995	692,7	9,7
1996	753,5	8,8
1997	799,1	6,0
1998	864,2	8,2
1999	1 014,0	17,3
2000	1 104,0	8,9

*Jaar op jaar

Beleggingsbestuur

Met die aftrede van **mnr J P Verster** (adjunkdirekteur, Finansies) in 1996, is **me Marié Oosthuizen** in die departement aangestel om onder meer die beleggings- administrasie van die Universiteit oorhoofs te bestuur. Ten tye van haar aanstelling was sowat twee derdes van die Universiteit se beleggingsportefeulje onder beheer van drie professionele portefeuljebestuurders (Gensec Batebestuur, Liberty Fondsbestuurders en Ou Mutual Fondsbestuurders). Hierdie fondsbestuurders het die fondse onder hulle beheer met 'n algemene mandaat bestuur. Die Universiteit se fondse was onder dié bedeling gemiddeld soos volg belê: aandele (60%), effekte (20%), geldmarkinstrumente (5%), en 15% in die buiteland.

Tydens 'n ineenstorting van die Johannesburgse Aandelebeurs in 1998 (die algehele indeks het in sowat vier maande van 8 358 tot 4 557 gedaal), het vrese ontstaan dat die Universiteit, met inagneming daarvan dat die Universiteit sy fondse hoofsaaklik vanaf die Staat kry en as sulks as trustee vir die Staat optree, moontlik te veel risiko dra. Daar is toe 'n proses aan die gang gesit om die Universiteit se beleggingsfondse deur middel van 'n multibestuurderbenadering, die skryf van spesialis mandate en 'n verskuiwing van die oorwig van die beleggingsfondse na die geldmark, tot 'n groter mate te beveilig. Hierdie verandering in beleid het daartoe aanleiding gegee dat die Universiteit se diskresionêre langtermynbeleggingsfondse met ingang 1 Julie 2000 aan vier fondsbestuurders toevertrou is, te wete Gensec Batebestuurders (voorheen Sanlam Batebestuur) (GAM), Ou Mutual Batebestuurders (OMAM), RMB-batebestuurders (RMBAM) en Coronation Batebestuurders (CAM). Die beskikbare beleggingsfondse (R1 096 miljoen op 30 Junie 2000 teen kosprys) is, met inagneming van die Universiteit se risikoprofiel, soos volg by die onderskeie fondsbestuurders geplaas: 30% by OMAM om in 'n konserwatiewe aandeelportefeulje belê te word, 20% by CAM om in 'n aggressiewe aandeelportefeulje belê te word, 23% by GAM om hoofsaaklik in geldmarkinstrumente belê te word en 27% by RMBAM om in 'n effekteportefeulje belê te word. Die mandate het gespesifiseer dat 15% van die beskikbare fondse in die buiteland belê moes word.

Interne oudit

Die Universiteit het tot en met 31 Desember 1997 die interne ouditfunksie self behartig. Daar is op daardie stadium besluit om die ouditfunksie uit te bestee. 'n Ooreenkoms is met die rekenmeestersfirma KPMG gesluit om die funksie met ingang 1 Januarie 1998 oor te neem. Een van die departement se adjunkdirekteure, **mnr J S J Nel**, self ook 'n gekwalifiseerde geoktrooieerde rekenmeester, is vir die bestuur van die interne ouditprogram verantwoordelik gemaak. KPMG is steeds vir die Universiteit se interne ouditfunksie verantwoordelik.

Samesmelting van die veeartsenykundige fakulteite

Die nasionale Departement van Onderwys het in 1998 versoek dat die twee bestaande veeartsenykundige fakulteite in Suid-Afrika, dié van die Universiteit en dié van die Mediese Universiteit van Suider-Afrika (Medunsa), in een fakulteit op die Onderstepoortkampus van die Universiteit moet saamsmelt. Die samesmelting het in 1998 begin en sal teen 31 Maart 2003 afgehandel wees. Die Departement van Onderwys het onderneem om die grootste gedeelte van die samesmeltingskoste in dié tyd te dra en het reeds die volgende finansiële bydrae tot die projek gemaak:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Boekjaar	Staatsbydrae
1998/99	R32 miljoen
1999/00	R28 miljoen
2000/01	R16 miljoen

Ondersoeke na ontwikkelinge oorsee

Die Direkteur: Finansies, **mnr T G Kruger**, en een van sy adjunkte, **mnr J D R Brits** het in 1996 'n uitgebreide oorsese toer onderneem om eerstens die jaarvergadering van NACUBO (National Association of College and University Business Officers) in Minneapolis in die VSA by te woon en tweedens om enkele universiteite in die VSA, Brittanje en die Nederland te besoek ten einde van die jongste verwikkelinge in finansiële administrasie kennis te neem.

Die verslag wat hulle by Hoofbestuur ingedien het, het aanbevelings bevat oor aangeleenthede wat nie suiwer tot die finansiële bestuur van tersiêre instellings beperk was nie. Aanbevelings is byvoorbeeld gemaak oor die desentralisasie van die ondersteuningsdienste na die fakulteite; die aangaan van vennootskappe met die privaatsektor; die stigting van gemeenskapsopleidingsentrums of "shadow colleges"; die stigting van 'n virtuele kampus en die opleiding van studente deur middel van die Internet, met insluiting van 'n mate van beroepsopleiding by die formele onderrigprogramme; die verbetering van toegangsbeheer; en die aanbied van werkbeurse vir studente. Heelwat van hierdie aanbevelings het reeds in een of ander vorm beslag binne die Universiteit gekry.

In 2000 het twee adjunkdirekteure, **mnre J B Reinecke** en **R R van der Laan** een universiteit in die VSA en drie in die Nederland besoek om die finansiële stelsels te evalueer wat by dié universiteite in bedryf is.

Transformasie

Die Universiteit het in 1998 'n afdeling in die lewe geroep om 'n regstellende aksieprojek te koördineer. In antwoord op die oproepe van die betrokke afdeling het Finansies vroeg in 2000 'n program van stapel gestuur om die proses van regstellende aksie, wat toe reeds jare binne die departement in swang was, te versnel.

Met inagneming van die spesialisdiens wat die departement verrig en die gebrek aan potensiële personeellede uit die voorheen benadeelde gemeenskappe, wat oor die nodige finansiële akademiese onderbou en ervaring beskik, is daar besluit om die tekort aan opgeleide personeel langs een of meer van die volgende weë te oorkom: om aan belowende studente werkbeurse te bied om vir 'n BCom in Rekeningwetenskappe in te skryf met die oog op indiensneming by afstudering; om studente in hulle finalejaar van studie te werf om by afstudering by die departement in 'n werkverhouding te tree; en om persone wat pas klerkskap by die Universiteit se interne en eksterne ouditeure voltooi het en wat nie by die betrokke firmas in diens sou bly nie, te werf om vir die Universiteit te kom werk. (Twee werkbeurse is reeds aan voornemende studente aangebied.)

Personeelkorps

Die departement word deur die volgende senior personeel bedien: 'n direkteur, **mnr Kruger**, vier adjunkdirekteure, **mnre Nel, Brits, Van der Laan** en **Reinecke**, en ses afdelingshoofde, naamlik **mee Elsie Ceronio** (begrotingsbeheer), **Hanlie Engelbrecht** (krediteure-administrasie), **Marié Oosthuizen** (kontantbeheer, beleggingsadministrasie en studentelenings), **mnre Herman Erasmus** (salarisadministrasie), **Marius le Roux** (bate- en versekeringsbestuur) en **dr Johan Vermeulen** (studenterekeninge).

Mnr Jan Brits
ADJUNKDIREKTEUR: FINANSIES

Inligtingtegnologie

Mnr R H Church is op 1 Julie 1993 aangestel as die direkteur en het die diens van die Universiteit op 31 Oktober 1994 verlaat. Hy is opgevolg deur **prof J D Roode**, sedert 1 Augustus 1995 in voltydse hoedanigheid. Hy het boonop ook waargeneem as departementshoof van die Departement Informatika (Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe). **Prof Roode** is vanaf 1 April 1998 weer voltyds in die akademie aangestel as die Direkteur: Skool vir Inligtingtegnologie.

Prof C W I Pistorius het as direkteur oorgeneem vir die tydperk 1 Mei 1998 tot 31 Desember 1999. Gedurende hierdie tyd is 'n steundienste-ondersoek binne die departement uitgevoer. As gevolg van dié ondersoek is 'n aantal

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



strukturele en ander veranderinge in die departement teweeggebring wat ten doel het om die doeltreffendste ondersteuningsdiens deur die departement, teen die agtergrond van dinamiese en deurlopend veranderende tegnologie-behoeftes, daar te stel.

'n Nuwe aanstelling sou volg toe **prof Pistorius** as dekaan by die Fakulteit Ingenieurswese oorgeneem het. **Dr J A Pretorius** is op 1 Januarie 2000 tydelik, en met ingang 1 Maart 2000 permanent as Direkteur: Inligtingtegnologie aangestel. Hy was voorheen in diens van die Universiteit en wel aanvanklik in die destydse Instituut vir Mikrostrukture, maar later (na vier jaar in Kanada) hoogleraar by die Carl en Emily Fuchs-Instituut vir Mikroëlektronika (CEFIM) wat tans onder die Departement Elektroniese en Rekenaaringenieurswese ressorteer. Hy het egter die diens van die Universiteit in 1990 verlaat en het in die daaropvolgende dekade verskeie posisies in die nywerheid beklee.

Sy aanvanklike fokus as direkteur was op die stabilisering van die netwerk en die implementering en verfyning van bestuursprosesse soos konfigurasiebestuur en veranderingsbeheer.

Gedurende 1996 het die universiteite van Pretoria, Stellenbosch en Potchefstroom 'n ooreenkoms gesluit om gesamentlik administratiewe rekenaarstelsels te ontwikkel. Die ooreenkoms is vervat in die vorm van 'n trust wat bekend was as die Unitrust-ooreenkoms en die stelsels was bekend as die UNIKOM-stelsels. As gevolg van 'n onvermoë van die partye om genoegsame eenstemmigheid te bereik, is die ooreenkoms in Junie 1999 beëindig. Gedeeltelik sukses is egter behaal en die Universiteit gebruik tans 'n eie weergawe van die UNIKOM finansiële stelsel.



Dr J A Pretorius

Na die beëindiging van die Unitrust-ooreenkoms, het die afdeling Stelsels volle aandag aan die jaar 2000-probleem bestee en daarin geslaag om sonder probleme die nuwe millennium binne te gaan. Ondersoek word tans ingestel na die toekomstige stelsels wat deur die Universiteit gebruik kan word. Die stelsels sal moet voldoen aan die vereistes van elektroniese of e-handel.

Die hoofraam is tydens 1998 en weer in 1999 opgegradeer tot die konfigurasie van 115 Mips (Miljoen instruksies per sekonde) en 768 Megagreep geheue. Die berekeningsvermoë van die hoofraam word hoofsaaklik bepaal deur die pieklas wat tydens die jaarlikse registrasie van studente in Januarie plaasvind.

In 1998 is die oorskakeling na 'n ATM-gebaseerde netwerk begin. Die netwerk bestaan uit 'n ATM-ruggraat met geskakelde ethernet-koppeling na die gebruikers se rekenaars. Die tegnologie posisioneer die Universiteit vir die verwagte groot toename in netwerkgebruik, as gevolg van nuwer administrasiestelsels en die vereistes van telematiese onderrig.

Vanaf 1993-2000 het die aantal persoonlike rekenaars by die Universiteit toegeneem vanaf 3 000 tot 7 000. Dit het aanleiding gegee tot 'n groot toename in die behoefte na rekenaar-gebruikersondersteuning. Vir die uitvoering van beheer tussen al die versoeke en die gebruikersondersteuningsanaliste is 'n Eenstopdiens-eenheid gedurende Mei 1995 op die been gebring, bestaande uit drie personeellede. Op grond van die bevindinge van die steundienste-ondersoek is die naam verander na Kliëntediens en in 2000 het die eenheid uit sewe personeellede bestaan.

Na aanleiding van die genoemde steundienste-ondersoek is sowel die sentrale drukkery as die telefoonsentrale, met die uitsondering van die telefoonskakelbord, vanaf die Departement Fasiliteite en Dienste na die Departement Inligtingtegnologie oorgeplaas.

Die volgende personeellede moet ook genoem word:

Dr H J Venter, adjunkdirekteur, is reeds vanaf 1988 in die Departement Inligtingtegnologie werksaam. Hy het onder meer omgesien na die verkryging en implementering van die nuwe telefoonsentrales op die hoofkampus, die Nagraadse Sentrum en die Prinshof-kampus. Nuwe telefoonsentrales by die Sportsentrum/Proefplaas en die Groenkloof-kampus is tans in wording. Sedert 1999 het hy die Afdeling Gebruikersondersteuning behartig.

Dr H Strydom, adjunkdirekteur, het in 1997 by die Universiteit aangesluit en was intensief betrokke by die bogenoemde Unitrust-ooreenkoms en UNIKOM-stelsels. Die afdeling wat hy bestuur staan daarom bekend as die Afdeling Stelsels.

Mnr J Kleynhans, adjunkdirekteur, is vanaf die middel van 2000 aangestel as die hoof van die Afdeling Infrastruktuur, waaronder die hele rekenaarnetwerk, die rekenaarbedieners en die telefoonstelsel tans ressorteer.

Dr N de Bruyn, bestuurder rekenaarlaboratoriums, het aan die einde van 1998 by die Universiteit aangesluit, toe daar slegs vyf rekenaarlaboratoriums vir opleiding was. Om aan die toenemende behoeftes te kon voldoen het **dr**

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

De Bruyn omgesien na die ontwikkeling van die 15 bykomende rekenaarlaboratoriums wat tot op datum in gebruik is, waarvan twee by die Fakulteit Geneeskunde, een by die Fakulteit Ingenieurswese en 12 by die Informatorium is.

Dr H J Venter
ADJUNKDIREKTEUR

Kantoor van die Uitvoerende Direkteur en Hoofinligtingsbeampte

Die funksie van die Hoofinligtingsbeampte van die Universiteit is op die uitvoerende vlak gevestig.

Uitvoerende Direkteur

Dr A W Paterson is op 1 Maart 2000 aangestel as die Uitvoerende Direkteur wat vir inligtingtegnologie aan die Universiteit verantwoordelik is. In hierdie hoedanigheid staan hy as die Universiteit se Hoofinligtingsbeampte aan die hoof van die Departement Inligtingtegnologie en die ontwikkeling van langtermynstrategieë. Hy is ook gelyktydig die hoofinligtingsbeampte van die WNNR.

Dr Paterson is sedert 1995 vir die inligtingportefeulje van die WNNR verantwoordelik, en het in 1998 die hoofinligtingsbeampte van die WNNR geword. In sy huidige rol bestee hy die helfte van sy tyd aan die WNNR en die ander helfte aan die Universiteit.

Kennis, inligting en inligtingtegnologie

Institusionele verandering het globaal gedurende die tydperk 1995-2000 versnel. Die katalisator vir hierdie verandering was die dalende koste van en toenemende interverbindingsvermoë van rekenaars. Die Internet en nuwe wyses waarmee data gedeel en versend kan word, het nuwe geleenthede vir opvoeding en navorsing geskep. Inligting het dus 'n veel belangriker bate geword en organisasies het begin om hulle kennishulpbronne aktief te bestuur.

Onderwys en navorsing is aansienlik deur hierdie veranderings beïnvloed en geen organisasie kan meer bloot op 'n taktiese vlak reageer nie. Die bestuur van kennis, inligting en inligtingtegnologie hou 'n kritieke strategiese uitdaging vir alle organisasies in. Die Universiteit het op dié uitdaging gereageer deur 'n senior uitvoerende pos te skep om alle faktore rondom inligtingtegnologie te bestuur.

'n Sleutelaspek in dié uitdaging is die vermoë om Internet-tegnologieë as hefboom te benut ter verbetering van die gehalte van onderwys en navorsing. Hierdie uitdaging het verskeie implikasies vir die infrastruktuur en argitektuur van inligtingtegnologie. 'n Sinvolle oorsig, herontwerp en vestiging van volhoubare, effektiewe bedryfsplatforms is van stapel gestuur. Aandag sal ook aan die deurlopende verbetering van bestuursinligting asook die insameling van organisatoriese inligting bestee word om effektiewe besluitneming aan die hand van feite te verseker.

Dr A W Paterson
UITVOERENDE DIREKTEUR EN HOOFINLIGTINGSBEAMPTE

Navorsingsondersteuning en Internasionale aangeleenthede

Afdeling: Navorsingsondersteuning

In **Hoofstuk 1** is daarop gewys dat die Universiteit aan die begin van die negentigerjare hoofsaaklik op onderrig gefokus het met minder klem op navorsing. Die Afdeling Navorsing en Navorsingsadministrasie is egter in 1988 gevestig en het nuwe beslag aan navorsing gegee.

Op navorsingsgebied sou die Universiteit vanaf 1993 groot transformasie ondergaan en tereg tot een van die belangrikste navorsingsuniversiteite in Suid-Afrika ontwikkel. Sedert 1998 lewer die Universiteit jaarliks die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

grootste aantal gesubsidieerde navorsingsartikels asook die meeste (meer as 800) magister- en doktorale gegradueerdes waarvan die grootste gedeeltes van die programme op navorsing gebaseer is. Soos hieronder aangetoon, het die Universiteit ook die samewerking met ander hoër onderwysinstansies, die private sektor en die buiteland versterk.

Die Universiteit het in 1998 vir die eerste keer in sy geskiedenis die meeste navorsingsuitsette van al die 21 universiteite en 15 technikons in Suid-Afrika gelewer. Daarby is dit veral bemoedigend dat die UP-kwaliteitsbevorderingsoudit wat in 1998 deur SAUVCA vrygestel is en waaraan nasionale en internasionale kundiges saamgewerk het, bevind het dat die nodige strukture en meganismes vir die strategiese bestuur van navorsing in plek is en 'n belangrike rol in die toename in navorsingsuitsette speel. In vergelyking met die totale navorsingsuitsette en dié van die meeste navorsingsuniversiteite, toon die Universiteit se uitsette 'n volgehoue vermeerdering (figuur 1).

Fig 1. NAVORSINGSUITSETTE VAN SA UNIVERSITEITE 1993-1999



Die Universiteit plaas 'n hoë premie op navorsing in sy missiestelling om 'n internasionaal erkende akademiese instelling te wees. In die Universiteit se tweede strategiese plan, getiteld: *Op pad na die nuwe Millennium 1998 tot 2001* word dit dan ook gestel: "Die Universiteit van Pretoria onderskryf nie alleen die soeke na nuwe kennis deur navorsing as een van sy basiese funksies nie, maar plaas inderdaad 'n baie hoë premie op relevante en uitnemende navorsing. Uitnemende navorsing verseker 'n reputasie wat nie slegs aan die Universiteit 'n internasionale aansien verleen nie, maar dien ook as trekkrag vir kundige personeel en studente sodat die nasionale en internasionale gemeenskap gedien kan word".

Die transformasie van navorsing is hoofsaaklik deur drie faktore beïnvloed: internasionale tendense ten opsigte van wetenskapbeoefening; nasionale tendense wat al groter klem op relevante navorsing en fokusgebiede plaas; en die ondernemende en proaktiewe stappe wat die Universiteit self geneem het om beslag aan sy toekoms te gee.

Op internasionale navorsingsgebied word daar toenemend wegbeweeg van streng dissiplinêre navorsing na interdissiplinêre en selfs intradissiplinêre navorsingsprogramme wat oor fakulteitsgrense strek en dikwels in vennootskap met ander hoër onderwysinstansies en die openbare en privaat sektor uitgevoer word.

Op nasionale vlak het verskeie beleidsdokumente en -uitsprake, maar veral die *White Paper on Science and Technology* (1996) dit duidelik gestel dat probleemgerigte navorsing wat op interdissiplinêre grondslag beoefen word, die hoogste prioriteit sal geniet. Die National Research and Foresight Project en die National Research Foundation het in 2000 sekere navorsingsfokusgebiede geïdentifiseer wat in die toekoms befonds sal word.

Die belangrikste veranderinge op die gebied van navorsing sedert 1993 aan die Universiteit kan soos volg saamgevat word:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

- Verskeie stappe is geneem om beslag aan die internasionalisering van navorsing te gee. In 1993 is 'n Sentrum vir Buitelandse Studente en Gasdosente in die kantoor van die Registrateur gevestig. In 1997 is dié sentrum na die Departement Navorsingsondersteuning verskuif en in 2000 is die naam verander na: Navorsingsondersteuning en Internasionale Aangeleenthede. Ten einde verdere momentum aan die proses van globalisering te verleen, is 'n program vir nadoktorale genote in 1996 met 'n begroting van R1,8 miljoen ingestel. Gedurende 1996 is 20 navorsingsgenote ingefaseer waarvan die meeste uit Europa gekom het. Verdere beslag is aan kapasiteitsbou gegee deur die instelling van die Navorsingsontwikkelingsprogram (NOP) en twee Buitelandse Uitruilprogramme.
- 'n Groot aantal nasionale en internasionale institusionele ooreenkomste asook talle departementele en fakulteitsooreenkomste is gesluit wat die uitruiling van navorsers en nagraadse studente aanmoedig. Die aantal buitelandse studente het geleidelik toegeneem en in 2000 op 1 900 te staan gekom. Toenemende befondsing vir navorsing word uit die buiteland van onder meer die Europese Unie, USAID, die Mellon en Kellogg Foundations ontvang.
- Die besteding aan navorsing het van R43 miljoen in 1990 tot meer as R100 miljoen in 2000 toegeneem.
- Fondse wat van wetenskaplike rade, ander befondsingsinstansies en die privaat sektor verkry word, toon 'n volgehoue toename.
- Die Stimulasiefonds, wat reeds in 1989 ingestel is om jong dosente te ondersteun, is versterk en hierdie navorsers is aan strenger kwaliteitsbeheer onderwerp. Hierdie jong dosente het geleidelik groter bydraes tot navorsingsuitsette gelewer asook internasionale kongresse bygewoon en opleiding aan nagraadse studente verskaf.
- 'n Elektroniese Navorsingsinligtingstelsel is in 1997 in die departement gevestig wat onder meer strategiese beplanning, bemarking en befondsing bevorder. Die navorsingsverslag wat jaarliks sedert 1987 verskyn, steun al hoe meer op dié databasis.
- Afgesien van konstante groei in gesubsidieerde en nie-gesubsidieerde navorsingsuitsette, die toename in die bywoning van nasionale en internasionale kongresse asook talle ander prestasies op navorsingsgebied, was daar 'n beduidende toename in kontraknavorsing. In sekere opsigte het kontraknavorsing en die bestuur van intellektuele eiendom tot ongeveer 1999 op 'n redelike ongekoördineerde grondslag plaasgevind.
- 'n Belangrike ontwikkeling was die samewerkingsooreenkoms tussen die Universiteit en die WNNR wat beslag gekry het met die stigting van die Southern Education and Research Alliance (SERA). Navorsingsamewerking, die opleiding van nagraadse studente, gesamentlike kontraktering van groot navorsingsprojekte en die beskerming van intellektuele eiendom het nuwe beslag en momentum gekry.
- Kontraknavorsing word sedert 1999 deur die Universiteit se twee kampusfirmas (Research Enterprises at UP and Business Enterprises at UP) bestuur ten einde te verseker dat die intellektuele eiendom maksimaal benut en beskerm word.

Nieteenstaande uitnemende prestasies deur die Universiteit as geheel en deur individuele navorsers, is daar nog veel wat vermag moet word: navorsingsuitsette per voltydse ekwivalente personeellid staan nog agter by dié van sommige ander navorsingsuniversiteite. Die redes is byvoorbeeld dat gemeet aan die aantal dosente en navorsers, behoort meer fondse van befondsingsinstansies verkry te word; daar is nog te veel individuele navorsingsprojekte en die bepaling van fokusgebiede het 'n hoë prioriteit geword, en groter integrasie tussen nagraadse opleiding en navorsing is noodsaaklik.

Die Universiteit het dus in die laaste dekade en veral in die tydperk 1993-2000 op navorsingsgebied sy aansien en status geweldig verhoog. Die Universiteit is goed geposisioneer om verdere beslag aan sy missie te gee as 'n internasionaal erkende akademiese instelling.

Prof P Smit
VOORMALIGE REKTOR

Kantoor vir Internasionale Aangeleenthede

Die Universiteit se Kantoor vir Internasionale Sake het van krag tot krag gegaan, en van een voltydse personeellid, **me Elsa-Marie van Schalkwyk**, tot die huidige vier voltydse personeellede gegroei.

Die voorloper van die kantoor, naamlik die Sentrum vir Buitelandse Studente en Gasprofessore, het in 1993 in Kya Rosa tot stand gekom. **Me Van Schalkwyk** het indertyd die sentrum bestuur.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Me E-M van Schalkwyk



Me C Sililo-Tshishonga

Toe dit duidelik geword het dat die uitruiling van studente en personeellede voortdurend toeneem, is die sentrum se naam verander en na die Administrasiegebou onder die direkte beheer van **dr D D Marais**, wat destyds die adjunkregistrateur was, oorgeplaas.

Me Van Schalkwyk was die sentrum se enigste personeellid gedurende die tydperk 1993-1997. Sy was vir verskeie aktiwiteite verantwoordelik, onder meer vir inligting aan internasionale studente, die toelating van internasionale studente, dienste vir internasionale studente, die internasionale studentekoerant Flags (1995), internasionale uitruilings en samewerkingsooreenkomste (administratief), internasionale beurse vir Suid-Afrikaanse studente wat in die buiteland wou studeer, en beurse vir internasionale studente aan die Universiteit.

In September 1997 is die kantoor oorgeplaas onder die leiding van **dr Zenda Ofir**, die Direkteur vir Navorsingsteun en Internasionale Sake, en is tans in die Studentesakegebou op die hoofkampus geleë.

Me Belinda Anthony het in Maart 1997 by die kantoor aangesluit as die internasionale beampte wat hoofsaaklik vir studente en personeel in en buite Suid-Afrika verantwoordelik was. **Me Cecilia Sililo-Tshishonga** is in Mei 1998 as hoof van die kantoor aangestel. Haar verantwoordelikhede het die daaglikse bestuur van die kantoor asook die oorhoofse koördinasie van alle internasionale institusionele ooreenkomste aan die Universiteit ingesluit. Sy het egter die diens van die Universiteit in September 1999 verlaat.

Die kantoor baat by die heelhartige ondersteuning van **prof Johan van Zyl**, die huidige Visekanselier en Rektor, en van **prof Theuns Erasmus**, die viserektor wat vir navorsingsondersteuning en internasionale sake verantwoordelik is. Die Rektor het internasionalisasie as een van die Universiteit se drie belangrikste prioriteite uitgewys, en sy visie is "om die Universiteit plaaslik relevant en internasionaal mededingend te maak".

Die aantal internasionale studente het dramaties van ongeveer 450 voltydse studente in 1997 tot 1 200 in 1999 toegeneem, en dit het met 'n toename in die kantoor se personeeltal gepaard gegaan. Die groot aantal voltydse studente asook die toenemende aantal uitruilstudente (van 20 in 1998 tot die huidige 50) plus 30 nagraadse genote het 'n behoefte aan bykomende dienste meegebring. Die huidige personeelkorps bestaan uit vier voltydse personeellede wie se portefeuljes 'n hele verskeidenheid dienste by die kantoor verteenwoordig.

Me Vinay Rajah het in September 1998 as raadgewer vir studie en werk in die buiteland by die kantoor aangesluit. Sy hanteer die belange van studente en personeel wat graag in die buiteland wil gaan studeer of werk. Dit sluit in die bestuur van die kantoor se interne beursprogramme en die fasilitering van 'n groot aantal plaaslike en internasionale studiebeurse en werksgeleenthede.

Benewens die bestuur van 'n hulpbronsentrum by die kantoor, hou **me Rajah** ook 'n doeltreffende inligtings- en kommunikasienetwerk vir die kantoor in stand. Hier gaan dit veral oor skakeling met ambassades, konsulate en hoë kommissarisse in Suid-Afrika en in die buiteland. Sy skakel gereeld met instansies wat plaaslik en internasionaal studiebeurse of -toekennings toeken.

Me Rajah is ook sedert Mei 2000 die koördineerder van aktiwiteite by die kantoor. Sy is die skakelpersoon tussen die kantoor en die Universiteit se bestuur oor sake wat die kantoor direk raak.

Me Salome Coertze het in September 1998 as raadgewer vir internasionale studente by die kantoor aangesluit. Haar verantwoordelikhede dek alle aangeleenthede in verband met inkomende studente – van verblyf tot registrasie. Sy is tans adviseur vir die portefeulje internasionale institusionele ooreenkomste en bestuur byvoorbeeld institusionele ooreenkomste met vennootinstellings in die buiteland. Hierdie taak het reeds 40

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

sodanige ooreenkomste oor geografiese gebiede insluit, soos Australasië en die Ooste, Noord- en Suid-Amerika, Europa en Afrika. Sy skakel ook direk met studente en personeel wat uit hoofde van internasionale institusionele ooreenkomste by die Universiteit aankom. Verder hanteer sy ook al die logistieke reëlings in verband met inkomende nagraadse genote.


Me V Rajah

Me Mahlogonolo Mphahlele het as 'n tikster/sekretaresse by die Departement Navorsingsondersteuning begin werk en is later na die kantoor as sekretaresse vir die hoof oorgeplaas. Haar bevordering binne enkele maande tot die pos van raadgewer vir internasionale studente is tekenend van die kapasiteitsbou en transformasie wat op groot skaal by die Universiteit plaasvind.

Me Laura Pienaar is in Mei 2000 van Akademiese Administrasie af na die kantoor oorgeplaas. Sy en **me Mphahlele** deel die raadgewersportefeulje vir internasionale studente en dit sluit inligting oor hulle aankoms, aansoeke, registrasie en oriëntering na hulle aankoms in. Hulle bied ook steundienste met betrekking tot die Departement Binnelandse Sake, makelaars vir mediese versekering, die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO), die Matrikulasieraad, verblyf en algemene inskakeling by die Universiteitslewe.

Hulle administreer saam met 'n studentekomitee die sosiale/kulturele organisasie wat as University of Pretoria International (UPI) bekend staan. Dié organisasie sien om na die belange van plaaslike en internasionale studente. UPI het gedurende die afgelope jaar van 20 na 80 lede gegroei, en 80 van die huidige lede kom uit 50 verskillende lande.

In die lig van die geweldige toename in die aantal internasionale studente en personeel wat by die Universiteit aangesluit het asook personeel en studente van die Universiteit wat in die buiteland reis, het die dienste wat die kantoor aanbied fenomenaal sedert 1993 toegeneem, en daar bestaan selfs meer potensiaal vir groei en ontwikkeling in die toekoms.

Me Vinay Rajah
HOOF: KANTOOR VIR INTERNASIONALE SAKE

Personeel

Die tydperk 1993-2000 is gekenmerk deur groot ontwikkeling, verandering en transformasie wat veral op die gebied van menslike hulpbronne 'n besondere impak gehad het – en steeds het. Veranderinge in arbeidswetgewing is in hierdie verband van groot belang. Die departement het deurentyd gepoog om proaktief die gepaardgaande veranderinge in beleid en prosedures teweeg te bring.


Prof W vd M Heroldt

Die prestasies en aansien van die Universiteit word in groot mate bepaal deur die gehalte, motivering en toewyding van sy personeelkorps. In sy strewe na uitnemendheid moet die Universiteit dus deurlopend aandag aan die ontwikkeling van sy totale personeelkorps bestee. Afgesien van programme wat daarop gerig is om die onderrig- en navorsingsvaardighede van dosente te slyp, word verskeie programme aangebied om die effektiwiteit en doeltreffendheid van die personeel te verhoog. Uitbreiding en aanpassing geskied deurlopend om aan veranderende vereistes te voldoen.

Die Universiteit is verbind tot gelykberegtiging, gelyke werksgeleenthede en die handhawing van fundamentele regte, en verwerp diskriminasie op grond van ras, etniese herkoms, geloofsoortuiging, geslag, huwelikstatus of seksuele oriëntasie. Die personeelbeleid word deurlopend in die lig van bostaande verbintenis aangepas waar nodig. Stappe is gedoen om die optimale ontwikkeling, benutting en versorging van die personeel te verseker. Klem is veral gelê op die opheffing van voorheen benadeelde personeelgroeperings. Naas deurlopende programme van "taakverbandhoudende" personeelontwikkeling, word ook heelwat ten opsigte van geletterdheidsopleiding, individuele bemagtiging en billike arbeidspraktyke gedoen. Sedert 1995 het personeellede ook finansiële ondersteuning ontvang om hulle skoolkwalifikasies by wyse van nauurse en korrespondensiekursusse te verbeter. Eksterne opleiding is beskikbaar om die personeel se taakrelevante vaardighede te verbeter.

Ten einde diversiteit in die personeelkorps te bevorder, is 'n stelsel sedert 1995 gevolg om addisionele befondsing van die Universiteit beskikbaar te stel sodat die akademiese departemente geskikte personeel uit tradisioneel benadeelde gemeenskappe kan werf en aanstel.

'n Wetswysiging het organisasies soos universiteite in staat gestel om vanaf 1 Januarie 1995 hulle eie aftreefondse te stig. Die UP-Pensioenfonds en die UP-Voorsorgfonds is op 1 Januarie 1995 gestig en die meeste

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

personeellede het hulle opgehoopte pensioenvoordele uit die staatsbeheerde Pensioenfonds vir Geassosieerde Inrigtings onttrek en na die UP-fondse oorgeplaas. Die fondse word deur 'n buitekontrakteur (Momentum Versekeraars) geadministreer maar die departement speel steeds 'n belangrike rol in hierdie verband.

Nadat 'n dooiepunt in die salarisonderhandelings met lede van die vakbond Nehawu bereik is, is 'n dispuut verklaar en die Universiteit het vir die eerste keer in September 1995 'n wettige staking beleef. Die staking het agt dae geduur en is na bemiddeling en nadat 'n ooreenkoms bereik is, beëindig. Die staking het nie die Universiteit se onderrig-, navorsings- en diensleweringsprogramme ontwrig nie.

Die personeelvoorsieningsmodel vir akademiese personeel wat sedert die vroeë negentigerjare in gebruik is, is in 1996 in samewerking met die Buro vir Institusionele Navorsing en Beplanning (BINEB) op grond van meer gestandaardiseerde erkenning van tydsbesteding aan formele onderrig hersien.

Ten einde die werwings- en keuringsproses doeltreffender te maak, word die aansoekvorm om 'n betrekking sedert 1996 op die wêreldwye web (World Wide Web) beskikbaar gestel. Interaktiewe televisie word toenemend ingespan om onderhoude met buitelandse kandidate te voer. 'n Gerekenariseerde verlofstelsel is ook ontwikkel en in bedryf gestel.

In 1996 is 'n nuwe vakbond, naamlik die Universiteit van Pretoria Werknemersorganisasie (UPWO) deur die Universiteitsbestuur as verteenwoordigend van akademiese, administratiewe en ondersteuningspersoneel erken. Dit het 'n nuwe era in arbeidsverhoudinge vir die grootste gedeelte van die Universiteit se werknemers ingelui. Alle salarisaanpassings en wysigings van diensvoorwaardes word byvoorbeeld sedert 1997 met die vakbonde onderhandel.

In 1997 is gesamentlike aanstellingskontrakte met die Departement van Gesondheid, Welsyn en Geslagsake van die Mpumalanga Provinsie gesluit. Kliniese- en aanvullende gesondheidsorgpersoneel by veral die Witbank- en Middelburg-Hospitaal word gesamentlik op die Universiteit en dié provinsie se diensstate aangestel. Dit bring mee dat 'n aansienlike aantal personeellede ver buite die grense van Pretoria bedien moet word.

Die Universiteitsbestuur het in 1997 besluit dat die doeltreffendheid en effektiwiteit van alle steundienste indringend ondersoek moet word, en die Steundienste-Ontwikkelingsprojek (SOP) is van stapel gestuur. Na aanleiding van 'n aantal ondersoeke in 1998, is onder meer besluit om dienste wat nie deel van die Universiteit se kernbesigheid uitmaak nie, uit te kontrakteer. Alle tegniese dienste, sekuriteitsdienste, terreinonderhoud en skoonmaakdienste is vanaf 1 Julie 1998 uitgekontrakteer. Dit het vir die eerste keer in die bestaan van die Universiteit aanleiding gegee tot 'n grootskaalse aflegging van personeel.

'n Loopbaanoorgangs- en Ontwikkelingsentrum (LOOS) is daargestel om afgelegde personeel te ondersteun. In die lig van die spontane benutting van hierdie sentrum is die funksies uitgebrei en 'n 24-uur diens word sover moontlik aan die personeel voorsien.

'n Behoefte aan 'n universiteitswye beleid is ten opsigte van die deurlopende evaluering van personeel geïdentifiseer en 'n prestasiebestuursprojek is in Mei 1998 geloods. Die doel van die projek was om werkprestasie te verhoog, individuele loopbaanontwikkeling te bevorder, en prestasiegekoppelde vergoeding en -erkenning te fasiliteer. Die prestasiebestuurstelsel identifiseer ook die opleidings- en ontwikkelingsbehoeftes van personeellede.

Heelwat ontwikkelingswerk is gedoen om 'n instrument vir prestasiemeting te skep. Alle rolspelers het aan die proses deelgeneem, onder meer vir die ontwikkeling van uitset- en standaardvlakke. Die suksesvolle implementering van hierdie stelsel, wat vir die begin vir 2001 beplan word, sal van 'n intensiewe opleidingsprogram afhang.

Alle poste vir tydelik-deeltydse personeel wat 15, 20 en 25 uur per week werk en normaalweg van jaar tot jaar aangestel word – van wie sommiges reeds meer as 20 jaar in diens is – is vanaf 1 Januarie 1999 na permanente poste verander. Personeellede in dié poste deel nou in alle byvoordele op 'n pro rata-basis. Die poste van tydelik-voltydse personeel wat op 'n jaar-tot-jaar basis aangestel is, is reeds in 1998 in permanente poste verander en die personeel is dienooreenkomstig aangestel.

Die veranderde studenteprofiel en die inwerkingtreding van die wet op gelyke indiensneming (Employment Equity Act, Wet 55 van 1998) het in 1999 nuwe stukrag verleen aan pogings om 'n meer gediversifiseerde werksmag aan te stel. Die klem val spesifiek op mense in die teikengroep wat in die wet bepaal word, naamlik swart mense (wat ook Indiërs en Kleurlinge insluit), vroue en gestremde persone.

Die Afdeling vir Gelyke Indiensneming is in 1999 gestig. Hierdie afdeling fasiliteer die beplanning vir billike indiensneming soos in die betrokke wet voorgeskryf word. Alle beplanning word in oorleg met werknemersorganisasies deur middel van 'n Forum vir Gelyke Indiensneming gedoen. Die Universiteit se Gelyke Indiensnemingsplanne in dié verband is ooreenkomstig die voorskrifte van die wet tydig ingedien.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die bevordering van diversiteit met betrekking tot veral akademiese personeel sal die Universiteit in die volgende aantal jare voor een van sy grootste uitdagings ooit stel. Benewens werwing sal die opleiding en ontwikkeling van eie personeel tot hulle volle potensiaal 'n besonder belangrike rol speel.

Die samesmelting van die fakulteite vir veeartsenykunde van Medunsa en die Universiteit is na onderhandeling wat drie jaar geduur het in 1999 voltooi. Onder meer is 76 personeellede van Medunsa suksesvol in die nuwe fakulteit by die Universiteit opgeneem.

Eksterne konsultante het die menslike hulpbronfunksie aan die Universiteit in 1999 by wyse van kwalitatiewe en kwantitatiewe analises as deel van die Steundienste-Ontwikkelingsprojek ondersoek.

Bestaande prosesse is bestudeer en internasionale norme en standaarde is vir vergelykingsdoeleindes gebruik. Geskoei op die model van **Dave Ulrich** wat die menslike hulpbronfunksie met vier belangrike hoekstene sien, naamlik strategiese vennoot, veranderingsagent, administratiewe kundige en werknemer kampioen, is ingrypende wysigings aan die bestaande struktuur en funksies van die departement voorgestel en deur die Universiteit aan die begin van 2000 aanvaar.

Herstrukturering het in 2000 begin. Die pos van Direkteur: Personeel, twee van die drie adjunkdirekteursposte en die pos van Hoof: Byvoordele is afgeskaf. Die funksies is opnuut ingedeel. Daar word beoog dat sommige na 'n beplande gedesentraliseerde fakulteitsbestuur oorgeplaas sal word, en funksies soos die personeelbegroting en die hantering van vergoeding volgens eisbasis sal na die Departement Finansies verskuif word. Die naam van die departement sal na Menslike Hulpbronne verander word sodra 'n algemene bestuurder aangestel is en diens aanvaar het. Bestuurders vir die nuwe onderafdelings sal ook aangestel word.

Die Direkteur: Personeel, **prof W van der M Herholdt**, het op 30 Junie 2000 afgetree. Die Adjunkdirekteur: Personeeladministrasie en -beleid, **mnr E J Smith** het op 31 Januarie 1996 afgetree. Sy opvolger sedert 16 September 1996, **mnr S L Kotzé**, is ingevolge die herstrukturering van die departement op 1 Augustus 2000 as fakulteitsbestuurder na die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe oorgeplaas. **Mnr C H Cloete** is sedert 1996 Hoof: Afdeling Byvoordele. **Prof C D Pottas** en **mnr T C Coetzer** is steeds adjunkdirekteure en laasgenoemde is sedert 1 Julie 2000 Waarnemende Direkteur: Personeel.

Die departement het sedert 1993 onder die lyngesag van verskeie Hoofbestuurslede gestaan, te wete viserektore **proff C W I Pistorius, J J Stadler** en **C R de Beer** en sedert 1 Oktober 1997 ook **prof J D Sinclair**, Uitvoerende Direkteur. Sedert die begin van 2000 dien **prof De Beer** egter weer as die viserektor wat vir die departement verantwoordelik is.

Mnr T C Coetzer
WAARNEMENDE DIREKTEUR: PERSONEEL

Risikobestuur

Hierdie afdeling, wat voorheen as Kampusbeheer bekend gestaan het, het die afgelope sewe jaar verskeie ontwikkelings en veranderinge ondergaan – hoofsaaklik om by nuwe behoeftes aan te pas.

Die afdeling is aan die einde van 1995 aan 'n grondige ondersoek deur die Krugel-komitee onderwerp. Dit was die begin van verskeie veranderinge in die afdeling se struktuur en verantwoordelikhede. Die veranderinge is voortgesit met die Steundienste-Ontwikkelingsprojek (SOP) wat gedurende Julie 1997 geloods is en verskeie aanbevelings wat mettertyd geïmplementeer is, het gevolg. 'n Opmerklike verskynsel as gevolg van die implementering van die SOP-aanbevelings was 'n duidelike afname in misdaad.

Die missie van die afdeling toon duidelik sy blootstelling aan 'n wye spektrum van risiko's wat geïdentifiseer en effektief en doeltreffend bestuur moet word ten einde onnodige verliese, eise en regstappe te voorkom. Verder streef die afdeling na 'n veilige en gesonde omgewing deur die uitbestede dienste koste-effektief en -doeltreffend te bestuur; kliënte ingelig te hou oor risikobestuur; en om risikobestuur deur middel van risiko-ontleding, beplanning en geïntegreerde stelsels holisties toe te pas.

Die afdeling se strategie is die volgehoue toepassing van proaktiewe risikobestuurspraktyke op alle vlakke binne die Universiteit. Risikobestuur is 'n fundamentele sakebeginsel wat tot die uitskakeling of beperking van risiko's en verliese lei en dus aansienlike besparings meebring.

Verskeie veranderinge is bewerkstellig om die afdeling se missie prakties toe te pas en die aanbevelings van die konsultante wat by die SOP betrokke was, te implementeer. 'n Risiko-advieskomitee is op die been gebring om onder meer die Hoofbestuur te adviseer. Voorts is sekere dienste uitbestee en 'n groot aantal (ongeveer 140)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Mnr Y Venter

personeellede het die diens van die Universiteit verlaat. Meer gebruikersvriendelike uniforms is aan die oorblywende sekuriteitspersoneel uitgereik. 'n Verdere uitvloeisel van die SOP was natuurlik die naamsverandering na Risikobestuur in Oktober 1998.

Verskeie gebeurtenisse en hoogtepunte die afgelope aantal jare word kortliks uitgelig:

Gedurende die verkiesing in 1994 het verskeie politieke optogte, demonstrasies en optredes op die kampus plaasgevind. Politieke sprekers het nie altyd in almal se smaak geval nie, en by massa-byeenkomste van studente het die afdeling se personeel meermale hulle hande vol gehad om alle voorvalle te hanteer en gemoedere te laat kalmeer. Nogtans was lesings nooit onderbreek nie – danksy die optrede van Risikobestuur.

Gedurende 1997 het 'n mannekoor in die afdeling tot stand gekom wat voor verskeie gehore opgetree het, maar met die uittrede van talle personeellede moes die koor noodgedwonge ontbind word.

'n Nuwe studentekaartsisteem is gedurende 1997 ontwikkel met die ondersteuning van die destydse Volkskas as borg. Bestaande veiligheidsmaatreëls sluit in 'n beheerkamer op die hoofkampus in, wat 24 uur per dag beman word. Die buitekampusse is deurgaans in verbinding met die sentrale beheerkamer. Coin Sekuriteit is in Oktober 1998 aangestel en is verantwoordelik vir kampuspatrollies asook toegangsbeheer.

Die Universiteit is verbind tot die daarstel van 'n veilige werkomgewing vir sy personeel, studente en besoekers. Gedurende 1999 is R2,6 miljoen bestee om alle lugreëling- en ventilasietoerusting in alle geboue te dekontamineer. Voorts is 'n omvattende instandhoudingsprogram wat gereelde dekontaminasie insluit deur die Hoofbestuur goedgekeur. Dit sluit ook in die gereelde skoonmaak van toerusting en die uitvoer van toetse om bakterietellings te bepaal.

In Februarie 1999 is 'n Studenteveiligheidsforum gestig om studente-inspraak en hulle betrokkenheid by veiligheid op 'n amptelike basis te reël. 'n Studenteraadslid is dan ook verantwoordelik vir 'n portefeulje Veiligheid en Sekuriteit.

'n Groen roete is op die kampus afgebaken met die spesifieke doel om studente te beveilig. Die roete begin voor die Akademiese Inligtingsentrum waarvandaan begeleiding deur sekuriteitspersoneel tussen 18:00 en 01:00 na die dameskoshuise verskaf word. Die sekuriteitspersoneel wat dié diens verskaf is senior studente wat spesifiek vir dié doel opgelei is en met flitse, radio's en toegangskaarte tot die koshuise toegerus is. Nuwe toegangbeheerstelsels is ook by die dameskoshuise ingestel.

'n Gespreksforum word elke tweede week met personeel gehou om geïdentifiseerde probleme te hanteer. 'n Spesiale diens is verder ingestel om personeel op versoek nauurs na hulle motors te vergesel. Voorts word sekuriteitsoudits van tyd tot tyd by die onderskeie kampusgeboue gedoen om probleme te identifiseer en dit onder personeellede se aandag te bring.

Vir die Universiteit as opvoedings- en navorsingsinstelling is 'n stabiele, veilige omgewing van groot belang. Vanselfsprekend is gemeenskapsbetrokkenheid 'n belangrike deel van die afdeling se verantwoordelikhede. Dus neem die afdeling in hierdie verband deel aan gereelde vergaderings van rolspelers en is ook betrokke by bewusmaking en die vind van gesamentlike oplossings tot probleme. Statistieke oor die tipe en frekwensie van misdade word elektronies deur die rolspelers gekommunikeer.

In die versorging van studente speel hierdie afdeling 'n vername rol. Gedurende Mei 2000 is 'n werksessie gehou om die vestiging van 'n krisissentrum te bespreek en in September 2000 is die Krisisdiens amptelik geopen. Alle operasionele en administratiewe personeel van die afdeling het 'n kursus by Inter Trauma Nexus deurloop as trauma-ondersteuners vir die slagoffer(s) van 'n misdaad en/of 'n krisis. Hiertydens as gespesialiseerde ondersteuners is hulle geleer hoe om slagoffers met waardigheid en empatie te hanteer en om probleemsituasies te beredder.

Die Krisisdiens bied gespesialiseerde en professionele ondersteuning aan studente wat 'n krisis van watter aard ookal beleef. Studente word, waar nodig, vir berading verwys. Rolspelers sluit in Risikobestuur, Inter Trauma Nexus, Coin Sekuriteit en Studenteleiding. Coin Sekuriteit borg die Krisisdiens deur onder meer selfone beskikbaar te stel, en Inter Trauma Nexus bied hulle kundigheid en is veral by nasorg betrokke. 'n Tolvrye nommer is ingestel en wyd gekommunikeer om die toeganklikheid van die diens te verhoog.

Die senior personeel gedurende die oorsigtydperk sluit die volgende in: **mnre Y Venter**, Direkteur: Risikobestuur; **F Fouché**, Hoof: Beroepsgesondheid- en Veiligheid; **J C N Boonzaaier, C J Myburgh, G J le Roux** en **M A Satege**, Kontrakbestuurders; **me E de Beer**, Administratiewe Beampte; en **me E C Liebenberg**, Risikobewusmakingsbeampte.

Me E C Liebenberg
RISIKOBEWUSMAKINGSBEAMPTE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Sentrum vir die Bestudering van Vigs

Die Universiteit het die Sentrum vir die Bestudering van Vigs in 1999 gestig in reaksie op die omvang en erns van die MIV/Vigs-epidemie in Suid-Afrika asook die oproep van die visepresident vir 'n vennootskap teen Vigs. **Me M N Crewe** is die direkteur van die sentrum, **me N Gasa** is die projekbestuurder, **mnre B Nkosi** en **J Maritz** dien as opvoeders, raadgewers en vir uitreiking na studente, **me M Njoko** en **mnr B Maart** is die koördineerders vir inenting, en **me N Brummer** is die sekretaresse. Die direkteur van die sentrum rapporteer aan die viserektor, **prof C R de Beer**. Die sentrum se kantore is in die Huis en Haard-gebou op die hoofkampus geleë.



Die sentrum koördineer die Universiteit se respons op MIV en Vigs. Die personeel konsentreer op die ontwikkeling van 'n MIV/Vigs-beleid en -programme by wyse van interdissiplinêre navorsing, kurrikulumvernuwing en gemeenskapsprojekte. Daarbenewens lewer die personeel ook beradings- en steundienste aan diegene wat deur die siekte geraak word.

Aanvullend tot die werk wat reeds gedoen word, is die personeel tans besig met die formulering van 'n volgehoue sosiaal-teoretiese redenasie oor ons samelewing en sy reaksie op die epidemie. Hierdie werk sal uitdagings stel en dalk verklaar waarom ons nie daarin geslaag het om MIV en Vigs toereikend in Suid-Afrika aan te spreek nie en moontlik nuwe vlakke van maatskaplike verklaring en begrip aan die lig bring.

Hierdie nuwe debatte en verduidelikings word in studente se leerplanne ingevoeg. Alle studente verkry op hierdie wyse 'n teoreties ingeligte begrip van die epidemie en hoe dit hulle toekoms en loopbane kan beïnvloed. Hulle sal leer verstaan wat hulle kan doen om hierdie invloed te beperk en ekonomiese groei en begrip in die samelewing te bevorder. Op 'n ander toepassingsvlak sal hierdie begrip en verduidelikings aangewend word vir die bekendstelling en evaluering van die Universiteit se omvattende gemeenskapsuitreikingsprogram. MIV en Vigs gaan 'n betekenisvolle rol op alle gebiede van die universiteitslewe speel.

Uitgebreide interdissiplinêre navorsing word bevorder in die belang van 'n beter begrip van MIV en Vigs en die impak daarvan op ons samelewing. Die personeel en studente sal ons begrip van MIV/Vigs en die implikasies daarvan toelig vir ekonomiese, sosiale en kulturele ontwikkeling, vir die onderwys en maatskaplike werk, by wyse van wetgewing, die handel, landbou, teologie, die kunste en nuwe vorms van maatskaplike en tegnologiese begrip. Hierdie navorsing sal die werk aanvul wat in die wetenskappe asook in die mediese en tandheelkundige fakulteite en in openbare gesondheid gedoen word.

Die personeel en studente sal toegang hê tot 'n omvattende program vir onderwys, inligting, berading en steundienste op alle kampusse asook by wyse van projekte wat die Universiteit uitvoer en ondersteun. Hierdie opvoedkundige en beradingsinisiatiewe sal deur portuurgroepe bestuur en deur die professionele personeel van die Universiteit aangebied word.

Op hierdie wyse word 'n klimaat van verdraagsaamheid, begrip, empatie en waardigheid geskep sodat mense met MIV/Vigs hulle toestand vrywillig kan openbaar en van almal die ondersteuning en respek ontvang wat hulle verdien.

'n Omvangryke media- en inligtingsprogram is van stapel gestuur om die sentrum te ondersteun. Studente in alle dissiplines ontvang opleiding ten opsigte van MIV en Vigs. Na aanleiding hiervan sal 'n hoogs vaardige groep mense die leiding in Suid-Afrika kan neem om 'n opwindende, innoverende en doeltreffende respons op die epidemie te ontwikkel. Die personeel en studente word dus in hulle persoonlike en professionele lewe in staat gestel om stappe te doen wat die verdere verspreiding van MIV kan voorkom. Hulle sal maniere kan vind om die persoonlike en maatskaplike impak van MIV en Vigs te verminder, en hulle poste as werknemers in die toekoms kan benut om hulpbronne te mobiliseer wat sal verseker dat MIV en Vigs op 'n holistiese en doeltreffende wyse aangepak word.

Publikasies van die sentrum se personeel verskyn voortdurend in teoretiese debatte, beleidstudies, die ontwerp en toepassing van nuwe programme, gemeenskapsbetrokkenheid, die evaluering van projekte en dienslewering. 'n Omvattende MIV/Vigs-oorsig word elke jaar gepubliseer.

Me M N Crewe
DIREKTEUR

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Strategiese konvergensie tussen die Universiteit van Pretoria en die WNNR

Gedurende die middel van 1999 het private samesprekings tussen die Visekanselier en Rektor van die Universiteit van Pretoria (UP) en die President van die WNNR plaasgevind. As gevolg daarvan het die gedagte ontstaan om 'n model vir beter samewerking tussen die twee organisasies te ondersoek. Beide UP en die WNNR is tot 'n mindere of meerdere mate betrokke by die ontwikkeling van hoëvlak menslike hulpbronne, navorsing, markgerigte aktiwiteite (kontraktering) en die ontwikkeling van ondernemings (venturing). Die twee organisasies raak al hoe meer betrokke op mekaar se tradisionele kernbesigheidsgebied, met die logiese vraag of dit nie beter sou wees om met mekaar saam te werk eerder as om te kompeteer nie.

Moontlike samewerkingsmodelle is ondersoek, en die model waarop besluit is, is dié van strategiese konvergensie, dit wil sê dat wanneer strategie beplan word, dit gedoen word met inagneming van die ander vennoot se eienskappe, hulpbronne en visie. **Prof J A G Malherbe** is vanaf 1 Januarie 2000 as Uitvoerende Direkteur: Projekte aangestel met die verantwoordelikheid om die samewerkingspoging met die WNNR te bestuur.

In die aanvanklike beplanning van die samewerking, was die klem op die ontwikkeling van taakspanne wat op verskeie temas sou saamwerk.. Hieruit, so was die verwagting, sou 'n tipiese patroon te voorskyn kom, en daaruit sou bestuurstrukture ontwikkel. Sowat 20 eksterngerigte temas is geïdentifiseer, byvoorbeeld biotegnologie, bosbou, water, mynbou, vervaardiging, telekommunikasie, vervoer, voedsel en voedseltegnologie, die bou-omgewing, sport, vigs, gemeenskapsgesondheid, toerisme, volhoubare ontwikkeling, innovasie en tegnologiebestuur, inheemse kennis, modellering, misdaadvoorkoming, voortgesette onderrig en lewenslange leer, wetenskap- tegnologie en ingenieurswese uitreikprogramme, inligtingtegnologie en ruimtetegnologie. Interngerigte temas sluit in die bestuur van kennis (inligtingsdiens en inligtingstelsels); intellektuele goedereregbestuur in ondernemings; transformasie en die bestuur van verandering; finansies; eksterne befondsing; en die beplanning van ruimte en infrastruktuur. Die interne temas is beplan om die voordele van samewerking na die bestuur en bedryf van die organisasies oor te dra.

Uit die staanspoor was dit egter ook duidelik dat dit nodig sou wees om strukture vir bestuur en beheer in te stel. Gevolglik is 'n bestuurskomitee en meganismes geskep wat sou kon voortgaan om die nodige strukture te ondersoek en skep sodat die alliansie funksioneel kan ontwikkel.

Feitlik tegelykertyd het 'n geleentheid ontstaan om betrokke te raak by die Gauteng Provinsiale Regering (GPG) se strategiese inisiatiewe, en is 'n voorstel ingedien namens UP en die WNNR om in vennootskap met die GPG 'n innovasiekern (innovation hub) te ontwikkel. Dit sou die skep van 'n hoëtegnologie-besigheidsinkubator, en die ontwikkeling van 'n hoëtegnologie-kern insluit, en op die suidoostelike hoek van die Universiteit se proefplaas geleë wees. Hierdie terrein bied die unieke eienskappe van ligging feitlik in die sentrale kern van Pretoria, tussen die land se twee grootste hoëtegnologie-instansies en word deur die beste infrastruktuur denkbaar op die kruising van twee snelweë bedien.

Die voorstel was suksesvol, en op 15 Februarie 2000 is 'n memorandum van ooreenkoms met die GPG gesluit. Die GPG se ondersteuning in die eerste drie jaar van oprigting van die innovasiekern sal R250 miljoen bedra, en maak voorsiening vir die bou van 'n brug om die ontwikkelde eiendom oor die snelweg na die ingang van die WNNR te verbind, die voorsiening van siviele dienste, sowel as toegang tot die internasionale inligtingtegnologie-stelsels van wêreldgehalte. Voorsiening is ook gemaak vir geboue vir die bestuur van die kern, sowel as die vestiging van die hoëtegnologie-inkubator. Die eerste stappe in die realisering van 'n funksionerende besigheidsinkubator is geneem met die stigting van Hub2B in een van die geboue op die WNNR-kampus; ses beginmaatskappye het reeds in die gebou van die Innovasiekern ingetrek. Verder is die ontplooiing van die kern, met die gepaardgaande infrastruktuur van paaie, brug en dienste, sowel as hoëkapasiteit inligtingstelsel, in die detail-beplanningstadium.

'n In-diepte studie van die handelsmerk vir die toekomstige samewerking tussen UP en die WNNR het gelei tot die benaming van die alliansie, naamlik Southern Education and Research Alliance - SERA.

Ten einde die geleenthede wat tussen die twee Alliansievennote bestaan, behoorlik te ontgin, word verskeie strukture ontwikkel wat tegelyk ook aan die vereistes van gedeelde infrastruktuur voldoen. 'n Sleutelstap is geneem in die stigting van die firma SERA (Edms) Bpk, waarvan helfte van die aandele elk deur UP en die WNNR besit word. Hierdie firma is die wetlike struktuur waardeur die alliansievennote hulle gemeenskaplike besigheidsaktiwiteite bedryf, en wat ook die mate van verantwoordbaarheid en voordeel bepaal.

UP en WNNR maak ewe groot en gelyksoortige bydraes tot SERA, die Universiteit in die vorm van 'n deel van die proefplaas, en die WNNR deur 'n deel van sy eiendom, waarop die konferensiesentrum geleë is, by te dra.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Benewens sy betrokkenheid met die Alliansie deur middel van SERA, bedryf die Universiteit ook verskeie ander firmas op die kampus, vir die doel van die ordelike bestuur van kontraktering en kontraknavorsing. Hierdie firmas word via die firma Enterprises at UP beheer; laasgenoemde is ook die weg waardeur UP aandele in ander ondernemings hou. Verder is al die Universiteit se aktiwiteite op die gebied van voortgesette onderrig in een beheerorganisasie (CE at UP) saamgesnoer. Hierdie firma is ook die voorkeur-diensleweraar vir voortgesette onderrig van die WNNR.

SERA (Edms) Bpk sal uiteindelik verskeie afdelings hê, waaronder die Intellektuele goedereregkantoor sal ressorteer. Hierdie kantoor hanteer as 'n diens die beskerming van intellektuele goedere in belang van beide partye van die alliansie. Die ontginning van intellektuele goedere vorm 'n nou skakel met die beskerming, en deur die stig van ondernemings saam met eksterne ondernemers word voorsien dat patente en uitvindings ten beste ontwikkel sal word. Die lisensiëring van patente word deur Technifin (Edms) Bpk, 'n volfiliaal van SERA (Edms) Bpk, hanteer. SERA sal ook namens die alliansie sowel die standaarde van kontraktering as 'n databasis van kontrakte behartig. Verder word voorsien dat SERA mettertyd namens die alliansie 'n waagkapitaalfonds sal administreer.

Prof J A G Malherbe
UITVOERENDE DIREKTEUR: PROJEKTE

Studentesake

Kantoor van die Studentedekaan

Hierdie ondersteuningsdiens het gedurende die jare 1993-2000 enkele organisatoriese verskuiwings beleef. Daar was ook veranderinge in die samestelling van personeel.


Prof P B van der Watt

Aanvanklik was daar steeds die afdelings Studentegesondheidsdiens, Studente-Ontwikkeling en Studente Sport (bekend as die Sportburo) wat saam met die Kantoor van die Studentedekaan onder **prof P B (Flip) van der Watt** (Studentedekaan) geressorteer het. Die onderskeie hoofde was **dr Marietjie de Jager** (Studentegesondheidsdiens), **mnr Faan van Wyk** (Studente-Ontwikkeling) en **mnr Gert Potgieter** (Sportburo).

Die Steundienste-Ontwikkelingsprojek wat in opdrag van Hoofbestuur en deur 'n konsultant, **mnr Herman Marais**, onderneem is, het in 1998 tot die ingrypende herstrukturering van die afdeling Studentesake gelei. Een van die gevolge was dat die posisie van sommige personeellede noodwendig hierdeur geraak is. Voortaan sou die Sportburo direk onder die verantwoordelike viserektor ressorteer, en daar is heel spoedig besluit dat Studentegesondheidsdiens deel sou word van die nuwe afdeling Studente-ondersteuning, wat die afdeling Studentevoorligting vervang het. Laasgenoemde afdeling het ook die maatskaplike versorging, sielkundige berading en akademiese leiding van studente as verantwoordelikheid gehad. Die afdeling Studente-Ontwikkeling het plek gemaak vir Studenteleiding. Laasgenoemde afdeling moes, naas sy logistiese ondersteuning aan die georganiseerde studentelewe, veral met uitgebreide leierskapsprogramme die studenteleiers tot hulp wees. Verskeie lede van die personeelkorps het egter in hierdie proses van rasionalisering uittredingspakkette aanvaar en nuwe personeellede is aangestel.

Die Kantoor van die Studentedekaan as die algemene aanloopplek van studente en ouers met hulle diverse probleme, versoeke en behoeftes, het die akademiese oriëntering van nuwelingstudente aan die begin van die akademiese jaar behartig. Dié kantoor het nog steeds die program van die jaarlikse Ouerdag tot 1998 gereël, maar dit is sedertdien 'n funksie van Bemarkingsdienste. Vanselfsprekend word die algemene bestuur van Studentesake – soos veral personeelaangeleenthede, begroting en strategiese beplanning – deur die Studentedekaan behartig. Deur sy verantwoordelikheid aan die betrokke viserektor (sedert 1993 **Prof J J Stadler** en na sy aftrede vanaf 1 Junie 1995 **Prof C R de Beer**) en as lid van die Uitvoerende Komitee van die Senaat en ander komitees, word die Studentedekaan op die hoogte gehou van beleid en besluite wat studente raak.

'n Belangrike ontwikkeling was die daarstelling van die Sentrale Koshuisraad in 1997, wat alle koshuise verteenwoordig het met sittingsreg aan verteenwoordigers van die afdelings verantwoordelik vir voedseldienste, huisvesting, instandhouding en die plasing van studente in koshuise. Hierdie raad ressorteer direk as verantwoordelikheid onder die Studentedekaan. 'n Belangrike taak was die invoering van 'n proporsionele verteenwoordigingstelsel van diverse kultuurgroepe in die Huiskomitee-verkiesings van 2000. In hierdie verband

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

moet die Oriënteringskomitee wat jaarliks verantwoordelik is vir die reël en monitering van elke koshuis se eerstejaars-oriëntering, ook genoem word.

Me Cathy van Tonder wat soveel jare van uitmuntende diens aan die Universiteit gelewer het, het in die loop van 1998 afgetree, en **me Dalene Meyer** dien steeds as sekretaresse van die Studentedekaan. **Mee Paula Nienaber** en **Amanda Venter** het agtereenvolgens as tiksters opgetree voordat **me Nicoline Jonker** in 1998 aangestel en na **me Van Tonder** se aftrede bevorder is. Verder verrig **me Elizabeth Mokhloane** 'n waardevolle diens as bode.

Prof Van der Watt het jaarliks die byeenkomste van Studentedekane bygewoon en by geleentheid ander universiteite besoek – so het hy in die aanstellingskomitee van die universiteite van Zululand en Noordwes gedien toe studentedekane aldaar aangewys moes word. Verteenwoordigers van ander tersiêre instellings was meermale op besoek om veral die struktuur en organisasie van Studentesake van naderby te ondersoek met die oog op die funksionering van hulle eie soortgelyke dienste.

Prof Flip van der Watt
STUDENTEDEKAAN

Studenteleiding (voorheen Studente-Ontwikkeling)

Die Afdeling Studente-Ontwikkeling was sedert 1993 tot en met 30 Junie 1998 onder die hoofskap van **mnr S J van Wyk**.

Die afdeling was veral gemoeid met die jaarlikse opleidings- en leierskapsprogramme vir verkose studenteleiers, hoewel ander studente ook die geleentheid gebied is om sodanige programme te deurloop.

Verder is 'n infrastruktuur bestuur en onderhou ter wille van meer as 50 verskillende studenteverenigings, waarvan enige ingeskrewe student lidmaatskap kon verkry. Sodoende is ongetwyfeld waarde toegevoeg tot die geïntegreerde persoonlikheidsontwikkeling van elke betrokkene. Ruimte vir die ontwikkeling van leierskap is geskep deurdat studente die geleentheid gebied is om by die Verteenwoordigende Studenteraad (VSR) se portefeuljes en komitees in te skakel. Sodoende was studente by die studentelewe op 'n wye vlak betrokke en het waardevolle ervaring met sake soos organisasie en bestuur opgedoen.

Wat gemeenskapsdiens betref, is veral via die aksies van Jool 'n besondere bydrae in die organisering en bestuur van diverse projekte gelewer. Studente kon sodoende ervaring en kundigheid uitbou deur dienslewering aan mense – veral ook in die voorheen benadeelde gemeenskappe.

Die Steundienste-Ontwikkelingsprojek van 1997 het 'n merkbare invloed op die afdeling uitgeoefen. Wesenlike veranderinge was nodig om ernstige leemtes in kliëntediensvlakke en hoë bedryfskostes te ondervang. 'n Nuwe afdeling, te wete Studenteleiding, het tot stand gekom. Hierdie herstrukturering het personeel in hulle diens aan studente inderdaad laat fokus op sake soos: die georganiseerde studentelewe; gemeenskapsontwikkeling; die bevordering van multikulturalisme en transformasie; die ontwikkeling en implementering van 'n mentorskapstelsel en die uitbouing van 'n klasverteenwoordigersisteem.

Met die herstruktureringsproses en die aanstelling van **prof C D Jacobs** op 1 Februarie 1999 as hoof, is die afdeling opnuut getaak met die verantwoordelikheid vir die werksaamhede en uitsette van die VSR; die Diensverskaffers (Jool, Radio Tuks, Kultuur, Sport en die Perdeby); die Studentehof en die diverse georganiseerde en geregistreerde studenteverenigings.

Studenteraad

Tot 1994 het die Studenteraad van 16 lede saam met die voorsitters/primariae van die koshuise, buitehuise en verenigings gesamentlik die Studentesenaat gevorm. Verder was die lede van die Sentrale Joolkomitee, die Perdeby, Radio Tuks en Studentekultuur deel van die Studenteraad.

Intussen het die nasionale politieke landskap ingrypend verander. Die eerste demokratiese verkiesing is in 1994 gehou waar 'n regering van nasionale eenheid ('n model wat voorsiening vir proporsionele verteenwoordiging gemaak het) tot stand gebring is.

Terselfdertyd het die getal swart studente aan die Universiteit oor 'n drie jaar tydperk geweldig toegeneem. Dit was gou duidelik dat hierdie studente nie die Studenteraad en Studentesenaat as verteenwoordigend van hulle belange beskou het nie. In Mei 1995 het die Studentesenaat 'n mosie aanvaar wat 'n Veelpartykongres (VPK) in die lewe geroep het. Die primêre doel was om 'n nuwe verteenwoordigingstruktuur en konstitusie te ontwerp wat aan die behoeftes van alle studente sou voorsien. Elke studenteorganisasie met bewese steun, is uitgenooi om

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die kongres by te woon. Die registrateur, **prof Chris de Beer**, het die Universiteitsbestuur verteenwoordig. Aangesien inklusiwiteit belangrik was, is alle besluite op grond van konsensus geneem. **Mnr Brian Curren**, voormalige direkteur van Lawyers for Human Rights, het die unieke proses suksesvol gefasiliteer. Vir die eerste keer het studente van reg oor die politieke spektrum om 'n tafel gesit om 'n gesamentlike strategie te ontwikkel ten einde die uitdagings en probleme in die studentegemeenskap aan te spreek.

Na maande se onderhandelings is op 'n nuwe verteenwoordigingstelsel besluit wat geskoei is op die model van die regering van nasionale eenheid. In teenstelling met die vorige studenteraadsmodel maak die nuwe stelsel voorsiening vir studentepartye met partylyste en manifeste. Kiesers stem dus vir partye in plaas van individuele kandidate. Studentepartye sou verteenwoordiging op die Sentrale Studenteraad verwerf proporsioneel tot die aantal stemme wat hulle in die verkiesing gekry het. 'n Uitvoerende Komitee verkies deur die Sentrale Studenteraad sou die dag-tot-dag bestuur van die Studenteraad behartig. In Oktober 1995 is die eerste sentrale en uitvoerende Studenteraad verkies. **Me Irma du Plessis** is as die eerste (vroue) Studenteraadsvoorsitter aangewys.

Die destydse voorsitter van die Studenteraad (**Jacob van Garderen** 1994-1995) het die mandaat van die VPK ontvang om 'n Deklarasie van Voorneme op te stel. Uitvloeisels hiervan was: dat die Studenteraad besluit het om 'n afvaardiging na die Breë Transformasieforum van die Universiteit te stuur om sodoende aktief aan die transformasieproses deel te neem; en dat **mnr Brian Curren**, as konsultant, die opdrag ontvang het om die hele proses van die VPK se onderhandelinge, resultate en besluite voor die einde van September 1995 te boek te staaf.

Ook is besluit om die naam van die studentestruktuur te verander na die Verteenwoordigende Studenteraad (VSR) en dat die voorsitter voortaan as president bekend sal staan. Verder is diensverskafferstatus toegeken aan die Sentrale Joolkomitee, die Perdeby, Radio Tuks en Studentekultuur. Dit het beteken dat die diensverskaffers met 'n eie verkose bestuurstruktuur op hulle eie sou funksioneer, maar steeds op 'n gestruktureerde wyse aan die VSR verantwoording moes doen. (In 1998 is dieselfde status ook aan Sport toegeken.)

In Oktober 1998 het **Irma du Plessis** (ex-VSR President) opnuut in opdrag van die Universiteit 'n kommentaar oor die VPK – die proses, uitkomste en pad vorentoe – aan die viserektor, **prof Chris de Beer** voorgelê. Hierdie dokument het stukrag verleen aan sake wat betrekking het op die Grondwet vir Studentesake en Studentebestuur.

Die volgende was sedert 1993 voorsitters/presidente: **Anton Smit** (1993-1994), **Jacob van Garderen** (1994-1995), **Irma du Plessis (**1995-1996), **Abrie Botma** (1996-1997), **Andrea Naudé** (1997-1998), **Graeme Tosen** (1998-1999), **Johann Grobler** (1999-2000) en **André van der Merwe** (2000-Februarie 2001).

Verskillende partye het op die toneel verskyn, soos: HART (wat die koshuise verteenwoordig het); TSA (Tuks Studente Alliansie); WSU (Wetenskap Studente Unie); SASCO (South African Student Congress); OA (Onafhanklike Alliansie); PASO (Pan Africanist Student Organisation); AZASCO (Azanian Student Congress). Nasionale politieke partye soos ANCYL (African National Congress Youth League), DA (Demokratiese Alliansie) en VF Tuks (Vryheidsfront Tuks) is tans deel van die studenteopset.

Diensverskaffers

Sentrale Joolkomitee: in 1993 het Tuks Jool onder voorsitterskap van **Bernard Wilcocks** 'n uitbetaling van R600 000 aan liefdadigheid gemaak. Die bedrag het stelselmatig gegroei en in 1997 kon die voorsitters **André Nel** en **Charles Marais**, spog met 'n netto wins van R800 000. Twaalf maande later is die spreekwoordelike goue jare bereik. Met **Deon Kretzschmar** en **Albert van Niekerk** aan die spits is die magiese miljoenrand-grens oorgesteek – ook die vorige uitbetaling is byna verdubbel, want R1 570 000 is geskenk aan liefdadigheid! Met **Bennie Boshoff** en **Sareta Thomas** in 1999 aan die stuur, het die uitbetaling tot 'n asemrowende R2 100 000 gegroei – tot vandag toe nog die grootste bedrag wat studente in Suid-Afrika vir liefdadigheid ingesamel het. Twee verslae voorsitters, **Pauli Adendorff** en **Marcus Oosthuizen**, moes in 2000 aanskou hoedat hulle joolpoging erg ontwrig is deur die vloedskades wat 'n tropiese sikloon oor Suider-Afrika aangerig het – die joolweek (en studente se drome) het verspoel. **Phillip Schutte** en **Tian Dreyer** het die verantwoordelikheid vir die tydperk 2000-2001.

TUSHO – Tuks Jool se gemeenskapsdiens – het in 1996 tot stand gekom ten einde alle geregistreerde gemeenskapsdiens van studente onder een oorkoepelende liggaam te bestuur en te beheer.

Permanente beamptes – **mnre Gerhard Myburg** en **Ludwig Marx** – en personeellede in die Joolkantoor het 'n belangrike ondersteunende rol gespeel in die sukses van hierdie grootste studente-aktiwiteit op die kampus.

Perdeby: (vanaf 1993 tot 1998 bekend as *Die Perdeby*) is een van die grootste en bekendste studentekoerante in Suid-Afrika en beslis ook van die oudstes (met meer as 60 jaargange agter die rug).

Dit verskyn weekliks gedurende die akademiese jaar in Afrikaans en Engels en dien as 'n belangrike nuus- en inligtingsmedium vir die Universiteit se duisende studente. In 1999 is 'n nuwe konstitusie, wat voorsiening maak

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

vir 'n *Perdeby*-Beheerkomitee, opgestel. Hierdie komitee funksioneer onder die voorsitterskap van **prof N J Grové** (registrateur). Die komitee lewer waardevolle leiding en advies aan die redaksie van die koerant.

In die redaksie van 2000 is vir die eerste keer vanweë die toenemende omvang van die werksaamhede twee inhoudredakteurs aangestel. Hoofredakteurs was: 1992-1993: **Karin van Marle**; 1993-1994: **Wessel Janse van Rensburg**; 1994-1995: **Irma du Plessis**; 1995-1996: **Willem van Biljon**; 1996-1997: **Joey Kok**; 1997-1998: **Berno Schneider**; 1998-1999: **Willie Basson**; 1999-2000: **Marliane de Beer**; 2000-2001: **Johan Kruger**.

Radio Tuks: in 1994 het Radio Tuks vir die eerste keer aansoek gedoen om as 'n gemeenskapsradiostasie by die Onafhanklike Uitsaai Owerheid te registreer. Gedurende die joolweek van 1995 het die eerste buite-uitsending op die Joolplaas (sender 107.2 FM) plaasgevind en kort daarna het die eerste uitsendings as 'n gemeenskapsradiostasie begin.

Tot Julie 1995 was Radio Tuks op die hoek van Duxburyweg en Hildastraat gehuisves, maar met die ingebruikneming van die nuwe Studentesentrum op 18 Augustus 1995, het die radiostasie 'n moderne toegeruste ateljee en kantore betrek.

'n Opname in 1997 deur SAARF (South African Advertising Research Foundation) en AMPS (All Media Products Survey) het daarop gedui dat Radio Tuks 59 000 luisteraars het. In 1999 het die syfer tot 67 000 luisteraars toegeneem. Die volgende jaar is hierdie stasie aangewys as die wenner van die Pretoria IMM (Institute of Marketing Management)-toekenning vir die beste Opkomende Bemarking van die Jaar-kompetisie aangewys. Radio Tuks het ook 'n Uno motor in die jaarlikse Uno Jam-dag gewen.

'n Verteenwoordigende Raad, onder voorsitterskap van **mnr G Claassens**, is in 1998 aangestel en die raad het 'n groot bydra tot die opstel van 'n nuwe konstitusie lewer. In die proses is 'n konsultant aangestel om behulpsaam te wees met die herstrukturering van die radiostasie wat gedurende 2000 afgehandel is. **Rian van Heerden** het die eerste permanente stasiedirekteur geword. Radio Tuks se naam is, met die goedkeuring van die universiteitsowerhede en die VSR, verander na Tuks FM.

Die stasiedirekteure was: 1993-1994: **J J van Wyk**; 1994-1995: **Gideon Fourie**; 1995-1996, en weer in 1996-1997: **Anina Boshoff** (die eerste vrou in dié amp); 1997-1998: **Tim Zünckel**; 1998-1999: **Simon Dingle**; en in 1999-2000: **Rian van Heerden**.

Studentekultuur: Tuks Studentekultuur is 'n multi-kulturele organisasie wat vir die reël van kultuuraktiwiteite vir studente verantwoordelik is. Die bestuur bestaan onder andere uit huisverteenwoordigers (koshuise en buitehuise) en kulturele verenigings. Saam vorm hierdie strukture die Verteenwoordigende Studentekultuurkomitee.

Voltydse kultuurbeamptes in die persone van **mnre Leon van der Merwe** en sy opvolger **Werner Dyer** lewer waardevolle diens deur hulle bystand aan studente met hulle kultuuraktiwiteite.

Interne probleme in 1998 het gelei tot 'n transformasieproses, waarby alle kulturele belangegroepe betrek en die bestaande strukture en prosesse herontwerp is om meer inklusief van aard te wees.

Die winsgenererende projekte van Tuks Studentekultuur is onder meer die jaarlikse filmfeeste en die lenkkonsert. Die finansies wat op hierdie wyse ingewin word, word aangewend om ander nie-winsgewende projekte te finansier en bedryfsuitgawes te vereffen. Dit sluit in die Sêrriekompetisie, lenkmelodienk, Talentfees, Tuksvaria, die Letterkundekompetisie en die bundel-, koor- en redenaarskompetisies, gratis etensuurkonserte, gemeenskapsdiensprojekte en die finansiering van verskeie multikulturele funksies. Natuurlik is daar ook uitgawes aan bedrywighede soos administrasie, opleiding en bemarking.

Tuks Studentekultuur lewer 'n uitgebreide diens oor 'n wye spektrum van aktiwiteite. Bykans 90% van alle inkomste kom uit die beursies van die studente wat die projekte ondersteun, maar daar word ook gepoog om projekte deur borgskappe te help finansier.

Die volgende studente het bestuursposisies beklee: 1993-1994: **Kiering Muller**; 1994-1995: **Gerhard Stoltz**; 1995-1996: **Séan Brebnor**; 1996-1997: **Leopold Grobler**; 1997-1998: **Jacques Strauss** en **Marelie du Plessis**; 1998-1999: **Liana van Wyk**; 1999-2000: **Conrad Engelbrecht**; en 2000-2001: **Chris van den Berg**.

Sport: die Sentrale Sportkomitee het aanvanklik bestaan uit al die onderskeie huisverteenwoordigers vir sport en voorsitters van klubs en 'n bestuurskomitee (met die studenteraadslid vir sport as voorsitter). Hulle was: 1993-1994 **Gerhard Kruger**, 1994-1995: **Almero Strauss**, 1995-1996 **Pieter Niehaus**, 1996-1997: **Mzwandile Radebe**, 1997-1998: **Marizane Siegert**.

Die diensverskafferstatus wat in 1997-1998 verwerf is het meegebring dat sittingsreg op die komitee verleen is aan verteenwoordigers van elke koshuis en daghuis asook elke klub wat by die Sentrale Sportkomitee geregistreer is. Subkomitees bestaan uit studentevrywilligers wat behulpsaam is met die uitvoering van verskeie projekte. 'n Uitvoerende komitee staan aan die beheer van die Sentrale Sportkomitee en studente wat in die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

hoedanigheid van voorsitter gedien het, was: 1997-1998: **Petronel du Plessis** asook in 1998-1999; 1999-2000: **André van der Merwe**; en 2000-2001: **Johan van Greunen**.

Studentehof

Die Studentehof is belas met die uitleg en toepassing van die Grondwet vir Studentesake en Studentebestuur aan die Universiteit.

Die Studenteraad oefen sy tugbevoegdheid uit deur middel van die Studentehof. Die Studentehof kan op dié wyse aangeleenthede bereg waar 'n student inbreuk maak op die gesonde gees en samehorigheid van die studentegemeenskap, of waar hy/sy die ordelike gang en voortsetting van die gewone loop van sake in gevaar stel, of waar so 'n persoon die beeld en belange van die studentegemeenskap ten nadele in gedrang bring.

Daar is 'n gesonde verhouding tussen die Studentehof en die bestaande Komitee vir Dissipline van die Universiteit en 'n studenteregter is lid van dié komitee.

Tot 1996 was die Studentehof deel van 'n Studenteraadsportefeulje. Daarna het die Studentehof finaal sy onafhanklikheid bekom en is die konstitusie van die Studentehof deur die VSR bekragtig.

Die Studentehof bestaan uit minstens tien lede met dien verstande dat die Studenteraad op versoek van die voorsitter van die Studentehof addisionele lede kan benoem. Die Studentehof is letterlik 'n "oefenkamp" vir regstudente wat erns het met hulle beroep en hulleself solank vir die praktyk wil toerus. Studenteleiers in hierdie verband was: 1993-1994: **Annamart Nieman**; 1994-1995: **Bennie van der Merwe**; 1995-1996: **Daleen Coetzee**; en spesifiek as sekretaris; 1996: **Eugene Terblanche** en **Johan van den Berg**; 1997: **Gert van der Merwe**; 1998: **Janse Rabie**; 1999: **Paul du Bruyn**; en 2000: **Pieter Burger**.

Die uitdaging van transformasie

Transformasie is voortdurend 'n belangrike saak op die agenda van die VSR. Dit kan ook nie anders wees nie vanweë die kulturele samestelling van die VSR (byvoorbeeld in 2000 was daar 38 wit en 12 swart lede).

Wat koshuise aan betref, is 'n eksterne konsultant in 1997 aangestel om, in samewerking met die studenteleiers, die transformasieproses in koshuise in werking te stel. Die resultaat was 'n tweeledige struktuur in koshuise, bestaande uit 'n Verteenwoordigende Komitee waarop alle groeperinge en jaargroepe verteenwoordig is, asook 'n Uitvoerende Komitee wat vir die dag-tot-dag aktiwiteite in koshuise verantwoordelik is. Eersgenoemde komitee is verantwoordelik vir die positiewe interaksie tussen inwoners in koshuise asook om koshuisaktiwiteite te monitor.

Die transformasieproses in koshuise het in 1998 ook tot 'n nuwe benadering (en reglement) met betrekking tot oriëntering gelei. Sedertdien monitor die veelrassige en onafhanklike studente-monitors deurentyd die aktiwiteite van die oriënteringsproses.

Die persentasie koshuisinwoners in 2000 anders as wit studente was 34,5% in dameskoshuise en 24,5% in manskoshuise, terwyl 77% van die inwoners in informele huisvesting swart is. Hierdie verhouding tussen inwoners afkomstig uit verskillende bevolkingsgroepe word streng beheer en gekontroleer deur 'n wyd gekonsulteerde plasingsbeleidkomitee onder leiding van die waarnemende akademiese registrateur, **dr D D Marais**.

Die Menseregtekommissieverslag oor beweerde rassisme in koshuise wat deur **mnr M C Moodliar** in September 1999 opgestel is, het aan die afdeling Studenteleiding waardevolle riglyne verskaf om rassisme in koshuise en in informele huisvesting aan te spreek en te bekamp.

Steeds is gepoog om lede van alle bevolkingsgroepe op komitees en subkomitees te betrek. Projekte en programme maak ook vir alle groepe voorsiening. Gemeenskapsdiensprojekte word deur verskeie groepe hanteer en 'n aantal swart groepe bied langtermynprojekte in verskeie swart gebiede aan.

In 1999 en 2000 is 'n unieke sorgprogram ontwikkel om die Universiteit se kliënte – die studente – by te staan gedurende die tydperk van hulle betrokkenheid by die Universiteit. Dié projek, wat sorg aan voornemende, ingeskrewe en afgestudeerde studente bied, fokus op die student se behoeftes. Die program het ten doel om die Universiteit onder voornemende studente te bemark (voorsorg); om huidige studente te behou, voor te berei, te ondersteun, toe te rus en op te lei (insorg); en om die verhouding tussen alumni en die alma mater uit te brei en hulle lojaliteit lewenslank te behou (nasorg).

Die doel met die voorsorgprogram is om studente met 'n hoë potensiaal te werf en te registreer. Akademiese voorbereidheid, keuringsprogramme, studiefinansiering en die integrasie van nuwe studente word gefasiliteer. Dit geld ook ten opsigte van die hantering van diversiteit, gestremdheid, leerprobleme en ander kwessies wat studente raak.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die insorgprogram is 'n toegevoegdewaarde-program wat op die verbreding van die ontwikkeling van die student se menslike en loopbaanpotensiaal gemik word. Ten opsigte van loopbaanvoorbereiding sal die beoogde virtuele loopbaankantoor inligting verskaf en loopbaanneigings ondersoek om te verseker dat die Universiteit se gegradueerdes deur werkgewers verkies word. 'n Voltydse (24-uur) krisisdienssentrum op die kampus verleen onmiddellike hulp aan studente met akademiese en persoonlike probleme. Die programme wat aangebied word oor leierskapsontwikkeling, etiek, rekenaargeletterdheid, kommunikasievaardighede, entrepreneursontwikkeling, burgerskapontwikkeling en finansiële vaardighede, verseker dat studente die vereiste professionele en persoonlike vaardighede het om hulle stempel in 'n mededingende en globale omgewing af te druk.

Die programme dra daartoe by om studente bewus te maak van die noodsaak van gemeenskapsbetrokkenheid. Hulle word aan die probleme van 'n ontwikkelende land en vasteland blootgestel en leiding gegee om oplossings binne hulle spesifieke studievelde te vind.

Die Studentediensteraad (ingestel volgens die voorskrifte van die Wet op Hoëronderwys) onder die voorsitterskap van **prof C D Jacobs**, sien toe dat die behoeftes van studente op 'n wetenskaplike en deskundige wyse aangespreek en ondersoek word.

Die organisering van duisende dagstudente vind plaas in twee daghuise, naamlik Huis Iris en Huis Zeus, wat in Oktober 1999 tot stand gekom het. Die voorsitters vir hierdie tydperk was: Huis Iris: **Frikkie Laubscher, Jean Pierre Verster** en **Elize Venter** en Huis Zeus: **Rhynhardt Roodt**.

Personeelsamestelling

Die ruggraat van die afdeling is sy kundige personeelkorps wat verbind is tot uitnemende dienslewering. In 2000 was daar: **prof Jacobs** (hoof), **me M Fourie** (tikster/sekretaresse), **mnr F van Staden** (rekenmeester/begrotingsbeheer), **me N Krige** (sekretaresse/telefoniste), **mee N van Wyk** en **A Jacobs** (senior administratiewe beamptes), **me L Botma** (tikster/sekretaresse, VSR), **me M Botma** (tikster, Jool), **mnr W Dyer** (koördineerder: kultuur), **me R Mokoane** (bode), **mnr T Nortjé** (verantwoordelik vir die Kapel), **mnr R van Heerden** (stasiedirekteur TUKS FM), en **me A Stahakis** (advertensiewerwer: Perdeby).

Die aanstelling van **mnr L Thekisho** in 1999 as Junior Opleidingsbeampte en daarmee saam die opening van 'n Inligtings- en Klagtekantoor in die Studentesentrum, het daartoe bygedra dat studente met allerlei pertinente klagtes 'n geleentheid gebied word om op 'n vertroulike basis hulle probleme te bespreek en dalk op te los.

Regulatoriese en konstitusionele raamwerk

Die veranderende studenteprofiel en die afkondiging van die Wet op Gelyke Indiensneming, het in 1999 stukrag verleen aan die bereiking van 'n meer gediversifiseerde werksmag in die afdeling. Tans is twee van die 12 personeellede swart. Daar word voorsien dat by die verdere uitbreiding van poste – hetsy op permanente grondslag of op 'n tydelike basis – beslis meer swart mense en mense met gestremdhede aangestel gaan word. Die groeiende aantal swart studente wat van die afdeling se dienste gebruik maak, maak hierdie inisiatief gebiedend noodsaaklik.

Die aanbevelings en kommentaar in relevante sleuteldokumente, wette en verslae is ontleed en in die strategiese inisiatiewe en onderskeie bestuursaktiwiteite van die afdeling ingebou. Daar word gepoog om noue aansluiting te vind by die visie, missiestelling en waardestel van die Universiteit in die besonder en die afdeling Studentesake in die algemeen.

Om uitvoering te gee aan Hoofbestuur se opdrag om 'n stelsel van prestasiemeting in die afdeling te implementeer, is werksessies vir die personeel gereël ten einde hierdie uiters belangrike saak te bespreek en hulle die geleentheid te bied om op 'n demokratiese wyse hieroor inspraak te lewer.

Deur die opstel van nuwe konstitusies en die hersiening van bestaandes (in noue samewerking met **prof N Grové**, die registrateur) is die georganiseerde studentelewe op 'n meer geordende en gesonder grondslag geplaas.

Skakeling met ander universiteite en tersiêre instellings geskied deurgaans, via die media asook deur besoeke oor en weer.

Die verskillende aktiwiteite in die afdeling word voortdurend gemoniteer en geëvalueer om te bepaal of dit sinvol is (gemeet teen die opdrag, visie- en missiestelling van die afdeling), of dit aan kwaliteitskriteria voldoen en of die afdeling binne die jaarlikse begrotingsraamwerk hou. In hierdie verband moet genoem word dat **mnr Stilou Roets**, 'n buitekonsultant, in 1998 meegehelp het aan 'n honorariumstelsel waarvolgens sekere studenteleiers vir hulle dienste vergoed word.

Teen die einde van 2000 is ook beplan rondom 'n stelsel van interne en eksterne evaluering. Sodoende kan daar vroegtydig vasgestel word of die afdeling op koers is en of aanpassings nodig is.

Prof C D Jacobs
HOOF

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Studente-ondersteuning

Gedurende 1993-1995 is akademies-sielkundige dienste gelewer aan studente deur Studentevoorligting, wat toe bekend sou staan as die afdeling Voorligting en Leerontwikkeling. Die dienslewering is uitgebrei om dosente by te staan, veral met betrekking tot ondersteuning met die akademiese en sosiale behoeftes van studente. In 1996 is die naam weer verander na Studentevoorligting met studente as die teikengroep. Naas die voltydse personeel is daar ook jaarliks gebruik gemaak van interns – meesal studente wat sielkunde en maatskaplike werk studeer. Sedert 1993 is studenteraadgewers (mentors) in koshuise aangewend om veral eerstejaars by te staan. Dié praktyk is egter gestaak. Later is 'n diens ook op sessiebasis gelewer deur twee kliniese en een voorligtingsielkundige aan studente by Onderstepoort- en die Onderwyskampus.

Die afdeling was aanvanklik onder die bestuur van **dr S P T Malan** (Direkteur: Buro van Akademiese Steundienste), maar is mettertyd onder die Studentedekaan tuisgebring.

Wat die personeelkomponent betref het **dr J A J Erasmus**, die hoof van Studentevoorligting, in 1993 vertrek en is opgevolg deur **dr C M Nel**, wat gedurende 1998 'n ander pos by die Universiteit aanvaar het. Die senior voorligtingsielkundiges was **dr G du Plessis** en nog steeds **dr B H du Toit**. Twee voorligtingsielkundiges, te wete **dr P Roos** en **me E Ungerer**, was ook in hierdie tydperk werksaam en **me M Ngcuka** is steeds in 'n soortgelyke hoedanigheid besig. Ander personeellede wat vir korter tydperke behulpsaam was, sluit in **dr E M Sedibe**, **prof M W H Braun**, **dr A de Boer**, **mee R Pretorius** en **G Pickworth**. **Me M J C Paul** is die sekretaresse.

Op 1 April 1995 is Studente Maatskaplike Dienste gestig met **mnr R E Moraka** as hoof en **me M Nolte** as maatskaplike werkster. 'n Sekretaresse, **me C Moyo**, het gedurende 1997-1998 hier diens gedoen. Naas sosiaal-maatskaplike werk het hierdie afdeling meegewerk aan die bevordering van multikulturaliteit in die koshuise en op kampus deur die hantering van rasverwante konflikte. 'n Ander nuwigheid was die begin van 'n beperkte voedselskema vir behoeftige studente met fondse wat Tuks Jool en ook die Rektor beskikbaar gestel het.

Die Steundienste-Ontwikkelingsprojek in 1998 het daartoe gelei dat die afdelings Studentevoorligting en Studente Maatskaplikedienste ontbind het en 'n nuwe afdeling, bekend as Studente-ondersteuning onder hoofskap van **mnr Moraka**, het tot stand gekom. In 1999 is ook Studentegesondheidsdiens onder hierdie nuwe afdeling tuisgebring.

Mnr R E Moraka
HOOF

Studentegesondheidsdiens

Die Studentegesondheidsdiens (SGD) maak steeds van dieselfde fasiliteite op die hoofkampus en in die Arnold Theiler-gebou op die Onderstepoortkampus gebruik. Gedurende 1994 is afskortings in die wagkamer op die hoofkampus aangebring om die dieetkundekliniek, wat aansienlik uitgebrei het, te huisves.

Die personeel het tot 1994 dieselfde gebly, naamlik **dr M de Jager** as permanent-voltydse hoof, bygestaan deur **mee J A van Tonder** en **R Venter** as permanent-voltydse en **me E Stander** as tydelik-deeltydse verpleegkundiges asook 'n aantal dokters wat op 'n sessiebasis gewerk het en **me F Ramatsetse** as bode/skoonmaker.

Na 1994 het heelwat skommeling plaasgevind, deels vanweë die aftrede van personeel, en ook vanweë bedenkinge oor die toekoms van die SGD veral in die lig van vrae oor die bekostigbaarheid en noodsaaklikheid van so 'n gratis mediese diens.

Aan die einde van 1994 het **dr De Jager** na 24 jaar diens (waarvan 19 jaar as voltydse hoof), afgetree maar het daarna op kontrakbasis tot einde 1997 aangebly. Om koste te bespaar is dié pos aan die begin van 1998 afgeskaal na 'n halfdagpos, wat **dr De Jager** ook gevul het. Dit was egter onbevredigend en met inagneming van die aanbevelings soos vervat in die verslag rakende die Steundienste-Ontwikkelingsprojek van 1997, is besluit om weer 'n voltydse hoof aan te stel. **Dr De Jager** is daarop as tydelike waarnemende hoof aangestel, terwyl die pos geadverteer is met die oog op die aanstelling van 'n dokter uit 'n ander bevolkingsgroep. Dié poging het nie geslaag nie en **dr De Jager** het tot 30 Junie 1999 aangebly.

In 1994 het **me Van Tonder** na 'n dienstydperk van 13 jaar afgetree, en vroeg in 1995 het **me E Stander** wat die halfdag verpleegsterspos vir tien jaar beklee het, ook afgetree. Hulle plekke is onderskeidelik deur **mee M M P van Rooyen** en **L Waterston** gevul. **Me Waterston** het aan die einde van 1997 bedank en daar is tydelik van die dienste van 'n nie-mediese administratiewe dame gebruik gemaak, wat egter ook aan die einde van 1998 bedank

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

het. Die behoefte aan nog 'n verpleegkundige het gelei tot die aanstelling van **me M M Masipa** in 'n permanent-voltydse hoedanigheid vanaf 1 Maart 1999.

Die SGD het voortgegaan om 'n beperkte huisartsgerigte mediese diens aan ingeskrewe studente op die hoofkampus te lewer, asook tweemaal per week by Onderstepoort terwyl 'n nooddiens vir 'n tyd lank by rugbywedstryde verrig is.

Die aantal konsultasies op die hoofkampus het redelik konstant gebly – tussen 9 000-10 000 per jaar, met 'n groeiende aanvraag na gesinsbeplanningsdienste. 'n Veranderende siekteprofiel het daarop gedui dat meer aandag aan voorligting en gesondheidsopvoeding bestee moet word. Benewens individuele voorligting tydens konsultasies, relevante video-vertonings en literatuur in die wagkamer, is daar in die loop van 1996 en 1997 twee groot uitstallings by die SGD aangebied oor VIGS (in samewerking met ATIC van die Stadsraad van Pretoria) en dwelmmisbruik (in samewerking met die Narkotikaburo van die polisie).

Massa-inentings van ongeveer 300 studente per keer word sedert 1998 jaarliks onderneem om studente van die Fakulteit Geneeskunde teen Hepatitis B te beskerm. Die kliniekdiens en jaarlikse massa-inenting teen hondsdolheid by Onderstepoort het in 'n groot behoefte voldoen, maar in 'n poging om te rasionaliseer en koste te bespaar, is dit einde 1997 gestaak. Onmiddellike vertoë van die studente asook die dekaan van die betrokke fakulteit het egter gelei tot die herinstelling van die diens in Januarie 1998.

Besware oor die gebrek aan 'n effektiewe nooddiens by die sportvelde het tot herbesinning gelei. Vanaf 1996 was die SGD weer tydens wedstryde beskikbaar, in samewerking met 'n privaat paramediese- en ambulansdiens.

Die behoefte aan en daarstelling van 'n omvattende mediese diens vir sportlui, wat sowel 'n nooddiens as 'n diagnostiese en rehabilitasiediens sou insluit, het uiteindelik daartoe gelei dat die hantering van sportbeserings vanaf 1998 onder die Fakulteit Geneeskunde sou ressorteer.

Die SGD is steeds lid van die SA Vereniging van Gesondheidsdienste vir Studente en personeellede het die jaarlikse kongres en jaarvergadering bygewoon. Die vereniging se naam is in 1998 amptelik verander na die Suid-Afrikaanse vereniging van kampusgesondheidsdienste (SA Association of Campus Health Services).

Gedurende 1997 is die SGD ook as deel van die Steundienste-Ontwikkelingsprojek geëvalueer. Die belangrikste bevindinge was dat die aanbied van gratis mediese dienste 'n groot finansiële uitgawe vir die Universiteit meebring, maar dat dit moeilik sou wees om dit in 'n self-finansierende diens te omskep veral as gevolg van die toenemende aantal studente sonder mediese fondsdekking. Omdat die siekteprofiel 'n meer proaktiewe benadering wenslik gemaak het, het die aanbevelinge derhalwe herstrukturering na 'n primêre gesondheidsorgeenheid behels waar basiese mediese hulp deur verpleegkundiges met toepaslike opleiding, onder leiding van 'n mediese dokter aangebied sou word. 'n Omvattende gesondheidsopvoedingsprogram moes ontwikkel word.

Nadat die poging in 1999 misluk het om 'n voltydse swart medikus as hoof aan te stel, is **me R Venter** se pos opgegradeer na Beherende Verpleegkundige en bestuur sy die SGD as 'n afdeling van Studente-Ondersteuning onder hoofskap van **mnr R E Moraka**. Die dienste van mediese praktisyns op sessiebasis word ook gebruik.

Dr M de Jager
SESSIEDOKTER

Telematiese Leer en Onderwysinnovasie

Die geskiedenis van die departement word in twee tydperke ingedeel, naamlik die werksaamhede van die Buro vir Akademiese Steundienste (1993-1996) en dié van die Departement Telematiese Leer en Onderwysinnovasie (1997-2000), wat afsonderlik bespreek word.

Die Buro vir Akademiese Steundienste (1993-1996)

Onder die leiding van **dr S P T Malan** het die buro tussen 1993-1996 op die lewering van 'n onderwyskundige ondersteunings-, ontwikkelings- en adviesdiens aan hoof- en lynbestuur, dosente en studente toegespits. Die doel hiermee was om die onderrig- en leeraktiwiteite te optimeer en dus die akademiese potensiaal van voor- en nagraadse studente ten beste te kon ontwikkel. Die volgende aktiwiteite gedurende hierdie tydperk verdien besondere vermelding:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Onderwysontwikkeling


Dr S P T Malan

Die opleiding en ondersteuning van nuwe dosente het besondere aandag geniet. Opleidingsbehoeftes is deurlopend geïdentifiseer en kursusse is oor 'n wye verskeidenheid temas aangebied.

Kurrikulumontwikkeling vorm die hoeksteen van onderrig- en leerbeplanning. Benewens die opleiding van dosente in leerplanontwerp, is dosente deurlopend gehelp om leerplanne aan te pas en nuwe leergeleenthede vir studente te skep. Verantwoorde kurrikulumontwikkeling skep die basis vir doeltreffende studiehandleidings as onderrig- en leerbestuursinstrumente. Die toename in die gebruik van studiemateriaal op sowel voor- as nagraadse vlak was 'n besondere hoogtepunt vir die Universiteit. Die meeste fakulteite het van doeltreffende kurrikulumkomitees gebruik gemaak, en die model is ook deur ander tersiêre instellings as die basis vir vakinhoudelike herstrukturering aanvaar en in werking gestel.

'n Tutorstelsel is in 1994 ingevoer. Gesamentlike opleidingsessies is behartig en tutors is opgelei. Die opleidingsprogram is deurlopend in samewerking met tutors en vakvoogde in elk van die deelnemende fakulteite bygewerk om by die behoeftes aan te pas.

Nog 'n funksie van die buro was om inligting aan dosente en studente beskikbaar te stel met die doel om vernuwende geleenthede vir onderrig- en leerontwikkeling te skep en verandering te inisieer. Die semesterbulletin, *UP-dosent*, het sy 17e jaargang in 1996 beleef en 11 artikels is in die twee uitgawes gepubliseer. Die elektroniese kampusnetwerk is sedert 1997 ingespan om inligting te versprei en meer inligting is in pamfletformaat uitgegee.

'n Dosentehandleiding en studentewerkboek, *Vaardigheidsopleiding*, is in 1996 afgehandel en in gebruik geneem. Uitdeelstukke is vir departementele seminare ontwikkel, met die klem op die integrering van akademiese vaardighede in die kurrikulum.

Voorligting en leerontwikkeling

Gedurende 1995 het die afdeling begin om voorligtingsaktiwiteite aan studente se leerbehoeftes te koppel. Hierdie aktiwiteite word meer koste-effektief wanneer programme wat op tegnologie steun ingespan word om 'n primêre sorgstelsel te ontwikkel. 'n Videoprogram oor streshantering is byvoorbeeld voltooi asook 'n reeks van vier rekenaarprogramme oor streshantering, studiemetodes en sosiale stres. Ander rekenaarprogramme wat ontwikkel is handel oor beelding, studieprobleemdiagnose en hulp met studieprobleme. Die boekie, "*Studeer beter, presteer beter*" is in 1995 uitgegee.

'n Videoprogram oor selfhandhawing is gemaak en 'n psigo-opleidingsprogram oor beroepskeuse en loopbaanbeplanning is ontwikkel.

Die Beroepsraad vir Sielkunde het die afdeling in 1995 geïnspekteer en 'n besonder gunstige verslag is ontvang.

Die ontwikkeling van toelatings- en keuringsinstrumente vir die toelating van studente wat oor die nodige potensiaal beskik, is van groot belang vir die Universiteit. 'n Komitee onder leiding van die registrateur het 'n stelsel vir die toetsing van akademiese potensiaal ingestel vir studente wat nie aan sekere minimum toelatingsvereistes voldoen nie. Die Universiteit is sedertdien in staat om voornemende studente wat andersins kwaliteitsonderwys sou moes ontbeer, tot studieprogramme aan die Universiteit toe te laat.

Vordering is gemaak met die ontwikkeling van verskeie nuwe opleidingsprogramme vir studente, onder meer vir motivering en doelwitformulering, besluitneming, aktiewe leerbeginsels in die onderrigsituasie, positiewe selfbeeldontwikkeling, positiewe kommunikasie, leerstylidentifikasie, kreatiwiteitsontwikkeling, streshantering en studiemetodes.

Onderwystegnologie

Vir die eerste keer in die geskiedenis van die Universiteit is 'n videokonferensie in 1996 deur middel van 'n satelliet en landlyne tussen persone in Kaapstad, Durban, Port Elizabeth, die Universiteit van Pretoria en die Wageningen Universiteit in Nederland gehou. Verskeie programme, onder meer in Verpleegkunde, word sedertdien landswyd aangebied.

Interaktiewe televisie onderwys (ito) het deur satellietkoppelings met ander universiteite, demonstrasies vir die Tukkietrust, bekendstellings aan besoekers van ander universiteite en verteenwoordigers van maatskappye en organisasies gereël om die Universiteit te bemark. Dit was 'n besondere eer vir die ITO-span om aan die einde van 1995 'n toekenning hiervoor van die Departement Bemarking te ontvang.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die skoleprogram is sedert Januarie 1997 aangebied. Uitsendings na skole met leerlinge in graad 12 word daagliks behartig in vakke soos Wiskunde, Fisika, Chemie, Rekeningkunde en Engels. Onderwysers word op hierdie wyse ondersteun en leerlinge word beter vir universiteitstoelating voorberei.

Rekenaargesteunde onderwys is lank reeds 'n hoë prioriteit vir die Universiteit. Sedert 1996 is hulpbronne toenemend vir die uitbouing daarvan beskikbaar gestel, byvoorbeeld kundige personeel, rekenaarlaboratoriums en elektroniese toetsingsprogramme. Die huidige inisiatiewe vir e-onderwys berus op hierdie aktiwiteite.

Telematiese Leer en Onderwysinnovasie (1997-2000)

Die Universiteit het sy onderwysmodel, wat hoofsaaklik op kontakonderwys berus het, aangepas om meer elemente van ander modelle, soos tegnologie- en afstandonderwys, in te sluit. Op 22 Julie 1997 het die Raad besluit dat telematiese onderwys as 'n hoofstroomaktiwiteit van die Universiteit bestuur moet word en **prof J A Boon** is in Augustus 1997 as Direkteur: Telematiese Leer en Onderwysinnovasie aangestel.

Dit is belangrik om in die hoër onderwys nuwe en toepasliker onderrigmodelle te ontwikkel wat vir verhoogde akademiese kapasiteit voorsiening maak en terselfdertyd 'n meer buigsame en studentgesentreerde leeromgewing skep.

'n Nuwe onderrigmodel wat op 'n paradigma van tegnologie-verrykte fleksieleer geskoei is, bestaan sedert 1997 aan die Universiteit. Dit is 'n ontwikkeling wat internasionale tendense in onderwysinnovasie in aanmerking neem, en terselfdertyd die behoeftes van 'n ontwikkelende Suid- en Suider-Afrika met toepaslike tegnologie-verrykte afleweringstelsels aanspreek. Hierdie nuwe onderrigmodel maak voorsiening vir groter buigsaamheid en 'n wyer keuse ten opsigte van toegang tot en uittrede uit akademiese programme, onderrig-afleweringsmodelle, die samestelling van programme, tyd en plek, en die tempo waarteen die leerondervinding plaasvind. Dit laat ook ruimte vir die innoverende integrasie van kontakonderrig, papiergebaseerde afstandsonderrig en elektroniese onderrig. Telematiese onderwys stel fakulteite en departemente in staat om meer en verbeterde leergeleenthede weg van asook op die kampus te skep. Sedert die vestiging van die nuwe departement is meer as 150 telematiese onderrigprogramme op die grondslag van tegnologie-verrykte fleksieleer ontwikkel. Die nuwe onderrigmodel het reeds meer as 27 000 afstandsleerders 'n geleentheid vir lewenslange leer op sowel voorgraadse as nagraadse vlak gebied.

Die visie van die departement is "om uitnemende onderrig gerig op die model van fleksie-leer aan UP te bevorder". Hierdie visie behels twee strategiese fokusgebiede, naamlik onderriginnovasie en e-onderwys. Die huidige personeelkomponent van 48 staan onder die leiding van die direkteur, **prof Boon**, en twee adjunkdirekteurs, **me K Lazenby** en **dr T H Brown**.

Onderwysinnovasie

Die departement is verbind tot deurlopende verbetering op alle vlakke en veral met betrekking tot die onderwys. Die Universiteit wil graag alle hulpbronne ten beste benut ten einde koste-effektiewe produkte en dienste aan sy kliënte – die studente – te lewer en terselfdertyd onderwys en opleiding van hoogstaande gehalte aan te bied.

Die herontwerp van die onderrigmodel in fakulteite het reeds op verskeie gebiede en deur 'n veeltal inisiatiewe sy beslag gevind. Kwessies soos beter, deurlopende assesseringspraktyke en elektroniese assessering word geoptimeer met die doel om akademiese kapasiteit meer vaartbelyn te maak en om leerprestasie te verryk. Hierdie inisiatiewe moet egter deur alle akademici asook ondersteuningspersoneel organisasiewyd bestuur word. Met hierdie doel voor oë is 'n Senior Strategiese Taakspan vir Onderwysinnovasie aangestel. Die span se taak is om 'n onderwysinnovasieplan vir die Universiteit in die geheel en vir elke fakulteit te ontwerp. Bestuurders/koördineerders vir Onderwysinnovasie is reeds gedurende September 2000 in fakulteite aangestel.

E-onderwys

Elektroniese onderwys word via die Wêreldwye Web (www) en deur die toepaslike integrasie van verskeie inligting- en kommunikasietegnologieë (IKT), byvoorbeeld interaktiewe multimedia, rekenaargesteunde assessering, interaktiewe televisie en videokonferensies, aangebied.

Alle programme wat telematies afgelewer word, is wetenskaplik ontwerp en ontwikkel deur 'n onderrigontwerpspan wat saamgestel is uit vak-, onderwys- en rekenaarkundiges en wat 'n akademiese pakket van hoë gehalte verseker.

Die virtuele kampus van die Universiteit het gedurende 1998 en 1999 ontwikkel en 'n omvattende geïntegreerde virtuele kampus is op 21 Oktober 1999 geloods. Sedertdien bied die Universiteit 'n geïntegreerde diens op die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Internet aan studente. Dienste soos toelatingsaansoeke, die betaling van studiegeld, rekordnavrae, die verskaffing van studiemateriaal en interaksie met die dosente en medestudente is tans deur middel van die virtuele kampus aanlyn beskikbaar. Sedert November 1999 is 'n totaal van 250 webkursusse beskikbaar gestel, en meer as 18 000 studente het reeds op die studente-aanlyndienstefasiliteit van die virtuele kampus geregistreer.

E-onderwys, met die virtuele kampus as ruggraat, bied aan die Universiteit 'n mededingende voordeel met betrekking tot tegnologie-verrykte fleksieleer.

Vennootskappe

Verskeie vennootskappe is met nasionale rolspelers aangegaan. Dit sluit samewerking met die Universiteit van Zululand in vir die gesamentlike aflewering van nagraadse programme in die Afrikatale, deur middel van interaktiewe televisieonderrig, asook met die Universiteit van die Noorde vir die gesamentlike aflewering van die nagraadse MBA- en MPA-programme.

Die departement is daarvoor verantwoordelik om die prosesse rondom vennootskappe vir die aflewering van telematiese onderwysprogramme te fasiliteer. Die Universiteit het tot op hede vennootskappe vir die aanbieding van akademiese programme met instansies soos Nasionale Private Kolleges, die Skool vir Bankwese en die Skool vir Rekenaarwese van Damelin en FutureKids aangegaan. Die Universiteit se redenasie is dat dit nie koste-effektief sou wees om 'n aparte infrastruktuur vir die aflewering van tradisionele papiergebaseerde afstandsonderrigprogramme te skep wanneer hierdie tipe infrastruktuur deur vennote met die nodige kundigheid en ondervinding in afleweringstelsels verskaf kan word nie.

Opsomming van ander statistiek sedert 1997

Meer as 400 dosente is in die verskillende fasette van fleksieleer en e-onderrig opgelei; 22 multimedia CD-ROM-produkte is ontwikkel; meer as 350 rekenaargebaseerde toetse (RGT) is in die RGT-laboratorium voltooi, en nagenoeg 50 000 studente lê jaarliks hierdie toetse af; 'n totaal van 88 videoproduksies is voltooi; ongeveer 600 uur word jaarliks deur die Interaktiewe Televisie-Onderrigateljee uitgesaai en 'n diens word aan tien akademiese departemente gelewer; ongeveer 25 videokonferensies vind jaarliks plaas; meer as 80 volprogramme op voor- en nagraadse vlak is tans aanlyn beskikbaar; en meer as 18 000 studente maak van die studente-aanlyndienste gebruik.

Prof J A Boon
DIREKTEUR

TuksSport

Sport aan die Universiteit het 'n lang en trotse tradisie, omdat die rol van sport in die universiteitslewe nie onderskat kan word nie. Dit bly 'n primêre doelwit om geleenthede aan soveel moontlik studente te bied om aan die sport of ontspanningsaktiwiteite van hulle keuse deel te neem.

Die nuwe millennium is ingelui deur verskeie nuwe inisiatiewe rondom sport, byvoorbeeld die vestiging van junior klubs, wetenskaplike ondersteuningsdienste aan top sportlui en samewerkingsprogramme met verskeie akademiese departemente en ander nie-akademiese vennote. Programme vir gemeenskapsuitreiking is gekonsolideer met die hoofdoel om talentvolle seuns en meisies by die TuksSport ondersteuningsprogramme te betrek. Verskeie fasiliteite is opgegradeer, onder meer deur die aanbouing van verskeie klubhuise.

Prestasiesport word doelgerig benader om tot die bemarking van die Universiteit by te dra. Tukkiesport is alom bekend in Suid-Afrika en ook in die buiteland.

Professionele sport is 'n werklikheid en het veral 'n impak op rugby, atletiek, krieket en sokker. Dit bring noodwendig mee dat belowende sportlui groener weivelde elders gaan soek.

Die werwing van top sportlui bly 'n prioriteit. Finansiële ondersteuning deur die Universiteit en borgskappe deur ander instansies ten opsigte van sportbeurse is noodsaaklik om hoegenaamd mededingend te bly. Hoewel die Sportburo en sy klubs sedert die vroeë negentigerjare deurentyd borgskappe en donasies bekom het (met 'n gemiddelde bedrag van ongeveer R300 000 per jaar) is fondswerwing bemoeilik deur 'n persepsie dat die Universiteit oor genoeg fondse beskik om self na sport om te sien. Tukkiesport het ook nie altyd na wense presteer nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Mnr G C Potgieter



Mnr K van der Walt

Administrasie en organisasie

Die direkteur en personeel van die Sportburo het in samewerking met die Sentrale Sportkomitee die administrasie en organisasie van studentesport hanteer.

Die Sentrale Sportkomitee (SSK) se voorsitter het, as VSR-lid vir sport, sitting op die Studenteraad gehad. Die struktuur van die SSK het in 1996 verander en die voorsitter van die SSK is uit verteenwoordigers van sportklubs (geslote) en die verskillende huise verkies. Die SSK het die sportklubs en die Sportburo tydens interne of huisligas ondersteun en was vir die toekenning van erekleure verantwoordelik. Die klubs is amptelik oopgestel en dit het verseker dat Tuks op die hoogste vlak suksesvol kon meeding. In 2000 is nie-studente vir die eerste keer as sportman en -vrou van die jaar aangewys.

Sportdirektoraat

Mnr G C (Gert) Potgieter was tot en met 30 Junie 1998 die direkteur van die Sportburo. Ander sportbeamptes was: adjunkdirekteur: **mnr Johan Ligthelm**; hoofsportbeampte: **mnr James Stoffberg** (rugby); hoof: sportondersteuning: **me Laura Benadé** (na die oorplasing van **mnr Ligthelm** na sportfasiliteite); sportbeamptes: **mnr Terseus Liebenberg, me Henda van Schalkwyk** en **Mnr Soon Pretorius**.

Mnr Terseus Liebenberg het die diens van die Universiteit in 1994 verlaat en **mnr Nico van Heerden** is hierna as sportbeampte vir atletiek aangestel. **Mnr Bob Blair** het die verantwoordelike beampte vir krieketafrigting geword.

In 1995 is **mnr Sello Makgabo** as die eerste voltydse ontwikkelingsbeampte aangestel. Na die bedanking van **mnr Van Heerden** het **me Annatjie de Villiers** as sportbeampte vir atletiek oorgeneem. **Mnr Chris Buitendach** het in 1996 die uitvoerende bestuurder: rugby geword in die plek van **mnr Stoffberg** wat die diens van die Universiteit verlaat het. **Mnr N J Janse (Spiere) van Rensburg** het gedurende 1998 as rugbybeampte by die Sportburo aangesluit en **me Kgabo Matjane** is in die plek van **mnr Makgabo** as ontwikkelings- en sportbeampte aangestel.

Na die bedanking van **mnr Blair** is **mnr Colin Dettmer** sedert 1997 die verantwoordelike krieketbestuurder/-afrigter.

Toe die Hoofbestuur 'n verslag van onafhanklike konsultante ten opsigte van die Sportburo aanvaar het, het sport drasties begin verander. Op 30 Junie 1998 het die volgende voltydse personeel die diens van die Universiteit verlaat: **mnre Potgieter** en **Pretorius**, en **mee Benadé, Van Schalkwyk** en **De Villiers**. **Me Matjane** het aan die einde 1998 en **mnr Buitendach** in 1999 bedank.

Die Universiteit het besef dat sport 'n kragtige bemarkingshulpmiddel is en 'n nuwe, omvattende strategiese benadering is in 1999 ontwikkel om TuksSport – soos die Sportburo voortaan bekend sou staan – stewig in die nasionale en internasionale kalklig te plaas. **Mnr Kobus van der Walt** is op 1 Julie 1999 aangestel as die nuwe Direkteur: TuksSport. Ander sportbestuurders het ook gedurende 1999 en 2000 by TuksSport aangesluit, naamlik: **mnr J Grobler**, sportsekretaris en bestuurder van hokkie; **mnr G L van Coller**, bestuurder van rugby; **dr R I Mulaudzi**, sportbestuurder vir uitreiking; **mnr C Tshoana**, bestuurder van sokker; **me Van Schalkwyk**, bemarkingsbestuurder; **me A S van der Walt**, projekorganiseerder; **mnr C P Dettmer**, bestuurder van krieket; **mnr S Troughton**, afrigter van sokker; **mnr A H Badenhorst**, bestuurder van atletiek; en **me X Joyce**, bestuurder van tennis en swem.

Ontwikkelings en gebeure by sportklubs

In die lig van die toenemende aantal studente wat aan sport begin deelneem het, en die eise wat strawwe provinsiale en nasionale byeenkomste gestel het, was die bestaande fasiliteite duidelik nie meer toereikend nie. Ten spyte hiervan het die meeste verteenwoordigers van een tersiêre instelling by die Wêreld Studentespele in Augustus 1995 uit die Tukkiekamp gekom – naamlik 12 deelnemers. In Julie 2000 het Tukkies weer die meeste deelnemers in die Suid-Afrikaanse Studentespan na die Cucsa Spele in Maputo gestuur. Hierna het die opgradering van Tukkies se sportfasiliteite sterk onder die soeklig gekom.

Die sewe sportsoorte wat in 1996 as "kalklig"-sportsoorte uitgelig is, het in 1999 tot tien prioriteitsportsoorte toegeneem, te wete atletiek (baan-, veld- en padwedlope), basketbal, hokkie (mans en dames), krieket, netbal, rugby, sokker, swem, tennis en vlugbal. Die inlywing van die Onderwyskollege van Pretoria op sportgebied het

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

veral Tuksatletiek, -rugby en -netbal aansienlik versterk. Tukkies se sportpersoneel het nog altyd 'n belangrike rol in gemeenskapstrukture gespeel en hierdie betrokkenheid het as deel van die gemeenskapsdiens van TuksSport voortgeduur.

Statistiek van nasionale verteenwoordiging

Die aantal studente wat nasionale kleure verwerf het, is soos volg:

Jaar	Totaal	Deelnemers per sportsoort
1993	21	Atletiek 11, judo 3, onderwaterhokkie 3, rugby 2, skerm 1, trampolien 1
1994	23	Atletiek 9, hokkie 2, kanovaart 2, padwedloop 3, onderwaterhokkie 3, tweekamp 4
1995	23	Atletiek 7, hokkie 1, korfbal 1, onderwaterhokkie 4, rugby 1, skerm 5, tweekamp 2, swem 1
1996	8	Atletiek 1, judo 1, onderwaterhokkie 2, rugby 1, swem 1, tweekamp 2
1997	16	Atletiek 9, onderwaterhokkie 4, skerm 2, rugby 1
1998	13	Atletiek 8, gholf 2, onderwaterhokkie 1, rugby 1, skerm 1
1999	21	Atletiek 2, basketbal 1, fietsry 1, gholf 1, judo 3, kanovaart 1, padwedloop 1, ultramarathon 1, onderwaterhokkie 5, rugby sewes 3, skerm 2
2000	44	Atletiek en veelkampsport 11, fietsry 1, trampolien 1, handbal 3, judo 3, karate 2, vroue-krieket 2, netbal 6, onderwaterhokkie 2, rugby sewes 4, sagtebal 1, seilsport 1, skaak 2, moderne vyfkamp 3, vlugbal 2

Nagenoeg 510 Tukkie sportlui het sedert 1993 provinsiale en SASSU kleure verwerf.

Sportmanne en sportvroue

1993: **Joost van der Westhuizen** (rugby), **Yolanda Steyn** (atletiek).

1994: **Frits Potgieter** (atletiek), **Sharon Cormack** (hokkie), **Nerine Grobler** (onderwaterhokkie).

1995: **Marius Hurter** (rugby), **Maralize Visser** (sewekamp).

1996: **Gideon Joubert** (tienkamp), **Monique Crouch** (onderwaterhokkie).

1997: **Marius Hurter** (rugby), **Elizna Naudé** (atletiek).

1998: **Riaan Botha** (atletiek), **Vanessa Becker** (atletiek).

1999: **Henk Alberts** (gholf), **Nicki de Villiers** (basketbal).

2000: **Llewellyn Herbert** (atletiek), **Dominique Harverson** (netbal).

Hoogtepunte en uitsonderlike prestasies

Daar is 32 geregistreerde sportklubs aan die Universiteit. Dit is nie moontlik om volledig verslag oor almal te doen nie en dus word net kortliks na uitsonderlike prestasies en hoogtepunte verwys.

Die UP-Atletiekklub of die "Klub vir Kampioene", is reeds jarelank die vlagskip van Tukkiesport, en het talle prestasies van wêreldgehalte opgelewer. Die klub se atlete het in hierdie tydperk alle studente- en provinsiale byeenkomste oorheers. In 1996 is **Riaan Botha** in die SA Span vir die Olimpiese Spele in Atlanta ingesluit. Hierdie prestasie is in 2000 verbeter toe vier Tukkies in die nasionale span vir die Olimpiese Spele in Sydney gekies is: **Llewellyn Herbert** (400 m hekkies), **Werner Botha** (800 m), **Frits Potgieter** (diskus) en **Karel Potgieter** (gewigstoot). **Llewellyn Herbert** het 'n bronsmedalje terwyl **Jacques Freitag** (hoogspring) en **Hannes Hopley** (diskus) goue medaljes in Oktober 2000 by die Wêreld Junior Kampioenskappe in Chili verower.

Padwedloop-hoogtepunte sluit ongetwyfeld die verowering van die Gunga Din-spankompetisie vir mans by die 1997 Comrades Marathon in asook die Tuks-damespan se uitsonderlike prestasie by die 2000 Comrades Marathon waar Tuks se damesatlete eerste en tweede in die spankompetisie vir vroue geëindig het. Dieselfde atlete het ook die Veterane-spankompetisie vir vroue gewen.

Basketbal is 'n vinnig groeiende sportsoort op die Tukkiekampus. Al is hierdie klub relatief jonk, is Tuks se spanne besig om hulle stempel landswyd op basketbal af te druk. Tuks se damespan het sedert 1996 die SASSU-toneel

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

oorheers. In 2000 het hulle vir die tweede agtereenvolgende jaar die kampusbasketbal-liga (Campus Basketball League) en ook die nasionale kampioenskappe gewen.

Tuks Netbal het gedurende 1993-1999 geen groot hoogtes bereik nie. In 2000 het hulle egter daarvoor opgemaak en die nasionale klubkampioenskap gewen asook die Gauteng-Noord-liga. Meer as die helfte van die SA-span se spelers is Tukkies: **Dominique Harverson** (kaptein), **Leana du Plooy, Rusky Mthethwa, Desmarie Kotze, Corlie Oberholzer** en **Marlize Smit**. Netbal is in 2000 as Tuks se Sportklub van die Jaar aangewys.

Na die aanstelling van 'n professionele afrigter in 1999 en 'n voltydse sportbestuurder in 2000 het Tuks Sokker geweldig momentum gekry en die Sokkerklub is tans een van die grootste sportklubs aan die Universiteit. Tukkies het ook 'n baie sterk junior sokkerklub.

Die herstrukturering van sportsoorte in 1993 het meegebring dat Tuks Tennis 'n nuwe sportbeampte gekry het. Van die vyfde plek vir mans en die tweede plek vir dames op die punteleer by SASSU in 1993, het Tuks Tennis in 1994 tweede geëindig. In 1995 het Tuks se mans en dames die SASSU-toernooi gewen en sedertdien oorheers Tuks se manstennisspan op studentevlak. Die dames is tans derde op die ranglys.

Tuks Rugby is steeds die grootste voedingsbron van die Blou Bulle se rugby-unie, met die meeste junior en senior verteenwoordigers van al die klubs. In 1994, met die huidige Springbokafrigter, **Harry Viljoen**, as afrigter het Tukkies se rugbyspan RAU vir die eerste keer sedert 1989 geklop. Die oorwinning is in 1995 herhaal. Twee Tukkies – **Joost van der Westhuizen** en **Marius Hurter** – was lede van die Springbokrugbyspan wat die Wêreldbeker in 1995 verower het. Tukkies se 0/19, 0/21 en die Jongspanligas het die provinsie sedert 1995 oorheers. In 1999 het drie Tukkies (**Johan Calitz, Daniël Grobler en Helgard Brink**) en in 2000 vier Tukkies (**Jacques Olivier, Andries Fourie, Hannes Venter** en **Helgard Brink**) Sewes Springbokke geword en ding internasionaal in die Wêreld Sewes-Kampioenskap mee.

Daar was vyf Tukkies, naamlik **Johan Roets, Eduard Coetzee, Skipper Badenhorst, Coenraad Groenewald** en **Hanyani Shimange** in die Suid-Afrikaanse 0/21-span wat in 1999 die Junior Wêreldbeker verower het toe hulle Nieu-Seeland geklop het. In 2000 was twee verteenwoordigers van Tukkies in die SA 0/23-span, een in die SA 0/21-span, twee in die SA 0/19-span, een in die SA 0/21-Ontwikkelingspan en twee in die SA Studentespan. Vir die eerste keer sedert 1990 het Tuks in Mei 2000 weer in die Nasionale Klubkampioenskappe gespeel, maar in die eindwedstryd teen Maties verloor. Tuks het in 2000 met 'n verswakte span (eintlik die derde span nadat meer as 30 spelers vir die provinsiale spanne teruggehou is) weer in 'n Carltonliga-finaal gespeel wat hulle teen Pretoria Technikon verloor het.

'n Hoogtepunt op die sportkalender van die Universiteit was ongetwyfeld die sportbanket wat op 30 September 2000 ter ere van TuksSport-legendes aangebied is – in hierdie geval 18 van die 63 rugby Springbokke, asook Tuks se drie Springbokkapteins en drie Tukkie klubkapteins – en die vrystelling van **prof Flip van der Watt** se boek *Tukkie-Rugby by die Millennium.*

Aan die einde van 1999 is 'n Meesterplan vir TuksSport aan die Hoofbestuur voorgelê en goedgekeur. Benewens die nuwe klem op prestasiesport en deelname aan ontspanningsport te midde van 'n ontwikkelde professionele era in sport, bly dit van kardinale belang om sport aan die Universiteit as 'n integrale, waardetoevoegende deel van die kernbesigheid, naamlik die opvoedingstaak, van die Universiteit te bedryf. Die strategiese posisie van sport in die besigheidsinisiatiewe van die Universiteit bied verskeie geleenthede om op sportopleiding te fokus en sodoende die markposisie van die Universiteit te ondersteun. In hierdie verband is 'n belangrike ooreenkoms met die Icon Sportbemarkingsmaatskappy aangegaan, waarin **Naas Botha** 'n sleutelrol speel. Verskeie soortgelyke inisiatiewe word vir eersdaagse implementering ondersoek.

Mnr Kobus van der Walt
DIREKTEUR

UP-Argief

Die Visekanselier en Rektor, **prof Johan van Zyl**, het op 14 April 1997 die argief van die Universiteit amptelik oop verklaar. Verskeie ondersoeke oor byna twee dekades het gelei tot die daarstelling van die argief. **Prof E D Gerryts**, destyds die direkteur van Biblioteekdiens, het aanvanklik in 1978 die voorstel gemaak om 'n argief vir die Universiteit te stig. 'n Argiefkomitee onder voorsitterskap van **prof A N Pelzer** (viserektor) is aangestel om die saak te ondersoek. Met die afsterwe van **prof Pelzer** in 1981 is **prof Gerryts** as voorsitter aangewys en op sy versoek het die Argiefkomitee in 1988 ontbind. Dit is deur 'n ad hoc-komitee onder leiding van **prof P Oosthuizen** (viserektor) vervang, wat ondersoek na beleid en prosedure, infrastruktuur vir die bewaring van argief- en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

museummateriaal ingestel het, asook na die optekening van die Universiteit se geskiedenis. Op 2 Augustus 1988 het die Rektoraat voorstelle hieroor van **proff J S Bergh** en **O J O Ferreira** van die Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis aanvaar, maar die besluit is nie in die begrotingspos verder gevoer nie. In 1994 het **prof C R de Beer**, die registrateur, sy kommer oor die voortdurende gebrek aan 'n omvattende argiefbestuurbeleid uitgespreek en is as sameroeper van 'n taakspan aangestel om die aangeleentheid verder te ondersoek. Die taakspan het aanbeveel dat toepaslike argiefmateriaal in 'n sentrale argiefruimte aan die hand van 'n omvattende bewaringsbeleid bewaar en georden moes word en dat 'n universiteitsargivaris benoem en die nodige infrastruktuur geskep moes word. Hierdie aanbevelings is op 13 September 1994 deur die Hoofbestuur van die Universiteit goedgekeur en dié datum kan dus as die stigtingsdatum van die argief beskou word. Die instelling van die pos van universiteitsargivaris is moontlik gemaak nadat die Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis ingewillig het om 50% van 'n professoraat vir dié doel beskikbaar te stel. 'n Argiefadvieskomitee, onder voorsitterskap van die destydse registrateur **prof J A Boon**, is benoem om as adviserende liggaam oor argief- en verwante aangeleenthede te dien.


Prof K L Harris

Prof Ferreira, dosent in die Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis, is as eerste universiteitsargivaris in Julie 1995 aangestel. Hy was verantwoordelik vir die grondleggende navorsing en het saam met die Departement Fasiliteite en Dienste die beplanning van die fisiese vestiging van die argief behartig. Die stoorruimte vir onbenutte oudiovisuele hulpmiddels op die vyfde vlak van die Geesteswetenskappegebou is as argiefruimte ingerig. Ten spyte van verskeie beperkinge en gebreke het dit aan die onmiddellike behoeftes voldoen. Na breedvoerige konsultasie, het **prof Ferreira** ook 'n ordening- en ontsluitingstelsel ontwerp en gesorg vir die oorplasing en bewaring van sowel klein skenkings as groter versamelings van Universiteits- en aanverwante instansies. Gepubliseerde universiteitsreekse, dokumente, foto's en voorwerpe is in die argiefversameling opgeneem. Buiten die Argiefadvieskomitee en die deeltydse universiteitsargivaris, het die argief met sy instelling ook oor die dienste van **me M Otto**, wat van die Akademiese Administrasie oorgeplaas is, en **mnr L A Changuion**, 'n magisterstudent in Kultuurgeskiedenis, as tydelike assistent beskik. Die kundigheid en navorsing van **mnr Changuion** het baie goed in hierdie grondleggende fase te pas gekom.

Prof Ferreira het in 1998 afgetree en die pos van universiteitsargivaris is weer deur 'n dosent uit die Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis op 'n deeltydse basis gevul. In 1999 is **dr K L Harris** as universiteitsargivaris aangestel. **Dr D Marais**, waarnemende registrateur, was toe voorsitter van die Argiefadvieskomitee. Buiten twee tydelike studentassistentposte, is **me K Grundling** aan die einde van 1999 na die argief oorgeplaas. In Maart 2000 is die argief direk onder die nuwe registrateur, **prof N Grové**, geplaas, wat toe ook voorsitter van die Argiefadvieskomitee geword het. Aan die einde van 2000 is **me R Groenewald** as voltydse argiefassistent aangestel. Met die twee voltydse argiefassistente kon die argief 'n effektiewer diens lewer en langer navorsingsure bied. Vanaf 1999 is verskeie projekte geloods om die argiefversameling te bevorder en uit te brei, onder meer die Tukkies-Kodakfoto-kompetisie, die Wandelpad, 'n veldtog vir koshuis- en ander satellietargiewe, asook die ontwerp van 'n argieflogo.

Die missie van die argief is om inligting aangaande die geskiedenis van die Universiteit, dit wil sê van sy ontstaan, ontwikkeling en aktiwiteite, te versamel, orden, bewaar, ontsluit en bekend te stel. Op 'n geestelike vlak wil die argief sodoende as die geheue van die Universiteit dien, die historiese identiteit van die Universiteit help bewaar en die wese van die Universiteit weerspieël. Op 'n praktiese vlak wil die argief as bewarings- en inligtingsorganisasie inligting aangaande die Universiteit aan personeellede en studente van die Universiteit en aan bona fide-navorsers van buite beskikbaar stel.

Prof K L Harris
UNIVERSITEITSARGIVARIS

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hoofstuk 5
Statistieke

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

KONTAKONDERRIG STUDENTE VOLGENS BEVOLKINGSGROEP: 1993 - 2000



KONTAKONDERRIG STUDENTE BY DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

TOTALE AANTAL INSKRYWINGS VOLGENS GESLAG EN BEVOLKINGSGROEP : 1993 TOT 2000

BEVOLKINGSGROEP/GESLAG		1993	1994	1995	1996	1997	1998	1999	2000
Blank	Manlik	12406	11970	11466	10609	10126	9939	9618	9790
	Vroulik	9510	9530	9653	9432	9368	9431	9527	10242
	Totaal	**21916**	**21500**	**21119**	**20041**	**19494**	**19370**	**19145**	**20032**
Kleurling	Manlik	89	105	113	122	130	138	136	147
	Vroulik	87	115	123	134	116	136	134	178
	Totaal	**176**	**220**	**236**	**256**	**246**	**274**	**270**	**325**
Indiër	Manlik	61	98	170	190	259	328	434	518
	Vroulik	33	63	151	207	288	356	432	513
	Totaal	**94**	**161**	**321**	**397**	**547**	**684**	**866**	**1031**
Swart	Manlik	575	1169	1894	2154	2382	2660	2811	3018
	Vroulik	448	1124	2345	3112	3335	3696	3631	3687
	Totaal	**1023**	**2293**	**4239**	**5266**	**5717**	**6356**	**6442**	**6705**
Alle	Manlik	13131	13342	13643	13075	12897	13065	12999	13473
Bevolkings-	Vroulik	10078	10832	12272	12885	13107	13619	13724	14620
Groepe	**Totaal**	**23209**	**24174**	**25915**	**25960**	**26004**	**26684**	**26723**	**28093**

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

KONTAKONDERRIG STUDENTE BY DIE UNIVERSITEIT

NUWELING EERSTEJAARS, ANDER VOORGRAADSE EN NAGRAADSE INSKRYWINGS PER FAKULTEIT: 1993 EN 2000









Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

FINANSIëLE INLIGTING TOV DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Subsidie inkomste per ESS* vir Geestes- en Natuurwetenskappe: 1993 - 2000



	1993	1994	1995	1996	1997	1998	1999	2000
Geesteswetenskappe	5749	5840	6192	7414	7844	8340	8894	9361
Natuurwetenskappe	15474	16222	17002	19921	21061	22445	23096	24729



	1993	1994	1995	1996	1997	1998	1999	2000
Geesteswetenskappe	6801	6349	6192	6908	6729	6694	6785	6777
Natuurwetenskappe	18306	17635	17002	18562	18067	18016	17620	17904

*ESS - Effektiewe Subsidie Student

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Gesubsidieerde Navorsingsuitsette: 1993-1999

NATUURWETENSKAP FAKULTEITE	1993	1994	1995	1996	1997	1998	1999
NATUURWETENSKAPPE	99.42	69	80.82	79.9	84.18	69.08	91.97
BIOL. EN LANDBOU WET	167.04	149.73	139.22	138.94	125.87	170.7	158.84
VEEARTSENYKUNDE	48.48	34.58	52.46	50.55	37.19	49.37	46.94
GENEESKUNDE	89.7	80.44	88.11	101.16	99.46	93.2	64.96
TANDHEELKUNDE	13.33	7.95	23.58	12.7	19.41	12.95	7.61
INGENIEURSWESE	78.15	55.63	69.73	68.82	82.59	86.01	94.02
TOTAAL	496.12	397.33	453.92	452.07	448.70	481.31	464.34

GEESTESWETENSKAP FAKULTEITE	1993	1994	1995	1996	1997	1998	1999
LETTERE EN WYSBEGEERTE	57.08	84.19	71.7	75.34	69.42	95.65	98.94
REGSGELEERDHEID	65.83	57.5	71	73.5	72.83	63.55	71.1
TEOLOGIE	67.5	97.17	90.5	78	84	68.19	82.23
EKON EN BESTUURSWET	22.61	19.64	32.78	33.55	28.58	44.07	38.3
OPVOEDKUNDE	9.03	7.67	8	7.78	11.00	15.66	11.17
TOTAAL	289.55	363.34	364.48	346.17	349.83	368.12	301.74





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

PERSONEEL INLIGTING TEN OPSIGTE VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

AANTAL PERSONEELLEDE MET PERMANENTE AANSTELLINGS VOLGENS BEVOLKINGSGROEP: 1993, 2000

	1993					2000				
	Blank	Kleurling	Indiër	Swart	Totaal	Blank	Kleurling	Indiër	Swart	Totaal
Professionele Personeel										
Onderrig/Navorsing	1263		1	6	1270	1347	5	12	55	1419
Uitvoerend/Bestuur	107				107	139		1	3	143
Spesialis/Ondersteuning	162	1			163	165	1		13	179
SUB-TOTAAL	**1532**	**1**	**1**	**6**	**1540**	**1651**	**6**	**13**	**71**	**1741**
Nie-Prof Personeel										0
Tegnies	162	1		13	176	143	1	1	65	210
Administratief	448	2		2	452	464	8	3	88	563
Vak-/Ambagsmanne	78		1		79	27	1	1	5	34
Dienswerkers	91	3		1212	1306	57			541	598
SUB-TOTAAL	**779**	**6**	**1**	**1227**	**2013**	**691**	**10**	**5**	**699**	**1405**
TOTAAL	**2311**	**7**	**2**	**1233**	**3553**	**2342**	**16**	**18**	**770**	**3146**

Bron: SAPSE 3.3

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Errata - Personeregister

Cobb, E (73)
De Villiers, D E 116 117 (126) **127**
Du Toit, P H (95) 96 102
(Geldenhuis), K 240
Holm, D 255 256 (257) **259**
(Irurah, D 257)
Krige (257)
Kruger, M C (184) 185
Le Roux, S W **255** 256 (257)
Meiring, P G J 117 **118** 127 (128)
(Meyer, A C 201)
Pistorius, P C 230 (240)
Pistorius, C W I (snr) 11 **12** 344
Puth, G **29** (310)
Roode, J D 231 247 **248** (249) 250 308 336
Rossouw, D S 199 (200)
Rossouw, S 193
Sauthoff, M D 51 56 **57** (58)
(Smit, J 229)
Snyman, M (81)
(Stegmann), F 284
Steyn, A G W (308) 324
Steyn, G J 31
(Steyn, P 36)
Tönsing, K (73)
Turner, (P T) (281) **284**
Van Niekerk, A 201
Van Niekerk, A 203
Van Onselen, C (52) 63
(Van Velze, E 177)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Sake- en Personeregister

Sakeregister

Voorafgaande verduidelikings:

1. In **HOOFSTUK 1** is opgeteken belangwekkende gebeure wat die Universiteit as sodanig raak. Die diverse feite word so volledig moontlik aangedui op *pp 370-372.*

2. In **HOOFSTUK 2 - 4** is elke instansie (soos die *rektoraat, fakulteite, departemente, sentra, buro's, eenhede, afdelings, ondersteuningsdienste*) die geleentheid gebied om saaklik sy vernaamste aktiwiteite uit te lig.

2.1 Vanselfsprekend is daar baie gemeenskaplike sake wat die onderskeie instansies raak - onder meer *personeelsamestelling, studente, kursusse en -veranderinge, navorsing, transformasie, gemeenskapdiens* en *oorsese kontakte.*

Vir die oningewyde is sodanige inligting maklik bekombaar onder die *naam van die betrokke instansie*, wat in die **SAKEREGISTER** verskyn. Dit word as **TEMATIESE VERWYSINGS** aangebied *(pp 372-376).*

2.2 Daar is egter gepoog om ook besondere gegewens van hierdie instansies in die **SAKEREGISTER** te vermeld. Dit word as **DIVERSE VERWYSINGS** aangetoon *(pp 376-380).*

3 In **HOOFSTUK 5** is sekere statistiese gegewens vervat *(pp 364-368).*

HOOFSTUK 1

Aanstelling van rektor 9 11
Aanstelling van viserektore 9
Adviesraad vir Universiteite en Technikons (AUT) 4
Afdeling Gelyke Indiensneming 16
Afdeling Navorsing en Navorsingadministrasie 20
African Universities 4
Afstandsonderrig 2 3 6 9
Akademiese administrasie 22
Akademiese herstrukturering 17
Akademiese monitering, kwaliteit en vernuwing 22
Akademiese standaarde 17 21
Alternatiewe jaarprogram 23
American Council on Education 4
ANC onderwysdepartement 5
ANC ontban 4
Aparte /etniese /rasse (onderwys) 3
A Policy Framework for Education and Training (1995) 5
A Programme for Higher Education Transformation (1997) 5
Arbeidsaangeleenthede 16
Assessment 4
Audit Portfolio 17
Bedryfsake 22
Bedryfsbegroting 21
Befondsingsvlakke 3 5
Benadeelde studente 5
Beroepskolleges 3
Beroepsrigtings 2
Bestuur diversiteit 22
Bestuurinligtingstelsel 22
Breë Transformasie Forum (BTF) 11 13 15
Buitelandse besoeke 22
Buro vir Institusionele Navorsing en Beplanning (BINEB) 13 17 21
Commonwealth Universities 4
Deelprojekte 21 22
Demokratisering 2 5 9
Departement: Bemarking en Kommunikasie 13
Departemente (nuwe) 18
Departemente (samesmelting) 18
Departemente van onderwys 3
Desentralisasie/delegasie van bevoegdhede 19 20 23
Dienswerkers 21 23
Digitale revolusie 2 5 18
Dissiplinegerigte onderrig 3
Diverse personeelkorps 17
Doserende personeel (samestelling) 17
Eenheid vir Kwaliteitversekering 18
Eenheid vir Ontwikkeling van Taalvaardigheid 15
Eenheid vir Vigsnavorsing 19
Eenstopdiens 22
Eerste vyfjaarplan 17
Effektiwiteit 6
Effektiwiteit en doeltreffendheid 21
Eiendomme en fasiliteite 22

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ekonomiese ontwikkeling 2
Eksterne evaluasie 18 ook 17
Elite onderwys 2
E-onderwys 9
Evalueringskomitee 18 21
Fakulteit Veeartsenykunde (Medunsa) 19
Ford Foundation 4
Foundation of Tertiary Institutions of the Northern Metropolis (FOTIM) 15 20 vgl 311
Founding Document (2000) 6
GAELIC 20
Geesteswetenskappe kwyn 2
Gelykheid 6 9
Gestremdes 5
Globalisering 2 21
Gordon Institute of Business Sciences (GIBS) 18 (sien 28 327)
Grondwet-1983 3
Growth, Employment and Redistribution (GEAR) 5
Hammanskraal kampus 9
Heropbou en Ontwikkelingsprogram (HOP) 5
Hersiening reglemente 23
Herstrukturering 3 21
Hoofbestuur/rektoraat 11
ICT-2000 projek 21
Inligtingtegnologie en –stelsels 13 15
Innoverende optrede 3 8 23
Institusionele Forum 15
Instituut vir Tegnologiese Innovasie 19
Instituut vir Toegepaste Minerale 19
Interim Policy on Equality, Employment Equity and Diversity 16
Inter/intra dissiplinêre benaderings 19
Inter/intra dissiplinêre programme 3
Inter-institusionele samewerking 6
Internasionale tendense 2
Internasionalisering 21
Kampusonderneming 22
Komitee van Universiteitshoofde (KUH) 4 6 20
Komitee vir Gehalte in Hoër Onderwys 6
Kompetisie tussen universiteite 2
Kanselier (verkiesing) 9 13
Kantoor van die Rektor 13
Kontakonderrig 3 8
Kontekstualisering 2
Kortkursusse 7
Koshuise oopstel 8
Kultuurbevordering 2
Kurrikulumontwikkeling 9
Kwalifikasiestruktuur herevalueer 6
Kwaliteitsbeheer 17
Kwaliteitsbevorderingseenheid 6 13 15 18
Kwaliteitversekering 17 18 21
Langtermynplanne 4
Lenings en beurse (PUNIV-fondse) 8
Makro-ondersoek na universiteitswese 4 20
Massa onderwys 2
Mellon Foundation 16 21
Mensekragbehoeftes 4
Mentorprogram 16
Mentorstelsel 8
Minister van Onderwys se bevoegdheid 7
Multikulturele onderrig 8
Nagraadse studente 9
Nasiebou 2
Nasionale Kommissie vir Hoër Onderwys 5
Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) 6
Nasionale Navorsingstigting (NRF) 7
Nasionale Private Kolleges 9
Nasionale tendense 2
National and Institutional Higher Education Planning Requirements (1998) 5
National Education Policy Investigation (NEPI) 4
National Research and Technology Foresight Project 7
Navorsingfokusgebiede 7 20
Navorsingsinstitute/buro's riglyne 18 20
Navorsingsondersteuning en Internasionale Aangeleenthede 18 19
Navorsingsuitsette 19 20 21
Niekernfunksies uitbesteding 21 22
NUSAS 4
Nuwe regering 5
Onderrig en navorsingprogramme 5
Onderrigtaal 8
Ondersoek na bestuurspraktyke 19
Ondersteuningsprogramme 8
Onderwysinnovasie 9
Onderwyskollege Pretoria 18
Onderwysondersoek RGN (1981) 3
Onderwysvernuwingstrategie 4
Onderwysvernuwingstrategie: Bestuursoplossings vir Onderwys in SA (1992) 4
Ooreenkomste met universiteite/instellings 22
Op pad na die Nuwe Millenium-dokument 16 18 20
Oudit van afdelings 17
Owerheid – afstandbeheer 3
Owerheid – direkte beheer 3
Paradigmaverskuiwing 2 18
Persepsie van universiteit 8
Personeel-samestelling 16
Post Secondary Education (1992) 4
Prestasiebestuur (personeel) 22
Private hoër onderwysinstellings 6
Private onderwys 7
Private Wysigingswet Universiteit van Pretoria 9 10
Privatisering 3
Professionalisering 2
Proliferasie van onderrigprogramme 6
PUNIV-fondse 8
Raad van Universiteit (samestelling) 9 10
Raamwerk vir Strategiese Beplanning 1993-1997 17
Rasionalisasie van onderwysinstellings 21
Rasionalisasie van proefplase 22
Rasionalisering van (onderrig)programme 4 6
Registrateur (funksies) 14 ook 17

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Rektor (aanwysing) 11 13
Relevansie 21
Riglyne vir Institusionele Selfevaluasie (1994) 17
Rollende planne 6 16 18 21
Ruimte-oudit 22
Samewerking van onderwysinstellings 20 21
SANSCO 4
SANSO-verslae oor onderwys 4
SASCO 11
Selfevaluasie 17 18
Senaat van die Universiteit 11
Sentrale departement van onderwys 5
Sillicon Valley 9
Size and Shape Task Team 6 (sien vorm en grootte)
Skole opstand (Soweto) 4
Skool vir Gesondheidstelsel en Openbare Gesondheid 19
Slaagsyferkoerse 21
Spesiale raadgewer vir rektor 13
Spesialiteitskennis 2
Staatsbefondsing 3 vgl 21
Stanford Universiteit 9
Steundiens-Ontwikkelingsprojek 21
Strategiese alliansie met WNNR 13
Strukture vir fakulteite 18
Strukture vir skole 18
Studente (geslagsamestelling) 9
Studente aanlyndiens 9
Studentebevolking (getal) 3 6 8; buitelandse studentegetal 22
Studentegetalle 2 4 6
Studente onluste 2 5 23
Studente slaagsyferkoers 21
Studente toelating 5
Studente uitsluitng 5
Studentgesentreerde onderrigmodel 8
Studierigtings (aantal) 20
Subsidie (staats) 3 4 5
Suid-Afrikaanse Assosiasie van Visekanseliers (SAUVCA) 7 20
Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-Owerheid (SAKO) 6 17 18 22
Taalmedium 8 23
Technikons 3
Telematiese onderrig 9
Three-Year Rolling Plan 2000-2002 16
Toelating van studente 8
Toelatingsvereistes 2 5
Transformasie (proses) 2 3 22 23
UDASA 4
Universiteite 3
Universiteite langtermynplan 4
Universiteite verloor monopolie oor onderrig en navorsing 2
Universiteitskolleges 3
University of Pretoria, General Management Project 13
USAID 4
Vaardigheidsontwikkeling 7
Vaste Komitee van die Raad 10
Vennootskappe 7
Vergoedingstelsel (pakketbenadering) 22
Verslag: Onderwysvernuwingingstrategie 4
Vierjarige baccalareusgraad 6
Virtuele kampus 2 9
Viserektor (funksies) 14
Voedseldienste 22
Voorsorg, insorg en nasorg van studente 22
Vorm en grootte 6 20
Vroue (toelating) 5
Wêreldbank 4
Werwing van student 8
Wet Bantoe-onderwys (1953) 3
Wet oor Gelyke Indiensneming (1998) 7 16
Wet op Hoër Onderwys 5 8 20
Wet op Vaardigheidsontwikkeling 7
White Paper on Science and Technology 7
Witbank kampus 9 17
Witskrif oor Hoër Onderwys 5 6 8 20
Witskrif op Onderwys en Opleiding 5
World Declaration on Higher Education for 21 Century 3
WNNR 13 15 22
Wysigingswet op Hoër Onderwys (nr 54 van 2000) 7

HOOFSTUK 2 – 4

TEMATIESE VERWYSINGS

Afdelings

Algemene Taalwetenskap 80
Beeld Diagnostiek (Radiologie by Veerartsenykunde) 284
Finansiële Bestuur 40
Gelyke Indiensneming 302 vgl 343
Gemeenskapsgebaseerde Onderrig (medies) 224
Geotegniek 245
Infrastruktuur 337
Kliniese Epidemiologie (en Medihelp Leerstoel in Kliniese Epidemiologie) 171 225
Lugvaart- en Ruimtegeneeskunde 225
Mensvoeding 227
Mondhigiëne 270
Navorsingsondersteuning 338
Pediatriese Chirurgie Pretoria 181
Sportgeneeskunde 228
Stedelike Ingenieurswese 247
Strukture 246
Waterboukunde 245
Weerkunde 146

Buro

Akademiese Steundienste (1993-1996) 355

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ekonomiese en Politieke Analise (BEPA) 45
Finansiële Analise (BFA) 38
Institusionele Navorsing en Beplanning (BINEP) 323
Kultuurburo 57 320
Statistiese en Opnamemetodologie (STATOMET) 167

Departemente

Aardwetenskappe 146
Afrikaans 79
Afrikatale 81
Anatomie 173
Anatomie (Veeartsenykunde) 280
Anatomiese Patalogie 175
Anestesiologie 176
Antieke Kultuurgeskiedenis 85
Antieke Tale 52 83
Antropologie en Argeologie 58
Arbeidsterapie 177
Argitektuur en Landskapsargitektuur (en Interieurontwerp) 256
Bedryfsingenieurswese 231
Beeldende Kunste 57
Bemarking- en Kommunikasiebestuur 27 29
Biochemie 132
Biokinetika, Sport en Vryetydwetenskappe 60
Bosbou en Landbou Biotegnologie Instituut (FABI) 130 134
Bourekenkunde en Konstruksiebestuur 257
Bybel- en Godsdienskunde 114
Chemie 147
Chemiese Ingenieurswese 233
Chemiese Patologie 178
Chirurgie (Medies) 179
Diagnostiek en Röntgenologie 268
Didaktiek 94
Dierkunde en Entomologie 135
Dogmatiek en Christelike Etiek 116
Drama 52
Duits 88
Ekonomie 45
Elektriese, Elektroniese en Rekenaar-Ingenieurswese (voorheen Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese) 235
Engels 86
Farmakologie 183
Farmakologie en Toksikologie 282
Filosofie 61
Fisika 149
Fisiologie 184
Fisioterapie 186
Formele Reg 103
Formele Reg en Regshulpkliniek 104
Frans 88
Gemeenskapsgesondheid 187
Gemeenskapstandheelkunde 269 270
Geneeskundige Mikrobiologie 189
Geneeskundige Virologie 190
Genetika 139
Geografie en Geoinformatika 150
Geregtelike Geneeskunde 192
Geselskapsdierchirurgie 283
Geselskapsdiergeneeskunde 285
Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis 62
Godsdiens- en Sendingwetenskap 114
Grieks 83 84
Handelsreg 105
Handels- en Arbeidsreg 103
Hematologie 193
Herstellende Tandheelkunde 270
Huisartskunde 194
Immunologie 196
Infeksiesiektes 281 vgl 291
Informatika 249
Ingenieurs- en Tegnologiebestuur 237
Inheemsereg 103 110
Inligtingkunde 251 ook 52 57
Inligtingsontwerp 57
Interne Geneeskunde 197
Kaak-, Gesig- en Mondchirurgie 272
Kardiotorakale Chirurgie 181
Kerkgeskiedenis en Kerkreg 119
Kerngeneeskunde 200
Kindergeneeskunde 201
Kommunikasiepatologie 67
Kriminologie 68
Kunsgeskiedenis 57
Laboratorium vir Mikroskopie en Mikroanalise 153
Landboubemarking 158
Landbou-ekonomie, -Voorligting en Landelike Ontwikkeling 158
Landbou- en Voedselingenieurswese 238
Latyn 83 84
Lugvaart- en Ruimtegeneeskunde 225
Maatskaplike Werk 69
Materiaalkunde en Metallurgiese Ingenieurswese 239
Mediese Onkologie 203
Meganiese en Lugvaartkundige Ingenieurswese 241
Mensgenetika en Ontwikkelingsbiologie 204
Menslike Hulpbronbestuur 30
Mensvoeding 227
Mikrobiologie en Plantpatalogie 139
Moderne Europese Tale 88
Mondpatologie en Mondbiologie 273
Musiek 54
Myningenieurswese 243
Nagraadse Bestuurskool 32 40
Nagraadse Skool vir Landbou- en Landelike Ontwikkeling 74 159
Natuurlewe-eenheid en Price Forbes-leerstoel in Wildsiektes 286
Navorsing en Nagraadse Studie van die Skool vir die Bou-omgewing 259 256

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Neurochirurgie 205
Neurologie 206
Nuwe-Testamenstiese Wetenskap 120
Obstetrie en Ginekologie 207
Ondernemingsbestuur 39
Onderwysbestuur 96
Onderwysbestuur en Fundamentele Pedagogiek 96
Onderwysbestuur, Historiese en Vergelykende Pedagogiek 96
Onderwys- en Opleidingskunde 94
Oogheelkunde 208
Oor-, Neus- en Keelheelkunde 209
Opvoedkundige Studies (Psigo en Sosiopedagogiek) 98
Opvoedkundige Voorligting en Berading 100
Ortodonsie 274
Ortopedagogiek 101
Ortopedie 210
Ou-Testamentiese Wetenskap 122
Parasitologie 286
Paraveterinêre Studies 289
Patologie 289
Pediatriese Chirurgie 181
Periodonsie en Mondgeneeskunde 275
Plantfisiologie 141
Plantkunde 141
Plantproduksie en Grondkunde 161
Planttaksonomie 142
Plastiese en Rekonstruktiewe Chirurgie 182
Politieke Wetenskappe 71
Praktiese Teologie 123
Privaatreg 107
Produksiedier- en Gemeenskapsgesondheid 291
Programbestuurder: Hulpbronne (Tandheelkunde) 264
Programbestuurder: Navorsing (Tandheelkunde) 265
Programbestuurder: Onderwys (Tandheelkunde) 266
Prosesreg 103
Prostetika en Tandtegnika 275
Psigiatrie 211
Publiekreg 103 108
Radiografiese Wetenskappe 212
Radiologie 214
Regsgeskiedenis, Regsvergelyking en Regsfilosofie 109
Regspluralisme en Regshermeneutiek 103 110
Rekenaarswetenskap 254
Rekeningkunde en Finansiële Bestuur 47
Reproduksie 294
Semitiese tale 83
Sielkunde 77
Siviele Ingenieurswese 245
Skoolvoorligting 100
Sosiologie 78
Sportgeneeskunde 228
Stads- en Streeksbeplanning 259
Statistiek 167
Strafreg 103
Stralingsonkologie 216
Tandheelkundige Materiale 278
Telematiese Onderwys (teologie) 128
Teriogenologie 291 294
Toerismebestuur 41 44
Urologie 217
Vee- en Wildkunde 163
Veekunde 163
Verbruikerswetenskap 164
Verpleegkunde 218
Versekering en Aktuariële Wetenskap 168
Veterinêre Fisiologie 296
Veterinêre Kliniese Dienste 297
Veterinêre Produksie en Etologie 298
Veterinêre Tropiese Siektes 286 299
Visuele Kommunikasie 56
Visuele Kunste 56
Voedselwetenskap 166
Wiskunde en Toegepaste Wiskunde 169

Eenheid

Afrikastudies 72 75
Andrologie 218
Arbeidsnavorsing 79
Asiese Studies (UAS) 75
Beleidstudies 72 75
Bewaringsekologie (navorsing) 136
Dienseenheid (tandheelkunde) 264
Diversiteitsbestuur 32
Elektronmikroskopie 278 281
Europese Studies (UES) 75
Forensiese Rekeningkunde 48
Geslagshertoewysing 182
Gevorderde Studie 324
Inflammasie en Immuniteit 196
Interne Geneeskunde (Subspesialisasie-eenhede) 198
Kangaroe Moedersorgeenheid 171
Kartografie 151
Kruis-Kulturele Studies (UCCS) 75
Kwaliteitsversekering 324
Leierskap 28
Mandela Economic Scholarship Programme (MESP) 47
Medies Hoë-risiko pasiënte 268
MNR-eenheid vir Inflammasie en Immuniteit 172 196
MNR-eenheid vir Stategieë vir Moeder- en Kleutergesondheidsorg 172
Narratief-pastorale Navorsing 125
Natuurlewe 145 286
Onderstepoort Onderrigeenheid vir Diere 299
Onderstepoort Veterinêre Akademiese Navorsingseenheid 287

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ontwikkeling van Taalvaardigheid 52 58 59
Praktykbestuur 270
Produksiedier- en Gemeenskapsgesondheid se vyf eenhede 291
Protokol en Diplomasie (UPD) 82
Radioterapie 213
Sosiale en Omgewingsrekeningkunde 48
Taalontwikkeling 63
Veterinêre Natuurlewe-eenheid 145 vgl 286
Wildeenheid 287
Voornemende Studente 319

Fakulteite

Geesteswetenskaplike 26

Ekonomiese en Bestuurswetenskappe 26
Geesteswetenskappe 51
Opvoedkunde 93
Regsgeleerdheid 103
Teologie 113

Natuurwetenskaplike 130

Biologiese en Landbouwetenskappe (insluitend Fakulteit Landbou) 130
Geneeskunde 171
Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie 230
Natuur- en Landbouwetenskappe 131
Tandheelkunde 263
Veeartsenykunde 279

Forum

Economics and the Environment 47
Gelyke Indiensneming 343

Instituut

AEK-Instituut vir Lewenswetenskappe 220
Bosbou en Landbou Biotegnologie Instituut (FABI) 130 134
Hans Snyckers-Instituut 221
Kerklike Instituut vir die Toerusting van Ampsdraers en Lidmate 113
Landbou-Ingenieurswese (Landbounavorsingsraad) 239
Margaretha Mes-instituut vir Saadnavorsing 141
Patologie 178
Sendingwetenskaplike en Ekumeniese Navorsing (ISWEN) 117 125
Soogdiernavorsing (SNI) 136 143 144
Sportnavorsing 64
Suid-Afrikaanse Instituut vir Landbouvoorligting 158
Strategiese Studies 65 72
Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters 49
Suider Afrikaanse Instituut vir Bedryfsingenieurswese 232
Tegnologiese Innovasie (ITI) 230 237 261
Toegepaste Materiale 233

Kantoor

Dekaan Biologiese en Landbouwetenskappe 130
Dekaan Ekonomiese en Bestuurswetenskappe 26
Dekaan Geesteswetenskappe 51
Dekaan Geneeskunde 171
Dekaan Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie 230
Dekaan Opvoedkunde 93
Dekaan Regsgeleerdheid 103
Dekaan Studentesake 348
Dekaan Tandheelkunde 263
Dekaan Teologie 113
Dekaan Veeartsenykunde 279
Uitvoerende Direkteur en Hoofinligtingsbeampte 338
Internasionale Aangeleenthede 340

Ondersteuningsdienste

Afdeling vir Gelyke Indiensneming 302 343
Akademiese Administrasie 304
Akademiese Inligtingsdiens 306
Bemarkingsdienste 318
Besigheidsaktiwiteite 320
Buro vir Institusionele Navorsing en Beplanning (BINEP) 323
Eenheid vir Gevorderde Studie 324
Eenheid vir Kwaliteitversekering 324
Fasiliteite en Dienste 324
Finansies 332
Inligtingtegnologie 336
Kantoor van die Uitvoerende Direkteur en Hoofinligtingsbeampte 338
Navorsingsondersteuning en Internasionale Aangeleenthede 338
  Afdeling: Navorsingsondersteuning 338
  Kantoor vir Internasionale Aangeleenthede 340
Personeel 342
Risikobestuur 344
Sentrum vir die bestudering van Vigs 346
Strategiese konvergensie tussen die Universiteit van Pretoria en die WNNR 347
Studentesake 348
Telematiese Leer en Onderwysinnovasie 355
TuksSport 358
UP-Argief 361

Sentrum

Aanvullende en Alternatiewe Kommunikasie (SAAK) 72 219

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Academia Latina 89
African Floristic and Vegetation Research Centre 145
Afrikatoerisme 40 44
Akademiese Ontwikkeling 52 85 89
Beroepsetiek (SBE) 126
Bestudering van Vigs 346
Bevolkingstudies (CENPOPS) 73 78 79
Ekotoerisme 150
Erfenis en Geskiedenis 63
Friskies Companion Animal Behaviour Centre 298
Gemeenskapsonderrig en -opleiding 100
Gemeenskapsonderwys 98
Genderhulpbronne 74
Gender Studies 74 79
Geoinformasie Wetenskap (GIS) 154 155
Gevorderde Korporatiewe en Insolvensiereg 103 106
Gold Fields (Rekenaar) 152 153
Inligtingontwikkeling 252
Interfakulteit-kundigheidsentrum 155
Internasionale Politieke Studies 52 72 75
Internasionale Sentrum vir Maksimering van Menslike Potensiaal 96
Interuniversitêre Onderwysreg en Onderwysbeleid (SORB) 96
Kardiologie 199
Kinder- en Volwasseneleiding 93 100
Kinderreg 98 103 110
Kindersorgsentrum 171
Krisissentrum 344
Loopbaanoorgang- en Ontwikkelingsentrum (LOOS) 343
Loopbaanontwikkelingsentrum 100
Menseregte 103 109 111 248
Musiekopvoeding 54 56
Natuurlewebestuur 41 44 143 145 163 164
Natuurlewestudies 143 145
Nefrologie 199
Omgewingsekonomie en -beleid 143 158
Omgewingstudies (SOS) 140 142 143
Perdenavorsing 290
Praktiese en Voortgesette Regsopleiding 103 104
Pretoria Biomediese Navorsingsentrum 220 222
Pulmologie 199
Regspraktyk 105
Rekenaarlaboratorium 249
Sportwetenskappe 60
Stikstofbinding 140
Stomatologiese Navorsing 276
Suider-Afrika sentrum vir samewerking in landbounavorsing en -opleidng (SACCAR) 130
Taalpolitieke Navorsing (CentRePol) 52 80 90
Tegnologie 153
Teologie en Gemeenskap 113 118
Toegepaste Arbeidsreg 106
Toerismekennis en -hulpbronsentrum (TKRS) 44
Universiteitsentrum vir Geoinformasiewetenskap (UPGIS) 155
Vervoerontwikkeling 246
Voortgesette Teologiese Opleiding (SEVTO) 113 118 125 127
Vroeë Intervensie en Kommunikasiepatalogie 67
Vryetydstudies 61 64
Waterbiotegnologie 140
Wetenskap en Tegnologiese Ontdekkingsentrum 152 153
Wetenskap, Wiskunde en Tegnologie-onderwys 153

Skool

Argitektuur in Pretoria 256
Bestuurswetenskappe 26 29
Biologiese Wetenskappe 132
Bou-omgewing 231 255 256 259
Ekonomiese Wetenskappe 26 45
Finansiële Wetenskappe 26 47
Fisiese Wetenskappe 146
Gesondheidstelsels en Publieke Gesondheid (SGSPG) 171 187 188 214 248
Ingenieurswese 231
Inligtingtegnologie 231 247 249 262
Kunste 51 52 56
Landbou en Landelike Ontwikkeling 137
Landbou en Voedselwetenskappe 158
Landskapargitektuur 256
Omgewingswetenskappe 136
Onderwysopleiding 93
Openbare Bestuur en Administrasie (SOBA) 42 248
Opvoedkundige Studies 93
Primêre Gesondheidsorg 195
Rekenmeestersopleiding 47 49
Sosiale Wetenskappe 51 58 68 75 79
Tale 51 79 82
Wiskundige Wetenskappe 167

HOOFSTUK 2 - 4

DIVERSE VERWYSINGS

Adcock Ingram 134
Advieskomitee (Strategiese Studies) 65
Afrika-gerigtheid (fokus) 159 vgl 130 254 280
Aftreefonds 341
Akademiese Administrasie 304
Grade/diplomas toekenning 305
Strategiese Bestuur 304
Studiefinansiering 305

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Tegnologiese-implementering 305
Toelating en Koshuisplasings 305 ook 355
Akademiese hospitaal (bouwerk) 172 sien 324
Akademiese Inligtingsdiens 306
Besigheidsbestuur 314
Bestuursfilosie 306
Evaluering 307 ook 30 46
Inligtingsbronne 315
Inligtingstelsels en –tegnologie 311
Kliënte en bemarkinstrategie 309
Menslike hulpbronbestuur 312
Ontwikkeling van virtuele kampus 309
Vennootskappe 317
Akademiese ontwikkeling 90
Akkreditasie 230 236 258 279
Alumnivereniging 33
Antarktiese 137 145
Argief/argivaris 62
Armoede in landelike gebiede 158 160
Bankwese 27
Beeld diagnostiek 284
Bemarkingsdienste 318
Bemarkingsbestuur 319
Bemarkingsforum 319
Fondswerwing 319
Geïntegreerde Bemarkingsmodel 319
Korporatiewe identiteit 320
Korporatiewe Kommunikasie 318
Kultuursake 320
Publikasies 319
Skakelaksies 319
Studentewerwing 319
TuksAlumni 318
Beroepsetiek - Sentrum eerste van sy soort 126
Beroepsoriënteringspedagogiek 100
Besigheidsaktiwiteite 320
Direksie/ Kampusmaatskappye 321v
BE at UP (Pty) Ltd 322
CE at UP (Pty) Ltd 322
Re at UP (Pty) Ltd 322
Bestuurskool, die "nuwe" 38
Bestuurspele as opleidingsinstrument 32
BFA-NET 38v
Buro vir Institusionele Navorsing en Beplanning (BINEP) 323
Biologiese- en landbouwetenskap sinergie 130 vgl 131
Botaniese tuin (Manie v d Schyff) 142
Buitepasiëntekliniek (Veerartsenykunde) 286
Bybelkunde as skoolvak 114 115
Bybelkunde naamsverandering 116
Bybelstudie 115
Cros-Cultural Language Enrichment (CCLE) 89
Dermatologie 199
Desmond Tutu-leerstoel 113
Diagnostiese dienste 178
Dieetkunde 227
Dienskursusse 52 61 150
Dieregedrag 298
Diversiteit in koshuise 32
Diversiteit personeel (administrasie) 344
Divisie Omgewingsontwerp en –bestuur 255 256
DNS-volgordebepaling 139 vgl 133
Dosent van die Jaar 107 109
Ekologie 141
Ekumeniese verbreding van Teologiese
Fakulteit 113 vgl 117 126
Endokrinologie 199
Entrepeneurs 26 33 39
Epidemiologie 291 vgl Leerstoel 171
Erfenis en Kultuurwetenskap (ook toerisme) 62
Erwat-Leerstoel in Afvalwaterbestuur 233
Etiese temas 114 180 204 249 265 287
Evaluering 40 46 100 249 252
Evalueringsbeleid 343
Family Medicine Education Consortium (FAMEC) 194
Fasiliteite en Dienste 324
Beveiliging van geboue 330- 331
Geboue 324 -330
Hammanskraalkampus 330
Koshuise (nuwe) 326v ook 172
Naamsverandering 324
Roperstraat (Hoofingang) 331
Steundiensontwikkelingsprojek 324
Straatsluitings 331
Uitkontraktering van dienste 324
UP-Riglynplan 2000 331
Filosofie van Opvoeding 98
Finansies 332
Bedryfsbegroting 334
Befondsing (staat) 334
Beleggingsbestuur 335
Beurse en lenings 333
Inflasie en rentekoerse 333
Interne oudit 335
Ontwikkelinge oorsee (ondersoek) 336
Personeel 336
Samesmelting veeartsenykunde fakulteite 335
Transformasie 336
Studentegelde 332
UNIKOM-stelsel 332
Fisiese Geneeskundige/ Rumatologie 198
Fribrinolise Laboratorium 180
Fundamentele Pedagogiek 98
GEAR 43 vgl 5
Gebou Nagraadse Bestuurskool 34
Gelyke Indiensneming 302
Agtergrond 302
Gesagslyn en rol van AGI 302
Aktiwiteite en uitsette 302
Sensitering van universiteitsgemeenskap

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

303
Ontwikkeling van plan 303
Implementering van plan 304
"Gemengde modus" van afstandonderrig 93
Geografiese Inligtingstelsel (GIS) 259
Geotegniek 245
Gereformeerde spiritualiteit 119
Gesange(boek)-komitee 122
Gesigsmisvorminge 265
Gesins- en Geslagsopvoeding 101
Gesondheidsbehoeftes van bevolking 172
Gevorderde studie (eenheid) 324
GIBS 28 vgl 18 327
Goldfields Dinamika Laboratorium 243
Gold Fields Exploratorium 153
Gronderosie 161
Grondhervomingsplan 158
Grondhulpbronne (landgebruiksbeplanning) 161
Hartoorplantings 181
Herbarium (Schweickerdt) 142
Herdenkingsgeleentheid 28 30 36 61 104 171 231 251 256 263
Herkurrikulering 93 107
Historiese Jesus 121
Historiese Opvoedkunde 98
HIV/AIDS 98 125 142 171 182 191 192 204 212 264 Sien Vigs 346
Hoë risikostudente 89
Honde- en katkos sertifisering 298
Hoofraam (opgradering) 337
Houtlaboratorium 246
Indiensopleiding 33
Industriekursusse 235
Infeksiebeheer 264
Infeksiesiektes 299
Informatorium 27
Inligtingstegnologie 336
Innovasie- en Entrepeneurskapbewustheid 235
Inplantologie 276 vgl 265
Intel se "Fokus-Universiteit" 235 254
Internasionale aangeleenthede 338
Internasionale Jaar van die Vrou 104
Internasionale studente 340
Jesus Seminaar 121
Johannes literatuur (Nuwe Testament) 121
Joint Universities Public Management Educational Trust (JUPMET) 43
Kamer van Mynwese - geldelike hulp 244
Kampusbeheer 344
Kankervereniging van SA (KANSA) 196 203 vgl 182 273
Kinderleidingkliniek 100
Knowledge Exchange Leader's Partnership (KELP) 43
Kogleêre inplantings 210
Kollege vir Teologiese Opleiding 124
Kortkursusse 37 61 62 65 87 103 106 256
Krugel-ondersoek 344
Kuddegesondheid 291 294
Kurrikulum 2005 95
Kursusse (pasgemaakte) vir kliënte 37
Kwaliteitsversekering (eenheid) 324
Laboratoria Genetika 139
Laboratorium vir Gevorderde Ingenieurswese (LGI) 231 241 261 322
Landboubemarkingstelsels 158
Landgebruiksbeplanning 161
Landmeetkunde uitfaseer 230
Leerstoel in Agribesigheidsbestuur 158
Leerstoel in Hotel en Toerismebestuur 44
Leerstoel in Kliniese Epidemilogie 171 189
Leerstoel in Landbou en Landelike Finansiering 158
Leerstoel in Landelike Ontwikkeling 158
Leerstoel in Omgewingsekonomie en -beleid 158
Leerstoel Price Forbs vir Wildsiektes 143 287
Leierskapprofiele 37
Lewenslange leer 26
Lewensversekering 169
Liedboek (kerk) 114
Lier-teater 53
Lugvaartbestuur 30
Materiaalwetenskap en -ingenieurswese as aantreklike veld 233
Medunsa (samesmelting) 279 282 283 285 292 296 297 335 345
Mellon Foundation 52 63 74 78 107 126
Mikologie Spesialiteitsgroep 141
Mikroskopie- en mikro-analitiese dienste 154
Missie Geneeskunde 171
Modulêre stelsel van doseer (Nuwe Testament) 121
Mondhigiëne 270
Nasionale Private Kolleges 26 27 46 52 87 93 97 195
National Health Laboratory Services 178
Navorsingsondersteuning 338
Nieformele onderrig 103
Noodgeneeskunde 196
Omgewingsontwerp en -bestuur 32 256
Omgewingsingenieurswese 233
Omgewingsinligtingstelsels 155
Onderrigtaal 26 39 47 49 103 105 107 161 176 230 231 235 238 240 244
Onderwys Innovasie-toekenning 174 175
Onderwyskollege Pretoria 93 94
Organisasie vir Afrika-Eenheid 111
Ou Testament in Suid-Ndebele 122
Parasitologie 299
Pasgemaakte kursusse 37
Pastoraat (interkultureel) 125
Pastoraat (narratiewe) 124
Paulus literatuur 121
Pensioenfonds 343

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Perdechirurgie 283
Perdewedrenne 290 vgl 298
Personeel(aangeleenthede) 342
Pluimveeverwysingslaboratorium 292
Potensiaaltoetse 90
Praktykopleiding 105 106
Praktyk van kerklike bediening 124
Prestasiebestuursprojek 343
Pretoria Beneversameling 174
Programbenadering by teologie 116
Prosesmodellering en -beheergroep 233
Psigopedagogiek 98
Radiografie honneursgraad enigste in SA 213
Rand Waterleerstoel 233
Reënboog Biologie Program 139
Regsdienste 105
Regshulpkliniek 105
Regskoolkursus 105
Regstellende optrede 135
Rekenaargeletterdheid vir studente 248
Rekenaargesteundeonderwys 94
Rekenaarlaboratoriums 249 338
Rekenaars-Ingenieurswese 235
Rektorskonsert 56
Risikobestuur 344
SA Foundation for Public Management and Administration 43
SA Instituut vir Bankiers 46
SAKO 31 35 41 52 60 79 87 94 95 146 194 227 240 256
SA Kongres vir Calvyn-navorsing 119
SAOG 130
SA Wetenskaponderwysnetwerk 156
Sasol laboratorium 243
Sellulêre telefoonstelsel 33
SEVTO-kursusse 128
Sosiopedagogiek 100
Southern Education and Research Alliance (SERA) 347 vgl 14 22
Southern African Student Volunteers (SASVO) 112
Sport/ Sportburo/TuksSport 64 358
- Administrasie en organisasie 359
- Direktoraat 360
- Internasionale verteenwoordiging 360
- Meesterplan 361
- Nasionale verteenwoordiging 360
- Prestasies 360
- Soorte (kalklig) 359
- Sportklubs 359
- Sportmanne en -vroue 360

Spiritualiteit (gereformeerde) 119
Staat verhouding tot Fakulteit Geneeskunde 176 vgl 188-9 ook 197 205
Staatsamptenare 32 35 vgl 39
STATOMET 167 322
Strategiese Konvergensie UP – WNNR 347
Stedelike Ingenieurswese 247
Steundiensontwikkelingsprojek 21 324 343 344 348 349
Studente/dekaan(kantoor)/sake 348
- Dagstudente 353
- Diensverskaffers 350
- Jool (Sentrale Joolkomitee) 350
- Menseregtekommissieverslag (koshuise) 352
- Oriënteringskomitee 349
- Perdeby 350
- Proporsionele Verteenwoordiging 348
- Radio Tuks 351
- Sentrale Koshuisraad 348
- Steundiensonwikkelingsprojek 348 349
- Studentedekane 349
- Studentediensteraad 353
- Studentegesondheidsdiens 354
- Studentehof 352
- Studentehonoraria 353
- Studentekultuur 351
- Studenteleiding 349
- Studente Maatskaplike Dienste 354
- Studente-ondersteuning 354
- Studente-Ontwikkeling 349
- Studenteraad 349
- Studentesenaat 349
- Studentevoorligting 348
- Transformasie 352 vgl 353
- Veelpartykongres 349
- Voorsorg-, insorg- en nasorg 352

Studiefinasiering 305 ook 333
Subspesialisasie-eenhede 198 vgl 194
Swart dekaan 28
Tegnologie Top 100-toekenning 241
Telefoonsentrales 339
Telegeneeskunde 209
Telematiese Leer en Onderwysinnovasie 355 357
- Buro vir Akademiese steundienste 355
- E-onderwys 357
- Onderwysinnovasie 357
- Onderwysontwikkeling 356
- Onderwystegnologie 356
- Statistieke 358
- Vennootskappe 358

Telematiese onderrig 27 31 46 48 52 72 106 115 123 128 139 165 173 174 185 196 209 218 252 269 273
Teologiese Fakulteite amalgamasie 113 116 123
Teologiese Fakulteite herstruktureer 113
Terapeutiese radiograwe 213
Thrip-program 140 231 233 240 298
Toerisme 41 44
Top matrikulante vir Aktuariële Wetenskappe 168
Toponimie 150
Transnet Phelophepa-gesondheidstrein 266
Tribologie 234
Tukkieland Kleuterskool 95
Uitkomsgebaseerde leerplanne

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(tandheelkunde) 267
Uitreikprogramme 156
Universiteitskoor 54
UP Afrikafokus universiteit 254
UP-Argief 361 ook 62
UP Chorale 56
UPGIS 155
UP Kamerkoor 56
UP Konsertkoor 56
UP Orkes 56
UP Werknemersorganisasie (UPWO) 343
Vaardigheidslaboratorium (Geneeskunde) 173
Vaardigheidsontwikkeling 30 37
Verlengde studieprogram 90
(Ingenieurswese) 230 242
Verrykingsklasse 249 vgl 156
Veterinêre Akademiese Navorsingseenheid 287
Veterinêre Dierehospitaal 287 295 297
Veterinere Verpleegkunde 284 294
Veterinêre Volksgesondheid 292
Veterinêre Wildeenheid 286
Vierjarige LLB-graad 103 105 108
Vigs (sentrum vir bestudering) 346
Virodene debakel 127
Virtuele Inligtingsdiens 308 vgl 315 128
Virtuele onderrig 27
Virusinfeksies 191
Vlamvertragingstelsels 234
VN (Verenigde Nasies) 42 47 112 150 155 298
Voedingslaboratorium 298
Voordiensonderrig vir onderwysers 93
Voortgesette onderrig 37
Vroeë Intervensie Navorsingsprogram 187
Vroeë Kerk-tydvak navorsing 119
Waarheids- en Versoeningskommissie 117 118
Waterbenuttingingenieurswese 233
Waterboukunde 245
Waterfluoridasie 265 270 276
Waternavorsingskommissie 140 161
Weerkunde 146
Wenner: Meganiese en Lugvaartkundige Ingenieurswese 241
Wetenskaponderwys-bevordering 155 156
WNNR 14 24 41 vgl 331 347v
Wondgenesing Vereniging van SA 183
Yskor-leerstoel 146

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Personeregister

NB: 'n Bladsy-nommer in **swart** gedruk, verwys ook na 'n foto.

Abrahams, P 175
Ackerman, K D 49
Ackron, F **71** 72
Adendorff, P 350
Adendorff, S 232
Agh, A 72
Ahmed, 35
Ahrens, E 214
Aire, T A 281
Akinrinade, O T 66
Alana, O E 121
Alant, E **73** 187
Alavi A 221
Alberts, A 176
Alberts, A S **216** 217
Alberts, B C **1** 10
Alberts, H 360
Alberts, N F 32 **33** 39 44
Alexander, W J R 247
Ali, H 296
Allden, R P 210
Altermann, W 146
Amant, F 207
Anderson, G 216
Anderson R **196** 197
Annandale, J G 161 162
Anthony, B 341
Antonites, A 40
Antonites, A J **61** 62
Apatu, R 184 186
Apostolides, Z 132 133 134
Aronstam, M 177
Ashton, P 140 143
Atanasov, A 147
Atlas, R M 140
Aucamp, P 19 **20**
Auret, F D 150
Aveling, T 140 141
Avgerou, C 249 250

B

Badenhorst, A H 359
Badenhorst, M S 255 **260** 261
Badenhorst, S 361
Bagwandeen, D R 94
Baker, D 236
Baker, D C 230
Baker, M 206
Bakker, K 256 257
Ballard-Tremeer, K 55
Banowetz, J 55
Bapela, M M 169
Baring, R 176
Barkhuizen, J H 84
Barnard, M M 96
Barnard, R O 159 162
Barnard, W J 11
Bartel, P 207
Bartman, I 313
Basson, D A 103 108
Basson, J H E 108
Basson, J S 31 32
Basson, N J S 94 **95**
Basson, W 351
Bastos, A 137
Bath, G F **299**
Beale, P 182 195
Beattie, M A 186
Beavon, K S O 143 **151** 152
Beck, O N **194**
Becker, C 49
Becker, J A W 218
Becker, J H R **180** 181 182
Becker, L H 270 **271** 272
Becker, V 360
Beckmann, J L 96 **97** 98
Beetge, J 308
Beetge, J H 11
Bekink, B 108
Bekker, J T 71 72 75 76 83
Bell, E 62
Benadé, L 359
Benade, S 38
Bendeman, H 79
Bender, C J G 99
Bengu, S 30 115 326
Bengu, S M E 326
Bennett, N C 136 137 145
Benninghoff, W **276**
Bergh, J S **62** 63 362
Berkhout, S J 96
Bernitz, H 273
Bertschinger, H J **294** 297
Best, P B 145
Bester, B H 167
Bester, L 284
Bester, M 179
Bester, Marthan 136 137 145
Bester, P 222
Beukes, B 124
Beukman, L 49
Beverley, G **223**
Beyers, D **77** 78
Beyers, G 162
Bezuidenhout, A J 280 281
Bezuidenhout, L C 114 **115** 116 122
Bezuidenhout, W J 81
Bidini, F 55
Binedell, N 28 326
Binedell, T 218
Bissbort, S 179
Bisschop, S P R 291 293
Blackmore, F 46
Blair, B 359
Bland-van den Berg, P 279 **297** 298
Blignaut, J 47
Blignaut, S G 94 95
Blom, C 181
Blom, M W 184
Bloomer, P 138
Bodemer, W **212**

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Boeyens, J C A 147 **148** 149
Bohman, D 219
Böhmer, L H 184
Böhmer, M 212
Bojé, E 87
Boland, R 249
Bomela, N 74 78
Bondesio, M J **93**
Boomker, E A 296 297
Boon, J A 9 11 **12** 13 251 253 307 308 357 358 362
Boonzaaier, C C 59
Boonzaaier, J C N 345
Booth, K K 281
Booth, M 283
Booyens, E 207
Booyens, S J 270
Booyse, D 296
Booysen, I 151 152
Boraine, A 104 **105** 106
Borchardt, C F A **119** 120
Bornman, J 73
Bornman, M S 218
Bosch, D J 126
Bosch, J 39
Boshoff, A 319
Boshoff, Anina 351
Boshoff, A B 33 35 36 40
Boshoff, B 350
Boshoff, E 164 **165** 166
Boshoff, L N 324 **331** 332
Boshoff, P B 120
Bosman, C J 51
Bosman, D A 210
Bosman, J P 89
Bosman, P 33
Bosman, W (iii)
Botelho, F 220
Botes, H J 119
Botes, M 313
Botes, N 257
Botha, A D 10 15
Botha, A J 153
Botha, B P 11
Botha, C F 75 76
Botha, C J 110
Botha, E 289
Botha, E 294
Botha, E C 230
Botha, F S 277 278
Botha Hannes 226
Botha, J 47
Botha, J L **60** 64
Botha, J P 231
Botha, L 33
Botha, L 236
Botha, M E 189 190
Botha, N 361
Botha, P 166
Botha, P 274
Botha, P C 258
Botha, P J 83 84 85
Botha, R 360
Botha, R F 189
Botha, R J P 175
Botha, S J **119** 120
Botha, S J 265 266 277 **278**
Botha, T 55
Botha, W 50
Botha, W 360
Botha, W J 146
Botha-Oberholster, A-M 138 142
Bothma, J du P 163 **164**
Bothma, T J D 251 **252** 253 254 307
Botma, A 15 350
Botma, A 116
Botma, L 353
Botma, M 353
Bouwer, A C 100 101
Bouwer, A M 50
Bowen, R C 256
Boy, S C 273
Boyazoglu, J G 163
Boyazoglu, P A 298 299
Bragg, R **293**
Brand, D 108
Brand, H E 31
Brandt, P 278
Brassel, M T 308
Braun, M 155 **156** 157 354
Braune, E 146
Bray, W 97
Brebnor, S 351
Bredell, M 266
Bredenkamp, G J 141
Breedlove, G 257
Breytenbach, A P B 113 114 **122** 123
Bridgens, K I 208
Brighton, S W 198 228
Brinders, J 296
Brink, A B A 146
Brink, D J 150
Brink, H 361
Brink, J 181
Brink, P 88
Brits, J D R 336
Brits, M 54
Brits, M 206
Britz, J J 253
Bron, T M 31
Broomhall, L S 145
Brown, M 87
Brown, T H 357
Brözel, V S 140
Brümmer, D G 258
Brümmer, L M 33 **38**
Brummer, N 346
Bruwer, M 181
Brynard, P A 43
Brynmor-Thomas, D 174
Buch, B 268 **269**
Buch, E 215
Buitendach, C 359
Buitendag, J 116
Burden, E C M 210
Burdzik, W 246
Burger, D 241
Burger, E L 210
Burger, H 75 76
Burger, P 352
Butler, H G 85
Buss, P 284

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Bütow, K-W **272**
Buys, A J **262**
Buys, M A 31
Buys, T 177
Buys, W 49
Buzan, B 66

C

Caiden, G 36
Caiden, N 36
Calitz, J 361
Calitz, L P 96 **97**
Campbell, T 195
Cantil, R 185
Cappaert, G G A 210
Carbonatto, C L 70
Carli, P 195
Carse, H 33
Carstens, A 52 80 81
Carstens, P A 108 **109**
Carter, R M 150
Casciero, T 53
Casco Migliorisi, R 206
Casey, N H **163** 164
Casteleijn, D 177
Celliers, N C 81
Ceronio, E 336
Changuion, L A 362
Chaparro, F **223**
Chauke, K T 10
Cheikhrouhou, A 257
Chester-Brown, R 210
Chetty, P 181
Chimimba, C 137 145
Chown, S 136 137
Christianson, A 205
Christianson, A L 222
Christodoulou, N 33
Church, R H 336
Cillie, B 162
Cilliers, B 52
Cilliers, P 209
Cilliers, W 36 37
Claasen, S J **232**
Claassen, M 147
Claassen, N 184 185
Claassen, W T 252
Claassens, A S 162
Claassens, G 351
Clark, B R 2
Clark, B W 92
Clark, W 96
Clauss, R 200 201
Clift, S J 289
Cloete, C E 258
Cloete, C H 344
Cloete, C J 34 **35** 36 37 38 143
Cloete, R 104
Cloete, T E **140** 143
Clutton-Brock, T H 145
Cloudsley-Thompson, J L 164
Cobb, E 79
Coertse, M 56 311 315
Coertze, R D **59**
Coertze, S 341
Coetzee, A L 212
Coetzee, D 85
Coetzee, D 352
Coetzee, E 361
Coetzee, H L 173 173 174
Coetzee, H S 253
Coetzee, J 33
Coetzee, J 153 **154**
Coetzee, J 242
Coetzee, L 284 292 **293** 294
Coetzee, M-H 54
Coetzee, P F **183**
Coetzee, T 30
Coetzee, T 79
Coetzee, W J C 265 266 **277** 278
Coetzer, I 218
Coetzer, J A W 279 299 **300**
Coetzer, K 323 324
Coetzer, L A 141 142
Coetzer, T C 344
Collett, M G 289
Collomb, M 88
Colyn, H J S 210 211
Combrink, L W **268**
Comrie, 257
Conradie, J J 96
Cook, M 76
Cook, N 55
Cooks, J 151
Cormack, S 360
Cornelius, R 44
Cosijn, E 253
Coubrough, R I **279** 297
Coutinho, T A 140
Cox, J 212
Crafford, D 117 **118**
Craig, K 241
Crause, J C 132
Crewe, M N 346
Crewe, R M **131** 136
Crisp, N 188 216
Cronjé, E 144
Cronjé, G de V 297
Cronjé, J C 94 253
Cronjé, P B 164
Cronje, R 201 **202**
Crouch, M 360
Crowther, N A S **168**
Crystal, D 87
Cummings S 210
Curren, B 350

D

Dada, S 73
Damsgaard, J 250
Dandala, M 113
Daniels, W A 151
Danielson, D R 87
Dannheimer, M F G 271
Da Silva, A A 83 122
Davel, C J 103 107 108
Davel, G H 175
Davel, T 110 **111**
Davidovichi, M 209

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Davies, M R Q 182
Dawood, A 137 143 144
de' Ath, K 64
De Beer, C R 11 **12** 14 302 308 344 346
348 350 362
De Beer, E 345
De Beer, G J E 210
De Beer, J 162
De Beer, J J 31 32
De Beer, M 351
De Beer, P 308
De Boer, A 85 **90** 354
De Bruin, D 218
De Bruin, H 253 306 308 313
De Bruto, M 259
De Bruyn, A 324
De Bruyn, N 337 338
De Bruyn, P 352
De Deyn, P O 221
Dednam, M 142
De Frey, 244
Dehlen, G L 246
De Jager, C 218
De Jager, G (iii)
De Jager, H **49** 50
De Jager, M 348 354 355
De Jager, T 218
De Jonge, E 207
Dekker, G M 35 36 49
Dekker, N 246
De Klerk, A **35** 36 38 321 322
De Klerk, E 166
De Klerk, H M **165** 166
De Kock, D M 95 96
De Kock, H L 166 167
De Kock, J 218
De Kock, M G 308
De la Rey, J H 32 35 **36** 48
De la Rey, R P 78
Del Mistro, R F 246 247
De Loor, J H 33
Delport, R 179
Delport, S 202 203 209
Delport, S 313
De Meillon, S 142
De Mûelenaere, J J G G 274
De Nysschen, J 34
De Ridder, J 256
Derksen, C 181
De Souza, A 33
De Swardt, M 147
Dettmer, C 359
De Villiers, A 359
De Villiers, C 55
De Villiers, C **250** 251
De Villiers, C J 48
De Villiers, D 31
De Villiers, D E 116 117 **127**
De Villiers, G 37
De Villiers, J 199
De Villiers, J A 39
De Villiers, J P R 146
De Villiers, N 360
De Villiers, W A 32 34 36 37 40
Devroop, C 54 55
De Waal, D 147 148
De Waal, M 74 **75** 79 160
De Waal, S A **146** 147 148
De Wet, F A **265** 266 276 278
De Wet, G 45 **46**
De Wet, J M 30 33 35
De Wet, K 81 253
De Wet, L 273
De Wet, P H 212
De Wet, R 274 277
De Wet, T 46
De Wit, P W C 39
Deysel, H M 28
Dhatt, G S 179
Dholakia, B 35
Dibate, B 10
Dierckx, R A 221
Dillen, L M 147
Dingle, S 351
Dinkel, J E 175
Dippenaar, A 275
Dippenaar, L L 10
Dippenaar, N 184
Dippenaar, R **240**
Dippenaar, R J 230
Dlamini, N 81
Dobson, M 143
Donkin, E F 299
Dorfling, H 231
Dormehl, I 201
Dormehl, I C 220 **221**
Dos Santon, C 210
Dove, M G 189 **190**
Dowdle, S 284
Downes-Webb, L E 253
Dreyer, C L 87
Dreyer, D J 116
Dreyer, H 242
Dreyer, L **175**
Dreyer, M 324
Dreyer, P S 61
Dreyer, T **124**
Dreyer, T 350
Dreyer, W A 119 120
Dreyer, Y 120 124
Driessen, C H 271
Drummond, J 55
Drummond, R J **274**
Du Bruyn, P 352
Du Bruyn, R C 270
Duffey, A 57
Duffey, A E 116
Duim, W 206
Duncan, N M 289
Du Pisani, M 313
Du Pisanie, J A 46
Du Plessis, A 71 72
Du Plessis, A 177
Du Plessis, C 55
Du Plessis, D J (Deon) 171 **172** 173 217
Du Plessis D J (Dirk) **181**
Du Plessis, D J 210
Du Plessis, E D 10
Du Plessis, G 78
Du Plessis, G 354
Du Plessis, G M 30
Du Plessis, G P 208

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Du Plessis, H J C 180
Du Plessis, H L M 168 169
Du Plessis, H L M 238 **239**
Du Plessis, I 15 350 351
Du Plessis, L 66
Du Plessis, Lizette 194
Du Plessis, M 351
Du Plessis, N 284
Du Plessis, P 352
Du Plessis, P A 49
Du Plessis, P J 29 30
Du Plessis, R 193
Du Plessis, R 232
Du Plessis, T 218
Du Plessis, U 289
Du Plessis, Y 31 32
Du Plooy, I P, 297
Du Plooy, L 361
Du Plooy, N F **249** 250
Du Preez, M S E **70**
Du Preez, R 212
Du Rand, A 218
Durand, M C 180
Du Toit, A 257
Du Toit, A B **121**
Du Toit, A P 13 **14** 18 61 324
Du Toit, B H 354
Du Toit, C A 231
Du Toit, D 201
Du Toit, D 218
Du Toit, E S 162
Du Toit, J T 136 144 **145**
Du Toit, J P 136
Du Toit, P 184
Du Toit, P H 94 96 102
Du Toit, P R 119 120
Duvenhage, G F 218
Duvenhage, R de V 169
Duxbury, J 275
Dwyer, D 151
Dyer, W 351 353
Dyson, L 146

E

Eberlein, R 31
Ebersöhn, L 100
Ebersöhn, W 246
Eckard, J 238
Ehlers, L 30
Ehlers, L I 31
Eicker, A **130** 131 141 142
Ekman, S-L 219
Eksteen, C A **186** 187
Eksteen, S 155 186
Elgie, B 52
Elias, J 179
Elliott, E 189 190
Eloff, A 206
Eloff, I 102
Eloff, J N 184
Els, H 59
Els, H C 299
Els, H J 282
El Shamaa, B 85
Engelbrecht, C 351
Engelbrecht, F A 146 147
Engelbrecht, H 336
Engelbrecht, J C 169
Engelbrecht, J J 114 **115** 120
Engelbrecht, L 177
Engelbrecht, N 218
Engelbrecht, P 101
Engelbrecht, R J 49
Enslin, J S 210
Erasmus, H 336
Erasmus, J A J 354
Erasmus, L 143
Erasmus, R J E **222**
Erasmus, T 11 **12** 14 19 153 341
Eriksson, P G 146 147
Erwee, R 33 34 36
Esterhuizen, E 244
Esterhuysen, J 259
Evans, D 61

F

Fabos, J 257
Fagan, G 256
Fairhurst, J 151
Falkson, C I 203 **204**
Falkson, G **204**
Fallon, D 87
Fantu, C 36
Faulkes, C G 136
Fehrsen, J P 222
Felder, R 242
Ferguson, W 136
Ferreira, C E 151
Ferreira, G V 94 101 **102**
Ferreira, O J O **62** 63 362
Fick, W 138
Fiedeldey, A C 77 308
Finn, S M 87
Fischer, M 30 147
Fisher, R 256 257
Fisher, R C 257
Flemming, H-C 140
Focke, W 147
Foppen, W 35
Förtsch, H E A 218
Fossey, A 138
Fouche, B 253 308
Fouche, F 345
Fouche, L 177
Fouché, W L 169
Fourie, A 243 **244**
Fourie, A 361
Fourie, E 54 55 89
Fourie, G 351
Fourie, J 106
Fourie, J H 35 44 **45**
Fourie, M 353
Fourie, M H 218
Fourie, P 176
Fourie, S 162
Fourie, S 284
Förtsch, E B 146
Francis C 44 45
Franks, P 34
Franz, R C 180

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Fraser, W J 94 **95** 96 143
Freitag, J 360
Friediger, D **216**
Friedl, A 121
Friedland, E **150**
Friend, J 250
Friman, H 104
Froeling, A M E N 211
Fürstenberg, D 164
Fyfe, E 257

G

Galloway, F 253
Gantham, G H 146
Gasa, N 346
Gaspar, A R M 132 133
Gauton, R 82 324
Geerdts, K 11
Geertsema, E 232
Geertsema, J 87
Geldenhuys, J J 80
Geldenhuys, K 240
Gelderblom, H 277
Genis, L 214
Gericke, G J **227** 228
Gericke, J D 61
Geringer, M M 151
Germishuys, P J **275**
Gerneke, C 256
Gerryts, E D 306 **308** 313 314 317 361
Gertenbach, J S 146
Getz, W 145
Geyser, P A 115 116 120
Gibson, R 224
Gilfillan, R 162
Ginwala, F 104
Girdler-Brown, B 187 188 216
Gitau, M 236
Glatthaar, E **187**
Gloeck, J D 49 50
Goldin, J 283
Gonin, H 168
Goodhead, A 284
Goodman, S A 150
Goossens, I C 271
Gordon, D 28 327
Goslin, A E 60 61
Gottschalk, R 283
Gous, P N J 208
Gouws, D 308
Gouws, D G 48
Gouws, J 67
Gouws, M J 33
Gouws, T A 289
Govender, P 137
Gräbe, J C 211
Gräbe, P 55
Gräbe, R P 210 **211**
Grabow, W O K **191** 192
Graham, M 177
Grantham G H 146
Gräser, P J 147
Gray, R A 87
Gray, R H 49
Grebe, H P 80 81
Greeff, J 138 139
Grey, S V 171 184 185
Griffiths, W C 212
Grim, M M 209
Grimbeek, E 314
Grimsehl, U H J **234**
Grin, F M E 80 91
Grobbelaar, J W 308
Grobbelaar, N 141
Grobler, D 361
Grobler, H S 119
Grobler, J 350
Grobler, J 359
Grobler, J E H 62 63
Grobler, L 351
Grobler, M 274
Grobler, N 89
Grobler, N 360
Groeneveld, H T 168
Groenewald, C 361
Groenewald, H B **280** 281
Groenewald, J 78 **79**
Groenewald, J A **158**
Groenewald, P S **82** 83
Groenewald, R (ii) 362
Groom, A J R 66
Grote, W 147
Grové, N (ii) **(iii)** **13** 14 15 103 107 108 351 353 362
Grové, S 55 56
Grundy, K W 72
Grundling, K (ii) **(iii)** 362
Grunig, L 30
Guedes, A 257
Güldenpfennig, G 55
Güldenpfennig, W M 207
Gummow, B 291
Guthrie, A J **290**
Gwagwa, L 10

H

Haag, M 184
Hadders, C F 218
Haese, L 33
Hahn, N A 218
Hall, A N 153
Hall, K 151
Hall, S 46
Hamersma, T 175
Hammes, M 308 313
Hammes, P S **162**
Handley, M 244
Hannah, J 275
Harmer, R E 146
Harms, L T C 10
Harmse, C 45 46
Harris, K L (ii) **(iii)** 62 63 **362**
Hartman, J B **59**
Harty, L-A 55
Harverson, D 360 361
Hassan, R M 143
Hasse, P 84 85
Hattingh, P J 146
Hattingh, P S **151**
Hauman, A J 306

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Haupt, F S 105
Haupt, M A 144
Hauptfleisch, A C 255 257 **258**
Hauptfleisch, I P 258
Havenga, H C 297
Hawkins, A M 66
Hay, I 201 202 203
Hayes, S L 31
Heath, E T **42** 44 45
Heath, W 127
Hechter, M 97
Hedenstiema, G 185
Heintz, P 207
Heitink, G 113 125
Hendey, K 55
Hendrikz, J **318** 320
Heneghan, F 55
Hennin, B 195
Henwood, 71
Herbert, L 360
Herbst, D 321 322
Herbst, F J 30
Herholdt, W van der M **342** 344
Herman, J 162
Hesse, V **1** 10 231
Heydenrych, E 64 65
Heymann, G 245
Heyns, A M 147 **148** 234
Heyns, C H 103 109 111 **112**
Heyns, J A 116
Heyns, S 242 243
Heyns, T 218
Heyrman, J 195
Heystek, J 96 97
Hildebrand, L T 236
Hill, T 283
Hinch, J 54 55
Hlongwane, L 72
Hlwatika, B 243
Hockey, M 59
Hodgkinson, C A 94
Hofmeyr, J 138
Hofmeyr, J H 163
Hofmeyr, J W 119 **120**
Hofmeyr, L M 210
Hofmeyr, Z 54 55
Holm, D 255 256 **259**
Holmner, M A 253
Höll, J L 214
Hoods, W R 10 11
Hoole, C 31 34
Hoon, J 274
Hopley, H 360
Horak, A 208
Horak, E 245 **246** 247
Horak, I G 300
Horn, A 152
Horn, J A 103
Horn, J G G 104
Hornsveld, M 281
Horrobin, 185
Hough, M **66** 71
Howarth, G R 207
Howells, H 55 56
Hugo, B 87
Hugo, E 107
Hugo, E A K **70**
Hugo, E P 228 **229**
Hugo, G A **213** 214
Hugo, J **176**
Hugo, J S 49
Hugo, L 151
Hugo, R 67 **68**
Hugo, S 54
Hugo, S R 51
Huismans, H **138** 139
Hulsenboom, E 134
Human, D J 114 **115** 116 123
Hurter, H S 11
Hurter, M 360 361
Hurwurth, G 55
Huskisson, Y 56
Hwang, S 55

I

IJsselmuiden, C 187 **188** 189 215 216
Ingham, J 54
Ingram, H 176
Ingwersen, P 252
Introna, L 250
Ionescu, G O **182**
Iscan, Y 175
Ittmann, A J 49
Iturralde, M **200**
Iyun B 151

J

Jacobs, A 353
Jacobs, C 177
Jacobs, C D **100** 349 353
Jacobs, E 206
Jacobs, J 181
Jacobs, L J 94 **100** 101
Jacobs, P 55
Jacyk, W K 199
Jaffe, S I 210
Jafta, J 140
Jamneck, B 104 105
Jansen, J D **93** 94
Jansen van Rensburg, E 204 205
Jansen van Rensburg, H 58
Jansen van Rensburg, I B 289
Jansen van Rensburg, M 205 **206**
Janse van Rensburg, D C **229**
Janse van Rensburg, N J 359
Janse van Rensburg, W 351
Jardine, J 289
Jasinski, A 55
Jean, B 209
Jefferson, A 224
Jiminez, M 284
Johnson, A 56
Jones, B D 49
Jonker, N 349
Jonker, V 42 44
Jooste, K 256
Jooste, P 140
Jooste, R 204
Jordaan, A M 80
Jordaan, H 55

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Jordaan, P W 246
Jordaan, R 186
Jordaan, Y 30
Josling, D 282
Joubert, A M 184 185
Joubert, D J 103 **104**
Joubert, F 132 133
Joubert, G 360
Joubert, J 230 236
Joubert, J M C 70
Joubert, K 284
Joubert, P M 212
Joubert, S J 114 **115** 120 121 122
Jovanovic, N 161
Joyce, X 359
Judd, M J 175

K

Kachelhoffer, P M **94**
Kahn, M 33
Kakaza, M 207
Katz, M 106
Kearsley, E 247
Kefalas, S 36
Keirans, J E 300
Kellerman, T S 283
Kemp, J 257
Kemp, P L 266 276
Kempen, I G 95
Kenyon, H 147
Ker, J A 197
Kerling, C 269
Kerr, C 3
Killen, L R 94
Kirberger, R 284
Kironji, E 74
Kirstein, H S 51
Kirsten, J F 158 **159**
Kirsten, M 180
Klauck, H-J 113 120
Klein, H 250
Klein, L 47
Kleyn, D G 103 **104** 109 110
Kleynhans, J 337
Kluyts, H 176
Kluyts, T McD 196
Knobel, N 226
Knoetze, J G 94 95
Kock, J H L 210
Koekemoer, D 210
Koekemoer, I 231
Koekemoer, J H 113 **114** 116 117
Koen, M 50
Kok, E L 217
Kok, J 351
Kok, J A 109
Kolev, 180
König, A 116
König, H L E 208
Koorn, R 176
Koornhof, C 48
Kornegay, E 72
Korsten, L 140 160
Kotze, D 361
Kotzé, D J L 104 **105**
Kotze, F 181
Kotze, J C 288
Kotzé, J M **140**
Kotzé, S L 344
Kourie, D G 254 **255**
Koyana, S 87
Krecek, R C 300
Kretzschmar, D 350
Kriek, J 319
Kriek, N P J **279** 280 289 300
Kriel, C 324
Kriel, H 313 314
Kriel, J D 59
Kriel, L 62 63
Krige, 253
Krige, N 353
Kritzinger, J J 117 118 **126**
Kritzinger, J P K 84 89
Kritzinger, V 201
Kroeger, K J 199
Kroon, J 265 266 270
Kruge, N 353
Kruger, A 177
Krüger, C 212
Kruger, G 351
Kruger, J 351
Kruger, J S 183 185
Kruger, M 202 203
Kruger, M 324
Kruger, M C 185
Krüger, P E 60 **64** 65
Kruger, P S **231** 232
Kruger, T G 11 **332** 336
Krynauw, G N 147
Kühn, E 95
Kühn, M J 95
Kunert, H W 150
Kunert, K 142
Kuschke, G E 210
Kuschke, R 147
Küstner, H 222
Kuun, C du P **1** 10
Kuye, J **43**

L

Labuschagne, J M T 104 108 **110**
Labuschagne, J P 119 120
Labuschagne, L E 169
Labuschagne, M 54
Labuschagne, N J 140
Labuschange, G 212
Laker, M C 161 162
Lambrechts, H 33 34 49
Lambrechts, N 283 284
Landauer, K 181
Landman, J J 238 239
Lane, E P 289
Lane, M 177
Lange, G 200
Lange, J 31
Langkilde, E 313
Langley, R 77
Lapsansky, M 55
Last, J M 215
Laubscher, A 190

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Laubscher, F 353
Laurens, T 179
Lauterbach, E 273
Lazenby, K 357
Lee, M 308 313
Le Grange, S 253
Lehnert, B E 185
Leisewitz, A 285
Lemmer, S S 31
Lenahan, P C 87
Lenarz, T 209
Le Roux, A 54
Le Roux, C **226** 227
Le Roux, C 292 **293** 294
Le Roux, E 219
Le Roux, G J 345
Le Roux, J 99
Le Roux, J 108 109 110
Le Roux, J H 116 122 **123** 129
Le Roux, L 94
Le Roux, M 336
Le Roux, S 177
Le Roux, S 216
Le Roux, S 256
Le Roux, S S 95
Le Roux, S W 255 **256**
Le Roux, T L B 210
Leuschner, P H 210
Leuschner, W 235 **236**
Lewin, H 185
Lewis, S B 271
Li, C 146
Libin, M 76
Liebenberg, A 162
Liebenberg, B 56
Liebenberg, E C 345
Liebenberg, H 138
Liebenberg, J C R 75
Liebenberg, S W 175
Liebenberg, T 359
Ligthelm A J **263** 264 265 266 273
Ligthelm, J 359
Linde, R F 299
Lindeque, B G P 210 211
Lindeque, B G **207** 208
Linford, P 37 40
Lloyd, E D 189
Lobetti, 285
Loen, A 212
Lohse, P J 275
Lombaard, C 129
Lombard, A 52 70
Lombard, J 47
Loots, G P 173
Loots, H 55
Loots, S J 195
Lor, P J 253
Lötter, M P 236
Lottering, M L 184
Lötz, D J 106
Lotz, S 147
Loubser, J **193**
Loubser, M 147
Loubser, R 106
Lourens, D C 291 292
Louw, A I 132 133
Louw, B 68
Louw, C 214
Louw, J P 83 **84**
Louw, J P **288**
Louw, W J **94**
Louw, W 201
Loyse, P J 275
Lubbe, A J 232
Lübbe, A 283
Lubbe, B 44
Lubbe, J 49
Lubbe, W 308 313
Lyons, M 51
Lyytinen, K 250

M

Maart, B 346
Maasdorp, E F de V 39 **40**
Mabena, P 10
Maelane, E 218
Mafiri, S 273
Mafojane, N A 206
Magau, N M 11 15
Magazi, D 206
Mahlangu, E 115 116 120 122
Mahlangu, J 147
Mahlangu, J 313
Mahlaole, L 94
Mahomed, I 305 319
Maibelo, M P 313
Maier, D 146 147
Maile, S 96
Maithufi, I P 108 110
Makanjee, C 284
Makatsa, A 59
Makgabo, S 359
Malan, C 253
Malan, D J 116
Malan, F 100
Malan, M 311
Malan, S P T 94 95 354 355 **356**
Malek, E 202
Malherbe, J A G **13** 230 231 347 348
Malherbe, J B **150**
Mandela, N 305 311 319
Manganyi, N C **13** 34
Mann, D 308
Mans, M J 84
Mantel, G 207
Maphai, V 72
Marais, C 350
Marais, D 162
Marais, D D **305** 306 341 352 362
Marais, H 348
Marais, J 283
Marais, J T 272
Marais, R 51
Marais, R 80 81
Marchetti-Mercer, M 77 78
Maré, J 75
Maree, C 163 164
Maree, C 218
Maree, D J F 78
Maree, J G 93 100 101
Maree, L 11

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Maree, L 245 247
Maree M, 75
Maree, W 49
Marggraff, M 82
Maritz, C 216
Maritz, J 346
Maritz, N G J 210 **211**
Maritz, P J 120
Maritz, T M 208
Markotter, W 140
Marnitz, R 33
Marsh, S 313
Martin, M E B 84 85
Martini, N D 184
Marwala, T 242
Marx, A E 39 40
Marx, G L **168** 169
Marx, J S S **195** 196
Marx, L 350
Marx, P J M 87
Marx, S 11 **12** 14 26 27 29 39 308
Marshall, V 246 247
Masipa, M M 355
Masoeu, A 251
Massyn, P I 297
Mataboge, M S 306
Mathabe, M K 313
Mathews, E H 230 241 242 243
Matjane, K 359
Matsuda, 180
Mattana, R A M 194
Mattheus, M 261
Mbonani, S 109
McArthur, T 87
McCoskey, S 46
McCourt, S 146
McCrindle, C M E **289**
McGeoch, M 137
McKay, W 87
McKechnie, C 232
McNamara, D A 230
Mc Whinney, 195
Mdaka, T 200 **201**
Medlen, C E 196
Medley, P 175
Meij, H S 184 185
Meiklejohn, K I 151
Meintjies, A de V 313
Meiring, J H 173 **174** 228 229
Meiring, P G J 117 **118** 127
Meissner, R 75
Melsen, B 275
Meltzer, D G A 286 **287**
Mentz, N 64
Merkle, R K W 146
Mertz, M S 204
Meyburgh, E A 153
Meyer, A 59
Meyer, A 185
Meyer, B J 185 200 **201**
Meyer, C 208
Meyer, C S 210
Meyer, D (ii) **(iii)** 349
Meyer, E 208
Meyer, E 261
Meyer, H 195
Meyer, J A 163
Meyer, J J M 142
Meyer, S 218
Meyer, S 288
Mfuna, M 216
Michael, K S 212
Middleton, L 142
Mieny, C J 180
Migliorisi, R C 206
Milford, R 321 322
Miller, H G 150
Mills, G 145
Milner, A 176
Milton, V C 80
Minnaar, A (Dr) 66
Minnaar, A (Prof) 166 167
Mitchell, J W 242
Mizrahi, E 274
Mjwara, P M 262
Moagi, S 177
Mockler, R 35
Modro, A M 147
Modro, T A 147 **148**
Mogaladi, S 181
Mohlala, M J 10
Mohr, W 176
Moikangoa, N L 11
Mojalefa, J 82 83
Mokoane, R 353
Mokgobu, P 72
Mokgokong, A T M 11 206
Mokgonoane, L J 313
Mokhele, K 10
Mokhloane, E 349
Mokoena, T 180
Moleko, A S 77
Moletsane, M 102
Mollema, U 44
Möller, B 66
Möller, T 96 99
Momsen, J 151
Moodley, L 11
Moodliar, M C 352
Mooketse, D 80
Moolman, G M 210
Mophosho, M 73
Moraka, R E 354 355
Moretti, J-L 220
Morley, D 219
Moropa, R 308 313
Morrison, K L 164
Mostert, K 179
Mostert, M 54
Motshekga, 72
Mouri, H 146
Moyo, C 354
Mphahlele, M 342
Mthethwa, R 361
Muepu, K 66
Mukenge, M F 210
Mulaudzi, M 218
Mulaudzi, R I 359
Mulder, A A H 209 210
Muller, A 214
Müller, J C **124** 125
Müller, K 193

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Muller, K 351
Muller, M E 10 **51** 52 71 72 75 76 143
Müller, R 258
Munro, A J 52 **53** 54
Munro, M 54
Munro, Y 94
Murfin, G P 147
Murphy, M 219
Murphy, M 257
Myburgh, C J 345
Myburgh, D P 199
Myburgh, G 150
Myburgh, G 350
Myburgh , M (iii)
Myburgh, M 35
Myburgh, S 142
Myeswa, H 186

N

Naidoo, K 33
Nakajima, H 191
Naudé, A 350
Naudé, E 68
Naudé, E 360
Naudé, G 169
Naudé, H 181
Naude, S P E 203
Naudé, T W 282 283
Ndirika, V 262
Ndlalane, T 157
Ndudane, N T 289
Neave, R 175
Neitz, A W H **132** 133 134
Nel, A 96
Nel, A 350
Nel, L H 140
Nel, C M 354
Nel, E 210
Nel, F A 297
Nel, J C 270 **271**
Nel, J S 216
Nel, J S 308
Nel, J S J 320 321 **322** 335 336
Nel, M 176
Nel, P S 33 35 36 37 39 **40**
Nel, S J P 274
Nel, W 297
Nell, A 274
Nene, S 74 159
Nesbit, J W 289
Nethersole, R 61 75 76
Neves, M 221
Ngcuka, M 354
Ngqaka, K 46
Ngubane, B 361
Ngwenyama, O 249 250
Nicholson, C M A 109
Niehaus, P 351
Nieman, A 352
Nieman, G H 39
Nienaber, A G 109
Nienaber, P 349
Nieuwoudt N 226
Njobé, B 159
Njobe-Mbuli, B N 10
Njoko, M 346
Nkabinde, A C 10
Nkoana, J 46
Nkosi, B 346
Noffke, C 268
Nolte, H W 64
Nolte, J M 51
Nolte, K E 80 81
Nolte, M 354
Noomé, I 87
Nordhoff, H 157
North, E 30
Nortjé, T 353
Nöthling, J O 294 **295**
Nulden, U 250
Nzewi, M 54

O

Oberholster, A-M 138 142
Oberholster, J 50
Oberholzer, C 361
Oberprieler, E 220
Ockert, D 176
Odendaal, J J S 61
Odendaal, J S J **298**
Odendaal, L B 52 **53**
Odendaal, M **293**
Oertli, G 60
Ofir, Z 19 **20** 341
O'Hair, M 96
Ohale, L O C 281
Ohlhoff, C H F **80** 81
Olckers, C 31
Olivier, A J 289
Olivier, D G 104
Olivier, G 54 55 56
Olivier, H 44
Olivier, J 361
Olivier, M E 108
Oliver, N J 103 **104**
Olivier, P J J 104
Olivier-Carstens, A 283 284
Olonisakin, F 66
Oost, E 39 48
Oosthuizen, E 54
Oosthuizen, Eddie 176
Oosthuizen, H 199
Oosthuizen, J **74** 78 79
Oosthuizen, J H 164
Oosthuizen, K 308
Oosthuizen, M 335 336
Oosthuizen, M 350
Oosthuizen, M M 323 324
Oosthuizen, M P 271
Oosthuizen, N M 179
Oosthuizen P 361
Oosthuizen, P J 210
Oosthuizen, W L 94
Opperman, J 203
Opperman, Y 73
Oranje, M C 261
O'Regan, K 111
Osman, A 257
Osterhoff, R 299
Otto, E 113

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Otto, J 116
Otto, M 362
Otto, Von B de V 313

P

Page, M L 212
Painter-Morland, M 116 126
Pakendorf, W U 218
Pansegrouw, C 307
Parikh, J 35
Parker, R 55
Paterson, A **14** 308 338
Paterson, C 75
Pattinson, R C 202 207
Paul, M J C 354
Pauly, P 46
Pavel, E 162
Pavlicevic, M 54 56
Pearce, W 176
Pearson, J P 289
Peeters, L **88** 89
Pellisier, R 232
Pelser, G M M 120
Pelzer, A N 361
Penzhorn, B L 286 **287**
Penzhorn, B P 300
Penzhorn, C E 253
Petit, J C **275**
Petrick, S 284
Peu, D 218
Phahlamohlaka, J 251
Phora, M 54
Pickert, B A 221
Pickworth, G 354
Pienaar, A 308 313
Pienaar, C 293
Pienaar, H 308 313 314
Pienaar, L 342
Pierce, S 55
Pieterse, P A 162
Pietersen, M 79
Pieterson, G E 218
Pillay, N 109
Pio, K 217
Pistorius, C W I (jr) **(i)** (ii) 10 230 231 261 262 308 336 337 344
Pistorius, C W I (snr) 11 **12**
Pistorius, J C C 59
Pistorius, P C 230
Pitout, M J 184
Pitt, L 30
Plant, G 50
Ponder, B 204 205
Pont, A D 119
Pooe, M 190
Potgieter, C 78
Potgieter, C D 199
Potgieter, D 210
Potgieter, F 308
Potgieter, F 360
Potgieter, G C 348 **359**
Potgieter, H 54 55 56
Potgieter, J H 51 83 **85**
Potgieter, K 360
Potgieter, P J **276**
Pottas, C D 344
Pretorius, E 62 63
Pretorius, Elna 46
Pretorius, F 62 63
Pretorius, G 212
Pretorius, H E 85
Pretorius, H W 212
Pretorius, J A **275**
Pretorius, J A **337**
Pretorius, J W M 93 94 **98** 99
Pretorius, M W **237** 238
Pretorius, R 68 **69**
Pretorius, R 354
Pretorius, S 275
Pretorius, S 359
Pretorius, W A 233
Prinsloo 202
Prinsloo, A J 34
Prinsloo, D J 52 **82** 83
Prinsloo, G T M 83
Prinsloo, H P 59
Prinsloo, J J 268
Prinsloo, L 218
Prinsloo, M 30
Prinsloo, P **268**
Prinsloo, S F **214**
Prinsloo, W S **113** 114 122 123
Prozesky, D **224** 225
Prozesky, L 289 **290**
Pullen, A 218 219
Puth, G **29**
Putt, G 310

Q

Queiros, D 44
Quirk, Lady 87
Quirk, Lord 87

R

Rabie, Y 54
Raath, A 241
Rabie, J 352
Radebe, B 216
Radebe, M 351
Rademeyer, C J 147
Rader, H 310
Radloff, A-M 188
Rajah, V 341 **342**
Rakel, R E 195
Ralebipi, M D R 252
Ramano, M 49
Ramatsetse, F 354
Ramokgopa, G M 10
Rampora. A 147
Randall, E 308 313
Randell, E 55
Rankin, K C 210
Ransome, O J 171 201
Raseale, R C A 94 95
Rautenbach, C J de W 146 147
Rautenbach, G H **291** 294
Rautenbach, P 188

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Redl, H 220
Reif, S 217 **218**
Reinecke, J B 336
Reinhardt, C F 162
Rensburg, R S **29** 30
Rethman, N F G 161 162
Retief J H 199
Reyers, B 136
Reyers, F **285**
Reynders, 257
Rheeder, P 189 199 **225**
Richards, P A 173 324
Richter, L 44
Richter, S 218
Robberts, F J C 190
Robberts, J 246
Robberts, J J 166
Robbertse, P J 141 162
Robertson, G 60
Robinson, B 54
Robinson, F 189 216
Robinson, M 111
Robinson, R 110
Robinson, T 137
Rode, H 182
Roets, J 361
Roefs, M M I 75
Roefs, S 353
Roets, Y 308 313 314
Rogan, J M 157
Rogé, P 55
Rohde, A W **245**
Rohwer, E R 147 148
Roistacher, 140
Romero, G 55
Roode, J D 231 247 **248** 250 308 336
Roodt, G K A 32 33 36 37 40
Roodt, P H 80
Roodt, R 353
Roos, C J 284
Roos, J D 254
Roos, J L **212**
Roos, N 56 **57**
Roos, P 354
Roos, W 181
Roos, W T 168
Rose, J 73
Rosinger, E E 169
Rosseel, P 96
Rossouw, A P 207
Rossouw,D S 199
Rossouw S 193 200
Rossouw, S 218 219
Rothwell, M 278
Roux, C 138
Roux, N 43
Roux, P **208** 209
Rumpf, 311
Rupert, A E **1** 13 40 318
Russell, M R 308 313 314
Rust, E 245
Rwelamira, J 160

S

Saayman, G **193**
Saidi, F 257
Sandenbergh, R F 230 231 **240** 241
Sarli, H 181
Sartorius von Bach, H J 158
Satege, M A 345
Sauer, N 10 169 **324**
Sauer, P V 169
Sauthoff, M D 51 56 **57** 78
Schaap, P 31
Scheepers, C H H 10
Scheepers, E 284
Schellack, G 218
Schmitt, G 221
Schneeweiss, F 221
Schneider, B 351
Schoeman, A 137
Schoeman, E 210
Schoeman, J B 78
Schoeman, J P 70
Schoeman, M **71** 72
Schoeman, M C 107 108
Schoeman, M J 61
Schoeman, N 45
Schoeman, S 55
Schoeman, W J 147
Scholtemeijer, J 83 **84**
Scholtz, C H 135 **136** 137 143
Scholtz, E 236
Scholtz, G C O 324
Scholtz, H J 193
Scholtz, J H 212
Scholtz, P 181
Schoonraad, M D 260 261
Schreuder, A 29 **30** 308 310 322
Schröder, S A 313
Schultheiss, A 298
Schumann, C **89**
Schumann, C J 51
Schumann, E 50
Schutte, C 206
Schutte, C F 233
Schutte, C-M **206** 207
Schutte, P 350
Schwab, M 216
Scott, C 72
Scott, T J 11 104 **107** 108
Searle, C 220
Sedibe, E M 354
Seegers, J C 184 185
Seeliger, J E **263** 268
Seevinck, E 236
Segalo, P J 59
Seleke, E 240
Sello, S S 80 324
Semenya, M 212
Senske, H E 210
Sesay, A 66
Setshedi, G 257
Sevenhuysen, K 62 63
Sevenster, E G 208
Seymore, L 188
Shah, J 183
Shapiro, H 205
Shaw, P 151
Shillinglaw, N 308
Shimange, H 361

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Shipham, I **177** 178
Shisana, O 186
Sibiya, P 147
Siegert, M 351
Siemer, J 249 250
Siglé, H M 231 **255** 256 257
Sililo-Tshishonga, C **341**
Simson, I W **175**
Sinclair, J 11 **12** 13 14 108 308 344
Sinclair, R C 141
Singh, C 60
Singh, M 61
Singh, S 176
Siyotula,V 289
Skeen, K 65
Skhosana, P B 83
Skinner, J D 135 144 **145** 286 287
Skinner, Y 274
Skosana, I B 49
Slabbert, J A 95 96
Slabbert, M L 52 57
Slavic, T 175
Smit, A 350
Smit, B 96
Smit, C F 168
Smit, F 116
Smit, H J 10
Smit, I 168
Smit, J 246
Smit, M 94
Smit, M 361
Smit, N 238
Smit, P (ii) **1** 11 17 23 171 319 323 340
Smit, P F 117
Smith, E J 344
Smith, Ferdie 187 188
Smith, F J (Frans) 176 177
Smith G ` 186
Smith, H 240
Smith Piet 176
Smith, R A F 246
Smith, S 96
Smith, W P 208
Smuts, J 206
Smuts, M M S 281
Snibbe, C 55
Snyman, C P 146 147
Snyman, J 241 242 243
Snyman, J R 184
Snyman, M 54
Snyman, M M M 253
Snyman, M E 253
Snyman, W D 263 266 **267** 269
Soer, M 210
Soldati-Kahimbaara, K 87
Soley, J T 280 281
Solomon, A 54 56
Solomon, H 71 72 75 76
Sommers, D-K 183 **184**
Songabe, T 289
Sono, T 40
Soskolne, C 216
South, B 256
Sparrow, O 66
Spence, J E 66
Spengler, 95
Spies, F J du T 62
Spies, G M 70
Spies, J 179
Spies, S K 198
Spotswood, T 284
Squier, M M 253
Staal, G 185
Staal, H 33
Stadler, J J 11 **12** 47 344 348
Stadler, K 47
Stadler, P 285 **286**
Stahakis, A 353
Stals, C L **1** 13
Stals W A 62
Stammberger, H 209
Stander, E 354
Stander, H F 84
Stander, N 241
Stanford, J 54 55
Stanton, T 177
Stapp, L A 190
Steenkamp, G 284
Steenkamp, R 28
Steers, R 36
Stefan, R I 148
Stegman, F 284
Stegman, J A 33
Steinmann, 184 186
Steyn, 308
Steyn, A G W 324
Steyn, B 30
Steyn, B J M 60
Steyn, D G 68
Steyn F 52
Steyn, F G 47
Steyn, G 307
Steyn, G J 31 36
Steyn, H S 168
Steyn, J 176
Steyn, J 253
Steyn, Y 360
Steyn, J L 231 241 242 **243**
Steyn, M 173 174
Steyn, M E 184
Steyn, P L 140
Stoffberg, J 359
Stolp, M 55
Stoltz, A C 134
Stoltz, G 351
Stolz, S 308
Strachan, P J 324
Strasheim, A E 218
Strauss, A 351
Strauss, J 351
Strauss, L **152**
Strike, J 88
Ströh, A 169 **170**
Ströh, U M 30
Strydom B J 140
Strydom, C A 147
Strydom, H 337
Strydom, J 218
Strydom J 262
Strydom, S 296
Stulting, L 55
Sumner, P D 151

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Sutherland, A 308
Sutherland, R 273
Swan, G E **282** 283
Swanepoel, A C 102
Swanepoel, C 210
Swanepoel, C 257
Swanepoel, D J 110
Swanepoel, F J C 159 **160** 161
Swanepoel, J 268
Swanepoel, K J 169
Swanepoel, L 11
Swanepoel, N C 298
Swanepoel, S 313
Swart, A M 194
Swart, D M 106
Swart, E D 104
Swart, G J 84
Swart, J **169** 170
Swart, J C 254
Swart, J D M 106
Swart, J G 209 **210**
Swart, L 210
Swart, N J J 104
Swart, T 266
Swart, T J P 273
Swick, J 35

T

Taljaard, T 296
Taljard, E 82 83
Talma, J 208
Tambling, T-L 49
Tanaka-Sugiura, 151
Taylor, M 191
Taylor, J R N 166 **167**
Temmingh, H 51 **54** 55
Ten Bokum, A 134
Tenreiro, O 257
Terblanche, A B 49
Terblanche, E 238
Terblanche, E 352
Terblanche, H M 279
Terblanche, P 64
Terblanche, R 53
Tesmer, G 89
Thahane, T 81
Thahane, T T 11 75
Thackeray, J F 146
Theart, H F J 146
Thekisho, L 353
Theron, A J 196
Theron, F J 193
Theron, G K 141
Theron, J 140
Theron J J 184 185
Theron, S W 31
Thomas, G 257
Thomas, G 308
Thomas, P J **109**
Thomas, S 350
Thompson, J E 253
Thompson, R J 244
Thomson, G R 279 300
Thornhill, C 26 **27** 34 42 43
Titlestad, P J H (ii) **87**
Tladi, D D 109
Tlhagale, M 44
Tomlinson, 158
Tönsing, K 79
Tönsing, R E 313
Tosen, G 350
Travers, F **293** 294
Trichardt, C 54
Triegaardt, J D 70
Trollip, A-M 166
Troughton, S 359
Truu, M 47
Trzebski, A 185
Tsengwa, N 138
Tshoana, C 359
Tuksar, S 55
Turner, P H **284**
Turton, A 75 76
Tustin, R C 279 300
Tutt, K 284

U

Ubbink, J B 179
Ubomba-Jaswa, S 79
Ungerer, E 354
Uys, A 204
Uys, I C 15 51 67 **68**
Uys, J S 307
Uys, K 177
Uys, U 218

V

Van Aarde, A G 120 **121** 122
Van Aarde, R 136 137
Van Aardt, C J 52 74 78 **79**
Van Amstel, S R **285** 297
Van As, S C 246
Van Aveling, T A S 141
Van Biljon, W 351
Van Biljon, W J 19 **20**
Van Breda, G 302
Van Coller, G L 359
Van de Geest, G 54
Van den Berg, C 31
Van den Berg, Chris 351
Van den Berg, D P 84
Van den Berg, E C 199
Van den Berg, J 105
Van den Berg, J 352
Van den Berg, J S 285
Van der Berg, M C 104
Van den Berg, S **283** 297
Van den Heever, R J **254**
Van der Bank, A J 96
Van der Berg, C 31
Van der Bijl, C 73
Van der Heever, L 324
Van der Hoven, A E 193
Van der Laan, R R 336
Van der Linde, A 107
Van der Linde, A 268
Van der Lingen, M 181
Van der Lugt, J 289 **290**
Van der Merwe, A 11

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Van der Merwe, A 40
Van der Merwe, A 68
Van der Merwe, A (Prof) 78
Van der Merwe, A 188 216
Van der Merwe, A 308
Van der Merwe, Andre 350 352
Van der Merwe, B 352
Van der Merwe, B J 49
Van der Merwe, C F 153
Van der Merwe, E 73
Van der Merwe, F 155 259
Van der Merwe, F E (prof) 103 104 **105**
Van der Merwe, F E (jr) 103 104 105
Van der Merwe, F Z 315
Van der Merwe, G 352
Van der Merwe, H J M G 183
Van der Merwe, J M 119 120
Van der Merwe, J V **171**
Van der Merwe, L 162
Van der Merwe, L 273
Van der Merwe, Leon 351
Van der Merwe, L J 80
Van der Merwe, M 137 145
Van der Merwe, N J 281
Van der Merwe, P J **117** 118
Van der Merwe, P J 208
Van der Merwe, R 146
Van der Mescht, H H 52 54 55 56
Vandermeulen, E 176
Van der Meyden, C H **206**
Van der Sandt, J 54 55
Van der Schyff, D B 48
Van der Spuy, D M 297
Van der Spuy, P de W 107
Van der Stoep, 238
Van der Toorn, J J T K 299
Van der Vyver, J-D 176
Van der Walt, A J 306
Van der Walt, A S 359
Van der Walt, H 80
Van der Walt, J 361
Van der Walt, J G **296**
Van der Walt, K **359** 361
Van der Walt, M 313
Van der Walt, R 162
Van der Walt, S 55
Van der Watt, P B (Flip) (i) **(iii)** **348** 349 361
Van der Watt, H van H 162
Van der Watt, J G 120 **121** 122
Van der Werff, A 134
Van der Westhuizen, C 218 219 220
Van der Westhuizen, D 212
Van der Westhuizen, D 201
Van der Westhuizen, E 308 313 314
Van der Westhuizen, J 34
Van der Westhuizen, J 209
Van der Westhuizen J 360 361
Van der Westhuizen, J V 103 **109** 110 111
Van de Venter, H A 141
Vandeyar, S 94 95
Van Duyn, J 208
Van Dyk, E 298
Van Dyk, L 232
Van Eck, B P S 106
Van Eck, E 120
Van Eeden, J 58 116
Van Eeden, Y 214
Van Garderen, J 350
Van Gelder, A L **197** 200
Van Greunen, F 73
Van Greunen, J 352
Van Greuning, J V 141 142
Van Heerden, C H 30
Van Heerden, F J 103 110
Van Heerden, G 30
Van Heerden, H J 64
Van Heerden, J 45 **46**
Van Heerden J 146
Van Heerden, J H 306
Van Heerden, M 62
Van Heerden, M B 273
Van Heerden, N 359
Van Heerden, P 154
Van Heerden, R 351 353
Van Heerden, W F P **273**
Van Helden, P **154** 155 259
Van Hoven, W 163 164
Van Huyssteen, E 261
Van Jaarsveld, A B J 10
Van Jaarsveld, A S 136 137 142 **143** 144
Van Jaarsveld, F A 62 63
Van Jaarsveld, S R **106**
Van Loggerenberg, A 95 96
Van Marle, K 104 109 351
Van Middelkoop, A 216
Van Niekerk, 242
Van Niekerk, A 201 203
Van Niekerk, A 350
Van Niekerk, A C M 200
Van Niekerk, A S 117
Van Niekerk, B J 258
Van Niekerk, C 62
Van Niekerk, C 54 55 56
Van Niekerk, F D 170
Van Niekerk, J P G **219**
Van Niekerk, K 261 262
Van Niekerk, M 206
Van Niekerk, M C 48
Van Niekerk, P A **101**
Van Niekerk, P J 273
Van Niekerk, R 151
Van Niekerk, S 218
Van Niekerk, T 34
Van Onselen, C 63 69
Van Oort, J 113
Van Oost, E 207
Van Oosten, F F W 103 104 **108** 109
Van Papendorp, D H 184 **185** 186
Van Peursen, C A 99
Van Rensburg, A C J 232
Van Rensburg, A J 216 **217**
Van Rensburg, A P 62
Van Rensburg, B 246 247
Van Rensburg, E 207
Van Rensburg, J 220
Van Rensburg, M C J **80** 81 85 86
Van Rensburg, P J 208
Van Riet, W **257**
Van Rooijen, A J **186** 187
Van Rooijen, T 225
Van Rooy, 147
Van Rooy, C H 210

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Van Rooyen, A M 297
Van Rooyen, C 191
Van Rooyen, C J 158
Van Rooyen, D 39
Van Rooyen, D C 29 **39** 40
Van Rooyen, G T 239 **240**
Van Rooyen, J 159 **160**
Van Rooyen, J C W 103 108 **109**
Van Rooyen, L 96 99
Van Rooyen, M 44
Van Rooyen, M M P 354
Van Rooyen, M W 141
Van Rooyen, N 141
Van Rooyen, P H 147
Van Rooyen, R J 199
Van Ryssen, J B J 163
Van Schalkwyk, A 147
Van Schalkwyk, E-M 340 **341**
Van Schalkwyk, G J 52
Van Schalkwyk, H 359
Van Schoor, T 242
Van Staden, A 257
Van Staden, B 323 324
Van Staden, C W 212
Van Staden, D A 210
Van Staden, F 353
Van Staden, J 152 **153**
Van Staden, J F 147 148
Van Staden, M J 94
Van Staden, P 120
Van Staden, S M 70
Van Staden, V 138
Van Straten, A M S 189 190
Van Tonder, C 349
Van Tonder, J A 31
Van Tonder, J A 354
Van Tonder, J L **74** 79
Van Tricht, V 209
Van Velden, C 218 219
Van Vollenhoven, W J 96
Van Voorden, F 257
Van Vuuren, B 64 65
Van Vuuren, J J 39
Van Vuuren, M J C 318
Van Vuuren, P 244
Van Wijk, J 256
Van Wilpe, E **281** 282
Van Wyk, A E 141 142
Van Wyk, C 225
Van Wyk, D J C 117
Van Wyk, E 323 324
Van Wyk, F 257
Van Wyk, Faan (S J) 348 349
Van Wyk, G J **60** 61
Van Wyk, I W C 116
Van Wyk, J J 351
Van Wyk, L 351
Van Wyk, M J 210
Van Wyk, N 353
Van Wyk, N C 218 **219** 220
Van Wyk, P J 269 **270**
Van Wyk, W C **51** 122
Van Wyk, W 54 55
Van Zijl, A M 313
Van Zijl, P H S 49
Van Zyl, A 262
Van Zyl, G J J 168
Van Zyl, J (ii) **1** 11 13 28 75 130 131 141 158 159 308 318 341 361
Van Zyl, J 55
Varbanova, M 176
Veary, C M 291 **292**
Veldsman, D 310
Veldsman, D P 116
Veldsman, S 308
Venter, A 349
Venter, C R 324
Venter, E 232
Venter, E 353
Venter, F 140
Venter, G **238** 239
Venter, H 361
Venter, H J 337 338
Venter, I 284
Venter, I 324
Venter, J D 210
Venter, J M P 49
Venter, K 200
Venter, L 81
Venter, M 213 214
Venter, N 210
Venter, P M 114 122 123
Venter, P P 278
Venter, R 354 355
Venter, Y **345**
Verdonck, A 185
Vermaak, F N S 49
Vermaak, J 236
Vermaak, L 33
Vermaak, W J H **178** 179
Vermeulen, J 336
Vermeulen, N 245
Vermeulen, L P 30 **31** 32
Vermeulen, P J 308 **323** 324
Verryn, S 146 147
Verschave, K 181
Verschoor, J A 132 133 134
Verschure, H 257
Verster, D J 324
Verster, J P 335
Verster, Jean P 353
Verstraete, F 283 284
Verwoerd, D 293
Viljoen, A 140
Viljoen, F J **109** 110 111
Viljoen, G van N **48**
Viljoen, H 361
Viljoen, H P 103 105 108
Viljoen, J 102
Viljoen, J 81
Viljoen, J H 85
Viljoen, M 184
Viljoen, P J 210
Viljoen, W 54 55
Vil-Nkomo, S 10 **26** 28 43
Visagé, J H N 61
Visser, A T 246 247
Visser, C 186
Visser, E 33
Visser, J 40
Visser, J 52
Visser, J 241

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Visser, L **132**
Visser, M 360
Visser, P F 210
Visser, P J 107 108
Visser, R N 258
Visser-Uys, P E 243
Vivier, F L 168
Vivier, N 151
Viviers, C M 228
Vleggaar, R 147
Vogler, G 324
Voigt, K A 231
Volkmann, D H 294 **295**
Von Moltke, T 240
Von Teichman, I 141
Von Wielligh, A 241
Vorster, M P 103 **108**
Vorster, Q **48** 49
Vos, C J A 113 **114** 124
Vosloo, M 33
Vosloo, W 114 127 **128**

W

Walker, C 164
Walker, J B 300
Walker, R 55
Wallmach, T 146
Walter, P 54
Walters, L 56
Wandrag, D B R 298 299
Ward, C 313
Ward, R H S 66
Wassberg, K 188
Wassermann, I 59
Waterson, L 354
Watt, M 55
Webb, E C 163
Webb, V N 80 90 **91**
Webber, L 191 192
Webber, R 244
Weber, J C 273
Weder, B 229
Weeks, K 85
Wegelin, H 257
Wehrer, F C 140
Welch, G 55
Weldhagen, G F 189 190
Wenhold, F A M 228
Wessels, A 87
Wessels, A B 162
Wessels, F 225
Wessels, P L 147
Wessels, S 324
Westaway, N 216
Westerink, H 216 **217**
Wethmar, C J 113 **114** 116 117
White, C E 147
White, J G **264** 265 270
Whitmore, I 174
Whittred, G 35
Wiesner, M S 31
Wilkes, A 83
Willcocks, B 350
Willemse, E 62
Willemse, H S S **81**
Willemse, N 184
Williams, C A 302 **304**
Williams, J H 289
Williams, M C 289 290
Williams, W P 271
Willoughby, G 87
Wilson, D 44
Wilson, G D H 42
Wiltshire, W A **274**
Wingfield, B 138 139
Wingfield, M J **135** 140
Winnefeld, 35
Winstanley, T 268
Wittenberg, D F 201 202 **203**
Witthöft, D G 49
Wolleschak, I 284
Wolmarans, H P 34 35
Woodhouse, H C 59
Woodward, W 206
Wormell, I 252

X

Xia, X 236

Z

Zaidel-Rudolph, J 54
Zeeman, E 54
Zeeman, L 218
Zevenbergen, A P 38
Zieger, U 164
Zietsman, S T **263** 274
Zinn, S 31
Ziqubu-Page, T 188
Zsadanyi, T 44
Zsilavecz, U 68
Zulch, H E 298 299
Zünckel, T 351

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021